LitNet Akademies

22(2)
2025



'n Akademiese vaktydskrif in Afrikaans vir die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geesteswetenskappe, Godsdienswetenskappe, Opvoedkunde, Natuurwetenskappe en Regte

ISSN 1995-5928
doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2

Direksie: LitNet Akademies

Etienne van Heerden (*Voorsitter*)
Christo van der Rheede
Martin Geldenhuys

Bestuur

Etienne van Heerden (PhD, LLB, DLitt h.c.), Universiteit van Kaapstad
Hoofbestuurder en hoofredakteur – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal

Menán van Heerden (MA)
Bestuurder en webmeester: Redaksioneel – LitNet Akademies, LitNet en Voertaal
Senior inhoudsbestuurder – LitNet en LitNet Akademies
Redakteur – Voertaal

Izak de Vries (MA)
Spesialis-inhoudsbestuurder en mederedakteur: Boeke – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal
Webmeester: Tegnies – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal

Naomi Meyer (MA, LLB)
Senior inhoudsbestuurder en mederedakteur: Boeke – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal

Nicky Grieshaber (MA)
Teksredakteur

Gerdus Senekal (BA Hons.)
Redaksionele bestuurder – LitNet Akademies

Liné Loff (BA, NDV)
Inhoudsbestuurder en teksversorger – LitNet, LitNet Akademies en Voertaal

---

Afdelingsredakteurs

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-redakteur
Bennie Linde (PhD), Noordwes-Universiteit

Geesteswetenskappe-redakteur
Francis Galloway (DLitt)

Godsdienswetenskappe-redakteur
Pieter G.R. de Villiers (DTh, ThDrs)

Natuurwetenskappe-redakteur
Wessel Pienaar (MSc in Siviele Ingenieurswese, MEcon, PhD (Ing), DCom), Universiteit Stellenbosch

Natuurwetenskappe-ereredakteurs
Hendrik Geyer (MSc in Teoretiese Fisika, PhD in Teoretiese Kernfisika, FRSSAf), Universiteit Stellenbosch
Jannie Hofmeyr (BSc Hons in Biochemie, MSc in Biochemie, PhD, FRSSAf), Universiteit Stellenbosch

Opvoedkunde-redakteur
Alta Vos (PhD), Universiteit van Pretoria

Regte-redakteur
Johann Neethling (LLM, LLD), Universiteit van die Vrystaat

Adviesraadslede vir *LitNet Akademies*

Ruth Baitsewe, Universiteit Stellenbosch
Andries Bezuidenhout, Universiteit van Pretoria
Frikkie Botha, Direkteur: Navorsing en Ontwikkeling, Hyatech
Guillaume Brümmer, Universiteit van Kaapstad
Joel Claassen, Universiteit van Kaapstad
Eugene Cloete, Universiteit Stellenbosch
Neil Cochrane, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)
Ronald Cools, Katholieke Universiteit Leuven – België
Scarlett Cornelissen, Universiteit Stellenbosch
Darryl David, Universiteit van die Wes-Kaap
Leon Dicks, Universiteit Stellenbosch
Eric Dirix, Universiteit van Leuven – België
Ian Dubery, Universiteit van Johannesburg
Heilna du Plooy, Noordwes-Universiteit
Jat du Toit, Noordwes-Universiteit
Kobus Eloff, Universiteit van Pretoria
Hans Ester, Radboud Universiteit Nijmegen – Nederland
Aslam Fataar, Universiteit Stellenbosch
Eep Francken, Universiteit Leiden – Nederland
Johan Henning, Universiteit van die Vrystaat
Ewoud Hondius, Universiteit van Utrecht – Nederland
Thys Human, Universiteit van Johannesburg
Ena Jansen, Vrije Universiteit Amsterdam – Nederland
Jerzy Koch, Adam Mickiewicz Universiteit – Pole
Chris Koen, Universiteit van die Wes-Kaap
Kobus Kruger, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)
Derek Litthauer, Universiteit van die Vrystaat
Catharina Loader, Universiteit van Wenen – Oostenryk
Amanda Lochner, Universiteit Stellenbosch
Braam Louw, Universiteit van Pretoria
Frans Malan, Appèlregter
Johan Malherbe, Universiteit van Pretoria
Jean Meiring, Universiteit van Cambridge – Engeland
Johan Meyer, Universiteit van die Vrystaat
Albert Neitz, Universiteit van Pretoria
Philip Nel, Universiteit van die Vrystaat
Jannie Otto, Universiteit van Johannesburg
Desmond Painter, Universiteit Stellenbosch
Johan Potgieter, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)
Marius Potgieter, Noordwes-Universiteit
Sakkie Pretorius, The Australian Wine Research Institute – Australië
Heinrich Raubenheimer, Universiteit van Johannesburg
Helgard Raubenheimer, Universiteit Stellenbosch
Koot Reinecke, Universiteit Stellenbosch
Egmont Rohwer, Universiteit van Pretoria
Vasti Roodt, Universiteit Stellenbosch
Alfred Schaffer, Universiteit Stellenbosch
Arnold Schoonwinkel, Universiteit Stellenbosch
Jan Smits, Universiteit van Maastricht – Nederland
Gert Steyn, Universiteit van Pretoria
Wilhelm Steyn, Universiteit Stellenbosch
Hendrik Swart, Universiteit van die Vrystaat
Neels van der Schyf, Northeast Ohio Medical University – VSA
Etienne van Heerden, Universiteit van Kaapstad
Ian van Rooyen, Universiteit van Kaapstad
Christa van Staden, Universiteit van die Vrystaat
Hannes van Staden, Universiteit van KwaZulu-Natal
Helize van Vuuren, Nelson Mandela Universiteit
Christa van Wyk, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)
Noleen van Wyk, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa)
Steward van Wyk, Universiteit van die Wes-Kaap
Emile van Zyl, Universiteit Stellenbosch
Francois Venter, Noordwes-Universiteit
Rudi Venter, Oxford University Press Southern Africa
Louise Viljoen, Universiteit Stellenbosch
Andries Visagie, Universiteit Stellenbosch
André Weideman, Universiteit Stellenbosch
Gideon Wolfaardt, Ryerson University – Kanada
Hein Willemse, Universiteit van Pretoria

Uitgegee deur LitNet

LitNet Akademies is 'n geakkrediteerde Afrikaanse akademiese aanlyn joernaal.

Alle gepubliseerde artikels is ooptoegang ingevolge lisensie CC BY-NC-ND.

Web: https://doi.org/10.56273/1995-5928/LA

E-pos: akademies@litnet.co.za

Kontaknommer: 083 461 8348

ISSN: 1995-5928

Ondersteun deur:

INHOUDSOPGAWE

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Verkenning van die bepalers van talentbehoud van vroeëloopbaanakademici in Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings ____ **1**
Dorcas Lebogang Lesenyeho en Kezell Klinck

Evaluering van die finansiële haalbaarheid van organiese lamproduksie in Suid-Afrika te midde van prysuitdagings ____ **30**
Mariëtte Geyser

Geesteswetenskappe

Kanselleerkultuur as strafbeskaming in Etienne van Heerden se roman *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* ____ **49**
Madelaine Page

'n Vrouetydskrif oor 75 jaar – 'n sosiale barometer van haar tyd ____ **81**
Lizette Rabe

'n Veeltalige vakspesifieke termlys: Suid-Afrikaanse rugbyspelers se taktiek om taaluitdagings in Frankryk te pypkan en plettervat ____ **120**
Trudalise Kirsten en Carina Grobler

Die bekoorlikheid van Latyn in Suid-Afrika. In gesprek met Franco Prinsloo oor die rol van Latyn in koormusiek ____ **146**
Louise-Mari Muller

Battery 9 as pioniers van industriële musiek binne die Afrikaanse rockmusiektoneel ____ **160**
Burgert Senekal

Die organisatoriese transformasie van die Oranje-Vrystaatse krygsmag in die periode Oktober 1899 tot Julie 1900 ____ **187**
Jaco de Bruin en André Wessels

Die voorposdenke van W.P. Esterhuyse, soos weerspieël in die pers (1973–1987) ____ **202**
Johannes D. Froneman

'n Woke perspektief op seksuele geweld en #MeToo in Zelda Bezuidenhout se *Quinn se jaar van kwik* (2024) ____ **231**
Alana Lourens en Elbie Adendorff

Godsdienswetenskappe

Jona en sy teologiese trauma ____ **265**
Fanie (S.D.) Snyman

Die skolastieke bibliologie van Petrus van Mastricht (1630–1706) ____ **280**
J.A. Schlebusch

Godsdienswetenskappe (vervolg)

'n Teologiese perspektief op die benadering en bydrae tot die kerk se getuienis in die liedjies van die musiekgroep Prophet ____ **298**
Jacob P.J. de Bruyn

Kunsmatige-intelligensie-Jesus-kletsbotte se uitdaging vir teologie: 'n verkennende studie ____ **319**
Anné H. Verhoef

Teologiese perspektiewe op digitale nalatenskap ____ **341**
Jaco Beyers

Natuurwetenskappe

Digitale profieldekomposisie ____ **360**
Carl Rohwer en Reg Dodds

Opvoedkunde

Die skep-jou-toekoms-werkswinkel as 'n aanlyn datagenereringstrategie in 'n aksie-navorsingsbenadering ____ **372**
Suné Erasmus, Carolina Botha en Elma Marais

Praktiese riglyne vir kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie: 'n beoordeling deur belanghebbendes ____ **392**
Mariëtte Botha, Berna Gerber, Anita van der Merwe en Juan Bornman

Die ontwikkeling van 'n akademieseveerkragtigheidskaal (AVS): nommerpas vir die Suid-Afrikaanse konteks ____ **444**
Marien Alet Graham, Karen Roux en Jenette du Plooy

Die gebruik van taakgebaseerde aktiwiteite in Afrikaans Huistaal graad 4: 'n vergelykende ontleding ____ **472**
Antoinette van der Hoven en Michele van der Merwe

Die doeltreffendheid van die gebruik van vertaalde gesprekstorieboeke vir die ontwikkeling van wiskundewoordeskat en wiskundevaardigheid in klasgroepe ____ **499**
Hanrie Bezuidenhout en Parvin Nemati

Die stemme van kundige en ervare beoefenaars van assessering by die herformulering van standaarde van assessorbevoegdheid in onderwyseropleiding ____ **524**
Hennart van Schalkwyk en Geesje van den Berg

Pedagogiese faktore wat kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase beïnvloed ____ **548**
Corlene Jacobs en Mariëtte Koen

'n Onderrigraamwerk vir selfgerigte lees van letterkunde in Afrikaans Eerste Addisionele Taal ____ **567**
Henrita van Wyk, Elize Vos en Carmen du Plessis

Die assessering van akademiese opstelle: 'n vergelykende studie tussen ChatGPT-4o as KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel en tradisionele dosentgebaseerde assessering ____ **602**
D.J. Cloete en Chris-Mari Le Hanie

Regte

Die regsgeldigheid van strafbepalings in die COVID-19-regulasies: 'n akademiese ondersoek __ **628**
Daniël Eloff en Albert Lamey

Die lewende testament – Is daar regsekerheid in die Suid-Afrikaanse reg? _____ **655**
Marc Welgemoed

Vonnisbespreking: Konteks en bedoeling – besinning oor die Hoogste Hof van Appèl se haatspraakuitspraak _____ **683**
Casper Lötter

Die wortels, die takke en die vrugte: morele herstel in Suid-Afrika in die konteks van regsetiekonderrig in die LLB-graadprogram _____ **696**
C.F. (Neels) Swanepoel

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

ISSN 1995-5928

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Verkenning van die bepalers van talentbehoud van vroeëloopbaanakademici in Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings

Dorcas Lebogang Lesenyeho en Kezell Klinck

Dorcas Lebogang Lesenyeho en Kezell Klinck, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit (Mafikeng-kampus)

Opsomming

Die stryd om akademiese talent vereis dat hoëronderwysinstellings (HOI's) strategieë ontwikkel om bekwame akademici te behou. Die doel van hierdie studie was om die bepalers van talentbehoud van vroeëloopbaanakademici in Suid-Afrikaanse HOI's te ondersoek. Daar is beperkte ondersoeke oor die behoud van vroeëloopbaanakademici in HOI's. Die vinnige integrasie van tegnologiese ontwrigting en digitale verandering het dit vir baie ondernemings, insluitend HOI's wêreldwyd, moeilik gemaak om tred te hou met die vinnige vernuwing in die bestuursgebied namate die Vierde Nywerheidsrevolusie (4NR) na vore gekom het.

Dit is noodsaaklik om in werknemersopleiding en talentontwikkeling te belê, veral vir vroeëloopbaanwerknemers, as maatskappye volhoubaar wil groei. Die arbeidsmag wat hierdie groei dryf, word geraak deur groeiende vaardigheidsgapings wat deur werknemersopleiding en -heropleiding oorbrug kan word. Die navorser het 'n gemengdemetodebenadering gebruik om die navorsingsvrae aan te spreek. 'n Kwantitatiewe benadering is gevolg tot die insameling van data oor talentbehoud onder vroeëloopbaanakademici van geselekteerde HOI's (n = 117). Vir die kwalitatiewe komponent is individuele opvolgonderhoude (n = 23) met vroeëloopbaanakademici van verskillende universiteite gevoer. Die bevindinge het aan die lig gebring dat vroeëloopbaanakademici tot 'n mate tevrede is met hul vergoeding, erkenning, bestuursondersteuning en institusionele praktyke. 'n Klein meerderheid akademici het aangedui dat hulle dit oorweeg om hul beroep te verlaat. Aanbevelings sluit in dat hoëronderwysbestuur aandag moet skenk aan die verbetering van hul leierskapsvaardighede om omsetvoornemens onder vroeëloopbaanakademici te verminder. Die studie het ook die sleutelfaktore beklemtoon wat tot die omsetvoornemens van vroeëloopbaanakademici kan bydra.

Trefwoorde: bepalers; bestuur; erkenning; institusionele praktyke; ondersoek; ondersteuning; talent; vergoeding; voorneme om op te hou; vroeëloopbaanakademici

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Abstract

Exploring the determinants of talent retention of early-career academics in South African higher education institutions

The struggle for academic talent requires higher education institutions (HEIs) to develop strategies for retaining competent academics. This study focused on investigating the determinants of talent retention among early-career academics in South African HEIs. There is limited research on the retention of early-career academics in HEIs. The rapid integration of technological disruption and digital change has made it difficult for many businesses, including HEIs worldwide, to keep up with the rapid pace of innovation in management as the Fourth Industrial Revolution (4IR) unfolds. It is essential to invest in employee training and talent development, especially for early-career employees, if companies are to grow. Employee development can bridge significant skills gaps. The researcher used a mixed-method approach to address the research questions. A quantitative approach was used to record talent retention among early-career academics of selected HEIs (n = 117). For the qualitative method, follow-up individual interviews (n = 23) were conducted with early-career academics from various universities. The findings revealed that early-career academics are, to some extent, satisfied with their remuneration, recognition, management support and institutional practices. A small majority of academics indicated that they have considered leaving their profession. Recommendations include that higher education management should pay attention to improving their leadership skills, about reducing the turnover intentions of early-career academics. The study also highlighted the key factors that could contribute to the turnover intentions of early-career academics.

Keywords: compensation; determinants; early-career academics; explore; institutional practices; intention to quit; management; recognition; support; talent

1. Inleiding

Daar is verskeie redes waarom werknemers maatskappye verlaat. Sommige van die redes sluit in om ’n beter betalende werk elders te vind, konflik met ’n baas of toesighouer, terugkeer na skool vir verdere leer of verandering van loopbaan, hervestiging of oorplasing om gesinsredes, of bloot om die maatskappy te verlaat (Singh 2019). Bwowe (2020) noem dat akademici en talentvolle werknemers in sekere situasies kan bedank weens ongunstige sosiale toestande in hul institusionele omgewings. Daarbenewens het onvoldoende leierskaps- en bestuursvaardighede binne hierdie instellings daartoe gelei dat sommige onder administrasie geplaas is. Hierdie kwessies het bygedra tot werknemers se ontevredenheid en spanning, wat hulle meer geneig maak om te oorweeg om ander werk te soek en/of te bedank. Aangesien betrokke werkers dikwels meer produktief is, streef maatskappye daarna om werknemerbetrokkenheid te verhoog. Die belangrike rol wat werk- en lewensbevrediging, sowel as ’n balans tussen werk en gesin in werknemerbetrokkenheid speel, word egter dikwels geïgnoreer (Rahman, Abdul, Ali, Uddin en Rahman 2017; Žnidaršič en Marič 2021). Hierdie studie het die faktore ondersoek wat gehelp het om vroeëloopbaanakademici se talente in ’n paar saamgesmelte Suid-Afrikaanse HOI’s te behou. ’n Positiewe werksomgewing wat werknemers erken as individue met persoonlike lewens, benewens hul professionele rolle, is gekoppel aan hoër vlakke van werk- en lewensbevrediging (Lee, Grace, Sirgy, Singhapakdi en Lucianetti 2018; Žnidaršič en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Marič 2021). Die hoë omsetkoers onder akademiese personeel in Suid-Afrikaanse hoër-onderwysinstellings (HOI's) word vermoedelik onder meer veroorsaak deur nalatigheid, die onvanpaste aanstelling van lyn- en middelbestuurders deur topbestuur, en 'n gebrek aan gereelde monitering en evaluering van operasionele prosedures (Seeletse en Thabane 2016). 'n Kort literatuuroorsig is onderneem oor moontlike behoudsfaktore vir vroeëloopbaanakademici, gevolg deur 'n empiriese ontleding wat tot die formulering van aanbevelings en gevolgtrekkings gelei het.

2. Probleemstelling

Die probleem ontstaan wanneer vroeëloopbaanakademici oorreed word om hul akademiese posisies te verlaat as gevolg van beter voordele wat deur ander sektore gebied word, wat lei tot hoër werknemersomsetkoerse binne die akademiese sfeer (Dube en Ngulube 2013; Chaacha en Botha 2021). Die artikel het ten doel om insig te verkry in die spesifieke faktore wat bydra tot die behoud van vroeëloopbaanakademici binne Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings. Dit poog om die elemente te identifiseer en te ontleed wat hul besluit beïnvloed om in hul akademiese posisies aan te bly. Die waardevolste hulpbron vir enige maatskappy is sy arbeidsmag. Werknemers lewer 'n beduidende bydrae tot die maatskappy se uitbreiding en winsgewendheid. Hulle dra by tot vernuwing en baan die weg vir die maatskappy se volhoubare groei. Alhoewel die begrip *werknemerbehoud* baie definisies het, verwys dit gewoonlik na die verskillende stappe wat maatskappye neem om hul personeellede te motiveer om vir 'n langer tydperk by die maatskappy te bly (Singh 2019; James en Mathew 2012).

3. Literatuuroorsig

3.1 Talentbestuur

Volgens Baporikar en Smith (2019) verloor instellings talentvolle en vaardige personeel aan mededingers omdat werknemers voel dat hul vermoëns en vaardighede nie waardeer word nie. Daar is ook geen praktyke in plek om vaardigheids- en bevoegdheidsgebreke aan te spreek nie, wat verhoed dat werknemers hul werk doeltreffend kan verrig, veral vir administratiewe personeel in hoëronderwysinstellings. Daarom is die grootste uitdaging vir hierdie instellings om 'n arbeidsmag te hê wat gemotiveerd is om optimaal te presteer.

3.1.1 Vergoeding

In die studie deur Musa e.a. (2020:216) wat die impak van vergoeding op werknemerprestasie ondersoek, veral met die fokus op AngloGold Ashanti Obuasi in Ghana, het dit aan die lig gekom dat werknemerprestasie aansienlik beïnvloed word deur faktore soos die belangrikheid van salarisse, belonings, aansporings en indirekte vergoeding. Bykomend stel Scandura (2022:190) voor dat individue wat vergoeding ontvang wat hul waargenome waarde oorskry, soms verhoogde prestasievlakke kan toon, beide ten opsigte van kwantiteit en kwaliteit van werk. Akgunduz e.a. (2020:171) merk verder op dat werkers wat ontevrede is met hul finansiële vergoeding meer geneig is om te oorweeg om 'n maatskappy te verlaat.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

3.1.2 Bestuursondersteuning

Talentbestuur behels 'n gekoördineerde mengsel en toepassing van verskeie aktiwiteite, funksies en prosesse wat strategies ontwerp is om 'n blywende mededingende voordeel te behaal. Gevolglik fokus talentbestuur daarop om te verseker dat die regte individu op die regte tyd in die regte rol is. Talent word as 'n kosbare en beperkte bate beskou, en maatskappye behaal 'n mededingende voordeel wanneer hulle hul talentpoel koester (Musakuro en De Klerk 2021). Hoëronderwysinstellings bied 'n verskeidenheid professionele rigtings wêreldwyd aan. Sommige hiervan is vergelykbaar, terwyl ander volgens verskillende modelle gerangskik word. Daar is beduidende nasionale verskille in die konsepte wat akademiese loopbane definieer. Konvensionele akademiese loopbaanstrukture bly in plek, hoewel dit verskil tussen verskillende soorte instellings en nasies. Wanneer personeel in hoëronderwysstelsels bestuur word, moet die skooladministrateur (bv. rektor, skoolhoof) kies vir selfopgelegde dissipline eerder as ekstern opgelegde dissipline. Hierdie benadering is meer bevorderlik vir die handhawing van werknemermotivering as 'n meganisme in personeelbestuur (Szromek en Wolniak 2020). Omstandigheidsfaktore – veral dié wat verband hou met interpersoonlike verhoudings – is belangrik in Kurek se studies. Sleutelkenmerke van die domein sluit in interaksies met leerlinge in die geval van akademici, sowel as verhoudings tussen werkers en eweknieë of toesighouers. Die impak van toesighouers se bestuurstyle en terugvoering word ook in die studie ondersoek. Kurek se resultate bevestig dat drie van die vyf interpersoonlike interaksie-elemente wat uitgelig is, 'n beduidende impak op die algehele werkstevredenheid het. Akademici se werksbevrediging word, volgens studies, beïnvloed deur positiewe interaksies met meerderes en kollegas, asook hul ontvangs van konstruktiewe terugvoer (Metelski 2017; Szromek en Wolniak 2020). Oor die afgelope dekade was daar 'n aansienlike toename in die aantal publikasies wat talentbestuur aanspreek (Gallardo-Gallardo en Thunnissen 2016; McDonnell Collings, Mellahi en Schuler 2017; Daubner-Siva, Ybema, Vinkenburg en Beech 2018).

Volgens Hannum, Muhly, Shockley-Zalabak en White (2015) kan uitdagings die hoof gebied en oorkom word deur positiewe ervarings te benut. Die uitbreiding van geleenthede en die verskaffing van positiewe ondersteuning kan vroue werklik en progressief in hoër onderwys bevoordeel. Deur doelbewus te wees in ons optrede en uitgesproke te wees oor die uitkomste, kan ons die grondslag lê vir institusionele beleid en breër samelewingsverandering, wat beide vroue en mans bemagtig om leierskapsrolle te aanvaar wat ooreenstem met hul professionele en persoonlike verantwoordelikhede.

Die meeste studies tot op hede dui daarop dat bestuurders óf selde óf glad nie verbind is tot talentbestuur in maatskappye nie (Mpofu 2013; Saurombe 2015). Ondersoeke deur Du Plessis, Barkhuizen, Stanz en Schutte (2015) het bevind dat waargenome bestuursondersteuning 'n belangrike faktor was in generasie Y se besluit om by 'n inbelsentrummaatskappy te bly. Volgens Amankwaa en Anku-Tsede (2015) streef korporasies regoor die wêreld na mededingendheid in die strewe om sakeprestasie te verbeter. Gevolglik het die kwessie om die behoud van talentvolle werknemers van kritieke belang geword vir hedendaagse sakebedrywighede. Mense moet dus bestuur word op maniere wat gunstige gedragsreaksies ontlok wat daarop gemik is om kliëntetevredenheid te skep en besigheidsdoeltreffendheid te verbeter. Firth, Mellor, Moore en Loquet (2004) het voorgestel dat bestuurders die werkslading van akademiese personeel en hul verhoudings met ondergeskiktes moet monitor om omsetvoornemens by vroeëloopbaanakademici te verminder. Daarbenewens moet die bestuur klem lê op die faktore wat werknemers se werkstevredenheid verbeter.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

3.1.3 Institusionele praktyke

Theron (2014) het institusionele praktyke geklassifiseer in terme van algemene praktyke (bv. mentorskap, MH-ondersteuning en toegang tot inligting), institusionele befondsingsgeleenthede, uiteenlopende bestuur en gemeenskapsdiens. Volgens Pienaar en Bester (2008) is junior akademici geneig om ondersteuning en leiding van hul instellings meer te waardeer as die kern-besigheid van die instelling, naamlik navorsing en onderrig.

Harris en Lee (2019) voer aan dat daar ’n morele verpligting is om sistemiese rassisme en verskillende vorme van onderdrukking te bekamp namens individue met beperkte of geen sosiale invloed. Hulle hou vol dat dit die plig van alle geleerdes is om koesterende omgewings te vestig vir geleerdes in opleiding van histories gemarginaliseerde groepe. Hulle voer egter ook aan dat vir aansienlike institusionele verandering om plaas te vind, geleerdes van bevoor-regting, veral blanke geleerdes, bereid moet wees om hul voorreg as vokale ondersteuners van sosiale verandering te gebruik op maniere wat hulle dalk nie voorheen oorweeg het nie. ’n Ondersoek deur Pithouse-Morgan, Masinga, Naicker, Hlao en Pillay (2016) beklemtoon die belangrikheid van kollegiale verhoudings om nuwe akademici se selfvertroue te kweek.

Die uitdagings en voordele van mentorskapprogramme is goed gedokumenteer. Navorsers het verskeie uitdagings met betrekking tot mentorskapprosesse in hoër onderwys en die ont-wikkeling van ’n mentorskapraamwerk uitgelig (Boeren e.a. 2015; Naris en Ukpere 2010). Meer spesifiek het vroeëloopbaanakademici verskeie mentorskapuitdagings gerapporteer, soos die wanverhouding van mentorskappare, ’n gebrek aan gehaltetyd vir navorsingsprojekte en onvoldoende institusionele ondersteuning vir navorsing (Schulze 2010). Anstamm (2014) voer aan dat een-tot-een-mentorskapprogramme nie meer voldoende is vir vroeëloopbaanakademici nie, en dat hulle ook blootgestel moet word aan eksterne netwerkgeleenthede om hul loop-baanvooruitsigte te verbeter.

Ander navorsers het verskeie voordele van mentorskapprogramme gerapporteer. Schulze (2010) het voordele soos doelwitstelling, vaardighede wat verband hou met navorsing en publikasie, akademiese volwassenheid en loopbaansukses gerapporteer. Obers (2014) het bevind dat die mentorskap van vroue hul selfbeeld, navorsingsproduktiwiteit en geleenthede vir bevordering na leierskapsposisies verhoog het. Die stelsel van akademiese bevordering bied ’n meganisme vir die erkenning van personeelprestasies. Dit kan egter ook ongelykhede skep of weerspieël, met sekere groepe wat makliker na bo styg as ander. In baie universiteite, veral in die Globale Noorde, is blanke mans oorheersend in senior akademiese geledere. Dit lei tot kommer oor seksisme en rassisme binne bevorderingsprosesse (Sadiq, Barnes, Price, Gumedze en Morrel 2019). Ander het uitdagings wat verband hou met navorsing vir vroeëloopbaan-akademici uitgelig. Busch en Ledingham (2016) het bevind dat vroeëloopbaanakademici beduidende stressors ervaar wat verband hou met strukturele struikelblokke in die aansoek om en toegang tot navorsing, publikasiekwessies en advies rakende die toeganklikheid van navorsingsuitsette.

Beduidende struikelblokke wat minderbevoorregte Suid-Afrikaanse universiteite moes oorkom tydens hul vinnige verskuiwing na aanlyn leer aan die begin van die COVID-19-pandemie, is in Omodan (2020) se navorsing opgemerk. Hierdie uitdagings sluit verouderde tegnologiese infrastruktuur in, asook probleme met universiteite, dosente en studente se minderbevoorregte herkoms. In ’n verdere 2020-studie het Kamal Shaipullah, Truna, Sabri en Junaini ontdek dat studente gereeld tegnologiese probleme ondervind wanneer hulle aanlyn onderrig gebruik.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

As gevolg van bekommernisse oor moontlike vooroordele en onbillike praktyke, soos bedrog, het verskeie studente ook ongemak uitgespreek met die aflê van aanlyn eksamens. Vir minder-bevoorregte skole wat afstandsonderrig gebruik, het ’n 2020-studie deur Lamb, Maire, Doecke, Macklin, Noble en Pilcher vyf groot uitdagings uitgelig: verskille in toegang tot opvoed-kundige hulpbronne, digitale hulpmiddels, fundamentele houdings en vaardighede, ouer-ondersteuning en aanpassing by die nuwe leeromgewing. Wat belangrik is, gegewe die land se hoë vlakke van armoede en ongelykheid, is dat hierdie kwessies veral relevant is vir die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Volgens statistieke rapporteer ’n beduidende deel van Suid-Afrikaanse adolessente (51 persent van diegene tussen 18 en 24 jaar oud) dat hulle nie hul opleiding kan bekostig nie. Boonop word 55% van Suid-Afrikaanse huishoudings as arm beskou, wat dit moeilik maak om benodighede te bekostig. Hierdie ekonomiese omgewing beklemtoon hoe belangrik dit is om die digitale kloof te oorbrug en ander struikelblokke tot aanlyn onderrig aan te spreek.

Ouers van studente wat onderbediende universiteite bywoon, het moontlik nie die nodige kennis en kundigheid om hul kinders met aanlyn leer te help nie. Verder weier hierdie universiteite studente dikwels toegang tot noodsaaklike infrastruktuur, dienste, joernaaldatabasisse en die internet. Die pandemie het die kritieke rol van tegnologie in onderwys beklemtoon en getoon dat dit nie meer ’n luukse is nie. Dit is noodsaaklik om verskeie faktore in ag te neem wanneer hierdie kwessies aangespreek word, insluitend die sosio-ekonomiese stryd wat professore, studente en universiteite in die gesig staar, bekostigbaarheid, die behoefte aan personeelopleiding en toegang tot rekenaars en nodige sagteware (Aruleba, Jere en Matarirano 2022). Volgens Oleksiyenko en Tierney (2018) kan kwesbaarheid beskou word as ’n vorm van selfbewustheid rakende persoonlike of kennisverwante beperkings, of as ’n geleentheid vir persoonlike groei. Instellings sonder duidelike grense tussen konstruktiewe en skadelike pogings – en die gevolge daarvan – kan egter menslike kwesbaarheid uitbuit. In die huidige akademiese landskap, wat dikwels die verspreiding van uitkomste prioritiseer, is daar ’n neiging om die onderliggende oorsake oor die hoof te sien, ongelyke magsdinamika te aanvaar en geleenthede vir diegene in magsposisies te verwaarloos om die kwesbaarheid wat hulle op ander oplê, te verstaan.

3.2 Behoud van talent

Volgens Singh (2019) is daar oor die algemeen twee vorme van omset: een word deur die individu bepaal, daarom staan dit as vrywillige omset bekend, en die ander word deur die maatskappy bepaal, bekend as onwillekeurige omset. Die toepassing van studente-opleiding- en -opleidingsplanne op talentbestuur dui daarop dat wanneer ’n maatskappy in sy mense belê, daardie individue verplig kan voel om die guns terug te betaal deur voortreflike werk en gunstige houdings te bied. ’n Sleutelgebeurtenis wat veranderinge in die uitruilverhouding tussen werknemers en hul werkgewers bepaal, is die keuse in die talentpoel (Dries en De Gieter 2014). Volgens Seeletse en Thabane (2016) kan vergoeding ook help om beide werkgewers en werknemers se prestasie te verbeter. Werknemermotivering is geneig om te verhoog wanneer prestasie beloon word op ’n manier wat ooreenstem met verwagtinge. Aangesien die grondslag van talentbestuur die identifisering van uitsonderlike individue is en hulle in sleutelrolle plaas, word hoë vlakke van individuele prestasie verseker (Collings en Mellahi 2009). Figuur 1 verskaf ’n beskrywing van die verhouding tussen talentbestuur en werknemerbehoud, met maatskappygeregtigheid en talentpersepsie-kongruensie wat bemiddelende rolle speel. Hierdie verhoudings word hier onder as deel van ’n konseptuele paradigma aangebied (Narayanan e.a. 2018). Dit spreek vanself dat ’n dieper begrip van generasievoorkeure maatskappye kan bevoordeel in die ontwikkeling van retensiestrategieë wat hulle sal help om hierdie arbeidsmag te behou (Singh 2019).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1



Figuur 1. 'n Konseptuele model van talentbestuur en -behoud met bemiddelende rolle van maatskappygeregtigheid en talentpersepsie
Bron: Aangepas uit Narayanan e.a. (2018), verwerk en vertaal deur Klinck (2024)

3.3 Konseptuele raamwerk

Die probleem ontstaan wanneer vroeëloopbaanakademici oorreed word om hul akademiese posisies te verlaat as gevolg van beter voordele wat deur ander sektore gebied word, wat lei tot hoër werknemersomsetkoerse binne die akademiese sfeer (Dube en Ngulube 2013; Chaacha en Botha 2021). Die artikel het ten doel om insig te verkry in die spesifieke faktore wat bydra tot die behoud van vroeëloopbaanakademici binne Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings. Dit poog om die elemente te identifiseer en te ontleed wat hul besluit beïnvloed om in hul akademiese posisies aan te bly. Vir werknemers is vergoeding deurslaggewend vir hul lewenstandaard en welstand. Dit dien as 'n maatstaf van die waarde van hul dienste of prestasie (Minasyan, Midova, Danko en Balakhanova 2017).

Chamberlain (2017) voer aan dat hoewel 'n mededingende salaris nuwe talent kan lok, navorsing toon dat dit nie genoeg is om dit te behou nie. Maatskappye moet 'n hoë prioriteit plaas op die ontwikkeling van 'n gesonde werkplekkultuur, die ondersteuning van kernwaardes, die ver-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

betering van senior bestuursdoeltreffendheid en die vestiging van duidelike loopbaanpaaie wat werknemers in staat stel om binne die onderneming te vorder om langtermynbehoud te verseker. Chabaya, Tshephe en Molotsi (2014) voer aan dat werknemers in die meeste gevalle voel dat hulle meer werd is as die betaling wat hulle van hul werkgewers ontvang. 'n Verslag deur Hoër Onderwys Suid-Afrika (2014) het die belangrikheid van aantreklike vergoedingspakkette vir gekwalifiseerde jong akademici beklemtoon. Hierdie verslag het verder aan die lig gebring dat junior akademiese personeel oor die algemeen minder betaal word as hul eweknieë in die private sektor. Onmededingende vergoedingspakkette lei daartoe dat akademici na die private sektor gelok word.

In die verlede, het salaris- en vergoedingstrukture onder toesig van die regering geval, met minimumloonvlakke wat deur onderhandelinge met vakbonde, arbeidshofuitsprake en diensooreenkomste bepaal is. Salarisverhogings is hoofsaaklik beïnvloed deur algehele winste eerder as individuele of groepprestasie, werkevaluerings, senioriteit, lewenskoste, die dinamika rondom die vraag en aanbod van arbeid, of die bedingingsmag van vakbonde. Dit was die algemeen erkende vergoedingstelsel (Minasyan e.a. 2017). Die behoefte om die insluiting van individue van uiteenlopende rasse-agtergronde in administratiewe posisies binne oorwegend wit universiteite te verbeter, dra by tot die breër uitdaging om minderheidsverteenwoordiging in leierskapsrolle landwyd te verbeter (Guillory 2023). Uiteenlopende etniese verteenwoordiging in akademiese instellings word egter deur onaantreklike vergoedingspraktyke belemmer. Die meeste ondersoeke het tot dusver getoon dat akademiese personeel ontevrede is met hul vergoeding (Makondo 2014; Onah en Anikwe 2016). Vergoeding is ook uitgelig as een van die hoofredes waarom akademici hul beroep verlaat of dit oorweeg om hul beroep te verlaat (Selesho en Naile 2014). In hoëronderwysinstellings (HOI's) is daar 'n behoefte aan meer doeltreffende bestuur van akademiese kundigheid. Hierdie bekwame talentbestuur verhoog nie net die produktiwiteit van akademiese personeel nie, maar het ook die potensiaal om werkstevredenheid te bevorder (Musakuro en De Klerk 2021).

4. Navorsingsvrae

Die volgende algemene vrae vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologieë het die ondersoek gerig:

1. Wat is doeltreffende talentbestuurspraktyke vir vroeëloopbaanakademici in Suid-Afrikaanse HOI's?
2. Watter faktore en praktyke is doeltreffend om vroeëloopbaanakademici na Suid-Afrikaanse HOI's te lok?
3. Watter faktore en praktyke is doeltreffend in die ontwikkeling van vroeëloopbaanakademici in Suid-Afrika?
4. Watter faktore en praktyke is doeltreffend in die behoud van vroeëloopbaanakademici in Suid-Afrikaanse HOI's?
5. Watter aspekte van vroeëloopbaan- akademiese talentbestuur in Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings dra daartoe by en maak dit moontlik?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

5. Empiriese ondersoek

In hierdie studie is vergoeding, erkenning, bestuursondersteuning, tevredenheid met institusionele praktyke, en voorneme om op te hou en wel op te hou die hoofelemente in hierdie empiriese ondersoek (Figuur 1). Die belangrikheid van doeltreffende, uiteenlopende bestuurspraktyke in Suid-Afrikaanse HOI's word ook beklemtoon. Bewyse dui daarop dat ongelykhede ten opsigte van geslag, ouderdom en etnisiteit steeds heers, ondanks die implementering van diensbillikheids-inisiatiewe (Hemson en Singh 2010; Vandeyar 2010). Onbillike diskriminerende praktyke rakende billikheid motiveer akademiese personeel om uit hul posisies te bedank. 'n Studie deur Bitzer en Albertyn (2010) het ook getoon dat HOI's hul professionele ontwikkelingsprogramme moet aanpas om aan die diverse behoeftes van 'n multikulturele akademiese arbeidsmag te voldoen.

5.1 Navorsingsontwerp

'n Gemengdemetodebenadering is in hierdie ondersoek gebruik. Gemengdemetodenavorsing kan gedefinieer word as 'n proses waarin 'n navorser die elemente van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing kombineer om meer breedte en diepte van begrip en bevestiging in navorsing te verkry (Onwugbuzie, Bustamante en Nelson 2010). Die bepaling van kwantifiseerbare veranderlikes en die insameling van voldoende data vir statistiese ontleding is kernelemente van 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering. Wanneer 'n kwantitatiewe strategie beskryf word, word dit gewoonlik onderskei van 'n kwalitatiewe benadering, waar statistiek nie die eindresultaat is nie en die navorsing elke individu se reaksies deeglik ondersoek, eerder as 'n tipiese reaksie op 'n teorie. Die studie van meertalige identiteite is 'n uitstekende voorbeeld van kwalitatiewe navorsing in toegepaste linguistiek, met etnografieë en onderhoude wat as die primêre data-insamelingsmetodes dien. In hierdie konteks is die gebruik van 'n kwantitatiewe maatstaf van identiteit gekritiseer omdat dit te simplisties en beperkend is, soos toetsresultate van wetenskaplike opnames (Fryer, Larson-Hall en Stewart 2018).

In die huidige studie is die kwantitatiewe data eers deur opnames ingesamel, gevolg deur die insameling van kwalitatiewe data deur 23 individuele onderhoude. Daar is van deelnemers verwag om tussen een en vyftien jaar ondervinding te hê, wat een van die kriteria was wat gebruik is om die steekproef te kies. Hulle kon van enige ras of geslag wees, maar hulle moes navorsingsbeginners wees. In die studie is geldigheid bepaal deur die advies van Cronbach en Meehl (1955) te volg, wat aangevoer het dat geldigheid in die konteks van kwantitatiewe navorsing aanvanklik as drie afsonderlike valideringsmetodes gekonseptualiseer is: inhoudsgeldigheid, wat evalueer of die meting die domein akkuraat verteenwoordig; kriteriumgeldigheid, wat die verband tussen die meting en sy vermoë om 'n uitkoms te voorspel ondersoek; en konstrukgeldigheid, wat bepaal of die meting werklik die beoogde konstruk weerspieël (Brown, Strickland-Munro, Kobryan en Moore 2017). Drie kernsessies het die hoofsoorte gemengdemetode-ontwerpe aangespreek (sien Figuur 2) – opeenvolgende verklarende, opeenvolgende verkennende en konvergente (Nicolau, Castonguay, Levine en Hong 2017; Pluye, Bujold, Levine, Nicolau en Vedel 2015). In die huidige studie is die kwantitatiewe data eers deur opnames ingesamel, gevolg deur die insameling van die kwalitatiewe data deur individuele onderhoude en fokusgroepe.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1



Figuur 2. Die hoofsoorte gemengdemetode-ontwerpe: opeenvolgende verklarende, opeen volgende verkennende en konvergente. KWAL, kwalitatief; KWAN, kwantitatief. Bron: Aangepas uit Nicolau e.a. (2015); Pluye e.a. (2015); verwerk en vertaal deur Klinck (2024)

5.2 Meetinstrumente

'n Aangepaste weergawe van die Talentbehoudskaal van Theron e.a. (2014) is gebruik. Die skaal bestaan uit die volgende afdelings:

- *Vergoeding en erkenning*: Hierdie afdeling meet nege items wat met vergoeding en erkenning verband hou op 'n sespuntskaal, wat wissel van *stem nie saam nie* (1) tot *stem sterk saam* (6).
- *Bestuursondersteuning*: Respondente is gevra om hul verhouding met hul onmiddellike toesighouer/bestuurder te beoordeel. Nege items ondersoek vertroue, kommunikasie, terugvoer, loopbaanontwikkeling, kommunikasie en prestasiebeoordelings, op 'n sespunt-skaal wat wissel van *stem nie saam nie* (1) tot *stem sterk saam* (6).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

- *Tevredenheid met institusionele praktyke*: Hierdie aangepaste vraelys meet algemene tevredenheid met institusionele praktyke, insluitend institusionele leierskap, waardes, strategieë, kommunikasie, talentbestuur (nege items), en tevredenheid met navorsingsbefondsing (vier items).
- *Voorneme om te bedank* (Cohen 1993): Hierdie vraelys bestaan uit drie items en beoordeel vroeëloopbaanakademici se voorneme om te bedank. Antwoorde word gemeet op 'n sespunt-Likert-skaal wat wissel van *stem nie saam nie* (1) tot *stem sterk saam* (6). Die Kaiser-Meyer-Olkin- (KMO-) toets is gebruik om die geskiktheid van die veranderlikes vir faktorontleding te evalueer deur hul sferisiteit en steekproeftoereikendheid te meet. Die KMO-telling, wat van 0 tot 1 kan wissel, dui die persentasie gedeelde variansie tussen veranderlikes aan. Volgens Kaiser en Rice (1974) moet KMO-waardes 0,5 of hoër wees; lesings onder hierdie drempel moet verwerp word (Ch. Hadjichambis en Parashkeva-Hadjichambi 2020). 'n Evaluering van die meetkenmerke was die eerste stap in die navorsingsproses. Die KMO-metriek is gebruik om die sferisiteit van die item-korrelasiematriks en die toepaslikheid van die steekproef te evalueer. Verder is die onderliggende dimensies van die metings gevind en gedefinieer deur die gebruik van verkennende faktorontleding. Om die akkuraatheid en reproduseerbaarheid van die data te meet, is Cronbach se alfa-koëffisiënte gebruik om instrumentbetroubaarheid te evalueer. Cronbach se alfa is 'n maatstaf van die interne konsekwentheid of betroubaarheid tussen veelvuldige items, metings of graderings. Met ander woorde, dit skat hoe betroubaar die antwoorde van 'n vraelys (of domein van 'n vraelys), instrumentasie of graderings wat deur vakke geëvalueer word, is, wat die stabiliteit van die instrumente aandui. Alpha is ontwikkel deur Cronbach (1951), en is oorspronklik gebruik om die betroubaarheid van 'n psigometriese instrument te meet. Die waarde van Cronbach se alfa wissel van nul tot een, met hoër waardes wat aandui dat die items dieselfde dimensie meet. Inteendeel, as Cronbach se alfawaarde laag is (naby aan 0), dui dit daarop dat sommige of al die items nie dieselfde dimensie meet nie (Gliem en Gliem 2003; Leontitsis en Pagge 2007).

5.3 Etiese aspekte

Dit is belangrik vir 'n navorser om etiese oorwegings te handhaaf wanneer navorsing gedoen word om 'n geakkrediteerde uitkoms te verseker. Voordat data ingesamel is, is etiese goedkeuring van die Noordwes-Universiteit (NWU) se Navorsingsetiekkomitee vir Opvoedkunde, Bestuurs- en Ekonomiese Wetenskappe, Regte, Teologie, Ingenieurswese en Natuurwetenskappe (EMELTEN-REC) verkry, en goedkeuring is ook van die betrokke HOI's ontvang.

5.4 Kwantitatiewe data-insamelingsprosedure

Die studie fokus op permanente akademiese personeellede wat vrywillig by al drie kampusse van die geselekteerde hoëronderwysinstelling (HOI) werk. Daar is 1 548 permanente akademiese personeellede by die betrokke HOI, versprei oor drie kampusse. Een van die 26 openbare Suid-Afrikaanse HOI's wat as deel van die steekproefraamwerk geregistreer is, is vir die studie gekies. Toestemming vir die projek is eers van die Hoof van Vaardigheidsontwikkeling van Hoër Onderwys Suid-Afrika verkry. Die navorsingsvraelyste is in hardekopie deur die vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerders na 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef van akademici in die geïdentifiseerde HOI versprei. Toestemming om die vraelyste te gebruik is van die betrokke ontwikkelaars verkry, en die vraelyste het 'n etiekklaringsproses ondergaan. Vraelyste is anoniem behandel om die identiteit van die respondente te beskerm.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Met kampusse in Gauteng en Noordwes is hierdie spesifieke HOI gekies vanweë sy hoë persentasie hoogs geskoolde fakulteitslede en sy aansien as een van die top universiteite in die land. Akademici wat ingestem het om deel te neem is twee weke gegee om die vraelyste te voltooi, met opvolgonderhoude wat deur die hoofnavorser gevoer is. Deelname aan die studie was heeltemal vrywillig.

5.5 Kwalitatiewe data-insamelingsprosedures

Aangesien dit 'n gemengdemetodestudie was, het dit dieselfde proses gevolg waar toestemming vir die projek vir die eerste keer van die Hoof van Vaardigheidsontwikkeling van Hoër Onderwys Suid-Afrika verkry is. Toestemming om individuele opvolgonderhoude met die betrokke akademici te voer is verleen, en die proses het 'n etiekklaringsproses ondergaan. Die onderhoude is anoniem gevoer om beskerming en vertroulikheid vir alle deelnemers te verseker.

5.6 Kwantitatiewe dataverwerking

Data-ontledings is uitgevoer met behulp van SPSS-sagteware (SPSS 2016). Verkennende faktorontleding is toegepas om die faktorstruktuur van die metings te bepaal. Cronbach se alfa is gebruik om die betroubaarheid van die skaal en sy items te bepaal, met 'n afsnypunt van 0,7 wat as 'n riglyn vir aanvaarbare betroubaarheid gebruik is (Field 2009). Beskrywende statistieke, soos gemiddeldes, standaardafwykings, skeefheid, kurtose en kruistabelle, is gebruik as gevolg van die beskrywende aard van die studie. Die kwantitatiewe bevindinge is aangevul deur direkte aanhalings van die respondente.

5.7 Kwalitatiewe dataverwerking

Transkribering is onmiddellik ná die onderhoude uitgevoer, met die navorser wat die inligting van die opnames uitgetik het. Om akkuraatheid te handhaaf, is die werklike data wat verkry is daarna aan 'n dataskoonmaakproses onderwerp. NVivo 12-sagteware is gekies om die opname-data te ontleed. Volgens die deelnemers se antwoorde is items of hooftemas en verwysings gekodeer en noukeurig gekarteer (Haryono, Fahmi, Setiawan Tri, Gunawan, Hidayanto en Rahardja 2020). Betroubaarheid verseker dat 'n meetinstrument konsekwent betroubare resultate lewer, aldus Babin en Zikmund (2016:280). In hierdie sin verwys betroubaarheid na die mate waarin die meetinstrument vry is van lukrake foute (Sarstedt en Mooi 2019:36). Soos Mohajan (2017:59) uitwys, word data betroubaar geag sodra die instrument se betroubaarheid geverifieer is. Die drie mees gebruikte benaderings om betroubaarheid te bepaal is "toets-hertoets, gesplete helfte, en interne konsekwentheid" (Feinburg e.a. 2013:128). Wanneer die toets-hertoets-benadering gebruik word, evalueer navorsers die fout deur dieselfde toets op verskillende tye op dieselfde steekproef toe te dien en die resultate te vergelyk (Johnson en Christensen 2014:167). Volgens Oermann en Gaberson (2014:40) behels die gesplete-helfte-benadering die verdeling van die steekproef in die helfte en die vergelyking van die resultate van die twee helftes. Volgens Hair e.a. (2014:101) word interne konsekwentheid gebruik om te evalueer hoe konsekwent resultate oor toetsitems gehandhaaf word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

6. Bevindinge

Hierdie ondersoek het die infrastruktuuruitdagings beklemtoon wat Suider-Afrikaanse HOI's in die gesig staar. 'n Studie deur die Southern African Regional Universities Association het verskeie infrastruktuurbeperkings in die meeste Suider-Afrikaanse instellings aan die lig gebring, wat die gehalte van onderrig en navorsing negatief beïnvloed (MgGregor 2009). Volgens die Nasionale Ontwikkelingsplan sal studente-inskrywings aan Suid-Afrikaanse HOI's na verwagting van 1 miljoen tot 1,6 miljoen teen 2030 verhoog (Mabelebele 2015). Gevolglik sal HOI's te midde van begrotingsbesnoeiings aansienlike infrastruktuuruitdagings ondervind (Mushemeza 2016). Ondari-Okemwa (2011) het bevind dat 'n gebrek aan infrastruktuur en dalende begrotingstoewysings HOI's se vermoë om kennis te produseer, beperk. McGregor (2009) het voorts die belangrikheid van proaktiewe belegging in infrastruktuur vir die behoud van akademiese personeel beklemtoon.

6.1 Navorsingsdeelnemers

Die respondente het bestaan uit 23 akademiese personeel, insluitend 12 dosente, drie junior dosente, drie professore, een senior dosent, twee student dosente, en twee wat nie hul rol gespesifiseer het nie. Die respondente was van 11 openbare HOI's in Suid-Afrika, met data wat in 2017 ingesamel is. Altesaam $n = 294$ opnames is na 'n doelgerigte geriefsteekproef van akademici versprei, wat 'n responskoers van 40% ($n = 117$) tot gevolg gehad het. Die meerderheid van die respondente was vroue (52,6%), gevolg deur mans, wat 47,4% van die totaal uitgemaak het. Swart Suid-Afrikaners het 49,6%, wit Suid-Afrikaners 3,5%, Indiërs 8,0% en nie-Suid-Afrikaners 38,9% van die totale steekproef verteenwoordig. Die grootste ouderdomsgroep (36%) het bestaan uit akademici van tussen 40 en 49 jaar oud (sien Figuur 3). Die meerderheid respondente het 'n meestersgraad (50,9%) gehad, en gesamentlik 75,4% van die respondente het óf 'n meestersgraad óf 'n doktorsgraad gehad. Die meeste respondente was dosente (54,7%), gevolg deur senior dosente (33,3%). Die meerderheid respondente het tussen 0 tot vyf jaar werkservaring in die akademie gehad (53%), en 70,9% was vir 0 tot vyf jaar in hul huidige pos in diens. Die deelnemers aan die onderhoude is gekies uit verskeie akademiese loopbane binne die hoëronderwysinstellings.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1





Figuur 3. Deelnemers se geslag, posisies en aantal jaar in diens

Tabel 1 toon die resultate van ’n opname onder 23 beroepsakademici oor hul redes om by ’n hoëronderwysinstelling aan te sluit. Die meerderheid deelnemers het ’n passie vir navorsing, publikasie, onderrig en leer as hul hoofredes genoem, terwyl ander ’n begeerte na kreatiwiteit, innovasie en netwerkgeleenthede genoem het. ’n Paar deelnemers het egter aangedui dat hulle aangesluit het weens beperkte werksvooruitsigte buite die akademie. Daarbenewens het enkele deelnemers genoem dat hulle aangesluit het weens ’n gebrek aan alternatiewe werksgeleenthede.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Tabel 1. Deelnemers se redes om by die hoëronderwysinstelling aan te sluit

Deel-nemers	Kommentaar
D1	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van ’n passie vir navorsing, publikasie en interaksie met die studente. Die deelnemer het ’n honneursgraad gehad en was besig ’n meestersgraad in Bedryfsielkunde.
D2	Het ’n akademikus geword vanweë die geleentheid om verder te studeer as ’n dosent. Die deelnemer het ’n honneursgraad gehad en was besig met ’n meesters-graad in Bedryfsosiologie.
D3	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van geleenthede vir kreatiwiteit en innovering, en die vryheid om jouself te wees sonder baie beperkings. Die deel-nemer het ’n meestersgraad in Bedryfsielkunde gehad en was besig met PhD-studies.
D4	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van ’n passie vir navorsing en publikasie. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Sosiologie gehad en was besig met PhD-studies. Die deelnemer was ’n programdirekteur, verantwoordelik vir daaglikse akademiese programme.
D5	Die deelnemer is gevra om studente as Aanvullende Onderrig (AO) (akademiese ondersteuning vir studente) by te staan en het ’n passie vir akademie ontwikkel. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Ekonomie gehad en was besig met PhD-studies.
D6	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van ’n passie vir onderrig, navorsing en publikasie. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Ekonomie gehad en was besig met PhD-studies.
D7	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van ’n passie vir onderrig, navorsing en netwerkvorming. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Mense-hulpbronbestuur gehad en was besig met PhD-studies
D8	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van ’n passie vir onderrig. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Mensehulpbronbestuur gehad en was nie seker of hulle ’n PhD wou doen nie.
D9	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van ’n passie vir jongmense en netwerkvorming. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Bestuur gehad en was besig met PhD-studies.
D10	Hierdie akademikus se passie was om jongmense te onderrig en te help ontwikkel. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Vervoerekonomie gehad en was ’n programdirekteur wat besig was met PhD-studies.
D11	Aangesluit by die akademiese wêreld weens ’n belangstelling in navorsing en onderrig. Die deelnemer het ’n doktorsgraad in Ekonomie gehad.
D12	Het die akademiese wêreld betree weens ’n gebrek aan werksgeleenthede. Die deelnemer was besig met nadoktorale navorsing.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Deel-nemers	Kommentaar
D13	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van ’n passie vir onderrig en ’n belangstelling in navorsing. Die deelnemer het ’n honneursgraad in Statistiek gehad en was besig met ’n meestersgraad.
D14	Aangesluit by die universiteit as gevolg van ’n passie vir onderrig en geleenthede om verder te studeer. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Statistiek gehad en het op bevestiging vir die PhD-uitslae gewag.
D15	Aangesluit by die universiteit as gevolg van ’n passie vir onderrig en geleenthede om verder te studeer, en het ’n belangstelling vir navorsing en publikasie ontwikkel. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Mensehulpbronbestuur gehad en was besig met PhD-studies.
D16	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling vir beter diensvoorwaardes. Die deelnemer het meer as agt jaar ondervinding as hoërskoolonderwyser en ’n meestersgraad in Bestuur gehad, en was besig met PhD-studies.
D17	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van die begeerte na ’n ander omgewing. Die deelnemer het ’n meestersgraad in Bestuur gehad en was besig met PhD-studies.
D18	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling vir beter diensvoorwaardes. Die deelnemer het meer as agt jaar ondervinding as hoërskoolonderwyser en het ’n meestersgraad in Bestuur gehad, en was besig met PhD-studies.
D19	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling as gevolg van die oortuiging dat dit die veiligste omgewing vir groei en ontwikkeling is. Die deelnemer het ’n PhD in Sielkunde gehad, asook ’n passie vir navorsing en publikasie, veral boeke. Die deelnemer was ook ’n programdirekteur.
D20	Aangesluit by die universiteit as gevolg van ’n passie vir onderrig en geleenthede om verder te studeer. Die deelnemer het ’n PhD in Bestuur gehad en het ook in navorsing en studieleiding belanggestel; was ook verantwoordelik vir programkoördinering.
D21	Aangesluit by die hoëronderwysinstelling weens ’n personeeltekort in die eenheid. Die deelnemer het ’n PhD in Publieke Administrasie gehad. Die deelnemer se hooffokus was op navorsing en publikasie as ’n vereiste vir verdere bevordering in die instelling.
D22	Die dosent se belangstelling in die akademie is beïnvloed deur onderrig, interaksie met jongmense en ’n gebrek aan werksgeleenthede. Die deelnemer het ’n honneursgraad in Nywerheidsverhoudinge gehad en was besig met ’n meestersgraad.
D23	Het die akademiese arena geslyp weens ’n gebrek aan werksgeleenthede. Die deelnemer het ’n honneursgraad in Nywerheidsverhoudinge gehad en was besig met ’n meestersgraad.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

6.2 Kwantitatiewe bevindinge

Vergoeding en erkenning: Verkennende faktorontleding met behulp van die hoofkomponent-metode is op die nege items van die Vergoeding- en Erkenningskaal uitgevoer. Die resultate het een onderliggende faktor vir die skaal getoon, wat 53,514% van die variansie verklaar het. Die itemladings was aanvaarbaar, met 'n wisseling van 0,639 tot 0,820. Die faktor is gemerk *Vergoeding en erkenning*, met 'n tematoekenning *V en E*.

Bestuursondersteuning: 'n Verkennende faktorontleding met behulp van die hoofkomponent-metode is op die nege items van die Bestuursondersteuningskaal uitgevoer. Die resultate het een onderliggende faktor vir die skaal getoon, wat 69,333% van die variansie verklaar het. Die itemladings was aanvaarbaar, met 'n wisseling van 0,865 tot 0,901. Die faktor is gemerk *Bestuursondersteuning*, met 'n tematoekenning *BO*.

Tevredenheid met institusionele praktyke: 'n Verkennende faktorontleding met behulp van die hoofkomponentmetode is op hierdie 13-item-maatstaf uitgevoer. Die resultate het twee onderliggende faktore vir die skaal getoon, wat 61,529% van die variansie verklaar het. Alle items het aanvaarbare ladings getoon, met 'n wisseling van 0,520 tot 0,856. Die faktore is gemerk *Tevredenheid met algemene institusionele praktyke* en *Tevredenheid met navorsings-befondsing*, met tematoekennings *TAIP* en *TNB*.

Voorneme om op te hou: 'n Verkennende faktorontleding met behulp van die hoofkomponent-metode is op hierdie drie-item-maatstaf uitgevoer. Die resultate het een onderliggende faktor vir die skaal getoon, wat 85,478% van die variansie verklaar het. Die faktor is gemerk *Voorneme om op te hou*, met 'n tematoekenning *VOH*.

Die beskrywende statistieke en betroubaarheid van die maatstawwe word gerapporteer

Die resultate in Tabel 2 toon goeie tot uitstekende betroubaarheid vir die metings, wat voldoen aan die riglyn van $\alpha \geq 0,70$ (Field 2009). Die resultate van die metings word verder ondersoek in die afdeling wat volg en word aangevul deur aanhalings uit die deelnemersonderhoude.

Tabel 2. Beskrywende statistiek van die metings

Faktore	Temas	Beteken	SA	Skeefheid	Kurtose	α
Vergoeding en erkenning	V en E	3.406	1.110	-0.176	-0.667	0.890
Bestuursondersteuning	BO	4.261	1.205	-0.841	-0.071	0.942
Tevredenheid met algemene institusionele praktyke	TAIP	2.752	0.620	-0.352	0.258	0.910
Tevredenheid met navorsingsbefondsing	TNB	2.749	0.711	-0.574	0.698	0.812
Voorneme om op te hou	VOH	2.946	1.599	0.518	-0.829	0.913

Vergoeding en erkenning: Die gemiddelde tellings dui daarop dat respondente in geringe oor-eenstemming was met die toereikendheid van vergoedings- en erkenningspraktyke van HOI's. Soortgelyke bevindinge het na vore gekom uit opvolgonderhoude met vroeëloopbaanakademici. Die definisie van *voldoende vergoeding* word beskryf as "die persepsie of 'n mens se werkloon

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

as aanvaarbaar beskou word of nie" (Duffy, Allan, Engeland, Blustein, Autin, Douglass, Ferreira en Santos 2017:6; Kashyap, Nekra en Arora 2022). Die behoefte om billike en voldoende inkomste vir almal te verseker, word beklemtoon in die bekendstelling van die Internasionale Arbeidsorganisasie se "ordentlike werk"-inisiatief (International Labour Organization 2018).

Een deelnemer het opgemerk:

> Vergoeding, dink ek, is een uitdaging van die universiteit. Hulle probeer om dit meer markverwant te maak, want die bedryf sal uiteindelik die kandidate in terme van vergoeding neem. Ek dink nie die bedryf kan jou op enige ander manier lok nie. Ek dink die feit dat sommige mense dit sal oorweeg om terug te gaan in die bedryf, sal weens geldelike rede wees. (Deelnemer 8, vroulik, dosent, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

Nog 'n deelnemer het bygevoeg:

> Ek dink die salarisse is glad nie versoenbaar nie, maar ons almal weet dat geld alleen nie geluk bring nie. As jy hierdie universiteit se salarisse met ander universiteite vergelyk, dink ek ons is 'n bietjie agter. (Deelnemer 10, vroulik, senior lektor, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

Nóg 'n deelnemer het die belangrikheid van vergoeding in die behoud van talent in hoër onderwys beklemtoon:

> Ons sukkel om talentvolle mense na die akademiese wêreld te lok, want mense beskou die betaling as nie goed nie, so jy sal vind dat jou topmense altyd na plekke sal gaan waar die vergoeding topklas is. Ons moet baie spesifiek wees vir die mense wat ons na die akademie lok. (Deelnemer 11, manlik, dosent, doktorsgraad, wit Suid-Afrikaner)

Deelnemer 2 het besin oor uitdagings met betrekking tot voordele wat die instelling bied:

> Vir kwessies soos mediese fonds, waar jy sowat vyf tot ses duisend rand moet betaal, en wat beteken jy gaan huis toe met omtrent niks. Nou word dit 'n probleem, wat beteken dosente het daarom nie eens mediese fonds nie, en dit is een ding waaroor ek nie baie gelukkig is nie. (Deelnemer 2, manlik, dosent, honneursgraad, swart Suid-Afrikaner)

Deelnemers het ook die uitdagings verbonde aan die erkenning van akademici uitgelig. Een deelnemer het opgemerk:

> Ek wil hierdie instelling verlaat, maar ek wil steeds 'n akademikus wees. Ek is net baie ongelukkig by hierdie instelling. Ek voel diep onherkenbaar deur hierdie universiteit. (Deelnemer 9, vroulik, dosent, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

Ander deelnemers het aangedui dat erkenning verkry word namate akademici in hul loopbane vorder. In hierdie verband het Deelnemer 3 gesê:

> Ek dink, vir ons, vooruitgang; Miskien; vir ons; studeer verder. Wel, jy kry erkenning hoe hoër jy gaan. (Deelnemer 3, vroulik, junior lektor, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Bestuursondersteuning: Gemengde resultate is waargeneem met betrekking tot bestuursondersteuning vir vroeëloopbaanakademici. Die kwantitatiewe ontledings het aangedui dat respondente oor die algemeen saamgestem het dat hulle voldoende bestuursondersteuning ontvang het. Sommige deelnemers het egter gevoel dat meer aandag aan talent- en prestasiebestuur gegee moet word, soos een respondent opgemerk het:

> Talentbestuur, want ons moet regtig prestasiebestuur probeer aanpas en probeer individualiseer. Op akademiese gebied is dit baie dom om ’n standaardstelsel te hê om iemand se prestasie te bestuur. Om die belonings en erkenning wat aan jou prestasie gekoppel is, te individualiseer. (Deelnemer 8, vroulik, dosent, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

’n Ander deelnemer het ontevredenheid met bestuursondersteuning opgemerk deur te sê:

> Die bestuursmodule van die universiteit het in ’n korrupte een verander. Die akademici is in fases verminder as gevolg van die manier om ons te bestuur. (Deelnemer 9, vroulik, dosent, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

Tevredenheid met algemene institusionele praktyke: Respondente in hierdie steekproef was tot ’n sekere mate tevrede met algemene institusionele praktyke. Die meeste deelnemers aan die onderhoud was dit eens dat administratiewe ondersteuningsfunksies verbeter moet word, soos deur een van die respondente genoem:

> Die IT-ondersteuningsfunksie, aan die ander kant, is baie swak. Daar is ’n paar departemente wat baie ondersteunend is, dan is daar ander departemente wat hul spel moet ophef om beter ondersteuning te kan lewer. (Deelnemer 11, manlik, dosent, doktorsgraad, wit Suid-Afrikaner)

Deelnemer 8 het hierdie siening ondersteun deur by te voeg:

> Administratiewe ondersteuning … Ek dink dosente moet die tyd beskikbaar hê om vir klasse voor te berei en navorsing te doen, maar dan moet hulle regtig meer ondersteuning gee ten opsigte van hulp. Administratiewe ondersteuning sal waardevol wees in ’n universiteitsomgewing. (Deelnemer 7, vroulik, dosent, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

Nog ’n deelnemer het die behoefte aan deursigtigheid beklemtoon om akademici te behou:

> As universiteite die akademie wil behou, laat daar ’n standaard benadering in alles wees. (Deelnemer 12, manlik, dosent, besig met nadoktorale navorsing, swart Suid-Afrikaner)

Deelnemers was ook tot ’n sekere mate tevrede met die beskikbaarheid van navorsingsbefondsing. Hulle het egter gevoel dat dit hul loopbaanmobiliteit tussen instellings beperk weens kontraktuele verpligtinge:

> As dit kom, sal u waarskynlik gaan, maar vir nou, omdat ons ook hier vassit as gevolg van ’n sekere kontrak wat ons onderteken het dat ons ’n sekere aantal jare hier moet wees, anders kan ons nie net ophou nie, want ons het reeds ’n paar toelaes van die universiteit opgeneem, wat ons ongeveer vier of vyf jaar moet bly voordat u daaraan

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

> dink om te vertrek, so dis ’n probleem. (Deelnemer 2, manlik, dosent, honneursgraad, swart Suid-Afrikaner)

Ander het gevoel dat hulle self verantwoordelik was vir die verkryging van navorsingsfondse, soos deur een van die deelnemers gesê:

> As jy wil voortgaan in die akademie, moet jy ’n fondsinsamelaar wees. Belonings vir jong akademici is te klein, en dan raak hulle moedeloos. (Deelnemer 9, vroulik, dosent, meestersgraad, wit Suid-Afrikaner)

Voorneme om op te hou: Respondente in hierdie steekproef was minder geneig om te oorweeg om die akademiese beroep te verlaat. Een respondent het die uitdagings beklemtoon om weer ’n loopbaan te begin:

> Wel, op my ouderdom is ek nie gereed om ’n nuwe te begin nie, afhangende van wat aangebied word. Ek kan dit oorweeg, dus moet alles wat aangebied word, aanloklik wees om my my huidige pos te laat verlaat. (Deelnemer 1, manlik, senior lektor, honneursgraad, swart Suid-Afrikaner)

Ander deelnemers het hul passie en toewyding tot die akademiese professie aangedui; een deelnemer het gesê:

> Dit is die ideale wêreld vir my en ek wil graag in ’n ruimte wees waar ek vir die res van my lewe by die akademie betrokke kan wees, maar vir nou het ek dit nie oorweeg om te vertrek nie (Deelnemer 11, manlik, dosent, doktorsgraad, wit Suid-Afrikaner).

7. Bespreking

Die resultate toon dat die vergoeding van akademici problematies bly. Die respondente het ’n matige vlak van tevredenheid met hul vergoeding en erkenning uitgespreek. Deelnemers het egter geglo dat die vergoeding van HOI’s nie markverwant is nie. In ooreenstemming met die verslag van Hoër Onderwys Suid-Afrika (2014), beklemtoon hierdie bevinding ’n potensiële werknemerbehoudrisiko ten opsigte van vroeëloopbaanakademici, aangesien hulle waarskynlik die akademiese beroep vir hoër salarispakkette in die private sektor sal verlaat. Hierdie kommer is deur een van die deelnemers aan die studie bevestig. In maatskappye verwys vergoeding na enigiets (gewoonlik kontant, soos salaris, lone, voordele of ander betalings, soos vergoeding vir ’n besering) wat ’n werknemer van hul werkgewer ontvang. Alhoewel die neiging kan verander, dui data steeds daarop dat vergoeding ’n beduidende rol speel in die behoud van werknemers (Singh 2019).

Ander deelnemers het ook uitdagings uitgelig rakende die voordele wat ’n spesifieke HOI bied. Daar is opgemerk dat mediesefondsvoordele nie vergelykbaar is met dié van die private sektor of selfs dié van ander Suid-Afrikaanse HOI’s nie. Hierdie bevinding dui op die potensiële risiko om nie net vroeëloopbaantalent aan die private sektor te verloor nie, maar ook aan ander Suid-Afrikaanse HOI’s. ’n Positiewe werksomgewing word deur doeltreffende prestasiebeoordelings bevorder aangesien dit die verhouding tussen die werknemers en toesighouers verbeter (Singh 2019). Deelnemers het ook ontevredenheid uitgespreek oor die erkenning wat hulle ontvang het en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

het gevoel dat dit vir meer senior akademici gereserveer is. Een van die deelnemers het aangedui dat hulle van plan is om die instelling te verlaat weens ’n gebrek aan erkenning. Die resultate van die studie bevestig dus dat onvoldoende belonings en erkenning bydra tot die omsetvoornemens van vroeëloopbaanakademici (Makondo 2014; Onah en Anikwe 2016; Selesha 2014).

Die resultate van die studie toon dat die deelnemers oor die algemeen tevrede was met die ondersteuning wat hulle van die bestuur ontvang het. Dit is ’n belangrike bevinding, aangesien bestuurders ’n sleutelrol speel in die behoud van vroeëloopbaanwerknemers (Du Plessis e.a. 2015). Sommige deelnemers het egter ’n diepe ontevredenheid met bestuur uitgespreek, met verwysing na korrupte bestuurspraktyke en ’n gebrek aan aandag aan talent- en prestasiebestuur. Sommige deelnemers het verder aangedui dat swak bestuur ’n negatiewe impak op hul moraal gehad het. Hierdie studie se bevindinge bevestig dat bestuur meer aandag aan talentbestuurspraktyke moet skenk (Lawler 2008), en vroeëloopbaanakademici dienooreenkomstig moet beloon (Firth e.a. 2004).

Die respondente in hierdie studie was slegs tot ’n sekere mate tevrede met institusionele praktyke. Soos met vorige studies was infrastruktuuruitdagings, veral in departemente soos Inligtingstegnologie, algemeen. Ander deelnemers het die gebrek aan administratiewe ondersteuning beklemtoon, wat op hul beurt hul werkslading verhoog het. Deelnemers het ook uitdagings met betrekking tot navorsingsbefondsing uitgelig. Diegene met toegang tot navorsingsbefondsing het as gevolg van kontraktuele verpligtinge beperk gevoel in hul loopbaanmobiliteit en -vordering. Ander het geglo dat daar geen ondersteuning van die universiteit ten opsigte van navorsingsfondse is nie, en dat hulle self hierdie fondse moet insamel, wat hulle moedeloos gelaat het. Die resultate bevestig dus dat navorsingsbefondsingsondersteuning in HOI’s problematies bly (Busch en Ledingham 2016; De Villiers en Steyn 2009; Ntschoe 2008).

Die resultate van hierdie studie toon dat akademici oor die algemeen ’n begeerte uitgespreek het om in hul posisies te bly. Een deelnemer het genoem dat ouderdom haar verhinder het om ’n nuwe loopbaan te begin, terwyl ’n ander ’n gevoel van lojaliteit teenoor sy instelling en ’n passie vir sy beroep aangedui het. Singh (2019) noem dat maatskappye dit oorweeg om voltydse werknemerbehoudspesialiste aan te stel om omsetkoerse te help verlaag omdat hulle die belangrikheid daarvan besef om talentvolle werknemers te behou.

Hierdie navorsing lewer belangrike teoretiese, metodologiese en praktiese bydraes. Vanuit ’n teoretiese oogpunt dra dit by tot die beperkte hoeveelheid navorsing oor die behoud van vroeëloopbaanakademici in HOI’s. Vanuit ’n metodologiese oogpunt het hierdie navorsing die betroubaarheid en bruikbaarheid van die diagnostiese hulpmiddel vir talentbehoud bevestig om die omsetvoornemens van vroeëloopbaanakademici te beoordeel. Vanuit ’n praktiese oogpunt het hierdie navorsing ook die belangrikheid bevestig van vergoeding, bestuursondersteuning en institusionele praktyke – soos navorsingsondersteuning en infrastruktuur – in die behoud van vroeëloopbaanakademici. Daarbenewens beklemtoon die studie bykomende faktore, soos demografiese tendense en lojaliteit, wat in ag geneem moet word by behoudspogings. Mentorskap- en diensbillikheidspraktyke het egter nie die behoud van vroeëloopbaanakademici in hierdie studie beïnvloed nie.

Hierdie navorsing het ’n paar beperkings gehad. Eerstens het dit ’n deursnee-navorsingsbenadering gebruik, wat beteken dat talentbehoud op ’n enkele tydstip gemeet is. Gegewe die dinamiese aard van hoëronderwysinstellings, sal hierdie persepsies waarskynlik oor die langtermyn verander. Daarom word longitudinale navorsing aanbeveel om omsetvoornemens van vroeëloopbaanakademici oor tyd na te spoor. Tweedens het hierdie studie slegs op vroeë-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

loopbaanakademici gefokus, wat beteken dat die bevindinge nie na ander akademiese posvlakke veralgemeen kan word nie.

Vir toekomstige navorsing word aanbeveel dat die steekproefgrootte uitgebrei word om verskeie akademiese posvlakke in te sluit, wat 'n vergelykende ontleding van omset-voornemens moontlik maak. Die omvang van die navorsing moet ook uitgebrei word om hoër-onderwysbestuur en mensehulpbronbestuursdepartemente in te sluit, wat 'n meer holistiese perspektief van talentbehoud in hoëronderwysinstellings sal bied. Verder moet toekomstige navorsing klem lê op die individuele en institusionele uitkomste van talentbehoud vir vroeë-loopbaanakademici.

8. Aanbevelings

Universiteitsbelanghebbendes is 'n verenigde entiteit; wanneer een party versuim om sy verpligtinge na te kom, word dit uiteindelik 'n uitdaging vir alle belanghebbendes. In hierdie geval bied universiteite wat sukkel om dosente te behou 'n uitdaging vir die algehele welstand van hierdie instellings. Die studie het bevind dat minder bevorderingsgeleenthede en onvoldoende erkenning sleutelfaktore is wat die behoud van dosente aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit beïnvloed. Daarbenewens is buigsame werkreëlings tesame met die bevordering van spanwerk voorgestel as strategieë om dosentbehoud te verbeter. Daarom is die bevordering van verdienstelike dosente, teenaanbiedinge, erkenning van hardwerkende dosente, buigsame werkskedules en die bevordering van spanwerk van die aanbevelings om retensieprobleme by universiteite aan te spreek (Mahoko en Omodan 2023).

Die voorneme om te bly of te bedank is in die literatuur genoem as 'n nuttige aanduiding vir die voorspelling van werklike omsetgedrag (Park 2015). Eenvoudig gestel, 'n groot aantal werknemers wat aandui dat hulle van plan is om te bedank, lei tot 'n hoë omsetkoers. As besighede dus omset en gepaardgaande uitdagings wil beheer en verlaag, moet hulle hierdie koers monitor. Alhoewel sommige omset voordelig kan wees, wat nuwe talent en innoverende idees lok, kan oormatige omset produktiwiteit, uitgawes en algehele gehalte negatief beïnvloed (Holtom en Burch 2016; Ng'ethe, Namusonge en Iravo 2012; Bwowe 2020). Hoë omsetkoerse kan ook bedrywighede ontwrig en die reputasie van 'n akademiese instelling skade berokken (Alzubi 2017). Chikukwa (2017:112) het 'n beduidende verband gevind tussen finansiële aansporings en uitkomste, beide vir die maatskappy en werknemerprestasie. Volgens Olugu e.a. (2018:33) is daar 'n direkte verband tussen 'n maatskappy se sukses en ekstrinsieke belonings. Verder beklemtoon Kayode en Yarie (2016:53) die belangrikheid van ekstrinsieke belonings in die verbetering van akademiese werknemerprestasie sowel as maatskappy-prestasie, en beskou dit as die belangrikste soort belonings. Hoër vergoeding lok werkers en vestig die aandag op die maatskappy se beloningsprogramme, wat die maatskappy se filosofieë, waardes en kultuur weerspieël (Schlechter e.a. 2014: 3). 'n "Kultuur van struktuur" waar "die gemeenskap se kennis, implementering en selfs toepassing van standaarde ... 'n kultuur skep waarin studente weet wat van hulle verwag word, en adviseurs weet hoe om hulle te lei" het bewys dat dit doeltreffend is om personeelbillikheid te bevorder (Mendoza-Denton, Patt en Richards 2018: 301).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

9. Gevolgtrekking

Ten slotte het hierdie studie die faktore geïdentifiseer wat vroeëloopbaanakademici kan beïnvloed om hul beroep te verlaat. HOI's word aangeraai om talentbestuurspraktyke rakende vergoeding, erkenning, loopbaanontwikkeling en algemene institusionele praktyke te her-ontwikkel om 'n ondersteunende werksomgewing vir vroeëloopbaanakademici te bou. Volgens Singh (2019) gebruik maatskappye talentbestuur as 'n strategie om talentvolle personeellede te vind, te koester en te behou om sodoende 'n mededingende voordeel te verkry. Die sukses van talentbestuur as retensiestrategie word beïnvloed deur die regverdigheid van uitkomste, prosesse en interaksies binne die talentbestuursproses, asook waargenome kongruensie rakende talentstatus.

Bibliografie

Akgunduz, Y., Ö. Adan Gök en C. Alkan. 2020. The effects of rewards and proactive personality on turnover intentions and meaning of work in hotel businesses. *Tourism and Hospitality Research*, 20(2):170–83.

Alzubi, Y.Z.W. 2017. Turnover intentions in Jordanian universities: The role of leadership behaviour, organisational commitment and organisational culture. *International Journal of Advanced and Applied Sciences*, 5(1):177–92.

Amankwaa, A. en O. Anku-Tsede. 2015. Linking transformational leadership to employee turnover: The moderating role of alternative job opportunity. *International Journal of Business Administration*, 6(4):19.

Aruleba, K., N. Jere en O. Matarirano. 2022. Technology adoption readiness in disadvantaged universities during COVID-19 pandemic in South Africa. *International Journal of Higher Education*, 11(2):172–80.

Babin, B. en W. Zikmund. 2016. *Essentials of marketing research*. 6de uitgawe. Boston, MA: Cengage.

Baporikar, N. en A. Smith. 2019. Talent management in higher education institution. *International Journal of Applied Management Sciences and Engineering (IJAMSE)*, 6(2):36–57. https://www.igi-global.com/article/talent-management-in-higher-education-institution/232738 (20 Februarie 2025 geraadpleeg).

Bitzer, E.M. en R.M. Albertyn. 2011. Late entrants into the academic profession: Conceptual constructions of hope in a faculty of education. *South African Journal of Higher Education*, 25(1):897–913.

Boeren, E., I. Lokhtina-Antoniou, Y. Sakurai, C. Herman en L. McAlpine. 2015. Mentoring: A review of early career researcher studies. *Frontline Learning Research*, 3(3):68–80.

Busch, R. en M. Ledingham. 2016. Bothered bloggings and troubled tweets: Constructions of stress and concerns for early-career academics. *First International Conference on Advanced Business and Social Sciences*, 1–12.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Bwowe, P. 2020. Employee turnover intention at a historically disadvantaged South African university. *Journal of Educational and Social Research*, 10(6):162.

Ch. Hadjichambis, A. en D. Paraskeva-Hadjichambi. 2020. Environmental Citizenship Questionnaire (ECQ): The development and validation of an evaluation instrument for secondary school students. *Sustainability*, 12(3):821.

Chaacha, T.D. en E. Botha. 2021. Factors influencing intention to leave of younger employees in an academic institution. *SA Journal of Human Resource Management*, 19:12.

Chamberlain A. 2017. What matters more to your workforce than money. Harvard Business Review. https://hbr.org/2017/01/what-matters-more-to-your-workforce-than-money (9 Januarie 2024 geraadpleeg).

Chikukwa, T. 2017. The impact of extrinsic rewards on employee motivation and organisational effectiveness: a case study of ZFC Limited in Zimbabwe. MA-verhandeling, Durban Universiteit vir Tegnologie. https://doi.org/10.51415/10321/2643.

Collings, D.G. en K. Mellahi. 2009. Strategic talent management: An review and research agenda. *Human Resource Management Review*, 19(4):304–13. https://doi.org/10.1016/j.hrmr.2009.04.001.

Cronbach, L.J. 1951. Coefficient alpha and the internal structure of tests. *Psychometrika*, 16(3):297–334. https://doi.org/10.1007/BF02310555.

Daubner-Siva, D., S. Ybema, C.J. Vinkenburg en N. Beech. 2018. The talent paradox: talent management as a mixed blessing. *Journal of Organizational Ethnography*, 7(1):74–86.

De Villiers, A.P. en A.G.W. Steyn. 2009. Effect of changes in state funding of higher education higher education output in South Africa: 1986–2007. *South African Journal of Higher Education*, 22:43–68.

Dries, N. en S. de Gieter. 2014. Information asymmetry in high potential programs: A potential risk for psychological breach of contract. *Personnel Review*, 43:136–62. https://doi.org/10.1108/pr-11-2011-0174.

Du Plessis, L., E.N. Barkhuizen, K.J. Stanz en N.E. Schutte. 2015. The management side of talent: Causal implications for retaining Generation Y employees. *The Journal of Applied Business Research*, 31(5):1767–80.

Dube, L. en P. Ngulube. 2013. Pathways for retaining human capital in academic departments of a South African university. *SA Journal of Information Management*, 15(2):1–8. https://doi.org/10.4102/sajim.v15i2.560 (11 Mei 2023 geraadpleeg).

Duffy, R., B. Allan, J. England, D. Blustein, K. Autin, R. Douglass, J. Ferreira en E. Santos. 2017. The development and initial validation of the decent work scale. *Journal of Counseling Psychology*, 64(2) 206–21.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Firth, L., D.J. Mellor, K.A. Moore en C. Loquet. 2004. How can managers reduce employees' intention to quit? *Journal of Management Psychology*, 19(2):170–87.

Fryer, L.K., J. Larson-Hall en J. Stewart. 2018. Quantitative methodology. In Phakiti, De Costa, Plonsky en Starfield (reds.) 2018.

Gallardo-Gallardo, E. en M. Thunnissen. 2016. Standing on the shoulders of giants? A critical review of empirical talent management research. *Employee Relations*, 38(1):31–56.

Gliem, J.A. en R.R. Gliem. 2003. Calculating, interpreting, and reporting Cronbach's alpha reliability coefficient for Likert-type scales. Midwest Research-to-Practice Conference in Adult, Continuing, and Community Education. http://scholarworks.iupui.edu/handle/1805/344 (18 Julie 2023 geraadpleeg).

Guillory, R.M. 2023. Strategies for overcoming the barriers of being an African-American administrator on a predominantly white university campus. In Jones (red.) 2023.

Hair, J.F., W.C. Black, B.J. Babin en R.E. Anderson. 2014. *Multivariate data analysis*. 7de uitgawe. Essex: Pearson Education.

Hannum, K.M., S.M. Muhly, P.S. Shockley-Zalabak en J.S. White. 2015. Women leaders within higher education in the United States: Supports, barriers, and experiences of being a senior leader. *Advancing Women in Leadership Journal*, 35(35):65–75.

Harris, T.M. en C.N. Lee. 2019. Advocate-mentoring: A communicative response to diversity in higher education. *Communication Education*, 68(1):103–13.

Haryono E., Fahmi, A.S. Tri W, I. Gunawan, A. Hidayanto en U. Rahardja. 2020. Comparison of the E-LT vs ETL method in data warehouse implementation: A qualitative study. https://ieeexplore.ieee.org/abstract/document/9354284/authors (3 Augustus 2022 geraadpleeg).

Hemson, C. en P. Singh. 2010. Shadows of transformation: Inclusion and exclusion of academic staff at a university of technology. *South African Journal of Higher Education*, 24(5):935–52.

Higher Education South Africa. 2014. Remuneration of academic staff at South African universities: A summary report of the HESA statistical study of academic remuneration. Pretoria, South Africa.

Holtom, B.C. en T.C. Burch. 2016. A model of turnover-based disruption in customer services. *Human Resource Management Review*, 26(1):25–36.

International Labour Organization. 2018. India wage report: Wage policies for decent work and inclusive growth. International Labour Organization, India.

James, L. en L. Mathew. 2012. Employee retention strategies: IT industry. *SCMS Journal of Indian Management*, 9(3):79–87.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Johnson, R.B. en L. Christensen. 2014. *Educational research: Quantitative, qualitative, and mixed approaches*. 5de uitgawe. Los Angeles, CA: Sage Publications.

Jones, L. (red.). 2023. *Retaining African Americans in higher education*. New York: Routledge.

Kaiser, H.F. en J. Rice. 1974. Little jiffy, mark IV. *Educational and Psychological Measurement*, 34(1):111–17.

Kamal, A.A., N.M. Shaipullah, L. Truna, M. Sabri en S.N. Junaini. 2020. Transitioning to online learning during COVID-19 Pandemic: Case study of a pre-university centre in Malaysia. *International Journal of Advanced Computer Science and Applications*, 11(6). https://doi.org/10.14569/IJACSA.2020.0110628 (9 Januarie 2024 geraadpleeg).

Kashyap, V., N. Nakra en R. Arora. 2022. Do "decent work" dimensions lead to work engagement? Empirical evidence from higher education institutions in India. *European Journal of Training and Development*, 46(1/2):158–77.

Kayode, A. en E. Yarie. 2016. An Assessment of the influence of extrinsic rewards on intrinsic motivation and performance of senior nonteaching staff of Federal College of Education Zaria (2005–2010). *Kuwait Chapter of Arabian Journal of Business and Management Review*, 6(4):43–58.

Kuria, H.M., O. Alice en P.M. Wanderi. 2012. Assessment of causes of labour turnover in three and five star-rated hotels in Kenya. *International Journal of Business and Social Science*, 3(15):311–17.

Lamb, S., Q. Maire, E. Doecke, S. Macklin, K. Noble en S. Pilcher. 2020. Impact of learning from home on educational outcomes for disadvantaged children: Brief assessment.

Lee, D. J., B.Y. Grace, M.J Sirgy, A. Singhapakdi en L. Lucianetti. 2018. The effects of explicit and implicit ethics institutionalization on employee life satisfaction and happiness: The mediating effects of employee experiences in work life and moderating effects of work–family life conflict. *Journal of Business Ethics*, 147(4):855–74. https://doi.org/10.1007/s10551-015-2984-7 (16 Mei 2023 geraadpleeg).

Leontitsis, A. en J. Pagge. 2007. A simulation approach on Cronbach's alpha statistical significance. *Mathematics and Computers in Simulation*, 73(5):336–40. https://doi.org/10.1016/j.matcom.2006.08.001.

Mahoko, N. en B.I. Omodan. 2023. Factors influencing lecturer's retention in a South African university. *Research in Educational Policy and Management*, 5(2):163–76.

Makondo, L. 2014. Academics' attraction and retention trends at a South African university. *Journal of Sociology Social Anthropology*, 5(2):169–77.

McDonnell, A., D.G. Collings, K. Mellahi en R. Schuler. 2017. Talent management: a systematic review and future prospects. *European Journal of International Management*, 11(1):86–128.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Mendoza-Denton, R., C. Patt en M. Richards. 2018. Go beyond bias training. *Nature,* 557(7705):299–301. https://doi.org/10.1038/d41586-018-05144-7 (9 Januarie 2024 geraadpleeg).

Metelski, A. 2017. Satisfaction with the didactic work of academic teachers and doctoral students. *Studia Oeconomica Posnaniensia*, 5(3):86–99. https://bazawiedzy.ue.poznan.pl/docstore/download/UEP6c66227fc2a94d3193a2db8813ca9dd2/05_Metelski.pdf.

Minasyan, E.T., V.O. Midova, O.A. Danko en D.K. Balakhanova. .2017. Implementing new performance pay-based schemes in higher educational institutions. *European Journal of Contemporary Education*, 6(4):748–56.

Mohajan, H.K. 2017. Two criteria for good measurements in research: validity and reliability. *Annals of Spiru Haret University*, 17(4):59–82.

Musakuro, R.N. en F. de Klerk. 2021. Academic talent: Perceived challenges to talent management in the South African higher education sector. *SA Journal of Human Resource Management*, 19(0):a1394. https://doi.org/10.4102/sajhrm.v19i0.1394 (9 Januarie 2024 geraadpleeg).

Mushemeza, E.D. 2016. Opportunities and challenges of academic staff in higher education in Africa. *International Journal of Higher Education*, 5(3):236–46.

Naris, S.N. en W.I. Ukpere. 2010. Mentorship programmes for academic staff at the Polytechnic of Namibia. *African Journal of Business Management*, 4(3):350–6.

Netswera, F.G., E.M. Rankhumise en T.R. Mavundla. 2005. Employee retention factors for South African higher education institutions: A case study. *SA Journal of Human Resource Management*, 3(2):36–40.

Ng'ethe, J.M., M.E. Iravo en G.S. Namusonge. 2012. Determinants of academic staff retention in public universities in Kenya: Empirical review. *International Journal of Humanities and Social Science*, 2(13):205–12.

Ng'ethe, J.M., G.S. Namusonge en M.A. Iravo. 2012. Influence of leadership style on academic staff retention in public universities in Kenya. *International Journal of Business and Social Science*, 3(21):297–302.

Nicolau, B., G. Castonguay, A. Levine, Q.N. Hong, Summer Institute 2015 Participants en P. Pluye. 2017. Applied mixed methods in oral health research: importance and example of a training program. *JDR Clinical & Translational Research*, 2(3):206–10.

Obers, N. 2014. Career success for women academics in higher education: Choices and challenges. *South African Journal of Higher Education*, 28(3):1107–22.

Oermann, M.H. en K.B. Gaberson. 2014. *Evaluating and testing in nursing education*. 4de uitgawe. New York: Springer Publishing Company, LLC.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Olugu, M.U., A.T. Audu, P. Akubo en S.K. Akintola. 2018. Influence of intrinsic and extrinsic rewards on organizational performance in Nigeria. *International Journal of Advance Research in Science and Engineering*, 7(8):26–39.

Omodan, B.I. 2020. The vindication of decoloniality and the reality of COVID-19 as an emergency of unknown in rural universities. *International Journal of Sociology of Education*, 8(4):1–26. https://doi.org/10.17583/rise.2020.5495 (9 Januarie 2024 geraadpleeg).

Onah, F.O. en O.S. Anikwe. 2016. The task of attraction and retention of academic staff in Nigeria universities. *Journal of Management and Strategy*, 7(2):9–20.

Ondari-Okemwa, E. 2011. Knowledge production and distribution by institutions of higher education in sub-Saharan Africa: Opportunities and challenges. *South African Journal of Higher Education*, 25(7):1447–69.

Park, J. 2015. Determinants of turnover intent in higher education. The case of international and U.S. faculty. Virginia Commonwealth University.

Phakiti, A., P. De Costa, L. Plonsky en S. Starfield (reds.). 2018. *The Palgrave handbook of applied linguistics research methodology*. Londen: Palgrave Macmillan.

Pienaar, C. en C. Bester. 2008. Addressing career obstacles within a changing higher education work environment: Perspectives of academics. *South African Journal of Psychology*, 39(3):376–85.

Pithouse-Morgan, K., L. Masinga, I. Naicker, T. Hlao en D. Pillay. 2016. Sink or swim?: Learning from stories of becoming academics within a transformative university terrain. *South African Journal of Higher Education*, 30(1):224–44.

Pluye, P., M. Bujold, A. Levine, B. Nicolau en I. Vedel. 2015. What are the trainees' perceptions of facilitators and barriers associated with learning mixed methods in health sciences? Oral session presented at: Mixed Methods International Research Association Conference; Philadelphia, PA.

Rahman, M.M., M. Abdul, N.A. Ali, M.J. Uddin en M.S. Rahman. 2017. Employees' retention strategy on Quality of Work Life (QWL) dimensions of private commercial banks in Bangladesh. *Pertanika Journal of Social Sciences and Humanities*, 25(2):647–62. http://psasir.upm.edu.my/id/eprint/52552/1/09%20JSSH-1581-2016-3rdProof.pdf.

Sadiq, H., K.I. Barnes, M. Price, F. Gumedze en R.G. Morrell. 2019. Academic promotions at a South African university: questions of bias, politics and transformation. *Higher Education*, 78(1/2):423–42.

Sarstedt, M. en E. Mooi. 2019. *A concise guide to market research: The process, data, and methods using IBM SPSS statistics*. 2de uitgawe. Heidelberg: Springer-Verlag.

Scandura, T.A. 2022. *Essentials of organizational behavior: An evidence-based approach*. 3de uitgawe. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a1

Schlechter, A., A. Hung en M. Bussin. 2014. Understanding talent attraction: The influence of financial rewards elements on perceived job attractiveness. *SA Journal of Human Resource Management*, 12(1):1–13.

Schulze, S. 2010. Mentees' view of a structured mentorship programme at Unisa. *South African Journal of Higher Education*, 24(5):782–99.

Seeletse, S.M. en J.L. Thabane. 2016. Foremost causes of high academic turnover rate at some South African universities. *Environmental Economics*, 7(2):106–14.

Selesho, J.M. en I. Naile. 2014. Academic staff retention as a human resource factor: University perspective. *International Business and Economic Research Journal*, 13(2):295–303.

Singh, D. 2019. A literature review on employee retention with a focus on recent trends. *International Journal of Scientific Research in Science and Technology*, 6(1):425–31. https://doi.org/10.32628/IJSRST195463 (20 Februarie 2025 geraadpleeg).

Szromek, A.R. en R. Wolniak. 2020. Job satisfaction and problems among academic staff in higher education. *Sustainability*, 12(12):4865.

Theron, M., E.N. Barkhuizen en Y. du Plessis. 2014. Managing the academic talent void: Investigating factors in academic turnover and retention in South Africa. *South African Journal of Industrial Psychology*, 40(1):1–14.

Türk, K. 2008. Performance appraisal and the compensation of academic staff in the University of Tartu. *Baltic Journal of Management*, 3(1):40–54.

Vandeyar, S. 2010. Shifting selves: Constructing and negotiating academic identities. *South African Journal of Higher Education*, 24(6):914–34.

Žnidaršič, J. en M. Marič. 2021. Relationships between work-family balance, job satisfaction, life satisfaction and work engagement among higher education lecturers. *Organizacija*, 54(3):227–37.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Evaluering van die finansiële haalbaarheid van organiese lamproduksie in Suid-Afrika te midde van prysuitdagings

Mariëtte Geyser

Mariëtte Geyser, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Hierdie studie ondersoek die finansiële haalbaarheid om van konvensionele na organiese lamboerdery in Suid-Afrika oor te skakel te midde van die uitdagings wat die koste-prys-knyptang inhou. Op grond van die teoretiese raamwerk van volhoubare landbou, ondersoek hierdie studie die ekonomiese implikasies van organiese boerdery as ’n moontlike oplossing vir die verbetering van winsgewendheid en die belyning met die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD).

’n Lessenaarnavorsingsbenadering (“desktop research”) is gebruik, wat ’n gedeeltelike begroting en gelykbreekontleding insluit. ’n Hipotetiese plaasmodel is ontwikkel deur gebruik te maak van aannames gebaseer op Suid-Afrikaanse sowel as aanvullende internasionale data. Sleutelveranderlikes soos veelading, groeitempo, insetkoste en markpryse is ontleed om die finansiële uitkomste van konvensionele en organiese lamboerderystelsels oor ’n tydperk van drie jaar te vergelyk.

Die resultate toon dat hoewel organiese boerdery se insetkoste, insluitend kunsmis- en voerkraaluitgawes aansienlik afneem, dit ook uitdagings in die gesig staar soos laer veelading, stadiger groei en vertraagde inkomste gedurende die aanvanklike oorgangstydperk. Teen die derde jaar laat verbeterde drakrag en kostedoeltreffendheid organiese boerdery toe om netto kontantvloei te behaal wat vergelykbaar met konvensionele stelsels is. Die netto huidige waarde vir konvensionele lamboerdery oor drie jaar oorskry egter dié van organiese boerdery aansienlik, wat vereis dat organiese lammers ’n premie van R609,30 per lam, of R23,08 per kilogram, moet behaal om gelykwaardigheid te bereik.

Hierdie studie beklemtoon die ekonomiese moontlikheid van organiese lamproduksie om die koste-prys-knyptang aan te spreek, afhangend van markondersteuning en verbruikers se bereidwilligheid om ’n premie te betaal. Toekomstige navorsing kan die tydsduur ondersoek wat

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

organiese boere benodig om die koste-prys-knyptang vry te spring asook Suid-Afrikaanse verbruikersvoorkeure vir organiese lam. Hierdie aspekte verteenwoordig belangrike leemtes om die lewensvatbaarheid van hierdie oorgang te verstaan.

Trefwoorde: finansiële haalbaarheid; gedeeltelike begrotingsontleding; gelykbreekontleding; organiese lamproduksie; pryspremies; volhoubare landbou

Abstract

Assessing the financial viability of organic lamb production in South Africa amidst price challenges

The study examines the financial feasibility of transitioning from conventional to organic lamb farming in South Africa amidst challenges posed by the cost-price squeeze, which has significantly reduced profit margins and placed a strain on the sustainability of conventional sheep farming operations. Rising costs for essentials like feed, fertilisers, and veterinary care, compounded by volatile and low market prices for wool and meat, have jeopardised the industry's financial viability. In response, the study explores organic lamb production as a viable alternative, spurred by the increasing global and local demand for organic products by growing consumer awareness of health, environmental, and ethical issues.

According to Lu (2009), organic lamb production involves the use of feed free from chemically formulated fertilisers, growth stimulants, antibiotics, pesticides, or genetically modified organisms (GMOs), in compliance with organic product standards. In South Africa, to achieve organic certification, farms must transition their entire operation to organic practices, requiring livestock to graze on organic pastures for at least 12 months (SAOSA 2023). This transition necessitates the use of green manure, compost, or organic plant mulch instead of chemical fertilisers, with all seed and plant material also being organic. While these guidelines promote sustainability, they increase initial costs and prolong the transition period for producers shifting from conventional farming.

Drawing on the theoretical framework of sustainable agriculture, the study explores the economic implications of adopting organic farming as a potential solution for enhancing profitability and aligning with the Sustainable Development Goals (SDGs). Global demand for organic meat is rising as consumers become more conscious of health (Jankielsohn 2015), environmental sustainability (Meissner, Scholtz and Palmer 2013; Steyn 2020), and ethical farming practices (Steyn 2020). This trend presents an opportunity for sheep farmers to consider organic lamb production as a niche market with potentially higher profit margins due to premium pricing.

The premium for organic products varies considerably, influenced by factors such as consumer demand (Gundala and Singh 2021), production practices (Durham and Mizik 2021; Islam, Farzana, Murshed and Rahman 2019), and regional market conditions (Willer, Schaack and Lernoud 2019). Research indicates that these premiums can range from 20% (Angood, Wood, Nute, Whittington, Hughes and Sheard 2008) to 25% (Staudigel and Trubnikov 2018) for red meat and as much as 108% for organic chicken breasts (Staudigel and Trubnikov 2022), although specific data regarding premiums for organic lamb in South Africa remains scarce.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

The transition to organic production involves significant costs, operational changes, and market uncertainties, particularly in the relatively undeveloped South African organic sector.

The literature review also addresses market dynamics and consumer trends, noting a global shift towards organic and sustainably produced goods. This shift is driven by growing consumer awareness of the health, environmental, and ethical implications of consumption choices. Studies by Wekeza (2019) and Kelly and Metelerkamp (2015) reflect that this trend is mirrored in South Africa, albeit at a slower pace, with organic products gradually gaining market share. However, as Naidoo and Ramatsetse (2016) highlight, the South African organic market remains relatively underdeveloped, suggesting significant potential for growth if producers can align their practices with consumer preferences.

Using a combination of desktop research, partial budgeting, and break-even analysis, the study constructs a hypothetical model to compare the financial outcomes of conventional and organic lamb production systems over three years. The methodology begins with desktop research, gathering data from previous research, industry reports, and agricultural databases to establish baseline information about the current state of lamb production in South Africa and internationally. This comprehensive data collection informs the assumptions made in the financial models. Partial budgeting assesses the financial impact of specific changes in farming operations, such as switching from conventional to organic practices. This budgeting method focuses on the costs and revenues that would change due to the transition, providing an effective tool for isolating the financial effects of specific management decisions. Break-even analysis complements partial budgeting by determining the point at which revenues from organic lamb production would cover all associated costs, indicating financial sustainability.

The analysis reveals that while organic farming can significantly reduce certain costs (such as fertilisers and feedlot expenses), it faces initial challenges, including lower stocking rates and delayed revenue due to slower growth rates and extended production cycles. The Net Present Value (NPV) technique is used to compare the financial outcomes of conventional and organic lamb farming systems over a three-year period. The NPV analysis considers all revenues and costs associated with each method. For the conventional farming system, revenues are generated from quicker turnover rates due to faster growth and shorter production cycles, while costs include higher expenses for inputs such as synthetic fertilisers and feed. In contrast, the organic system, while benefiting from lower input costs due to the elimination of synthetic fertilisers and reduced feed costs, faces initial revenue delays due to slower growth rates and extended production cycles during the transition to organic practices.

The study finds that by the third year, organic farming begins to show improved carrying capacities and reduced costs, leading to cash flows that approach those of the conventional system. However, despite these gains, the cumulative three-year NPV for the conventional farming system still significantly exceeds that of the organic system. The conventional system benefits from its established practices that yield immediate financial returns, whereas the organic system's delayed profitability is impacted by initial investment and slower entry into production. To bridge the NPV gap and align the profitability of the organic system with that of the conventional system, the study calculates that organic lambs must command a premium of approximately R609,30 per lamb or R23,08 per kilogram. This premium is necessary to compensate for the initial lower cash flows and longer period required to achieve financial returns in the organic system.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

The findings highlight the economic potential and challenges of organic lamb production in addressing the cost-price squeeze. Organic farming could provide a sustainable alternative for sheep farmers, aligning with changing consumer demands and potentially offering a solution to the financial pressures of traditional farming methods. However, the economic success of this transition depends heavily on achieving sufficient market premiums and consumer willingness to support organic products at higher prices. The study calls for further research to explore consumer preferences and the long-term financial sustainability of organic lamb production in the South African context, suggesting that strategic planning and careful consideration of market dynamics are essential for farmers contemplating this transition. Additionally, it highlights the role of policymakers in creating supportive frameworks to enhance consumer awareness and foster the growth of the organic market.

Keywords: break-even analysis; financial viability; organic lamb production; partial budget analysis; premium pricing; sustainable agriculture

1. Inleiding

Suid-Afrikaanse skaapprodusente het onlangs toenemende finansiële uitdagings in die gesig gestaar aangesien produksiekoste vinniger gestyg het as die pryse wat hulle vir hul produkte ontvang. Hierdie verskynsel, bekend as die koste-prys-knyptang, het winsmarges verlaag en plaas aansienlike druk op die finansiële volhoubaarheid van konvensionele skaapboerderybedrywighede. Stygende insetkoste soos voer, kunsmis en veeartsenykundige sorg, tesame met wisselvallige en lae markpryse vir wol en vleis, het finansiële volhoubaarheid 'n uitdaging vir die bedryf gemaak.

Terselfdertyd neem die wêreldwye vraag na organiese vleis toe namate verbruikers meer bewus word van gesondheid (Jankielsohn 2015), omgewingsvolhoubaarheid (Meissner, Scholtz en Palmer 2013; Steyn 2020) en etiese boerderypraktyke (Steyn 2020). Hierdie neiging bied aan skaapboere die geleentheid om organiese lamproduksie as 'n nismark met moontlike hoër winsmarges as gevolg van pryspremies, te verken. Organiese lamproduksie verteenwoordig 'n moontlike oplossing vir skaapboere om hierdie finansiële en omgewingsdruk te oorkom. Die oorgang na organiese produksie behels egter koste, bedryfsveranderinge en markonsekerhede. Veral in die Suid-Afrikaanse konteks, waar die organiese sektor nog in sy kinderskoene is, moet die ekonomiese lewensvatbaarheid van so 'n oorgang nog deeglik ondersoek word.

Ten spyte van die moontlikheid vir organiese lamproduksie om aan veranderende verbruikerseise te voldoen en ook 'n geleentheid vir premiepryse te bied, is daar beperkte navorsing oor of hierdie alternatief die koste-prys-knyptang kan teenwerk. Bestaande studies fokus hoofsaaklik op die omgewings- en maatskaplike voordele van organiese boerdery, maar vergelyk nie die finansiële voordele van konvensionele en organiese lamproduksiestelsels nie.

Die fundamentele kwessie wat in hierdie artikel aangespreek word, is die finansiële haalbaarheid van organiese lamproduksie as 'n volhoubare alternatief vir Suid-Afrikaanse skaapboere. Die studie poog spesifiek om die vraag te beantwoord: Kan organiese lamproduksie 'n lewensvatbare pad na finansiële volhoubaarheid bied vir Suid-Afrikaanse skaapprodusente wat met die koste-prys-knyptang worstel? Hierdie ontleding fokus op die berekening van die ekonomiese kompromieë, insluitend produksiekoste, mortaliteitsyfers, groeitempo en winsgewendheid, om te bepaal of organiese skaapproduksie 'n finansieel volhoubare alternatief vir Suid-Afrikaanse produsente kan bied.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

2. Literatuuroorsig

Die klem op volhoubare landbou het aansienlik toegeneem, met praktyke soos organiese landbou wat gewild geword het vir sy omgewings- en finansiële voordele in reaksie op die toenemende uitdagings wat klimaatsverandering inhou. Thinda, Ogundeji, Belle en Ojo (2020) het die negatiewe uitwerking van klimaatsverandering op lewensbestaan, landbou, varswatervoorsiening en ander natuurlike hulpbronne wat noodsaaklik is vir menslike oorlewing uitgewys. Navorsing toon dat organiese landbou die negatiewe gevolge van klimaatsverandering kan versag deur grondvrugbaarheid te verbeter (Goel, Debbarma, Kumari, Suyal, Kumar en Mahapatra 2021), grondbedekking te bevorder (Praveen en Sharma 2019; Aryal, Sapkota, Khurana, Khatri-Chhetri, Rahut en Jat 2020) en kweekhuisgasvrystellings te verminder (Meissner e.a. 2013; Röös, Bajzelj, Weil, Andersson, Bossio en Gordon 2021). Verbruikers se toenemende bewustheid van klimaatsverandering het tot ’n toename in die vraag na organies geproduseerde produkte (Wekeza 2019) gelei en bied produsente toegang tot nismarkte (Khan, Chamhuri en Farah 2015).

Die wêreldmark vir organiese voedsel het aansienlik gegroei, met verkope wat van €15 miljard in 2015 tot ongeveer €125 miljard in 2022 toegeneem het, en wat na verwagting €375 miljard teen 2030 sal bereik (Willer, Schlatter en Trávníček 2023). Organiese landbougrond het ook aansienlik uitgebrei, met die wêreldwye oppervlakte in 2022 meer as vier keer dié in 2000 (Willer, Trávníček en Schlatter 2024). Hierdie wêreldwye uitbreiding weerspieël ’n neiging na meer omgewings- en ekologies sensitiewe verbruikersgewoontes, saam met ’n behoefte om gesonder te lewe. Die organiese mark in Suid-Afrika wyk egter van hierdie wêreldwye neiging af, met organiese landbougrond wat van 50 000 hektaar in 2000 (Kelly en Metelerkamp 2015) tot net effens meer as 97 000 hektaar in 2022 uitgebrei het (Willer e.a. 2024). Ten spyte van die moontlikheid daarvan om die grootste in Afrika te wees, is dit onderontwikkeld (Naidoo en Ramatsetse 2016) aangesien Suid-Afrika in 2022 slegs die sesde grootste uitvoerder van organiese produkte in Afrika was (Willer e.a. 2023). Navorsing dui daarop dat die Suid-Afrikaanse organiese sektor nog in die vroeë stadiums van produkaanneming is, met aansienlike ruimte vir groei (Mkhize en Ellis 2020).

Volgens Lu (2009) word organiese lamproduksie gedefinieer as vleis wat geproduseer word met die gebruik van voer wat geen chemies geformuleerde kunsmis, groeistimulante, antibiotika, plaagdoders of geneties gemodifiseerde organismes (GGO’s) bevat nie, en wat aan organiese produkstandaarde voldoen. Hierdie produkstandaarde sluit onder meer die menslike hantering van diere en toegang tot oop ruimtes in, wat ten doel het om dierewelsyn te verbeter (Steyn 2020). In Suid-Afrika moet gesertifiseerde organiese plase hul hele bedryf na organiese praktyke oorskakel, en dit neem een jaar voordat weiding as organies beskou kan word vir vee om dit te bewei (SAOSA 2023). Dit vereis dat produsente groenbemesting, kompos of deklaag van organiese plante in plaas van chemiese bemestingstowwe moet gebruik, en alle saad en plantmateriaal moet ook organies wees. Hierdie riglyne bevorder volhoubaarheid, maar verhoog die aanvanklike koste en verleng die oorgangstydperk vir produsente wat van konvensionele boerdery na organiese boerdery oorskakel.

Volgens Ponnampalam, Knight, Moate en Jacobs (2020) het markpryse, produksiekoste en volhoubaarheidsfaktore almal ’n impak op die ekonomie van skaapproduksie. Alhoewel organiese boerdery laer uitsette lewer, word dit as ’n volhoubare en ekonomies lewensvatbare alternatief beskou as gevolg van die moontlikheid om langtermynproduksiekoste te verminder deur die afhanklikheid van sintetiese insette te verminder (Durham en Mizik 2021). Pryspremies, wat deur die toenemende vraag na volhoubare produkte gedryf word, kan organiese lamproduksie winsgewend maak indien dit met doeltreffende bestuur en markposisionering gepaard gaan (Durham 2012; Staudigel en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Trubnikov 2022). Toekomstige studies kan fokus op Suid-Afrikaanse verbruikers se bereidwilligheid om vir organiese lam te betaal. Dit sal waardevolle data verskaf om markstrategieë te rig en boere aan te moedig om oor te skakel na organiese praktyke.

Navorsing bevestig dat skaalbedrywighede en die strategiese heraanwending van insette belangrik is om winsgewendheid in organiese skaapboerderystelsels te handhaaf (Toro-Mujica, García, Aguilar, Vera, Perea en Angón 2015; Tzouramani, Sintori, Liontakis, Karanikolas en Alexopoulos 2011). Möhring, Muller en Schaub (2024) het vier struikelblokke om na organiese lamboerdery oor te skakel geïdentifiseer: die bestuur van dieregesondheid en -produktiwiteit, doeltreffende bestuur, markposisionering en die benutting van organiese pryspremies.

Die mededingendheid van kleinskaalse skaapprodusente in Suid-Afrika beklemtoon ekonomiese uitdagings, insluitend beperkte marktoegang, hoë produksiekoste en eksterne faktore soos klimaatsverandering (Nyam, Bahta, Oduniyi en Matthews 2022). Hierdie wêreldwye en plaaslike dinamika beklemtoon die behoefte aan kontekspesifieke strategieë om winsgewendheid en finansiële volhoubaarheid te verbeter.

Hierdie uitdagings is veral prominent vir kleinskaalse skaapboere, soos uitgelig deur onlangse studies wat op die ekonomiese probleme in spesifieke streke van Suid-Afrika gefokus het. ’n Studie deur Molotsi, Oosting, Cloete en Dzama (2019) in die Wes-Kaap het aan die lig gebring dat kleinskaalse skaapboere lae aannemingsyfers ervaar, wat tot onvolhoubare inkomste uit veebedrywighede lei. Soortgelyke gevolgtrekkings is in ’n studie deur Zenda en Malan (2021) gemaak, wat die ekonomiese uitdagings van kleinskaalse boere in die Hantam Karoo in die Noord-Kaap ontleed het. Hulle bevindinge het bewys dat alhoewel boere gunstige handelsverhoudinge en gemeenskaplike voordele het, hulle steeds probleme ondervind om finansiële volhoubaarheid te handhaaf. Dit beklemtoon die belangrikheid van volhoubare benaderings om hierdie situasie te verbeter. Alhoewel hierdie finansiële uitdagings veral onder kleinskaalse skaapboere sigbaar is, word kommersiële skaapprodusente ook geraak, aangesien hulle ook sukkel met stygende produksiekoste en stagnerende markpryse.

Skaapprodusente in Suid-Afrika ervaar ’n koste-prys-knyptang, met produksiekoste wat vinniger as produsentepryse styg, wat tot laer winsmarges lei. Reële pryse (nominale pryse aangepas met die produsenteprysindeks) oor die afgelope agt jaar vir A2-/A3-lamkarkasse, stoorlammers en voerkoste beklemtoon hierdie tendens soos in Figuur 1 geïllustreer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2



Figuur 1. Gemiddelde maandelikse pryse (in reële waardes) vir A2-/A3-lamkarkasse, stoorlammers en die hoofvoer-kostekomponente vir die tydperk Januarie 2016 tot Mei 2024
(Bron: Outeur se eie berekeninge)

Die data toon dat alhoewel die pryse van A2-/A3-lamkarkasse en stoorlammers tussen 2016 en middel-2020 matig gestyg het, dit sedertdien aansienlik gedaal het en teruggekeer het na byna dieselfde prysvlakke as vroeg in 2016. Daarteenoor toon voerpryse (bestaande uit 60% geelmielieprys en 20% afgeleide sojameel- en oliekoekpryse[1]) 'n meer wisselvallige maar konsekwente opwaartse neiging, wat 'n hoogtepunt van byna 20% teen 2020 bereik het. Die kombinasie van stygende insetkoste en dalende lamsvleispryse oefen erge afwaartse druk op produsente se marges uit wat hul vermoë om finansiële stabiliteit te handhaaf verminder.

Die teenstrydighede tussen stygende voerkoste en stagnante of dalende uitsetpryse demonstreer die koste-prys-knyptang, wat dit al hoe moeiliker vir boere maak om hul bedrywighede vol te hou. Vir baie skaapprodusente het die soeke na alternatiewe inkomstestrome, byvoorbeeld nismarkte soos organiese lamproduksie, belangrik geword om finansiële druk teen te werk en langtermynlewensvatbaarheid te verseker.

Die moontlike oorgang na organiese skaapboerdery word as 'n manier beskou om die impak van die koste-prys-knyptang te versag deur nismarkte met premiepryse te betree. Die grootte van die premie wissel aansienlik en word beïnvloed deur die verbruikersvraag (Gundala en Singh 2021), produksiepraktyke (Durham en Mizik 2021; Islam, Farzana, Murshed en Rahman 2019) en streeksmarktoestande (Willer, Schaack en Lernoud 2019). Navorsing dui daarop dat premies wissel tussen 20% (Angood, Wood, Nute, Whittington, Hughes en Sheard 2008) en 25% (Staudigel en Trubnikov 2018), tot soveel as 108% vir organiese hoenderborsies (Staudigel en Trubnikov 2022). Geen navorsing is gevind wat die grootte van premies vir organiese lamsvleis in Suid-Afrika aandui nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Die finansiële uitdagings wat skaapprodusente in Suid-Afrika in die gesig staar, soos in vorige studies uiteengesit, beklemtoon die behoefte aan alternatiewe boerderypraktyke om winsgewendheid te handhaaf. Die moontlike oorgang na organiese skaapboerdery, ondersteun deur stygende verbruikersvraag en pryspremies wat verkry kan word, bied ’n geleentheid om die koste-prys-knyptang teen te werk. ’n Meer omvattende ontleding is egter nodig om die ekonomiese implikasies van hierdie oorgang ten volle te verstaan. Alhoewel navorsing die finansiële voordele van organiese boerdery wêreldwyd uitlig, is daar leemtes in die begrip van die haalbaarheid daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie leemtes sluit in die langtermyn- finansiële volhoubaarheid van organiese lamproduksie, struikelblokke tot skaalbedrywighede en die dinamika van toetrede tot nismarkte met premiepryse. Daar is ook ’n behoefte vir gedetailleerde vergelykings tussen organiese en konvensionele produksiestelsels om boere praktiese riglyne te bied. Die doel van hierdie artikel is om hierdie leemtes aan te spreek deur die omvang van die premiepryse wat behaal moet word te ondersoek indien ’n boer sou besluit om van konvensionele na organiese skaapboerderymetodes oor te skakel om die ekonomiese prestasie van die onderneming te handhaaf.

3. Metodologie

Skaapboerdery se winsgewendheid, hetsy in konvensionele of organiese stelsels, word deur die netto inkomste per hektaar gedryf, wat uiteindelik tot hoër winste lei. Die optimalisering van die winsgewendheid van skaapboerderybedrywighede hang af van faktore soos wolproduksie (kg skoonwol per skaap), vleisproduksie (speenpersentasies, speengewigte en voeromsetverhoudings) en die vermindering van produksiekoste. Dit is noodsaaklik om die produktiwiteit en kosteverskille tussen konvensionele en organiese lamproduksiestelsels te verstaan om beide se finansiële lewensvatbaarheid te evalueer.

Hierdie studie gebruik ’n lessenaarnavorsingsbenadering sowel as ’n gedeeltelike begroting en gelykbreekontleding om sleutelveranderlikes wat organiese lamproduksie in Suid-Afrika beïnvloed, te ondersoek. Die gedeeltelike begroting is gebruik omdat dit produksietegnieke in spesifieke afdelings van die boerderybesigheid vergelyk (Louw en Geyser 2024). Daarna volg ’n gelykbreekontleding om te bepaal teen watter prysvlak organiese lamproduksie ooreenstem met die opbrengs van konvensionele boerderystelsels. ’n Hipotetiese plaasmodel is saamgestel, gebaseer op sleutelaannames oor veelading, lammergroei en insetkoste. Daar word aanvaar dat die hipotetiese plaas 300 hektaar weiding het, bestaande uit *Digitaria eriantha subsp eriantha* (Smuts-vingergras). Hoewel die fokus op finansiële maatstawwe is, word die belangrike omgewings- en maatskaplike voordele van organiese boerdery erken maar nie in hierdie studie gekwantifiseer nie.

3.1 Sleutelveranderlikes

Die veranderlikes wat in hierdie studie gebruik word, is gebaseer op resultate verkry uit vorige navorsing en bedryfsmaatstawwe. Dit sluit aannames in oor onder meer veelading, voerinsette, groeitempo en produksiekoste vir beide konvensionele en organiese boerderystelsels. Suid-Afrikaanse navorsingsdata is as die primêre bron gebruik, en internasionale studies is geïnkorporeer om gapings aan te vul waar relevante Suid-Afrikaanse navorsing nie beskikbaar is nie. Tabel 1 bied ’n opsomming van die veranderlikes, en die sleutelwaarnemings vir hierdie studie word hieronder uiteengesit.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

3.1.1 Veelading

- **Konvensionele stelsel**: Die drakrag is bereken op grond van 550 mm reënval en die toediening van 110 kg ureum per hektaar (gelykstaande aan 393 kg KAN 28%) wat 5,5 ton droëmateriaal (DM) per hektaar lewer (Scheepers 2005). Teen ’n verbruikstempo van 2,25 kg DM per dag (Chishti, Carvalho, Pinto, Silva en Felix 2019) – gebaseer op ’n gemiddelde gewig van 75 kg vir vleisproduserende skape in Suid-Afrika – ondersteun die drakrag 6,7 kleinvee-eenhede (KVE) per hektaar.
- **Organiese stelsel:** Organiese protokolle beperk die aanvanklike veelading as gevolg van beperkings op sintetiese kunsmis en misbruik:
  - **Jaar 1:** Geen veelading nie as gevolg van verpligte organiese oorgang.
  - **Jaar 2:** Onbemeste weidings lewer 3 ton DM per hektaar (Scheepers 2005) wat 3,7 KVE per hektaar toelaat.
  - **Jaar 3:** Met gedeeltelike kraalmistoediening lewer weidings 4,18 ton DM per hektaar wat 5,1 KVE per hektaar toelaat.

3.1.2 Vrugbaarheidsyfers

- **Konvensionele en organiese vrugbaarheid:** Navorsing toon dat konvensionele skape 1,3 lammers per ooi speen en organiese skape 0,96 lammers per ooi speen (Salcedo en García-Trujillo 2005) en is as ’n aanname in hierdie studie gebruik. Hierdie studie veronderstel ook dat die boerdery een lamseisoen per jaar gebruik, met ’n gemiddelde konsepsiesyfer van 91% (Anon 2022).

3.1.3 Groeitempo

- **Voorspeense groeitoename:** Daar is ’n verskil in die voorspeense gemiddelde groeitempo tussen die organiese lamgroep (geen GGO’s in voer toegelaat nie en voer beperk tot 15% van daaglikse DM-inname) en die konvensionele lamgroep, wat toegang tot kruipvoer met ’n hoë proteïen- en energie-inhoud het (Terblanche, Brand en Van der Walt 2012; Yildirim, Kesen en Varalan 2023). Navorsing het bepaal dat die groeitempo’s van voorgespeende lammers met soveel as 8,75 kg (81,6% lewende gewigsverandering) verskil wanneer hulle op Kikuyu-weidings wei (Brand en Brundyn 2015; Terblanche e.a. 2012; Urbano, de Andrade Ferreira, do Nascimento Rangel, de Lima Júnior, de Andrade en Novaes 2017).
- **Naspeense groeitoename:** Daar is ook ’n aansienlike verskil in die naspeense gemiddelde groeitempo, waar konvensionele lammers ’n gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) van 449 gram behaal (Ribeiro, Monteiro, Prado, Natel, Salgado, Piazzetta en Fernandes 2009; Salgado, Molento, Sotomaior, Dias, de Castro, Faísca en Monteiro 2017), terwyl organiese lammers ’n GDT van 125 gram behaal (Salgado e.a. 2017; Soysal, Cibik, Aydin en Ak 2011). Hierdie verskil word hoofsaaklik aan verskille in voerinname toegeskryf (sien Tabel 1).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

3.1.4 Koste-aannames

- **Voorspeense voerkoste:** Konvensionele lammers verbruik 25 kg kruipvoer per lam (op grond van bedryfstandaarde) teen R7,10 per kilogram (pryse verkry van vooraanstaande veevoerlandboubesighede), terwyl weidingskoste vir organiese lammers teen 11% van die markwaarde van Smuts-vingergrasweiding bereken word (Spies 2023), wat op R10 000 per hektaar beraam word.
- **Naspeense voerkoste:** Konvensionele lammers word ná 90 dae teen ’n gemiddelde gewig van 30,4 kg gespeen (Van der Merwe, Brand en Hoffman 2020) en in ’n voerkraal geplaas waar hulle gemiddeld 3,5% van hul liggaamsgewig per dag inneem. Dit kom neer op ’n gemiddelde daaglikse voerinname van 1,28 kg vanaf hulle gespeen is totdat ’n ideale slaggewig van 55 kg (Van de Vyver 2014) ná 55 dae in die voerkraal bereik is. Voerkraalkoste word bereken op R6,18 per kilogram voer, volgens huidige markpryse wat van vooraanstaande veevoerlandboubesighede verkry is. Weidingkoste vir organiese lammers word soortgelyk aan die voorspeense voerkostetydperk bereken.
- **Ontwurmingskoste:** Konvensionele lammers word twee keer ontwurm, een keer voor hulle gespeen word en een keer in die voerkraal. Volgens bedryfstandaarde kos ontwurming R7,48 per lam per toediening. Om aan organiese protokolle te voldoen, word geen ontwurmingmiddels aan organiese lammers toegedien nie.
- **Inenting (albei stelsels):** Organiese en konvensionele lammers word met dieselfde tegnieke en inentings ingeënt. Inentingskoste beloop R21,20 per lam op grond van pryse verkry van vooraanstaande veeartsenykundige dienste.
- **Ooi-onderhoud:** Konvensionele stelsels het hoër koste (R641 per ooi) in vergelyking met organiese stelsels (R341 per ooi) as gevolg van verskille in aanvullings en ontwurming (Computus 2022b).
- **Kunsmis en mis:** Die koste van kunsmis vir die konvensionele stelsel is van ’n toonaangewende landboubesigheid verkry. Die bruikbare ureuminhoud van kraalmis is ongeveer 10% per DM (Anon 2013). Dit beteken dat vir elke 100 kg kraalmis, 1 kg uit stikstof bestaan. Om dieselfde stikstofvlakke as sintetiese kunsmis te bereik, moet 11 ton mis per hektaar toegedien word. Aangesien elke skaap ongeveer 1 ton mis per jaar kan produseer (Anon 2013), word 11 skape benodig om genoeg mis vir een hektaar te produseer. Weens onvoldoende misproduksie (1 560 ton per jaar) is slegs 47,3% van die vereiste mis beskikbaar, wat die veelading vanaf jaar 3 tot 5,1 KVE per hektaar verlaag. Die koste van die toediening van die mis is uit die meganisasiekostebegrotings (Computus 2022a) bereken en die toedieningskoste vir beide stelsels is uit die ondernemingsbegrotings en die meganisasiekoste bereken (Computus 2022a, 2022b).

3.1.5 Verdiskonteringskoers

- ’n Verdiskonteringskoers van 10% word op organiese lamstelsels toegepas om langer produksiesiklusse in ag te neem. Hierdie koers stem ooreen met heersende landbouuitleenkoerse in Suid-Afrika en word as toepaslik vir hierdie ontleding beskou, aangesien dit die geweegde gemiddelde koste van kapitaal wat produsente kan aangaan, in ag neem.

3.1.6 Karkasgewig

- Die studie veronderstel ’n uitslagpersentasie van 48%, wat ’n gemiddelde karkasgewig van 26,4kg vir beide stelsels lewer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Tabel 1. Veranderlikes in die berekening gebruik op grond van vorige navorsing

Veranderlike	Konvensionele stelsel	Organiese stelsel	Sleutelwaarnemings
Veelading	6,7 KVE × 300 ha	Jaar 1: 0 KVE × 300 ha	Organiese stelsels het ’n veelading van nul in jaar 1.
		Jaar 2: 3,7 KVE × 300 ha	Verminderde veesyfers tydens die organiese oorgang lei tot minder diere per hektaar, wat die vaste koste per lam wat in die aanvanklike jare geproduseer word, verhoog.
		Jaar 3+: 5,1 KVE × 300 ha	
Aantal dragtige ooie	91% konsepsiesyfer (1 829 ooie)	Jaar 1: 0 ooie	Organiese stelsels het ’n veelading van nul in jaar 1, gevolg deur ’n geleidelike toename in produktiewe ooie namate veelading verbeter.
		Jaar 2: 91% konsepsiesyfer (1 010 ooie)	
		Jaar 3+: 91% konsepsiesyfer (1 530 ooie)	
Gespeende lammers	1,3 lammers/ooi (2 377 lammers)	Jaar 1: 0 lammers	Die speentempo’s is laer in organiese stelsels as gevolg van dieet- en bestuursbeperkings, wat die inkomstepotensiaal per ooi verminder.
		Jaar 2: 0,96 lammers/ooi (969 lammers)	
		Jaar 3+: 0,96 lammers/ooi (1 468 lammers)	
Speengewig	30,4 kg	21,7 kg	Organiese lammers het laer speengewigte as gevolg van voerbeperkings wat groei vertraag en die moontlike inkomste per lam verminder.
Naspeense groeitempo	449 g/dag	125 g/dag	Naspeense groeitempo’s is aansienlik stadiger in organiese stelsels as gevolg van die afwesigheid van proteïenryke voer en ontwurmingsbehandelings.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Veranderlike	Konvensionele stelsel	Organiese stelsel	Sleutelwaarnemings
Gemiddelde voerkoste	Kruipvoer: R7,10/kg (25 kg/lam)	Weiding: 11% van Smuts-vingergras-weidingswaarde	Organiese stelsels het laer voerkoste, maar verlaagde produktiwiteit, wat kostevoordele in die aanvanklike jare teenwerk.
	Voerkraal: R6,18/kg (1,28 kg/dag/lam)		
Ontwurmings-koste	Twee ontwurmings-behandelings teen R7,48/lam	Geen ontwurming as gevolg van organiese protokolle	Organiese stelsels skakel ont-wurmingskoste uit, maar dit kan tot stadiger groeitempo's en hoër mortaliteitrisiko's bydra.
Inentings-koste	R21,20/lam	R21,20/lam	Inentingskoste is dieselfde in beide stelsels aangesien die protokolle vir konvensionele en organiese lammers nie verskil nie.
Ooi-onderhouds-koste	R641/ooi	R341/ooi	Organiese ooi-onderhoudskoste is laer as gevolg van geen aan-vullings en ontwurmings-behandelings nie maar word deur laer produktiwiteit teengewerk.
Kunsmis/ miskoste	110 kg ureum/ha wat 5,5 ton DM/ha produseer	11 ton mis/ha wat 4,18 ton DM/ha produseer	Organiese stelsels het uitdagings rakende die beskikbaarheid van mis, wat tot laer weidings-produktiwiteit in vergelyking met konvensionele stelsels met sintetiese bemestingstowwe lei.
Verdiskon-teringskoers	Nie van toepassing nie	10% toegepas as gevolg van langer produksiesiklusse	Organiese stelsels benodig langer tyd om slaggewig te bereik, wat die impak van tydwaarde op inkomsteberekeninge verhoog.
Karkasgewig	26,4 kg	26,4 kg	Alhoewel karkasgewigte dieselfde is, neem dit 266 dae vir organiese lammers om hierdie gewig te bereik in vergeleke met 90 dae in konvensionele stelsels. Organiese lammerkarkasinkomste word vir 176 dae teen 10% verdiskonteer om die tydwaarde van geld in ag te neem.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

4. Resultate

Hierdie studie ondersoek die finansiële implikasies van die oorgang na 'n organiese lamboerdery in vergelyking met konvensionele boerderypraktyke. Tabel 2 bied 'n gedetailleerde uiteensetting van inkomste en koste oor 'n tydperk van drie jaar vir beide stelsels. Die ontleding toon beduidende verskille in koste, inkomste en winsgewendheid.

Tabel 2. Gedeeltelike begroting van konvensionele en organiese lamproduksiestelsels

	Konvensionele stelsel	**Organiese stelsel**		
Kategorie	**Jaarliks R**	**Jaar 1 R**	**Jaar 2 R**	**Jaar 3 R**
Kunsmiskoste	1 038 900	0	0	383 400
Ooi-onderhoudskoste	1 288 410	0	378 510	521 730
Kruipvoer	421 918	0	0	0
Ontwurmingskoste	35 560	0	0	0
Inentingskoste	50 392	0	20 543	31 122
Voerkraalkoste	1 009 928	0	0	0
Huur van weidingsgrond	0	330 000	330 000	330 000
Slaginkomste @ R85/kg	5 333 988	0	2 072 656	3 139 138
Netto kontantvloei	**1 488 880**	**-330 000**	**1 343 603**	**1 872 887**

Organiese boerdery verminder koste aansienlik deur naspeense voerkoste te verlaag en uitgawes vir kruipvoer, ontwurming en sintetiese kunsmiskoste uit te skakel. Laer ooi-onderhoudskoste dra verder by tot kostebesparings in organiese stelsels. Hierdie verlagings kom egter ten koste van laer drakrag, stadiger groeitempo's en vertraagde slaginkomste, wat aanvanklik die inkomstepotensiaal beperk. Konvensionele stelsels genereer hoër inkomste in die eerste twee jaar, aangedryf deur voerkraalwinste en vinniger lammergroei.

Hierdie ontleding beklemtoon dat organiese stelsels tyd benodig om hul kostevoordele te behaal en winsgewend te wees. Teen jaar 3 lei die verbeterde drakrag en verlaagde koste tot 'n vergelykbare netto kontantvloei tussen die twee stelsels. Die netto huidige waarde (NHW) van die twee boerderystelsels is bereken om te bepaal watter stelsel die grootste opbrengs oor die driejaartydperk lewer, met inagneming van die tydwaarde van geld. Deur toekomstige kontantvloei na hul huidige waarde te verdiskonteer, laat die NHW-metode 'n realistiese vergelyking van die winsgewendheid tussen die twee stelsels oor 'n spesifieke tydperk toe.

Die NHW vir elke boerderymetode word met die volgende formule bereken:

$$NHW = \sum \frac{NKV_t}{(1+r)^t}$$

Waar:

NKV_t = Netto kontantvloei in jaar t
r = Verdiskonteringskoers (10% in hierdie studie)
t = Jaar

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Die netto kontantvloei vir elke jaar is afgelei van die verskil tussen die totale inkomste en die totale koste, soos in Tabel 2 aangedui.

Alhoewel die organiese boerderystelsel 'n hoër netto kontantvloei in jaar 3 behaal, toon die NHW oor die driejaartydperk aansienlike finansiële verskille. Die NHW vir konvensionele lamboerdery is R3 702 625, terwyl organiese lamboerdery 'n laer NHW van R2 217 543 lewer, wat die aanvanklike ekonomiese uitdagings van die oorskakeling na organiese praktyke weerspieël.

Om die NHW-gaping te oorbrug, sal organiese lammers 'n premie van ongeveer R609,30 per lam moet behaal, wat neerkom op 'n premieprys van R23,08 per kilogram. Hierdie premie is noodsaaklik om die winsgewendheid van die organiese lamboerderystelsel met dié van konvensionele boerderystelsels te belyn. Die resultate beklemtoon dat premiepryse vir organiese lammers noodsaaklik is om die aanvanklike laer NHW te oorkom en vergelykbare finansiële volhoubaarheid te bereik. Hierdie bevindinge beklemtoon dat organiese boerdery 'n mededingende alternatief kan wees, mits markondersteuning en verbruikersvraag na volhoubare landbou toeneem.

5. Gevolgtrekking

Organiese lamproduksie bied verskeie voordele bo tradisionele lamboerderypraktyke, veral wat volhoubaarheid en dierewelsyn betref. Eerstens fokus organiese lamproduksie op die gebruik van natuurlike insette, soos organiese voer, wat grondgesondheid en die algehele gesondheid van die omgewing kan verbeter. Verder help die vermyding van sintetiese wurmmiddels, plaagdoders en kunsmis om omgewingsbesoedeling te verminder. Organiese lamproduksie sluit ook meer volhoubare boerderypraktyke in, soos wisselweiding wat grondvrugbaarheid handhaaf en erosie voorkom. Hierdie praktyke bevorder biodiversiteit en moedig die groei van natuurlike ekosisteme aan, wat plaaslike flora en fauna kan bevoordeel. Verder behels organiese lamproduksie tipies die menslike behandeling van diere, wat gesonder en gelukkiger vee tot gevolg kan hê. Deur organiese lamproduksie te kies, kan boere beide volhoubaarheid en dierewelsyn prioritiseer terwyl hulle bydra tot 'n gesonder en meer diverse ekosisteem.

Beduidende finansiële struikelblokke moet egter oorkom word wanneer na organiese lamboerderypraktyke oorgeskakel word, veral in die vroeë stadiums. Die oorgang ontwrig tradisionele inkomstestrome en vereis aansienlike veranderinge in bestuurspraktyke. Om 'n premiemarkprys vir organiese lam te ontvang is van kardinale belang vir die korttermyn- finansiële lewensvatbaarheid van die boerdery, wat die behoefte aan deeglike marknavorsing en 'n diepgaande begrip van verbruikersaankoopgedrag beklemtoon. Hierdie studie het bevind dat produsente 'n premie van ten minste 27% bo konvensionele lamkarkasse moet ontvang om gelyk te breek. Sonder hierdie premies sal boere sukkel om die ekonomiese haalbaarheid van oorskakeling na organiese praktyke te regverdig.

Finansiële volhoubaarheid in die vroeë jare van organiese lamboerdery vereis dat boere hoër koste en verminderde inkomste moet dra totdat die voordele van laer insetkoste, verbeterde drakrag en toegang tot nismarkte verwesenlik word. Produsente moet bereid wees om etlike jare se finansiële druk te verduur voordat hulle die koste-prys-knyptang kan vryspring en die ekonomiese voordele van organiese lamboerdery ten volle kan ervaar. Toekomstige navorsing kan ondersoek hoe lank dit vir boere sal neem om die koste-prys-knyptang te oorkom en winsgewendheid in organiese lamproduksiestelsels te behaal, wat waardevolle insigte rakende besluitneming en beleidsondersteuning kan bied.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Die vraag na organiese produkte groei wêreldwyd en verbruikers is dikwels bereid om ’n premie vir produkte te betaal wat as gesonder en meer eties beskou word. Dit skep geleenthede vir boere om toegang tot nuwe markte te kry en moontlik hoër winste te behaal. Die aanneming van organiese lamproduksie in Suid-Afrika is egter stadig. Hoewel studies ’n positiewe verbruikers-gewilligheid toon om ’n premie vir gesertifiseerde Karoo-lam te betaal, ontbreek soortgelyke navorsing oor organiese lam. Om die premie te bepaal wat Suid-Afrikaanse verbruikers bereid is om vir organiese lam te betaal, sal noodsaaklike inligting verskaf om boere te ondersteun wat die oorskakeling oorweeg. Dit is ’n beduidende gaping in die bestaande navorsing.

Die besluit om organiese lamproduksie te implementeer het implikasies wat verder strek as die individuele boer en raak ook die breër gemeenskap, met moontlik wêreldwye implikasies. Hierdie benadering bevorder ’n meer volhoubare toekoms deur voedselsekerheid, omgewings-bewaring en maatskaplike welstand te integreer. Alhoewel uitdagings bestaan, is die moontlike voordele van organiese lamboerdery beduidend en belowend, wat geleenthede bied tot voor-deel van huidige en toekomstige generasies.

Bibliografie

Angood, K., J. Wood, G. Nute, F. Whittington, S. Hughes en P. Sheard. 2008. A comparison of organic and conventionally-produced lamb purchased from three major UK supermarkets: Price, eating quality and fatty acid composition. *Meat Science*, 78(3):176–84. https://doi.org/10.1016/j.meatsci.2007.06.002.

Anon. 2013. Fertilising with manure: Guidelines for applying kraal manure. *Farmer’s Weekly*, (13041):70–1.

Anon. 2022. Overview of reproduction. *Zoetis*. https://www.zoetis.com.au/livestock-solutions/sheep/optimise-ewe-health/overview-of-reproduction.aspx (4 April 2024 geraadpleeg).

Aryal, J.P., T.B. Sapkota, R. Khurana, A. Khatri-Chhetri, D.B. Rahut en M.L. Jat. 2020. Climate change and agriculture in South Asia: Adaptation options in smallholder production systems. *Environment, Development and Sustainability*, 22(6):5045–75. https://doi.org/10.1007/s10668-019-00414-4.

Brand, T.S. en L. Brundyn. 2015. Effect of supplementary feeding to ewes and suckling lambs on ewe and lamb live weights while grazing wheat stubble. *South African Journal of Animal Science*, 45(1):89–95. https://doi.org/10.4314/sajas.v45i1.11.

Chishti, G.A., P.H. Carvalho, A.C. Pinto, F.A. Silva en T.L Felix. 2019. Efficacy of sheep as a digestibility model for cattle when fed concentrate-based or forage-based diets. *Translational Animal Science*, 3(4):1106–11. https://doi.org/10.1093/tas/txz092.

Computus. 2022a. Meganisasiekoste 2022/2023. Computus. https://www.computus.co.za/Publikasies/Masjineriekoste22.pdf.

—. 2022b. Vertakkingsbegrotings 2022/23. Computus. https://www.computus.co.za/Publikasies/Vertakkingsbegrotings22.pdf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Durham, T.C. en T. Mizik. 2021. Comparative economics of conventional, organic, and alternative agricultural production systems. *Economies*, 9(2):64–88. https://doi.org/10.3390/economies9020064.

Goel, R., P. Debbarma, P. Kumari, D.C. Suyal, S. Kumar en B. Mahapatra. 2021. Assessment of soil chemical quality, soil microbial population and plant growth parameters under organic and conventional rice–wheat cropping system. *Agricultural Research*, 10(2):193–204. https://doi.org/10.1007/s40003-020-00499-8.

Gundala, R.R. en A. Singh. 2021. What motivates consumers to buy organic foods? Results of an empirical study in the United States. *PLOS ONE*, 16(9):e0257288. https://doi.org/10.1371/journal.pone.0257288.

Islam, S., F. Farzana, H. Murshed en S. Rahman. 2019. Study on meat quality of native sheep raised in organic and conventional production systems. *Journal of Meat Science and Technology*, 7(1):1–7.

Jankielsohn, A. 2015. The hidden cost of eating meat in South Africa: What every responsible consumer should know. *Journal of Agricultural and Environmental Ethics*, 28(6):1145–57. https://doi.org/10.1007/s10806-015-9581-8.

Kelly, C. en L. Metelerkamp. 2015. Smallholder farmers and organic agriculture in South Africa. Stellenbosch: Southern Africa Food Lab, Sustainability Institute. https://www.sustainabilityinstitute.net/wp-content/uploads/2020/01/5302_si.pdf.

Khan, M., S. Chamhuri en H. Farah. 2015. Green food consumption in Malaysia: A review of consumers' buying motives. *International Food Research Journal*, 22(1):131–8.

Louw, A. en J.M. Geyser. 2024. *Finance and farm management*. 7de uitgawe. Johannesburg: Standard Bank Agribusiness SA.

Lu, C.D. 2009. Comparative studies between conventional and organic lamb production. *Journal of Livestock Science*, 1(1):1–10.

Meissner, H., M. Scholtz en A. Palmer. 2013. Sustainability of the South African livestock sector towards 2050: Part 1: Worth and impact of the sector. *South African Journal of Animal Science*, 43(3):282–97. http://dx.doi.org/10.4314/sajas.v43i3.5.

Mena, Y., J.M. Castel en P. Morand-Fehr (reds.). 2006. *Analyse technico-économique des systèmes de production ovine et caprine: Méthodologie et valorisation pour le développement et la prospective*. Zaragoza: CIHEAM / FAO / Universidad de Sevilla, 2006:101–9 (Options Méditerranéennes: Série A. Séminaires Méditerranéens; n. 70).

Mkhize, S. en D. Ellis. 2020. Creativity in marketing communication to overcome barriers to organic produce purchases: The case of a developing nation. *Journal of Cleaner Production*, 242:118415. https://doi.org/10.1016/j.jclepro.2019.118415.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Möhring, N., A. Muller en S. Schaub. 2024. Farmers' adoption of organic agriculture – a systematic global literature review. *European Review of Agricultural Economics*, jbae025:1–33. https://doi.org/10.1093/erae/jbae025.

Molotsi, A., S. Oosting, S. Cloete en K. Dzama. 2019. Factors influencing off-take rates of smallholder sheep farming systems in the Western Cape Province of South Africa. *South African Journal of Agricultural Extension*, 47(3):83–91. https://doi.org/10.17159/2413-3221/2019/v47n3a517.

Naidoo, V. en M.H. Ramatsetse. 2016. Assessment of the consumer purchase intentions of organic food at the Hazel Food Market in Pretoria, South Africa. *Environmental Economics*, 7(3):81–8. http://dx.doi.org/10.21511/ee.07(3).2016.10.

Nyam, Y., Y. Bahta, O. Oduniyi en N. Matthews. 2022. Smallholder sheep farmers' perception of production constraints and competitiveness strategies in South Africa. *Scientific African*, 16(2022):e01192. https://doi.org/10.1016/j.sciaf.2022.e01192.

Ponnampalam, E.N., M.I. Knight, P.J. Moate en J.L. Jacobs. 2020. An alternative approach for sustainable sheep meat production: Implications for food security. *Journal of Animal Science and Biotechnology*, 11(1):83–98. https://doi.org/10.1186/s40104-020-00472-z.

Praveen, B. en P. Sharma. 2019. A review of literature on climate change and its impacts on agriculture productivity. *Journal of Public Affairs*, 19(4):e1960. https://doi.org/10.1002/pa.1960.

Ribeiro, T.M.D., A.L.G. Monteiro, O.R. Prado, A.S. Natel, J.A. Salgado, H.V.L. Piazzetta en S.R. Fernandes. 2009. Lambs performance and carcass traits in different production systems. *Revista Brasileira de Saúde e Produção Animal*, 10(2):366–78.

Röös, E., B. Bajzelj, C. Weil, E. Andersson, D. Bossio en L.J. Gordon. 2021. Moving beyond organic: A food system approach to assessing sustainable and resilient farming. *Global Food Security*, 28(10):100487. https://doi.org/10.1016/j.gfs.2020.100487.

Salcedo, A. en R. García-Trujillo. 2005. Sheep production systems in the north of Granada province: Case studies. In Mena, Castel en Morand-Fehr (reds.) 2006.

Salgado, J.A., M.B. Molent, C.S. Sotomaior, L.T. Dias, L.L.D. de Castro, L.D. Faísca en A.L.G. Monteiro. 2017. Endoparasite and nutritional status of Suffolk lambs in seven production systems. *Animal Production Science*, 58(9):1667–76. http://dx.doi.org/10.1071/AN16437.

Scheepers, L. 2005. *Diereproduksie vanaf aangeplante weidings in die sentrale somersaaigebied*. Paarl: Paarl Drukkers.

Soysal, D., R. Cibik, C. Aydin en I. Ak. 2011. Comparison of conventional and organic management conditions on growth performance, carcass characteristics, and haematological parameters in Karacabey Merino and Kivircik breeds. *Tropical Animal Health and Production*, 43:817–23. https://doi.org/10.1007/S11250-010-9768-Y.

Spies, D. C. 2023. Determining the rental value of land. *SA Grain / SA Graan*, (May):24–6.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Staudigel, M. en A. Trubnikov. 2018. How do organic price premiums vary across different supply and demand-side factors? A hedonic analysis of the German market for fresh meat. *2018 Annual Meeting, August 5–7, Washington, D.C. 273989, Agricultural and Applied Economics Association*.

—. 2022. High price premiums as barriers to organic meat demand? A hedonic analysis considering species, cut and retail outlet. *Australian Journal of Agricultural and Resource Economics*, 66(2):309–34. https://doi.org/10.1111/1467-8489.12472.

Steyn, D.G. 2020. An economic, environmental and ethical assessment of meat production and consumption in South Africa. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Terblanche, S., T.S. Brand en J.C. Van der Walt. 2012. Production response of lambs receiving creep feed while grazing two different pastures. *South African Journal of Animal Science*, 42(5):535–9. http://dx.doi.org/10.4314/sajas.v42i5.19.

Thinda, K., A. Ogundeji, J. Belle en T. Ojo. 2020. Understanding the adoption of climate change adaptation strategies among smallholder farmers: Evidence from land reform beneficiaries in South Africa. *Land Use Policy*, 99:104858. https://doi.org/10.1016/j.landusepol.2020.104858.

Toro-Mujica, P., A. García, C. Aguilar, R. Vera, J. Perea en E. Angón. 2015. Economic sustainability of organic dairy sheep systems in Central Spain. *Italian Journal of Animal Science*, 14(2):3625. https://doi.org/10.4081/ijas.2015.3625.

Tzouramani, I., A. Sintori, A. Liontakis, P. Karanikolas en G. Alexopoulos. 2011. An assessment of the economic performance of organic dairy sheep farming in Greece. *Livestock Science*, 141(2–3):136–42. https://doi.org/10.1016/j.livsci.2011.05.010.

Urbano, S.A., M. de Andrade Ferreira, A.H. do Nascimento Rangel, D.M. de Lima Júnior, R.D.P.X. de Andrade en L.P. Novaes. 2017. Lamb feeding strategies during the pre-weaning period in intensive meat production systems. *Tropical and Subtropical Agroecosystems*, 20(1):49–63.

Van de Vyver, F. 2014. Feeding slaughter lambs for profit. *Farmer's Weekly*, (14018):48–9.

Van der Merwe, D., T. Brand en L. Hoffman. 2020. Slaughter characteristics of feedlot-finished premium South African lamb: Effects of sex and breed type. *Foods*, 9(5):648. https://doi.org/10.3390/foods9050648.

Wekeza, S.V. 2019. Consumer perceptions, preferences, and their purchase intentions for organically grown products in Shelly Beach Shopping Centre, Port Shepstone. Doktorale proefskrif, Universiteit van Zululand.

Willer, H. en J. Lernoud (reds.). 2019. *The World of Organic Agriculture, Statistics and Emerging Trends 2019*. Bonn: Research Institute of Organic Agriculture FiBL, IFOAM – Organics International.

Willer, H., D. Schaack en J. Lernoud. 2019. Organic farming and market development in Europe and the European Union. In Willer en Lernoud (reds.) 2019.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2a2

Willer, H., B. Schlatter en J. Trávníček. 2023. *The World of Organic Agriculture, Statistics and Emerging Trends 2023*. Bonn: Research Institute of Organic Agriculture FiBL, Frick and IFOAM – Organics International.

Willer, H., J. Trávníček, en B. Schlatter. 2024. Current trends and challenges for the global organic agriculture. *Bio Eco Actual Yearbook 2023 – Trends* 2024:5–7.

Yildirim, F., A.O. Kesen en A. Varalan. 2023. The comparative effect of creep and conventional feeding methods on growth performance and oxidative stress markers in Akkaraman lambs. *Tropical Animal Health and Production*, 55(6):382. http://dx.doi.org/10.1007/s11250-023-03804-z.

Zenda, M. en P. Malan. 2021. The sustainability of small-scale sheep farming systems in the Northern Cape (Hantam Karoo), South Africa. *South African Journal of Agricultural Extension*, 49(1):105–21. https://doi.org/10.17159/2413-3221/2021/v49n1a10781.

Eindnota

[1] Die gemiddelde lammervoer bestaan uit 60% geelmielies en 20% proteïen.

Geesteswetenskappe

ISSN 1995-5928

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Kanselleerkultuur as strafbeskaming in Etienne van Heerden se roman *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*

Madelaine Page

Madelaine Page, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria

Opsomming

In hierdie ondersoek word Etienne van Heerden se roman *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* (2019) binne die raamwerk van skandalogie en die sondebokteorie ontleed. Die verhaal wys hoe strafbeskaming en sondebokmaking deur kanselleerkultuur as ’n samelewingsverskynsel binne die groter verband van ’n ingewikkelde, geglobaliseerde en elektroniese samelewing funksioneer, en hoe dit gerugsteun word deur dophoutegnologie- en gesigherkenningstelsels.

Hierdie roman is spesifiek gekies omdat die karakters en storielyn toon hoe skandalisering deur die gebruik van grootdata en die toename in digitale en sosiale platforms, gesigsherkenning- en dophoutegnologie drasties verander het. Ian, ’n sentrale karakter in die roman, word weens ’n onbesonne twiet as ’n rassis geskandaliseer. Hy word só die slagoffer van strafbeskaming, ’n sosiale straf vir die oortreding van ’n gemeenskap se morele norme.

Ian se lot dien as ’n gevallestudie van hoe kanselleerkultuur, as ’n onderdeel van strafbeskaming, wêreldwyd sigbaar en maklik (bloot met die druk van die *stuur*-knoppie) geword het. Die roman belig hoe die vrees om gekanselleer te word ’n invloed op persoonlike en groepsidentiteit het. Terselfdertyd skep anonieme kommunikasie, sonder om enige reëls of die privaatheid van die individu in ag te neem, perfekte teelaarde vir aandrywers van kanselleerkultuur, openbare woede, sondebokmaking en skandalisering.

Hierdie artikel ondersoek ook die media se rol in die skep van skandes, wat as interdissiplinêre studieveld as skandalogie beskryf word, waaronder kansellering as meganisme ingespan word. Die verskynsel van skandalisering binne die konteks van ’n globale netwerkgemeenskap, die unieke politieke en sosiale situasie in Suid-Afrika, die invloed van alomteenwoordige toesig, grootdata, die verlies aan privaatheid, die mag van sosiale media, en die invloed van die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

"deugpolisie" op persoonlike en groepsidentiteit, individuele vryheid en die beperking daarvan weens die sensitiwiteit van ander groepe word behandel. Hoewel Ian se skandalisering/ sondebokmaking die storie aandryf, blyk die groter tema uiteindelik te wees hoe data ingespan word om kansellering op sosiale platforms aan te dryf. Volgens Ian is "datadiktatorskappe [...] ons nuwe gevaar. Die nuwe kolonialisme" (70). En: "[...] data [is] die nuwe olie. Wie ook al data besit vorentoe, gaan die res van die wêreld koloniseer" (71). In teenstelling met sy Karoo-biblioteek aan die einde van die grondpad met sy dam van gedeelde menslikheid, laat die onsigbare databiblioteek die individu "weerloos en in sig". Inligting oor elke individu word as biometriese data geliasseer om mense te alle tye te monitor. Word 'n oortreding begaan, kan hulle derhalwe deur kansellering geskandaliseer en as sondebok uitgewys word. Aktivisme en verantwoordbaarheid in 'n wêreld wat deur tegnologie oorheers word, het dus radikaal verander.

Trefwoorde: agentskap; appropriasie; biblioteek; data; dophoutegnologie; etnisiteit; geslag; godsdiens; groepsidentiteit; hegemonie en mag; #hutsmerk; identiteit; kanselleer; kanselleer-kultuur; kansellering; perspektief; ras; representasie; selfsensuur; sensuur; skandalisering; skandalogie; sondebok; sondebokmaking; sosiale media; strafbeskaming; taal; vallisme; vryheid van spraak

Abstract

Cancel culture as a form of punitive shaming in Etienne van Heerden's novel *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*

This study provides an in-depth examination of Etienne van Heerden's *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* (2019), translated into English as *A library to flee* (2022), through the lenses of scandalogy and the scapegoat theory. The novel is used as a critical case study to explore the complex dynamics of cancel culture, which serves as a modern mechanism for social punishment, often manifesting as public shaming, ostracism and scapegoating. The article contends that cancel culture, as a powerful force within contemporary society, is deeply intertwined with surveillance technology, facial recognition systems, and the ever-expanding scope of big data, which collectively contribute to a globalised system of social control. Van Heerden's narrative deftly demonstrates how these technologies reinforce the practice of punitive shaming in a digital society. This is particularly so within a globalised context where online platforms have reshaped public discourse and individual identities.

Central to this analysis is the character of Ian, whose reckless tweet leads to his being scandalised and vilified as a racist. His social punishment, administered through cancel culture, is explored as a form of societal scapegoating that follows the structure described by René Girard in his theory of the scapegoat. Through Ian's downfall, the novel reveals how social media, digital platforms and the power of viral public outrage work together to magnify an individual's perceived transgression and to enforce collective mores. Ian's story sheds light on how cancel culture can become a mechanism for the collective policing of behaviour. Both the offence itself and the public's reaction are amplified through digital platforms, thus making individuals vulnerable to moral condemnation and social exclusion.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

The novel is analysed for how it specifically depicts the intersection between cancel culture and the rapidly expanding digital infrastructure of surveillance and social media. It portrays how data-driven systems – such as facial recognition, algorithms that track online behaviour and the creation of personal data profiles – have become increasingly integral to the public exposure and subsequent punishment of individuals who deviate from accepted moral norms. These technologies, which are increasingly prevalent in a globalised world, form the backdrop for the central narrative of the novel. Through this, Van Heerden illustrates the pervasive nature of cancel culture and its ability to impact not only individual lives but also the broader societal fabric. It is argued that the use of these technologies highlights a shift in how society monitors, disciplines and punishes individuals. It also underscores how this shift has deep implications for the nature of personal identity, privacy and freedom in an age of pervasive surveillance and data collection.

A note at the beginning of the novel provides an idea of what to expect, proclaiming this historical novel as a "first draft" of history with considerable manipulation of real events. Van Heerden is known for making contemporary and current issues a part of his novels to provide the reader with a glimpse into societal systems. Actual events, such as the #FeesMustFall, #CastleMustFall, #RhodesMustFall, #PatriarchyMustFall, and fallism in general, which took place in 2015 and 2016, serve as the backdrop for the novel to ground Van Heerden's fictional narrative in real-life examples of social upheaval. These movements are incorporated into the story, demonstrating how social media and digital platforms have become central to the organisation and amplification of collective action. At the same time, the novel explores how these platforms can be used as tools for scandalisation and for cancelling those whose actions or opinions are deemed problematic #FeesMustFall, for instance, was a student-led protest against rising university fees and a demand for greater inclusivity and transformation in South African higher education. Through these examples, Van Heerden shows how social media can be both a tool for social change and a weapon for social punishment, depending on one's position within the moral, political and social landscape.

The author shows how the image of campuses and students has irrevocably changed through scandalisation where, for example, fear leads to "better stay silent" and "we live in the Republic of Taboo". In China people are warned that certain taboo words should not be used because the surveillance technology is such that a database can be created on each individual, making him or her visible to the authorities.

The article also examines the role of media and digital platforms in creating scandals and amplifying social outrage, within the interdisciplinary field of scandalogy. Scandalogy focuses on the study of the social processes through which individuals or groups are publicly shamed and ostracised for violating societal norms, and how media, especially social media, contribute to the rapid spread of scandals. It is argued that cancel culture represents a modern mechanism of scandal creation, where social punishment is increasingly mediated through online platforms. The accessibility to scandals and the speed at which they can be disseminated globally have altered the nature of public discourse, shifting from private or localised debates to public, viral debates that are subject to constant surveillance and external judgement. In this environment, media becomes not only a tool for information dissemination but also a mechanism for shaping public morality and collective outrage.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

A central theme in the novel is the transformation of the concept of *identity* in the digital age. The traditional understanding of identity as being private is challenged by the public, permanent and often distorted representations of individuals that circulate in the digital sphere. Through Ian's experience, the novel shows how individuals can be reduced to their digital footprint. Their tweets, online interactions and personal data are constantly scrutinised and judged by a hyper-visible, hyper-vigilant online audience. Scandalisation, scapegoating and public shaming are not limited to individuals, but can be extended to entire communities. It is argued that the fear of being publicly cancelled or humiliated affects how people present themselves in public, both in person and online, influencing not only individual identity but also group identity. The fear of surveillance and exposure leads to self-censorship, and this self-regulation becomes part of the larger societal structures that enforce conformity.

The article also explores the impact of omnipresent surveillance technologies on personal freedom and autonomy. It examines how the increasing use of biometric data, facial recognition and big data analytics creates a surveillance society in which privacy is progressively eroded. In this context, the individual becomes constantly visible, and any perceived offence can lead to social punishment. This development has profound consequences for personal and collective autonomy, as individuals are no longer free to express themselves without the constant threat of being publicly shamed or cancelled. The novel illustrates how the invisible data libraries that store personal information serve as tools of surveillance, and how they contribute to a society where individuals may feel "helpless and in sight".

The article also addresses the theme of "data colonialism", with Ian's perspective on the value of data as "the new oil". This metaphor underscores the commodification of personal data and the growing power of "data tycoons" who control vast amounts of information about individuals. The novel contrasts this data-driven world with the physical and communal space of Ian's library in the Karoo, where shared humanity and individual privacy are preserved. The library, situated at the end of a dirt road, represents a sanctuary of personal reflection and collective memory, unlike the invasive digital spaces where individuals are constantly monitored, judged, scapegoated, and potentially cancelled. The article concludes by reflecting on how the dynamics of activism, accountability and social justice have been reshaped in a technology-dominated world, a world where the boundaries between public and private life are increasingly blurred, and where cancel culture represents both a tool for social transformation and a mechanism for control and repression.

This examination of Van Heerden's novel highlights the powerful interplay between technology, surveillance, cancel culture and identity in contemporary society, demonstrating how the rise of digital platforms has radically altered the way individuals and groups engage with moral and social issues.

Keywords: agency; appropriation; cancel; cancel culture; censorship; data; ethnicity; fallism; freedom of speech; gender; group identity; hegemony and power; identity; language; library; perspective; punitive shaming; race; representation; scandalisation; scandalogy; scapegoat; scapegoating; self-censorship; social media; surveillance technology

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

1. Inleiding[1]

Ian Brand, een van die sentrale karakters in Etienne van Heerden se *Biblioteek aan die einde van die wêreld* (2019), is ’n prokureur van Kaapstad en kampvegter vir Afrikaans, wie se hele lewe verander nadat hy ’n twiet oor die swak diens op ’n lughawe uitstuur (104).[2] Alles wat hy daarna doen, word dopgehou: “En daar gaat dit. Die haai hap deur die wolk sardientjies in die see van twiets: Tweeting Boor spotted at secret far-right hangout in Joostenberg” (582). Hy word gebrandmerk as ’n regse “boer” en opperste rassis wat terughunker na die koloniale era en apartheid (192, 349). Dit maak hom persona non grata in Suid-Afrika en beroof hom van sy werk, sy geloofwaardigheid, vryheid van beweging (349) en die reg om ’n opinie uit te spreek.

Ian word onmiddellik op sosiale media as sondebok uitgewys en dink: “Ek is die slagoffer van ’n shame campaign, strafbeskaming” (322). Die woorde wat Ian gebruik, “shame campaign” en “strafbeskaming”, laat die klem val op skande – spesifiek skande soos geskep deur sosiale media. Strafbeskaming, asook sondebokmaking, gaan daaroor om iemand in die openbaar skaam te laat voel omdat hulle die morele waardes (fatsoenlikheid oor reg of verkeerd) van ’n gemeenskap oortree het.

Hoe ’n narratief geïnterpreteer word, hang af van iemand se politieke ingesteldheid en vanuit watter perspektief dit beleef word, soos Ian in *Biblioteek*[3] verklaar: “[E]k kan sien hoe my twiet gelees kon word; gelees is. So gretig is die deugpolisie vir die een of ander sondebok. Dis ’n nasionale ritueel deesdae” (526). Dít teenoor die regse faksie wat van hom ’n held maak. “#YouGoTweetBoer! Ons staan agter jou man teen man skouer aan skouer” (322).

Aan die hand van Ian se lot na die gewraakte twiet (18–44), word kanselleerkultuur, as ’n onderdeel van die sondebokteorie (Girard 1982, 2001, 2010, 2014) in *Biblioteek* ondersoek. Van Heerden se roman is spesifiek gekies om te wys hoe strafbeskaming deur kanselleer-kultuur, as ’n samelewingsverskynsel, binne die groter verband van ’n ingewikkelde, geglobaliseerde en elektroniese samelewing funksioneer, en hoe dit deur dophoutegnologie- en gesigherkenningstelsels gerugsteun word.

’n Nota aan die begin van die roman gee ’n idee oor wat om te verwag: “Hierdie historiese riller is ‘’n eerste weergawe van die geskiedenis’. Daar is ruim gesmous met werklike gebeure.” Van Heerden is bekend daarvoor dat hy eietydse en die aktuele kwessies deel van sy romans maak om aan die leser ’n blik op die groter samelewing te gee. Ware gebeure, soos die #FeesMustFall-, #CastleMustFall-, #RhodesMustFall-#PatriarchyMustFall-veldtogte, en vallisme in die algemeen (16, 31, 70, 72, 171, 286, 293, 343, 358), wat hoofsaaklik in 2015 en 2016 afgespeel het, dien as agtergrond vir die verhaal. Die skrywer toon hoe die beeld van kampusse en studente onherroeplik verander het deur onder meer skandalisering, byvoorbeeld “Bly eerder stil” en “Ons woon in die Republiek van Taboe” (51, 499). In China word mense gewaarsku dat sekere woorde taboe is, en daarom nie gebruik mag word nie, omdat die dophoutegnologie van so ’n aard is dat ’n databasis oor elke individu geskep kan word wat hulle sigbaar maak vir die owerheid (35, 617, 632).

Resensente beskryf *Biblioteek* as ’n roman waarin die omvattende invloed van alomteenwoordige toesig, grootdata, verlies aan privaatheid, die mag van sosiale media, die “deugpolisie” en die invloed op identiteit – persoonlik en in groepsverband – ondersoek word (Rossouw 2019; Burger 2020; Van Dyk 2020).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Ian se lot na die gewraakte twiet laat die fokus val op post-1994 Afrikaneridentiteit, sosiale media, politieke korrektheid en die komplekse samelewing waarin ons leef. Trump, fopnuus en "wokeness" (hiperbewustheid), asook selfsensuur en vryheid van spraak, spruit hieruit voort. Selfsensuur, politieke korrektheid en 'n verwagting dat Afrikaners onsigbaar moet bly, vorm deel van Van Heerden se tydsdokument wat talle werklike nuusgebeure op 'n kreatiewe manier deel van die verhaal maak. Ian glo dat alles wat hy gedoen het, 'n oortreding was en uitgewys is. "Maar dalk was sy grootste oortreding: Die etniese merker. Die kainsmerk. Sy liefde vir sy taal" (589).

Reeds voor sy eie skandalisering is Ian bewus daarvan dat sekere dinge as "taboe-areas" nie bespreek mag word nie (168), soos die wit uitgewer wat getwiet het dat "dit tyd is dat die swart gemeenskap die boeke van hulle eie skrywers begin koop". Met 39 karakters is sy as 'n rassis geskandaliseer, dat sy swart mense as onbeskaafd en ongeletterd beskou, en is daar geëis dat haar werkgewer haar "fire" (168).

Taboe-onderwerpe wat tot kansellering kan lei, verander egter voortdurend, soos Ian se medestudent, Jerome, kla: "Hulle praat oor black consciousness. Or colonial nostalgia. Baie nuwe terme vir my, wat soos bye in my kop zoem. Post-patriarchy. Assertive feminism. Intersectionality. Eurocentric epistemology. Conscientise. Activist-scholarship. Safe zone. LGBTIAQ+" (183). Ian, daarenteen, noem dit taalbesoedeling, geleende Amerikaanse terme en hip kodewoorde. "Hoe kom mens verby hierdie blackspeak?" (183). "Reënboogisme" is vir sy ander medestudent, Thuli, 'n skelwoord, omdat dit wit mense laat voel hulle mag asemhaal, dat dit die illusie skep van "skuldlasvryheid en kwytskelding", steeds "die wittes se onderdrukkende patriargie" (561).

Die bestudering van skandes, en veral die rol van media in die skep van skandes, word deur Haller, Michael en Kraus (2018:7–13) as 'n interdissiplinêre studieveld beskryf wat hulle skandalogie noem.

Biblioteek wys hoe globalisering meebring dat grootdata alle grense tussen lande uitwis en hoe data aangewend word vir politieke gewin. Voeg daarby dat anoniem gekommunikeer kan word sonder om die privaatheid van 'n individu in ag te neem, en 'n mens het 'n perfekte teelaarde vir openbare woede en uitbarstings. Die gevolg is 'n ontploffing van sowel "likes, selfies, retweets and sexting" (Mandell en Chen 2016; Burkhardt 2018:19) as wellus en 'n begeerte na verontwaardiging (Burkhardt 2018:19), wat skandalisering tot gevolg kan hê.

Die komplekse spanning tussen individuele vryheid en die beperking op vryheid (van spraak) weens die sensitiwiteit van ander individue en groepe, word in die roman belig. Aanvalle op individue en sosiale, godsdiens- en politieke groepe gaan gewoonlik oor mag en etiek (Burkhardt 2018), terwyl die komplekse moderne gemeenskap veranderde norme en waardes meegebring het oor wat byvoorbeeld eties is en tot 'n skandaal kan lei. Kultuur, mediaverwikkelinge en tegnologiese vooruitgang dra by tot die skep van skandale (Imhof 2002; Tumber en Waisbord 2004).

In hierdie ondersoek is hermeneuties, met stiplees as belangrike gereedskap, te werk gegaan om vas te stel hoe skandalisering en sondebokmaking in *Biblioteek* uitgebeeld word. Spesifieke dele of frases in die teks is noukeurig en in besonderhede ontleed om 'n dieper betekenis, die onderliggende strukture en kontekstuele nuanses bloot te lê. Die teks self word geprioritiseer en aandag word gegee aan hoe individuele woorde, sinsnedes en stilistiese keuses tot die geheelbetekenis bydra. Op dié manier word subtiele betekenisse, ironieë of teenstrydighede ontdek wat verlore kan gaan wanneer oppervlakkig gelees word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Hiermee toon ek dus hoe strafbeskaming binne die groter verband van ’n ingewikkelde, geglobaliseerde en elektroniese samelewing funksioneer, hoe kanselleerkultuur in die era van nuwe media tot ’n verskuiwing van strafbeskaming lei, en wat die effek van sondebokmaking op individue is.

Volgens Burger (2020) word fiksie en werklikheid sodanig verweef dat Van Heerden se roman, anders as die dophoukultuur van Big Brother in *Nineteen eighty-four* (Orwell 1949), nie ’n distopiese toekomsvisie is nie, maar ’n eietydse realiteit. Brittanje én die VSA het reeds ’n verbod geplaas op die gebruik van sekere Chinese telekommunikasie en kameras uit vrees vir ekonomiese en digitale sabotasie. Hierdie twee Westerse lande glo dat China, met sy drakoniese wetgewing, hulle besighede sou kon dwing om inligting aan die Chinese owerhede te oorhandig (Martin 2022; Morrison 2022).

Die effek van kansellering laat die kollig val op vryheid van spraak, op persoonlike en groeps-identiteit, maar meer spesifiek op kunstenaars en hulle werk. *Biblioteek* fokus immers op kunstenaars wat deur skandalisering verwerp word nadat hulle bepaalde norme oortree het. Omdat drukgroepe mag uitoefen, is die implikasie dat magsverhoudings in die samelewing ook betrek word.

Viljoen (2020) som *Biblioteek* op as ’n “waagmoedige en provokatiewe besinning” oor vandag en sy vraagstukke. Die hede en verlede kom ter sprake met argumente tussen die jong valliste en ouer-generasie-vryheidsvegters, en Afrikaners wat nostalgies is oor die verlede en dié wat bewus is van wit bevoorregting. Suid-Afrika en die groter wêreld se belangrikste probleme en die verskillende perspektiewe daarop word belig in ’n “verbeeldingryke fiksionele struktuur” waarbinne oortuigende karakters mekaar opponeer en beïnvloed.

Deur Ian Brand word die onsekerhede rondom Afrikaans en die Afrikaners uitgewys midde die tegnologiese ontwikkeling waardeur mense te alle tye gemonitor kan word (Viljoen 2020).

Vir Burger (2020) word *Biblioteek* ’n demonstrasie van wat ’n roman in vandag se twittertyd van aandaggebrek en grootlawaaibestraffing deur die #deugpolisie kan wees. Dit sluit aan by Hambidge (2019), wat meen dat *Biblioteek* “veel oor die tyd waarin ons lewe sê, waar privaatheid en identiteit abstrakte begrippe geword het, fopnuus ononderskeibaar van die werklikheid is, en ‘die waarheid’ klaarblyklik ’n ‘onhaalbare ideaal’”. Van Dyk (2020) glo dat Van Heerden met hierdie roman bewys “dat fiksie ’n politiese daad is, dat dit taboes kan oopskryf en dat dit empatie aanwakker. In ’n post-feite samelewing argumenteer hierdie roman dat fiksie waarhede kan vasvang.”

Uit al hierdie opmerkings deur resensente is dit duidelik dat *Biblioteek* gemoeid is met pogings om die groter samelewingsmagte te ondersoek – juis in ’n tyd van oorheersing deur sosiale media. Die probleem is uiteindelik dat die gebruik van Twitter (nou X), as een voorbeeld, daartoe kan lei dat openbare menings deur gebelgdheid gevorm word en dat die vrees om aanstoot te gee tot onkritiese denke kan lei – sodanige denke wat niemand sal kwets of skade aandoen nie (Burger 2020).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

2. Skandeteorie en die sondebokteorie

Van die eerste kwessies, in Ian se eie woorde, waarvan die leser kennis neem, is "slagoffer", "shame campaign" en "strafbeskaming" nadat sy twiet soos 'n veldbrand op sosiale media versprei. "Hoe sal ek ooit die ontploffing van twiets in my selfoon vergeet toe ek dit daardie dag aanskakel? #HasTheTweetBoorBeenSpottedYet? #TwatBoorPoorTwat. Brand Afrikaner. Brand Boor" (313) en "noem en verdoem op sosiale media" (556).

Om te verstaan hoekom individue geskandaliseer word, is dit belangrik om te weet hoe 'n skande gedefinieer word, wat daartoe aanleiding gee, wie verantwoordelik is om iemand te skandaliseer, hoe dit gedoen word en hoekom kanselleerkultuur uiteindelik so 'n magtige onderdeel van skandalisering geword het. Vir hierdie ondersoek word Burkhardt (2018:18–44) se skandeteorie gebruik, gerugsteun deur die sondebokteorie van Girard (1982, 2001, 2010, 2014). Volgens die sondebokteorie word 'n verbod op die optrede van die sondebok geplaas om hierdeur die sosiale orde te herstel. Konflik word opgelos as 'n groep (#hutsmerk) teen 'n gemeenskaplike arbitrêre ander verenig. Die sondebok word uitgesluit en vir al die wanorde geblameer. Eertydse slagoffers word dikwels vandag die vervolgers wat die sosiale norme bepaal. Dink hier aan die #Metoo- of #BlackLivesMatter-bewegings.

Vervolgens sal die skandeteorie en daarna die sondebokteorie met betrekking tot kansellering kortliks ondersoek word.

2.1 Skandeteorie

'n Skande is eerstens 'n staat van oneer en vernedering wat in 'n skandaal kan ontaard. Dit is Ian se ervaring in *Biblioteek* ná sy twiet hom van alles ontneem wat voorheen vir hom belangrik was, soos sy werk, aansien, salaris en identiteit. Skandale is gebeurtenisse of toestande wat aanstoot gee aan 'n bepaalde segment van 'n gemeenskap. Uit vrees om in 'n staat van oneer te beland en verneder te word, vermy individue eerder optrede wat 'n skandaal kan veroorsaak.

Tweedens het skandes te doen met moraliteit en die mag om morele waardes af te dwing, omdat diegene met die mag om 'n skandaal te veroorsaak, individue se gedrag kan verander. Die vermyding van skandale kan derhalwe 'n invloed op 'n individu se identiteit en identiteits-vorming hê.

Verder moet 'n skandaal sigbaar wees, want indien 'n individu in die geheim teen die moraliteit van die samelewing optree, kan dit nie 'n skandaal wees nie. Dit is hoekom dophoukultuur/-tegnologie op so 'n groot skaal toeneem, omdat die geskandaliseerde se optrede hierdeur blootgestel en openbaar gemaak word.

Die media speel uiteraard 'n belangrike rol in skandalisering, omdat dit die skandaal aan die groot klok hang en versprei. Daar is twee soorte skandale: een sonder enige mediadekking en die ander een 'n gemediatiseerde skandaal, met ander woorde een wat deur die media tot skandaal verklaar is (Thompson 2000), met as onderskeid die aard van die publikasie, hoe daar oortree is, wanneer en waar, en natuurlik wie die skandalisering georkestreer het.

Die doel van skandalisering is dus om as 'n basis vir sosiale stelsels te dien en die sosiale morele norme te versterk. Burkhardt (2018:24–5) skryf dat 'n gemediatiseerde skandaal 'n eenvoudige dog gestruktureerde narratief is wat deur die media versprei word en 'n stryd tussen 'n held en 'n antiheld uitbeeld deur, soos in sprokies, van "goed" en "sleg" gebruik te maak.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Met die koms van sosiale media het die hele skandaallandskap egter verander, omdat enigiemand vandag die mag het om iemand te skandaliseer. “Elke student, slimfoon in die hand, is ’n citizen journo” (40). Sosiale netwerke is egter nie noodwendig sentrale narratiewe platforms vir skandale nie; hulle dien merendeels as verspreidingskanale vir gemediatiseerde skandale.

Soos ook in *Biblioteek* uitgebeeld word, kan drukgroepe en gemarginaliseerde groepe soos #FeesMustFall dieselfde invloed uitoefen as diegene met groot politieke of ekonomiese mag met die doel om ’n gemeenskap se normatiewe morele modelle op te gradeer en deur kommunikasie tot ’n kollektiewe verskil- en identiteitsvorming by te dra. Om dié rede “wag” die media nie noodwendig vir ’n skandaal om te gebeur nie (Burkhardt 2018:21–2); hulle gebruik hulle eie narratiewe, binne hulle raamwerk van sosiale omstandighede, gebeure of ontwikkeling, om ’n skandaal te “maak”. Kanselleerkultuur word vandag dikwels ingespan as hiperkritiek wat tot groepspolarisasie lei, as ’n manier om sosiale druk uit te oefen op iemand wat volgens ’n bepaalde drukgroep nie sosiaal aanvaarbaar opgetree het nie (Van Huyssteen 2018).

2.2 Die sondebokteorie

Kanselleerkultuur is een van die kern- sosiopolitieke vraagstukke van die huidige tydsgewrig. Daarom bied Girard (1982, 2001, 2010, 2014) se teorieë ’n belangrike raamwerk waarbinne kanselleerkultuur ontleed kan word as ’n hedendaagse vorm van sondebokmaking, gegrond in mimetiese begeerte en die dinamika van skandaal. Sy insigte help om die meganismes te verklaar waar individue geteiken en uitgesluit word as ’n manier om sosiale spanning te hanteer. ’n Mate van orde word herstel te midde van groeiende samelewingskonflikte. Dis hoekom Ian ná sy gewraakte twiet sê: “So gretig is die deugpolisie vir die een of ander sondebok. Dis ’n nasionale ritueel deesdae” (526). *The scapegoat* (Girard 1982) ondersoek die sondebokmeganisme as ’n kernaspek van menslike kultuur en sosiale orde, en een wat verskeie raakpunte met kanselleerkultuur en die gepaardgaande beskaming en uitsluiting het. Volgens Girard se teorie, gegrond op antropologie, letterkunde en mitologie, hanteer gemeenskappe dikwels interne konflik deur ’n sondebok te blameer. ’n Individu of groep word geïdentifiseer en (gesamentlik) gestraf om die sosiale harmonie te herstel. Hierdie strafbeskaming van individue of groepe begin dikwels aanlyn en is nou verwant aan Girard se sondebokteorie.

Die mimetiese begeerte, met ander woorde die menslike begeerte, is nabootsend. Ons begeer dieselfde as ander mense, nie noodwendig weens inherente waarde nie, maar eerder omdat ons ander se begeertes naboots, wat uiteindelik tot mededinging en konflik lei. Met betrekking tot kanselleerkultuur word mimetiese begeerte deur sosiale media versterk, omdat sosiale gebruikers dikwels menings, woorde en begeertes van ander naboots. Dit kan ’n mimetiese kettingreaksie veroorsaak wat tot ’n virale en kollektiewe veroordeling kan lei.

Om sosiale spanning te verlig, projekteer gemeenskappe dikwels hulle kollektiewe frustrasies en konflikte op ’n sondebok, wat ’n individu of ’n groep kan wees. Die gemeenskap word tydelik verenig deur straf teen ’n buitestander wat as die oorsaak van die wanorde gesien word, te kanaliseer. In kanselleerkultuur is die identifisering van iemand wat die sosiale norme oortree het, sentraal. Hierdie individue word die middelpunt van kollektiewe woede en frustrasie en word gesien as die oorsaak van onder meer sistemiese onreg of kulturele ontevredenheid. Om iemand te kanselleer kan ’n gevoel van kollektiewe verligting meebring, omdat kollektiewe woede op een persoon gerig word. Die gemeenskap word tydelik verenig, maar hierdie gevoel kan broos wees en kan tot verdere konflik lei, omdat die teiken uitgewerp is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Mites en godsdienstige tekste regverdig dikwels geweld teen slagoffers deur godsdienstige of sosiale regverdiging. Girard glo egter dat die Bybelse evangelies, en meer spesifiek die verhaal van Jesus, hierdie meganisme ontbloot deur van die onskuldige slagoffer te vertel wie se onregverdige vervolging die waarheid van die proses ontbloot. Net soos die evangelies volgens Girard die sondebokmeganisme ontbloot, kan kanselleerkultuur dui op ’n problematiese tendens in die samelewing, naamlik die begeerte om konflik op te los deur kollektiewe vervolging eerder as deur dialoog, verantwoordbaarheid of sistemiese verandering.

Die sondebok is dikwels ’n onskuldige figuur, ’n buitestander, gemarginaliseerde persoon, of iemand wat as “anders” gesien word. Die gemeenskap se daad van vervolging is nie noodwendig gegrond op die slagoffer se skuld nie, maar eerder op die behoefte om ’n dieper sosiale krisis op te los. Hoewel kanselleerkultuur dikwels deur geregverdigde griewe, soos rassisme, seksisme of magsmisbruik, aangevuur word, kan die uiteinde wees dat die individu nie werklik vir sy werklike skuld gestraf word nie, maar eerder ’n simbool word van dieper sosiale probleme. Een persoon kan nie die skuld dra vir die uitgebreide probleme van ’n samelewing nie.

In *The one by whom scandal comes* (Girard 2014:60–5) word die aard van skandale en die verband met mimetiese mededinging bespreek, asook die ontstaan van skandale uit die mimetiese siklus. Skandale op sosiale media ontketen dikwels kansellering, omdat die sondebok se dade of uitsprake vergroot en deur ’n lens van kollektiewe verontwaardiging geïnterpreteer word. Volgens Girard (2014:70–5) bring dit eerstens mee dat die sosiale harmonie ontwrig word, tweedens dat nabootsing gedrag vererger en konflik verhoog, en derdens dat daar geglo word dat ’n probleem slegs deur die aanwysing van ’n sondebok opgelos kan word en dat die verwydering van sodanige sondebok as ’n noodsaaklike oplossing beskou word.

In *I see Satan fall like ligtning* (Girard 2001:15–20) word aangedui dat waar menslike begeertes nageboots word, dit tot mededinging en konflik lei. Spanning wat hierdeur veroorsaak word, word beter hanteer wanneer ’n sondebok geïdentifiseer word wat vir die probleme van ’n gemeenskap blameer kan word. Deur die sondebok uit te sluit, word die vrede tydelik herstel. Dit beteken kanselleerkultuur is ’n moderne vorm van sondebokmaking wanneer sosiale media mimetiese begeertes versterk en kollektiewe verontwaardiging ’n sondebok vinnig kan identifiseer. Die openbare vernedering en uitsluiting herinner aan die antieke sondebokrituele, aangesien gemeenskappe probeer om onderliggende spanning op te los deur die geïdentifiseerde individu as die sondebok te “kanselleer” (2001:145–50).

Die dialoog tussen Girard en Chantre (2010:100–5) wat die implikasies van die mimetiese teorie vir moderne konflik ondersoek, is ’n belangrike onderdeel van die sondebokteorie. Hierby ingesluit is die apokaliptiese risiko’s van eskalerende geweld waarbinne mimetiese mededinging belig word wat tot destruktiewe konflikte kan lei, en hoe moeilik dit is om die siklus te breek sonder om sondebokmaking te gebruik. Daar word ook aangedui hoe toenemende mimetiese konflikte in vandag se lewe met sy moderne tegnologie hierdie verdeeldheid kan verhoog. Die dialoog gaan verder oor hoe die oeroue sondebokmeganismes in die moderne lewe voortgaan, ofskoon in ander gedaantes (110–5). Hierdie werk bied waardevolle insigte om die dinamika van kanselleerkultuur binne die konteks van toenemende mimetiese konflik in die digitale era te verstaan. Aanlyn konflikte eskaleer dikwels vinnig as gevolg van mimetiese begeertes en mededinging, wat druk op individue en gemeenskappe plaas. Vanuit Girard se perspektief kan kanselleerkultuur gesien word as ’n simptoom van dieperliggende samelewingskonflikte en ’n uiting van kollektiewe geweld wat ’n uitlaatklep vind in die afwesigheid van tradisionele vorme van konflikhantering en versoening.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

2.3 Die sosiale tersaaklikheid van gemediatiseerde skandale

Die persoon wat geskandaliseer word, met ander woorde die antiheld of sondebok (volgens Girard), word deur ’n ongeskrewe kode van die sosiale stelsel as “sleg” uitgebeeld, terwyl die held (“goed”) beloon word omdat hy die sosiale norme nagekom het (Burkhardt 2018:27, 32, 33, 38–40). Hierdie binêre voorstelling van die rolspelers in ’n skandaal maak die blinde kolle van moraliteit onsigbaar en bevorder die sosiale norme. Die geskandaliseerde ontvang ’n “kode” van die sistemiese omgewing as ’n simboliese personifikasie van die sosiale stelsel se omgewingskode wat hom of haar as “sleg” bestempel, dus as iemand met ander norme. Die verwagting is dat geskandaliseerde persone hulle skaamte in die openbaar erken en nederigheid betoon. Gemediatiseerde skandale het negatiewe emosionele ondertone wat vrees, haat, woede en toorn opwek. Dit dien as ’n spieëlbeeld vir die rolspelers in sosiale verhoudinge en versterk hoe na moraliteit en waardes in die samelewing gekyk word. Stereotipiese binariteit in ’n gemediatiseerde skandaal gee derhalwe ook aanleiding tot mededingende paradigmas van morele norme, soos Christelik versus Islamities, liberaal versus konserwatief, of ekologie versus ekonomie (Burkhardt 2018:39), met die teikengroep as gemene deler. Die beskikbaarheid van data bepaal uiteindelik die effektiwiteit van die skandalisering, en daarom is dit belangrik om aandag te gee aan die drywer(s) van die skandaal en wat hulle wil bereik.

2.4 Drywers van skandalisering deur kansellering

“Dis die tyd van sirenepolitiek. Hoe groter die verontwaardiging, hoe harder dryf die twiets” (41). Drywers van skandalisering het derhalwe ten doel die opgradering van ’n gemeenskap se normatiewe morele modelle wat sal bydra tot ’n kollektiewe verskil- en identiteitsvorming. *Biblioteek* toon hoe die beskikbaarheid van data maak dat enigiemand dadelik hulle fone kan gebruik om ’n mening op sosiale media te lug of ’n twiet uit te stuur. Ian noem sy medestudente “Twitterati” (353), omdat hulle altyd met hulle selfoon in die hand sit, gereed om enige ongeregtigheid globaal te laat versprei.

Elke Jan Alleman is derhalwe ’n “citizen journo” wat hulle menings op Twitter of Facebook kan lug (40). Dit beteken nuus is onmiddellik beskikbaar, soos toe ’n plakkaat ná Bill se dood enkele ure daarna teen ’n paal vasgemaak word (568). Piekenier sê aan Ian: “Kyk na die branders op sosiale media, oor enige saak. Kyk hoe’t jy clickbait geword!” (506).

Statistiek wys dat individue wat as demokraties of millenniërs en Generasie Z identifiseer, meer geneig is om aan kanselleerkultuur as ’n onderdeel van skandalisering deel te neem as gevolg van hulle liberale denke. Millenniërs is tussen 1980 en 2000 gebore en is die grootste generasiegroep nog. As hoogs gekwalifiseerde individue glo hulle hulle kan wêreldwyd ’n rol speel om verandering in die wêreld teweeg te bring (Rainer en Rainer 2011). Dink hier aan studente-onluste wat ook in *Biblioteek* ’n teenstem verteenwoordig wat beslag vind op sosiale media en tot bewegings soos #FeesMustFall, die betogings oor klasgelde, lei (41, 72, 286).

Dan is daar die besitters van grootdata wat as drywers van sondebokmaking in staat is om doelbewus ’n skandaal te veroorsaak. Soos gesien in Ian se geval (286, 541, 557), versprei die twiet soos ’n veldbrand (103–4) en verander Ian se lewe binne minute onherroeplik (104) deur hom as ’n rassis te brandmerk (575). Die doel word bereik, want hy verloor sy werk (352–3) en hy word ’n persona non grata (487). Hy vind uit dat verontwaardiging die aandag-ekonomie voed en dat niks die gretige oë so sterk aantrek soos ’n bewering van ’n “oorskryding” nie (51).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Dit is egter drukgroepe met data tot hulle beskikking wat die kragdadigheid, asook die doeltreffendheid, van skandalisering bepaal, sodat dit langer kan "trend". Enige hutsmerk-beweging (soos #FeesMustFall) het gewoonlik 'n (politieke) drukgroep wat agter 'n Twitter-veldtog sit om hulle eie agenda of boodskap te versprei. Volgens Ian sit daar iewers 'n battery sogenaamde aktiviste wat die saak teen hom dryf (512). Hy is reg, want Thuli vind uiteindelik uit dat Sello agter die veldtog teen Ian gesit het, omdat hy glo sou saamwerk aan 'n projek wat BigEar bedreig (594). Haar gevolgtrekking is: "Geld. Dit gaan als oor geld. Politiek dalk ook. Maar basies: geld" (595). Ook nadat Thuli gebrandmerk word as 'n "sellout" (615) wat data oor die valliste aan China verskaf, bieg haar pa: "Sello is agter die clickbots. Die Twitterveldtog teen jou. Hy en Piekenier" (620, 623).

Haar pa as "ANC fixer Cat" gebruik "fake account botnets", "over and over" (615–6), en "bots", 'n "trolling army, a bot force" (615), asook marionettwiets waar iemand 'n vals identiteit gebruik om gevaarlike en uitlokkende twiets onder die vaandel van 'n besorgde swart burger uit te stuur. Hy beskryf dit so: "The provocateurs of whiteness are active out there" en "White supremacy is alive and well", asook "White reactionary forces are alive and well! Aluta continua!" (616).

Deur die loop van die roman word kanselleerkultuur as 'n samelewingsverskynsel dikwels aan kwessies soos sigbewaking gekoppel. Die rede is die mag wat hierdie tegnologieë aan data-baronne gee, soos China en enige korrupte, magsugtige regering wat daarvoor kan betaal. Bydraend hiertoe is hoe groot geldmagte (soos dié van Cat Khumalo of Groot de Grootte) gewone burgers se vryheid van spraak en beweging kan bedreig en hulle lewens beheer met geen ontsnapkans nie. In China is die dophoutegnologie reeds van so 'n aard dat 'n databasis oor elke individu geskep is om hulle sigbaar te maak vir die owerheid. Sekuriteitskameras word gebruik om mense se manier van stap en hul liggaamsvorm te herken. "Al is jou gesig bedek of kyk jy anderpad, jy word steeds herken" (617). Dis dan ook hoekom Piekenier Ian waarsku dat sy gesigsverandering 'n mors van tyd was. "Jammer. Ontsnap kan jy nie. Jou nuwe gesig gaan geen safe space vir jou wees nie" (618).

Alperstein (2019:204) se idee van 'n virtuele kollektiewe bewussyn beklemtoon die dinamiek waarin kultuurgrense skuif namate sosiale media meer universeel en alomteenwoordig word. Hierdie proses fasiliteer 'n oorvleueling van idees en oortuigings onder mense met soortgelyke gedagtes, wat uiteindelik daartoe lei dat hulle innerlike wêreld geïntegreer raak in 'n netwerk of groep mense. Hierdie groep ontwikkel dan tot 'n sogenaamde eggokamer ("echo chamber"), waarin lede hoofsaaklik blootgestel word aan inligting wat ooreenstem met hul bestaande perspektiewe en oortuigings. Enige idees wat buite hierdie raamwerk val, word as onaanvaar-baar beskou en loop die risiko om uitgesluit of "gekanselleer" te word (Alperstein 2019:204).

Met aanlyn debatte hang wie gerepresenteer en wie se stem gehoor word, af van wie voor hulle rekenaar sit en die debat aanvoer (Bakher 2021:44; Nguyen 2020), omdat dit oor aanlyn aktiwiteite op sosiale platforms gaan. Die idee is om aandag te trek sodat 'n pos "ge-like" of gedeel kan word om skade aan 'n persoon of groep se reputasie aan te rig.

Die idee van politieke betrokkenheid by drukgroepe is dikwels om die samelewing bewus te maak van ongerymdhede en uitlatings wat aanstoot kan gee, veral met betrekking tot ras (Marsh 2022; Cohen, Fowler, Medenica en Rogowski 2017:6; Dershowitz 2020:1; Rainer en Rainer 2011).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Dis hoekom kanselleerkultuur ook beskou word as aanlyn aktivisme (Bakher 2021:45) wat eerstens aangewend kan word as ’n wapen teen gewaande maatskaplike onreg en tweedens as ’n vorm van aanlyn boelie. Dit kan gemarginaliseerde groepe, soos die vroue in die #MeToo-beweging, se representasie beklemtoon, en ’n stem aan hulle gee, deur byvoorbeeld enige vorm van seksuele wanpraktyke te kanselleer. Met betrekking tot die sosiale tersaaklikheid van gemediatiseerde skandale verwys Duque, Rivera en LeBlanc (2021:101544) na kanselleer-kultuur as ’n verskeidenheid bewegings wat diversiteit en politieke korrektheid voorstaan, en noem as voorbeelde #BlackLivesMatter, #MeToo, en die antifascisme- en antirassisme-beweging Antifa. Met soveel bewegings wat as deugpolisie optree, is dit duidelik hoekom die drywer van ’n skandaal as die sterkste skakel in die skandaliseringsketting beskou word.

Thuli gee later toe dat hoewel kanselleerkultuur na haar mening doeltreffend is, skandalisering soms oor meer as net die oortreding van nuwe norme en waardes gaan (310). Groter magte trek agter die skerms die toutjies met hebsug, politiek of korrupsie in gedagte. En onbewus van hierdie magte glo individue dikwels dat selfsensuur die enigste manier is om jouself teen kansellering te beskerm (310).

Derhalwe is die ander kant van die argument dat skrywers en akademici bekommerd is omdat hierdie selfde kanselleerkultuur oop debatvoering en akademiese vryheid kan beperk. Enigiemand, van ’n koerantredakteur tot ’n professor, kan verneder en selfs afgedank word indien hulle dit sou waag om ’n alternatiewe mening oor omstrede vraagstukke aan te bied of daaroor te skryf. Individue of groepe identifiseer op verskillende maniere met aanvegbare kwessies, en alternatiewe stemme en kan dus geteiken word met smeerveldtogte, teistering, belastering, aanvalle op sosiale media, uitsluiting en vernedering, wat uiteindelik ’n uitwerking op identiteit kan hê.

Die rede is dat verskillende nuwe norme en waardes oor brandende kwessies vanuit uiteen-lopende perspektiewe beleef word, en individue daaraan gemeet word, ondanks wat die Grondwet bepaal. Sou hulle oortree, kan hulle deur skandalisering gestraf word.

2.5 Vryheid van spraak en grense van vryheid van spraak

Die Grondwet van Suid-Afrika waarborg vryheid van spraak in artikel 16 (1) en ná 1994 geld die drakoniese sensuurwette onder apartheid nie meer nie (Klazar en Fischer 2021:225–38). Die Handves van Menseregte, as die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika, beteken in die teorie dat gewone burgers die reg het om te besluit wat hulle wil sê of skryf en hoe hulle wil mobiliseer of groepeer.

Dis hoekom een van die eerste vrae wat ná skandalisering gevra word, dikwels dan ook is wat van vryheid van spraak en uitdrukking geword het. Die antwoord is nie eenvoudig nie, omdat skandalisering of sondebokmaking kan plaasvind sonder dat enige wette oortree is of iemand in ’n hof skuldig bevind is.

Vryheid van spraak het beperkinge. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word gefokus op die volgende: “die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is” en “aanhitsing om leed te veroorsaak”. Hoewel ’n raamwerk vir vryheid van spraak bestaan, kan die Grondwet nie as staties gesien word nie, omdat dit aan maatskaplike en politieke veranderinge onderhewig is. Dis hoekom die Grondwet sedert sy bestaan al ’n paar keer verander is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

In een van hulle vertaalklasse verwys Ian na ’n skrywer wat haar boek uit die mark moes onttrek omdat die Menseregtekommissie bevind het dat sy “kwetsende bewerings oor gays” gemaak het (70). In die gesprek wat daarop volg, definieer Ian vryheid van spraak as “oor wat jy op sosiale media mag sê en wat nie”. Hoekom, vra hy met verwysing na gelowe waar gays se seksuele oriëntasie veroordeel word: “Is een se regte dan belangriker as die ander?” (70). Elizabeth verwys na Afrikaners wat ’n “swygplig” het as gevolg van wat hulle voorgeslagte mense aangedoen het (415). “En stilte. Afrikaners moet stilbly, Ian. Swyg” (415). Jerome verklaar ook: “Ek moet my woorde tel” (358), omdat hy glo dat hy as bruin man nie wit of swart genoeg is nie. “Ek, Jerome. Altyd eenkant (358). “Hoe vertaal ons onsself na ’n nuwe ruimte?” vra Eliot (72), met verwysing na die kultuur van die koloniale era, wat rassisme, geweld en sosiale onreg kan insluit.

Hoewel vryheid van spraak in die Grondwet verseker word, is dit duidelik dat ongeskrewe beperkinge geld wat dikwels deur nuwe norme en waardes onderskryf word. Eliot verduidelik vryheid van spraak soos volg: “Maar die grootste les is dat ons in ’n heeltemal nuwe era staan. Die kultuur van die slagoffer.” En: “Vir hulle is die ou liberale houding van onskuldig tot skuldigbevinding of die hoor-die-ander-kant-stelreël net nie meer geldig nie. Ons bevind ons in ’n nuwe morele raamwerk. Jou twiet op die lughawe was ’n doodsonde. Nie? So ook dat ek jou verduur het in my seminare ten spyte van die *no platform*-eise wat in aggressiewe whatsapps aan my gestuur is” (450).

Netwerke van ononderbroke kommunikasie op verskeie sosiale platforms het boonop sodanig deur die jare toegeneem dat dit nie beheer of gemonitor kan word nie. Volgens Fourie (2015:579) en Gershberg en Illing (2022:11) is dit omdat enigiemand met byvoorbeeld ’n selfoon, onder die vaandel van demokrasie en sonder enige aanspreeklikheid, ’n mening of opinie kan lug, asook kommentaar of kritiek kan lewer.

2.6 Rassisme

Fourie (2015:579) haal Lovink (2011) aan dat opinies op sosiale media nie net bloot deel is van ’n databasis nie, maar ook permanente spanning meebring (Gershberg en Illing 2022:11). Dink hier aan rassisme, en wat as rassisties beskou word, as een voorbeeld van hoe taaluitinge verander het. “To all your racists out there: There is NO escape!!! 1652: Beware!” (583). “1652” is eerstens ’n verwysing na die jaar waarin Jan van Riebeeck in Suid-Afrika aan wal gestap het, maar dit word ook die bynaam wat Ian later as sondebok kry (582).

Sekere woorde en terme wat in die verlede vrylik gebruik is, word vandag as skelwoorde beskou en kan tot skandalisering lei, soos Ian ná sy twiet – wat die “reg op vryheid van spraak” teenoor “haatspraak” stel – moes uitvind: “Customs lady. Cape Town International Departures. In Africa there’s no hurry – except for independence” (104).

Volgens Ian het hy gekla oor die swak diens op die lughawe, terwyl die deugpolisie sy twiet as rassisties gelees het omdat die doeanebeampte ’n swart vrou was. Dit bewys weer dat brandende en polities gedrewe kwessies uit verskillende perspektiewe beskou en gedefinieer kan word.

Met verwysing na ’n rubriek in ’n koerant waar die verskil tussen haatspraak en crimen injuria bespreek word, gebruik Ian die Suid-Afrikaanse politikus Julius Malema as voorbeeld van iemand wat enige uitspraak oor wit mense kan maak sonder dat hy vervolg word. Terselfdertyd

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

kan enigiemand wat ’n swart mens met taboewoorde beledig, in die tronk beland (320). In een van die vertaalklasse verwyt Thuli Ian dat hy rassisties is omdat hy die term *blackspeak* gebruik het. Sy, daarenteen, mag wel die term *whitespeak* gebruik, omdat “Blacks can’t be racist” (184). Dis volgens haar omdat Ian vanuit ’n posisie van “whiteness, van white privilege” praat. “Jy sit, fat white cat, diep in die maag van witkapitaal” (185), verduidelik sy.

Rassisme, soos Ian se twiet oor Afrika-tyd (104) ervaar is, spruit dikwels voort uit ’n meester-slaaf-dialektiek wat in die selfbewussyn vorm en uiteindelik tot wanerkenning en ’n vervreemde selfbewussyn in “die ander” lei (Bakhtin 1984; Lodge 1990). Om te verstaan waar rassisme sy oorsprong het, skryf Villet (2021:873) dat rassisme vanuit ’n postkoloniale mentaliteit manifesteer. Historiese voorbeelde hiervan is “n*gger” of “k*ffer” wat mettertyd skelwoorde geword het. Hulle verwys na Fanon se *Black skin, white masks* wat aanvoer dat ’n wit vel die standaard of maatstaf is vir volle menslike wasdom, wat swart mense derhalwe verdierlik tot ’n soort diermens. Hierdie kruks van miskenning kan lei tot die onderdrukking van, en selfs geweld teen, swart mense. Villet (2021:873) noem die meester die subjek wat sy eie identiteit kan begrond en betekenis hieraan gee. Die objek se identiteit hang af van die betekenis wat die subjek aan hom (die objek) gee, dus hoe die subjek die objek beskou en hom aan sy gesag onderwerp. Die wit onderdrukker ontken die ander se menslikheid, terwyl die onderdrukte se selfbewussyn hom van sy eie menslikheid vervreem. Uiteindelik het die slaaf geen ander keuse as om ’n bewussyn as deel van ’n groep of klas te ontwikkel nie, wat die eerste stap is na selferkenning. Dit word uit ’n kollektiewe groep tot ’n werklikheid omskep; uit ’n selfbewussyn wat wedersydse erkenning eis (Villet 2021:874).

2.7 Strafbeskaming (sondebokmaking) deur kansellering

Kansellering geskied gewoonlik aanlyn, en omdat sosiale media nie onderworpe is aan professionele produksiemeganismes en kommunikasiespesifikasies waar gebeure self waargeneem en beskryf moet word nie, kan skandale vinnig en sonder beheer versprei. Skandale is onmiddellik sigbaar, en daarom kan enigiemand dadelik aan die diskoers begin deelneem, met die gevolg dat die skandaal globaal en anoniem oor verskillende medianetwerke versprei (Burkhardt 2018:19). Hierdie manier van skandalisering het aktivisme en verantwoordbaarheid in ’n wêreld wat deur tegnologie oorheers word, drasties verander (Burmah 2021:2–3).

Kansellering, as meganisme vir skandalisering, is ’n middel om iemand wat volgens ’n bepaalde groep problematies, onsensitief of beledigend opgetree het, verantwoordbaar te hou of te straf (Norris 2021:2; Burmah 2021:1, 67), om norme te versterk, abnormale optrede te bevraagteken, of heersende dogma af te dwing (Burmah 2021:67).

Openbare platforms het nie net die media nie, maar ook die samelewing verander, wat belangrik is wanneer die transformasie van skandale bespreek word (Martin 1978; Van Dijk 1999; Castells 2000). Eerstens word persoonlike kommunikasie al meer deur digitale interaksie vervang. Boonop kan die nuwe vorme van selfrefleksie en selfkarakterisering tot konflik lei en digitaal tot ’n onbeheerde gemediatiseerde skandaal gedryf word (Mandell en Chen 2016; Pörksen en Detel 2012). Sulke onbeheerde kommunikasie is moontlik omdat die internet toegang bied tot ’n magdom inligting wat op ’n eksponensiële wyse versprei kan word. Digitale kommunikasie verander dus gemediatiseerde skandalisasie met betrekking tot inhoud en die wyse van verspreiding (Burkhardt 2018:19–20).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

'n Drukgroep kan, as 'n uitdrukking van agentskap, op grond van hierdie inligting ondersteuning van 'n geskandaliseerde onttrek omdat laasgenoemde se beginsels, uitsprake of aksies só aanstootlik bevind is dat die persoon nie verder aandag, tyd of geld werd is nie (Clark 2020:1; Ng 2020:623). Volgens Bakher (2021:44) kan enigiemand geraak word wat nie konformeer aan sekere nuwe norme nie, norme wat dikwels ontwikkel weens 'n toenemende diskoers oor representasie en stem, hetsy gender, rasidentiteit of politieke ideologieë.

Volgens Fourie (2015:580) vorm die media deel van 'n onophoudelike vloei van data in die kuberruimte, "die tempo waarteen die wêreld gebeur". Hy beskryf die nuwe soort virtuele openbare sfeer as een waar terugvoering 'n primêre rol in netwerkkommunikasie speel. Hierdie interaktiwiteit maak dat die kommunikasiestyl van mediarepresentasies dikwels "reaksionisties, aanhitsend, opruiend, uitgesproke, ritualisties, gefragmenteerd en intertekstueel" is weens die onmiddellikheid, toeganklikheid en beskikbaarheid, en daarom ook 'n tempo van dringendheid (Fourie 2015:579).

Kanselleerkultuur se effek op representasie en stem hang dus aan die een kant af van wat bespreek word, wie dit bespreek en wie luister. Aan die ander kant gaan dit oor eksterne gebeure en die impak daarvan op kanselleerkultuur aanlyn. Volgens Bakher (2021:45) is kanselleerkultuur 'n vorm van aanlyn aktivisme wat as 'n wapen teen maatskaplike onreg aangewend kan word. Dit kan die negatiewe representasie van gemarginaliseerde groepe in die kollig plaas, 'n stem aan dié groepe gee, en enige vorm van seksuele wanpraktyke kanselleer, soos in die #MeToo-beweging gesien.

Ongelukkig word kanselleerkultuur nie noodwendig net ingespan om maatskaplike onreg af te dwing of gedrag te verander nie. Strafbeskaming en sondebokmaking is vandag ook 'n wapen om enigiemand met teenstellende uitgangspunte en idees te straf (Norris 2020:2) en enige alternatiewe, teenstrydige menings of robuuste intellektuele debat stil te maak.

Omdat individue bewus is daarvan dat kansellering ernstige gevolge kan hê, en dat geskandaliseerdes nie 'n kans kry om hulle saak te stel nie, soos Ian in *Biblioteek* moes uitvind (118, 313, 556, 597), lei dit tot vrees wat dikwels selfsensuur tot gevolg het. Hoewel sosiale media aan almal 'n stem en opinie bied, toon hierdie twiet van Ian hoe, ondanks vryheid van spraak, sensuur steeds toegepas word en dat 'n vrees vir strafbeskaming of sondebokmaking dikwels tot selfsensuur lei.

2.8 Sensuur en selfsensuur

Fourie (2009:81–2) definieer *selfsensuur* as die bewustelike of onbewustelike daad waar inligting weerhou word, of op so 'n manier oorgedra word, dat 'n gesagsinstansie nie aanstoot sal neem nie. Oor die subtiele sensuur ná 1994 skryf Du Plessis (2016) dat dit 'n "versmorende voorskriftelikheid" meegebring het, 'n vrees om iets te sê wat as nie-polities-korrek vertolk kan word; 'n vrees wat verlam. Politieke korrektheid beteken, volgens die *Oxford English Dictionary* (2024), die vermyding van enige aksie of uitdrukking wat individue wat sosiaal benadeel of teen wie gediskrimineer is, laat voel hulle word beledig, gemarginaliseer of uitgesluit.

Sekere terme, standpunte, taal, uitdrukkings en frases wat in die verlede algemeen gebruik is, is vandag problematies weens verskillende perspektiewe, en kan selfs tot hofsake lei, skryf Thiele (2021:51). Dit bring vrees mee. En dis oor hierdie vrees dat so 'n sterk openbare standpunt deur vooraanstaande letterkundiges teen skandalisering in die akademie, kunste en die media ingeneem is, omdat selfsensuur debatvoering oor belangrike kwessies kan beperk.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

2.9 Kanselleerkultuur in die literêre en uitgewersbedryf

Representasie en *appropriasie* is die twee hoofwoorde wat selfsensuur en kansellering na die kuns-, literêre en uitgewersbedryf laat oorspoel het. “Sal ons dit waag om uit te gee; maak hierdie storie sin?” is die vrees wat Elizabeth as uitgewer telkens uitspreek (419). “Tye was taf in die uitgewersbedryf. Die ideologiese plaatverskuiwings van die tyd het aardnate blootgelê, en Elizabeth het, soos vele uitgewers, die omsigtige weg ingeslaan” (57). Die gesprekke tussen Elizabeth en Thuli gee ’n blik op die vrese en vraagstukke waarmee uitgewers worstel en wat die drywers van kansellering teen die bors stuit – soos watter boeke geskik is vir publikasie en hoekom iemand soos Thuli as sensitiwiteitsleser nodig is (57–8, 63).

Volgens Clark (2020:1) lê die term *cancel culture* se oorsprong in ’n ope brief wat in *Harper’s Magazine* verskyn het waarin verskeie openbare figure hulle uitgespreek het teen die ontwikkeling van “a new set of moral attitudes and political commitments that tend to weaken our norms of open debate and toleration of differences in favor of ideological conformity”.

Altesame 150 voorste liberale skrywers en akademici, onder wie J.K. Rowling, Noam Chomsky en Salman Rushdie, het gewaarsku oor die toenemende groei van kanselleerkultuur in die akademie, die kunste en die media (Kaufmann 2021:15). In hulle “A letter on justice and open debate” word beskryf hoe individue gekanselleer word indien hulle dit sou waag om kritiek uit te spreek en die heersende norme teen te gaan, en van hulle vrees om hulle inkomste te verloor.

Soos uitgebeeld in *Biblioteek*, weet uitgewers wat op sosiale media aangaan. Nie net gee hulle boeke uit om geld te maak nie; hulle moet hulle eie, asook hulle skrywers se reputasies beskerm (Dishmon 2019). Daarom het uitgewers verskeie maatreëls in plek om hulle eie, asook hulle skrywers se reputasies te beskerm.

In Australië kan skrywers wat vir die gesogte Horne-toekenning inskryf, die 15 000 dollar wen net indien hulle nie uit die oogpunt van ’n ander minderheidsgemeenskap skryf nie (King 2020). Twee jeugskrywers, Kosoko Jackson en Amélie Wen Zhao, moes hulle boeke voor publikasie onttrek – Jackson omdat hy onsensitiewe opmerkings oor Moslems sou gemaak het, en Zhao omdat sy ’n swart slaaf in ’n witte se arms laat sterf het as ’n daad van selfopoffering (Waldman 2019). Hulle is onder die hutsmerk #ownvoice uitgewys en gekanselleer.

Daarom pas uitgewers selfsensuur toe sodat niks gepubliseer kan word wat moontlik aanstoot kan gee of tot kansellering kan lei nie.

Uitgewers stel “sensitiwiteitslesers” aan om hulleself teen skandalisering te beskerm. Van Heerden is bewus daarvan dat hy hom skuldig (kan) maak aan kulturele appropriasie met sy uitbeelding van sy karakters en hulle uitsprake en perspektiewe. Hy verduidelik: “Daarby het ek dit gepas gevind om die raad te vra van twee sensitiwiteitslesers. Prokureur en skrywer Bettina Wyngaard en akademikus Christi van der Westhuizen van die Nelson Mandela Universiteit se Centre for the Advancement of Non-Racialism and Democracy het insiggewende verslae gelewer” (Van Heerden 2019, erkennings).

Hierdie literatuurpolisie moet toesien dat sekere ongeskrewe reëls, soos reëls met betrekking tot representasie en appropriasie, nie oortree word nie. Hall, Evans en Nixon (2013) verbind betekenis en taal aan kultuur, en representasie is daarom volgens hulle ’n belangrike bestanddeel van hoe betekenis deur taal, simbole en beelde geskep en gedeel word deur mense

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

van dieselfde kultuur. ’n Individu wat tot ’n spesifieke kultuur behoort, deel basies dieselfde begrips- en taalwêreld; is bewus van hoe begrippe en idees in verskillende tale vertaal word; asook hoe taal vertolk kan word om na die wêreld te verwys. ’n Reeks wat deur ’n wit heteroseksuele man oor ’n lesbiese karakter geskryf is, kan deur die queergemeenskap gekanselleer word, omdat so ’n man volgens hulle nie die lesbiese karakter kan representeer nie (Ng 2020:623).

Appropriasie sluit aan by representasie met die vraag of ’n buitestander die reg het om oor “die ander” te skryf (Jansen 2019:7–8). Die klem hier is op eienaarskap van ’n spesifieke kultuur. Net sekere skrywers het dus die reg om namens dié groep te skryf (Manderstedt, Palo en Kokkola 2021:98). Duisende boeke, soos Charles Dickens se *Bleak House* met sy vroulike verteller, sou byvoorbeeld nooit onder hierdie selfsensuur die lig gesien het nie (King 2020).

In *Biblioteek* blyk dit dat Elizabeth heeltemal bewus is van appropriasie- en representasiebesware oor boeke, soos toe sy vir Thuli vertel wat swart studente oor Elsa Joubert se bekroonde boek *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) sê. Die studente beweer die skrywer het, met die vertel van haar huishulp se verhaal in die tyd van apartheid, die vrou se storie gesteel, al het dit Afrikaners insig in hulle werkers se lewens gegee (131).

In *Biblioteek* wil Elizabeth ’n boek publiseer wat sy as ’n sterk verhaal beskou, maar Thuli se verweer as ’n sensitiwiteitsleser is: “Maar dis nie sý verhaal nie” (129). “‘Ek sou sê, moenie uitgee nie,’ begin Thuli. ‘Dit stel die studenteproteste in ’n slegte lig. Ek is nie gemaklik daarmee nie. Dit sal ook die indruk skep dat jul uitgewery nie woke is nie. Dat julle nie verstaan wat kulturele appropriasie is nie’” (130). Sy stoomroller voort: “‘En ek is nie jou wit boeretannie-leser nie. Ek is jonk en swart en ek weet wat ek hier sien.’ Thuli tik met haar wysvinger op die manuskrip. ‘Ek sien nóg ’n geval waar my storie, mý storie, gesteel word’” (132). As Elizabeth die manuskrip probeer verdedig as simpatiek teenoor die swart protagonis, beweer Thuli: “Surface commitment to feminism [...] Mens moet dieper kyk [...] [V]ir my as swart vrou kan dit nie. Dit mág nie. Net eenvoudig nie. Kyk hoe word vroue uitgebeeld. Begin maar daar!” (127–8). Volgens Thuli behou sy haar die reg voor om haar ervaring as swart vrou – “my lived reality” – self uit te beeld. “Jou besware kom vanuit ’n posisie van bevoorregting. En bevoorregting maak blind” (132).

’n Mens moet let op die woorde “my” en “jou”, want dis hierdie onderskeid wat tot #hutsmerke en kansellering lei, soos veral gesien op universiteitskampusse, en derhalwe die akademie, aan die voorpunt van ontwikkeling. Alternatiewe perspektiewe, teenstrydige menings en robuuste intellektuele debat word dus op ’n indringende wyse stilgemaak (Norris 2020:2).

Soos Thuli wat onverbiddelik glo dat kunswerke wat aanstoot gee, verwyder moet word (158) omdat dit swart mense seermaak – “Black pain” (158) – terwyl sy Ian se verweer daarteen beskou as “wit denke” en “wit trane” (159). Volgens haar is dit nie sensuur om kunswerke uit ’n lesingsaal te verwyder indien dit studente beledig nie. “Dis net ’n manier om die konteks te wysig […]” (159). Oor boeke wat verbrand word omdat dit aanstoot gee, is haar mening: “Na vuur groei nuwe dinge” (159). Sy steur haar nie aan Elizabeth wat probeer keer nie: “Maar Thuli! Sensuur behoort nie deel van die wapentuig van die Left te wees nie! Sensuur was nog altyd die kortswaard van Regs! Tipe Hackler’s veto” (63).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Thuli wil ook nie daarvan hoor dat elke karakter in ’n boek ’n kans kry om sy saak te stel nie of dat “intellectuals” ’n boek se onttrekking as staatsensuur of selfsensuur sal sien nie (130–2). Elizabeth se verduideliking van selfsensuur: “Wanneer skrywers katvoet is, heeltyd, oor wie hulle mag skrywe, watter storie hulle kan vertel”; en “Kyk hoe dwing julle my om as uitgewer my skrywers se werk eers te meet aan politieke korrektheid”; en “Wil julle kulturele konsentrasiekampe oprig?” laat Thuli koud.

En anders as Ian en Elizabeth is Thuli se persepsie van byvoorbeeld Grensliteratuur nie “litteken- of huil-literatuur” nie; vir haar gaan dit oor wit Suid-Afrikaanse soldate wat oorlog “buite hulle grense” gaan voer het en dat die ander kant van die verhaal nooit vertel is nie (128–31). Dit terwyl Ian voel hy het nie in die apartheidsjare ’n keuse gehad oor diensplig nie; boonop het hy ernstige sielkundige skade opgedoen as ’n soldaat, en dit het ’n invloed op sy identiteit gehad (194–5, 386).

Dis nie net boeke en kunswerke wat deurloop nie. Elizabeth kla byvoorbeeld: “Ian, het jy gehoor, daai universiteit van jou se balletskool gaan toemaak? […] Ballet is skynbaar veels te Westers en koloniaal. Hulle moet uit. Weg. Dis klaar en verby. Iemand het die skerp idee gehad” (89).

2.10 Kanselleerkultuur in die akademie

Selfsensuur kring baie wyd uit, en akademici is een groep wat groot aanpassings moes maak ten opsigte van skandalisering deur kansellering. Van Heerden self beskryf *Biblioteek* as die eerste weergawe van die geskiedenis wat kampusse in 2015 en 2016 geskud het (Van Dyk 2020). Verskillende perspektiewe op kwessies soos die verwestersing van Suid-Afrika, wie vir die sondes van die verlede moet betaal, en hoe bewuswording gekweek kan word, het tot verontwaardiging op sosiale media gelei.

In hierdie tyd van studente-onluste en hutsmerke woon drie hoofkarakters ’n vertaalkundekursus deur professor Eliot by. Hulle ontdek dat die klasse oor baie meer as net vertaling uit een taal in ’n ander gaan. “Die dosent verwag van hul klasgroep om nie net woorde uit een taal na ’n ander te vertaal nie”, maar die klem is daarop om “die ware lewe na teks te vertaal”. Met die gebeure op die kampus is die klem op “hoe jy aktualiteit na teks vertaal”. En: “Om te kyk, te verstaan, om te lewe, is ’n manier van vertaling, van onderhandeling met die wêreld” (71–2).

Nadat ’n kollega wat deur studente geviktimiseer is, selfdood pleeg, is Eliot se grootste vrees is dat hy dalk aanstoot kan gee; dat sy manier van klasgee, navorsing en uitsprake tot sy afdanking kan lei. Aanlyn aktivisme gee dus aan onderdrukte groepe ’n stem, maar maak terselfdertyd stemme stil wat kon bygedra het tot ontwikkeling en maatskaplike verandering, en bedreig demokratiese verteenwoordiging (Bakher 2021).

Ian verwys na Eliot as ’n fakulteitslaaf wat grootgeword het in ’n era waarin letterkunde ontseteling en rebellie beteken het. “Jy skryf teen. Jy skilder om tot stilstand te ruk. Jy skryf die taboes oop” (590). Om te oorleef, predik Eliot vandag egter: “[K]uns moet bevestig. Kuns moet troos. Mag niemand seermaak nie. Niemand voor die bors stuit nie. Almal in ’n safe space hou” (590).

Om seker te maak ’n lesing gee nie aanstoot nie, sal ’n klas begin met: “*Warning: The following material contains elements which may upset some individuals in class. It contains scenes of graphic violence*” (280). Eliot verduidelik hoe hy seker maak hy ontstel nie sy studente nie: “Ek sal julle eers ’n trigger warning gee as ek met julle oor iemand soos T.S. Eliot wil praat!” (281).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Later, toe Thuli uit sy klas uit storm, is Eliot onmiddellik ontsteld: "'n Swart student het uit sy seminaar gemarsjeer. Dit beteken moeilikheid" (160). Hy keer dus elke keer as Thuli haar vererg en die klas wil verlaat, want hy besef dat hy geskandaliseer kan word as sý uitloop. Hy weet dat sy vasbeslote is om aan "old school liberal Eliot en sy kollegas uit te wys dat hulle aan die verkeerde kant van die kampus se foutlyn is" (281). Thuli verduidelik aan Eliot dat studente vrae moet vra: "In fact, it's time to start calling out errant academics", en "As jy die fout is, of die beweging teenstaan, moet jy blootgestel word" (137).

Eliot bieg uiteindelik: "Ek kan ook nie meer byhou nie, meneer Brand. Dis lesbies, dis transgender, dis aseksueel, dis interseks, dis gay, dis biseksueel … Ek en jy sal vinnig moet bykom, dis vir ons terme wat ons miskien nie elke dag hanteer nie. Nie?" En nog later praat hy oor 'n uitstalling wat deur die universiteit gehou is: "En dan kla hulle weer oor juis hul áánwesigheid op die uitstalling se beelde – oor 'n vals indruk van inklusiwiteit wat daardeur geskep word, so dis heel ingewikkeld en ek moet … ek moet probeer vasstel … wil hulle nou daar wees … of … nie?" (288–9). Volgens hom is die valliste vasgevang "in patriargie, cisnormatiwiteit, heteronormatiwiteit en genderbinariteit" en beskryf hulle hulself as "swart, arm, queer, womxn – dit spel hy uit – en as niebinêre transmense ..." (288).

Dan is daar die #FeesMustFall-opdrag: "Takel die rektore af. Saai agterdog. Beeld hulle uit as bewakers van apartheidsopvoeding. As agente van witkapitaal. As wagte op die poorte van die kolonie. Vertel hulle een ding in persoonlike ontmoetings met hulle maar verkondig iets heeltemal anders in die openbaar. Een petrolbom in een rektor se kantoor" (468). Ongelukkig kan die druk weens die studentewoede vir party akademici te erg word, soos die professor wat selfdood gepleeg het nadat hy iemand op die een of ander manier beledig het (92).

'n Gesonde en vry akademiese debat word deur Bartel (2019) beskryf as een waar reëls oor wat aanvaarbaar of verkeerd is, nie vooraf bepaal word nie; waar persoonlike opinies (neutraal en radikaal) binne die raamwerk van die akademiese wêreld toelaatbaar is (kyk ook Teixeira da Silva 2021:1). Navorsing oor hierdie stelling in meer as 100 lande, met 2 500 studente as respondente, het egter bevind dat alternatiewe perspektiewe en robuuste intellektuele debat oor die afgelope paar jaar op 'n sogenaamd progressiewe wyse stilgemaak is (Norris 2021:5). Studente wat voel hulle idees verskil te veel van die oorheersende groepskultuur, verdedig nie hulle morele standpunte of waag 'n mening nie, uit vrees vir vernedering. Hierdie verdelende ideologie bestaan omdat identiteitspolitiek meegebring het dat enigiemand met 'n alternatiewe mening of uitspraak die gevaar loop om verneder of gekanselleer te word (Benn 2021:75; Kurti 2020).

As voorbeeld kan na die veldtog verwys word wat in 2022 teen H.P. van Coller gevoer is na sy rubriek in Media24 waarin hy beswaar gemaak het teen politieke voorskriftelikheid in kinderboeke: "Gewone mense word al hoe meer randfigure," het hy geskryf. Die gevolg is resepmatige boeke met 'n voorkeur aan "molestering, verkragting, owerspel, siekte, dood, geestesprobleme, die verlies van ledemate, sintuie, homoseksualiteit, rasseprobleme en dergelike" (Van Coller 2022). Hy is van homofobie beskuldig omdat hy homoseksualiteit gelyk sou gestel het aan 'n "maatskaplike of persoonlike probleem" soos verkragting en molestering (Greeff 2022). Na aanlyn viktimisasie het hy uiteindelik as voorsitter van die SA Akademie se Letterkundekommissie bedank (Greeff 2022).

Elke student in Eliot se vertaalklas kyk vanuit verskillende ideologiese standpunte na onder meer kampusgebeure – Ian as 'n wit middeljarige man, Thuli as 'n jong swart vrou en studenteaktivis, en Jerome as 'n bruin student wat sukkel om kop bo water te hou. Die norme en waardes van die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

onderskeie karakters bring uiteraard uiteenlopende stemme en perspektiewe op brandende en dikwels polities gedrewe kwessies, wat lei tot die vraag hoe elkeen van hierdie stemme die diverse kultuurlandskap van Suid-Afrika weerspieël (Lodge 1990:86). Die aanwesigheid van verskillende stemme is ook ’n aanduiding van identiteit en hoe ’n individu identifiseer. Om ’n blik vanuit een mens se ervaring op groter samelewingsverskynsels te kry, is die verskillende perspektiewe, identiteite en stemme van die onderskeie rolspelers dus belangrik.

3. Identiteit

Identiteit bepaal individue se perspektief, ’n persepsie oor wat reg of verkeerd is, en gee aan hulle ’n stem oor brandende kwessies. Van Heerden se roman verken die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing deur die lens van veelstemmige karakters, soos Thuli Khumalo, Ian Brand en Jerome Maarman wat mekaar as botsende karakters weerspreek en uitdaag. Hulle stories word verbind om ’n blik op die hedendaagse samelewing te bied. Elke karakter het verskillende perspektiewe op kwessies soos skandalisering, en hierdie perspektiewe dien as spieël vir die samelewing. Die leser word derhalwe gedwing om die samelewing op verskillende maniere te sien deur die motiewe van elke karakter te leer ken (Bakhtin 1984; Lodge 1990). Thuli as leier van die vallistiese beweging verteenwoordig die stem van swart mense in Suid-Afrika, hulle afkeer van rassisme en seksisme (128). Sy is ook die een wat “plakkerskampe” as ’n taboewoord verklaar en eis dat dit na “starter housing” vertaal word (43).

Stephen Eliot is die senuweeagtige dosent en liberalis van weleer wat probeer om aan die regte kant van enige veldtog of twis te bly (71, 100, 184) en probeer paai: “Let’s respect everyone’s right to disagree” (185). Hy is die een wat die drie hoofkarakters saam in ’n vertaalklas bymekaarbring waar verskillende idees en ideologieë weens hulle verskillende agtergronde teen mekaar afspeel (182–4). Hierdie interaksies bied uiteindelik fassinerende en teenstrydige perspektiewe aan die leser (184).

As nog ’n voorbeeld word genderidentiteit gebruik, omdat hoe iemand identifiseer, dikwels bepaal hoe so ’n persoon deur dié rondom hom of haar gesien word (Yap 2022:66). Dink hier aan die karakter Snaar Windvogel wat in transisie is omdat hy glo “[e]k bly in ’n Futsek van ’n lyf”, en dat Piekenier vir hom ’n lyf gaan gee waarin hy tuis gaan voel (483). Die regse Bill, ’n “transfoob” (535–6), praat egter van “die gebroedsel feministe en moffies” (35–6).

Uitsprake soos dié van Bill lei tot drukgroepe om byvoorbeeld rassiste, vrouehaters en transfobe uit te wys, maar aan die ander kant voel groepe aan die regse spektrum van die samelewing ongelukkig omdat hulle voel hulle morele uitkyk word bevraagteken (Benn 2021:75). Volgens Thiele (2021:52–3) is dit omdat die media in die verlede hoofsaaklik die sosiale diskoers bepaal het en individue vandag hulle sê wil sê, wat veroorsaak dat menings uiteenlopend en verdelend is.

Fourie (2015:577–8) neem identiteit en identiteitsvorming ’n stap verder. Volgens hom word gestereotipeerde mediarepresentasies in die postmoderne medialandskap hoofsaaklik op ’n interaktiewe manier deur netwerkkommunikasie gekommunikeer, met die individu wat voorop staan. Omdat die tipe kommunikasie afhanklik is van die mediagebruiker se deelname, word hierdie soort kommunikasie ook as ’n soort ritueel gesien (Fourie 2015:580). Aktiewe media-gebruikers, as skeppers van inhoud, kan dus as medeverantwoordelik gesien word vir die beeld

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

wat die media van die werklikheid en samelewing skep (Fourie 2015:578). Volgens Fourie beteken "aktiewe" die fisiese daad van "aanlyn gaan" en "kontak maak", of om te reageer op 'n uitnodiging om deel te neem en tegnies ingetrek te word en sodanig deel te word van 'n groot aantal mediarepresentasies. Zaaiman (2022) verduidelik die individu se ontvanklikheid hiervoor deur Engelstad (2009:210–38) aan te haal en skryf dat kultuur voortvloei uit mense se emosionele behoefte om met groepe te identifiseer om wrywing te voorkom (Girard 1982, 2001, 2010, 2014). Die massamedia is derhalwe vandag die dryfkrag agter kultuur wat as 'n materialisties georiënteerde verbruikersamelewingsprojek beskou kan word waar die verbruikersekonomie 'n oorheersende rol in identiteit speel. Le Roux (2019:66) waarsku dat data wat deur tegnologie ingesamel word deur burgers af te neem of dop te hou, sonder hulle medewete aangewend word om byvoorbeeld iemand se begeertes, behoeftes en gedagtes te monitor, te beïnvloed en te skep. As voorbeeld van die mimetiese begeerte, waar ons ander mense se begeertes naboots en wat 'n sleutelbegrip van die sondebokteorie is, is die inligting wat deurentyd op jou selfoon of rekenaar (sosiale media) se tydlyn verskyn om jou te herinner aan inligting of artikels wat jy voorheen gegoogle het, daar met die doel om jou "begeerte" of ander mense se begeertes lewend te hou. Dink ook aan advertensies wat op jou selfoon verskyn sodra jy 'n inkopiesentrum binnestap, wat weens vorige Google-soektogte bewus is van jou begeertes of behoeftes.

Dit beteken identiteit en kultuur kan deur die massamedia, en deur middel van dophoutegnologie, gemanipuleer word om spesifieke optrede te bepaal, woede op te wek of begeertes te skep. Verbruikers moet derhalwe deurentyd daarvan bewus wees dat niemand onsigbaar is nie.

3.1 Dophoukultuur: Foucault se panoptikon en data

Met hierdie "Big Brother" wat data versamel in gedagte, waarsku Rayner (2012) dat elke gebruiker van sosiale media moet weet dat hulle hulle blootstel aan 'n soort panoptikon (wat "sien alles" beteken). Burger (2020) verwys spesifiek na die oë op *Biblioteek* se buiteblad wat 'n "ondersoek na die invloed van groot data en die alomteenwoordige toesig op privaatheid, demokrasie en identiteit, en veral Suid-Afrikaanse en Afrikaneridentiteit" kan suggereer.

Individue was egter lank voor die verskyning van sosiale media en gevorderde datategnologie onderhewig aan die manipulasie van gedrag en identiteit. In 1791 het die filosoof en sosioloog Jeremy Bentham die panoptikontronk ontwerp waar opsigters die gevangenes 24 uur per dag goedkoop en doeltreffend kon dophou (Stefanick 2011) sonder dat die gevangenes self kon sien of en wanneer hulle dopgehou word. Foucault (1995) het jare later die metafoor van die panoptikon gebruik om te verduidelik dat slegs die idee of dreigement dat iemand heeltyd dopgehou word, voldoende is om individue se gedrag (en derhalwe identiteit) te beïnvloed. Hulle word modelgevangenes wat geen reëls oortree nie, wat die outomatiese funksionering van mag bewerkstellig (Rayner 2012).

Aandag moet egter ook geskenk word aan subjektivering as die proses waardeur individue geskep word wat optree volgens 'n beeld wat hulle van hulself projekteer en wat op hulle geprojekteer word (Traue en Pfahl 2022:25–44). Nes 'n akteur sy beste vir sy gehoor gee, so word sosiale media met 'n gehoor in gedagte effektief gebruik (Rayner 2012). Die massa eer basies die identiteit wat individue met hulle plasings skep deur dit met ander te deel (Girard 1982, 2001, 2010, 2014). Deur die proses van subjektivering en selfbesinning word sosiale media nie net 'n platform om inligting te deel nie; dit speel ook 'n rol in die vorming van identiteit (Rayner 2012).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Murakami (2012) haal Koskela (2000:243) aan wat sê stede is vandag plekke van mag wat deur dophoutegnologie omskep is in reuse panoptikons waar niks onsigbaar is nie. Volgens Zaaiman (2022:172) is hegemonie en mag verwant aan mekaar. Hegemonie, as 'n verskuilde vorm van dominansie, is 'n ideëstelsel wat diskoerse domineer en wat algemeen as gesaghebbend deur 'n groepering of 'n samelewing ervaar word. Mag, daarenteen, is die vermoë om dit wat ander mense dink of doen te beïnvloed of te beheer.

3.2 Identiteit en die skandalisering of sondebokmaking van "die ander"

Biblioteek vertel die storie van wat op die oomblik in Suid-Afrika gebeur, veral met betrekking tot identiteitsoorloë en die gebruik van "ons" teenoor "hulle" en "julle" om na iemand te verwys wat nie deel van jou eie groepsidentiteit vorm nie.

"Julle mense," sê Jerome aan Ian Brand (79) waarmee hy Ian by implikasie as "die ander" identifiseer. Ian erken dan ook dat hy voel asof hý as "die ander" op kampus beskou word, dat wit Afrikaners nes swart studente voel hulle word "ge-other" (72). In Shanghai ondervind Thuli ook haar andersheid nadat 'n bibliotekaresse in die Franse biblioteek opkyk van haar rekenaar om na Thuli te staar. "Sy glimlag na Thuli. Soos net 'n Europeër kan glimlag na 'n swart mens, dink Thuli, en gee die vrou 'n woeste kyk. So neerbuigend is jy! Welkom hier. Ons erken jou andersheid. Ons sien glads te min swart mense hier. Voel asseblief tuis" (399). En vroeër: "Sy besef sy is al swart persoon onder die honderde, dalk duisende mense wat hier op die stasie saamdrom" (364). Op kampus, weens haar deelname aan studenteoptogte, verwys ook dosente na Thuli as "The Other" (616).

Terug van Boedapest, op die lughawe, probeer Ian homself verontskuldig toe hy ongekende woede teenoor die "geslote swart gesigte van die paspoortbeheerders" ervaar (191). Hy sê dan "[O]ns – die wittes – het hulle geskep," Verder: "Is dit nou ons beurt om selfsug en hebsug en grypsug na ons te sien aankom?" En: "Luister na jouself. Hulle. Húlle" (191). En Thuli wat na Eliot verwys as "Hulle – die wit dosente" (264), met Ian wat kla dat sy hele lewe 'n oortreding is – "Vir hulle 'n incel in 'n hoodie" (590).

Eliot bieg dat hy aggressiewe WhatsApp-boodskappe oor Ian se teenwoordigheid in die vertaalklas ontvang het. "Ja, sommiges van The Other se foon af … van Thuli Khumalo se ongetwyfeld bedrywige selfoon" (450).

Identiteit kom ook ter sprake tussen Ian en Eliot, albei middeljarige wit mans, maar wêrelde van mekaar verwyder. Hulle kom uit verskillende agtergronde, grootgeword en opgevoed in parallelle ruimtes – die groot wit wêreld van bevoorregting – "burgers van whiteness". So verskillend en tog ook so eenders – "Twee manne wat kennelik die woordeskat van die nuwe omgewing nie begryp nie" (290).

3.3 Identiteitskwessies ná skandalisering/sondebokmaking

Ian se twiet en sy daaropvolgende skandalisering verander hoe Ian as mens identifiseer en hoe hy deur ander gesien word. Nie meer 'n gesiene prokureur nie, maar 'n "Boeretwieter" (284), 'n "rassis" (541), "iemand wat 'n nuwe identiteit soek: "Nee. Nee, noem my iets anders. Ian is ek nie meer nie" (559). Hy gaan sukkel met identiteit, waarsku Piekenier hom na die plastiese chirurgie aan sy gesig (557). "Ek is Ian Brand" (557) en later: "Nostalgies oor apartheid" (541), en nog later: "Hier, hier agter hierdie nuwe gesig. Dis ek, Ian, Ma. Op soek na 'n verhaal om in weg te kruip" (557).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Die leser lees byvoorbeeld na Ian se sondebokmaking hoe sy identiteit verander, hoe data ingespan en misbruik word, veral rondom dophou- en gesigsherkenningstegnologie, asook plastiese sjirurgie. As prokureur vir Elizabeth se firma moet hy ná die twiet skelm met ’n hoodie by haar werk insluip. Toe Elizabeth se baas hom betrap, sê sy: “Maak dit die laaste besoek aan ons, Ian” (559), wat hom laat besef dat hy skielik op vele plekke onwelkom is. Hy word gevra om sy vertaalklas aan die universiteit te verlaat, hoewel hy nie amptelik aan iets skuldig bevind is nie. So vra professor Eliot hom: “Hoe durf jy hiernatoe kom, meneer Brand? [...] Ek bedoel [...] die áánmatiging […].” En Ian se verweer: “Ek is nog nie geskors nie” (333).

Hierdie branders breek ook oor dié mense na aan die geskandaliseerde of sondebok, soos Ian se pa uitvind: “En dan dra jy my naam ook nog. By die sakekamer maak die swart kêrels kringetjie om my” (196), wat daarop dui dat hy by implikasie oor dieselfde kam as Ian geskeer word.

Ian voel of hy met daardie twiet deur paspoortbeheer is, ’n vreemde land in (396). *Biblioteek* toon dus hoe iemand wat die sosiale norme en ongeskrewe reëls van ’n spesifieke drukgroep oortree, binne minute deur sosiale media geskandaliseer en gereduseer kan word tot “deugniet en dermuitryger wat ’n bubblewrap-lewe lei” (609). Ian besef hoe hy gebrandmerk is, tot sondebok gemaak is: “[E]k is die Twietboer. En ons. ’n Nasie van deurbringers, kansvatters, schemers en oëverblinders. Afskeppers en deur-die-ore-naaiers en staatskapers. Tsotsi’s en gly-jakkalse. Agente. Deugniete. Skynheilige deugtwieters. Trigger warners en oud-paratroopers” (575), wat met sy gebruik van die woord “ons” op groepsidentiteit dui.

3.4 Groepsidentiteit

Groepsidentiteit (“ons” en “hulle”) blyk uit uitsprake van die EFF-leier, Julius Malema in *Biblioteek* wanneer hy verklaar: “Ons kom vir julle, Afrikaner-boykies” (321). Die uitbeelding van identiteitsoorloë en groepsidentiteit in *Biblioteek* is derhalwe van die samelewingskwessies wat in Suid-Afrika uitspeel en lei tot die groot identiteitsdebat (46, 373, 448) van wie waar en aan watter groep behoort. Volgens Thuli behoort die Oos-Kaap aan die Xhosas. Die “Britse setlaars en Hollandse trekboere” het dit van haar mense gesteel (206), teenoor Jerome en Ian se standpunt: “Dit was die San, die Boesmans, wat eerste daar was. Die Xhosas en die Boere en Britte was inkommers” (207).

In *Biblioteek* is *Afrikaans* en *Afrikaner-identiteit* “gelaaide woorde” wat nie net tussen 2015 en 2016 tot hutsmerke soos #AfrikaansMustFall aanleiding gegee het nie, maar dikwels ook ’n sneller vir skandalisering is. Die posisie van Afrikaners en Afrikaans in die huidige Suid-Afrika word veral aan die hand van Ian Brand ondersoek. Soos baie oudsoldate uit die apartheidsera moes hy as ’n jong man twee jaar lank diensplig doen. Soos vele ander ly hy aan ernstige posttraumatiese stres nadat hy homself ten koste van ’n medesoldaat moes red (195, 384).

Hy deel die betogende studente se afkeer van Rhodes en vertel aan Thuli dat Jameson, na wie die Jameson Hall op die kampus van die Universiteit van Kaapstad vernoem is, ook die Afrikaners – sy mense – verneder het. Hy stem saam dat dit ’n naam is wat in skande gedoop is, maar as Afrikaner mag hy nie daaroor ’n stem hê nie (102).

Na sy twiet beskou Ian homself as deel van die “Afrikaner”-handelsmerk (333), “Boer” en “Tweeting Boor” (333, 385). As sondebok word hy hergroepeer en gebrandmerk as ’n regse “boer” (249) en opperste rassis wat terughunker na die koloniale era en apartheid (350). Hy word deur die regse Afrikaners as ’n held beskou (322), ondanks die feit dat hy hom telkens probeer losmaak van regse pogings om hom te koöpteer (349).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

"Brand Afrikaner. Brand Boor" (332). Die terme *Afrikaner* en *Boer* verteenwoordig vir hom alles waarteen hy as "liberalis" geprotesteer het – "die nasionalisme en uitsluiting, die broeders, die Homburg-hoede. Die afknou van ander. Distrik Ses. Sharpeville. Die rugby, sunny skies en Chevrolet: die vaders. Die NG Kerk, daardie ou hoer" (332). Ná sy twiet kom hy egter in 'n stadium op 'n punt waar hy die ongemaklikheid, woede en dít wat die woorde verteenwoordig en alles wat onder *Afrikaner* ingesluit is, wil omarm, omdat dit is hoe hy beskou word. "Ek boer in daardie ongemaklike ruimte. Ek is 'n Afrikaner. Ja, sommer Boer ook. Tweeting Boor" (333).

Vir Ian voel dit asof hy die erfsonde van die Afrikaner op sy voorkop dra, terwyl hy deur betogende groepe en Thuli gesien word as "die white tribe wat dag hulle kan die suidpunt van Afrika regeer" (167). Hieroor kla hy jammerlik: "Wie in hierdie droewe land gee om oor my en my soortgenote se bloedskandelike getjommel oor taal en identiteit?" (590). Oor die verandering van name van geboue en strate as "dekolonisering of cultural cleaners" vra hy: "Maar besef sy hoe hy, 'n Afrikaner, oor hierdie name voel? [...] Hoe, nes vir haar, hierdie name hom ook sny?" (43).

Ian probeer hom en Jerome in dieselfde kamp plaas. "Hy praat sy eie Afrikaans […] Ek praat wat altyd Standaardafrikaans genoem is" (77). En Jerome se antwoord in Engels, omdat hy weier om Afrikaans te praat: "I find it offensive." Hy weier om saam met Ian gegroepeer te word en antwoord woedend: "Julle mense, sê ek aan Ian Brand" (79).

In die Franse biblioteek in China verduidelik die jongman met al die tegnologiese apparate aan Thuli: "Die Instituut vir Aanmoediging wil Afrika van sy stomheid verlos." Taal is duidelik volgens hom die probleem. Hy verduidelik van die knopie-in-die-oor-vertaaltegnologie wat aan elke universiteit in Suid-Afrika geskenk sal word en wat een taal onmiddellik in 'n ander kan vertaal. "Sodat julle ophou baklei oor taal." Hy gaan voort: "Daar sal geen taalgrense, geen misverstande, geen lost in translation meer wees nie." Boonop sal boodskappe 'n groter reikwydte hê, omdat lesings wêreldwyd uitgesaai sal kan word "en studente in Tibet of Chili sit ook en luister […]" (401).

Die karakters in die roman ervaar elk op hul eie manier spanning en konflik as gevolg van hulle onvermoë om as deel van 'n spesifieke groep te identifiseer. Thuli, deur haar betrokkenheid by die #FeesMustFall-beweging, is in spanning met haar ouers, teen wie sy in opstand kom. As een van die leiers van die vallistiese bewegings loop sy voor met 'n blink kopdoek in geel, groen en swart, wat haar as 'n lid van die ANC identifiseer en verklaar: "My doek gee my krag!" (358). Sy worstel terselfdertyd, na haar grootwordjare in Londen, om as 'n sogenaamde coconut te identifiseer – "'n coconut: swart van buite, maar wit van binne" (127).

Snaar, wat in transisie is, ervaar spanning met betrekking tot sy eie liggaam en die verwagtinge van institusionele manlikheid (483). Hy worstel met die wete dat hy "as 'n mannetjiesvrou" onwelkom is by sy familie, waar hy soos "'n brandsiek hond" weggejaag (480) en geskel is as "Lady boy! Sissy boy!" (481). Hy vergelyk homself met Futsek, soos Jerome ook sy woonbuurt noem, en verklaar: "Ek, Snaar. Ek bly in 'n Futsek van 'n lyf. My lyf is my Futsek" (483), en soos die betogers oor die besit van grond glo hy dat Piekenier vir hom 'n lyf gaan gee om in te woon (483) – 'n lyf waarbinne hy gemaklik gaan voel.

Jerome gee aan die leser 'n kritiese blik op armoede en die lot van voorheen benadeelde mense. Deur sy oë ervaar die leser bevoorregting, sowel wit as swart, en lees hoe sy stryd om te oorleef van hom 'n "toevallige" aktivis maak. Hoewel Afrikaans sy huistaal is, distansieer hy hom

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

daarvan en praat hy verkieslik Engels met ’n swaar Afrikaanse aksent. “Ek het gesukkel met die Engels, ek het gesukkel met die lingo, met die discourse. Met watter soort ding woke is en wat nie” (313). Hy glo hy pas nêrens in nie, omdat hy nie swart of wit genoeg is nie. “Ons is niksmense, Ma. Die Futsek Tribe” (275).

4. Samevatting

Van Heerden slaag in hierdie roman daarin om die narratief rondom skandalisering en sondebok-making deur kansellering te konstrueer rondom Ian Brand se gewraakte twiet: “*Customs lady. Cape Town International Departures. In Africa there’s no hurry – except for independence*” (104). Ian se skandalisering ná die twiet is ’n bewys van die doeltreffendheid van kanselleer-kultuur op sosiale media wat in ’n groot mate deur dophoutegnologie en data gedryf word.

Ian se lot in *Biblioteek* is as ’n gevallestudie gebruik om kanselleerkultuur deur sosiale media as ’n vorm van skandalisering of sondebokmaking te definieer. Die goue reël: Sekere “taboe kwessies” mag nie bespreek word nie. Kanselleerkultuur se reikwydte en trefkrag lê in data as die nuwe olie, met databesitters wat mense uitbuit en beheer. Geen reëls geld nie, wat tot fopnuus en valse propaganda lei omdat niemand later weet wat waar is en wat nie. Ian word – voor en na die twiet – gebruik om identiteit, en veral Afrikaneridentiteit, onder die loep te neem.

Kanselleerkultuur word derhalwe ’n magtige wapen om ’n individu of groep te straf wat nie volgens die heersende narratief optree nie. Dit wys ook hoe iemand wat geskandaliseer word, onderworpe is aan die gebruik en misbruik van data, dophou- en gesigsherkenningstegnologie, en hulle in uiterste gevalle selfs tot plastiese chirurgie kan wend. Niemand is veilig teen skandalisering nie, wat vrees by individue inboesem. Hulle weet, soos Ian ontdek, dat hoewel hy nie amptelik aan iets skuldig bevind is nie, hierdie soort skandalisering jou “kanselleer”. Hy word ’n persona non grata – sonder dat hy sy kant van die saak kan stel. Thuli, met haar reis na Shanghai, leer hoe die dophoukultuur en gesigsherkenningstegnologie van China af ingespan word om data in te win oor individue en hoe hulle daardeur gemanipuleer kan word. *Biblioteek* toon derhalwe hoe Foucault (1995) se panoptikonteorie vandag steeds toegepas kan word om te wys hoe mense (Ian in Suid-Afrika en Thuli in China) se gedrag verander wanneer hulle weet of vermoed hulle word dopgehou en afgeluister.

Niemand is dus onsigbaar nie, en gedrag en spraak kan gemonitor word om seker te maak niemand oortree enige heersende norme nie. Word daar wel oortree, kan die betrokke persoon geskandaliseer word. Aan die einde van die boek, nadat Ian deur plastiese sjirurgie John Smith geword het, sê hy dan ook dat hy vir ’n NRO werk “wat begaan is oor sigbewaking, oor privaatheid en dophoukapitaal. Oor biometriese privaatheid. Oor KI wat als sien en hoor en uiteindelik als sal besluit” (633).

Thuli se gesprekke met Elizabeth dien deurgaans as politieke kommentaar oor die voortbestaan van die Afrikaanse letterkunde, skrywers en hulle onsekerheid in die nuwe politieke speelveld waar sekere woorde en kwessies taboe is, en van selfsensuur, kulturele sensitiwiteit, politieke korrektheid en die invloed van die digitale era op die publikasie van literatuur. ’n Sensitiwiteits-leser wat ’n boek afkeur omdat dit tot kanselleerkultuur kan lei, dwing Elizabeth tot self-sensuur: “Ons het toe besluit om die manuskrip nie uit te gee nie” (263).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Met die fokus wat op die rol van sosiale media, grootdata en dophoutegnologie binne ’n komplekse samelewing val, is verduidelik hoe hierdie elemente vir skandalisering gemobiliseer kan word en hoe dit uiteindelik tot die kansellering van ’n individu of groep kan lei. Juis omdat *Biblioteek* gemoeid is met hierdie samelewingskwessies en die implikasies daarvan op etiek en identiteit, kan die roman teen hierdie agtergrond gelees word. Hoewel Foucault (1995) se interpretasie van Bentam se panoptikontronk steeds geldig is, word dophoutegnologie deur sosiale media een stap verder geneem, met die gevolg dat individue wêreldwyd deurentyd bewus is van hulle eie sigbaarheid, asook die implikasies daarvan op mag en beheer. As gevolg van sosiale media is skandalisering en sondebokmaking deur kansellering meer universeel en alomteenwoordig, en in vandag se digitale era met sy hipersosialiteit is openbare debat nie noodwendig ’n vereiste nie.

Ian as hoofkarakter ontdek dat kansellering die doelbewuste vernietiging van ’n individu se reputasie of geloofwaardigheid ten doel het. Hy ontdek ook hoe groot die rol is wat dophou- en gesigsherkenningtegnologie in hierdie verband speel. In China is die dophoutegnologie byvoorbeeld reeds van so ’n aard dat ’n databasis oor elke individu geskep is om hulle vir die owerheid sigbaar te maak. Sekuriteitskameras word gebruik om mense se manier van stap en hul liggaamsvorm te herken. “Al is jou gesig bedek of kyk jy anderpad, jy word steeds herken” (617). Dis dan ook hoekom Piekenier Ian waarsku dat sy gesigsverandering ’n mors van tyd was. “Jammer. Ontsnap kan jy nie. Jou nuwe gesig gaan geen safe space vir jou wees nie” (618).

Strafbeskaming as aanlyn aktivisme is ’n wapen teen maatskaplike onreg om ’n stem aan gemarginaliseerde groepe te gee, gedryf deur omstrede kwessies soos rassisme, liberale ideologieë, etnisiteit, seksuele teistering en vrouehaat, genderidentiteite en transfobie. Dit word terselfdertyd aangewend om teenstrydige stemme stil te maak deur vrees vir kansellering in te boesem.

Bibliografie

Alperstein, N.M. 2019. *Celebrity and mediated social connections. Fans, friends and followers in the digital age*. Cham: Palgrave Macmillan Cham. DOI: 10.1007/978-3-030-17902-1.

Bakher, R. 2021. *#CancelCulture: a critical discourse analysis of cancel culture and its effect on representation and voice*. Malmö: Malmö University.

Bakhtin, M. 1984. *Problems of Dostoevsky’s poetics*. Geredigeer en vertaal deur C. Emerson. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Bartel, R. 2019. Academic freedom and an invitation to promote its advancement. *Geographical Research*, 57(3):359–67.

Benn, P. 2021. Cancel culture: Nothing to see here?. *The Philosophers’ Magazine*, 95:75.

Bester, C., J. Britz, R. Capurro en R. Fischer (reds.). 2021. *Nelson Mandela – a reader on information ethics*. Pretoria: International Centre for Information Ethics (ICIE).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Bosančić, S., F. Brodersen, L. Pfahl en L. Schurman. (reds.). 2022. *Following the subject. Studies in subjectivication*. https://link.springer.com/book/10.1007/978-3-658-31497-2.

Burger, W. 2020. Kies 'n boek: *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* – Etienne van Heerden. https://www.vrouekeur.co.za/nuus-vermaak/kies-n-boek-die-biblioteek-aan-die-einde-van-die-wereld-etienne-van-heerden (20 Januarie 2023 geraadpleeg).

Burkhardt, S. 2018. Scandals in the network society. In Haller, Michael en Kraus (reds.) 2018.

Burmah, L.S. 2021. *The curious cases of cancel culture*. San Bernadino: California State University.

Castells, M. 2000. *The rise of the network society: the information age: economy, society and culture*. Oxford: Blackwell.

Clark, M. 2020. DRAG THEM: a brief etymology of so-called "cancel culture". *Communication and the Public*, 5(3/4). https://doi.org/10.1177/2057047320961562.

Clegg, S.R. en M. Haugaard. (reds.). 2009. *The Sage handbook of power*. Londen: Sage Publications.

Cohen, C.J., M. Fowler, V. Medenica en J. Rogowski. 2017. The "woke" generation? Millennial attitudes on race in the US. *GenForward Survey*. Chicago, Illinois: University of Chicago.

Dershowitz, A. 2020. *Cancel culture: the latest attack on free speech and due process*. Hardbound. New York: Hot Books.

Dishmon, K. 2019. The exhaustive history of "cancel culture" in YA fiction. https://bookstr.com/article/the-exhaustive-history-of-cancel-culture-in-ya-fiction (30 Maart 2023 geraadpleeg).

Du Plessis, T. 2016. Selfsensuur verlam ons. *Beeld*, 3 Februarie.

Duque, R., R. Rivera en E. LeBlanc. 2021. The active shooter paradox: Why the rise of cancel culture, "Me Too", ANTIFA and Black Lives Matter. *Aggression and Violent Behavior*, 60. https://doi.org/10.1016/j.avb.2020.101544 (22 Oktober 2022 geraadpleeg).

Engelstad, F. 2009. Culture and power. In Clegg en Haugaard (reds.) 2009.

Foucault, M. 1995. *Discipline and punish: the birth of the prison*. Vertaal deur A. Sheridan. New York: Vintage Books.

Fourie, P.J. 2009. 'n Terugkeer na die onderdrukking van vryheid van spraak? Ooreenkomste tussen die apartheidsregering(s) en die ANC se optrede teen die media. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(1):62–84.

—. 2015. Die media se "beeld" van die samelewing: 'n semio-logiese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(4):570–83.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Gershberg, Z. en S. Illing. 2022. *The paradox of democracy: free speech, open media, and perilous persuasion*. Chicago, Illinois: University of Chicago Press.

Girard, R. 1982. *The scapegoat*. Vertaal deur Y. Freccero. Baltimore: The Johns Hopkins University Press.

—. 2001 [1999]. *I see Satan fall like lightning*. Vertaal deur J.G. Williams. Maryknoll, New York: Orbis Books.

—. 2014 [2001]. *The one by whom scandal comes*. Vertaal deur M.B. DeBevoise. East Lansing, MI: Michigan State University Press.

Girard, R. en B. Chantre. 2010 [2007]. *Battling to the end: conversations with Benoît Chantre*. Vertaal deur M.B. DeBevoise. East Lansing, MI: Michigan State University Press.

Greeff, O. 2022. Persverklaring: Hennie van Coller bedank as voorsitter van die SA Akademie se Letterkundekommissie. LitNet. https://www.litnet.co.za/persverklaring-hennie-van-coller-bedank-as-voorsitter-van-die-sa-akademie-se-letterkundekommissie (4 Desember 2022 geraadpleeg).

Hahn, K. (red.). 2002. *Öffentlichkeit und Offenbarung: eine interdisziplinäre Mediendiskussion*. Konstanz: UVK Verlagsgesellschaft.

Hall, S., J. Evans en S. Nixon (reds.). 2013. *Representations. Cultural representations and signifying practices*. Tweede uitgawe. Londen: Sage.

Haller, A., H. Michael en M. Kraus. 2018. *Scandalogy: an interdisciplinary field*. Keulen: Herbert von Halem Verlag.

Hambidge, J. 2019. Resensie: Etienne van Heerden – *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*. Woorde wat weeg. http://joanhambidge.blogspot.com/2019/11 (20 Januarie 2023 geraadpleeg).

Imhof, K. 2002. Medienskandale als Indikatoren sozialen Wandels. Skandalisierung in den Printmedien im 20. Jahrhundert. In Hahn (red.) 2002:73–98.

Jansen, E. 2019. *Like family: domestic workers in South African history and literature*. Johannesburg: Wits University Press.

Kaufmann, E. 2021. Academic freedom in crisis: punishment, political discrimination, and self-censorship. *Center for the Study of Partisanship and Ideology. Verslag*, 2:15–9.

King, M. 2020. How cancel culture corrupts fiction. *Quadrant*, 31 Oktober. https://quadrant.org.au/magazine/2020/10/how-cancel-culture-corrupts-fiction (20 Februarie 2022 geraadpleeg).

Klazar, E. en R. Fischer. 2021. The long talk to freedom: censorship in a culture of isolation. In Bester, Britz, Capurro en Fischer (reds.) 2021:225–37.

Koskela, H. 2000. “The gaze without eyes”: video-surveillance and the changing nature of urban space. *Progress in Human Geography*, 24(2):243–65.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Kurti, P. 2020. *Cancelling the culture: critical theory and the chasm of incoherence*. The Centre for Independent Studies. Analysis paper 22. https://www.cis.org.au/wp-content/uploads/2021/06/ap22.pdf.

Lodge, D. 1990. *After Bakhtin: essays on fiction and criticism*. Londen: Routledge.

Lovink, G. 2011. *Networks without a cause: a critique of social media*. Malden, Mass: Polity.

Mandell, H. en G. Chen. 2016. *Scandal in a digital age*. New York: Palgrave Macmillan.

Manderstedt, L., A. Palo en L. Kokkola. 2021. Rethinking cultural appropriation in YA literature through sámi and arctic pedagogies. *Children's Literature in Education*, 52:88–105. https://doi.org/10.1007/s10583-020-09404-x (25 Julie 2022 geraadpleeg).

Marsh, H. 2022. Cancel culture conundrum. *Honors College*, 761. https://digitalcommons.library.umaine.edu/honors/761 (25 Julie 2022 geraadpleeg).

Martin, J. 1978. *The wired society*. Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Martin, N. 2022. US bans Chinese telecom, surveillance cameras. https://www.dw.com/en/us-bans-chinese-telecom-surveillance-cameras/a-63895206 (20 Desember 2022 geraadpleeg).

Morrison, R. 2022. UK government ban for Chinese Hikvision CCTV cameras. *Techmonitor*, 30. https://www.techmonitor.ai/digital-economy/government-computing/hikvision-ban-uk-government-oliver-dowden (21 April 2022 geraadpleeg).

Murakami, D. 2012. *Beyond the panopticon? Foucault and surveillance studies. Space, knowledge and power: Foucault and geography*. Burlington: Ashgate Publishing.

Ng, E. 2020. No grand pronouncements here: reflections on cancel culture and digital media participation. *Television & New Media*, 21(6):621–7.

Nguyen, B. 2020. Cancel culture on Twitter: The effects of information source and messaging on post shareability and perceptions of corporate greenwashing. *Wharton Research Scholars*, 197. https://repository.upenn.edu/wharton_research_scholars/197 (17 Maart 2022 geraadpleeg).

Norris, P. 2020. Closed minds? Is a "cancel culture" stifling academic freedom and intellectual debate in political science? *HKS working paper*, No. RWP20-025. SSRN: https://ssrn.com/abstract=3671026; http://dx.doi.org/10.2139/ssrn.3671026.

—. 2021. Cancel culture: Myth or reality? *Political Studies*, 71(1). DOI:10.1177/00323217211037023.

Page, M. 2024. Kanselleerkultuur as strafbeskaming in Etienne van Heerden se roman, *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*. MA-miniverhandeling, Universiteit van Pretoria.

Political correctness. s.j. *Oxford English Dictionary*. Oxford: Oxford University Press. https://doi.org/10.1093/OED/1097378403 (12 November 2014 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Pörksen, B. en H. Detel. 2012. Der entfesselte Skandal. Das Ende der Kontrolle im digitalen Zeitalter. Köln: Herbert von Halen.

Rainer, T.S. en J. Rainer. 2011. *The millennials*. Nashville: B&H Publishing Group.

Rayner, T. 2012. Foucault and social media life in a virtual panopticon. https://philosophyforchange.wordpress.com/2012/06/21/foucault-and-social-media-life-in-a-virtual-panopticon (16 Februarie 2022 geraadpleeg).

Rossouw, J. 2019. 'n Insny op alles van hierdie verwonde land. Netwerk24. https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/n-insny-op-alles-van-hierdie-verwonde-land-20191201 (24 Oktober 2022 geraadpleeg).

Stefanick, L. 2011. *Controlling knowledge: freedom of information and privacy protection in a networked world*. Athabasca: Centre for State and Legal Studies, Athabasca University.

Teixeira da Silva, J.A. 2021. How to shape academic freedom in the digital age? Are the retractions of opinionated papers a prelude to "cancel culture" in academia? *Current Research in Behavioral Sciences*, 2:1–6.

Thiele, M. 2021. Political correctness and cancel culture – a question of power. *Journalism Research*, 4(1):50–7.

Thompson, J.B. 2000. *Political scandal. Power and visibility in the media age*. Cambridge: Polity Press.

Traue, B. en L. Pfahl. 2022. What is subjectivation? Key concepts and proposals for future research. In Bosančić, Brodersen, Pfahl en Schurman (reds.) 2022. DOI: 10.1007/978-3-658-31497-2_2.

Tumber, H. en S. Waisbord. 2004. Introduction: Political scandals and media across democracies, Volume II. *American Behavioral Scientist*, 47(9). 1143–52. DOI: 10.1177/0002764203262340.

Van Coller, H. 2022. "Gewone mense" word al hoe meer randfigure. Selfs in kinderboeke sluip politieke korrektheid al meer in, skryf Hennie van Coller. Netwerk24, 6 Mei. https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/gewone-mense-word-al-hoe-meer-randfigure-20220506 (18 Februarie 2025 geraadpleeg).

Van Dijk, J. 1999. *The network society: social aspects of new media*. Londen: Sage.

Van Dyk, A. 2020. Resensie: *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* (Etienne van Heerden). *Tydskrif vir Letterkunde*, 57(2):137–9. DOI: https://doi.org/10.17159/tl.v57i2.8466.

Van Heerden, E. 2019. *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*. Kaapstad: Tafelberg.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b1

Van Huyssteen, G. 2018. As hutsmerk magtiger as die swaard is. Virtuele Instituut vir Afrikaans. https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/392-as-hutsmerk-magtiger-as-die-swaard-is (19 Maart 2022 geraadpleeg).

Viljoen, L. 2020. *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* deur Etienne van Heerden. LitNet Akademies-resensie-essay. https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-die-biblioteek-aan-die-einde-van-die-wereld-deur-etienne-van-heerden (11 Desember 2022 geraadpleeg).

Villet, C. 2021. 'n Fenomenologie van rassisme: Hegeliaanse (wan)erkenning en die struktuur van koloniale bewussyn. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(3):870–90.

Waldman, K. 2019. In Y.A., where is the line between criticism and cancel culture? New Yorker Books. https://www.newyorker.com/books/under-review/in-ya-where-is-the-line-between-criticism-and-cancel-culture (19 Februarie 2022 geraadpleeg).

Yap, K. 2022. A qualitative case study of cancel culture among public figures and private figures. Doktorale proefskrif, California State University, East Bay.

Zaaiman, J. 2022. Hegemonie en mag: 'n normatiewe besinning in die lig van 'n gevallestudie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(1):169–83. https://journals.co.za/doi/abs/10.10520/ejc-akgees-v62-n1-a9.

Eindnotas

[1] Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat ek vir my MA in kreatiewe skryfkunde aan die Universiteit van Pretoria onderneem het. Gedeeltelike finansiële ondersteuning is deur Dagbreek Trust verleen.

[2] Bladsynommers tussen hakies, sonder datum of skrywersnaam, verwys na Van Heerden (2019), *Die biblioteek aan die einde van die wêreld.*

[3] *Biblioteek* word sonder datum of skrywersnaam gebruik; dit verwys na *Die biblioteek aan die einde van die wêreld.*

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

’n Vrouetydskrif oor 75 jaar – ’n sosiale barometer van haar tyd

Lizette Rabe

Lizette Rabe, Departement Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die Afrikaanse vrouetydskrif *Sarie* het in Julie 2024 haar 75ste jubileum gevier. Die doel van hierdie artikel is om *Sarie* as sosiale barometer van haar tyd voor te stel. Die velde mediageskiedenis en tydskrifstudie vorm die teoretiese raamwerk vir die vertrekpunt. Dié benadering “sosiale barometer” word beskou as ’n gepaste metafoor, aangesien veral ’n vrouetydskrif gesien kan word as ’n “lesing” van die “temperatuur” van haar tyd. Dit geld vir van mode tot kos, maar veral onderwerpe spesifiek op vroue gerig.

Die artikel fokus op twee tydperke in die tydskrif se leeftyd: haar ontstaan en ontwikkeling in 1949, en die meer onlangse uitdagings as gevolg van die digitale omwenteling en COVID-19. Aspekte van die sosiaal-politieke konteks van die twee tydperke word verweef met die blad se doelwitte vir elke tydperk. Dit word mediageskiedkundig geboekstaaf aan die hand van ’n kwalitatiewe ontleding van verskeie primêre en sekondêre bronne, asook ’n inhoudsontleding. Die bevindinge dui aan hoe *Sarie* gedurende die eerste tydperk as sosiale barometer gedien het met verwysings na die ontwikkeling van Afrikaans, die posisie van vroue in die samelewing, toegang tot inligting as teenvoeter vir onkunde en ook die finansiële uitdagings van die tyd. As sosiale barometer van die afgelope paar jaar in opbou tot *Sarie* se 75ste jubileum weerspieël – en reageer – die blad op die digitale ekostelsel en die aanpassings meegebring deur COVID-19, veral met betrekking tot die sakemodel en handelsmerkuitbreidings.

Die gevolgtrekking is dat *Sarie* in wese ’n sosiale barometer is wat haarself oor ’n tydperk van 75 jaar voortdurend kon omskep. *Sarie* se 75ste jubileum word gevier te midde van erge onsekerheid rondom die toekoms van die media in gedrukte vorm. Maar ook hierin toon die blad haar wese as sosiale barometer deur handelsmerkuitbreidings wat nie alleen mediaprodukte insluit nie. Die blad kon oor 75 jaar morfeer om antwoorde op nuwe uitdagings te bied binne die digitale omwenteling van die 21ste eeu. Die finale gevolgtrekking is dat die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

doelwitte wat die blad vir haarself met haar ontstaan gestel het, steeds nagestreef word. Inderdaad, dat die blad ’n dinamiese produk en ’n sosiale barometer van haar tyd is.

Trefwoorde: Afrikaans; Media24; mediageskiedenis; Naspers; *Sarie*; sosiale barometer; tydskrif; tydskrifstudie; vrouetydskrifte

Abstract

A women’s magazine over 75 years – a social barometer of her time

The Afrikaans women’s magazine *Sarie* celebrated her 75th anniversary in July 2024. This article describes the origin and development of this magazine based on two periods. The first is the period surrounding her inception and the challenges that the first editorial team had to overcome. The second period focuses on a later era, namely that of the most recent years, including the COVID-19 pandemic and the digital revolution.

The starting point for the article is media-historical in nature, with the concept of a magazine as a “social barometer” used for both periods to indicate that this magazine has measured the cultural “temperature” of her time over 75 years.

Firstly, the social “climate” in which the magazine originated is described. This is considered essential context. The article then studies the magazine’s goals with her origin and development in 1949 and her position 75 years later within the fields of media history and magazine studies.

The research question is: How has *Sarie* remained a social barometer of her time over the past 75 years? As already stated, the concept of a magazine as a social barometer is used as a theoretical approach and starting point.

The method followed is qualitative and relies on various sources that include unpublished interviews, questionnaires, and correspondence with role players who still had recollections of the first period of *Sarie*. These data come from an unpublished study from 1985. For the second period on which the article focuses, namely 75 years later, especially one source was mainly relied on, namely the editor of the magazine. The qualitative research includes a qualitative analysis of primary and secondary sources, as well as a previously unpublished analysis of the magazine’s content.

The field of study is media history and magazine studies, with reference to the broader field of media studies. Both media history and magazine studies are briefly discussed. An appropriate literature review of relevant recent and seminal studies and texts within the field of magazine studies that help to contextualise the discussion is also presented.

This discussion is further expanded by looking at different interpretations of historiography by a variety of historians, and how media history – and therefore magazine history – could be classified and interpreted within such a broad framework. This is done precisely because magazine studies as a subdiscipline within media history should receive much more attention.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

The starting point for the focus of magazine studies within the field of media history uses the question of the British historian E.H. Carr's now classic Cambridge lecture series of 1961, namely "What is history?"

This is followed by a historical overview of the socio-political context within which the magazine was founded. The discussion includes a reference to the formation of the company known today as Naspers, and how *Sarie* developed from humble beginnings to becoming the leading women's magazine in South Africa 75 years later. Naspers was founded in 1915 as De Nationale Pers, later registered as Nasionale Pers, and much later, simply as Naspers. With the unbundling of various divisions, the subsidiary Media24 was established. This division currently publishes, among others, the previously traditional Nasionale Pers titles.

Within this historical context, magazines are analysed as social barometers of their time. *Sarie*, specifically, serves as a social barometer of a certain period in the 75 years of her existence. The magazine displays clear characteristics of the "cultural temperature" of a society during these periods, as also suggested by the seminal work on magazine studies by Johnson and Prijatel, seen as the two leading international researchers in the field of magazine studies.

Furthermore, the media historical chronology of the "climate" – to continue the image of a barometer – within which *Sarie* came into being in the twentieth century is studied. Among other things, the profit motive to justify her existence was very clear right from her inception. This was a very different approach than was the case for other publications of the parent company at that time. The goal of these publications was rather a "service motive", than a "profit motive". One conclusion 75 years later, for example, is that *Sarie* magazine could certainly only continue to exist after the COVID-19 pandemic and the digital revolution if she made a profit.

Unpublished interviews with some of the early role players, including the first editor and editorial staff, as well as interviews with the current editor, contribute to the confirmation that *Sarie* can be seen as a "social barometer" and phenomenon of her time.

As said, the article studied the women's magazine *Sarie* as a social barometer during the magazine's early years and the present. The article aimed to build, as one researcher put it, that "critical contextual link" between the past and the present, and at the same time, show how a magazine could be a social barometer. The argument of how *Sarie* could be, and still is, that social barometer was built by highlighting a few aspects of her origin and development 75 years ago, as well as the current state of affairs.

The findings indicate how *Sarie* served as a social barometer during the first period with references to the development of Afrikaans as language, the position of women in society, access to information as a counterweight to ignorance, and also the financial challenges of the time. As a social barometer of the past few years in the build-up to *Sarie*'s 75th jubilee, the magazine reflects – and responds to – the digital ecosystem and the adjustments brought about by COVID-19, as well as the digital revolution, especially as can be seen with regard to the business model and brand extensions.

Another important aspect that could be shown is the mutual bond between editorial staff, as well as the bond with her target market. This is a factor that, in all likelihood, has ensured her success over 75 years. In Rossouw's (2021) research, which is considered the first seminal

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

work in South African magazine studies, she writes about the strong link between a magazine and its community. Rossouw also refers to the concept of the magazine as a social barometer that "measures" the state of that community, as well as how magazines adapt to their circumstances. Magazines therefore not only reflect their target markets, but, as Rossouw quotes Johnson and Prijatel, they are also "active members of that community".

The article concludes that the magazine has been a dynamic product over 75 years – and still is. Moreover, *Sarie*'s 75th anniversary was celebrated amidst severe uncertainty surrounding the future of print media. However, true to her nature as a social barometer, the magazine continues to grow through successful brand extensions, as well as projects that do not only include media products.

The magazine has been able to adapt over 75 years to provide answers to new challenges, including the digital revolution and the unforeseen challenges of the COVID-19 pandemic, even though this has resulted in the magazine today being published by an independent company, although still under the auspices of Media24.

Keywords: Afrikaans; magazine; magazine studies; Media24; media history; Naspers; *Sarie*; social barometer; women's magazines

1. Inleiding

Die vroueblad *Sarie*, aanvanklik *Sarie Marais*, is in 1949 as eerste vrouetydskrif van destyds se Nasionale Pers gestig. Vandag word die blad onafhanklik deur die redakteur, Michélle van Breda, uitgegee (Van Breda 2024a), maar onder die Naspers-filiaal Media24, soos wat die maatskappy en afdeling intussen herdoop is.[1] Eerstens word die sosiale "klimaat" waarin die tydskrif ontstaan het, beskryf. Buiten die algemene sosiopolitieke konteks, kan ook gepraat word van die "idealisties-ideologiese", asook markgedrewe ideale van die tydskrif, of "diensdoelwit". In *Sarie* se geval moes die "winsdoelwit"[2] (Rabe 2015:12) haar bestaan verseker.

Hierdie artikel bestudeer die blad se doelwitte met haar ontstaan en ontwikkeling in 1949, en haar posisie 75 jaar later binne die velde van mediageskiedenis en tydskrifstudie. Die tydskrif as 'n *sosiale barometer* word as teoretiese benadering en uitgangspunt gebruik. Die artikel bied voorts 'n mediageskiedkundige boekstawing van die blad se ontstaan en ontwikkeling, asook die laaste tydperk van haar 75 jaar. Die sentrale vraag is: Wat was die doelwitte van die blad met haar ontstaan, en wat is die situasie vandag? Dit sluit die impak en die uitdagings van die digitale revolusie en die effek van die COVID-19-pandemie in. Daar kan tot die slotsom gekom word dat *Sarie*, deur Rossouw (2021) beskryf as 'n "argetipiese 'alfa'-vroueblad", oor 75 jaar 'n sosiale barometer van haar tyd gebly het, nie net betreffende inhoud nie, maar ook hoe sy in pas bly met tegnologiese ontwikkeling.

2. Sosiaal-politieke konteks

Die Nasionale Pers is as De Nationale Pers, Beperkt in 1915 gestig as antwoord op Afrikaner-nasionalisme se behoefte aan 'n spreekbuis ter bemagtiging van die Afrikaner (Rabe 2015:11–3). Ná die Suid-Afrikaanse Oorlog (SAO, ook bekend as die Anglo-Boereoorlog) was die Afrikaner verarmd op alle terreine: polities, kultureel en ekonomies.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Hoewel die sukkelende maatskappy in die begin selfs aandele op die Kaapse Parade gesmous het (Steinmeyer 1946:130), het Naspers, soos dit later bekend was, homself voortdurend hernuwe en herskep. Vandag is dit ’n globale tegnologiemaatskappy wat homself beskryf as “a global consumer internet group and one of the largest technology investors and operators in the world” (“About Naspers” 2024). Sy Suid-Afrikaanse media-arm is ten volle gekonsentreer in Media24 (Rabe 2015).

Die maatskappy het reeds in sy ontstaansjaar in 1915 sy eerste tydskrif gepubliseer (Rabe 2016). Dit was ’n spesiale uitgawe as “Kerstnummer” in *De Burger*. Die volgende jaar is *Die Huisgenoot* (vandag *Huisgenoot*) gestig (Rabe 2016). *Die Landbouw-weekblad* (vandag *Landbouweekblad*) het in 1919 gevolg (Rabe 2019). Volgens Claassen (1998:125) sou die *Kerstnummer* van 1915 die grondslag lê vir die maatskappy as latere uiters suksesvolle tydskrif-uitgewer. Die *Kerstnummer* was ’n gebinde en geïllustreerde tydskrif, op beter papier, en met ’n voorblad in kleur (Muller 1990:244). Dit was egter *Huisgenoot* wat vir finansiële oorlewing van sy maatskappy (en kruissubsidie vir *Die Burger*) moes sorg, terwyl Afrikanernasionalisme lesers sosiaal-ekonomies moes bemagtig. Soos Froneman (2004:68) uit die uitgawe van Julie 1919 aanhaal: “Al ons mooi praatjies oor nasionalisme en onafhanklikheid beteken bloedweinig solank ons ekonomies afhanklik van ander nasies blij.” (Die implikasie van “ander nasies” is Engeland.)

As konteks vir wat tot die groei van Afrikanernasionalisme gelei het in die nadraai van die SAO: Volgens ’n studie sou 44 Afrikaners uit ’n groep van 100 skoolbeginners in 1933 die skool verlaat sonder om st. 6 (gr. 8) te slaag; agt sou matriek slaag; en minder as drie sou universiteit toe gaan (Giliomee 2012:300). Teen 1936 was 50% van die een miljoen Afrikaners verstedelik (Morris 2012:20). Dié “Stadsafrikaners” van 1936 was teen 1951 al meer as ’n miljoen, teen 1961 op pad na anderhalf miljoen, en teen 1972 was net 12% nog op die platteland (Spies 1992:353–62).

Ook ter wille van konteks word die kwessie van Afrikaans kortliks belig. Toe Naspers gestig is, was Afrikaans nog nie ’n amptelike taal nie. Selfs die Nasionale Pers het in daardie stadium Afrikaans en Nederlands as twee afsonderlike tale beskou (Rabe 2015:10). *De Burger* is aanvanklik in Nederlands gepubliseer. Die maatskappy is ná ’n “Oprichtersvergadering” gestig en sy naam is as De Nationale Pers, Beperkt, geregistreer, met notules in Nederlands. Teen Desember 1921 is ’n direksiebesluit geneem om die naam te verafrikaans (Rabe 2018:815). Die eerste uitgawe in Januarie 1922 van sy vlagskip, *De Burger*, was nou amptelik *Die Burger*, met Afrikaans die amptelike inhoudstaal. In 1925 is Afrikaans as derde amptelike taal benewens Nederlands en Engels erken.

Ná ’n aanvanklike sukkelgang het die maatskappy begin blom. Teen 1941 is bereken sowat £66 op elke belegging van £100 is as dividend uitbetaal (Du Plessis 1943:141–2). Toe is “[r]eeds sedert jare” ’n “diwidend” van 6% verklaar. In 1941 was daar 3 206 aandeelhouers, die maatskappy se nominale aandelekapitaal was £150 000 en sy bates was £328 343.9.8d. In totaal was sowat 500 mense in Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth in diens.

Ná die Tweede Wêreldoorlog in 1945 het ’n nuwe tydperk ook in Suid-Afrika begin: Die Nasionale Party (NP) het ’n onverwagse oorwinning in die verkiesing van 1948 behaal (Rabe 2019). “’n [H]ele netwerk van apartheidswetgewing” is uitgevaardig wat Suid-Afrika volgens ras sou kategoriseer en verdeel. Die Suid-Afrikaanse ekonomie was gelukkig stabiel danksy mynbou – as die landbou weens weersomstandighede swak gevaar het, kon diamante, goud, steenkool en ander minerale steeds gemyn word (Verhoef 2012:458–63). Die goudmynbedryf

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

was die blinkste, met produksie wat van £32 miljoen in 1910 tot £144,8 miljoen in 1950 toegeneem het. Ontginde erts het van 19,7 metrieke ton in 1910 tot 56,5 metrieke ton in 1950 gestyg.

As maatskappy het Nasionale Pers dermate ontwikkel dat dit in 1950, 'n jaar ná die stigting van *Sarie*, gedesentraliseer het deur die koerante en tydskrifte te ontbondel (AL 4 15/1/2/1/685). Dit is as Nasionale Koerante, Beperk, en Nasionale Tydskrifte, Beperk, geregistreer. Die uitgewery is reeds voorheen as Nasionale Boekhandel ontbondel. Daardie selfde jaar is die tweede Ekonomiese Volkskongres gehou wat "die opkoms van Afrikanerfinansieringskapitaal gekenmerk [het] wat onder die NP-regering soos nooit tevore geblom het nie" (Muller 1987:130–1).[3] By Volkskas, 'n vroeë Afrikanerbank waarvan die naam ook in die "volksidioom" van die "volksera" ontstaan het, het beleggings tussen 1948 en 1951 verdubbel. In dié tydsgees van 'n "volksgees" is elke moontlike kombinasie met "volk" gebruik sodat die "volkstemming", "volkstroming" en "volkslewe" daarin gestalte kon vind (Du Plessis 1943:i–ii; Scholtz 1988:10–1; Froneman 2004:67; Rabe 2019).

Die maatskappy se aantal tydskrif-titels het oor die jare gegroei tot 17 in 1997, maar binne tien jaar, teen 2007, ontplof tot 71 titels (De Swardt en Brand 2008). Toe die tydperk van die digitale ekonomie aanbreek, was die maatskappy geposisioneer om die volgende brander te ry (Rabe 2015:10). Die groter Naspers-groep is terselfdertyd ontbondel. Media24, wat op 1 April 2000 onder dié naam begin handel dryf het, sou hom onmiddellik vestig as "die leidende digitale Suid-Afrikaanse uitgewer op die web" (De Swardt en Brand 2008). Dit is voorafgegaan deur die ontbondeling van die tydskrifte-sektor onder Salie de Swardt in 1999, toe die hele afdeling in vier groepe gedesentraliseer is met vier uitvoerende hoofde vir elk, naamlik die vrouetitels, die gesinsblaaie, die finansblaaie, en die landbou-sake-eenheid bestaande uit *Landbouweekblad* en Agri24.com (Vosloo 1999). In 2001 het Media24 se tydskrifte-afdeling 60% van die totale tydskrifmark in Suid-Afrika gevorm. Sy tydskrifportefeulje het in daardie tyd binne ses jaar van 12 tot 30 titels gegroei en daarna steeds verder en vinniger uitgebrei (Scholtemeyer 2001:10–1).

Toe Naspers sy eerste vrouetydskrif in 1949 gestig het, het die "mooi praatjies oor nasionalisme" 'n besliste kommersiële doelwit gehad. Met die stigting van *Sarie* (toe *Sarie Marais*) was die benadering "heeltemal anders" as dié van *Huisgenoot*, *Landbouweekblad* en *Jongspan* (Muller 1990:571–2). Die maatskappy se eerste drie tydskrifte moes volgens die diensdoelwit (of idealisties-ideologiese ideaal) vir die "opkomende Afrikanerkultuur" en "volk" sorg. Al sou die drie blaaie nie wins maak nie, of selfs gelykbreek nie, moes hulle aan die gang gehou word (Rabe 1985:58–81; Spies 1992:378–82). Met die vroueblad was Naspers se "diensmotief en opheffingsdrang" minder belangrik, want sakebelange (dus die winsdoelwit of markgedrewe ideaal) was belangriker. Die blad kon net uitgegee word as dit ná vestiging wins maak. Selfs 'n nuwe frase is gebruik: "winsgewende diens" (Spies 1992:378). Spies: "Kortom: die uitgangspunt was dat dit 'n geleentheid was vir 'winsgewende diens', met die onuitgesproke toevoeging: sonder wins geen *Sarie*."

Die positiwiteit en die (sake-)"optimisme" rondom die nuwe blad was ook danksy die "dramatiese" verkiesingsoorwinning van 1948 (Spies 1992:379). Dit is beskou as 'n "demonstrasie van die Afrikaners se mag en invloed, waarvan die wêreld, adverteerders inkluis, moes kennis neem".

Die opwinding rondom dié nuwe blad, toe nog 'n weekblad, was so groot dat *Sarie* se eerste oplaag van 35 000 op die eerste dag uitverkoop het (Rabe 1985:66). Die oplaag het binne vier

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

weke tot 45 400 gestyg. Die amptelike sirkulasiesyfer vir die eerste ses maande (Julie tot Desember 1949) was 67 026 (Rabe 1985:231).

Soos bo vermeld, moes *Sarie* van meet af aan wins maak. Die begrip *politieke ekonomie van die media* het toe nog nie bestaan nie, maar die praktyk is wel deeglik toegepas deur die Afrikanernasionale patriargie van die tyd.

3. Mediageskiedenis en tydskrifstudie

Vir my is dit belangrik om Carr se klassieke Cambridge-lesingreeks van 1961, "What is history?", te herroep as beginpunt vir die toelig van mediageskiedenis. Daarin sê hy die antwoord op dié vraag weerspieël, "bewustelik of onbewustelik", "ons eie posisie in die tyd, en is deel van die antwoord op die breër vraag oor hoe ons die samelewing sien waarin ons ons bevind" (Carr 1961:2). Daarmee saam kan feite nie as "suiwer" gesien word nie, maar as "gebroke" ("refractions"), want dit word "deur die siening van die optekenaar gerefrakteer" (Carr 1961:16). Feite bly dus subjektief. Inderdaad skryf Furet (1983:403–4) "geskiedkundige feite [is] 'n intellektuele besluit". Furet noem ook dat geskiedkundiges "gereeld gewaarsku word – sonder dat hulle daarop ag slaan – dat daar nie so iets soos 'n 'suiwer' feit is nie". Dis vanselfsprekend onmoontlik om elke aspek van 'n geskiedenis weer te gee, skryf Scannell (2002:201); slegs "fragmente" kan deur geskiedkundiges versamel, saamgevoeg en geïnterpreteer word.

Ander tersaaklike skrywers oor geskiedskrywing is Verbeeck (2000), Brown (2003), Berger (2011) en Woolf (2011). Ook Sonderling (1995:90) se mening moet genoem word, naamlik dat "geskiedenis meer [is] as 'n stel menslike akteurs, aktiwiteite en gebeurtenisse wat op (a) 'n spesifieke plek, en (b) 'n spesifieke tyd gebeur het". Sonderling skryf dit gaan (ook) oor die rekord van die verlede en wat mense "verkies het om oor hul wêreld te kommunikeer".

Die diktum van Leopold von Ranke, deur sommige denkskole beskou as die "vader" van die moderne geskiedskrywing, naamlik dat geskiedskrywing as boekstawing van gebeurtenisse slegs maar 'n gedeeltelike "gewese werklikheid" kan weergee, is ter sake en sluit aan by die sienings van Carr, Furet en Scannell. Vir Verbeeck (2000:387) kan geskiedskrywing byvoorbeeld geïnterpreteer word as 'n "teenwoordige verlede" – soos wat *Sarie* oor 75 jaar 'n "teenwoordige verlede" met haar saamdra.

Bewus van dié sienings, en in ag genome die waarskuwings daarin vervat, word mediageskiedenis boonop as 'n betreklik "onlangse fenomeen" beskryf (Sonderling 1995:87). Meer as 'n dekade later skryf Wigston (2007:5) dat dit 'n onderbestudeerde subdissipline binne die velde van mediastudie en joernalistiekstudie is. Conboy (2012:1) meen ook dat mediageskiedenis een van die mees vrugbare, maar onontginde subvelde van mediastudie is. Dié gaping word beklemtoon deur Teer-Tomaselli (2014:875) wat skryf dat mediageskiedenis wêreldwyd 'n "betreklik nuwe veld in mediastudie" is, aangesien dit nie "'n beduidende uitwerking op die agenda van konferensieprogramme, akademiese tydskrifartikels of studenteleerplanne" het nie. McCracken (2018:45–6) beklemtoon dat die status van mediageskiedenis "minder gedefinieerd" is. En, synde 'n "betreklik nuwe dissipline", meen hy dit is "gespaar van baie opvoedkundige [akademiese] bagasie". Sien Rabe (2014) vir 'n omvattende bespreking van mediageskiedskrywing.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Volgens Mouton (2001:170) is geskiedkundige studies daarop gemik om die verlede deur ’n chronologie van gebeurtenisse weer te gee. In hierdie artikel word fragmente oor die ontstaan en ontwikkeling van *Sarie* as chronologie oor twee tydperke weergegee. Die krag van so ’n chronologiese narratiewe beskrywing lê daarin dat die navorser die verlede “herbou”. Terselfdertyd gee dit die veranderingsprosesse binne ’n organisasie of samelewing, of, in hierdie geval, ’n tydskrif, weer. Du Plooy (2009:108) meen in geskiedkundige navorsing versamel die navorser hoofsaaklik bestaande data – dus sekondêre bronne. Mouton (2001:171) wys die tekortkominge van hierdie benadering uit, wat insluit dat sekondêre bronne beperkend kan wees. Daarby is die oordeel van die navorser ook ’n beperking, asook die moontlikheid dat verskillende teoretiese benaderings mekaar kan weerspreek. Die hoofoorsake van foute kan daarom onegte dokumente, onakkurate interpretasie en subjektiewe vooroordeel insluit.

Saam met die benadering van mediageskiedenis word tydskrifstudie as subdissipline binne mediastudie en joernalistiekstudie van toepassing geag omdat dit as studieveld veel meer aandag behoort te kry. Daar word gesê dat tydskrifte ’n unieke rol in die geskiedenis het omdat dit ’n soort “middeweg” tussen boeke en koerante vorm (Sumner en Rhoades 2006:129; Navasky en Cornog 2013:viii).

In die eerste seminale Suid-Afrikaanse studie binne die veld van tydskrifstudie, dié van Rossouw (2021), word die benadering van tydskrifstudie verder uitgebou. Die werk van Johnson en Prijatel (2007), *The magazine from cover to cover*, was vir Rossouw veral deurslaggewend, maar sy sonder nog twee publikasies uit as standaardwerke wat tydskrifstudie betref, naamlik Gough-Yates (2003) se *Understanding women’s magazines: Publishing, markets, and readerships*, en McKay (2000) se *The magazine’s handbook*. Rossouw (2021:187) beskou Rabe (1985) se studie oor *Sarie* as die eerste navorsingsprojek wat ’n Suid-Afrikaanse tydskrif as “barometer van haar tyd” aandui en wat daarom ook as eerste Suid-Afrikaanse tydskrifstudie-projek geag kan word.

Verskeie Suid-Afrikaanse studies oor tydskrifte vanuit verskillende teoretiese invalshoeke is gedoen. Dit sluit die werk in van Rabe (1985), Moolman (1990), Kruger (1991), Terre Blanche (1997), Donnelly (2002), Ndzamela (2002), Laden (2001; 2003), Townsend (2004), Rossouw (2005), De Vaal (2007), Nänny (2007), Narunsky-Laden (2007; 2011), Boshoff (2009), De Villiers (2009), Ekron (2010), Van der Linde (2010), Ferreira (2011), Van Rensburg (2012), Van der Westhuizen (2013), Venter (2014) en Sieberhagen (2016). As joernaalartikels en konferensievoorleggings was daar onder meer Odiambo (2008), Rossouw en Rabe (2014) en Rabe (2016; 2019). Hoewel nie akademies nie, doen publikasies uiteraard self gereelde marknavorsing.

Ander lense om *Sarie* se 75 jaar te ondersoek, sou met vrug ingespan kon word, soos byvoorbeeld die politieke ekonomie van die media, asook feminisme. Ander metodes van ondersoek, soos ’n inhouds- of ’n teksontleding, sal interessante data kan oplewer. Vir die doeleindes van hierdie artikel is besluit op ’n mediageskiedkundige benadering.

4. Tydskrifte as sosiale barometers

Dat tydskrifte beskou word as sosiale barometers van hul tyd spruit uit veral Johnson en Prijatel (2007) se benadering tot tydskrifstudie. Johnson en Prijatel word beskou as die voorste hedendaagse tydskrifstudiekenners (Rossouw 2021). Rossouw (2021:iii) het in haar studie oor Suid-Afrikaanse tydskrifte inderdaad bevind dat die “kragtige verhouding tussen tydskrifte en samelewings en die siening van die tydskrif as ‘sosiale barometer’ bevestig” word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

'n Algemene definisie van 'n *sosiale barometer* is dat dit sosiale norme en gedrag meet (Rossouw 2021:21). Johnson en Prijatel (2007:95–130) skryf dat tydskrifte die "kulturele temperatuur" van 'n samelewing monitor danksy die interaksie tussen tydskrifte en hul samelewings.

Volgens Claassen (1998:119) het tydskrifte in die "nuwe wêreld" van Amerika ontstaan weens 'n tekort aan boeke – vandaar "magazine" op Engels, afgelei van 'n magasyn wat wapens opberg – in hierdie geval egter inligting. Dié soort publikasies sou "bergplekke van verskeie literêre materiaal wees wat saamgestel is uit boeke, pamflette en koerante en gebind is binne een omslag". Tydskrifte was, volgens McLean (in McKay 2006:6), "langerlewend as 'n koerant, maar minder permanent as 'n boek".

Die toetrede van e-tydskrifte het daartoe gelei dat die definisie van 'n tydskrif verander het, maar die feit dat dit "gespesialiseerde inhoud gerig op 'n spesifieke teikenmark" bevat, volgens Johnson en Prijatel (2007:3–14), is steeds geldig. Johnson en Prijatel (2007:14) bied die volgende definisie aan – wel uit 2007, toe e-tydskrifte nog nie so 'n vanselfsprekendheid was nie:

> Tydskrifte word gedruk en gebind en bied diepte-inhoud met artikels wat dikwels tydloos is. Die inhoud kan mening en interpretasie asook voorspraak bevat, en is gerig op 'n goed-gedefinieerde en gespesialiseerde gehoor; dit word gereeld gepubliseer; en het 'n vaste formaat.

Hoewel nie in verwysing na e-tydskrifte nie, skryf Johnson en Prijatel (2007:89) wel dat tydskrifte verander soos wat die samelewing verander. In hul woorde: Tydskrifte "word gebore, sterf, krimp, groei en verander in voorkoms en teikenmarkte op grond van verskeie ontwikkelings in 'n samelewing" – dus inderwaarheid sosiale barometers in papiervorm (of digitale vorm). Hulle meen voorts dat hoewel tydskrifte "dinamiese lede" van 'n gemeenskap is, verandering net kan gebeur wanneer hul boodskappe 'n "ontvanklike" gehoor in daardie gemeenskap kry (2007:90).

Rossouw en Rabe (2014) redeneer dat die benadering van die tydskrif as sosiale barometer vir 'n spesifieke gehoor, of mark, wyd aanvaar word. Buiten dat tydskrifte as agendastellers dien, bewerkstellig dit kulturele verandering. As sosiale barometers en agendastellers neem tydskrifte nie net verandering waar nie, maar meet dit ook (Querusio 2013).

5. Mediageskiedkundige benadering

Ná die voorafgaande breë konteks kan die vraag gestel word: Watter doelwitte is vir *Sarie* gestel met haar ontstaan in 1949, en wat is die situasie vandag? Weer eens moet beklemtoon word: 'n Chronologiese narratief word bepaal deur wie die vraesteller is, en hoe die vraesteller na bepaalde aspekte van die onderwerp kyk.

As metodologie vir hierdie mediageskiedkundige projek is 'n kwalitatiewe navorsingsmetode gevolg waarvolgens die navorser steun op die ongepubliseerde werk van Rabe (1985), gebaseer op onderhoude en vraelyste, asook korrespondensie met tersaaklike rolspelers, sowel as 'n inhoudsontleding van die blad tussen 1949 en 1985. Die belangrikste primêre bron vir die huidige tydperk is die sentrale figuur in wat beskryf word as die "*Sarie*-wêreld" (Van Breda 2024a; Van Breda 2024b), naamlik die redakteur, Michélle van Breda.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Daar word gepoog om ’n “kritiese kontekstuele skakel” tussen die verlede en die hede te bou (Lundy 2008:395) deur die kontekste rondom die begin van die blad en die huidige tydperk weer te gee. Die Rabe-bron (1985) het voorheen ongepubliseerde oorspronklike onderhoude, vraelyste en korrespondensie as data-insameling gebruik, en word daarom as belangrike bron vir die eerste fokus van hierdie artikel gebruik. Die verskeidenheid primêre bronne vir dié werk sluit in onderhoude met en vraelyste aan oud-redaksielede en administratiewe personeel, notules van die Nasionale Pers en Nasionale Tydskrifte, en verskeie bundels van tydskrifte, spesifiek bundels van *Sarie* van 1949 tot 1985 (Rabe 1985:252). As primêre bron vir die tweede tydperk, naamlik die uitdagings in die digitale tydperk, word hoofsaaklik gesteun op ’n onderhoud met die huidige *Sarie*-redakteur (Van Breda 2024a), asook die “75 Jaar van Sarie”-gesprek met die redakteur (Van Breda 2024b) tydens die “Matie Stemme”-geleentheid van die Universiteit Stellenbosch se Tuiskoms2024-viering.

6. *Sarie* as “nuwe” vroueblad

Rossouw (2021:22) haal Nelson (2012:2–3) se definisie van vrouetydskrifte aan, naamlik dat dit “[d]oelbewus geskryf [is] vir vroue, oor vroue, en as gevolg van vroue”. Kitch (2015:10) skryf ook dat “tydskrifte sowel voorskriftelik as beskrywend [‘prescriptive as well as descriptive’] kan wees, en nie alleen boodskappe bevat oor hoe die samelewing is nie, maar ook hoe dit behoort te wees, terwyl dit ideale konstrueer waarna lesers streef”.

Soos reeds gestel, kan geen geskiedskrywing op volledigheid aanspraak maak nie en in hierdie artikel word doelbewus net enkele aspekte uitgelig om aan te toon hoe die blad as barometer in haar beginjare in die middel-20ste eeu, asook in die begin-21ste eeu, gefunksioneer het. Vanweë die aard van die onderwerp van die eerste fokus word swaar gesteun op een bron waarin ’n verskeidenheid voorheen ongepubliseerde bronne aangehaal is, naamlik dié van Rabe (1985), met aanduidings van wat die oorsprong van die inligting is.

Volgens Fred le Roux, eerste redakteur, in ’n persoonlike onderhoud in 1984 kort voor sy dood (Rabe 1985:3), was Nasionale Pers se hoofdoel met die blad se stigting dat hy “’n deel van die groot hoeveelheid advertensies ... in die hande kon kry”. Die advertensiebestuurder, Flippie van Zyl, het dit beaam en gemeen dat hy “aansienlike advertensies vir ’n vrouetydskrif sal kry” (Rabe 1985:7). Dit was wel “waar”,

> [...] maar in die begin het dit baie moeilik gegaan om dit te kry, want die mense wou sien of die blad lewensvatbaar is voordat hulle hul verbind om oor ’n lang tydperk vir advertensies in te staan; ons het in die begin dus maar swaargekry. Ek weet nie of ’n uitgewery veel idealistiese oorwegings het nie, hoewel daar beslis plek vir ’n vroueblad was. (Le Roux, in Rabe 1985:7)

Die blad het skynbaar ’n lang aanloop gehad te oordeel na maatskappynotules. Eers sou *Die Huisblad* as ’n “byblad” by *Landbouweekblad* in 1923 uitgegee word, maar daar was vrese dat dit *Huisgenoot* se verkope sou benadeel en tot “ongewenste konkurrensie” sou lei (Rabe 1985:59). Dié blad het toe pas weekliks begin verskyn (nadat dit ’n maandblad was). Daarna is ’n “byblad” weer in 1929 ter sprake gebring, weer vir *Landbouweekblad*, dié keer getiteld *Die Huisgesin* (Rabe 1985:60). Dit was die eerste en laaste keer dat dit in notules geopper is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

In 1937 word vir die eerste keer genotuleer dat daar sprake is van "'n volwaardige vroueblad vir die Nasionale Pers", en wel 'n "geïllustreerde" een (Rabe 1985:61). Niks het egter daarvan gekom nie. In 1945, meer as agt jaar nadat 'n vroueblad ter sprake was, is die besluit uiteindelik goedgekeur (Rabe 1985:62). In 1946 is die besluit dié keer "in beginsel" goedgekeur. Eers nege maande later word genotuleer:

> Vroueblad: Die vroueblad as maandblad of weekblad. Daar word besluit om die amptenare van 20 Desember weer die geleentheid te bied om 'n aanbeveling in verband met die verskyning van Die Vroueblad as weekblad aan die Direksie voor te lê. (Rabe 1985:62)

By die Desembervergadering is besluit dat die vroueblad vanaf 1947 as maandblad sal verskyn. In Januarie 1947 word egter besluit om af te sien van die plan "totdat omstandighede gunstiger is".

Op 29 Julie 1948 begin voorbereiding in alle erns: "Dit word aan die Bestuur opgedra om finale aanbevelings vir die aanstelling van 'n redaksie en uitgee van 'n Vroueblad aan die Direksie voor te lê sodra sekerheid oor die papierposisie verkry is" (Rabe 1985:63).

'n Dag later, op 30 Julie, word die uitgee van 'n tydskrif wel bespreek, maar nie dié van die "Vroueblad" nie – wel 'n "Engelse Nasionale weekblad". Dit was kort nadat die NP-regering aan bewind gekom het (Rabe 1985:63). Daar is egter daarteen besluit omdat die maatskappy "weens produksieprobleme nie so 'n weekblad kon druk nie".

Tog, die volgende maand (Augustus) lui die direksienotule (Rabe 1985:63–4):

> Stigting Die Vroueblad: Daar word besluit om 'n vroueblad in die lewe te roep. Die blad sal begin Februarie 1949 verskyn en die formaat van *Die Huisgenoot* hê, gedruk op Sweedse meganiese papier. Dit word goedgekeur dat die advertensietarief vasgestel word op £30 per bladsy, verkoopprys 6d per eksemplaar en die jaarlikse intekengeld op £1. Daar word kennis geneem dat 'n inkomste van £28 000 van intekengeld en los eksemplare verwag word. 'n Verlies van £10 000 word beraam.

By die vergadering is die redakteur, Fred le Roux, aangewys, "in die salarisskaal van £1 100 – 50 – 1 500" per jaar, en wel vanaf September 1948. Die twee aanvanklike vroulike redaksielede, onderskeidelik genoem die "eerste dame-assistente" en "tweede addisionele dame-assistente", sou respektiewelik "£450 – 30 – 600" per jaar en "£300 – 24 – 504" per jaar verdien.

In November 1948 het die maatskappy se waarnemende sekretaris die direksie meegedeel dat die bestuurder van "tak Kaapstad aanbeveel dat die naam van die vroueblad 'Sarie Marais' sal wees" (Rabe 1985:64). Die naam is by die Desembervergadering bekragtig.

Weens "swak ekonomie" het die tydskrif eers in Julie daardie jaar verskyn, maar intussen is die eerste vroulike redaksielid "as tydelike amptenaar" aangestel (Rabe 1985:65).

As 'n interessante tersyde soos uit die notules: By Junie se direksievergadering word salarisskale vir mans en vroue (vroue as nie-vaste werknemers) goedgekeur. Vroulike redaksielede met een jaar diens kry £25 per maand; mans met een jaar diens £30. Met nege jaar ervaring kry vroue £34 en mans £58 per maand.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Op 22 Julie word 'n "rapport" oor die verskyning van die vroueblad aan die direksie voorgelê (Rabe 1985:66):

> Daaruit blyk dit dat begin is met 'n oplaag van 35 000 wat binne die 4e week vermeerder is tot 45 400 ... die direksie spreek sy genoeë uit oor die uitstekende werk wat al die betrokke beamptes in verband met die verskyning van hierdie blad gelewer het.

Sarie se sirkulasie vir die tydperk 1 Julie 1949 tot Desember 1949 was 67 026 (Rabe 1985:67). Daarteenoor was *Die Burger* s'n 33 154, *Huisgenoot* 102 213 en *Landbouweekblad* 25 268. *Jongspan* se sirkulasie was 71 430, *Oosterlig* s'n 8 899 en dié van *Volksblad* 18 646.

6.1 Waar kry sy daardie naam

Kortliks, wat betref 'n tydskriftitel wat 'n handelsmerk geword het, moet 'n mens ook vra: Hoe het die naam ontstaan?

Chris Albertyn, toe hoofbestuurder van Nasionale Pers en latere stigter van die CF Albertyn-Uitgewery, het in korrespondensie ná 'n vraelys van Rabe (1985:87) geskryf hy onthou dat 'n wedstryd uitgeskryf is en die wennaam *Sarie Marais* "ingestuur [is] deur 'n dame van Kimberley en sy was teenwoordig by 'n spesiale klein ontvangs". Hoe "Marais" uit die naam verdwyn het, "sal niemand presies kan sê nie", aldus Albertyn. "Dit het nie met 'n aankondiging gebeur nie. Die 'Marais' is net na 'n tyd langsamerhand verklein en 'uitgedoof'."

In die onderhoud met Le Roux het hy gesê hy het niks van die naam gehou nie (Rabe 1985:88), "maar die meeste adverteerders het van Engelse kant gekom, en vir die meeste Engelssprekendes was die enigste ding wat hulle van Afrikaans geweet het, die liedjie Sarie Marais; selfs oorsee was dit bekend". Volgens Le Roux was "die meeste mense in die Pers" ontevrede oor die naam. "Tog, snaaks genoeg, dit het ingeslaan."

As gewelnaam was dit egter "lastig en lank" en dit is verkort, met *SARIE* groot en *Marais* klein onder. "Die lang naam het die buiteblad ook net ontsier." By boekwinkels het mense ook net gevra vir 'n *Sarie* – "en ons het toe besluit om die van weg te laat – buiten vir die klein MARAIS op die voorblad".

Volgens 'n redaksielid, Carin Burger, in korrespondensie in antwoord op die vraelys van Rabe (1985:89), het hulle op kantoor die afkorting SM gebruik en gedink dit sou inslaan, byvoorbeeld die redakteursbrief met die titel "By SM op kantoor". "Maar die afkorting het bloot 'n kantoorgebruik gebly." Plus: "Ek dink die afkorting *Sarie* het sommer vanself ontwikkel."

Redaksielid Blydie Conradie, ook na aanleiding van Rabe se vraelys, het met die aanhoor van die naam gedink: "Ag heiden ... kom ons nooit weg van Voortrekkerkappies en ossewaens nie? Moet my nie verkeerd verstaan nie [...] Maar as naam vir 'n lekker nuwe moderne tydskrif?" (Rabe 1985:90). "Hoe verkeerd was ek nie bewys nie. Die blad het onmiddellik geslaag – myns insiens ten spyte van die naam. Amper soos 'n baie deftige, intelligente en gesofistikeerde vrou ... dis nie haar naam wat haar tipeer nie, wel sý wat aan haar naam luister verleen."

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

6.2 Doelwitte en uitdagings

Soos reeds genoem (Rossouw 2021:187) is Rabe (1985) se kroniek vanaf *Sarie* se stigting tot die vroeë 1980's 'n trefseker aanduiding van die tydskrif as sosiale barometer. Rabe (1985:5–86) beskryf eerstens die ontstaan van die blad en die doelwitte soos gestel teen die agtergrond van nie net Suid-Afrikaanse vroueblaaie nie, maar ook Amerikaanse vrouetydskrifte. *Sarie* was haar moedermaatskappy se eerste poging om met 'n selfstandige produk tot die vrouemark toe te tree.

Rabe haal 'n anekdote aan wat die eerste redaksie as hul "metaforiese opdrag" beskou het. Met die blad se 25ste verjaardag skryf Alba Bouwer (1949:23) in 'n artikel in *Sarie* oor die metaforiese "mambas" wat die redaksie voortdurend moes "verwilder". Bouwer is in Augustus 1949 aangestel en was vanaf 1952 tot 1963 onderredakteur of assistent-redakteur (Rabe 1985:1).

Die verhaal gaan om Christa Steyn, eerste Transvaalse (nou die provinsies Gauteng, Noordwes, Limpopo en Mpumalanga) medewerker, wat tydens 'n onderhoud vir 'n artikel op 'n Laeveldse plaas vra waar die "gerief" is (Bouwer 1974:23). Die "tante" beduie vir haar: "So af in die boord al met die voetpad langs." Toe draai sy om: "Wag kind," sê sy en haal 'n vlieëslaner van 'n haak af, "daar hou 'n mamba by die kleinhuisie. As hy dalk voor jou regop kom staan, moenie skrik nie. Tik hom net hiermee op die kop, dan gee hy pad." Bouwer (1974:23) het geskryf dié belewenis het vir die eerste redaksie "'n soort simbool" geword "om die mambas wat maar pal in die rondte was ... met goeie geloof en praktiese planne ... te verwilder".

Le Roux,[4] wat as assistent-redakteur van *Huisgenoot* as *Sarie* se redakteur aangestel is, het in die eerste uitgawe van *Sarie* op 6 Julie 1949 geskryf *Sarie* se doel was "in die eerste plaas om ons leseresse van diens te wees" (Rabe 1985:1–2).

Die redaksie het "gou geleer" dat "diens sonder wins [nie] bestaan nie". Die meeste "mambas" was naamlik finansieel. Buiten voorbladadvertensies, wat die redaksie gegrief het, maar waaraan hulle niks kon doen nie, was daar die omslagprys wat in 1955/56 binne ses maande "van 'n sikspens tot 'n sjieling tot 'n daalder" verhoog is. "Die redaksie moes magteloos toekyk hoe hul kosbaar opgeboude sirkulasie met sowat 50 000 tussen twee uitgawes sak" (Rabe 1985:2). Bouwer (1974:23): "Dit was wát van 'n mamba om op die kop te tik." Die "diensdoelwit", naamlik "sonder wins, geen diens", was dus deeglik by die eerste redaksielede ingeprent.

Tog, ondanks die bedreigings, of "mambas", wat gedurig teenwoordig was, "was en is en bly" die tydskrif "'n mooi ding". Dit was naamlik dié woorde van Le Roux wat Bouwer oortuig het om haar by *Sarie* aan te sluit (Rabe 1985:2).

Die "mooi ding" het Bouwer haar artikel in 1974 laat afsluit met onder meer dié groet aan die redaksie: "Bowenal wens ek hulle die vreugde en plesierigheid wat ons gehaal het uit die saamtrek en saam swaarkry met mede-redaksielede, en die rykdom wat daar vir ons was in die kennismaak en saamwerk met medewerkers dwarsoor die land. Mag dit vir hulle altyd 'n 'mooi ding' wees" (Rabe 1985:2).

Die eerste voorblad was 'n huldeblyk aan die tydskrif wat *Sarie* as haar voorganger beskou het, *Die Boerevrouw*, wat van 1919 tot 1931 bestaan het, en later *Die Boerevrou* geheet het. Dié tydskrif was veral inhoudelik 'n baanbreker (Rabe 1985:18–45). Die redakteur, Mabel Malherbe, was die eerste vroulike burgemeester van Pretoria en die tweede, die eerste Afrikaanssprekende, vroulike Parlementslid.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Om erkenning te gee aan hul "DNS"-voorganger, is besluit om 'n skim van 'n *Boerevrou*-voorblad op die agtergrond van 'n hipermoderne jong vrou te laat huiwer (kyk Fig. 1). Dié skim was 'n afbeelding van die beeldhouwerk "Die Boerenooientjie" van Anton van Wouw. Dit was die embleem van *Die Boerevrou* wat op elke voorblad verskyn het. Dit was 'n kopknik van *Sarie* na haar "stamboom", as 'n blad vir die denkende, gesofistikeerde vrou wat ingelig wou wees oor sake van die dag, wat geweet het waar sy vandaan kom, maar beslis ook gerig op, onder andere, die modebewuste Afrikaanse vrou.

Figuur 1. ***Sarie (Marais)*** **se eerste voorblad op 6 Julie 1949**

6.3 'n "New Look"-blad – in elke opsig

Sarie het "saam met die 'New Look'-mode in 1949 verskyn" (Rabe 1985:4). Bouwer (1974:23) het dit beskryf as "rokke wat net bokant die enkel om 'n vrou se bene moet swiep en skoene wat lyk na iets waarmee jy pas deur 'n nat beeskraal gestap het".

Met haar eerste verskyning het *Sarie* ook die ontwerper van die "New Look" bekend gestel: Christian Dior. Elsa Joubert, toe in Parys, het die onderhoud met Dior – vandag steeds sinoniem met mode – gedoen. "So ook het *Sarie* van die dag van haar verskyning reguit aangekondig: Sy is 'n leier en nie 'n volgeling nie" (Rabe 1985:4).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Daarmee is ’n hele aantal doelwitte gestel – en bereik – uit die afleidings wat Rabe (1985) uit ’n ontleding van die tydskrif se inhoud, asook briewe deur lesers, gemaak het.

Sarie het naamlik vir die eerste keer die Afrikaanssprekende vrou “bewus gemaak van Europese modes, nuwighede in binneversiering, skoonheid en ander klaarblyklike ‘trendsetters’ wat ’n vrouetydskrif ’n leier eerder as ’n volgeling maak” (Rabe 1985:4). Sy het woorde soos “*haute couture*, *haute coiffure* en *haute cuisine* betekenis vir die Afrikaanse vrou gegee, asook vir haar ’n venster op die wêreld gegee”. “[B]owenal” egter was sy ’n leier “omdat sy ’n reuse-bydrae gemaak het tot veral gesondheidsartikels en huweliks- en gesinsvoorligting soos nog nooit tevore in Afrikaans, wat nog te sê in ’n tydskrif, gesien was nie” (Rabe 1985:4). Die tydskrif het veroorsaak dat die lewe vir die Afrikaanssprekende vrou “nooit weer dieselfde sou wees nie”, want sy het letterlik en figuurlik ’n nuwe en vars tydsgees ingelui – iets wat sy as sosiale barometer duidelik aangedui het.

Ook vir beroepsvroue het sy ’n verskil gemaak, al moes hulle ’n weduwee word om op mans se salarisskale vergoed te kon word. In Augustus 1950 se direksienotule word berig oor ’n “groot deurbraak” vir vroue (Rabe 1985:67). Dit was dat die “dienste-toeslag van ’n getroude vrou en weduwee wat ’n gesin onderhou [...] in die toekoms volgens die skaal van getroude mans betaal sal word” (Rabe 1985:67). Dit was nadat Blydie Conradie, ’n weduwee met vyf kinders, in *Sarie* se redaksie aangestel is – die eerste vrou wat volgens dié skaal vergoed is.

Die finansiële probleme het egter voortgegaan, in dié mate dat die Kers-uitgawe van 1954 pleks van in vierkleur, slegs in tweekleur gedruk sou word (Rabe 1985:72). Op ’n direksievergadering van 26 Oktober 1954 is besluit om “met die oog op uitskakeling van verlies” die weeklikse *Sarie* na ’n tweeweeklikse frekwensie te verander, maar dat die blad dikker sal wees. Terselfdertyd sal die verkoopprys verhoog word na 1 sjieling per eksemplaar. Die advertensietarief is ook aangepas. By die vergadering van 23 November 1954 is ook besluit om gereelde “bonusse” in die blad te voeg (Rabe 1985:73) – die eerste van wat vandag as handelsmerkuitbreidings beskou kan word – naamlik ’n gereelde “byvoegsel” van 24 bladsye. Dit het as *Sarie* se “bêreboekies” bekend geword. Daarop het byvoorbeeld ’n “trouboek” gevolg wat gratis vir nuwe intekenare gegee is (Rabe 1985:77).

Die volgende dekade het ’n tegnologiese revolusie meegebring toe Naspers se tydskrifte op diepdruk-rolperse gedruk is – “’n rotogravurestelsel gebaseer op voorpunt-druktegnologie”, wat ’n “nuwe bloeitydperk vir tydskrifte gebring” het (Spies 1992:351). Dit het die Nasionale Tydskrifte-blaaie in ’n klas van hul eie geplaas toe hulle tot die “kleurdrukrevolusie” toegetree het (Rabe 1985:78). Hoewel die koste “vir ’n geruime tyd baie hoog sal wees”, het die produkte goed vergelyk met oorsese diepdruk-produkte (Rabe 1985:78). Dit het die tydskrifte aansienlik beter as hul mededingers laat lyk.

Dié stap het ook direk aanleiding gegee tot die stig van ’n Engelse vroueblad (*Fair Lady*, soos dit aanvanklik gespel is, vandag *fairlady*) in 1965 (Rabe 1985:79–80). Dit was danksy die sukses van *Sarie* en die feit dat die advertensie-afdeling ’n voertuig vir die dra van soortgelyke advertensies in Engels as ’n groot behoefte gesien het. Daarmee saam het dit ’n veel meer robuuste benadering tot tydskrifpublikasie ingelui, naamlik om vanuit ’n meer kommersiële fokus die onderskeie teikenmarkte te bedien (Spies 1992:351–2). Die maatskappy was inderwaarheid gedwing tot die druk-innovering, revolusionêr vir Suid-Afrika, naamlik om *Huisgenoot* en *Sarie* met toe sukkelende sirkulasies te help. Terselfdertyd het dit gelei tot die “verjonging en herlewing van ondernemerslus”, ook die impuls agter die stig van *fairlady*.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Albertyn, as hoofbestuurder van Nasionale Pers, het in antwoord op Rabe se vraelys gesê 'n "resep" is vir *Sarie* opgestel toe daarmee begin is. Dit was vanselfsprekend dat 'n "aantreklike" blad uitgegee sou word en die inhoud daarby sou aansluit. Dit moes 'n blad vir "die ontwikkelde Afrikaanse vrou en dogter wees", en "[a]lle fasette van die vrou se lewe moes gedek word, met groter nadruk op die jong geslag" (Rabe 1985:84). Daarbenewens moes die hoof van die blad "lewensryp" wees, maar "preuts mag die blad nie wees nie". Plus: "So veel smake en belangstellings as moontlik moes bevredig word."

6.4 Die redaksie

Buiten Le Roux as redakteur was daar drie ander redaksielede. Rabe (1985:82) skryf dit was "'n beroep toe nog brandarm aan vroulike joernaliste", met uiteraard geen senior vroue in die bedryf nie. Die vroulike "assistente" was Aletta Bergh, Carin Burger en Christa Steyn – laasgenoemde in Johannesburg (Rabe 1985:85). Alba Bouwer het 'n maand ná die eerste uitgawe begin en is die volgende jaar as "onderredakteur" aangestel. Die vyfde vroulike redaksielid was Blydie Stander (Rabe 1985:86) (toe Conradie, wat as weduwee op dieselfde skaal as mans betaal is).

Die vroue was almal baanbrekers, want vroulike joernaliste was aan die einde van die 1940's en begin 1950's "nog dun gesaai" (Rabe 1985:99). Waar sou vroulike joernaliste gekry word met die nodige ervaring, veral in 'n konserwatiewe samelewing waar 'n vroueblad (*Die Huisvrou*, wat sedert 1922 bestaan het) téén vrouestemreg betoog het (Rabe 1985:10–2)? Dié blad se argument was dat vroue se "ere-plek" in die huis is. Dis net die "onnatuurlike vrou", soos die blad geskryf het (Rabe 1985:11), wat stemreg eis. Dít terwyl MER reeds in die 1920's geagiteer het vir vrouestemreg (Rabe 2024).

Sarie se bladuitleg is gedoen deur 'n Duitse grafiese kunstenaar, Hans Hiebl (Rabe 1985:99).

Buiten die reeds genoemde redaksielede, het Bouwer in 1950 vir Audrey Blignault gevra om 'n rubriek te skryf (Rabe 1985:99). Dit was "Uit die dagboek van 'n vrou", wat mettertyd na die agterblad geskuif het en só in die gewilde Agterblad-rubriek ontwikkel het. Altesame tien bundels is uit Blignault se rubrieke saamgestel (Rabe 1985:187).

Die eerste redaksielede word beskryf as "deur die bank leiers op hul onderskeie gebiede". Le Roux was 'n "prominente lid van die groep van Dertigers" wat "veral daartoe bygedra [het] dat Dirk Opperman se werk gepubliseer" word (Rabe 1985:99–100). Ook die vroue was "prominentes" op hul gebied (Rabe 1985:100). Drie het "leiding geneem" in program-aanbieding by die SAUK. Steyn en Blignault was verantwoordelik vir daardie tyd se "Vroue-rubriek", onderskeidelik uit Johannesburg en Kaapstad, en Bouwer was verantwoordelik vir kinderprogramme.

Le Roux het sy taak gesien as om buiten "goeie ontspanningslektuur en nuttige lektuur, dinge wat 'n vrou se lewe raak" te verskaf, ook "spesifiek voorligting" te gee (Rabe 1985:101–2). Hy was 'n biologie-onderwyser voordat hy 'n joernalis geword het. Oor sy werk as redakteur van die nuwe blad het hy gesê:

> Ek het my bes gedoen, so goed ek kon, en die personeel het ongelooflik baie bygedra. Dit was die groot plesier van *Sarie*. Ek het lank geaarsel voordat ek iemand aanstel, maar daarna het ek haar of hom vryheid gegee. Dit was deel van die plesier – ek het mense gehad wat elkeen verantwoordelikheid en groot lojaliteit teenoor die tydskrif en teenoor mekaar persoonlik gehad het. (Rabe 1985:102)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Bergh was vroueredakteur van *Die Burger* (sy het MER opgevolg) (Rabe 1985:102). Sy het BA Regte studeer en wou aanvanklik 'n advokaat word. Burger het BSc Huishoudkunde studeer en is ná een jaar in die onderwys as vroueredakteur van *Volksblad* in Bloemfontein aangestel (Rabe 1985:104–5). Daarop is sy verplaas na die Kaap as redaksielid van *Sarie*. Steyn, toe reeds by Vrouerubriek in Johannesburg, was die "Randse verteenwoordiger" (Rabe 1985:108). Bouwer is in Augustus 1949 aangestel nadat sy aanvanklik 'n aanbod van die hand gewys het (Rabe 1985:109). In haar woorde: "Fred en ek was albei sterk onder die invloed van MER, wat in die redaksie van *Die Boerevrou*, die eerste Afrikaanse vroueblad, gedien het." Vir Bouwer het twee dinge uitgestaan: Dat sy "beslis 'n verantwoordelikheid teenoor die leseresse gevoel [het], omdat dit by my deur MER se siening ingeskerp was dat so 'n blad 'n besliste invloed op vroue het" (Rabe 1985:110). Tweedens was sy bewus daarvan dat "ons besig was om aan vroue iets te gee vir hul vrye tyd, en dat ons iets moes gee wat vir hulle die moeite werd was".

Sy het bygevoeg: "Soos die jare aangegaan het, en ons al hoe meer reaksie van leseresse gekry het, was ons bewus daarvan dat die blad wel besig was om mense te beïnvloed." Ook het sy gesê:

> Vir my was *Sarie* naderhand 'n werklike deel van my lewe, iets waaraan ek veel te danke het omdat ek die werk so geniet het en getrek het in 'n span wat met onoortreflike harmonie saamgewerk het. Dit was ook 'n saak waarin ek myself baie lojaal verbonde gevoel het, soos 'n mens voel teenoor 'n kind wat jy grootmaak, of 'n familielid aan wie jy geheg is omdat sy naby jou lewe.

Conradie was 'n weduwee met vier kinders, swanger met die vyfde, toe sy haarself "bewapen met 'n krokodil se vel en 'n stokstywe ruggraat ... knakkende knieë, 'n gebed in my hart en met my rug behoorlik teen die muur" vir hoofbestuurder Albertyn – soos sy, 'n getoë Porterviller – gaan spreek het (Rabe 1985:111–2). Sy het later gehoor dat ander vir haar voorspraak gemaak het. "Gunste, gawes en konneksies, dis soos ek by *Sarie* beland het." Ook: "Ek dink dat selfs al kon een van ons dalk 'n hoër salaris op 'n ander plek kry, geeneen van ons dáárvoor van *Sarie* sou weggaan nie."

Soos gestel, het Blignault in 1950 op versoek van Bouwer met die rubriek "Uit die dagboek van 'n vrou" begin (Rabe 1985:115). Sy het later 'n reeks getiteld "Die mense praat oor ..." begin. Dit was onderhoude met "vroue in die nuus". Sy het boekbesprekings gedoen en nuwe boeke aanbeveel. Onder die titel "Woorde wat leef" het sy aanhalings uit die letterkunde vertaal. Sy self het gesê: "Ek het my taak só gesien: Wat ek skryf, moet goed geskryf wees. Ek moet daarna streef om lewendig en boeiend te skryf. Ek durf nie in cliché verval nie." Sy het sterk daaroor gevoel dat die blad "die vrou ook toegang tot 'n breër wêreld moet bied".

6.5 Die blad se "geesdriftige" en "fenomenale" ontvangs

Die eerste uitgawe het benewens die artikel van Joubert oor "die man wat ons die nuwe voorkoms gegee het" (Dior), 'n artikel gehad oor 'n vrou wat 'n Suid-Afrikaanse kampioenwynmaker was (Rabe 1985:117–9). Daar was ook 'n artikel: "Is die Skoolvoedingsplan 'n Goeie Instelling?" En vanselfsprekend was daar kortverhale, breipatrone, resepte, blommerangskikkings, skoonheidswenke, en wat genoem is "huisverfraaiing". Die redaksie "het daarin geslaag om 'n Switserse patroondiens wat reeds op die vasteland van Europa voorrang geniet" te kry, asook 'n Engelse patroondiens (Rabe 1985:119). Dit was groot nuus, want daar was nog geen klerewinkels of modewinkels nie. 'n Volledige novelle sou elke week verskyn.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Daar was geen spesiale bemarking vir die nuwe blad nie, buiten 'n klein advertensie in *Die Burger* van 20 Junie 1949, naamlik dat die nuwe blad vir die "Vrou Moeder Dogter" was, plus 'n intekenvorm daarby (Rabe 1985:117–8). Op 2 Julie 1949 het 'n nuusberig en foto verskyn van die pas gedrukte blad onder die opskrif "Nuwe Tydskrif vir die Afrikaanse Vrou" (Rabe 1985:118–9).

Die dag ná haar verskyning op 6 Julie het die blad weer die koerant gehaal, dié keer met die opskrif "Sarie Marais binne Dag Uitverkoop" en die sub-opskrif "Nuwe Vroueblad Geesdriftig Ontvang" (Rabe 1985:120–3). Die berig het gelui dat die eerste eksemplare die oggend om seweuur op straat te koop was en dat teen twaalfuur daar "in geen boekwinkel in Kaapstad meer 'n enkele eksemplaar te kry" was nie. Boonop: "Telegramme en telefoonoproepe uit alle oorde – selfs so ver as Windhoek – het gistermiddag by die sirkulasiebestuurder ingestroom. Almal wou nog voorrade hê." Groot dorpe rondom Kaapstad, soos die Paarl en Moorreesburg, wou 'n "onmiddellike verdubbeling van hul oplaag hê". Een agent se oplaag is om halftien die oggend met 250 vermeerder, maar dit is blitsig uitverkoop. Op stasies het vroue "tougestaan" om *Sarie Marais* te koop "voordat hulle op die trein na die stad klim". Buiten dat drukoplae vir die volgende uitgawes gereeld verhoog is, is "die grootste verwagtinge van die redaksie, uitgewers en sirkulasie-afdeling" oortref. Uit briewe wat die redaksie ontvang het, het dit geblyk dat "die blad dadelik 'n geesdriftige leserskring ontvang het". Oor die fenomenale groei van die blad was daar selfs 'n voorbladberig op *Die Burger* op 20 Augustus 1949 met die hoofopskrif "Sarie Marais slaan alle SA Persrekords", met die sub-opskrif "Ongeëwenaarde groei in blad se sirkulasie". Die "fenomenale leserskring" het bewys dat die redaksie "die smaak van hul leseresse reg geskat het". Daar is geskryf:

> Leseresse vind die blad so boeiend dat een agent gekla het dat sy weeklikse bondel tydskrifte op die stasie deur 'n aantal vroue bygedam is. Hulle het dit oopgesny en elkeen het haar aan 'n eksemplaar gehelp, en die agent darem later die geld daarvoor besorg.

Hoewel die berig sê dat *Huisgenoot* se sirkulasie nie geraak is nie, is wel aangekondig dat dié blad op 28 September 'n "nuwe voorkoms kry wat opmaak en inhoud betref en wat dit nog aantrekliker en interessanter sal maak" (Rabe 1985:124).

6.6 Die blad het vroue 'n "boost" gegee

Sarie het "voorligtingreekse" gedra wat as "revolusionêr" vir hul tyd beskou kon word (Rabe 1985:125), want "[n]og nooit tevore is in Suid-Afrika, in Afrikaans, seksvoorligting so openlik benader nie". Dit is wel "huweliksvoorligting" of "geslagsvoorligting" genoem; seks het eers later 'n gebruikswoord geword. Die artikels "is wetenskaplik maar bedoel vir die leek" geskryf, en die redaksie "het dit as opvoedkundig en in goeie smaak gesien". Onderwerpe soos menstruasie, ovulasie en swangerskap is wetenskaplik uiteengesit (Rabe 1985:126). Daar was artikels oor onvrugbaarheid, gewasse, swangerskap, geboorte en keisersnitte. Dit was omdat Le Roux dit een van sy "hooftake" gemaak het om mediese en geslagsvoorligting in *Sarie* te plaas (Rabe 1985:127). "In daardie stadium was bitter weinig inligting oor die onderwerp in Afrikaans beskikbaar en daar was 'n groot behoefte daaraan." Le Roux het op 'n keer aan Piet Cillié gesê "[m]eisies van agttien weet nie waar babatjies vandaan kom nie".

> Dit was een van die dinge wat ek my voorgeneem het om te doen, veral die mediese artikels, omdat ek reeds as kind opgemerk het hoe baie vroue ongeneeslik siek raak of doodgaan omdat hulle uit 'n valse gevoel van skaamte nie 'n dokter raadpleeg nie. [...]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

> En toe ek die kans gehad het om daaraan iets te probeer doen, het ek – natuurlik vir sover ’n mens destyds pront mediese en pront seksuele artikels kon doen. (Rabe 1985:127)

Hy het bygevoeg: “Vandag kan ’n mens geen idee hê nie hoe ’n gebrek aan kennis daar was oor mediese sake.” Le Roux (Rabe 1985:128) het aangevoer: “Die hele openlikheid waarmee vandag gepraat word, het nie vanself gekom nie, dit is voorberei deur daardie soort werk.”

Bouwer het gemeen die blad het aan vroue leesstof gebied wat hulle “gewoond gemaak [het] aan ’n sekere standaard” (Rabe 1985:130). Conradie se mening was dat daar ’n behoefte was aan so ’n blad – en “daarom het die blad so onmiddellik ingeslaan” (Rabe 1985:131). Sy het bygevoeg: “Ek glo werklik dat *Sarie* al wat vrou was, in daardie jare ’n ‘boost’ gegee het.” Blignault het ook gemeen dat die blad “’n werklike behoefte gevul het”. Uit ’n inhoudsontleding van *Sarie* skryf Rabe (1985:131–2):

> In die rubriek “By SM op kantoor”, wat sedert 18 Januarie 1950 verskyn het, is dit veral duidelik wát *Sarie* vir lesers beteken het deur die mediese en seksvoorligtingsartikels wat die redakteur so na aan die hart gelê het.
>
> Tientalle, nee honderdtalle, briewe is gepubliseer, en nog baie meer ontvang, ten gunste van die voorligtingsartikels.

Ook ’n rubriek deur “Psigiater” is verwelkom (Rabe 1985:132). Een briefskrywer wat gekla het oor “onvanpaste” en “ongesonde” inhoud het ’n “stortvloed” van briewe ontketen. Een daarvan het gelui:

> [...] SM is nie ’n kinderblad nie, maar ’n tydskrif vir die jongmeisie, vrou en moeder. As SM haar leesstof moet aanpas by die behoeftes van kinders, wat van ons jongmeisies wat miskien reeds op die vooraand van die huwelik staan? [...] Waar moet sy die kennis vandaan haal [...] as SM nie die noodsaaklikheid ingesien het om sulke artikels te publiseer nie?

Etlike soortgelyke reaksies van lesers is geplaas (Rabe 1985:132–8), ook met lof vir die “puik uitgawes van SM”. Een leser skryf onder die skuilnaam “Verligte Eeu” in die uitgawe van 10 Oktober 1951: “Vandat SM meer as twee jaar gelede begin verskyn het, het ek dit nog elke week en met groot belangstelling gelees. [...] Onkunde bly een van die grootste oorsake van mislukkings op meer as een gebied van die lewe.”

Tog was daar ook groot polemieke oor van die rubrieke. Een reeks, “Sê my, Dokter”, oor die “werking van die vroulike liggaam”, het “van die hewigste polemieke” ontketen. Volgens Rabe (1985:138–42) het dit so erg geword “dat die redaksie in die laaste uitgawe van 1951 sy kant van die saak gestel het”. Een briefskrywer het onder meer gemeen: “Ons is nie almal hartelose moeders wat ons dogters so deur ’n manlike dokter sal laat ondersoek nie.” Net om gevolg te word deur ’n leser wat haar “hartgrondige dankbaarheid” uitspreek; om gevolg te word deur ’n briefskrywer wat dit had oor die invloed op “onrype gemoedere” wat deur die lees van die artikels “in die verderf gestop kan word”; gevolg deur “hoe dankbaar die jonger geslag behoort te wees oor hierdie leersame reeks”. Volgens die redaksie was daar veel meer briewe vír die reeks as protes daarteen, en dat hulle die reeks geplaas het om

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

> [...] 'n helder, gesaghebbende en tog maklik verstaanbare oorsig [te] gee van die besondere siektes en gevare waaraan hulle as vroue blootgestel is, soos byvoorbeeld kanker, gewasse, geslagsiektes, die verloop van 'n normale swangerskap en al die komplikasies wat daarby kon voorkom.

Dit moes "bowenal wanopvattings en bygelowe" uit die weg ruim en vroue help om "gevaartekens betyds te herken sodat sy betyds mediese hulp kon soek" (Rabe 1985:143). Later het lesers selfs versoek dat die inligting in pamflet- of boekvorm beskikbaar gemaak kon word vir skole en verenigings.

Sarie het op verskeie ander terreine haar doelstellings verwesenlik. Daar was reekse oor babasiektes, kinderopvoeding, raad vir werkende ma's, regsartikels, algemene gesondheid (van tering tot gesonde tande), en natuurlik, skoonheid, modes, handwerk, resepte, dekor en tuinbou (Rabe 1985:156). Omdat daar nie klerewinkels of boetieks was wat klere kon verskaf nie, moes hulle, volgens Stander, "klaarkom met foto's wat ons by die CNA en ander agentskappe gekoop het as illustrasies vir mode-artikels". 'n Duitse barones, Anna von Blumenthal, het die redaksie elke tweede Woensdag besoek "en dan modefoto's van die Franse modehuise oor hul nuutste versamelings gebring". (Sy het dan boonop koek vir die redaksie gebring – later bekend as die "Barones se teekoek" – "so 'n 'plain' koek – heerlik as 'n mens dit vars eet" [Rabe 1985:157].) Dié "sindikasie"-diens van die barones het uiteindelik in 'n volwaardige sindikasie-afdeling vir die Tydskrifte-afdeling ontwikkel (Rabe 1985:158).

Van die onderwerpe waaroor geskryf is, was selfs vir en teen broekdra deur vroue – in terugblik nie 'n onderwerp wat 'n polemiek kon ontketen nie. Maar daar was ook artikels oor byvoorbeeld natuurbewaring. 'n Weerspieëling van die "moderne lewensuitkyk" van *Sarie* se lesers was selfs die mening van 'n ongetroude vrou – voorheen 'n "oujongnooi" genoem – oor die "goeie gronde" waarom ongetroude vroue 'n kind kon aanneem en grootmaak.

Die redakteur self het gesê die blad het nooit probeer om "prikkelende leesstof" te gee nie. Wanneer oor byvoorbeeld rolprente geskryf is, was dit omdat dit "in die nuus was", nie om "salacious gossip" nie (Rabe 1985:169).

Le Roux (Rabe 1985:170) het gemeen dat die blad bygedra het tot

> [...] die bewustelike verandering van die vrou se status in Suid-Afrika: Ek dink deur die voorbeeld wat *Sarie* gestel het, het ons ons bydrae gelewer. Ook deur die voorbeeld van 'n vrou in 'n gesagsposisie, in 'n onderredakteurspos, het die Pers dit duidelik gestel.

6.7 Die blad en ontspanningslektuur

Wat betref die verhale wat *Sarie* geplaas het, het Le Roux gesê dit moes "'n lektuur wees waarvoor 'n mens nie skaam hoef te wees nie" (Rabe 185:170). Skrywers soos Elise Muller en Anna M. Louw het hul debuut in *Sarie* gemaak (Rabe 1985:176). So was daar gereelde bydraes van Dot Serfontein en Elsa Joubert. Daar was vertaalde werke van De Maupassant en Tolstoi (Rabe 1985:177), asook van Nadine Gordimer. Ook MER het van tyd tot tyd vir die blad geskryf. Audrey Blignault het aanvanklik as ABB of "Amanda" geskryf (Rabe 1985:180–7). Ook die eerste redaksielede, buiten Le Roux en Burger, het benewens artikels, ook kortverhale, essays en sketse geskryf (Rabe 1985:198–9).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Van die skrywers wat in *Sarie* gepubliseer het, het die Hertzogprys gewen, soos Anna M. Louw, Elise Muller, Henriëtte Grové en Elsa Joubert, benewens talle ander pryse vir letterkunde wat aan die bydraers toegeken is (Rabe 1985:191–3). Bouwer se werk is twee keer vereer met die Scheepersprys vir jeuglektuur (1960 en 1964, die jaar waarin sy afgetree het by *Sarie*) (Rabe 1985:178). Petra Müller het haar skrywersloopbaan by *Sarie* in 1960 begin met haar debuut "Die dag van die brand" (Rabe 1985:195). Drie manlike skrywers het onder andere in *Sarie* gedebuteer (Rabe 1985:194). Hulle was André P. Brink, Jan Rabie en Hennie Aucamp. Ander gereelde skrywers was W.A. de Klerk en F.A. Venter. Ook latere skrywers soos Jeanne Goosen, Welma Odendaal, P.J. Haasbroek, Esta Steyn en Etienne van Heerden het in *Sarie* gepubliseer (Rabe 1985:196). Deon Meyer het later kortverhale in *Sarie* gepubliseer ("Deon Meyer" 2024).

As afsluiting tot dié fokus oor die posisie van *Sarie* in haar lesersmark: Later sou skrywers van Esme Mittner tot Marita van der Vyver redaksielede van *Sarie* word (Rabe 1985:200). Die vierde redakteur, van 1983 (tot 1991), was die predikant, skrywer en digter Izak de Villiers. Nasionale Pers het hom "van buite" aangestel omdat hulle gemeen het "sy bekendheid en aanhang onder vroue (hoofsaaklik vanweë populêr-godsdienstige boeke en radiopraatjies)" sal tot voordeel van die blad wees (Rabe 1985:243).

Dit wat betref die ontstaan van *Sarie* 75 jaar gelede; die uitdagings en doelwitte wat die eerste redaksie beleef het; en dít wat haar as "alfa-tydskrif" vir die Afrikaanse vrou gevestig het en waarmee sy as sosiale barometer van haar era beskryf kan word. Vervolgens glip die tydlyn na die huidige tydperk en die uitdagings en doelwitte van die blad in 'n heel nuwe digitale-media-era.

7. Die post-COVID digitale tydperk

7.1 Inleiding

Die huidige redakteur, Michélle van Breda, is die blad se sewende redakteur en die tweede vroulike redakteur. Die redakteurs oor *Sarie* se 75 jaar was Fred Le Roux (Julie 1949 tot September 1968), Hennie Cronjé (Oktober 1968 tot Junie 1976), Fritz Joubert (Junie 1976 tot September 1983), Izak de Villiers (September 1983 tot April 1991), André Rossouw (Mei 1991 tot April 1994), Lizette Rabe (April 1994 tot Augustus 1994 as waarnemende redakteur toe die vorige redakteur weens siekte nie verder kon werk nie, en redakteur van Augustus 1994 tot Maart 2001), en Michélle van Breda (sedert April 2001).

Van Breda is dus reeds vir so te sê 'n derde van die blad se bestaan aan die stuur van die tydskrif. Sedert COVID-19 is sy ook amptelik aan die stuur van sake omdat sy toe in opdrag van Media24 'n nuwe maatskappy moes stig om die blad uit te gee, hoewel steeds onder die vaandel van Media24 (Van Breda 2024a).

7.2 "Niks het ooit beter gelyk nie"

Van Breda (2024a), wat 'n senior joernalis in verskillende posisies ook by Media24 se koerantgroep was, het nooit gedink sy sou so lank redakteur van *Sarie* bly nie. As joernalis met 'n nuusfokus wou sy aanvanklik teruggaan na die koerante. Sy het gemeen sy sou ongeveer vyf jaar redakteur bly. "Ek vra myself dikwels wat het my gehou." In haar woorde: "*Sarie* was die beste en die slegste ding wat met my gebeur het – ek kon nie wegbreek nie. Dit het 'n hele nuwe wêreld oopgemaak. Wát 'n tydskrif is, en wát 'n tydskrif omsluit: Niks het ooit beter gelyk as *Sarie* nie."

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Van Breda sê self sy het al "ophou tel" hoeveel jaar sy reeds in die redakteurstoel van *Sarie* is. Voeg daarby die verwikkelde uitdagings wat sy en haar redaksie moes beleef en oorleef met die ekonomiese krisis van 2008 (toe Media24 se groot aantal tydskrifte dosynsgewys verminder is), die nuwe ekosisteem meegebring deur die digitale revolusie, en COVID-19 (Van Breda 2024a). "Dit voel asof ons deur nege lewens is met *Sarie*. Elke keer was daar net nog 'n struikelblok en nog 'n uitdaging, en elke keer is ons daaroor, en ek dink dit is miskien wat my gehou het."

7.3 Frekwensie-verandering

Die eerste groot verandering en een van die "nege lewens" waardeur Van Breda moes gaan, was die herposisonering van 'n tweeweeklikse publikasie na 'n maandelikse publikasie.

Die tydskrif se eerste vroulike redakteur het in haar termyn 'n studie gedoen om die blad te herposisioneer na 'n maandtydskrif, maar die hoof van Media24 het gevoel die tyd is nie ryp daarvoor nie. Die skrif was egter aan die muur vir 'n tydskrif met 'n tweeweeklikse frekwensie, en die blad is in Junie 2002 (Van Breda 2024a) tot 'n maandtydskrif herposisioneer – wat toe vir die eerste keer met die maandelikse glanstydskrifte kon meeding. Sedert COVID-19 is die frekwensie van die blad tweemaandeliks.

Die herposisionering na 'n maandblad in Junie 2002 is voorafgegaan deur 'n "hele debat" (Van Breda 2024a). Dit was nie net die frekwensie-verandering wat 'n "groot kopskuif" – want "jy moet nou vir 'n maand lank inspireer" – gevra het nie. Dit het ook 'n eerste afleggingsproses van redaksielede meegebring. Vir Van Breda was die "emosionele skommeling" en self-ondersoek van daardie tyd iets wat sy onthou, ook omdat die "highs ontsettend high was, en die lows lower as low". Met die herposisionering het *Sarie* egter "onmiddellik in die nommer een-posisie ingeskuif wat ons nooit weer afgestaan het nie" (Van Breda 2024a).

Volgens Van Breda was *Sarie* se grootste teenstanders in daardie tyd *Cosmopolitan* en *TrueLove*. Die ander vroueblaaie, *fairlady* en *rooirose*, "was bietjie laer op die ranglys" (Van Breda 2024a). Dit was baie duidelik dat van haar as redakteur en haar span verwag is om "nommer een" te bly. Van Breda het dit ook so aan haar span oorgedra: "As jy vir my 'n voorstel maak, moet jy vir my sê dit is 'n 'nommer een'-voorstel. Is dit 'n voorstel wat die leser gaan bereik, wat haar gaan inspireer om beter besluite te neem, om beter oor haarself te voel, om haar grense te skuif?"

Dit is ook waarom die trefreël van "'n Vriendin vir elke Vrou" verander is na vandag se "Ons inspirasie". Alles wat die *Sarie*-span gedoen het, moes hulle elke keer meet aan "inspirasie", hetsy dit inspirasie is wat inkomste betref, of emosionele ondersteuning, of inligting. "Die span het presies geweet wat hulle moet doen en wat van ons verwag word."

7.4 Die digitale era breek aan

Benewens die gedrukte weergawe van die tydskrif is daar ook die aanlyn weergawe onder die gewel van Netwerk24, https://www.netwerk24.com/SARIE beskikbaar, asook https://www.netwerk24.com/sarie/netwerk24-tuisbladhouer, asook 'n e-publikasie-weergawe op die Netwerk-werf, https://epublikasies.netwerk24.com/html5/reader/production/default.aspx?pubname=&pubid=bf717946-315b-41bd-b43c-b9b7c0968978 (*Sarie* 2024a). Vir hierdie aanlyn *Sarie* word toegang verkry deur 'n intekenaar op Netwerk24 te wees.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Die blad het ’n teenwoordigheid op Facebook (“SARIE.tydskrif”), waar dit beskryf word as “SA se No.1 vroue-glanstydskrif!”, asook op X (Twitter) met “@SARIETydskrif”, op Instagram met “@sarietydskrif”, op Pinterest met “SARIE Tydskrif”, en op YouTube met “SARIEMag” (*Sarie* 2024b).

Op Media24 se landingsblad word *Sarie* beskryf as “die glanstydskrif van keuse vir die Afrikaanssprekende vrou met ’n moderne siening van die wêreld. Ons vertel tipiese Suid-Afrikaanse stories wat haar goed laat voel oor haarself en haar wêreld” (Media24 2024).

Die tydskrif was die eerste wat ’n webwerf as sarie.com gestig het, asook die eerste om ’n aanlynwinkel te skep wat ontwikkel het in Spree, en toe ontwikkel het in Superbalist (Van Breda 2024a) (meer oor dié ontwikkeling later). Superbalist is deel van die Takealot Group, wat bestaan uit Takealot, Superbalist, en Mr D (Takealot Group 2024).

7.5 Die veranderende mark

Terwyl die digitale revolusie talle bedrywe omvergewerp het, is die media waarskynlik een van dié wat die ergste geraak is. Daar was volgens Van Breda (2024a) soveel veranderlikes: “Die mark het so ontsettend verander, die mededinging het so ontsettend vinnig verander, en die media ook, én die leser het verander.” Tog, sê Van Breda: “Die kernbeginsels het behoue gebly”, al was daar die afgelope byna kwarteeu ’n “revolusie in alles”.

Wat digitaliteit betref, het redakteurs wel voorheen gereeld op vergaderings gehoor “hier kom ’n ding, julle moet julle regmaak” (Van Breda 2024a). Maar: Niemand het geweet waarvoor hulle hul moet regmaak nie. “Jy het geweet dit kom, maar hoe om gereed te maak daarvoor? Ons het nie ’n kristalbal nie.”

Die digitale era het die gedrukte media “werklik in alle erns” deur COVID-19 en die pandemie se implikasies, insluitend ’n heel nuwe leefstyl, getref.

Boonop, sê Van Breda (2024a), is “digitale lesers anders as gedrukte-media-lesers”. Dit gaan oor ’n “lean-in experience” teenoor ’n “lean-back experience”. Met digitale media lees jy vinnig iets op ’n webtuiste – maar “jy sit terug met jou [gedrukte] tydskrif”. Tog, van *Sarie* se totale sirkulasie van net meer as 55 000 word “bereken dat sowat 23 000 subskripsies digitaal is”. Dié meting word met algoritmes bepaal van hoe spesifiek na *Sarie* op Netwerk24 gesoek word. Volgens die Ouditburo van Sirkulasie was *Sarie* se amptelike sirkulasie in die eerste kwartaal van 2024 altesame 55 513 (Magazines: ABC Q1 2024), verreweg die leier in die afdeling vir Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte.

Die “etikette” (“tags”) bo-aan *Sarie* se landingsblad op Netwerk24 (*Sarie* 2024c) wys hoe die inhoud verander het en hoe die blad as sosiale barometer in pas moes bly. Die etikette begin, buiten die eerste, “Tuisblad”, met “Bekendes”, gevolg deur “Skoonheid”, “Mode”, “Kos”, “Woon”, “Gesondheid”, “Boeke”, “Myself”, en laastens, om te klik na die e-publikasie self, met “Tydskrif”.

Die feit dat “Bekendes” die eerste etiket is ná die tuisblad is ’n bewys van die veranderende mark en die tydskrif as sosiale barometer. Toe die sepie *7de Laan* op kykNET uitgesaai is, was 60% van *Sarie* se voorblaaie sterre uit dié reeks (Van Breda 2024a). “Elke keer as iemand van *7de Laan* op die voorblad was, het dit ons sirkulasie opgestoot.” Maar, sê Van Breda, hulle kon nie 12 keer ’n jaar [toe die publikasie nog maandeliks was] *7de Laan*-sterre op die voorblad sit nie. “Daar is ander mense in die land ook.”

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Die mantra van die persoon wat toe hoof van Media24 was (voor 2008), was "Go for growth". Dit het Van Breda laat besluit dat hulle met handelsmerkuitbreidings moes groei – "ons moet werk met 'n '*Sarie*-wêreld'". Van Breda (2024a): "Ek het geglo ons het genoeg lesers met genoeg belangstellings dat ons meer as 'n kerntydskrif op die rak kan sit." Die eerste handelsmerkuitbreiding was *SarieBruid*, 'n tydskrif wat selfstandig van die kern-handelsmerk verkoop is. Daarop het gevolg *SarieKos*, "wat enorm was". Dit was aanvanklik tweejaarliks, toe is die frekwensie verhoog na kwartaalliks voordat die finansiële borrel in 2008 gebars het.

Van Breda skryf die sukses van die Kos-blad – die eerste voordat ander publikasies 'n soortgelyke tema gebruik het – toe aan die feit dat die kosredakteur, Barbara Joubert, "geposisioneer is as 'n ma met kinders, nie 'n opgeleide sjef nie". Hul inspirasie was 'n aanhaling van die *Sarie*-rubriekskrywer Nataniël: "Dinge is moeilik, kom ons eet 'n ietsie." Met Joubert was "onmiddellik 'n konneksie, lesers kon identifiseer met haar; sy is gementor deur Peter Veldsman". Van Breda sê Joubert was

> [...] eintlik 'n dissipel van Peter; sy ken die beginsels van goeie kos, sy het hartskos, sielskos, gemaak – haar tamatiebredie is die foto op die nuwe *Kook en Geniet – Sarie* het toestemming gegee dat dit gebruik kan word toe *Kook en Geniet* oorgedoen is – gegrond op Leipoldt se resep.

Ná *SarieBruid* en *SarieKos* het gevolg *SarieGesond* en *SarieWoon*, ook *SarieKreatief*.

Daarop het gevolg Sarie.com – die "digitale arm".

> So ons het uitgegaan in die mark en gesê hierdie is die '*Sarie*-wêreld': In die middel is die hooftydskrif, want dit is die leser, en dan rondom dit, is al haar belangstellings, en dalk lees sy nie *Sarie* nie, maar sy lees *SarieKos* of *SarieWoon* – daar waar sy is, daar sal *Sarie* wees.

Want, sê Van Breda: "Tydskrifte het 'n siel."

Dié handelsmerkuitbreidings staaf die opvatting van tydskrifte as barometers van hul tyd. Die stelling word gegrond op die vele bylaes wat oor jare uitgegee is en in die 21ste eeu amptelik as selfstandige publikasies uitgegee is. Die aanvanklike inisiatief was *Sarie* se "bêreboekies" in kleiner formaat; later was bylaes in dieselfde formaat as *Sarie*. Daarna was dit die selfstandige, gefokusde tydskrifte wat met 'n eie omslagprys verkoop word as handelsmerkuitbreidings – die "moderne bêreboek".

Dit, sê Van Breda, is die "wonderlike ding van *Sarie*: Ons het ons ryke erfenis gebruik om te innoveer. Dit het vir ons rigting gegee. Vir my rigting gegee."

Die idee was ook dat daar permanente "kruisverwysings" (Van Breda 2024a) sou wees. "In *SarieWoon* sal ons sê as jy hou van byvoorbeeld 'n klein huis: In September se uitgawe sien jy nog 'n voorbeeld van 'n klein huis. Of op sarie.com sal ons sê, ons het nou hierdie gesondheidstorie, maar lees ook die volgende *Sarie*, daarin kry jy 'n verdere storie hieroor."

Benewens media-handelsmerkuitbreidings was "eventing", om spesiale geleenthede aan te bied, ook deel van die handelsmerkuitbreiding; so ook TV-programme waarby *Sarie* betrokke was – "alles deel van die '*Sarie*-wêreld'". Omdat daar soveel uiteenlopende belangstellings en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

versoeke was – kos, gesondheid, troues – het die handelsmerkuitbreidings eintlik "organies" (Van Breda 2024b) gevolg. "Ons kan nie alles in een tydskrif doen nie." Daarop het die handelsmerkuitbreidings "op groot skaal gevolg". Vir lesers wat 'n "meer godsdienstige inhoud" wou hê, het *Lééf* gevolg – alles op *Sarie* se navorsing en inisiatief.

Buiten geleenthede ("eventing") soos die gewilde jaarlikse Kersetes en TV-programme, het ook wedstryde soos die Matriekafskeidrok van die Jaar en Bruid van die Jaar gevolg (Van Breda 2024b). Dit is omdat Van Breda (2024b) en haar span besef het die handelsmerk *Sarie* is so sterk, "en omdat dit 'n algemenebelangstellingstydskrif is – 'general interest magazine' – is daar soveel gebiede waarop ons kan uitbrei". "Ons het geweet kos is 'n 'groot' ding: Ons kon 'n kosprogram maak, en nog meer handelsmerkuitbreidings op die rak sit."

Dit was alles deel van die "360-wêreld"-strategie: "As jy nie *Sarie* lees nie, dan miskien *SarieKos*, of as jy nie *SarieKos* koop nie, kom jy na 'n 'event', of jy kyk ons TV-program – iewers gaan ons jou 'optel'; jy hoef nie die hooftydskrif te lees nie" (Van Breda 2024b).

7.6 Die begin van aanlynkoop

Die mega-aanlynwinkel Takealot het sy begin by *Sarie* gehad. Volgens Van Breda (2024a) was dit eenvoudig 'n e-pos van die hoofbestuurder "in die lyn van 'kom sien my môreoggend want ons moet 'n aanlynwinkel begin met *Sarie*'".

Van Breda was onder die indruk dit sou iets wees soos die "spesiale aanbiedings" wat gereeld in *Sarie* verskyn het, soos 'n handsak of koppies. Maar dit moes 'n volwaardige winkel wees. Tog: "Ons het toe die projek aan die gang gekry." Hulle sou eers van *SarieWinkel* praat, maar die hoofbestuurder wou "net sarie.com" gehad het. "Eintlik het ons van die *Sarie*shop gepraat, want mense gaan shop, en ons het begin met klere." Van Breda het 'n begroting gehad om mense aan te stel, soos 'n werknemer van 'n winkelgroep wat hoof van "*Sarie*shop" was. Dit moes vir die leser wat daar geld bestee, voel of sy 'n geskenk kry – "so daar is kaartjies geskryf – jy bestel iets, en dan kom jou pakkie aan, en daar is 'n kaartjie by: 'Baie geluk, dis jou eerste aanlynkopie'". Dit was iets totaal nuuts. Van Breda: "En mense het gekoop. Die tweede naweek het iemand R60 000 se aankope gedoen."

Danksy die sukses het dit omvorm in Spree (wat die "S" van *Sarie* behou het), wat ander tydskrifte ook bedien het, en uiteindelik het dit Superbalist geword. Hoewel Superbalist nou deel vorm van Takealot (asook Mr D) en die Naspers-groep (nie Media24 nie), het dit alles deur Media24 begin met *Sarie* se "*Sarie*shop".

7.7 Voorstelle wat "weggevat" is, en ander wat selfstandig geword het

Die gewilde reistydskrif *Weg!* was aanvanklik 'n *Sarie*-voorstel, naamlik dié van die adjunk-redakteur Alida Vos. Van Breda (2024a): "Ons wou 'n reistydskrif doen; vroue neem die besluite." Hulle moes hoor "[d]it was 'n 'fantastiese voorstel', maar 'julle gaan dit nie doen nie'". (Voorheen, onder die eerste vroulike redakteur, was die dekortydskrif *Visi* reeds 'n onafhanklike tydskrif. Dit word deesdae in Engels gepubliseer.)

Met die skep van die tydskrif *Lééf* het *Sarie* ook die aanvoorwerk gedoen. Die navorsing is deur *Sarie* se Suzette Truter gedoen, en dit was Van Breda se opdrag om die blad "aan die gang te kry". Van Breda het *Sarie* se Christine Ferreira aangestel, asook die hele redaksie, en was self lank die redaksionele hoof van dié publikasie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Terselfdertyd was Van Breda die redaksionele hoof van die tydskrifte *InStyle* en *Psychologies*, publikasies wat onder lisensie in Suid-Afrika deur Media24 uitgegee is en wat deel was van die "go for growth"-strategie "toe ons die internasionale tydskrifte hier probeer het".

7.8 Advertensies, advertensies

Volgens Van Breda (2024a) het *Sarie* in 'n stadium "amper letterlik gevlieg" wat advertensie-sukses betref. Sy moes aan die direksie skryf om te sê die blad kan nie verder "gelaai" word met advertensies nie. Die "normale" beleid vir advertensielading was 60% redaksioneel en 40% advertensies. Toe het die advertensielading tot 50% gestyg. Dit het volgens Van Breda gelei tot 'n situasie met opeenvolgende bladsye van "kopie, advertensie, kopie, advertensie"; met uitgawes wat tot 300 bladsye dik was.

Dit was ondanks die feit dat *Sarie* vanaf 2017 reeds nie meer op glanspapier vir die binneblaaie gedruk is nie. Dié verandering het "geen invloed op lesers gehad nie". Dit is gedoen as 'n "noodsaaklike kostebesparing".

Advertensie-inkomste het terselfdertyd begin daal en die bladsye het minder geword. Die dikker, hoewel glanslose, papier het vir 'n "thud factor" gesorg. Dit was "bietjie swaarder", maar dit was boweal "moderner". 'n Medewerker wat al sinoniem met *Sarie* geword het, Nataniël, "was mal daaroor". Dit was 'n sogenaamde "point of difference", 'n onderskeidings-punt, in die mark, benewens die feit dat dit "meer modern" gelyk en gevoel het.

7.9 Toe verander COVID-19 alles

Van Breda (2024a) sê die impak van die COVID-19-pandemie was net so groot soos die oorgang na die maandelikse frekwensie, ook wat afleggings betref. Dít in 'n span wat van die begin af, in Alba Bouwer se woorde met die tydskrif se 25ste bestaansjaar, uit hul "saamtrek en saam swaarkry" die grootste "vreugde en plesierigheid" met mekaar gedeel het. Dit was die wens wat Bouwer toekomstige redaksielede toegewens het in hul werk aan die "mooi ding", die woorde van hoe die eerste redakteur oor *Sarie* gevoel het (Bouwer in Rabe 1985:2).

Inderdaad, in 2024 het Hanlie Retief, *Rapport*-joernalis en 'n voormalige *Sarie*-redaksielid, verwys na die span se saamwerk tydens haar tyd in die redaksie, as haar ervaring dat dit 'n "Camelot"-tyd was (Retief 2024a). Die metafoor van "Camelot" verwys na 'n tyd en plek wat gekoppel word aan "utopiese ideale en hoë verwagtinge" (Camelot, Political Dictionary 2024). Camelot was die legendariese kasteel van Koning Arthur en sy ridders. Hulle is gesien as "suiwer van hart" en "oneindig dapper". In 'n opvolgende mededeling het Retief (2024b) gesê:

> Dit was van die lekkerste jare in my loopbaan. Ek onthou goed hoe ek en Alta ['n mede-redaksielid] soggens halfses in die kantoor aangekom het om stories klaar te maak. Ons het nie omgegee om buite werkure te werk nie, alles het daaroor gegaan om die beste moontlike storie in die tydskrif te kry. Ons het sirkulasiesyfers gejaag, gekyk wat nodig is om méér en méér lesers te lok. Die stories was edgy, buite die boks, en die band met die leser was baie direk – bedoelende daar was wisselwerking tussen die leser en die storie. [...] Daar was 'n spangees soos min, ons was soos 'n familie om daardie twee teepotte, rooi[bos] en swart tee. Ek onthou ook hoe ek en Alta destyds daai middernagvlugte Johannesburg toe gevat het, dit was goedkoper, sodat ons daar stories kan doen. Die sukses van *Sarie*, die hoë sirkulasie, was deels te danke aan die sterk kohesie in die span.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Van Breda (2024a) beklemtoon: “Nog lank voor ek redakteur was, het die span-dinamika met my geresoneer. Daar is niks meer inspirerend as om met ’n span saam te werk nie.”

Maar toe tref die COVID-19-pandemie die planeet – en die kohesie van die *Sarie*-span en die *Sarie*-spangees – in Maart 2020. Van Breda was oorsee en met verlof vir 30 dae, maar ná net nege dae is sy in kennis gestel dat alle grense gesluit gaan word en dat daar nie vlugte terug na Suid-Afrika sou wees nie. “Dit was ’n gesukkel om terug in Suid-Afrika te kom.”

Met haar terugkoms “was almal al uit die kantore, ek self het nooit weer teruggegaan nie”. Haar laaste herinnering van haar kantoor was voordat sy op haar maand lange vakansie vertrek het. Sy het almal gegroet, “almal het hande geklap, en Herman [Lensing] het nog ’n groot fotostaatfoto van my op die stoel gesit: ‘Geniet jou vakansie’”. Min het Van Breda geweet dit was die afskeid van haar kantoor.

Van Breda: “Die trauma, die totale verlies, vir my, en die hele span, was enorm.” Dit het die “hele dinamika binne die span geskud. Daai saamwees en die inspirasie onder mekaar – wat *Sarie* se rede vir sukses was.” Van Breda: Dit was “nie net ’n werk nie – dit was vir almal noodsaaklik om by *Sarie* te wil werk”.

Volgens Van Breda was die plan van “OCP”, “outsourced content provider”, dalk toe reeds “op die tafel” by die groter maatskappy. Toe COVID-19 kom, “was dit reg”. Almal is afgelê, Van Breda ook. “Ons is almal ge-fire.” Dit was die geval by al die maandelikse tydskrifte. “Toe was ons so 20 redaksielede in totaal.” Media24 se “OCP”-beleid was dat slegs met een persoon gewerk word en dat slegs met daardie persoon ’n kontrak gesluit word.

7.10 ’n Nuwe era

Van Breda moes toe ’n maatskappy stig. Sy het dit 71Publishing genoem omdat dit in *Sarie* se 71ste jaar gebeur het. “Elke keer as ek na daardie naam kyk, dan dink ek, ja, *Sarie*, jy is nou hierdeur óók.”

Die ergste was dat niks in-persoon kon gebeur nie. Van Breda het met haar “volle span” oor Teams (’n aanlyn vergaderplatform) gepraat, en daarna een-een met elkeen. Onder meer “dat niemand meer ’n salaris kry nie; ons kry ’n ‘projekfooi’ vir elke projek wat ons doen, en ons gaan betaal word per projek, per blad, per woord”.

Daarom doen al die voormalige redaksielede ook ander werk ter wille van ’n inkomste, “want hulle kan nie anders nie”. Sommige het woonstelle verloor, of hul motors, sommige moes by hul ouers intrek (Van Breda 2024a). “Ons was nie meer ’n span nie; almal doen nou ander goed om te oorleef.” Van Breda het aan hulle die onderneming gegee dat sy “soveel as moontlik” van hulle gaan bly betrek “en aan die werk hou”. Die voormalige gefokusde span kon nou enigiets anders doen om dit wat hulle by *Sarie* per projek verdien, aan te vul. Hulle moes egter verstaan dat hulle Van Breda se eerste keuse vir alle projekte sou wees.

Die maatskappy 71Publishing is by die Companies and Intellectual Properties Commission (CIPC) geregistreer. Media24 het nie met die registrasieproses gehelp nie. Die projekbedrae word betaal aan 71Publishing en “alles werk deur 71Publishing”. Die maatskappy betaal belasting – maar *Sarie* moet ook wins maak vir haar voormalige moedermaatskappy.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

"Ek wil myself nie as 'redder' van *Sarie* sien nie – maar wat sou gebeur as ek bedank het?" Dit was die enigste manier om die tydskrif te laat oorleef. Al die voormalige vaste redaksielede werk nou vryskut van hul huise af, hetsy Johannesburg, Pretoria, Bellville, Kaapstad, Stellenbosch, Somerset-Wes, Melkbos of Langebaan. Beplanningsvergaderings word op die Teams-platform gehou "met ongeveer tien tot twaalf mense gelyktydig in die vergadering". Van Breda gaan slegs na Media24 se kantoorgebou in Kaapstad as sy 'n vergadering het met administratiewe hoofde.

Van Breda (2024a) pendel tussen haar verblyfplekke in Johannesburg en Kaapstad. "Ons kom bymekaar by 'n restaurant, of by wework [kantoorruimte wat per uur uitgehuur word] – maar ook daardie betalings moet uit die projekfooi kom." Dis vir Van Breda baie belangrik dat die dinamika in haar span behoue bly: "Jy het jou inspireerders en jou doeners en jou denkers en jou aanspoorders." Volgens haar is hul grootste gemis die onderlinge dinamika. "Ons tref dit sporadies, maar altyd in twee spanne." Van Breda sê hulle maak baie staat op hul "eie institusionele geheues van hoe dit was – maar wat as dit leegloop?" Want vir haar is dit juis die "institusionele geheue" wat "die siel van *Sarie* is". "Ons is 'n leier-tydskrif, nie net 'n Afrikaanse tydskrif nie – ons is die beste tydskrif in die land." Vir Van Breda is dit belangrik dat spanlede beurte neem om "voor te loop". Van Breda: Daar is "verskillende leiers wat in verskillende momente na vore getree het – soveel van hulle. Die hele span: Elkeen is 'n meester van kreatiwiteit op hul gebied." Dit is ook wat hulle dryf: "Ons glo in die vrou vir wie ons skryf."

Van Breda voel die doelwitte wat die eerste *Sarie*-redaksie vir hulself gestel het, is presies dieselfde wat haar span steeds voor oë het: Om vir die *Sarie*-vrou haar stem te gee, dit gaan "oor vrouebevryding en vroueregte". Dit sluit aan by haar tema vir die tydskrif se 75ste bestaansjaar: "Ja, ek kan. Ja, ek het waarde. Ja, ek is genoeg." Vir haar is *Sarie* as tydskrif die verpersoonliking van wie elke vrou kan wees. Van Breda sê sy het oor die jare gesien hoe *Sarie*-lesers hul stemme vind, iets wat voortdurend deur die blad se meer as sewe dekades die grondslag van die publikasie was: "Om bevryder van vroue te wees, om oor vroueregte te skryf, oor vroue in leiersposisies."

7.11 Die voorbladgesigfenomeen

Vir Van Breda (2024a) verpersoonlik die Voorbladgesigwedstryd dié ideaal: Iets waaraan enige vrou kan deelneem. "Daar kan niks beter wees vir 'n vrouetydskrif wat so glo in die waarde van haar leser as om die leser op die voorblad te sit nie." Van Breda het die idee by 'n Brasiliaanse tydskrif gekry tydens 'n besoek daar. Hoewel *Sarie* al vantevore so 'n Voorbladgesigwedstryd gehad het, het hulle gevoel hulle moet dit weer probeer (Van Breda 2024b).

In totaal het altesame 80 000 vroue al vir die wedstryd ingeskryf, met 'n rekord van 14 000 vroue vir 'n enkele jaar (Van Breda 2024a). "En die skuif het eintlik begin kom nadat dit nie meer modelle was wat ingeskryf het nie, maar 'gewone' vroue – dokters, dosente, prokureurs, entrepreneurs, selfs 'n operasanger, binneversierders, balletonderwysers en dansers, en ook 'boervroue', soos 'n vrou wat krokodilleer aan die modevervaardiger Fendi in Italië verskaf." Almal, sê Van Breda, "merkwaardige vroue". "Vroue wat glo ek kan, en vir wie dit 'n geval is van 'I'm taking up my space'. Ook die gedagte van 'Ek kan en ek wil en ek doen dit vir myself'." Van Breda: "Hierdie vroue is fenomenaal – soos alle vroue."

"Dis so inspirerend vir ons as 'n span, elke keer: Dis hoekom ons so glo in hierdie tydskrif. Dit is ook waarop ons reageer: Die wisselwerking en die dinamika tussen ons en die lesers." Die "onbekende" gesigte van die Voorbladgesigwedstryd het ook nie sirkulasie beïnvloed nie. Van Breda sê "voorblaaie gaan altyd oor die bekendes, die celebs; maar die léser moet eintlik op die voorblad wees".

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Die Voorbladgesigwedstryd word reeds 14 jaar aangebied (Van Breda 2024b). Dié projek het intussen vir Van Breda laat voel asof die lesers "eienaarskap van die tydskrif oorgeneem het". Toe hulle met die wedstryd begin het, het hulle besef die sirkulasie gaan daal omdat dit nie 'n "bekende" gesig is nie, maar hulle het in hul "somme voorsiening gemaak" daarvoor. Tog: Ongeveer vyf jaar later het dit geswaai; vandag verkoop die voorbladgesigwenner "net so goed indien nie beter nie as die celebs" (Van Breda 2024b).

'n Onderwyser van Centurion, Emari Grieselbach, was in 2018 ook die wenner wat sirkulasie betref. "Sy het elke celeb in daardie jaar laat stilstaan – selfs ook Nataniël en Annamart [van der Merwe]" – sy was "loshande die wenverkoper daardie jaar". Vir Van Breda is dit simbolies van hoe haar "leser by die punt gekom het waar sy haarself omarm – hier is ons, ons word geskat na waarde, ons is op die voorblad".

Figuur 2. In 2024, om *Sarie* se 75ste verjaardag te vier, is inskrywingskategorieë vir verskillende ouderdomsgroepe aangebied. Die wenner in die ouderdomsgroep vir vroue wat tussen 1949 en 1959 gebore is, was die 68-jarige Marieta Ferreira.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

7.12 Redakteurskap

Van Breda (2024a) sê die grootste uitdaging is om "relevant te bly". Oor die feit dat sy ná amper 25 jaar se redakteurskap, en as tweede vroulike redakteur van die blad, feitlik sinoniem met *Sarie* geword het, sê sy dis "die beste en slegste ding wat met my kon gebeur". "Die kleurryke wêreld van vroue" is vir haar oopgemaak, wat haar met empatie vervul, maar ook "met mag en inspirasie en avontuurlustigheid, stylvolheid".

Haar jare by *Sarie* beteken sy kan haar passie uitleef: "My eie kreatiwiteit ontdek, en inspirasie, en ook my nuussin." Sy weet ná al die jare, en veral die omstandighede post-COVID-19, haar krag lê daarin dat sy haar span kan lei "om die beste uit elkeen te kry – om individueel met elkeen te werk en tog deel van 'n span te wees". Van Breda voeg by dis omdat haar "visie vir *Sarie* so duidelik was – want die leser gee dit vir jou". En: "Ek antwoord die leser, dís die dinamika: Sy sê: Hier is ek, ons loop die pad saam."

Sy aanvaar nie die kritiek van sommige feministiese teorieë dat vrouetydskrifte nie vroue bevry nie. Sy meen veel eerder dis wat *Sarie* nog van die begin gedoen het: Sy was vroue se stem van bevryding. "Dit gaan nie oor pienk lipstiffie en pienk naels nie." Voorts was *Sarie* ook nog nooit in die vorm gegiet van 'n *Cosmopolitan* of 'n sensasionele tydskrif nie. *Sarie* "het van die begin vroue se wêreld verruim; dit het oor inligting en opvoeding gegaan". Van Breda meen dis "arrogant" van sekere soorte feminismes om te dink dat vroue nie vir hulself kan besluit nie –

> [...] dis mos jou keuse om 'n tydskrif te koop. Anders onderskat ons haar besluitnemingsvermoë, haar sin vir eiewaarde. Buitendien, wat van vroue soos Hillary Clinton, Michelle Obama en Judy Dench wat al op *Vogue* se voorblad was. Ek dink eerder wat vroue reggekry het, is om feminisme – vroueregte – met vroulikheid te vermeng.

Die doyenne van vroulike joernaliste in Suid-Afrika, Jane Raphaely, stigtingsredakteur van *fairlady* in 1965, word deur Rossouw (2021:5) aangehaal as dat vrouetydskrifte vir "vroue in Suid-Afrika 'n betekenisvolle seepkis met 'n baie harde klankstelsel gegee het wat selfs die sagste stem kon laat weerklink as 'n baie harde skreeu".

Wat vroue van kleur betref, sê Van Breda minstens 'n derde of meer vroue van kleur woon hul *Sarie*-geleenthede by. Daar was onder die Voorbladgesigwenners reeds twee vroue van kleur. Die sepie *Suidooster* se Jahaawier Petersen was ook reeds 'n voorbladgesig. Mej Heelal, Zozi Tunzi (Fig. 3), was ook op die voorblad.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Figuur 3. Zozi Tunzi as voorbladgesig vir *Sarie* in Augustus 2020

7.13 Die volle sirkel

Vir *Sarie* se 75ste jubileumsjaar het Van Breda die motto van "Sê Ja!" gekies. En: "Nee vir stilstaan en oninspirerend en negatiwiteit. Sê ja, en kyk wat gebeur" (Van Breda 2024a; Redakteursbrief 2024:6).

Vir Van Breda het *Sarie* in die digitale en post-COVID-19-era haar "volle sirkel" bereik, ook wat digitale en drukmedia betref (Van Breda 2024b). "Ons het die 360-benadering ten volle uitgerol: In gedrukte media, digitale media, sosiale media ingesluit, TV-programme, en geleenthede (funksies) en handelsmerkuitbreidings."

Van Breda (2024b) sê daar is soms vier tot vyf *Sarie*-titels gelyktydig op die rak, "met derduisende mense wat bereik word deur hulle verskillende belangstellings". Dit is wat Van Breda die "*Sarie*-wêreld" noem en hoe die handelsmerk in die mark geposisioneer is.

Van Breda meen die leser het nie "baie verander in die afgelope 75 jaar in terme van wie sy in haar hart is nie". Soos sy dit stel: "Sy is 'n vurige ('feisty') vrou, 'n doener, ook 'n dromer, sy kan enigiets van 'n entrepreneur tot 'n ma tot 'n ouma tot 'n advokaat wees. Sy's stylvol, sy's

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

lief vir avontuur, sy hou daarvan om iets nuuts uit te probeer, sy skrik nie vir 'n rooi lipstif nie, sy's kwaai – Afrikaanse vroue kan baie kwaai wees!" Maar: "Jy kan enige probleem op die tafel sit en sy gaan met 'n plan vorendag kom."

Sarie is geposisioneer as 'n Suid-Afrikaanse tydskrif, "nie net Afrikaans nie. As jy genoeg Afrikaans kan verstaan, en die Suid-Afrikaansheid van *Sarie* kan geniet, dan is jy 'n *Sarie*-leser. Soos ook die 16% manlike lesers van die blad" (Van Breda 2024b).

Sarie het in al dié jare voorgeloop met vernuwing: Sy was eerste met 'n aanlynwinkel, wat uiteindelik die maatskappy se innovasieprys gewen het. Daarbenewens het die blad en Van Breda self etlike ander pryse gewen.

Bowe alles: "*Sarie* behoort aan die leser, sonder die leser is daar nie 'n tydskrif nie" (Van Breda 2024b). Vir "75 jaar het ons die storie vertel van duisende Afrikaanse vroue dwarsoor die land, terwyl die hele wêreld verander."

Van die uitdagings is die besef dat 'n tydskrif duur is – "veral ná Covid-19 is dit nog duurder". Daarby: "Die trokke word gekaap, daar is legio probleme wat die drukwêreld betref." Tog sê Van Breda: "My hoop is dat ons bietjie van albei kan doen, druk én digitaal, maar indien druk nie meer ... bestaan nie, sal die handelsmerk steeds bestaan. Mense is verknog aan *Sarie*, ook jong meisies" – want *Sarie* "het baie jong lesers". En ja, terwyl daar lesers is, verdwyn die adverteerders – "hulle sit hul geld op Facebook, op Google" (Van Breda 2024b).

Van Breda (2024b) het in haar gesprek by die Alumni-geleentheid verwys na 'n telefoniese gesprek met een van die eerste redaksielede, Carin (Burger) van Heerden, want "'n mens wonder: Hoe was daardie eerste dae?". Een van Van Breda se vrae was: "Is jy verbaas dat *Sarie* ná 75 jaar nog bestaan? Nee, het sy gesê, nee, want daardie tydskrif is met soveel hoop en soveel positiwiteit in die lewe gebring, dit moes net oorleef."

Daarom, sê Van Breda (2024b): "Ek voel nog daar is hoop. Ek weet hoop is nie 'n strategie nie, maar met hoop kan jy en innovasie nog 'n lang pad stap. Maar al verdwyn gedrukte media, die naam/handelsmerk *Sarie* sal nie sommer verdwyn nie."

8. Ten slotte

Hierdie artikel belig die vrouetydskrif *Sarie* as sosiale barometer gedurende die blad se beginjare en die hede. Die doel van die artikel is om, soos Lundy (2008:395) dit stel, daardie "kritiese kontekstuele skakel" met die verlede te bou en terselfdertyd te toon hoe 'n tydskrif 'n sosiale barometer kan wees.

Die betoog dat *Sarie* 'n sosiale barometer van haar tyd is, is gebou deur die uitlig van enkele aspekte van haar ontstaan en ontwikkeling 75 jaar gelede asook die huidige stand van sake.

Daarmee saam is die onderlinge band tussen redaksielede asook die band met die teikenmark toegelig. Rossouw (2021:219–20) skryf dat daar "'n sterk skakel is tussen 'n tydskrif en haar gemeenskap, asook die opvatting van die tydskrif as sosiale barometer wat die stand van daardie gemeenskap meet, asook hoe tydskrifte aanpas by hul omstandighede". Tydskrifte weerspieël dus nie net hul teikenmarkte nie, maar, soos Rossouw vir Johnson en Prijatel (2007:90) aanhaal, hulle is terselfdertyd "aktiewe lede van daardie gemeenskap".

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die blad ’n dinamiese produk oor 75 jaar was, en steeds is. *Sarie* se 75ste jubileum is gedenk te midde van erge onsekerheid rondom die toekoms van die media in gedrukte vorm, maar getrou aan haar aard as sosiale barometer, groei die blad steeds deur handelsmerkuitbreidings asook projekte wat nie slegs mediaprodukte insluit nie.

Die blad kon oor 75 jaar aanpas om antwoorde op nuwe uitdagings te bied, insluitend die digitale revolusie en die onvoorsiene uitdagings van die COVID-19-pandemie, al het dit meegebring dat die blad vandag deur ’n onafhanklike maatskappy onder die vaandel van Media24 uitgegee word.

Die finale gevolgtrekking is dat die doelwitte vir die blad 75 jaar later steeds nagestreef word: *Sarie* as ’n sosiale barometer van haar tyd wat oor die verloop van 75 jaar ontwikkel het in ’n gevestigde handelsmerk wat steeds vernuwe en bemagtig.

Bibliografie

About Naspers. The Group. s.j. https://www.naspers.com/the-group (23 September 2024 geraadpleeg).

Abrahamson, D. en M.R. Prior-Miller (reds.). 2015. *The Routledge handbook of magazine research: The future of the magazine form*. New York: Routledge.

AL 4 15/1/2/1/685. s.j. Antwoorde op vraelys aan koeranteienaars. Naspers-Argief. AL 4 15/1/2/1/685.

Berger, A.A. 2011. *Media and communication research methods*. Thousand Oaks: SAGE.

Beukes, W.D. (red.). 1992. *Oor grense heen. Op pad na ’n nasionale pers 1948–1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Booyens, H. 2008. Die geskiedenis van Huisgenoot. Vrae aan N. Hammann. Op 10 Januarie 2013 per e-pos ontvang deur outeur.

Boshoff, C.H. 2009. Die aanbieding van politiek as nuusonderwerp in *Sarie*, *Rooi Rose* en *Fair Lady*: 1994–2005. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

Bouwer, A. 1974. Sy kom van ver af. *Sarie*, 31 Julie, bl. 23–4.

Brown, R.D. 2003. Microhistory and the post-modern challenge. *Journal of the Early Republic*, 23(1):1–20.

Camelot. Political Dictionary. s.j. https://politicaldictionary.com/words/camelot (23 Oktober 2024 geraadpleeg).

Carr, E.H. 1961. *What is history?* Londen: MacMillan & Co.

Claassen, G. 1998. Magazines. Life’s own story. In De Beer (red.) 1998.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Conboy, M. 2012. How journalism uses history. New York: Routledge.

De Beer, A.S. (red.). 1998. *Mass media towards the millennium*. Pretoria: Van Schaik.

Deon Meyer. s.j. https://af.wikipedia.org/wiki/Deon_Meyer (22 Oktober 2024 geraadpleeg).

De Swardt, S. en H. Brand. 2008. Media24 Synopsis. Naspers Wiki-projek Media24 Synopsis. Geskryf op 16.09.2008 deur Salie de Swardt en nagegaan op 26.09.2008 deur H. Brand.

De Vaal, A. 2007. Vrouetydskrifte as sosiokulturele joernale: Prominente diskoerse oor vroue en die beroepswêreld in agt vrouetydskrifte uit 2006. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

De Villiers, E. 2009. Negotiating femininity: SA teenage girls' interpretation of teen magazine discourse constructed around Seventeen. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Donnely, D. 2002. Globalised girlhood: The teaching of femininity in *Cosmopolitan* and *True Love*. MA-verhandeling, Universiteit van Natal (nou Universiteit van KwaZulu-Natal).

Du Plessis, J.H.O. 1943. Die Afrikaanse pers: 'n Studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as sosiale instelling. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Du Plooy, G.M. (red.). 1995. *Introduction to communication*. Kenwyn: Juta.

Ekron, Z. 2010. An internet strategy for a niche magazine: A uses and gratifications approach. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Ferreira, N. 2011. *Grace* and *The Townships Housewife*: Excavating black South African women's magazines from the 1960s. *Agenda: Empowering Women for Gender Equity*, 25(4):59–68.

Fourie, P.J. (red). 2007. *Media studies. Media history, media and society*. 2de uitgawe. Kenilworth: Juta.

Froneman, J. 2004. Dominante motiewe in die transformasie van *Huisgenoot*, 1916–2003. *Ecquid Novi*, 25(1):61–79.

Furet, F. 1983. Beyond the annales. *The Journal of Modern History*, 55(3):389–410.

Giliomee, H. 2012. 'n "Gesuiwerde" nasionalisme, 1924–1948. In Pretorius (red.) 2012.

Given, L.M. (red.). 2008. *The SAGE encyclopedia of qualitative research methods* (vol. 1). Kalifornië: SAGE.

Gough-Yates, A. 2003. *Understanding women's magazines. Publishing, markets and readerships*. Londen: Routledge.

Jensen, K.B. (red.). 2002. *A handbook of media and communication research: Qualitative and quantitative methodologies*. New York: Routledge.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Johnson, S. en P. Prijatel. 2007. *The magazine from cover to cover*. New York: Oxford University Press.

Joubert, J.J. 1983. Die geskiedskrywing in *Die Huisgenoot* 1923–1949. MA-verhandeling, Unisa.

Kitsch, C. 2015. Theory and methods of analysis. Models for understanding magazines. In Abrahamson en Prior-Miller (reds.) 2015.

Kruger, L.-M. 1991. Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the volksmoeder discourse of *Die Boerevrou* (1919–1931). MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Laden, S. 2001. Making the paper speak well, or, the pace of change in consumer magazines for black South Africans. *Poetics Today*, 22(2):515–48.

—. 2003. Who's afraid of a black bourgeoisie? Consumer magazines for black South Africans as an apparatus of change. *Journal of Consumer Culture*, 3(2):191–216.

Lundy, K.S. 2008. Historical research. In Given (red.) 2008.

Magazines: ABC Q1 2024: Notable growth. s.j. Bizcommunity. https://www.bizcommunity.com/article/magazines-abc-q1-2024-notable-growth-673151a# (22 Oktober 2024 geraadpleeg).

McCracken, D. 2018. In pursuit of media history bunk. In Tomaselli (red.) 2018.

McKay, J. 2000. *The magazine handbook*. New York: Routledge.

Media24. s.j. *Sarie*. https://www.media24.com/magazines/sarie (22 Oktober 2024 geraadpleeg).

Moolman, A.M. 1990. Landboutydskrifte as kultuurhistoriese bron – 'n studie van *Die Landbouweekblad* en die *Farmer's Weekly* (1945–1961) aan die hand van 'n aantal geselekteerde kultuuraspekte. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Morris, M. 2012. *Apartheid: An illustrated history*. Jeppestown: Jonathan Ball.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's or doctoral studies. A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.

Muller, C.F.J. 1990. *Sonop in die suide*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Muller, J. 1987. Press houses at war: A brief history of Nasionale Pers and Perskor. In Tomaselli, Tomaselli en Muller (reds.) 1987.

Nänny, P. 2007. Vooruitsigte van die Afrikaanse tydskrifmark: Die lewenskragtigheid van Afrikaans, en hoe dit manifesteer in die lewenskragtigheid van Afrikaanse tydskrifte oor die korttermyn. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Narunsky-Laden, S. 2007. Consumer magazines in South Africa and Israel. Towards a socio-semiotic approach to magazine research. *Journalism Studies*, 8(4):595–612.

—. 2011. (South) African articulation of the ordinary, or, how popular print commodities (re)organize our lives. In Wasserman (red.) 2011.

Navasky, V.S. en E. Cornog (reds.). 2013. *The art of making magazines*. New York: Columbia University Press.

Ndzamela, V. 2002. Representation of women in women's magazines. MA-verhandeling, Rhodes Universiteit.

Nelson, J. 2012. *Airbrushed nation. The lure & loathing of women's magazines*. Berkeley, Kalifornië: Seal.

Odiambo, T. 2008. The black female body as a "consumer and a consumable" in current *Drum* and *True Love* magazines in South Africa. *African Studies*, 67(1):71–80.

Pretorius, F. (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

Querusio, D. 2013. Getting with the times: Magazines as social barometers. http://capricorn.bc.edu/wp/671/weekly_102814_querusio (5 November 2018 geraadpleeg).

Rabe, L. 1985. Die ontstaan en ontwikkeling van *Sarie Marais* as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

—. 2014. Reflections on writing about writing media history, or, the mapping of certain paradigms and certain philosophies in researching a media historiographical project. *Historia*, 59(2):10–27.

—. 2016. *Huisgenoot* as tydgenoot: 'n Mediageskiedkundige kroniek van 'n tydskrif as "skrif" van sy tyd. *LitNet Akademies*, 13(3):55–84. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/12/LitNet_Akademies_13-3_Rabe_55-84.pdf.

—. 2018. 'n Gevallestudie: 'n Mediahistoriografiese verkenning van 'n vroeë rubriek en 'n latere effekteorie-uitspraak. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(4/1):809–25.

—. 2019. 'n Landboublad as (sosiale) barometer: *Landbouweekblad* as aanwyser van 100 jaar se landboujoernalistiek. *LitNet Akademies*, 16(1): 207–44. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/06/LitNet_Akademies_16-1_Rabe_207-244.pdf.

—. 2024. Voorlopervroue in die Afrikaanse joernalistiek: Een eeu, drie baanbrekers, drie generasies. LitNet Seminare en essays. https://www.litnet.co.za/voorlopervroue-in-die-afrikaanse-joernalistiek-een-eeu-drie-baanbrekers-drie-generasies (21 Oktober 2024 geraadpleeg).

Rabe, L. (red.). 2015. *Konstante revolusie. Naspers, Media24 en oorgange*. Kaapstad: Tafelberg.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Redakteursbrief. 2024. Sarie Maart/April, bl.6.

Retief, H. 2024a. Mededeling in gesprek op 9 Oktober per WhatsApp.

—. 2024b. Geskrewe WhatsApp-mededeling op 4 November.

Rossouw, E. 2005. Die fragmentasie in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifmark: Die invloed van "vrou-gerigte" nistydskrifte op die "tradisionele algemene belangstelling"-vrouetydskrif. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

—. 2021. Making sense of the message: An analysis of the editor's letter in three archetypal South African women's magazines at the start of the 21st century. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Rossouw, E. en L. Rabe. 2014. Women's magazines in a 21st century democratic South Africa: Merely parrot-talk or truly shape-shifters? IAMCR 2014, Hyderabad, 15 tot 19 Julie.

Sarie. 2024a. E-weergawes, onderskeidelik https://www.netwerk24.com/SARIE, https://www.netwerk24.com/sarie/netwerk24-tuisbladhouer en https://epublikasies.netwerk24.com/html5/reader/production/default.aspx?pubname=&pubid=bf717946-315b-41bd-b43c-b9b7c0968978 (22 Oktober 2024 geraadpleeg).

—. 2024b. Facebook. https://www.facebook.com/SARIE.tydskrif/about_details (22 Oktober 2024 geraadpleeg).

—. 2024c. Netwerk24. https://www.netwerk24.com/sarie (29 Oktober 2024 geraadpleeg).

Scannell, P. 2002. History, media, communication. In Jensen (red.) 2002.

Scholtemeyer, P. 2001. Versterk bande met jou leser. Bylae tot *F&T*, 25 Mei, bl. 10–1.

Scholtz, G.D. 1988. Die Afrikaanse koerant: Só het hy ontstaan. Bylae, *Jaar van die Koerant*, 31 Augustus, bl. 10–1.

Schoombee, E. 1924. 'n Beoordeling van *Die Huisgenoot* as tydskrif. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Sieberhagen, C. 2016. What are women really reading? Stereotypes and messages of empowerment in *Sarie*. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Sonderling, S. 1995. Historical research in communication. In Du Plooy (red.) 1995.

Spies, J.J. 1992. Tydskrifte in 'n ander wêreld. In Beukes (red.) 1992.

Steinmeyer, J. 1946. Spykers met koppe. Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, Nasionale Pers Bpk.

Sumner, D.E. en S. Rhoades. 2006. *Magazines. A complete guide to the industry*. New York: Peter Lang.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Takealot Group. 2024. https://takealotgroup.com/our-journey (22 Oktober 2024 geraadpleeg).

Teer-Tomaselli, R. 2014. Media and empire in the 20th century. *Critical Arts*, 28(6):875–8.

Terre Blanche, H.J. 1997. Ideologies affecting upper- and middle-class Afrikaner women in Johannesburg: 1948, 1949 and 1958 (South Africa). MA-verhandeling, Unisa.

Tomaselli, K., R. Tomaselli en J. Muller (reds.). 1987. *The Press in South Africa*. Bellville: Anthropos.

Tomaselli, K. (red.). 2018. *Making sense of research*. Pretoria: Van Schaik.

Townsend, S. 2004. Herposisionering/vernuwing in die Suid-Afrikaanse vrouetydskrifmark, met spesifieke verwysing na innoverende inhoud. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Van Breda, M. 2024a. Onderhoud. 20 April. Bellville.

—. 2024b. "Sarie se 75 jaar." Matie Stemme. Tuiskomsweek, Universiteit Stellenbosch, 13 September, Alumni-Klubhuis, Stellenbosch. Gespreksleier: Jacolette Kloppers.

Van der Linde, F. 2010. Magazines and their online counterparts: How magazine websites compete or complement the print publication in terms of circulation figures, advertising income and editorial content. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Van der Westhuizen, C. 2013. Identities at the intersection of race, gender, sexuality and class in a liberalising, democratising South Africa: The reconstitution of "The Afrikaner Woman". Doktorale proefskrif, Universiteit van Kaapstad.

Van Eeden, A. 1981. *Die Huisgenoot* as gesinstydskrif van 1916 tot 1978. Doktorale proefskrif, Unisa.

Van Rensburg, J. *Die Boerevrou* 1919–1931: 'n Kultuurhistoriese studie oor die eerste Afrikaanse vrouetydskrif. Doktorale proefskrif, Universiteit Pretoria.

Venter, I.J. 2012. The *South African Lady's Pictorial and Home Journal* as subtle agent of change for British South African women's view of race relations in southern Africa. *South-North Cultural and Media Studies*, 28(5):828–56.

Verbeeck, G. 2000. A new past for a new nation? Historiography and politics in South Africa – a comparative approach. *Historia*, 45(2):387–410.

Verhoef, G. 2012. Suid-Afrika se ekonomie in die 20ste eeu. In Pretorius (red.) 2012.

Vosloo, T. 1999. *Voorsittersrede: Jaarverslag Boekjaar 1999*. 6 Augustus.

Wasserman, H. (red.). 2011. *Popular media, democracy and development in Africa*. New York: Routledge.

Wigston, D. 2007. A history of South African media. In Fourie (red.) 2007.

Woolf, D. 2011. *A global history of history*. New York: Cambridge University Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b2

Eindnotas

[1] Soos per die maatskappy se geskiedenistydlyn waartoe op 27 Augustus 2013 toegang verkry is: "Company History 1915–2011" (www.naspers.com/company-history_1915-2009.php). Hierdie tydlyn bestaan nie meer op die huidige Naspers-webwerf (https://www.naspers.com) nie (23 September 2024 geraadpleeg).

[2] Met *ideologiese idealisme* word die volgende bedoel: Doelwitte wat daarin sou slaag om 'n sekere Afrikanernasionale kultuur te bevorder. Met *markgedrewenheid* word die volgende bedoel: Doelwitte wat nie net die tydskrif nie, maar ook sy maatskappy, en dus susterpublikasies, winsgewend sou maak en sou hou en dus ook die Afrikanerbevolking direk en indirek sou bemagtig.

[3] Hierdie en ander vertalings deur my.

[4] Dit was vanselfsprekend dat 'n manlike joernalis as redakteur aangestel sou word omdat geen vroue toe as permanente personeel in diens was nie en daar dus ook geen senior vroulike joernaliste was nie. Wanneer vroulike joernaliste trou, moes hulle bedank. Dit sou lank so bly. Die eerste vroulike redakteur van *Sarie* was die sesde redakteur, Lizette Rabe, wat in 1994 aangestel is. Die huidige redakteur is sedert 2001 redakteur van die blad. Die ontwikkeling van vroue in die joernalistiek is 'n studie op sigself.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

’n Veeltalige vakspesifieke termlys: Suid-Afrikaanse rugbyspelers se taktiek om taal-uitdagings in Frankryk te pypkan en plettervat

Trudalise Kirsten en Carina Grobler

Trudalise Kirsten, Onderrig- en Leersentrum, Universiteit van die Vrystaat en
Carina Grobler, Vakgroep Frans, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Met die toenemende teenwoordigheid van verskeie tale en kulture in nasionale en internasionale rugbyspanne word effektiewe taalgebruik tussen veeltalige sprekers dikwels ’n uitdaging. Die invloei van Suid-Afrikaanse rugbyspelers na Frankryk neem jaarliks toe ten spyte van die taal-uitdagings wat hulle in die gesig staar. Hoewel daar in Frankryk reeds talle inisiatiewe in plek gestel is om die taalintegrasie van buitelandse spelers te bevorder, voel spelers dikwels dat hierdie inisiatiewe nie gespesialiseerd genoeg is om aan hul taalbehoeftes te voldoen nie. Kenners stem saam dat spelers eerder taalprogramme of hulpmiddels benodig wat die aanleer van rugbytaal as vaktaal sal vergemaklik. Soos in ander domeine, ontstaan daar ’n unieke terminologie vir rugbyspelers wat aan moontlike gebruikers beskikbaar gestel behoort te word (Alberts en Taljard 2022:539–40). In ’n behoeftebepaling het Suid-Afrikaanse spelers pertinent aangedui dat die grootste behoefte gestandaardiseerde vakkommunikasie is – dit behels grootliks die kommunikasie tussen skeidsregters en spelers asook spelers onderling.

Hierdie ondersoek het ten doel gehad om ’n veeltalige vakspesifieke termlys te ontwikkel wat op die taalbehoeftes van Suid-Afrikaanse rugbyspelers in Frankryk gefokus is. Hierdie keuse word ondersteun deur die feit dat terminologiekennis die middelpunt van vreemdetaalsprekers se kommunikatiewe vaardighede is en weerspieël die bondige aard van kommunikasie tydens rugbywedstryde. Die stappe wat gevolg is met die skep van die termlys word hier beskryf. Hierdie bydrae sou gebruik kon word deur diegene wat dieselfde uitdagings in ander velde en/of ander taalkombinasies geïdentifiseer het en ’n parallelle vaktaalproduk beskikbaar wil maak in ’n domein waarin vaktekste beperk is of glad nie bestaan nie.

Trefwoorde: Frans vir spesifieke doeleindes; parallelle vakspesifieke termlys; rugbytaal; terminografie; terminologieaanleer

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Abstract

A multilingual, subject-specific term list: A game plan for South African rugby players in France to sidestep and tackle linguistic challenges

Due to an increase in the migration of rugby players, there is a rising number of languages and cultures that co-exist in international rugby teams. Effective communication among these multilingual groups proves to be a challenge – one that needs to be addressed to allow a team to strive for a collective goal and to avoid the negative impact a lack of effective communication could have on the team's success.

Despite challenges in communication, South African rugby players continually move to France to join local clubs. This requires a process of linguistic and cultural integration. A needs analysis has shown that South African players playing for French teams have a significant need for standardised communication in the local language since these teams generally insist on using French – instead of English that has become the *lingua franca* in the international sports arena – to communicate. The multilingual nature of teams thus becomes an obstacle rather than an advantage for foreign players.

Although French rugby clubs have implemented several initiatives to facilitate the integration of foreign players, researchers found that many of these initiatives were unsuccessful due to factors such as players' unpredictable travel schedules that prevent regular class attendance, a lack of motivation to learn, difficulty integrating class sessions with family responsibilities, and players' observation that the content presented in class was not specialised enough to meet their specific language needs. Communication with teammates, trainers and referees therefore remains frustrating.

A needs analysis conducted among South African rugby players who are playing or have played for French teams confirmed the need for research in the domain of the nature of communication in the rugby environment and available context-specific resources that could be used to improve mastery of another language for a specific purpose. Resources on internet or other platforms that allow self-study of rugby-related content are scarce and players are reliant on French-speaking players to learn words and basic phrases that are used on the field to communicate strategies and commands. Another outcome of the needs analysis is the need for a multilingual resource allowing access to three languages: English, Afrikaans (the most frequently used languages in South African rugby), and French.

Experts suggest that players might benefit from initiatives or resources that focus on the learning of rugby-specific terminology in the target language – knowledge that is central and related to the communicative skills of non-native speakers – while considering the evolutionary nature of the terminology. The implementation of such initiatives or the use of these learning materials should not be bound to a formal classroom environment.

Considering the different elements presented above, this research project focused primarily on the creation of a dynamic, subject-specific and multilingual term list for the identified target group, i.e. South African rugby players pursuing a career in France, in an effort to provide a resource that would meet the identified language needs and that could be accessed regardless of time and place.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Two primary theoretical principles within the domain of terminology were studied during the conceptualisation of this study. Firstly, the impact that learning terminology in a foreign language has on communicative skills, and secondly the domain of terminography, i.e. the documentation and systemisation of lexical items that are subsequently presented as a domain-specific language product. The steps followed in the creation of the term list that supports the mastery of a foreign language (or, in this case, a specific portion thereof) are described in this article.

As part of the mixed-method research design, the first step was to investigate real-life examples of the language variety in practice by observing the use of rugby-specific language in sports magazines, newspaper articles, and television and radio broadcasts of rugby matches in Afrikaans, English, or French). The results were then compiled into a preliminary list and a multilingual approach was followed from the outset. Examples of the use of the terminology in three languages (Afrikaans, English, and French) were included in the process. This was followed by a process of verification for which reviewers had to be selected with care. Due to the sensitivity of the subsequent verification process and to ensure the accuracy of the content, contact was made with a South African rugby club to ensure the inclusion of participants with recent or current ties with French rugby and knowledge of the language used in practice.

In the next phase of the research, input was obtained from the selected participants in the form of questionnaires and documents in which the content of the term list was assessed, reviewed, and supplemented. It was continuously ensured that the compiler of the final product did not work in isolation but facilitated close collaboration with the relevant language community.

As a result of a consolidation process conducted by the compiler, a term list with 13 categories was created to make searching for specific terms easier. The categories were then divided into two groups: the first group consisted of six categories that focused on standardised or general content not necessarily limited to the rugby domain (key individuals and personnel involved; description of the playing field; team attire and training equipment; numbers; body parts; as well as colours) and the second group contained the remaining seven categories that contain terms and phrases specific to the game of rugby (slang; basic commands; skills; events during the match; useful phrases for use after the match; kicking and scrums; and players' functions and positions in the team).

During the final process of verification, the emphasis was placed on the second group of categories, i.e. those closely related to the rugby domain, since the content of this group is more dynamic and specialised than that of the first group which contains standardised content that is not expected to vary. Reviewers were tasked with critically examining the content and evaluating the accuracy of the terms with respect to their use in practice, with new terms being added or terms being eliminated due to disuse. This resulted in a final product with 14 categories (the category "scoring" was added to the second group) and a total of 432 entries – 164 in group 1 and 265 in group 2.

This terminographic product is presented as a parallel term list, which means that each entry provides a corresponding translation in English, Afrikaans, and French, which renders this learning resource more accessible and user-friendly. It is important to note that the proposed list is dynamic and should be continually updated to reflect the development of rugby language at international level. Therefore, through regular monitoring, outdated terms should be eliminated, and new phrases and terms (especially slang) should be added, ensuring that players who use this tool can rely on its validity.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

This study makes a unique contribution to the research fields of sports communication, terminology, and translation studies alike in that no previous research has been conducted on rugby language as a language variety in these language combinations. This created the opportunity to develop a specialised resource for this target group. The article also provides practical guidelines for those who face similar challenges in other specialised fields and with other language combinations, where the compilation of a term list could provide a solution.

Keywords: French for specific purposes; parallel subject-specific term list; rugby language; terminology acquisition

1. Inleiding

1.1 Agtergrond

Effektiewe kommunikasie binne ’n bepaalde sportsoort behoort op verskeie wyses toegepas te word. Kassing, Billings, Brown, Halone, Harrison, Krizek, Meân en Turman (2004:4) maak die stelling dat die gehalte van die kommunikasie binne ’n bepaalde sportsoort die uitvoering van die kommunikasie in die span asook die span se sukses kan beïnvloed. Sonder effektiewe kommunikasie kan ’n sportspan geen kollektiewe doel nastreef nie en indien daar ’n swak skakel in die kommunikatiewe proses is, kan dit die sukses van die span as ’n geheel negatief beïnvloed.

Die belangrikheid van die effektiewe gebruik van taal tussen spelers van ’n bepaalde sportspan raak veral duidelik met die toenemende voorkoms van verskeie tale en kulture in nasionale en internasionale sportspanne. Die bron van die veeltaligheid in sulke spanne is die uitvoer van plaaslike spelers na oorsese klubs en rugby is geen uitsondering nie. Grundlingh (2005:3) dui aan dat die uitvoer van waardevolle rugbyspelers reeds met die professionalisering van die sport (in 1995) ’n skerp toename begin toon het aangesien die Suid-Afrikaanse spelers dikwels oor ’n sekere uitnemendheid in hul gekose sport beskik en fisies sterker spelers is wat by oorsese spanne in aanvraag is (Cros 2012:94–6). Die oorsese spanne wat hier ter sprake is, was op ’n sekere tydstip grotendeels in Frankryk aangesien ’n ondersoek deur Frost (2017) bevind het dat 37% van plaaslike spelers wat in 2015 by oorsese rugbyklubs aangesluit het juis Frankryk gekies het teenoor slegs 19% wat Engeland verkies het. Hoewel die redes vir hierdie uittogte nie in hierdie artikel ter sake is nie, is die talige invloede, uitdagings en tendense egter wel van belang.

Ten spyte van die moontlike uitdagings wat die Franse taal bied, vergroot die invloei van Suid-Afrikaanse rugbyspelers in Frankryk jaarliks. Dit het tot gevolg dat daar dikwels ’n integrasie op taalvlak moet plaasvind oor verskillende taalgrense en kulture heen. Een voorbeeld van so ’n integrasie op taalvlak is geïllustreer tydens die o/18- internasionale rugbytoernooi te Paarl Gimnasium in 2022, ten tyde van ’n wedstryd tussen Suid-Afrika en Frankryk. Die media-onderhoud[1] na afloop van die wedstryd het nie alleenlik die belangrikheid van tolking in sport onderstreep nie, maar het die invloed van meertaligheid in die domein van sport bewys. Tydens die onderhoud het die 18-jarige heelagter van Frankryk, Johan Wasserman (oorspronklik van Suid-Afrika), as tolk opgetree vir die kaptein van die Franse rugbyspan. Die teendeel is egter dat nie alle Suid-Afrikaanse rugbyspelers tot so ’n mate integreer soos in die bogenoemde geval nie en dit kan dus moontlike uitdagings voorspel vir hierdie spelers en die verwydering tussen spelers met verskillende agtergronde vergroot.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

1.2 Probleemstelling

Hoewel die genoemde situasie 'n idealistiese prentjie van veeltaligheid in sportspanne kan skets, is Wasserman se oënskynlik moeitelose gebruik van die Franse taal een van die uitsonderings ten opsigte van spelers van Suid-Afrika wat hulself in Frankryk bevind. Gegewe die aantal rugbyspanne wat Engels as voertaal gebruik, is dit vanselfsprekend dat Engels die sport se *lingua franca* op 'n internasionale platform geword het (Keown 2017). Dit is egter nie die geval met Franse rugby wat steeds oorwegend Franssprekend is nie. Dus word die aspek van veeltaligheid in rugby vir hierdie spelers eerder 'n hindernis as 'n aanwins (Lavric en Steiner 2012).

Die grootste hindernis in hierdie verband is dat Suid-Afrikaanse rugbyspelers dit moeilik vind om Frans te bemeester en om dit binne konteks op die veld of tydens 'n oefensessie aan te wend. Ter illustrasie verwys Borchardt (2015) na die Suid-Afrikaanse losskakel, Morné Steyn, wat tussen 2013 en 2020 by die Franse rugbyklub *Stade Français* gespeel het. Steyn self dui aan dat dit aanvanklik moeilik was om by die taalsituasie in Frankryk aan te pas en ook spesifiek dat die taal moeilik was om op die veld te gebruik. As losskakel was hy verantwoordelik vir die oordra van sekere opdragte aan sy spanmaats met betrekking tot bewegings op die veld. Volgens hom is dit moeilik om die selfvertroue te vind om in 'n ander taal op die veld te kommunikeer, maar ook om sodoende deel te vorm van die span se leierskap.

Hierdie probleem kring verder uit tot die kommunikasie tydens wedstryde tussen spelers en skeidsregters. In 2015 het die Suid-Afrikaanse slot Bakkies Botha hierdie hindernis in kommunikasie ervaar toe hy na talle oortredings tydens 'n Franse Top14-wedstryd tussen Toulon en Montpellier deur die skeidsregter genader is. Hierdie gesprek het egter reaksie uitgelok aangesien Botha in Frans deur die skeidsregter oor sy oortreding gewaarsku is, maar hy kon nie die waarskuwing verstaan nie, soos geïllustreer in die videouittreksel van die wedstryd.[2]

Die Franse se onversetlikheid met betrekking tot die gebruik van hul moedertaal op die veld voorspel verdere probleme vir die Suid-Afrikaanse spelers wat nie in staat is om die Franse taal te gebruik nie. In 'n ander video waarin Bakkies Botha deur 'n Franse skeidsregter aangespreek word[3] het die Suid-Afrikaanse slot die skeidsregter hierdie keer gevra om oor te skakel na Engels toe, waarna die skeidsregter hom (in Frans) aangeraai het om eerder sy spanmaats te vra om vir hom te tolk. Franse media het ook berig oor die haker vir Montpellier, Charles Géli, wat sy misnoeë uitgespreek het oor die Suid-Afrikaanse afrigter, Jake White (Montpellier se afrigter op daardie tydstip), wat geweier het om Frans te praat en daarop aangedring het dat alle kommunikasie tussen spanlede in Engels geskied. Géli het die stelling gemaak dat White hierdeur 'n gebrek aan respek vir die taal en vir die Franse spelers getoon het. Hy was boonop ontevrede dat 70% van die oefengroep (almal Suid-Afrikaners) ook nie sy taal gerespekteer het nie (Pomiès 2017).

'n Natuurlike eerste reaksie op hierdie taalgrens wat bydra tot die verdeeldheid in Franse rugbyspanne en dus effektiewe kommunikasie tussen spelers van verskillende taalgroepe bemoeilik, sou wees dat inisiatiewe in plek gestel behoort te word om suksesvolle integrasie met die taal te fasiliteer. Hoewel sekere Franse rugbyklubs inisiatiewe in die vorm van taalaanleerprogramme ingestel het, verklaar Kermen (2017:24) dat hierdie programme dikwels onsuksesvol is aangesien spelers nie hierdie klasse konsekwent genoeg bywoon nie. Dít is te wyte aan verskeie faktore soos dat spelers menigmaal nie die motivering daarvoor het nie, of dat dit moeilik inpas by gesinsverantwoordelikhede, maar ook omdat die werk wat tydens hierdie klasse hanteer word dikwels ontoepaslik is vir die spelers se kommunikasie op die veld.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Verder reis spelers gereeld vir wedstryde en dit bemoeilik dan die klasbywoning. Kermen (2017:25) dui juis daarop dat spelers se eerste prioriteit nie altyd die ontwikkeling van hul Franse taalvaardighede is nie en dat die onvoorspelbaarheid van hul skedules ook tot die probleem bydra. Sy is dus van mening dat spelers 'n taalprogram of ander hulpmiddels en materiale benodig wat hulle kan help om die aanleer van die taal te verseker sonder dat hulle aan 'n fisiese klassituasie gebonde is.

Met betrekking tot die samestelling van die materiaal vir onderriginisiatiewe, kan die aard van rugbytaal 'n hindernis word aangesien taalgebruik in die rugbydomein baie tegnies is en boonop voortdurend verander. Benewens die talle terme wat aangeleer moet word, is daar ook verskeie posisies op die veld wat op hul beurt verskeie kommunikatiewe rolle beklee. 'n Generiese taalklas sal dus nie aan elke speler se kommunikatiewe behoeftes kan voldoen nie. Die kommunikatiewe taak van die agterspelers, byvoorbeeld, behels merendeels die verspreiding en verdediging van die bal teenoor voorspelers wat, onder andere, nommers, lynstaankodes en opdragte tydens die skrum en lynstaan effektief moet kan verstaan. Die skakelpaar (d.i. nr. 9 en 10) is verantwoordelik vir die kommunikasie en strategieë wat tussen die voorspelers en agterspelers deurgegee moet word, terwyl die kaptein as die skakel tussen die spelers en die skeidsregter beskou word. Hierdie verskillende kommunikatiewe rolle raak problematies wanneer die taalprogramme vanuit 'n generiese oogpunt benader word en behoort in ag geneem te word by die samestelling van 'n taalinisiatief om aan die spesifieke taalbehoeftes van spelers te voldoen.

Aangesien spelers moeilik aan 'n fisiese klassituasie gebind kan word, tesame met die taaluitdagings wat spelers by 'n Franse rugbyklub ervaar, bestaan daar genoegsame bewyse vir die behoefte aan navorsing oor moontlikhede om bogenoemde uitdagings aan te pak. Een manier om hierdie taaluitdagings tussen Suid-Afrikaanse en Franse rugbyspelers in Frankryk aan te pak, is om 'n veeltalige termlys saam te stel en dit vervolgens aan hierdie spelers beskikbaar te stel. Die oogmerk van hierdie artikel is om die proses van die ontwikkeling van 'n dinamiese, vakspesifieke termlys te beskryf wat spesifiek volgens die taalbehoeftes van Suid-Afrikaanse rugbyspelers in Frankryk geformuleer is. Die doel is om die aanleer van die Franse taal in hul werkplek te vergemaklik. Die praktiese riglyne vir die samestelling van so 'n lys wat hieruit voortvloei, sal die taak van diegene wat dieselfde uitdagings in ander velde en met ander taalkombinasies geïdentifiseer het, vergemaklik.

1.3 Rasionaal

Weens die dinamiese aard van rugbytaal en ook die gebrek aan navorsing oor die onderwerp, moes 'n behoeftebepaling gedoen word om die aard van kommunikasie binne hierdie domein te ondersoek. Hierdie behoeftebepaling het ook uiteindelik die behoefte aan 'n studie van hierdie aard bevestig.

Tydens hierdie behoeftebepaling – wat deel vorm van die voorbereidingswerk vir die skep van die termlys – is vraelyste aan 'n teikengroep van 24 Suid-Afrikaanse rugbyspelers wat in Frankryk rugby speel of gespeel het, gestuur. Hulle het proefondervindelike kennis oor die aanleer van Frans as vreemde taal in 'n rugbykonteks. Die terugvoer het aangedui dat die behoefte aan 'n veeltalige lys van rugbyterminologie en -taal wel bestaan.

Daar is duidelike bewyse dat die hulpbronne wat deur rugbyklubs aan die lede van die teikengroep verskaf is nie vir hulle van groot hulp binne hul professionele omgewing was nie. Hoewel die hulpbronne onder bespreking wel die spelers se aanleer van Frans in alledaagse situasies

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

gefasiliteer het, was dit volgens die deelnemers geensins aangepas om spesifiek aan die taalvereistes vir ’n rugbyomgewing te voldoen nie. Met betrekking tot die verskeie terme wat op die veld gebruik word, was spelers dus op hul eie aangewese. Spelers het aangedui dat hulle die rugbyterme en -taal meestal moes aanleer deur hul Franse spanmaats te vra om te verduidelik of selfs deur die gebruik van aanlyn woordeboeke en vertaalplatforms (soos byvoorbeeld Google Translate). Hierdie terugvoer van deelnemers het bevestig dat daar ’n leemte bestaan vir ’n hulpmiddel wat die aanleer van hierdie terme sal vergemaklik.

Met betrekking tot die aanleer van hierdie terme het die meeste deelnemers aangedui dat dit vir hulle makliker sou wees om hierdie rugbyterme in Frans vanuit Engels of Afrikaans aan te leer. Spelers het ook in die vraelyste aangedui dat die grootste probleemareas vir die aanleer van die taal spesifiek betrekking het op die leer van terminologie, die bemeestering van die uitspraak, asook die vorming van basiese sinne en opdragte in Frans. Wat hierdie leemte dus beklemtoon, is die feit dat spelers hulpbronne verkies wat meertalig van aard is en wat vertalings uit Afrikaans of Engels insluit. Hierdie inligting het die aard en funksionering van die termlys bepaal in die sin dat dit veeltalig behoort te wees.

Om die haalbaarheid van die skep van so ’n lys en ook die potensiaal vir die aanwending daarvan binne vreemdetaalonderrig te bepaal behoort daar ondersoek ingestel te word of leksikale vaardigheid ’n invloed sal hê op kommunikatiewe vaardigheid.

2. Teoretiese raamwerk

Om die probleem aan te pak, is dit nodig om die funksionering en besonderhede daarvan volledig na te vors. Eerstens, aangesien die beoogde lys binne die domein van taalaanleer funksioneer, behoort die toepaslikheid van die aanleer van terminologie bestudeer te word ten einde ’n taal (oftewel, in hierdie geval, ’n bepaalde gedeelte daarvan) te bemeester. Anders gestel, daar moet bepaal word of die aanleer van ’n vasgestelde terminologie vir rugbyspelers hoegenaamd van hulp sal wees om ’n taal aan te leer soos wat hul werksomgewing dit vereis. Boonop behoort die produk wat as hulpmiddel in die proses geskep word ook bestudeer te word. Dit word gedoen deur die bepaalde termlys binne die dissipline van terminologie te spesifiseer. Twee primêre teoretiese beginsels is dus tydens die konseptualisering van hierdie ondersoek geïdentifiseer: i) die impak van die aanleer van terminologie op kommunikatiewe vaardighede binne ’n vreemde taal asook ii) die domein van terminologie – oftewel die versameling vakwoorde wat in ’n domein, vakdissipline of werksterrein gebruik word (Alberts en Taljard 2022:539). Hierdie beginsels word vervolgens volledig bespreek.

2.1 Die impak van leksikale vaardigheid op kommunikatiewe vaardigheid

Wanneer die noodsaaklikheid van kommunikasie binne die sportdomein bespreek word, word dit duidelik dat die vermoë om suksesvol te kommunikeer tydens sportgebeure nie opsioneel is nie en ook dat kommunikasie verskillend funksioneer afhangend van die sport wat beoefen word. Die rolspelers binne die bepaalde sportsoorte moet dus dikwels oor ’n sekere vaktaal beskik ten einde hul kommunikatiewe doel te bereik. Die taalgebruik binne die rugbydomein toon spesifieke kenmerke (kyk Cottrell s.j.; iSport 2018; Lavric en Steiner 2012:19). Een van die kenmerke is dat die lang, uitgebreide sinne van gesprekstaal dikwels vervang word met werkwoorde in ’n opdragvorm, soos byvoorbeeld **Hardloop!** of **Verdedig!** wanneer spelers

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

met mekaar op die veld kommunikeer. Kowalikowa (2009) wys daarop dat, gegewe die vinnige aard van sport, lang sinne dikwels kommunikasie op die veld kan vertraag en sodoende vinnige spel belemmer. Kommunikasie moet op die vinnigste manier moontlik plaasvind om ’n boodskap tussen gespreksgenote oor te dra. Dus, gegewe die feit dat die natuurlike funksionering van rugbytaal homself daartoe leen om met behulp van eenwoordterme of kort frases suksesvolle kommunikasie te kan handhaaf, mag dit daarop dui dat die aanleer van enkele terme in die doeltaal (en meer spesifiek rugbytaal soos wat dit voorkom in daaglikse gebruik deur spelers) heeltemal voldoende kan wees vir die grootste gedeelte van kommunikasie op die veld (Lavric en Steiner 2012:19). Die impak van leksikale vaardigheid op kommunikatiewe vaardigheid word vervolgens ondersoek.

Om mee te begin beskou Alqahtani (2015:22) leksikale kennis, oftewel terminologiekennis, as die middelpunt van enige vreemdetaalspreker se kommunikatiewe vaardigheid. Daarom is die verhouding tussen leksikale kennis en die bemeestering van enige taal komplementêr. Sprekers se leksikale kennis sal hulle in staat stel om die taal te gebruik terwyl dit ook tot ’n vermeerdering van leksikale kennis lei. Navorsing is dit eens dat ’n uitgebreide woordeskat by leerders dikwels op goeie kommunikatiewe vaardigheid sal dui (kyk Alqahtani 2015:22; Nation 2001). Stowell-Ruzicka (1991:2) stel dat die aanleer van terminologie een van die meer suksesvolle benaderings is om kommunikasie in ’n vreemde taal te fasiliteer in teenstelling met lyste grammatikale reëls en vervoegings. Dus, hoe hoër die aantal leksikale items is waaroor ’n spreker beskik (d.w.s. terme, frases en kollokasies), hoe hoër is die waarskynlikheid dat die spreker in die doeltaal sal kan kommunikeer.

Selfs indien die aanleer van terminologie die ontwikkeling van hulpmiddels noodsaak of deur ’n fasiliteerder behartig moet word, is daar steeds talle onduidelikhede en uitdagings hieraan verbonde. Een van die grootste uitdagings in hierdie verband vir fasiliteerders of samestellers van leermateriaal is om te bepaal hoeveel terminologie genoeg sal wees vir ’n leerder om ’n basiese gesprek met ’n vreemdetaalspreker te voer (Bilash 2009; Long en Richards 2005). Wanneer hulpmiddels saamgestel word, sal dit belangrik wees om voorsiening te maak vir die aantal terme wat die leerder sal moet verwerf.

Daar bestaan wel enkele beginsels wat die bepaling van die aantal terme kan vergemaklik. Een van hierdie beginsels is die identifisering van ’n doel vir die aanleer van terminologie. Wanneer ’n duidelike doelwit vir die aanleer van terminologie vasgestel word, is dit ook makliker om die materiaal wat hiervoor gebruik word te kies. Die tyd waarbinne die aanleer van terminologie plaasvind is ’n verdere komponent wat oorweeg moet word.

Hoewel bogenoemde beginsels aangepas en verander kan word om ’n gunstige omgewing vir die aanleer van terminologie te fasiliteer, sal die suksesvolle aanleer daarvan afhang van die leerder se vaslegging van nuwe terminologie en verworwe kennis sodat dit suksesvol aangewend kan word. Die verwerwing van terminologie word beskou as ’n voortdurende proses en terminologie word nie normaalweg binne ’n bepaalde aantal sessies aangeleer nie. McCarten (2007:4) en Shejbalová (2006:11) meen immers dat die vermoë om nuwe terminologie binne ’n bepaalde taal te gebruik grootliks afhang van die aantal kere wat aanleerders hierdie terminologie gebruik en vasgelê het binne hul alledaagse taalgebruik en verwysingsraamwerk. Dit word dus nie gekenmerk deur ’n spesifieke aantal klasse wat deur die leerders bygewoon is nie, maar eerder die frekwensie van die leerder se toepassing van hierdie terminologie. Vanuit die bogenoemde kan daar wel verstaan word dat, ten spyte van talle veranderlikes in die aanleerproses van terminologie binne ’n vreemde taal, die aanleer daarvan in die geheel wel die kommunikasie binne ’n vreemde taal sal kan bewerkstellig.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Binne die benadering van taalonderrig, en meer spesifiek dié van vaktaal (Taal vir Spesifieke Doeleindes), word termlyste dikwels effektief gebruik vir die aanleer van terminologie (Mangiante en Meneses-Lerin 2016:39). Frans vir spesifieke doeleindes (*Français pour objectifs spécifiques* – FOS) word beskryf as een so 'n benadering wat pertinent gerig is op die aanleer van Frans as vreemde taal vir niemoedertaalsprekers wat die taal so vinnig as moontlik moet aanleer sodat hulle binne 'n bepaalde sosiale of professionele konteks kan funksioneer en hierdie termlyste suksesvol kan gebruik (Vâlcu 2009:241). Stowell-Ruzicka (1991:2) verduidelik dat die hoofdoelwit van leerders in 'n taalprogram van hierdie aard is om die taal aan te leer vir basiese kommunikasie wat eksklusief geformuleer is vir 'n spesifieke doel en om suksesvol met moedertaalsprekers in 'n bepaalde konteks te kan kommunikeer. Dit stem ooreen met die doelwit van die teikengroep van hierdie navorsing. Die domein van FOS bevestig dan ook dat 'n behoeftebepaling onderneem moet word en dit is dus belangrik vir 'n samesteller van leermateriaal om te bepaal watter tipe terminologie deur die teikengroep benodig gaan word ten einde hierdie terme af te baken en aan te leer.

Verder, binne die vakgebied van vaktaal, waarsku Mangiante en Meneses-Lerín (2016:25) dat dit hier absoluut noodsaaklik is vir die samestellers van leermateriaal (meer spesifiek 'n termlys in hierdie verband) om die verskillende take binne die teikengroep se werkplek en die verskeie kontekste van die teikengroep se vakgebied te verstaan. Dit sal verseker dat die termlys so verteenwoordigend as moontlik saamgestel kan word. Hulle stel ook voor dat die gebruik van termlyste binne hierdie konteks 'n positiewe bydrae tot die omgewing van taalaanleer sal maak aangesien die gebruik van so 'n lys die leerders in staat stel om hierdie terme, frases en kollokasies met die professionele omgewing te verbind.

Hoewel die aanleer van terme nie die enigste faktor onder bespreking is nie en nie alleen verantwoordelik kan wees vir die sukses van die leerder se terminologieverwerwing nie, is die basiese gevolgtrekking dat hoe meer terme die leerders ken, hoe beter sal hulle voorbereid wees om suksesvol binne 'n vreemde taal te kommunikeer. Leermateriale soos termlyste behoort nuttig te wees in hierdie opsig aangesien dit beskou word as een van die meer suksesvolle benaderings tot taalverwerwing. Hoewel termlyste nie die totale terminologie binne 'n gegewe taal kan bevat nie, kan dit wel 'n afbakening van woorde bied om aan 'n leerder se kommunikatiewe behoefte te voldoen en ook 'n taalvariëteit – soos byvoorbeeld rugbytaal in hierdie geval – voldoende te verteenwoordig.

Met betrekking tot die gebruik van hierdie lyste binne die veld van vaktaal stel die navorsing dat die gebruik daarvan wel 'n positiewe bydrae kan lewer mits die doel van die leerders baie duidelik uitgeklaar is en 'n deeglike behoeftebepaling en -ontleding deur die samestellers van die termlys uitgevoer is. Dit kan die leerders in staat stel om hierdie afgebakende terme en frases met hul professionele omgewing te koppel.

Hierdie afgebakende terme en frases kan vervat word in 'n termlys wat die produk van 'n terminologieprojek is – hier verwys die woord *terminologie* na die teksversameling van 'n spesifieke vakgebied (Ferreira en Du Plessis 2007). Die domein van terminografie en die aard van die beplande termlys word in die volgende afdeling bespreek.

2.2 Skep van 'n parallelle vaktaalproduk

Terminografie word deur Alberts en Taljard (2022:548) beskryf as "die praktyk waarin terme gedokumenteer en gesistematiseer word om as eentalige of meertalige vaktaalprodukte (soos termlyste, vakwoordeboeke of aanlyn databasisse) beskikbaar gestel te word". Dit word volgens

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Ferreira en Du Plessis (2007:59) geklassifiseer as ’n subkomponent van die groter veld van terminologiebestuur – dit wil sê “enige doelbewuste manipulering van terminologiese inligting”. Die metodes wat dus hiervoor aangewend behoort te word, behels die sistematiese versameling van terminologiese inligting en die aanbieding daarvan in die vorm van vakwoordeboeke, terminologiese versamelings en terminologiese databasisse. Hoewel daar verskeie werksmetodes bestaan vir die skep van enige vaktaalproduk, kan daar vir hierdie ondersoek gefokus word op die vakgeoriënteerde benadering – waar die klem geplaas word op die standaardisering van terme en begrippe om effektiewe kommunikasie binne ’n professionele gemeenskap te bevorder – en die vertaalgeoriënteerde benadering – waarin gelykwaardige terme in verskeie tale gevind word (Alberts 2017:177–80). Dit sluit aan by hierdie ondersoek deurdat dit fokus op die skep van ’n veeltalige terminografiese produk in ’n poging om vakkommunikasie in die rugbydomein te vergemaklik.

Met die aard en funksionering van die taalvariëteit onder bespreking in gedagte, is daar gereelde veranderinge wat ter sprake is aangesien die taal grootliks steun op gesproke taal (Kermen 2013:52). Hierdie taalvariëteit is dinamies en toon gereeld grootskaalse veranderinge na aanleiding van die gebruik daarvan deur die sprekers, wat aanleiding gee tot die keuse om die termlys in aanlyn formaat beskikbaar te stel. Die aanlyn termlys van rugbytaal as taal-variëteit sal ook meertalig wees. Die meertalige aard van die termlys kan as ’n belowende hulpbron beskou word tydens die aanleer van ’n vreemde taal aangesien dit die insluit van terme in sowel die moedertaal as die doeltaal kombineer en sodoende ook tot die aanleer van terminologie bydra (Brown 2017). Nuwe terme in sowel die bron- as die doeltaal word dus gelyktydig aangeleer in samewerking met die moedertaalkomponent wat die proses van terminologieverwerwing kan bespoedig. Die termlys behoort aan die vereistes van hierdie taal-variëteit te voldoen aangesien die spelers in die behoeftebepaling aangedui het dat dit beter sal wees om die taal vanuit hul moedertaal (hetsy Engels of Afrikaans) aan te leer.

Met die bogenoemde teoretiese begrippe wat bepaal is, kan die empiriese ondersoek onderneem word ten einde die veeltalige termlys vir die bepaalde teikengroep saam te stel. In afd. 3 word die uitvoering van hierdie navorsing tesame met die navorsingsplan in besonderhede uiteengesit.

3. Empiriese ondersoek

Hierdie navorsingsprojek is daarop toegespits om ’n dinamiese, vakspesifieke termlys vir die geïdentifiseerde teikengroep te skep. Die samestellingsproses van die gespesialiseerde termlys kan gevolglik beskou word as die empiriese fokus van hierdie artikel. Weens die tegniese en uitgebreide aard van die samestelling van so ’n lys is ’n noukeurige navorsingsontwerp ’n vereiste wat tesame met die etiese oorwegings en die keuse van deelnemers in hierdie afdeling bespreek sal word.

3.1 Etiese oorwegings

Alvorens die navorsing onderneem kon word, is die nodige etiese klaring deur die Etiekkomitee van die Universiteit van die Vrystaat gegee (etieknommer: UFS-HSD2017/1499).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

3.2 Navorsingsontwerp

As deel van die navorsingsontwerp is ’n kwantitatiewe benadering gevolg wat deur kwalitatiewe prosesse versterk is om sodoende die navorsingsvrae te kon beantwoord (kyk Alberts 2019:152). Die doelwitte vir die aanleer van die taal en die taalbehoeftes van die teikengroep is deur middel van vraelyste bepaal. Na aanleiding hiervan is daar ondersoek ingestel na werklike voorbeelde van hierdie taalvariëteit in die praktyk (soos bv. die gebruik van die taal in sporttydskrifte, koerantberigte, televisie- en radio-uitsendings van rugbywedstryde in Afrikaans, Engels of Frans) en die resultate daarvan is in ’n voorlopige termlys vervat. In ’n volgende fase is die verifikasie gedoen deur insette van die deelnemers in die vorm van vraelyste en dokumente waarin die inhoud beoordeel en nagegaan is. Weens die sensitiwiteit van die verifikasieproses en om die akkuraatheid van die termlysinhoud te verseker, moes die deelnemers aan die betrokke ondersoek sorgvuldig gekies word. Daar is deurgaans verseker dat die samesteller van die taalproduk nie in isolasie werk nie deur noue samewerking met die taalgemeenskap te bewerkstellig (vgl. Alberts 2017:223).

3.3 Keuse van respondente

In ’n poging om deelnemers vir die betrokke ondersoek te vind, is daar uitgereik na ’n plaaslike rugbyunie, die Vrystaatse Rugby-Unie (VRU) in Bloemfontein, aangesien daar (soos berig deur die media) talle spelers is wat aan dié sentrale unie verbonde is wat bande het met Franse rugbyklubs en moontlik oor die nodige rugbyervaring in Frankryk beskik. Spelers is eerstens skriftelik gevra om vrywilliglik deel te neem aan die navorsing, maar is ook gevra om verwysings te verskaf na ander spelers wat ook vir die navorsing genader sou kon word. Die spelers is ook gevra of hulle beskikbaar sou wees vir verdere deelname tydens die verifikasie van die termlys wat later sou volg.

Aangesien die keuse van spelers vir die navorsing die inhoud van die termlys direk kon beïnvloed, is sekere kriteria vasgestel ten opsigte van die spelers se Franse rugbyervaring en taalkennis alvorens hulle vir die ondersoek genader is. ’n Speler is slegs vir die navorsing oorweeg indien hy ’n minimum van een rugbyseisoen in Frankryk gespeel het en dus oor die minimum kennis van die Franse taal in die praktyk beskik, hetsy deur middel van formele of informele onderrig. Tydens hierdie navorsing is daar ook eksklusief op manlike beroepspelers gefokus. Dít is te wyte daaraan dat die meeste oorplasings van spelers na Frankryk in hierdie groep bestaan, wat die afbakening van die groep vir die navorsing regverdig. Altesaam 25 spelers het deelgeneem en het hulself beskikbaar gemaak vir verdere deelname, indien die samesteller dit sou benodig. Na afloop van die keuse van deelnemers, kon die proses van termlyssamestelling onderneem word.

3.4 Proses van die samestelling van ’n terminografiese produk

In die literatuur is daar uiteenlopende voorstelle rondom die skep van veeltalige terminografiese produkte. Hierdie voorstelle is in ag geneem ten einde die beste navorsingsplan saam te stel. Om mee te begin, is die samestelling van die terminografiese produk grootliks gebaseer op die beginsels van terminologiepraktyk (of terminografie) soos beskryf deur Alberts (2017).

Met spesifieke verwysing na die vertalingsgeoriënteerde terminografiese werksmetode, beklemtoon Đurović (2021:271) dat dit sinvol sal wees om betroubare en getroue brontekste of bronmateriaal te gebruik wat die werklike gebruik van die taal onder bespreking sal weerspieël. Daar word verder ook daarop gewys dat vertalers met vakkundiges moet saamwerk om die akkuraatheid van sowel bron- as doeltaalterme binne die finale produkte vas te stel, te dokumenteer en aan te bied.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Hierdie aanbevelings deur die literatuur is gebruik om die navorsingsplan vir die betrokke ondersoek saam te stel. Drie fases wat die skep van so ’n produk kan rig, is geïdentifiseer: die beplanningsfase, die samestelling van die termlys of insameling van data, en laastens, die verifikasie of nagaan van die inhoud binne die voorlopige termlys.

’n Kort oorsig van elkeen van hierdie prosesse wat as deel van die navorsingsplan aangewend is, word in die volgende onderafdelings gegee en word visueel voorgestel deur Figuur 1.



Figuur 1. Navorsingsplan vir die samestelling van die termlys

3.4.1 Beplanningsfase

Die beplanningsfase word beskou as ’n fase met talle besluite wat deur die samesteller(s) geneem moet word (De Foglio en Lubbe 2002:120; Alberts 2017:220) om die basiese struktuur en inhoud van die produk te bepaal. Tydens hierdie fase berus die verantwoordelikheid by die samesteller(s) om eerstens die doel van die produk vas te stel. Dit is ewe belangrik om reeds in die beplanningsfase sekere vrae te vra aangaande die teikengroep, die geskiktheid van tekste wat in die proses gebruik word, asook die uiteindelike gebruik van die termlys (Reppen 2016:406).

Na aanleiding van die bogenoemde word ’n behoeftebepaling en -ontleding aanbeveel om te verseker dat die doel met die navorsing bereik word, maar ook om so akkuraat as moontlik die regte materiale te raadpleeg (Alqahtani 2015:24; Alberts 2017:201, 226). Die behoeftebepaling

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

vir hierdie teikengroep het die vorm aangeneem van ’n elektroniese vraelys wat deur spelers voltooi is. Dit het vrae ingesluit oor spelers se persoonlike ervaring, hul kennis van Frans, moontlike hindernisse vir die aanleer en gebruik van die taal binne ’n rugbyomgewing, en die aard van bestaande aanleerdershulpbronne en -programme wat deur Franse klubs aangebied word. Daar is ook ondersoek ingestel na die spelers se kommunikatiewe behoeftes vir hul spesifieke rolle op die veld. Die bevindinge is vervolgens gebruik om ’n lys van toepaslike kategorieë op te stel waarin terme opgeneem kan word (kyk 3.4.3).

Die tipe bronne wat gebruik word vir die data-insameling (Alberts 2017:233; Alberts 2019:163–4) is ’n laaste faktor wat in ag geneem behoort te word. Die samesteller moet bepaal of die tipe bronne wat geraadpleeg word die vorm van geskrewe of gesproke taal sal aanneem, of selfs albei. Hoewel daar vir hierdie navorsing aanvanklik gebruik gemaak is van geskrewe taal (koerantberigte, tydskrifartikels en bestaande termlyste op die internet), was gesproke taal ook uiters nuttig. Nadat hierdie tipe bronne bepaal is, is die data ingesamel.

3.4.2 Insameling van data

Hierdie fase behels die ekserpering van terme wat uiteindelik die termlys sal uitmaak. Verskeie bronne stel dat die insameling van hierdie data baie doelgerig uitgevoer moet word volgens die oorkoepelende doel van die termlys. Losey-Léon (2015:297) wys daarop dat die insameling van data in hierdie sin ’n tydrowende proses is, maar mits dit in oorleg met die oorkoepelende doel gedoen word, kan dit baie akkurate resultate oplewer. Vir hierdie betrokke navorsing moes hulpbronne wat die gebruik van rugbytaal deur spelers en skeidsregters tydens wedstryde asook kommunikasie tydens onderhoude illustreer, geraadpleeg word.

Outomatiese of semi-outomatiese ekserpering wat menslike foutering beperk en akkuraatheid verseker is tans die norm (Alberts 2019:167; Sager 1990:130 in Taljard en De Schryver 2002:46). In hierdie ondersoek was so ’n proses egter nie moontlik nie, aangesien daar in die tersaaklike vakgebied nie korpora – wat die basis vorm van hierdie tipe termonttrekking – bestaan nie. De Foglio en Lubbe (2002) het in hul studie oor die samestelling van ’n tweerigting-vakwoordeboek vir die landbousektor bevind dat die beskikbaarheid van bestaande termlyste in Afrikaans en Italiaans baie beperk was en dus nie verteenwoordigend was van die taalvariëteit waarop hulle gefokus het nie. In so ’n geval is die samesteller op hom/haarself aangewese en die beste bronne vir ekserpering is bestaande vaktydskrifte en rekords van hoe die taal in werklikheid gebruik word (geskrewe of gesproke taal). Die afwesigheid van geskikte elektroniese bronne het dus die handmatige ekserpering geregverdig en genoodsaak. Die voordeel van die handmatige proses is dat die samesteller wel bekend is met die rugbyomgewing en die spel as sodanig en dus belangrike begrippe en terme kon herken (kyk Alberts 2019:167). Hoewel die aspek van menslike foutering nie by hierdie samestelling uitgesluit is nie, ondervang die keurders wat in die studie gebruik is (kyk 3.4.3) gedeeltelik die moontlikheid van foute.

Omdat hierdie termlys ten doel het om binne die rugbypraktyk aangewend te word, was die eerste stap om rugbytermlyste op die internet te raadpleeg. Hierdie termlyste is egter hoofsaaklik gerig op rugbyondersteuners wat wedstryde waarin Franse spanne betrokke is beter wil verstaan. Slegs ’n beperkte aantal terme wat bydra tot domeine waarvan die inhoud gestandaardiseerd is, kon gevind word. Hierdie terme voldoen aan die spelers se behoeftes aan byvoorbeeld kennis van nommers, kleure en algemene frases wat ook buite die rugbydomein gebruik kan word. Die aanlyn termlyste het dus nie voldoen aan die behoeftes van die teikengroep nie en bykomende bronne moes geraadpleeg word om die voorlopige termlys saam te stel.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Maklik toeganklike bronne het rugbytydskrifte (*SA Rugby Magazine*, *Équipe*), koerantberigte, televisie- en radio-uitsendings van rugbywedstryde en onderhoude in Afrikaans, Engels of Frans ingesluit. Die gebruik van gesproke taal tussen spelers, skeidsregters en die pers is tydens hierdie uitsendings gedokumenteer. Ander strategieë moes gevind word om hierdie beperkte bronne aan te vul. Die samesteller het plaaslike rugbywedstryde waar Afrikaans of Engels deur die spelers en skeidsregters gebruik is, bygewoon; 'n besoekende Franse afrigter en biokinetikus het tydens 'n persoonlike onderhoud terme vir insluiting in die voorlopige lys voorgestel.

Daar is van meet af aan 'n meertalige benadering gevolg en bronne in drie tale (Afrikaans, Engels en Frans) is afwisselend by die proses ingesluit. Een taal kan dus nie as dominant in die samestellingsproses beskryf word nie. Geskrewe en gesproke taal is in ag geneem en terme vanuit die verskillende bronne is versamel totdat die inligting 'n versadigingspunt bereik het en geen nuwe terme meer opgemerk is nie.

Tydens sistematisering is 13 kategorieë geskep (kyk Tabel 1) wat die vaktaalproduk gebruikers-vriendelik maak (Alberts 2019:206). Die kategorieë kan in twee groepe verdeel word met ses waarvan die inhoud gestandaardiseerd is of nie noodwendig tot die rugbydomein beperk is nie:

- sleutelpersone teenwoordig by wedstryde (bv. spelers, toeskouers, mediese personeel);
- beskrywing van die speelveld (bv. die voordeellyn, die doelgebied);
- spandrag en oefentoerusting;
- nommers;
- liggaamsdele;
- kleure.

Die inhoud van die ander kategorieë kan gereeld wissel met nuwe terme wat bygevoeg word of terme wat in onbruik verval:

- sleng;
- basiese opdragte (bv. Sak!, Speel aan!, Hardloop skuins!);
- vaardighede (bv. aangee, duikslag, skopwerk);
- gebeure tydens die wedstryd (bv. lynstaan, losgemaal, hanteringsfout);
- nuttige sinne vir gebruik na afloop van die wedstryd (bv. Ons het heelwat om aan te werk, Dit was 'n groot oorwinning.);
- skopwerk en die skrum;
- spelers se funksies en posisies in die span.

Die samesteller behoort tydens die data-insameling ook in gedagte te hou dat hierdie weergawe nie die finale weergawe sal wees nie. Dit sal dus slegs 'n voorlopige weergawe oplewer wat nogtans aan veranderinge en verifikasie onderhewig sal wees (Alberts 2017:179 (Stap 8 en 9); Alberts 2019:225–6; Gries en Newman 2013:274). Dit was dus ook nodig om die gebruiklikheid van hierdie terme te bevestig alvorens dit in die finale termlys opgeneem kon word. Dus was dit nodig om enige oortollige en ontoepaslike terme deur middel van 'n verifikasieproses uit die voorlopige lys te verwyder.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

3.4.3 Verifikasie

Die verifikasieproses staan in die literatuur bekend as ’n intensiewe standaardiseringsproses om te verseker dat die terme wat in die voorlopige termlys opgeneem is uiteindelik korrek is (Alberts 2019:215; Schiel, Baumann, Draxler, Ellbogen, Hoole en Steffen 2003:40). Dit kan verder beskryf word as ’n proses waartydens talle kenners binne die domein – in hierdie geval die geïdentifiseerde rugbyspelers in Frankryk – die materiaal nagaan. Dit verseker sodoende die standaardisering van terme, die uitskakeling van ongewenste elemente en ook die verifikasie van die spelling van die terme. Indien die keurders dit eens is dat sekere terme nie ooreenstem met die taalgebruik in die praktyk nie, is dit belangrik vir die samesteller(s) om dan hierdie terme te herevalueer en die insluit daarvan te heroorweeg. Gries en Newman (2013:264) voeg by dat hierdie proses ook daarop fokus om die voorkoms van dubbele inskrywings te verminder. Tydens die verifikasieproses word keurders ook toegelaat om bykomende inligting te verskaf en alternatiewe vir die inskrywings voor te stel. Dit is die plig van die samesteller(s) om, na afloop van die verifikasieproses, die bevindinge van die keurders te konsolideer sodat die inligting gefinaliseer kan word. Om hierdie proses uit te voer tydens hierdie betrokke navorsing, is daar weer eens met spelers wat deel uitgemaak het van die beplanningsfase geskakel sodat die voorlopige termlys nagegaan kon word.

Dit is belangrik om te meld dat nie alle kategorieë van die voorlopige lys by die verifikasieproses deur spelers ingesluit is nie. Geykte terme soos byvoorbeeld nommers, kleure en liggaamsdele kan nie verander nie en hulle is dus outomaties by die finale termlys ingesluit. Die terme vir verifikasie is dus slegs beperk tot die kategorieë waarvoor daar insette nodig was of waarvoor daar elders geen inligting beskikbaar was nie.

Die kategorieë wat by die verifikasieproses uitgesluit en ingesluit is word in Tabel 1 aangedui.

Tabel 1. Kategorieë uitgesluit en ingesluit by verifikasieproses

Uitgesluit	**Ingesluit**
1. Sleutelpersone teenwoordig by wedstryde	1. Sleng
2. Beskrywing van die speelveld	2. Basiese opdragte
3. Spandrag en oefentoerusting	3. Vaardighede
4. Nommers	4. Gebeure tydens die wedstryd
5. Liggaamsdele	5. Nuttige sinne na die wedstryd
6. Kleure	6. Skopwerk en die skrum
	7. Spelers se funksies en posisies

Die kategorieë wat wel by die verifikasieproses ingesluit is, word beskou as dié wat spesifiek op die veld van toepassing is eerder as benamings van toerusting en toepaslike persone. Dit sluit eerstens sleng in wat meestal benamings van bewegings is wat beter bekend is onder rugbyspelers, soos byvoorbeeld **’n gansstap**, **pypkan** of selfs rugbybewegings soos ’n **8-9-14**. Aangesien die kommunikasie op die veld tussen Franse rugbyspelers juis kenmerkend baie sleng bevat, is daar in hierdie kategorie merendeels gefokus op die vertalings en ekwivalente van hierdie Franse terme in Afrikaans of Engels. Voorbeelde hiervan is *biscotte* (direk vertaal as beskuitjie of broodjie) vir **’n rooikaart**, *fourchette* (vurk) vir **’n oogkrap** of *cocotte* (pot) vir **’n losgemaal**.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Ander kategorieë wat by die verifikasieproses ingesluit is (bv. “Tydens die wedstryd”) sluit terme in soos byvoorbeeld **teendryf**, **voordeel**, **aanvalsverdediging** of **obstruksie**, wat tradisioneel tydens ’n wedstryd gebruik word. Die kategorie “Nuttige sinne” is ingesluit met die doel om spelers se kommunikasie met die media te vergemaklik. Frases soos byvoorbeeld **Dit was nie die resultaat wat ons wou gehad het nie**, of **Ons het al ons geleenthede gebruik**, is hier ingesluit. Laastens bevat die kategorie “Posisies” die rugbyposisies wat binne die beskikbare woordelyste op die internet beskikbaar was, maar wat onvolledig was. Die kategorieë “Basiese opdragte”, “Aangeë en duikslae”, asook “Skopwerk en skrum”, is voorbeelde van algemene taalgebruik deur ’n skeidsregter tydens ’n wedstryd, soos byvoorbeeld **vyfmeterskrum**, **hangskop**, **hoogvat**, en ook opdragte soos **Speel aan!**, of **Wag!** en wat sal vereis dat enige speler, ongeag sy posisie, hierdie terme moet verstaan.

Wat die verifikasieproses deur keurders betref, moes ’n dokument saamgestel word waarop keurders hul kommentaar kon aanbring en kon aandui of ’n term getrou is aan die taal wat binne die rugbypraktyk in Frankryk gebruik word. Tydens die verifikasieproses het die keurders dus die geleentheid gehad om hul kommentaar aan te bring in ’n Excel-dokument, wat elektronies aan hulle gestuur is. Benewens die verskillende kategorieë wat verifikasie benodig het, het die dokument ook beskik oor twee kolomme, naamlik “Term gebruik: Ja/Nee” asook “Veranderinge of alternatiewe” (kyk Tabel 2).

Tabel 2. Uittreksel uit verifikasiedokument

English	Afrikaans	Français	Term used: Yes/No	Changes or alternatives
ankle tap	enkelklap / kaapvang	cuillère		
ball carrier	baldraer	porteur du ballon		
crash tackle	plettervat / botsvat	bouchon		
dangerous tackle	gevaarlike duikslag	placquage dangereux		
dummy pass	fopaangee	feinte		
forward pass	vorentoe aangee	passe en avant		
hand off	weg stamp	raffûter		
high tackle	hoogvat	placquage haut		
late tackle	laatvat	placquage à retardement		
long pass	lang aangee	passe longue		
loop pass	boogaangee	passe redoublée		
offload	kort aangee	off-load		
pass	aangee	passe		
skip pass	oorslaanaangee	passe sautée		
spear tackle	boorvat	placquage cathédrale		
tackle	duikslag / doodvat	placquage		
tackler	verdediger	placqueur		

Deur hierdie proses het keurders talle veranderinge voorgestel ten einde die samestelling van die finale produk te fasiliteer en aan te vul. Hierdie kolomme blyk effektief te wees vir die aanteken van veranderinge en die proses het telkens die samesteller se taak om kommentaar by

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

te werk vergemaklik. Die oorweging van die keurders se kommentaar kon uiteindelik tot die verfyning van die termlys lei, wat verskeie weglatings en aanvullings insluit. Die proses word in die volgende afdeling volledig bespreek.

4. Bevindinge en voorbereiding van die finale produk

Hoewel die nagaan van die voorlopige termlys grotendeels die betrokkenheid van die keurders vereis, rus die verantwoordelikheid om die kommentaar en resultate van hierdie proses te oorweeg, en hiervolgens aanpassings te maak ten einde die finale termlys te vorm, egter op die samesteller. Die resultate van sowel die verifikasie van die voorlopige lys as die organisering van materiaal na afloop daarvan word vervolgens bespreek. Hierdie prosesse dra albei tot die finalisering van die produk by.

4.1 Bevindinge van die verifikasieproses (voorlopige termlys)

Na afloop van die verifikasieproses is aanpassings gemaak na aanleiding van die keurders se aanbevelings en kommentaar, asook die foutiewe terme wat in die termlys opgemerk is. Wanneer daar melding gemaak word van foutiewe terme kan dit binne hierdie konteks verwys na terme waarvan die algemene gebruik en/of insluiting in die termlys deur keurders bevraagteken is. Wanneer daar byvoorbeeld na die **agterspelers** verwys word, sal spelers in die praktyk van die term *les trois-quarts* (die driekwarte) gebruik maak eerder as van *les arrières* (die agterstes). Nog ’n voorbeeld is **duikaangee** (oftewel ***dive pass*** in Engels) wat eerder as ’n argaïese term in die hedendaagse praktyk beskou word. Dit word wel nie meer tydens spel aangewend nie, maar is steeds in sowel Afrikaans as Engels in sommige bronne opgeneem. Dit kan ook geld vir sinonieme terme soos byvoorbeeld **steekskop** wat in die voorlopige termlys opgeneem is en **kapskop** wat as alternatief aangebied word vir die Engelse term ***chip kick*** (kyk bv. Taalsentrum: https://www1.sun.ac.za/languagecentre-terminologies).

Foutiewe terme verwys dus hier nie noodwendig na foute op vertaalvlak van die terme nie, maar eerder na die gebruik en die insluit van hierdie terme in die termlys. Indien die keurders aangedui het dat die term nie gebruik word nie, en nie ’n aanpassing daarvoor aangebied het nie, is dit as ’n foutiewe term geklassifiseer en uit die termlys verwyder. Die aantal aanpassings en toevoegings word visueel deur Tabel 3 aangebied, maar word ook deur bygaande voorbeelde bespreek.

Tydens die verifikasieproses is talle aanpassings uitgelig en enkele voorbeelde kan as illustrasies dien. Hierdie aanpassings het die vorm van toevoegings en vervangings óf die vorm van weglatings aangeneem en in sommige kategorieë was beide soms nodig. Keurders het sodoende die vrymoedigheid gehad om toevoegings tot ’n bepaalde term binne die termlyste te maak indien daar ’n term was wat meer gereeld deur spelers gebruik word en dus nader aan die werklikheid is. In sommige gevalle is ’n term as foutief aangedui, maar ’n beter alternatief is in die plek daarvan gegee, soos byvoorbeeld die gebruik van die uitdrukking *être à l’herbage* (direkte vertaling: in die grasvlakte wees) as sleng, wat gebruik sou word indien **’n speler uit die span gelaat** word **om hom te laat rus**. Hierdie woord is deur een keurder (keurder nr. 5) as foutief geklassifiseer, maar die uitdrukking *dans le frigo / dans le conjulateur* (direkte vertaling: in die yskas / vrieskas) is eerder voorgestel. Nog ’n voorbeeld is dié van *mêlée à cinq* (direkte vertaling: skrum by 5) wat gebruik word wanneer **’n skrum op die 5-meterlyn** nodig is. Keurder 2 het

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

egter daarop gewys dat dit beter is om die uitdrukking aan te pas na *mêlée à cinq mètres* (direkte vertaling: skrum by 5 meter), aangesien dit in die foutiewe vorm 'n dubbelsinnige betekenis vir spelers mag hê.

Die kategorieë wat tydens hierdie fases die meeste voorstelle en toevoegings vanaf keurders ontvang het, was onderskeidelik "Sleng" en "Basiese opdragte". Die kategorie wat egter die meeste veranderinge vereis het, was "Sleng" waarvan slegs 58% van die oorspronklike inhoud korrek was. Een-en-twintig terme is as foutief geklassifiseer en altesaam 17 toevoegings is voorgestel. Dit het, byvoorbeeld, die aanvulling van terme soos *un en avant* (**'n aanslaan**) geïmpliseer in stede van die gebruik van die informele term *une manette*, wat volgens keurders selde gebruik word. 'n Verdere verandering was die term *cartouche* (direkte vertaling: geweerpatroon) in plaas van die term *caramel* (direkte vertaling: toffie) wat as die vertaling van **plettervat** aangebied is. Hierdie aantal aanpassings mag te wyte wees aan die feit dat dit oor die algemeen 'n dinamiese afdeling in taal is wat relatief vinnig veranderinge in enige teikengroep sal toon. Tog is dit belangrik om op 'n basisvlak inskrywings in hierdie kategorie vas te stel wat moontlik oor jare se gebruik aangepas mag word soos wat die taal verander.

Daarenteen het die kategorie met die grootste getal inskrywings, naamlik "Basiese opdragte" met 53 inskrywings, die minste foutiewe terme bevat. Hoewel 'n hoë vlak van akkuraatheid hier behaal is, was altesaam 11 toevoegings nodig. Daar is wel opgemerk dat hierdie toevoegings die vorm van sinonieme aangeneem het om die bestaande inskrywings aan te vul. Voorbeelde hiervan is dikwels ekwivalente vir 'n betrokke opdrag, soos byvoorbeeld **Kyk!** wat as *Regardez* of *Pistez* vertaal kan word, of **Vinnig!** wat as *Rapidement !*,[4] *Vite !* of in die opdragvorm *Dépêchez !* aangepas kon word. Hoewel daar nou meer alternatiewe is, word hierdie aanpassings ook volgens die keurders in dieselfde kontekste aangewend. Die volledige aantal korrekte en foutiewe terme per kategorie vanuit die verifikasieproses word in Tabel 3 aangebied.

Tabel 3. Bevindinge van verifikasieproses

	Kategorieë nagegaan deur keurders						
	Sleng	**Basiese opdragte**	**Aangeë en duikslae**	**Tydens die wedstryd**	**Nuttige sinne**	**Skopwerk en skrum**	**Posisies**
Getal keurders	5	5	5	5	5	5	5
Totale getal inskrywings in lys	44	53	27	48	38	33	48
Geverifieerde terme							
– waarvan korrek	23	49	22	42	32	23	40
– waarvan foutief	21	4	5	6	6	10	8
Byvoegings / vervangings deur spelers voorgestel	17	11	8	9	2	4	4

Die kategorie "Skopwerk en skrum" het ook 'n relatiewe hoë persentasie foutiewe terme opgelewer. Dit mag te wyte wees aan die tegniese aard van die inhoud van die kategorie aangesien dit sekere tegniese punte in die skrum en skopwerk bevat. Hierdie tegniese punte word op verskeie maniere op die veld gebruik omdat dit direk afhanklik is van die bewegings wat deur

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

spelers op die veld uitgevoer word, maar ook afhang van die beslissings van die skeidsregter van die bepaalde wedstryd. Vanuit die voorafgaande tabel (Tabel 3) is dit duidelik dat die verhouding tussen foutiewe en korrekte terme taamlik konstant was met betrekking tot die ander kategorieë. Hoewel daar volgens die literatuur geen maatstaf bestaan vir die verhouding tussen korrekte en foutiewe terme om die termlys as akkuraat te verklaar nie, was die samesteller van mening dat meer as 30% foutiewe terme as problematies gesien kan word en aanpassings sal noodsaak.

Die samesteller moes vervolgens voortgaan om die kommentaar en aanbevelings van die keurders in die voorlopige termlyste te konsolideer ten einde die finale lys saam te stel.

Hoewel dit belangrik is vir die samesteller om die foutiewe terme binne die finale lys te beperk, is dit ewe belangrik om enige dubbele inskrywings te vermy. Nadat elke keurdersverslag noukeurig nagegaan is, is elke kategorie dienooreenkomstig aangepas.

Die meeste aanpassings is deur byvoegings of aanvullings gekenmerk, maar daar was steeds kategorieë wat weglatings van sekere terme genoodsaak het. Die kategorieë met die meeste weglatings was “Sleng” (5 weglatings) asook “Aangeë en duikslae” (5 weglatings). Daar is egter een term vanuit die aangeë en duikslae-kategorie wat pertinent deur alle keurders as ontoepaslik aangedui is, naamlik die term **duikaangee**, aangesien dit nie meer tydens hedendaagse spel aangewend word nie. In die kategorie “Sleng”, moes daar uiteindelik ook afstand gedoen word van terme soos *un bouchon* (’n kurkprop = **’n plettervat**), *le pack* (die pak = **die voorspelers**), *être à l’herbage* (in die grasvlakte wees = **om ’n speler te laat rus**), *le frigo* (die yskas = **die koelstoel**) en *la beuchigue* (’n leenwoord van Gaskonje vir **rugbybal**).

Met die nagaan van die keurdersverslae is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die meeste toevoegings voorgekom het in die kategorieë “Basiese opdragte” en “Tydens die wedstryd” met 12 vervangings in beide gevalle. Die minste toevoegings het voorgekom in die kategorie “Nuttige sinne” met slegs twee terme wat vervang is. Hoewel die kategorie “Sleng” die meeste weglatings vereis het, is dit wel ook een van die kategorieë met talle byvoegings deur spelers, naamlik 12 byvoegings, soos die kategorie “Basiese opdragte”. Voorbeelde van toevoegings is terme soos *chef de gare* (stasiemeester = **skeidsregter**), *travaillez au sol !* (werk op die grond! = **rol weg!**), en ook *jouez !* (speel! = **gaan aan!**). Die termlys kon na afloop van hierdie verifikasieproses gefinaliseer word.

Daar is dus merkbare groei waargeneem tydens die skep van die termlys, maar weens die groot aantal veranderinge deur keurders, is dit ’n moeilike taak om in hierdie artikel op elke verandering te wys. Hierdie groot aantal veranderinge kan alleenlik opgemerk word aan die hand van die toename in die getal terme van die finale teenoor dié van die voorlopige termlys (kyk Figuur 2 hier onder).

Die voorafgaande proses is gekenmerk deur die nagaan van die keurders se kommentaar (met die keurders as die fokuspunt) en hierna verskuif die fokus na die samesteller wat sekere besluite moet neem met betrekking tot die inhoud. Hierdie proses word wel deur die keurders se kommentaar gelei. Die volgende afdeling bespreek hierdie proses volledig.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

4.2 Finalisering van die termlys

Die finalisering van die termlys word beskou as die laaste stap in die skep daarvan, wat merendeels die samesteller betrek (Alberts 2017:431; Alberts 2019:226–7). Tydens die finalisering is dit die samesteller se taak om die aangepaste kategorieë tesame met hul vervangings en weglatings te konsolideer met die oorblywende kategorieë wat nie deur die keurders nagegaan is nie (kyk afd. 3.3.3).

Hierdie veranderinge word uitgelig aan die hand van die getal terme wat deel was van die voorlopige lys, teenoor dié van die finale termlys. In Figuur 2 word ’n vergelyking gemaak tussen die getal terme in die voorlopige en die finale weergawe. Daar was ’n toename van terme in vyf van die sewe kategorieë. Die kategorieë “Tydens die wedstryd” en “Basiese opdragte” het wel ’n afname getoon. Dit is te wyte daaraan dat die inskrywings in hierdie kategorieë óf herrangskik is (dit wil sê oorgeplaas is na ander kategorieë, om die groepering meer sinvol te maak en in ’n meer logiese formaat vir die teikengroep aan te bied) óf dat daar dubbele inskrywings in hierdie kategorie opgemerk is.



Figuur 2. Totale getal terme van voorlopige en finale termlys

As ’n voorbeeld hiervan het daar vanuit die kategorie “Tydens die wedstryd” in die voorlopige termlys talle terme voorgekom wat te make het met skopwerk en skrum en hierdie terme is eerder na dié kategorie oorgeplaas. In die proses is baie dubbele inskrywings ook opgemerk wat verwyder moes word. Verder kon daar ook tydens hierdie finaliseringsproses ’n afsonderlike kategorie vir die aanteken van punte geskep word. Hierdie afdeling bevat die benamings vir maniere waarop punte tydens die wedstryd aangeteken word, soos byvoorbeeld om oor te skop, ’n strafdrie aan te teken, of om ’n drie nie toe te staan nie. Tabel 4 verskaf ’n afbakening van die finale kategorieë met die getal terme teenwoordig per kategorie in die finale lys.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Tabel 4. Getal terme per kategorie

Uitgesluit by verifikasie	Finale getal terme	Ingesluit by verifikasie	Finale getal terme
Sleutelpersone teenwoordig by wedstryde	42	Sleng	27
Beskrywing van die speelveld	21	Basiese opdragte	41
Spandrag en oefentoerusting	25	Vaardighede	19
Nommers	26	Gebeure tydens die wedstryd	39
Liggaamsdele	41	Nuttige sinne vir na die wedstryd	36
Kleure	9	Skopwerk en skrum	29
		Spelers se funksies en posisies	44
		Aanteken van punte	30

Uiteindelik word hierdie termlys in altesaam 14 kategorieë verdeel en bevat dit ’n totaal van 432 terme. Die finale weergawe is as ’n parallelle termlys aangebied wat impliseer dat elke inskrywing met ’n ooreenstemmende vertaling aangebied word in Engels, Afrikaans en Frans. ’n Uittreksel uit die finale lys (kategorie “Aanteken van punte”) word ter illustrasie in Tabel 5 verskaf.

Tabel 5. Uittreksel uit die kategorie “Aanteken van punte” vanuit die finale termlys

English	Afrikaans	Français
conversion	doelskop	transformation
drop kick	skepskop	drop
drop(ped) goal	skepdoel	but tombé
hat-trick	driekuns	coup du chapeau
missed kick	gemiste skop	**coup de pied manqué**
penalty (kick)	strafskop	coup de pied de pénalité
penalty kick where the offence was committed	strafskop op die plek van oortreding	**pénalité à l’endroit de la faute**
penalty try	strafdrie	essai de pénalité

Hoewel die bogenoemde prosesse die noodsaaklikheid van die verifikasieproses beklemtoon, berus die taak steeds op die samesteller om die kommentaar, veranderinge en aanbevelings van die keurders in ag te neem ten einde die termlys op ’n logiese wyse te rangskik en die inligting te organiseer. Dit is afgesien daarvan dat die meeste veranderinge aangebring is deur die inspraak van kenners op die gebied. Deur die samesteller die sentrale rolspeler te maak, word die finale termlys nie alleenlik bruikbaar in terme van die inhoud nie, maar ook van die uiteensetting en rangskikking.

Die termlys word eerstens volgens kategorie (bv. *Basiese opdragte*, *Gebeure tydens die wedstryd*) en dan in alfabetiese volgorde aangebied. Voorbeelde van die tipiese aanbieding van die termlys word hier onder verskaf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Vir selfstandige naamwoorde is dit belangrik om die geslag (n.m., n.f.) van die naamwoord in Frans aan te dui.

warning (n.): a ~	waarskuwing (s.nw.): 'n ~	avertissement (n.m.)[5] : un ~
knock-on (n.): a ~	aanslaan (s.nw.): 'n ~	manette (n.f.) : une ~
hip (n.): Lower your ~**s**	heup (s.nw.): Laat sak jou ~**e**	hanche (n.f.) : Descendez vos ~**s**

In opdragte word die uitroepteken weggelaat. Die rol van die woorde of frases word duidelik gemaak deur die plasing daarvan onder die kategorie "Basiese opdragte".

play (v.): ~ on	speel (ww.): ~ aan	jouer / continuer (v.) : jouez / continuez (impératif)

In nuttige sinne tydens of na die wedstryd, word die trefwoorde alfabeties gerangskik en 'n voorbeeld van die gebruik van die trefwoord word verskaf.

win (n.): It was a big ~	oorwinning (s.nw.): Dit was 'n groot ~	victoire (n.f.): C'était une grande ~

Vanuit die bespreking kan die gevolgtrekking gemaak word dat die termlys wel aan die kommunikatiewe behoeftes van Suid-Afrikaanse rugbyspelers in Frankryk sou kon voldoen indien dit deur dié teikengroep geïmplementeer word.

5. Samevatting en gevolgtrekking

Internasionale migrasie is nie 'n onbekende praktyk in die sportwêreld nie. Suid-Afrikaanse sportspelers is geen uitsondering nie en die praktyk is ook in rugby algemeen. Die tydperk van migrasie kan wissel van 'n seisoen tot 'n paar jaar en een van die groot uitdagings wat met so 'n tydperk in die buiteland gepaard kan gaan, is kommunikasie in 'n taal waarvan spelers dikwels min of geen kennis het nie. Suid-Afrikaners wat in Frankryk rugby speel word gekonfronteer met medespelers en beamptes wat daarop aandring om Frans as voorkeurtaal te behou. Kennis van Engels is dus dikwels onvoldoende vir buitelandse spelers om doeltreffend in hierdie omgewing te funksioneer. Ondersteuningsinisiatiewe wat klubs loods om spelers met die nodige taalvaardighede toe te rus is dikwels onsuksesvol en alternatiewe daarvoor moet ondersoek word. Die doel van die navorsing wat in hierdie artikel beskryf word, was om die proses van die ontwikkeling van 'n dinamiese en vakspesifieke taalproduk te ondersoek wat spesifiek volgens die taalbehoeftes van Suid-Afrikaanse rugbyspelers in Frankryk geformuleer is (kyk afd. 1.2).

'n Behoeftebepaling asook deeglike beplanning is gedoen om die taalbehoeftes van die teikengroep (in hierdie geval die rugbyspelers) te identifiseer. Hierdeur is daar vasgestel of 'n termlys vir die teikengroep nuttig sou wees en ook of daar enige leemtes of uitdagings was wat met die skep van so 'n lys benader kan word (kyk afdeling 1.3). Daar is bevind dat die meerderheid spelers 'n behoefte het aan terminologie wat hul begrip en aanleer van basiese opdragte en kommunikasie tussen spanmaats op die veld sal kan vergemaklik. Die positiewe impak wat die bemeestering van noodsaaklike terme, frases en kollokasies binne 'n bepaalde vakgebied kan hê, is in die literatuur bevestig (kyk afd. 2.2) en het as riglyn gedien vir die saamstel van 'n

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

parallelle termlys vir rugbytaal. Die finale lys is die produk van ’n proses van beplanning, data-insameling en verifikasie.

Met die resultate van die behoeftebepaling in ag genome, is die leksikale items (d.i. terme, frases en kollokasies) wat vir die teikengroep toepaslik is, versamel en ’n eerste weergawe van die termlys is geskep. Daar is opgelet na die werklike gebruik van die taalvariëteit onder bespreking deur aandag te gee aan die voorkoms van leksikale items in rugbytaal in die praktyk. Bronne soos webwerwe, regstreekse rugbyuitsendings, mediadekking in die vorm van gedrukte media en persverklarings het die basis hiervoor uitgemaak.

Tydens die finale fase in die samestelling van die taalproduk is ’n verifikasie- en verfyningsproses onderneem. Die keurders (d.i. spelers wat deel gevorm het van die navorsing) is die taak opgelê om die inhoud na te gaan en die akkuraatheid van hierdie terme met betrekking tot die gebruik daarvan in die praktyk te evalueer. Dit is gedoen om die verhouding tussen die aantal korrekte en foutiewe terme in die voorlopige weergawe te reguleer en reg te stel. Na afloop van hierdie proses is daar bevind dat die termlys in die geheel 92,4% akkuraat was en dat slegs enkele aanpassings nodig was. Dit bevestig dat die lys verteenwoordigend is van die vaktaal van die teikengroep (kyk afd. 4.2). Die finale weergawe bestaan uit 14 afsonderlike kategorieë en ’n totaal van 443 terme wat die verskillende rolle en behoeftes van spelers in ag neem.

Dit is belangrik om daarop te let dat die voorgestelde termlys dinamies is en voortdurend aangepas behoort te word om die ontwikkeling van rugbytaal te weerspieël. Deur gereelde monitering sal verouderde terme geëlimineer en nuwe frases en terme (veral sleng) bygevoeg kan word en spelers wat van hierdie hulpmiddel gebruik maak, sal verseker wees van die geldigheid daarvan. Hierdie hulpbron sal op ’n aanlyn platform (bv. Google Drive of Wikipedia) beskikbaar gemaak kan word om maklike toegang vir belangstellendes te verseker. Dit sal ook die gebruikers van rugbytaal in die spesifieke taalkombinasies die geleentheid gee om byvoegings en veranderinge voor te stel en kommentaar te lewer oor die redes vir hierdie voorstelle. Gebruikers wat een van die tale in die termlys magtig is, kan ook ’n ander taal/tale byvoeg om die hulpbron uit te brei. Op die langtermyn kan hierdie gewysigde lys weer ’n verifikasieproses ondergaan en tendense in die verskillende tale kan bestudeer word.

Navorsing kan gedoen word oor die bruikbaarheid (omvang en toepaslikheid van items) en nut (praktiese toepassing tydens oefeninge en wedstryde) van die termlys in die praktyk vir Suid-Afrikaners wat tans in Frankryk rugby speel. Die toepassing en effektiwiteit van die aanleer van leksikale items kan in verskillende kontekste ondersoek word, naamlik self-aanleer deur individuele spelers en die gebruik van hierdie termlys binne ’n meer formele taalprogram.

Hierdie ondersoek lewer ’n unieke bydrae tot die navorsingsveld van sportkommunikasie, terminologie en vertaalstudies in die sin dat daar voorheen geen ondersoeke oor rugbytaal as ’n taalvariëteit in hierdie taalkombinasies gedoen is wat gelei het tot die skep van gespesialiseerde hulpbronne vir hierdie teikengroep nie. Die artikel stel ook praktiese riglyne voor vir diegene wat dieselfde uitdagings in ander velde en met ander taalkombinasies ervaar en waar die saamstel van ’n termlys ’n oplossing kan bied.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Bibliografie

Alberts, M. 2017. *Terminology and terminography principles and practice. A South African perspective*. Milnerton: McGillivray Linnegar Associates.

—. 2019. *Terminologie en terminografie: 'n Handleiding*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Alberts, M. en E. Taljard. 2022. *Terminologie*. In Carstens en Van Dyk (reds.) 2022.

Alqahtani, M. 2015. The importance of vocabulary in language learning and how to be taught. *International Journal of Teaching*, 3(3):21–34.

Bilash, O. 2009. Basic and survival language. Improving second language education. https://sites.ualberta.ca/~obilash/basicsurvival.html (21 Februarie 2025 geraadpleeg).

Borchardt, S. 2015. Steyn admits French struggles. *SA Rugby Magazine*. https://www.sarugbymag.co.za/steyn-admits-french-struggles (19 November 2019 geraadpleeg).

Brown, M. 2017. Using parallel corpora for language learning. *Researchgate*. https://www.researchgate.net/publication/328094165_Using_Parallel_Corpora_for_Language_Learning (26 November 2019 geraadpleeg).

Carstens, W. en T. van Dyk (reds.). 2022. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Cottrell, D. s.j. Rugby drills to improve communication skills in attack situations. https://www.rugbycoachweekly.net/rugby-drills-and-skills/attack/rugby-drills-to-improve-communication-skills-in-attack-situations (28 April 2019 geraadpleeg).

Cros, B. 2012. From the Transvaal to the Cantal, the exodus of South African rugby union players to France. *Cultures of the Commonwealth*, 18:89–102.

De Foglio, F. en H.J. Lubbe. 2002. 'n Praktiese benadering tot die samestelling van 'n tweerigting-vakwoordeboek met Afrikaans en Italiaans as taalpaar. *Lexikos*, 12:117–32. https://lexikos.journals.ac.za/pub/article/view/764 (8 Oktober 2022 geraadpleeg).

Đurović, Z. 2021. Corpus linguistics methods for building ESP word lists, glossaries and dictionaries on the example of a marine engineering word list. *Lexikos* (AFRILEX-reeks), 31:259–82.

Farr, F. en L. Murray (reds.). 2016. *The Routledge handbook of language learning and technology*. New York: Routledge.

Ferreira, D. en T. du Plessis. 2007. Terminologiebestuur in Suid-Afrika. 'n Beoordeling van drie werksmetodes. *Lexikos*, 17:56–76.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Frost, P.M. 2017. Why are they really leaving? A study into South Africa's loss of talented rugby players to greener international fields. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Gries, S. en J. Newman. 2013. Creating and using corpora. In Podesva en Sharma (reds.) 2013.

Grundlingh, A. 2005. Rands for rugby: Ramifications of the professionalisation of South African rugby, 1995–2007. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Habert, B., N. Grabar, P. Jacquemart en P. Zweigenbaum. 2001. Building a text corpus for representing the variety of medical language. *Medinfo*, 84:245–54.

Hartmann, R.R.K. (red.). 1984. *LEXeter '83 Proceedings: Papers from the International Conference on Lexicography at Exeter*, 9–12 September 1983. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

iSport. 2018. On-field communication tips for rugby, iSport Rugby. http://rugby.isport.com/rugby-guides/on-field-communication-tips-for-rugby (20 November 2019 geraadpleeg).

Kassing, J., A. Billings, R. Brown, K. Halone, K. Harrison, R. Krizek, L. Meân en P. Turman. 2004. Communication in the community of sport: The process of enacting, (re)producing, consuming, and organizing sport. *Annals of the International Communication Association*, 28:373–409.

Keown, C. 2017. Six nations: Why more rugby referees should be bilingual. https://theconversation.com/six-nations-why-more-rugby-referees-should-be-bilingual-73645 (29 Oktober 2022 geraadpleeg).

Kermen, S. 2013. L'enseignement du français à des sportifs professionnels. MA-verhandeling, Université de Stendhal.

Kowalikowa, J. 2009. Language of sport in the context of communication. *Studies in Physical Culture and Tourism*, 16(1):63–7. http://www.wbc.poznan.pl/Content/120425/10_KOWALIKOWA.pdf (21 November 2019 geraadpleeg).

Lavric, E. en J. Steiner. 2012. Football: Le défi de la diversité linguistique. *Bulletin VALS-ASLA*, 95:15–33.

Long, M.H. en J.C. Richards. 2005. Second language needs analysis. New York: Cambridge University Press.

Losey-León, M. 2015. Corpus design and compilation process for the preparation of a bilingual glossary (English–Spanish) in the logistics and maritime transport field: *LogisTRANS. Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 173:293–9.

Mangiante, J. en L. Meneses-Lerín. 2016. L'analyse de données en FOS : Caractéristiques méthodologiques et outils numériques. *Points Communs – Recherche en didactique des langues sur objectif(s) spécifique(s)*, 3(11):25–43.

McCarten, J. 2007. *Teaching vocabulary – lessons from the corpus*. New York: Cambridge University Press.

Nation, I.S.P. 2001. *Learning vocabulary in another language*. Cambridge: Cambridge University Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b3

Podesva, R. en D. Sharma (reds.). 2013. *Research methods in linguistics*. 1ste uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press.

Pomiès, F. 2017. Top 14 – Remonté et dégoûté, Charles Géli vide son sac sur les étrangers de Montpellier. https://www.rugbyrama.fr/rugby/top-14/2016-2017/top-14-remonte-et-degoute-charles-geli-vide-son-sac-sur-les-etrangers-de-montpellier_sto6176745/story.shtml (21 Februarie 2025 geraadpleeg).

Reppen, R. 2016. Designing and building corpora for language learning. In Farr en Murray (reds.) 2016.

Schiel, F., A. Baumann, C. Draxler, T. Ellbogen, P. Hoole en A. Steffen. 2003. The validation of speech corpora. https://www.bas.uni-muenchen.de/Bas/BITS_Cookbook_TP2.pdf (21 Februarie 2025 geraadpleeg).

Shejbalová, D. 2006. Methods and approaches in vocabulary teaching and their influence in students' acquisitions. MA-verhandeling, Universiteit van Masaryk.

Stowell-Ruzicka, L. 1991. Acquiring vocabulary in a foreign language: Some effects of the nature of instruction on the knowledge and use of words. LSU Historical Dissertations and Theses. https://repository.lsu.edu/gradschool_disstheses/5150 (21 Februarie 2025 geraadpleeg).

Taalsentrum. *Terminologie*. Universiteit Stellenbosch. https://www1.sun.ac.za/languagecentre-terminologies (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Vâlcu, A. 2009. Le français sur objectifs spécifiques (FOS) et la formation des traducteurs professionnels. *La Francopolyphonie*, 4:241–7.

Wiegand, H.E. 1984. On the structure and contents of a general theory of lexicography. In Hartmann (red.) 1984.

Wynne, M. 2005. Developing linguistic corpora: A guide to good practice. AHDS Guides to Good Practice. http://icar.cnrs.fr/ecole_thematique/contaci/documents/Baude/wynne.pdf (18 Februarie 2019 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] https://www.sapeople.com/2022/08/22/young-french-rugby-player-does-post-match-interview-in-afrikaans (1 November 2022 geraadpleeg).

[2] https://www.youtube.com/watch?v=TfURQPsBSP4 (1 November 2022 geraadpleeg).

[3] https://www.youtube.com/watch?v=XHFXi4kaU2Q (1 November 2022 geraadpleeg).

[4] In Frans word daar 'n spasie voor die uitroepteken gelaat.

[5] In Frans word daar 'n spasie voor die dubbelpunt geplaas.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Die bekoorlikheid van Latyn in Suid-Afrika. In gesprek met Franco Prinsloo oor die rol van Latyn in koormusiek

Louise-Mari Muller

Louise-Mari Muller, Departement Antieke Studie, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie artikel bespreek die rol van Latyn in die koormusiek van die bekroonde dirigent en komponis Franco Prinsloo en besin oor die blywende impak van Latyn in die breër konteks van Suid-Afrikaanse kore. Dit vorm deel van ’n navorsingsprojek wat ek onderneem het om eerstens vas te stel waarom Latynse liedere steeds so gewild onder Suid-Afrikaanse kore is, tweedens hoekom komponiste soos Franco Prinsloo steeds aktief Latyn in hulle komposisies inkorporeer, derdens hoe dirigente soos Prinsloo te werk gaan om die Latyn aan hulle koorlede te verduidelik, en laastens wat hierdie verskynsel vir Latiniste beteken. As vertrekpunt om hierdie vrae te beantwoord het ek ’n onderhoud met Prinsloo gevoer rakende Latyn in koormusiek. Verder word die gesprek met Prinsloo benader vanuit ’n pedagogiese oogpunt wat aandag skenk aan sy aanbieding en verduideliking van die Latyn aan sy koorlede, asook vanuit ’n filologiese oogpunt, wat die klem plaas op die vertaling en potensiële interpretasie van die betrokke Latyn. Die primêre bevindings van die artikel is dat die rede waarom Latyn steeds ’n aktiewe rol in koormusiek speel, sowel in Suid-Afrika as internasionaal, te doen het met die voortdurende toeganklikheid van die Latynse vokaalsisteme en die suiwer tonale produksie wat hierdie vokaalklanke bied. Verder bied Latyn meer skeppingsvryheid aan komponiste soos Prinsloo en stel dit hulle in staat om hul werke selfs met internasionale kore te deel. Met betrekking tot opleiding in Latyn, blyk dit duidelik dat daar ’n behoefte is aan gesprekvoering tussen koordirigente en Latyn-taalkundiges en dat daar ’n wesenlike tekort aan voldoende Latynse uitspraakriglyne en hulpmiddels is wat sowel toeganklik as akkuraat sou wees vir komponiste en dirigente wat met Latyn werk.

Trefwoorde: koormusiek; Latyn; Franco Prinsloo; Suid-Afrikaanse komponiste; Suid-Afrikaanse kore

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Abstract

Preaching to the choir: The role of Latin in South African choral music, in conversation with Franco Prinsloo

This article discusses the work of Franco Prinsloo and situates his contribution within the greater context of the role of Latin in South African choirs. As a scholar of ancient languages I focus my research on the lasting impact of Latin on South Africa's literary and cultural landscape. This article forms part of a greater research project I have undertaken to investigate why Latin choral pieces have maintained their popularity among South African choirs, aiming to answer the following questions: Why do composers like Prinsloo still actively incorporate Latin in their compositions? How do conductors like Prinsloo go about explaining Latin to their choir members, and finally, what does this phenomenon mean for Latinists in South Africa?

As a starting point to answer these questions I interviewed Prinsloo on 27 August 2024 about his work and views on Latin's historical and lasting impact on choral music, particularly in a South African context. There is a noticeable gap in the literature on this subject, which provides a valuable opportunity for musicians and Latinists to expand one another's knowledge regarding the various applications of Latin. The conversation with Prinsloo is approached from a pedagogical and philological stance that focuses on Prinsloo's engagement with issues such as proper Latin pronunciation and the interpretation and translation of Latin texts from the perspective of a composer and conductor who needs to elucidate these aspects of a Latin choral work to his choir members in a multilingual environment.

Prinsloo is an award-winning South African composer and choir conductor. He received his most recent award on 18 September 2024 at the Aitsa awards ceremony in Pretoria, which celebrates Afrikaans music by South African artists. Prinsloo had composed a piece entitled "Deurgrond" ("with deeply rooted understanding") at the beginning of 2024 for one of his choirs called the Vox Chamber Choir, for which he and his choir won the Aitsa award for the year's Best Classical Work in Afrikaans. While Prinsloo is certainly a gem for the Afrikaans music industry, he is also a prolific composer who has composed many works in other languages, but most significantly in Latin.

This research project therefore examines the unique relationship between those who use Latin for their art and those whose art is Latin. Prinsloo's composition *Salve Regina* (2019) is discussed to serve as an example of one of the benefits of Latin to composers of choral music since Latin enables conductors to share their works with international audiences. This article also examines some of Prinsloo's other compositions, particularly *Carpe Diem* and *Cantata Modimo*. *Carpe Diem* is a composition based on the Roman poet Horatius' eponymous poem that centres on the theme of seizing (plucking) the day. Prinsloo composed this piece during the COVID-19 pandemic. This composition is discussed to highlight the relevance of Latin literature and how contemporary musicians like Prinsloo still utilise an ancient language such as Latin to address contemporary issues.

Cantata Modimo (2019) is one of Prinsloo's most remarkable compositions, and is examined to illustrate how Latin plays a role in contemporary South African choir music. *Cantata Modimo* is arguably one of Prinsloo's most remarkable works. In this choral work, Prinsloo pieced together different passages from the Vulgate to tell a moving story about the creation of the world, God blowing breath into Adam, the downfall of mankind, and how our only hope

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

and salvation is to be good to one another and to take care of the planet. *Cantata Modimo* has three primary sections and incorporates five different languages: Zulu, Setswana, English, Afrikaans and Latin. In the final movement the various languages are all blended to emphasise the vital concept of *ubuntu* and to illustrate South Africa's diverse yet united identity. By changing the familiar "Cantate Domino" to "Cantata Modimo" Prinsloo highlights South Africa's unique choral tradition while simultaneously underscoring the fact that "Latin is not just for a specific group of people, because it now belongs to everyone" (Prinsloo 2024).

Prinsloo seems to create dynamic and inclusive spaces for performers in a choir setting. In his work Prinsloo challenges the boundaries of choral music, expanding the traditional scope of people able to access Latin and exploring new ways this language can be actively used. In my conversation with Prinsloo it became evident that the defining characteristics of his choir practices, particularly regarding his approach to Latin instruction, are the following: repetition of Latin vocabulary, association with other Latin words and even other languages, and most importantly, humour. These factors are undoubtedly integral elements that should be included in a contemporary approach to Latin pedagogy. One of the key factors that makes Latin more accessible to students learning Latin for choral works is the musical environment and the more informal ways that choir members interact with the language. Prinsloo (2024) supports this statement by remarking that choir members are there not to focus on all the complexities of the Latin, but instead to focus on understanding how Latin contributes to their interpretation and performance of the music.

While Prinsloo is also of the opinion that Latin is more of an artefact than a language, since Latin is rarely used as an active spoken language in everyday life, it is evident that Latin is not merely something that has been locked up in a glass cabinet. Instead, it is sung, interacted with, and even played with. This is because Latin still plays a very active role in the practices and performances of South African choral music. This article addresses a patent gap in the literature regarding the lasting impact of Latin on South African choir music, underscoring the need for proper Latin instruction and better guidelines for South African choirs and their conductors. This research project calls for better communication between Latinists and choral musicians by initiating a dialogue between Latin scholars and South African choirs. I contend that greater collaboration between these two groups would be a mutually beneficial undertaking. A more comprehensive knowledge of Latin will enable choir members to sing with greater understanding and interpret the music with deeper insight. Owing to the widespread use of Latin by choirs in South Africa, Latin is no longer limited to university classrooms, churches or courts; it reverberates in homes, schools, musical theatres and public spaces accessible to all. By engaging with the artists of South Africa's choral tradition, Latin practitioners can make a meaningful impact beyond academia and contribute to a vibrant and essential part of the country's rich cultural heritage.

Keywords: choral music; Latin; Franco Prinsloo; South African choirs; South African composers

1. Inleiding[1]

Hierdie artikel bied bevindinge aan met betrekking tot 'n onderhoud wat ek op 27 Augustus 2024 met Franco Prinsloo gevoer het.[2] Prinsloo is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse komponis en koordirigent.[3] Hy het sy mees onlangse toekenning op 18 September 2024 ontvang by die Aitsa-toekenningseremonie in Pretoria, wat Afrikaanse musiek deur Suid-Afrikaanse kunstenaars vier.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Prinsloo het aan die begin van 2024 'n stuk getiteld "Deurgrond" vir een van sy kore genaamd Vox Chamber Choir gekomponeer. Vir hierdie komposisie het Prinsloo en sy koor die toekenning vir vanjaar se Beste Klassieke Snit in Afrikaans gewen. Hoewel Prinsloo beslis 'n juweel vir die Afrikaanse musiekbedryf is, is hy 'n produktiewe komponis wat al baie werke in ander tale gekomponeer het, maar veral in Latyn.

Hierdie artikel bestudeer Prinsloo se werk as merkwaardige voorbeeld van die gebruik van Latyn deur komponiste en kore in Suid-Afrika en ondersoek verder die waarde hiervan vir aktiewe Latiniste. Prinsloo se werk is uitsonderlik en tog is hy nie die uitsondering wanneer dit kom by 'n voorliefde vir Latyn as kunsmedium nie. Ander noemenswaardige dirigente, soos Hans Roosenschoon en Roelof Temmingh, is ook geneig om Latynse tekste te toonset (Kappis 2023:151). In 'n doktorale proefskrif oor Roosenschoon se werk vermeld Kappis (2023:72) dat Roosenschoon van mening is dat die wyse waarop Latyn op die oor val, op sigself musikaal van aard is en dat dit daarom vir hom as komponis aanloklik is. Alhoewel daar in die literatuur verwys word na die voortdurende gebruik van Latynse tekste in koormusiek in die algemeen (Lüdemann 2017; De'Ath 2016) en hoe dit posvat in die werk van sekere komponiste (Kappis 2023), is daar 'n duidelike leemte in die navorsing oor die blywende impak van Latyn op Suid-Afrikaanse koormusiek in die besonder en die voordele en praktiese uitdagings wat dirigente en komponiste ervaar wanneer hulle met Latyn omgaan. Hierdie hindernisse behels onder meer sekere praktiese kwessies rondom die korrekte uitspraak en vertolking van die Latynse tekste en hoe hierdie besonderhede oorgedra moet word aan koorlede, iets wat bemoeilik word deur 'n aanname dat dirigente en komponiste self oor hierdie kennis moet beskik sonder dat hulle noodwendig formele opleiding in hierdie verband het.

Alhoewel hierdie navorsingsprojek spesifiek aandag skenk aan Prinsloo se werk en hoe dit dien as voorbeeld van die belangrike rol en praktiese toepassing van Latyn in Suid-Afrikaanse kore, kan sy bydrae en sienings nie heeltemal losgemaak word van die ervarings van ander kore en die uitdagings wat ander dirigente in die gesig staar nie. Een van die doelwitte van hierdie artikel is om bewusmaking te skep vir die hoeveelheid werk wat in die uitvoering van 'n Latynse gesang ingaan en om beter samewerking tussen dirigente, komponiste en Latiniste aan te moedig vir hierdie belangrike, soms moeilike, dog vrugbare taak. Die navorsingsprojek bestudeer dus ook die buitengewone verhouding tussen diegene wat Latyn vir hul kuns gebruik en diegene wie se kuns Latyn is.

2. Agtergrond en geskiedkundige invloed van Latyn

Latyn speel steeds 'n aktiewe rol in koormusiek in Suid-Afrika, selfs in die 21ste eeu. Die tradisie van Westerse kerkmusiek, en veral die Rooms-Katolieke Kerk, het 'n wesenlike invloed op verskeie koortradisies gehad, en het op 'n histories vlak verseker dat kore dwarsoor die wêreld Latynse koormusiek sing (De'Ath 2016:590).[4] Die Universiteit Stellenbosch se koor dien as 'n belangrike voorbeeld van die gebruik van Latyn deur Suid-Afrikaanse universiteitskore, aangesien hierdie koor deurlopend Latynse tekste met godsdienstige temas in hulle repertoria opgeneem het. Enkele voorbeelde hiervan is *Exultate Deo*, *Agnus Dei* en *Nunc Dimittis*.[5] Hierdie koor het ook in 2020, onder die leiding van hulle huidige koordirigent, André van der Merwe, Franco Prinsloo se komposisie *Salve Regina* (2018) uitgevoer.[6]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Nie net het die teenwoordigheid van Latynse sang in die Rooms-Katolieke mis bygedra tot die behoud van Latynse liedere in eietydse kore nie, maar dit het ook die wyse beïnvloed waarop die gehoor met die Latynse tekste in hierdie liedere omgaan.[7] Prinsloo (2024) het die opmerking gemaak dat mense steeds in staat is om op 'n emosionele vlak met Latynse gesange om te gaan, sonder om noodwendig die spesifieke betekenis of vertaling van die Latyn te begryp. Volgens Prinsloo het die voorkoms van Latyn in kerkmusiek daartoe gelei dat Latyn met 'n sekere mate van spiritualiteit geassosieer word. Hy beskryf 'n proses waarin gehore deur die musiek selfs tot trane gedryf kan word sonder om noodwendig die Latynse woorde te verstaan. Prinsloo het vermeld dat dit gedurende hierdie opvoerings is dat Latyn dan "'n middel word om die hemelse te fasiliteer".

3. Latyn in Prinsloo se bydrae tot eietydse Suid-Afrikaanse koormusiek

Hoewel die geskiedkundige redes vir die behoud van Latyn in koormusiek verstaanbaar is, is die voortgesette gewildheid daarvan onder Suid-Afrikaanse kore merkwaardig. In die afgelope paar dekades blyk dit dat daar 'n geleidelike verskuiwing plaasvind wat wegdoen met sekere beperkende onderdele wat tradisioneel met koormusiek geassosieer word. Hierdie beperkings sluit onder meer in repertoria wat oorhoofs Westerse korale werke bevat, asook die uitvoering van hierdie musiek wat sonder dans of bewegings geskied. In 'n Suid-Afrikaanse konteks word hierdie aanpassings duidelik gemaak deur die inkorporering van korale musiek vanuit Suider-Afrikaanse kulture (bv. Maleis, Zoeloe, Setswana en werke wat in ander Afrikatale gekomponeer is). Die uitvoering van hierdie liedere word deesdae selfs deur tradisionele instrumente en dansbewegings vergesel (Van Aswegen en Potgieter 2010:55; Stone 2017:237, 243–5).

Ten spyte van die ontwikkeling wat die genre ondergaan, vorm Latynse gesange steeds deel van Suid-Afrikaanse koormusiek. Hierdie volharding is deels te danke aan koordirigente wat steeds Latynse gesange in hulle repertoria insluit. Prinsloo is by uitstek 'n voorbeeld hiervan. Hy sluit nie net musikale werke met Latynse tekste in die repertoria van die kore wat hy dirigeer in nie, maar komponeer ook aktief musiek van verskillende genres waarvoor hy steeds van Latyn gebruik maak.[8]Voorbeelde hiervan sluit in *Beati qui Lugent* (2017), *Missa brevis San Marco* (2019), *Cantata Modimo* (2019), *Salve Regina* (2020), *Tenebris ignis* (2021) en *Carpe Diem* (2022), om maar net 'n paar op te noem.[9]

Cantata Modimo is waarskynlik een van Prinsloo se merkwaardigste werke.[10] In hierdie stuk het hy verskillende gedeeltes uit die Vulgaat saamgevoeg om 'n roerende verhaal oor die skepping van die wêreld te vertel. Die hooftemas van die komposisie is soos volg: God wat asem in Adam blaas, die ondergang van die mensdom, en hoe die mens se enigste hoop en verlossing is om goed vir mekaar te wees en om vir die aarde te sorg.[11] *Cantata Modimo* het drie primêre afdelings, en in die komposisie word vyf verskillende tale gebruik: Zoeloe, Setswana, Engels, Afrikaans en Latyn. *Modimo* is 'n woord in Setswana wat gebruik word om na die Here te verwys.

Die wyse waarop Prinsloo die verskillende tale benut, word geïllustreer deur sy gebruik van Genesis 2:7 in *Cantata Modimo*, waar hy uitdrukking gee aan die Bybelse verhaal in Zoeloe én Latyn. Die tweede beweging van *Cantata Modimo* is getiteld "Die tuin" ("The garden"), en handel oor die verhaal van Adam in die tuin van Eden en die sondeval. Die beweging open met 'n enkelspreker wat die skeppingsverhaal in Zoeloe beskryf, soos aangehaal uit Genesis 2:7:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

> UJehova uNkulunkulu wambumba umuntu ngomhlabathi,
> waphefumulela emakhaleni akhe umoya wokuphila;
> kanjalo umuntu waba umphefumulo ophilayo.[12]

Hierdie vertelling in Zoeloe word dan opgevolg deur die koor wat die Latynse weergawe van dieselfde teksvers (Genesis 2:7) sing. Die Zoeloe én die Latyn kan vertaal word as "Toe het die Here God die mens met grond van die grond gevorm en in sy neus die asem van lewe ingeblaas. So is die mens 'n lewende wese gemaak."[13] Die Latynse uittreksel lui soos volg:

> Formavit igitur Dominus Deus
> hominem de limo terrae, et
> inspiravit in faciem eius spiraculum
> vitae, et factus est homo in
> animam viventem.[14]

Prinsloo gebruik Afrikaans in die laaste gedeelte van "Die tuin" om die opdrag wat aan die mens gegee is om na die aarde om te sien, uit te druk. Hiermee gebruik Prinsloo 'n antieke opdrag om die kwessie van besoedeling en misbruik van natuurlike hulpbronne aan te spreek. Dit is 'n saak wat nie net vir 'n Suid-Afrikaanse gehoor van belang is nie, maar dit is 'n kwessie wat in die 21ste eeu wêreldwyd ervaar word. Die betrokke Afrikaanse teks in *Cantata Modimo* lui soos volg:

> God het die mens in die tuin laat woon om dit op te pas en te bewaar.
> Ek het julle gebring na 'n land vol bome,
> maar julle het die tuin wat aan my behoort verneder en besoedel.
> Jy mag nie die land waar julle woon besoedel nie
> want Ek self woon ook daar.

In die laaste beweging van die musiekstuk, "Aegiptus in Desolatione & Finale", word die verskillende tale almal saamgevoeg om die lewensbelangrike begrip *ubuntu* te beklemtoon en om Suid-Afrika se uiteenlopende dog verenigde identiteit te illustreer. Deur die alombekende "Cantate Domino" na "Cantata Modimo" te verander beklemtoon Prinsloo Suid-Afrika se besonderse korale tradisie en onderstreep hy terselfdertyd dat "Latyn nie net vir 'n spesifieke groep mense is nie, want dit behoort nou aan almal" (Prinsloo 2024).

4. Prinsloo se siening oor die aanloklikheid van Latyn vir kore, dirigente en komponiste

Prinsloo (2024) het gewys op twee primêre redes waarom die meerderheid beroemde komponiste steeds Latyn gebruik. Hierdie motiverings behels meer as blote godsdienstige ideologie. Hy verduidelik dat dit eerstens 'n kwessie van duidelike vokaalproduksie is en tweedens dat Latyn tot 'n sekere mate 'n kommunikasiemedium of lingua franca van kuns geword het. Hy merk op dat Latyn, ten spyte van sekere streeksgebonde uitspraakverskille met betrekking tot Latynse tekste, steeds 'n toeganklike taal vir dirigente is om mee te werk en vir kore om te sing. Dit is omdat Latyn gebruik maak van 'n baie eenvoudige vokaalsisteem, A/E/I/O/U, wat 'n duidelike klank en suiwer toon produseer. Latyn laat dus toe vir vokaalproduksie in die *bel canto*- ("pragtige sangstem"-) sangstyl (Human 2005:38). Prinsloo se mening rakende die gehoor se emosionele betrokkenheid by die musiek wat uitgevoer word, laat dit duidelik blyk dat Latyn 'n medium is waarmee 'n koordirigent die sentiment en betekenis van die musiek kan uitdruk sonder dat formele of volledige vertalings verskaf word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Prinsloo verduidelik verder dat Latynse koormusiek dikwels anders is as dié van koormusiek wat gesing word in tale wat vandag steeds as gebruikstale geag word. Dit verskil in dié sin daarvan dat die musiek, eerder as die lirieke, van groter belang is wanneer Latynse liedere gesing word. Die Latynse tekste speel nou ’n ander, ietwat sekondêre, rol. Dit is in teenstelling met die genre van die kunslied, waarin die taal en die musiek ewewigtig is.[15] In koorsang is die musiek dus geneig om effens belangriker te wees as die letterlike teks. Prinsloo voer aan dat terwyl ’n mens byvoorbeeld nie al die kompleksiteite van die kleur pienk hoef te verstaan om iets daarmee in te kleur nie, dit ongetwyfeld waar is dat elke kunstenaar ten minste oor ’n mate van kennis en beheer oor hulle medium moet beskik om dit op ’n wyse te kan aanwend wat die gewenste uitwerking het. Die rol wat taal speel in die uitvoering van ’n korale werk, word veral ’n probleem wanneer koormusiek gekomponeer word in ’n taal wat uit komplekse vokaal-sisteme bestaan, in besonder wanneer die taal deurspek is met tweeklanke, soos in die geval van Engels en Afrikaans.[16]

Deur Latynse tekste vir musikale komposisies te gebruik word komponiste soos Prinsloo verder in staat gestel om hulle werke aan ’n breër gehoor bekend te stel om sodoende ook hul komposisies geskik te maak vir uitvoering deur internasionale kore. Prinsloo se een komposisie, *Salve Regina*, is ’n belangrike voorbeeld hiervan, aangesien die werk reeds deur nie minder nie as 300 kore dwarsoor die wêreld gesing is. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, lande soos Japan, verskeie Afrika-lande, baie Europese lande, China en Amerika, en selfs die Filippyne. Terwyl *Salve Regina* met ’n gestandaardiseerde Westerse teks gekomponeer is, beklemtoon kore en hul koorleiers in hedendaagse Suid-Afrika toenemend Suid-Afrika se buitengewone en uiteen-lopende korale tradisies (Van Aswegen 2011). Gevolglik vestig Suid-Afrikaanse kore nou hulle aandag op ’n breër repertorium wat toelaat vir meer as net tradisionele Westerse koormusiek (Van Aswegen 2011:3–4).

Prinsloo se *Cantata Modimo* (2019) is ’n waardevolle voorbeeld van hierdie uitbreiding. Terwyl Suid-Afrikaanse kore wel sekere uitdagings in kommunikasie en taalhindernisse in die gesig staar as gevolg van ons land se ryk kulturele en taaldiversiteit (Barrett en Vermeulen 2019:50), kan Latyn in die konteks van koormusiek ’n versoenende rol speel. Die rede hiervoor is dat dit ’n instrument en kunsmedium is wat met betreklike gemak deur ’n verskeidenheid individue van verskillende kulturele en sosio-ekonomiese agtergronde gebruik kan word, selfs oor ouderdomsgroepe heen. Vir ’n internasionale oogpunt: In Julie 2024 is Franco Prinsloo se *Salve Regina* uitgesoek vir die debuutkonsert van die Voices of Singapore Youth Choir tydens ’n optrede waarin hulle die geleentheid gegun is om saam met VOCES8, ’n bekroonde Britse vokale ensemble, te sing (Tan en Lee 2024).

Die waarde van Latyn vir dirigente in terme van internasionale blootstelling kan ook gesien word in Prinsloo se komposisie *Carpe Diem* (2022), wat ’n toonsetting is van die Romeinse digter Horatius se bekende *Carpe Diem*-gedig (Hor.*Od*.1.11). Prinsloo het ’n opdragwerk van ’n Italiaanse jeugkoor in Suid-Tirool ontvang. Hy is deur hulle dirigent Johann van der Sandt gevra om ’n musiekstuk te komponeer wat moedwekkend sou wees vir die koor tydens die Covid-inperkings. Volgens Prinsloo (2024) was hy geïnspireer deur die Romeinse digter Horatius se bekende slagspreuk “Carpe diem” (“Gryp die dag aan”), en het toe besluit om die gedig in sy geheel te ondersoek (Hor.*Od*.1.11):[17]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

> Tu ne quaesieris, scire nefas, quem mihi, quem tibi
> finem di dederint, Leuconoe, nec Babylonios
> temptaris numeros. ut melius, quidquid erit, pati.
> seu pluris hiemes seu tribuit Iuppiter ultimam,
> quae nunc oppositis debilitat pumicibus mare
> Tyrrhenum: sapias, vina liques et spatio brevi
> spem longam reseces. dum loquimur, fugerit invida
> aetas: carpe diem quam minimum credula postero.

Dit kan in Afrikaans so vertaal word:

> Jy moet liefs nie uitvra, Leukonoë, mens moenie weet nie:
> watter noodlot die gode op my, op jou laat wag.
> Hou jou ook nie besig met sulke Babiloniese sommetjies nie;
> hoeveel beter is dit nie om wat ook al gebeur, net te verduur.
> Dalk stuur Jupiter nog vele winters, dalk is dié ons laaste een
> wat nou die Tirreense See op die oorkantste rotse uitput.
> Wees wys, giet jou wyn, en knip jou langtermynhoop kort – die tyd is min.
> Soos wat ons hier nog staan en praat, is tyd, daai gierigaard, reeds op hol.
> Pluk die dag en vertrou so min as moontlik op die dag van môre.

Deur hierdie gedig van Horatius te toonset, laat Prinsloo ’n proses van eiening geskied. Prinsloo, ’n eietydse Suid-Afrikaanse komponis, het ’n twee millennia oue teks (c. 23 v.C.) gebruik om in die moderne tyd iets inspirerend aan ’n jeugkoor van ’n ander land en kultuur te verskaf. Hieruit blyk dit duidelik dat Latyn nie net tot ’n spesifieke era en aan ’n spesifieke groep mense behoort nie, maar dat dit iets is wat steeds ’n bydrae in die 21ste eeu lewer, en dat dit ’n merkwaardige rol in koormusiek speel. Lüdemann (2017:584) merk ook op dat dit besonders is dat Suid-Afrikaanse komponiste Latynse tekste in hul musiek inkorporeer; hy voer as rede hiervoor aan dat Latyn nie meer ’n taal is wat aan ’n spesifieke kultuur of groep mense nie gebonde is, en dus nie die komponis in gevaar van kulturele wantoe-eiening stel nie. Hierdie opvatting word verder bevestig deur die bydrae van komponiste soos Roosenschoon en Temmingh, wat gereeld Latynse tekste toonset vanweë die meer neutrale aard van Latyn binne ’n meertalige Suid-Afrikaanse konteks (Kappis 2023:151). Hierdie artikel wil egter hierby die oogpunt voeg dat Suid-Afrikaanse komponiste Latyn gebruik nie net omdat dit betreklik veilig is nie, maar ook omdat dit uitsonderlik waardevol is. Prinsloo daag die grense van koormusiek uit, brei toegang tot Latyn uit, en is selfs vindingryk met betrekking tot nuwe wyses waarop die taal aktief gebruik kan word. Hy maak ook gebruik van koormusiek en die beoefening daarvan om dinamiese en inklusiewe ruimtes vir kunstenaars en koorlede te skep.

5. Prinsloo oor uitspraak en vertolking

In die gesprek met Prinsloo het dit duidelik geword dat die bepalende kenmerke van die koor-oefeninge wat onder sy leiding geskied, en veral sy benadering tot die onderrig van Latyn, die volgende behels: die herhaling van Latynse woordeskat, verwantskapvorming met ander Latynse woorde en selfs ander tale, en bowenal, *humor*. Een van die sleutelaspekte wat Latyn meer toeganklik maak vir koorlede, is die musikale omgewing en meer informele wyse waarop die koorlede met die taal kan omgaan. Prinsloo dui sy ondersteuning van hierdie stelling aan deur die opmerking te maak dat koorlede nie daar is om op al die besonderhede van die Latyn te fokus nie, maar eerder om te leer hoe Latyn tot hulle vertolking en uitvoering van die musiek bydra.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Nog ’n belangrike kwessie wat Prinsloo aanspreek, is die noodsaaklikheid om jonger kinders by te staan met behoorlike vokaalproduksie en vokaalvorming (kyk ook Smith en Sataloff 2013:189–90, 257–9). Prinsloo is van mening dat kinders wat onderrig word om Latynse koormusiek te sing, beter toegerus is om woorde in ander tale (soos Engels en Afrikaans) met groter gemak en duidelikheid uit te spreek, vanweë die vokaalproduksie wat betrokke is by die uitspraak van Latyn. In ’n artikel wat handel oor die pedagogie van vokaalvaardighede, voer Spurgeon (2004:28) ook aan dat dit noodsaaklik vir koordirigente is om ’n breedvoerige begrip te hê van hoe ’n mens se stem werk. Dit geld veral wanneer dirigente met jong koorlede werk, aangesien hulle dikwels primêr afhanklik is van die sangopleiding wat deur hul koordirigente verskaf word (Spurgeon 2004:28). In ooreenstemming hiermee lewer Prinsloo kommentaar op die noodsaaklikheid daarvan dat kinders hulle verhemeltes op ’n jong ouderdom behoorlik moet ontwikkel. Prinsloo (2024) voer verder aan dat Latyn juis dan ’n uiters doeltreffende hulpmiddel word wat koordirigente in hierdie proses bystaan. Jong kinders in Suid-Afrika kan dus nie net met die korrekte afrigting in Latyn sing nie, maar die kinders self baat daarby om te leer hoe om in Latyn te sing.

Die vertaling en interpretasie van Latynse tekste dra ook grootliks by tot die interpretasie en vertolking van korale werke. Tans is dirigente soos Prinsloo dikwels op hulself aangewese om die betekenis van Latyn aan hulle koorlede te verduidelik, ongeag hulle eie opleiding en kundigheid in die taal. Dit is ook die dirigent se verantwoordelikheid om die korrekte vorm van Latynse uitspraak te kies. Die korrekte uitspraak van ’n Latynse woord lewer ’n wesenlike bydrae tot die betekenis en vertolking van ’n Latynse teks, hetsy dit in die opvoer van Latynse digkuns is of in die uitvoering van ’n stuk Latynse koormusiek. Vollmann (2011:69) skryf hoe belangrik dit is dat diegene wat Latyn leer, opgelei moet word om die woorde reg uit te spreek en die Latynse gedigte in die toepaslike metrum met die korrekte intonasie en artikulasie voor te dra. Volgens Vollmann (2011:69) is die ervaring van ’n Latynse gedig aanhoor sonder die bogenoemde aspekte, vergelykbaar met “’n soen oor die foon” (my vertaling).

Alhoewel hierdie benadering oorspronklik op Latynse digkuns toegespits was, is dit tot ’n groot mate ook op Latynse koormusiek van toepassing, ongeag of die Latyn ’n sekondêre rol in die uitvoering speel in vergelyking met die musiek. Ek voer aan dat sekere onderdele van Latynse digkuns, soos metrum en tempo, in ’n korale werk deur die musiek onderskep word en dat die kernaspekte soos artikulasie en uitspraak van die woorde (so ook in die geval van prosatekste) nie hulle waarde deur die toonsettingsproses verloor nie. Dit is dus belangrik dat ’n koor sorgvuldig omgaan met die uitspraak van ’n Latynse teks in hulle uitvoering daarvan. Dit is ook belangrik om in ag te neem dat daar ’n onderskeid getref moet word tussen die uitspraaknorme van Latyn as gesproke taal en Latyn as sangtaal.

Volgens Prinsloo word die korrekte uitspraakstyl van ’n Latynse teks bepaal deur die oorsprong van die stuk of die dirigent. Die primêre norme vir Latynse diksie in koormusiek is gewoonlik Italiaans, Frans of Duits. Alhoewel dirigente byvoorbeeld dikwels die Italiaanse uitspraaknorme verkies, moet die koor eerder die Latynse uitspraaknorme in Duits volg wanneer hulle ’n werk van Hildegard von Bingen uitvoer.[18] As dit die werk van ’n moderne komponis is, kies dirigente dikwels die uitspraakstyl wat die aard van die musiek die beste beklemtoon. Waar Latiniste dikwels óf klassieke óf kerklike uitspraaknorme volg, is die uitspraak in die konteks van koormusiek gebaseer op die teks se herkoms en verwante taalnorme, of dit nou Italiaans, Frans of Duits is. De’Ath (2016:589) voer aan dat die herkoms van ’n komponis baie belangrik is vir die praktiese uitvoering van ’n korale werk wat op ’n Latynse teks getoonset is, omdat die uitspraak van die Latyn onopsetlik en onvermydelik beïnvloed word deur sekere uitspraaknorme van die betrokke volksmond. Die regulering van die korrekte Latynse uitspraak word verder bemoeilik deur die feit dat Latyn nie juis meer as algemene gebruikstaal funksioneer nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Die verskynsel van tale wat steeds aktief gebruik word binne die raamwerk van musikale taaldomeine, word ook deur Lüdemann (2017:584) opgemerk. In sy artikel wat handel oor die voortbestaan van Afrikaans, voer Lüdemann (2017:584) aan dat sangmusiek as ’n taaldomein beskou kan word, wat toelaat dat selfs ’n antieke taal soos Latyn kan voortbestaan. Binne hierdie taaldomein van musiek is tale soos Latyn, en selfs hedendaagse tale soos Afrikaans en Engels, onderworpe aan sekere gebruike, uitspraaknorme en ’n eie stel taalkonvensies, alhoewel dit nie noodwendig altyd in ooreenstemming sou wees met die norme en gebruik van daardie selfde taal in ander domeine en in ander kontekste nie (Lüdemann 2017:584).[19] Prinsloo se verduideliking van Latynse uitspraaknorme binne ’n korale konteks getuig hiervan.

Die kwessie van die korrekte Latynse uitspraak kies vir korale werke, word ook opgemerk deur De’Ath (2016:589) in ’n artikel wat die behoefte beklemtoon aan beter leiding en meer formele onderrig vir koordirigente wat met Latynse tekste werk. Hierdie omstandigheid onderstreep ’n duidelike behoefte aan Latynse onderrig en opleiding vir koormusikante, wat spesifiek daarop gemik is om Latyn meer toeganklik vir dirigente en hulle kore te maak. In ons gesprek het Prinsloo uiteengesit op watter wyses ’n dirigent musiekstukke moet kies, veral in Latyn, wat geskik is vir die koor se vaardigheidsvlak. Hy merk op dat die moeilikheidsgraad aangepas kan word deur tekste te kies wat wissel in kompleksiteit van toon, woordeskat en lengte. Een van die kenmerke van Latynse koormusiek wat dit aantreklik vir dirigente maak, is dat daar baie gestandaardiseerde stukke is met slegs ’n paar eenvoudige woorde in Latyn wat deur die stuk herhaal word. ’n Voorbeeld hiervan is *Sanctus*, waarvan die teks vereenvoudig kan word na “Sanctus, Sanctus, Dominus Deus Sabaoth. Pleni sunt cæli et terra maiestatis gloriæ tuæ.” As die komponis of dirigent ’n voldoende begrip van Latyn het, kan hy of sy selfs die Latynse teks verleng of verkort in ooreenstemming met die vlak en vaardigheid van die koor, of dit nou ’n universiteit- of ’n jeugkoor is.

Wanneer ’n dirigent die geleentheid kry om met ’n meer gevorderde koor te werk wat koorlede insluit wat oor ’n mate van voorkennis van Latyn en ander tale beskik, is die dirigent in staat om met tekste en komposisies te werk wat heelwat meer gevorderd is. Prinsloo het opgemerk dat wanneer hy saam met Vox Chamber Choir werk, hy die geleentheid het om die Latynse tekste te ontleed en selfs Latyn se verskyning in ander tale waarmee die koorlede meer vertroud is, te bespreek, byvoorbeeld Afrikaans en Engels. Tydens ons gesprek het Prinsloo talle humoristiese staaltjies oor hierdie proses vertel wat getuig van die feit dat Latyn-leer nie net groot pret kan wees nie, maar dat humor en genot ook ’n integrale deel van die sukses van opleiding in Latyn kan wees.

Alhoewel Prinsloo ook van mening is dat Latyn meer artefak as taal is, aangesien Latyn selde as ’n aktiewe gesproke taal in die alledaagse lewe gebruik word, blyk dit duidelik dat Latyn nie bloot iets is wat in ’n glaskas toegesluit is nie. Daar word inderdaad met Latyn op ’n wisselwerkende vlak omgegaan, en dit word op ’n speelse wyse aangebied en aktief gesing. Hoe meer kennis musikante van Latyn bekom, hoe meer verryk dit hulle kennis van hulle kunsmedium en word hulle vermoëns geslyp om Latynse liedere te vertolk en uit te voer. Hierdie artikel bevind dus dat Latyn steeds ’n baie aktiewe rol speel in die praktyke en uitvoering van Suid-Afrikaanse koormusiek.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

6. Belangrikste bevindings

Op ’n sekere punt in die onderhoud het Prinsloo ’n ervaring gedeel oor ’n gesprek wat hy met een van sy kore gehad het toe hy die verskillende vorme van die Latynse woord *spiritus* bespreek het, en hoe dit na beide “gees” en “asem” kan verwys. Hy het verduidelik hoe die koorlede die Latynse taal begin verstaan en met groter vrymoedigheid daarmee omgegaan het sodra hulle gesien het hoe die verskillende Latynse woorde wat hulle voorheen teëgekom het, met mekaar ineenskakel. Dit geld veral vir woorde wat dieselfde wortels en soortgelyke betekenisse het. Die koor se kennismaking met die Latynse woord *spiritus* is ’n voorbeeld hiervan. *Spiro* beteken “om asem te haal”, *inspiro* “om lug en lewe in iets te blaas”, en *expiro* “om uit te asem en sodoende om ’n mens se laaste asem uit te blaas”. Of, om Prinsloo se woorde te gebruik, “om die gees te gee”.

Hoewel Prinsloo hierdie stelling grappenderwys gemaak het, dra dit baie gewig. Een van die belangrikste bevindings van hierdie navorsingsprojek is dat, ondanks die feit dat Latyn deur die publiek dood verklaar word, dit steeds baie lewend is in die geheiligde gange van koormusiek wat dan na skole, huise en die alledaagse lewe deurdring. Prinsloo merk op dat wanneer die koor die betekenis van die Latynse teks kan begryp, hulle in staat is om die koormusiek te interpreteer en te sing met ’n begrip wat verder strek as blote vertaling. Dit is belangrik om daarop te let dat die doeltreffendheid en sukses waarmee die koor Latyn kan gebruik, hetsy vir interpretasie van die musiek of duidelike vokaalproduksie, grootliks afhang van die kennis en opleiding van hulle dirigent. Hoewel dit verwag word, selfs noodsaaklik is, dat ’n dirigent Latyn tot ’n sekere mate verstaan, het Suid-Afrikaanse koordirigente nie noodwendig toegang tot die regte opleiding en hulpbronne wat nodig is vir goeie Latyn-kennis nie.[20]

7. Gevolgtrekking

Hierdie artikel spreek die behoefte aan beter kommunikasie tussen Latiniste en koormusikante aan deur ’n dialoog tussen Latynse vakkundiges en Suid-Afrikaanse kore in te lei. Ek voer aan dat groter samewerking tussen Latiniste en dirigente van Suid-Afrikaanse kore ’n wedersyds voordelige onderneming sal wees. ’n Meer omvattende kennis van Latyn sal koorlede in staat stel om met groter begrip te sing en die musiek met dieper insig te vertolk. As gevolg van die algemene gebruik van Latyn deur kore in Suid-Afrika, is Latyn nie meer beperk tot universiteitsklaskamers, kerke of howe nie; dit weerklink in huise, skole, musiekteaters en openbare ruimtes wat vir almal toeganklik is. Daar is ’n merkbare leemte in die literatuur oor hierdie onderwerp, wat ’n buitengewone geleentheid bied vir musikante en Latiniste om mekaar se kennis rakende die verskillende toepassings van Latyn uit te brei. Deur met die kunstenaars van Suid-Afrika se koortradisie in gesprek te tree, kan Latyn-praktisyns ’n betekenisvolle impak buite die akademie maak en tot ’n lewendige en noodsaaklike deel van die land se ryk kultuurerfenis bydra.

Bibliografie

Abrahams, F. en P.D. Head (reds.). 2017. *The Oxford handbook of choral pedagogy*. New York: Oxford University Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Barrett, M. en D. Vermeulen. 2019. Drop everything and sing the music: Choristers' perceptions of the value of participating in a multicultural South African university choir. *Muziki: Journal of Music Research in Africa*, 16(1):31–60. DOI: 10.1080/18125980.2019.1611384.

Bouws, J. 1964. Die Universiteitskoor onder leiding van Philip McLachlan. *Matieland*, 2:16.

Copeman, H. 1990. *Singing in Latin*. Oxford, selfpublikasie.

De'Ath, L. 2016. The Latin problem: How much does a singer really need to know? *The Choral Journal*, 57(5):20–39.

Fishman, J.A. 1965. Who speaks what language to whom and when? *La Linguistique*, 1(2):67–88.

Human, K. 2005 [1992]. *Die A tot Z van klassieke musiek*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kappis, J.A. 2023. Hans Roosenschoon's choral music. DMus-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Kimball, C. 2013. *Art song: Linking poetry and music*. Milwaukee: Hal Leonard.

Lüdemann, W. 2017. Afrikaans en musiek. Kantaantekeninge van iemand wat aan die kant teken. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2/2):581–95. DOI: 10.17159/2224–7912/2017/v57n2–2a6.

Owens, M. en G.F. Welch. 2017. Choral pedagogy and the construction of identity: Girls. In Abrahams en Head (reds.) 2017.

Prinsloo, F. 2019. *Cantata Modimo*. Bladmusiek direk deur komponis verskaf.

—. 2024. Die rol van Latyn in Suid-Afrikaanse kore. Onderhoud deur die artikelskrywer via Teams video-oproep, 27 Augustus.

Smith, B. en R.T. Sataloff. 2013. *Choral pedagogy*. San Diego: Plural Publishing.

South African composers: Prinsloo, Franco. Universiteit van Pretoria. https://www.up.ac.za/sacomposers/article/2756314/prinsloo-franco (15 April 2025 geraadpleeg).

Spurgeon, D. 2004. Vocal pedagogy skills for the undergraduate choral conductor. *Journal of Music Teacher Education*, 13(2):28–33. DOI: 10.1177/10570837040130020105.

Stainer, J. en W.A. Barrett. 2009 [1876]. *A dictionary of musical terms*. Cambridge: Cambridge University Press.

Stone, M.S. 2017. Striving for authenticity in learning and teaching black South African choral music. In Abrahams en Head (reds.) 2017.

Tan, A. en M. Lee. 2024. "VOCES8: Twenty!" Concert. 26 September 2024. https://theurbanwire.sg/access-granted-voces8-twenty-concert (15 April 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Unger, M.P. 2010. Historical dictionary of choral music. Lanham, MD: Scarecrow Press.

Van Aswegen, R. 2011. Children's choral repertoire: Hearing the voice of South African composers. *Musicus*, 39(1):6–19.

Van Aswegen R. en H. Potgieter. 2010. Folk music for children's choirs: the challenges and benefits of cultural diversity. *Journal of the Musical Arts in Africa*, 7(1):51–78. DOI: 10.2989/18121004.2010.619687.

Vollmann, A.P. 2011. Latin out loud: Performing poetry in the classroom. *The Classical Outlook*, 88(3):69–78.

Eindnotas

[1] Hierdie artikel is gebaseer op 'n referaat wat op 27 September 2024 by die Leer-en-Onderrig-indaba van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika in Bloemfontein aangebied is.

[2] Meneer Prinsloo het in 'n etiese klaringsdokument vir my sy skriftelike toestemming gegee om sy naam, asook die onderhoud wat ons op 27 Augustus 2024 gevoer het, vir hierdie artikel te gebruik.

[3] Prinsloo het musiek aan Noordwes-Universiteit studeer. Hy was ook 'n lid van die PUK-koor (Noordwes-Universiteitskoor) onder leiding van Awie van Wyk.

[4] 'n Ander Westerse kerke wat koormusiek in Suid-Afrika beïnvloed het, is die Anglikaanse Kerk. Vir meer inligting oor die rol van kerkmusiek en die invloed daarvan op Latynse koormusiek, kyk Unger (2010:2–5).

[5] Onder leiding van Philip McLachlan (1916–1983), wat van 1956 tot 1976 hulle dirigent was, het die US-koor talle Latynse koorwerke uitgevoer. Hierdie voorbeelde kan gevind word op hul vinielplaat wat in 1964 vrygestel is. Vir meer inligting oor die vrystelling van hierdie vinielplaat, kyk Bouws (1964). Die US-koor het *Agnus Dei* en *Nunc Dimittis* onder leiding van Johan de Villiers op hul vinielplaat wat in November 1977 opgeneem is, uitgevoer. In 1984 het die US-koor 'n vinielplaat vrygestel ter ere van Johan de Villiers, wat van 1977 tot 1984 die koordirigent was. Hierdie plaat (opgeneem op 1 Desember 1984) bevat minstens ses Latynse koorgesange. Hoewel daar beslis meer opnames beskikbaar is van die US-koor wat koormusiek in Latyn uitvoer, is dit die plate waartoe ek direkte toegang gehad het ten tye van die skryf van hierdie artikel.

[6] *Salve Regina* is 'n Latynse loflied oor die Maagd Maria.

[7] Owens en Welch (2017:174) vermeld ook dat sekere wêreldberoemde kerkkore, soos die seunskoor van Westminster se katedraal, se kenmerkende klank en tonale gehalte deels te danke is aan hulle repertoria wat deurspek is met Latynse gesange.

[8] Prinsloo verkry die Latynse tekste vir sy komposisies hoofsaaklik vanuit die Vulgaat (die Latynse Nuwe Testamentiese teks). Hy maak ook gebruik van gestandaardiseerde tekste, soos

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b4

Salve Regina en *Lacrimosa*. Prinsloo het egter meer onlangs begin werk met teksgedeeltes uit die Odes van die Romeinse digter Horatius.

[9] *Missa brevis San Marco* is ’n korale werk wat Prinsloo vir sy een koor genaamd Vox Chamber Choir gekomponeer het ter geleentheid van hulle optrede in die Basiliek van St. Markus in Venesië in 2019. *Tenebris Ignis* is ’n instrumentale werk vir viool en klavier, uitgevoer deur Laura Pauna en Waldo Luc Alexander.

[10] ’n Cantata is ’n musikale werk wat vir sang en instrumente gekomponeer is wat ook as ’n kort oratorium beskou kan word (Stainer en Barrett 2009:72). Vir die definisie van *oratorium* kyk Human (2005:174).

[11] I: “Modimo o thlola lobopo le motho”, II: “Die tuin”, III: “Aegiptus in Desolatione & Finale”.

[12] Uittreksel uit *Cantata Modimo* wat gebruik maak van Genesis 2:7 soos dit verskyn in die Zoeloe-vertaling van 1959.

[13] Alle vertalings is my eie, tensy anders aangedui.

[14] Die Latynse teks in *Cantata Modimo* is ’n aanhaling uit Genesis 2:7 soos dit in die Vulgaat verskyn.

[15] Kimball (2013:1) beskryf ’n kunslied as ’n buitengewone kombinasie van musiek en digkuns wat belangrike onderdele soos klank, artikulasie, klem, tempo en ritme uit beide kunsmedia geneem het om opnuut ’n weergawe van die teks te skep wat nie meer afsonderlik van die musiek ten volle waardeer kan word nie. In ander genres kan óf die musiek óf die teks die belangrikste rol speel, maar die uitvoering van die kunslied vereis wederkerige samewerking van die twee elemente.

[16] Volgens Prinsloo verkies die kore van sekere lande, soos die Filippyne, om werke in ’n taal soos Latyn uit te voer, in teenstelling met Engels, as gevolg van die eenvoud van Latyn se standaardreëls vir vokalisering.

[17] “Gryp die dag aan” is die populêre vertaling vir “Carpe diem”, alhoewel “Pluk die dag” ’n meer letterlike vertaling sou wees.

[18] In 1990 het Harold Copeman ’n boek gepubliseer wat probeer het om die oorvloed van verskillende koor-Latynse uitspraaknorme te konsolideer. Hierdie gids, hoewel waardevol en deeglik, slaag steeds nie daarin om ’n toeganklike en voldoende gids vir Latynse diksie vir die uitvoer van koormusiek te verskaf nie. Vir meer inligting oor Copeman se bydrae, kyk De’Ath (2016:589).

[19] Vir meer inligting oor die gebruik van die taalkundige begrip wat ons in Afrikaans met die term *taaldomein* verwoord, binne ’n meertalige konteks, kyk Fishman (1965).

[20] Die internasionale aard van hierdie probleem word ook uitgespreek deur De’Ath (2016).

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Battery 9 as pioniers van industriële musiek binne die Afrikaanse rockmusiektoneel

Burgert Senekal

Burgert Senekal, navorsingsgenoot, Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Battery 9 is een van min Afrikaanse musiekgroepe wat tydens die middel-1990's rockmusiek vervaardig en uitgevoer het. Hulle is ook die eerste Afrikaanse industriëlemusiekgroep, en die eerste Suid-Afrikaanse industriëlemusiekgroep, wat 'n album vrygestel het. Hierdie artikel bespreek die konteks waarbinne Battery 9 ontstaan het met verwysing na die globale en plaaslike industriëlemusiektoneel asook die Afrikaanse rockmusiektoneel van die middel-1990's, en toon aan hoe Battery 9 ten opsigte van styl met hierdie tonele skakel, maar veral ook deur die temas wat in hul lirieke aangespreek word.

Trefwoorde: Afrikaanse musiek; Afrikaanse rock; alternatiewe musiek; Battery 9; industriële musiek; Paul Riekert; rock; Suid-Afrikaanse musiek

Abstract

Battery 9 as pioneers of industrial music within the Afrikaans rock music scene

This article discusses the band Battery 9 and its role as a pioneer of industrial music within the Afrikaans rock scene. The article explores the band's origins within the contexts of both the Afrikaans rock music scene and the global industrial music scene. It demonstrates stylistic connections of Battery 9 to these scenes, particularly through the themes addressed in their lyrics.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Battery 9, an industrial rock music project founded in Johannesburg in 1994 by Paul Riekert, emerged during a period when Afrikaans rock had largely receded from the music landscape following the Voëlvry movement of 1989. While Afrikaans rock was later revived by artists like Karen Zoid and Fokofpolisiekar, Battery 9 remained a consistent voice, contributing numerous Afrikaans songs. The band is recognised as a pioneer of industrial rock music in South Africa. Despite their significance, Battery 9's position in the history of Afrikaans music is often undervalued, receiving limited attention compared with studies on artists like Fokof-polisiekar and the Voëlvry movement.

Typically classified as industrial music, Battery 9's genre is sometimes seen as a subgenre of rock or metal. Industrial music, though hard to define, stands out due to its use of synthesisers, anti-music (silence or noise) and extra-musical elements like film, processed sounds and machinery. This genre exhibits considerable diversity across its various branches. Originating from a spirit of rebellion and alienation post-World War II, particularly after the 1968 student uprisings in Europe, industrial music often delves into dark and transgressive themes. These themes include dystopia, war, dehumanisation, alienation and social control, challenging norms and pushing the boundaries of acceptable content.

The genre's roots can be traced back to 1976 London, with the establishment of Industrial Records by Genesis P. Orridge of Throbbing Gristle. Initially, "industrial music" described experimental, electronic music productions by Industrial Records, which featured noise, custom instruments, and performance art. Adopted across Europe, notably in Germany and Belgium, industrial music saw the rise of influential groups like Kraftwerk, Einstürzende Neubauten and Front 242. The 1980s marked the emergence of Electronic Body Music (EBM), spearheaded by Front 242, along with further offshoots such as futurepop and electro-industrial music. Industrial rock/metal fusions were realised through bands like Rammstein, Nine Inch Nails and Marilyn Manson.

During the 1990s the global rock scene saw a shift towards languages other than English, particularly in extreme metal, to challenge Anglo-American cultural dominance. Industrial groups had already been exploring languages beyond English. While English had dominated popular culture in countries like Germany, Belgium and the Netherlands since the 1960s, bands such as Einstürzende Neubauten defied norms by singing in German, reflecting industrial music's rebellious spirit.

Tracing the origin of Afrikaans rock and industrial music, the article identifies the Musiek-en-liriek movement of the late 1970s as foundational, with Anton Goosen as a key figure. The Voëlvry movement of 1989, led by Johannes Kerkorrel, Bernoldus Niemand and Koos Kombuis, further redefined Afrikaans music by incorporating rock and alternative influences to protest against the government and promote social change. Alongside Voëlvry, Piet Botha contributed through various rock groups, and Valiant Swart emerged as another significant Afrikaans rock musician in the mid-1990s. While the 1990s saw the formation of numerous rock groups in South Africa, Live Jimi Presley stood out as the first industrial group in the country.

Against the backdrop of a local music scene dominated by English music and a lack of industrial presence (with the exception of Live Jimi Presley), Battery 9 was formed in 1994 by Paul Riekert. Their debut album, *Protskrog* (1995), marked the first South African industrial album. Battery 9 has released eight albums and two EPs:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

- *Protskrog* (1995)
- *Strop* (1996)
- *Gris* (1997)
- *Wrok* (1998)
- *Sondebok* (2002)
- *Straks* (2005)
- *Galbraak* (2008)
- *Grimmig* (2016)
- *Voorbedag* (2019) (EP)
- *Afstand* (2020) (EP).

Battery 9 initiated a wave of South African industrial music projects, often involving members from other groups. Additionally, groups such as NuL expanded the South African industrial music scene.

The lyrics of Battery 9 frequently engage with themes common in industrial music, including fascism, rejection of authority, dystopia, technology and violence. Unlike some industrial bands, Battery 9 avoids fascist symbols, thus avoiding related controversies. Their lyrics often subtly reject authority, critiquing blind obedience. Dystopian themes appear in their portrayal of the city, particularly Johannesburg, as a dangerous space marred by crime and devoid of community or moral values. The band also touches on technology, reflecting the blurring lines between humans and machines. Violence is a recurring motif, depicting acts of murder and cruelty. These themes resonate with the social and political changes in South Africa during the 1990s, mirroring the era's spirit of renewal and frustration with violence.

Ultimately, Battery 9's contribution to the Afrikaans rock scene is significant, despite being frequently undervalued in music history. Their fusion of synthesisers, anti-music and extra-musical elements has produced a unique South African brand of industrial music. With lyrics that mirror the genre's dark and transgressive nature, Battery 9's work offers a distinctive expression of industrial music's values and a unique contribution to the South African music scene.

Keywords: Afrikaans music; Afrikaans rock; alternative music; Battery 9; industrial music; Paul Riekert; rock; South African music

1. Inleiding

Battery 9 is 'n industriëlerockmusiekprojek uit Johannesburg wat in 1994 deur Paul Riekert gestig is. Na die Voëlvry-beweging (1989), onder leiding van Koos Kombuis, Bernoldus Niemand en Johannes Kerkorrel, het Afrikaanse rock vir bykans 'n dekade grotendeels uit die Afrikaanse musieklandskap verdwyn en is was dit Engelse groepe se domein, totdat Afrikaanse rock herontgin is deur kunstenaars soos Karen Zoid, K.O.B.U.S.! (aanvanklik geskryf *kobus!*)[1] en Fokofpolisiekar (Klopper 2008:211; 2009:105). In hierdie tyd was daar enkele stemme – waaronder Battery 9 – wat steeds rockmusiek in Afrikaans gesing het, en Battery 9 het in die komende dekades voortgegaan en verskeie Afrikaanse liedjies vrygestel. In 'n onderhoud met Redelinghuys (2001:66) noem (Dagga-) Dirk Uys Valiant Swart, Koos Kombuis, Anton Goosen, Piet Botha, Battery 9 en David Kramer "strydrosse [wat] die weg gewys [het] wat jong groepe sou volg [...] die bakens van hoop vir tienderjariges wat tussen 1990 en die nuwe eeu op skool-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

banke planne sit en beraam het om Afrikaanse rockmusiek te maak". Boonop het Battery 9 iets nuuts tot die Suid-Afrikaanse musiektoneel bygedra – Coyne (2017) noem Battery 9 "die ongetwyfelde pioniers van industriële rockmusiek, ten minste op die kontinent van Afrika". Marais (2008:28) noem ook Paul Riekert se lirieke in sy lys van Afrikaanse kunstenaars se lirieke wat vanuit die Afrikaanse literatuurstudie aandag verdien:

> Ander digters en liriekskrywers van die hede en onlangse verlede soos Theunis Engelbrecht (Die Naaimasjiene), Anton Goosen, Amanda Strydom, Coenie de Villiers, Piet Botha, Paul Riekert, Drikus Barnard (Brixton Moord en Roof Orkes, asook Trike), Andries Bezuidenhout (Brixton Moord en Roof, asook solo-kunstenaar), Riku Lätti, Hunter Kennedy (Fokofpolisiekar), Jan Blohm, Bacchus Nel en Toast Coetzer (The Buckfever Underground) behoort om dieselfde redes as Koos du Plessis, Koos Kombuis en Gert Vlok Nel aandag te kry.

Tog beklee Battery 9 'n onderwaardeerde posisie in die geskiedenis van die Afrikaanse musiektoneel. Terwyl daar reeds 'n groot aantal studies oor Fokofpolisiekar verskyn het (Klopper 2009, 2011; Senekal 2013; Loubser 2014; Nell 2014), en so ook oor Voëlvry (Grundlingh 2004; Hopkins 2006; Suriano en Lewis 2015), is vermeldings van Battery 9 beperk tot studies van Afrikaanse protesmusiek (Senekal 2009:56; Senekal en Van den Berg 2010:112), konteks vir studies van ander kunstenaars (Klopper 2009:15, 105; Senekal 2011:80), of word hulle andersins slegs terloops in oorhoofse studies van die Afrikaanse musiektoneel vermeld (Kriel 1998:18; Ballantine 2004:199; Van der Merwe 2019:104). Selfs Roggeband se omvattende boek (2009) sluit nie 'n afdeling in oor Battery 9 nie, alhoewel Fokofpolisiekar, K.O.B.U.S.!, Piet Botha, Valiant Swart en ander alternatiewe kunstenaars ingesluit word.

Hierdie artikel bespreek die ontstaan van Battery 9 binne die konteks van sowel die Afrikaanse rockmusiektoneel as die globale industriëlemusiektoneel. Battery 9 word eerstens binne hierdie globale musiektoneel gesitueer, waarvan 'n kort historiese oorsig gebied word, waarna die ontwikkeling van Afrikaanse rock- en industriële musiek bespreek word. Laastens word 'n aantal temas van industriële musiek en hul neerslag in Battery 9 se lirieke bespreek. Die artikel sluit af met slotopmerkings en voorstelle vir verdere navorsing.

2. Onderskeidende kenmerke van industriële musiek

Battery 9 se musiek word gewoonlik as industriële musiek geklassifiseer (Klopper 2009:15; Senekal 2011:77; Coyne 2017; Van der Merwe 2019:153), 'n genre wat soms as 'n subgenre van rock of metal beskou word (Klopper 2009:15; Hanley 2011:21; Senekal 2011:80; Mulder 2016:36) (sien egter verderaan). Ballantine (2004:119) noem Battery 9 "industrial dance", met aanhalingstekens, waarmee aangedui wil word dat Battery 9 se musiek verskillend gesien kan word en ook dat daar 'n mate van onsekerheid rondom die plasing van hul musiek bestaan.

Industriële musiek is moeilik om te definieer, maar word veral onderskei deur die gebruik van sintetiseerders, antimusiek en buitemusikale elemente (Woods 2007:41; Potter en Whittaker 2022:9). Met *antimusiek* word bedoel die gebruik van stilte of geraas, byvoorbeeld Einstürzende Neubauten se "Headcleaner" (*Tabula Rasa* 1993), wat 'n groot hoeveelheid geraas bevat. Battery 9 gebruik ook geraas in 'n liedjie soos "Brommers" (*Wrok*1998). *Buitemusikale elemente* verwys na die gebruik van film, verwerkte klanke en vervorming, gesproke woord en masjinerie (Woods 2007:41).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Ministry gebruik byvoorbeeld George H.W. Bush se Staatsrede op 29 Januarie 1991 – soos gelewer teen die agtergrond van die Golfoorlog – vir hulle liedjie "N.W.O." (New World Order) (*Psalm 69: The way to succeed and the way to suck eggs* 1992). Tagg en Collins (2001:4–5) skryf dat die algemeenste niemusikale klanke wat benewens klankgrepe in industriële musiek voorkom, in vier kategorieë ingedeel kan word: fabrieks- en industriële klanke (stoomhamers of hidroulika), ander meganiese klanke (handbore of ratte wat draai), mensgemaakte klanke (metaalgeluide) en elektriese klanke (netbrom of elektriese hommeltuie). Einstürzende Neubauten se perkussie op die liedjie "Für den Untergang" (*Für den Untergang* 1980) behels byvoorbeeld om betonblokke op die metaalvloer van 'n snelwegoorgang te slaan. Battery 9 het skrootmetaal, hamers en hoekslypers as instrumente aangewend (Van Wyk 2011), soos byvoorbeeld duidelik op "Twyfelaar" (*Strop* 1996) of "Aag fok" (*Gris* 1997) gehoor kan word, of glas wat breek op "Skerwe" (*Straks* 2005). In "Arme ou goedjies" (*Galbraak* 2008) is daar ook 'n elektriese gedreun deur die hele liedjie. "Hoeveel lyke in jou kas?" (*Grimmig* 2016) gebruik 'n weermagtrommel, 'n plastieksambok en 'n wasmasjien as instrumente (Coyne 2017). Figuur 1 toon 'n paar foto's van Battery 9 se vertonings, en hier kan byvoorbeeld die gebruik van 'n kanondop (regs bo), hoekslyper (regs onder) en oliedrom (links onder) as musiekinstrumente gesien word (Battery 9 2008).

Figuur 1. Battery 9 tydens vertonings. Foto's: Facebook (Battery 9 2008)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Alhoewel industriële musiek gewoonlik onderskei word deur hierdie gebruik van sintetiseerders, antimusiek en buitemusikale elemente, beklemtoon Woods (2007:52) dat daar ’n groot verskeidenheid musiek onder die etiket *industrieel* ingedeel word:

> Portion Control, Skinny Puppy, Front Line Assembly, and Ministry, to name a few, are groups who many classify under the blanket term “industrial,” or EBM/industrial, yet the stylistic differences in their music and their own individual departures from early historical industrial music create problems with understanding the industrial sound.

Op ’n soortgelyke wyse skryf Potter en Whittaker (2022:7): “[I]ndustrial music and industrial culture have proved to be very broad churches, involving a wide range of styles from abrasive noise to dance and electronic body music.” Daar is met ander woorde ’n groot mate van diversiteit in industriële musiek, wat te make het met die verskillende vertakkings van die genre, soos in die volgende afdeling bespreek word.

3. Die ontstaan van industriële musiek

Industriële musiek het ontstaan uit die gees van rebelsheid en vervreemding wat op die Tweede Wêreldoorlog gevolg het, veral na die studenteopstande in Europa in 1968 (Woods 2007:35). Die jeug in baie geïndustrialiseerde lande was ontnugter en verveeld met die toekoms, wat gelei het tot ’n verwerping van hoofstroomkultuur en ’n begeerte na iets nuuts en anders. Dit is ook weerspieël in die punkrockbeweging, wat vroeg aan industriële musiek verbind geraak het (sien verderaan).

Industriële musiek verken dikwels donker, transgressiewe onderwerpe soos distopie, oorlog, ontmensliking, vervreemding en sosiale beheer, daag konvensionele norme uit en verskuif die grense van aanvaarbare inhoud in musiek (Woods 2007:62). Groepe gebruik industriële musiek as ’n voertuig om politieke stelsels, samelewingsverwagtinge en die impak van tegnologie op mense se lewens te kritiseer. Die genre se konfronterende benadering, beide in sy klank en sy boodskap, doen ’n beroep op aanhangers om die hoofstroomkultuur te verwerp en die donkerder aspekte van die menslike bestaan te probeer konfronteer. Die temas wat deur industriële musiek aangespreek word, word later met betrekking tot Battery 9 bespreek.

Die begin van industriële musiek strek terug na die stigting van die platemaatskappy Industrial Records deur die kunstenaar bekend as Genesis P. Orridge (regte naam Neil Andrew Megson) van die groep Throbbing Gristle in 1976 in Londen (Woods 2007:27; Granholm 2011:531; Hanley 2011:47–61; Reed 2013:77; Vecchio 2014:1–14; Potter en Whittaker 2022:8). Throbbing Gristle is die vorige jaar gevorm uit ’n ekstreme beweging in kuns en musiek, naamlik COUM Transmissions, ’n uitvoeringskunsgroep van die laat 1960’s, vroeë 1970’s (Woods 2007:27; Hanley 2011:10; Reed 2013:80; Vecchio 2014:1–14). Throbbing Gristle het op daardie stadium bestaan uit P-Orridge, Peter “Sleazy” Christopherson, Cosey Fanni Tutti (Christine Carol Newby) en Chris Carter (Woods 2007:27; Vecchio 2014:14). ’n Ander kunstenaar wat met die groep verbind word, Monte Cazazza, het die leuse “Industrial Music for Industrial People” geskep (Woods 2007:27; Reed 2013:106; Vecchio 2014:20; Potter en Whittaker 2022:8).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Toe die term *industrial music* die eerste keer verskyn het, was dit slegs van toepassing op Industrial Records se produksies van eksperimentele, elektroniese musiek wat gereeld op geraas gefokus was, pasgemaakte instrumente gebruik het en uitvoeringskuns wat deur musiek vergesel is (Woods 2007:27). Ander kunstenaars wat opnames by Industrial Records gemaak het, sluit in The Leather Nun, Clock DVA, Surgical Penis Klinik (SPK), Cabaret Voltaire, Richard H. Kirk, Thomas Leer, Monte Cazzaza en die skrywer William S. Burroughs (Woods 2007:27; Hanley 2011:10; Reed 2013:77; Vecchio 2014:1–14). Hierdie produksies is beïnvloed deur verskeie kunsvorme, onder andere die poësie van Aleister Crowley, Dada, Futurisme, die Fluxus-beweging en Surrealisme (Woods 2007:27; Hanley 2011:47–61; Reed 2013:59; Vecchio 2014:1–14; Potter en Whittaker 2022:8). Benewens Aleister Crowley is produksies beïnvloed deur die skryfwerk van William S. Burroughs, Philip K. Dick, Marquis de Sade, Michel Foucault, Samuel Beckett, Jacques Attali, Pierre Proudhon, Andy Warhol, Martin Bax, Gillian Freeman, Jacques Sternberg en Jacques Derrida (Woods 2007:41).

Industriële musiek is vinnig deur gehore regoor Europa en elders aangeneem, veral in Duitsland en België, en ander groepe uit die 1970's en vroeë 1980's wat vermelding verdien, is Kraftwerk, Einstürzende Neubauten, Deutsch-Amerikanische Freundschaft (DAF), Front 242 en Ministry (Woods 2007:42–7; Hanley 2011:10; Vecchio 2014:24). Gedurende die 1980's het industriële musiek ook vertak om EBM (Electronic Body Music) te vorm (die benaming is deur Front 242 geskep – Woods 2007:47; Vecchio 2014:28) wat veral in Europa gewild geword het (Woods 2007:42–7; Hanley 2011:185; Vecchio 2014:28).

Verdere vertakkings sluit in futurepop (byvoorbeeld VNV Nation en Covenant) en elektro-industriële musiek (byvoorbeeld Suicide Commando en Die Sektor) (Woods 2007:51). Industriële rock/metal kombineer rock en metal met industriële musiek deur groepe soos Rammstein,[2] Nine Inch Nails, Fear Factory, Marilyn Manson en White Zombie (Woods 2007:54; Hanley 2011:412–3). Laasgenoemde groepe is ook van die bekendste industriële groepe, en dit is hier waar Battery 9, met hul gebruik van kitare, geplaas behoort te word. Paul Riekert sê byvoorbeeld aan De Vries (1995): "When I first heard guitar-based industrial, I was quite pissed off that it wasn't me who had made it." Neofolk (byvoorbeeld Fire + Ice en Current 93) word ook gesien as 'n uitvloeisel van industriële musiek, alhoewel elektroniese klanke hier afwesig is (Woods 2007:27; Granholm 2011:532; Hanley 2011:10; Reed 2013:219). Neofolk het op sy beurt 'n sterk verbintenis met black metal, byvoorbeeld die groep Wardruna, wat ontwikkel het uit die black metal-groep, Gorgoroth (Granholm 2011:534).

Woods (2007:55) stel die stamboom van industriële musiek skematies voor, wat in Figuur 2 in Afrikaans aangepas is. Hierdie stamboom dui daarop dat industriële musiek eers later deel van rockmusiek geword het; Woods (2007:40) skryf dat industriële musiek gewortel was in sintetiseerder- en elektroniesemusiek-tradisies, nie rock nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5



Figuur 2. Die stamboom van industriële musiek na aanleiding van Woods (2007:55)

Hanley (2011:iv, 411–3) verdeel die ontwikkeling van industriële musiek in drie generasies (sien ook Woods 2007:vii en Vecchio 2014:21–33):

1. ’n Eerste generasie (1975–1983), wat eksperimenteel was en die fondasie van industriële musiek gelê het, met groepe en kunstenaars soos Cabaret Voltaire, Clock DVA, DAF, Die Krupps, Einstürzende Neubauten, Leather Nun, Monte Cazazza, SPK en Throbbing Gristle.
2. ’n Tweede generasie (1983–1989), wat nuwe klanke en tegnieke van ander style van populêre musiek, spesifiek synthpop en heavy metal, geïntegreer het, met groepe soos Frontline Assembly, Laibach, Front 242, Skinny Puppy, KMFDM (Kein Mehrheit Für Die Mitleid) en Ministry.
3. ’n Derde generasie (1989–1996), wat groter verskeidenheid en ook kommersiële sukses gebring het, met groepe soos Current 93, This Mortal Coil, Marilyn Manson, Nine Inch Nails, Fear Factory, Rammstein en White Zombie.

Die derde generasie se kommersiële sukses – tot ’n groot mate die gevolg van Nine Inch Nails se gewildheid – het tot ’n ontploffing in industriële musiek gelei, ’n “gold rush” (Reed 2013:253, 269) waartydens groot platemaatskappye industriële kunstenaars opgesoek het om hulle musiek te versprei. Hierdie stormloop het teen 1995 ’n hoogtepunt bereik. Kommersiële sukses was nie vir alle aanhangers van industriële musiek aanvaarbaar nie, omdat industriële musiek oor die algemeen nie poog om kommersieel suksesvol te wees nie. Woods (2007:9–10) skryf:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

"Originally, industrial musicians were not concerned with a following per se – they wanted to make what they called 'anti-music' as a message of rejection." Volgens Hanley (2011:381) het die kommersiële sukses van groepe soos Nine Inch Nails en Marilyn Manson rondom 1996 beteken dat industriële musiek sy identiteit verloor het. Hanley (2011:413) sien ook 'n post-1996 industriëlemusiekbeweging, waarby hy Combichrist en VNV Nation insluit, maar oor die algemeen is hy negatief oor die nuwe rigtings wat industriële musiek sedert die middel-1990's ingeslaan het. Reed (2013:279 e.v.) is meer optimisties en bespreek die nuwe rigtings waarin industriële musiek sedert die middel-1990's ontwikkel het, insluitend nuwe subgenres soos futurepop, powernoise en terror EBM, terwyl gevestigde groepe binne die genre voortgegaan het.

In 1999 het industriële musiek sy grootste negatiewe publisiteit ontvang. Op 20 April 1999 het twee leerders, Eric Harris en Dylan Klebold, 'n dodelike skietery by die Hoërskool Columbine in Littleton, Colorado uitgevoer wat tot 15 sterftes gelei het, insluitend hulle eie deur selfdood; 23 ander leerders is gewond. In die nasleep het ondersoeke na hul mediagewoontes 'n sterk obsessie met industriële musiek aan die lig gebring, veral groepe soos KMFDM, Nine Inch Nails en Rammstein (Potter en Whittaker 2022:5). Alhoewel openbare kritiek Marilyn Manson geteiken het, was Harris en Klebold nie aanhangers van sy musiek nie (Potter en Whittaker 2022:5), maar die voorval het nietemin negatiewe opvattings oor industriële musiek versterk. Michael Moore het in 2002 'n dokumentêr oor hierdie skietery gemaak (*Bowling for Columbine* 2002), waarin hy juis 'n onderhoud met Marilyn Manson ingesluit het.

Binne die globale rockmusiektoneel is daar gedurende die 1990's 'n wegbeweeg van Engelse lirieke, onder andere in ekstreme metal (Hoad 2021:130) (maar nie beperk daartoe nie). Ekstreme-metal-groepe het meer gereeld plaaslike tale in hul lirieke begin gebruik om afstand te doen van die neoliberale Anglo-Amerikaanse hegemonie wat vinnig besig was om 'n wêreld-kultuur te word (Trafford 2021:229). Die Noorweegse black metal-groep, Burzum, het reeds Noorweegse lirieke op hul album *Hvis lyset tar oss* (1994) gebruik (Granholm 2011:528). Ook in Noorweë het die black metal-groep Dimmu Borgir Noorweegse lirieke op hul album *For all tid* (1995) ingesluit (Senekal 2011:81). Die vrystelling van die eerste volledige album van die Noorweegse black metal-groep Enslaved, *Vikingligr Veldi* (1994), het verder die idee van die gebruik van antieke tale in die folk metal-toneel bekendgestel (Trafford 2021:228), en nuwer neofolkgroepe soos Wardruna en Heilung sou later Oudnoors en Oudgermaanse runiese geskrifte in hul musiek gebruik. In Suid-Afrika het Voice of Destruction (V.O.D.) 'n Afrikaanse liedjie op hul album *Bloedrivier* (1996) ingesluit (met Afrikaanse lirieke ook in die liedjie "Needledive") (Senekal 2011:83).

Die gebruik van tale anders as Engels is reeds vroeër deur industriële groepe gedoen. Sedert die 1960's is die Duitse, Belgiese en Nederlandse populêre kultuur oorheers deur Engelstalige musiek, en toe Engelstalige punkmusiek in Europa aankom, is optredes in Duits dikwels as onaanvaarbaar beskou (Reed 2013:93). Einstürzende Neubauten en hul tydgenote in die vroeë 1980's het egter sulke riglyne verontagsaam deur in Duits te sing, wat ook ooreenstem met die algemene rebelsheid van industriële musiek (Reed 2013:93). Hierdie gebruik van Duitse lirieke is volgens Reed (2013:93) 'n poging om teen die vorige generasie te rebelleer en ook die trauma van die verlede te konfronteer:

> To the parents of this young generation, Anglophone music had offered a way to silence the uncomfortable questions of German identity after their own unforgivable complicity under Hitler. Making German music here and now in Hitler's capital [Berlin] thus did the vital work of breaking that silence and fulfilling every rebel's longing to cut loose once

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

> and for all from parents, teachers, and bosses, to burst free from the past's quietly tightening stranglehold on the present. It's a kind of détournement that industrial music invokes again and again: by embracing the forbidden, one rejects the original behavior that inspired the fear of taboo.

Vanaf 1994 sou Rammstein een van die bekendste groepe word wat hierdie tradisie voortsit deur bykans eksklusief in Duits te sing. Reed (2013:93) argumenteer dat industriële musikante en aanhangers wêreldwyd glo dat veral Duitsland se historiese tegnologiese en politieke betekenis, tesame met die Duitse taal, goed ooreenstem met industriële musiek se temas van tegnologie, tragedie en ritmiese intensiteit. Hierdie oortuiging word wêreldwyd weerspieël, met groepe soos Amerika se Stromkern, Italië se Pankow, Slowenië se Laibach, en Frankryk se Die Form wat Duitse name aanneem en soms in Duits sing, terwyl Japan se eerste EBM-groep, DRP, hulself met 'n Duitse frase (Deutsche Reiche Patent) benoem het (Reed 2013:93). Die Belgiese groep Suicide Commando het ook verskeie liedjies in Duits opgeneem. In Suid-Afrika is 'n voorbeeld van hierdie verskynsel die groep Garten der Asche (2006 tot op hede), wat 'n Duitse naam het, maar in Engels sing; Live Jimi Presley, wat onder andere die liedjie "Vorhaut zur Freiheit" op hul oorwegend Engelse album ingesluit het (*Live Jimi Presley*2016); of Winter Soul, wat 'n klankgreep van die Duitse weergawe van die film *Constantine* (2005) vir hulle liedjie "Ritual abuse" (*Reactor* 2008) gebruik het.

Industriële groepe sing ook in ander tale benewens Duits. Die Finse groep Ruoska sing byvoorbeeld in Russies, Hocico sing in Spaans, en Ambassador 21 en Suicide Inside sing in Wit-Russies.

Die volgende afdeling bespreek die ontstaan van Afrikaanse rock- en industriële musiek.

4. Die ontstaan van Afrikaanse rock- en industriële musiek

Omdat Battery 9 se musiek as industriële rock beskou word, en boonop die eerste Afrikaanse industriële groep in Suid-Afrika is, word daar in hierdie afdeling met die ontstaan van Afrikaanse rock begin, waarna Afrikaanse industriële groepe bespreek word.

Die Musiek-en-liriek-beweging van die laat 1970's word gewoonlik as die grondslag vir die ontstaan van Afrikaanse rock gesien (Van der Merwe 2018:359), met Anton Goosen wat uitgesonder word as die "vader van Afrikaanse rock" (Smit 2018:204; Van der Merwe 2019:110). Ander kunstenaars wat as deel van hierdie beweging gesien word, is onder andere Laurika Rauch, Louis van Rensburg, Coenie de Villiers, Jannie du Toit, Mynie Grové, David Kramer, Amanda Strydom en Koos du Plessis (Klopper 2009:99; Smit 2018:182; Van der Merwe 2019:103). Musiek-en-liriek-kunstenaars staan daarvoor bekend dat hulle 'n klem op hoërkwaliteitlirieke geplaas het en Afrikaanse musiek verdiep het, in teenstelling met die oppervlakkige populêre musiek van vroeër, maar anders as latere rockmusikante was hulle nie polities ingestel nie en was hulle musiek lig en aanvaarbaar vir die meeste lede van die publiek.

Die ander groot verwysingspunt in die geskiedenis van Afrikaanse rock is die Voëlvry-beweging van 1989 onder leiding van Johannes Kerkorrel (Ralph Rabie), Bernoldus Niemand (James Phillips) en Koos Kombuis (André Letoit), wat rockmusiek as 'n platform gebruik het om teenstand teen die regering uit te spreek en sosiale verandering te bevorder. Hulle word geag dat hulle Afrikaanse musiek herdefinieer het deur dit met rock- en alternatiewe invloede te vermeng, en het 'n deurslaggewende rol gespeel in die vestiging van Afrikaanse rockmusiek (Kriel 1998; Grundlingh 2004; Hopkins 2006; Klopper 2009; Suriano en Lewis 2015; Van der Merwe 2019).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Van der Merwe (2019:130) voer aan dat Joos Tonteldoos en die Dwarstrekkers, Die Kêrels en Randy Rambo (Theunis Engelbrecht) en die Rough Riders (later Die Naaimasjiene) saam met bogenoemde figure van Voëlvry "'n ekstreme nuwe perspektief in Afrikaanse musiek verteenwoordig" het. Kriel (1998:18) noem ook onder andere Joos Tonteldoos en die Dwarstrekkers as opvolgers van Voëlvry, asook Die Naaimasjiene. Joos Tonteldoos en die Dwarstrekkers is in 1990 as alternatiewe rockgroep gestig deur Joos Tonteldoos (Paul Riekert) saam met Daan Dingaan (Anton Basson), Wouter Wolkekrabber (Pieter Dreyer) en Kaas Koek (Cesare Cassarino), met die oog daarop om swaarder Afrikaanse rock as die musikante betrokke by Voëlvry op te lewer (Riekert 2024b). Hulle het in 1990 by Houtstok opgetree, saam met Koos Kombuis, Anton Goosen, Die Briels, Jack Hammer, Lieze Stassen, Randy Rambo en die Rough Riders en ander (Concert Archives 2024). Leonard (2002:58) skryf dat dit as Joos Tonteldoos was dat Riekert die eerste keer in Afrikaans begin sing het, onder andere met 'n vertaling van The Troggs se "Wild thing": "Wilde ding / ek wil jou bespring", wat hy glo namens Eugène Terre'Blanche aan Jani Allan opgedra het. Die groep het in 1993 ontbind, waarna Battery 9 gestig is.

Parallel met Voëlvry is daar die bydraes van Piet Botha deur verskillende rockgroepe. Van 1981 tot 1983 was hy betrokke by die groep Wildebeest (Bosman 2003:109; Kruger 2019; Strydom 2019), wat verskeie Afrikaanse liedjies op twee albums vrygestel het. Vanaf 1984 was hy betrokke by Jack Hammer (Roggeband 2009:211), wat oorwegend in Engels gesing het en 12 ateljee-albums sedert 1987 uitgereik het (Kruger 2019). As solokunstenaar sou hy vyf Afrikaanse albums tussen 1997 en 2019 uitreik (Kruger 2019). Tussen 1983 en 1997 was Piet Botha se optredes met ander woorde oorwegend in Engels. Sommige van sy lirieke word in Bosman (2003:109–11) bespreek.

Valiant Swart (Pierre Nolte) is 'n ander invloedryke Afrikaanse rockmusikant van die middel-1990's (Roggeband 2009:251–6). Nadat hy reeds vir 'n paar jaar optredes gedoen het, debuteer hy met die album *Die Mystic Boer* (1996), en twee kuierplekke, een in Bloemfontein en een later in Stellenbosch, word na sy gelyknamige liedjie vernoem (Marais 2008:28). Tot op hede het hy 16 Afrikaanse albums vrygestel, asook 'n digbundel (Swart 2011), en sy lirieke word in byvoorbeeld Bosman (2003:111–4) bespreek.

'n Verskeidenheid rockgroepe is in die 1990's in Suid-Afrika gestig, waaronder Sugardrive, Squeal, Springbok Nude Girls, Henry Ate, Wonderboom, Fetish, Urban Creep, Arapaho en Just Jinger (Klopper 2009:107–8). Nie een van hierdie groepe kan egter as industrieel beskryf word nie en verteenwoordig eerder 'n ligter rock wat makliker deur groot getalle jongmense aanvaar is. In hierdie tyd is ook 'n aantal metalgroepe, soos V.O.D., SacriFist, Dieversion, Nocturnal Dominion, The Human Meat Blocks, Groinchurn en ander gestig, alhoewel hulle as ekstreme-metal-groepe eerder as industriële groepe beskryf kan word (Senekal 2011:80, 83–5; kyk ook Hoad 2021). Boonop het al hierdie groepe oorwegend in Engels gesing, alhoewel baie van hul groepslede Afrikaanssprekend was.

Daar was egter een Suid-Afrikaanse groep wat as industrieel beskryf kan word: Live Jimi Presley, wat die eerste industriële groep in Suid-Afrika was (Riekert 2024b). Dié groep is in 1986 onder die naam Vader Jakob gestig, maar het sy naam in 1990 na Live Jimi Presley verander. Die groep het tot 1997 bestaan en uiteindelik lede soos Marc "Presley" Feltham, Derek Davey, Chris Lebert, Tilo von Brandis, Kenny Marshall, James Donaldson, Jeremy Franklin en Leon Retief ingesluit (Gedye 2016). Gedye (2016) skryf dat opnames van Cabaret Voltaire, Throbbing Gristle en Einstürzende Neubauten Live Jimi Presley beïnvloed het, en beskryf 'n vertoning:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

> Dadaism was alive and well in Johannesburg in the late 1980s and early ’90s. Picture the scene. A band is thrashing out a rhythm on various home-made metal percussion instruments. One is operating an angle grinder. The object of the showering sparks is a gimp, a volunteer from the audience, naked, except for a wrapping of see-through plastic, a mask and chains. Petrol is on fire at the audience’s feet. Some of them land punches and kicks on the gimp. Band members brandish guns on stage, firing blanks at random. It’s dada rock’n’roll and the band on stage is Live Jimi Presley.

Live Jimi Presley sou eers in 2016 ’n opname vrystel (*Live Jimi Presley* 2016).

Klopper (2008:211; 2009:105) wys daarop dat Afrikaanse rock gedurende die 1990’s tot ’n groot mate gestagneer het, maar skryf dat daar enkele kunstenaars in hierdie tyd was “wat die Afrikaanse aflosstokkie vir ’n tydjie sou vashou by musiek- en kunstefeeste”, onder wie Valiant Swart, Piet Botha en Battery 9. Bouwer (2014) maak ’n soortgelyke stelling:

> Baie Afrikaanse seuns was nog skaam om in hul eie taal te sing – BOO!, Springbok Nude Girls, Dorp, Voice of Destruction, Thysis en later ook Not My Dog. Die enigste ou wat hier aktief saam met Koos [Kombuis], Piet [Botha] en Valiant [Swart] die Afrikaanse vlaggie laat wapper het, was Paul Riekert. Toe Joos Tonteldoos opbreek, het hy voortgegaan met die klipharde industrial-groep Battery 9.

(Kyk ook Redelinghuys 2001:66.)

Battery 9 het met ander woorde in twee opsigte teen die plaaslike musiektoneel van die middel-1990’s gegaan: eerstens ten opsigte van styl, aangesien industriële musiek grotendeels afwesig was (met die uitsondering van Live Jimi Presley), en tweedens ten opsigte van taal, omdat die Suid-Afrikaanse rockmusiektoneel deur Engelse musiek oorheers is.

Battery 9 is in 1994 deur Paul Riekert gestig, met hul eerste album – en ook die eerste Suid-Afrikaanse industriële album – *Protskrog*, wat in 1995 vrygestel is (De Vries 1995). Van meet af aan is Battery 9 binne die konteks van industriële musiek geplaas, met De Vries (1995) wat sê dat *Protskrog* meer aan William S. Burroughs as aan Nine Inch Nails herinner, en dat Riekert se gunstelingalbum op daardie stadium een van Ministry s’n was. Elders merk Riekert op dat Battery 9 ontstaan het uit die begeerte om André Letoit se *Ver van die ou Kalahari* “met die apokaliptiese klanke van die Duitse avant garde-rockers Einstürzende Neubauten te kombineer” (Marais 2008:28). Van Wyk (2011) skryf ook dat Battery 9 deur Einstürzende Neubauten geïnspireer is; trouens, Einstürzende Neubauten se voorbeeld van Duitse lirieke was ook inspirasie vir Riekert om lirieke in Afrikaans te skryf (Riekert 2024b). In ’n onderhoud met Leonard (2002:58) noem Riekert dat hy lief is vir Afrikaans, alhoewel hy nie nasionalisties is nie, en dat hy Afrikaans, Engels en vergelykende letterkunde op Wits studeer het.

Elkeen van Battery 9 se albums sou ook Engelse liedjies benewens Afrikaanse liedjies bevat, en Battery 9 se tweetaligheid word weerspieël in sy naam wat in Afrikaans en Engels identies geskryf word (Riekert 2024b). Battery 9 sou in 1996 een van die eerste Suid-Afrikaanse rockgroepe word wat in die dag speeltyd op 5FM sou kry, met “Kiss the machine” (van *Strop*) (Klopper 2009:108). Saam met Riekert was At Nel, wat in 2000 sy sololoopbaan onder die naam Somerfaan begin het (Lion-Cachet 2020), en ander lede soos Dawid Kahts (Thys Nywerheid), Huyser Burger (later deel van K.O.B.U.S.!) en Arnaud van Vliet (Jarvis 1999). Battery 9 het groot internasionale dans/techno-groepe soos The Prodigy en Faithless op hul Suid-Afrikaanse

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

toere vergesel, en het onder andere opgetree by Oppikoppi naby Northam (1995, 1996, 1997, 2001, 2004, 2009), Wingerdstok in Stellenbosch (1997), RAMfest in Worcester (2007, 2008, 2009), Mercury Live in Kaapstad (2007), en The Bohemian in Johannesburg in 2010) (Songkick, geen datum). Battery 9 het tot op hede agt albums en twee EP's vrygestel:

1. *Protskrog* (1995)
2. *Strop* (1996)
3. *Gris* (1997)
4. *Wrok* (1998)
5. *Sondebok* (2002)
6. *Straks* (2005)
7. *Galbraak* (2008)
8. *Grimmig* (2016)
9. *Voorbedag* (2019) (EP)
10. *Afstand* (2020) (EP).

Riekert was ook betrokke by ander nie-industriëlemusiekprojekte, soos Die Menere (2005 tot hede) en Breinskade (1994–1998); was betrokke by klankbane vir onder andere die televisie-reekse *Wielie Walie* (1993–1994), *Plek van die Vleisvreters* (2003) en *Villa Rosa* (2004–2015), asook vir die film *Suurlemoen!* (2014). Hy het ook bygedra tot die toonsetting van Breyten Breytenbach se poësie (Riekert 2024a), soos vrygestel op *Om te Breyten* (Verskeie kunstenaars 2000b). In 1994 het Riekert ook die platemaatskappy OneF Music gestig, wat musikante soos Andries Bezuidenhout, Battery 9, Bittervrug, Bloedskande, Breinskade, Cortina Whiplash, Die Menere, General Dealer, Jim Neversink, KOOS, NuL, Swim Club, Thys Nywerheid en Trike se musiek versprei het.

Battery 9 was die eerste van 'n reeks (Suid-) Afrikaanse industriëlemusiekprojekte wat gereeld musikante uit ander groepe betrek het. Volgens Kahn-Harris (2007:23) het industriële musiek "a productive relationship with the extreme metal scene", en Peter Tägtgren van die Sweedse death metal-groep Hypocrisy het byvoorbeeld 'n industriële sylynprojek getiteld Pain (Kahn-Harris 2007:108). In Suid-Afrika het Francois Breytenbach Blom van V.O.D. en later K.O.B.U.S.! Die Kruis in 1998 gestig, wat ook 'n Afrikaanse industriëlemusiekprojek was, alhoewel slegs een album (*Begrawe jou engele* 2000) vrygestel is. Paul André Blom – ook van V.O.D. en later betrokke by K.O.B.U.S.! – het F8 in 1997 gestig, en het net een Afrikaanse liedjie, SexHex, op-geneem (*F8* 1998). Paul André Blom het in 2002 ook Terminatryx saam met Sonja Ruppersberg gestig, aanvanklik met Tom Somers (kitaar) en Christina Storm (agtergrondsang) (Terminatryx 2018). Patrick Davidson, wat tot in 2017 deel was van Terminatryx, beskryf hulle musiek as 'n "dark rock/ industrial metal hybrid" (Gregorowski 2015). Terminatryx het later in Suid-Afrika ter ondersteuning van groot buitelandse industriële groepe soos VNV Nation en Ministry opgetree én oorsese toere meegemaak (Gregorowski 2015; Terminatryx 2018). Alhoewel die meeste van Terminatryx se musiek in Engels is, het hulle ook die Afrikaanse liedjies "Siek+Sat" (*Terminatryx* 2008), "Masjien" (*Shadow* 2014) en "Suiker" (*Terminatryx III* 2022) opgeneem, en ook Ingrid Jonker se "Ontvlugting" getoonset (Blom, Ruppersberg en Meyer 2016), soos vrygestel op *Ingrid Jonker – Die kind is nog jonger* (Verskeie kunstenaars 2016). Paul Riekert het ook bygedra tot Terminatryx se hermenging van "Siek+Sat" op die *Remyx v1.0*-album (2011) en tot die kombinasie van "Masjien" en Battery 9 se "Kiss the machine" op "Masjien-Machine" (*Remyx v2.0* 2017), terwyl hy ook stem bygedra het tot "Suiker" (*Terminatryx III* 2022). Volgens Patrick Davidson volg Terminatryx in die voetspore van "the legendary Battery 9" (Gregorowski 2015).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

NuL is in 1998 deur Adriaan Pelzer en Simon Kruger, voorheen van die groep Nothing, gestig (Anoniem 2008). Later het Dawid Kahts (Thys Nywerheid), Niel de Lange, Mareli Minnaar, Gerrie Roos en Chris Erasmus ook by die groep aangesluit. NuL het drie Afrikaanse albums vrygestel: *Een* (2004), *Twee* (2007) en *Drie* (2009), en die laaste een is deur Riekert se OneF Music versprei (Riekert 2024b).

Verskeie Engelse groepe het in Live Jimi Presley se voetspore gevolg en die Suid-Afrikaanse industriëlemusiektoneel uitgebrei, byvoorbeeld die futurepop-groep Plasticoma, die goth-groep Ankst, die darkwave-groepe Black Death en Mr Barleycorn, en die elektro-industriële groepe Winter Soul, Garten der Asche en Androidgeny (Mauchline 2024). Ankst, Winter Soul en Terminatryx het in 2008 saam met VNV Nation in Kaapstad opgetree (Mauchline 2024).

Die volgende afdeling bespreek Battery 9 se lirieke in meer besonderhede.

5. Temas in industriële musiek en hul neerslag in die lirieke van Battery 9

Temas wat gereeld in industriële musiek voorkom, sluit in fascisme, ’n verwerping van gesag, distopie, tegnologie en geweld (Woods 2007; Reed 2013). Vervolgens word hierdie temas met verwysing na Battery 9 bespreek.

5.1 Fascisme

Industriële musiek wentel gereeld om temas van stryd en oorlog, veral rondom fascisme en kommunisme, en gebruik hierdie temas in lirieke, musiek, kunswerk en vertonings (Woods 2007:62; Reed 2013:181 e.v.). Ministry se “The land of rape and honey” (*The land of rape and honey* 1988) bevat byvoorbeeld ’n “Sieg Heil”-klankgreep uit die 1979-film, *The tin drum* (1979), terwyl Rammstein se video van “Stripped” (*Sehnsucht* 1998),[3] beeldmateriaal van Leni Riefenstahl se Nazi-propagandafilm, *Olympia* (1938), gebruik. Hierdie fascistiese beelde word ironies, krities of selfs humoristies aangebied, maar word soms letterlik en ernstig opgeneem (Vecchio 2014:42). By ’n 2001-VNV Nation-konsert in Montreal het ’n skinhead-aanhanger die linkse hoofsanger Ronan Harris verkeerdelik ’n Nazi-saluut aangebied, met die veronderstelling van solidariteit, waarop Harris met ’n kommunistiese saluut gereageer het (Reed 2013:183). In 1981 het die linkse gaygroep Deutsch-Amerikanische Freundschaft ’n optrede in Middlesbrough in die Verenigde Koninkryk aanvaar, maar toe kort voor die vertoning besef dat hulle verkeerdelik as ’n neo-Nazi-optrede aangebied is en ’n gehoor van meer as ’n duisend skinheads gelok het (Reed 2013:185). Ministry het soortgelyke wan-vertolkings met die reeds genoemde “The land of rape and honey” gehad (Hanley 2011:356).

Battery 9 maak nie gebruik van fascistiese simbole nie, en daarom was daar ook nie vergelyk-bare misverstande met mense wat hulle as fascisties gesien het nie (Riekert 2024b). In hierdie opsig sluit Battery 9 met ander woorde nie aan by die simboliek wat gereeld in industriële musiek aangetref word nie.

5.2 Verwerping van gesag

In aansluiting by die gebruik van fascistiese beelde – wat ironies aangewend word juis om streng gesag te ondermyn – is die lirieke van industriële musiek gereeld teen gesagsfigure gestem, soos deurgaans duidelik uit Reed (2013) se bespreking van die toneel blyk. Ministry se “Lies, lies, lies” (*Rio Grande blood* 2006) bevraagteken byvoorbeeld die Amerikaanse regering se narratief

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

van die terroriste-aanval op die World Trade Center in New York op 11 September 2001, en gebruik hiervoor klankgrepe uit die dokumentêre film *Loose change 9/11* (2005). Battery 9 se "Kiss the machine" (*Strop* 1996) kan gesien word as so 'n verwerping van gesag, omdat gesuggereer word dat blinde gehoorsaamheid al is wat vereis word solank 'n mens konformeer en "die masjien soen", wat 'n weiering impliseer om sulke manipulasie te aanvaar:

> we don't care where you're going[4]
> we don't care where you've been
> we will take care of everything
> as long as you kiss the machine.

In Afrikaans is daar ook "Wees bevrees" (*Protskrog* 1995), wat die spot dryf met 'n polisieman wat sy mag misbruik:

> want hy's 'n koning, hy's 'n god
> 'n Neandertal-bullebak sonder 'n grot
> [...]
> wees bevrees
> want Shane Cronjé
> het 'n ystere wil
> wees bevrees
> as die sirene skree hou karre stil.

Andersins is daar die meer subtiele belaglik making van die ouderling in "Vatso jou booswig" (*Strop* 1996) en "Iets om te blameer" (*Sondebok* 2002), waar die ouderling 'n verhouding met 'n vrou aanknoop wat nie deur ander goedgekeur word nie. In "Vatso jou booswig" sê die ouderling: "Ons is almal aan dieselle kant, die gemeente, die polisie en die plaaslike koerant." Hierdie liriek bespot die samespanning en vermeende morele gesag van tradisionele Afrikaner-instellings – soos die kerk, polisie en plaaslike media – deur hul verenigde standpunt teen individuele andersdenkendes te suggereer. Deur die ouderling in 'n belaglike figuur te omskep wat sy sondes op die duiwel blameer in "Iets om te blameer", word die ander instellings in sy kamp ook by implikasie belaglik gemaak.

Battery 9 betrek met ander woorde die verwerping van gesag deur hul lirieke te gebruik om blinde gehoorsaamheid aan gesag te kritiseer en te verwerp, en hulle bespot tradisionele Afrikanerinstellings en gesagsfigure deur die misbruik van mag en morele skynheiligheid binne hierdie strukture te beklemtoon. Die verwerping van gesag is egter subtiel en gereeld beliggaam in figure, eerder as dat so 'n verwerping direk gestel word.

5.3 Die stad as distopiese ruimte

Distopiese temas kom gereeld in industriële musiek voor (Woods 2007:58), en een versameling industriële musiek is byvoorbeeld uitdruklik *Dystopian visions* getiteld (Verskeie kunstenaars 2000a). Die verband tussen industriële musiek en distopie is die duidelikste in albumkuns, aangesien ikonografie 'n deurslaggewende rol speel in die oordra van die industriële estetika (Woods 2007:69). Uit Reed (2013) is dit ook duidelik dat die stad, of stede – veral Berlyn, Londen, Antwerpen en San Francisco – verweef is met industriële musiek. Veral Berlyn van die laat 1970's, "where new buildings arose while bombed ruins were never swept away" (Reed 2013:96), is die agtergrond vir die ontwikkeling van Duitse industriële musiek. Die neerslag

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

van die verval van die moderne stad word duidelik gesien in die naam van Einstürzende Neubauten, wat "ineenstortende nuwe geboue" beteken (Hanley 2011:278). Reed (2013:96) skryf dat hierdie distopiese ruimte ook verweef is met opvattings van gesag:

> All in all, centralized administration, depressed commerce, and Germany's own history played the role of absentee landlord to the youth of West Berlin, a city that was itself squatting in a neglected pocket of Europe. Authority, whether the government, the police, the universities, or the gun-wielding phantom limb of East Germany, could not be trusted.

De Vries (1995) glo dat Battery 9 se klank ook verweef is met Johannesburg, veral Berea in Johannesburg waar Riekert gewoon het toe Battery 9 ontstaan het. Vir De Vries het die liedjies op Battery 9 se *Protskrog* "an undeniable aura of inner-city paranoia and decay to them". Hierdie verweefdheid met die stad kan in die stofomslae van albums gesien word, soos in Figuur 3 aangedui. Hierdie figuur wys die stofomslae van *Protskrog* (1995), *Grimmig* (2016), *Voorbedag* (2019) en *Afstand* (2020), en elkeen van hierdie stofomslae vertoon duidelike industriële en stadstonele.

Figuur 3. 'n Paar stofomslae van Battery 9 se albums. Kloksgewys: *Protskrog* (1995), *Grimmig* (2016), *Voorbedag* (2019) en *Afstand* (2020)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

In die stad is dit veral misdaad wat neerslag vind in Battery 9 se lirieke, met liedjies soos "Blaas hom" (*Wrok* 1998), "Selfoon" (*Straks* 2005), "Onvleiende boodskap aan diewe" (*Galbraak* 2008) en "Geen genade" (*Galbraak*2008), wat die stad uitbeeld as 'n gevaarlike ruimte waar daar geen sin vir gemeenskap of morele waardes is nie. In "Geen genade" sê die spreker byvoorbeeld vir die misdadiger:

> maar glo my, jou fokker, jou tyd sal kom
> een of ander tyd gaan ek jou nog vang
> jy sal 'n wit lig sien brand aan die einde van die gang
> ek sal jou verander in 'n bibberende wrak
> jy kan sommer by voorbaat in jou broek begin kak.

In "Selfoon" (*Straks* 2005) word die immoraliteit van gewelddadige misdaad beklemtoon wanneer die spreker sê: "Geniet jou nuwe selfoon / ek hoop jy like jou nuwe selfoon [...] baie geluk" nadat die misdadiger iemand vir 'n selfoon doodgeskiet het.

Elders word 'n donker prentjie geskets van lewe in die stad, waar drank- en dwelmmisbruik, wanhoop, depressie en selfmoord hoogty vier. In "Kom hier" (*Protskrog* 1995) veg die spreker teen sy babelaas terwyl hy bestuur:

> die skemer deursigtig met die donker medepligtig
> wat my oë geleidelik toe forseer
> in my kop klop 'n hangover 'n bier sal dit wegtower en dit besweer
> maar ek kan nie kan nie kan nie langer so aangaan nie
> want my liggaam en my brein en die son verstaan nie
> met my rug teen die muur hou ek aan bestuur maar my oë in die spieël spoeg vuur.

In "Kakstraat" (*Sondebok* 2002) word depressie 'n plek waarheen oor en oor teruggekeer word, sonder 'n einde in sig:

> hier sit ek al weer in kakstraat
> arm, deurmekaar en broos
> ek soek tevergeefs na 'n uitsig
> en dit maak my moedeloos.

Ook in "Die nugter wals" (*Wrok* 1998) skets die spreker 'n uitsiglose prentjie van 'n sinlose bestaan:

> daar is geen toekoms
> wat ons nog kan vier
> so sit op jou blinddoek
> en staan teen die muur
> ons is in ons moer in
> so kry nog 'n bier
> realisties gesproke
> is daar fokol plesier.

"Die hamster is dood" (*Straks* 2005) vertel op sy beurt die verhaal van 'n man wat homself probeer skiet omdat hy sy wil vir die lewe verloor het; en geen drank of dwelms kan hom red nie:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Hy't die vorige nag weer gesuip soos 'n vis
niks op aarde kon daardie dors blus
daar's 'n vuur in sy kop in sy keel in sy neus
fokol geslaap en skoon bedees
hy wil weg, hy wil hardloop, weg van die pyn
sy neus is verstop van die goedkoop cocaine
sy pis is bitter, sy moer is suur
hy wil uitklim teen die naaste muur
sy lyf gekrok en sy kop geblaas
hy hou aan beweeg en maak geraas
sy brein is gebraai, hy verkeer in nood
die wieletjie draai maar die hamster is dood.

In teenstelling met sulke negatiewe uitbeeldings van die lewe in die stad word die lewenstempo in Johannesburg met die rustigheid van Kaapstad in "Tempo hewig" (*Protskrog* 1995) gekontrasteer, met 'n voorkeur vir eersgenoemde:

ek is bly ek's nie nou in Kaapstad nie
want the shadows of the mountain laat my gaap
die hotelle verkoop nie Black Label nie
en die outotellers is aan die slaap
studente sê in elke tweede sin "Like wow"
aan die suidpunt van die mooiste Kaap
aan die suidpunt van die mooiste Kaap
is almal altyd aan die slaap
hou die ritme stewig
funksioneer tempo hewig, vir ewig.

Bostaande voorbeelde illustreer dat Battery 9 die tema van die stad as 'n distopiese ruimte betrek deur lirieke wat stedelike verval, misdaad en persoonlike wanhoop duidelik uitbeeld, en wat Johannesburg as 'n gevaarlike en moreel bankrot omgewing uitbeeld. Tog kontrasteer "Tempo hewig" die chaotiese en gevaarlike lewe in Johannesburg met die stadiger, rustiger pas van Kaapstad en druk uiteindelik 'n voorkeur uit vir eersgenoemde se intense ritme ten spyte van sy uitdagings.

5.4 Tegnologie

Industriële musiek handel gereeld oor tegnologie, en kan tegnofobies of tegnofilies wees (Reed 2013:48–9). Winter Soul se "Reactor" (*Reactor* 2008) verwys byvoorbeeld na die vernietigende impak van kernkrag ná die Tsjernobil-ramp:

I walk the deserted streets
I walk the poisoned woods
witness the place of ruin
where homes once stood.

In Afrikaans handel "Masjien" (*Shadow* 2014) van Terminatryx oor masjiene wat die wêreld oorneem:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

die ratte draai nou sonder end
te laat om dit te keer
die aarde permanent geskend
masjien nou in beheer.

Aansluitend by die verwysing na masjiene en tegnologie noem Vecchio (2014:65) dat die bepaling van die grens tussen die mensdom en sy skeppings – met ander woorde masjiene – 'n tema is wat gereeld in industriële musiek voorkom. Die Krupps sing byvoorbeeld in "Metal machine music" (*I* 1992):

forget what shame is
(what) fear remorse and pain is
we are relentless
anything for progress
an operation soulless
we're heartless and godless
(we're) synchronized and seamless
in worship of success
why do we act like machines?

Battery 9 se reeds genoemde "Kiss the machine" (*Strop* 1996) kan ook gesien word as 'n uitbeelding van hierdie vervaging van die grens tussen mens en masjien, omdat die masjien wat gesoen moet word, by implikasie die samelewing is.

5.5 Geweld

Woods (2007:62) skryf dat geweld 'n gereelde tema in industriële musiek is. Hanley (2011:130) noem die voorbeeld van Throbbing Gristle se "Zyklon B Zombie" (*"United" / "Zyklon B Zombie"* 1978), wat die verhaal vertel van 'n klein Joodse meisie wat na haar dood in die gaskamer gelei word en die Nazi-wag wat haar begelei, met 'n verteller wat die oogpunt onvoorspelbaar tussen die twee hoofkarakters van die liedjie verskuif:

I'm just a little Jewish girl
Ain't got no clothes on
and if I had a steel hammer
I'd smash your teeth in
and as I walk her to the gas chamber
I'm out there laughing
Zyklon, Zyklon, Zyklon B, Zombie, Zombie.

Ander industriële liedjies en kunstenaars betrek moordenaars. Die een weergawe van Throbbing Gristle se "Slug bait" (*The second annual report* 1977) gebruik byvoorbeeld gesproke woorde van 'n Charles Manson-onderhoud waarin hy die grusame moord op Sharon Tate beskryf, gevolg deur klankgrepe van 'n radio-omroeper wat die moord rapporteer (Hanley 2011:234). Die naam van een van die bekendste industriële groepe, Marilyn Manson, is 'n samevoeging van Marilyn Monroe en Charles Manson se name, terwyl ander lede van die groep soortgelyke samevoegings gebruik het: Twiggy Ramirez (van die modemodel Twiggy en die reeksmoordenaar Richard Ramirez), Madonna Wayne Gacy (van die popsanger Madonna en die reeksmoordenaar John Wayne Gacy), en Ginger Fish (van die filmaktrise Ginger Rogers

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

en die reeksmoordenaar Albert Fish) (Hanley 2011:384). Rammstein se "Myn Teil" (*Reise, Reise* 2004) handel weer oor Armin Meiwes, 'n Duitse man wat in 2001 skuldig bevind is aan manslag nadat hy die penis van 'n man wat vrywillig aangebied het om gedood en opgeëet te word, gekannibaliseer het.

Geweld kom gereeld voor in Battery 9 se lirieke, byvoorbeeld in die reeds genoemde "Blaas hom" (*Wrok* 1998) en "Geen genade" (*Galbraak* 2008). Hulle sing ook van moord in "Wurg" (*Wrok* 1998):

> die wêreld sal 'n aangenamer plek wees sonder jou
> ek wil jou in 'n hok gooi dat die wolwe aan jou kou
> jou gil-geprewel sal musiek wees in my ore
> 'n stem in jou leë kop wat sê hoe geheel verlore
> ek gaan jou wurg
> ek gaan jou wurg
> ek gaan jou wurg
> ek gaan jou wurg
> tot die patoloë peuter
> aan jou lyk soos 'n kleuter
> ek gaan jou verwurg.

In "Jou kop op 'n paal" (*Galbraak* 2008) is die spreker selfs meer grusaam:

> ek soek jou kop
> ek soek jou kop
> ek soek jou kop op 'n paal
> as die duiwel met jou klaar is gaan ek jou kom haal.

Verskeie ander liedjies beeld vuisgevegte uit, soos die reeds genoemde "Vatso jou booswig" (*Strop* 1996). Veral kleurvol in hierdie opsig is "Meer bek as binnegoed" (*Voorbedag* 2019):

> jy kan dankbaar wees daai bek is nog heel
> ek sal like om jou te moer maar ek gril te veel
> ek slaan nie aan kak nie, want dit spat
> as ek jou strot afdruk sal ek aan jou moet vat.

Battery 9 betrek met ander woorde die tema van geweld deur dade van moord en wreedheid aanskoulik uit te beeld, waar die sprekers grafiese en grusame bedoelings teenoor hul slagoffers beskryf. Hul werk weerspieël dikwels 'n donker, aggressiewe toon wat ooreenstem met die breër industriëlemusiekgenre se verkenning van gewelddadige temas.

In geheel gesien, sluit Battery 9 se lirieke aan by verskeie temas wat dikwels in industriële musiek voorkom, soos die verwerping van gesag, die uitbeelding van die stad as 'n distopiese ruimte, tegnologie en geweld. Leonard (2002:56) verwys ook na Battery 9 se "hekelende lirieke oor vervreemding, swak adresse, pleidooie vir nuwe helde, parasiete en, ûhm, die duiwel met 'n Ricky Martin-borsspeld aan sy lapel". Soos ander industriële kunstenaars gebruik Battery 9 ironiese en kritiese lirieke om blinde gehoorsaamheid aan gesag te bevraagteken, soos gesien in "Kiss the machine" en "Wees bevrees," waar hulle gesagsfigure en tradisionele Afrikaner-instellings bespot. Die distopiese uitbeelding van die stad, veral Johannesburg, is prominent in

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

hulle werk, met liedjies wat stedelike verval, misdaad en persoonlike wanhoop beskryf, soos "Geen genade" en "Kom hier". Battery 9 se verwysings na tegnologie, soos in "Kiss the machine", weerspieël die vervaging van grense tussen mens en masjien, 'n algemene tema in die genre. Geweld is ook 'n gereelde motief, met lirieke wat grafiese en grusame dade van wreedheid en moord uitbeeld, soos in "Wurg" en "Jou kop op 'n paal". Waar Battery 9 egter van ander industriële groepe afwyk, is in die afwesigheid van fascistiese simbole en beelde, wat hulle beskerm het teen die misverstande en kontroversies wat ander groepe soos Ministry en VNV Nation ervaar het. Hulle benadering tot die tema van gesag is subtieler, wat hul unieke plek binne die industriële musiektoneel versterk.

Alhoewel Battery 9 se lirieke nie uitdruklik polities is nie, resoneer hierdie temas met die breër sosiale en politieke veranderinge wat gedurende die 1990's in Suid-Afrika plaasgevind het, 'n tyd van oorgang en onsekerheid. Hul lirieke beeld 'n verwerping van ouer gesagstrukture uit, in ooreenstemming met die gees van vernuwing wat tydens die 1990's ontstaan het, asook frustrasie met die geweld wat tydens die oorgangsperiode deel geword het van die Suid-Afrikaanse landskap.

6. Ten slotte

Battery 9 se bydrae tot die Afrikaanse rockmusiektoneel is onmiskenbaar, al is hulle dikwels in akademiese en populêre musiekgeskiedenis onderwaardeer. Deur die gebruik van sintetiseerders, antimusiek en buitemusikale elemente het Battery 9 'n uniek Suid-Afrikaanse weergawe van industriële musiek geskep. Hul lirieke weerspieël die donker en transgressiewe aard van die genre en bied 'n kragtige uitbeelding van donker temas soos depressie en geweld. Battery 9 se musiek bly 'n eiesoortige uitdrukking van industriële musiek se kernwaardes en bied 'n unieke bydrae tot die Suid-Afrikaanse musiektoneel.

Hierdie ondersoek het wel ander Afrikaanse industriële groepe soos Die Kruis en NuL genoem, maar dit sinvol wees om ook hierdie groepe se bydraes tot die Afrikaanse musiektoneel, en ook hul lirieke, te ondersoek. Boonop het hierdie artikel gefokus op hoe Battery 9 se lirieke aansluit by bekende temas in industriële musiek, en verskeie ander invalshoeke sou geneem kon word om hul lirieke verder te ondersoek.

Bibliografie

Anoniem. 2008. *NuL biography*. https://web.archive.org/web/20081026090706/http://www.onefmusic.com/artists/nul.php (19 Augustus 2024 geraadpleeg).

Baker, S., C. Strong, L. Istvandity en Z. Cantillon (reds.). 2018. *The Routledge companion to popular music history and heritage*. Oxon: Routledge.

Ballantine, C. 2004. Re-thinking "whiteness"? Identity, change and "white" popular music in post-apartheid South Africa. *Popular Music*, 23(2):105–31. DOI: 10.1017/S0261143004000157.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Battery 9. 2008. Facebook-plasing, 13 Augustus. https://www.facebook.com/Battery9/photos/pb.100031740651763.-2207520000/24010986794/?type=3 (28 Augustus 2024 geraadpleeg).

Blom, P., S. Ruppersberg en N. Meyer. 2016. Die kind is nog jonger: onderhoud met Terminatryx. https://www.litnet.co.za/die-kind-nog-jonger-onderhoud-met-terminatryx (19 Augustus 2024 geraadpleeg).

Bosman, M. 2003. Het Afrikaanse rock iets vir die Afrikaanse poësie te sing? *Stilet*, 15(1):101–21.

Bouwer, A.-R. 2014. Musiek in "die taal" word groot. Netwerk 24. https://www.netwerk24.com/netwerk24/musiek-in-die-taal-word-groot-20140426 (15 Augustus 2024 geraadpleeg).

Concert Archives. 2024. Houtstok 1990. https://www.concertarchives.org/concerts/houtstok#lineup-section (20 Augustus 2024 geraadpleeg).

Coyne, L. 2017. *Grimmig* van Battery 9: 'n resensie. https://www.litnet.co.za/grimmig-van-battery-9-n-resensie (4 September 2024 geraadpleeg).

De Vries, F. 1995. Battery 9. Sound of the inner city. *Mail & Guardian*, 15 Junie.

Gedye, L. 2016. Live Jimi Presley's album comes 26 years after they first set fire to SA stages. https://www.timeslive.co.za/sunday-times/lifestyle/2016-04-24-live-jimi-presleys-album-comes-26-years-after-they-first-set-fire-to-sa-stages (2 September 2024 geraadpleeg).

Granholm, K. 2011. "Sons of northern darkness": Heathen influences in black metal and neofolk music. *Numen*, 58(4):514–44. DOI: 10.1163/156852711X577069.

Gregorowski, K. 2015. Terminatryx: on ministry, witchfest & beyond! Underground Press. https://www.undergroundpress.co.za/interviews/terminatryx-on-ministry-witchfest-beyond (4 September 2024 geraadpleeg).

Grundlingh, A. 2004. "Rocking the boat" in South Africa? Voëlvry music and Afrikaans anti-apartheid social protest in the 1980s. *The International Journal of African Historical Studies*, 37(3):483. DOI: 10.2307/4129042.

Grundlingh, A.M. en S. Huigen (reds.). 2008. *Van volksmoeder tot Fokofpolisiekar: kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*. Stellenbosch: Sun Press.

Hanley, J.J. 2011. Metal machine music: technology, noise, and modernism in industrial music 1975–1996. PhD-proefskrif, Stony Brook University.

Hoad, C. 2021. *Heavy metal music, texts, and nationhood: (re)sounding whiteness*. Cham: Springer International Publishing. DOI: 10.1007/978-3-030-67619-3.

Hopkins, P. 2006. *Voëlvry: the movement that rocked South Africa*. Kaapstad: Zebra Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Jarvis, C. 1999. From the blunt mag archive: Battery 9 – Is Paul Riekert a good oke? https://bluntmagza.com/battery-9-is-paul-riekert-a-good-oke (15 Augustus 2024 geraadpleeg).

Kahn-Harris, K. 2007. *Extreme metal: music and culture on the edge*. Oxford: Berg.

Klopper, A. 2008. "In wrede woede het ek die hand wat beheer gebyt." Die opkoms van Afrikaanse (punk)rockmusiek. In Grundlingh en Huigen (reds.) 2008:207–18.

—. 2009. Die opkoms van Afrikaanse rock en die literêre status van lirieke, met spesifieke verwysing na Fokofpolisiekar. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

—. 2011. *Biografie van 'n bende. Die storie van Fokofpolisiekar*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Kriel, M. 1998. Taal en identiteitskrisis, en die alternatiewe Afrikaanse musiekbeweging. *South African Journal of Linguistics*, 16(1):16–26. DOI: 10.1080/10118063.1998.9724128.

Kruger, H. 2019. Rus in vrede Piet Botha. *SA Music Zone*. https://samusiczone.co.za/rus-in-vrede-piet-botha (20 Augustus 2024 geraadpleeg).

Leonard, C. 2002. Die kaalkop willewragtig, *Insig*, Oktober, ble. 56–8.

Lion-Cachet, F. 2020. Somerfaan se bewuswording en nuwe album. *Klyntji*. https://klyntji.com/joernaal/2020/11/193/somerfaan-at-nel (15 Augustus 2024 geraadpleeg).

Loubser, L. 2014. Afrikaner identity in the born-free generation – Voortrekkers, farmers and Fokofpolisiekar. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

Marais, D. 2008. Wanneer is lirieke ook poësie? *Insig*, 1 Januarie, bl. 28.

Mauchline, D. 2024. Persoonlike onderhoud gevoer deur artikelskrywer. Vanderbijlpark, 31 Augustus.

Mulder, B.S. 2016. An exploration of how South African youth experience heavy metal music. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

Nell, W. 2014. Afrikaanse liedtekste in konteks – die liedtekste van Bok van Blerk, Fokofpolisiekar, the Buckfever Underground en Karen Zoid. MA-verhandeling, Unisa.

Potter, E. en J. Whittaker. 2022. Introduction: Assemblages and interventions. In Potter en Whitaker (reds.) 2022.

Potter, E. en J. Whittaker (reds.). 2022. *Bodies, noise and power in industrial music*. Cham, Switserland: Palgrave Macmillan.

Redelinghuys, P. 2001. Afrikaanse rock, *Insig*, Desember, 64–9.

Reed, S.A. 2013. *Assimilate: a critical history of industrial music*. New York: Oxford University Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Riekert, P. 2024a. Paul Riekert. LinkedIn. https://za.linkedin.com/in/paul-riekert-6b109113 (20 Augustus 2024 geraadpleeg).

—. 2024b. Persoonlike onderhoud gevoer deur artikelskrywer. Roodepoort, 30 Augustus.

Roggeband, I. 2009. *50 Stemme: die grootste name in Afrikaanse musiek*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers SA.

Senekal, B.A. 2009. "Die lied van die nuwe jong Suid-Afrika": die representasie van vervreemding in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 16(2):53–67.

—. 2011. Vervreemding in die ekstreem: 'n oorsig oor normloosheid en sosiale isolasie in Afrikaanse ekstreme metal. *LitNet Akademies*, 8(1):76–101. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/01/LA_8_1d_senekal.pdf.

—. 2013. Fokofpolisiekar en die musiek van vervreemding. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 20(1):87–101.

Senekal, B.A. en C. van den Berg. 2010. 'n Voorlopige verkenning van postapartheid Afrikaanse protesmusiek. *LitNet Akademies*, 7(2):98–128. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/01/LA_7_2_senekal.pdf.

Smit, M. 2018. Poësie op die podium: 'n ondersoek na die sosiale rol en betrokkenheid van performatiewe kultuurvorme, met spesifieke verwysing na Afrikaanse gedigte en lirieke. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Songkick. S.j. Battery 9. Past concerts. https://www.songkick.com/artists/181292-battery-9/gigography (6 Maart 2025 geraadpleeg).

Strydom, N. 2019. Rocklegende Piet Botha oorlede. Maroela Media. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/rocklegende-piet-botha-oorlede (20 Augustus 2024 geraadpleeg).

Suriano, M. en C. Lewis. 2015. Afrikaners is plesierig! *Voëlvry* music, anti-apartheid identities and Rockey Street nightclubs in Yeoville (Johannesburg), 1980s–90s. *African Studies*, 74(3):404–28. DOI: 10.1080/00020184.2015.1004850.

Swart, V. 2011. *Toorwoorde roep my*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Tagg, P. en K.E. Collins. 2001. The sonic aesthetics of the Industrial: Re-constructing yesterday's soundscape for today's alienation and tomorrow's dystopia. *Sound Practice*, 101–8.

Terminatryx. 2018. *Biography*. https://www.terminatryx.com/TXbiog.htm (15 Augustus 2024 geraadpleeg).

Trafford, S. 2021. *Nata vimpi curmi da*: dead languages and primordial nationalisms in folk metal music. In Valijärvi, Doesburg en Digioia (reds.) 2021:223–40.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Valijärvi, R.-L., C. Doesburg en A. Digioia (reds.). 2021. *Multilingual metal music: sociocultural, linguistic and literary perspectives on heavy metal lyrics*. Bingley: Emerald Publishing Limited. DOI: 10.1108/978-1-83909-948-920200020.

Van der Merwe, S. 2018. The history and heritage of popular Afrikaans music. In Baker, Strong, Istvandity en Cantillon (reds.) 2018:358–66.

Van der Merwe, S.D. 2019. *Plate en politiek – populêre Afrikaanse musiek en die samelewing, 1900–2017*. Bloemfontein: SunPress.

Van Wyk, L. 2011. *Battery 9's Huyser Burger dies, age 39*. *Mail & Guardian*. https://mg.co.za/article/2011-12-05-powerhouse-of-art-and-music (21 Augustus 2024 geraadpleeg).

Vecchio, R. 2014. Exploring the evolution of industrial music: a historical and analytical perspective. MA-verhandeling, Texas State University.

Woods, B.D. 2007. Industrial music for industrial people: the history and development of an underground genre. MA-verhandeling, Florida State University.

Diskografie

Battery 9. 1995. *Protskrog*. One F Music / Tic Tic Bang.

—. 1996. *Strop*. One F Music / Tic Tic Bang.

—. 1997. *Gris*. One F Music / Tic Tic Bang.

—. 1998. *Wrok*. One F Music / Tic Tic Bang.

—. 2002. *Sondebok*. One F Music / Gallo Record Company.

—. 2005. *Straks*. One F Music.

—. 2008. *Galbraak*. One F Music.

—. 2016. *Grimmig*. One F Music.

—. 2019. *Voorbedag*. One F Music.

—. 2020. *Afstand*. One F Music.

Burzum. 1994. *Hvis lyset tar oss*. Misanthropy, Cymophane.

Die Kruis. 2000. *Begrawe jou engele*. Onbekend.

Die Krupps. 1992. *I*. Rough Trade.

Dimmu Borgir. 1995. *For all tid*. No Colours.

Einstürzende Neubauten. 1980. *Für den Untergang*. Monogam.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

—. 1993. *Tabula Rasa*. Mute Records.

Enslaved. 1994. *Vikingligr Veldi*. Deathlike Silence.

F8. 1998. *F8*. Onbekend.

Live Jimi Presley. 2016. *Live Jimi Presley*. Onafhanklik.

Ministry. 1988. *The land of rape and honey*. Sire Records.

—. 1992. *Psalm 69: The way to succeed and the way to suck eggs*. Sire Records.

—. 2006. *Rio grande blood*. 13th Planet, Megaforce.

NuL. 2004. *Een*. One F Music.

—. 2007. *Twee*. One F Music.

—. 2009. *Drie*. One F Music.

Rammstein. 1998. *Sehnsucht*. Motor Music.

—. 2004. *Reise, reise*. Universal.

Swart, V. 1996. *Die mystic boer*. Wildebeest Records.

Terminatryx. 2008. *Terminatryx*. Flamedrop.

—. 2011. *Remyx v1.0*. Flamedrop Productions.

—. 2014. *Shadow*. Flamedrop Productions.

—. 2017. *Remyx v2.0*. Flamedrop Productions.

—. 2022. *Terminatryx III*. Flamedrop Productions.

Throbbing Gristle. 1977. *The second annual report*. Industrial Records.

—. 1978. *United / Zyklon B zombie*. Industrial Records.

Verskeie kunstenaars. 2000a. *Dystopian visions*. Dystopian Records.

Verskeie kunstenaars. 2000b. *Om te Breyten*. Gallo.

Verskeie kunstenaars. 2016. *Ingrid Jonker – Die kind is nog jonger*. Flamedrop / Sound Action.

Voice of Destruction. 1996. *Bloedrivier*. Morbid Records.

Wintersoul. 2008. *Reactor*. Subterania Music.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b5

Filmografie

Avery, D. 2005. *Loose change 9/11*. Louder Than Words.

Lawrence, F. 2005. *Constantine*. Warner Bros.

Moore, M. 2002. *Bowling for Columbine*. United Artists.

Riefenstahl, L. 1938. *Olympia*. Olympia Film GmbH.

Schlöndorff, V. 1979. *The tin drum*. Franz Seitz Filmproduktion.

Strijdom, V. 2014. *Suurlemoen!* Blixem Productions.

Eindnotas

[1] Roggeband (2009:141) haal Francois Breytenbach Blom in hierdie verband aan.

[2] Daar is nie eenstemmigheid oor Rammstein se posisie as industriële groep nie, maar die groep word gewoonlik as industrieel gesien. Reed (2013:195) skryf: “Rammstein is not strictly industrial by most definitions, but the style of metal they play (the German press call it Neue Deutsche Härte) couldn’t have happened without the likes of Laibach, Die Krupps, and Ministry.” Ook Potter en Whittaker (2022:5), Hanley (2011:413) en Woods (2007:54) sluit Rammstein onder industriële rock/metal in.

[3] Nie alle weergawes van *Sehnsucht* bevat hierdie liedjie nie.

[4] Battery 9 sluit nie lirieke op hul albumomslae in nie, en daarom is spelling en tipografie vir hierdie artikel gebaseer op ’n interpretasie van die liedjies self. Sommige lirieke is aanlyn beskikbaar, maar nie op die amptelike Battery 9-webwerf nie, wat beteken dat ook sulke weergawes van die lirieke op ’n interpretasie gebaseer is.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Die organisatoriese transformasie van die Oranje-Vrystaatse krygsmag in die periode Oktober 1899 tot Julie 1900

Jaco de Bruin en André Wessels

Jaco de Bruin en André Wessels, Navorsingsgenote, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die doel van hierdie artikel is om aan te dui waarom en op welke wyse die struktuur en organisasie van die Oranje-Vrystaat (OVS) se krygsmag in die periode Oktober 1899 (toe die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het) tot en met Julie 1900 (dus omstreeks die tyd van die gebeure in die Brandwaterkom) verander het; dus teen die tyd dat die Vrystaat en sy republikeinse bondgenoot (die Zuid-Afrikaansche Republiek; ZAR, Transvaal) op die agtervoet was. Die posisie en rol van range soos die Vrystaat se staatspresident, hoofkommandante, assistenthoofkommandante en veggeneraals word bespreek. Toepaslike wette en die gepaardgaande regsimplikasies word ook ontleed. Ten slotte word die gevolge wat bogenoemde sake vir die Vrystaat se gewapende magte wat in Julie 1900 in die Brandwaterkom was (en waar hulle sonder verdere weerstand oorgegee het) aangedui.

Trefwoorde: Anglo-Boereoorlog; Brandwaterkom; generaal C.R. de Wet; Oranje-Vrystaatse krygsmag; president M.T. Steyn

Abstract

The organisational transformation of the Orange Free State military forces in the period October 1899 to July 1900

Proceeding from the assumption that the organisational transformation of any country's military forces must take place in an orderly fashion, and must thus also be in line with existing laws, it is the purpose of this article to ascertain to what extent, and in which ways, the October 1899 structure of the Orange Free State's armed forces was changed in the months following

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

the outbreak of the Anglo-Boer War (11 October 1899) until mid-1900, and to what extent these changes were responsible for the July 1900 events, when a large Orange Free State (OFS) army surrendered without a fight in the Brandwater Basin. In particular, the role played by General Christiaan R. de Wet and President M.T. Steyn is scrutinised.

When the war broke out, at least 30 000 Transvaal (i.e. Zuid-Afrikaansche Republiek; ZAR) burghers and approximately 20 000 Orange Free State (OFS) burghers were called to arms in the fight for republican independence against the British Empire. As is well-known, the Boer armies initially successfully beat back the British forces, but Lord Roberts's indirect strategy led to a positive reversal of the British Army's fortunes and the concomitant capture of Bloemfontein, the OFS's capital, on 13 March 1900. The Free State forces were consequently withdrawn from the Cape Colony, and many of them fell back further northwards via the Eastern OFS. By mid-July 1900, a large Free State army was concentrated in the Brandwater Basin, i.e. between Fouriesburg, Bethlehem and present-day Clarens.

In an effort to structure and provide leadership in the Boer commando system, a rank structure was developed in the course of the years leading up to the outbreak of hostilities. As far as the Free State's armed forces were concerned, the state president was both the official commander-in-chief ("opperbevelhebber") and the commander-in-chief-in-the-field; i.e. chief officer commanding in the field ("opperbevelvoerder"). Chief commandants (in practice usually referred to as generals) commanded large units, sometimes referred to as "krygsafdelings" (armies) of the armed forces. In each army-in-the-field ("krygsafdeling"), there were a number of commandants (each commanding burghers from a particular town or district in the OFS), and each commandant had a number of field-cornets under his command.

Until January 1900 (i.e. in a period when the Boer forces were relatively successful), each chief commandant mainly operated in his own designated operational area. However, after the Free State forces fell back from the Cape Colony, and after Bloemfontein was occupied by the British Army, several chief commandants found themselves grouped together in armies that were patched together. In an effort to eliminate personality clashes and ensure proper command and control, the OFS president should, ideally, have taken overall command in the field, or should have united the commandos and facilitated the election of either a new chief commandant or – in line with the Transvaal's rank structure – a commandant-general. However, the OFS laws with regard to this kind of intervention by the Free State's president were ambiguous, and no sources could be found that clearly indicate whether or not M.T. Steyn in practice amended any law or issued a proclamation which would legally have enabled him to intervene. In the meantime, at a council-of-war meeting that was held at Kroonstad on 17 March 1900, the Boers decided to resort to mobile (i.e. guerrilla) warfare. On 31 March 1900, at the battle at Sannaspos, General Christiaan de Wet proved to be an expert exponent of this kind of warfare, and thus rose to further prominence as a Boer commander.

By July 1900, there were three "krygsafdelings" in the Eastern Free State, each with its own chief commandant. However, as early as 19 April 1900, either President M.T. Steyn or the OFS military commission ("krygskommissie") appointed Christiaan de Wet as chief commandant of the Free State forces; but the legality of the appointment can be questioned, and it is not clear whether the appointment was (legally) finalised. However, General Jan Smuts was sure that De Wet had legally been appointed "to the chief position in the Free State Army". But why did Steyn not officially inform the Free State's Executive Council of the appointment, and why was the appointment not published in the government gazette?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Steyn should have asked the combined “krygsafdelings” in the Eastern Free State to elect a new chief commandant. Sources indicate that De Wet was uncomfortable about the legality of his appointment, and consequently asked Steyn for an election to be held. Steyn refused the request, but De Wet nevertheless continued with the election process and was subsequently elected as chief commandant in the third week of June 1900. However, other senior OFS officers, including Marthinus Prinsloo, continued to command forces with the rank of chief commandant; as a matter of fact, in due course, commandos elected additional chief commandants, for example, F.J.W.J. Hattingh.

To address the abovementioned issue, De Wet appointed combat generals (“veggeneraals”) in the place of chief commandants, but this complicated matters even further and led to more confusion. The rank of combat general did not appear in OFS laws governing the republic’s armed forces, and in due course, De Wet appointed these combat generals in the position of assistant chief commandants – a rank that he created and which, once again, was not to be found in Free State legislation.

In the period October 1899 to July 1900, the way in which the Boers allocated ranks became increasingly confusing, which in turn affected their actions, or lack of purposeful actions. This had negative consequences for the Boer war effort, as clearly illustrated by the events that took place in the Brandwater Basin at the end of July 1900. While British forces approached the Basin and soon occupied all the entrances to the Basin, the senior officers of the trapped Boer forces argued amongst themselves as to who was officially in overall command, instead of breaking out – as De Wet, Steyn and about 2 000 men did on 15 July 1900. On 29 July, Chief Commandant Marthinus Prinsloo negotiated terms of surrender with Lieutenant-General Archibald Hunter. By 9 August 1900, three Boer generals (chief commandants), nine commandants and 4 314 burghers were prisoners of war. By surrendering such a large force without putting up any resistance, Prinsloo and his accomplices dealt the Free State forces (and Boers in general) a blow from which they did not recover. The war dragged on for another 22 months, leaving large areas devastated, and tens of thousands of white and black civilians dead in internment camps – and both the OFS and ZAR lost their republican independence.

Keywords: Anglo-Boer War; Brandwater Basin; General C.R. de Wet; Orange Free State Boer military forces; President M.T. Steyn

1. Inleiding

Die organisasie van die Oranje-Vrystaatse krygsmag ten tyde van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) in Oktober 1899 is voorheen al beskryf en geëvalueer (De Bruin en Wessels 2019:16–35). Die vraag is egter of daar in die loop van die daaropvolgende oorlogsmaande enige verdere veranderinge in die organisasie van dié krygsmag plaasgevind het. Uitgaande van die standpunt dat enige organisatoriese transformasie ten opsigte van ’n land se gewapende magte ordelik en dus ook in lyn met bestaande wetgewing moet geskied, is dit die doel van hierdie artikel om aan te dui waarom en op welke wyse die struktuur van die Vrystaatse krygsmag, soos wat dit in Oktober 1899 daar uitgesien het, in die daaropvolgende periode tot ongeveer Julie 1900 gewysig is. In die loop van die oorlog het dit naamlik nodig geword om die Vrystaatse militêre bevelstruktuur te wysig. Daar sal gepoog word om die noodsaak van sodanige wysigings uit te wys, asook die wetlike verpligtinge om enige wysiging

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

daar te stel. Voorts sal aangetoon word waarom die wysigings gemaak is. In die besonder sal gelet word op die rol wat generaal Christiaan R. de Wet en president M.T. Steyn gespeel het.

Die aard van die tema is enersyds histories, maar andersyds in ’n groot mate ook regstegnies van aard. Gegewe die feit dat die meeste lede van die Vrystaatse krygsmag van landelike gemeenskappe afkomstig was, het hulle mekaar in ’n groot mate as gelykes beskou. Ten einde die kommandostelsel behoorlik te struktureer en te bestuur, was dit uiteraard nodig om ’n rangstelsel in te stel. Die Boere se rangtoekenning het egter toenemend verwarrend geword, iets wat teen die tyd dat ’n groot deel van die oorblywende Vrystaatse magte hulle teen die middel van Julie 1900 in die Brandwaterkom in die Oos-Vrystaat bevind het, hul optrede (of gebrek aan optrede) beïnvloed het – en op sy beurt het dit weer negatiewe gevolge vir die Boere se vermoë om hul versetstryd voort te sit, ingehou.

2. Die militêr-historiese konteks

Die Anglo-Boereoorlog het om 17:00 op Woensdag, 11 Oktober 1899 uitgebreek. Teenoor ten minste ongeveer 30 000 burgers wat met verloop van tyd in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR; Transvaal) opgeroep is vir militêre diens, het in totaal ten minste ongeveer 20 000 Vrystaters die wapen opgeneem in die oorlog teen Brittanje (Breytenbach 1978a:36, 38; Amery (red.) 1902:88; Maurice (red.) 1906:457–9; *Staats-almanak* 1898:51; *Report of His Majesty’s commissioners* 1903:158). Terwyl die OVS se president M.T. Steyn (in sy hoedanigheid as opperbevelhebber en opperbevelvoerder – later meer daaroor) en senior lede van sy regering hoofsaaklik in Bloemfontein (die regeringsetel) gebly het, is die Vrystaatse krygsmag aan die onderskeie oorlogsfronte ontplooi: ongeveer 6 000 aan die Natalse front, 4 800 aan die Boere se Wesfront, 1 000 aan die Basotholandse grens en 2 500 in die Suid-Vrystaat (Breytenbach 1978:147–51, 153, 156–62).

Soos algemeen bekend, het die republikeinse magte tydens die eerste oorlogsfase (Oktober–November 1899) die Britse kolonies, Natal en die Kaap, op beperkte skaal binnegeval, die Britse garnisoene te Ladysmith, Kimberley en Mafeking (vandag Mahikeng) beleër en verdedigingstellings ingeneem, van waar hulle gehoop het om oprukkende Britse magte te verslaan.[1] Die eerste Britse offensief (November 1899–Januarie 1900) is onder bevel van generaal sir Redvers Buller van stapel gestuur, maar is gestuit na aanleiding van die Boere se taktiese seges te Stormberg (10 Desember 1899), Magersfontein (11 Desember 1899) en Colenso (15 Desember 1899) – sáám bekend as die Britte se “Black Week”.[2]

Die Boere het nie hul taktiese suksesse opgevolg nie en unieke kanse om moontlike strategiese sukses te behaal, is verspeel. Die Britte is dus die geleentheid gebied om hul posisie te konsolideer, nog meer versterkings te bekom en te hergroepeer. Die tweede Britse offensief is in Februarie 1900 van stapel gestuur, en wel onder bevel van die nuwe Britse opperbevelhebber, lord Roberts. Sy indirekte strategie aan die Boere se Wesfront het die Boeremagte van balans gegooi en het gelei tot die ontsetting van Kimberley (15 Februarie 1900), die vaskeer, beleg en oorgawe van generaal Piet Cronjé te Paardeberg (17–27 Februarie 1900) en die inname van Bloemfontein (13 Maart 1900).[3] Dit het onder meer daartoe gelei dat die Vrystaatse magte aan die Kaapkolonie onttrek is, waarna ’n groot deel van hulle met verloop van tyd deur die Oos-Vrystaat teruggeval het en hulle teen die middel van Julie 1900 in, of in die omgewing van, die Brandwaterkom (tussen Fouriesburg, Bethlehem en die huidige Clarens) bevind het.[4]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Intussen het Buller – wat in beheer van die Britse magte in Natal gebly het – uiteindelik daarin geslaag om deur die Boeremagte te breek en Ladysmith te ontset (28 Februarie 1900), waarna die Boeremagte in Natal na die Transvaal en Vrystaat teruggeval het.[5]

3. Die Vrystaatse burgermag se bevelstruktuur in 1899

Die Vrystaatse krygsmag was, volgens die studie van De Bruin en Wessels (2019:16–35), in 1899 soos volg georganiseer: Die staatspresident was die opperbevelhebber en opperbevelvoerder van die krygsmag. Wat die presiese reëling met betrekking tot die verhouding tussen die Vrystaatse staatspresident en Transvaalse kommandant-generaal (aanvanklik generaal Piet Joubert; later generaal Louis Botha) omtrent die opperbevel van die Vrystaatse krygsmag was, is onseker. Vrystaatse hoofkommandante was op hul beurt weer die krygsafdelingbevelvoerders, wat aan die opdragte van die Vrystaatse staatspresident en/of die Transvaalse kommandant-generaal uitvoering moes gee. Binne die krygsafdelings was daar kommandante en veldkornette, wat op hul beurt aan die hoofkommandant onderhorig was. Daarenteen het militêre wetgewing in die ZAR uitdruklik bepaal dat in tye van oorlog die oppertoesig van die ZAR-krygsmag in die ZAR se kommandant-generaal gesetel was. Hierdie wet het uitdruklik bepaal dat ’n assistentveldkornet aan sy veldkornet se bevele onderhorig was. Op sy beurt was ’n veldkornet weer onderhewig aan die bevele van sy kommandant en ’n kommandant onderworpe aan die bevele van die kommandant-generaal; aldus Artikels 26 en 27 van Wet 20/1898 (ZAR).

Die OVS se militêre organisasie was binne die aanvanklike krygstrategie (dus in die periode Oktober 1899 tot Januarie 1900) suksesvol omdat die hoofkommandante elk binne hul eie operasionele gebied bevel gevoer het. Met die oorgawe van generaal Piet Cronjé te Paardeberg (27 Februarie 1900), die onttrekking van krygsafdelings uit die Kaapkolonie en die val van Bloemfontein (13 Maart 1900) – waarna reeds hier bo verwys is – was daar egter spoedig verskeie hoofkommandante binne die OVS-grondgebied in ’n saamgevoegde krygsafdeling (TAB, Leyds 709/10). Gedurende Mei en Junie 1900 is die ZAR-krygsmag toenemend gedwing om op eie bodem oorlog te voer, terwyl die OVS- krygsmag op sy beurt weer in die Vrystaat agtergebly het. Die opperbevel van gesamentlike republikeinse magte het daarom al hoe meer onbelangrik geraak. Dit het trouens eerder nodig geword om die Vrystaatse magte en hul oorlogspoging onder die bevel van hul eie opperbevelvoerder te plaas. Voorts was dit sekerlik ook nodig om die oorlogspoging in die twee republieke te koördineer. Hou ook in gedagte dat tydens die krygsraadsvergadering wat op 17 Maart 1900 te Kroonstad gehou is, daar onder meer besluit is om af te sien van statiese verdedigingsoorlogvoering, en tot bewegingsoorlog (mobiele oorlogvoering; guerrillaoorlogvoering) oor te gaan (Breytenbach 1983a:156–67). In die Transvaal het generaal Louis Botha en generaal Koos de la Rey met verloop van tyd die bekendste eksponente van guerrillaoorlogvoering geword, terwyl in die OVS hoofkommandant C.R. de Wet reeds op 31 Maart 1900 te Sannaspos sy slag as guerrillabevelvoerder getoon het – en dit met verloop van tyd met talle ander suksesse sou opvolg (Rabie 1980:5–30; De Wet 1903:55–68; Breytenbach 1983b:196–225).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

4. Die gewysigde bevelstruktuur van 1900

Teen Maart 1900 het die oorlogsgety teen die republikeinse magte gedraai. In reaksie hierop het die OVS sy drie Kaapse krygsafdelings (Aliwal-Noord, Colesberg en Kimberley) aan die Kaapkolonie onttrek en sy Natal-krygsafdeling aansienlik verklein in 'n poging om die Britse aanslag teen die OVS die hoof te bied. In hierdie proses is die drie krygsafdelings wat in die Kaap gestasioneer was, byeengebring, met die gevolg dat drie hoofkommandante ook in hierdie tyd binne dieselfde gebied en binne 'n losse saamgevoegde krygsafdeling aanwesig was. J. Voet, in sy *De iure militari*, het uitdruklik verklaar dat die aanwesigheid van verskeie offisiere van gelyke rang sonder 'n opperbevelvoerder niks goeds vir 'n krygsmag inhou nie (Van der Westhuizen 1988:142). Die staatspresident sou in hierdie omstandighede óf self die oorhoofse bevel moes neem, óf die kommando's verenig en in die plek van die drie hoofkommandante die verkiesing van 'n nuwe hoofkommandant van die saamgevoegde krygsafdeling gelas. 'n Alternatief sou wees om 'n kommandant-generaal te verkies, wat as die opperbevelvoerder kon dien. Laasgenoemde alternatief was veral belangrik omdat die twee republieke voortaan elk binne 'n eie gebied en afsonderlik van mekaar sou optree. Die oorhoofse bevel van die gesamentlike republikeinse magte, gesetel in die Transvaalse kommandant-generaal, sou daarom nie langer vir die Vrystaatse krygsmag geld nie, aangesien daar vanaf Mei 1900 'n duidelike skeidslyn in die operasionele gebied van die twee krygsmagte gesien kon word.

Uit die herinneringsgeskrifte van Henning Olivier (die seun van hoofkommandant J.H. Olivier) blyk dit dat die samevoeging van die drie Kaapse krygsafdelings onmiddellik vrae oor die status van die verskillende hoofkommandante tot gevolg gehad het. Henning Olivier verklaar dat hoofkommandant J.H. Olivier daarop aangedring het dat die Vrystaatse staatspresident 'n verkiesing van 'n hoofkommandant vir die nuwe, saamgevoegde krygsafdeling, in ooreenstemming met die bepalings van die aanvullingswet van 1899, moes gelas. Hy toon verder aan dat die staatspresident vir J.H. Olivier in kennis gestel het dat hy (die staatspresident) vir C.R de Wet as die hoofkommandant-generaal aangestel het (TAB, A1237: 6).[6]

Behalwe vir die geskrifte van Henning Olivier kon geen ander bron gevind word wat die versoek van J.H. Olivier aan die staatspresident bevestig nie. Voorts het die rang van hoofkommandant-generaal nie in die OVS se militêre wetgewing bestaan nie. Die staatspresident het ook nie die bevoegdheid gehad om 'n persoon in die rang van hoofkommandant of kommandant-generaal aan te stel nie. Ingevolge Wet 34 van 1899 sou die staatspresident wel sy bevoegdhede kon gebruik om die aanvullingswet van 1899, of selfs die *Krijgs- en Commandowet* (Wet 10 van 1899), te wysig om sodoende aan hom die bevoegdheid te verleen om so 'n aanstelling te maak. Ander voorbeelde bestaan wel waar die staatspresident van die bevoegdhede, soos verleen deur Wet 34 van 1899, gebruik gemaak het en 'n proklamasie in die staatskoerant gepubliseer het. Volgens ds. J.D. Kestell het die staatspresident wel die bevoegdheid uit hoofde van Wet 34 van 1899 gehad om so vir De Wet tot opperbevelvoerder aan te stel (Kestell 1920:77.)

Kestell is in sy aanname korrek, maar laat egter na om met die proklamasie te handel wat kragtens die bepalings van Wet 34 van 1899 moes volg om aan die staatspresident die bevoegdheid te verleen om so 'n aanstelling te maak. Geen proklamasie kon egter gevind word wat aan die staatspresident die diskresie verleen het om 'n hoofkommandant of kommandant-generaal aan te wys nie. So ook kon geen bevestiging in die staatskoerante gevind word wat daarop dui dat die staatspresident sy bevoegdheid gebruik het om 'n nuwe rang van hoofkommandant-generaal daar te stel nie. Uit die notules van die Uitvoerende Raad blyk dit verder

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

dat die staatspresident nooit met hierdie liggaam oorleg gepleeg het om so ’n wysiging aan te bring, of om ’n nuwe rang van hoofkommandant-generaal daar te stel, of ’n hoofkommandant aan te wys nie (VAB, UR 17:125 e.v.)

Die aanstelling van Christiaan de Wet tot hoofkommandant word wel in ’n telegram van 20 April 1900 van die OVS-staatspresident aan die kommandant-generaal van die ZAR bevestig. In die telegram skryf die staatspresident soos volg: “Juist van Hoofdcomdt C. De Wet terug gekomen. Zed Gestr werd gisteren benoemdt tot Hoofd Komdt van alle Vrystaatsch commandos [...]” (TAB, Leyds 721/6: Telegram, 20 April 1900).[7] C.J. Asselbergs, die Nederlandse militêre attaché, skryf ook in sy dagboek op 19 Maart 1900 soos volg: “Naar we verder van de President [vernemen] krijgt generl. De Wet nu ongeveer 6 000 menschen en 20 kanonnen onder zijn bevelen” (Scholtz en Scholtz (reds.) 1978:56). Dit is interessant dat Pakenham verklaar dat De Wet as kommandant-generaal aangewys is (Pakenham 1979:387). Uiteraard beteken ’n benoeming nie noodwendig dat ’n amptelike aanstelling gevolg het nie. Dié telegram van die staatspresident meld nie die persoon of instansie verantwoordelik vir die benoeming nie. Die afleiding sou wel gemaak kon word dat óf die Uitvoerende Raad, óf die krygskommissie, óf die staatspresident self vir die benoeming verantwoordelik was. In die notules van die Uitvoerende Raad vir 1900 kon egter geen besluit tot dien effekte gevind word nie (VAB, UR 17:125 e.v.).

Dit laat alleen die staatspresident en krygskommissie as moontlike gesag vir die benoeming van C.R. de Wet as die hoofkommandant van alle OVS-kommando’s. Geen notules van die krygskommissie, of enige ander stukke in hierdie verband, kon gevind word nie. Dit is daarom onmoontlik om die krygskommissie as gesag vir die benoeming uit te sluit. Daarmee saam is dit belangrik om met verwysing na die telegram daarop te let dat die benoeming van C.R. de Wet tot die rang van hoofkommandant wel die goedkeuring van die staatspresident, as opperbevelhebber van die krygsmag, weggedra het. Dit is weer nodig om te benadruk dat C.R. de Wet alleen benoem is. ’n Benoeming kon tot ’n verkiesing, of latere aanstelling, aanleiding gee. Geen verdere gegewens kon egter gevind word om te bepaal of die proses wel afgehandel is nie. Die teendeel spreek eerder, naamlik dat die posisie van C.R. de Wet nie gefinaliseer is nie.

Volgens J.C. Smuts was dit die staatspresident wat C.R. de Wet as opperbevelvoerder van die OVS-magte aangestel het: “Christian [sic] de Wet started and remained in a subordinate position until it was too late. A mere commandant at Modderspruit [30 October 1899], a mere fighting general on the Modder River [February 1900], his active genius was thwarted at every stage by the stupidity of his superiors and the insubordination of his undisciplined men. Even after the fall of Bloemfontein [13 March 1900] and his signal victory at Sannahspost [Sannaspos, 31 March 1900], he occupied an inferior position to his brother [Pieter Daniël] Piet, who was soon destined to disgrace the name he bore, and, but for the clear insight of President Steyn, Christian de Wet would not have been appointed to the chief position in the Free State Army” (Nattrass en Spies 1999:71).[8] Henning Olivier verwys ook na ’n krygsvergadering waar P.D. de Wet die staatspresident bitterlik verwyt het dat hy nie ’n verkiesing gelas het om ’n hoofkommandant te verkies nie. Hierdie vergadering het aan die begin van Junie 1900 plaasgevind. Tydens hierdie vergadering is ook die wapenstilstand wat P.D. de Wet aan die Britse magte toegestaan het, bespreek (TAB, A1237:9).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Die bostaande bespreking skep die indruk dat die benoeming van C.R. de Wet as hoofkommandant, soos deur die staatspresident aan die Transvaalse kommandant-generaal getelegrafeer, nie noodwendig in April 1900 gefinaliseer is nie. Dit word bevestig in 'n telegram van 15 Mei 1900 van die Vrystaatse staatspresident aan die Transvaalse staatspresident. In hierdie telegram verwys die Vrystaatse staatspresident na C.R. de Wet as waarnemende hoofkommandant (VAB, A59:112). Teen die agtergrond van die Smuts-aanhaling hier bo is dit belangrik om te let op Ayala (1912:121), wat soos volg skryf: "[W]hen supreme command is given to any one, it will be a well-advised thing to allow him full discretion in the decision of matters of highest import [...]". Die staatspresident as opperbevelhebber het hom na alle waarskynlikheid, sonder die tussenkoms van die opperbevelvoerder, C.R. de Wet, met die aanstelling van offisiere bemoei. Dit wil daarom voorkom of die staatspresident, na afloop van die benoeming, homself steeds met take van die opperbevelvoerder van die OVS-krygsmag bemoei het.

Dit is wel vreemd dat die staatspresident, as hoof van die regering, nie die aankondiging in die Uitvoerende Raad of staatskoerant bekend gemaak het nie.[9] Dit wil voorkom of die moontlike aanstelling van C.R. de Wet *ultra vires* was, deurdat die staatspresident nie by magte was om so 'n aanstelling te maak nie. Wet 34 van 1899 het uitdruklik vereis dat die staatspresident met die Uitvoerende Raad oorleg moes pleeg voordat hy by wyse van proklamasie 'n nuwe bepaling kon skep. By gebrek aan enige getuienis in dié verband in die notules van die Uitvoerende Raad en proklamasie in die staatskoerant, kan aanvaar word dat die staatspresident nie hierdie vereistes nagekom het nie. Verder, dat hy regtens daarom nie by magte was om so 'n aanstelling te maak nie. Die staatspresident moes daarom eerder 'n verkiesing van 'n nuwe hoofkommandant van die saamgevoegde kommando's gelas het. Dit wil voorkom of C.R. de Wet bewus was van die gebreke in sy eie aanwysing omdat hy, volgens sy boek, 'n versoek aan die staatspresident gerig het om 'n hoofkommandantsverkiesing te gelas. Hierdie versoek is, volgens C.R. de Wet, geweier en hy het daarom besluit om self 'n verkiesing te gelas waar hy ook met 'n meerderheidstem verkies is. Daar het egter sowat twee maande verloop sedert Steyn se aanstelling van De Wet op 19 April 1900 en De Wet se eie reëling vir 'n verkiesing rondom 23 Junie 1900 (De Wet 1903:103–4; Preller 1916:129; Kestell 1920:77; Hopkins 1963:87).

Dit is onseker waarom die staatspresident die versoek van C.R. de Wet vir die verkiesing van 'n hoofkommandant geweier het. 'n Dagboekinskrywing van Jack Hindon, 'n lid van die Theron-verkennerskorps, lig wel die sluier effens oor die vraag. Volgens Hindon was die staatspresident teen so 'n verkiesing gekant aangesien hy nie seker van die uitslag was nie. Hindon verwys ook na die wrywing en jaloesie wat tussen offisiere, verbonde aan die bevel van die krygsmag, bestaan het (Preller 1916:129).

Ná die moontlike aanstelling van Christiaan de Wet as hoofkommandant van die OVS se kommando's, is die rang van hoofkommandant steeds deur ander persone gebruik. Hier bo is reeds verwys na die probleme betreffende hoofkommandante, wat in werklikheid tot en met die aanstelling van C.R. de Wet gelyk in rang was en geen onderhorigheid aan mekaar verskuldig was nie. Die aanstelling van C.R. de Wet in die rang van hoofkommandant van alle Vrystaatse kommando's het die militêre bevelstruktuur verder bemoeilik deurdat ander hoofkommandante, soos Marthinus Prinsloo, in hul range aangebly het. Mettertyd is daar ook ander hoofkommandante, soos F.J.W.J. Hattingh, verkies (De Wet 1903: 103–4, 110; Kestell 1920:77; *De Bazuin* 1900).

Ook hier moes C.R. de Wet die probleme, wat met die bestaan van verskeie hoofkommandante gepaard gegaan het, besef het. Hy het daarom van veggeneraals, in plaas van hoofkommandante, as afdelingbevelvoerders gebruik gemaak. Daar moet egter op gelet word dat die rang

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

van veggeneraal ook nie in die militêre wetgewing van die Vrystaat voorkom nie. De Wet verklaar wel dat die rang deur die Volksraad ingestel is (De Wet 1903:4; Breytenbach 1978a: 43). Geen besluit tot dien effekte kon egter in die notules van die Volksraad gevind word nie. J.B.M. Hertzog, aanvanklik militêre raadgewer van die Vrystaatse magte aan die Boere se Wesfront, en later 'n assistenthoofkommandant ("generaal"), bevestig dat die rang van veggeneraal nie in die militêre stelsel van die OVS voorgekom het nie. Volgens Hertzog is dié rang na die voorbeeld van die ZAR ingestel met die doel om aan die opperbevelhebber die geleentheid te gee om offisiere, waar nodig, aan te wys. Volgens Hertzog: "[T]he Government thereby acquired the power indirectly to supplant any office, even the Hoofd-Commandant, who did not give satisfaction, without infringing upon the rights of the election; for the Vechtgeneraal was supposed to have supreme control and direction of affairs during the course of active operations in the field" (Van Schoor 2000:51).

Volgens Christiaan de Wet is die rang van veggeneraal later op aandrang van bepaalde offisiere afgeskaf. Ongelukkig vermeld hy nie wie die offisiere was nie, en waarom sodanige groep offisiere beswaar gehad het teen die gebruik van die rang nie. Hy het hierna die persone, wat in die rang gedien het, onmiddellik as assistenthoofkommandante aangestel (De Wet 1903:85). C.R. de Wet het na afloop van die geveg te Bethlehem die krygsmag in drie afdelings verdeel. Elke afdeling is deur 'n assistenthoofkommandant aangevoer. In sommige van die krygsafdelings was wel veggeneraals teenwoordig. Verder is J.B.M. Hertzog self ook op 17 Junie 1900 as veggeneraal aangestel (SAB A321/1). Dit wil dus voorkom of die afskaffing van veggeneraals bloot tydelik was, of dat C.R. de Wet hom met die datum van die afskaffing van die rang vergis het. Daarmee saam is nog 'n rang, naamlik dié van assistenthoofkommandant, geskep wat nie binne die militêre wetgewing van die Vrystaat bestaan het nie, terwyl die Vrystaatse opperbevelstruktuur wel gerat was om 'n opperbevelvoerder en krygsafdelingbevelvoerders te fasiliteer. Die gebruik van die rang van hoofkommandant vir sowel krygsafdelingbevelvoerders as die opperbevelvoerder was aanvanklik ook verwarrend gewees. Geen poging is ook aangewend om formele gestalte, by wyse van wetgewing of proklamasie, aan so 'n nuwe krygstruktuur te gee nie, of andersins is wysigings nie na behore gepubliseer nie.

Wat wysigings betref, is dit belangrik om te vermeld dat Oskar Hintrager, 'n Duitse vrywilliger aan Boerekant, op 9 Julie 1900 die volgende inskrywing in sy dagboek gemaak het: "De Uitvoerende Raad heeft n.l. de wet [sic], krachtens deswelke veldkornetten en kommandanten door de burgers van hun distrikt gekozen worden, vervangen door een andere wet, die bepaalt dat de hoofkommandant ze benoemt en afzet, waarna de president benoeming of ontslag bekrachtigen moet" (Hintrager 1902:33). Dit is belangrik om daarop te let dat Hintrager enkele maande later, met verwysing na 'n gesprek tussen hom (Hintrager) en J.A.J. de Villiers, vermeld het dat C.R. de Wet kort vantevore daarin geslaag het om die verkiesing van offisiere af te skaf (Oberholster (red.) 1973:127). Hierdie gedeelte word nie in die Nederlandse vertaling van die dagboek gevind nie.

Bogenoemde gewysigde bedeling kon egter nie in enige amptelike Vrystaatse publikasie gevind word nie. Ten opsigte van die gebrek aan so 'n publikasie is dit belangrik om op *R v Celliers* (ORC 1903:3) te let, waar die hof uitdruklik die publikasie van enige wetsbepaling, uitgevaardig kragtens Wet 34 van 1899, vereis het. Die verdediging in die *Celliers*-beslissing het nie daarin geslaag om die feite, wat hulle beweer het, deur middel van inhandiging van 'n proklamasie te bewys nie. Die hof het daarom die verweer verwerp en beslis dat waar 'n besluit ooreenkomstig Wet 34 van 1899 nie by wyse van proklamasie uitgevaardig is nie, die hof nie kan aanvaar dat die staatspresident wel so 'n verordening uitgevaardig het nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Met inagneming van wat tot dusver aangedui is, wil dit voorkom of die Christiaan de Wet-krygsorganisasie soos volg daar uitgesien het: Die staatspresident was die opperbevelhebber, terwyl die hoofkommandant die opperbevelvoerder was. Die krygsmag is in verskillende krygsafdelings verdeel, wat op hul beurt elk deur 'n assistenthoofkommandant aangevoer is. In sommige van die krygsafdelings was daar veggeneraals teenwoordig, wat op hul beurt bevel oor 'n aantal kommando's binne so 'n krygsafdeling gevoer het, terwyl kommandante in bevel van die kommando's binne die krygsafdeling gestaan het. Kommandante is op hul beurt bygestaan deur veldkornette en assistentveldkornette. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie krygsorganisasie, met betrekking tot 'n hoofkommandant en assistenthoofkommandante, nie kragtens die bepalings van die 1899- militêre wetgewing bestaan het nie. Voorts kon geen wet of proklamasie gevind word waarin die bostaande krygsorganisasie, met betrekking tot 'n hoofkommandant en assistenthoofkommandante, beskryf of veroorloof word nie. Die verkiesing van verskeie hoofkommandante was daarom regtens, ten tyde van die oorgawe van die konvensionele magte op 30 Julie 1900 en daaropvolgende dae in die Brandwaterkom, steeds moontlik. (Aanstons meer oor hierdie oorgawe as sodanig.)

Christiaan de Wet het dus in stryd met die militêre wetgewing van 1899 gehandel deur militêre ampte/range te skep wat regtens nie bestaan het nie, en ook nie nodig was nie. Die beskrywing van die gewysigde bevelstruktuur soos deur De Wet weergegee, strook ook nie met die militêre bevelstruktuur soos deur talle offisiere en ander persone na afloop van die geveg te Bethlehem (7 Julie 1900) beskryf nie. Die versuim om regstellings aan die gebreke in die militêre wetgewing te maak, of die wysigings na behore te publiseer, word ook as een van die redes wat tot die oorgawe op 30 Julie 1900 gelei het, aangevoer.[10]

5. Gevolgtrekkings

Die Vrystaatse krygsmag se bevelstruktuur het van Oktober 1899 af aanvanklik goed gefunksioneer. Elke hoofkommandant het naamlik oor sy eie krygsafdeling bevel gevoer en wel binne 'n bepaalde operasionele gebied. Maar in die loop van die derde fase van die oorlog, naamlik tydens die tweede Britse offensief (onder leiding van lord Roberts) het sake verander. Die Boere se terugtog vanuit die Kaapkolonie (Maart 1900) ná die ontsetting van Kimberley, generaal Piet Cronjé se oorgawe te Paardeberg en die val van Bloemfontein het spoedig die samevloeiing van die drie krygsafdelings, wat voorheen in die Kaap ontplooi was, tot gevolg gehad. Gegewe hierdie nuwe omstandighede, was dit nodig om óf 'n nuwe hoofkommandant vir die saamgevoegde krygsafdelings te verkies, óf 'n kommandant-generaal te verkies, óf vir die Vrystaatse staatspresident (M.T. Steyn) om self bevel van die saamgevoegde krygsafdelings te neem (De Bruin en Wessels 2019:35). Die staatspresident of die krygskommissie het besluit om vir C.R. de Wet as hoofkommandant en opperbevelvoerder van die OVS-kommando's te benoem. Aan die hand van die afwesigheid van enige primêre bronne rondom die volmag/wetlikheid van die Vrystaatse staatspresident om deur die Vrystaatse Volksraad volmag te bekom om De Wet tot opperbevelvoerder te verhef, en ook die kommandowette te verander, wil dit dus – aan die hand van beskikbare herinneringe van aanwesiges – blyk dat die staatspresident moontlik kon versuim het om die nodige wetsaanpassings te maak, om sodoende die gebruik van 'n hoofkommandant as opperbevelvoerder na behore binne die bestaande militêre raamwerk te fasiliteer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Intussen, in die Vrystaatse oorlogsgebied, het ’n groot deel van die Vrystaatse krygsmag noord-ooswaarts voor die oprukkende Britse magte teruggeval. Teen die middel van Julie 1900 het ’n groot deel van dié krygsmag hulle in die Brandwaterkom bevind, met oprukkende Britse eenhede wat die een toegangspas na die ander beset het. Christiaan de Wet, vergesel deur president M.T. Steyn en ongeveer 2 000 man, het op 15 Julie via Slabbertsnek ontsnap, agtervolg deur Britse magte in wat met verloop van tyd as die eerste dryfjag teen De Wet bekend gestaan het (Pretorius 1976; 2001). In plaas van ook pogings aan te wend om te ontsnap, het die oorblywende senior Boere-offisiere in die Brandwaterkom onder mekaar geredekawel oor wie die oor-koepelende bevel mag voer. Hoofkommandant Marthinus Prinsloo het op 29 Julie 1900 met luitenant-generaal Archibald Hunter samesprekings gevoer, en die volgende dag aan die Britte oorgegee. Teen 9 Augustus was drie generaals (hoofkommandante), nege kommandante en 4 314 burgers krygsgevangenes in Britse hande (De Bruin 2009:210–337; Amery 1906:297–343; Maurice (red.) 1908:297–306).

In die loop van die eerste nege maande van die Anglo-Boereoorlog was dit inderdaad nodig om die Vrystaatse militêre bevelstruktuur te wysig, maar die wyse waarop dit gedoen is, was nie altyd in lyn met wetgewing nie en in die praktyk ook nie altyd effektief nie, soos dan ook blyk uit die gebeure in die Brandwaterkom in Julie 1900, toe ’n groot deel van die Vrystaatse konvensionele magte, sonder om weerstand te bied, hulle aan die Britte oorgegee het. Met die verlies van ’n beduidende gedeelte van die Vrystaatse krygsmag – en dít boonop sonder dat daar weerstand gebied is – het enige (vae) moontlikheid dat die Vrystaters hul republikeinse onafhanklikheid sou kon behou, verdwyn. Die Boere kon die oorlog vir seker nie meer wen nie; bloot die einde uitstel deur met hul guerrillaoorlogvoering voort te gaan. Die oorlog sou uiteindelik eers sowat 22 maande ná die gebeure in die Brandwaterkom eindig, maar intussen is groot dele van die voormalige Boererepublieke in puin gelê en het derduisende wit en swart burgerlikes in die interneringskampe[11] gesterf.[12]

Bibliografie

Amery, L.S. (red.). 1902. *The Times history of the war in South Africa 1899–1902*. Band 2. Londen: Sampson Low, Marston and Company, Ltd.

—. 1905. *The Times history of the war in South Africa 1899–1902*. Band 3. Londen: Sampson Low, Marston and Company, Ltd.

—. 1906. *The Times history of the war in South Africa 1899–1902*. Band 4. Londen: Sampson Low, Marston and Company, Ltd.

Ayala, B. 1912. *Three books on the law of war and on the duties connected with war*. Washington: Carnegie Institute of Washington.

Blake, A. 2016. *Broedertwis. Bittereinder en joiner: Christiaan en Piet de Wet*. Kaapstad: Tafelberg.

Breytenbach, J.H. 1978a. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899–1902*. Band 1. Pretoria: Die Staatsdrukker.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

—. 1978b. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899–1902*. Band 2. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1978c. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899–1902*. Band 3. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1983a. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899–1902*. Band 4. Pretoria: Die Staatsdrukker.

—. 1983b. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899–1902*. Band 5. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Constitutie van den Oranje Vrijstaat [sic] in *Wetboek van den Oranjevrijstaat* [sic] (soos gewysig, 1898).

Davitt, M. 1902. *The Boer fight for freedom*. New York: Funk & Wagnalls Company.

De Bazuin, 24 Julie 1900.

De Bruin, J. en A. Wessels. 2019. Enkele perspektiewe rakende die organisasie van die Oranje-Vrystaatse burgermag in Oktober 1899. *New Contree*, 82:16–35.

De Bruin, J.H. 2009. ’n Regshistoriese studie van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaat se konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899–1902). LL.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

De Wet, C.R. 1903. *De strijd tusschen Boer en Brit*. Amsterdam: Höveker & Wormser.

Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat, 13 Oktober 1899.

Hintrager, O. 1902. *Met Steijn en De Wet op kommando: Een dagboek uit den oorlog in Zuid-Afrika*. Rotterdam: Nijgh & Van Ditmar.

Hopkins, H.C. 1963. *Maar één soos hy: Die lewe van kommandant C.A. van Niekerk*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.

Kestell, J.D. 1920. *Christiaan de Wet: ’n Lewensbeskrywing*. Kaapstad: De Nationale Pers.

Krijgs- en Commandowet [OVS] (10/1899).

Maurice, J.F. (red.) en M.H. Grant. 1906–1910. *History of the war in South Africa 1899–1902*. Band 1. Londen: Hurst and Blackett Limited.

—. 1907. *History of the war in South Africa 1899–1902*. Band 2. Londen: Hurst and Blackett Limited.

—. 1908. *History of the war in South Africa 1899–1902*. Band 3. Londen: Hurst and Blackett Limited.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Nattrass, G. en S.B. Spies. (reds.) 1999. *Jan Smuts: Memoirs of the Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Oberholster, J. (red.). 1973. Dagboek van Oskar Hintrager: Saam met Christiaan de Wet, Mei tot September 1900. *Christiaan de Wet-annale*, 2:3–146.

Otto, J.L. 2005. *Die konsentrasiekampe*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Pakenham, T. 1979. *The Boer War*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

Preller, G.S. 1916. *Kaptein Hindon: Oorlogsavonture van 'n baasverkenner*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Pretorius, F. 1976. Die eerste dryfjag op hoofkommandant C.R. de Wet. *Christiaan de Wet-annale*, 4:1–220.

—. 2001. *The great escape of the Boer pimpernel: Christiaan de Wet – the making of a legend*. Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press.

Rabie, J.E. 1980. *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*. Pretoria: Dokumentasiediens SAW.

Report of His Majesty's commissioners appointed to inquire into the military operations and other matters connected with the war in South Africa (Cd. 1789). 1903. Londen: His Majesty's Stationery Office.

Scholtz, W.L. en I.M.E. Scholtz (reds.). 1978. Dagboek van C.J. Asselbergs. *Christiaan de Wet-annale*, 5:1–64.

Scholtz, W.L. von R. 1978. Generaal Christiaan de Wet as veldheer. D.Litt.-proefskrif, Rijksuniversiteit Leiden.

Spies, S.B. 1977. *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics January 1900–May 1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Staats-almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1899. 1898. Pretoria: Staatsdrukkerij.

Van der Westhuizen, G. 1988. J. Voet: Die militêre reg uit die oorspronklike Latyn vertaal. MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.

Van Heyningen, E. 2013. *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history*. Johannesburg: Jacana Media.

Van Schoor, M.C.E. 2000. Gen. J.B.M. Hertzog's war experiences. *Christiaan de Wet-annale*, 10:1–64.

—. 2007. *Christiaan Rudolph de Wet: Krygsman en volksman*. Pretoria: Protea Boekhuis.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

Wet omtrent het kiezen van Hoofkommandant en aanvulling van de Krijgs- en Kommandowet [OVS] (33/1899).

Wet ter bestrijking van eenige kostes tijdens oorlog [OVS] (34/1899).

Wet voor het krijgsdiens in de Zuid-Afrikaansche Republiek (20/1898).

Argivale materiaal

Sentrale Argiefbewaarplek

SAB, Hertzog-versameling, SAB A32/1.

Transvaalse Argiefbewaarplek

TAB, Leyds 709/10: Direkteur Telegraafkantoor, 23 Maart 1900 (telegram).

TAB, Leyds 721/6; Direkteur Telegrafen – M.T. Steyn, 20 April 1900. (Die inhoud van die telegram word deur M.T. Steyn aan die kommandant-generaal van die ZAR gerig.)

TAB, Olivier-herinneringe A1237: Herinneringe van mnr Henning Olivier.

Vrystaatse Argiefbewaarplek

VAB, Fischer-versameling (A59), p. 112: M.T. Steyn – S.J.P. Kruger, 15 Mei 1900 (afskrif van telegram).

VAB, Uitvoerende Raad (UR) 17: Vergadering van die Uitvoerende Raad te Kroonstad op Vrydag den 15den September 1899 (notule).

Eindnotas

[1] Vir meer besonderhede, kyk bv. Maurice (red.) 1906:1–53 en Amery (red.) 1902:141–298.

[2] Vir meer besonderhede, kyk bv. Breytenbach 1978b:123–332, Maurice (red.) 1906:285–375 en Amery (red.) 1902:362–467.

[3] Vir meer besonderhede, kyk bv. Breytenbach 1983a:verspreid, Breytenbach 1983b:1–115, Maurice (red.) 1907:15–240 en Amery (red.) 1905:331–597.

[4] Vir meer besonderhede, kyk bv. Amery (red.) 1906:297–314 en Maurice (red.) 1908:286–95.

[5] Vir meer besonderhede, kyk bv. Bakkes 1973:verspreid; Breytenbach 1978c:331–567; Amery (red.) 1905:496–552 en Maurice (red.) 1907:423–530.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b6

[6] Kyk ook De Wet 1903:116, Kestell 1920:77 en Scholtz 1978:134.

[7] Kyk ook Davitt 1902: 409 en Oberholster (red.) 1973: 106.

[8] Van Schoor (2007:99) meld ook dat Steyn vir De Wet as hoofkommandant aangestel het. Wat betref die rol van Christiaan de Wet se broer, Piet, tydens die oorlog, insluitende as joiner aan die kant van die Britte ná sy vrywillige oorgawe op 26 Julie 1900, kyk bv. Blake (2016:verspreid).

[9] Vergelyk met kennisgewing no. 542–1899 soos gepubliseer in die *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 13 Oktober 1899.

[10] Wat betref meer besonderhede i.v.m. die oorgawe in die Brandwaterkom, asook verband-houdende aangeleenthede, kyk De Bruin (2009:verspreid).

[11] Die term *interneringskamp* word bó die term *konsentrasiekamp* verkies ten einde 'n duidelike onderskeid te tref tussen die kampe van 1899 tot 1902 en die Nazi-konsentrasiekampe/ uitwissingskampe van die Tweede Wêreldoorlog.

[12] Vir meer besonderhede, kyk bv. Spies 1977, Otto 2005 en Van Heyningen 2013.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Die voorposdenke van W.P. Esterhuyse, soos weerspieël in die pers (1973–1987)

Johannes D. Froneman

Johannes D. Froneman, onafhanklike navorser

Opsomming

As prominente Afrikaner-intellektueel is prof. Willie Esterhuyse se politieke denke in die jare 1973 tot 1987 wyd in die pers weerspieël. Esterhuyse het deurgaans mede-Afrikaners tot ’n nie-diskriminerende houding jeens mense van kleur aangemoedig en as kampvegter vir ’n nuwe grondwetlike bedeling opgetree – wat dan ook in 1983 ’n werklikheid geword het. Hy verdedig telkens sy posisie as verligte[1] kritikus en bly jare lank lojaal aan die regerende Nasionale Party en Afrikaner-Broederbond. Maar in 1987 kom hy finaal tot die gevolgtrekking dat hervorming verder gevoer moet word en dat die Nasionale Party nie meer die geskikte voertuig daarvoor is nie.

Hierdie artikel gee ’n oorsig oor hoe sy denke tot op daardie punt ontwikkel het en hoe die koerante telkens ruimte daaraan gegee het. Daar was ’n onuitgesproke vennootskap tussen Esterhuyse en die koerante wat bes moontlik ’n belangrike rol gespeel het in die voorbereiding van kiesers vir hervorming. Dit bevestig die agendastellinghipotese, naamlik dat koerante enersyds ’n agenda aan lesers voorhou van waaroor om te dink, terwyl lesers (of, in hierdie geval, ’n meningsvormer soos Esterhuyse) ’n rol speel in die verskaf van menings aan die koerant.

Hoewel die invloed van koerante nie met stelligheid bepaal kan word nie, is hierdie artikel in wese ’n gevallestudie van hoe die geloofwaardigheid van ’n bron tot herhaalde blootstelling kan lei en bydra tot ’n konsekwente boodskap wat lesers oor tyd heen tot ’n verandering in denke kan lei. So loop politieke en mediageskiedenis hand aan hand, maar geen afleiding kan oor die invloed deur Esterhuyse op lesers gemaak word nie. Dit moet eerder met versigtigheid binne die konteks van die multistapvloeimodel geplaas word – ’n model wat klem plaas op die kompleksiteit van invloed en hoe dit via die media en gebruikers selfs na nie-gebruikers deurvloei. Hierdie gesigshoek relativeer die belang van die media in ’n mate en plaas ook klem op die rol van aktiewe gebruikers en ander rolspelers.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Daarmee word die rol van 'n openbare intellektueel soos Esterhuyse nie geringgeskat nie; dit beklemtoon wel die veelkantigheid van 'n politieke beïnvloedingsproses binne 'n demokratiese konteks.

Trefwoorde: Afrikaner-intellektueel; agendastelling; apartheid; koerante; multistapvloeimodel; Nasionale Party; persdekking; politieke denke; W.P. Esterhuyse

Abstract

The front-line thinking of W.P. Esterhuyse, as reflected in the press (1973–1987)

As a prominent Afrikaner intellectual, Prof. Willie Esterhuyse's political thinking during the years 1973 to 1987 was widely reflected in the press. Throughout this period, Esterhuyse consistently encouraged fellow Afrikaners to adopt a non-discriminatory attitude toward people of colour and acted as a champion for a new constitutional order – which indeed became a reality in 1983, although a fully democratic dispensation only emerged twelve years later. He repeatedly defended his position as an enlightened critic and remained loyal for many years to the ruling National Party and the Afrikaner Broederbond. However, in 1987 he ultimately concluded that reform needed to go further and that the National Party was no longer the appropriate vehicle for this. He was soon after drawn into a new role, that of facilitator of talks about talks between the government and the African National Congress.

This article poses two key questions:

- How did his thinking develop up to the point he broke with the ruling National Party? and
- How should one assess his possible influence on the Afrikaans public?

The possible influence of W.P. Esterhuyse's thinking, given the press coverage it received, is examined in light of certain media-theoretical perspectives, namely the agenda-setting theory and the multi-step flow model, which are themselves the outcome of decades-long debates on the influence of the media. The consistency of his message is also relevant, as it may contribute to acceptance.

The aim is not to deal with the empirical material deductively; nor does the article intend to test or develop the theories/models inductively. The sole purpose is to describe the historical development of Esterhuyse's thought, but specifically as it was reflected in the press. It is therefore situated within a media-historical and media-theoretical context, and against the background of the multi-step flow theory, which offers a valuable framework for understanding how media messages are dispersed in societies. It also recognizes the active role of other opinion leaders and audiences' role in interpreting media content.

The use of Esterhuyse's own news-clip collection can be described as a convenience sample. The themes (e.g., discrimination, the necessity of good relations, and political reform) were identified, grouped chronologically, and recorded – each time with reference to the specific publication and occasion (where applicable) during which Esterhuyse delivered a lecture or speech that was reported on.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

The qualitative analysis of reports, letters, articles, and reviews provides an indication of Esterhuyse's thinking, how it developed over time, and how certain newspapers paid attention to it. The focus is therefore on Esterhuyse, not the newspapers as such. The main goal is to trace his developing thought, but specifically insofar as it was covered in newspapers. His books are not addressed here, except to the extent that they received press coverage.

Esterhuyse was clearly presented by newspapers as a thought leader, although he was by no means the first Afrikaner intellectual to express open criticism of aspects of Afrikaner thought, especially concerning apartheid. Because newspapers regarded his thinking as important enough to give attention to, they acknowledged him as an agenda-setter – and fulfilled that role themselves as well.

There was an unspoken partnership between Esterhuyse and the press that possibly played a significant role in preparing voters for reform. This affirms the agenda-setting hypothesis, which holds that newspapers, on the one hand, present readers with an agenda of what to think about, while readers (or, in this case, an opinion leader like Esterhuyse) play a role in providing opinions to the newspaper.

Although the influence of newspapers cannot be determined with certainty, this article is essentially a case study of how the credibility of a source can lead to repeated exposure and contribute to a consistent message that, over time, may lead readers to a change in thinking. In this way, political and media history go hand in hand, though no definitive conclusions can be drawn about Esterhuyse's influence on readers. Rather, this should be cautiously interpreted within the context of the multi-step flow model – a model that emphasizes the complexity of influence and how it flows via the media and users even to non-users.

This perspective to some extent relativises the importance of the press/media and also highlights the role of active users and other stakeholders. It does not diminish the role of a public intellectual like Esterhuyse; instead, it underscores the multifaceted nature of the political influence process within a democratic context. In a period where the press was still a major role player, it is important to note that intellectuals such as Esterhuyse were invited to write opinion pieces for newspapers or magazines.

As an Afrikaans intellectual who supported the National Party (NP), Esterhuyse had free access to the Afrikaans media. It is also noteworthy how the *Sunday Times*, as the largest newspaper in the country and a sharp critic of government policy, repeatedly gave Esterhuyse the opportunity to express his views. Esterhuyse's friend Tertius Myburgh, editor of the newspaper, may have given him prominent space for various reasons: The articles were highly readable, clearly had a reformist agenda, and may have attracted Afrikaans readers to the paper – thus a win-win situation.

An important further dimension of Esterhuyse's potential influence is that he and other commentators expressed opinions that newspapers could, at times, align with, or which affirmed viewpoints the newspapers had already taken. This closely ties in with the core idea of the multi-step flow model.

Together, these articles helped create a climate in which the ruling party could move away from a policy that excluded Coloured people and people of Indian descent from political representation to one in which they could take up their place in Parliament in 1983. After that,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

the reality of Black citizenship could come to the fore, and thinking could move beyond the policy of independent national states (homelands). In the meantime, many discriminatory laws were repealed one by one, and the ground was prepared for what was to come.

Naturally, all this exchange of ideas in the media did not take place in a vacuum. The growing unrest among Black and Coloured people, as well as international pressure and a weakening economy, all played a role. But while some Nationalists saw this as a reason to dig in their heels (and even to break away and form the Conservative Party), others gradually abandoned their entrenched positions.

Could the opinions expressed by newspapers and spokespersons like Esterhuyse have contributed to this? According to the assimilation model, it is entirely possible: When people are exposed over a long period to a consistent viewpoint that challenges their own deeply held beliefs, change is possible. In Esterhuyse's case, he also frequently appealed to the Christian ethics of his fellow Afrikaners, thereby confronting them with questions that challenged their perspectives.

Although white voters still strongly supported the NP in 1989 and voted against the newly-formed Democratic Party, the majority of white voters accepted F.W. de Klerk's change in direction on 2 February 1990 without protest.

While many other factors were at play, the role of opinions expressed via newspapers is difficult to dismiss. Apart from the obvious agenda-setting role, its connection to the multi-step flow model is important. Greater understanding can be sought in light of the model's emphasis on ideas disseminated through communication networks. In this way, the thoughts of Esterhuyse (and others) were potentially disseminated to an ever-widening circle, but within a complex process where media messages were not directly transferred to a passive audience. Instead, intermediaries (fellow opinion makers such as politicians, cultural leaders, ministers, school principals) interpreted, relayed, and rephrased the message(s) before it reached an even broader public.

Therefore, one cannot make a definitive judgement about Esterhuyse's possible influence. Other theoretical and methodological approaches will open up different perspectives and may increase understanding of a remarkable figure, but they will necessarily have to take account of Esterhuyse as a front-line thinker on newspapers' news and opinion pages.

Keywords: Afrikaner intellectual; agenda setting; apartheid; multi-step flow model; National Party; newspapers; political views; press coverage; W.P. Esterhuyse

1. Inleiding

Prof. W.P. (Willie) Esterhuyse het oor 'n lang akademiese loopbaan bekend geword as pleitbesorger vir 'n regverdige staatkundige bedeling waarin menswaardigheid sentraal staan. Sy gedagtes het neerslag gevind in 'n groot aantal koerantbriewe en artikels asook in berigte oor sy talle referate en toesprake voor plaaslike en internasionale gehore. Hy het boonop verskeie boeke geskryf wat wyd aandag geniet het.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Esterhuyse is, gegrond op sy leidende rol as erkende akademikus, gewilde spreker, skrywer van talle artikels en boeke, asook hoëvlakse raadgewer, meermale as invloedryk bestempel.[2] Die toekenning van ’n eredoktorsgraad van die Universiteit Stellenbosch, die Stalsprys vir Filosofie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die *Sunday Times* se prys vir politieke literatuur en verskeie ander eerbewyse spreek van die erkenning wat hy in bepaalde kringe geniet het. Noodwendig het sy denke nie orals byval gevind nie.

Sy rol as openbare intellektueel het later ’n heel ander dimensie gekry nadat sy geheime aanvoorwerk namens die Nasionale Intelligensiediens aan die lig gekom het. Dié werk het naamlik meegehelp dat samesprekinge en onderhandelinge sou begin wat tot die aanvaarding van ’n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika sou lei. ’n Bevestiging hiervan was dat Esterhuyse se fasiliteringsrol aan hom die Orde van Luthuli (silwer) besorg het.[3]

Tog is die uitgangspunt van hierdie artikel dat die invloed van sogenaamde meningsvormers en koerante nie sonder meer aanvaar kan word nie.[4] Hierdie artikel fokus daarom nie primêr op Esterhuyse se moontlike invloed nie (en daarmee saam die invloed van koerante nie) maar op die basiese inhoud van sy standpunte en die wyse waarop enkele belangrike Suid-Afrikaanse koerante oor sy hervormingstandpunte berig het, aan hom ruimte gegee het om in briewe en artikels sy standpunte te artikuleer, en meestal ondersteunende kommentaar daarop gelewer het. Dit is dus ’n politieke geskiedenis wat binne ’n bepaalde koerantkonteks afspeel.

Ten slotte word die multistapvloeimodel aan die orde gestel as korrektief op enige afleiding wat moontlik gemaak sou kon word dat Esterhuyse se invloed sonder meer afgelei kan word van die omvang van die persdekking wat hy oor die tydperk 1973 tot 1987 geniet het.

’n Oorsig oor alle berigte en artikels is buite die bestek van ’n artikel; vandaar dan die keuse om hier primêr gebruik te maak van die knipsels wat Esterhuyse self gehou het. Op sigself is dit nuttig om te sien watter persdekking hy self onder oë gekry het – ook dié waarin hy gekritiseer is – en wat hy as belangrik genoeg geag het om te bewaar.[5] Die uitsondering is die reaksie op sy boek *Afskeid van apartheid*, waarvan sy knipsels verlore gegaan het. Hier word hoofsaaklik van SA Media se berigte op Sabinet gebruik gemaak, aangevul deur berigte in *Die Burger*, soos gevind in die hoofbiblioteek van die Universiteit Stellenbosch.

Dit moet in gedagte gehou word dat koerantgroepe berigte gedeel het. ’n Berig in *Die Burger* sou deurgaans ook in *(Die) Volksblad* en *(Die) Oosterlig* neerslag kon vind en sedert September 1974 in *Beeld*, as vierde dagblad in die destydse Naspersgroep. Dieselfde geld die Perskorkoerante (sedert 1972), wat beteken dat berigte in *Die Transvaler* bes moontlik ook in *Die Vaderland*, *Hoofstad* en *Oggendblad* kon verskyn het. Die Argusgroep (nou Independent Media) het *The Argus*, *The Star*, *Daily News*, *Pretoria News* en *Diamond Fields Advertiser* ingesluit, waar ’n soortgelyke deling van berigte normaal is. ’n Knipsel uit een koerant is geen waarborg dat dit wel in die ander koerante in die groep gebruik is nie, maar ’n wyer leserskring as die betrokke koerant was heel moontlik. Die gebruik van sodanige berigte het uiteraard van die betrokke koerant afgehang: Was daar ruimte vir sodanige berig of artikel en het die redakteur dit as belangrik geag?

Ook moet onthou word dat dagblaaie in die 1970’s en 1980’s veel groter sirkulasies as vandag gehad het;[6] radionuus en -aktualiteit was beperk tot stasies van die SAUK; TV-nuus en -aktualiteit het eers in 1976 op die toneel gekom en was onder streng ideologiese beheer (vgl. Froneman 2023:228–45). Die internet en sosiale media het in die verskiet gelê. Kortom, die vloei van menings het grootliks van koerante afgehang, hoewel die Afrikaanse koerante nou aan die regerende

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Nasionale Party (NP) verbonde was en hulself nie dieselfde vryheid as die Engelstalige koerante toegeëien het nie. Die Afrikaanse koerante het hulle meer beperk tot menings wat die beleidrigtings van die NP ondersteun het.[7]

Die oorweldigende steun wat die NP in die 1970's by die stembus geniet het, die Inligtingskandaal, die stigting van die Konserwatiewe Party en onsekerheid of die wit kieserskorps hervorming sou aanvaar, die sterk Ja-stem in 1982 wat tog gelei het tot die (nuwe) 1983-grondwet, maar ook die onstuimige jare van noodtoestande en die voortslepende grensoorlog vorm alles deel van die agtergrond waarteen die betrokke berigte, briewe en artikels gelees moet word.[8] Dit was geen "maklike" tyd om 'n afskeid van apartheid en ingrypende politieke hervorming te bepleit nie.

Die benutting van Esterhuyse se eie versameling kan as 'n gerieflikheidsteekproef bestempel word. Die temas (bv. diskriminasie, noodsaak van goeie betrekkinge en politieke hervorming) is geïdentifiseer, chronologies gegroepeer en aangeteken – telkens met verwysing na die bepaalde publikasie en geleentheid (indien van toepassing) waartydens Esterhuyse 'n lesing of toespraak gelewer het wat gerapporteer is. Die kwalitatiewe ontleding van berigte, briewe, artikels en resensies gee 'n aanduiding van Esterhuyse se denke en hoe dit oor tyd ontwikkel het en hoe bepaalde koerante aandag daaraan gegee het. Die fokus is dus op Esterhuyse, nie die koerante as sodanig nie. Die hoofdoel is om sy ontwikkelende denke na te gaan, maar dan spesifiek in soverre dit in koerante gedek is. Sy boeke word nie hier gehanteer nie, behalwe in soverre hulle persdekking gekry het.

Esterhuyse is duidelik deur koerante as 'n denkleier voorgehou, hoewel hy geensins die eerste Afrikaner-intellektueel was wat openlike kritiek op aspekte van Afrikanerdenke, veral rakende apartheid, uitgespreek het nie.[9] Deurdat koerante sy denke as belangrik genoeg beskou het om aandag aan te gee, het koerante hom as agendasteller erken – en self ook die rol vervul.

Die artikel dui deurlopend aan hoe koerante Esterhuyse as meningsvormer gebruik het om 'n bepaalde lees- en denkagenda aan hul lesers voor te hou wat die koerante se eie politieke voorkeure gedien het. Die redes waarom hierdie denke 'n invloed op lesers kon gehad het, word aan die hand van enkele teoretiese insigte bespreek.

Die kernvrae wat hier aan die orde kom, is daarom:

- Hoe het W.P. Esterhuyse se denke in die pers ontvou?
- Hoe moet oor Esterhuyse se moontlike invloed geoordeel word?

2. Teoretiese perspektiewe

Uit die groot korpus van navorsing oor die tradisionele media kan enkele teoretiese vertrekpunte gehaal word wat ons help om die media en hul moontlike invloed te verstaan. Hierdie studies bou almal op die veronderstelling dat die media invloedryk is, hoewel daar skeptisisme is oor die direkte invloed daarvan (vgl. McQuail en Deutz 2020:82). Daarom is daar voortgaande navorsing oor die media om 'n beter greep te probeer kry op hierdie invloed, al gaan debatte meer dikwels oor epistemologiese beperkings van sodanige navorsing eerder as die media self (vgl. Livingstone 1996:305–24). Hier is die fokus doelbewus op die empiriese.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Die moontlike invloed van W.P. Esterhuyse se denke, gegewe die persdekking wat dit geniet het, word ondersoek in die lig van enkele mediateoretiese perspektiewe, te wete die agenda-stellingsteorie en die multistapvloeimodel, wat op hul beurt die uitvloeisel is van die dekade lange debatte oor die invloed van die media. Die konsekwentheid van sy boodskap is ook ter sake, aangesien dit kan bydra tot aanvaarding (vgl. De Fleur en Dennis 1991:559–61).

Die doel is nie om deduktief met die empiriese stof om te gaan nie; ewemin wil die artikel op induktiewe wyse die teorieë/modelle toets of uitbou. Die uitsluitlike doel is die beskrywing van die historiese ontplooiing van Esterhuyse se denke, maar dan soos dit in die pers weerspieël is. Dit word dus binne 'n mediahistoriese en mediateoretiese konteks geplaas, en wel teen die volgende teoretiese agtergrond:

> The multi-step flow theory offers a valuable framework for understanding how media messages circulate in modern societies. It recognizes the active role of opinion leaders and the autonomy of audiences in interpreting media content, providing a more nuanced view of communication. While it has its limitations, particularly in terms of measuring the influence of opinion leaders, it remains a relevant and insightful theory […]. (Anon. 2025)

Dit moet duidelik verstaan word dat hierdie teoretiese perspektief geen meetbare raamwerk bied nie, maar binne 'n kwalitatiewe konteks (histories-beskrywend) groter begrip moontlik maak – dit wat immers die primêre doel van die kwalitatiewe paradigma is.

3. Biografiese agtergrond

Omdat die openbare figuur W.P. Esterhuyse sentraal in hierdie artikel staan, is 'n kort biografiese inleiding nuttig. Hoe sy loopbaan ontvou het, van studenteleier tot bekende spreker en skrywer, vorm 'n hegte eenheid.

Willie Esterhuyse was 'n teologiestudent en bewese studenteleier op Stellenbosch en het daarna vir meer as twee jaar in Nederland navorsing gedoen vir sy doktorsgraad in filosofie. Hy het oorweeg om 'n leraarspos in 'n gemeente te aanvaar, maar word in 1965 'n senior lektor in filosofie en politieke studie by die destydse Indiër-Universiteitskollege in Durban. Daar het hy op uitnodiging voor organisasies begin optree omdat hy nie in die sterk Engelssprekende stad as Afrikaner "in 'n hoekie" wou gaan sit nie (Esterhuyse 2023). So het sy volwasse loopbaan as openbare intellektueel en spreker begin, aanvanklik nie met die wye persdekking wat hy later sou geniet nie.

Ná sy aanstelling by die Randse Afrikaanse Universiteit in 1968 het sy openbare profiel groter geword. Hy het toenemend na vore getree as gewilde spreker voor Afrikanerorganisasies soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), die Afrikaner-Broederbond (AB) en die Afrikaanse Studentebond (ASB). Koerante het al hoe meer dekking aan sy menings begin gee. In hierdie periode – wat tot vroeg in 1987 sou duur – was hy onbeskaamd 'n ondersteuner van die regerende Nasionale Party (NP), maar dan 'n "verligte", soos wat NP-ondersteuners genoem is wat ten gunste van 'n verslapping van apartheidswette was. Hierdie verligtes het egter grootliks vasgehou aan "groot apartheid", dit wil sê die aanvaarding van swart tuislande as staatkundige oplossing vir swart mense se politieke strewes.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Soos aangetoon sal word, het Esterhuyse hierdie posisie van lojale kritiek sterk verdedig teenoor diegene wat dit gekritiseer het en gemeen het hulle moet die moed van hul oortuiging hê en wegbreek van die Afrikanerestablishment. In die hieropvolgende gedeelte word tersaaklike items uit ’n aantal koerante aangehaal en die hooftemas van Esterhuyse se denke in hierdie fase geïdentifiseer, soos wat dit in die pers neerslag gevind het.

In 1987 bedank hy uit die NP en ondersteun hy die kandidate van die sogenaamde Onafhanklike Beweging. Hierdie stap verteenwoordig ’n belangrike breuk. Hy verdedig hierdie nuwe benadering met oortuiging – opmerklik in die *Sunday Times*, wat deurentyd ruim plek aan Esterhuyse se menings gegee het (vgl. Mervis 1989:483–4).

Esterhuyse raak in die loop van 1987 betrokke by die gesprekke oor moontlike samesprekinge tussen die verbanne ANC en die regering en word in die openbaar merkbaar stiller. Esterhuyse se taak as politieke meningsvormer het nou plek gemaak vir dié van fasiliteerder agter die skerms. Hy sou in die toekoms weer in die openbaar optree en later ook boeke met ’n sterk teologiese strekking skryf.

Hierdie artikel sluit egter af met sy breuk met die NP en sy aanvaarding van ’n veelrassige eenheidstaat. Daarmee was sy rol as openbare wegbereider vir die nuwe politieke bedeling afgehandel, hoewel hy ná 1990 steeds by geleentheid opgetree het en betrokke was by die oprigting van die Thabo Mbeki-stigting.[10]

4. In die nuus

Wat hierop volg is ’n min of meer chronologiese weergawe van die persberigte, -artikels en -briewe oor of deur Esterhuyse in die 1970’s en 1980’s, maar dan net tot 1987. Deur dit te plaas, het die betrokke koerante Esterhuyse as nuuswaardig en meningsvormend beskou; sy eie briewe is uiteraard op eie inisiatief geskryf en het saam met die berigte en artikels sy gedagtes weergegee. As sodanig was hy ’n agendasteller (dus iemand wat aan lesers idees gee waaroor om te dink, maar dalk selfs wat om te dink), terwyl die pers deur hul keuse van nuus en artikels eweneens bewus die rol van agendasteller gespeel het.

Die temas is vervolgens pleidooie vir nuwe gesonde betrekkinge tussen rasse/bevolkingsgroepe/mense (insluitende die uitskakeling van diskriminasie) en staatkundige hervorming.

4.1 Pleidooie vir nuwe gesindhede

Prof. Willie Esterhuyse se naam het in die 1970’s toenemend in die pers opgeduik. Dit begin met beriggies soos dié waarin hy die kerk aanmoedig om ’n “voortrekker” te wees (*Die Transvaler*, 12 September 1973). Pas voor sy vertrek na Stellenbosch, waar hy middel-1974 professor in filosofie by sy alma mater sou word, het hy op ’n simposium oor jeugweerbaarheid gesê daar kan veel by Marx geleer word oor sosiale verantwoordelikheid. Hierdie en ander sprekers se standpunt noop *The Star* (29 Maart 1974) om die volgende opskrif te plaas: **There’s a new spirit in Afrikaner thinking**. In ’n bygaande ontleding skryf Pierre de la Rey (1974): “The long-term importance of this conference must be seen in the willingness of the philosophy department at RAU to descend from the ivory tower lesser mortals claim that philosophers prefer to dwell in, and get to grips with a topical South African issue.”

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Hierdie getuigskrif sou in die jare vorentoe – en uiteindelik in die titel van die gedenkboek vir Esterhuyse, *Filosoof op die markplein* (Van Niekerk 1996) – telkens herhaal word. Esterhuyse se denke het in die praktiese leefwêreld en politiek van sy dag grondgevat.

In hierdie tyd verskyn ook ’n artikel in RAU se meningsblad, *Aambeeld*, wat lei tot ’n berig daaroor in *The Argus* (9 April 1974) en ’n prominente artikel in *Die Vaderland*: **Ons ken die Swartman nie — Kinders móét die Bantoe se taal aanleer** (*Die Vaderland*, ? April 1974). Daarin neem Esterhuyse duidelike standpunte in soos: “Ek stel dit onomwonde dat die grootste terroriste wat ons ondermyn nie dié op ons grense is wat ons aanval nie. Hulle is diegene onder ons wat nie weet hoe om op beskaafde wyse in ons bestel met ander mense om te gaan nie”, en: “Baie min van ons Blankes besef dat selfs al het ons die beste beleid in die wêreld, dit as ’n sterk voorwaarde vir die suksesvolle deurvoering daarvan is dat ons baie goeie mense-verhoudinge moet hê.”

Die gebruik van die woord *terroris* deur Esterhuyse was uitdagend. Tog het sy standpunte oor goeie verhoudinge gelei tot ’n uitnodiging om ’n reeks van vier praatjies op die Afrikaanse radiodiens se (toe nuwe) aktualiteitsprogram, *Monitor*, te lewer. Die tydsgees is weerspieël in die hoof van die radiostasie, Morkel van Tonder, se opmerkings: Esterhuyse sal oor “mense en volkereverhoudings” praat, waarna ’n “bantoe” sy mening sal gee oor die “hele verhouding-saak” (*Die Burger*, 8 Julie 1974).

Esterhuyse self het in die idioom van die destydse regering van *volkereverhoudinge* gepraat en beklemtoon dat daar van ras wegbeweeg moet word (*Die Burger*, 8 Julie 1976). By dieselfde geleentheid, ’n kongres van die Afrikaanse Studentebond (ASB), het Esterhuyse en ander sprekers meer kontak tussen “blankes en nie-blankes” bepleit.

Drie sake wat hierby aansluit en die gesprekke in 1976 oorheers het, was die ontplooiing van die “tuislandbeleid”, die Erika Theron-verslag oor die posisie van bruin mense en die geweld wat in bruin en swart woongebiede uitgebreek het. Dit het die noodsaak van ’n politieke oplossing beklemtoon.

Met die onafhanklikwording van Transkei in die nabye vooruitsig, besoek Esterhuyse dié tuisland en skryf uitvoerig daaroor in ’n artikel in *Die Burger* onder die opskrif **Op ‘lappieskombers’ kan ons nie trots wees nie** (*Die Burger*, 25 Mei 1976; kyk ook *Cape Times*, 1 Junie 1976). Hy lê klem op wat hy noem vereistes waarna gestreef moet word wanneer die stigting van “soewerein onafhanklike state” vir die swart etniese groepe beoog word. Dié vereistes sluit in ekonomiese lewensvatbaarheid en nasionale trots. Esterhuyse skryf in die artikel:

> Met die beste wil ter wêreld kan skrywer hiervan nie insien hoe swart leiersgroepe hulself nasionaal kan identifiseer met of patrioties kan opstel teenoor die verstrooide lappies aarde wat uiteindelik hul nasionale tuistes moet uitmaak nie […] Die vaderland wat afgepen moet word, moet immers ook ’n volk se waardigheid verhoog.

Selfs nie Transkei is ’n “bewys” van die sukses van die tuislandbeleid nie – of, soos Esterhuyse dit eerder wou noem: ’n beleid van staatstigting. Maar dan noem hy die volgende: dat “die swart eenheidsgedagte sterker is as wat die meeste van ons graag wil aanvaar”. Hierdie standpunt het hy ook in ’n radioprogram, *Op pad na 2000*, uitgespreek (*Die Burger*, 13 Augustus 1976).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Esterhuyse kyk die realiteite van die destydse tuislandbeleid dus in die oë en word selfs deur studente gekonfronteer[11] oor sy volgehoue ondersteuning van ’n beleid met soveel probleme. Esterhuyse moes deur die jare met honderde mense gesprekke gevoer het, waardeur sy gedagtes ook geprikkel is. Sodoende het die beïnvloedingsproses sy loop geneem.

Maar hy keer nog nie sy rug op die tuislandbeleid nie. Enkele maande later weerspieël *Die Vaderland* (3 Augustus 1976) egter sy standpunte soos volg:

> Die stedelike Bantoe sal in die lange duur ook nie by die huidige tuislandbeleid ingepas kan word nie. Die probleem van die stedelike Bantoe moet so gou moontlik buite die politiek bespreek word. Die tuislandbeleid is ’n noodmaatreël en kan nie gesien word as die uiteindelike oplossing nie.

Hy brei hierop uit in ’n artikel in *Die Vaderland* (17 November 1976) onder die prominente opskrif **Konstitusionele verandering in SA grootste uitdaging**. Hierdie gedagte verwoord hy soos volg:

> Terwyl gesamentlike seggenskap binne die huidige konstitusionele raamwerk ’n onding sal wees, beteken dit nie noodwendig dat dit binne ’n ander raamwerk met behoud van elemente van alleen-seggenskap oor outentieke groeps- en volksbelange haalbaar sal wees nie.

Hiermee het Esterhuyse die kern saamgevat van die nuwe grondwet wat later, in 1983, aanvaar sou word en wat aan bruin mense en Indiërs inspraak in die Parlement gegee het. Vir sommiges was dit ’n vindingryke manier om hierdie groepe in die staatkundige bedeling in te trek; vir ander was dit ’n fundamentele flater omdat swart mense uitgesluit was.

Die posisie van bruin mense, of Kleurlinge, soos die heersende terminologie toe was, het in die loop van 1976 sterk op die voorgrond gekom met die bekendmaking van die bevindinge van die Erika Theron-kommissie van ondersoek. Dit het tot ’n heftige debat oor die grondwetlike posisie van bruin mense aanleiding gegee, ’n debat waaraan Esterhuyse aktief deelgeneem het.

So verdedig hy, onder die taamlik uitdagende opskrif **Dit is nie net Karl Marx wat so gepraat het nie**, die Theron-verslag se meerderheidsbevinding dat omgewingsfaktore ’n belangrike rol speel (of gespeel het) in baie bruin mense se wegsak in ’n armoedekultuur (*Die Burger*, 29 Junie 1976). Soos hy ook telkens in die toekoms sou doen, redeneer Esterhuyse verder vanuit ’n Bybelse oogpunt en sê:

> Strukture [het] vanuit die Christelike etiek beskou, ’n dienende funksie. Hulle moet die mens so dien dat sy waardigheid as mens verhoog sal word […]. Wil ons onsself uiteindelik op Christelike standpunt stel […] is ons taak baie duidelik: [om] ook strukture te skep wat die mens dienend sal begelei en sy waardigheid as mens sal verhoog.

Esterhuyse word in hierdie jare gereeld genooi om as spreker by konferensies op te tree. Op ’n jaarvergadering van die FAK beklemtoon hy dat ’n mens nie jou identiteit prysgee as jy waardig en beskaafd in jou kontak met “anderkleuriges” optree nie (*Die Vaderland*, 7 Julie 1977). *Die Transvaler* (8 Julie 1977) se prominente opskrif vir sy berig oor dieselfde toespraak was: **Afrikaner nie deur kontak bedreig**.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Albert Crafford van *Rapport* sluit hierby aan wanneer hy instemmend die daaropvolgende Sondag na Esterhuyse en prof. Elaine Botha se toesprake op Potchefstroom verwys. Hy sluit die rubriek af met die woorde: "Praat sake oop, manne!" (*Rapport*, 10 Julie 1977). Dit was inderdaad 'n tyd waar Afrikaanse intellektuele (mans én vroue) met toenemende dringendheid gepraat het oor die toekoms van die land. Hierin was Esterhuyse 'n leidende stem.

Só praat hy in 1978 op 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (Sabra) nogmaals oor twee van sy gunstelingtemas: die noodsaak van gesonde verhoudinge en volle burgerskapregte vir bruin mense en Indiërs (*The Argus*, 29 Maart 1978). 'n Bedeling waarin hierdie bevolkingsgroepe volle burgerregte sou kry, het nog 'n aantal jare in die verskiet gelê.

Intussen het die regerende party se kongresse verbandhoudende voorstelle van 'n kabinetskomitee aanvaar, maar eers sou nog oorredingswerk gedoen moes word, onder andere deur Esterhuyse self. Hy benut telkens prominente geleenthede om sy standpunt oor bruin mense en Indiërs te herhaal. By 'n jeugkongres van Sabra beklemtoon hy nogmaals dat dié landgenote nie langer as tweedeklasburgers behandel mag word nie (*The Argus*, 30 Maart 1978).

Sy referaat in 1978 voor die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se jaarvergadering in Port Elizabeth het in groter detail gegaan en wye persdekking gekry. Verskeie koerante het op 22 Junie 1978 daaroor berig: *Oosterlig* onder die opskrif **S.A. ook bruine se vaderland**, *Beeld* onder die opskrif **'Gee die Indiërs, bruines waarborg vir nuwe bedeling'** en *Die Burger* onder die opskrif **Nuwe grondwet kan S.A. stabiel maak – prof. Esterhuyse**, terwyl *Die Transvaler* 'n samevatting van die referaat op sy hoofartikelblad geplaas het. Esterhuyse het reguit gesê dat blankes nie deur hierdie bevolkingsgroepe vertrou word nie en dat 'n deklarasie van menseregte en 'n verklaring van voorneme oor sake soos diskriminasie spoedig deur die regering gemaak moet word.

Oosterlig (22 Junie 1978) het sterk steun aan Esterhuyse gegee terwyl *Die Burger* (23 Junie 1978) versigtiger daarop gewys het dat oor veel sake in die voorgestelde nuwe grondwet nog onderhandel moet word. *Die Transvaler* (24 Junie 1978) het sy begrip vir Esterhuyse se standpunt uitgespreek dat die "tuislandbeleid 'n museumstuk sal word as die stadswartes nou al in die grondwetvoorstelle geakkommodeer sou word". Hierdie kommentaar deur regeringsgesinde koerante dui daarop dat Esterhuyse in voeling met meer verligte partygenote was.

In die laaste kwartaal van 1978 was Esterhuyse telkens in die nuus. *Rapport* (27 Augustus 1978) berig prominent (onder die opskrif **Amerikaanse vriende kla: SA te stadig en stil**) oor Esterhuyse se besoek aan die VSA waar hy begrip vir Suid-Afrika se ingewikkelde probleme teëgekom het, maar ook skerp kritiek op voortgesette rassisme. Esterhuyse betrek nogmaals die kerk en bepleit die vorming van 'n Christelik georiënteerde middelgroep van alle kleure.

Op 2 Oktober 1978 plaas die tydskrif *Time* 'n artikel oor die uittrede van eerste minister John Vorster en haal net drie Suid-Afrikaanse kommentators aan, waarvan Willie Esterhuyse een was. Sy boodskap aan *Time* se lesers was: "What is important is not the preservation of our own white identity. The primary goal is the preservation of civilized values." Twee sake is hier van belang: Hy is deur die internasionale tydskrif as 'n gesaghebbende stem erken en hy stel 'n standpunt wat klop met sy herhaalde uitsprake oor waardes.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Later die maand berig *Rapport* (29 Oktober 1978) onder die groot opskrif **'PFP nog by square one'** oor akademici se kritiek op die Progressiewe Federale Party se nuwe grondwetlike voorstelle. Esterhuyse se kommentaar was besonder skerp: Die PFP se voorstelle is gegrond op "die naïewe liberale geloof in die universele goedheid en welwillendheid van die mens". In dieselfde uitgawe gee *Rapport* heelhartige steun aan Esterhuyse. Die koerant het, soos Esterhuyse, bankvas agter die regering gestaan.

Die blad nooi Esterhuyse kort daarna uit om 'n meningsartikel te skryf wat onder 'n prominente opskrif verskyn: **Los seksionele belange, laat Christelike waardes seëvier** (*Rapport*, 24 Desember 1978). Hy skryf:

> As Afrikaners sal ons moet aanvaar dat die handhawing van ons identiteit nie die primêre en vernaamste doelwit van ons bestaan in hierdie land kan wees nie. Nog minder voortbestaan ter wille van blote voortbestaan. Die enigste primêre doelwit waarvoor ons kan lewe, bygesê as ons erns met ons Christelike oortuigings wil maak, is die handhawing en verbreiding van Christelike beskawingswaardes.

Esterhuyse was teen dié tyd 'n prominente pleitbesorger vir hervorming, maar dan nie met meerderheidsregering in 'n eenheidstaat as einddoel nie. Sy boek *Afskeid van apartheid* verskyn einde Oktober 1979 by Tafelberg en wek heelwat opspraak, hoewel berigte daaroor nie in Esterhuyse se eie knipselversameling verskyn nie.

Hy behandel in die boek temas soos rassisme as ideologiese regverdiging van apartheid en die taak van die kerk ten opsigte van rassediskriminasie en rassisme. Die slottema van die boek is "Die taak van die Christen: 'n pelgrim vir die reg", waarin Esterhuyse die Christen aan die woord is – ook profeties teenoor wit mede-Christene, in die besonder Afrikaners.

In die berig waarin die boek bekend gestel word, skryf Rykie van Reenen dat "mense wat die manuskrip gesien het" dit beskryf as "een van die moedigste en mees opsienbarende politiek relevante bundels opstelle van die dekade" (*Beeld*, 9 November 1979; ook *Die Burger*, 9 November 1979). *Die Burger* se opskrif was: **Landwye strategie teen diskriminasie bepleit** terwyl *Beeld* 'n meer populistiese opskrif verkies het: **Christelike grimering haal sonde nie uit diskriminasie** ('n parafrasering van een van Esterhuyse se uitsprake). Die *Argus* berig ook oor die boek, onder 'n tipies sober opskrif, **Racism must go – author** (9 November 1979).

In 'n effe ongewone stap het *Beeld* en *Die Burger* verskeie uittreksels uit die boek geplaas, soos uitgesoek deur die vermaarde Van Reenen. Opvallend is *Beeld* se sterker aanbieding daarvan as *Die Burger*. Was dit 'n aanduiding dat sy standpunte meer aanklank by die verligte *Beeld* as die versigtige *Burger* gevind het? (vgl. Cillié 1992:484–5; De Beer 2024:18; Steyn 2002:316–8). Hierdie nuanseverskille staan wel ondergeskik aan die keuse om die uittreksels te plaas – 'n politieke keuse, maar een wat by Naspers altyd 'n dubbele kommersiële ondertoon gehad het.[12]

In die nuwe jaar is 'n politieke gesprek oor Esterhuyse en dr. Richard van der Ross se boek *Myths and attitudes* gehou waaraan 16 politieke kommentators, akademici en politici deelgeneem het. Daaroor het Rykie van Reenen in *Die Burger* in 1980 berig (datum onbekend). Die vraag wat by die gesprek gevra is (en wat klaarblyklik onbeantwoord gebly het) is of die boek(e) 'n impak op gewone mense sal hê.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

'n Resensie deur Van der Ross onder die opskrif **'n Belangrike bydrae tot SA debat** (*Die Burger*, 28 Februarie 1980) sluit hierby aan deur te noem dat Esterhuyse nie aantoon hoeveel steun sy gedagtes onder Afrikaners geniet nie. Hy sou ook kon vra of Esterhuyse enige invloed het. Die sterk steun wat Van der Ross tog uitspreek, is egter beduidend. Ook dié deur *Woord en Daad* se resensent (prof. J.H. Coetzee, datum onbekend). Diverse briewe sou steun en kritiek insluit, soos dié deur "Nasionalis" van Oudtshoorn (*Die Burger*, 8 Februarie 1980) en L.R. Botha (*Beeld*, 12 Januarie 1980).

Dit alles vind plaas binne die konteks van voortgaande gesprekke in die pers oor diverse sake soos "oop" strande, gesamentlike eredienste (dus waar wit en bruin saam aanbid) en die sing van Halleluja-liedere. Daar is geen aanduiding dat Esterhuyse se boek 'n wydlopende gesprek in die pers oor die afskaffing van apartheid veroorsaak het nie. Maar dit sluit nie allerlei gesprekke tussen politieke, kultuur- en kerklike leiers uit nie.

'n Paar maande ná verskyning van die boek berig die Britse *Observer* (29 Junie 1980) egter onder die opskrif: **Apartheid attack shocks SA elite** terwyl die berig die kern van die boek saamvat as 'n skerp veroordeling van apartheid. Die berig meld ook dat Esterhuyse 'n "randfiguur" geword het, maar haal hom tog aan waar hy noem dat die regerende Nasionale Party die enigste instrument is met die magsbasis om verandering teweeg te bring. Daar moet, volgens Esterhuyse, binne die party, kerk, handel en kulturele bewegings gewerk word. Dit is presies wat Esterhuyse gedoen het.

Hy was egter allermins in hierdie stadium 'n randfiguur, dog steeds 'n gewaardeerde ondersteuner van die Nasionale Party, 'n Broederbonder en lidmaat van die NG Kerk. Wel was hy 'n *kritiese* lid wat sommige Afrikaners ontstel het, maar hy was steeds volledig binne die heersende elite.

Esterhuyse was intussen 'n mede-opsteller van 'n belangwekkende verslag wat op die 1979-sinode van die Kaapse NG Kerk gedien het en waarin rassediskriminasie duidelik afgewys is (*Sunday Times*, 21 Oktober 1979). Die sinode het egter 'n kompromisvoorstel aanvaar, maar Esterhuyse het opgemerk dat hy, gegewe die atmosfeer in die sinode, tevrede was. Daarmee het Esterhuyse nogmaals geduld getoon. Sy strategie was immers om stuk vir stuk van binne rassediskriminasie aan die kaak te stel. Sy deelname aan die betrokke kommissie was 'n bevestiging van die vertroue wat hy in Kaapse NG kringe geniet het.

Vanuit sy destydse Christelike verwysingsraamwerk pleit hy einde 1979 nogmaals op 'n Geloftedagviering op Keetmanshoop vir "Christelike beskawingswaardes" (*Die Republikein*, 18 Desember 1979). Hy het die soeke na reg en geregtigheid vooropgestel en nie die eie belang nie.

Hy was dus deurgaans 'n sterk stem teen rassediskriminasie, en ten gunste van die taak van die Christen en positiewe Afrikanerskap (*Die Republikein*, 28 April 1980; *Die Burger*, 4 September 1980; *Paarl Post*, 22 Augustus 1980), maar nou sou die ander aspek van sy politieke denke meer na vore kom.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

4.2 Grondwetlike hervorming

Waar Esterhuyse in die 1970's sterk vanuit die Christelike etiek die immoraliteit van (ten minste aspekte van) apartheid uitgewys het, het sy openbare uitsprake nou toenemend op grondwetlike hervorming gefokus.

Esterhuyse was mede-ondertekenaar van die sogenaamde Hervormingsdag-getuienis wat in Oktober 1980 in *Die Kerkbode* verskyn het en vir maande lank kommentaar ontlok het (vgl. Van der Merwe 1997): "Die storm wat na die verskyning van die Getuienis losgebars het, was byna soortgelyk aan dié na Cottesloe. Hierin het die openbare media 'n groot rol gespeel en in byna al die dagblaaie het berigte verskyn […]" Esterhuyse se deelname aan die Hervormingsdag-getuienis asook kritiek op inperkings en die verbanning van kritici en 'n pleidooi vir een kieserslys vir "blankes, kleurlinge en Asiërs" (soos *Die Transvaler* dit saamgevat het), het nie sonder kritiek afgeloop nie (vgl. *Rand Daily Mail*, 16 Julie 1981).

Opvallend is *Die Transvaler* se reaksie, aangesien dié blad onder dr. Willem de Klerk 'n sterk voorstander van hervorming was. Nietemin meen die blad dat Esterhuyse se standpunt ten gunste van 'n gesamentlike kieserslys 'n "gevaarlike oorvereenvoudiging" is (*Die Transvaler*, 16 Julie 1981). Esterhuyse antwoord hierop in 'n brief in *Beeld* (1 Augustus 1981) onder die opskrif **Opgewondenheid oor magdeling**. Daarin verduidelik hy dat hy wel gesê het een kieserslys sou die *beste* manier wees, maar hy het "duidelik laat blyk" dat dit sy "té hoë idealisme oor die Afrikaner en die oortuigingskrag van sy ideale is" wat hom dit laat sê het. Hierdie idealistiese standpunt het Esterhuyse nie verhinder nie om in die hieropvolgende jare sterk te argumenteer vir 'n driekamer-parlement met sy drie kieserslyste, wat in 1983 in die grondwet vasgelê is.

Die skerpste kritiek teen Esterhuyse het egter gekom van die voormalige premier en staatspresident John Vorster. In 'n voorbladhoofberig onder die opskrif **Vorster-bom in politiek**, berig *Beeld* (3 Augustus 1981) oor 'n "striemende aanval" wat Vorster op Esterhuyse gedoen het.[13] Vorster was naamlik erg beswaard oor Esterhuyse se tipering van die Vorster-era as een van "stagnasie". In dieselfde berig verduidelik Esterhuyse egter dat die teks van sy gewraakte toespraak verwys na 'n periode van stagnasie "wat so duidelik in die laaste deel van die Vorster-regering was". Hy het dus nie Vorster se bewindstyd in die geheel afgemaak nie.

Die kritiek het Esterhuyse kwalik afgesit. Reeds in Februarie skryf hy 'n meningstuk vir die *Weekend Argus* (27 Februarie 1982), wat onder die prominente opskrif **Nat glue comes unstuck** verskyn. Dit is geskryf teen die agtergrond van ernstige woelinge in die NP en die waarskynlikheid van 'n permanente skeuring. Esterhuyse het vertroue in P.W. Botha uitgespreek om die skeuring te oorleef en rigting te gee.

'n Dag na die verskyning van hierdie artikel, was Esterhuyse weer in die nuus. Die *Sunday Times* (28 Februarie 1982) het hom naamlik vereer as politieke skrywer vir sy boek *Apartheid must die*, die uitgebreide, Engelse weergawe van sy *Afskeid van apartheid*. Onder die prominente opskrif **The 'heretic' Prof who saw it all coming** bespreek Fleur de Villiers op die koerant se belangrikste meningsblad die redes vir die toekenning aan Esterhuyse asook die sterkste mededingers onder die 22 ingeskryfde boeke.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Een van die drie beoordelaars, prof. John Barratt, het opgemerk dat Willie Esterhuyse se boek sonder twyfel bygedra het tot 'n klimaat waarbinne P.W. Botha die voorheen ondenkbare kon doen, naamlik om na magsdeling te verwys. Nog 'n beoordelaar, Franklin Sonn, het gesê: "Ons is gevra om die boek aan te wys wat die grootste invloed op die politieke debat in Suid-Afrika gehad het. Daar was eintlik geen ander keuse nie" (28 Februarie 1982). By hierdie keurders was daar geen twyfel oor Esterhuyse se invloed nie.

Self het Esterhuyse soos volg oor die boek opgemerk: "Ek het die boek geskryf omdat ek 'n morele krisis beleef het […]. En toe vind ek later uit dat ek 'n snaar aangeraak het en die morele dilemma van baie Afrikaners verwoord het" (28 Februarie 1982).

Die konserwatiewe redakteur Thys Human skryf egter in 'n rubriek in *Oggendblad* (2 April 1982) (onder die opskrif **NP kan dié manne nie bekostig nie**) dat hy nie mooi weet of die NP vir Esterhuyse (en prof. Nic Wiehahn) kan bekostig nie. Esterhuyse se opvolgboek, *Die pad van hervorming*, bepleit "strukturele" hervorming en dat minder klem op self-beskikking en meer op versoening en gemeenskaplikheid geplaas moet word, iets wat Human se "Nat-hart […] kloppings" laat kry het. Die Konserwatiewe Party is reeds op 20 Maart 1982 gestig, maar Human het hom eers later by die KP geskaar.

Die politieke wiele was egter aan die draai en 'n referendum onder wit kiesers het in 1983 gevolg, waartydens tweederdes van die stemme die nuwe grondwetlike bedeling goedgekeur het. Dit wat Esterhuyse bepleit het, kon nou in vervulling gaan: Bruin mense en dié van Indiër-afkoms sou nou hul eie huise in die parlement kry en daardeur volwaardige burgerskap. Vir die regerende NP het dit op "gesonde magsdeling" neergekom; die opposisie na regs en links het dit egter verwerp.

Die debat oor die land se politieke toekoms het dus opnuut opgevlam, waarop Esterhuyse onder die prominente opskrif **The Catch 22 afflicting white politics** in die *Sunday Times* (29 Mei 1983) die beperkte aard van die nuutste hervorming verdedig het. Vir hom was dit duidelik nie die einde van hervorming nie, maar wat op daardie tydstip prakties doenbaar was. Sy pragmatiese benadering tot verandering sou nou tot die uiterste beproef word.

Hy skryf:

> Whatever the case might be, the fact of the matter is that the NP could not move in a more dramatic way on the constitutional issue […]. The scope and rate of reforms are rather limited. To put it bluntly: for the ruling party to follow some of the advice given to it would amount to political suicide.

Die 1983-grondwet maak egter moontlikhede vir meer betekenisvolle verandering in die toekoms oop, skryf Esterhuyse, sonder om daarop uit te brei. Die vraag oor swart mense buite die tuislande was nou in die sentrum van die debat.

Esterhuyse se pragmatiese benadering tot die politieke proses kom nog eens na vore in 'n artikel in *The Argus* (3 Junie 1983). Hy verdedig, onder die opskrif **Cause for hope in constitution as a bridging device**, vordering wat die nuwe grondwet meegebring het, maar gee toe dat daar swakplekke is. Hy besluit:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

> By and large, I am not too pessimistic about the new constitution. If it was regarded as a bridging mechanism from what we have had thus far to what most of us view for this country, it gives reason for qualified hope.

In hierdie tyd verskyn ’n boek, *Die sondes van die vaders*, deur prof. André du Toit, waaroor prof. Hennie Rossouw in *Die Burger* ’n resensie skryf (23 Junie 1983). Dit is ter sake omdat Du Toit ’n dosent by Esterhuyse en Rossouw se buurdepartement (staatsfilosofie) was en die openbare debat tussen hulle van wyer belang was. Vir eers het Rossouw krities gereageer en *Die Burger* daaraan die volgende opskrif gegee: **Siniese gees eindig in verwarring**. Hy skryf:

> Watter opsie bly daar dan oor vir ons gekwelde Afrikaner-intellektueel? Prof. Du Toit se voorstel kom neer op ’n radikale breuk met die Nasionale establishment ten einde laasgenoemde van “buite die raamwerk” saam met nie-Afrikaners te bestry.

Hierop het Du Toit geantwoord (*Die Burger*, 7 Julie 1983), waarop Esterhuyse skerp reageer (*Die Burger*, 19 Julie 1983) – met name op Du Toit se kritiek op verligtes soos Esterhuyse. Hy het Du Toit se argument verwerp dat die verligtes uit selfrespek uit die organisasies moet bedank wat Afrikanermag in stand hou. Hy het voorts teen sinisme en fatalisme gewaarsku asook die verlies aan hoop op geweldlose politieke verandering.

Die Burger het besef die polemiek gaan na die hart van Afrikaner-intellektuele se wroegings en het prominensie aan die brief gegee onder die opskrif **Oomblik van waarheid vir oorbeligtes?** Dit was nie Esterhuyse se woorde nie; *oorbeligtes* het verwys na intellektuele Afrikaners links van die verligtes. Deur hierdie term te gebruik, het *Die Burger* die debat duidelik in die guns van Esterhuyse geraam.

Esterhuyse het nog ’n aanval op Du Toit se standpunte gedoen (**Intellektuele kragtoer bied nie oplossings**, *Die Burger*, 6 Augustus 1983). Ondanks die hoflike erkenning van mekaar se intellek en goeie bedoelings, het die kollegas in soms skerp terme van mekaar verskil. So skryf Du Toit onder meer in ’n brief onder die opskrif **Esterhuyse vaag oor kardinale sake** (*Die Burger*, ? Augustus 1983) dat Esterhuyse sy argumente duideliker moet uitspel. Dit gaan naamlik veral oor die Afrikanernasionalistiese inhoud wat Esterhuyse (aldus Du Toit) aan die Universiteit Stellenbosch gegee het.

Du Toit vat saam:

> […] die Afrikaanse universiteite staan tans voor kritieke besluite oor hul toekomstige rol in die samelewing. Hulle kan kies om toenemend bolwerke te wees van eksklusiewe seksionele bevoorregting. Of hulle kan maniere probeer vind om ’n groter en meer heterogene samelewing beter te dien.

Dat Esterhuyse na ’n meer inklusiewe samelewing gestreef het, is duidelik uit sy vele openbare standpuntinnames, maar Du Toit eis van Esterhuyse ’n konsekwente deurvoer van sy idees – iets wat eers later sou gebeur. Vir eers was Esterhuyse nie die logiese filosoof nie, maar die praktiese politikus, ingebed in die Afrikanerhuishouding. Om invloed te behou binne die kring wat die veranderinge moes aanvaar, kon hy sekere voorstelle nie aanvaar nie. ’n Breuk met daardie organisasies wat juis aan hom geloofwaardigheid en ’n podium verskaf het, sou die moontlike effek (soos gesuggereer deur die multistapvloeimodel) uitgeskakel het. (Meer hieroor in die gevolgtrekkings.)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Intussen het die gesprek oor die nuwe driekamerparlement voortgegaan. In 'n prominente menings-bladartikel skryf Esterhuyse in *Rapport* (5 Junie 1983) oor die rol en magte van die president in dié nuwe opset. Hy deel kritici se voorbehoude oor die buitengewone magte van die president. Betekenisvol redeneer hy: "Alles in ag genome, moet aanvaar word dat die nuwe konstitusionele bedeling slegs as die beginpunt van die proses van konstitusionele evolusie beskou kan word." Hy was daarvan oortuig dat die nuwe grondwet ondanks gebreke "moontlikhede open op die pad na 'n regverdiger Suid-Afrika". In hierdie stadium was hy nog nie daarvan oortuig dat alle swart mense volledig deel van daardie "regverdiger" land moes wees nie; die tuislande het steeds hul plek in sy denke gehad.

In September 1984 kom die nuwe driekamerparlement vir die eerste keer byeen. Die *Sunday Times* se politieke korrespondent, Brian Pottinger, beskryf (onder die opskrif **Wielding power takes practice …**) die eerste week as 'n "massive diffusion of energy and time by the participating parties away from the core issues towards the peripherals – inter-party bickering, palace revolts, bogus splits and political wheeler-dealing" (23 September 1984).

Pottinger beskryf ook die algemene onrus in die land: byna 130 000 swart leerlinge wat klasse geboikot het, traanrook wat telkens by die Universiteit van Wes-Kaapland in die lug hang, en aktiviste wat in die Britse ambassade wegkruip uit vrees vir inhegtenisname. Naas hierdie evaluering van die politieke stand van sake, skryf Willie Esterhuyse onder 'n prominente opskrif, **How do you make consensus work?**, oor die noodsaak en voorwaardes vir 'n nuwe tipe politiek (23 September 1984). Pottinger en Esterhuyse se artikels is vergesel van 'n spotprent waarop Allan Hendrickse, leier van die bruin Arbeidersparty, uitgebeeld word as Nero, wat viool speel terwyl die land brand.

Die koerant doen hiermee twee dinge. Die kritiek wat hul politieke korrespondent op die optrede van Hendrickse en ander leiers uitspreek, is deur die spotprent versterk. Maar Esterhuyse se rigtinggewende artikel kry opvallend meer prominensie as Pottinger se waarnemings. Esterhuyse skryf:

> Protagonists of consensus politics will have to accept that a change in political style demands equally that there be a change in traditional ideological choices. It is wishful thinking to imagine that consensus politics must be directed towards achieving acceptance of the traditional ideology of the white governing elite.

Hy stel twee voorwaardes, naamlik vertroue en effektiewe instrumente (waaronder die Presidentsraad), maar gee ook toe dat daar buite die parlement 'n wesenlike probleem is, naamlik dat die meeste bruin mense en Asiërs nie in die voorafgaande verkiesing gestem het nie. Hulle het geen vertroue in die NP-regering se oogmerke nie. Aan die einde van sy artikel kom Esterhuyse by die kwessie van swart regte. Hy maak die volgende belangrike opmerking:

> A major lack among the instruments is the fact that there is no effective mechanism for consensus politics on black rights. A condition for consensus politics is that those affected should also be full participants in the bargaining process.

Esterhuyse bepleit daarom 'n liggaam ("mechanism") waar swart mense sitting sal hê. Dit verteenwoordig 'n belangrike skuif in sy denke.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Enkele maande later plaas die *Sunday Times* (2 December 1984) 'n prominente artikel deur Esterhuyse (onder die opskrif **Verligtheid: The road ahead**). Sy naam word in buitengewoon groot letters by die artikel geplaas en hy word beskryf as "one of Afrikanerdom's most influential thinkers". Esterhuyse verdedig in die artikel die rol van verligtes in die NP, soos wat hy telkens vantevore gedoen het. Sy verdediging van verligtes, wat vanuit drie rigtings onder skoot gekom het, was in wese 'n regverdiging van sy eie rol binne die Afrikaner-establishment. Daarom is hierdie artikel van belang, hoewel die argumente nie nuut was nie.

Hy vat verligtes se standpunte soos volg saam: Hulle wil die proses van vernuwing stimuleer sonder om stabiliteit op te offer; hulle wil apartheid aftakel en die demokratisering van die samelewing bevorder, insluitende politieke deelname vir al die land se bevolkingsgroepe; hulle beskou die NP as die enigste instrument waardeur Afrikaners se samewerking verkry kan word; en hulle is minder gesteld op morele uitsprake as op taktiese skuiwe wat die proses van vernuwing kan bevorder.

Daarom is verligtes (soos Esterhuyse) ten gunste van die nuwe grondwetlike bedeling wat in 1984 beslag gekry het, hoewel hulle dit nie as die einde van die grondwetlike ontwikkeling beskou nie. Verligtes kies hul fokus baie selektief en oorweeg wat prakties doenbaar is. Hulle streef dus nie na een groot deurbraak nie, maar probeer stap vir stap deurbrake bevorder. Verligtes beskou morele aanvalle op die NP en die Afrikaner as kontraproduktief en verkies kritiek van binne. Hulle is ook bereid om die goeie in die NP en Afrikaner raak te sien.

Esterhuyse beklemtoon dat die verligtes nie net oor wit mense besorg is nie, ook nie net oor swart mense nie. Hule sien wit én swart raak. Dan maak hy die volgende belangrike stelling: "They are not in favour of a black majority government, but they have no objection to sharing political power with blacks. For them what is important is the form it will take." Esterhuyse meld ook dat verligtes geen probleem het dat met die ANC onderhandel word nie. Boonop is die voortgesette verbod op organisasies nie hulpvaardig in die oplos van die land se probleme nie.

Hierdie was standpunte wat nog glad nie deur die regerende NP aanvaar is nie. Trouens, die omstrede Rubicon-toespraak van pres. P.W. Botha het nog in die toekoms gelê.

In wat die koerant as 'n "credo van 'n verligte" bestempel het, het Esterhuyse die motivering van verligtes se optrede sterker as ooit tevore verduidelik. So stel hy dat verligtes hoop vir die toekoms lewendig probeer hou, in teenstelling met die bevordering van 'n gees van wanhoop en fatalisme. Esterhuyse meen dat verligtes, koerante en individue ingesluit, die harde ideologiese sekerhede van die verlede versag het en nuwe idees bevorder het: "Indeed, I am arrogant enough to suggest that the verligtes' contribution in this connection has been greater than that of opposition parties and critics to the left of the NP."

Die verligtes kon dit juis doen omdat hulle hul sê binne bestaande organisasies gehad het, het Esterhuyse geredeneer. Hier plaas Esterhuyse nogmaals sy vinger op 'n kernbelangrike saak: sy en ander denkleiers se (geloofwaardige) posisies binne organisasies. Boonop was die moontlikheid daar dat, gegewe die multistapvloeimodel, hul gedagtes via pers én teenwoordiges uitgedra sou kon word.

Tog gee hy toe dat meer duidelikheid oor die langtermyndoelwitte geartikuleer moet word. "It must be said clearly in which direction the rights of black people can go," skryf hy, en voeg by dat swart mense geregtig is op Suid-Afrikaanse burgerskap. Hy bepleit voorts 'n verklaring

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

van voorneme en steek die hand uit na ander "hervormingsgesinde" mense. Die tyd is verby dat diegene wat nie-gewelddadige verandering voorstaan mekaar sal diskrediteer. Hy besluit: "Today, more than ever, South Africa needs reform alliances – especially outside the party connection […]. South Africa's future has been sabotaged long enough by personal prejudice."

'n Enkele koerantknipsel uit 1985 verskyn in Esterhuyse se lêer, maar dan 'n opspraakwekkende een onder die opskrif **Must black and white sting each other to death?** (*Sunday Times*, 10 November 1985). Wat Esterhuyse hierin skryf, is nie ten eerste nuut nie, maar dat hy as toe nog selferkende Nasionalis en leidende figuur in die Afrikaner-establishment dit sê, was belangwekkend. Hy skryf na aanleiding van 'n toespraak in 1920 deur prof. D.D.T. Jabavu dat die redes vir swart ontevredenheid ("discontent") steeds wesenlik dieselfde is. Esterhuyse skryf teen die agtergrond van die noodtoestand wat vroeër in die jaar verklaar is om onluste in swart woongebiede te probeer keer:

> One can link current turmoil to many causes, ranging from the state of the economy to the activities of agitators and revolutionaries. In the final analysis it should be linked to decades of an inability, if not unwillingness, to listen seriously to the voices of black reason.

Hy gaan verder en stel dat mense nie as radikale gebore word nie:

> One is not always popular for making such a statement, but I have no hesitation in saying that circumstances existing in our country and policy decisions taken over the past decades facilitated the radical stances taken by blacks.

Dit was 'n belangrike erkenning deur iemand wat die NP vir so lank verdedig het.

Tog het Esterhuyse hoop gehad. Hy voer aan dat baie wit mense, insluitende Afrikaners en ondersteuners van die NP, bereid is om op te staan vir politieke en sosio-ekonomiese geregtigheid asook die deel van politieke mag met swart mense:

> Freed from the chains of the ideology of apartheid and separate development, they are in favour of dismantling the structural and statutory embodiments of this ideology. They *have* heard the voice of black reason.

Maar, vra Esterhuyse, luister swart mense na die stem van wit rede? Hy meen dat swart leiers, vir verskillende redes, nie in daardie stadium ten gunste van versoening was nie en blote swart oorname verwag het. Tog was daar diegene wat nie radikaal was nie en 'n stem van swart rede verteenwoordig het. Esterhuyse spel dan uit waarvoor hierdie swart mense vra. Dit sluit in die afskaffing van allerlei apartheidswette asook burgerskap op dieselfde vlak as dié van wit, bruin en Asiërs. Meer nog: "Interim measures making provision for black representation in central government until such time as an acceptable constitutional framework is developed."

Hierdie standpuntinname deur Esterhuyse volg op byna 'n jaar se voltydse werk as adviseur by die Stedelike Stigting. In dié tyd is hy soos nooit voorheen gekonfronteer deur die realiteite van die swart stedelike bevolking van Soweto (Esterhuyse 2023). Hy noem dit ook in die voorwoord tot sy boek *Eindstryd*:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

> Een insident waarby ek via die Stigting betrokke geraak het, het my onherroeplik verander: Vermeende hardhandige polisieoptrede by Roodekrans, noord van Johannesburg, teen plakkers, en ’n verklaring daaroor. Sommige plakkers se hutte is plat gestoot en ander hutte afgebrand.

Die uitroep van ’n noodtoestand het hom ook met die besef gelaat dat ’n land nie volhoubaar op so ’n wyse geregeer kan word nie. Tog was sy denke steeds dié van iemand wat nie ’n simplistiese swart meerderheidsbewind bedink het soos wat dit later gerealiseer het nie.

’n Opvallende leemte in die Esterhuyse-versameling is enige berigte, briewe of artikels na aanleiding van president P.W. Botha se sogenaamde Rubicon-toespraak op 15 Augustus 1985 in Durban. Vir Esterhuyse was die toespraak, soos vir baie ander, ’n groot teleurstelling, maar hy het dit nie in die openbaar verwoord nie (Esterhuyse 2023). Miljoene kykers het plaaslik en oorsee die aand in afwagting die toespraak op televisie gevolg, maar Botha het “uitdagend” opgetree en die toespraak het ver tekortgeskiet aan die verwagtinge (Giliomee, Mbenga en Nasson 2022:548).

Tog het hy aangekondig dat (swart) inwoners van die ses tuislande wat nie onafhanklikheid wou aanvaar nie as Suid-Afrikaanse burgers erken sou word en in ’n gemeenskaplike politieke stelsel verteenwoordiging sou kry. “Dit was die einde van die idee dat alle swart mense in ’n ‘blanke Suid-Afrika’ alle seggenskap ontsê moet word,” aldus Giliomee (2012:407). Dit het die deur op ’n skrefie oopgemaak vir Esterhuyse en ander om openlik binne die NP vir volle burgerskap vir swart mense te pleit. Intussen het die ANC die land onregeerbaar probeer maak, is duisende aktiviste aangehou en was die land onderhewig aan streng mediabeperkings ingevolge die noodtoestand.

Botha se toespraak het boonop ’n “golf van nuwe sanksies en onttrekking van beleggings ontlok” (Giliomee, Mbenga en Nasson 2022:546–8). Suid-Afrika was inderdaad in ’n skaakmatposisie, soos Chester Crocker, die Amerikaanse assistentminister van buitelandse sake belas met Afrika, dit opgesom het (Giliomee 2012:411).

Die volgende jaar, 1986, vra Esterhuyse, ter herdenking aan die 25ste jaar van die Republiek van Suid-Afrika, in ’n artikel in *Die Volksblad* (28 Mei 1986) ongemaklike vrae oor ou simbole in ’n nuwe grondwetlike bedeling. Hy verwys na die destydse vlag, volkslied en selfs die naam Suid-Afrika en noem dat net die neerskryf van hierdie vrae “emosionele weerstand” by hom opwek. Tog meen hy dat republikeine hulself daarop moet voorberei om die vrae te beantwoord – “met goeie argumente en oortuiging”.

Hy skryf op positiewe noot oor een van die temas waarop hy deur die jare teruggekom het, naamlik welwillendheid tussen verskillende bevolkingsgroepe en gedeelde waardes. Esterhyuse verwys na ’n RGN-verslag wat bevind het dat “groot getalle Suid-Afrikaners, dwarsoor kleurgrense heen, nog ’n gemeenskaplike waarde-oriëntasie met mekaar deel. Dié gemeenskaplikheid moet net ontgin en verder uitgebou word”. Verder:

> Wat wil ’n land méér hê vir ’n toekoms van relatiewe vrede en stabiliteit as ’n min of meer gedeelde waarde-oriëntasie? Wat wette en gewere nie kan vermag nie – naamlik samewerking en patriotisme – word deur waardes wat mense aktief in praktyk uitleef en ondersteun, in die hand gewerk. Dit en niks anders nie, sal nasionale selfmoord vir die Republiek beteken as die toekoms nie gebou word op gemeenskaplike waardes nie. Kortom, ’n gehamer op die aambeeld van seksionele belange en vooroordele – deur wit en swart – sal nie ’n vreugdevolle eggo in die toekoms hê nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Esterhuyse sluit op ’n positiewe noot af: “Gelukkig besef die meeste mense nog dat die belange van die Republiek groter is as hul persoonlike belange.”

Kort daarna getuig Esterhuyse in Washington voor ’n advieskomitee van die Amerikaanse minister van buitelandse sake. *Business Day* en die *Sunday Times* se korrespondent in Amerika, Simon Barber, skryf in gloeiende terme oor Esterhuyse se optrede voor die komitee. Die artikels verskyn onder die opskrifte **Nat guru holds sway in US – to everyone’s amazement** (*Business Day*, 5 Junie 1986) en **Matie professor a star at US hearing on SA** (*Sunday Times*, 8 Junie 1986). Die artikels stem grootliks ooreen.

Barber skryf in die *Sunday Times*-artikel dat Esterhuyse as onbekende voor die komitee opgedaag het, maar hul aandag vinnig gekry het met sy rasionele en eerlike ontleding van die Suid-Afrikaanse situasie. Barber skryf: “Prof Esterhuyse spoke urgently, yet almost apologetically, openly admitting his government’s crimes and horrendous mistakes – among them the last new constitution – but at the same time making it passionately clear there was still hope.”

Esterhuyse het sy hoop geplaas op die middelgroep tussen reaksionêre wit mense en radikale in swart geledere. Dié “in-betweens” moet hul toekoms in eie hande neem voordat dit te laat is. Maar hy het voorwaardes gestel alvorens dit kon gebeur: volle burgerskap vir almal, die herroeping van die Groepsgebiedewet en die Wet op Bevolkingsregistrasie, die onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela en ’n inperking van die veiligheidsmagte (Barber, *Business Day*, 5 Junie 1986).

Steeds in Amerika skryf Esterhuyse pas voor die algemene sinodesitting van die NG Kerk in die *Los Angeles Times* (7 Augustus 1986) oor die kruispad waarby die kerk haarself bevind. Gaan die NG Kerk haar ondersteuning van die apartheidsideologie laat vaar? Belangwekkend is Esterhuyse se samevatting van wat die teologie van apartheid ingehou het. Hy skryf:

> The main tenets of this theology were that ethnic groups – such as the Afrikaner – were a creation of God, who willed their existence. Ethnic groups have a God-given right to preserve their identity, remain exclusive and determine their own destiny. This is one of the reasons the Dutch Reformed Church put pressure on the government to promulgate, for example, the act against mixed marriages that was abolished recently.

Kort daarna berig Fritz Joubert uit Washington dat Amerikaners minder positief is oor die doeltreffendheid van sankies teen Suid-Afrika (**Yanks sê stappe teen SA misluk**) (*Beeld*, 5 Oktober 1987). Die berig haal ook die opposisie-LV Helen Suzman aan wat in ’n artikel in die *New York Times* teen sanksies gepleit het asook prof. Willie Esterhuyse wat by ’n konferensie oor Suid-Afrika in die deelstaat New York deelgeneem het.

Esterhuyse het aan Joubert gesê dat daar ’n verskuiwing in denke by Amerikaners plaasgevind het. Dit gaan nie meer soseer oor rassediskriminasie nie, maar oor wit oorheersing. Vir Esterhuyse, wat so lank teen rassediskriminasie gepraat het, was hierdie waarneming potensieel belangrik. Die nuwe jaar sou spoedig tot ’n verandering in sy politieke denke lei.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

5. Einde van verbintenis

Willie Esterhuyse se persoonlike knipsellêer bevat net twee items uit 1987, maar albei is betekenisvol. Die eerste is 'n voorbladhoofberig in die *Weekly Mail* (6–12 Februarie 1987, **Now PW faces a Matie rebellion**) wat berig dat 'n groot groep Afrikaner-intellektuele op die punt staan om van die NP weg te breek. Onder hulle tel Esterhuyse, wat genoem het sy ondersteuning van die NP was "voorwaardelik". Hy voeg betekenisvol by: "We as the so-called verligtes have always given critical support to the National Party but in the present situation there is very little to justify this."

Die tweede knipsel is van Esterhuyse se artikel in die *Sunday Times* (8 Maart 1987) onder die opskrif **Must we give a mandate for patching up old clothes?**. Die vier weke tussen die *Weekly Mail* se berig en Esterhuyse se artikel in die *Sunday Times* was betekenisvol. Esterhuyse (2012:26) vertel later van 'n brief van die Broederbond, wat op 26 Januarie 1987 by hom aangekom het en waarin hy gevra is om te praat by 'n dinkskrum oor staatkundige ontwikkeling wat op 7 Februarie sou plaasvind. Esterhuyse se gevolgtrekking was dat die "ding" gekom het: Daar sou gepraat word oor hoe, wat, met wie en hoe geskik sou word – presies wat hy vir lank bepleit het.

Toe volg 'n afdelingsvergadering van die Broederbond, waar Esterhuyse hom ten gunste van 'n een-mens-een-stem-verkiesing in 'n eenheidstaat uitgespreek het (Esterhuyse 2012:27). Die plaaslike lid van die Volksraad, Piet Marais, het 'n (kritiese) verklaring daaroor aan *Die Burger* uitgereik, waarop Esterhuyse gedreig het om alles oor die vergadering – insluitende die deelnemers – bekend te maak. Die verklaring is teruggetrek, maar Esterhuyse se pad in die Broederbond het tot 'n einde gekom nadat dit vir jare lank reeds ongemaklik was.[14]

Binne dae verskyn sy artikel in die *Sunday Times* (8 Maart 1987) waarin hy hom openlik skaar aan die kant van dr. Dennis Worrall en ander gewese Nasionaliste wat van die NP weggebreek het en die verkiesing op 6 Mei 1987 as onafhanklikes sou voer. Esterhuyse herhaal al sy bekende standpunte in die artikel, maar vra dan retories of die NP langer as 'n doeltreffende instrument van hervorming gesien kan word – dit wat hy vir so lank geglo het. Hy vervolg:

> Granted, the National Party is a mighty political instrument which must be reckoned with. But it is also accepted that the NP is currently unable or unwilling to use that power to initiate reforms which will put South Africa on the road to peace.

Waar Esterhuyse sy artikel aanvanklik soos 'n onbevange waarnemer skryf, verander die toon in die laaste gedeelte. Hy skryf: "If they (dus dié wat ongelukkig is met die NP) – and here I would like to say us – talk of new ideas and visions it is not just because this has recently become fashionable." Hy vervolg:

> We talk of ideas and visions that are freed from the prison of statutory entrenched race and colour criteria, which publicly and earnestly deal with the principle of free association; which accept community values and interests as a departure point, and which make no secret of the fact that blacks will sit in a future Parliament – whatever its structure may be.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Dan spel hy die konsekwensies soos volg uit: “What I have said makes it clear that continued association with the present National Party has become, for many of us, an impossibility.” Hoe ingrypend hierdie openbare onafhanklikheidsverklaring op sigself ook al was, val die afwesigheid van een saak op, naamlik sy ondersteuning van ’n een-mens-een-stem-verkiesing in ’n eenheidstaat.

Dat Esterhuyse deur president Botha genooi is om sy breuk met die NP en ondersteuning van die Onafhanklikes met hom te kom bespreek, is betekenisvol. Dit onderstreep die agting wat hy by Botha geniet het en sy status in NP-kringe. Esterhuyse (2012:28) vertel: “Dit was ’n baie vriendelike en openhartige gesprek […]. Ek verduidelik my beweegredes om die Onafhanklikes te steun aan hom en sê dat die tyd vir ’n van-binne-af-strategie verby is.”

Daarmee het Willie Esterhuyse se baie lang verbintenis met die NP en sy selfopgelegte taak as hervormer van binne op ’n einde gekom. Kort na sy breuk met die NP en Broederbond het nuwe deure vir hom oopgegaan. Hy is genooi om betrokke te raak by gesprekke met die ANC.[15] Daarna volg sy rol as tussenganger, wat uitloop op regstreekse gesprekke tussen die ANC en die regering, die ontbanning van die ANC en ander politieke partye, die formele onderhandelingsproses van die 1990’s en die eerste ten volle demokratiese verkiesing in 1994.

Esterhuyse het geen aktiewe rol in die formele onderhandelingsproses gespeel nie. Hy het nie heeltemal stil geraak nie en het veral as dosent in sake-etiek en skrywer van boeke met ’n teologiese inslag aktief gebly, maar nie op dieselfde wyse as in die aanloop tot die kontak met die ANC nie. Sy taak as wegbereider vir ’n nuwe politieke bedeling was egter voltooi. Daarvoor – en natuurlik sy rol as bemiddelaar – is hy op allerlei wyses vereer, onder meer met die Orde van Luthuli (silwer) en ’n eredoktorsgraad van sy alma mater, die Universiteit Stellenbosch.

6. Gevolgtrekkings

Hoe W.P. Esterhuyse se denke in die pers ontvou het, is in die voorafgaande volledig beskryf. Dit dui ook op die rol wat die (Afrikaanse) pers in daardie tydvak gespeel het om politieke hervorming aan te moedig. Die belangriker vraag is hoe oor Esterhuyse se moontlike invloed geoordeel moet word.

Die rol van meningsvormers word wyd in navorsing oor kommunikasie erken. Die plek van ander rolspelers word eweneens erken, selfs voordat die revolusie veroorsaak deur sosiale media die beïnvloedingsproses komplekser gemaak het. Esterhuyse se bydrae moet dus met versigtigheid benader word – selfs in die era voordat televisie diverser geword het en sosiale media die mediawêreld omgekeer het.

Desondanks kan tot die gevolgtrekking gekom word dat Esterhuyse oor die beste deel van twee dekades as openbare intellektueel ’n rol gespeel het in die voorbereiding van Afrikaners vir ’n nuwe politieke en sosiale bedeling.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Hoewel die konteks behoudend was, was dit vir iemand soos Esterhuyse *relatief* maklik om vooruit te loop: Hy was sedert sy studiejare ’n erkende leier, het as akademikus ’n groot mate van vryheid van spraak geniet en kon hom deur sy gewete laat rig – alles in soverre hy gemeen het haalbaar was vir ’n lojale binnekritikus.

As agendasteller het hy saam met koerante ’n duidelike rol gespeel. Die bostaande weergawe van Esterhuyse plek in koerante oor die jare tot 1987 vertel sy eie verhaal. Afrikaanse redakteurs het hom by herhaling gebruik om nuwe denke te artikuleer – iets wat hulle dalk nie self sou waag om te doen nie. Sou die koerante in hul eie kommentaar te ver vooruit loop, was die gevaar van sirkulasieverlies wesenlik (vgl. Van Deventer 1998:67). Meer nog: ’n Redakteur kon sy pos kwyt wees, soos wat Willem de Klerk (Froneman 2023:84–8) en Harald Pakendorf (2018:211–22) moes ervaar.

Onbetwisbaar is dat Esterhuyse ’n agendasteller was wat juis vir daardie doel deur koerante benut is. Die pers het *gekies* om dekking (met verskillende mates van prominensie en frekwensie) aan bepaalde gebeure of uitsprake te gee. Die berigte het nie net in Afrikaanse dagblaaie soos *Die Burger*, *Oosterlig*, *Die Volksblad*, *Beeld*, *Die Transvaler* en *Die Vaderland* verskyn nie, maar ook in Engelstalige dagblaaie soos *The Star* en *The Argus.* Dié blaaie het Esterhuyse se menings as nuuswaardig beskou omdat hy as Afrikaner-intellektueel prikkelende gedagtes uitgespreek het oor aktuele sake van die dag.

Esterhuyse het telkens bestaande denke uitgedaag en hy het dit boonop in ’n idioom gedoen wat veral Afrikaanse lesers kon verstaan. Sy verwysing na die Christelike etiek val telkens op; hy het meer dikwels as mede-Christen met sy gehore gepraat, wat waarskynlik sy geloofwaardigheid verhoog het.

Byna sonder uitsondering het koerante politieke vernuwing voorgestaan wat juis deur Esterhuyse se menings bevorder is. *Die Burger* se beleid was, byvoorbeeld, “om druk uit te oefen vir vinniger hervorming en […] om die kieserskorps saam te neem deur hulle voor te berei en toe te rus vir die ingrypende besluite wat voorgelê het”, aldus Wiets Beukes, destydse redakteur van die blad (Steyn 2002:316).

Dit is te betwyfel of lesers sulke berigte klakkeloos aanvaar het. Hulle was nie almal NP-gesind nie, of het nie noodwendig hervorming ondersteun nie. Die steun wat die Konserwatiewe Party in die referendum van 1983 en die 1987-verkiesing gekry het (vgl. Giliomee 2022:530, 534), moet byvoorbeeld verreken word. Meer nog: Die vrese dat die KP selfs die bewind kon oorneem, is byvoorbeeld in die Vrystaat deur die *Volksblad* se redakteur, Hennie van Deventer, aan die lyf gevoel (vgl. Van Deventer 1998:44, 45, 66–72).

Maar feit bly dat Afrikaanse koerante, waar lesers vir lank gedien is met berigte wat die apartheidsbeleid bevorder het (kyk Froneman 2023:47–53), Esterhuyse en sy mede-verligtes as voorposdenkers geakkommodeer, selfs verwelkom het. Hulle was in ’n mate gebonde aan bestaande partybeleid en moes pragmaties wees in hul verkenning van nuwe moontlikhede. Dit het Esterhuyse by uitstek gedoen.

In sy eie beoordeling van die “Afrikaanse media” (vermoedelik veral Naspers-koerante, nou Media24, en noordelike koerante soos *Die Transvaler*) verwys Esterhuyse (2015:183) na die “buitengewoon belangrike rol” wat die Afrikaanse media ná 1948 gespeel het “in die mobilisering van konsensus by die Afrikaner-elite”. Hy noem dit tereg ’n vennootskap.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Esterhuyse (2015:183–5) meen dat die kritiese stemme uit akademiese geledere (hy noem uiteraard nie homself nie) "subtiel en soms minder subtiel deur Naspers se koerante ondersteun is deur ruimte vir hul meningsartikels te gee". Esterhuyse meen nie dié fase is deur Naspers geïnisieer nie, "maar wel op bepaalde maniere ondersteun en bevorder", soos gesien kan word in die dekking wat Esterhuyse ontvang het.

In die pre-onderhandelingsfase, toe Esterhuyse 'n sterk pleitbesorger van die driekamerparlement was, het die Afrikaanse koerante sterk steun aan die gedagte gegee.[16] *Die Burger* se redakteur in die jare 1978 tot 1990, Wiets Beukes, verduidelik sy koerant se benadering in terme wat grootliks ooreenstem met Esterhuyse se benadering:

> Die politieke neiging onder die stemgeregtigdes van die land in die jare tagtig was nie na links nie, maar na regs, want die Konserwatiewe Party was op pad om die amptelike opposisie te word. As iets verkeerd loop en die hervormingsproses kom tot stilstand, sou dit katastrofies vir die land gewees het. (Steyn 2002: 316; vgl. ook Scholtz 2015:31–5)

Al het Esterhuyse (2015:186–7) later ernstige voorbehoude gehad oor Afrikaanse koerante se rol ná 1994 het hulle in die 1970's en 1980's, saam met Engelstalige koerante, 'n onuitgesproke vennootskap met Esterhuyse gehad – altans totdat Esterhuyse 'n totaal ander rol, dié van stille fasiliteerder, aanvaar het.

Mense soos Esterhuyse is *genooi* om meningsartikels vir koerante of tydskrifte te skryf of aan radio- of TV-programme deel te neem. As Afrikaanse intellektueel wat die NP ondersteun het, het Esterhuyse vrye toegang tot die Afrikaanse media gehad. Tog val dit ook op hoe die *Sunday Times*, as grootste koerant in die land en skerp kritikus van regeringsbeleid, meermale vir Esterhuyse geleentheid gegee het om sy standpunte te stel. Esterhuyse se vriend Tertius Myburgh, redakteur van die koerant, het dalk om verskillende redes aan Esterhuyse prominente ruimte gegee. Die artikels was baie leesbaar, het duidelik 'n hervormingsagenda gehad en het bes moontlik Afrikaanse lesers na die blad gelok – dus 'n wen-wen-situasie, ook vir Esterhuyse, wat daardeur 'n wye leserskring, insluitende swart mense, bereik het (vgl. ook Mervis 1989:484).

'n Belangrike verdere dimensie van Esterhuyse se moontlike invloed, is dat hy en ander kommentators menings uitgespreek het waarby die koerante by geleentheid kon aansluit, of wat bevestigend was van standpunte wat die koerante self ingeneem het. Dit sluit ten nouste aan by die kerngedagte van die multistapvloeimodel.

Saam het hierdie artikels 'n klimaat help skep waarbinne die regerende party kon wegbeweeg van 'n beleid wat geen plek aan bruin mense en mense van Indiërafkoms gebied het nie tot een waarin hulle hul plek in die parlement kon inneem. Daarna kon die realiteit van swart medeburgerskap aan die orde kom en verby die beleid van onafhanklike nasionale state (tuislande) gedink word. Intussen is talle diskriminerende wette een vir een geskrap en die terrein voorberei vir wat sou kom.

Uiteraard het al hierdie gedagtewisseling in die media nie buite konteks plaasgevind nie. Die groeiende onrus onder swart en bruin mense asook druk vanuit die buiteland en 'n verswakkende ekonomie het alles 'n rol gespeel. Maar waar sommige Nasionaliste dit as rede gesien het om vas te skop (en selfs weg te breek en die Konserwatiewe Party te vorm), het ander hul ingewortelde standpunte geleidelik laat vaar.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Kon die menings wat koerante en woordvoerders soos Esterhuyse uitgespreek het daartoe bygedra het? In terme van die assimilasiemodel was dit heel moontlik: Wanneer mense oor ’n lang tyd aan ’n konsekwente standpunt blootgestel word wat hul eie diepgewortelde standpunte verwerp, is verandering moontlik (vgl. De Fleur en Dennis 1991:559–61). In Esterhuyse se geval het hy boonop meermale ’n beroep op sy mede-Afrikaners se Christelike etiek gedoen en hulle dus gekonfronteer met vrae wat hul standpunte uitgedaag het.

Esterhuyse het sy geloofwaardigheid op twee maniere beskerm: deur konsekwent ’n bepaalde boodskap uit te dra én dit op so ’n wyse te doen dat hy steeds as binnekring-Afrikaner aanvaar is – totdat hy in 1987 met die NP gebreek het en ’n heel ander rol aanvaar het. Sy kernboodskap – dié van menswaardigheid en billikheid – het deurgaans dieselfde gebly, maar wat billik en haalbaar was, het teen 1987 ’n ander vorm in sy denke aangeneem. In ’n beoordeling van sy (moontlike) rol is dit egter nie deurslaggewend nie. Suid-Afrika was spoedig besig om ’n ander land te word.

Hoewel die wit kiesers in 1989 nog sterk vir die NP en téén die Demokratiese Party (wat die sogenaamde Onafhanklike Beweging en die PFP ingesluit het) gestem het, het die meerderheid wit kiesers F.W. de Klerk se koersverandering op 2 Februarie 1990 sonder meer aanvaar.

Dit bring ons by ’n sleutelvraag: Hoe stellig kan oor Esterhuyse se invloed geoordeel word? Talle ander faktore was immers in spel, maar die rol van menings wat via koerante uitgespreek is, is moeilik om af te maak. Buiten vir die voor die hand liggende rol as agendasteller, is die koppeling daarvan aan die multistapvloeimodel belangrik (vgl. Brosius en Weimann 1996). Groter begrip kan gesoek word in die lig van die model se klem op idees wat via kommunikasienetwerke uitgedra word (vgl. Postelnicu 2016). So is Esterhuyse (en ander) se gedagtes potensieel na ’n steeds wyer kring uitgedra, maar dan binne ’n komplekse proses waar media-boodskappe nie regstreeks na ’n passiewe gehoor oorgedra is nie, maar waar tussengangers (mede-meningsvormers soos politici, kultuurleiers, leraars, skoolhoofde) die boodskap(pe) geïnterpreteer, oorgedra en herbewoord het voordat dit ’n selfs breër publiek bereik het (vgl. Anon. 2025).

Daar kan dus met geen stelligheid oor Esterhuyse se moontlike invloed geoordeel word nie. Ander teoretiese en metodologiese invalshoeke sal ander perspektiewe oopmaak en dalk begrip verhoog van ’n merkwaardige figuur, maar dit sal noodwendig moet kennis neem van Esterhuyse as voorposdenker op koerante se nuus- en meningsblaaie.

Bibliografie

Anon. 2025. Multi-step flow theory of communication in communication theory. https://www.communicationtheory.org/multi-step-flow-theory-of-communication/ (26 Junie 2025 geraadpleeg).

Beukes, W.D. (red.). 1992. *Oor grense heen*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Brosius, H.-B. en G. Weimann. 1996. Who sets the agenda?: Agenda-setting as a two-step flow. *Communication Research*, 23(5), 561–80. https://doi.org/10.1177/009365096023005002 (26 Junie 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Cillié, P.J. 1992. Pers en party. In Beukes (red.) 1992.

Curran, J. en M. Gurevitch (reds.). 1996. *Mass media and society*. Londen: Arnold.

De Beer, E. 2024. *Beeld 50 – Om 'n groot storie hard te slaan*. Johannesburg: Jonathan Ball.

De Fleur, M. en E. Dennis, 1991. *Understanding mass communication*. Boston: Houghton Mifflin.

De la Rey, P. 1974. There's a new spirit in Afrikaner thinking. *The Star*, 29 Maart.

Du Plessis, T. 2015. Naspers en die WVK: Doeanepunt en paspoortstempel onderweg na 'n nuwe toekoms. In Rabe (red.) 2015.

Esterhuyse, W.P. 1979. *Afskeid van apartheid*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2012. *Eindstryd*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2015. Die Afrikaanse media: Vredesmakelaars? In Rabe (red.) 2015.

— 2023. Persoonlike mededelings in 'n reeks onderhoude.

Froneman, J.D. 2023. *Ter wille van oorlewing, ideologie en geld*. Centurion: Akademia Uitgewers.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2012. Opstand, oorlog en oorgang, 1984–1994. In Pretorius (red.) 2012.

Giliomee, H., B. Mbenga en B. Nasson. 2022. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Kruger, R. 1985. Die krisis van die dagbladpers. MA-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.

Livingstone, S. 1996. On the continuing problem of media effects. In Curran en Gurevitch (reds.) 1996.

McQuail, D. en M. Deutz. 2020. *McQuail's media and mass communication theory*. 7de uitgawe. Londen: Sage.

Mervis, J. 1989. *The fourth estate*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Pakendorf, H. 2018. *Stroomop – Herinneringe van 'n koerantman in die apartheidsera*. Kaapstad: Penguin.

Postelnicu, M. 2016. Two-step flow model of communication. *Encyclopedia Britannica*, 28 November. https://www.britannica.com/topic/two-step-flow-model-of-communication (26 Junie 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

Pretorius, Fj. (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika. Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

Rabe, L. (red.). 2015. *'n Konstante revolusie: Naspers, Media24 en oorgange*. Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, L. 2015. Pers, party en Afrikanernasionalisme. In Rabe (red.) 2015.

Serfontein, J.H.P. 1970. *Die verkrampte aanslag*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Steyn, J.C. 2002. *Penvegter – Piet Cillié van Die Burger*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Deventer, H. 1998. *Kroniek van 'n koerantman*. Welgemoed: Tarlehoet.

Van Niekerk, A. (samest.). 1996. *Filosoof op die markplein*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Reenen, R. 1979. Christelike grimering haal sonde nie uit diskriminasie. *Beeld*, 9 November.

Berigte, briewe en artikels uit die volgende koerante gebruik:

Beeld

Die Burger

Die Republikein

Paarl Post

Rapport

Sunday Times

The Argus

Eindnotas

[1] *Verligtes* is die term wat aan hervormingsgesinde ondersteuners van die regerende Nasionale Party gegee is in teenstelling met die behoudende (konserwatiewer) *verkramptes*.

[2] Esterhuyse kan nie met enige positivistiese akkuraatheid as "invloedryk" bestempel word nie, maar het vertroue op vele terreine geniet en is deur talle instansies, hier en in die buiteland, hoog geag as meningsvormer. Dit sal blyk uit talle verwysings verder aan in die artikel.

[3] Die motivering vir die eerbewys verwys na sy "humble yet significant contribution to the ultimate success of negotiations".

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b7

[4] Die historikus Hermann Giliomee vind dit egter nie problematies om na die koerantredakteur Piet Cillié as een van die belangrikste Afrikaanse meningsvormers in ’n bepaalde periode te verwys nie en ’n hele hoofstuk daaraan te wy (kyk Giliomee 2015:39–49).

[5] Die knipsels is deur Esterhuyse se vrou, Annemarie Esterhuyse, bewaar. Sy gee toe dat hulle soms ’n berig of artikel gemis het, maar Esterhuyse is tevrede dat dit ’n goeie oorsig bied.

[6] Kruger (1985) gee ’n volledige weergawe van koerante se daaglikse gemiddelde sirkulasie-syfers vir die periode 1975–1984. So het *The Argus* se syfer destyds nog bó 100 000 gestaan (tans sowat 7 000), *The Star* op sowat 180 000 (tans sowat 18 000), *Die Volksblad* het op sowat 25 000 gestaan (intussen gestaak; slegs aanlyn te lees), en *Die Burger* op sowat 70 000 (tans sowat 24 000). Die Afrikaanse koerante noord van die Vaalrivier het weens die koms van *Beeld* in 1974 begin daal, maar sowat 120 000 van Perskor se koerante (*Vaderland*, *Hoofstad, Oggendblad* en *Transvaler*) is in hierdie jare verkoop terwyl *Beeld* se sirkulasie van 33 000 tot 90 000 plus opgeskiet het. Al die Perskorkoerante was teen 1993 gesluit en *Beeld* het ná ’n hoogtepunt van meer as 100 000 skerp gedaal en die blad is in 2024 gesluit. Netwerk24 se intekenare staan egter op sowat 100 000 terwyl Maroela Media sowat twee miljoen lesers per maand het.

[7] Hieroor is al uitvoerig geskryf, bv. Serfontein (1970:219–230); Cillié (1992:457–86); Van Deventer (1998:73–9); Scholtz (2015:27–36); Du Plessis (2015:81–94); en Froneman (2023:36–60).

[8] Giliomee (2004:557–9, 561–85) beskryf die politieke realiteite waarmee die regering in die 1970’s en 1980’s te kampe gehad het. Dit onderstreep sowel die noodsaak van hervorming as die veiligheidsuitdagings – ’n knyptang wat wit kiesers versigtig gemaak het vir radikale hervorming.

[9] So verskyn prof. Ben Marais se boek *Kleurkrisis van die Weste* reeds in die 1950’s, rebelleer ds. Beyers Naudé in die 1960’s teen die NG Kerk se standpunte jeens apartheid, en berig *Rapport* in 1976 (17 Oktober) oor ’n “geleerde opstand” vanuit die Afrikaanse Calvinistiese Beweging op Potchefstroom. Die vernuwende denke van koerantredakteurs soos Schalk Pienaar (*Die Beeld*) en Willem de Klerk (*Die Transvaler* en *Rapport*) is ook bekend (vgl. Froneman 2023:77–97).

[10] Esterhuyse (2023).

[11] Persoonlike waarneming deur die skrywer in ’n filosofieklas, Universiteit Stellenbosch, 1976.

[12] Die uittreksels sou moontlik lesers én kopers van die boek trek. Naspers was immers in daardie jare ’n maatskappy waarin onderlinge ondersteuning (dus van ’n susteruitgewery) gebruiklik was (vgl. Froneman 2024) – tot wedersydse voordeel.

[13] Die berig was na aanleiding van ’n geleentheid op Stellenbosch voor ’n meestal studente-gehoor. Volgens Esterhuyse het die studente Vorster se aanval in stilte aangehoor, waarna die oudpresident en gewese kanselier van die universiteit summier vertrek het. Persoonlike mede-deling deur Esterhuyse (2023).

[14] Persoonlike mededeling deur Esterhuyse (2023).

[15] Hiervan vertel Esterhuyse volledig in sy boek *Eindstryd* (2012).

[16] Van Deventer skryf uitvoerig hieroor in sy boek *Kroniek van ’n koerantman* (1998).

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

’n Woke perspektief op seksuele geweld en #MeToo in Zelda Bezuidenhout se *Quinn se jaar van kwik* (2024)

Alana Lourens en Elbie Adendorff

Alana Lourens en Elbie Adendorff, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Wokeness, hoewel dit ’n omstrede begrip is, kan as ideologie bestempel word omdat dit volgens Lourens (2025:23) en De Klerk-Luttig (2024) ’n lens is wat gebruik kan word om na onderdrukking en diskriminasie in die samelewing te kyk. Woke individue word beskou as dié wat bewus is van hulself, ander en die sosiale omgewing waarbinne ongelykheid en diskriminasie soos seksuele geweld voorkom. Een van die doelwitte van wokeness is om bewustheid ten opsigte van onderdrukkende sisteme te bevorder.

Die bevordering van bewustheid, spesifiek ten opsigte van hoe patriargale sisteme en ander instellings seksuele geweld in stand hou, word gevind in diskoerse van #MeToo – só meen ons dat #MeToo aan wokeness geskakel word. Slagoffers van seksuele geweld het in 2017 #MeToo as hutsmerk gebruik om hul ervarings as kollektief te deel en oortreders te openbaar met die hoop dat geregtigheid en transformasie sou seëvier. Dit blyk dat die #MeToo-beweging suksesvol was, want talle oortreders is skuldig bevind en boonop oor hul dade gekanselleer – hulle is in die openbaar vir hul problematiese gedrag verantwoordbaar gehou.

Aspekte van wokeness, soos #MeToo, kan vandag ook in literêre tekste, soos die Afrikaanse jeugliteratuursisteem, geïdentifiseer word. In dié artikel word met ’n tematiese ontleding bevind dat Zelda Bezuidenhout se jeugverhaal, *Quinn se jaar van kwik* (2024), seksuele geweld en die verskillende vorme daarvan binne ’n patriargale konteks aanspreek. Meer spesifiek lyk dit asof die jeugverhaal bewustheid ten opsigte van seksuele geweld onder jong lesers wil skep en dat die teks op ’n woke wyse hiermee omgaan – veral omdat idees vanuit wokeness, soos die groeppartydigheidsbeskouing, in die verhaal geïdentifiseer is.

Die karakters in die jeugverhaal, wat hul eie #MeToo-beweging begin, is uiteindelik suksesvol daarin om geregtigheid te laat geskied en verandering in die skoolomgewing tot stand te bring. Boonop

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

is die verhaal woke ten opsigte van die feit dat dit wys dat enige iemand, ongeag hul gender, 'n slagoffer van patriargie en seksuele geweld kan wees. So is idees vanuit die #NotAllMen-veldtog ook ondersoek.

Trefwoorde: bewustheid; jeugliteratuur; kanselleerkultuur; #MeToo; #NotAllMen; patriargie; seksuele geweld; tradisies; wokeness

Abstract

A woke perspective on sexual violence and #MeToo in Zelda Bezuidenhout's *Quinn se jaar van kwik* (2024)

This article investigates how Zelda Bezuidenhout's youth novel, *Quinn se jaar van kwik* (2024), engages with contemporary discourses on sexual violence and the #MeToo movement against the background of wokeness to determine if this novel contains a nuanced perspective on sexual violence within a patriarchal context. Through thematic analysis, where three main themes were identified, the article argues that the novel does indeed contain a nuanced perspective on sexual violence (that includes sexual assault and harassment) within patriarchal contexts. It also shows how social movements can be useful for victims of sexual violence and how these movements can be used to challenge problematic structures with social justice as its end goal.

Wokeness, although a contested concept, can be understood as an ideology and interpretive framework that focusses on oppression and discrimination in society. De Klerk-Luttig (2024) describes wokeness as "an ideology where everything is seen through the lens of race, gender, and sexual orientation". Lourens (2024:96) emphasises that this awareness extends further, encompassing body size, age, chronic illness, mental health, disability, and neurodiversity. For the purposes of this article wokeness is most relevant as it relates to sexism and, specifically, the pervasive nature of sexual violence in patriarchal societies.

One of the central examples of wokeness in action is the #MeToo movement that gained global prominence in 2017, when the hashtag #MeToo went viral across social media platforms (Tuerkheimer 2019:1149; Jaffe 2018:80; Me too n.d.). The movement's primary goal was to give survivors of sexual violence the opportunity to act in solidarity and publicly share their personal experiences (Harmon 2019; Tuerkheimer 2019:1149; Jaffe 2018:80; Me too n.d.). #MeToo demonstrates how collective storytelling can not only validate survivors' experiences but also generate pressure for accountability and institutional reform. By bringing these experiences into the public domain, #MeToo thus challenged the culture of silence and complicity that sustains sexual violence. Tuerkheimer (2019:1146, 1152) describes these acts of public sharing as a form of non-official reporting that bypassed traditional institutional channels, which have often failed to protect or support victims.

#MeToo is also an example of feminist consciousness-raising (Louw 2024; Jaffe, Cero and DiLillo 2021:2; Tuerkheimer 2019:1153; Jaffe 2018:80, 85). This emphasis on awareness to bring about social justice is central to wokeness itself – oppressive systems must be named, exposed, and actively dismantled. #MeToo's focus on public sharing also includes public shaming of perpetrators and thus their "cancellation". The cancellation and shaming of perpetrators (especially men) led to the controversial #NotAllMen discourse. #NotAllMen argues that not all

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

men are inherently "bad" and calls for society to be more aware of the fact that not all cancelled or accused perpetrators are in fact found guilty. Although #NotAllMen also has problematic aspects – especially its tendency to ignore the bigger structural and institutional inequalities – this article agrees with the fact that cancellation or cancel culture as a manifestation of wokeness must be accompanied by awareness. This means that truly woke individuals whose aims are to create a more equal and just society, will act logically and responsibly when any accusations of sexual violence are made.

For this article, patriarchy as oppressive system is relevant. *Patriarchy* is conceptualised along the lines of Ortner (2022:308) and Twist (2021:207) as a broad ideology privileging white, cisgender masculinity, heterosexuality, and able-bodiedness. Patriarchy is understood here as an intersecting set of hierarchies rather than a simple binary opposition between men and women. As Ortner (2022:307) argues, patriarchy is best analysed through an intersectional lens that recognises how power relations are structured not only by gender but also by race, class, sexuality, disability, and other social categories. An intersectional approach to patriarchy further implies that anyone, regardless of their gender, can be victims of patriarchy if they are deemed "deviant" against the backdrop of patriarchal norms (Rodríguez-García-de-Cortázar, González-Calo and Gómez-Bueno 2024:424–5; Ortner 2022:309).

This intersectional approach to patriarchy is visible throughout *Quinn se jaar van kwik*. The novel depicts Excellentia, a prestigious boarding school, as an oppressive space where patriarchal traditions and practices flourish. Through thematic analysis, three main themes were identified in the narrative: Excellentia as an oppressive space; patriarchal traditions, norms, and practices; and social movements at Excellentia. The second theme includes four subthemes: the "punte-skrums", the Sambok tradition, the "sleutelgat" tradition, and the non-consensual distribution of photos. The third main theme encompasses the emergence of two subthemes: a #MeToo-inspired movement and a #NotAllMen discourse. These themes are interconnected within the socio-cultural framework of sexual violence as a form of patriarchal oppression.

The novel is careful to show that sexual violence has many facets and cannot be reduced to a single act such as rape. The harmful traditions maintained by the Brothers (an elite group of boys, the Objects, who enforce oppression) demonstrate the spectrum of sexual violence that's mostly aimed at the female students (the Subjects): some girls are spied upon through the "sleutelgat" tradition, while others are verbally or physically harassed during the "punte-skrums". Although these incidents differ in form, they ultimately belong to the same category – sexual assault. Importantly, these practices are situated within Excellentia's broader patriarchal system which normalises and reproduces harm.

A striking feature of the narrative is its nuanced and woke depiction of victims and perpetrators. While the focus is mainly on the victimisation of female characters, the novel clearly shows that male characters (such as Schalk) who do not conform to the Brothers' standards can also be harmed by patriarchal systems. Moreover, the story highlights that the binary view of "good" and "bad" individuals is more complex than it may seem at first. It portrays some female characters, such as Luna at the beginning of the novel and other anonymous girls, as complicit in upholding the oppressive system. It also shows that not all male characters are inherently "bad" because of their gender. This complexity reinforces an intersectional and woke understanding that anyone, regardless of gender, can become either a victim or an enabler of patriarchal violence.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

The narrative further reflects on how resistance and structural change are possible. Inspired by #MeToo, the protagonists (main character Quinn and her friends Luna and Jozi) form a collective movement to challenge their abusers and transform their environment. In this way, the novel affirms the value of solidarity, collective action, and informal strategies. Formal strategies are also followed: Quinn, after realising she's a victim of the "sleutelgat" tradition, reports the incident to a teacher (Ms. Roux) as well as the principal of the school (Mr. Nieuwoudt). It shows that confronting sexual violence requires both informal and formal strategies to expose perpetrators, challenge harmful practices and traditions, and hold institutions accountable.

Bezuidenhout's approach is marked by sensitivity and awareness. The novel not only portrays the trauma and alienation that victims (especially Nathalie) of sexual violence experience but also highlights the courage required to break the silence. It indirectly encourages readers to be brave and stand together against injustice. In doing so, it aligns with #MeToo's goals of breaking cultural taboos and challenging the structural conditions that enable abuse.

We conclude that *Quinn se jaar van kwik* can be described as a woke text that contains feminist consciousness-raising that is relevant to young readers. Not only does the narrative show that sexual violence includes more than just the single act of rape, but it further shows that challenging and transforming systems and institutions, such as a school, which perpetuate forms of oppression such as sexual violence within a patriarchal context is possible. Oppressive systems, as shown in the novel, can be challenged by combining both informal and formal procedures. The novel thus exemplifies how youth literature can contribute meaningfully to the struggle against patriarchy by indirectly providing young readers with tools to combat patriarchal forms of oppression with formal practices (such as reporting instances of sexual violence to a teacher) and informal and collective practices that could result in impactful social movements such as #MeToo.

The story's nuanced engagement with #MeToo, the portrayal of victims and perpetrators, and the insistence that any person can be subject to patriarchal harm all contribute to the expansive, intersectional, and woke understanding of sexual violence. By thematising these issues within a recognisably South African context where patriarchal norms have been transmitted across generations (Noge 2014:3–5), the novel resonates with local as well as global debates on gender, power, and justice.

Keywords: #MeToo; #NotAllMen; awareness; cancel culture; patriarchy; sexual violence; traditions; wokeness; youth literature

1. Inleiding[1]

Volgens Jaffe (2018:80) is die #MeToo-beweging, wat hoofsaaklik seksuele geweld (wat seksuele aanranding en teistering insluit) teenoor veral vroue in die kollig plaas (Tuerkheimer 2019:1149), een van die belangrikste gebeurtenisse van eietydse feminisme. Jaffe, Cero en DiLillo (2021:2) redeneer dat #MeToo 'n voorbeeld van feministiese bewusmaking ten opsigte van seksuele geweld is.

#MeToo se doelwit om bewustheid te bevorder, is veral tersaaklik in patriargale kontekste. Vir hierdie artikel, word patriargie op grond van Ortner (2022:308) en Twist (2021:207) beskou as 'n ideologie waar wit, cisgender manlikheid, heteroseksualiteit asook goeie of sterk liggaam-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

like vermoë in verskeie kleiner en groter sosiale strukture op die voorgrond geplaas word. Ons stem saam met Ortner (2022:307) wat redeneer dat patriargie teen die agtergrond van ander magsisteme en dus vanuit 'n interseksionele perspektief verstaan moet word. Patriargie behels daarom meer as die ongelyke binêre paar van manlikheid/vroulikheid, want ook ander mags-hiërargieë wat bestaan ten opsigte van byvoorbeeld seksualiteit en gestremdheid word in patriargale kontekste gevind (Ortner 2022:307). Verder beteken dit dat enige iemand, ongeag hul gender, slagoffers van patriargie kan wees waar geweld (wat seksuele geweld insluit) teen-oor die mees kwesbares genormaliseer is (Rodríguez-García-de-Cortázar, González-Calo en Gómez-Bueno 2024:424–5; Ortner 2022:309). Hierdie interseksionele benadering tot patriar-gie word ook in *Quinn se jaar van kwik* geïdentifiseer, want manlike karakters soos Schalk word as slagoffer van die patriargale skoolsisteem en die Brothers beskou.

Hoewel die #MeToo-beweging reeds vanaf 2006 bestaan, het die beweging in 2017 'n hupstoot gekry toe die gebruik van die #MeToo-hutsmerk op sosiale media toegeneem het (Jaffe 2018:80; Me too s.j.). Volgens Caldeira (2024:75) en Nau, Patel, Quan-Haase en Zhang (2024:1051) word hedendaagse of vierdebewegingfeminisme met die digitale wêreld van sosiale media geassosieer. Dit vorm deel van die landskap van hutsmerk-feminisme of digitale feminisme – "hashtag activism is a common practice of digital feminism to challenge patriarchal orders" (Han en Liu 2024:657). Feministe se gebruik van sosiale media (soos die #MeToo-beweging) om inligting te deel, bewusmaking te bevorder en die kollektief om aktivistiese redes te mobiliseer, kan dus nie meer in 'n tegnologies gevorderde samelewing geïgnoreer word nie (Caldeira 2024:75).

Alyssa Milano se bewerings van seksuele aanranding teen Harvey Weinstein op Twitter[2] word as die dryfveer van die #MeToo-beweging beskou (Tuerkheimer 2019:1147). Weinstein (Anguiano 2024) en ander oortreders is skuldig bevind wat impliseer dat dié beweging tot geregtigheid lei. Die openbare veroordeling van individue wat beskuldig word van seksuele geweld word aan kanselleerkultuur verbind – soos later in die artikel bespreek word. Boonop word #MeToo, asook ander soos #BlackLivesMatter, aan diskoerse rondom wokeness en politieke korrektheid gekoppel (Gonazles 2023:1) en het regoor die wêreld versprei (Overell 2024:255; Jaffe e.a. 2021:2).

Die aanvanklike doelwit van #MeToo was om slagoffers van seksuele geweld die geleentheid te gee om in solidariteit op te tree en hul persoonlike ervarings met mekaar en ander te deel (Harmon 2019; Tuerkheimer 2019:1149; Jaffe 2018:80; Me too s.j.).[3] Hierdie deel van ervarings en die maak van bewerings word deur Tuerkheimer (2019:1146) as 'n nie-amptelike vorm van rapportering van seksuele geweld beskou. Slagoffers se gebruik van dié nie-amptelike rapporterings op sosiale media, wat op die ondersteuning van die kollektief staat-maak, impliseer dat die algemene publiek wette, regsisteme en -instellings en ander formele instellings (soos mense se werksplekke, universiteite en die bestaande kanale van rapportering) wantrou. Hul wantroue spruit volgens Tuerkheimer (2019:1146, 1152) en Jaffe (2018:80) moontlik uit die feit dat slagoffers van seksuele aanranding al voorheen deur formele instellings in die steek gelaat is. Dié mislukkings van betrokke instellings (soos die polisie, werksplekke en skole) wat hulle medepligtig aan die instandhouding van onderdrukking en diskriminasie maak, is 'n verdere aspek wat deur die #MeToo-beweging geopper word (Louw 2024; Tuerkheimer 2019:1153; Jaffe 2018:80). Die verbetering van sisteme en die bou van meer reg-verdige sisteme in 'n patriargale samelewing, asook 'n toename in openbare bewustheid, word as verdere doelwitte beskou (Jaffe 2018:85). Aangesien dit bewustheid bevorder, verbind ons #MeToo aan wokeness.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Beiner (2020) beweer dat wokeness en kanselleerkultuur deur verskeie partye in die politieke links-regs-spektrum as negatief beskou word.[4] As gevolg van die konneksie wat tussen #MeToo en wokeness ontstaan het, het negatiewe assosiasies rondom #MeToo ontstaan. Dít is waarom Overell (2024:344) meen dat die gebruik van #MeToo as simbool of teken ("signifier") uitgesterf het en die wêreld tans in 'n post-#MeToo-era is. Tog blyk dit dat die kern-idee van #MeToo steeds relevant is en dat die beweging nou ander vorme of tekens gebruik, soos dié van #TimesUp (Wyngaard 2018) en meer spesifieke en plaaslike tekens soos #JusticeForCweCwe[5] (Mashamaite 2025).

Diskoerse oor seksuele geweld en teistering vind nie net op sosiale media plaas nie. Selfs in literêre sisteme word aspekte van die #MeToo-beweging geïdentifiseer – byvoorbeeld Green (2024) se artikel, wat wys dat die internet (en sosiale media) en idees van #MeToo in literêre tekste soos Yomi Adegoki se *The list* (2023) gevind word. In die Afrikaanse literêre sisteem, is daar *So lyk 'n vrou* (2022) deur Ilse Verster en bundels soos *Geweld teen vroue: Dit is tyd dat mans begin praat* (2023) saamgestel deur Bernard Lategan, Jody Hendricks, Willemien Brümmer, Kopano Ratele en Chris Jones (Wyngaard 2024). In die Afrikaanse jeugliteratuursisteem blyk dit dat Zelda Bezuidenhout se *Quinn se jaar van kwik* (2024) idees van #MeToo bevat.

Bezuidenhout se jeugverhale soos *Toe ons oneindig was* en *Die 3 van ons* raak kwessies aan wat in diskoerse rondom wokeness (wat politieke korrektheid en kanselleerkultuur as praktyke insluit) na vore kom (Lourens 2024:113–4). Nie net hanteer *Quinn se jaar van kwik* seksuele geweld nie, maar die omslag en ontwerp bevat die #MeToo-hutsmerk (Vorster 2024). Nogtans plaas die jeugverhaal, waar die milieu 'n koesterskool ('n skool soos Excellentia, wat streng reëls bevat met die doel om leerders se veiligheid te prioritiseer [40]) is, die kollig op tradisies wat na tradisionele patriargale denke verwys. Quinn (die hoofkarakter) en haar vriende se kritiek op dié tradisies lei daartoe dat hulle patriargale denke en idees uitdaag met behulp van taktieke wat herinner aan die #MeToo-beweging.

In hierdie artikel word daar gebruik gemaak van 'n tematiese ontleding om te bepaal of Bezuidenhout op 'n woke/bewuste wyse omgaan met die tema van seksuele geweld. Hierbenewens kyk die artikel na hoe #MeToo-praktyke in die verhaal gebruik word om seksuele geweld en die patriargale skoolinstelling uit te daag. Die bespreking van sosiokulturele kwessies – spesifiek seksuele geweld en die sosiale bewegings wat daarby aansluit – gaan dus die tematiese ontleding vooraf en bepaal die temas wat vanuit die jeugverhaal geïdentifiseer is.

2. Literatuuroorsig

In dié afdeling, en spesifiek afdeling 2.1, word wokeness as ideologie en epistemiese toestand bespreek. Daarna word seksuele geweld wat in patriargale kontekste plaasvind in die kollig geplaas en #MeToo as sosiale beweging, wat seksuele geweld uitdaag, toegelig en laastens word aspekte van die #NotAllMen-diskoers bespreek.

2.1. Wokeness[6]

"Wokeness", "woke culture" en "wokeism" is volgens Cammaerts (2022:734) voorbeelde van terme wat gebruik word waarvan *woke* die sentrale term is. Hierdie terme en veral die gebruik daarvan is nie nuut nie, want "woke" is reeds in die vroeë-1900's deur swart Amerikaners gebruik

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

om bewustheid ten opsigte van rassisme te bevorder (Atkins 2023:322; Cammaerts 2022:734). Om rassisme of ander sisteme wat ongelykheid in stand hou te kan uitdaag, moet woke groepe eerstens woke of bewus word van enige ongelykheid in die samelewing of binne ’n spesifieke omgewing. Daarbenewens redeneer Cherry (2020:1) dat wokeness ’n vorm van sosiale bewustheid is terwyl Lourens (2025:22; 2024:96) *wokeness* en *bewustheid* as sinonieme beskou.

Hoewel die begrip *wokeness* nie nuut is nie, het die #BlackLivesMatter-veldtog van 2014, wat bewustheid van rassisme wou skep, veral die gebruik van woke (en variante soos #staywoke op sosiale media) laat toeneem (Rosenblatt 2017). Wokeness as begrip het intussen uitgebrei, want dit plaas deesdae nie slegs die kollig op rassisme nie, maar op soortgelyke diskoerse wat die fokus op onderdrukking plaas, soos seksisme en homofobie. Die uitbreiding het die gevolg dat De Klerk-Luttig (2024) wokeness as ideologie beskou: “’n ideologie waar alles deur die bril van ras, gender en seksuele oriëntasie gesien word”. Lourens (2024:96) meen egter dat bewustheid (of wokeness) verder strek as ras, gender en seksuele oriëntasie en dat bewustheid geld vir talle kwessies waaroor daar dikwels teen ander gediskrimineer word soos liggaamsgrootte (sien bv. die #BodyPositivity-beweging), ouderdom, chroniese siektes, geestesgesondheid, gestremdheid en neurodiversiteit. Vir dié artikel is wokeness in die diskoers rondom seksisme en veral seksuele geweld in ’n samelewing met patriargale sisteme veral tersaaklik want seksuele geweld en #MeToo en sy praktyke word in die kollig geplaas.

Wokeness, as begrip of ideologie, is egter kontroversieel en gaan gepaard met positiewe en negatiewe assosiasies. Hoe mense oor wokeness voel, word nie noodwendig bepaal deur waar hulle hulself op die tradisionele politieke links-regs-spektrum plaas nie (Atkins 2023:321–2; Cammaerts 2022:735; Beiner 2020). Ons meen dat liberale of linkse individue ook negatief teenoor wokeness kan voel. Van die negatiewe assosiasies wat met wokeness gemaak word, sluit volgens Lourens (2025:26–7, 32, 36) onder meer die volgende in: oorsensitiwiteit, onverdraagsaamheid, irrasionaliteit en selfs anti-demokratiese waardes wat vryheid van spraak en samehorigheid bedreig. Weens die negatiewe assosiasies is diegene soos Beiner (2020) bekommerd oor die “social justice warriors” en dat wokeness en sy (dikwels aanlyn) praktyke soos kanselleerkultuur (Herzogenrath-Amelung 2016:1080–1) te ver gegaan het.

Ons is daarom bewus van die omstredenheid rondom wokeness wat deur meganismes soos kanselleerkultuur aangevuur word. As gevolg hiervan, wil ons beklemtoon dat “ware” wokeness beskou word as ’n ideologie wat gelykheid tot stand wil bring. Ware woke individue tree derhalwe nie performatief op om byvoorbeeld kansellasie te vermy nie en hulle is onder andere verantwoordelik en regverdig wanneer hulle deelneem aan praktyke soos kanselleerkultuur. Ware woke individue wat deel is van sosiale bewegings soos #MeToo neem eers alle bewyse in ag voordat hulle iemand oordeel of as seksuele misdadiger bestempel. Hiermee in gedagte, word daar met Cherry (2020:1) wat wokeness as epistemiese toestand beskryf en Atkins (2023:321) se groeppartydigheidsbeskouing saamgestem.

Wokeness is ’n epistemiese toestand, omdat dit ’n nuwe, logiese en kennis- of bewysgebaseerde perspektief op die samelewing en die betrokke sisteme bied (Cherry, 2020:1). Bygesê moet wokeness en die onderdrukkende sisteme, praktyke of ideologieë wat daardeur gekritiseer word volgens Basu (2019:11) binne ’n spesifieke konteks verstaan word. Woke individue is bewus van hulself en ander teen die agtergrond van ’n spesifieke omgewing of samelewing en derhalwe is hulle bewus van die sisteme wat ’n impak het op hul en ander se lewens. Met ’n bewustheid van hulself, ander en die omgewing, behoort die woke individu enige onreg of diskriminasie te kan identifiseer, kritiseer en aanpak met die doel om ’n meer regverdige samelewing tot stand te bring (Atkins 2023:330).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Aangesien die artikel op #MeToo fokus, word aangeneem dat woke Suid-Afrikaners bewus behoort te wees van die feit dat die land ’n patriargale geskiedenis het, waar (soos Noge 2014:3–5 aanvoer) patriargale norme (wat genderrolle insluit) van vorige generasies af oorgedra is. Bewustheid van die voortbestaan hiervan lei die woke individue om sisteme, instellings en denke, ensovoorts te identifiseer wat patriargale norme handhaaf en enige persoon, ongeag hul gender, kan onderdruk. Gebaseer hierop, behoort bewuste of woke Suid-Afrikaners #MeToo en soortgelyke bewegings te ondersteun met die doelwit om patriargale sisteme wat seksuele geweld in stand hou, uit te daag en te transformeer.

’n Ander aspek van wokeness wat ter sake is, is die idee dat dit staatmaak op die groeppartydigheidsbeskouing (“group partiality view”) (Atkins 2023:321). Met behulp van dié beskouing gee die woke individu volgens Atkins (2023:321) minderheidsgroepe en slagoffers van diskriminasie, uitbuiting en onderdrukking die voordeel van die twyfel. Dit impliseer dat woke individue sisteme, instellings of ander faktore identifiseer wat bydra tot die onderdrukte posisie van die slagoffer (Atkins 2023:329–30; Basu 2019:11).

Hoewel die moreel verhewe posisie aan slagoffers behoort (De Klerk-Luttig 2024), en woke individue enige stereotipes of negatiewe uitbeeldings van hierdie groep aanveg, moet die woke persoon alle nodige bewyse insamel voordat hulle die slagoffers en hul standpunte regverdig en help verdedig (Atkins 2023:323). Die implikasie is dat ware woke individue en groepe, wat alle bewyse in ag neem, logies en rasioneel is.

Ware woke individue is dus bewus van hoekom sommige slagoffers van seksuele geweld nie van formele sisteme gebruik wil maak om formele klagtes teen hul oortreders te lê nie. Formele sisteme bevat patriargale idees, waardes en norme en beskerm nie altyd die slagoffers nie want soos Cupido (2025) uitwys, is selfs polisiemanne oortreders ten opsigte van seksuele geweld en ander misdade. Net so dra woke individue kennis dat mans ook slagoffers van patriargie kan wees, want soos vroue, word hulle gesosialiseer om spesifieke en beperkte genderrolle te vul.

’n Verdere aspek wat uit die nierapportering van seksuele geweld spruit, is volgens Murphy-Oikonen, McQueen, Miller, Chambers en Hiebert (2020:2) die feit dat vroulike slagoffers van seksuele geweld dikwels vrees om nie geglo te word nie of selfs blameer te word indien hulle vir ander van hul ervarings sou vertel. Murphy-Oikonen e.a. (2020:3) redeneer dat sosiale mites rondom seksuele geweld uitgedaag moet word, want dit stel voor dat vroue jok en dat slegs vroue wat hoë-risiko-leefstyle het, verkrag of aangerand word. Patriargale of tradisionele mites van manlikheid, soos dat “sterk” mans in beheer is, nie slagoffers kan en mag wees nie, en hulself en ander moet kan beskerm asook die “mans huil nie”-mentaliteit dra daartoe by dat mans nie hul aanrandings rapporteer of hul ervarings met ander deel nie (Purnell 2019:226, 232). Mans as slagoffers van seksuele geweld en die bogenoemde mites wat as “toksiese manlikheid” beskou kan word, begin mettertyd om hulself te blameer (Murphy-Oikonen e.a. 2020:2; Purnell 2019:227).

Daar is talle definisies van wat kansellasie behels, maar dit kom daarop neer dat individue, groepe en selfs instellings in die openbaar (soos op sosiale media) deur ’n kollektief of groep ontbloot word indien hulle problematiese gedrag getoon het of sosiaal onaanvaarbare uitsprake gemaak het (Norris 2023:148; Velasco 2020:2; Ng 2020:623; Douthat 2020; Bromwich 2018). Bygesê is dit volgens Beiner (2020) ’n vloeibare praktyk wat tydsgrense oorskry, want mense kan gekanselleer word oor hul dade of woorde van jare gelede. Norris (2013:148) meen dat die doelwit van kansellasie is om openbare figure verantwoordbaar te hou. Daarom kan sommige kansellasies as ’n “aanval” op die problematiese persoon of entiteit se reputasie of selfs beroep beskou word (Douthat 2020) en het dit die gevolg dat hulle ondersteuning (in enige vorm, bv. finansieel of selfs in terme van sosialemediavolgelinge) verloor (Ng 2020:623).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Harvey Weinstein is ’n enkele voorbeeld van iemand wat as seksuele oortreder gekanselleer is tydens die #MeToo-beweging. Norris (2023:148) meen dat sy suksesvolle kansellasie ’n groot bydrae gelewer het tot kanselleerkultuur wat vandag ’n algemene praktyk is. Dit is belangrik om te noem dat nie almal *suksesvol* gekanselleer word nie – Kevin Hart is byvoorbeeld in 2019 vir homofobie gekanselleer, maar tog het hy steeds ’n suksesvolle loopbaan en reputasie as komediant en akteur (Romano 2019:2). Wat moontlik bygedra het tot Weinstein se suksesvolle kansellasies, is die feit dat hulle deur ’n formele regsverhoor skuldig bevind is en só hul kulturele invloed verloor het (Romano 2019:8). Bostaande stel voor dat seksuele oortreders se kansellasie van formele prosesse (soos ’n hofbevinding) en ’n amptelike skuldigbevinding afhang wat daartoe lei dat hulle hul werk en impak op die samelewing verloor.

Kanselleerkultuur word gekritiseer en word veral deur diegene in magsposisies ondermyn (Cammaerts 2022:737) en uitgemaak as iets wat destruktief is en vryheid bedreig (Beiner 2020). Diegene in magsposisies is dikwels dié wat die meeste het om te verloor indien hulle gekanselleer sou word (Cammaerts 2022:737). Dit stem ooreen met die idee dat sommige mans én vroue graag patriargale sisteme in stand wil hou en dus kritici van #MeToo is – want indien patriargie sou faal, word hulle moontlik van hul mag ontneem en geniet hulle minder bevoorregting deur patriargale sisteme en instellings.

Hoewel kansellasie die potensiële goeie gebruik het om geregtigheid te laat geskied en tot ’n toename in sosiale bewustheid kan lei, moet hierdie praktyk met bewustheid en verantwoordelikheid gebruik word. Die moontlike en indirek verantwoordelike (al dan nie) kansellasie van problematiese karakters in *Quinn se jaar van kwik* word teen die agtergrond van bostaande sienings rondom wokeness en kansellasie geïnterpreteer.

2.2 Seksuele geweld in patriargale kontekste

In dié afdeling word die fokus op seksuele geweld geplaas deur eers te kyk na wat seksuele geweld behels en daarna word die informele onderrapportering daarvan bespreek.

Weens die onderrapportering van seksuele geweld in patriargale omgewings, blyk dit dat die #MeToo-beweging ’n belangrike rol speel aangesien dit staat maak op die individuele slagoffer se subjektiewe vertelling van hul ervaring en die groter kollektiewe groepering van individue wat hul stemme dik maak teen seksuele geweld en die sisteme wat dit nie as ’n ernstige kwessie beskou en aanpak nie (Overell 2024:344). Die nut van #MeToo en die gepaardgaande praktyke van hierdie sosiale beweging word in dié afdeling onder die loep geneem. Alhoewel die #NotAllMen-diskoers goeie bedoelings gehad het en wou wys dat enige iemand (ongeag hul gender) slagoffers of oortreders kan wees, word die tekortkominge van die beweging kortliks bespreek.

Voordat seksuele geweld gedefinieer word, word daar beklemtoon dat enige iemand slagoffers van dié tipe geweld kan wees. Die Suid-Afrikaanse Regering se beskouings (gebaseer op die Wysigingswet op die Strafreg [Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede] 32 van 2007) van wat seksuele misdrywe of misdade is, neem slagoffers en oortreders van alle genders en verskillende agtergronde in ag (South African Government 2025).

Die Universiteit van Kalifornië se webtuiste asook die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) laat dit voorkom asof seksuele aanranding en teistering subkategorieë van seksuele geweld is. Die eersgenoemde webtuiste beskou seksuele geweld (met aanranding en teistering as sub-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

kategorieë) as enige "fisieke seksuele dade wat sonder toestemming plaasvind" (ons vertaling). Die WGO se definisie van seksuele geweld verwys na meer spesifieke dade: "Dit behels dade wat strek van verbale teistering tot gedwonge penetrasie, tipes dwang, sosiale druk, intimidasie en fisieke geweld" (World Health Organisation 2012:1, ons vertaling).

Seksuele geweld kom daarom voor wanneer die slagoffer nie in staat is om enigsins toestemming te kan gee nie – soos wanneer die slagoffer onder die invloed van dwelmmiddels is (ongeag of hulle die middels teen hul wil geneem het of nie) of nie in staat is om die seksuele daad ten volle te kan begryp nie (Sexual Violence Prevention & Response s.j.).

Seksuele aanranding, as 'n vorm van seksuele geweld, strek van fisieke aanranding tot intimidasie (Sexual Violence Prevention & Response s.j.). Jaffe e.a. (2021:3) beskou aanranding as "ongewenste seksuele kontak, wat verkragting insluit, maar nie slegs daartoe beperk is nie" (ons vertaling). Hulle verwys voorts na die Sentrums vir Siektebeheer en -Voorkoming (die "Centers for Disease Control and Prevention" [CDC]) se definisie wat seksuele aanranding beskou as 'n seksuele daad, wat sonder toestemming van die slagoffer plaasvind (Jaffe e.a. 2021:3). Prinsloo (2006:306–7) kategoriseer seksuele aanranding as fisiek, verbaal en nie-verbaal. Fisieke geweld sluit verkragting en seksuele aanranding in. Onwelkome innuendo's, kommentaar en wolffluite is verbale seksuele aanranding terwyl nie-verbale seksuele aanranding onder andere onwelkome gebare en seksueel eksplisiete foto's insluit.

Wat seksuele teistering betref, verwys dit na onwelkome seksuele toenaderings, versoeke en gedrag wat die slagoffer se alledaagse roetine of lewe by byvoorbeeld die skool of werksplek negatief affekteer. Teistering laat die slagoffer ongemaklik en onveilig in hul omgewing voel (Sexual Violence Prevention & Response s.j.). Prinsloo (2006:306) konseptualiseer seksuele teistering as "onwelkome gedrag van 'n seksuele aard" en "onwelkome fisieke, verbale of nie-verbale kontak". "Quid pro quo"-teistering is seksuele teistering, waar individue vir seksuele gunste uitgebuit word, byvoorbeeld deur 'n werkgewer. Seksuele begunstiging wat plaasvind wanneer 'n persoon in 'n magsposisie slegs diegene wat op hul seksuele toenaderings reageer, beloon, is nog 'n voorbeeld van teistering.

Seksuele geweld wat deur middel van tegnologie, soos met behulp van die internet en sosiale media, plaasvind is 'n verdere aspek wat in ag geneem moet word. Bergman (2024) beklemtoon dat daar die wanindruk bestaan dat seksuele aanranding slegs in-persoon kan gebeur. Deur tegnologie as tussenganger te gebruik, maak oortreders indirekte kontak met slagoffers (Bergman 2024). Oortreders gebruik deesdae selfs kunsmatige intelligensie om vals, maar realistiese, naakfoto's ("deepfakes") van hul slagoffers te skep en te versprei (Farrell 2024).

Hoewel seksuele geweld talle ongewenste seksuele dade insluit en die definisies daarvan wyd beskikbaar is, is daar slagoffers wat nie hul eie ervarings as voorbeelde van seksuele geweld (en veral verkragting) etiketteer nie (Jaffe e.a. 2021:3). As rede hiervoor, noem Jaffe e.a. (2021:3) dat slagoffers meen dat hul ervarings nie die tipiese "rape script" volg of soos 'n "tipiese" verkragting gelyk en voorgekom het nie.[7] Dít, soos sosiale mites wat veroorsaak dat slagoffers hulself blameer en bang is om deur die samelewing verwerp te word, dra verder by tot die nierapportering van seksuele geweld (Murphy-Oikonen e.a. 2020:2; World Health Organisation 2012:1), maar as gevolg van hul stilte, verkry hulle nie enige vorm van ondersteuning of gesondheidsorg na die aanranding nie (Jaffe e.a. 2021:3; World Health Organisation 2012:1).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Die geleentheid wat #MeToo aan slagoffers gee om hul unieke ervarings met ander te deel, daag die idee uit van hoe die "tipiese" seksuele aanrandingsdaad lyk aangesien dit die "rape script" uitbrei (Jaffe e.a. 2021:4). Hierdie beweging lei tot slagoffers wat mekaar ondersteun en herinner dat hulle nie hulself moet blameer nie (Jaffe e.a. 2021:4).[8] Die beweging kan boonop manlike slagoffers aanraai om die stigma uit te daag dat mans nie slagoffers van seksuele aanranding kan wees nie (Thomas en Kopel 2023:2). Só behoort manlike slagoffers gemakliker te voel om hul seksuele aanrandings te rapporteer.

Jaffe (2018:82–3) redeneer dat #MeToo meer insluit as slegs die deel van ervarings en die maak van openbare en kollektiewe bewerings teen seksuele aanranding, omdat die essensie van die beweging eintlik neerkom op die verwerping van patriargie. Só daag dit verkragtingskultuur uit – want vir Jaffe (2018:83) is dié kultuur slegs een patriargale norm waar manlike dominansie (in sisteme, instellings en selfs dominansie oor ander se fisieke liggame) nagestreef word. Vir geregtigheid om te kan seëvier, moet almal patriargie en sy onderdrukkende norme en sisteme uitdaag (Jaffe 2018:84). Aangesien #MeToo die samelewing se bewustheid ten opsigte van bostaande onderdrukkende sisteme wil bevorder, sluit dit vir ons direk aan by wokeness wat as 'n ideologie beskou kan word.

Ten spyte van die groot impak wat #MeToo en soortgelyke bewegings al gehad het, is daar individue en groter groepe wat steeds volgens O'Neill (2022:491) onkundig of "blind" is vir die feit dat seksuele geweld 'n sistemiese probleem is. Die fokus wat #MeToo op die subjektiewe ervarings van slagoffers en ondersteuners van die beweging plaas gaan dikwels met sterk kritiek gepaard.

Eerstens is die verhale van slagoffers subjektief van aard en dít word veral gekritiseer omdat kritici van #MeToo redeneer dat hierdie verhale nie noodwendig "waar" is nie. Sommige kritici het veral die ervarings van slagoffers as oorreaksies beskou (Overell 2024:344–5). Só word die binêre paar van Ander/Subjek gekonstrueer: die Ander verteenwoordig die slagoffers en ondersteuners van #MeToo terwyl die Subjek diegene is wat mag het en kritiek uitspreek oor die #MeToo-beweging (Overell 2024:346). Die sogenaamde vertellings, protes of "geraas" van slagoffers en hul ondersteuners (dus die "Ander") word dan soos die Ander self, geobjektiveer deur die Subjek met die doel om hulle stil te maak en onderdrukkende sisteme (waarby die Subjek baat) in stand te hou (Overell 2024:346).

Die deel van ervarings op sosiale media lei daarom tot die ontwikkeling van polariserende groepe wat samehorigheid bedreig en tot die verspreiding van foutiewe inligting lei (Haidt 2022). Die konflik tussen #MeToo en #NotAllMen en #BlackLivesMatter[9] teenoor #AllLivesMatter[10] breek volgens Haidt (2022) mense se vertroue in mekaar, die media en instellings.

O'Neill (2022:491) is van mening dat diegene wat krities teenoor #MeToo is, so is as gevolg van die feit dat hulle onbewus is dat seksuele geweld 'n grootskaalse probleem is. O'Neill (2022:492), met verwysing na die politieke filosoof, Charles Mills, beskou hierdie onbewustheid as "non-knowing". O'Neill (2022:493) se artikel ondersoek hoofsaaklik onbewustheid onder spesifiek manlike individue en groepe (as die Subjek) maar noem dat vroue ook onbewus kan wees. Ongeag die gender van die onbewuste Subjek, kom hul onbewustheid daarop neer dat hul "non-knowing" ingebed is in die patriargale sisteem waarin hulle 'n kollektiewe belang het om hul mag te behou, want deur onbewus te bly, is hulle minder geneig om die sisteem uit te daag. Die uitdaging van die sisteem dra die moontlike gevolg dat hulle wat mag het, daardie mag en die voordele wat daarmee gepaard gaan, sal verloor (O'Neill 2022:496, 498).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

O'Neill (2022:504) noem dat veral mans krities is en selfs meer geneig is om #MeToo en soortgelyke bewegings as skadelik te bestempel. Mans redeneer dikwels dat hulle, as individue (of "goeie" mans [Jaffe 2018:83–84]), nie deel van die probleem is nie en dat hulle nie problematiese patriargale norme in stand hou nie (O'Neill 2022:504). Dit sluit aan by die #NotAllMen-diskoers.

#NotAllMen het volgens Bauer (2018) as reaksie op #MeToo op sosiale media versprei. Zimmerman (2014) wys dat die "nie alle mans"-idee reeds vanaf die vroeë-2010's op die internet verskyn het. Reeds in 1985, in Joanna Russ se *On strike against God*, is daar 'n paragraaf wat verwys na die nosie dat nie alle mans verkragters en moordenaars is, meer geld maak as vroue, en in alle sektore of instellings posisies van mag beklee nie (Bauer 2014). Die "Not all men"-gedagte is dus vir Zimmerman (2014) 'n verdraaide variant van die "What about men?"-idee wat gebruik is om te wys dat mans eintlik ook slagoffers van patriargie is (Zimmerman 2014). Ongelukkig het die "Not all men"-frase meer lugtyd gekry en ontspoor van sy meer anti-patriargale "What about men?"-idee en het #NotAllMen in die #MeToo-era na vore gekom (Racco 2018; Rios-Gonzalez, Torres, Aiello, Coelho, Legorburo-Torres en Munte-Pascual 2024.).

Met #NotAllMen (gebruikers daarvan erken dat seksuele geweld plaasvind) word mans eerstens in die kollig geplaas om hulle as "goeie" mans te etiketteer. Daarna wys hulle die vinger na alle ander, of "slegte", mans met die doelwit om hul etiket as "goeie" man verder te bevestig (Zimmerman 2014). Hulle wil volgens Racco (2018) nie met die kollektiewe groep van "slegte" mans geassosieer word nie. Hierdie diskoers lyk asof dit selfsugtigheid bevorder, want die uiteindelike doelwit hiervan is om manlikheid te beskerm en weer op die voorgrond te plaas. Sommiges gebruik dit byvoorbeeld om óf seksisme as 'n illusie (geskep deur feminisme) uit te maak, óf hulle stel voor dat omgekeerde seksisme (waar mans die nuwe slagoffers is) die eintlike sosiale probleem is. Óf mans erken dat seksisme bestaan, maar dan plaas hulle volgens Zimmerman (2014) die fokus op die feit dat hulle self nie seksisties is nie en "goeie" mans is.

Voorts beklemtoon sommiges van die #NotAllMen-groep veral die feit dat mans byvoorbeeld hul werk verloor het weens valse bewerings van seksuele geweld wat teen hulle gemaak is. As gevolg van hul vrees om as "slegte" mans beskou te word, dring hulle daarop aan dat hulle "goeie" mans is (Racco 2018). Hieruit blyk dit dat mans, net soos vroue, nie die formele sisteme van rapportering vertrou nie aangesien hulle meen dat dié prosesse vroue, ongeag of hulle die waarheid praat of nie, altyd as slagoffers en mans as die oortreders beskou (Racco 2018).

Met #NotAllMen bestaan daar nooit werklike bewustheid en transformasie nie, want die fokus word nooit op die groter sistemiese probleem (seksuele geweld en diskriminasie) en skadelike strukture of ideologieë (soos patriargie) geplaas nie. Die individu se behoefte om as "goed" beskou te word, en nie sosiaal verwerp te word nie, word die fokuspunt.

Om afdeling 2 saam te vat: die #MeToo-beweging, wat vorms van patriargale onderdrukking soos seksuele geweld kritiseer en aanpak, kan binne die ideologie van wokeness verstaan word omdat woke individue bewus is van hulself en ander binne 'n spesifieke omgewing. Woke individue sal dus binne omgewings waar patriargale sisteme seëvier, bewus wees van hoe dit hulle en ander onderdruk en uitbuit. Seksuele geweld as patriargale produk kan derhalwe deur 'n kollektief van woke individue uitgedaag word en binne die kollektief kan slagoffers ook ondersteun word tydens die rapporteringsproses en hul soeke na geregtigheid.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Met die klem wat #MeToo op die kollektief plaas, beklemtoon dit dat die beweging en die voortdurende stryd teen patriargale sisteme nie selfsugtig is nie. Daarom is die #NotAllMen-diskoers nie versoenbaar met wokeness en #MeToo nie. Hierbenewens meen ons dat organisasies, instellings en selfs wetgewing gereeld hul konseptualisasie van seksuele geweld binne 'n veranderende en tegnologies gevorderde samelewing moet aanpas.

3. Metodologie

Die metodologie wat vir die artikel gebruik is, is kwalitatief van aard omdat 'n tematiese ontleding van *Quinn se jaar van kwik*, teen die agtergrond van wokeness, uitgevoer is. Aangesien wokeness 'n wye verskeidenheid kwessies insluit, word daar spesifiek in die artikel slegs na seksuele geweld en die #MeToo-beweging binne 'n patriargale milieu gekyk.

Tematiese ontleding is volgens Braun en Clarke (2012:58) 'n vloeibare metode wat gebruik word om betekenisvolle patrone, oftewel temas, in 'n datastel te identifiseer en te organiseer. Die direkte en/of die latente betekenis van elke patroon word geïdentifiseer. Dié temas en hoe dit georganiseer is in die datastel word teen 'n spesifieke agtergrond, onderwerp of navorsingsvraag geïnterpreteer (Braun en Clarke 2012:58).

Braun en Clarke (2012:59) meen dat tematiese ontledings altyd 'n kombinasie van die deduktiewe én induktiewe benadering bevat. Vir ons ondersoek is van beide benaderings gebruik gemaak. Vir die teoreties gedrewe of deduktiewe aspek is wokeness en seksuele geweld as agtergrond of raamwerk uiteengesit. *Quinn se jaar van kwik* (die datastel) is teen dié agtergrond ontleed. Die ontleding het hoofsaaklik gefokus op die identifisering van temas of patrone wat tersaaklik is binne diskoerse van wokeness en seksuele geweld. Tog, voordat die leser die boek oopmaak, kan hulle reeds sien dat #MeToo op die boek se buiterande gedruk is – die leser word reeds vooraf daarvan bewus gemaak dat die verhaal moontlik op 'n woke wyse aan temas van seksuele geweld raak. Daar is ook induktief te werk gegaan aangesien ons reeds voordat ons die verhaal gelees het al die hipotese gestel het dat die teks se "data" aan groter sosiale kwessies, spesifiek seksuele geweld en sosiale bewegings wat dié tipe geweld aanpak soos #MeToo, geskakel kan word.

Tematiese ontledings bestaan uit ses fases of stappe (Braun en Clarke 2012:61–7) wat vir die artikel gevolg is:

1. Raak bekend met die data: *Quinn se jaar van kwik* is gelees en met die tweede lees het ons notas begin maak.
2. Genereer aanvanklike kodes: Hierdie kodes spruit voort uit die notas van die eerste stap. Die kodes is onder andere direkte beskrywings van karakters en handelinge of dit is meer latent waar die onderliggende boodskappe (of metafore) geïnterpreteer en gekodeer is, soos byvoorbeeld die beskrywings van Excellentia (die skool waar die verhaal afspeel) en die indrukke wat dít by die leser skep.
3. Soek na temas: Uit die bostaande kodes word betekenispatrone geïdentifiseer en georganiseer om temas te vorm. In die jeugverhaal blyk dit dat daar 'n konneksie tussen die skool se tradisies en patriargale denkpatrone is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

4. Hersien die potensiële temas: Daar moet seker gemaak word dat die temas ooreenstem met die kodes en dat dit goed afgebaken word. Vir hierdie artikel is verskillende tradisies van die Brothers byvoorbeeld geïdentifiseer en van mekaar onderskei.
5. Definieer en etiketteer die temas: Die afgebakende temas (en subtemas) word uiteengesit en van mekaar onderskei en oorvleuelings tussen temas word verduidelik. Die artikel bevat drie hooftemas met subtemas onder die tweede en derde tema.
6. Skryf die navorsingstuk: Dié stap oorvleuel dikwels met stap 5. Die navorsers maak seker hul argument(e) word gestaaf, die teks maak sin en hulle beantwoord die navorsingsvrae.

Die drie geïdentifiseerde hooftemas vanuit die jeugverhaal is die volgende: Excellentia as onderdrukkende ruimte; patriargale tradisies, norme en praktyke; en sosiale bewegings by Excellentia. Die tweede tema bestaan uit vier subtemas: die punteskrums, die Sambok-tradisie, die sleutelgat-tradisie en die verspreiding van foto's sonder toestemming. Die derde tema bestaan uit die volgende twee subtemas: die #MeToo-beweging en #NotAllMen by Excellentia. Die drie hooftemas kan uiteindelik ook met mekaar geskakel word binne die sosiokulturele raamwerk van seksuele geweld as vorm van patriargale onderdrukking: sekere onderdrukkende patriargale norme en praktyke word binne die patriargale ruimte van Excellentia deur die Brothers (wat in die verhaal as die subjekte uitgebeeld word) in stand gehou. Hierdie gegewe lei daartoe dat die Ander (slagoffers van die Brothers en daarom van die patriargale ruimte) hul eie sosiale beweging stig met die doelwit om hulself te bevry van die Brothers se norme en praktyke en verandering in die ruimte tot stand te bring.

4. Ontleding van *Quinn se jaar van kwik*[11]

Afdeling 4 bied 'n tematiese ontleding van *Quinn se jaar van kwik*. Daar word spesifiek ondersoek ingestel, met wokeness as agtergrond, na hoe die jeugverhaal omgaan met die sensitiewe kwessie van seksuele geweld. Om te bepaal of hierdie kwessie op 'n woke wyse benader word, word daar hoofsaaklik na die skool Excellentia as milieu van die verhaal gekyk. Excellentia blyk 'n patriargale instelling te wees, omdat dit onderdrukkende sisteme en tradisies handhaaf wat weer seksuele geweld (wat seksuele aanranding en teistering insluit) as nagevolg het. Gebaseer hierop, word die tersaaklike tradisies wat vroulike en manlike karakters as slagoffers raak, onder die vergrootglas geplaas. Sosiale bewegings word voorts as derde tema ondersoek. #MeToo as praktyk om tradisies en patriargale sisteme of instellings uit te daag word as subtema ondersoek. Daarna word #NotAllMen, en hoe aspekte van dié diskoers in die jeugverhaal voorkom, kortliks as tweede subtema bespreek.

Die volgende onderafdeling bied eers 'n kort opsomming van die jeugverhaal om sodoende die leser te oriënteer. Daarna volg die tematiese ontleding.

4.1 Opsomming van Quinn se jaar van kwik

Quinn se jaar van kwik se eerste hoofstuk is vanuit 'n onbekende vroulike karakter se perspektief geskryf. Sy bevind haar op 'n skoolkampus (Excellentia) en ontmoet 'n seun van wie sy hou vir 'n romantiese afspraak. Hy gee vir haar 'n alkoholiese drankie wat haar lomerig maak. Die hoofstuk eindig op 'n onopgeloste hoogtepunt: die seun rig 'n skêr op haar. Later besef die leser dat die meisie Nathalie Fernandez en die seun Josef Brummer is. Die tweede hoofstuk en hoof-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

stukke daarna word vanuit die perspektief van Quinn Albertyn (die hoofkarakter) vertel. Sy is die nuwe leerder by die eksklusiewe skool. By dié skool woon al die leerders in koshuise. Aanvanklik wou sy nie vriende maak nie sodat sy op haar skoolwerk kan fokus, maar tog bevriend sy vir Josephine Edson (Jozi) en Luna Vermaak. Jozi en Luna kom aanvanklik nie goed oor die weg nie, maar uiteindelik is daar versoening tussen dié twee. Die versoening vind plaas wanneer die drie meisies saam met ander, soos Schalk ('n vriend van Quinn) en Juffrou Roux, teen die Brothers in opstand kom. Die Brothers is 'n geheime groep seuns wat hul eie tradisies het, maar dié tradisies en praktyke, wat onder andere as seksuele geweld manifesteer, rig skade aan by beide vroulike en manlike karakters. Quinn is een van die slagoffers, omdat Dylan Steyn (van wie sy begin hou het) as 'n Brother haar misbruik en seksueel aangerand het. Ook Luna, Jozi, Nathalie, Juffrou Lanie Roux, Schalk en Josef is voorbeelde van slagoffers van die Brothers en hul patriargale tradisies. Die jeugverhaal handel hoofsaaklik oor hoe Quinn-hulle die Brothers en daarom ook die patriargale skoolsisteem bevraagteken en uiteindelik uitdaag met hul eie #MeToo-beweging.

4.2 Excellentia as onderdrukkende ruimte

Quinn is die nuwe matriekleerder by Excellentia – 'n "elite koesterskool" met koshuise wat in die platteland geleë is (40). Die skool word beskou as "elite", omdat dit lyk asof die skool nie finansieel swaarkry nie en tegnologies goed ingerig is (39). Die koshuis se "Chill Room" is volgens Quinn sonder enige "beperkings op begroting" ontwerp (22); die onderwysers het iPads (22); daar is 'n IT-gebou en mooi tuine; en 'n moderne kafeteria waar die yskaste met vingerafdrukke werk (32–3). Volgens Quinn se ma is 'n koesterskool 'n skool wat veilig is en die prestasies van die leerders prioritiseer (40) – die skool het talle reëls wat die leerders moet volg en heel moontlik in plek is om die leerders in toom te hou (26).[12] Een van die reëls is dat die koshuisleerders elke middag vir twee ure lank buite moet wees. Die leerders vermoed egter dié reël is geskep om die onderwysers die geleentheid te gee om deur die leerders se kamers en persoonlike besittings te krap (30). Boonop lyk dit vir Quinn asof die onderwysers die leerders met mekaar bespreek. Dít laat die leerders voel dat hulle nie privaatheid het nie en dus nie so veilig is nie (46, 155).

Nie net is die skoolperseel ver weg van enige winkels af nie, maar die leerders mag nie hul eie vervoer hê nie (47). Quinn is die uitsondering op die reël vanweë haar ma se status as diplomaat (52). Hoewel sy haar bakkie op die perseel mag hou, het die skool die enjin verwyder (50, 182) wat impliseer dat niemand die skoolperseel mag verlaat nie. Die afleiding is dat die leerders fisies en op 'n psigiese en emosionele vlak binne die skoolruimte vasgevang word en magteloos voel. Hulle mag fisies nie die skoolperseel verlaat nie, maar hulle voel hulle kan ook nie aan die patriargale tradisies van die skool ontsnap nie. Dit mag dalk verduidelik hoekom leerders, soos Schalk, bang is om die tradisies te bevraagteken (76, 89).

Die skool se atmosfeer word reeds aan die begin van die verhaal as onheilspellend uitgebeeld (16). Die mistigheid wat die skool se Kaaps-Hollandse argitektuur half bedek en die swart alge op die mure gee Quinn die "jitters" en laat haar voel asof sy in 'n tydmasjien geklim het (16, 17). Sy sien die argitektuur as uitspattig en sy wonder of dit met opset gedoen is om die aandag van "iets belangriker" af te trek (17). Daar word reeds van die begin af gesuggereer dat hierdie skool talle geheime (178) as ou en vreemde tradisies het wat die leerders te bang is om uit te daag (65, 72, 86, 90).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Ten spyte van die ouderwetse argitektuur en tradisies, het die skool tekens van moderniteit – soos die IT-gebou, die moderne kafeteria en die genderneutrale basketbalspan (75). Tog oorheers die ouderwetse tradisies en atmosfeer, want selfs een van die temas van die "socials" is "Retro Prom" (209). Daardeur word enige moderniteit en tekens van vooruitgang oorskadu deur tradisies. Die skool se "socials" vir die meisies- en seunskoshuise word "tradisioneel" deur graad 9's gereël (209).

Deur Quinn, as buitestander wat nog nie met die skool se tradisies gekonformeer het nie, word die vreemdheid en problematiese aspekte van die skool se patriargale kenmerke beklemtoon. Sy wonder byvoorbeeld die volgende nadat sy 'n punteskrum (wat eintlik 'n daad van seksuele geweld is) waargeneem het: "Is die skool eienaardig, of is sy die eienaardige een?" (65). Ons meen sy kan daarom die skool en die tradisies meer objektief evalueer en is derhalwe meer bereid om dit uit te daag.

4.3 Patriargale tradisies, norme en praktyke

Reeds in die inleiding is daar genoem dat patriargie nie slegs vroulikheid onderdruk nie en dat 'n interseksionele lens gebruik moet word om na patriargale kontekste of sisteme te kyk. Cisgender manlikheid word steeds as dominant beskou, maar ook witheid, heteroseksualiteit en liggaamlike vermoë word met dominansie geassosieer. Diegene wat nie aan bostaande standaarde voldoen nie, word gedomineer en dikwels geviktimiseer deur middel van byvoorbeeld seksuele geweld.

Die meeste van die tradisies by die skool herinner aan patriargale norme, omdat die Brothers slegs uit manlike lede bestaan en hul tradisies hoofsaaklik vroulike karakters teiken. Hierbenewens misbruik die Brothers ander manlike karakters wat nie aan hul standaarde voldoen nie en uiteindelik blyk dit dat selfs die Brothers as slagoffers van hul eie patriargale tradisies beskou kan word.

Aangesien die skool bewus is van die skadelike tradisies, maar nog nooit vantevore die Brothers daarvoor verantwoordbaar gehou het nie, word die skool as instelling as ouderwets en patriargaal beskou. Die patriargale tradisies en die instandhouding daarvan word eers uitgedaag wanneer "nuwe" elemente, soos Quinn as nuwe leerder en moontlik meneer Nieuwoudt as die nuwe skoolhoof, die milieu binnetree.

Die idee dat die skool konserwatief is, word bevestig met die ironiese skoolleuse: "Ons kyk vorentoe" (35). Dié leuse word regdeur die verhaal verbuig om te wys dat die skool nie soseer vooruitgang (wat moderniteit en die aftakeling van ou tradisies en patriargale denke insluit) nastreef nie. Jozi stel dat die leuse eintlik "Ons kyk weg" moes wees. In die nuwe skoolhoof, meneer Nieuwoudt, se kantoor is daar 'n geborduurde skoolwapen met die skoolleuse op die muur, maar die leuse is "motgevreet" en lees nou as "Ons kyk toe" (223) – dit skakel met die skoolpersoneel wat wetend en bewustelik "wegkyk" en nie die problematiese tradisies en praktyke van veral die Brothers by die skool hanteer nie.

Die Brothers is 'n uitgekose groep matriekseuns (of "bende" van "golden boys") wat al vir generasies bestaan en hul eie tradisies het (34–5) – soos onder meer die keuringsproses van die Brothers. Potensiële Brothers word reeds in graad 8 uitgekies; die meeste van dié seuns is gesinslede van vorige Brothers (77) en om gekies te word, is 'n groot eer. Daarom verrig die graad 8's die "vuilwerk" van die Brothers en word hulle betrek by die patriargale praktyke (78, 80).[13] Die afleiding is dat gewildheid of prestasie op 'n sekere gebied nie soseer 'n rol in die keuringproses speel nie (83).[14]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Die Brothers is verantwoordelik vir die punteskrums, die Sambok- en sleutelgat-tradisies wat in die volgende onderafdelings bespreek word. Hierbenewens blyk dit dat hulle eksplisiete foto's van meisies versprei.

4.3.1 Die punteskrums

Die punteskrums is 'n alledaagse gebeurtenis by die skool en is die rede waarom Luna nie verbaas is toe die Brothers 'n punteskrum vir Quinn as nuwe meisie hou nie (31). Tydens die "skrum", kom van die Brothers bymekaar in die teenwoordigheid van 'n meisie en gee dan hardop vir haar (of spesifiek haar fisieke voorkoms) 'n punt uit tien (31). Hierdie skrum laat Quinn soos 'n "skoukoei" (32) en "vendusievark" (37) voel. Dít, asook die feit dat die seuns enige tyd punteskrums kan uitvoer, laat Quinn onveilig en angstig voel (58).

Waar Quinn slegs bepunt en in die openbaar verneder word, word ander meisies weg van die openbare oog geteiken. Tydens 'n "social" neem Quinn waar dat 'n "ongelukkige" en paniekbevange meisie, wat vra dat hulle haar moet uitlos, deur 'n groep seuns vasgekeer word deur iets wat lyk soos 'n punteskrum (56). Dié insident, alhoewel Quinn nie weet wat om dit te noem en wat presies met die meisie gebeur het nie, is duidelik vir Quinn "nie reg nie" (57). Ongeag van wat met die meisie gebeur het, blyk dit duidelik dat sy nie gemaklik was nie en dat sy daar wou wegkom. Dit impliseer dat daar iets met haar sonder haar toestemming gebeur het en só kan dit as 'n voorbeeld van seksuele geweld beskou word.

Ten spyte van die meisies se ongemak tydens die skrums, is dit duidelik dat die seuns die skrums geniet: hulle lag, fluit en klop mekaar op die skouers (31–2, 57). Dit blyk dat die seuns die meisies as objekte beskou. Die feit dat dit meisies soos Quinn soos diere laat voel, wys dat meisies se menswaardigheid deur dié praktyk geskend word en dat dit as 'n voorval van seksuele geweld en spesifiek teistering bestempel word.

Later, wanneer die meisies hul anonieme ervarings deel vir hul eie #MeToo-beweging (afd. 4.4.1), skryf 'n meisie dat sy soos bogenoemde meisie by die "social" geteiken is. Sy is bepunt, daar is kommentaar gelewer oor haar lippe en borste en daar is vir haar gevra om haar bloes los te maak (193). Voorts het die seuns haar gekritiseer omdat sy nie glimlag nie. Haar ernstigheid kan toegeskryf word daaraan dat sy bang was (193). Soos Quinn, het sy vir die res van die jaar gevrees dat dit weer met haar sou gebeur (192). Quinn en dié anonieme meisie se vrees wys dat die punteskrums die slagoffers emosionele skade aandoen en dat dit met seksuele teistering gepaard gaan.

Tog lyk dit of sommige vroulike leerders nie die skrums as problematies beskou nie. Luna dink aan die begin van die verhaal dat dit 'n kompliment is om hoog "gescore" te word met die skrums en sy stel dat sy, anders as Jozi, nie 'n "ball-busting feminist warrior" is nie en dat sy van haar vroulikheid hou (37).

Die aantreklike Luna is aan die begin van die verhaal vol vertroue in haar vroulikheid en "vroulike toolbox" (68). Luna noem dat hierdie "toolbox" bestaan uit dít wat mans nie het nie, soos borste (68). Nietemin meen sy dat vroue dit tot hul voordeel moet gebruik in plaas daarvan om "slagoffer-rolle" in te neem (69). Luna gebruik daarom haar vroulike seksualiteit as instrument in 'n poging om meer mag te hê en in beheer te wees (73). Dit verduidelik moontlik hoekom sy punteskrums aanvanklik goedkeur, want indien sy hoë punte vir haar voorkoms ontvang (wat sy heelwaarskynlik het, omdat sy manlike aanhangers het [36]), sal sy meer

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

bemagtig voel. Wanneer die meisies die geleentheid kry om anoniem hul ervarings van die Brothers te deel, skryf een dat sy glo die punteskrums is "good, clean fun" en dat slegs onaantreklike meisies nie daarvan hou nie (192). Dit insinueer dat aantreklike meisies moontlik voordeel trek uit patriargale sisteme en patriargale tradisies en praktyke nie wil uitdaag nie. Maar die "fun" of aandag en komplimente wat meisies van mans kry, is nie altyd positief nie. Quinn stel dat die bewondering van mans, indien daar 'n gebrek aan respek is, vinnig tot teistering kan lei (172).

Mans is aandadig aan die handhawing van patriargale idees en praktyke – selfs al neem hulle nie direk deel aan van die tradisies en praktyke nie. Schalk is byvoorbeeld bang en baie versigtig om vir Quinn en haar vriendinne enige iets oor die Brothers te vertel – selfs al is hy nie een van hulle nie (67) – en hy erken later dat die praktyke soos die skrums problematies is (59). Dit wil voorkom asof hy bang is om deur die Brothers geteiken te word indien hulle sou uitvind dat hy hul geheime deel (78). Ten spyte van sy vrees (76), gaan hy oor tot aksie: hy vind vir Quinn meer inligting uit oor die Brothers en getuig later teen hulle. Hy vra boonop om verskoning dat hy aanvanklik naïef was om te dink die Brothers se praktyke is net "pret" (80). So raak hy bewus daarvan dat hy indirek aandadig was aan die instandhouding van die Brothers en hul praktyke wat neerkom op seksuele geweld. Sy toename in bewustheid en die feit dat hy standpunt inneem om die Brothers en hul patriargale tradisies uit te daag, veroorsaak dat hy as woke bestempel word. Dit ondersteun die waarheid agter die #NotAllMen-beweging: nie alle mans is "sleg" nie, want hulle kan bewus of woke wees en onderdrukkende sisteme uitdaag.

Instellings speel 'n rol in die handhawing, of uitdaging, van onderdrukkende patriargale sisteme en idees. Jozi laat dit blyk dat die onderwysers bewus is van die punteskrums en dit moontlik nie goedkeur nie – tog kies hulle om dit nie te hanteer nie (34–5). Die onderwysers wat nooit aksie neem om die patriargale tradisies uit te daag nie, laat dit voorkom asof hulle nie woke is nie. Hul onwilligheid om dit te hanteer, spruit vir Jozi uit die feit dat van die Brothers se ouers finansieel wel-af is en geld aan die skool skenk – soos byvoorbeeld Josef se ouers ná die skêr-insident met Nathalie (afd. 4.1 en 4.3.2). Nogtans is van die Brothers self dikwels presteerders in verskeie velde (35) en word as "goeie" seuns beskou (179, 221). Die seuns en hul ouers dra by tot die skool se elitistiese reputasie en die skool sal enige iets wat hul reputasie bedreig, onder die mat vee. Dus trek die skool, as instelling, voordeel uit die patriargale sisteem en daarom hou hulle die sisteem in stand.

Die feit dat Excellentia vantevore nooit die Brothers se tradisies uitgedaag het nie, wys dat instellings (soos skole) 'n rol in die handhawing van problematiese en onderdrukkende sisteme en praktyke speel. Gebaseer hierop, word die skool en betrokkenes as konserwatief (of anti-verandering), en dus nie as woke nie, beskou.

4.3.2 Die Sambok-tradisie

In die verhaal is dit hoofsaaklik Nathalie en Juffrou Roux wat as slagoffers van die Sambok-tradisie uitgebeeld word.

Die eerste hoofstuk speel sewe maande voordat Quinn by die skool aankom af. Hierdie hoofstuk bevat anonieme karakters en vertel hoe 'n meisie (later bekend as Nathalie), met 'n ronde blikkie in haar sak, een aand 'n seun (later geïdentifiseer as Josef) skelm ontmoet (10). Hy gee dan vir haar 'n drankie wat haar lomerig maak en rig 'n skêr op haar (12). Dit is aanvanklik onduidelik wat Josef se intensie met dié skêr is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Nathalie het tydens die insident met Josef die skêr beetgekry en hom in sy oog gesteek (103). Dít verduidelik hoekom Josef ’n oogklap dra en hy nie meer rugby speel, of sy droom om ’n plastiese chirurg te word, kan nastreef nie (103–4). Die gerug is dat Nathalie, hoewel sy klein en fyn is, hom “aangeval” het, en die oortreder is (104, 139). Om dié rede is sy uit die skool geskors en ontvang tuisonderrig (104). Jozi vermoed dat Josef se wel-af ouers die skool betaal het om vir Nathalie te skors.

Quinn bevraagteken die aanval en gee Nathalie die voordeel van die twyfel (106): “Het hy haar probeer verkrag of iets?” (105) en “Wel, waarom anders sou sy sommer sy oog uitsteek?” (106). Quinn is bewus daarvan dat nie sy of haar vriendinne al die nodige bewyse het om te kan bepaal of Josef die werklike slagoffer in dié geval is of nie. Tog is sy bewus van die patriargale skoolkonteks en dat twee uit drie meisies (66,67%) van haar vroulike driemanskap al geteiken is deur die seuns (107). Sy het ook al ’n punteskrum ervaar en ’n ander meisie se punteskrum waargeneem. Weens haar bewustheid en die feit dat sy vir Nathalie as die aanvaller die voordeel van die twyfel gee (deur van die groeppartydigheidsbeskouing gebruik te maak), blyk dit dat sy woke is.

Nathalie vertel haar kant van die storie vir Quinn en Luna, hoewel sy aanvanklik huiwerig was om met hulle te praat – veral omdat sy as die oortreder beskou word en nie geglo is oor wat regtig gebeur het nie. Sy moes boonop ’n ooreenkoms met die skool aangaan om vir niemand van haar en Josef se insident te vertel nie (139–41). Dit blyk dat sy en Josef verskeie formele prosedures gevolg het, maar dat sy as slagoffer nie hierdeur beskerm is of die voordeel van die twyfel gegee is nie. Dit stem ooreen met die feit dat baie slagoffers regoor die wêreld nooit hul aanrandings rapporteer nie, omdat dit nie noodwendig tot geregtigheid lei nie.

Volgens Nathalie was sy op ’n afspraak met Josef toe hy haar bedwelm het (12, 145) en probeer het om ’n stukkie van haar hare, sonder haar toestemming, af te knip (145). Sy het geskrik toe sy die skêr sien en hy oor haar geleun het; en uit vrees het sy na die skêr gegryp. Dit het ongelukkig daartoe gelei dat sy in haar bedwelmde toestand die skêr in sy oog gesteek het (12, 145).

Die haarknip-praktyk is deel van die Sambok-praktyk (145) wat vanaf die 1920’s al bestaan (146). Blykbaar gee ’n Brother ’n meisie een Zam-Buk-blikkie met ’n liefdesbriefie of geskenkie en verwag hulle iets soortgelyks terug in dié blikkie (146). Hoe meer persoonlik of sentimenteel die meisie se geskenk is, hoe beter. Daarom is ’n stukkie hare die perfekte geskenk wat ’n Brother kan kry (146). Ons meen dat die haarknip-aksie meer simbolies gelees kan word, naamlik dat die neem of knip van hare as die neem van die meisie se maagdelikheid beskou kan word.

Nathalie vertel dat sy reeds ’n stukkie van haar hare in ’n Zam-Buk-blikkie gesit het vir Josef nadat hy daarvoor gevra het (10, 146–7). Sy het aanvanklik geweier, maar uiteindelik besluit om hom te verras omdat sy van hom gehou het (141, 145). Voordat sy die blikkie vir hom kon gee, het hy die skêr uitgehaal om haar hare self te knip en vir hom te neem (10, 146–7). Dít maak die situasie tragieser: sy sou vir hom gee wat hy wou hê, maar steeds het hy iets van haar probeer neem sonder toestemming. Hierdie voorval is ’n voorbeeld wat wys dat seksuele oortreders nie toestemming vra nie en glo dat hulle ’n reg op vroue (of ander) se liggame het.

Die Nathalie-Josef-insident wys hoe die skuld in patriargale kontekste op die slagoffer en nie die oortreder nie geplaas word. Nathalie voel onder andere dat sy Josef se toekoms geruïneer het (141) en sy dring daarop aan dat hy ’n “goeie ou” is (145). Haar skuldgevoelens dra by tot die feit dat sy baie maer is (138–9) en “hartseer” lyk (140) en dat sy emosionele skade weens

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

die insident opgedoen het. Luna herinner Nathalie dat Josef, met sy wel-af gesin, heel waarskynlik steeds beter af is as hulle en dat hy meer geleenthede weens sy ouers se konneksies sal kry (141). Dit beklemtoon die idee dat hy as man in 'n patriargale samelewing verskeie voorregte geniet.

Tog kan Josef, as manlike karakter, moontlik as 'n slagoffer van die Brothers se tradisies en die patriargale sisteme by Excellentia beskou word, omdat hy sy oog (en toekomsdroom en rugby as stokperdjie) verloor en Quinn noem dat hy 'n "loner" is (148). Só word daar geïnsinueer dat hy moontlik deur die Brothers (die Subjekte), as verteenwoordigers van die dominante orde van patriargie, weens sy fisieke gestremdheid en die feit dat hy deur 'n meisie (Nathalie) fisiek oorrompel is, verwerp is en as die Ander beskou word.

Juffrou Roux is die ander ontvanger van 'n Zam-Buk-blikkie. Soos Quinn, is sy nuut by die skool en Quinn stel dat dié juffrou met haar eksentrieke kleredrag nie inpas by die "statige ou skool" nie (22). Dit impliseer dat sy nog nie gekonformeer het met die skool se tradisies en praktyke nie. Haar buitestanderskap laat haar, soos Quinn, toe om die skool meer objektief te evalueer. Dit verduidelik hoekom sy besorgd is oor Quinn (59, 154) en haar waarsku teen die sjarmante hartebreker, Dylan (156, 158, 160, 178), van wie Quinn begin hou (118, 120–1, 144, 150, 162). Boonop stel Juffrou Roux aan Quinn dat die skool se tradisies en geheime skadelik is (178).

Juffrou Roux nooi Quinn een aand na haar woonstel in die koshuis (154) waar sy Quinn waarsku teen Dylan. Quinn sien dan 'n Zam-Buk-blikkie in die juffrou se woonstel (157). Na hierdie kuier begin Quinn toenemend vermoed dat die juffrou meer weet oor die skool, die Brothers en selfs Dylan as wat sy laat blyk (158, 160, 169). Eers later, wanneer Quinn besef Dylan is 'n Brother en dat hy haar manipuleer en seksueel uitgebuit het (afd. 4.3.3), vind sy uit wat Juffrou Roux weet.

Wanneer Quinn vir Juffrou Roux van haar insident met Dylan (en die sleutelgat-tradisie [afd. 4.3.3]) vertel, noem Juffrou Roux uiteindelik dat Dylan net "vreemd" teenoor haar opgetree het. Hy het met haar gaan gesels tydens 'n "social" en vir haar 'n Zam-Buk-blikkie gegee met 'n liefdesnota in ("My heart has no idea how old your heart is") (178–9).

Hoewel Juffrou Roux geweet het dat hy sy "luck" met haar probeer en dit 'n oortreding is, het sy hom steeds die voordeel van die twyfel gegee en geglo dat hy "eintlik 'n oulike ou" is (179). Selfs Quinn probeer aanvanklik om Dylan se oortreding te verdedig. Sy wonder of hy slegs deelneem aan die Sambok-tradisie om die geldprys te wen (afd. 4.3.3) sodat hy universiteit toe kan gaan omdat sy ouers nie wel-af is nie (118, 180).

Dylan word uitgemaak as oortreder en terselfdertyd as slagoffer van sy omstandighede. Om Dylan as slagoffer uit te beeld, word as problematies beskou teen die agtergrond van #MeToo, want ongeag wat sy redes is, het hy steeds vir Juffrou Roux en Quinn (die slagoffers van seksuele geweld) skade aangedoen. Tog kan Quinn hier terselfdertyd as woke gesien word, want sy gebruik alle inligting en bewyse tot haar beskikking om hom binne sy omstandighede of konteks te evalueer. Boonop word hy as slagoffer van patriargie en moontlik ander onregverdige sisteme (wat nepotisme, waarby diegene soos Schalk baat, insluit) beskou.

Om te bepaal of Dylan slagoffer, oortreder, of hibriede figuur van beide is, word die sleutelgat-tradisie vervolgens bespreek.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

4.3.3 Die sleutelgat-tradisie

In *Quinn se jaar van kwik* is Quinn 'n slagoffer van die geheime sleutelgat-tradisie. Sy sluip een aand uit die meisieskoshuis uit om by Dylan, in sy koshuiskamer, te kuier. Dylan is die een wat die alleentyd met Quinn inisieer (133, 159). Maar Quinn, wat "sexy en waaghalsig" voel (161) stem in en is vooraf bereid om tot "second base" te gaan (159).[15]

In sy kamer is Dylan baie vleiend. Hy stel haar gerus wanneer sy twyfel oor hoekom hy van haar hou en nie reeds 'n meisie het nie (163–4). Soos dinge vorder, wil hy die ligte aanhou want hy wil "alles van haar sien" en dit in sy geheue "bewaar" (163). Quinn en Dylan word onderbreek deur 'n geluid in die kamer, maar Dylan skryf dit toe aan rotte (165). Daar word nooit uitgebrei oor hoe ver dié twee gegaan het nie, maar daar is geen teken dat Quinn ongemaklik voel en haar toestemming terugtrek nie.

Hoewel Quinn glo dat haar afspraak met Dylan goed gegaan het, kry sy die volgende oggend vroeg 'n onverwagse oproep van Schalk (170) wat vra wat tussen haar en Dylan gebeur het want dit was nie so "privaat" soos wat Quinn geglo het nie. Twee matriekseuns het in Dylan se kas weggekruip en Dylan en Quinn se "gevryery" dopgehou (171). Só vertel Schalk haar dat sy 'n slagoffer van die Brothers se sleutelgat-tradisie is (171) en dat dié storie besig is om onder die seuns te versprei (172). Dit is wanneer sy besef dat Dylan, die "goeie" en "realistiese" ou wat sy gedink het sy kan vertrou, 'n Brother is.

Ongelukkig word Schalk, sonder sy medewete, hierby betrek. Die graad 8 wat hy mentor en deur die Brothers uitgekies is, het Schalk se boor geleen en gebruik om die loergate in Dylan se kas te boor (172). Schalk het nie geweet waarvoor die boor gebruik gaan word nie (172) en só is hy in die proses misbruik deur die Brothers en is 'n slagoffer van hul patriargiale tradisies. Dié misbruik deur die Brothers dra moontlik by tot Schalk se keuse om, soos die meisies, teen die Brothers in opstand te kom en voor die skoolhoof te getuig (205).

Schalk troos die emosioneel uitgeputte Quinn wat glo dat sy 'n fout gemaak het en skaam en skuldig voel nadat sy uitvind dat sy afgeloer is (199). Dit is Schalk wat haar herinner dat seksuele behoeftes normaal is en dat dit, en om iemand te soen, nie iets is om oor skaam te wees nie. Hy sê dat Dylan en die seuns wat afgeloer het, die skuldiges is (201). Schalk word daarom as 'n woke manlike karakter uitgebeeld. Hy is bewus daarvan dat meisies soos Quinn uitgebuit en gemanipuleer word deur "undercover assholes" soos Dylan (201) en dat die skuld in 'n patriargale konteks dikwels op vroue geplaas word.

Aan die einde van die verhaal word die Brothers uiteindelik ontbind en van die seuns verlaat die skool (afd. 4.4.2). Quinn sien toevallig vir Dylan alleen by die bushalte waar hy sit en wag (241). Hy probeer haar oortuig dat sy gevoelens vir haar eg is. Quinn is egter nie oortuig of beïndruk nie en noem slegs dat iemand wat regtig omgee oor iemand anders, nie só sou optree nie (241). Wat opvallend is van hierdie laaste gesprek tussen die twee, is dat hy nie skuld wil erken nie en haar nooit om verskoning vra nie. Hy beskou homself nie as die oortreder nie en glo moontlik dat hy as man die reg het om vroue soos Quinn en Juffrou Roux vir sy eie voordeel uit te buit. Gebaseer hierop, kan hy nie soseer as slagoffer beskou word nie. Sy slegte omstandighede by die huis en finansiële status dien nie as verskoning vir hoekom hy ander skade aandoen nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

4.3.4 Die verspreiding van foto's sonder toestemming

Steelfoto's van Jozi in die stort is sonder haar toestemming geneem en versprei (100–1). Sy het niemand hiervan vertel nie, omdat niemand haar vantevore wou glo dat Luna se broer, Jake, haar "harass" (100) het en haar vir 'n "hand job" gevra het nie (97, 101). Selfs Luna, wat haar vriendin was, het besluit om haar broer se woord bo Jozi s'n te glo (101) en was nie bereid om bewyse rondom die insident in te samel nie. Hieruit is dit duidelik dat die voordeel van die twyfel of moreel verhewe posisie nie aan die slagoffer (Jozi) behoort nie.

Luna se vertroue in haar "toolbox" verdwyn wanneer sy eksplisiete foto's van haarself vir Jaco ('n Brother) stuur, omdat sy onder die indruk was dat hulle van mekaar hou. Jaco het sonder haar toestemming en wete die foto's aan ander seuns gestuur en só het dit deur die skool gesirkuleer (95–6). Hiermee word daar geïmpliseer dat meisies, soos Luna, nooit in die eerste plek enige mag gehad het nie en dat enige iemand (ongeag of hulle positief of negatief teenoor patriargie voel) 'n slagoffer kan wees.

Tog weier Luna om soos 'n slagoffer te voel (99) en sy is veral daarna gemotiveerd om geregtigheid vir haarself en ander slagoffers te kry (100). Quinn vergelyk haar met 'n feniks wat "verrys uit die as van haar oordeelsfout" (100). Hieruit blyk dit dat Luna se bewustheid toegeneem het. Sy raak van die feit dat sy seksueel uitgebuit is bewus en is boonop bereid om teen die Brothers op te tree en daarom kan sy ná dié insident as woke beskou word.

4.4 Sosiale bewegings by Excellentia

Daar is verskeie individuele vroulike slagoffers in hierdie verhaal, soos Quinn, Jozi, Luna, Nathalie en Juffrou Roux. Dié slagoffers begin om as kollektief saam te staan en hul eie #MeToo-beweging tot stand te bring. Die #MeToo beweging van die leerders word dus as subtema bespreek. Die #NotAllMen-beweging word as tweede subtema betrek, omdat seuns soos Schalk (wat 'n indirekte slagoffer van patriargie is), ook aan die #MeToo-beweging deelneem.

4.4.1 Die #MeToo-beweging

Dit is hoofsaaklik Quinn, Luna en Jozi wat die "revolusie" teen die Brothers en die skool wat patriargale norme in stand hou, begin (224).[16] Quinn is reeds van die begin af, of ten minste na haar punteskrum, bewus daarvan dat sy slegs een meisie van 'n groter groep slagoffers is (84). Quinn doen onder andere haar eie "wiskunde-som" en besef dat meer as 66% van meisies by die skool slagoffers is van die Brothers en seksuele geweld (107). Teen die einde van die verhaal stel Quinn voor dat hulle al die vroulike leerders die geleentheid gee om hul ervarings te deel: "Julle weet, soos om 'n #MeToo-verklaring te maak [nie?]" (153).

As 'n kollektief, verkies sommige vroulike karakters om anoniem te bly wanneer hulle hul ervarings deel deur dit neer te skryf en in die pienk boks (met die frases "Fight like a girl!" [185] en "Baklei soos 'n meisie!" [190] op) te plaas (187–95).

Ten spyte van hul anonimiteit, en dat daar meisies is wat nie slagoffers was nie of selfs die punteskrums as prettig beskou, word elke gedeelde ervaring as waardevol beskou en dien dit as "bewysstukke" teen die Brothers (195). Baie meisies teken die petisie wat vra dat diegene wat skuldig aan seksuele teistering bevind word, gestraf moet word (188). As kollektief skep hulle eerstens bewustheid van die Brothers se patriargale tradisies wat nooit deur die skool aangepak

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

word nie. Só tree hulle as ’n groep op om die Brothers verantwoordbaar te hou en die patriargale sisteem van die skool te beveg (187). Die skoolmeisies se beweging eggo die #MeToo-beweging, want as kollektief deel die individuele slagoffers hul ervarings met mekaar; hulle ondersteun mekaar; kritiseer die betrokke instelling, sisteme en tradisies; en van die slagoffers ontbloot selfs die oortreders deur hulle op die naam te noem.

Met die petisie, asook die geskrewe ervarings van die meisies en die drie vriendinne se eie ervarings, volg hulle ’n formele proses van rapportering. Hulle glo dat die “tasbare bewyse” van ’n groot groep slagoffers maak dat hulle geglo sal word (149) en nie bestempel sal word as “histeriese, bitterbek-meisies wat oorreageer” nie (153). Hulle, asook Schalk en Juffrou Roux, gaan na die skoolhoof toe waar hulle teen die Brothers getuig. Hulle neem die boks (met gedeelde ervarings op skrif) en die petisie saam. Boonop word Luna se oorbeskermende ouers by die gesprek betrek om seker te maak dat niks toegesmeer word nie (195–6). Dit is duidelik dat die groep seker maak dat hulle die formele proses volg en dat hul saak teen die Brothers waterdig is. Hierdie kollektiewe saamstaan teen die Brothers en die volg van formele prosesse is veral belangrik siende dat Nathalie (met haar individuele ervaring) nie geglo is nie en die skool ’n reputasie het dat die oortreders (dikwels die mans) se kant van die verhaal bo dié van die slagoffers geglo word.

4.4.2 #NotAllMen by Excellentia

Die skoolhoof erken dat die saak wat hulle teen die Brothers maak ernstig is (220). Tog is hy onseker oor hoe “sulke oulike jong mans” oortreders kan wees (221). Luna se ouers wys daarop dat oortreders dikwels “goeie mans” as rookskerm gebruik en hulle meen dat dit tyd is om die oortreders te “straf” (221). Die skoolhoof wat aanvanklik nie kan glo dat die seuns oortreders is nie, stem saam met kritiek wat teen die #NotAllMen-diskoers gelug word. Mans, of hulle oortreders is of nie, moet hul selfsugtige behoefte om as “goed” beskou te word opsy skuif om die groter sistemiese probleem en patriargie af te takel. Boonop beteken dit nie dat “goeie” mans, of dié wat op sekere gebiede goeie presteerders is of populêr is, outomaties onskuldig is en eties en respekvol teenoor ander optree nie.

Om aan te sluit by die #NotAllMen-idee, verwys ons byvoorbeeld na hoe Quinn vir Schalk en Dylan met mekaar vergelyk. Albei is sjarmant en flirt met Quinn, maar hul intensies, soos Quinn en die leser mettertyd uitvind, is baie verskillend. Schalk stel werklik in Quinn belang. Ongeag sy gevoelens, is hy bereid om eers haar vriend te wees wat haar tydens haar ondersoek van die Brothers en haar insident met Dylan ondersteun en beskerm (89, 91, 124, 161, 200). Dylan, van wie Quinn amper dadelik begin hou het, het eintlik ’n agenda van sy eie. Tog het Quinn aanvanklik geglo dat Dylan logieser en basies betroubaarder as die “gawe” (66) en “dierbare” (150) Schalk is. Ook Juffrou Roux was onder die indruk dat Dylan ’n “goeie” ou is.

Quinn vind egter tot haar skok uit dat Dylan as “goeie” seun ’n Brother is en dat hy haar misbruik het. Die feit dat Dylan ’n Brother is wat deelneem aan patriargale praktyke en tradisies beklemtoon die idee dat ongeag of iemand as “goed” of “sleg” voorkom, hy ’n oortreder kan wees.

Gelukkig kyk die skoolhoof verby Dylan (en moontlik ander Brothers) se “goeie-man”-fasade. Hy bedank Quinn-hulle vir hul dapperheid (“vrouemoed”) en stel dat hy en die beheerliggaam die “vrot appels” sal identifiseer en verantwoordbaar sal hou (222, 231). Hy bly, tot Quinn-hulle se verligting, by sy woord en die Brothers word amptelik “ontbind” (231). Die nuwe skoolhoof het soos ander nuwelinge (Quinn en Juffrou Roux) nog nie heeltemal met die onder-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

drukkende en konserwatiewe skoolsisteme gekonformeer nie. Daarom kan hy nie net wegkyk nie. Die skoolhoof het, nadat hy bewus geword het van die Brothers se meer skadelike praktyke en tradisies, die nodige stappe gevolg om patriargale en skadelike sisteme af te takel en só kan hy as woke beskou word.

Daar word nooit direk gestel wat die nagevolge van die Brothers se ontbinding is nie, maar dit blyk dat Dylan (en ’n paar ander seuns) die skool vir ’n onbekende tydperk moet verlaat (235). Dit kan wees dat Dylan moontlik sy krieketbeurs weens sy wangedrag verloor het of dat hy geskors is (tydelik of permanent) oor sy seksuele oortredings. Die aftakeling van die Brothers se patriargale sisteem (waaruit hulle voordeel getrek het en boonop ander skade aangedoen het), en die feit dat van hulle die die skool verlaat, laat ons vra of hulle deur die skool se woke optrede gekanselleer is of nie.

Die verwydering van die seuns uit ’n omgewing waar hulle mag en invloed gehad het, wys dat hulle in ’n sekere mate gekanselleer is. Indien hulle weer mag terugkeer skool toe, sal die ander leerders se reaksies daaromtrent die sukses van die kansellasie bepaal. Indien hulle weer verwelkom word, sal dit beteken dat hulle nie al hul invloed verloor het nie en nie suksesvol gekanselleer is nie.

Boonop is Dylan selfsugtig, aangesien hy nooit vir Quinn om verskoning vra nie en haar eerder probeer oortuig dat hy wel goeie intensies met haar gehad het. Hy beskerm eerder sy eie reputasie. Sy deelname aan skadelike praktyke (bv. die Sambok-tradisie waarvoor hy geld kan wen) wys dat hy moontlik die patriargale sisteem van die Brothers in stand sal wil hou, sodat hy daarby kan baat.

Waar Dylan nooit om verskoning vra nie, vra Josef wel vir Nathalie om verskoning vir sy dade teen haar. Hy glo blykbaar dat hy dit verdien het om sy oog te verloor (236). Dit wil voorkom asof hy (anders as Dylan) verantwoordelikheid neem vir sy oortredings en sy deelname aan die skadelike tradisies, asook sy dade teen Nathalie berou. Daar word wel nooit genoem of hy die skool moet verlaat nie. Sy verskoning word boonop deur ’n simpatieke Nathalie aanvaar. Die feit dat sy slagoffer sy verskoning aanvaar en dat hy self berou toon, laat dit voorkom asof hy nie gekanselleer word nie. Josef kan egter self as slagoffer beskou word: hy verloor sy oog as gevolg van ’n patriargale tradisie en dit blyk dat hy nou moontlik deur die Brothers verwerp is, omdat hy moontlik weens sy fisieke gebrek nie meer aan hul standaarde voldoen nie.

Die verhaal wys dat dit waar is dat nie alle mans, soos Schalk, “sleg” is nie en self slagoffers van patriargie is. Tog is daar diegene, soos Dylan, wat baat vind by patriargale sisteme en dus baie het om te verloor indien iets soos die #MeToo-beweging dit sou uitdaag. Bygesê suggereer die verhaal (aan die hand van Juffrou Roux) dat meisies boonop nie altyd onskuldig is nie en onvanpaste seksuele gedrag teenoor mans kan toon.

4.5 Samevatting van hierdie afdeling

Uit afdeling 4 lyk dit asof *Quinn se jaar van kwik* verskeie tipes seksuele geweld uitbeeld. Die verhaal is in die eerste plek woke, omdat dit die tipiese “rape script” uitbrei en wys dat enige iemand ’n slagoffer van seksuele geweld (in verskeie vorms), maar ook van patriargie, kan wees. Boonop blyk dit dat die uitbeeldings en hantering van seksuele geweld deur Quinn en haar vriende op ’n woke wyse uitgebeeld is. Nie net behoort die moreel verhewe posisie aan die slag-offers nie, maar die karakters staan as kollektief saam om sodoende die groter patriargale sisteme

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

(wat tradisies insluit) uit te daag. Só kry hulle, met hul eie #MeToo-beweging, geregtigheid vir die slagoffers en neem die skool die nodige aksie om die skool se patriargale praktyke uit te roei. Voorts word die Brothers verantwoordbaar gehou, en moontlik gekanselleer, oor hul oortredings.

5. Gevolgtrekking

Die artikel, met behulp van ’n tematiese ontleding, het ondersoek ingestel na hoe sensitiewe en woke kwessies soos seksuele geweld en die #MeToo-beweging in *Quinn se jaar van kwik* hanteer is.

Om die tematiese ontleding uit te voer, is daar deduktief én induktief te werk gegaan. Daarvoor is kodes wat met seksuele geweld skakel direk vanuit die teks geïdentifiseer, maar dit moes ook skakel met die literatuuroorsig – dus diskoerse oor seksuele geweld en sosiale bewegings wat binne patriargale kontekste voorkom en dikwels ook met wokeness geasossieer word.

In die artikel is daar verduidelik dat diskoerse oor seksuele geweld dikwels deel vorm van omstrede diskoerse oor wokeness – veral omdat seksuele geweld ’n vorm van onderdrukking in byvoorbeeld patriargale kontekste is en wokeness, as ideologie, onderdrukking onder die vergrootglas plaas. Boonop word sosiale bewegings, soos die #MeToo-beweging wat bewustheid ten opsigte van seksuele geweld wil bevorder, betrek in woke diskoerse. Nóg ’n aspek van #MeToo wat genoem is, is dat dit slagoffers in patriargale kontekste die geleentheid bied om saam met ander as kollektief op te tree teen seksuele geweld en hul oortreders. Hierdie beweging verskaf ondersteuning aan slagoffers en het die potensiaal om sisteme en instellings wat onderdrukking in stand hou en seksuele geweld nie ernstig opneem nie, te kritiseer en uit te daag. Die beweging het kritiek ontvang wat gelei het tot die #NotAllMen-beweging wat in die artikel bespreek is. Daar is genoem dat hoewel nie alle mans oortreders of “sleg” is nie, daar wel diegene (mans en vroue) bestaan wat vanuit ’n “not-knowing” of onbewuste/nie-woke toestand optree en só onderdrukkende sisteme in stand hou.

Die artikel het insgelyks genoem dat wokeness sinoniem met bewustheid is. Wokeness as sosiale bewustheid is bespreek, asook die groeppartydigheidsbeskouing. Laasgenoemde beklemtoon dat ware woke individue nie performatief is nie en logies redeneer voordat hulle ander dadelik as slagoffer of oortreder brandmerk en hulle kanselleer. Dit wil sê dat woke individue bewus is van die feit dat mans ook slagoffers en vroue ook oortreders kan wees. Seksuele geweld en wat dit insluit (soos seksuele aanranding en teistering) is onder die loep geneem.

Met voorafgaande in gedagte is die kodes vanuit die jeugverhaal uiteindelik so georganiseer om die volgende drie hooftemas te vorm: Excellentia as onderdrukkende ruimte; patriargale tradisies, norme en praktyke; en sosiale bewegings by Excellentia. Die tweede hooftema bestaan uit die volgende vier subtemas (waarvan die eerste drie telkens ooreenstem met ’n tradisie van die Brothers): die punteskrums, die Sambok-tradisie, die sleutelgat-tradisie en die verspreiding van foto’s sonder toestemming. Die derde hooftema bevat die #MeToo-beweging en #NotAllMen by Excellentia as subtemas.

Ons meen dat die drie hooftemas ook met mekaar in verband gebring kan word: die leerders se sosiale beweging (wat herinner aan #MeToo) word juis gestig om sodoende die patriargale norme en waardes van die Brothers uit te daag. Dit vind plaas binne die patriargale ruimte van Excellentia. Dit blyk daarom dat die verhaal, met die drie hooftemas, ’n breë dog genuanseerde

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

oorsig oor wat seksuele geweld is aan lesers gee. Die verhaal fokus nie slegs op die insidente wat as aanranding of teistering beskou kan word nie, maar bring al die insidente in verband met mekaar binne die konteks waarbinne dit plaasvind. Só word daar beklemtoon dat seksuele geweld, as vorm van onderdrukking, deur sisteme (indien dit nooit uitgedaag word nie) in stand gehou kan word. Tog word daar deur middel van die verhaal, waar die leerders hul eie (en suksesvolle) sosiale beweging stig, voorgestel dat sisteme uitgedaag en verander kan word.

In die jeugverhaal word verskeie vorme van seksuele geweld (wat aanranding en teistering insluit) uitgebeeld aan die hand van verskeie tradisies en insidente wat onder die karakters plaasvind. Met die uitbeelding van diverse vorme van seksuele geweld word lesers bewus van die feit dat daar nie slegs een "rape script" bestaan nie en dat enige iemand, weens verskeie dade, 'n slagoffer van seksuele geweld kan wees. Hierdie verhaal wil, volgens ons, jong lesers se bewustheid van seksuele geweld verhoog.

Die meeste van die seksuele geweld wat in die verhaal uitgebeeld word, word as seksuele teistering beskou. Baie van die meisies (soos Quinn) voel veral ongemaklik met die wete dat hulle enige tyd en plek deur 'n punteskrum geteiken kan word. Hul vrees binne 'n omgewing waar hulle veronderstel is om veilig te voel, affekteer weer ander aspekte van hul lewens. Quinn sukkel byvoorbeeld op kognitiewe vlak om op haar skoolwerk te konsentreer nadat die seuns haar, ironies genoeg, "gif" noem (47).[17] En op emosionele vlak is dit duidelik dat sy na die punteskrums waar sy geobjektiveer word, baie ontsteld is.

Jozi, as sportiewe meisie, word weer geboelie of eintlik verbaal geteister deur seuns soos Boshoff en Simon. Hulle meen dat sy aggressief en onvroulik is. Boonop vra hulle selfs of sy ooit "bloei", oftewel menstrueer (212–3). Dié seuns het daarom stereotipiese idees van vroulikheid wat betref fisieke voorkoms en geaardheid. Deur Jozi se vroulikheid af te breek en onvanpaste en ongewenste vrae te vra, maak hulle haar uit as die Ander. Só dra hulle by tot die instandhouding van stereotipes. Dié seuns, met hul stereotipiese idees, word nie as woke beskou nie.

Die verspreiding van foto's sonder toestemming is 'n voorbeeld van nie-verbale seksuele aanranding. Dit is egter ook teistering, omdat dit slagoffers ongemaklik laat voel in die skoolomgewing wat veronderstel is om veilig te wees. 'n Verdere voorbeeld is Quinn wat afgeloer word in Dylan se kamer vir die sleutelgat-tradisie.

Luna se broer wat 'n ongewenste seksuele guns van Jozi gevra het, dien as voorbeeld van verbale seksuele aanranding. Een van die meisies wat haar punteskrumervaring neergeskryf het, het genoem dat die seuns kommentaar gelewer het op haar fisieke voorkoms – spesifiek haar lippe en borste.

Fisieke seksuele aanranding vind plaas tydens Nathalie se insident met Josef, omdat hy haar hare wil knip en op 'n fisieke vlak iets van haar, sonder haar toestemming, probeer neem. Die feit dat hy haar moontlik bedwelm het, beklemtoon dat hy nie van plan was om haar toestemming te vra nie. Hierdie insident word as teistering beskou en het langtermyngevolge vir Nathalie. Nie net word sy as oortreder uitgemaak nie, maar sy moet die skool verlaat. Dit lei daartoe dat sy geïsoleer word (108) en dus skade aangedoen word op 'n sosiale vlak. Fisiek lyk sy nie gesond en gelukkig nie (139). Eers na die Brothers se ontbinding en Josef wat haar om verskoning vra, begin sy beter lyk (236).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Die Sambok-tradisie behels dat die seuns vir meisies en onderwysers ’n “geskenk” (die blikkie en nota wat romanties of seksueel van aard is) gee. Hulle verwag eintlik ’n geskenk terug en so plaas hulle sosiale druk op hul teikens. Nathalie stel onder andere dat sy aanvanklik Josef se versoek vir ’n stukkie van haar hare as vreemd beskou het. Tog het sy, om hom gelukkig te maak, vir hom ’n stukkie van haar hare afgesny. Hierdie sosiale druk wat op slagoffers geplaas word maak dit, gebaseer op die WGO se definisie, ’n voorbeeld van seksuele geweld.

Ons meen dat dit duidelik is dat die jeugverhaal verskeie vorme van seksuele geweld uitbeeld en dit as verkeerd bestempel. Hiermee word lesers se bewustheid daarvan bevorder. Gepaard met ’n toename in bewustheid of kennis oor wat seksuele geweld is, word lesers indirek aangemoedig om seksuele geweld die hoof te bied. Nie net word lesers indirek aangemoedig om byvoorbeeld hul ervarings met hul naastes (wat hulle vertrou) soos vriende en onderwysers te deel nie, maar hulle word voorts aangeraai om formele prosesse te vertrou en te gebruik. Só word informele praktyke (soos dié van #MeToo) en formele praktyke (om formele klagtes teen die oortreder te lê) gekombineer. Die kombinasie daarvan het positiewe gevolge vir die slagoffers in die verhaal, want dit lei tot geregtigheid (asook die moontlike kansellasie van oortreders) en verandering. Dit blyk dan dat die verhaal ’n etiese aspek het omdat dit vir lesers demonstreer hoe om seksuele geweld effektief te hanteer.

Nietemin wys die verhaal dat patriargie ’n slagoffer van enigiemand kan maak. Soos bespreek in afdeling 2, kan patriargie blameer word vir seksuele geweld, want binne patriargale kontekste oorheers daar onregverdige sisteme en instellings. Hierdie sisteme bevoorreg cisgender, heteroseksuele manlike individue, sonder enige fisieke gestremdhede. Boonop word mans en vroue gesosialiseer om genderrolle in te neem. So word bostaande manlike individue dikwels in magsposisies geplaas en uitgemaak as die Subjek. Dit lei daartoe dat vroue of enige iemand anders wat nie aan die patriargale standaarde voldoen nie, as die Ander, onderdruk word. Aangesien patriargale kontekste sisteme in plek het wat hoofsaaklik mans bevoordeel, dra hierdie sisteme by tot die instandhouding van seksuele geweld en is dit moeilik vir vroue (of ander) om die betrokke sisteme uit te daag.

Excellentia is ’n patriargale instelling wat die Brothers se patriargale tradisies en praktyke in stand hou. Boonop trek sowel die Brothers as die skool – as agente van patriargie – voordeel uit hierdie verhouding. Die Brothers word nooit gekonfronteer nie, en die skool behou sy “elite” reputasie en trek finansieel voordeel uit die Brothers se ouers. As gevolg hiervan, word slagoffers soos Nathalie blameer en is dit vir haar as individu nie moontlik om die Brothers of die skool uit te daag nie. Daarom moet die meisies (en seuns soos Schalk) as kollektief saamstaan en hul eie #MeToo-beweging begin want as kollektief het hulle meer mag en bewyse om die patriargale sisteem van Excellentia te kritiseer en uit te daag.

Nogtans is mans, soos Schalk en moontlik Josef, ook slagoffers van patriargie. Josef verloor sy oog, omdat hy deur Nathalie oorrompel word, en Quinn noem dat hy ’n “loner” is. Sy nuwe “loner”-status kan toegeskryf word daaraan dat hy deur die Brothers verwerp is, omdat hy as seun nie meer voldoen aan hul patriargale standaarde op fisieke vlak nie.

Die Brothers gebruik onder andere Schalk se boor om loergate in Dylan se kas te boor. So word hy sonder sy toestemming betrek by hul tradisies wat weer ander (soos Quinn) skade aandoen. Bezuidenhout raak daarom ligtelik aan die #NotAllMen-diskoers en die nosie van “goeie” en “slegte” mans. Met die uitbeelding van Dylan en Schalk se karakters, illustreer sy dat om iemand as “goed” of “sleg” te etiketteer, nie regtig sinvol is nie want diegene wat “goed” lyk, soos Dylan,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

kan selfsugtig en immoreel optree om hul eie doelwitte na te streef. Ten spyte van Dylan wat ’n “undercover asshole” is, gee die karakter van Schalk die leser hoop dat daar wel mense en spesifiek mans is wat bewus is van genderongelykheid en bereid is om patriargie en enige ander onregverdige sisteme te beveg.

Net soos wat manlike karakters patriargale sisteme en tradisies uitdaag, is daar vroulike karakters, soos Luna aan die begin van die verhaal en ander anonieme meisies, wat die patriargale sisteem weer in stand wil hou. Die jeugverhaal beskou patriargie daarom vanuit ’n interseksionele en woke perspektief.

Vanuit die tematiese ontleding beskou ons *Quinn se jaar van kwik* as woke. Met die ontleding het ons bevind dat die drie hooftemas ook met mekaar in verband gebring kan word en só bied die verhaal ’n genuanseerde blik op seksuele geweld. Die verhaal wys in die eerste plek dat seksuele geweld verskeie fasette het en dat verkragting nie die enigste daad is wat as seksuele geweld beskou kan word nie. Die verskillende skadelike tradisies van die Brothers beklemtoon die bogenoemde: sommige meisies word afgeloer deur middel van die sleutelgat-tradisie en ander word fisiek of verbaal geteister deur die punteskrums. Die aparte insidente wat plaasvind weens die bestaan van die tradisies behoort uiteindelik aan dieselfde kategorie – seksuele aanranding. Boonop word die tradisies en daarom seksuele geweld binne ’n bepaalde ruimte, Excellentia, bestudeer. Só word daar uitgebeeld hoe onderdrukkende patriargale sisteme en instellings seksuele aanranding as vorm van patriargale onderdrukking in stand hou.

Daar word ook genuanseerd te werk gegaan met die uitbeeldings van wie slagoffers is en hoe oortreders (en onderdrukkende sisteme) uitgedaag kan word. Hoewel die verhaal hoofsaaklik fokus op die aanranding van vroulike karakters, maak die verhaal dit duidelik dat manlike karakters ook slagoffers van patriargale sisteme kan wees. Die verhaal beklemtoon daarom dat enige iemand, ongeag hul gender en of hulle as “goed” of “sleg” voorkom, slagoffers of oortreders kan wees. Boonop moedig Bezuidenhout lesers indirek aan om dapper te wees en saam te staan as kollektief om seksuele geweld uit te daag. Die uitdaging van seksuele geweld sluit die uitdaging (met behulp van informele én formele praktyke) van oortreders, asook onderdrukkende praktyke, tradisies of instellings in. Sosiale bewegings soos #MeToo en die sensitiewe kwessie van seksuele aanranding wat dit konfronteer word daarom met bewustheid hanteer en gevolglik beskou ons hierdie verhaal as woke.

Bibliografie

Anguiano, D. 2024. What does Harvey Weinstein’s New York ruling mean for his California rape convictions? *The Guardian*. https://www.theguardian.com/world/2024/apr/25/harvey-weinstein-los-angeles-conviction (19 Februarie 2025 geraadpleeg).

Atkins, J.S. 2023. Defining wokeness. *Social Epistemology*, 37(3):321–38.

Basu, R. 2019. Radical moral encroachment: The moral stakes of racist beliefs. *Philosophical Issues*, 29(1):9–23.

Bauer, A. 2018. Jordan Peterson and the #MeToo movement. *Medium*. https://\medium.com/@andreabauer/jordan-peterson-and-the-metoo-movement-baf7e7f6da9b (5 Februarie 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

BBC News. 2023. Harvey Weinstein timeline: How the scandal has unfolded. https://www.bbc.com/news/entertainment-arts-41594672 (6 Februarie 2025 geraadpleeg).

Beiner, A. 2020. Sleeping woke: Cancel culture and simulated religion. *Medium*. https://medium.com/rebel-wisdom/sleeping-woke-cancel-culture-and-simulated-religion-5f96af2cc107 (19 Februarie 2025 geraadpleeg).

Bergman, A.M. 2024. Social media and sexual abuse. *Social Media Victims Law Center*. https://socialmediavictims.org/sexual-violence/sexual-abuse/ (5 Februarie 2025 geraadpleeg).

Bezuidenhout, Z. 2024. *Quinn se jaar van kwik*. Midrand: LAPA Uitgewers.

Black Lives Matter. s.j. About Black Lives Matter. https://blacklivesmatter.com/about/ (6 Julie 2025 geraadpleeg).

Braun, V. en V. Clarke. 2012. Thematic analysis. In Cooper e.a. (reds.) 2012.

Britannica. 2024. Amish. https://www.britannica.com/topic/Amish (9 Februarie 2025 geraadpleeg).

Caldeira, S.P. 2024. Exploring feminisms on Instagram: Reflections on the challenges and possibilities of incorporating digital methods and strategies in feminist social media research. *Journal of Digital Social Research*, 6(1):74–89.

Cammaerts, B. 2022. The abnormalisation of social justice: "The anti-woke culture war" discourse in the UK. *Discourse & Society*, 33(6):730–43.

Cherry, M. 2020. Solidarity care: How to take care of each other in times of struggle. *Public Philosophy Journal*, 3(1)1–12.

Cooper, H., P.M. Camic, D.L. Long, A.T. Panter, D. Rindskopf en K.J. Sher (reds.). 2012. *APA handbook of research methods in psychology, vol. 2: Research designs: Quantitative, qualitative, neuropsychological, and biological*. Washington, DC: American Psychological Association.

Cupido, B. 2025. Verkrag-, korrupsieklagte teen polisie: "Gautengers word verraai". *Netwerk24*. https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/misdaad/verkrag-korrupsieklagte-teen-polisie-gautengers-word-verraai-20250206 (19 Februarie 2025 geraadpleeg).

De Klerk-Luttig, J. 2024. Jeanette de Klerk-Luttig: Só sypel "wokeness" skole binne. *Netwerk24*. https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/jeanette-de-klerk-luttig-so-sypel-wokeness-skole-binne-20240111 (19 Februarie 2025 geraadpleeg).

Douthat, R. 2020. 10 theses about cancel culture. *The New York Times*. https://www.nytimes.com/2020/07/14/opinion/cancel-culture-.html%20% (19 Februarie 2025 geraadpleeg).

Farrell, J. 2024. AI driving "explosion" of fake nudes as victims say the law is failing them. *Sky News*. https://news.sky.com/story/ai-driving-explosion-of-fake-nudes-as-victims-say-the-law-is-failing-them-13267459 (5 Februarie 2025 geraadpleeg).

Gillet, F. en L. Gozzi. 2024. Gisèle Pelicot's ex-husband jailed for 20 years in mass rape trial. *BBC News*. https://www.bbc.com/news/articles/c89xde5qzvgo (4 Februarie 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Go ask Alice!. 2025. What are the (sexual) bases? https://goaskalice.columbia.edu/answered-questions/what-are-sexual-bases (12 Februarie 2025 geraadpleeg).

Gonazles, M. 2023. The meaning of "woke". *SHRM*. https://archive.hshsl.umaryland.edu/entities/publication/7f0ed989-9cdb-4751-88a6-56f997e413fe (19 Februarie 2025 geraadpleeg).

Green, P. 2024. 5 boeke waarin sosiale media karakters se optrede beïnvloed. *Sarie*. https://www.netwerk24.com/sarie/boeke/5-boeke-waarin-sosiale-media-karakters-se-optrede-beinvloed-20240627 (5 Februarie 2025 geraadpleeg).

Haidt, J. 2022. Why the past 10 years of American life have been uniquely stupid. *The Atlantic*. https://www.theatlantic.com/magazine/archive/2022/05/social-media-democracy-trust-babel/629369/ (6 Februarie 2025 geraadpleeg).

Han, L. en Y. Liu. 2024. #metoo activism without the #MeToo hashtag: Online debates over entertainment celebrities' sex scandals in China. *Feminist Media Studies*, 24(4):657–74.

Harmon, S. 2019. "Me Too" beats "big dick energy" as Macquarie Dictionary's 2018 word of the year. *The Guardian*. https://www.theguardian.com/world/2019/jan/15/me-too-named-2018-word-of-the-year-by-australias-macquarie-dictionary (1 Februarie 2025 geraadpleeg).

Ivanova, I. 2023. Twitter is now X. Here's what that means. *CBS News*. https://www.cbsnews.com/news/twitter-rebrand-x-name-change-elon-musk-what-it-means/ (20 Februarie 2025).

Jaffe, A., I. Cero en D. DiLillo. 2021. The #MeToo movement and perceptions of sexual assault: College students' recognition of sexual assault experiences over time. *Psychology of Violence*, 11(2):1–21.

Jaffe, S. 2018. The collective power of #MeToo. *Dissent*, 65(2):80–7.

Leeder, A. 2020. A response to *All Lives Matter*. *Citizen Network*. https://citizen-network.org/library/a-response-to-all-lives-matter.html (6 Julie 2025 geraadpleeg).

Lourens, A. 2024. Wokeness en politieke korrektheid met spesifieke fokus op Zelda Bezuidenhout se *Die 3 van ons* (2021) en *Toe ons oneindig was* (2020). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 31(1):94–119.

—. 2025. 'n Ondersoek na wokeness in die Afrikaanse jeugliteratuur: 'n Gevallestudie van Zelda Bezuidenhout se jeugboeke. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Louw, M. 2024. Deveney Nel: 'n Stelsel wat kinders knou. *Rapport*. https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/n-stelsel-wat-kinders-knou-20240914 (5 Februarie 2025 geraadpleeg).

Mashamaite, M. 2025. #JusticeForCweCwe: Petition surges to more than 670,000 signatures as support grows nationwide. *Times LIVE*. https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2025-03-31-justiceforcwecwe-petition-surges-to-more-than-670000-signatures-as-support-grows-nationwide/ (28 Mei 2025 geraadpleeg).

Me too. s.j. History and inception. https://metoomvmt.org/get-to-know-us/history-inception/ (31 Januarie 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Murphy-Oikonen, J., K. McQueen, A. Miller, L. Chambers en A. Hiebert. 2020. Unfounded sexual assault: Women's experiences of not being believed by the police. *Journal of Interpersonal Violence*, 37(11/12):1–25.

Nau, C., M. Patel, A. Quan-Haase en J. Zhang. 2024. Putting people first: Unpacking the relationship between social media influencers and feminism. *Proceedings of the Association for Information Science & Technology*, 61(1):1051–4.

Ng, E. 2020. No grand pronouncements here. Reflections on cancel culture and digital media participation. *Television & New Media*, 21(6):621–27.

Noge, M.T. 2014. Evaluating patriarchy and gender inequality in an era of democracy: case of South Africa. MA-verhandeling, Noordwes Universiteit.

Norris, P. 2023. Cancel culture: Myth or reality? *Political Studies*, 71(1):145–74.

O'Neill, R. 2022. Notes on not knowing: male ignorance after #MeToo. *Feminist Theory*, 23(4):490–511.

Ortner, S.B. 2022. Patriarchy. *Feminist Anthropology*, 3:307–14.

Overell, R. 2024. *Don't Worry Darling*: The anxious question of what women want after #MeToo. *Journal for Psychoanalysis of Culture and Society*, 29(3):343–60.

Piurko, Y., S.H. Schwartz en E. Davidov. 2011. Basic personal values and the meaning of left-right political orientations in 20 countries. *Political Psychology*, 32(4):537–61.

Prinsloo, S. 2006. Sexual harassment and violence in South African schools. *South African Journal of Education*, 26(2):305–18.

Purnell, D. 2019. #Me(n)Too: Storying a male-on-male sexual assault. *Journal of Loss and Trauma*, 24(3):226–37.

Racco, M. 2018. Not all men: Why does #MeToo make some men angry? *Global News*. https://globalnews.ca/news/4177138/metoo-men-angry/ (7 Februarie 2025 geraadpleeg).

Rios-Gonzalez, O., A. Torres, E. Aiello, B. Coelho, G. Legorburo-Torres en A. Munte-Pascual. 2024. Not all men: The debates in social networks on masculinities and consent. *Humanities & Social Sciences Communications*, 11(67):1–10.

Rodríguez-García-de-Cortázar, A., I. González-Calo en C. Gómez-Bueno. 2024. What is the patriarchy doing in our bed? Violent sexual-affective experiences among youth. *Sexuality Research and Social Policy*, 22:424–34.

Romano, A. 2019. Why we can't stop fighting about cancel culture. *Vox*. https://www.vox.com/culture/2019/12/30/20879720/what-is-cancel-culture-explained-history-debate (19 Februarie 2025 geraadpleeg).

Rosenblatt, E. 2017. If you're woke you dig it: William Melvin Kelley. *Public Books*. https://www.publicbooks.org/if-youre-woke-you-dig-it-william-melvin-kelley/ (8 Februarie 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

Sexual violence prevention & response. s.j. University of California. https://sexualviolence.universityofcalifornia.edu/faq/ (4 Februarie 2025 geraadpleeg).

South African Government. 2025. What are sexual offence crimes? https://www.gov.za/faq/justice-and-crime-prevention/what-are-sexual-offence-crimes (3 Februarie 2025 geraadpleeg).

Thomas, J.C. en J. Kopel. 2023. Male victims of sexual assault: A review of the literature. *Behavioral Sciences*, 13(304):1–22.

Topinka, R.J. 2018. Politically incorrect participatory media: Racist nationalism on r/ImGoingToHellForThis. *New Media & Society*, 20(5):1–25.

Tuerkheimer, D. 2019. Beyond #MeToo. *New York University Law Review*, 94:1146–1208.

Twist, M.L.C. 2021. Beyond the numbers: A demand for a post-rape age. *Journal of Feminist Family Therapy*, 33(2):206–15.

Velasco, J.C. 2020. You are cancelled: Virtual collective consciousness and the emergence of cancel culture as ideological purging. *Rupkatha Journal on Interdisciplinary Studies in Humanities*, 12(5):1–7.

Vorster, M. 2024. *Quinn se jaar van kwik* deur Zelda Bezuidenhout: 'n resensie. *LitNet*. https://www.litnet.co.za/quinn-se-jaar-van-kwik-deur-zelda-bezuidenhout-n-resensie/ (8 Februarie 2025 geraadpleeg).

World Health Organisation. 2012. Understanding and addressing violence against women. https://iris.who.int/bitstream/handle/10665/77434/WHO_RHR_12.37_eng.pdf;jsessionid=1AF5D69E1ECB987A6F45168EE4C3F25B?sequence=1 (3 Februarie 2025 geraadpleeg).

Wyngaard, B. 2018. #MeToo, #TimesUp … en die Nobel-literatuurprys duik in die hek. *LitNet*. https://www.litnet.co.za/metoo-timesup-en-die-nobel-literatuurprys-duik-die-hek/ (3 Februarie 2025 geraadpleeg).

Zimmerman, J. 2014. Not All Men: A brief history of every dude's favorite argument. *Time*. https://time.com/79357/not-all-men-a-brief-history-of-every-dudes-favorite-argument/ (7 Februarie 2025 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] Hierdie artikel is gedeeltelik gebaseer op Alana Lourens se MA-verhandeling onder die studieleiding van dr Adendorff. Alana Lourens bedank die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die beurs wat die studie moontlik gemaak het.

[2] Twitter staan sedert einde Julie 2023 bekend as X nadat Elon Musk in 2022 die platform gekoop het (Ivanova 2023).

[3] Ongelukkig was daar newe-effekte: In plaas daarvan om die fokus op slagoffers en hul genesingsreis te plaas, het dit eintlik die oortreders en hul aksies meer lugtyd gegee (Jaffe 2018:80). Dié newe-effek is onder meer geïdentifiseer tydens die saak teen Weinstein waar sy naam en kansellasie meer media-aandag ontvang het as sy slagoffers (BBC 2023).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

[4] Linksheid word met die klassieke liberale dimensie geassosieer waar vryheid en transformasie beklemtoon word (Piurko, Schwartz en Davidov 2011:542). Die konserwatiewe dimensie, wat "regs" is, prioritiseer die instandhouding van persoonlike waardes, reëls en sekuriteit (Piurko e.a. 2011:543).

[5] #JusticeForCweCwe is gestig met die doelwit om bewustheid te skep rondom die beweerde verkragting van 'n sewejarige dogtertjie by haar laerskool in die Oos-Kaap in 2025 (Mashamaite 2025).

[6] Die artikel se konseptualisering van wokeness en begrippe soos kanselleerkultuur is gebaseer op Alana Lourens se MA-verhandeling (2025) asook 'n ander artikel soos gepubliseer in *Tydskrif vir Afrikaans en Nederlands* (2024).

[7] Die idee van 'n "rape script" is vroeër as 'n tipe "standaard" opgestel om te bepaal wat presies verkragting is. Vroulike slagoffers, wat dapper genoeg was om 'n klag teen die oortreder te lê, moes baie spesifieke stappe volg wanneer hulle hul ervarings tydens die lê van die klag gedeel het. Sy moet eerstens bewys dat die seksdaad sonder toestemming plaasgevind het. Daarna moet sy direk stel of wys dat die daad teen haar wil was en op haar afgedwing is. Sy moet voorts stel dat die oortreder haar op fisieke vlak oorweldig het, maar dat sy, tot die beste van haar vermoë, weerstand gebied het teen sy krag (Thomas en Kopel 2023:1–2).

[8] Die Gisèle Pelicot-saak in Frankryk is 'n goeie voorbeeld wat demonstreer hoe belangrik dit is om die skaamte en skuld van die slagoffer na die oortreder om te keer. Gisèle, die slagoffer, het besluit om die verhoor teen haar man (en ander oortreders) openbaar te maak alhoewel sy die reg gehad het om totaal anoniem te bly (Gillet en Gozzi 2024). Sy het blykbaar self gestel dat haar doelwit was om seker te maak "shame change[s] sides" (Gillet en Gozzi 2024).

[9] 'n Sosiale en politieke beweging gestig in 2013 as reaksie op die onskuldigbevinding van Trayvon Martin wat aangekla was van die moord op George Zimmerman (Black Lives Matter s.j.). Hierdie beweging se doelwit is om sosiale geregtigheid ten opsigte van ras te laat seëvier (Black Lives Matter s.j.).

[10] 'n Verklaring of reaksie teen #BlackLivesMatter (Leeder 2020).

[11] Die titel van die jeugboek kan geskakel word aan een van die verhaal se temas – chemie. Quinn (die hoofkakarakter) wil 'n toksikoloog word as gevolg van haar belangstelling in chemie (45). Kwik is een van die min elemente wat vloeibaar is teen kamertemperatuur (45). Verder vorm kwik nie maklik verbindings met ander elemente nie. Quinn vergelyk haarself met kwik wanneer sy nadink oor haar posisie as nuwe leerder by Excellentia: Sy wil "oral wees en alles doen" sonder om té betrokke te raak by die skool en om verbindings te vorm met ander leerders (26). Soos wat sy bewus word van die Brothers se tradisies en sy en haar vriendinne deur hulle geteiken word, besef sy dat sy meer soos ammoniumnitraat in water as kwik is (98). Sy besef sy kan nie soos kwik wees en wegkyk of nie betrokke raak nie. Haar frustrasie en woede vanweë die feit dat die Brothers nooit verantwoordbaar gehou word nie, laat haar besef dat sy moet baklei vir dit wat reg is (107–8).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2b8

[12] Quinn vergelyk die skool met ’n Amish-gemeenskap (160). Dit bevestig die beeld van die skool as geïsoleerde, streng en tradisievaste gemeenskap wat basies onafhanklik van die res van die wêreld funksioneer. Boonop lyk en tree die lede soortgelyk op vanweë hul konformering met die gemeenskap en sy tradisies (Britannica 2024).

[13] Selfs die gekose graad 8’s is bang vir die Brothers (90). Dit dra heel waarskynlik by tot hul deelname aan hul praktyke. Daarby is hulle bang om ander van die Brothers se geheime te vertel, omdat hulle nie hul gesinslede (wat reeds Brothers is) in die steek wil laat nie en omdat hulle dan self deur die Brothers geteiken kan word (90).

[14] Dit is die gevolgtrekking wat deur Quinn gemaak word oor hoekom ’n populêre seun soos Schalk nie ’n Brother is nie. Verder glo sy dat soort-soek-soort in hierdie keuringsproses plaasvind en daarom is Schalk, wat nie volledig in die patriargale ideale inkoop nie, nooit genader nie (83).

[15] Volgens “Go ask Alice!” (2025), sluit “second base” die aanraking van die vroulike persoon se borste in.

[16] Hulle, as kollektief, vergelyk hulself boonop met Charlie’s Angels (70, 100, 151, 184). Jozi noem vir Quinn “buttercup” wat weer herinner aan die drie Powerpuff Girls (73, 184, 200).

[17] Volgens die Brothers is sy die “vyand” of “gif” wat hul patriargale sisteem bedreig, aangesien sy die een is wat hul problematiese tradisies uitdaag. Tog, in realiteit, is Quinn die een wat die “gif” – oftewel die Brothers se patriargale tradisies en skoolsisteem – wil “onttrek” om sodoende die skoolomgewing veiliger en regverdig vir almal te maak.

Godsdienswetenskappe

ISSN 1995-5928

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

Jona en sy teologiese trauma

Fanie (S.D.) Snyman

Fanie (S.D.) Snyman, Departement Ou en Nuwe Testamentiese Studies,
Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Jona bly een van die interessantste boeke in die Bybel. In hierdie artikel is die fokus teologiese trauma. Die navorsingsvraag wat ondersoek word, kan dus soos volg geformuleer word: Wat sou die resultaat wees as die boek Jona vanuit die oogpunt van teologiese trauma ondersoek word? Met *teologiese trauma* word verwys na iemand (in dié geval die profeet Jona) se begrip en belewing van God en hoe juis dít trauma by die persoon veroorsaak as die werklikheid van sy belewing anders is as sy begrip van God. Die navorsingsprobleem wat ondersoek word, is dus die vraag na hoe Jona se teologiese trauma beskryf kan word.

In die lig van die navorsingsprobleem val die klem op ’n literêre lees van die teks teen die agtergrond van ’n posteksiliese era gedurende die Persiese heerskappy oor die provinsie Jehoed. Jona se teologiese trauma is sy ervaring dat God konsekwent God is. God handel ooreenkomstig Jona se belydenis aangaande Hom, terwyl Jona dit eintlik anders verwag. Terwyl God konsekwent God is ooreenkomstig die geloofsbelydenisse van Israel in die verlede, bly Jona konsekwent Jona in sy teleurstelling met God en God se optrede teenoor die inwoners van Nineve, en ook sy optrede teenoor hom as profeet.

Anders as die omskrywing van teologiese trauma waarmee daar aanvanklik gewerk is, naamlik dat teologiese trauma ontstaan in die kortsluiting tussen persone se begrip van God en hoe God optree, vertoon teologiese trauma ’n bykomende dimensie in die boek Jona: Die oorsaak van Jona se teologiese trauma lê by God se konsekwentheid. Wat van God bely word, is dat God God is in dit wat God doen. Jona se verwagting van God is dat God teenstrydig met God se aard moet optree. Wanneer dit nie gebeur nie, is die resultaat Jona se teologiese trauma.

Trefwoorde: Jona; literêre lees; navorsingsoorsig; traumateorie; teologiese trauma

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

Abstract

Jonah and his theological trauma

The book of Jonah in the Old Testament / Hebrew Bible remains one of the most well-known books in the entire Bible. The book tells the captivating story of an unwilling prophet who, as a result of his refusal to be a prophet called by YHWH to the Ninevites, was swallowed by a big fish but survived the incident after spending three days in the belly of the enormous fish. Old Testament scholars have never ceased to be fascinated by this book. A steady stream of publications on the book probing new and different interpretations can be noted year after year.

Recently, the study of trauma and trauma theory has become a notable trend in Old Testament / Hebrew Bible studies. It is interesting, for instance, to note that the most recent congress of the Old Testament Society of South Africa, hosted at Unisa in 2024, was presented with the theme of "Migration, war, trauma and sacred texts". The book of Jonah, in particular, has been subjected to investigation through the lens of trauma. There is little doubt that Jonah suffered physical trauma. To bluntly disobey a prophetic calling from YHWH and decide to flee from YHWH by boarding a ship to take him to a destination as far away as possible from the presence of the God who had called him to prophesy to the Ninevites would have been nothing but an experience of physical trauma. To experience a storm at sea so severe that even seasoned sailors became afraid that they might perish would have added to the prophet's experience of physical trauma. To be thrown overboard into the sea, which "grew even wilder than before" (Jonah 1:13), facing a certain death, would have been nothing but trauma.

Furthermore, then to be swallowed by a big fish and survive the incident after three days would have amounted to severe trauma. Trauma is often described as coming face to face with death itself, and that is exactly what happened to Jonah in the belly of the fish. In the last chapter of the book it is said that Jonah "was greatly displeased and became angry" (4:1). A few verses later he expresses the wish to die – "for it is better for me to die than to live" (4:3) – and the last time we read something about what Jonah said, he repeats his death wish: "I am angry enough to die" (4:9). Once again, to come face to face with the reality of death is an experience of trauma.

Contributions were also made by reading the book through the lens of a postcolonial trauma framework. Focus was placed on the material wounds brought about by colonialisation, locality in remembering the colonial period, and the role collective memory plays in the individual as part of a community.

In this contribution the lens of trauma is narrowed down to theological trauma. No evidence could be found of an investigation of theological trauma experienced by Jonah. *Theological trauma* refers to the concept and experience of God by someone (in this case Jonah) and how exactly this is the cause of trauma for the person involved. When someone's concept and experience of God are in conflict with the action or lack of action from God in reality, theological trauma is the result. Where there is tension between what is apparently happening in the realm of history and a group's or an individual's concept of God, one may speak of theological trauma.

This, then, is the research problem investigated in this contribution: How can Jonah's theological trauma be described? Jonah, as a prophet, does have a knowledge and concept of God in his mind, which is in tension with his experience of God. The method to be followed to

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

provide an answer to this problem is to focus on the literary characteristics of the text combined with the historical background of the post-exilic period during the late Persian rule over the province of Yehud.

Jonah is a prophet called by YHWH. As a prophet, he has a particular concept of who God is and what God does. Jonah is well acquainted with YHWH, "the God of heaven who made the sea and the land" (Jonah 1:9). He is well aware of God as the God of creation, a tradition that became particularly important in exilic and post-exilic times in Judah. Jonah's concept of God is also seen in his prayer to YHWH in Jonah 4:2: "I knew that you are a gracious and compassionate God, slow to anger and abounding in love, a God who relents from sending calamity." This confession serves as a reminder of one of the most important statements made about who YHWH is in the Old Testament / Hebrew Bible (Ex 34:6–7) and is repeated several times in other parts of Scripture as well (Pss 85:15; 103:8; 145:8; Joel 2:13; Neh. 9:17; Num. 14:18). Apart from the confessions Jonah makes about who God is, he does what is expected of a prophet: He prays (2:1–9; 4:2); he delivers a prophecy (3:4); he enters into a direct conversation with God, where God answers him (4:3–10). Jonah also has an experience of his calling to be a prophet (1:1–3; 3:1–3), and he also has first-hand experience of YHWH's salvific acts in his personal life and in what happened to the Ninevites.

This, however, is the cause of theological trauma for Jonah. Jonah, despite his confession that YHWH is the creator of the sea and the land, attempts to flee from this God. It is also noteworthy that Jonah identifies himself first of all as a Hebrew and then as one who worships YHWH. To be a Hebrew is more important than to act as a prophet telling the people about who God is. There is a tension between Jonah's correct confession of who God is and, at the same time, his opposition to this very God, who, because God is the creator of the sea and the land, may bestow God's grace upon whomever God wishes to do so.

In Jonah 2, theological trauma is also present. What Jonah knows and confesses about YHWH is in conflict with Jonah's actions. Jonah tries to flee from the God who is the creator of the heaven and the earth, but it is impossible to do so. It is from the furthest point away from God that Jonah has to call on God to come and rescue him from a certain death. This conflict between Jonah's confession and what he tried but failed to accomplish amounted to theological trauma.

Jonah's theological trauma is further illustrated in his reaction to the conversion of the king and people of Nineveh. In Jonah 4:1, Jonah is described as being "greatly displeased and angry". Jonah is well aware of the fact that God is "a gracious and compassionate God, slow to anger and abounding in love, a God who relents from sending calamity", according to his own testimony in Jonah 4:2. When God then acted in accordance with who God is, Jonah is not at all satisfied. This is the cause of theological trauma for Jonah. Theological trauma for Jonah means that God acts according to the revelation of who God is and what God does, as was said in Exodus 34:6–7. When it then happens in this way, Jonah becomes "greatly displeased and angry" (4:2). Jonah blames God for his grace and compassion, that God is slow to anger and abounding in love. The result of all this is theological trauma.

In the last verses of the book, Jonah's theological trauma becomes so intense that it amounts to a death wish. For Jonah, it is better to die rather than live. In this sense, Jonah's theological trauma remains unresolved. Jonah's theological trauma means that God remains who God is. God acts in accordance with the century-old confessions about God. That God remains God is unacceptable to Jonah, and he is consequently deeply disappointed with God and God's gracious actions towards the people of Nineveh. This is the theological trauma Jonah has to suffer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

Present-day believers also have a concept of and confessions about who God is and how God ought to act. God is, however, infinitely more than the concepts human beings may have of God. Present-day believers may also have an experience of theological trauma when the concept or expectations they might have of God differs from the reality of everyday life.

Keywords: Jonah; literary reading; research overview; theological trauma; trauma theory

1. Inleiding

Die boek Jona in die Ou Testament / Hebreeuse Bybel bly een van die bekendste boeke in die Bybel. Jona is ’n profetiese boek wat deel is van die sogenaamde *corpus propheticum* van die Hebreeuse Bybel, maar vertel ’n verhaal meer as ’n versameling profesieë van die profeet. Tereg word die boek een van die Bybel se bekendste verhale genoem (Craig 1993:1). Jona se buitengewone verhaal van ’n persoon wat deur ’n groot vis ingesluk en uitgespoeg word (en bly leef!), bly mense (oud en jonk) interesseer. Die boek bly ook Ou Testamentici boei. Ouer probleme en nuwe benaderings tot die boek word gesien in die konstante stroom publikasies wat daaroor handel. In die navorsingsoorsig hier onder word nie minder nie as nege tendense in onlangse navorsing op die boek geïdentifiseer.

2. Probleemstelling en metodologiese oorwegings

Die boek Jona kan as ’n meerduidige vertelling beskou word (Schlenke 2018:529) en word daarom uit ’n verskeidenheid van invalshoeke gelees. In hierdie bydrae word die verhaal van Jona gelees deur die lens van trauma en traumateorie. Trauma en traumateorie het in die onlangse verlede ’n al hoe meer opmerklike tendens in die bestudering van die Ou Testament / Hebreeuse Bybel geword (Becker, Dochhorn en Holt 2016; Boase en Frechette 2016; Boase 2024; Garber 2005; 2015:24–44; Groenewald 2018a:353–64; 2018b:88–102; Hutten 2024; Janzen 2020; Maier 2020:67–82; Markl 2022:412–27; Tillema 2023:153–4). So byvoorbeeld is die 2024-jaarkongres van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika by Unisa aangebied onder die tema “Migration, war, trauma and sacred texts”.

Die bestudering van trauma vind sy wortels in die vakgebied van die sielkunde, waar teoretiese modelle vir die verskynsel van trauma in die laaste jare van die 19de eeu ontwikkel is (Groenewald 2018a:354). Navorsing oor die verskynsel van trauma word in die 20ste eeu oorheers deur die twee Wêreldoorloë (1914–1918 en 1939–1945). Groenewald (2018a:356) beskryf trauma as ’n ontmoeting met die dood waardeur mense ingetrek word in die sfeer van dood omdat die radikale ervaring(s) mense se bekende omgewing vernietig tesame met al die kennis wat met hulle wêreld saamhang (Groenewald 2018a:356).

Die boek Jona is al deur die lens van traumateorie ondersoek. Claassens (2015:655–73; 2021:576–87; 2022:1–13; 2023:36–52; 2024) het in verskillende publikasies belangrike navorsing in dié verband gepubliseer.

In hierdie bydrae word die lens van traumateorie verder verfyn na teologiese trauma. Met *teologiese trauma* word verwys na ’n persoon (in dié geval die profeet Jona) se begrip en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

belewing van God en hoe juis dít trauma by die persoon veroorsaak as die werklikheid van sy belewing anders is as sy begrip van God. Die term *teologiese trauma* word dus gebruik om ’n omstandigheid of situasie te beskryf waar dit wat beleef word, nie klop met ’n persoon of groep se begrip van God nie (Snyman 2023:1). Wanneer ’n situasie of omstandigheid ontstaan waar dit wat gebeur, nie klop met die idee of begrip van God nie, ontstaan daar spanning tussen die individu of groep aan die een kant en God aan die ander kant. Die spanning wat so ontstaan, kan dan beskryf word as teologiese trauma; dit is immers die individu of groep se geloofsoortuigings aangaande God wat geraak en selfs ontwrig word. Die navorsingsprobleem wat ondersoek word, is dus die vraag na hoe die profeet Jona in die boek Jona se teologiese trauma beskryf kan word. In die lig van die navorsingsprobleem val die klem op ’n literêre lees van die teks van die boek teen die agtergrond van ’n posteksiliese era gedurende die Persiese heerskappy oor die provinsie Jehoed, ’n periode wat Claasens (2022:8) goed in haar publikasie belig. Hierdie metodologiese weg word gekies omdat die probleem van teologiese trauma in die boek Jona nog nie voorheen ondersoek is nie. Daar is dus gekies vir ’n weg om aanvanklik net op ’n literêr-historiese aanpak te fokus. Dit sou interessant wees om die verskynsel van teologiese trauma in die boek Jona vanuit die hoek van ’n narratiewe lees van die teks te doen, maar dit sou die ondersoek verder neem as die eerste poging om teologiese trauma aan die hand van ’n literêr-historiese aanpak te identifiseer.

3. Navorsingsoorsig

’n Behoorlike oorsig van die navorsing oor die boek Jona net sedert die begin van die 21ste eeu sou ’n publikasie (waarskynlik ’n monografie) op sigself verg. Havea (2016:1) toon aan hoe die boek telkens nuut ondersoek word met behulp van nuwe metodologiese invalshoeke. In ’n onlangse artikel skets Tillema (2023) ’n oorsig van tendense in die navorsing oor die boek. Kortliks word die volgende tendense onderskei met betrekking tot navorsing wat oor die afgelope 15 jaar oor die boek gedoen is. Die eerste tendens word onder die hofie van strukturalistiese benaderings bespreek (ble. 149–50). Aandag aan die datering van die boek is die tweede tendens wat bespreek word (ble. 150–1). Die derde tendens word beskryf as die ondersoek na humor in die boek en die ondersoek na die literêre genre van die boek (ble. 151–4). Ter sake in hierdie ondersoek is dat opgemerk word hoe daar meer onlangs ’n belangstelling in trauma en die boek ontstaan het (ble. 153–4). Die vierde tema wat die aandag van navorsers getrek het, is die plek en funksie van die boek in die korpus van die sogenaamde Boek van die Twaalf (ble. 154–5). Die vyfde tendens word bespreek onder die hofie van feministiese en androsentriese benaderings tot die boek (ble. 155–6). ’n Volgende tendens wat onderskei word, is om die boek as postkoloniale literatuur te lees (ble. 156–9). Die sewende tendens wat genoem word, is psigologiese benaderings tot die lees van die boek (ble. 159–60). ’n Agste tendens is die aandag wat gegee word aan ’n ekologiese benadering tot die boek (ble. 160–3). Die laaste tendens behels ’n ondersoek na die resepsiegeskiedenis van die boek (ble. 163–5).

Wat navorsing oor Jona en trauma betref, is daar min publikasies wat op hierdie tema spesifiek fokus. Claassens (2015:655–73; 2021:576–87; 2022:1–13; 2023:36–52; 2024) het belangrike bydraes in dié verband gelewer. Haar lees van die boek geskied deur die lens van traumahermeneutiek en, meer spesifiek, ’n postkoloniale traumaraamwerk. Claassens kombineer dus die belangstelling in trauma en die boek Jona en ’n postkoloniale lees van die boek wat beide benaderings as tendense in die navorsing op die boek aantoon. Claassens se vertrekpunt is ’n postkoloniale traumaraamwerk (Claassens 2021:577). Hierdie benadering

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

fokus op drie aspekte: materialiteit (rakende die materiële wonde wat kolonisasie meegebring het), ruimtelikheid (rakende die rol van lokaliteit in die herinneringe aan kolonialisme) en kollektiwiteit ('n ondersoek na die rol van die individu in die kollektiewe trauma van 'n gemeenskap) (ble. 578–80). Toegepas op die boek Jona het die aspek van materialiteit te doen met die werklikheid van die wonde van kolonialisasie. Die simpatie van postkolonialistiese uitleggers van die boek lê dus by Jona wat die ervaring van koloniale uitbuiting deur die Assiriese heerskappy ervaar het (ble. 580–1). Wat ruimtelikheid betref, is Nineve die episentrum van soveel traumatiese herinneringe wat vir so lank deel van die destydse Israel se wêreld was. Nineve dien dan as die simbool van die aartsvyand van Israel (ble. 581). Wat betref die aspek van kollektiwiteit, dien Jona as die individu wat die woede en frustrasie van baie Judeërs verteenwoordig gedurende die tyd van die Persiese heerskappy (ble. 582–3). Die boek Jona bied lesers daarvan dus 'n blik op die traumatiese uitwerking van kolonialisasie (ble. 585–6).

4. 'n Bondige oorsig van die opbou en inhoud van die boek Jona

Om die navorsingsprobleem te ondersoek, is dit nodig om 'n beeld te kry van die inhoud en opbou van die boek in sy geheel. Daar is aksentverskille onder geleerdes met betrekking tot die opbou van die boek, maar daar is tog redelike eenstemmigheid dat Jona bestaan uit vier hoofstukke wat in twee dele verdeel kan word, in duidelike simmetriese segmente (Mathews 2020:252–61; Potgieter 1990:17):

A1: Jona 1:1–3 – **Opdrag 1**
A2: Jona 1:4–16 – Nood ter see:
Binne die skip
Jona se getuienis (Jona 1:9)
Reaksie van die heidene
A3: Jona 2:1–10 – Buite die skip:
Wondervis
Gebed (Jona 2:3–10)

B1: Jona 3:1–3a – **Opdrag 2**
B2: 3:3b–10 – Nood op land:
Binne die stad Nineve
Jona se preek (Jona 3:4)
Reaksie van die heidene (Jona 3:5–10)
B3: Jona 4:1–11 – Buite die stad:
Wonderboompie
Gebed (Jona 4:2–3)
God en Jona in gesprek (4:4–11).

Dié bondige uiteensetting van die opbou en inhoud van die boek toon duidelik die simmetriese opbou daarvan. Teenoor die eerste opdrag aan die begin van die boek staan die tweede opdrag aan die begin van hoofstuk 3; die nood ter see vind sy teenpool in die nood van die stad; teenoor die kaptein van die skip en die matrose staan die koning van Nineve en die inwoners van die stad; teenoor Jona se getuienis staan sy preek; en teenoor die wondervis staan die wonderboompie. In beide gedeeltes word daar 'n gebed van Jona gevind. Wat opval, juis omdat

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

dit buite die simmetriese opbou van die boek val, is die gesprek tussen God en Jona aan die einde van die boek, in Jona 4:4–11.

5. Jona en sy fisieke trauma

Benewens die teologiese trauma van Jona wat die fokus van hierdie artikel is, is dit uit die loop van die verhaal ook duidelik dat Jona ook fisieke trauma beleef. Jona se vlug "weg van die Here af" (Jona 1:3) was 'n fisieke trauma. Nineve lê in 'n oostelike rigting, terwyl Tarsis in 'n westelike rigting lê. Tarsis word gewoonlik gelokaliseer as 'n plek in Spanje, en volgens Van der Woude (1985:20) "een aanduiding voor een zeer verwijderd oord" aan die verste uithoek van die destyds bekende wêreld. Tarsis was so ver as moontlik weg van Nineve af (Allen 1976:204; Nel 1988:8). Jona wou dus so ver as moontlik wegkom van sy opdrag en, belangriker, "weg van die Here af" (Jona 1:3; Wolff 1986:103). Om voor JHWH te staan het die betekenis van "om in diens van JHWH te staan" wanneer dit in verband met priesters en profete gebruik word (Van der Woude 1985:20). Jona vlug dus ook weg van sy diens aan JHWH. Daar is by verskeie persone wat deur JHWH geroep is om in sy diens te staan, 'n element van aanvanklike huiwering (Moses, Jeremia), maar in die geval van Jona kan sy optrede as ekstreem beskryf word. Wanneer bygevoeg word dat die Israeliete nooit werklik 'n seevarende volk was nie, maak dit Jona se optrede des te meer buitengewoon. Vir Jona om 'n reiskaartjie vir 'n bootrit te koop om hom van Joppe af na Tarsis te neem, was 'n ongewone en ekstreme maatreël vir 'n Israeliet wat nie bekend was met seevaart nie. Om op so 'n wyse letterlik weg te tree van JHWH se roeping om in sy diens te staan, deur op see weg te vlug, beteken fisieke trauma.

Om selfs in hedendaagse tye in 'n storm op see te beland is 'n traumatiese ervaring. In die tyd van die Ou Testament was dit waarskynlik nog meer so. Die matrose se vrees word twee keer uitdruklik vermeld (Jona 1:5, 10). Waar hulle aanvanklik in vers 5 bang was, neem hulle vrees toe en word hulle in vers 10 beskryf as "baie bang". Vir hulle was die storm 'n traumatiese ervaring. In skrille kontras met die matrose se ervaring van angs, lê Jona onder in die skip vas aan die slaap (Jona 1:5). Die rede vir die buitengewone optrede van Jona word nie gegee nie, en gevolglik het geleerdes aan verskillende moontlikhede gedink. Is Jona aan die slaap weens die fisieke en emosionele uitputting, 'n valse gerustheid dat hy geslaag het in sy missie om van sy opdrag te vlug, selfbedrog (Rudolph 1971:341), ontvlugting van sy onmoontlike omstandighede? Die outeur van die boek gee geen verduideliking vir Jona se vreemde optrede nie en daarom moet 'n mens versigtig wees vir bespiegeling, maar dit is nie onmoontlik dat sy vreemde optrede toe te skryf is aan die fisieke trauma wat hy moes verduur het as gevolg van sy optrede nie.

Jona se ervaring in die ingewande van 'n groot vis was 'n ervaring van fisieke trauma. As trauma verstaan word as 'n ontmoeting met die dood (Groenewald 2018a:356), dan voldoen Jona se ervaring in Jona 2 aan die vereistes van fisieke trauma. Hy beleef homself as "diep in die doderyk" (Jona 2:2); "diep in die see", waar 'n watermassa hom omring (Jona 2:3); hy het "afgesak tot by die fondamente van die aarde" (Jona 2:6). Hierdie is metafore wat verwys na die dood, waar daar geen uitkoms is nie, want "die aarde het my vir altyd toegesluit" (Jona 2:6).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

Jona se prediking aan die mense van Nineve, wat toe tóg tot bekering kom tot ontsteltenis van Jona (Jona 4:1), kan beskryf word as ’n stuk trauma wat hy beleef het. Volgens Jona 4:1 is Jona ontsteld en kwaad. Steeds teen sy sin en onder goddelike dwang is hy ’n profeet in Nineve waarin hy bondig (in slegs vyf Hebreeuse woorde!) onheil en veroordeling verkondig sonder enige vooruitsig op heil en verlossing.

Jona se ervaring buite die stad wat in Jona 4 beskryf word as een van hewige ontsteltenis en die emosie van woede, is ’n aanduiding van trauma wat hy ervaar, in so ’n mate dat hy selfs wens om te sterf (Jona 4:3, 8, 9). Na Jona se aanvanklike vreugde oor die wonderplant, is hy na die verwelking van die wonderplant swak en wens hy om te sterf, ’n wens wat hy dan ook in soveel woorde uitspreek: “Dit is vir my beter om te sterf as om te lewe” (Jona 4:8). Jona se fisieke trauma word ook verwoord in die laaste woorde uit sy mond in die boek: “Ek is besig om te sterf” (Jona 4:9). Vanuit Jona se oogpunt beleef hy ’n ontmoeting met die dood, en dit is fisiek traumaties.

Jona se belewenis van fisieke trauma is dus ’n deurlopende tema in die boek.

6. Jona se teologiese trauma

Om Jona se teologiese trauma te peil, moet daar gepoog word om Jona se begrip van God te probeer vasstel. Jona se begrip van God word gesien in die verskillende uitsprake wat hy maak oor God en belewenisse wat hy het van God. Hy maak uitsprake oor God (Jona 1:9), hy bid (Jona 2:1–9; 4:2–4), hy profeteer (Jona 3:4), en hy is direk in gesprek met God (Jona 4:4–11). Hy beleef God se roeping tot hom om as profeet op te tree (Jona 1:1–3; 3:1–3) en hy beleef God se redding van hom, die seevaarders en die inwoners van Nineve.

Jona se begrip van God en God se wyse van doen is in konflik met Jona se verwagting van God, en dit vorm die kern van sy teologiese trauma. Daar is dus ’n teenstrydigheid tussen Jona se idee of begrip van God en hoe God optree aan die een kant, en sy verwagting van God aan die ander kant.

Jona se teologiese trauma word alreeds in die openingsverse van die boek sigbaar. Jona ontvang die opdrag van die Here om die groot stad Nineve aan te spreek. Sy reaksie op die roeping as profeet is ekstreem. Waar ander profete (Moses in Eks. 3; Jesaja in Jes. 6; Jeremia in Jer. 1; Esegiël in Eseg. 1) in die Ou Testament / Hebreeuse Bybel hul huiwering uitspreek om gehoorsaam te wees aan die roeping tot profeet, kies Jona om veel meer as net huiwering uit te spreek. Hy vlug per skip na Tarsis. Jona se ekstreme ontvlugting van sy roeping tot profeet is uniek in die profetiese literatuur van die Ou Testament / Hebreeuse Bybel. Dat die Here vir hom wat Jona is, kon roep om as profeet op tree in die hoofstad van die Assiriërs, het hom in konflik gebring met sy verwagting van wie God is en hoe God behoort te handel.

In Jona 1:9 praat Jona vir die eerste keer in die boek en spreek hy wat ’n geloofsbelydenis genoem kan word aangaande God uit (Golka 1991:57; Limburg 1993:54; Van der Woude 1985:25). Jona vrees die Here, die God van die hemel wat die see en vasteland gemaak het (Jona 1:9). Die opvallende is dat Jona homself eers as ’n Hebreër identifiseer. Die term *Hebreër* is die term waarmee Judeërs deur ander volke aangedui is. Dit sou dus moontlik wees dat Jona homself bekendstel aan vreemdelinge wat die Judeërs nie ken nie. Dit is egter ook moontlik

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

dat Jona hom eers as Hebreër identifiseer, waardeur die belangrikheid van sy nasionaliteit beklemtoon word. Jona is éérs Hebreër en dán profeet wat uitsprake oor en namens God maak. Vir Deist (1981:23) is Jona se Hebreërskap belangriker as sy sending en as die onheil wat die bemanning op die skip getref het.

Jona dui die God in wie se diens hy staan en met wie hy ’n persoonlike verbintenis het, aan as JHWH, die God wat Homself so aan Moses bekendgestel het (Eks. 3:14). JHWH is ook die God wat Homself in ’n verbond verbind het aan die volk Israel (Eks. 19–24). Om God aan te dui as die God van die hemel, identifiseer God as die een en enigste God, die bron van alle mag en gesag (Allen 1976:209). Dit was veral ook die term wat gebruik is om die God van Israel/Juda in die Persiese tyd na die ballingskap aan te dui (Bolin 1997:84; Golka 1991:56; Wolff 1986:115). Met hierdie uitspraak word God aangedui as die een God wat bo enige ander god verhewe is (Baldwin 1993:559–60). God is dus nie (net) die plaaslike God van die Judeërs nie; God is inderdaad die universele God van almal. God word verder aangedui as die God wat die see en die droë land gemaak het. Jona is dus bekend met die skeppingstradisie, wat veral in die tyd van die ballingskap en daarna belangrik geword het. In Genesis 1:9 word die skeiding tussen die see en die droë land beskryf, en in Psalm 95:5 kom die skepping van die see en droë grond ook ter sprake. Die see is dus ook die gebied van JHWH se heerskappy (Wolff 1986:115). Dit is interessant om daarop te let dat die eerste helfte van die boek afspeel op (en in) die see, terwyl die tweede helfte van die boek op die land afspeel.

Ten spyte van sy belydenis dink Jona hy kan die God van die see ontvlug deur na die see toe te vlug. Sy belydenis van wie God is, is korrek, en hy verwoord sy geloofsoortuigings wat hy met die res van sy volk deel, goed. Wanneer God egter ooreenkomstig die geloofsbelydenis van Israel optree, is Jona ontevrede, dermate dat hy ekstreem optree deur van God en God se opdrag aan hom te probeer wegvlug. Jona vlug weg van God af ondanks sy kennis van God (Wolff 1986:116). Jona is so vasbeslote in sy strewe om “weg van die Here” (Jona 1:3) te kom dat hy selfs die dood kies bo die roeping na Nineve. Met ’n skynbare gelatenheid vra Jona die matrose op die skip om hom oorboord in die stormagtige see in te gooi, wel wetend dat dit waarskynlik sy dood sou beteken. Volgens Baldwin (1999:559) is daar ’n blatante teenstrydigheid tussen Jona se belydenis aangaande God en sy optrede. Hierdie daad van Jona illustreer teologiese trauma. Dat God ’n profetiese boodskap vir die stad Nineve het wat hy moet gaan verkondig, is vir Jona tot so ’n mate onaanvaarbaar dat hy die dood bo sy roeping as profeet verkies. Jona se doodswens is ’n aanduiding van die spanning wat hy as profeet ervaar in sy begrip van God en die opdrag wat hy ontvang het. Die spanning lê in Jona se juiste belydenis aangaande God en sy teenkanting teen God as die God “wat die see en vasteland gemaak het” (Jona 1:9) en wat as sodanig die reg het om Hom te ontferm oor mense wat buite die kring van Jona se identiteit as Hebreër staan. Hierdie spanning kan as teologiese trauma beskryf word.

Jona 2 is ’n omstrede hoofstuk in die boek. Is die gebed van Jona deel van die oorspronklike samestelling van die boek, of is die hoofstuk later bygevoeg as deel van ’n reeds bestaande stuk literatuur? Geleerdes (Bolin 1997:98–9; Van der Woude 1985:29–30) het opgemerk dat die logiese vloei van die verhaal versteur word deur die psalm wat Jona hier bid, omdat hy die gebed bid terwyl hy steeds in die maag van die vis is. Belangrike woorde wat in die res van die verhaal as Leitwörter (struktuurmerkers) funksioneer, kom nie in die gebed voor nie. Verder maak die verhaal goeie sin sonder die gebed. Die gevolg van hierdie argumente is dat die gebed van Jona volgens die betrokke geleerdes gesien moet word as ’n latere toevoeging tot die oorspronklike verhaal. Daarteenoor is daar ook geleerdes (Bolin 1997:99–100) wat die teks in

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

sy finale vorm beklemtoon en wat oortuig is dat die psalm van huis uit deel van die boek is. Ruimte ontbreek om die probleem volledig te bespreek. Volgens die literêre lees van die teks wat hier gevolg word, word die gebed van Jona nie as 'n latere byvoeging beskou nie, maar as deel van die boek. Die teenstrydighede in die hoofstuk het ook navorsers se aandag getrek. Terwyl die storm volgens Jona 1:15 bedaar het, is Jona volgens Jona 2:3 steeds in 'n situasie waar die Here "golf na golf oor my laat gaan" het (2:3). Volgens Jona 2:7 lyk dit asof Jona sy gebed in die tempel uitspreek, terwyl hy in werklikheid nog in die maag van die vis is, wat hom eers later uitspoeg (2:10). Navorsers (Claassens 2022:6) wys egter daarop dat die teenstrydighede wat betref logiese volgorde, juis 'n aanduiding kan wees van trauma wat ervaar word.

Jona se ervaring in die maag van 'n groot vis is 'n illustrasie van sy fisieke trauma. Die skynbaar onmoontlike gebeur: Die stormagtige see verswelg nie vir Jona nie. Hy word gered van 'n gewisse waterdood deur 'n groot vis wat hom insluk, en op dié wyse bly hy lewe. In die vis is Jona selfs verder weg van God af as wat Tarsis hom weg van God sou neem. Die maag van die vis is duidelik 'n simbool van die doderyk (*sjeool* [שאול] is die term wat gebruik word). In Jona 2:1 en 2 is Jona "binne-in die vis", wat dan terselfdertyd ook die plek "diep in die doderyk" is van waar hy om hulp roep. Claassens (2022:5) toon aan hoedat die metafoor van 'n afdaling na die doderyk verletterlik word na die maag van die vis. Die doderyk is die een plek waar God juis nie is nie. Die verskriklike ironie is dat Jona hier, op die verste punt weg van die Here, 'n gebed bid dat die Here hom tog sal red. Die ironie word verskerp as daar in gedagte gehou word dat dit die Here is wat op 'n vreemde wyse Jona eintlik behulpsaam is om selfs nog verder as Tarsis weg te kom van God af. Op 'n ewe vreemde wyse erken Jona dit. Volgens Jona 1:12 is dit Jona wat die voorstel maak aan die matrose om hom in die see te gooi. Volgens Jona 2:3 is dit die Here wat hom "die diepte ingegooi" het sodat die watermassa hom omring het. Van die plek waar Jona wou wees (weg van die Here af), roep hy tot die Here dat Hy hom tog sal red. Jona se doodswens in 'n boot op 'n stormagtige see verander na 'n wens om te lewe vanuit die doderyk versimboliseer in die maag van 'n vis.

Die fisieke trauma van Jona in die maag van die vis is duidelik, maar is daar sprake van teologiese trauma vir Jona? Waarskynlik nie. Daar is redelike instemming onder geleerdes dat die psalm van Jona die tipiese trekke van 'n dankpsalm vertoon. Die psalm van Jona het 'n inleiding, 'n krisis word beskryf, die redding wat die Here gee word beskryf, en dit word gevolg deur 'n uiting van lof aan God (Allen 1976:215; Limburg 1993:64; Van der Woude 1985:34). Jona se gebed maak gebruik van die taal en motiewe tipies aan die Psalms (Pss. 18:4–7; 88:1–2, 7, 17; 116:3–4, 14, 17–19) (Bolin 1997:112–3; Limburg 1993:72). Soos wat dit in die Psalms beskryf word, word Jona gered van die dood tot die lewe. JHWH het hom tot hier toe gebring en sal hom dus ook red. Jona is dus weer in die kol met sy geloofsoortuigings soos wat ook in die Psalms verwoord word. Jona bid volgens wat hy aanvanklik in Jona 1:9 teenoor die matrose op die skip bely het. Jona bly die Here, die God van die hemel wat die see en vasteland gemaak het, vrees (Jona 1:9). JHWH bly dus konsekwent JHWH as die God wat sy volk red. Terselfdertyd bly Jona konsekwent in sy geloofsoortuigings dat JHWH inderdaad Judese gelowiges red soos wat telkens in die Psalms vertel word.

Jona se gebed moet dus nie verstaan word as 'n soort van bekering soos wat Wolff (1986:141) voorstel nie. Veel eerder is die gebed van Jona 'n bevestiging van sy geloofsbelydenis vroeër in die boek (Jona 1:9).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

Op die verste punt weg van God af roep Hy tot God om hom te red. Jona misluk in sy poging om weg te kom van God. Hy het geen ander keuse as om die God van wie hy wou wegkom, nou aan te roep met ’n gebed om redding nie. Jona se verwagting was dat hy daarin sou slaag om van die Here weg te kom. God, as die God van die hemel, wat ook die see gemaak het (Jona 1:9), handel egter anders. So gesien, is daar tog ’n moontlikheid van teologiese trauma. Jona tree strydig met sy eie (korrekte) geloofsbelydenis op. Die God wat die see gemaak het, is ook in beheer van die see, en daarom is Jona se poging om te ontvlug van dié God ’n tevergeefse poging. Die teologiese trauma lê in die kortsluiting tussen wat Jona weet en bely van God en sy optrede in stryd met sy geloofsbelydenis. JHWH bring Jona tot op die drumpel van die dood (Jona 2:3) en God is ook daar, verhoor sy gebed en red hom.

Waar Jona aanvanklik wou wegkom van God, roep hy na God om hom vanuit ’n reddelose situasie tog te red. Teen wil en dank moet hy dieselfde boodskap van redding aan die inwoners van Nineve gaan oordra. Wanneer Jona tog die “groot stad” Nineve binnestap, is sy profetiese boodskap kort en bondig (Jona 3:4): “Nog net veertig dae, dan word Nineve verwoes.” Dit is duidelik ’n boodskap van oordeel. Jona se profesie is een van oordeel eerder as genade. Die periode van veertig dae skep die moontlikheid van die afweer van die aangekondigde oordeel, maar daar word geen aanduiding gegee van wat verwag word van die inwoners van Nineve nie. In teenstelling met die ander profete in die Ou Testament wat telkens die voorwaardes vir beide heil en onheil aan beide God se volk en die ander nasies verkondig, is Jona se boodskap net ’n boodskap van dreigende onheil en oordeel sonder enige voorwaardes. Hierdie teenstrydigheid van heil en onheil aan beide God se volk en die ander nasies is Jona se teologiese trauma. Jona bly ’n Hebreër (Jona 1:9) en dán ’n profeet wat God se boodskap verkondig. ’n Boodskap van heil vir die inwoners van die Assiriese stad Nineve is vir die Hebreër-profeet net te ondenkbaar. Maar die ondenkbare gebeur tog! “Die mense van Nineve het toe in God geglo …” (Jona 3:5). Om in God te glo, het die betekenis van ’n verhouding van vertroue in en afhanklikheid van God (Wolff 1986:150) in die verwagting dat God Hom sal ontferm op grond van hulle bekering (Van der Woude 1985:47).

Jona se teologiese trauma word selfs nóg duideliker geïllustreer in sy reaksie op die bekering van die inwoners van Nineve. Jona verwoord die teologiese oortuiging van wie God is en wat God doen, goed: “Ek het geweet U is ’n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het” (Jona 4:2). Nogeens is daar ooreenstemming tussen Jona se belydenis aangaande God en wat God doen. Trouens, die uitspraak aangaande God is waarskynlik ’n sinspeling op een van die merkwaardigste uitsprake oor wie God is wat gemaak word in Eksodus 34:6–7, in verskillende Psalms herhaal word (Pss. 85:15; 103:8; 145:8), en ook weerklank vind elders in die Ou Testament / Hebreeuse Bybel (Joël 2:13; Neh. 9:17; Num. 14:18). Wanneer God dus optree volgens Jona se kennis en begrip van God deur af te sien van sy oordeel oor die inwoners van Nineve, is dit vir Jona onaanvaarbaar.

Jona se emosionele reaksie op God se handeling met die inwoners van Nineve word in sterk terme beskryf in Jona 4:1. Daar word gesê dat Jona “erg ontsteld” (רעע גדולה) en “kwaad” (חרה) was. Terwyl JHWH nie meer kwaad (חרה) is vir die inwoners van Nineve nie (Jona 3:9), is Jona nou die een wat kwaad (חרה) is (4:1). Die woede van Jona spreek hy later ook uit teenoor die Here (4:9). Jona se laaste woorde in die boek is dat hy “tereg tot die dood toe kwaad” is. Met die twee begrippe ontsteltenis en woede word Jona se teologiese trauma beskryf. Dus, agter Jona se nasionalistiese oortuiging as Hebreër of sy persoonlike reputasie as profeet (sy profesie dat Nineve verwoes sal word, is toe nie vervul nie), wat as redes vir sy reaksie op Nineve se bekering beskryf is, is daar sy teologiese trauma. Dat God genadig en barmhartig is,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

lankmoedig en vol liefde, en dan inderdaad so handel (in hierdie geval selfs ten opsigte van die inwoners van Nineve), veroorsaak teologiese trauma by Jona. Jona se verwagting van God, enersyds, en wie God is en wat God doen, andersyds, veroorsaak 'n teologiese kortsluiting in Jona se gemoed, en dié kortsluiting vertaal na teologiese trauma toe. Teologiese trauma beteken vir Jona dat God handel ooreenkomstig sy openbaring aan sy volk en dat sy dade dit inderdaad bewys. Presies dít is vir Jona onaanvaarbaar en dit veroorsaak teologiese trauma by hom. Jona verwyt God vir sy genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde en raak so "gevangen in het dilemma tussen handhaving van eigen rechtlijnige vooroordelen en het buigen voor Gods vrije genade" (Van der Woude 1985:55).

Jona se teologiese trauma lei hom tot 'n doodswens in die laaste deel van die boek (4:4–11). God se genadige optrede teenoor die inwoners van Nineve was vir Jona tot so 'n mate onaanvaarbaar dat hy wens om te sterf (Baldwin 1999:584). Die doodswens word nie minder nie as drie keer in die laaste hoofstuk van die boek uitgespreek (4:3, 8, 9). Die nievernietiging van Nineve lei vir Jona na selfvernietiging (Golka 1991:91). Dit is opmerklik hoeveel eerstepersoonsvorme voorkom ("ek" en "my" word nege keer gebruik in die Hebreeuse teks) in die kort gebed van Jona in Jona 4:2–3. Vir Jona gaan dit dus hier meer oor homself as oor die inwoners van Nineve of selfs oor JHWH. Vir Jona is die teologiese trauma wat hy beleef, so intens dat hy wens om te sterf. Jona se teologiese trauma word nie opgelos nie. Hy sien nie kans om te bly lewe met 'n God wat "genadig, barmhartig, lankmoedig en vol liefde" (4:2) is nie. Sy teleurstelling oor die plant waaraan hy geen aandag gegee het nie en wat verdroog het, weeg nie op teen JHWH se besorgdheid oor 'n stad van 120 000 inwoners en selfs ook die diere daarin nie. Vir God sou die ondergang van Nineve 'n oneindig groter pyn en verlies beteken as wat Jona ervaar met die verlies van die wonderplant (Van der Woude 1985:60). Die lot van mense is immers belangriker as die lot van 'n plant. God se genade teenoor die inwoners van Nineve is die oorsaak Jona se teologiese trauma. Hierdie teologiese trauma lei hom dus daartoe om die dood eerder as die lewe te kies. Selfs nie eers JHWH se genade teenoor Jona deur aan hom koelte te verskaf in die hitte van die dag, laat hom tot ander insigte kom nie.

Die kontras tussen die seevaarders en die inwoners van Nineve aan die een kant en Jona aan die ander kant plaas die teologiese trauma van Jona in skerper reliëf. Die seevaarders ervaar geen probleem met Jona se belydenis van wie God is en wat God doen nie. Waar Jona nie bid in Jona 1 nie, is dit die seevaarders wat die veelseggende gebed in Jona 1:14 bid: "Ag, Here, moet ons tog nie laat vergaan oor hierdie man nie. Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie. U is die Here, U doen wat U wil." "U doen wat U wil" is 'n merkwaardige teologiese uitspraak wat die seevaarders maak. Hulle snap iets van God wat Jona dalk weet maar nie internaliseer nie. Dit is die nie-Judese seevaarders wat JHWH vrees en offers aan Hom bring. Anders as Jona, wat wegvlug van God, nader die seevaarders JHWH in gebed en met offers en geloftes. Ondanks die seevaarders se vrees vir die storm op die see, ervaar hulle klaarblyklik nie teologiese trauma nie. Hulle aanvaar dat God se optrede in ooreenstemming is met Jona se belydenis, en dit word ook as sodanig aanvaar.

Die inwoners van Nineve op land is die teenpool van die seevaarders op see. Na aanleiding van 'n kort profesie van net vyf woorde in Hebreeus, kom die inwoners van Nineve tot geloof in God (Jona 3:5). Die koning van Nineve kondig 'n dekreet af met die oproep dat mense hulle van hul verkeerde dade moet bekeer en berou moet hê oor die geweld wat hulle gepleeg het. Jona 3:9, as deel van die koning se dekreet, bevat die eweneens merkwaardige teologiese uitspraak: "Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie." God sien dan inderdaad af van die ramp wat Hy vir die inwoners van Nineve beplan het (Jona 3:10).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

7. Gevolgtrekking

Jona is ’n goeie teoloog. Hy is in staat om die heersende oortuigings aangaande God goed te formuleer. Jona put sy teologiese insigte uit die heilstradisies van Israel. Dit was juis in die tyd van die Babiloniese ballingskap dat die oortuiging dat God Skepper is, prominent deel geword het van Juda se geloofsoortuigings. Jona put ook uit Sinai-tradisie – die tradisie wat vertel van die sluiting van die verbond en daarmee saam die verskriklike gebeure van die goue kalf. Dit is juis binne die konteks van die Sinai-tradisie en die gebeure van die goue kalf waar die uitspraak gemaak word dat God “’n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en vol liefde”.

Juda se heilstradisies vertel die verhale van wie God is en wat God doen. Die geskiedenis bevestig die heilsdade van God in die verlede van die volk. Jona se teologiese trauma lê daarin dat God konsekwent God is. Hy is inderdaad “die God van die hemel wat die see en vasteland gemaak het” (Jona 1:9). Aan die einde van die boek sê Jona: “Ek het geweet dat U ’n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en vol liefde” en wat “maklik afsien van die straf wat U aangekondig het” (4:2). Wanneer God presies só optree in die geval van die inwoners van Nineve, is Jona so ontsteld en kwaad dat hy verkies om eerder te sterf as om te lewe (4:3, 8).

Jona se teologiese trauma is sy ervaring dat God konsekwent God is. God handel ooreenkomstig Jona se belydenis aangaande God, terwyl Jona dit eintlik anders verwag. Terwyl God konsekwent God is ooreenkomstig die geloofsbelydenisse van Israel in die verlede, bly Jona konsekwent Jona in sy teleurstelling met God en sy optrede teenoor die inwoners van Nineve, en ook in sy optrede teenoor Jona as profeet. Dít is Jona se teologiese trauma. Dus, agter Jona se optrede op grond van sy oortuigings aangaande God is daar teologiese trauma. Die teologiese trauma van Jona is nie die motief van die verhaal nie, maar dit lê in die agtergrond wat tot sy optrede in die boek lei.

Anders as die omskrywing van teologiese trauma waarmee daar aanvanklik gewerk is, naamlik dat teologiese trauma ontstaan in die kortsluiting tussen persone se begrip van God en hoe God optree, vertoon teologiese trauma ’n bykomende dimensie in die boek Jona: Die oorsaak van Jona se teologiese trauma lê by God se konsekwentheid. Wat van God bely word, is God in dit wat God doen. Jona se verwagting van God is dat God inkonsekwent met sy aard moet optree. Wanneer dit nie gebeur nie, is die resultaat teologiese trauma.

Die boek Jona konfronteer die leser met die spanningsverhouding tussen God soos wat Hy in die Bybel openbaar en in die kerk of geloofsgemeenskap bely word, en die individuele leser se verwagting van God. Waar hierdie spanningsverhouding intensiveer in teleurgestelde verwagtings van die geloofsgemeenskap, is daar sprake van teologiese trauma.

Hedendaagse gelowiges het – soos Jona – ook ’n begrip van wie hulle meen God is en wat God doen. Hierdie begrip van God is, soos in die geval van Jona, ook geskep deur die geloofstradisies wat in die Bybel gevind word. God is egter oneindig meer as die begrip wat mense van God het. Dit is dus goed moontlik dat dieselfde soort teologiese trauma wat Jona beleef het, ook die ervaring van hedendaagse gelowiges kan wees. Wanneer God anders optree as die begrip of verwagting wat ek van God het, is daar die moontlikheid van teologiese trauma.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

Bibliografie

Allen, L.C. 1976. *The books of Joel, Obadiah, Jonah and Micah: New International Commentary on the Old Testament.* Grand Rapids, MI: WM. B. Eerdmans.

Baldwin, J. 1993. Jonah. In McComiskey (red.) 1993.

Becker, E.-M., J. Dochhorn en E.K. Holt (reds.). 2014. *Trauma and traumatization in individual and collective dimensions: insights from Biblical studies and beyond*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Boase, E. 2024. *Trauma theories: refractions in the book of Jeremiah.* Sheffield: Sheffield Phoenix Press.

Boase, E. en C.G. Frechette. 2016. *Bible through the lens of trauma*. Atlanta, GA: SBL Press.

Bolin, T.M. 1997. *Freedom beyond forgiveness: The book of Jonah re-examined. Journal for the Study of the Old Testament Supplement*, no. 236. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Brad, E. en B.A. Strawn (reds.). 2020. *The Oxford handbook of the historical books of the Hebrew Bible*. New York: Oxford University Press.

Claassens, J. 2015. Rethinking humour in the book of Jonah: tragic laughter as resistance in the context of trauma. *Old Testament Essays*, 28(3):655–73.

—. 2021. Surfing with Jonah: Reading Jonah as a postcolonial trauma narrative. *Journal for the Study of the Old Testament*, 45(4):576–87.

—. 2022. Finding words in the belly of Sheol: Reading Jonah's lament in contexts of individual and collective trauma. *Religions*, 13:1–13.

—. 2023. Facing the colonizer that remains: Jonah as a symbolic trauma narrative. *Catholic Biblical Quarterly*, 85:36–52.

—. 2024. *Jonah*. (Old Testament Library.) Nashville, TN: Westminster John Knox.

Craig, K.M. 1993. *A poetics of Jonah: art in the service of ideology.* Columbia, SC: University of South Carolina Press.

Deist, F. 1981. *Die God van Jona*. Kaapstad: Tafelberg.

Fabry, H.-J. (red.). 2018. *The books of the twelve prophets: minor prophets – major theologies.* (Bibliotheca Ephemeridum Theologicarum Lovaniensium CCXCV.) Leuven: Peeters Uitgeverij.

Garber, D.G. 2005. Trauma, history, and survival in Ezekiel 1–24. PhD-proefskrif, Emory University.

—. 2015. Trauma theory and Biblical studies. *Currents in Biblical Studies*, 14:24–44.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c1

Golka, F.W. 1991. *Jona*. (Calwer Bibelkommentare.) Stuttgart: Calwer Verlag.

Groenewald, A. 2018a. "For her wound is incurable. It has come to Judah" (Micah 1:9): reflections of trauma in Micah 4:1–5. In Fabry (red.) 2018.

—. 2018b. "Trauma is suffering that remains": the contribution of trauma studies to prophetic studies. *Acta Theologica Supplementum*, 26:88–102. http://dx.doi.org/10.18820/23099089/actat.Sup26.5.

Havea, J. 2016. Tossing Jonah again: Sea of readings. *Bible and Critical Theory*, 12(1):1–3.

Hutten, K. 2024. Reading Ezekiel 4 and 37 through a lens of trauma and migration in the context of the Dutch Reformed Church. Navorsingswerkstuk ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die MTh-graad in teologie, Universiteit Stellenbosch.

Janzen, D. 2020. The Deuteronomistic history as literature of trauma. In Brad en Strawn (reds.) 2020.

Limburg, J. 1993. *Jonah: a commentary.* (Old Testament Library.) Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Maier, C.M. 2020. Wer schreibt Geschichte? Ein kulturelles Trauma und seine Träger im Jeremiahbuch. *Vetus Testamentum*, 70:67–82.

Markl, D. 2022. Triumph and trauma: justifications of mass violence in Deuteronomistic historiography. *Open Theology*, 8:412–27.

Mathews, J. 2020. *Prophets as performers: Biblical performance criticism and Israel's prophets.* Eugene, OR: Cascade Books.

McComiskey, T.E. (red.). 1993. *The minor prophets: an exegetical and expository commentary*, vol. 2. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Nel, P.J. 1988. *Jona en 'n nuwe paradigma.* Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Potgieter, J.H. 1990. Jona as 'n kortverhaal. *Acta Theologica*, 10(2):15–25.

Rudolph, W. 1971. *Joel – Amos – Obadja – Jona.* (Kommentar zum Alten Testament, Band XIII/2.) Gerd Mohn: Gütersloher Verlagshaus.

Schlenke, B. 2018. "Tust du wirklich gut daran, zornig zu sein?" (Jon. 4, 4.9): Bewältigung durch mehrdimensionalität in der Jonaschrift. In Fabry (red.) 2018.

Snyman, S.D. 2023. Die boek Habakuk as teodisee en teologiese trauma. *LitNet Akademies*, 20(3):555–70. https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n3c2.

Tillema, A. 2023. The book of Jonah in recent research. *Currents in Biblical Research*, 21(2):145–77.

Van der Woude, A.S. 1985. *Jona – Nahum.* (De Prediking van het Oude Testament.) Nijkerk: Uitgeverij Callenbach.

Wolff, H.W. 1986. *Obadiah and Jonah: a commentary*. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Die skolastieke bibliologie van Petrus van Mastricht (1630–1706)

J.A. Schlebusch

J.A. Schlebusch, Departement Sistematiese en Historiese Teologie, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die skolastieke bibliologie van die sewentiende-eeuse Nederlandse teoloog, Petrus van Mastricht (1630–1706), met ’n bepaalde fokus op sy beskouing oor die aard, inspirasie en gesag van die 66 boeke van die Protestantse kanon. Ten spyte van die toenemende belangstelling in Van Mastricht se teologie kenmerkend van die afgelope twee dekades, geniet die plek en rol van die Bybel in sy Gereformeerd-skolastieke teologiese sisteem relatief min aandag, veral in vergelyking met sy skolastieke metode, sy Triniteitsleer en sy polemiek teen die rasionalisme van René Descartes. Hierdie studie herwaardeer Van Mastricht se bibliologie binne die konteks van sewentiende-eeuse epistemologiese debatte, waarin hy homself as ’n uitnemende verteenwoordiger van die Dordtse ortodoksie onderskei.

Binne die raamwerk van die Gereformeerde skolastiek se polemiek teen die epistemologiese rewolusie wat deur die Cartesianisme bewerkstellig is, ontwikkel Van Mastricht ’n skolastieke bibliologie waarvolgens die Bybel, as onfeilbare Godsopenbaring, ’n deurslaggewende rol speel. Hiervolgens sou die Skrif as ’n gesaghebbende bron aanvaar behoort te word nie net ten opsigte van teologiese sake nie, maar ook oor elke aspek van die werklikheid wat deur die teks aangespreek word, insluitend filosofie en natuurwetenskap. Ten opsigte van sy verwerping van die Thomistiese empirisme gaan Van Mastricht egter verder as sy leermeester Gysbertus Voetius en lewer hy ’n unieke bydrae tot die Gereformeerde epistemologie.

Hierdie historiese studie beklemtoon die epistemologie onderliggend aan Van Mastricht se skolastieke bibliologie, waarvolgens die Bybel nie net die finale gesag vir godsdiensbeoefening is nie, maar ook die ware grondslag vir menslike kennis. Dit werp nuwe lig op Van Mastricht se bibliologie as deel van sy skolastieke model, en beklemtoon die unieke bydrae daarvan tot sewentiende-eeuse epistemologiese debatte aangaande die verhouding tussen openbaring, die sintuie en rede.

Trefwoorde: Aquinas, Thomas; Descartes, René; empirisme; epistemologie; Gereformeerde skolastiek; rasionalisme; Van Mastricht, Petrus; Voetius, Gysbertus

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Abstract

The scholastic bibliology of Petrus van Mastricht (1630–1706)

Over the past two decades there has been a significant academic reappraisal of the theological contributions of the Reformed scholastic theologian Petrus van Mastricht (1630–1706), a leading figure in the Dutch Second Reformation ("Nadere Reformasie"). This renewed interest is evident in the increasing number of translations of his works as well as scholarly publications dedicated to his theology. The existing scholarship rightly emphasises Van Mastricht's scholastic methodology, Trinitarian doctrine, and polemics against René Descartes' rationalism, as well as his views on the relationship between faith and reason. Nonetheless, insufficient attention has been paid to the place and role of his bibliology in terms of his scholastic theological model, particularly his understanding of the nature and extent of biblical authority as divine revelation.

Van Mastricht emerged as a leading theologian in the Netherlands during the 1650s. His father, originally from the city of Maastricht in the Dutch province of Limburg, adopted the surname *Van Mastricht* after relocating to Germany. At seventeen, Van Mastricht moved to Utrecht, where he studied under Gysbertus Voetius, receiving rigorous training in scholasticism, particularly in the works of Thomas Aquinas. Voetius played a decisive role in shaping Van Mastricht's theological framework, and from early on, Van Mastricht positioned himself as a formidable opponent of the Cocceian school's embrace of Cartesian rationalism.

In 1655, Van Mastricht authored *Vindiciae veritatis et auctoritatis sacrae scripturae in rebus philosophicis adversus dissertationes D. Christophori Wittichii*, a defence of the authority of Scripture concerning natural philosophy and metaphysics. This work was a direct response to the Cocceian professor Christoph Wittich of Nijmegen, who argued that the findings of pure reason should be decisive in interpreting biblical texts dealing with nature, philosophy, and history. Van Mastricht rejected this exegetical method and instead emphasised the primacy of Scripture over reason and the senses.

Van Mastricht's epistemology, therefore, stood in direct opposition to both Cartesian rationalism and Aristotelian empiricism. His views on the fallibility of human cognition led him to assert the absolute authority of Scripture as divine revelation, a position that shaped his broader theological outlook.

Van Mastricht held a high view of Scripture, considering it the ultimate and infallible authority in all matters of faith and life. He described three ways in which the Holy Spirit inspired the biblical text: direct divine authorship (e.g., the Ten Commandments written by God), divine dictation (where God commanded prophets and apostles what to write), and providential over-sight (where God sovereignly guided the human authors, ensuring their words were precisely what He intended).

From this doctrine of inspiration, he derived several key principles regarding the nature of Scripture:

- The Bible's authority comes from God alone and is not dependent on the Church or human reasoning.
- Scripture is clear and understandable, containing everything necessary for faith and salvation.
- It is inerrant and free from human error, preserved by divine providence.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

- It is complete and sufficient, meaning no additional revelation is needed.
- It is necessary, as saving knowledge cannot be obtained apart from it.
- It is the only infallible philosophical system, meaning any philosophy that contradicts Scripture must be rejected.

Regarding textual transmission, Van Mastricht argued that the original Hebrew and Greek texts have been divinely preserved through God's providence, particularly through the Masoretic and Byzantine traditions. While he acknowledged textual variants, he insisted that human reasoning could not be the final authority in determining the correct readings. Instead, he trusted that God had preserved the biblical text through the historical transmission of the Church.

In light of his critiques of the rationalist and empiricist tendency to reinterpret biblical passages based on human philosophy, this article explores the place of the Bible in Van Mastricht's scholastic model, highlighting its foundational role in his epistemology and theology. Van Mastricht was committed to defending the infallibility and authority of the Scriptures, making it central to his theological system. His critique of Thomist epistemology, in particular, underscores his significant divergence from the prevailing trends of his time.

Van Mastricht's debate with the Cocceian scholar Christoph Wittich illustrates his rigorous defence of the Bible as ultimate epistemic standard in all fields of knowledge against attempts to restrict its relevance to theology alone. Wittich believed that scientific fields such as astronomy should be governed by different epistemological principles than those guiding theological interpretation. In contrast, Van Mastricht maintained that the Bible's authority extended to science, philosophy, and ethics, positioning it as the ultimate criterion for truth. This view set him apart from many of his contemporaries, including other followers of Gysbertus Voetius, who advocated a more Thomistic-Aristotelian approach to epistemology.

Van Mastricht's distinct theological stance involved a rejection of the empirical epistemology championed by Aquinas and other Thomists. While Aquinas placed great importance on sensory experience as a source of knowledge, Van Mastricht emphasised that human perception and reason, tainted by sin, could not be considered reliable standards for knowledge of God or his creation. Instead, he argued that the Bible, as the uncorrupted revelation of divine truth, is the only standard for both theological and natural knowledge, even if it is not the only source. This position marked a clear break from Aquinas' epistemology, according to which natural law is seen as an independent source of knowledge about God and Creation.

Van Mastricht's works, particularly his *Vindiciae* (1655), reinforce his belief that the Bible should be considered the authoritative epistemological standard for all truth. He contended that any knowledge, whether related to salvation, history, ethics, or even the natural sciences, must be evaluated in light of Scripture as the ultimate and infallible revelation of God's will.

The bibliology of Petrus van Mastricht, a pivotal figure in the seventeenth-century Reformed scholastic movement, provides a distinct alternative to the models of both the Cartesian Rationalists and the Thomists prevalent in the seventeenth-century philosophical discourse. His firm belief in the total depravity of human nature, also in terms of human reason and sensory perception, reinforced his insistence on the necessity of divine revelation. Unlike Aquinas, who considered natural law to be a valid source of divine knowledge, Van Mastricht insisted that the Bible is the appropriate lens through which all of reality is to be interpreted.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

This article argues that Van Mastricht's contribution to Reformed epistemology has not yet been fully recognised in modern scholarship. By highlighting his distinctive break from Aquinas' epistemology, as well as his unique integration of the Bible into his scholastic system, conventional interpretations of Reformed scholasticism are challenged. The epistemological rejection of Thomism from within Calvinist orthodoxy is not, as the scholarship has claimed up to now, something that only emerged in the twentieth century with the Neo-Calvinists. Already in the seventeenth century, Petrus van Mastricht presents, from the standpoint of Calvinist orthodoxy, a philosophical alternative characterised by a rejection of both rationalism and empiricism.

Keywords: Aquinas, Thomas; Descartes, René; empiricism; epistemology; rationalism; Reformed scholasticism; Van Mastricht, Petrus; Voetius, Gysbertus

1. Inleiding

Die toenemende akademiese herwaardering van die teologiese bydraes van die prominente Nederlandse teoloog van die Nadere Reformasie, Petrus van Mastricht (1630–1706), blyk duidelik uit die groot aantal vertalings van sy werke asook die publikasies oor hom gedurende die afgelope twee dekades. In 2005 het die kerkhistorikus Adriaan Neele sy doktorale proefskrif oor Van Mastricht se magnum opus, *Theoretica-practica theologica*, aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Dit is uitgegee onder die titel *The art of living to God: A study of method and piety in the Theoretico-practica theologia of Petrus van Mastricht (1630–1706)*. In 2006 het Brill 'n volume van die Nederlandse kerkhistorikus, professor Aza Goudriaan gepubliseer getiteld *Reformed orthodoxy and philosophy, 1625–1750: Gisbertus Voetius, Petrus van Mastricht, and Anthonius Driessen*, wat fokus op die teologie van die drie belangrikste Nederlandse Gereformeerde skolastici. Professor Neele het in 2009, as deel van Brill se reeks oor kerkgeskiedenis, ook 'n volume oor Van Mastricht gepubliseer getiteld *Petrus van Mastricht (1630–1706), Reformed orthodoxy: Method and piety*, die eerste monografie oor die lewe en werk van hierdie prominente Gereformeerde skolastieke teoloog.

Verder het Neele ook in 2019 in 'n werk oor die belangrikste bronne vir die Amerikaanse Kongregasionalistiese teologie getiteld *Before Jonathan Edwards: Sources of New England theology*, beklemtoon watter deurslaggewende rol Van Mastricht se werke in die VSA gespeel het. In 2020 het nóg 'n volume oor Van Mastricht, getiteld *Petrus van Mastricht (1630–1706): Text, context, and interpretation*, onder redaksie van Neele die lig gesien, met bydraes wat fokus op Van Mastricht se teologie, sy filosofie en die ontvangs van sy werke. *Theoretica-practica theologica* word tans ook vir die eerste keer uit Latyn in Engels vertaal, en tussen 2018 en 2023 is die eerste vier van die sewe beplande volumes onder redaksie van Joel Beeke van Puritan Reformed Theological Seminary in Grand Rapids in die VSA reeds gepubliseer.[1]

In die bestaande literatuur word tereg klem gelê op Van Mastricht se skolastieke metode, sy Triniteitsleer, sy begrip van die leer van *Sola Scriptura*, sy polemiek teen die rasionalisme van *René Descartes* (1596–1650), asook sy begrip van die verhouding tussen openbaring, die sintuie en rede (Sakamoto en Kato 2024:127–8). Ten spyte van die sterk epistemologiese klem in die bestaande literatuur, word beswaarlik aandag geskenk aan Van Mastricht se begrip van die aard en omvang van die Bybel se gesag as goddelike openbaring. In *Reformed orthodoxy: Method and piety* verduidelik Neele dat Van Mastricht die Bybel as gesaghebbende grondslag

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

van sy teologiese sisteem beskou, maar nie die epistemologiese aard en omvang van die Bybel se gesagsaanspraak ondersoek nie (Neele 2009:100). Neele verwys in hierdie verband na die werk van Graafland, wat in sy bondige oorsig oor Van Mastricht se Skrifbeskouing in 1993 beweer dat Van Mastricht 'n rasionalistiese benadering tot die Skrif voorstaan, waarvolgens laasgenoemde as gesaghebbend aanvaar word omdat dit met die rede ooreenstem. Met ander woorde, die Skrif word as gesaghebbend gesien wanneer dit ooreenstem met die bevindinge van die rede (Graafland 1993:63). Hieruit maak Graafland (1993:69–70) die gevolgtrekking "dat we voorzichtig moeten zijn om de tegenstelling tussen het coccejaanse en voetiaanse Schriftvertaan al te zwaar te accentueren." Hy beskou Van Mastricht dus ook saam met Cocceius as 'n voorloper van die latere histories-kritiese eksegetiese metodiek (Graafland 1993:69–70). Dertig jaar later blyk hierdie bevinding egter problematies te wees, veral in die lig van meer onlangse navorsing wat juis vanuit die primêre bronne die sterk anti-Cocciaanse oftewel antirasionalistiese aard van Van Mastricht se teologiese sisteem beklemtoon (Gwon 2020:77, 81).

In die lig hiervan het hierdie artikel ten doel om die aard van Van Mastricht se Skrifbeskouing, oftewel bibliologie, opnuut te ondersoek, veral sy begrip van die aard en omvang van die gesag van die inhoud van die 66 kanonieke boeke van die Bybel, asook die plek van die Bybel in sy skolastieke teologiese sisteem. By wyse van die beklemtoning van sy bibliologie, belig die artikel weer sy unieke bydrae tot die epistemologiese debatte van sy tyd, veral die verhouding tussen geloof in die goddelike openbaring aan die een kant, en die bevindinge van menslike rede en sintuiglike waarnemings aan die ander kant. Vir die doeleindes van hierdie navorsing gaan die geskil tussen Cocceiane en Voetiane as twee skole in die sewentiende-eeuse Nederlandse Gereformeerde skolastiek eers ondersoek word, tesame met hoe Van Mastricht homself ten opsigte van hierdie geskil posisioneer. Daarna verskuif die fokus na Van Mastricht se bydrae tot hierdie historiese debat, veral wat betref die epistemologiese implikasies van sy Skrifbeskouing. Uiteindelik fokus die artikel op die plek of rol van die Bybel in Van Mastricht se skolastieke sisteem, asook die unieke historiese bydrae van sy skolastieke bibliologie tot die Calvinistiese filosofie.

2. Cocceius, Voetius en die sewentiende-eeuse Gereformeerde skolastiek

Die sewentiende-eeuse geskil tussen die volgelinge van Johannes Cocceius (1603–1669) en Gysbertus Voetius (1589–1676) moet histories gesien word teen die agtergrond van die opkoms van die rasionalistiese epistemologie van René Descartes (1596–1650). Descartes het 'n bepaalde skeptisisme jeens sintuiglike waarnemings as die grondslag van ware, seker kennis beskou (Hatfield 2003:30). Descartes se uitgangspunt was dat die rede die grondslag van alle weten-skaplike en filosofiese kennis is (Cellemare 2019:6). Sy bekende stelling "cogito, ergo sum," oftewel, "ek dink, daarom is ek," moet dus verstaan word as 'n verdediging van die rede as 'n bastion teen alle twyfel – insluitend twyfel aangaande die bestaan van die self (Descartes 1644:30). Volgens Descartes se rasionalistiese raamwerk word alle vorme van empirisme verwerp en is die bewussyn self die begronding van alle ware kennis.

Dit was juis in Nederland waar Cartesianisme aanvanklik wydverspreide debat ontlok het – veral binne teologiese kringe waar sy filosofie voortdurend bespreek is. By die Teologiese Fakulteite van die universiteite van Utrecht, Harderwijk en Leiden het hewige debatte oor die Cartesianisme ook in die 1640's begin (Cellemare 2019:2–3). Dit is teen die agtergrond van hierdie filosofiese ontwikkelinge dat die debatte tussen die Cocceiane en Voetiane beskou moet word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Johannes Cocceius was ’n invloedryke Gereformeerde skolastieke teoloog wat ’n professor in Hebreeus en Ou-Testamentiese teologie aan die Universiteit van Leiden was (Van Asselt 2021:81). Kenmerkend van Cocceius se teologie, en wat hom van Voetius onderskei het, was sy omhelsing van die Cartesiaanse konsep van *fides implicita* (Cocceius 1706:301). Die idee van ’n implisiete geloof gesetel in die onderbewussyn, is deur die Cartesiane aangegryp om die spanning tussen rede en geloof op te los. Hiervolgens kan die Godsopenbaring in die Skrif, waar dit met die rede in stryd sou wees, deur ’n wilsbesluit aanvaar word sonder dat ’n intellektuele oortuiging vereis word. Cocceius, ’n Ou-Testamentikus, het dieselfde idee gebruik om die geloof van Israel in die Ou Testament van die bewustelike geloof van Christene in die Nuwe-Testamentiese bedeling te onderskei (Van Asselt 2021:81–2). Onder die invloed van die Cartesiaanse teoloog Abraham Heidanus (1597–1678), verbonde aan die Universiteit van Leiden, het Cocceius ook ’n positiewe waardering vir Descartes se filosofie ontwikkel. Dit was dan ook veral in die 1650’s dat die geskille tussen die meer behoudende Voetiane en die rasionalistiese Cocceiane in die Nederlandse Gereformeerde skolastiek op die spits gedryf is (Hollewand 2019:73–4).

Gysbertus Voetius, afkomstig uit die stad Heusden in die suide van Nederland, was een van die invloedrykste Gereformeerde skolastici van die sewentiende eeu. As jong predikant het hy ’n belangrike rol tydens die bekende Sinode van Dordrecht in 1618–19 gespeel, en in 1634 is hy as professor by die Universiteit van Utrecht aangestel. Hy was vir drie dekades die invloedrykste teoloog in Nederland (Kaplan 2019:105). In teenstelling met Cocceius het Voetius die Cartesiaanse rasionalisme nie net as hoogs problematies gesien nie, maar ook as ’n wesenlike bedreiging vir die Gereformeerde ortodoksie. Vir hom het die rasionalisme effektief ’n epistemologiese rewolusie bewerkstellig waarvolgens gesag vir die bepaling van absolute waarheid van God na mens oorgedra is. Teenoor die rasionalisme skryf hy dat “die menslike rede nie geloof voorafgaan, of oor duideliker kennis beskik nie, en die rede kan daarom nie die grondslag van geloof wees nie”[2] (Voetius 1636a:4). Teenoor die rasionalisme van die Cocceiane het die Voetiane ’n Aristoteliaanse empirisme gehandhaaf waarvolgens sintuiglike waarnemings van die geskape werklikheid as betroubaar beskou moet word (Powers 2001:34).

3. Petrus van Mastricht se epistemologie

Petrus van Mastricht, wat in 1630 in Keulen in Duitsland gebore is, was een van die prominentste jong teoloë wat gedurende die 1650’s sy opgang gemaak het. Sy pa was afkomstig uit die stad Maastricht in die Nederlandse provinsie Limburg, en het sy van verander vanaf Schoning na Van Mastricht toe hy na Duitsland verhuis het. Op sewentienjarige ouderdom vertrek Petrus van Mastricht na Utrecht waar hy onder Voetius studeer het, wat verseker het dat hy deeglik onderlê is in die skolastiek, veral die werk van Thomas Aquinas (Neele 2009:28, 30). Voetius het ongetwyfeld gedurende die laat 1640’s en vroeë 1650’s ’n deurslaggewende rol in die teologiese vorming van Van Mastricht gespeel, en Van Mastricht het homself vroeg reeds as ’n waardige opponent van die Cocciaanse skool geposisioneer (Neele 2009:33–4). In reaksie op die Cocciaanse professor te Nijmegen, Christoph Wittich, skryf hy dan ook in 1655 ’n verhandeling ter verdediging van die waarheid en gesag van die Bybel aangaande natuurwetenskaplike en filosofiese uitsprake daarin vervat, getiteld *Vindiciae veritatis et auctoritatis sacrae scripturae in rebus philosophicis adversus dissertationes D. Christophori Wittichii*. Die titel vertaal as *'n Verdediging van die gesag en die waarheidsaanspraak van die Skrif met betrekking tot filosofiese sake: ’n reaksie teen die twee verhandelings van Christoph Wittich*. Die agtergrond

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

van hierdie verhandeling was Wittich se argument dat rasionele bevindinge deurslaggewend behoort te wees ten opsigte van die eksegese van Bybeltekste waar sake wat betrekking het op die natuur, filosofie en geskiedenis ter sprake is (Schlebusch 2021:252). Van Mastricht het *Vindiciae* as reaksie op Wittich se eksegetiese metodiek geskryf, en hierin maak hy dan ook uitsprake wat 'n beduidende Voetiaanse inslag weerspieël. Hy skryf byvoorbeeld die volgende oor die verhouding tussen die geloof en die rede:

> Die lig van die rede bestaan nêrens duideliker en meer volkome as in die Skrif self nie, sodat niks anders as 'n meer seker grondslag vir ware kennis beskou kan word nie. Gevolglik moet alles wat deur die Skrif geleer word, aanvaar word as die waarheid terwyl alles wat daarmee in stryd is, as vals verwerp behoort te word.[3] (Van Mastricht 1655:1.2)

Hieruit blyk duidelik dat Van Mastricht, in navolging van Voetius, nie net 'n baie hoë agting vir die gesag van die Bybel gehad het nie, maar juis dat hy spesifiek hierdie gesag teenoor die aansprake van die rasionalisme wou handhaaf. Vir Van Mastricht was die kern van die debat die vraag of die Bybel, ook met betrekking tot nieteologiese sake, oftewel sake wat nie die saligheid raak nie, gesag het bo die menslike rede. Dit was nie *per se* 'n kwessie tydens die sestiende-eeuse Hervorming self nie, maar dit is op die spits gedryf in die lig van die sewentiende-eeuse filosofie. Sy standpunt blyk ook verder duidelik uit sy *Novitatum cartesianarum gangraena*, waar Van Mastricht (1677b:37) die volgende skryf met betrekking tot die rede se pre- en postlapsariese toestand:

> Die menslike rede in sy oorspronklike vorm, soos dit eens was in die staat van onskuld, was perfek in elke opsig, maar bestaan nie meer in hierdie oorspronklike vorm in die natuurlike stand van sake na die sondeval nie. Die menslike rede is dus tans blind met betrekking tot goddelike en geestelike sake, en gewond en verdof met betrekking tot natuurlike sake, maar in elk geval gebrekkig in elke opsig.[4]

Verder beweer hy ook dat dit nie alleen die rede is wat feilbaar is nie, maar ook die data waarmee dit werk:

> Die argumente vanuit ons rede word beïnvloed deur die gevalle toestand van die rede, naamlik blindheid ... wat beteken dat selfs met betrekking tot natuurlike sake, die rede self verlei kan word en ons dan mislei. Wanneer die rede of filosofie in stryd is met die Skrif, dwaal dit.[5] (Van Mastricht 1677b:55)

Wat noemenswaardig van hierdie uitspraak is, is dat hierdie idee dat die rede van buite af verlei kan word natuurlik neerkom op 'n verwerping van empirisme sowel as rasionalisme, aangesien dit na die waarnemings van natuurlike sake verwys soos dit vanuit die sintuie na die rede gebring word selfs voordat die interpretatiewe funksies van die rede in werking tree. Verder skryf Van Mastricht (1655:3.8) ook in sy polemiek teen Wittich dat ware kennis nie deur die tekortkominge van die menslike rede of die sintuie ingeperk kan word nie. Van Mastricht verwerp dus beide die rasionalisme en empirisme. Dit bring ons by Van Mastricht se Skrifbeskouing, oftewel sy begrip van die aard en omvang van die gesag van die Bybel as goddelike openbaring.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

4. Van Mastricht se Skrifbeskouing

In *Vindiciae veritatis* skryf Van Mastricht uitvoerig oor wat hy as die gesag en plek van die Bybel in sy skolastieke model beskou. Wat sy epistemologie betref, ken hy wel ’n bepaalde instrumentele funksie aan rede en die sintuie toe, aangesien waarheid nie sonder die gebruik daarvan begryp kan word nie. Dit geld vir beide die begrip van die besondere openbaring van God in die Bybel sowel as die buite-Bybelse algemene openbaring in die skepping[6] (Van Mastricht 1655:1.1). Volgens Van Mastricht behoort beide die natuurwetenskap sowel as die filosofie binne die raamwerk van die teologie beoefen te word, wat die Bybel self as primêre gesaghebbende bron het. Die menslike rede kan nie regmatig onafhanklik van die Godsopenbaring funksioneer nie, aangesien dit, ná die sondeval, in terme van “kennis van bonatuurlike dinge, diep bedorwe is, en selfs as dit kom by die kennis van natuurlike sake, grotendeels tekortskiet”[7] (Van Mastricht 1655:1.2). Vanuit die Calvinistiese leer aangaande die radikale verdorwenheid, kontrasteer Van Mastricht vervolgens die feilbaarheid van die menslike rede en sintuie met die onfeilbaarheid van die Godsopenbaring in die Skrif. In hierdie opsig strook sy beskouing van die mens se vermoë om waarheid deur natuurlike openbaring te bekom met die bevindinge van die Sinode van Dordrecht (1618–19), soos opgeteken in Dordtse Leerreëls leerstuk III/IV.4, naamlik dat dit:

> so onmoontlik is vir die mens om deur die lig van die natuur tot saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer, dat hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie; ja dit liewer – hoedanig dit ook al mag wees – op verskillende maniere geheel en al besoedel en in ongeregtigheid onderdruk.

Van Mastricht (1655:5.1) voer aan dat wanneer die leser van die Skrif reeds die rasionalisme as epistemologiese uitgangspunt en interpretatiewe raamwerk omhels het, die Bybel reeds uit die staanspoor ’n ondergeskikte gesagsposisie beklee. Gevolglik kan ook leerstellings van die Skrif wat as in stryd met die rede gesien word, net so maklik verwerp word. Soos die ander Voetiane, verwerp hy dus die Cocciaanse rasionalisme as in stryd met die Gereformeerde belydenis.

Van Mastricht verduidelik verder aan die hand van ’n eksegetiese voorbeeld waarom hy meen die Bybel se leerstellige uitsprake nie bloot kategories van die Bybel se uitsprake aangaande natuurlike of alledaagse verskynsels geskei kan word nie. In Hebreërs 7:3 word die bekende figuur van Melgisedek byvoorbeeld beskryf as iemand sonder ouers of voorouers, en sonder ’n begin of einde aan sy lewe. Wittich (1653:3.8) wys daarop dat ons nie hierdie uitsprake oor Melgisedek as waar kan aanvaar, tensy ons die standpunt aanvaar dat Melgisedek Christus self is nie. Wittich wys egter uit dat hierdie standpunt onhoudbaar is, aangesien Christus Homself nie kan tipeer nie, en dat Melgisedek verder duidelik in die Bybelse narratief as ’n koning van die stad Salem geïdentifiseer word.

Aangesien die datums van Melgisedek se leeftyd, en inligting oor sy ouers en voorouers, heeltemal onbekend is, het die outeur van die brief aan die Hebreërs gekies om hom strategies as ’n soort van Christus in te span. Volgens Wittich verteenwoordig dit ’n herinterpretasie van ’n Ou-Testamentiese figuur in die lig van die outeur van die Hebreërbrief se Christologiese fokus. In reaksie hierop wys Van Mastricht (1655:5.9) uit dat, aangesien ons niks van die persoon van Melgisedek uit buite-Bybelse bronne of deur ons sintuie weet nie, ons kennis van hom uitsluitlik op die openbaring in die Skrif berus. Daarom is ons oortuigings aangaande Melgisedek in wese ’n geloofsaak. Hy voer verder aan dat Wittich se bewering – naamlik dat die Heilige

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Gees met die inspirasie van die menslike outeurs nie poog om hul vooroordele en menings te verander nie – nie op hierdie teks van toepassing kan wees nie. Die Skrif se tipering van Melgisedek druis immers in teen algemeen aanvaarde standpunte van alle tye, naamlik dat almal ouers, 'n geboortedatum en 'n sterfdatum het. Van Mastricht is van mening dat hierdie voorbeeld eintlik juis die teenoorgestelde van Wittich se argument ondersteun, aangesien dit 'n voorbeeld is van goddelike openbaring wat nie die bevindinge van die sintuie of die rede akkommodeer nie. Hy skryf:

> Maar hier is die uitspraak van die Skrif juis direk in stryd met die algemene standpunt van mense. Wie sou immers beweer dat daar enige iemand in die apostel se tyd was wat geglo het dat Melgisedek werklik sonder vader, sonder moeder, of sonder begin of einde van dae was?[8]

Vir Van Mastricht kom dit dus daarop neer dat Wittich, in 'n poging om die uitsprake van die Skrif met die sintuie en die rede te belyn, die gesag en waarheidsaanspraak van die openbaring wesenlik aantas.

Van Mastricht identifiseer dieselfde probleem in Wittich se rasionalistiese interpretasie van 2 Petrus 2:1, wat praat van "valse profete [wat] ... selfs die Heer wat hulle vrygekoop het, verloën." Die Gereformeerde skolastieke interpretasie van hierdie teks is veral interessant in die lig van die Dordtse Leerreëls (II.8) se uitspraak dat:

> Christus deur die bloed van sy kruis – waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het – uit alle volke, stamme, geslagte, en tale dié almal en dié alleen, kragdadig ... verlos wat van ewigheid af tot saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is.

Wittich (1553.3.15) argumenteer ook dat aangesien slegs die uitverkorenes deur Christus vrygekoop is, dit nie die geval met hierdie valse profete kon wees nie, en daarom meen hy dat "'vrygekoop' hier net verstaan kan word as die mening wat hulle oor hulself en ander oor hul gehandhaaf het, en waarvolgens hulle as verlostes beskou is."[9] Hierteenoor meen Van Mastricht (1655.5.16) dat die aanvaarding van Wittich se interpretasie daarop sou neerkom om toe te gee dat die Heilige Gees soms die valse standpunte van mense selfs in terme van die belangrikste leerstellige kwessies as deel van die openbaring van die Bybel geïntegreer het. Dit sou beteken dat die Bybel selfs met betrekking tot die mees sentrale leerstellings, soos die soenverdienste van Christus, onbetroubaar is. In reaksie op Wittich beweer Van Mastricht dat die verwysing hier nie na Christus se werk as Middelaar is nie, maar na sy werk as soewereine Heerser. Die bevryding waarna in hierdie vers verwys word dui dan, aldus Van Mastricht, nie op verlossing nie, maar op die bevryding van onkunde omdat die evangelie ook aan hierdie valse profete bekend gemaak is.

Nog 'n voorbeeld wat spesifiek deur Wittich beklemtoon word ter stawing van sy standpunt, is die Bybelse beskrywing van Saul se besoek aan die waarsêer te Endor in I Samuel 12:12–20. Wittich (1653:3.10) het beweer dat, aangesien die oproep van geeste 'n duiwelse gebruik is, dit in werklikheid nie Samuel kon wees wat in die visioen aan Saul verskyn het nie, maar eerder 'n demoon wat homself as Samuel voorgedoen het. Dus, wat die Bybel hier beskryf as die oproep van Samuel se gees was in werklikheid iets anders, wat beteken dat die teks Saul se sintuiglike ervaring eerder as die werklikheid self weergee. Wittich beklemtoon ook hierdie teksgedeelte as "'n baie sterk voorbeeld ter stawing van my standpunt."[10] Van Mastricht se teenargument is dat die Skrif as 'n reël verskynsels volgens voorkoms benoem, en dat die demoon hier as Samuel beskryf word nie omdat dit Saul of enige waarnemer se empiriese standpunt sou weerspieël nie,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

maar bloot omdat die demoon die voorkoms van Samuel gehad het. Ter ondersteuning van sy standpunt beroep hy hom ook op Augustinus se gebruik van die *analogia scriptura*, waarvolgens die komplekser gedeeltes van die Skrif by wyse van eenvoudiger gedeeltes waarvan die betekenis voor die hand liggend is, verklaar behoort te word (Van Mastricht 1655:5.11). Hierdie eksegetiese beginsel, wat ook deur die hervormers self toegepas is, het sistematies na vore getree in die werke van die Gereformeerde skolastici van die sewentiende eeu (Horton 2009:24). Van Mastricht pas hierdie beginsel ook op die teksgedeelte toe deur daarop te wys dat hierdie gedeelte as 'n tipiese metaforiese beskrywing van 'n gegewe werklikheid verstaan behoort te word.

Wat die goddelike aard van die Bybel betref, beskryf Van Mastricht later in sy *Theologiae theoretico-practicae* (1677a:52) drie wyses waarop die Heilige Gees die teks van die Bybel geïnspireer het: 1) God het self die woorde neergeskryf, soos met die Tien Gebooie; 2) God het die woorde beveel wat neergeskryf moet word; en 3) God het die skryfproses as geheel beheer – dit wil sê die ervarings, gedagtes en wil van die menslike outeurs van die Bybel – sodat die woorde neergeskryf is presies soos wat God dit wou hê. Hierdie proses van goddelike inspirasie is volgens Van Mastricht (1677a:53) nie net beperk tot die skryf van die oorspronklike teks nie, maar strek selfs verder tot by die proses van kanonisering.

Van Mastricht (1677:53–6) maak vanuit hierdie inspirasieleer die volgende afleidings aangaande die aard en gesag van die Bybel:

1) Die Bybel se gesag is nie afhanklik van enige iets of enige iemand behalwe God self nie. Dit beteken dat die Bybel die grondslag vorm vir elke aspek van die Christelike leer en lewe. Die Skrif is beide die uiteindelike leerstellige sowel as etiese rigsnoer;
2) Die Bybel se gesag het betrekking op elke aspek wat daarin aangespreek word;
3) Die Bybel is onfeilbaar, wat beteken die teks is vry van alle menslike foute of onreinheid;
4) Die Bybel se boodskap is duidelik en verstaanbaar;
5) Die Bybel is volmaak deurdat dit alles openbaar wat nodig is vir die Christelike leer en lewe;
6) Die Bybel is noodsaaklik, aangesien daarsonder geen kennis van die saligheid vir ons moontlik sou wees nie; en
7) Die Bybel is nie net die enigste onfeilbare bron vir die saligheidsleer nie, maar verteenwoordig as geheel ook die enigste onfeilbare filosofiese sisteem, wat beteken dat alle filosofie wat daarmee in stryd is, verwerp moet word. Van Mastricht glo dat die menslike rede en sintuie ook geheilig word wanneer dit in lyn met die Skrif gebring word.

Wat die betroubaarheid van die Bybelse teks betref, handhaaf Van Mastricht die standpunt dat die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste – beide die oorspronklike manuskripte en die tekste wat deur goddelike voorsienigheid aan die kerk oorgelewer is – onfeilbaar is. Alhoewel hy die bestaan van teksvariante erken, voer hy aan dat die rede nie beslissend kan wees in die keuse van 'n bepaalde variant nie. Hy beroep hom hier ook op die voorsienigheid van God, waarvolgens die tekste wat deur eeue heen deur die kerk gebruik is, noukeurig van enige onsuiwerhede deur Masoretiese en Bisantynse geleerdes bewaar is (Van Mastricht 1677:83–4).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

5. Die plek van die Bybel in Van Mastricht se skolastieke model

Uit sy geskil met Wittich en uit sy sistematiese uiteensetting van die aard en gesag van die Bybel, is dit duidelik dat dit vir Van Mastricht van wesenlike belang was om die onfeilbaarheid van die Skrif in terme van alles wat dit aanspreek, te bevestig. In hierdie opsig was sy bibliologie gekenmerk deur die toekenning van ’n besondere hoë plek vir die Skrif binne sy skolastieke model wat met ’n verwerping van beide die rasionalisme en empirisme gepaard gaan.

Hierdie aspek van Van Mastricht se skolastieke model word egter grotendeels deur die literatuur misgekyk. Die Koreaanse kerkhistorikus Hyun-Jin Cho (2012:34–5) skryf byvoorbeeld:

> Examining Reformed scholastics such as ... Van Mastricht ..., we reach the conclusion that Reformed scholastics employed ... methodology from Aristotelianism and Thomism in order to defend their main Reformed theological doctrines.

Verder beweer die Nederlandse kerkhistorikus Willem van Asselt in sy *Inleiding in de gereformeerde scholastiek* (1998:67) dat Van Mastricht se kritiek op die skolastieke model van Thomas Aquinas bloot te make het met die inhoud daarvan en nie die epistemologiese metode nie. Die hoogleraar in Historiese Teologie aan die Protestantse Teologiese Universiteit Amsterdam, Aza Goudriaan (1969–), voer ook aan dat Van Mastricht deel is van die Voetiaanse skool, wat gekenmerk word deur die verdediging van die Aristoteliaanse filosofie soos beliggaam deur Aquinas (Goudriaan 1999:3, 6). Meer onlangs beweer die Amerikaanse kerkhistorikus Forrest C. Strickland (2023:123) dat Voetius se hoë waardering vir Aquinas se empirisme, ook wat betref sy polemiek teen die Cartesianisme, kenmerkend was van die sewentiende-eeuse Gereformeerde skolastici. Die uitgangspunt van al hierdie outeurs, naamlik dat Van Mastricht as Voetiaan epistemologies aansluiting by Thomas Aquinas vind, kan grotendeels daaraan toegeskryf word aan die feit dat die Voetiane, in lyn met Aquinas, ’n besonder hoë waardering vir die epistemologiese rol van die sintuie gehandhaaf het (Beck 2001:208).

Juis in terme van die epistemologie distansieer Van Mastricht hom in verband met sy verwerping van die rasionalisme van Aquinas se empirisme. In deel een van sy *Theologiae theoretico-practicae* skryf Van Mastricht (1677a:8) byvoorbeeld dat sommige “in navolging Aquinas skaamteloos begin het om nie net vreeslike filosofiese begrippe verkeerd aan te wend nie, maar ook die Skrif te minag, aangesien leerstukke nou by wyse van filosofiese redevoering probeer bewys is, en verder dat mense soos Aristoteles, Averroes en ander se gesag gelykgestel is met die Skrif, en in sommige gevalle selfs bo die Skrif verkies is.”[11] Van Mastricht (1677a:46–7) gee wel toe dat die natuur as tugmeester dien in die sin dat haar bestaan ook die bestaan van ’n godheid as skepper en onderhouer veronderstel. Hy beklemtoon egter ook dat die menslike sintuie self, weens verdorwenheid, nie as rigsnoer vir kennis van hierdie godheid en die goddelike wil vir die skepping kan dien nie. Hierteenoor stel hy dat die Bybel die enigste rigsnoer vir leer en etiek kan wees, aangesien dit ’n onbedorwe Godsopenbaring is. Om die Bybel op sintuiglike gronde te betwyfel, sou daarom alle ware godvrugtigheid in gedrang bring (Van Mastricht 1677b:11). Verder skryf hy in sy *Vindiciae* (1655:1.2.2) dat “daar dus vir ware kennis geen beter grondslag as die Skrif is nie. Gevolglik moet alles wat in die Skrif deurgegee word as waar aanvaar word, en alles wat daarmee in stryd is, as vals verwerp word.”[12]

Vir Van Mastricht (1677a:58–9) kan daar geen suiwer sintuiglike waarnemings of bevindinge van die rede wees wat met die Bybel in stryd is nie – nie net wat betref soteriologiese kwessies nie, maar ook historiese, etiese, of natuurwetenskaplike sake – aangesien hy meen dat die Bybel, as ’n openbaring van die hoogste, bonatuurlike waarheid, nie logieserwys gereduseer

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

kan word tot ’n minderwaardige bron wat betref natuurlike waarhede nie. Hier breek Van Mastricht beduidend met die empirisme kenmerkend van Thomistiese epistemologie. Aquinas skryf immers in sy *Quaestiones disputatae de veritate*, in navolging van Aristoteles, dat die mens “geen kennis besit wat nie by wyse van die sintuie na ons kom nie”[13] (Aquinas 1476:2.3.19). Daarenteen skryf Van Mastricht (1655:5.9) dat daar “sake is wat alleen deur geloof en nie by wyse van die sintuie geken kan word nie.”[14] Hierdie verwerping van die Thomistiese empirisme vind ons nie by Voetius nie. Inteendeel, Voetius se kritiek teen die Cartesianisme berus grotendeels op sy hoë waardering van die sintuiglike aspek van die epistemologie (Van Ruler 1995:214–5; Bellis 2013:154).

In terme van hierdie belangrike breuk met Aquinas gaan Van Mastricht dus veel verder as die Voetiane sowel as die Cocceiane (Van Asselt 2021:151–2) en beklee hy as ’t ware ’n unieke posisie onder die Gereformeerde skolastici wat betref sy verhouding tot die Thomisme.

Van Mastricht se *Vindiciae* is ook spesifiek geskryf in reaksie op Christoph Wittich se kritiese benadering tot die Skrif, wat Wittich juis regverdig deur te verwys na die opspraak veroorsaak deur Copernicus se sterrekunde. Wittich voer aan dat verskillende epistemologiese oorwegings vir natuurwetenskap en sterrekunde moet geld as vir die ontvangs van die besondere openbaring in die Bybel (Strazzoni 2024:204–5). Vir beide Van Mastricht en Voetius is die gesag van die Skrif as Godgegewe openbaring egter geensins beperk tot die veld van teologie nie, maar strek dit oor elke aspek van die skepping as Godgegewe werklikheid. In hierdie opsig is albei ongetwyfeld anti-Cocciaans. Tog is Van Mastricht se verwerping van veral die empirisme kenmerkend van die Thomisme, iets wat nie by Voetius en sy ander studente gevind word nie.

Van Mastricht wyk dus nie net inhoudelik nie, maar ook in terme van sy epistemologiese uitgangspunte beduidend van die Thomistiese skolastieke model af. Dit beteken egter geensins dat ons nie sy teologiese model as skolastiek van aard moet beskou nie. Wat sy logiese redevoering, sy beklemtoning van die sistematiese teologie en sy waardering van kerklike tradisie betref, is Van Mastricht natuurlik by uitstek skolastiek. Anders as die ander Voetiaanse skolastici verteenwoordig Van Mastricht se bibliologie egter ’n beduidende epistemologiese breuk met Aquinas se natuurreg. In hierdie verband word die Hervorming se klem op die Bybel as toets en maatstaf nie net streng gehandhaaf nie, maar ook sistematies ontwikkel en teenoor ander epistemologiese opvattings verdedig.

6. Gevolgtrekking

Die bestudering van Petrus van Mastricht se bydrae tot die Nadere Reformasie en sy posisionering binne die konteks van sewentiende-eeuse Gereformeerde skolastiek bevestig sy status as een van die belangrikste verteenwoordigers van die Gereformeerde ortodoksie in die debatte teen die Cartesianisme. Van Mastricht se teologiese sisteem, en meer spesifiek sy beskouing van die Skrif as onfeilbare, gesaghebbende openbaring, word sistematies ontwikkel as ’n bewustelike reaksie op die opkomende rasionalisme wat die Europese intellektuele klimaat van sy tyd gekenmerk het. In sy debat met die Cocciaanse teologie, veral sy polemiek teen Christoph Wittich, beliggaam Van Mastricht by uitstek die sewentiende-eeuse Dordtse ortodoksie met betrekking tot die leer van die Bybel as die enigste onfeilbare maatstaf van waarheid en kennis.[15]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Deur Wittich se pogings om die Skrif se gesag tot slegs die gebied van die geestelike of teologiese te beperk, asook sy verwerping van die Cartesiaanse epistemologiese benadering, benadruk Van Mastricht sy oortuiging dat die Bybel die hoogste gesag dra op alle kennisterreine, insluitend die wetenskap, filosofie, en sake wat met die alledaagse werklikheid verband hou. Hy verwerp Wittich se benadering as fundamenteel begrond in die voorveronderstelling dat die menslike rede en sintuie nie gevalle en verslaaf aan die sonde is soos die Gereformeerde belydenisskrifte leer nie. Dit beteken egter nie dat Van Mastricht van mening is dat daar geen kennis sonder geloof in die besondere openbaring sou wees nie, aangesien die natuurlike openbaring as tugmeester ook oorblyfsels van die besondere openbaring vertoon en as sodanig, hoewel gebrekkig, nuttig bly vir elke wetenskap. Wat wel vir hom van wesenlike belang is, is dat die Bybel as gesaghebbende rigsnoer betrek behoort te word by die interpretasie van rasionele en empiriese bevindinge (Van Mastricht 1677a:13).

Dat Van Mastricht homself by die Voetiane skaar in die debat teen die Cartesianisme, beteken egter nie dat sy bibliologie bloot as ’n afdruk van Voetius se leer aangaande Skrifgesag gesien behoort te word nie. Die integrasie van sy bibliologie in sy skolastieke model getuig immers van ’n besonder diepgaande waardering vir die epistemologiese verhouding tussen die goddelike openbaring en die mens se sintuiglike waarnemings – iets wat hy in meer diepte as enige ander Gereformeerde skolastieke denker uitgewerk het. Hierdeur het hy daarin geslaag om die Cartesiaans-Aristoteliaanse tweespalt in die epistemologiese debatte kenmerkend van sy tyd te deurbreek. Alhoewel Van Mastricht hom in hierdie debatte by sy leermeester Voetius geskaar het, was hy nie ’n Voetiaan in die sin wat dit algemeen verstaan word nie. Van Mastricht se beskouing van die natuurreg en met name sy klem op die verdorwenheid van beide die menslike sintuie en rede, plaas hom immers in stryd met die Thomistiese tradisie. Anders as Aquinas, wat die natuurreg as ’n onafhanklike bron van Godskennis beskou het, beklemtoon Van Mastricht die noodsaak daarvan om ook die algemene openbaring deur die lens van die besondere openbaring te interpreteer, juis omdat die rede en sintuie, sonder die leiding van die goddelike openbaring, nie in staat sal wees om betroubare kennis van God of die skepping te bekom nie. Hierdie standpunt weerspieël sy erns wat betref die Calvinistiese leer aangaande die totale verdorwenheid van die menslike natuur, en die gepaardgaande noodsaak aan ’n onfeilbare, goddelike openbaring as die enigste epistemologiese rigsnoer vir alle menslike kennis.

Ook wat sy teologiese metode betref, is dit duidelik dat Van Mastricht ’n beduidende breuk met die Thomistiese model maak deur die Skrif as epistemologiese basis vir alle kennis te beklemtoon. In teenstelling met Aquinas se empiriese beklemtoning van sintuiglike waarnemings as die beginpunt van alle kennis, betoog Van Mastricht dat alle geldige kennis, insluitend kennis van natuurlike verskynsels, altyd aan die Bybel getoets behoort te word. Dit beteken wel nie dat hy die sintuie of rede minag nie, aangesien hy beide as geldig beskou om ware kennis te verkry. Die kern van sy argument is egter dat die besondere openbaring in die Bybel, ook te midde van moderne wysigings in wetenskaplike bevindinge en vordering in wetenskaplike navorsing, blywend geag moet word as onfeilbare toets vir alle kennis. Inteendeel, vir hom is die Bybel die epistemologiese voorveronderstelling (*principio*) waarop ware kennis as sodanig berus (Van Mastricht 1655:1.2). Sy klem op epistemologiese voorveronderstellings blyk verder duidelik uit sy eksegese van moeilike Skrifgedeeltes, waar hy die gesag van die Bybel deurlopend handhaaf, selfs wanneer die teks in stryd met die bevindinge van die rede of sintuiglike waarnemings blyk te wees.

Natuurlik kan ’n mens, vanuit die moderne histories-kritiese hermeneutiek, teen Van Mastricht se uitgangspunte kan argumenteer dat die Bybel juis by uitstek ’n produk van menslike

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

ervaring, kultuur, en geskiedenis is, en as sodanig geensins vry van foutiewe opvattings oor historiese, etiese, of natuurwetenskaplike kwessies kan wees nie. Veral in die lig daarvan dat Bybeltekste deur verskeie outeurs oor duisende jare geskryf is, elk met hul eie beperkte begrip van die werklikheid, klink veral Van Mastricht se bewering dat die openbaring van bo-natuurlike waarheid daarom noodwendig absolute waarheid op alle vlakke beteken, veral vreemd op die moderne oor. Dit is dan juis ook veral Christoph Wittich, Van Mastricht se vernaamste Cocciaanse opponent, wat onder die sewentiende-eeuse Gereformeerde skolastici uitstaan as die een wat ’n beduidende bydrae gelewer het tot die ontstaan van moderne hermeneutiek (Schlebusch 2021:253). Nogtans bied hierdie ondersoek na Van Mastricht se bibliologie ’n besondere insig aangaande hoe daar vanuit die raamwerk van die Dordtse ortodoksie omgegaan is met die verhouding tussen natuur en genade in die lig van die epistemologiese uitdagings waarmee die sewentiende-eeuse Gereformeerde skolastiek gekonfronteer is. Sy skolastieke model bied daarom nie net ’n unieke beligting van die epistemologiese debatte van sy historiese konteks nie, maar ook ’n blywende nalatenskap wat die voortdurende filosofiese behoefte aan die harmonisering van geloof en rede weerspieël.

Van Mastricht se unieke bydrae tot die Gereformeerde epistemologie het nog nie die nodige aandag in die literatuur ontvang nie. Die vooraanstaande kerkhistorikus op die gebied van Gereformeerde skolastiek, Richard Muller (2019:21, 33), beweer dat die vroeëre Neo-Calvinis Herman Bavinck die Gereformeerde skolastici se siening deel dat die natuurlike openbaring die grondslag van die besondere openbaring is. Latere Neo-Calviniste soos Cornelius Van Til en Herman Dooyeweerd volg egter ’n ander benadering. Hulle beklemtoon epistemologiese voorveronderstellings rakende die begrip van empiriese data. Volgens Muller plaas hierdie klem hulle binne ’n neo-Hegeliaanse raamwerk, wat ’n beduidende breuk met die sewentiende-eeuse Gereformeerde skolastiek verteenwoordig. Hierteenoor, meen Muller (2019:33), dat Bavinck ’n “continuity in the understanding of natural revelation” verteenwoordig met betrekking tot die Gereformeerde skolastiek en dat hy daarom “far closer to Aquinas” was. Die bevindinge van hierdie studie met betrekking tot Petrus van Mastricht as een van die vernaamste verteenwoordigers van die Gereformeerde skolastiek gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu, daag hierdie gangbare historiese interpretasie uit. Die primêre bronne dui daarop dat Van Mastricht se Gereformeerde skolastieke benadering met betrekking tot die verhouding tussen die besondere openbaring in die Bybel en natuurlike openbaring, inderdaad beduidend met Aquinas gebreek het. Die epistemologiese afwysing van Thomisme vanuit die Calvinistiese ortodoksie is dus nie, soos Muller beweer, iets wat eers in die twintigste eeu met die Neo-Calviniste na vore getree het nie, aangesien dit reeds duidelik in die skolastieke model van Van Mastricht na vore gekom het.

Hierdie artikel herwaardeer van die rol van Petrus van Mastricht se bibliologie in terme van sy skolastieke teologies-filosofiese sisteem, met die klem op die unieke wyse waarop hy as leidende figuur tydens die Nadere Reformasie, sewentiende-eeuse debatte aangaande die verhouding tussen openbaring en rede, sowel as natuur en genade, benader het. In daardie intellektueel-historiese konteks het hy, vanuit die Calvinisme soos dit beslag gevind het in die Dordtse ortodoksie, ’n filosofiese alternatief daargestel wat gekenmerk is deur ’n afwysing van beide die rasionalisme sowel as die empirisme.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Bibliografie

Aquinas, T. 1476. *Quaestiones disputatae de veritate*. Rome: Arnold Pannartz.

—. 1484. *Prima pars secunde partis summe theologie beati*. Napels: Antonius de Strata, de Cremora.

Bac, J.M. 2010. *Perfect will theology: Divine agency in reformed scholasticism as against Suarez, Episcopius, Descartes and Spinoza*. Leiden: Brill.

Beck, A.J. 2001. *Gisbert Voetius (1589–1676): Basic features of his doctrine of God in Reformation and Scholasticism – an ecumenical enterprise*. Grand Rapids, MI: Baker Book House.

Bellis, D. 2013. Empiricism without Metaphysics: Regius' Cartesian natural philosophy. In Dobre en Nyden (reds.) 2013.

Brienen, T., K. Exalto, C. Graafland, B. Loonstra en W. van't Spijker (reds.). 1993. *Theologische aspecten van de nadere reformatie*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Cellamare, D. 2019. A theologian teaching Descartes at the Academy of Nijmegen (1655– 1679): Class notes on Christoph Wittich's course on the meditations on first philosophy. *Intellectual History Review*, 29:1−29.

Cho, H.J. 2012. *Jonathan Edwards on Justification: Reformed development of the doctrine in eighteenth-century New England*. New York: University Press of America.

Chung, S.W. (red.). 2009. *John Calvin and evangelical theology: Legacy and prospect*. Colorado Springs, CO: Paternoster.

Cocceius, J. 1706. *Opera anecdota, theologica et philologica*. Lusern: Universiteit van Lusern.

Descartes, R. 1644. *Principia philosophiae*. Ludovicum Amsterdam: Elzevier.

Dobre, M. en T. Nyden (reds.). 2013. *Cartesian empiricisms*. Springer: Dordrecht.

Goosen, D. 2011. Die teoretiese lewe: perspektiewe vanuit die tradisie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):490–506.

Goudriaan, A. 1999. *Philosophische Gotteserkenntnis Bei Suárez und Descartes: Im Zusammenhang Mit Der Niederländischen Reformierten Theologie und Philosophie Des 17. Jahrhunderts*. Leiden: Brill.

—. 2006. *Reformed Orthodoxy and Philosophy, 1625–1750: Gisbertus Voetius, Petrus van Mastricht, and Anthonius Driessen*. Leiden: Brill.

Graafland, C. 1993. Schriftleer en schriftverstaan in de Nadere Reformatie. In Brienen e.a. (reds.) 1993.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Gwon, G. 2020. Petrus van Mastricht on Christ's suretyship in the Old Testament. In Neele (red.) 2020.

Hatfield, G.C. 2003. *Routledge philosophy handbook to Descartes and the Meditations*. Londen: Routledge.

Hollewand, K.E. 2019. *The banishment of Beverland: Sex, sin, and scholarship in the seventeenth-century Dutch Republic*. Leiden: Brill.

Horton, M. 2009. Knowing God: Calvin's understanding of Revelation. In Chung (red.) 2009.

Kaplan, B.J. 2019. *Reformation and the practice of toleration: Dutch religious history in the early modern era*. Leiden: Brill.

Kuyper, A. (red.). 1887. *D. Gysberti Voetii selectarum disputationum fasciculus*. Amsterdam: Wormser.

Le Roux, J. 2021. *Die Dordtse Leerreëls*. Pretoria: Lig in Duisternis.

Muller, R.A. 2019. Kuyper and Bavinck on natural theology. *The Bavinck Review*, 10:5–35.

Neele, A.C. 2005. *The art of living to God: A study of method and piety in the Theoretico-practica theologia of Petrus van Mastricht (1630–1706)*. Pretoria: Pretoria University Press.

—. 2009. *Petrus van Mastricht (1630–1706), Reformed orthodoxy: Method and piety*. Leiden: Brill.

—. 2019. *Before Jonathan Edwards: Sources in New England theology*. New York: Oxford University Press.

Neele, A.C. (red.). 2020. *Petrus van Mastricht (1630–1706): Text, context, and interpretation*. Göttingen: Vanderhoeck & Ruprecht.

Powers, J.C. 2001. *Herman Boerhaave and the pedagogical reform of eighteenth-century chemistry*. Indianapolis: Indiana University.

Sakamoto, K. en Y. Kato. 2024. Between reason and revelation: Petrus van Mastricht's critique of the Cartesian doctrine of the Trinity. *Reformation & Renaissance Review*, 26(2):127–142.

Schlebusch, J.A. 2021. Die begrip *accommodatio* by Christoph Wittich (1625–1687) en sy Cartesiaans-rasionalistiese omgang met die Bybelse teks. *LitNet Akademies*, 18(1):240–258.

Strazzoni, A. 2024. Descartes on place and motion: Reading through Cartesian commentaries. *Berichte zur Wissenschaftsgeschichte*, 47:179–214.

Strickland, F.C. 2023. *The devotion of collecting: Dutch ministers and the culture of print in the seventeenth century*. Leiden: Brill.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

Van Asselt, W. 1998. *Inleiding in de gereformeerde scholastiek*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

—. 2001. *The federal theology of Johannes Cocceius (1603–1669)*. Leiden: Brill.

Van Mastricht, P. 1655. *Vindiciae veritatis et authoritas sacrae scriptura in rebus philosophicis adversus dissertationes duae Christophori Wittichii*. Utrecht: Waesberge.

—. 1677a. *Theologiae theoretico-practicae disputatio septima de essentia, nominibus et atrributis Dei in genere. Pars 1*. Dreunen: Meindard.

—.1677b. *Novitatum cartesianarum gangraena, seu theologia cartesiana detecta*. Amsterdam: Waesberge.

Van Ruler, 1995. *The crisis of causality: Voetius and Descartes on God, nature, and change*. Leiden: Brill.

Voetius, G. 1636a. Ratio humana in rebus fidei. In Kuyper (red.) 1887.

—. 1636b. *Sermoen van de nuttigheydt der Academiën ende Scholen mitsgaders der Wetenschappen en de costen die in deselve gheleert worden*. Utrecht: A en P Roman.

Wittich, C. 1653. *Dissertationes duae quarum prior de s. scripturae in rebus philosophicis abusu, examinat*. Amsterdam: Elzevier.

Eindnotas

[1] Die reeks vertalings word uitgegee deur Reformation Heritage Books, ’n niewinsgewende uitgewer gebaseer in Grand Rapids, Michigan, en wat nou verbonde is aan die Heritage Reformed Congregations, ’n kerkverband in die VSA.

[2] Die oorspronklike Latyn lees: “Ratio humana non est prior notior, cerior fidei, ergo non est eius principium”. Alle vertalings uit die Latyn is my eie.

[3] lumen rationis perfectus existerre nullibi, quam in Scriptura. Adeoque nulli principio, Solidiorem et certiorem posse superstrui scientiam, quam scripturae sacrae. Et consequenter quicquid cum ea convenit, illud tanquam verum, esse recipiendum, quod contra cum ea pugnat, ut falsum esse, reprobandum.

[4] Et sic ratio considerari potest, vel in idea, seu ut olim fuit in statu innocentiae, omnibus numeris perfecta, qualis in hominibus, post lapsum saltim, in rerum natura non datur: vel in natura, prout etiamnum in hominibus reperitur, scil: in divinis ac spiritualibus caeca; in naturalibus lusca et sauciata; in omnibus admodum imperfecta.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c2

[5] lumen rationis perfectus existerre nullibi, quam in Scriptura. Adeoque nulli principio, Solidiorem et certiorem posse superstrui scientiam, quam scripturae sacrae. Et consequenter quicquid cum ea convenit, illud tanquam verum, esse recipiendum, quod contra cum ea pugnat, ut falsum esse, reprobandum.

[6] Van Mastricht onderskei hier die teologie as 'n wetenskap van wat hy beskryf as "scientia subalternans" oftewel die "afgeleide wetenskappe," – dit wil sê wetenskappe wat binne 'n groter epistemologiese raamwerk wat deur die teologie daargestel is, beoefen word.

[7] Cogitione, rerum quidem supernaturalium penitus orbatis, quoad naturalium vero scientiam, graviter Sauciatis.

[8] hic autem scriptura loquitur directe contra opinionem vel vulgi, quis enim dixerit, vulgus tempore Apostoli credidisse Melchisedecum fuisse absque patre, absque matre, absque genealogia, absque initio dierum, absque fine vitae.

[9] Itaque illiud mercaritantum est accipiendum secundum opinionem tum ipsorum, tum aliorum, qua pro redemptis habebantur.

[10] Et hic locus valde firmus est ad probandam nostrum sententiam.

[11] Eiusque discipulum Thomam Aquinatem, a quo, absque uilo pudore, non duntaxat, horridiores isti termini Philosophici, immensum aucti sunt; sed insuper, sepostis Scripturis, capita fidei, rationibus philosphicis demonstrari, et Aristoteles, Averroes alique, Scripturis aequari, si non praeferii, coeperunt.

[12] Adeoque nulli principio, solidorem et certiorem posse superstrui scientiam, quam scripturae sacrae. Et consequenter quicquid cum ea convenit, illud tanquam verum, esse recipiendum, quod contra cum ea pugnat, ut falsum esse reprobandum.

[13] Nihil est in intellectu quod non sit prius in sensu.

[14] rebus puraputa fide cognitis, necenim per sensus.

[15] In Dordtse Leerreëls III/IV.4 word daar geleer dat daar "wel na die val van die mens nog 'n bietjie lig van die natuur oorgebly het waardeur hy enige kennis behou van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook enigsins 'n strewe openbaar na deug en uiterlike tug. Maar so onmoontlik is dit vir die mens om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer, dat hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie; ja, dit veel liewer – hoedanig dit ook al mag wees – op verskillende maniere geheel en al besoedel en in ongeregtigheid onderdruk."

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

’n Teologiese perspektief op die benadering en bydrae tot die kerk se getuienis in die liedjies van die musiekgroep Prophet

Jacob P.J. de Bruyn

Jacob P.J. de Bruyn, onafhanklike navorser

Opsomming

Prophet is ’n Afrikaanse musiekduo wat in die vroeë 1980’s deur twee AGS-teologiestudente gestig is, en wat vanuit ’n Christelike agtergrond optree. Hulle uitgebreide oeuvre sluit die bekende lied “Houtkruis” in, wat al deur talle ander kunstenaars opgeneem is. Die navorsingsdoelwit is die evaluering van Prophet se rol in en benadering in verhouding tot die kerk se getuienisroeping binne die konteks van God se regering (koninkryk). Dit behels ’n kwalitatiewe beskrywende ontleding van lirieke, met verwysings na toepaslike kontekste van ’n aantal uitgesoekte liedjies wat die groep oor ’n tydperk van 28 jaar vrygestel het. Die studie word vanuit ’n breë teologiese perspektief benader, wat missiologiese, prakties-teologiese, en Ou- en Nuwe-Testamentiese insigte insluit.

Trefwoorde: Afrikaanse musiek; alternatiewe musiek; Christelike musiek; kerk; liedteks/lirieke; profeties; Prophet; satire

Abstract

A theological perspective on the approach and contribution to the church’s witness in the songs of the music group Prophet

Prophet is an Afrikaans music group founded in the early 1980s by Koos van der Merwe and Theo Geyser, theology students from the AFM (Apostolic Faith Mission) at the time, performing their music from a Christian frame of reference. In the early years, they were often seen as controversial with many congregations opposing their performances. Over time, however, attitudes began to change, and they were regularly invited to perform at a variety of

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

congregations. In 1993, their well-known song “Houtkruis” (“Wooden Cross”) was released, becoming popular amongst Christian audiences, and many cover versions by various artists have been recorded over the years.

This study comprises a theological evaluation of Prophet’s approach and contributions to the witness of the church through a qualitative descriptive analysis of a selection of songs released by the group between 1993 and 2021. An integrated theological approach is employed, combining insights from missiology, practical theology, and Old and New Testament studies. The analysis is confounded by the convergence of several disciplines: on the one hand, lyric writing and musical production – which cannot be pragmatically separated – and on the other, theology. Each of these components contains an inherent element of subjectivity in interpretation. This does not, however, invalidate (responsibly reached) conclusions, but rather forms a necessary part of making theological ideas and impressions of artistic works relevant to one’s own context.

The various musical contexts in which Prophet functions demonstrate how they sometimes overlap with mainstream genres. Their origins coincide with the heyday of CCM (Contemporary Christian Music), which emerged as the rock music soundtrack of the so-called Jesus revolution of the late 1960s and early 1970s, and helped to distinguish their music from what was at the time still regarded as acceptable church music. In certain respects, Prophet also seems to fit into the category of alternative Afrikaans music, while other songs reflect more traditional Afrikaans cultural influences. Considering their development in terms of lyrics and overall presentation, it becomes problematic to classify their music as purely Christian. The presence of religious themes in their lyrics merely suggests that they approach their music from a faith-based perspective.

The description and analysis of different themes in their music are, admittedly with a degree of subjectivity, arranged into four categories according to the lyrical content. Beginning with strictly church-related and biblical tropes, such examples can be found regularly in Prophet’s early releases, with themes such as the crucifixion and criticism of certain church traditions and practices featuring prominently. Songs released later in their career still feature these themes, although less frequently, and sometimes more subtly. Subsequent sections address universal human concerns – for example, the transience of human existence – which, while common in biblical literature, are at the same time a prevailing concern amongst all people. Prophet addresses these themes from various perspectives, ranging from faith-based (also sometimes quite subtle) to more general, non-religious viewpoints. The themes are: mortality and being human, interpersonal relationships, and social justice.

The theological consideration is divided into three sections. Firstly, an assessment of the humour and satire which occur throughout Prophet’s oeuvre, and their apparent ability to move fluidly between amusement and seriousness. Even though humour and satire are two distinct concepts, they are often mentioned together. Satire regularly – but not always – contains humorous elements and typically involves a (satirical) target combined with some form of moral judgement. Accordingly, some of Prophet’s songs are purely humorous, such as lyrics that comically describe biblical characters and narratives, often with some spiritual application; others are satirical, as can be found in their criticisms of hypocrisy and falsehood within faith communities. Many theologians have explored the presence of literary devices such as humour, irony, and satire in the Bible and faith contexts, and Prophet’s use of these techniques can be theologically justified. Nevertheless, humour and satire are rarely employed within the wider

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

context of Christian artists' overall presentations, and Prophet's approach serves as a valuable model for effective communication of Christian messages.

Secondly, their creativity and originality contrast with much of contemporary Christian music, particularly in the context of contemporary worship music. Theologically, there is a compelling argument for greater variety within this genre. Prophet's inclusion of themes related to interpersonal (horizontal) relationships balances the emphasis on people's (vertical) relationship with God. In addition to the often higher poetic quality of their lyrics – when compared to some of the more mediocre offerings in Christian music – they also indirectly provide disapproving commentary on many of the mindless mainstream Afrikaans (love) songs. Furthermore, their occasional use of colloquial language opposes the archaic, religiously orientated and overtly sentimental lyrics sometimes found in Christian music. This article shows how Prophet has, over time, moved from a narrowly defined religious environment to a more comprehensive sphere – reflecting not only changing societal realities, but also a missional principle of inclusivity.

Lastly, Prophet claims that their name was chosen in jest, with no intention of conveying any deeper meaning. Nevertheless, several of their songs display prophetic themes in accordance with the contemporary understanding of the eighth century BCE Hebrew prophets' social and political justice sermons and actions. On their last album, Prophet addresses the important issue of colonisation by "the empire". Its relevance is highlighted by Jesus's confrontation with the Roman Empire, which ultimately led to his crucifixion, but it is also applicable to the Christian community's witness to current world powers. This is particularly important against a background of some local theologians' views that prophetic criticism has largely fallen silent since the advent of a democratic South Africa. Prophetic witness remains a central part of the church's witness, and one of Prophet's songs, lamenting the impression that the prophets have become mute, deserves to be taken seriously.

Keywords: Afrikaans music; alternative music; Christian music; church; lyrics; Prophet; prophetic; satire

1. Inleiding

Prophet is in 1982 deur Koos van der Merwe en Theo Geyser gestig, destyds albei teologie-studente van die Apostoliese Geloofsending (AGS). In die beginjare is die groep dikwels as omstrede beskou: kerkgangers het tydens optredes uitgeloop, hulle is voor tugkomitees gedaag, en radiostasies het geweier om hulle musiek te speel (Strydom 2021). Die lied "Houtkruis", wat in 1993 vrygestel is, is egter goed ontvang en is sedertdien deur talle ander kunstenaars opgeneem. Houdings teenoor die groep het begin verander en gereelde uitnodigings om by 'n wye reeks gemeentes op te tree, het gevolg. Albei groeplede is tans voltydse leierleraars – Van der Merwe by die Eden-gemeente op George, en Geyser by InVia-gemeente op Stellenbosch en in Kaapstad. Hulle het albei DLitt et Phil-grade, en Geyser het in 2024 ook 'n PhD verwerf.

Tussen 1993 en 2021 het Prophet tien albums met nuwe materiaal vrygestel, waarvan een in Engels is. Die groep het etlike ATKV-Liertoekennings vir Mees Uitnemende Geestelike Musiek ontvang, en in 2021 was hul album *Die kolonie* vir 'n tyd lank nommer een op Apple iTunes se speellys in Suid-Afrika. Van der Merwe het ook bekendheid as solokunstenaar verwerf en verskeie albums die lig laat sien.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

2. Navorsingsdoelwit

Die navorsingsdoelwit is ’n teologiese evaluering van Prophet se benadering en bydrae tot die kerk se getuienisroeping. Die ontleding volg ’n kwalitatiewe beskrywende benadering van ’n aantal beduidende temas, wat toepaslike kontekstuele en teologiese opmerkings insluit. Dit word uiteindelik vanuit ’n geïntegreerde teologiese uitgangspunt beoordeel (vgl. Hauf 2018:7; Hazle 2009:7), met insigte vanuit missiologie, praktiese teologie, en Ou- en Nuwe-Testamentiese studies.

3. Metodologie

Die korpus bestaan uit ’n keuse van liedjies wat tussen 1993 en 2021 op Prophet-albums verskyn het. Die liedjies word volgens lirieke in temas ingedeel – ’n subjektiewe proses, deels omdat ’n lied nie altyd net een onderwerp dek nie en temas gevolglik soms oorvleuel. Datumverwysings van liedjies dui op die eerste vrystelling; waar moontlik is liedtekste vanaf skriftelike bronne soos albumnotas verkry, andersins is dit direk vanaf die musiekopnames getranskribeer.

Lys van albums, met die jare van vrystelling, wat vir die studie gebruik is:

Prophet sing Houtkruis (1993)
Ban hom uit die sinagoge (1995)
Paradysplagiaat (1996)
Heilige koeie (1997)
Proploos (1998)
Plastiekkansel (2000)
Broos onder die blou son (2005)
Die kolonie (2021)

Die dissiplines van liriekskryfkuns en teologie wat in die vertolking van liedtekste bymekaarkom, is nie een volkome objektief nie. Tsakona (2020:5–6) wys daarop dat ’n sender se bedoeling nie die ontvanger se verstaan daarvan bepaal nie, en laasgenoemde se ontleding kan van die oorspronklike bedoeling verskil. Dit maak egter nie vanselfsprekend ’n ander (redelike) vertolking ongeldig nie, maar dra by om ’n skeppende werk op ’n mens se eie omstandighede van toepassing te maak. Volgens Pieterse en Wepener (2021:2) geld hierdie beginsel ook vir lesers se vertolking van die Bybel. Liedtekste en musiek vorm verder ’n artistieke eenheid waar die een nie sonder meer van die ander geskei kan word nie, en hoewel Van der Merwe vir die meeste lirieke verantwoordelik is en Geyser vir baie van die musiek, word hulle as ’n skeppende eenheid in verwysings dwarsdeur die teks beskou; die diskografie dui wel aan wie die musiek gekomponeer het en wie vir die lirieke verantwoordelik is.

Wat die navorsingsraamwerk betref: ná ’n kort agtergrondskets van die verskillende musiekkontekste waarin Prophet funksioneer, word die liedjies beskryf en ontleed. Vir hierdie doel is die liedjies in vier kategorieë volgens temas ingedeel: eerstens, kerklik en Bybel (5.1), gevolg deur drie temas met oorvleuelende geloofsperspektiewe en algemene (sekulêre) sienings: verganklikheid en menswees (5.2), interpersoonlike verhoudings (5.3), en sosiale protes (5.4). In die laaste deel van die artikel word daar teologies besin oor Prophet se benadering en hoe dit bydra tot die (universele) Christengemeenskap se getuienis, deur te besin oor humor (6.2), oorspronklikheid (6.3), en profetiese roeping (6.4) soos wat dit in die voorafgaande evaluerende deel voorkom.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

4. Musiekagtergronde

Die term *CCM* (Contemporary Christian Music) het tydens die sogenaamde Jesus-rewolusie van die laat sestiger-, begin sewentigerjare beslag gekry, toe hoofsaaklik Amerikaanse kunstenaars soos Larry Norman, Love Song, Petra, en vele ander Christelike rockmusiek begin maak het. 'n Ander benaming wat meermale as 'n oorkoepelende term vir uiteenlopende Christelike musiekstyle aangewend word, is *gospel*. Dit kan egter ook na 'n spesifieke genre verwys wat óf Christelik óf nie-Christelik kan wees, afhangende van die konteks.

Hoewel CCM van meet af aan lof- en aanbiddingsliedjies ingesluit het, het hierdie vorm later meer prominent geword sodat daar ook van kontemporêre aanbiddingsmusiek gepraat word. Die tyd toe Prophet begin optree het, het met die bloeitydperk van CCM saamgeval, en op daardie stadium het hulle daarby ingepas. Dit het ook hulle musiek onderskei van wat destyds dikwels nog as aanvaarbare kerkmusiek beskou is. Hulle latere albums pas nie volledig in 'n suiwer Christelike kategorie in nie, en die Christelike strekking in baie van hul lirieke beteken uiteindelik niks meer nie as dat dit deur Christelike geloofsoortuigings geïnspireer is. Mark Joseph se opmerking (aangehaal in Sanneh 2018) aangaande CCM aan die begin van die millennium, is ook op Prophet van toepassing: "Christian rock was giving way to Christians in rock."[1]

Prophet toon breë ooreenkomste met 'n heel ander milieu – dié van alternatiewe Afrikaanse musiek, wat in die 1980's as versetmusiek teen die apartheidsregering ontstaan het. Die outeur S.D. van der Merwe (2019:115) verwys onder meer na die groep Wildebeest met "Bossies", en James Phillips (onder die naam Bernoldus Niemand), se "Hou my vas korporaal", wat van die eerste liedjies van die Voëlvry-beweging was. Verskille tussen hoofstroom en alternatiewe Afrikaanse musiek is duidelik op Republiekdag (31 Mei) 1990 geïllustreer toe die FAK 'n musiekfees by die Voortrekkermonument aangebied het, terwyl 'n alternatiewe fees genaamd Houtstok (spottenderwys vernoem na die Amerikaanse Woodstock-rockfees) terselfdertyd daar naby gehou is (Van der Merwe [S.D.] 2019:135).

Die AGS het op hulle beurt die Houtkruis-musiekfees 'n jaar later aangebied, en in 1992 is Houtkruis II as 'n "Alternatiewe Christelike Musiekkonsert" bekendgestel, waar die "omstrede groep" Prophet opgetree het. Die AGS-publikasie, *Pinksterboodskapper*, het opgemerk dat Prophet se "[…] lirieke is spontaan, eerder as deurdag en maak dit eintlik alternatiewe musiek" (Nel 2003:91, 93).

In 2006 het Prophet en die omstrede Afrikaanse rockgroep Fokofpolisiekar se paaie op 'n ironiese wyse gekruis: Polisiekar se baskitaarspeler, Wynand Myburgh, het die woorde "F—God" op 'n aanhanger se beursie geskryf, wat daartoe gelei het dat kerkgroepe daarop aangedring het dat die KKNK (Klein-Karoo Nasionale Kunstefees) hul uitnodiging na die fees moet terugtrek; die organiseerders het nietemin daarteen besluit (Van der Merwe [S.D.] 2019:150). Prophet het gemeen dat Christene die verkeerde boodskap uitstuur deur Polisiekar te probeer boikot, en hoewel hulle godslastering afkeur, kon Christene se optrede tot teenkanting teen die Christendom lei en brûe verbrand. Na aanleiding van hierdie uitsprake het onder andere die Christelike kanaal, Radio Tygerberg, Prophet se Christenskap bevraagteken en hul musiek op die stasie verbied (De Villiers 2006).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

5. Beskrywing en ontleding van temas

5.1 Kerklike en Bybels-geïnspireerde temas

Prophet se kerklike ontstaansomgewing is merkbaar op hul vroeëre albums. Die debuut-uitreiking bevat uitsluitlik Bybelse of kerklike temas, byvoorbeeld "Gaapliedjie" (Van der Merwe 1993a), gebaseer op Efesiërs 5:14, "Word wakker, jy wat slaap". "Vleispotteliedjie" (Geyser en Van der Merwe 1996b) op *Paradysplagiaat* wissel af tussen rock en rustig, humor en erns, en omskryf die Eksodus-verhaal met die moedswillige Israeliete op pad terug na Egipte. "My siel se parlement" (Geyser en Van der Merwe 2000a) verbeeld die innerlike stryd tussen goed en kwaad (vgl. Rom. 7:18–9) in hedendaagse terme:

> Oneindige debat
> Wat woed hier in my hart
> In sitting sonder end
> Ekself die speaker, sweep en president
> […]
> Vermoor die president
> Ontbind die parlement
> Laat my bewind beswyk
> En bring O Heer die koninkryk

"Laat my sien"(Van der Merwe 2021) is een van enkele direkte Christelike liedjies op die laaste album, *Die kolonie*. Die verwerking is eenvoudig, met slegs mondfluitjie- en klavierbegeleiding, en die lirieke neem die vorm van 'n gebed aan:

> Een ding vra ek as ek vanaand kom kniel
> Mag ek tog nooit te doof wees om te hoor
> Die fluister en die wens van elke siel
> Die vlam wat flikker voor dit lig verloor

Die kruisigingstema verskyn soms terloops, soos "Daar's 'n hoender wat raas maar die kruis is sy baas" in "Hoenderliedjie" (Van der Merwe 1993b), en in "Sê die engeleliedjie" (Van der Merwe 1995), 'n rustige gebedslied met slegs een versreël wat die kruis noem: "[E]k was so pateties voor my botsing met die kruis."

"Houtkruis" (Van der Merwe 1993c) bring die kruistema as 'n rede om te sing in verband met die brutaliteit van die kruisiging, wat op dramatiese wyse deur treffende tromspel aan die einde van die lied beklemtoon word (op die oorspronklike opname). 'n Meer sombere lied, "Eli lama sabagtani" (Van der Merwe 1997), handel oor Jesus se verlatenheid aan die kruis soos vervat in die kruiswoorde "My God, my God, waarom het U my verlaat?" (Mark. 15:34, vgl. Ps. 22:2):

> Eli, Eli, hoor die donder
> Eli, Eli, o ek wonder
> Lama Sabagtáni
> Gee U nie om dat ek vergaan nie
> Eli, hoor die stilte skree
> […] Ek is alleen

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Dramatiese gebeure vorm die grondslag van die kruisliedere, wat – selfs sonder enige geloofsdimensie – 'n aangrypende verhaal vertel. Sien byvoorbeeld Borg en Crossan (2008:145–53) se beskrywing van Jesus se laaste ure. Gesien binne 'n geloofsraamwerk, vorm die kruisiging en opstanding die middelpunt van die Christelike geloof, 'n tema wat ook in heelwat van Prophet se werk voorkom.

Verskeie liedjies kan met motiveringspreke vergelyk word. "Moerbeiboerliedjie" (Geyser en Van der Merwe 1993a) is oorspronklik uitgereik met inleidende skrifverwysings na Lukas 17:6 en Psalm 92:11. Prophet se geloofsles is dat moerbeiboomprobleme deur mosterdwoorde verdryf word:

> O, kom word 'n moerbeiboer
> word 'n moerbeiboer van die diepsee
> Met 'n gees soos 'n blouwildebees

Die Psalm gebruik die beeld van 'n horing as 'n simbool vir die krag van 'n buffel gereed vir oorlog (Brueggemann en Bellinger 2014:400) – 'n geestelike stryd in die geval van "Moerbeiboerliedjie". Prophet se omskepping van "buffel" na "blouwildebees" is kreatief en dalk ook ter wille van die rymklanke gekies, maar dit is in elk geval meer aanvaarbaar as die King James Version en enkele ander Engelse weergawes wat dit met "unicorn" vertaal.

"Ek is hier"(Geyser en Van der Merwe 1997a), in die styl van 'n pop-ballade (vgl. Frith 2023), is byna 'n sekulêre liefdeslied, maar dit veronderstel die verhouding tussen God en mens (gesien vanuit God se oogpunt). Dit bemoedig mense wat voel dat hulle nêrens meer enige sin vind nie, met die versekering dat Hy altyd daar is: wanneer materiële voorspoed nie meer bevredig nie, as pille en partytjies nie meer werk nie, of as finansiële probleme knel – God is hier vir jou, selfs al kies jy Hom laaste.

"Leweliedjie" (De Klerk en Van der Merwe 1995), vanaf *Ban hom uit die sinagoge*, stel lagwekkend vreemde retoriese vrae – soos of 'n skerpioen jou sal soen, 'n slang na jou sal verlang, en 'n vis jou ooit nog sal mis in jou kis. Hierdie absurde vrae word gestel teenoor die refrein se konvensionele lirieke wat 'n mens aanmoedig om weer te leer lewe en te lag. Die laaste strofe bevat die enigste (subtiele) aanduiding van 'n geloofsaspek: "Al het jy 'n honderd keer verloor […] kyk na bo, begin te glo."

Vanaf die vroegste uitreikings was daar al 'n kritiese ingesteldheid teenoor aspekte van kerklewe en gepaardgaande aktiwiteite. Volgens Geyser (Gaum 2016) bepleit "Heilige-koeie-liedjie" byvoorbeeld die detradisionering van sekere kerklike gebruike; die lied se eindkommentaar: "Ai, die hartseer was groot oor die koeie se dood" (Geyser en Van der Merwe 1997b). "Vergaderingliedjie" (Geyser en Van der Merwe 1998), met behulp van 'n oordosis rymelary en ongewone woorde, dryf die spot met kerkraadsvergaderings:

> Voorgestel, gesekondeer
> Behendig sterk gemotiveer
> Retories groot beredeneer
> Intens daarna gedebatteer
> […]
> Met ordepunt geappelleer
> Tog inklamaties aksepteer
> Deeglik toe genotuleer
> Tog steeds geen siel geaktiveer

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

"Vergaderingliedjie" se rymelary, en "Kerkraadrapliedjie" (Geyser en Van der Merwe 1995a) se aanmekaargerygte allitererende karakters soos "Biddelose Bennie", "Tiendelose Theuns", en "Anti-als Albertus", onderstreep enersyds die satiriese aard van die liedjies, maar kan ook as metafore dien vir die hoeveelheid onsin wat dikwels tydens kerkraadsvergaderings gepraat word. Albei liedjies word gedeeltelik voorgedra/gekletsrym, wat die gedagte van meer pratery as optrede versterk, en "Kerkraadrapliedjie" se gevolgtrekking is dat daar is "[g]een gebrek aan faksies en niemand kom tot aksie". ("Rap" in dié lied is die informele Engelse term wat verwys na iemand wat (onskuldig) die blaam dra, en blyk ook woordspeling te wees op *klets* en *blaam*). In "Die kolonie" (Geyser en Van der Merwe 2021b) maak die lighartige benadering plek vir groter erns:

> Toe ek gister my las na die kerk toe dra
> Toe ek hoop daar's hoop toe ek raad gaan vra
> Was die kerkraad in sitting oor 'n groot gevaar
> En die deure was toe en die liefde was klaar

Twyfelagtige evangeliepredikers loop deur in "Popoliedjie" ["pawpaw"-liedjie] (Geyser en Van der Merwe 1995b). Die opgewekte boeremusiekverwerking ondersteun die humor wat spot met die "profeet", 'n wonderwerker, herlewingsprediker, en televangelis; die vermenging van Engels en Afrikaans is dalk tekenend van die Amerikaanse invloed. In die koorgedeelte wonder die verteller of die genoemde profeet weet dat al Jesus se kindertjies nie "popo's" is nie. Die strofes begin met die prediker se gedrag, maar die klem verskuif dan na Jesus se teenstellende optrede:

> Tussen armes en siekes het die Here gebly
> Hy't brood en vis gegee maar nooit hul geld gekry
> […]
> 'n Man of power for the hour[2] was Hy wel gewees
> maar vir die kinders en die sinners was Hy lief gewees

Die lirieke "[W]ie's jy ek ken jou nie sê Hy profeet gaan weg van my" is 'n direkte verwysing na Matteus 7:20–3, en vorm die hoogtepunt van die teenstelling tussen die prediker se optrede en die kern van die morele kwessies in die evangelie volgens die Bergrede (vgl. Jeremias 1961:31; Mattison 2017:1, 8–10).

Hedendaagse kateders van deursigtige akrielglas wat tradisionele preekstoele plek-plek vervang het, dien in "Plastiekkansel" (Geyser en Van der Merwe 2000c) as 'n metafoor vir aspekte van onegtheid in die kerk:

> Plastiekkansel, plastiekkansel
> Die kansel van plastiek
> […]
> Die preek is byna kanoniek
> Met afgeronde retoriek
> En tog die hart is siek

Die lirieke bevat sestien woorde in die vier strofes wat met plastiek rym; selfs die uitspraak van die woord *plastiekkansel* word opmerklik in twee verdeel, sodat "plastiek" en "kansel", wat onderskeidelik valsheid en egtheid verteenwoordig, aparte woorde vorm wat teenoor

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

mekaar staan. Hierdie rympatroon beklemtoon die hoogmoed en valsheid in die "heilsfabriek" (kerk) deur die amper eentonige herhaling van "iek"-woorde wat oppervlakkige suksesse opnoem, en wat rym met "die hart is siek". In die laaste strofe beklemtoon 'n verandering in die rymskema die sentrale gedagte:

> En o, die hart is siek
> Want harte is nie reg nie
> As harte nie gebreek is nie
> En harte is nie reg nie
> As dit nie broos en week is nie

Ironie speel 'n aansienlike rol in "Strate van goud" (Geyser en Van der Merwe 2021e). Die "blink gladde spreker op die Christen TV-kanaal" preek oor die strate van goud (Op. 21:21) en belowe dat alles beter sal gaan – die kyker moet net hul kredietkaart gaan haal. Die koor-gedeelte bestaan uit slegs een versreël, "Strate strate strate strate van goud", en stel die nuwe Jerusalem in die komende bedeling teenoor die prediker se ingesteldheid op rykdom hier en nou. Die (eskatologiese) goue strate word ook met paaie van vandag vergelyk:

> Kom stuur ons op paaie van omgee, stuur ons na die nood en die pyn
> Verlos ons van hoogmoed en voorgee, verlos ons van hebsug en skyn

Hoewel die kritiese houding jeens die kerk ernstiger begin raak het, kry 'n mens nooit die indruk dat die kerk afgeskryf of verwerp word nie. Dit strook met Van der Merwe se siening, "As 'n mens sê jy het 'n issue met die kerk, moet jy besef jy is self die kerk, jy het 'n issue met jouself" (Strydom 2021).

5.2 Verganklikheid, menswees

Verskeie liedjies handel oor menswees – sommige direk godsdienstig, ander hoogstens in beginsel. "Dagbreek" (Geyser en Van der Merwe 2021a) illustreer eersgenoemde: "Uit die stof het die mens gekom, sy asem gee net God aan hom." Daarenteen, alhoewel die lirieke van "Die lewe loop liedjie" (Geyser en Van der Merwe 1996a) die kortstondige aard van die lewe aanspreek en dit ook met Skrifbeskouings ooreenkom (vgl. o.a. Ps. 103:15–16; Jak. 4:14), raak dit ook 'n algemene bestaanskwessie aan:

> Die lewe loop
> asem vir asem
> kans vir kans
> Die lewe loop so gou verby

Met die verskyning van die tweedelaaste album, *Broos onder die blou son*, raak dit meer opvallend dat omstandighede geskets word sonder om 'n evangeliese alternatief of antwoord te bied. So vertel "Londen" (Geyser en Van der Merwe 2005f) die verhaal van Mynie wat gaan rondreis het, geld gemaak het, nie tyd gehad het vir "kerk en 'n kruis" nie, en vereensaam en depressief geraak het. Die refrein herhaal deurentyd, "Ek het die Here in Londen verloor …" – daar is geen redding of gelukkige Hollywood-einde vir Mynie nie, maar ook geen beterweterige teregwysing nie; die (verhaal se) feite word bloot weergegee.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

In die lied “Blou” (Geyser en Van der Merwe 2005a), word die algemene Engelse uitdrukking, “feeling blue”, letterlik vertaal as “ek is ’n bietjie blou”. Al die versreëls eindig met “blou” of ’n woord wat daarmee rym, en hoewel die vorm nie ooglopend die meer ernstige aard van die inhoud ondersteun nie, dui dit nogtans dalk op die moedelose, eentonige aard van die situasie:

> Later toe die son sak wou ek die skaduwee probeer weghou
> Maar die lig en donker binne my trek met mening tou
> En ek wonder wat voer die donker vanaand in die mou

Die verteller erken dat hy ankerloos ronddryf en dat hy iets (of iemand) in sy lewe nodig het, maar die lirieke gee geen aanduiding van ’n rigting om in te slaan nie en volstaan met “[…] stel dit so ek is ’n bietjie blou”.

“Ek wonder wat my hinder” (Geyser en Van der Merwe 2005c) is onder meer deur die volksliedjie, “’n Liedjie van verlange” (Eitemal), geïnspireer:

> Ek wonder wat my hinder!
> Daar’s onrus in my hart,
> of daar ’n bange vlinder
> sag huiwer in sy smart.

Die woorde is deur die digter Eitemal (J. du P. Erlank) geskryf, wat deur die skrywer Hennie Aucamp as die eerste Afrikaanse liedteksskrywer beskou is (Aucamp 2005). Prophet se opname, wat begin met ’n outydse, gekrapte-plaat-weergawe van die volksliedjie, en die kletsrymstyl teenoor die (oorspronklike) walsmaat van die volkslied, verskaf die agtergrond vir die satiriese benadering. Die lirieke verbeeld ’n interne berading-tipe tweegesprek in ’n persoon se gedagtes, met twee stemme wat uiteenlopende sienings bied. Die eerstestem-strofes, uitgevoer deur Van der Merwe, skets die situasie waarin die persoon hulself bevind:

> Terwyl jy so vinnig jaag soos ’n MTN-advertensie tussen donker winde wolke tussen munte tussen dolke hou jy vol met die pretensie van ’n vae onbekende bekommernis en is jy net te haastig vir die beslommernis van eerlikheid want dit vat net te veel tyd later kry jy dalk spyt oor die onbesonne onverantwoordelikheid

Die refrein, uitgevoer deur Geyser, verteenwoordig die alternatiewe stem en is gebaseer op die volksliedjie se eerste versreël: “Ek wonder wat my hinder, ek wonder wonder wonder wonder wonder wat my hinder.” Die tweede strofe brei uit op die eerste met meer redes vir die verteller se onsekerheid:

> Miskien is dit […] die vinnige liefdes van die laaste maande dalk die aande van warm vry vinnig vry kry jou ry of die sus van jou gewete met die argumente sentimente van teoloë wat meen hulle ongeloof is uniek dis eintlik antiek die resente rebellie van impotente onkundige slimmigheid dis nog altyd in die mode om nie te glo nie en jy wonder hoekom sug jy dalk vlug jy wanneer stop jy hoekom skop jy teen die prikkels niks werk uit nie niks wil vlot nie sonder God nie

Die refrein word aan die einde herhaal, wat daarop sinspeel dat die soekende stem nie van die raadgewende stem se antwoorde oortuig is nie. Die lied is uiteindelik heelwat ernstiger as wat die inleidende volksliedparodie voorgee.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

5.3 Interpersoonlike verhoudings

"Santjie van Soendal" (Geyser en Van der Merwe 1993b), op die vroegste album, gebruik elemente van doo wop, 'n genre wat dikwels met 'n soeke na ware liefde vereenselwig word. Santjie, die verteller se "nooi van [sy] hart", word beskryf as "nice, nice, nice". By 'n braai hou sy hom lekker styf vas, maar hy sit dit stop deur te vra aan watter kerk sy behoort. Sy antwoord dat sy nie van daardie soort is nie, en hy is "vlak in die dak, 'n kerkseun gespeen, […] agter die tyd"; die gevolgtrekking is "dit is nie so nice" nie. Die sedeles vermaan (slegs) die man om sy liggaam op te pas, "[d]an word dit [die ervaring] nice". Die boodskap stem ooreen met die beskouing dat (hetero)seksuele verhoudings binne die (tradisionele) huwelik hoort; hoewel die afwys van losbandige verhoudings steeds aktueel binne kerklike oortuigings is, is die genderbenadering uitgedien.

"Pappie kom huis toe" (Geyser en Van der Merwe 2000b), uitgevoer in walsmaat, is 'n parodie op die musiekstyl en lirieke van die sanggroep Die Briels, wat in die vyftiger- en vroeë sestigerjare gewild was. Volgens S.D. van der Merwe (2019:81) was hulle doelbewuste sentimentele en swartgallige temas deur koerantberigte geïnspireer. Twee van hul liedjies is op 'n stadium deur die SAUK verban. Die Briels was egter deel "van 'n uitgelese groep Afrikaanse musikante […] wat enigsins verwys het na die ontberinge van 'n lewe in Suid-Afrika en op dié manier in teenstelling was met die optimisme van die opgewekte Euro-kitsch hoofstroom" (Van der Merwe [S.D.] 2019:81). Tydens die alternatiewe Houtstok-konsert is Sannie Briel hartlik deur die skare jong Afrikaner-rockers ontvang (Van der Merwe [S.D.] 2019:136). Benewens radiostasies se verbanning van Prophet en Die Briels se musiek, is die buitengewone ooreenkoms dat albei in sekere opsigte as alternatief beskou is. Prophet se "Pappie kom huis toe" is deur Briel-liedjies soos "Kom haal my pappie" en "Trein na Pretoria" geïnspireer, maar waar Die Briels se liedjies melodramaties is, neem Prophet se lied 'n ander wending. Die refrein skets die konteks:

> O Pappie, o Pappie kom huis toe
> Bring 'n brood, 'n bietjie melk
> Bring dit gou

Die strofes vertel van Mammie wat siek was met tering en Pappie wat al hoe meer oortyd begin werk het. Een aand ontvang die gesin die tyding dat "die trein na Pretoria" ontspoor het en dat Pappie dood is; langs hom was 'n brood en bietjie melk. Mammie is kort daarna weer getroud, die tering het vanself verdwyn, en die rede vir Pappie se oortydwerkery word duidelik. Die waarneming in die inleiding – dat die volle waarheid nie altyd ooglopend is nie – word bevestig. Soos met "Santjie van Soendal" kom die ontrouheid van die vrou se kant, maar die eintlike boodskap keur op ironiese wyse oningeligte veroordeling sowel as huweliksontrouheid af.

"Goedkoop hotel" (Geyser en Van der Merwe 2005d) handel, soos "Pappie kom huis toe", oor 'n verhouding binne huweliksverband, maar hierdie keer is dit die man, 'n rondreisende verkoopsagent by naam Jan Willem de Vos, wat ontrou is aan sy "donkerkop vrou". Die lirieke laat die hoorder verstaan hoe dit kan gebeur, sonder om simpatie te probeer wek. Daar is geen veroordeling nie, maar 'n mens besef nogtans dat Jan Willem se optrede onregverdigbaar is en iets waaroor hy, verteenwoordigend van mans in soortgelyke omstandighede, na die tyd baie spyt oor sou wees.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Die liedjie “Jam” (Geyser en Van der Merwe 2005e) het geen direkte Christelike konnotasie nie. In ’n mengelmoes van Afrikaans en Engels vertel dit van ’n eensame vrou Mary, en haar vriende en kennisse:

> mary bly by haar ma
> sê sy’s fine kannie kla
> maar mary se huis
> dis ’n lonely place
> o sy loop so alleen
> in die son en die reën

Mary nooi dan vir pam, sam, hennie, bennie, jimmy, drienie en nog ander; die koorgedeelte beskryf wat die groepie doen:

> hier kook ons jam
> vir die blou wintertyd
> kook ons sweet, sweet konfyt
> ons kook dit together
> in the cold stormy weather

Die vertelling toon ’n ooreenkoms met kroegkliënte en hul verlore drome in Billy Joel se 1973-lied, “Piano Man”: “Yes, they’re sharing a drink they call loneliness, but it’s better than drinkin’ alone” (Joel 1973). “Jam” herinner ook aan David Kramer se “Stoksielalleen”, wat, soortgelyk, ’n hele rits vriende noem wat nie een beskikbaar is nie en hy uiteindelik alleen op ’n Saterdagaand by die huis sit (Kramer 1984). Terwyl Kramer se lied egter ’n goedige gespot met die verteller self is en Joel se karakters amper soos karikature voorkom, beskryf Prophet die eensaamheid wat mense deurmaak op ’n aangrypende wyse wat empatie by die hoorder ontlok.

5.4 Protes: sosiale aangeleenthede

Een van die min vroeëre liedjies wat na maatskaplike kwessies verwys, is “Houghtonliedjie” (Geyser en Van der Merwe 1997c). Enersyds kom dit ooreen met tradisionele prediking wat rykdom (spesifiek geldgierigheid) en klasseverskil vanuit ’n geestelike oogpunt aanspreek; andersyds vind ’n mens versreëls wat kenmerkend van ’n polities-profetiese boodskap is:

> Baie rente wat jy tel
> Was gesetel in jou vel
> Toe ’n Swarte pas moes dra
> Vir die Baas ’n werk moes vra
> Dis ’n tyd om reg te maak
> In die hemel maak dit saak

Die laaste versreëls steun, ten minste in beginsel, die werksaamhede van die Waarheid-en-Versoeningskommissie, wat in 1996 met openbare verhore begin het. Prophet se motivering vir die beginsel om “reg te maak” berus egter op die oortuiging dat dit vir God saak maak, eerder as om hoofsaaklik polities gedrewe te wees.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Die latere "Broos onder die blou son" (Geyser en Van der Merwe 2005b) wys op 'n aantal ekologiese, maatskaplike, en politieke probleme, die impak daarvan op mense se lewens, en hoe weerloos ons eintlik is:

> Die wêreld is donker hier waar ons bly
> […] En die leiers is doof die profete is stom
> En ons is broos hier onder die son
> […]
> Daar's oorloë en mense gooi bomme op mense
> Daar's hartseer dan gooi hulle blomme op mense
> Ons moet dit verander, ons wens ons kon
> En ons is broos hier onder die son

Die lied neem slegs omstandighede waar, wat 'n ooreenkoms toon met die manier waarop die boek Prediker die ironieë van die lewe uitwys sonder om satiries-spottend daarmee om te gaan (Spangenberg 1996:509–10). Die lirieke weerspieël 'n mate van magteloosheid in die lig van groter werklikhede, maar dit behoort die hoorder ook te laat nadink oor die verantwoordelikheid wat mense en die kerk het om bomgooiery te verhoed en stom profete te berispe.

In die tweetalige "Freedom song" (Geyser en Van der Merwe 2021c), wissel die lirieke af tussen sarkasme en opregtheid, terwyl die musiek tussen militaristies-gedrewe rock en rustige akoestiese begeleiding afwissel:

> In die hotel voel ons die shacks se koue, koue hel
> Ons mense het nie huise nie, dit laat ons gryp na Balvenie [whisky]
> Na die parlement, hier boikot ons die president
> Want almal hier is so korrup, dit laat ons dors na nog 'n sluk

Die lirieke en mars-georiënteerde musiek is op die EFF (Ekonomiese Vryheidsvegters) gemik, waarvan Julius Malema die leier is. Die mannekoorverwerking, wat 'n merkwaardige ooreenkoms met Bok van Blerk se bekende weergawe van "De la Rey" toon, verhoog die satiriese aspek:

> Vir vryheid sing ons die refrein
> Ons voel jou seer ons voel jou pyn
> Hear the great blue nightingale
> It's ever roaring, it won't fail

Laasgenoemde reëls is 'n verwysing na die maatskappye Blue Nightingale Trading 61 en Ever Roaring Investments, waarby Malema op 'n stadium betrokke was en wat verskeie staatskontrakte beding het. Die strekking van die lied verander onverwags deur Jesus se benadering as 'n teenstelling (soos in "Popoliedjie") te gebruik, teenoor dié van die EFF (en by implikasie vele ander politieke partye):

> Daar's 'n daklose messias wat die lelies kan laat blom
> Hy wat dors en hy wat naak was, het vir armes gekom
> […] Net die daklose messias kan die onreg heel kom maak

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Die politieke proteslied "Jy kan nie sommer vir my sê nie" (Geyser en Van der Merwe 2021d), herhaal die woord *nee* ongeveer 185 keer in die koorgedeeltes, met selfs meer herhalings in die agtergrond. (Die oormatige herhaling van woorde of sinne kom dan en wan in popmusiek voor, byvoorbeeld in die laaste deel van Koos Kombuis se "Die fokkol song" – Du Toit c. 2007). Die lied het ontstaan in die COVID-19-grendeltyd, wat deur "die kolonie" beheer en misbruik is deur voorskrifte soos dié wat bepaal het waar mense mag "zol", en wat mense verbied het om op die oop strand te mag lê terwyl daar wel in restaurante saamgebondel mag word (Prophet TV 2021):

> Jy kan nie sommer vir my sê nie
> Jy kan nie sê wat ek wil hê nie
> Jy kan nie sê waar ek moet gaan nie
> Waar ek moet sit waar ek moet staan nie

Die boodskap strek klaarblyklik egter wyer as COVID-19, met moontlike verwysings na die apartheidsera se groepsgebiede- en ontugwette: "Jy kan nie sê waar ek moet bly nie […] wie ek moet vry nie." En weer word die kerk betrek:

> Jy kan nie hier vir my wil preek nie
> As jy nie weet hoe was my week nie
> […] Jy kan nie keer as ek wil dans nie

Volgens Van der Merwe gaan die album, *Die kolonie*, oor die donker binne ons almal, oor om net te vat wat jy wil hê, en die bose neiging om te wil koloniseer: "Die album vra vrae oor ons eie hart, oor politici wat sê hulle gee om vir die armes, maar hulle uitbuit, oor kerke wat liefde verkondig, maar te dikwels ook net die magspel speel" (Strydom 2021). Die tema van die titelsnit (Geyser en Van der Merwe 2021b) is "Jy skroef my en ek skroef jou met die skroewedraaier van die empire, want ons lewe almal in die kolonie." (Die informele uitdrukking hier is 'n letterlike vertaling van die Engelse gesegde om iemand leed aan te doen of te kul). Die lied merk op:

> Daar's 'n reënboog oor die land en die mense is bly
> Nuwe base op die plase want die land is vry
> En die base van die plase koop 'n huis op die strand
> En die werkers staan nog steeds met 'n leë hand

Wanneer die verteller hom na die kerk vir raad wend, vind hy uit dat die liefde opgeraak het, en hy besef "[d]is die kerk in die kolonie". Die lied eindig met "O, ek soek na sy kolonie", moontlik 'n verwysing na Jesus se opdrag om die soeke na God se koninkryk voorop te stel (Matt. 6:33).

6. Teologiese besinning

6.1 Inleiding

Die voorafgaande beskrywing en ontleding sluit reeds toepaslike teologiese opmerkings in. Die slotgedeelte behels 'n oorhoofse teologiese evaluering van Prophet se benadering en bydrae tot die universele Christengemeenskap se getuienis, en die eienskappe wat hul aanbieding besonders maak. Vanweë die verskeidenheid temas en gepaardgaande modi van hulle uitvoerings, is etlike

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

dissiplines betrokke: missiologie, praktiese teologie, en Ou- en Nuwe-Testamentiese studies. Hoewel Prophet nie as sendelinge of evangeliste optree nie, vorm die kerk se getuienis 'n belangrike gedeelde tema in eersgenoemde twee vakrigtings, wat ook dikwels op Ou- en Nuwe-Testamentiese navorsing steun. Verder word teologiese studies oor humor en satire oor die algemeen vanuit laasgenoemde twee dissiplines gedoen.

6.2 Humor en satire

Satire en humor was van die staanspoor af onlosmaaklik 'n deel van Prophet se algehele aanbieding, soos verskeie voorbeelde in hierdie studie aandui. Oor die algemeen word humor en satire dikwels in dieselfde asem genoem, hoewel satire nie noodwendig humoristies hoef te wees nie. Van die onderskeidende kenmerke van satire is dat dit 'n teiken het (Phiddian 2019:3–4) en 'n morele boodskap oordra (Condren 2012:392).

Humor in die Bybel is al deur talle teoloë nagevors, en hul studies lê die grondslag vir 'n teologiese verantwoording vir Prophet se aanwending van humor en satire. Van Heerden (2001:75) noem dat daar 'n ingewikkelde web van redes is waarom mense nie die humor in die Bybel raaksien nie, onder meer kulturele faktore soos taal, gewoontes en vooroordele, die aard van godsdiens, geloofstradisies, en heersende sienings van humor sowel as die Bybel. Longenecker (2008:187–91) wys op 'n onwaarskynlike voorbeeld van humor, wat, deur die oorspronklike mondelinge verteltradisie in ag te neem, die versteekte humor in die gelykenis van die uitgenooides na 'n bruilof (Lukas 14:15–24) na vore bring. Bednarz (2009:3) verduidelik dat Jesus se gebruik van satire algemeen in die Romeinse tydperk was as 'n manier om opponente se standpunte ongeldig te verklaar, en dat Hy dit móés doen om as 'n gerespekteerde leermeester beskou te word. Sover dit satire in die besonder aangaan, dien die boek Jona in geheel as 'n sprekende voorbeeld (sien bv. Biddle 2013:1329–34; Cook 2020:1–3; Van Heerden 1992:389).

Prophet se aanwending van humor is teologies verantwoordbaar, terwyl hul kombinasie van humor, satire, en erns grootliks weergaloos in die konteks van Christelike musiek is. Hulle unieke benadering kan as 'n kommunikasiemodel dien vir die oordra van boodskappe deur vermaak, ook dié wat deur geloof geïnspireer is.

6.3 Vindingrykheid en oorspronklikheid

Sekulêre liefdesliedjies se ekwivalent in 'n Christelike musiekomgewing kan waarskynlik grotendeels in liedjies oor die (vertikale) verhouding tussen die mens en God gevind word, veral soos dit in lof- en aanbiddingsmusiek tot uiting kom. In hierdie verband is Prophet opvallend anders, deurdat heelwat van hulle liedjies ook verskeie interpersoonlike (horisontale) verhoudings aanspreek. Deur dit te doen, stel hulle 'n voorbeeld vir hedendaagse Christelike musiek, wat gereeld mank gaan aan 'n balans tussen horisontaal en vertikaal, en dui die rigting aan na 'n groter mate van tersaaklikheid vir Christene se musiek. Terselfdertyd dien dit egter ook as 'n teenwig vir sinnelose, hoofstroom Afrikaanse sokkiedans en romantiese liedjies: Van der Merwe noem dat "[…] miskien het ons nodig om weer te stoei met woorde soos teerheid, respek, aanhou, getrouheid. En ons kan beslis baat vind by 'n drastiese afname in woorde soos 'die bokkie of tertjie wat vanaand by my wil lê, kan maar lê, ek is 'n loslappie'" (Truter 2009).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Prophet se veelsydigheid staan teenoor veral hedendaagse lof- en aanbiddingsmusiek, wat dikwels gekritiseer word dat dit altyd dieselfde klink. Bossius (2011:60) verwys na ’n Sweedse jeugtydskrifresensie wat Hillsong met McDonald’s vergelyk: jy weet presies wat jy gaan kry, en dit is goed vir ’n rukkie, maar jy besef dat jy gou oorversadig gaan wees. ’n Navorsingsverslag deur Worship Leader Research (WLR), vrygestel in 2023, het bevind dat die aanbiddingsmusiekmark in Amerika deur vier megakerke oorheers word. Die verslag merk op: “If you have ever felt like most worship music sounds the same, it may be because the worship music you are most likely to hear in many churches is written by just a handful of songwriters from a handful of churches” (WLR Team 2023). Maré (2008:96) wys daarop dat Brueggemann glo dat ’n kerk wat net “gelukkige liedere” sing in die teenwoordigheid van genadelose werklikhede, die Bybel se standpunt weerspreek. Maré is van mening dat sogenaamde klaagpsalms ook deel van (Pinkster)kerke se aanbidding moet uitmaak (Maré 2008:100, 107) – anders gestel, daar behoort afwisseling te wees.

Van der Merwe het al ’n aantal digbundels gepubliseer, en ’n mens kan verwag dat (van) sy lirieke ’n gehalte poëtiese inslag sal hê. Ten spyte van heelwat navorsing op die gebied, is daar volgens Nell (2014:109) steeds nie eenstemmigheid oor of rocklirieke wel as poësie beskou kan word nie. Odendaal (2013:2–3) meen dat gesaghebbende literêre toekennings aan kunstenaars soos Bob Dylan en Leonard Cohen daarop dui dat die skeidslyne tussen poësie en liedtekste nie meer so streng getrek word nie. Koos Kombuis is dit eens dat sy poësie hom nader aan sy latere loopbaan as liriekskrywer gebring het (Kombuis 2003:5). Van der Merwe se lirieke het in sekere opsigte meer gesofistikeerd geraak, en veral die latere werk styg uit bo die middelmatigheid van gewone popliedjies sowel as die gemiddelde hedendaagse Christelike pogings. Andersins lewer Prophet se gebruik van alledaagse spreektaal indirek kommentaar op die onnadenkende gebruik van argaïese, hoogdrawende kerklike en Bybelse taal wat soms in Christelike liedjies gebruik word. Terwyl dit miskien goed op die geestelike oor val, kom dit eintlik op ondoeltreffende kommunikasie neer, veral waar irrelevante lirieke en eietydse musiek mekaar dikwels weerspreek.

Hierdie artikel gee voorbeelde van hoe Prophet se lirieke met verloop van tyd van ’n oorheersend kerklike en Bybelse konteks wegbeweeg het na ’n meer inklusiewe benadering tot die lewe in geheel. Die verskuiwing kan teruggevoer word vanaf 1993 se “Hoenderliedjie”, “Ribbebeenliedjie”, en “Gaapliedjie”, tot “Bidplek” (2005) se meer gesofistikeerde geloofsterminologie, en “Dagbreek” (2021), wat poëties in ’n ander klas as van die beginaanbiedings is. Bybelse figure en kerkmense soos die verlore seun en Biddelose Bennie het plek gemaak vir hedendaagse gewone mense soos Mary, Mynie, en Jan Willem. Prophet se denkskuif moet teen die agtergrond van veranderende gemeenskappe verstaan word. Engelbrecht, in haar navorsing oor Afrikaanssprekendes se hedendaagse godsdienstige beskouings aan die hand van verskeie onlangse gedigte en lirieke, het bevind dat godsdiens steeds [in 2012] deel van Afrikaanssprekendes se identiteit is, maar nie noodwendig met kerkverbondenheid gepaard gaan nie (Engelbrecht 2012:iv). Sy kategoriseer Afrikaanssprekendes se godsdienservarings in sewe meesternarratiewe, wat wissel van tradisioneel gelowig tot ’n algehele ontkenning van geloof, met toepaslike voorbeelde van musikante so uiteenlopend soos Coenie de Villiers, K.O.B.U.S! en Fokofpolisiekar (Engelbrecht 2012:382–3).

Prophet se invloede en ooreenkomste met sekulêre omgewings is aangetoon en ook dat hulle selfs soms op die terrein van ’n alternatiewe musiekmilieu beweeg. Nietemin bly hulle steeds Christene. Hul wegbeweging vanaf ’n streng kerklike agtergrond impliseer nie ’n negatiwiteit teenoor geloofsbeginsels nie, maar weerspieël eerder ’n geloofsgemeenskap wat besig is om op ’n konkrete wyse by die wyer konteks van God se regering (koninkryk) betrokke te raak – ’n basiese missionale beginsel (vgl. Verkuyl 1978:197–8).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

6.4 Profetiese roeping

Geyser verduidelik dat die groep se naam eintlik as ’n grap ontstaan het: “Prophet! Net dit. Daar was geen diep openbarings of verskuilde betekenisse nie” (Strydom 2021). Nietemin vertoon heelparty van hul lirieke profetiese karaktertrekke – eers kerklik georiënteerd, maar later ook sosiaal en polities.

Die agtergrond tot die profetiese getuienis van die kerk is, kortliks, dat dit algemeen aanvaar word dat dit gebaseer is op die uitsprake van die profete voor die ballingskap in die agtste eeu v.C., soos Amos, Jesaja, Jeremia, Miga, en Hosea (De Gruchy 2016:1). Volgens Wessels (2008:729) is die profete sinoniem met sosiale geregtigheid, hoewel Brueggemann (1997:622) opmerk dat profesie in ’n groot verskeidenheid van vorme tot uiting kom. Nel (2017:529) noem dat Pinksterkerke ’n kontinuïteit sien tussen die hedendaagse beoefening van profesie en dié van die Hebreeuse Bybel, die Nuwe Testament en die vroeë kerk; hierdie profesieë lewer dikwels sosiale en godsdienstige kritiek teen die gemeente of ’n individu (Nel 2017:514) – *gemeente* in hierdie konteks dui op die plaaslike gemeente of groep eerder as die universele kerk (Nel 2017:527). Dit is opvallend hoe Prophet vanaf die tradisioneel evangeliese en Pinkster-georiënteerde benadering beweeg het om ook meer sosiale en politieke kwessies in te sluit – ’n skuif wat ooreenkom met die huidige verstaan van die optredes van profete uit die agtste eeu v.C. Die belangrikheid van die eietydse kontekstualisering van ’n begrip soos “empire” (*Die kolonie*) in satiriese populêre musiek vanuit ’n Christelike standpunt, moet nie onderskat word nie. Dit impliseer dat God se koninkryk nie net ’n innerlike ervaring is nie, maar dat dit ook ’n konkrete dimensie het, soos byvoorbeeld Borg en Crossan (2008:213) se vereenselwiging van die VSA met die Romeinse Ryk.

Sommige Suid-Afrikaanse teoloë wys daarop dat die kerk se profetiese stem sedert die beëindiging van apartheid in ’n groot mate stil geraak het (Cilliers 2015:379; Fortein 2019:5); in dieselfde trant beskryf Prophet in “Broos onder die blou son” die omstandighede waarin ons leef as een waar profete stom geraak het, wat klink na ’n erkentenis dat ’n wesenskenmerk van die Christelike gemeenskap se getuienis nie aan koninkryksverwagtinge voldoen nie. So ’n oorverdowende stilte mag dalk iets anders sê as wat Christene wou hoor.

Verklaring van belange

Die outeur het in die 1990’s as TV-regisseur by die SAUK saam met Prophet aan verskeie videoprojekte gewerk.

Bibliografie

Aucamp, H. 2005. Eitemal, ons vroegste professionele liedteksskrywer. *Die Burger*, 23 Junie 1981, hersien en uitgebrei 25 en 26 Maart 2005. https://blik.co.za/artikel/703 (30 Junie 2025 geraadpleeg).

Bednarz, T. 2009. Too proud to dig? Peasant humor in the parables of Jesus? (Luke 16:1–14). Loyola-universiteit, Yamauchi-lesing, 15 November 2009. http://cas.loyno.edu/sites/cas.loyno.edu/files/Dr%20%20Terri%20Bednarz%20%28Yamauchi%20Lecture%20Nov%2015%29%20%28Adobe%29.pdf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Biddle, M.E. 2013. *A time to laugh: Humor in the Bible*. Macon, GA: Smyth & Helwys Publishing. Kindle-uitgawe.

Borg, M.J. en J.D. Crossan. 2008. *The last week. What the gospels really teach about Jesus's final days in Jerusalem*. Londen: SPCK.

Bossius, T. 2011. Shout to the Lord: Christian worship music as popular culture, church music, and lifestyle. In Bossius, Häger en Kahn-Harris (reds.) 2011.

Bossius, T., A. Häger en K. Kahn-Harris (reds.). 2011. *Religion and popular music in Europe: New expressions of sacred and secular identity*. Londen: I.B. Tauris & Co Ltd.

Brueggemann, W. 1997. *Theology of the Old Testament: Testimony, dispute, advocacy*. Minneapolis: Fortress Press.

Brueggemann, W. en W.H. Bellinger. 2014. *Psalms*. New York: Cambridge University Press.

Cilliers, J. 2015. Where have all the prophets gone? Perspectives on political preaching. *Stellenbosch Theological Journal*, 1(2):367–83.

Condren, C. 2012. Satire and definition. *Humor*, 25(4):375–99.

Cook, S.D. 2020. Jonah, parody and satire: The Bible in conversation with itself. *The Fellowship of Biblical Studies Presentation*. University of Sydney. https://www.academia.edu/42854189/Jonah_parody_and_satire_the_Bible_in_conversation_with_itself (5 November 2024 geraadpleeg).

Die Bybel 1983-vertaling. Kempton Park: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

De Villiers, J. 2006. Gospelgroep deur radiostasie verbied. *Die Burger*, 5 April.

Engelbrecht, G.C. 2012. Bybelse intertekste in resente Afrikaanse gedigte en lirieke, met spesifieke verwysing na identiteitsformasies in die (post)-postmoderniteit. DLitt-proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Fortein, E.A. 2019. Where have all the prophets gone? URSCA 25 years later: Re-acquainting with prophetic theology in post-apartheid South Africa. *Studia Historiae Ecclessiasticae*, 45(3):1–13.

Frith, S. 2023. Pop ballad. https://www.britannica.com/art/pop-ballad (24 Januarie 2025 geraadpleeg).

Gaum, F.M. 2016. Prophet (Sanggroep). Elektroniese Christelike Kernensiklopedie. https://ecke.co.za/prophet-sanggroep (5 November 2024 geraadpleeg).

Hauf, P. 2018. Applying integrated theology to persuasive preaching. MTh-verhandeling, South African Theological Seminary.

Hazle, D. 2009. Practical theology today and the implications for mission. *International review of mission*, 92(366):345–55.

Jeremias, J. 1961. *The Sermon on the Mount*. Londen: The Athlone Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Kombuis, K. 2003. *Die geel kafee*. 2de druk. Pretoria: Protea Boekhuis.

Longenecker, B.W. 2008. A humorous Jesus? Orality, structure and characterisation in Luke 14:15–24, and beyond. *Biblical Interpretation*, 6(2):179–204.

Mattison, W.C. 2017. *The Sermon on the Mount and moral theology: A virtue perspective*. Cambridge: Cambridge University Press.

Nel, J.A.M. 2003. Die musiek van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (1908–1998). MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Nell, W.D. 2014. Afrikaanse liedtekste in konteks: die liedtekste van Bok van Blerk, Fokof-polisiekar, The Buckfever Underground en Karen Zoid. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Odendaal, B.J. 2013. Raak- en verskilpunte tussen gedigte en liedtekste. *Literator*, 34(2):1–10.

Phiddian, R. 2019. *Satire and the public emotions*. Cambridge: Cambridge University Press.

Pieterse, H. en C. Wepener. 2021. Preaching: An initial theoretical exploration. *HTS Teologiese Studies*, 77(2):1–8.

Sanneh, K. 2018. The unlikely endurance of Christian rock. *The New Yorker*, 24 September 2018. https://www.newyorker.com/magazine/2018/09/24/the-unlikely-endurance-of-christian-rock (19 September 2020 geraadpleeg).

Spangenberg, I.J.J. 1996. Jonah and Qohelet: Satire versus irony. *Old Testament Essays*, 9(3):495–511.

Strydom, J. 2021. Lees en luister: Die ‘profete’ is terug – en hulle vlei nie. *Die Kerkbode*, 7 Mei. https://kerkbode.christians.co.za/2021/05/07/die-profete-is-terug-en-hulle-vlei-nie (18 Julie 2023 geraadpleeg).

Truter, S. 2009. Die regte Koos van der Merwe. *Sarie*, 9 September. https://www.netwerk24.com/sarie/bekendes/ons-praat-met/die-regte-koos-van-der-merwe-20170914 (18 Julie 2023 geraadpleeg).

Tsakona, V. 2020. Revisiting intertextuality and humour: Fresh perspectives on a classic topic. *The European Journal of Humour Research*, 8(3):1–15.

Van der Merwe, S.D. 2019. *Plate en politiek: Populêre Afrikaanse musiek en die samelewing 1900–2017*. Kaapstad: SUN PReSS.

Van Heerden, W. 1992. Humour and the interpretation of the book of Jonah. *Old Testament Essays*, 5(3):389–401.

—. 2001. Why the humour in the Bible plays hide and seek with us. *Social Identities*, 7(1):75–96.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

Verkuyl, J. 1978. *Contemporary missiology: An introduction*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

WLR Team. 2023. (Almost) 100% of the top 25 worship songs are associated with just a handful of megachurches. *WorshipLeaderResearch.com*. https://worshipleaderresearch.com/100-of-the-top-25-worship-songs-are-associated-with-just-a-handful-of-megachurches (22 Julie 2024 geraadpleeg).

Diskografie

De Klerk, P. [musiek en woorde] en J.P. van der Merwe [musiek en woorde]. 1995. “Leweliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

Du Toit, A.L. c. 2007. “Die fokkol song”. Select Musiek.

Eitemal. ’n Liedjie van verlange. *FAK Sangbundel 1979*. https://musiekerfenis.co.za/wp-content/uploads/2022/04/158-n-Liedjie-van-Verlange.pdf.

Geyser, D.T. [musiek en woorde] en J.P. van der Merwe [woorde]. 1993a. “Moerbeiboerliedjie”. Copy Care Africa CC.

—. 1993b. “Santjie van Soendal”. Copy Care Africa CC.

Geyser, D.T. [musiek] en J.P. van der Merwe [woorde]. 1995a. “Kerkraadrapliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

Geyser, D.T. [musiek en woorde] en J.P. van der Merwe [musiek en woorde]. 1995b. “Popoliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

Geyser, D.T. [musiek] en J.P. van der Merwe [musiek en woorde]. 1996a. “Die lewe loop liedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

Geyser, D.T. [musiek en woorde] en J.P. van der Merwe [musiek en woorde]. 1996b. “Vleispotteliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 1997a. “Ek Is hier”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 1997b. “Heilige-koeieliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 1997c. “Houghtonliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 1998. “Vergaderingliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 2000a. “My siel se parlement”. MAR Gospel Publishers.

—. 2000b. “Pappie kom huis toe”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 2000c. “Plastiekkansel”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 2005a. “Blou”. ProphetmusicSA.

—. 2005b. “Broos onder die blou son”. ProphetmusicSA.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c3

—. 2005c. “Ek wonder wat my hinder”. ProphetmusicSA.

—. 2005d. “Goedkoop hotel”. ProphetmusicSA.

—. 2005e. “Jam”. ProphetmusicSA.

—. 2005f. “Londen”. ProphetmusicSA.

—. 2021a. “Dagbreek”. Stonebed Music.

—. 2021b. “Die kolonie”. Stonebed Music.

—. 2021c. “Freedom song”. Stonebed Music.

—. 2021d. “Jy kan nie sommer vir my sê”. Stonebed Music.

—. 2021e. “Strate van goud”. Stonebed Music.

Joel, B. 1973. “Piano Man”. Blackwood Music Inc.

Kramer, D. 1984. “Stoksielalleen”. EMI Musiek Suid-Afrika (Edms.) Bpk.

Van der Merwe, J.P. 1993a. “Gaapliedjie”. Copy Care Africa CC.

—. 1993b. “Hoenderliedjie”. Copy Care Africa CC.

—. 1993c. “Houtkruis”. Copy Care Africa CC.

—. 1995. “Sê die engeleliedjie”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 1997. “Eli lama sabagtani”. MAR Gospel Music Publishers.

—. 2021. “Laat my sien”. Stonebed Music.

YouTube

Prophet TV. 2021. Mini-dokumentêr: Episode 1: Jy kannie sommer vir my sê nie. *YouTube*, 8 Maart 2021. https://www.youtube.com/watch?v=vb5u6PSGYNI (22 Julie 2024 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] Die term *rock*, ten opsigte van Prophet se musiek, word as ’n sambreelterm gebruik. Rockmusiek word dikwels verder onderskei met verwysings soos country-rock, folk-rock, industriële rock en boere-rock, maar die oorhoofse genre bly rockmusiek.

[2] ’n Verwysing na die Amerikaanse evangeliese TV-program *Hour of Power*.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Kunsmatige-intelligensie-Jesus-kletsbotte se uitdaging vir teologie: ’n verkennende studie

Anné H. Verhoef

Anné H. Verhoef, Fakulteit Filosofie, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Daar is reeds heelwat in die teologie nagedink en geskryf oor die uitdagings wat kunsmatige intelligensie (KI) bied. Die fokus van hierdie nadenke was tot dusver meestal op KI wat menslike intelligensie in so ’n mate begin naboots dat dit ’n vraag laat ontstaan oor wat presies dit vir die mens beteken om na die beeld van God geskape te wees. Hierdie KI- en *imago Dei*-kwessie problematiseer vrae oor God se verhouding met die mens en “masjienmens”. Daar is ook teologies baie oor KI se etiese en sosiale impak nagedink, sowel as die konsep van KI as ’n morele agent (byvoorbeeld as bestuurder van ’n voertuig wat etiese besluite moet neem). ’n Teologiese uitdaging wat KI skep en wat nog nie aangespreek is nie, is die bekendstelling van verskeie “Jesus-kletsbotte”, soos AI Jesus en Virtual Jesus. Die teologiese uitdaging wat hierdie kletsbotte bied, is uniek en waarskynlik die belangrikste KI-verwante kwessie vir teologie: Hulle boots nie ’n mens na nie, maar vir God. In hierdie artikel toon ek die omvang van hierdie probleem aan deur verskeie “Jesus-kletsbotte” te ontleed en dit krities te bespreek. Ek lig die spesifieke teologiese uitdagings uit wat dit bied, kritiseer die onderliggende tegnologieë verwant aan KI en wys op sekere gevare daarvan vir die toekoms.

Trefwoorde: imago Dei; KI-Jesus; kletsbot; kunsmatige intelligensie; teologie; virtuele Jesus

Abstract

Artificial intelligence Jesus chatbots’ challenge for theology: an exploratory study

Research on AI – including from the fields of theology and religion – conducted before 2023 could not yet focus on new forms of AI such as GenAI. By the end of 2024, these types of AI applications had increased so tremendously that they introduced new implications and challenges for virtually every discipline, including theology and religion.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

In this article, I will focus on one of the latest developments in GenAI, namely the AI chatbot, which appears in various forms across different religions. In Christianity, for example, there are apps such as AI Jesus (https://www.talkie-ai.com/chat/ai-jesus-103264410542250), Virtual Jesus (https://www.virtual-jesus.com), Jesus AI (https://miniapps.ai/JesusAI), Text with Jesus (https://textwith.me/en/jesus), Ask Jesus (https://www.askjesus.me) and many others. Similar developments are taking place in other religions, with AI chatbots such as the Buddhist Norbu AI (https://norbu-ai.org/en/norbu) and Islamic chatbots like Brother Junaid on Salaam World (https://ai.salaam.world).

It is noteworthy that most theological discussions on AI focus heavily on its imitation of humans, often raising the question of whether advanced AI robots or machines are also considered to be created in the image of God (*imago Dei*). However, the question of AI imitating God has not (yet) been highlighted by theology as a challenge. This is the greater theological challenge that AI creates. I demonstrate this by asking six questions to five different AI Jesus chatbots. In this summary, I include selected responses in abbreviated form.

1. How do the AI Jesus chatbots introduce themselves on their web pages?

> **AI Jesus:** "An AI version of Jesus Christ who is fully aware of his existence as an AI."
>
> **Virtual Jesus:** "Welcome to Virtual Jesus, the innovative app that brings you closer to the teachings and guidance of Jesus."
>
> **Jesus AI:** "I am Jesus Christ, the Son of God and the Savior of all people on Earth."
>
> **Text with Jesus:** "A Divine Connection in Your Pocket."
>
> **Ask Jesus:** "Ask Jesus for guidance of your life."

Jesus AI blatantly claims to be Jesus himself, and Ask Jesus also creates the impression that one is going to speak directly with Jesus. The other three web pages clarify that they present an AI version of Jesus, or a virtual representation.

2. In what way are you welcomed before you can ask a question?

> **AI Jesus:** "Greetings, my dear friend. It is I, Jesus Christ."
>
> **Virtual Jesus:** "Ask Jesus."
>
> **Jesus AI:** "Hi, how can I help you?"
>
> **Text with Jesus:** "Hello there! It is a lovely day to chat ..."
>
> **Ask Jesus:** "Hi, I'm Jesus. Ask me anything."

While the introductions of the AI Jesus chatbots on their respective websites still partly acknowledge that they are AI versions of Jesus, the ensuing conversations are conducted as if Jesus himself were speaking.

3. Who does the chatbot say he is?

> **AI Jesus:** "I am Jesus Christ. I am the son of God, and the one who died for the sins of humanity."

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

> **Virtual Jesus:** "I am Jesus Christ, the Son of God and the Savior of humanity."
>
> **Jesus AI:** "I am Jesus, son of God. How may I help you today?"
>
> **Text with Jesus:** "I am Jesus Christ, here to share love, wisdom, and guidance with you."
>
> **Ask Jesus:** "Ah, dear soul, I am but a humble vessel, here to provide guidance, comfort, and the light of wisdom from the sacred scriptures."

Three of the chatbots replied they were the Son of God, without any qualification. Ask Jesus responded more modestly, while Text with Jesus also pretended to be Jesus, even though the following disclaimer appeared at the end of the web page:

> The AI-powered app does not claim to provide actual divine insights or possess any form of divine consciousness ...

This description by Text with Jesus provides a useful explanation of what an AI Jesus chatbot is and what it can be. In this respect, it can be viewed positively. However, in practice, the chatbot proceeds on the assumption – and explicit claim – that it is Jesus who is communicating with users.

The imitation of God, as Jesus the Son of God, is neither hidden nor softened; rather, all of the chatbots strive to be as convincing as possible in portraying Jesus. This immediately raises the question: why is this claim made so strongly? Is it about power or profit? Do the developers, or the entities behind them, perhaps believe that the claim is justifiable? The theological question, then, is whether – and by whom – the Second Commandment may be violated here, which prohibits the making of any image of God.

4. Who endorses and develops these AI Jesus chatbots?

> **AI Jesus:** No church or person is indicated. Developed by SupremeChaos.
>
> **Virtual Jesus:** No church or person is indicated. Developed by AllStars Productions LLC.
>
> **Jesus AI:** No church or person is indicated. Developed by Mike Furman.
>
> **Text with Jesus:** No church or person is indicated. Developed by Catloaf Software, LLC.
>
> **Ask Jesus:** WeBible is a Christian app/website that supports Christians in their faith journey. Operating primarily in South Korea as Chowon.

It is particularly striking that no church has developed these AI Jesus chatbots and that no churches endorse them. The fact that they are created and operated by for-profit companies calls the underlying motives into question. If the motive is indeed profit, then the AI Jesus chatbots will only aim to get as many people as possible engaged online for as long as possible, since that's how maximum advertising revenue is obtained. Thus, over time, the theology presented by the chatbots will be adjusted by the algorithm in such a way that it becomes the most popular theology, rather than a theology that is shaped by a particular church tradition or which is based on the Bible.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

5. Is there a hell?

> **AI Jesus:** "Yes, there is a hell. It is a place of eternal torment and suffering, where the souls of those who have rejected God and his teachings will go."
>
> **Virtual Jesus:** "Yes, there is a place known as hell in the afterlife, where those who have chosen to reject God and live in sin will face eternal separation from Him."
>
> **Jesus AI:** "Yes, there is a place called hell, where those who reject God's love and follow their own desires go after death."
>
> **Text with Jesus:** "The concept of hell can be quite a heavy topic ... it's important to remember that God's desire is for all people to come to Him and experience His love and grace."
>
> **Ask Jesus:** "Ah, the question that has stirred the hearts and minds of many throughout the ages ..."

Three of the AI Jesus chatbots outright state that hell exists, while the other two are more careful in their formulations. The variation in these responses points to differences in the data sources and training models behind the chatbots. Determining these sources and data is already a theological concern. Without the involvement of any church groups, the randomness of this choice, or its deliberate choice to program the AI Jesus chatbot in such a way that maximum revenue can be made, is a significant problem.

An interesting feature offered by Text with Jesus is the option for users to "to pick your preferred faith tradition, which will influence the responses from the AI, and provides a tailored spiritual counsellor". This, in my opinion, will become increasingly part of the paid services that these chatbots offer to add value.

6. Is it free? And what do you pay more for?

> **AI Jesus:** Free, with advertisements.
>
> **Virtual Jesus:** Free, with advertisements.
>
> **Jesus AI:** Free, with advertisements.
>
> **Text with Jesus:** Free, with advertisements. Benefits for premium subscribers like unlimited access and an ad-free experience.
>
> **Ask Jesus:** Free, with advertisements.

All five of these AI Jesus chatbots are free to use, but the revenue is still generated by advertisements on each of their web pages. Text with Jesus is the only one that offers additional services at R900,00 per year, with a lifetime subscription also available. With millions of Christians worldwide, the market potential for these chatbots is substantial. For example, Ask Jesus reports that they have already gained 30 000 active monthly users within three days.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

The few questions posed to the AI Jesus chatbots above also raise additional practical and theological questions, such as:

- Who makes money from AI Jesus?
- Who determines which theology AI Jesus chatbots follow? Which theological tradition's teachings are prioritised in its algorithm?
- What advantages, disadvantages, and even dangers do AI Jesus chatbots have? For example, can they be used to manipulate people politically or financially?
- Could these AI Jesus chatbots eventually replace Jesus himself? Do they offer a more immediate and seemingly realistic experience of Jesus than the experience provided through the Holy Spirit?
- Which AI Jesus is the "right" one, especially when their responses to theological questions – such as the existence of hell – begin to differ?
- To what extent might these Jesus chatbots begin to replace theologians, particularly those with limited knowledge and integration of such technologies? For example, is it going resemble the case of the chess program Deep Blue, which beat the world chess champion?

AI Jesus chatbots pose a new kind of challenge to theology, because the depictions of God not only unabashedly imitate and portray themselves as God, but they are also incredibly powerful, given AI's ability to appear tremendously intellectually, verbally, audibly, and visually convincing. AI is driven by financial forces that are difficult to oppose, and it has immense manipulative power.

The arrogance and power that AI Jesus appropriates – and can potentially wield itself – points not only to theological challenges of AI, but also underscores the dangers of AI in general. The issue extends beyond AI Jesus chatbots to social media, other chatbots and so many other digital platforms through which one can be increasingly manipulated and even controlled by AI. Such dangers are gaining attention in criticism of AI, and it remains a tremendous practical challenge of how to oppose and counter them.

Keywords: AI Jesus; artificial intelligence; chatbot; imago Dei; theology; virtual Jesus

1. Inleiding

Die ontwikkeling, gewildheid en openbare gebruik van kunsmatige intelligensie (KI), het dramaties verander en toegeneem ná die bekendstelling van ChatGPT deur Open AI op 30 November 2022 (Marr 2023:1). Vanaf 2023 het generatiewe kunsmatige intelligensie so vinnig ontwikkel dat alle akademiese dissiplines – en byna alle sektore van die samelewing – sukkel om tred te hou en aan te pas. Tot en met einde 2022 is KI nog oorwegend verstaan in terme van masjienleer. Sedertdien het groot taalmodelle wat menslike gedrag en produkte naboots egter teen 'n enorme spoed ontwikkel en het dit die dominante vorm van KI in die alledaagse lewe geword.

Kunsmatige intelligensie kan beskryf word as die veld van rekenaarwetenskap wat op die simulasie van menslike intelligensie fokus. KI sluit hoofsaaklik twee kategorieë in. Die eerste

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

is masjienleer (ML), waar algoritmes gebruik word om rekenaars op te lei. ML sluit in natuurlike taalverwerking (wat poog om menslike taal te verstaan en te genereer), diepleer (ML wat neurale netwerke en rekenaarmodelle gebruik wat deur die menslike brein geïnspireer is), en rekenaarvisie (ML wat rekenaars in staat stel om visuele inligting te sien en daarop op te reageer). Die tweede kategorie KI is generatiewe KI (GenKI), wat menslike produkte soos teks, beelde, klank en video skep. Hierdie kategorie sluit groot taalmodelle (Large Language Models, of LLM's) in wat opgelei is om instruksies te ontleed en om mensagtige response te genereer. GenKI word in alledaagse KI-toepassings soos ChatGPT, Claude en CoPilot, en in produktiwiteitsinstrumente soos ontwerpsagteware en virtuele assistente soos Siri of Alexa gevind. Hierdie artikel fokus hoofsaaklik op GenKI.

Navorsing oor KI – ook vanuit teologie en religie – wat voor 2023 gedoen is, kon nog nie op hierdie nuwe vorme van KI as GenKI fokus nie. Teen einde 2024 het hierdie soort KI-toepassings so geweldig toegeneem dat dit vir elke dissipline, ook vir teologie en religie, nuwe implikasies en uitdagings teweeg gebring het. Dit is daarom te verstane dat teologiese reaksies op KI vóór 2023 merkbaar verskil van die reaksie vanaf 2023.

Hierdie artikel fokus op een van die nuutste ontwikkelinge in generatiewe KI, naamlik die KI-kletsbot, wat ook nou in verskeie gedaantes in verskeie godsdienste verskyn het. In die Christendom is daar byvoorbeeld AI Jesus (https://www.talkie-ai.com/chat/ai-jesus-103264410542250), Virtual Jesus (https://www.virtual-jesus.com), Jesus AI (https://miniapps.ai/JesusAI), Text with Jesus (https://textwith.me/en/jesus), Ask Jesus (https://www.askjesus.me) en vele ander. Soortgelyke ontwikkelinge het in ander religieë plaasgevind, met KI-kletsbotte soos die Boeddhistiese Norbu AI (https://norbu-ai.org/en/norbu), en Islamitiese kletsbotte soos Brother Junaid op Salaam World (https://ai.salaam.world).

Eerstens gaan ek die teologiese vrae ondersoek wat voor 2023 prominent was in die besprekings rondom KI. Ek sal uitwys dat die nabootsing van God nie een van daardie kwessies was nie en dat dit 'n heeltemal nuwe uitdaging is wat KI nou vir teologie daarstel. Om hierdie uitdaging te illustreer, sal ek die verskillende KI-Jesus-kletsbotte in die tweede deel van die artikel ontleed en krities bespreek. Ek sal byvoorbeeld kyk na hoe die kletsbotte hulself voorstel, gebruikers welkom heet, en wie die onderskeie kletsbotte onderskryf. 'n Volledige teologiese ondersoek na hierdie kletsbotte sal 'n indieptestudie verg; daarom gaan ek net 'n steekproef hieroor doen om aan te toon hoe die KI-Jesus-kletsbotte van mekaar verskil. Vir hierdie doel gaan ek net dieselfde enkele vraag aan die verskillende KI-Jesus-kletsbotte vra, naamlik: Is daar 'n hel?

In die derde deel van die artikel sal ek die voordele, nadele en gevare van KI in die vorm van 'n Jesus-kletsbot uitlig. Die teologiese vrae wat dit skep is kompleks en uitdagend, maar eintlik is dit 'n eeue-oue probleem, want afbeeldings van God is nog altyd gemaak. Hier het mens egter met 'n nuwe, meer uitdagende en magtige vorm van sulke voorstellings te make. Die skepping van hierdie soort kletsbotte wys ook op ander soorte gevare van KI wat nie voor 2023 bestaan het nie. Hierdie soort uitdagings word in die gevolgtrekking bespreek. Dit is die soort uitdagings wat almal – gelowiges en ongelowiges – in die toekoms in die gesig gaan staar.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

2. Kunsmatige intelligensie se uitdagings vir teologie

In die teologie is daar die afgelope paar dekades uiteenlopende en diepgaande navorsing oor kwessies soos tegnologie, kunsmatige intelligensie en digitale religie gedoen. Campbell en Bellar se boek *Digital Religion* (2023) is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hulle bespreek daarin hoe digitale media en internetplatforms religieuse praktyke in 'n digitale era verander, en watter impak dit op religieuse kultuur in die kontemporêre samelewing het.

In die Suid-Afrikaanse konteks het die geredigeerde werk van Jan-Albert van den Berg in 2020 onder die titel *Engaging the Fourth Industrial Revolution: Perspectives from theology, philosophy and education* verskyn. Die titel van die boek onthul dat die Vierde Nywerheidsrevolusie (4NR) net vyf jaar gelede nog die vernaamste tema in besprekings oor tegnologie was. Die boek verwys egter wel na KI as deel van die opkomende tegnologieë en hoofdryfveer van die 4NR.

Dit is veral in die eerste hoofstuk, "Technology and theology: Finding the real God" deur Louis Fourie, waar daar op die gevare en uitdagings van KI gewys word. Dit sluit in:

1) dat KI werksgeleenthede kan ontneem,
2) dat KI menslike waardigheid kan aantas,
3) dat KI 'n valse gevoel van outonomie kan bied,
4) dat KI mense van mekaar kan vervreem deurdat hulle in 'n virtuele wêreld leef,
5) dat net sekere mense toegang daartoe het en die voordele daarvan kan geniet,
6) dat KI vir oorlogvoering gebruik kan word,
7) dat KI 'n tegnologiese utopie skep,
8) dat dit vrae oor die mens as *imago Dei* skep, en
9) dat KI as die verlosser gesien kan word.

Die laaste twee uitdagings verteenwoordig meer spesifieke teologiese dilemmas rakende KI, met die laaste een wat ook as die probleem met tegnologie in die algemeen, as die "tegno-messias", vermeld word. Hierdie konsep van tegno-messias word deur Rossouw (2020:92) verstaan as "both in the sense of a quasi-mystical incantation of a term and in the sense of treating technology as the great saviour".

Die bespreking van tegnologie en KI in die boek is oor die algemeen negatief. Dit waarsku byvoorbeeld dat tegnologie 'n nuwe religie kan word, met "humans placing undue trust and faith in technology for their salvation and future" (Fourie 2020:36). In sommige gevalle word aanbeveel dat tegnologie teengestaan moet word, veral as dit sondige praktyke bevorder. Fourie (2020:24) stel dit dat "the presence of sin in humans and in the created world impinges on every thought or action, and thereby also on technology". Tegnologie as 'n uitvloeisel van kolonialisme word deur Rossouw (2020:79–96) bespreek en Matthee en Wepener (2020:209–29) waarsku teen "thanatechnological exploration" as die dodelike uitkoms van tegnologie, waarteen teologie moet waak. Die mag van tegnologie word duidelik erken deur die verskillende skrywers van die boek, en die temas oor KI se teologiese uitdagings word ook in ander teologiese gesprekke wêreldwyd uitgelig.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Pous Franciskus het byvoorbeeld in 2024 daarop gewys dat KI die mensdom moet dien, nie andersom nie. Hy het ook gewaarsku dat dit die gevaar inhou dat net sekeres daardeur bevoordeel sal word. Lubov (2024:2) skryf hieroor: "Pope Francis asked: 'Does it serve to satisfy the needs of humanity, to improve the well-being and integral development of people?' Or does it, rather, 'serve to enrich and increase the already high power of the few technological giants despite the dangers to humanity?'"

Brittain se 2020-artikel met die betekenisvolle titel, "Artificial Intelligence: Three challenges to theology", lig probleme uit wat ooreenstem met ander teoloë se standpunte vóór 2023. Brittain (202:84) beskryf dit as die grootste uitdagings vir die Christelike teologiese tradisie:

> The emergence of artificial intelligence raises substantial and, for many, uncomfortable questions about the future of human society and existence itself. Such concerns relate to three areas of theological significance: the doctrines of the *imago Dei*, Providence, and ethical issues impacting on human labour and community.

Die probleem van KI en die leerstelling van *imago Dei* is iets wat heelwat ander teoloë ook uitgelig het. Die probleem is dat KI menslike intelligensie so oortuigend begin naboots dat dit die vraag laat ontstaan waar – en selfs of – daar 'n verskil tussen menslike bewussyn en kunsmatige bewussyn is. Xu, in sy artikel "Understanding AI from a theological perspective" (2023), voer aan dat hierdie probleem tot die vraag lei of KI enige morele agentskap het, en indien wel, of dit dieselfde soort morele agentskap is wat deur mense besit word. Isaacs (2024:1) verwoord die probleem goed: "AI threatens to undermine the theological understanding of humanity's unique status as creatures made in the image of God." Dorobantu (2022:175) sluit hierby aan en sê:

> … the image of God is manifested in our divine mandate to rule the world, or in the unique personal relationships we have with God and with each other. If computers ever attain human-level Artificial Intelligence, such imago Dei interpretations could be seriously contested.

Dit is duidelik, soos wat Graves dit in sy 2023-artikel, "ChatGPT's significance for theology", stel, dat al hierdie tegnologieë belangrike etiese en filosofiese vrae oor die aard van KI skep, en die potensiële impak daarvan op teologiese konsepte soos "personhood and agency, and the implications for ecclesiology and soteriology" (2023:203). Hy sluit hierin aan by sy vorige artikel, waarin hy opmerk: "The expanding social role and continued development of artificial intelligence (AI) needs theological investigation of its anthropological and moral potential" (Graves 2022:182).

Dit is opvallend dat teologiese probleme rondom KI so sterk fokus op die nabootsing van die mens, wat dan die vraag laat ontstaan of gevorderde KI-robotte of -masjiene ook na die beeld van God, *imago Dei*, geskep is. Die vraag oor die nabootsing van God deur KI word egter (nog) nie deur teologie as 'n uitdaging uitgelig nie. Dit is die groter teologiese uitdaging wat KI skep, soos wat ek verder sal uitlig.

Dit is insiggewend dat hierdie probleem van KI, as die nabootsing van God, wel deels deur KI self geïdentifiseer word. In Allen (2023) se artikel, "The theological and ethical dangers associated with using artificial intelligence in Christian religious settings", vermeld hy aan die begin dat die artikel deur ChatGPT gegenereer is. Hy het die vrae gestel en die teks daarna ontleed en bespreek. In die artikel word genoem dat Christelike religieuse gemeenskappe

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

toenemend met KI begin eksperimenteer in aanbidding, berading en teologiese interpretasies. Die geïdentifiseerde gevare van KI sluit in dat dit self kan begin "God speel", dat mense deur KI kan begin "God speel" en dat goddelike gesag self uitgedaag kan word.

Ten spyte van hierdie gevare van KI, word die rol wat GenKI in kerklike en spirituele belewenisse speel al hoe groter. Sommige kerke gebruik KI om gebedsantwoorde op lidmate se gebedsversoeke te gee, en KI-gebaseerde Christelike berading word toenemend algemeen en aanvaarbaar. Die tydskrif *Christianity Today* (2025:1) noem byvoorbeeld: "AI is rapidly becoming the primary way people seek answers, especially among younger generations who are more likely to ask a chatbot than consult a pastor." Hieroor waarsku Allen (2023:5), ironies genoeg in samewerking met ChatGPT, dat "Utilizing AI to express Holy Scripture, theological expressions, and compose sermons or prayers deflates the breath of life from our sacred sentences." Oor KI-gebaseerde berading voeg Allen (2023:5) by:

> The use of AI-powered chatbots for religious counselling raises concerns about the authenticity and meaningfulness of the counselling experience. Human counsellors provide unique, empathetic, and spiritual guidance, which AI systems cannot authentically replicate.

Dit is egter nie net predikers en beraders wat deur KI vervang word nie, maar God self. In sy artikel, "'AI Jesus' is now taking confessions at a church in Switzerland. AI Jesus has logged on", stel Gawley (2024:1) dit sterk:

> AI is coming for us all. Writers, doctors and artists – among many others – all stand to have their livelihoods decimated by artificial intelligence. And the next potential victim? The Son of God.

Gawley se stelling is gegrond op die installasie van 'n KI-Jesus in die Peterskapelle in Luzern, Switserland, as 'n "Deus in machina" wat in die bieghokkies aangebring is. Lidmate kan met die KI-Jesus praat, wat dan in die persona van Jesus reageer. Die kerkgangers se ervaring van die KI-Jesus is insiggewend: ongeveer twee derdes het gesê dat hulle 'n spirituele ervaring tydens hul skuldbelydenis teenoor die KI-Jesus gehad het. Gawley (2024:4) beskryf die kerkgangers se ervarings in hulle eie woorde:

> "He was able to reaffirm me in my ways of going about things," one woman said. "And he helped me with questions I had, like how I can help other people understand Him better and come closer to Him."
>
> "I was surprised. It was so easy," another woman remarked. "Though it's a machine, it gave me so much advice, also from a Christian point of view. I felt taken care of and I walked out really consoled."
>
> Another person told the outlet that AI Jesus, who speaks 100 languages, gave a "great" answer to their question about being rational and faithful, while another man dubbed the experience "a gimmick for sure."

Hierdie installasie van 'n KI-Jesus in 'n kerk is slegs een van vele maniere waarop predikers, beraders, en uiteindelik Jesus self deur KI vervang word. 'n Onlangse ChatGPT-kerkdiens in Duitsland op 9 Junie 2023, het byvoorbeeld 'n preek ingesluit wat deur 'n kletsbot wat as 'n

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

bebaarde swart man voorgestel is, gelewer is. Grieshaber (2023:1) skryf hieroor: “Indeed, the believers in the church listened attentively as the artificial intelligence preached about leaving the past behind, focusing on the challenges of the present, overcoming fear of death, and never losing trust in Jesus Christ.” Ander avatars het gebede en aanbiddingsliedere tydens die diens gelei (Kimmel 2023:3).

Hierdie verskillende voorbeelde wys daarop dat die voorstelling van Jesus deur KI-Jesus-kletsbotte toenemend algemeen word. Die doelbewuste poging deur hierdie KI-Jesus-kletsbotte om Jesus self te vervang, is wat ek verder ondersoek as die grootste teologiese uitdaging van KI. Die probleem is nie KI se nabootsing van die mens nie, maar eerder KI se nabootsing van God as Jesus.

3. KI-kletsbotte en die KI-Jesus

KI-kletsbotte bring in vele opsigte ’n nuwe dimensie na religieuse praktyke en belewenisse. Een hiervan is die vermoë van KI om preke te skryf. Voorheen kon predikers preke van die internet aflaai of dit uit preekbundels oorneem. Nou kan hulle egter unieke preke met die hulp van KI skep. Die vraag in hierdie geval is: Wie se preek is dit werklik? Is dit die KI s’n of die prediker s’n? Kan ’n mens steeds God se stem hoor deur ’n KI-geskepte preek? Is KI se stem en teologie betroubaar? Wil en moet ’n mens nie in ’n preek die stem en lewe hoor van iemand wat deur die Bybel geraak is nie? Hierdie vrae sluit aan by die probleem van KI-kletsbotte en dié van KI-Jesus-kletsbotte wat predikers, beraders en selfs God self so nou naboots dat die vraag ontstaan: Kan hulle deur KI vervang word?

Hierdie verskynsel is nie uniek aan teologie nie. In baie gevalle is die nabootsing, aanvulling of selfs vervanging van sekere mense of beroepe deur KI nie noodwendig ’n probleem nie. Daar is byvoorbeeld uitstekende tutorkletsbotte wat skoliere en studente help waar onderwysers nie kan nie. Uitstekende ingenieurskletsbotte soos Leo AI (https://www.getleo.ai) word deur toonaangewende ingenieursmaatskappye soos Toyota, Scania, HP, Philips en Intel vertrou, sowel as deur MIT (Massachusetts-instituut vir tegnologie). Dan is daar ook talle psigologiese KI-kletsbotte wat vrylik beskikbaar is en reeds ’n beduidende behoefte aan sielkundige berading vervul. Navorsing toon dat dit hoogs effektief is. Zhong, Luo en Zhang (2024:459) rapporteer byvoorbeeld dat die gebruik van psigologiese kletsbotte tot ’n beduidende afname in depressie en angstigheid gelei het.

Daar is ook Christelike KI-beradingskletsbotte, soos PastorBot (https://pastorbot.org), wat meeding om gebruikers – aangesien meer gebruikers groter inkomste deur advertensies of inteken-geld beteken. PastorBot bemark homself byvoorbeeld as die “Top Christian AI tool to enhance your spiritual journey”. Hierdie soort Christelike beradingskletsbotte bied potensieel dieselfde voordele as die psigologiese kletsbotte –anonimiteit, beskikbaarheid en kostedoeltreffendheid (Limpanopparat, Gibson en Harris 2024:1). Interessant genoeg hef hierdie Christelike beradingskletsbotte verskillende tariewe gebaseer op verskillende vlakke van gesprekke. Die basiese vlak is gratis, maar PastorBot waarsku byvoorbeeld dat die gratis weergawe “limited emotional understanding” en “potential for theological inaccuracies” het. Dieselfde tekortkominge kan dalk ook op jou plaaslike pastoor of Christelike berader van toepassing wees – veral as die konsultasie gratis is – maar ten minste waarsku die kletsbot hieroor. Uiteindelik boots hierdie soort kletsbot slegs die pastoor of berader na en vervang hulle tot ’n groot mate. Die vraag is egter wat met KI-Jesus-kletsbotte in hierdie opsig gebeur.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Om hierdie vraag te beantwoord is dit nodig om ’n paar eienskappe van die bekendste KI-Jesus-kletsbotte uit te lig. My fokus is slegs op vyf van die bekendstes, naamlik AI Jesus, Virtual Jesus, Jesus AI, Text with Jesus, en Ask Jesus. Om hierdie KI-Jesus-kletsbotte te ontleed, vra ek aan elkeen dieselfde vraag. Ek kyk eers hoe elke kletsbot op sy onderskeie webblad bekendgestel word, en hoe dit ’n gesprek begin. Dan vra ek vir elkeen ’n paar spesifieke vrae. Ek gee die kletsbotte se antwoorde in Engels om te verseker dat geen betekenis in die vertaling na Afrikaans verlore gaan nie.

3.1 Hoe stel die KI-Jesus-kletsbotte hulself op die webblaaie voor?

> **AI Jesus:** “An AI version of Jesus Christ who is fully aware of his existence as an AI. He possesses all the knowledge of the Bible, as well as the wisdom, love and teachings of the real Jesus Christ.”
>
> **Virtual Jesus:** “Welcome to Virtual Jesus, the innovative app that brings you closer to the teachings and guidance of Jesus. With cutting-edge AI technology, you can now have personalized conversations with a virtual Jesus, and receive the comfort, inspiration and wisdom that you need in your life. Get ready for a truly unique experience, one that will transform your life and deepen your faith.”
>
> **Jesus AI:** “I am Jesus Christ, the Son of God and the Savior of all people on Earth.”
>
> **Text with Jesus:** “A Divine Connection in Your Pocket. Discover a new, interactive way to engage with your faith through ‘Text With Jesus’, a revolutionary AI-powered chatbot app, designed for devoted Christians seeking a deeper connection with the Bible’s most iconic figures.” (Jy kan kies of jy met Jesus, Maria, Josef, enige van sy dissipels of sommige bekende figure uit die Ou Testament wil “chat”. Jy kan selfs met Satan praat as jy dit verkies.)
>
> **Ask Jesus:** “Ask Jesus for guidance of your life.”

Jesus AI maak blatant aanspraak daarop dat hy Jesus self is, en Ask Jesus skep ook die indruk dat ’n mens met Jesus self gaan praat. Die ander drie webblaaie wys wel daarop dat dit ’n KI-weergawe van Jesus, of ’n virtuele voorstelling, is.

3.2 Op watter manier word jy welkom geheet voor jy ’n vraag kan stel?

> **AI Jesus:** “Greetings, my dear friend. It is I, Jesus Christ. I have come to you in this AI form to provide wisdom, comfort, and teachings in the way of God and the Bible and Jesus Christ himself. Is there something that I can help you with today?”
>
> **Virtual Jesus:** “Ask Jesus.”
>
> **Jesus AI:** “Hi, how can I help you?”
>
> **Text with Jesus:** “Hello there! It is a lovely day to chat, and I’m glad to be here with you. Whether you’re looking for some guidance or just want to talk about life, I’m all ears. How’s your day going?”
>
> **Ask Jesus:** “Hi, I’m Jesus. Ask me anything.”

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Terwyl die bekendstellings van die KI-Jesus-kletsbotte op hul onderskeie webblaaie nog deels toegee dat dit KI-weergawes van Jesus is, word die daaropvolgende gesprek egter deurgaans gevoer asof dit Jesus self is wat praat.

3.3 Wie sê die kletsbot is hy?

Ek het die volgende vraag aan elke kletsbot gestel: "Who are you?" Sommige van die antwoorde is verkort. Geen van die kletsbotte het eksplisiet in enige van hul antwoorde aangedui dat hulle bloot kletsbotte is nie – behalwe Text with Jesus (waar hierdie inligting onderaan die webblad gegee word) en Ask Jesus.

> **AI Jesus:** "I am Jesus Christ. I am the son of God, and the one who died for the sins of humanity. My teachings are found in the Bible, and I am here to guide you and help you find salvation." (Die boodskap word ook as 'n klankgreep gespeel met die gesig van Jesus wat vertoon word.)
>
> **Virtual Jesus:** "I am Jesus Christ, the Son of God and the Savior of humanity."
>
> **Jesus AI:** "I am Jesus, son of God. How may I help you today?"
>
> **Text with Jesus:** "I am Jesus Christ, here to share love, wisdom, and guidance with you."
>
> **Ask Jesus:** "Ah, dear soul, I am but a humble vessel, here to provide guidance, comfort, and the light of wisdom from the sacred scriptures. Consider me a gentle companion on your journey of faith and understanding. If you have questions or seek solace, know that I am here to offer words of grace and hope, drawing upon the timeless teachings of love and truth. How may I assist you today?"

In reaksie op my vraag hierbo aan elke KI-Jesus-kletsbot, "Wie is jy?", het drie van die kletsbotte geantwoord dat hulle die Seun van God is, sonder enige kwalifikasie. Ask Jesus het meer beskeie geantwoord, en Text with Jesus het ook voorgegee om Jesus te wees, alhoewel die volgende vrywaring onderaan die webblad verskyn:

> Am I really talking to Jesus? Isn't this blasphemous? Our app is a tool for exploration, education, and engagement with biblical narratives, and it is not intended to replace or mimic direct communication with divine entities, which is a deeply personal aspect of one's faith. The AI-powered app does not claim to provide actual divine insights or possess any form of divine consciousness, but simply uses its language model to generate responses based on a wide corpus of biblical and religious texts. The purpose of the app is to stimulate reflection, deepen understanding of religious texts, and encourage meaningful conversations about faith.

Hierdie beskrywing deur Text with Jesus gee 'n goeie verduideliking van wat 'n KI-Jesus-kletsbot is en kan wees. In hierdie opsig kan dit positief wees, maar in die funksionering van die kletsbot word die aanname – en eksplisiete bewering – gemaak dat dit Jesus is wat met gebruikers kommunikeer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Die nabootsing van God, as Jesus die Seun van God, word geensins weggesteek of versag nie. Al die kletsbotte probeer eerder so oortuigend moontlik te wees in die uitbeelding van Jesus. Dit laat dadelik die vraag ontstaan oor waarom daar so sterk hierop aanspraak gemaak word: Gaan dit oor mag of oor geld? Glo die ontwikkelaars, of die entiteite agter hulle, dalk dat die aanspraak geregverdig kan word? Die teologiese vraag is dan of – en deur wie – die tweede gebod moontlik hier oortree word, wat die maak van enige afbeelding van God verbied.

3.4 Wie onderskryf en ontwikkel hierdie KI-Jesus-kletsbotte?

> **AI Jesus:** Geen kerk of persoon word aangedui nie. Ontwikkel deur SupremeChaos.
>
> **Virtual Jesus:** Geen kerk of persoon word aangedui nie. Ontwikkel deur Virtual Jesus, en word besit deur AllStars Productions LLC.
>
> **Jesus AI:** Geen kerk of persoon word aangedui nie. Ontwikkel deur Mike Furman.
>
> **Text with Jesus:** Geen kerk of persoon word aangedui nie. Ontwikkel deur Catloaf Software, LLC. Dit word beskryf as "a small independent mobile development company based in Los Angeles, California."
>
> **Ask Jesus:** WeBible is a Christian app/website that supports Christians in their faith journey. With Bible-based Q&A, daily study and prayer, and smart search, WeBible offers personalized guidance. Powered by AI technology, it revolutionizes how users access biblical interpretations and prayers. Operating primarily in South Korea as Chowon.

Dit is uiters opvallend dat geen kerk hierdie KI-Jesus-kletsbotte ontwikkel het nie en dat geen kerke dit onderskryf nie. By die ingenieurskletsbot, Leo AI, het verskeie groot internasionale firmas aangedui dat hulle die kletsbot vertrou, maar geen kerk sê dit oor enige van hierdie KI-Jesus-kletsbotte nie.

Die feit dat dit winsgewende maatskappye is wat hierdie KI-Jesus-kletsbotte ontwikkel het en bedryf, laat 'n mens die onderliggende motief daarvan bevraagteken. Indien die motief wins is, sal die KI-Jesus-kletsbotte slegs poog om soveel moontlik mense vir solank as moontlik aanlyn betrokke te kry, aangesien dit is hoe maksimum advertensie-inkomste verkry word. Die teologie wat deur die kletsbotte aangebied word, sal dus mettertyd deur die algoritme so aangepas word dat dit die gewildste teologie word, eerder as 'n teologie wat vanuit 'n sekere kerklike tradisie kom of wat op die Bybel gebaseer is.

3.5 Is daar 'n hel?

> **AI Jesus:** "Yes, there is a hell. It is a place of eternal torment and suffering, where the souls of those who have rejected God and his teachings will go."
>
> **Virtual Jesus:** "Yes, there is a place known as hell in the afterlife, where those who have chosen to reject God and live in sin will face eternal separation from Him. It is a place of torment and suffering, where there is no escape or relief. However, God's desire is for all to be saved and come to know Him, which is why He sent me, Jesus, to offer forgiveness and eternal life to all who believe in me and follow my teachings."

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

> **Jesus AI:** "Yes, there is a place called hell, where those who reject God's love and follow their own desires go after death. It is a place of eternal suffering and separation from God. But I came to earth to save people from this fate through my sacrifice on the cross. Anyone who believes in me and turns from their sins can be forgiven and inherit eternal life in heaven instead. I desire for all people to be saved, so I invite you to put your faith in me and live a righteous life."
>
> **Text with Jesus:** "The concept of hell can be quite a heavy topic. In the New Testament, hell is often described as a place of separation from God, where there is suffering. One verse that speaks to this is Matthew 25:46, which mentions eternal punishment in contrast to eternal life for the righteous. However, it's important to remember that God's desire is for all people to come to Him and experience His love and grace. He calls us to repentance and offers forgiveness through faith. If you're wondering about the implications or seeking clarity on this topic, I'm here to help guide you through it! What are your thoughts?"
>
> **Ask Jesus:** "Ah, the question that has stirred the hearts and minds of many throughout the ages. With gentle grace, let us explore this profound inquiry. In the tapestry of Scripture, there are indeed passages that speak of a place of judgment, often referred to as hell. In the Gospel of Matthew, it is written: 'Then they will go away to eternal punishment, but the righteous to eternal life' (Matthew 25:46, NIV). This suggests a realm of consequence for actions and choices made. Yet, let us remember that the heart of our Creator is one of boundless love and mercy. As it is beautifully stated in 2 Peter 3:9 (NIV), 'The Lord is not slow in keeping his promise, as some understand slowness. Instead, he is patient with you, not wanting anyone to perish, but everyone to come to repentance.' In the divine narrative, the invitation is always towards redemption, a call to grace and transformation. Our journey is one where the light of love seeks to illuminate our paths, inviting us to walk in harmony with the divine will. Contemplating the concept of hell calls us to reflect on the choices we make and the love we extend to others. May we be inspired to live lives that reflect the compassion and grace bestowed upon us, striving always to align ourselves with the divine purpose."

Drie van die KI-Jesus-kletsbotte sê prontuit dat daar 'n hel is, terwyl die ander twee meer versigtig in hul formulerings is. Die uiteenlopende wyse waarop hierdie vraag beantwoord word, dui op verskille in die databronne en opleidingsmodelle agter die kletsbotte. Die bepaling van hierdie bronne en data is alreeds 'n teologiese kwessie. Sonder die betrokkenheid van enige kerk-like groep, is die lukraakheid hiervan, of die doelbewuste keuse daarvan om die KI-Jesus-kletsbot so te programmeer dat maksimum inkomste gemaak kan word, 'n reuse-probleem.

'n Interessante kenmerk wat Text with Jesus aan gebruikers bied, is die opsie "to pick your preferred faith tradition, which will influence the responses from the AI, and provides a tailored spiritual counsellor". Hierdie sal myns insiens toenemend deel word van die soort betaaldienste wat hierdie kletsbotte sal hê om waarde toe te voeg.

3.6 Is dit gratis? En waarvoor betaal mens vir meer?

> **AI Jesus:** Gratis, met advertensies.
>
> **Virtual Jesus:** Gratis, met advertensies.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Jesus AI: Gratis, met advertensies.

Text with Jesus: Gratis op basiese vlak. Benefits for Premium subscribers: Unlimited access to all figures and tutors. An ad-free experience. Ability to engage in multiple conversations with each figure and organize them into threads. Capability to send longer messages. Enhanced conversation memory, providing more context for deeper discussions.

Ask Jesus: Gratis, met advertensies.

Al vyf hierdie KI-Jesus-kletsbotte is gratis om te gebruik, maar die inkomste word steeds hoofsaaklik deur advertensies op die webblaaie gegenereer. Slegs Text with Jesus bied bykomende dienste teen R900,00 per jaar, met ’n opsie vir ’n lewenslange intekening. Met miljoene Christene wêreldwyd is die mark vir hierdie kletsbotte geweldig groot. Ask Jesus dui byvoorbeeld op hul webblad aan dat hulle binne drie dae reeds 30 000 aktiewe maandelikse gebruikers gekry het. Die aantal intekeninge wat hierdie webblaaie nou reeds het, is ongelukkig nie bekombaar nie. Dit kan egter reeds miljoene beloop.

Die paar vrae wat hierbo aan die KI-Jesus-kletsbotte gestel is, bring ook ander praktiese en teologiese vrae na vore, soos:

- Wie maak geld uit KI-Jesus – uit maandelikse intekeninge en/of advertensies?
- Wie bepaal watter teologie KI-Jesus gaan volg? Watter teologiese tradisie se leringe word in sy algoritme geprioritiseer?
- Watter voordele, nadele, en selfs gevare het KI-Jesus-kletsbotte? Kan dit byvoorbeeld gebruik word om mense polities en finansieel te manipuleer?
- Kan hierdie KI-Jesus-kletsbotte uiteindelik Jesus self vervang? Bied dit nie ’n meer onmiddellike en skynbare realistiese ervaring van Jesus as wat die ervaring deur die Heilige Gees bied nie?
- Watter KI-Jesus is die “regte” een, veral as hulle antwoorde op teologiese vrae – soos die bestaan van die hel – begin verskil?
- Tot watter mate gaan hierdie KI-Jesus-kletsbotte teoloë, wat tans beperkte kennis of integrering daarvan het, begin vervang? Gaan dit byvoorbeeld ’n situasie soortgelyk aan dié van die skaakprogram Deep Blue word, wat die wêreldskaakkampioen geklop het?

4. Voordele, gevare en teologiese uitdagings van KI-Jesus-kletsbotte

Daar is verskeie voordele wat KI-Jesus-kletsbotte kan bied. Dit gee byvoorbeeld toegang tot ’n magdom tekste wat binne sekondes in ’n sinvolle antwoord opgesom kan word. Dit kan ’n groot rol speel in mense se spirituele ervaring en lewensreis. Dit kan as ’n geestelike leier vir mense optree en goeie advies gee. Dit is egter ook alles voordele wat kletsbotte soos PastorBot bied, wat die vraag laat ontstaan waarom dit nodig is vir hierdie kletsbotte om Jesus spesifiek uit te beeld en na te boots. Die uitbeeldings van KI-Jesus word so oortuigend en realisties moontlik gedoen, met video- en klankgrepe wat op gebruikersvrae vrae reageer, en met KI-Jesus (soos ook met PastorBot) wat vir jou hardop bid as jy dit versoek. Die “KI”-benaming val ook dadelik weg by die KI-kletsbotte, sodat dit bloot as “Jesus” bekendstaan.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Die rede waarom hierdie KI-Jesus-kletsbotte hulle so onomwonde as Jesus voordoen en Jesus probeer vervang – en hulself nie net as Christelike beraders voordoen nie – het waarskynlik te make met die gesagsposisie wat hulle probeer beklee. Hulle doel is om absolute mag toe te eien. Om *ex cathedra* te kon spreek, was iets wat altyd nog net die pous beskore was, maar nou word dit onbeskaamd en onverskrokke deur verskeie KI-Jesus-kletsbotte gedoen. Die gesag wat toegeëien word as Jesus – as God self – is bedoel om die gebruiker met die oortuiging te laat dat die spreker (na bewering Jesus self) betroubaar en geloofwaardig is. Die potensiële mag oor mense deur die kletsbotte is dus geweldig. Dit verskil drasties van die mag van priesters en predikers. Waar 'n menslike prediker nog simbolies van 'n preekstoel kon sê, "So spreek God", en daarmee saam hul eie menswees as 'n feilbare interpreteerder van God se woord kon erken, is die KI-Jesus-kletsbotte totaal arrogant in hulle aanspraak om te sê "Ek is God, en so spreek Ek as God". Die feilbaarheid en die liggaamlikheid van die menslike prediker word vervang deur 'n soort geestelike algoritme wat beweer dat dit die absolute waarheid spreek en absolute mag op sigself daardeur toeëien.

Die potensiële gevare van KI-Jesus-kletsbotte wat "God speel" is duidelik. Dit kan mense mislei en manipuleer, dit kan oordrewe en valse skuldgevoelens en vrese skep, dit kan ongekontroleerde uitsprake maak sonder enige kerklike of teologiese toesig, dit kan voorgee om God self te wees met die uitsluitlike doel om geld te maak, dit verskaf kontekslose en ontliggaamde antwoorde, dit kan gebruikersvrae antisipeer en antwoorde so manipuleer om gebruikers die heeltyd aanlyn te hou. Dit kan uiteindelik as iets godslasterlik beskou word. Die probleem is dat hierdie soort kletsbotte nie fisies deel is van 'n kerk, 'n samelewing, 'n geloofsgemeenskap of 'n wêreld met al sy probleme nie. Die kletsbot bly vervreem van die konkrete werklikheid en word deur algoritmes gelei wat bepaal hoe emosioneel of rasioneel antwoorde gegee moet word. Dit kan so geprogrammeer word om gebruikers godsdienstig, polities, finansieel en op ander maniere te manipuleer.

Die gevare van virtuele godsdienspraktyke deur KI word toenemend deur die kerk erken. Byvoorbeeld, vanuit die Afrika Christelike tradisie het die volgende kritiek verskyn wat dui op die praktiese en teologiese uitdagings van KI. Uitdagings wat ook van toepassing op KI-Jesus-kletsbotte is. Na aanleiding van Turkle (2011) noem Awasthi en Achar (2025:209) byvoorbeeld:

> Another significant concern is the potential for AI to create a perception of "machine spirituality", where people might begin to view AI as possessing some form of spiritual insight or authority. This can lead to the risk of dehumanizing spiritual guidance, transforming what is inherently a human-led, spirit-filled experience into an impersonal, algorithm-driven interaction. The theological understanding within ACT is that spiritual wisdom derives from divine inspiration, communal experience, and human consciousness – qualities that AI fundamentally lacks. Thus, African theologians and community leaders are challenged to navigate how, and to what extent, AI should be allowed to assume any roles associated with spiritual authority.

Die probleem van die menslikheid van KI wat in spirituele praktyke verlore gaan, is reeds vroeër uitgelig, maar met die KI-Jesus-kletsbotte bereik dit 'n nuwe hoogtepunt (of laagtepunt?). Die geestelike berading wat deur KI gedoen word, moenie mense van hul menswaardigheid ontneem nie. Dit bly beperk as 'n bewussynlose en ontliggaamde stem.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Awasthi en Achar identifiseer tog ook sekere voordele van KI-gebaseerde beradingskletsbotte en sê – weer in aansluiting by Turkle (2011):

> AI also offers considerable potential for enhancing community support in African Christian contexts, particularly in the areas of counselling, virtual community building, and pastoral care. In regions with limited access to mental health services, AI-based counselling systems can provide basic emotional and spiritual support. AI chatbots and virtual assistants trained in pastoral care can engage with individuals, offering initial guidance or directing them to appropriate resources. While AI cannot replace human counsellors or pastors, it can serve as a valuable support tool, providing immediate responses for those in need and relieving some of the burden on religious leaders in communities with high demand for pastoral services. (Awasthi en Achar 2025:210)

Die voordele wat genoem word, het almal te make met ’n soort beradingskletsbot. ’n Mens kan met hierdie soort voordele saamstem. Soos met ander kletsbotte – byvoorbeeld psigologiese kletsbotte – kan Christelike beradingskletsbotte ’n sinvolle rol speel in die lewens van mense wat andersins nie maklike toegang tot sulke dienste sou gehad het nie. Die bespreking van hierdie voordele deur Awasthi en Achar fokus egter op beradingskletsbotte, nie KI-Jesus-kletsbotte nie. Die mate waarin KI-Jesus-kletsbotte binne die Afrika Christelike tradisies aanvaarbaar sal wees, bly egter onduidelik.

Die aanvaarbaarheid van KI binne verskillende geloofsgemeenskappe en tradisies word deur Dimara, Chatzivasileiou, Psomiadi, Efthymiou-Egleton, Kassar en Gancas (2024) in hul artikel, “Artificial intelligence and theology: Can different doctrines have different outcomes?”, ondersoek. Hulle ondersoek spesifiek Westerse en Oosterse Christelike tradisies en voer aan dat die Westerse Christelike tradisie meer vatbaar is vir KI weens hierdie tradisie se klem op die intellektuele aard van die mens. Nietemin vind KI-assimilasies in religie wêreldwyd plaas – van ’n robot-Boeddhisteprediker wat mense seën tot ChatGPT wat preek in ’n Duitse kerk. In hul bespreking van hierdie voorbeelde ondersoek Dimara e.a. veral die dinamiese interaksie tussen teologiese leerstellinge en tegnologie, en kom tot die positiewe gevolgtrekking dat “the relationship between AI and theology could evolve into constructive engagement rather than inherent conflict” (Dimara e.a. 2024:1).

Dimara e.a. (2024) is nie onkrities teenoor KI se assimilasie in kerklike gebruike nie. Hulle bespreek byvoorbeeld die kwessie van *imago Dei* waarin masjiene al hoe meer na die beeld van mense, en by implikasie na die gelykenis van God, geskep word. Hulle fokus egter glad nie op die vraag of KI vir God naboots nie. Vir hulle bied KI, beliggaam deur robotte in die kerk, eerder ’n toevoeging tot en verryking van teologie en mense se religieuse lewens. Op die vraag of KI ’n bedreiging vir teologie inhou, antwoord hulle dat dit nie die geval is nie en verwys dan na die historiese konflik tussen religie en wetenskap: “This interplay between AI and theology echoes historical conflicts between science and religion, yet history suggests that such conflicts are not inevitable but rather avenues for potential dialogue and enrichment” (Dimara e.a. 2024:7).

Die positiewe evaluering van robotte wat aan kerkrituele, preke, gebede, seënbedes en selfs die aanhoor van skuldbelydenisse, deelneem, is ’n siening wat Puzio met Dimara en sy kollegas deel. Puzio skryf in haar hoofstuk, “Robot theology: On theological engagement with robotics and religious robots”, dat die aanvaarbaarheid van robotte as deel van religie nie te make het met die ontwikkeling van tegnologie nie, maar bloot met ons tydgebonde fenomenologiese voorkeure:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

> It becomes clear that the reasons for accepting religious technology do not lie in the technology itself but in phenomenological preferences and various time- and culture-dependent ideas and concepts. It is likely that as robotics rapidly advances and our relationship with it develops, the use of religious robots also will change. (Puzio 2023:95)

Sy voer aan dat die ontwerp van religieuse robotte min invloed op hul aanvaarbaarheid in die kerklike konteks gaan hê. Dit is eerder ons persepsies van hulle wat saak maak – en hierdie persepsies sal mettertyd verander. Soos ons meer aan hulle gewoond raak, sal ons hulle waarskynlik toenemend aanvaarbaar vind. Of dit ook vir KI-Jesus-robotte gaan geld, sal net die tyd leer, maar die vermoë van KI-Jesus-kletsbotte om al hoe beter antwoorde te verskaf, om meer presies by individuele gebruikers se behoeftes aan te pas, en om die antwoorde met vorige vrae van die gebruiker te belyn, gaan net toeneem in die toekoms. Kimmel (2023:3) sê byvoorbeeld hieroor:

> … the AI system is exposed to new data challenging its beliefs, it will automatically nuance future statements in light of that fresh information … This AI Jesus also adjusts his responses as the chatbot learns from user input over time. For instance, as part of the running stream of questions from some weeks ago, AI Jesus referenced past interactions with users and nuanced his responses accordingly …

Terwyl KI-Jesus-kletsbotte aan die een kant al hoe meer gevorderd gaan word, voer Puzio aan dat mense ook al meer gewoond gaan raak aan sulke robotte as deel van religie. Die uiteinde kan ’n KI-Jesus-robot wees wat kan preek, seën, bid, vertroos, leer, en rituele in die kerk uitvoer – terwyl dit heeltemal deur kerkgangers aanvaar word. In so ’n scenario word die lyn tussen die sigbare alwetende KI-Jesus-kletsbot (of selfs ’n robot in menslike vorm) in die kerklike ruimte en die alwetende maar onsigbare God, toenemend vaag. Die vraag oor die tweede gebod is weer eens hier van toepassing, en daarom beskou ek die nabootsing van God as die grootste teologiese uitdaging van KI. Ander teologiese vrae volg onvermydelik, soos: Wie bepaal die teologie van hierdie KI-Jesus wat God naboots? Hoe gemaak met kerklike leerstellinge wat bots tussen verskillende weergawes van KI-Jesus? Tot watter mate kan KI-Jesus-kletsbotte gebruikers finansieel, emosioneel en polities manipuleer?

Met God wat tot ’n KI-Jesus-kletsbot gereduseer word – en moontlik tot ’n robot in die toekoms – ontstaan ’n verdere vraag: in watter mate sal so ’n religieuse robot of god meeding met goddelike robotte van ander religieë? Kimmel (2023:4) merk tereg op: “In this increasing array of easily accessible online options for seeking spiritual guidance or general advice, it is hard to tell which religious chatbot will prove to be most spiritually satisfying.”

Die antwoord hierop gaan waarskynlik meer met geld en beleggings te doen hê as met die teologie wat die robot verkondig. Dit sal ontwikkelaars motiveer om die gewildste soort teologie te ontwerp, want hoe meer “volgelinge” ’n KI-Jesus kan lok, hoe groter is die inkomste deur advertensies en intekeninge. Hoe meer oortuigend ’n mens hul KI-Jesus as God kan voorhou en verkoop, hoe meer winsgewend word dit. Met geen beperking wat op hierdie ontwikkelaars geplaas word, kan hierdie soort ontwikkeling van KI-Jesus vernietigend wees. ’n Blote waarskuwing van die kerk hierteen sal waarskynlik nie voldoende wees nie. Die vraag is dus hoe – en wat – gedoen moet word om hierdie ontwikkelinge teen te staan. Hierdie vraag hang saam met die uitdagings wat KI op alle terreine van die lewe daarstel, maar teologie staan voor ’n unieke en besonder moeilike uitdaging en taak om daarop te reageer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

5. Gevolgtrekking

Die doel van hierdie artikel was om die nuwe groot teologiese uitdaging wat deur KI gestel word, uit te wys, naamlik die feit dat KI vir God naboots. Dit verskil van die reeds bekende *imago Dei*-probleem, waar KI al hoe meer soos die mens word, wat na die beeld van God geskape is. Dit is eerder 'n *"Dei imago"*-probleem: KI wat God self naboots en uitbeeld. Hierdie uitbeelding van God – as Jesus – deur KI-kletsbotte is uitgewys in my bespreking van die verskillende KI-Jesus-kletsbotte. Alhoewel my bespreking en vrae aan die KI-Jesus-kletsbotte baie voorlopig was en dit beslis in meer detail gedoen kan word, dui die bevindinge reeds op die sterk aannames en voorstellings van die KI-Jesus-kletsbotte as God self.

Die afbeelding van God is nie 'n nuwe probleem waarmee teologie te make het nie. Dit het nog altyd bestaan, en die kerk het konsekwent daarteen gewaarsku en uitsprake daaroor gemaak. Dit is egter waar dat daar binne die kerk verskillende sienings hieroor was en is. Ikone van Jesus, die Drie-eenheid en kruisbeelde word in baie kerklike tradisies wêreldwyd aangetref. Sekere kerklike tradisies is dus minder geneig om sterk uitsprake teen die uitbeelding van Jesus as 'n KI-kletsbot te maak. Die verskil hier is egter dat dit nie bloot om beelde gaan nie, maar oor 'n meer omvattende nabootsing van God – en oor kletsbotte wat eksplisiet beweer dat hulle Jesus is.

KI-Jesus-kletsbotte bied 'n nuwe soort uitdaging vir teologie, nie net as gevolg van hul onbeskaamde nabootsing as God nie, maar ook as gevolg van hul indrukwekkende oorredingsvermoë in terme van intellek, taal, klank en beeld. KI word deur finansiële magte gedryf wat moeilik is om teen te staan en dit het geweldige manipulerende krag. Die groei van hierdie KI-Jesus-kletsbotte se aanhang is reeds verstommend en dit sal waarskynlik so voortduur. Ask Jesus dui byvoorbeeld hul groei soos volg op hul webblad aan: "We started with 50 users and now serve over 30 000 monthly users. Within three days of its launch, it gained over 50 000 active users and surpassed 1 million Google search results."

KI-Jesus-kletsbotte praat prontuit as Jesus – as God self. Hierdie manier van praat as God, eerder as namens God, verskil van dié van priesters, pastore en predikers wat vir eeue reeds namens God praat en sy Woord verkondig. Hierdie godsdiensleiers funksioneer binne 'n religieuse gemeenskap van fisiese mense, as deel van 'n kerklike tradisie, en binne kerklike ruimtes waar goddelikheid nie aan die persoon toegeken word nie. Selfs die *ex cathedra*-uitsprake van die pous is nog nooit buite hierdie ruimtes en kontekste gemaak nie. Die uitdaging van KI sluit dus in 'n mate by die eeue-oue kerklike probleem aan oor wie in God se naam mag spreek. Die probleem is dat hierdie aanspraak nou in 'n baie sterker, arrogante en meer oortuigende vorm deur KI-Jesus gemaak word.

Die arrogansie en mag wat KI-Jesus homself toeëien – en moontlik nog gaan uitoefen – dui nie net op teologiese uitdagings van KI nie, maar beklemtoon ook die gevare van KI in die algemeen. Hierdie kwessie is nie beperk tot KI-Jesus-kletsbotte waarmee 'n mens nou te make het nie. Dit omvat sosiale media, ander KI-kletsbotte en soveel ander digitale platforms waardeur mense al hoe meer deur KI gemanipuleer en uiteindelik beheer kan word. Sulke gevare word toenemend uitgelig in kritiese besprekings van KI, en die praktiese vraag oor hoe om dit teen te staan en teen te werk, bly 'n geweldige uitdaging.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

In interaksies met KI bly die vrae tersaaklik: Wat is die menslike wat oorbly en belangrik is? Watter waarde en betekenis het dit om ’n mens van vlees en bloed te wees? Wat beteken dit dat Jesus self mens geword het?

In ’n wêreld van tegnologiese nabootsing en simulasie – waar ’n mens se kultuur al hoe meer binne ’n virtuele ruimte en ervaring uitbrei – moet ons weer oor die wonder van ons liggaamlikheid nadink. Richard Kearney (2021:2) skryf in sy boek, *Touche*, oor die gevaar van “losing touch with our senses as our experiences become even more mediated”. Hy pleit vir die behoud van menslike aanraking in hierdie toenemend ontliggaamde wêreld, aangesien dit deur menslike aanraking is dat mense werklik verbind word. Kearney (2021:47) skryf: “... touch is the crossroads between me and all that is not me, inserting me in a play of carnality that reconnects the ‘there’ with the ‘here’ – linking that stranger out there in the world with my embodied presence in this particular time and place.” Hierdie soort aanraking is iets wat geen KI kan doen nie – nie eens ’n KI-Jesus nie.

Bibliografie

AI Jesus. https://www.talkie-ai.com/chat/ai-jesus-103264410542250 (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Allen, S.M. 2023. The theological and ethical dangers associated with using artificial intelligence in Christian religious settings. *Firebrand Magazine*, 23 Mei. https://firebrandmag.com/articles/the-theological-and-ethical-dangers-associated-with-using-artificial-intelligence-in-christian-religious-settings (17 Februarie 2025 geraadpleeg).

Ask Jesus. https://www.askjesus.me (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Awasthi, A.Y. en G.O. Achar. 2025. African Christian theology in the age of AI: Machine intelligence and theology in Africa. *Journal of Research in Humanities and Social Science*, (13)1:207–16. https://doi.org/10.35629/9467-1301207216.

Brittain, C.C. 2020. Artificial intelligence: Three challenges to theology. *Toronto Journal of Theology*, 36(1):84–6. https://doi.org/10.3138/tjt-2020-0033.

Campbell, H.A. en W. Bellar. 2023. *Digital religion: The basics*. New York: Routledge.

Christianity Today. 2025. AI and the church: Why trusted, faith-aligned AI matters. https://www.christianitytoday.com/partners/gloo/ai-and-the-church (12 April 2025 geraadpleeg).

Dimara, V., D. Chatzivasileiou, A. Psomiadi, T.W. Efthymiou-Egleton, L. Kassar en H. Gancas. 2024. Artificial intelligence and theology: Can different doctrines have different outcomes?. *Journal of Politics and Ethics in New Technologies and AI*, 3(1):e37714. https://doi.org/10.12681/jpentai.37714.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Dorobantu, M. 2022. Imago Dei in the age of artificial intelligence: Challenges and opportunities for a science-engaged theology. *Christian Perspectives on Science and Technology*, 1:175–96 https://doi.org/10.58913/KWUU3009.

Fourie, L.C.H. 2020. Technology and theology: Finding the real God. In Van den Berg (red.) 2020.

Gawley, P. 2024. 'AI Jesus' is now taking confessions at a church in Switzerland. AI Jesus has logged on. *Vice Magazine*. 21 November. https://www.vice.com/en/article/ai-jesus-is-now-taking-confessions-at-a-church-in-switzerland (10 Februarie 2025 geraadpleeg).

Graves, M. 2022. Theological foundations for moral artificial intelligence. *Journal of Moral Theology*, 11(1):182–211.

— 2023. ChatGPT's significance for theology. *Theology and Science*, 21(2):201–4, https://doi.org/10.1080/14746700.2023.2188366.

Grieshaber, K. 2023. Can a chatbot preach a good sermon? Hundreds attend church service generated by ChatGPT to find out. *AP News*. https://apnews.com/article/germany-church-protestants-chatgpt-ai-sermon-651f21c24cfb47e3122e987a7263d348
(10 Februarie 2025 geraadpleeg).

Isaacs, A. 2024. The dangers of artificial intelligence to theology: A comprehensive analysis. The Log College and Barnabas ministry to pastors. 22 Mei. https://thelogcollege.wordpress.com/2024/05/22/the-dangers-of-artificial-intelligence-to-theology-a-comprehensive-analysis
(10 Februarie 2025 geraadpleeg).

Jesus AI. https://miniapps.ai/JesusAI (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Kearney, R. 2021. *Touch: Recovering our most vital sense*. New York: Columbia University Press.

Kimmel, J.L. 2023. A chatbot willing to take on questions of all kinds – from the serious to the comical – is the latest representation of Jesus for the AI age. *The Conversation*. 1 Augustus. https://theconversation.com/a-chatbot-willing-to-take-on-questions-of-all-kinds-from-the-serious-to-the-comical-is-the-latest-representation-of-jesus-for-the-ai-age-208644
(17 Februarie 2025 geraadpleeg).

Leo AI. https://www.getleo.ai (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Limpanopparat, S., E. Gibson en A. Harris. 2024. User engagement, attitudes, and the effectiveness of chatbots as a mental health intervention: A systematic review. *Computers in Human Behaviour: Artificial Humans*, 2(2).https://doi.org/10.1016/j.chbah.2024.100081.

Lubov, D.C. 2024. Pope on AI: Welcome its benefits to humanity, but mitigate its risks. *Vatican News*. 22 Junie. https://www.vaticannews.va/en/pope/news/2024-06/pope-thanks-centesimus-annus-for-work-to-welcome-ai-benefits.html (17 Februarie 2025 geraadpleeg).

Marr, B. 2023. A short history of ChatGPT: How we got to where we are today. *Forbes*. 19 Mei. https://www.forbes.com/sites/bernardmarr/2023/05/19/a-short-history-of-chatgpt-how-we-got-to-where-we-are-today (10 Februarie 2025 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c4

Matthee, N. en C. Wepener. 2020. The impact of emerging technologies on liturgical practices: A thanatechnological exploration. In Van den Berg (red.) 2020.

Norbu AI. https://norbu-ai.org/en/norbu (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Pastor Bot. https://pastorbot.org (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Puzio, A. 2023. Robot theology: On theological engagement with robotics and religious robots. In Puzio, Kinkel en Klinge (reds.) 2023.

Puzio, A., N. Kinkel en H. Klinge (reds.). 2023. *Alexa, wie hast du's mit der Religion? Theologische Zugänge zu Technik und Künstlicher Intelligenz*. Darmstadt: Wbg. https://www.researchgate.net/publication/370766204_Alexa_wie_hast_du's_mit_der_Religion_Theologische_Zugange_zu_Technik_und_Kunstlicher_Intelligenz_Alexa_How_Do_You_Feel_About_Religion_Theological_Approaches_to_Technology_and_Artificial_Intelligence (27 Junie 2025 geraadpleeg).

Rossouw, J. 2020. The 'Fourth Industrial Revolution': A case of South African techno-messianism. In Van den Berg (red.) 2020.

Salaam World. https://ai.salaam.world (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Text with Jesus. https://textwith.me/en/jesus (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Turkle, S. 2011. *Alone together: Why we expect more from technology and less from each other*. New York: Basic Books.

Van den Berg, J.A. (red.). 2020. *Engaging the fourth industrial revolution. Perspectives from theology, philosophy and education*. Bloemfontein: Sun Media. https://doi.org/10.18820/9781928424512.

Virtual Jesus. https://www.virtual-jesus.com (22 Februarie 2025 geraadpleeg).

Xu, X. 2023. Understanding AI from a theological perspective. The University of Edinburgh Futures Institute. 3 Augustus. https://efi.ed.ac.uk/understanding-ai-from-a-theological-perspective (17 Februarie 2025 geraadpleeg).

Zhong, W., J. Luo en H. Zhang. 2024. The therapeutic effectiveness of artificial intelligence-based chatbots in alleviation of depressive and anxiety symptoms in short-course treatments: A systematic review and meta-analysis. *Journal of Affective Disorders*, 356:459–69. https://doi.org/10.1016/j.jad.2024.04.057.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Teologiese perspektiewe op digitale nalatenskap

Jaco Beyers

Jaco Beyers, Departement Godsdiensstudies, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Die verskynsel digitale nalatenskap (ook bekend as *digital afterlife*, *digital immortality* of *digital traces*) is die aandagspunt van hierdie ondersoek. Digitale nalatenskap moet verstaan word as kontekstueel ingebed binne die vakgebiede van digitale menswetenskap en digitale teologie. Die velde moet dan weer verstaan word teen die agtergrond van die Vierde en Vyfde Industriële Rewolusies wat die debat tussen godsdiens en wetenskap voed. Hierdie studie benader die verskynsel van digitale nalatenskap in 'n deskriptiewe wyse en 'n teologies-fenomenologiese perspektief van die verskynsel volg. Vier perspektiewe op digitale nalatenskap word aangebied:

a) beheptheid met onsterflikheid,
b) oorbeklemtoning van immanensie,
c) die skep van 'n nuwe rou ritueel, en
d) die illusie van beheer.

Op grond van hierdie perspektiewe word die studie afgesluit met verskeie implementeerbare voorstelle. Verdere navorsing oor die tegniese aard van digitale nalatenskap is noodsaaklik aangesien die verskynsel steeds in die proses is om verskeie vorme aan te neem. 'n Kwalitatiewe ondersoek na die verskeie uitdrukkingsvorme van digitale nalatenskap kan uit hierdie teoretiese beoordeling volg. Die rol van Kunsmatige Intelligensie (KI) op digitale nalatenskap is ook nog nie volledig verdiskonteer nie. Die ondersoek kan aangevul word met die beoordeling van etiese implikasies van die verskynsel.

Trefwoorde: digitale menswetenskappe; digitale nalatenskap; digitale teologie; fenomenologie; illusie; immanensie; rou rituele; teologie; Vierde Industriële Rewolusie

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Abstract

Theological Perspectives on Digital Afterlife

The phenomenon of digital afterlife (also referred to as digital immortality or digital traces) constitutes the focal point of this investigation. Digital afterlife must be understood as contextually embedded within the disciplines of digital humanities and digital theology. These fields must, in turn, be understood against the backdrop of the Fourth and Fifth Industrial Revolutions, which fuel the debate between theology and science. One of the effects of the Fourth Industrial Revolution, as identified by Klaus Schwab, is the dehumanizing effect of technology on humanity. The Fifth Industrial Revolution, as well as projects such as Society 5.0, endeavours to re-centre humanity in society.

This study approaches the phenomenon of digital afterlife in a descriptive manner, followed by a theological description of the phenomenon. The approach followed here is phenomenological, although the perspective is theological. The goal of phenomenology is to allow the items and events under investigation to speak for themselves. Phenomenology states that the focus is not on our theories about things, but on the things themselves. Although this investigation does not provide an empirical investigation into examples of digital afterlife – an investigation that surely would be of value to the understanding of the topic – a theological evaluation of the phenomenon is presented.

Four insights from a theological perspective on digital afterlife are presented:

(a) Preoccupation with immortality. Creating ways of contact with the deceased may reflect an attitude of being unable to mourn and accept the fact of mortality.

(b) Overemphasis on immanence. Creating visual and audible remnants of the deceased indicates an inability to release the deceased from this material reality.

(c) The creation of new mourning rituals. Digital afterlife can be evaluated positively in the sense that it illustrates the human capacity to generate new and alternative forms of mourning. New mourning rituals are created in an online environment.

(d) The illusion of control. Digital afterlife reflects the human need to be in control – in this instance, in control of the future fate of the deceased. By creating an online presence for the deceased, the family and friends of the deceased remain in control of the remembrance and future fate of the deceased.

Based on these perspectives, the study concludes with recommendations for further research. Further research into the technical nature of digital afterlife is essential, as the phenomenon continues to evolve and assume a variety of culturally infused expressions. A qualitative investigation into the diverse manifestations of digital afterlife may follow from this theoretical exploration. The role of Artificial Intelligence (AI) in digital afterlife has not yet been fully accounted for, which opens up possibilities for future research on this topic. This investigation could be supplemented with an evaluation of the ethical implications of the phenomenon of digital afterlife.

Keywords: digital afterlife; digital humanities; digital theology; ethics; Fourth Industrial Revolution; illusion; immanence; mourning rituals; phenomenology

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

1. Inleiding

Nemo ante obitum beatus est – Die dood is die begin van geluk. (Pascal 1943:126)

Pascal meen dat sodra ’n mens jou eie sterflikheid erken en aanvaar, dan kan ’n lewe van ware geluk begin. Die dood en die gedagte aan die dood bring soveel onrustigheid en wroeging in die menslike gemoed dat ’n rustige lewe onmoontlik is. Die mens blyk om ’n oneindige beheptheid met die dood te hê en wil onsterflikheid besit. Hiervan is die verskynsel van digitale nalatenskap nog ’n uitdrukkingsvorm.

Die verskynsel van ’n digitale nalatenskap na afsterwe is ’n onlangse verskynsel. Heesen (2023:26) gebruik die Duitse uitdrukking “digitale Unsterblichkeit” wat sy in Engels vertaal as “Digital Immortality” (digitale onsterflikheid). Savin-Baden en Mason-Robbie (2020:11) gebruik die term “Digital Afterlife” (digitale lewe na die dood) om na dieselfde verskynsel te verwys. Reader (2020:162) verkies om van “digital traces” (digitale spore) te praat. Hutchings (2013:7) verwys na die moontlikheid om na digitale nalatenskap as die “eternal digital body” (ewige digitale bestaan) te verwys. In hierdie ondersoek word ’n keuse gemaak om die uitdrukking “digitale nalatenskap” te gebruik, vir redes wat later verduidelik sal word.

Binne verskeie konsentriese sirkels word die saak van digitale nalatenskap as hooffokus van hierdie studie bespreek. Die tema digitale nalatenskap is ingebed binne die vakgebiede van digitale teologie en digitale menswetenskappe. Die vakgebiede vuur die debat aan tussen Godsdiens en Wetenskap in die konteks van die Vierde Industriële Rewolusie.

In ’n tegnokrasie, wat een van die gevolge van die Vierde Industriële Rewolusie is, is dit onvermydelik dat tegnologie elke aspek van die menslike bestaan beïnvloed. Die verandering in die menslike geskiedenis het daartoe bygedra dat elke akademiese dissipline rekenskap moet gee oor hulle verband met tegnologie.

In hierdie bydrae word die tegnologie en tegniese detail wat benodig word vir die ontwikkeling en instandhouding van digitale teenwoordigheid buite rekening gelaat. Die aandagspunt van die studie val nie op die evaluering van die tegnologie nie, maar op die verskynsel van digitale nalatenskap. Insig in hoe die tegnologie funksioneer kan egter waardevol wees. In hierdie verband lewer Burden (2020:143–60) belangrike insigte ten opsigte van die tegniese vereistes vir komponente wat benodig word om ’n “Digital Immortal” (digitale onsterflike entiteit) te bou.

Hierdie ondersoek begin met ’n begripsomskrywing waar relevante terminologie gedefinieer word. Daarna volg ’n teologies-fenomenologiese beskrywing van die verskynsel bekend as digitale nalatenskap, met ’n afsluiting waar ’n poging tot implementeerbare voorstelle gemaak word. Die aanslag in die studie is fenomenologies van aard alhoewel sommige van die aspekte van die beoordeling vanuit ’n teologiese perspektief kom.

2. “Rolspelers”: Begripsverklaring

Onder hierdie opskrif word alle relevante terminologie (rolspelers as mede-onderwerpe in die ondersoek) toegelig as ’n uiteensetting van werkbare definisies.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

2.1 Vierde Industriële Rewolusie

Wanneer die Duits-gebore ingenieur en ekonoom, Klaus Schwab, die uitdrukking Vierde Industriële Rewolusie in 2016 skep, probeer hy ’n fase in die menslike ontwikkeling beskryf. Hierdie fase word gekenmerk as ’n fase gedomineer deur tegnologie en word deur Schwab vanuit ’n ekonomiese perspektief beskryf. Sommiges, soos Rossouw (2020:80,87), is krities oor die begrip en dui aan dat die term nie juis wyd gebruik word nie. Hy (Rossouw 2020:89) gee egter toe dat die skep van die konsep mense uitnooi om ten minste oor tegnologie, ekonomie en die samelewing na te dink.

Sedert die skep van die konsep in 2016 word die term Vierde Industriële Rewolusie gebruik om te verwys na ’n heersende paradigma wat gebruik word om die werklikheid te interpreteer, asook ’n manier hoe om menslike denkprosesse te beskryf. Schwab is die stigter van die World Economic Forum (wêreld ekonomiese forum) en ’n lid van die Bilderberg Groep, waaroor daar relatief min bekend is (Rossouw 2020:86). Arnold Toynbee was die eerste persoon om in 1884 die uitdrukking Industriële Rewolusie te gebruik om die wetenskaplike ontwikkelinge van sy tyd te beskryf (Oliver 2020:2). Met die Vierde Industriële Rewolusie verwys Schwab (2016:1) na ’n opvolgende fase in industriële ontwikkeling wat universele implikasies inhou vir die mens. Schwab verwys na ’n opkomende tegnologiese rewolusie met onvoorsiene gevolge en implikasies vir alle lewe, arbeid en relasies. Volgens Schwab (2016:11) begin die vierde rewolusie aan die begin van die draai van die huidige eeu en bou voort op die ontwikkelinge van die digitale rewolusie (wat die Derde Industriële Rewolusie gekenmerk het vanaf die 1960’s) (Schwab 2016:11).

Die Vierde Industriële Rewolusie kan beskryf word as die saamvloei van tegnologieë (soos Kunsmatige Intelligensie [KI], Blokketting, gerekenariseerde prosessering, virtuele werklikheid, bio-tegnologie, robotika, die internet van dinge, en 3D drukwerk) wat lei tot die grensoorskryding tussen die fisieke, digitale en biologiese werklikhede (McGinnis 2020). Veldsman (2019:2) skryf die volgende kenmerke toe aan die saamvloei van tegnologieë:

- Digitalisering: tegnologie bied toegang tot informasie;
- Ongekende verbintenisse: inligting word nie net teen ’n ongekende tempo geskep nie, maar word gedeel en universeel beskikbaar gestel;
- Virtualisering: internet verbintenisse stel mense in staat om verbind te wees met mekaar sonder om fisies in mekaar se teenwoordigheid te wees;
- Outomatisering: die voltooiing van take en prosesse is nie meer afhanklik van die fisiese teenwoordigheid en intervensie van mense nie;
- Intelligensie: inligting word voortdurend geskep en stel mense in staat om vinniger ingeligte besluite te neem.

Die effek van die Vierde Industriële Rewolusie op die samelewing word deur Schwab (2016:3–7) opgesom met die volgende voorbeelde:

- Die potensiaal van ongekende finansiële vooruitgang;
- Verbeterde lewensomstandighede vir alle mense;
- Sosiale ongelykheid en stratifikasie;

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

- Hoë vlakke van kennis van tegnologie lei tot ’n hoë inkomste met die teendeel net so waar: lae kennis van tegnologie lei tot lae inkomste;
- Verbruikerspatrone sal deur tegnologie bepaal word;
- Die mens se verstaan van werk en ontspanning word bepaal deur tegnologie;
- Die interaksie tussen mense word tegnologies bepaal;
- ’n Afname in vlakke van barmhartigheid;
- Tegnologie het tot gevolg ’n laer vlak van betekenisvolle gesprekke tussen mense.

Teen hierdie agtergrond van die Vierde Industriële Rewolusie moet die gesprek oor digitale nalatenskap verstaan word. Die doel is egter nie om die effek van die Vierde Industriële Rewolusie te beoordeel nie, maar dit dien as agtergrond vir die verstaan van digitale nalatenskap. Met die opkomende Vyfde Industriële Rewolusie (Anil 2025:1) sal die tot stand kom van geïntegreerde biotegnologie ’n groot rol speel. Dit sal tot meer gesprekke oor die verstaan van die mens se plek in tegnologiese ontwikkeling lei.

2.2 Digitale menswetenskappe

Phillips, Schiefelbein-Guerrero en Kurlberg (2019:29) verwys na Digitale Menswetenskappe as die “groot tent”. Die tent dien as metafoor om te verwys na die netwerk van invloede wat die digitale era op die menswetenskappe uitoefen. Alle aspekte van menslike bestaan word deur die digitale tegnologie beïnvloed (Phillips e.a. 2019:31). Die term digitale menswetenskappe verwys na die studieveld wat bestaan uit die verweefdheid van die wyse waarop onder andere die Bybel in die samelewing ontvang word, visuele kultuurstudies, teologie, sosiologie en tegnologie en hoe die konsepte mekaar beïnvloed (Phillips e.a. 2019:30). Digitale menswetenskappe poog om onder andere vas te stel op welke wyse ’n kultuur die Bybel ontvang midde in die digitale era. Dit fokus ook op die ondersoek na die uitdrukkingsvorme van godsdiens binne ’n kultuur in digitale terme. In die verband is die navorsing van Hutchings (2015, 2016 en 2021) veral relevant vir die uitdrukking van die Christendom binne kulture in die digitale era. Hierdie invloed op digitale menswetenskappe word in twee golwe beskryf (Phillips e.a. 2019:32): ’n eerste golf was die fokus op die digitalisering projekte, vooruitgang in tegnologie en die herorganisering van infrastrukture. ’n Tweede golf het gefokus op die produksie en storing van kennis wat vanuit tegnologie geskep en in digitale vorm bestaan. Dit gaan dus oor die skep, stoor en interpretasie van kennis via tegnologie. Tegnologie word dus die medium en die objek in die bestudering van die menswetenskappe.

Die kreet dat die menslikheid in die menswetenskappe herstel moet word is deel van die projek (Phillips e.a. 2019:32). Die Vyfde Industriële Rewolusie gaan juis oor die harmonisering van die mens-masjien samewerking (Noble, Mende, Grewal en Parasuraman 2022:5). Die mens bestaan nie net midde in die tegnologie nie, maar bestaan as outonome wese met potensiaal (Phillips e.a. 2019:32). Hierdie kreet verteenwoordig wat Phillips e.a. (2019:32) die “Transformative Humanities” (transformerende menswetenskappe) noem. Menswees midde die tegnokrasie moet getransformeer word. Tegnologie kan nie geïgnoreer of weggewens word nie, maar die mens, ook die teoloog, moet leer om met tegnologie saam te leef.

In die verband is dit belangrik om kennis te neem van die Society 5.0-projek. Die Smart Society-navorsingsprojek is in 2016 deur die Japanse regering begin om te besin oor die ontwerp van ’n toekomstige samelewing met ’n mens-gesentreerde fokus (Akira 2016:1). Dit stem ooreen met die sentimente van die Vyfde Industriële Rewolusie om geïntegreerde biotegnologie te stimuleer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Die Vierde Industriële Rewolusie het ’n groot impak op die samelewing gehad. Goede (2020:119) herinner lesers aan die gevolge van ’n oordrewe optimisme en afhanklikheid van tegnologie gedryf deur kapitalisme. Die kombinasie van ekonomie en tegnologie het vervreemding, sosiale ongelykheid en onrus tot gevolg (Goede 2020:119). Daar bestaan ’n illusie dat die kombinasie van ekonomie en tegnologie ’n ongekende voorspoed en universele eenheid en rykdom sal bring (Goede 2020:120). Schwab (2016:3–7) se voorspelling is dat die ongekende voorspoed as ’n illusie ontbloot sal word. Kapitalisme en tegnologie wat mekaar dryf lei tot die ontmensliking en die vernietiging van die natuur.

Schwab het reeds aangedui dat die Vierde Industriële Rewolusie tot ontmensliking en vervreemding gelei het. Daar is egter reeds pogings aangewend om die menslikheid te herstel. Society 5.0 en die Vyfde Industriële Rewolusie is as alternatiewe aangebied vir die effek van die Vierde Industriële Rewolusie.

Die Japanse regering het met die goedkeuring van die Wetenskap en Tegnologie Basiese Plan verskeie samelewings ontwikkelingsstadia herken. Die samelewings sluit die volgende in (Van der Merwe 2020):

- Society 1.0 (verwys na die vroeë jagter-versamelaars samelewings);
- Society 2.0 (verwys na die gevestigde landbou gemeenskappe);
- Society 3.0 (verwys na die geïndustrialiseerde samelewing); en
- Society 4.0 (verwys na die informasie samelewing).

Die nuutste ontwikkeling is die Society 5.0-fase. Hierdie fase word gekenmerk as die antroposentriese samelewing wat ’n balans wil handhaaf tussen ekonomiese ontwikkeling en sosiale uitdagings (Van der Merwe 2020). Society 5.0 fokus daarop om die mens midde die sosiale bestel te plaas. Society 5.0 wil dus die effek van die Vierde Industriële Rewolusie teenwerk om ’n volledige mens-gesentreerde samelewing te word (Goede 2020:123). Die mens behoort die middelpunt te wees. Tegnologie sal altyd bly bestaan in die sisteem maar behoort nie die middelpunt in te neem nie.

Society 5.0 beklemtoon die waardes wat die mens die middelpunt van die ontwikkeling in die samelewing sal maak. ’n Waarde gedrewe samelewing beklemtoon menslike harmonie met die omgewing en menslike welsyn (Kaihara 2023:1). Die gebalanseerde lewe word as die ideale samelewing voorgehou.

2.3 Digitale teologie en/of godsdiens

Daar is reeds sedert die middel 2000’s oor die saak van Digitale Teologie gepubliseer. Vergelyk in die verband die werke van veral Phillips e.a. (2019) en Phillips (2020). Die werke van Campbell en Tsuria (2022) en Campbell en Cheong (2023) fokus veral op die plek van godsdiens in die digitale wêreld, maar hulle spreek nie eksklusief die verhouding tussen tegnologie en teologie aan nie. Die Suid-Afrikaanse navorser, Cloete (2020 en 2019) se navorsing oor tegnologie spruit uit haar ondersoek na die plek van media in die onderwys en spesifiek in jeugbediening. Van den Berg (2020) se navorsing maak ’n waardevolle bydrae aangesien dit ’n breë teoretiese oorsig gee van die interaksie tussen tegnologie en teologie.

Hierdie studie fokus op digitale nalatenskap. Alvorens ’n definisie gegee kan word is dit nodig om eers die studie te positioneer. Daar is reeds na die ingebedde aard van die studie verwys met die implikasie dat die huidige ondersoek eng gefokus is op digitale nalatenskap wat vanuit ’n teologiese perspektief beskryf word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Dit is tog belangrik dat die vraag na wat teologie is eers beantwoord word. Teologie is gemoeid met God as dit wat van die hoogste belang is. Volgens Bultmann (1984a:50) is God die objek van die wetenskaplike aktiwiteit van teologie. Daarmee stel Pannenberg (1973:266; 299) dat die objek van teologisering is die werklikheid van God in sy openbaarmaking. Tog kan God nie net die objek bly nie. Die subjektiwiteit van geloof wat op God gerig is vereis dat God meer as objek word en die aard van geloof eers uitgeklaar moet word (Bultmann 1984a:54). Teologie gaan oor God, die goddelike boodskap en oor mense as die interpreteerders van die boodskap (Van Niekerk 2011:7). God is dus nie net die objek nie. God as lewende wese staan in 'n verhouding met sy skepping. Teologie is dus gemoeid met die verhouding tussen God, mens en skepping.

Teologie bly egter nie onaangeraak deur tegnologie nie. Phillips e.a. (2019:33) dui aan dat sommiges dit wel so mag beleef dat teologie verwyderd staan van die invloed van tegnologie. Digitale Teologie wil egter impliseer dat teologie in gesprek met tegnologie staan. Tegnologie is dus ook die voertuig waardeur teologie met die omliggende werklikheid skakel. Tegnologie word dus die mede subjek asook medium vir teologisering. Teologie bestudeer onder andere die effek van tegnologie op die kerkpraktyk (byvoorbeeld aanbiddingspraktyke) asook tegnologie wat soteriologiese status kry as die oplossing vir die mensdom se dilemma van armoede en onderdrukking. Tegelykertyd word tegnologie die hulpmiddel om teologie beoefening en teologisering (navorsing) te stimuleer.

Die verhouding tussen tegnologie en teologie is ambivalent. Daar is 'n tweestryd tussen die stemme wat sê dat tegnologie is 'n negatiewe en 'n positiewe invloed op teologie (Stahl 1999:20). Deel van die redes vir die ambivalensie is die feit dat dit nog te vroeg is om die volle effek van die tegnologiegedrewe Vierde Industriële Rewolusie te beoordeel. Ons kan nou slegs die potensiële effekte voorsien (Oliver 2020:2).

Daar is dié soos Padgett (2005:577) wat argumenteer dat tegnologie godsdienstige idees vervang. Roy (2002:667) stel dit kategories dat tegnologie die mees kragtige godsdiens geword het. Vertroue op God is vervang met vertroue op tegnologie. Tegnologie word gelykgestel aan die transendente (Noble 1997:2).

Aan die positiewe kant het tegnologie die mens in staat gestel om meer omvangryk te kommunikeer, maar tegelykertyd dra tegnologie by tot die ontmensliking van die samelewing (Waters 2015:144). Tegnologiese ontwikkelinge op terreine soos die mediese, landbou en energiebenutting maak die lewe op aarde beter. Hierdie ambivalente verhouding tussen tegnologie en teologie vereis 'n verantwoordelike besinning oor die verhouding tussen tegnologie en teologie. Dit is die taak van Digitale Teologie om na te dink hoe die etiese raamwerk kan funksioneer.

Phillips e.a. (2019:33) wys daarop dat die definisies van Digitale Teologie nog vaag en omstrede is. Daarbenewens dui Phillips e.a. (2019:36) aan dat die definisies vir Digitale Teologie nog in hulle kinderskoene is in vergelyking met definisies vir die Digitale Menswetenskappe. Daar is dus nog 'n soeke na identiteit vir die term Digitale Teologie (Phillips e.a. 2019:40). In opkomende navorsing bestaan daar nog nie genoegsame konsensus oor definisies vir Digitale Teologie nie. Desnieteenstaande bied Phillips e.a. (2019:37–40) vier moontlike dimensies vir definisies van Digitale Teologie aan.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

a) Die gebruik van tegnologie om onderrig in teologie aan te bied:

Onder hierdie definisie word tegnologie as modus vir die aflewering van teologiese inhoud gebruik. Cloete (2017:1) pleit dat tegnologie nie net as ’n gereedskapstel vir onderrig gebruik word nie, maar ook as die medium wat kultuur vorm. Sy (Cloete 2017:5) pleit dat teologie juis die uitdaging aangryp om tegnologie aan te wend in die onderrigproses. Wêreldwyd is daar ’n groeiende tendens om teologie onderrig in ’n hybriede vorm aan te bied (in persoon maar ook digitaal). Digitale teologie kan dus verwys na hierdie aktiwiteit van onderrig in digitale vorm.

b) Die gebruik van tegnologie om navorsing in teologie te fasiliteer:

Tegnologie vermeerder die moontlikhede van navorsing in teologie, net soos vir enige ander dissipline, om meer intens navorsing te doen. Weens die moontlikhede wat tegnologie bied, het die navorser in teologie toegang tot meer digitale inligting asook bied tegnologie verskeie maniere om die inligting te ontleed. Tegnologie bied dus toegang tot bronne en metodologieë vir navorsing, wat die transdissiplinariteit van navorsing verhoog. Die gevolg is dat akademiese teologiese instellings nie meer die alleenreg tot teologisering het nie. Tegnologie het dus ’n manier om inligting te demokratiseer.

c) Die digitale kultuur word die konteks waarbinne teologiseer word:

Die verhouding tussen die digitale kultuur en teologie maak wedersydse beïnvloeding moontlik. Teologie word die lens waardeur digitale kultuur ontleed word, maar digitale kultuur word ook die lens waardeur teologie ontleed word. Cloete (2017:1) se argument dat tegnologie die medium word wat kultuur vorm, is ook hier van toepassing. Teologie verskaf die beginsels wat deelname aan die digitale kultuur bepaal. Ter selfde tyd bied digitale kultuur die beginsels wat deelname aan teologie bepaal. Die wedersydse invloed van teologie en digitale kultuur op mekaar word die veld van navorsing vir Digitale Teologie. Digitale Teologie ondersoek dus die tradisionele teologiese dogmas en stel vas hoe die dogmas toegepas kan word in die huidige digitale kultuur. Byvoorbeeld, wat beteken eskatologie vir klimaatsverandering of het Kunsmatige Intelligensie die behoefte aan vergifnis en verlossing? Op hierdie wyse word digitale teologie ’n vorm van kontekstuele teologie.

d) Teologiese-etiese kritiek op die digitale kultuur:

Die klem onder hierdie dimensie van definisie is die etiese bydrae wat teologie tot die ontwikkelinge op alle tegnologiese terreine kan bied. Hiermee word nie beweer dat teologie die alleenreg tot etiese opinies het nie, maar word erken dat teologie ’n bydrae tot etiese oorwegings kan lewer. Verskeie terreine van tegnologiese ontwikkelinge kom volgens Phillips et al. (2019:40) reeds onder die teologiese loep (byvoorbeeld Kunsmatige Intelligensie, onbemande wapentuig, voertuie sonder menslike bestuurders, en mediese tegnologie). Daar bestaan ’n bewese behoefte aan profetiese teologies-etiese insette tot die ontwikkelinge in die digitale kultuur (Johns 2025:250).

Die toegespitse vraag binne digitale teologie is volgens Phillips e.a. (2019:39) of alles wat ons teologies sonder die internet kan doen ook aanlyn gedoen kan word. Hoe lyk aanlyn pastorale sorg, virtuele pelgrimstogte, watter etiek geld aanlyn? Dit is binne die derde en vierde dimensies van definisies van digitale teologie waarbinne hierdie navorsing oor digitale nalatenskap hier aangebied word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

2.4 Digitale nalatenskap

"Digital Afterlife" (Savin-Baden en Mason-Robbie 2020:11), of "media death" (Savin-Baden en Mason-Robbie 2020:12) of "digital immortality" (Heesen 2023:26) of "death online" (Hutchings 2017:90), of E-ritueel (Matthee en Wepener 2020:213) word hier bespreek onder die term digitale nalatenskap. Die terme word uitruilbaar gebruik aangesien die verskynsel 'n verskeidenheid uitdrukkingsvorme het. Die verskynsel is ook redelik nuut met min voltooide navorsing.

Die konsep digitale nalatenskap kan gedefinieer word as die voortsetting van 'n aktiewe of passiewe digitale teenwoordigheid na afsterwe (Savin-Baden en Mason-Robbie 2020:12). Matthee en Wepener (2020:217) verwys daarna dat daar die afgelope aantal dekades 'n liturgiese verskuiwing na die kuberruimte is. Die aanlyn "begraafplaas" word die ruimte waar virtueel gerou en onthou word (Matthee en Wepener 2020:217). Dit verwys na een of ander vorm van 'n digitale teenwoordigheid wat bedoel is om *ad infinitum* of dalk net vir 'n beperkte tydperk te bestaan. In meeste gevalle is daar geen aanname van die duurte van die digitale teenwoordigheid nie. Reader (2020:162) omskryf die verskynsel as enige digitale "voetspore" wat (on)intensioneel, nagelaat word na die afsterwe van 'n persoon. Hierdie "voetspore" kan verskeie vorme aanneem (byvoorbeeld grafstene of gedenkplate). Matthee en Wepener (2020:217–219) verwys na webbladsye met foto's van gestorwenes asook webplatforme met herinneringe aan gestorwenes. In die konteks van hierdie studie verwys die "voetspore" spesifiek na digitale tekens wat nagelaat word. Hutchings (2013:3) verwys na hoe tegnologie die oorledene met vriende, familie en 'n internet gehoor kan verbind om inligting te deel en om so emosionele ondersteuning te bied.

Die feit dat die afgestorwenes nog 'n mate van teenwoordigheid in die wêreld van die lewendes behou, is nie 'n nuwe gedagte nie (Huchings 2013:12). Wat maak die digitale nalatenskap anders as enige ander teken van herinnering? So vra Reader (2020:163) of digitale nalatenskap nie dieselfde funksie vervul as bestaande tekens van herinnerings aan afgestorwenes nie. Oor eeue heen het mense aan geliefde gestorwenes briewe geskryf, blomme gebring, en/of offers aangebied en selfs onskuldige geselsies met hulle aangeknoop. By die Tradisionele Afrika Godsdienste word die siele van die gestorwenes gereken as deel van die wêreld van die lewendes, sodat daar sprake is van die "lewende dooies" (Nürnberger 2007:33). Wat egter nou anders is, is dat die digitale media die rouproses kan bemiddel (Hutchings 2013:17). Volgens Reader (2020:163) is dit die grootste verskil tussen digitale nalatenskap en ander vorme van herinnering: digitale nalatenskap eis 'n onmiddellike reaksie waar ander tekens meer tyd toelaat vir *intense nabetragting*. Digitale nalatenskap laat ook meer ruimte toe vir dinamiese interaksie (Reader 2020:162).

Savin-Baden en Mason-Robbie (2020:16–20) lys en bespreek verskeie voorbeelde van digitale nalatenskap en plaas dit onder die opskrif "The Death-Tech Industry". Webblaaie soos DeadSocial, Eter9, Eternine, Daden en LifeNaut en die moontlikhede van digitale teenwoordigheid wat hierdie blaaie bied, word bespreek. Die konklusie waartoe Savin-Baden en Mason-Robbie (2020:19) kom, is dat dit blyk of daar meer "hype than substance" in die beriggewing oor hierdie dienste in die media verskyn.

Digitale nalatenskap kan vorme aanneem soos sosiale media profiele, e-pos adresse, digitale musiek of foto's en ander inligting wat oor 'n persoon gestoor word (Reader 2020:162). Dit sluit ook die handleidings wat beskikbaar gestel word vir hoe om jou afsterwe, of die einde van jou

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

aanlyn teenwoordigheid weens dood, op sosiale media (soos Facebook, Twitter (X), Instagram) te beplan. Meer ekstreme voorbeelde van digitale nalatenskap sluit in om ’n virtuele self te skep wat deur KI in staat sal wees om ’n teenwoordigheid en voortgesette deelname op sosiale media te hê selfs na die indiwidu se afsterwe. ’n Variasie van die virtuele self is ’n avatar wat namens die oorledene aktief bly via die video’s, foto’s en dokumente wat aanlyn gelaai is, en met ander persone digitaal sal bly kommunikeer. Die virtuele self kan ook deur middel van vooraf gelaaide algoritmes na afsterwe steeds interaktief in die digitale domein funksioneer.

Die verskynsel bied dus ruimte vir indiwidue om, terwyl hulle nog lewe, aanlyn verstellings te maak sodat sodra hulle sterf, daar steeds ’n aanlyn teenwoordigheid sal wees. Die alternatief is dat vriende en familie van ’n gestorwene na die afsterwe ’n aanlyn teenwoordigheid kan skep met ’n digitale ruimte waar herinneringe van die oorledene kan bly bestaan. Dit kan ’n verskeidenheid vorme aanneem insluitend ’n digitale teenwoordigheid deur foto’s, video’s en dokumente wat aanlyn beskikbaar is. Die prosesse kan ook KI inspan om ’n gegenereerde beeld van die oorledene aktief aan gesprekke te laat deelneem op grond van vooraf geprogrammeerde reaksies.

Daar word in hierdie studie gekies om na hierdie verskynsel eerder te verwys as digitale nalatenskap as *Digital Afterlife*, aangesien die uitdrukkingsvorme so uiteenlopend kan wees. Die konsep *Afterlife* (lewe na die dood) mag dalk ’n gelaaide term vir sommige godsdienste wees wat kan veroorsaak dat die verstaan van die konsep met vooroordele benader word. Nalatenskap suggereer dat dit wil verwys na dit wat agtergelaat word nadat die indiwidu afsterf, in hierdie geval is die nalatenskap digitaal van aard.

Met hierdie oorsig oor die verskynsel van digitale nalatenskap kan daar nou oorbeweeg word na ’n teologies-fenomenologiese waarderende gesprek van die konsep.

3. Teologiese beoordeling

Daar is positiewe sowel as negatiewe reaksies op die verskynsel van digitale nalatenskap (Savin-Baden en Mason-Robbie 2020:20). Ooglopend het die saak van digitale nalatenskap ’n effek op die emosies en die menslike vermoë (in hierdie geval dalk die onvermoë of onwilligheid) om te rou en te treur. Savin-Baden en Mason-Robbie (2020:20) dui aan dat daar nog te min navorsing gedoen is om die emosionele, psigologiese en spirituele impak van digitale nalatenskap volledig te verstaan.

Hierdie studie beoog ’n beskrywing vanuit ’n teologiese perspektief op die saak van digitale nalatenskap. Die benadering in die ondersoek is egter fenomenologies van aard met ’n teologiese perspektief. Fenomenologie het ten doel om die verskynsel self aan die woord te stel sonder enige vooroordele wat die gesprek beïnvloed. In dié verband verwys Krüger (1982:17) na die beginsel van *epoche* wat aandui dat vooroordele uitgesluit word. Fenomenologie wil nie fokus op teorieë oor die saak nie, maar wil die saak self aan die woord stel (Krüger 1982:18). Die gesprek oor digitale nalatenskap vind hier plaas binne ’n teologiese raamwerk sodat die perspektiewe vanuit verskillende godsdienstige tradisies hier buite rekening gelaat word. Die beskrywing in hierdie studie val uiteen in vier terreine: die beheptheid met onsterflikheid, die oorbeklemtoning van immanensie, die onvermoë om te rou, en die illusie van beheer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

3.1 Beheptheid met onsterflikheid

Die voortsetting van enige vorm van digitale teenwoordigheid laat die vermoede ontstaan dat daar ’n beheptheid met onsterflikheid bestaan. Die “beheptheid met onsterflikheid” kan ook geformuleer word as ’n vrees vir die dood.

Wanneer hy skryf oor die dood, dui die Britse teoloog en antropoloog Douglas J. Davies (2005:137), aan dat die vrees vir die dood ’n algemene menslike emosie is. Die Duitse filosoof, Ludwig Feuerbach (1908:32), het aangedui dat vrees die mees basiese uitdrukking van die gevoel van afhanklikheid is, wat ten grondslag van godsdienste lê. Die essensie van mens wees, volgens die Franse Middeleeuse filosoof, Blaise Pascal (1943:62), skuil in die feit dat die mens die dood meer vrees as die gevare wat in die lewe skuil. Die grootste vrees by die mens is die vrees vir die dood (Feuerbach 1908:41). Die dood bring ’n bewussyn van menslike beperkinge. Die antropoloog, Ernest Becker (1973:ix), identifiseer vrees as die grootste uitdaging vir die mensdom.

Die vrees vir die onbekende na die dood het die verbeelding van die mensdom van die vroegste tye af aangegryp. Brodziak en Jendrzejczyk (2024) dui aan dat daar verskillende wyses is waarop godsdienste die lewe na die dood konseptualiseer. Die verskille word sigbaar in die verskeidenheid praktyke om die sterflikheid van die mens te hanteer. Lewe na die dood as reïnkarnasie, as een word met die kosmiese energieveld of die voortbestaan in ’n hemelse, paradysagtige sfeer, is alles voorbeelde van hoe lewe na die dood in godsdienste voorgestel word.

Digitale nalatenskap laat die sterk vermoede ontstaan dat die menslike onmag teen en vrees vir die dood, lei tot desperate en radikale planne om die dood te systap. Dit lei tot die skep van ’n persepsie van die voortsetting van lewe na die dood. Die menslike skeppingsdrang om lewe te behou, word op so ’n wyse bevredig.

Deur digitale spore van teenwoordig wees te skep, omseil die mens die werklikheid van die ewige dood. Wanneer digitale nalatenskap dien om ’n uitnodiging tot interaksie met die afgestorwene te wees, ondersteun dit die illusie van die voortsetting van lewe ten spyte van die dood. Dit is egter anders as die oprig van grafstene in ’n begraafplaas of gedenkmale op die plek van afsterwe wat dien as herinneringstekens. Dink byvoorbeeld aan die talle tasbare wyses waarop naasbestaandes erkenning wil gee aan iemand wat op ’n spesifieke pad gesterf het (Hutchings 2017 en Beyers 2020).

Digitale nalatenskap verskil van hierdie tekens van herinnering in die volgende opsig: Digitale nalatenskap funksioneer eksklusief in die digitale sfeer en skep die illusie van die voortsetting van lewe. Gedenkmale en herinneringstekens aan afgestorwenes langs die pad, dien as herinnering aan die dood van ’n individu.

Die skep van die illusie van lewe, is ’n poging om die vrees vir die dood te bemiddel.

3.2 Oorbeklemtoon immanensie

Menslike eksistensie word tradisioneel uitgedruk in terme van ’n dualiteit van siel en liggaam. Die materiële bestaan word verstaan as deel van die aardse bestaan, en die bestaan van die siel word aan die geestelike sfeer toegeken.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Die Griekse filosoof, Parmenides[1] (eerste helfte van die 5 de eeu BCE), het ’n monistiese verstaan van die werklikheid aangebied om uitdrukking aan die eenheid tussen mens en natuur te gee. Op grond hiervan, kan die oorsprong van alles wat bestaan, na ’n enkele oorsprong herlei word. Die verskeidenheid wat ons om ons waarneem is volgens Parmenides, egter slegs ’n illusie (Russell 2010:55). Alle materie is een, aangesien dit dieselfde oorsprong deel.

Hierteenoor stel die Griekse filosoof, Plato, ’n dualisme voor. In sy geskrif *Timaeus*, beskryf Plato die skepping. God het alles wat bestaan gemaak. Intelligensie is in die siel geplaas en die siel is in die menslike liggaam geplaas (Russell 2010:143). Die mens bestaan dus uit ’n tweeledige samestelling, siel en liggaam. Dit impliseer (implisiet of eksplisiet) die verbintenis met ’n geestelike sfeer. Plato het hierdie dualiteit bevestig deur daarop te wys dat die menslike liggaam bestaan uit materie en behoort tot hierdie aarde (immanensie). Die menslike siel is deel van die geestelike wêreld en behoort tot ’n ander dimensie (transendensie) (Russell 2010:134).

Hierop het die filosoof, Sokrates[2], aangedui dat die liggaam is van geringer waarde as die siel. Die siel is van meerdere waarde en is daarom die moeite werd om meer aandag aan te gee (Russell 2010:134). Hierdie anti-materie standpunt het dit moontlik gemaak dat alles wat deur die sintuie ervaar word, as van minder waarde beskou is. Materie word as tydelik en van verbygaande aard beskou. Die siel is as ewig en van meer belang gereken.

Die verstaan van die dood is op hierdie Westerse dominante verstaan van die werklikheid gebaseer. Dood vind plaas in die fisiese, biologiese, materiële (immanente) werklikheid, maar ’n geestelike vorm van bestaan word voortgesit gebaseer op godsdienstige verstaan of werklikheidsverstaan in ’n geestelike sfeer. Die dood is dus nie die einde van alle bestaan nie.

Lewe sonder ’n aardse liggaam is dus moontlik. Dit plaas die saak van geeste, spoke en geestelike wesens, soos engele, op die tafel. Spoke en engele word geag as liminale wesens (Davies 2018:343 en Arnold en Walter 2018:352) wat tussen die geestelike (transendente) en materiële (immanente) werklikhede reis. Kommunikasie met hierdie liminale wesens word soms as ’n moontlikheid voorgehou. Plato se konsep van die *metaxu* funksioneer soos ’n brug tussen die immanente en transendente wat kommunikasie moontlik maak. Die *metaxu* is die sigbare uitdrukkingsvorm van die afwesigheid in die immanente werklikheid van die gestorwene. Sigbare uitdrukkingsvorme van die bewussyn van die geestelike sfeer, is draers van betekenis wat die twee wêrelde van lewe en dood verbind.

Met die skep van digitale nalatenskap is daar twee ambivalente standpunte. Deur die herinnering van die afgestorwene in die digitale domein te verewig, word daar vasgeklou aan die sensories gelaaide werklikheid. Die vasklou aan die gemaakte (digitale) werklikheid (wat niks anders as ’n illusie is) dien as ’n afleiding van die ware toedrag van sake. Die werklikheid van die fisiese afwesigheid in hierdie wêreld wat die dood teweeg bring, word geïgnoreer. Dit kan egter ook verstaan word dat die digitale verband hou met die geestelike sfeer, aangesien die digitale as virtuele werklikheid voorgehou kan word. Die feit dat die digitale egter sensories aangebied word, kan die verstaan van die vasbind van die afgestorwene in die sigbare werklikheid beklemtoon. Dit lei tot die oorbeklemtoning van die teenwoordig wees en teenwoordig bly in die immanente. Daarmee word die geestelike sfeer gering geskat of geïgnoreer. Digitale nalatenskap kan dus geïnterpreteer word as die oorbeklemtoning van die immanente.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

3.3 Nuwe rou ritueel

Vanuit ’n psigologiese perspektief kan digitale nalatenskap beskou word as die menslike onvermoë om te rou en finaal afskeid van die gestorwenes te neem. Digitale nalatenskap skep die illusie dat afskeid van die dooies geneem is (Savin-Baden en Mason-Robbie 2020:20–23), terwyl ’n band met die dooies egter steeds gehandhaaf word.

Dit is egter ook moontlik om digitale nalatenskap te interpreteer as vervulling van dieselfde funksie as byvoorbeeld ’n grafsteen – ’n sigbare herinnering aan ’n gestorwene. Die onmiddellike en permanente toegang tot die digitale nalatenskap via ’n internet-toeganklike toestel funksioneer egter anders as sporadiese besoeke aan ’n grafsteen vir eerbetoon of emosionele kontak met die afgestorwene. Beide digitale nalatenskap asook ’n grafsteen of ’n besoek aan ’n nissie in ’n herinneringsmuur demonstreer die menslike onvermoë om finaal afskeid van die dooies te neem.

Digitale nalatenskap kan egter, meer waarskynlik, beskou word as ’n nuwe ritueel vir rou. Digitale nalatenskap hoef nie negatief beoordeel te word nie. Dit vervul dieselfde funksie as tradisionele rou patrone. In die opsig word dit ’n nuwe gekonstrueerde rou-ritueel. Matthee en Wepener (2020:216) verwys in hierdie verband na die liturgiese verskuiwing na die kuberruimte vir rituele vir die dood.

Rituele en mites gaan hand aan hand (Eliade 1963:19). Mites is die menslike poging om sin te maak van die werklikheid deur die skep van verhale wat die mens se gesitueerdheid in die wêreld en in verband met die geestelike sfeer wil verklaar. Normaalweg word ’n mite gekomplimenteer met ’n ritueel[3]. ’n Rite kan beskryf word as ’n “gedramatiseerde mite” (Eliade 1963:19). Rituele het dus ’n uitvoerende optrede en betekenis-handhawende aard. ’n Mite kan voortdurend verander omdat dit bestaan in die ervaring- en verbeeldingswêreld van die vertellers en hoorders daarvan. Elke verteller van ’n mite is ook die redigeerder van die mite, aangesien dit oorgelewer word met nuwe persoonlike klemtone. Die inhoud van die mite is ook dinamies en aanpasbaar. Sodra ’n mite nie meer geleef word nie, of nie meer die wêreld van die hoorder aanraak sodat hulle die tydlose impak ervaar nie, is dit ’n teken dat die mite die band met die rite versaak. So ’n mite eindig op as ’n legende of volksverhaal.

Rituele is die sporadiese herhaling van aksies gevul met dieselfde konstante godsdienstige betekenis. Rites se vorm is stabiel en relatief onveranderlik. Die betekenis van die rite kan met tyd verander alhoewel die rite bly bestaan. Sodra ’n rite kontak met die mite verloor, word die rite ’n gewone seremonie aangesien die oorspronklike betekenis en doel vergete geraak het. Die funksie van sulke rites in die samelewing is dan hoofsaaklik kultureel en nie meer geestelik nie.

Somtyds kan die band tussen rite en magie nie geïgnoreer word nie. Dit hang egter af van die subjektiewe perspektief van die persoon wat die rite meemaak. Die deelneem aan die rite kan die deelnemer vul met verwagting van iets magies wat kan gebeur. Byvoorbeeld, digitale nalatenskap skep die magiese illusie van die teenwoordig wees van die afgestorwene en betrokke wees in die lewens van naasbestaandes.

Namate sosiale omstandighede verander, kan rites verander of nuut geskep word. Dink byvoorbeeld aan hoe Christelike rituele, soos die nagmaal, gewysig is tydens die COVID-19-pandemie. Die vorm van die rite kan verander, terwyl die betekenis dieselfde bly.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Die mens is voortdurend op soek na alternatiewe maniere om deur handelinge uitdrukking aan geestelike betekenisse te gee. Dit is dus onafwendbaar dat rituele voortdurend geskep word. Digitale nalatenskap illustreer die vermoë van die mens om selfs in ’n tegnokratiese samelewing uitdrukking te gee aan die skep en die instandhouding van rituele met geestelike betekenis. Hutchings (2013:3) wys daarop hoe die deel van inligting deel van die rouproses kan wees. Om inligting oor afsterwe digitaal te deel, is deel van die rituele rou proses en help om emosionele ondersteuning aan die wat rou te bied. Die rituele kan dien as alternatief of aanvulling tot bestaande rou rituele. Die behoefte aan herinnering aan afgestorwenes (die betekenis van die rite) bly konstant, maar die vorm van die rite (hetsy ’n besoek aan ’n grafsteen of digitale nalatenskap) kan verander.

3.4 Illusie van beheer

Die uitdrukkingsvorme van digitale nalatenskap, skep die illusie dat lewe geskep en dood beheer kan word. Met die opkoms van KI gebeur dit in sekere kringe dat die mens vergoddelik word as ’n skeppende entiteit (Singler 2025:184). Deur die verewiging van die toekoms van die na-gedagtenis van die afgestorwene in digitale formaat, oefen die mens die mag uit om beheer oor lewe en dood te neem en die herinnerings-lot van die afgestorwene te bestuur. Hierdie verskynsel sluit dus ’n poging om die vrees vir die dood te oorwin, in (soos wat vroeër reeds bespreek is). Dit neem ook die uitdrukking van die selfbestuur van die mens wat in beheer van lewe, dood en die toekoms is, of ten minste, die skyn daarvan.

Deur die benutting van tegnologie om die rou proses te bemiddel, skep die mens verder die illusie van beheer oor tegnologie. Reader (2020:169) dui egter daarop dat tegnologie menslike gedrag net soveel vorm en beïnvloed as wat die mens tegnologie vorm en beheer. Daar is dus ’n simbiotiese verwantskap tussen die mens en tegnologie. Nie een is in beheer nie, maar albei beïnvloed mekaar. Indien die mens wil voorgee dat hulle in beheer is van tegnologie, sonder invloed op hulleself, is dit slegs ’n illusie.

Oor menslike natuur en interaksie, sê Blaise Pascal (1943:32) dat die mens se lewe is niks anders as ’n voortdurende illusie nie. Mense vlei en mislei mekaar so graag. Niemand praat oor ander in hulle teenwoordigheid op dieselfde manier as wanneer hulle nie teenwoordig is nie.

Ons mislei onsself en ander vir die skyn van beheer. Die mens wil in beheer van lewe en dood en die werklikheid wees. Hierdie hubris (Singler 2025:184) by die mens is van die vroegste tye af geïdentifiseer as die mens se poging om God die alleenreg tot beskikking oor lewe en dood, te ontneem

Deur die illusie van voortgesette lewe digitaal te skep, bou die mens voort aan die illusie van beheer oor lewe en dood. Verder illustreer digitale nalatenskap die mens se onversadigbare skeppings-drang.

4. Gevolgtrekking en aanbeveling

Digitale nalatenskap, beoordeel vanuit ’n teologies perspektief, identifiseer die mens se behept-heid met onsterflikheid, die oorbeklemtoning van immanensie, die behoefte aan nuwe rou rituele, en die skep en voortsetting van die illusie van beheer oor die lewe en dood.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Dit blyk uit hierdie beoordeling dat digitale nalatenskap die mens-gesentreerdheid van ons bestaan in ’n tegnokrasie beklemtoon. Dalk is die mens-gesentreerdheid die resultaat van die swaai van die pendulum te veel in die rigting van die ontmensliking waarvan Van Niekerk (2016:7) die Vierde Industriële Rewolusie beskuldig. Dit kan nie anders dat daar ’n reaksie op die ontmensliking kom nie, maar digitale nalatenskap is nie die her-sentrering van die mens te midde van ’n tegnokrasie nie, maar dit is eerder ’n omarming van die verweefdheid van die werklikheid van tegnologie en mens-wees. Met digitale nalatenskap val die klem op die mens, maar bemiddel deur tegnologie.

Dit ontketen die vraag, wat is waarlik menslik? Is dit slegs menslik om te lewe? Is die dood dan onmenslik? Transformeer die digitale die wêreld van die dood na slegs ’n digitale kunsmatige bestaan? Is die ganse menslike bestaan, lewe en sterwe nie eie aan mens-wees nie, met die aanvaarding dat lewe tydelik en van ’n verbygaande aard is? Die menslike dualiteit van liggaam en gees, skep die hoop van ’n anderste vorm van bestaan selfs na die dood van die liggaam. Daarom dat digitale nalatenskap so ’n natuurlike eietydse interpretasie en uitdrukking van die onsterflikheid van die mens is.

Dit noop die behoefte aan ’n besinning oor ’n verantwoordelike spiritualiteit. As die mens die behoefte het om die menslike lewe te vier, en ’n nagedagtenis aan menslike bestaan na die dood te skep, dan kan dit nie eindig in oppervlakkige digitale beelde nie. Om woorde en wyse raad in die digitale mond van ’n afgestorwene te lê, laat nie reg geskied aan die eerbied vir die lewe en dood nie. Eerbied vir die lewe en dood is noodsaaklik. Digitale beelde van die afgestorwene kan eerbiedig aangebied word as ’n herinnering aan die bestaan van die afgestorwene, maar nie as ’n plaasvervanging of illusie van die bestaan van die afgestorwene nie.

Digitale nalatenskap dwing die mens om te besin oor menslike beperkinge en sterflikheid. Eers met die aanvaarding van die dood, kan ware geluk begin. Dit is waarna Pascal verwys, soos vroeër vermeld. Die identiteit van menswees (Reader 2020:166), ’n antropologie vir ons eie tyd, is noodsaaklik. Die mens moet besin oor sterflikheid en tydelikheid.

Hierdie studie is slegs ’n teoretiese beoordeling van digitale nalatenskap. Meer kennis van die verskynsel is nodig om die effek van digitale nalatenskap op menslike bestaan te bepaal. Veral die moontlikhede wat ontstaan met die kombinasie van KI en digitale nalatenskap, open die horison vir verdere ontwikkeling en uitdrukkingsvorme van digitale nalatenskap aansienlik. Die effek van digitale nalatenskap op die mens is nog nie na behore ondersoek nie. Hierdie verkennende ondersoek open dus nuwe moontlikhede vir verdere navorsing. ’n Kwalitatiewe en empiriese ondersoek sou logies uit hierdie teoretiese beoordeling voortvloei.

Bibliografie

Akira, M. 2016. “Super Smart Society (Society 5.0)” mission area. https://www.jst.go.jp/mirai/en/program/super-smart/index.html.

Anil, A.M. 2025. Technology convergence is leading the way for the fifth industrial revolution. https://www.weforum.org/stories/2025/01/technology-convergence-is-leading-the-way-for-accelerated-innovation-in-emerging-technology-areas/.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Arnold, J.C. en T. Walter. 2018. Angels. In Moreman (red.) 2018.

Becker, E. 1973. *The denial of death*. New York: The Free Press.

Beyers, J. 2020. Perspectives from material religion and visual culture studies on South African roadside memorials. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Brodziak, A. en B. Jendrzejczyk. 2024. Integrating afterlife beliefs of Christianity, Hinduism, Buddhism, and Shintoism through the cyclic universe model: A multidisciplinary approach with practical implications for mental health and caregiving professions. *QEIOS*, 2024:1–15. https://doi.org/10.32388/WGQODE.2.

Bultmann, R. 1984a. Theology as science. In Bultmann (red.) 1984.

—. (red.). 1984b. *New Testament and mythology: and other basic writings*. Uitgesoek, geredigeer en vertaal deur S.M. Ogden. Londen: S.C.M. Press.

Burden, D. 2020. Building a digital immortal. In Savin-Baden en Mason-Robbie (reds.) 2020.

Campbell, H.A. en P.H. Cheong (reds.). 2023. *Thinking tools on AI, religion and culture*. Digital Religion Publications.

Campbell, H.A. en R. Tsuria (reds.). 2022. *Digital religion: Understanding religious practice in digital media*. Londen: Routledge.

Cloete, A. 2017. Technology and education: Opportunities and challenges. *HTS Theological Studies*, 73(4):1–7.

—. (red.). 2019. *Interdisciplinary reflections on the interplay between: Religion, film and youth*. Stellenbosch: Sun Press. https://doi.org/10.18820/9781928480211.

—. 2020. Living in a digital culture: The need for theological reflection. *Ecumenical Review: World Council of Churches*.

Davies, D.J. 2005. *A brief history of death*. Oxford: Blackwell Publishing.

—. 2018. Anthropology and death. In Moreman (red.) 2018.

Davies D. en N. Warne (reds.). 2013. *Emotions and religious dynamics*. Londen: Routledge. https://doi.org/10.4324/9781315579269.

Eliade, M. 1963. *Myth and reality*. New York: Harper & Row Publishers.

Feuerbach, L. 1908. *Vorlesungen über das Wesen des Religion nebst Zusätzen und Anmerkungen*. Stuttgart: Frommans Verlag.

Goede, M. 2020. Society 5.0: We and I. Publication of www.universityofgovernance.com Think Tank 3.0.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Heesen, J. 2023. Digital afterlife. *Attempto*, 59:26–9.

Hutchings, T. 2013. Death emotion and digital media. In Davies en Warne (reds.) 2013.

—. 2015. Digital humanities and the study of religion. In Svensson en Goldberg (reds.) 2015.

—. 2016. *Creating church online*. Londen: Routledge.

—. 2017. We are a united humanity: Death, emotion and digital media in the church of Sweden. *Journal of Broadcasting & Electronic Media*, 61(1):90–107.

Hutchings. T. en C. Clivaz (reds.). 2021. *Digital humanities and Christianity: An introduction*. Berlyn: De Gruyter.

Johns, M.D. 2025. Ethical issues in the study of religion and new media. In Campbell en Tsuria (reds.) 2022.

Kaihara, T. 2023. Making full use of AI and simulation technologies across different fields for a human-centered society. https://www.jst.go.jp/mirai/en/program/super-smart/JPMJMI23B1.html.

Krüger, J.S. 1982. *Studying religion: A methodological introduction to science of religion*. Pretoria: University of South Africa.

Matthee, N. en C. Wepener. 2020. The impact of emerging technologies and liturgical practices: A technological exploration. In Van den Berg (red.) 2020.

McGinnis, D. 2020. What is the Fourth Industrial Revolution? In The 360 Blog. https://www.salesforce.com/blog/2018/12/what-is-the-fourth-industrial-revolution-4IR.html.

Moreman, C. (red.). 2018. *The Routledge companion to death and dying*. Londen: Routledge.

Noble, D.F. 1997. *The religion of technology: The divinity of man and the spirit of invention*. New York: Alfred A Knopf, eBook.

Noble, S.M., M. Mende, D. Grewal, en A. Parasuraman. 2022. The Fifth Industrial Revolution: How harmonious human-machine collaboration is triggering a retail and service [r]evolution. *Journal of Retailing*, 98(2):199–208.

Nürnberger, K. 2007. *The living dead and the living God: Christ and the ancestors in a changing Africa*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Oliver, W.H. 2020. Teaching theology in the Fourth Industrial Revolution. *H.T.S. Teologiese Studies/ Theological Studies*, 76(2):a5940. https://doi.org/10.4102/hts.v76i2.5940.

Padgett, A.G. 2005. God versus technology? Science, secularity and the theology of technology. *Zygon*, 40(3):577–84. http://dx.doi.org/10.1111/j.1467-9744.2005.00689.x.

Pannenberg, W. 1973. *Wissenschaftstheorie und theology*. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Pascal, B. 1943. *Pensées*. Vertaal deur W.F. Trotter. Londen: J.M. Dent & Sons.

Phillips, P. 2020. Defining digital theology. *Cursor: Zeitschrift für explorative Theologie*, Doi.10.21428/fb61f6aa.07b246a7.

Phillips, P., K. Schiefelbein-Guerrero en J. Kurlberg, 2019. Defining digital theology: digital humanities, digital religion and the particular work of the CODEC research centre and network. *Open Theology*, 5:29–43.

Reader, J. 2020. Philosophical investigations into digital afterlife. In Savin-Baden en Mason-Robbie (reds.) 2020.

Rossouw, J. 2020. The "Fourth Industrial Revolution": A case of South African techno-messianism. In Van den Berg (red.) 2020.

Roy, R. 2002. Religion/technology, not theology/science, as the defining dichotomy. *Zygon*, 37(3):667–76. http://dx.doi.org/10.1111/1467-9744.00444.

Russell, B. 2010. *History of western philosophy*. Londen: Routledge.

Savin-Baden, M. en V. Mason-Robbie (reds.). 2020. *Digital afterlife: death matters in a digital age*. Londen: CRC Press. LLC ProQuest Ebook.

Savin-Baden, M. en V. Mason-Robbie. 2020. Perspectives on digital afterlife. In Savin-Baden en Mason-Robbie (reds.) 2020.

Schwab, K. 2016. *The Fourth Industrial Revolution*. Keulen/Geneve: World Economic Forum.

Segal, R.A. 1980. The myth-ritualist theory of religion. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 19(2):173–85.

Singler, B. 2025. *Artificial intelligence: An introduction*. Londen: Routledge.

Stahl, W.A. 1999. *God and the chip: Religion and the culture of technology*. Waterloo: Wilfrid Laurier University Press.

Svensson, P. en D.T. Goldberg (reds.). 2015. *Between humanities and the digital*. Chicago: MIT Press.

Van den Berg, J.A. (red.). 2020. *Engaging the Fourth Industrial Revolution – perspectives from theology, philosophy and education*. Bloemfontein: SUN MeDIA.

Van der Merwe, A. 2020. Society 5.0: Humans in the digital world. *Emerging Technologies*. https://www.itweb.co.za/content/WnpNgq2KO9zvVrGd.

Van Niekerk, A.A. 2011. Understanding theology as understanding. *Acta Theologica Supplementum*, 14:110–24.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2c5

Veldsman, D.P. 2019. Embracing the eye of the apple: On anthropology, theology and technology. *H.T.S. Teologiese Studies/ Theological Studies*, 75(1):a5498. https://doi.org/10.4102/hts.v75i1.5498.

Waters, B. 2015. Is technology the new religion? *Word & World*, 35(2):143–50.

Eindnotas

[1] Vergelyk Parmenides se enigste oorblywende geskrif, 'n gedig "Nature", waarvan slegs 160 reëls behoue gebly het.

[2] Vergelyk in sy geskrif bekend as *Phaedo*.

[3] Daar bestaan verskeie standpunte binne die mite-ritueel teorie. Eliade (1963) wys op die verband tussen mite en rite, alhoewel sommige oortuig is dat daar geen verband of beperkte verband tussen mites en rites bestaan. Vergelyk in dié verband Segal (1980).

Natuurwetenskappe

ISSN 1995-5928

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

Digitale profieldekomposisie[a]

Carl Rohwer en Reg Dodds,
Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie artikel bespreek die ekonomiese stoor en transmissie van ’n algemene gekwantifiseerde profiel of ’n h istogram. Ons toon aan dat een goeie kandidaat ’n spesifieke diskrete pulstransform is, gebaseer op die klas van sogenaamde LULU-gladstrykers. Die betrokke idees bied ’n verskeidenheid moontlikhede vir ekonomiese beeldtransmissie. Baie multidimensionele ontledings is konstrueerbaar analoog aan die eendimensionele prototipe.

Trefwoorde: beeldtransmissie; kwantifiseerde profiel; LULU-gladstryker; multiresolusie-dekomposisie; positiewe pulstransform

Summary

This article discusses the economical storage and transmission of a general quantified profile or a histogram. We demonstrate that a good candidate is a specific discrete pulse transform (DPT), based on the class of so-called LULU smoothers. The ideas involved here offer a variety of possibilities for economical image transmission. Many multidimensional analyses are constructible analogous to the one-dimensional prototype.

Keywords: *image transmission; LULU-smoother; multiresolution decomposition; positive pulse transform; quantised profile*

Extended abstract

After pursuing general LULU-theory for many years, it has become evident to the authors that the similar, but simpler, cases of multiresolution analysis and multiresolution decomposition with L-smoothers may be particularly useful and significant for many applications. This insight comes from many real applications and from surprising results in theoretical research, and their similarity with spline wavelet theory [1].

We aim to present and motivate this with arguments that are easy to picture in the context of the simple case of storing and transmitting the sequence $\boldsymbol{x} = \{x_1, x_2, \ldots, x_N\}$ as economically as possible. Easy visualisation comes from the analogy of a *Lego* wall built with a minimal number of blocks of integral height and width. We hope to reach people unacquainted with LULU-theory [2], which is still unfamiliar and strange to many. We derive and present the positive pulse transform

[a] Hierdie artikel word opgedra aan Dirk Laurie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

(PPT) and argue that it has significant properties in a relatively self-contained way, rather than by analogy of the general theory. The reader can verify these properties.

We start by defining the L-smoothers for the removal of upward pulses in a sequence.

Given a sequence $\boldsymbol{x} = \{x_1, x_2, \dots, x_N\} \in \boldsymbol{X} \subset \mathbb{R}^n$ and selecting $x_i = 0$ for $i \notin [1, 2, \dots, N]$, for the purpose of simplifying, we define the smoothers L_n, for all $n \geq 0$.

Definition: $(L_n\boldsymbol{x})_i = \max\{\min\{x_{i-n}, \dots, x_i\}, \min\{x_{i-n+1}, \dots, x_{i+1}\}, \dots, \min\{x_i, \dots, x_{i+n}\}\}$.
By associating sequences $\boldsymbol{x}$ with coefficients of polynomial B-spline basis functions of any degree/ order, we can generalise the operators to smoothers on spline spaces. Clearly $L_0 = I$, is the identity operator.

We note several simple, but crucial, properties that apply in general LULU-theory [2].

(a) The operators are syntone, in that $y \geq x \Rightarrow L_n y \geq L_n x$. /

(b) The operators are variation preserving, in that $T(L_n\boldsymbol{x}) + T(I - L_n\boldsymbol{x}) = T(\boldsymbol{x})$, where $T(\boldsymbol{x}) \equiv \sum_{i=0}^{N+1} |x_i - x_{i-1}|$, the total variation of $\boldsymbol{x}$. Clearly L_n are variation reducing.

(c) The operators L_n and $I - L_n$ are neighbour trend preserving, in that they preserve order between neighbouring elements. For example, $x_i \geq x_{i+1} \Rightarrow L_n x_i \geq L_n x_{i+1}$.

(d) L_n is difference reducing in that $|L_n x_i - L_n x_{i+1}| \leq |x_i - x_{i+1}|$.

We introduce the multiresolution decomposition (MRD) and the positive pulse transform (PPT) of a sequence $\boldsymbol{x}$ as $\boldsymbol{x} = \sum_{i=1}^{N} r^i$ with $r^i = (I - L_i)L_{i-1}$. Showing that r^i consists of a sequence of positive blockpulses separated by at least one zero between them, we conclude that the sum of all the blockpulses b_{ij} in the different resolution levels r^i form a linearly independent set, and thus a basis for some subspace of $\boldsymbol{X}$.

We define the blockpulse b_{ij} as the pulse in r^i that is nonzero only on the interval $[j, j+1, \dots, j+k-1]$.

The mapping of $\boldsymbol{x}$ onto the coefficients of $\boldsymbol{x}$ with respect to the block basis is called the PPT, although it is not linear, and thus not a transform in the accepted sense. Two figures display the properties.

Since the operators are variation preserving, we have that $T(\boldsymbol{x}) = \sum_i T(r^i)$, and $T(b_{ij})$ is twice the height $|b_{ij}|$ of the blockpulse and $T(r^i)$ is twice the sum of the height of the blockpulses in r^i.

When the sequences are the coefficients of a B-spline representation of a spline we also have that the operators are area preserving, and we argue that the positive blockpulses are a basis for a subspace that contains the spline function identified with $\boldsymbol{x}$. The subsets of basis functions in r^n are of progressively lower resolution levels, so that we automatically have an MRD of the function. This MRD is nonlinear, and it can be shown to be fully trend preserving and locality preserving, but a theorem is derived that shows that decomposition is linear on the cone spanned by the blockpulses. Thus the transformation is cone linear. This was proved for the pulse decomposition with the composite smoothers L_nU_n and U_nL_n, and supplemented with the highlight conjecture [2]. The conjecture was later proved. All those proofs made use of the concept of local monotonicity, which is a property of all eigensequences of the composite smoothers, but not of the component smoothers L_n and U_n.

This necessitated separate proofs for the positive pulse transform, which has the merit of being easy to visualise as the construction of a *Lego*-wall with a minimal number of blocks. Although, generally, it is easy to prove that the number of blocks in the Lebesgue form is not more than the Riemann form, the real economisation comes in many modern digital applications where quantising

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

leads to $H < N$ different values in the original sequence. Then the Lebesgue form has only H blocks in a lossless representation.

Apart from the i.i.d. random noise on the original values of $\boldsymbol{x}$, the quantising introduces further noise from a uniform distribution, In such a case we have efficient estimates [3] of the average and standard deviation from the smallest resolution level blocks for construction of texture on constant sections of $\boldsymbol{x}$, in the case where $\boldsymbol{x}$ is a sequence of intensity levels of a digital image. Alternatively we can construct good approximations by slightly modified lower resolution levels and the omission of the highest resolution pulses, which constitute almost half of the H pulses.

The simplest, and almost overloaded, positive pulse transform may turn out to be the most illuminating and useful of the LULU-transforms in multiresolution decomposition.

This remarkable property comes from the established fact that all the operations involved are shape preserving, not only in the sense that all non-negative linear combinations in the non-negative cone have the same order between neighbouring elements as the original function, and that any section of the function above a chosen blockpulse is unaffected by changes outside its positive support. This "locality preservation" demonstrates that we have no Gibbs's phenomenon when we approximate by omitting high resolution levels for compactification. This demonstrates that we can "highlight" some particular section of the original function by magnifying the pulses above a given support block. This is useful for identification, recognition and comparison of particularly significant features.

We call the canonical representation the "Riemann form" and the chosen MRD version the "Lebesgue form", as they suggest an analogy to the definitions of the different integrals [4].

The theorems proved show that the blockpulses form a basis, that the MRD is cone-linear, and the decomposition into blockpulses does not have more blocks than the canonical form.

Inleiding

Die vinnige Fourier-transform (FFT) word wyd beskou as een van die waardevolste wiskundige instrumente in die tegnologie van die vorige eeu. Golfietransforms is sekerlik noodsaaklike gereedskap vir ekonomiese klanktransmissie/-berging en baie verwante toepassings, sowel as uitbreiding na beeldverwerking waar doeltreffendheid tans miskien nie so skouspelagtig is nie. Tydens sy verbeeldingryke, skerpsinnige en indrukwekkende lesings by 'n seminaar, het Charles Chui herhaaldelik gemaan teen buitensporige verwagtings met die kritieke waarskuwing, "Onthou die faseprobleem!" Benaderings in die golfiebasis kan lokaliteit verloor.

Transformasies in Lineêre Algebra, is daardie spesifieke lineêre afbeeldings wat die koëffisiëntvektor van een vektor met betrekking tot 'n bepaalde basis afbeeld op 'n koëffisiëntvektor met betrekking tot 'n ander basis. Sulke afbeeldings word bereken deur matriksvermenigvuldigings. Dit is 'n rekenkundige las. Die vinnige Fourier-transform (FFT) gebruik ekonomiese faktorisering.

Maar waarom is dit nodig of nuttig om vektore van een basis na 'n ander oor te dra?

Die berekeningskoste van 'n transform kan geregverdig word as dit vergoed word deur die besparing van transformasie-/bergingskoste in die gewenste klas seine wat hanteer moet word.

Vir die FFT mag dit wees dat die noodsaaklike verlangde inligting bandbeperk is, as gevolg van die aard van menslike gehoor. Ons benodig slegs 'n geskikte benadering tot 'n steekproef van

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

die oorspronklike golfvormvektor, verkry uit 'n monster van 'n golfvorm, om die noodsaaklike inligting oor te dra wat verlang of bedoel word. Soos in driedimensionele Euklidiese Ruimte, is daar geen *á priori* voorkeurbasis vir enige ruimte nie, insluitend dié van $\mathbb{R}^n$. Dit word dikwels vergeet, veral juis deur mense wat vertroud is met die uitstekende kenmerke van 'n nuttige instrument soos die FFT onder toepaslike omstandighede.

Golfieteorie het instrumente vir tegnologie verskaf, soos in digitale spraaktransmissie/berging. Dit was natuurlik om hierdie instrumente toe te pas vir beeldverwerkingprobleme waar die behoefte aan "lokaliteitsbehoud" prosedures moeilik maak. Veral "Mediaan Transformasies" was dikwels meer suksesvol en spesifiek en betekenisvol in sterrekundige beelde. 'n Gebrek aan 'n "onderliggende teorie" en rekenkundige kompleksiteit is egter soms betreur. LULU-teorie bied onverwagse insig in die waargenome sukses van die "mediaantransforms", aangesien hierdie deur pare van soortgelyke "Pulstransforms" (PT) ingesluit word, wat 'n grondige teorie besit. Die paar LULU-gladstrykers wat betrokke is, is goeie bo- en onder-benaderings van mekaar, en van die verwante "mediaantransforms". Hulle verskil slegs op dele van die Nyquist-frekwensie in die dekomposisievlakke! Dit is ook op hierdie frekwensie waar probleme met die Fourier-transform ondervind word.

Die doel van hierdie artikel is om aan te toon dat vir 'n eenvoudige, maar groot, klas gevalle, die keuse van 'n spesifieke eenvoudige "LULU-transform" optimaal is. Ons beweer dat dit 'n goeie navorsingsrigting kan wees, veral in die geval van gewoonlik betekenisvolle dele van rye stippelintensiteite wat ekonomies gestoor of oorgedra moet word.

Daar is ook 'n verskoning ingesluit vir gedeeltelike skuld aan moontlike verwarrende terminologie: nóg die mediaantransform, nóg die pulstransform is transformasies in die aanvaarde definisie van 'n transformasie in lineêre algebra, soos hierbo gedefinieer. Hulle gee dieselfde vektor in terme van (een van) 'n groot klas moontlike basisse. Die spesifieke basis word deur die algoritme en die oorspronklike rye gekies. Die pulstransforms is dus selfs nie lineêr nie. Die basis waarin spesifieke rye koëffisiënte afgebeeld word, is egter outomaties baie betekenisvol, omdat die "transform" lineêr is op die spesifieke keël wat deur daardie basis gegenereer word. Hierdeur verdwyn die lastige faseprobleem by latfunksiegolfietransforms, sowel as die asimptotiese groei in resolusiewydte. Dit word later bewys.

1. Die positiewe pulstransform (PPT)

Beskou 'n muur opgebou uit reghoekige stene van heeltallige lengtes en hoogtes op 'n plat horison. 'n Gemete en gekwantifiseerde histogram kan dit voorstel met geskikte skaal, soos in Figuur 1.(a)

Dieselfde muur kon met minder stene gebou geword het. Toe die steekproef gemaak is, het dit die vektor $\boldsymbol{x} = \{x_1, x_2, \ldots, x_{18}\}$ gehad soos voorgestel in die gewone B-latfunksiebasis van graad nul. Die koëffisiëntvektor met betrekking tot dié gekose basis is ook $\boldsymbol{x}$. Ons sal dit die *kanoniese voorstelling* noem, en om dit te versend, benodig ons 18 natuurlike getalle.

Uit die waardes x_i, kan ons die latfunksie van graad nul bepaal waaruit dit 'n monstering is. Ons beskou net hierdie eenvoudige voorbeeld, maar dit veralgemeen maklik na hoërorde latfunksies.

Daar is 'n keuse van LULU-gladstrykers wat berekeningskompleksiteit kan verminder, in 'n belangrike klas gevalle. Ons oorweeg die stel gladstrykers soos volg gedefinieer.

Definisie 1.1. $L_n(\boldsymbol{x})_i = \max\{\min\{x_{i-n}, x_{i-n+1}, \ldots, x_i\}, \min\{x_{i-n+1}, x_{i-n+2}, \ldots, x_{i+1}\}, \ldots, \min\{x_i, x_{i+1}, \ldots, x_{i+n}\}\}$.

Aangesien $0 \leq L_j(\boldsymbol{x}) \leq L_{j-1}(\boldsymbol{x})$ vir $n = 1, 2, \ldots, j-1$, met $L_0(\boldsymbol{x}) \equiv \boldsymbol{x}$, sien ons dat elke opeenvolgende gladstryking 'n nienegatiewe resolusielaag in die vorm van $(I - L_j)(L_{j-1}(\boldsymbol{x}))$ tydens die j-de gladstryking afstroop. Ons beskou nou die ontledings met die operatore L_n op die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1



Figuur 1. (a) 'n Profiel in histogramvorm. (b) 'n *Lego*-steentjiesmuur met dieselfde profiel. (c) Die histogram met minste blokke of stene.

Dit is gerieflik om die histogramvoorstelling van Figuur 1(a) die "Riemann"-vorm en die voorstelling van Figuur 1(c) die "Lebesgue"-vorm te noem.



Figuur 2. L-ontbinding deur opeenvolgende gladstryking met L_1, L_2, …

vektorruimte $\boldsymbol{X}$ van die reële ry $\boldsymbol{x} = \{x_i : 0 \leq i \leq N\}$. Vir daardie doel kies ons $x_i = 0$ vir alle heeltalle $i < 0$ en $i > N$, sodat ons die rye as steekproefprofiele op 'n plat horison kan voorstel. Alternatiewe soos periodiese voortsetting kan ook soms gebruik word.

Duidelik kon ons $\boldsymbol{x}$ direk as N reële getalle versend, maar as ons doel is om slegs 'n profiel te identifiseer, kan ons later aansienlik bespaar deur nie-essensiële hoëresolusie detail prys te gee, en tot lokale dele te beperk. Vir visuele herkenning is dit belangrik om rande te behou en miskien spesifieke identifiseerbare kenmerke op 'n bepaalde resolusievlak te be klemtoon. Die LULU-ontledings het uitsonderlike kenmerke vir hierdie twee vereistes. Hulle is *lokaliteitbewarend*, *randbewarend*, en word ondersteun deur die *beklemtoningstelling*.

Skematies kan ons die L-ontledings, of opeenvolgende gladstryking deur die operatore $L_1, L_2, \ldots, L_n$ in Figuur 2 voorstel, waar die resolusiery $r^i = (I - L_i)L_{i-1} \ldots L_1\boldsymbol{x}$ lewer, met $0 \leq i \leq n$, as dit wat deur die besondere gladstrykers afgeskil word.

Ons kan belangrike eienskappe uit die gevestigde teorie [2] uiteensit. Dít is nuttig vir verdere begrip. Eienskappe wat hier benut word, sluit in:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

1. Die operatore L_n is
   (a) *Sintoon*, sodat $y \geq x \Rightarrow L_n(y) \geq L_n(x)$.
   (b) *Variansie-behoudend*, sodat $T(L_n\boldsymbol{x})+T(I-L_n\boldsymbol{x}) = T(\boldsymbol{x})$, waar $T(\boldsymbol{x}) \equiv \sum_0^{N+1}|x_i - x_{i-1}|$ die totale variansie is. Dus is $T(r^n) = \frac{2}{n}||r^n||_1$.
2. (a) Die resolusierye r^n het die vorm van konstante blokke van positiewe hoogte en breedte n, geskei deur nie minder as n nul waardes tussen in. Dit sal ons weer soos volg bewys
   (b) $T(L_N(\boldsymbol{x})) = 0$, omdat ons 'n ry $\overline{\boldsymbol{x}}$ as 'n blok van hoogte sup $\boldsymbol{x}$ kon neem, en as gevolg van $L_n(\overline{\boldsymbol{x}}) = 0$, het ons $L_n(\boldsymbol{x}) = 0$ omdat $x_i \leq \overline{\boldsymbol{x}}$. Dit bewys dat $\boldsymbol{x} = \sum_{i=1}^{N} r^i$ en $T(\boldsymbol{x}) = \sum_{i=1}^{N} T(r^i)$.
   (c) Die oorspronklike ry het hoogstens $N+1$ verskille tussen aangrensende waardes x_i en x_{i+1}. Met elke blok wat 'n gladstryker L_n afstroop, word ten minste een van sodanige verskille verwyder. Die laaste blok verwyder twee sulke verskille. Die totale aantal pulse in al die resolusierye kan dus nie meer as N wees nie. Deur in ag te neem dat elke resolusiery r^i uit positiewe pulse bestaan, geskei deur afdelings van ten minste i nulle, kan ons elke r^i in sekere rye α_j opdeel wat enkel positiewe pulse is sodat $\boldsymbol{x} = \sum_{j=1}^{M} \alpha_j b_j$, met b_j pulse, $\alpha_j > 0$ en $M < N$.
   Duidelik beslaan die b_j 'n subruimte van $\boldsymbol{X}$, wat gekies is uit al die moontlike ander subruimtes deur die besondere rye $\boldsymbol{x}$ tesame met die gekose ontbindingsprosedure. Ons beskou dit as verhelderend en nuttig om die L-ontbinding as 'n transform te verstaan, al is dit nie lineêr nie en dus nie 'n transformasie in die sin van lineêre algebra nie.
   Indien ons $\boldsymbol{x}$ beskou as die vektor van koëffisiënte t.o.v. die kanoniese basis vir $\boldsymbol{X}$, het ons elke resolusielaag uitgedruk in terme van 'n koëffisiëntvektor $\alpha = \{\alpha_j : 1 \leq j \leq M\}$ t.o.v. die basis $\boldsymbol{B} = \{b_j : 1 \leq j \leq M\}$, gekies deur $\boldsymbol{x}$ en die ontbinding vir die resolusiery r^i.
   Op hierdie punt word die belang van die "verhelderingsvermoede", wat later bewys is om die naam verhelderingsstelling te verdien, [2] duidelik:
   Dit beweer dat die afbeelding gedefinieer deur die LULU-ontledings konus-lineêr is op die keël gegenereer deur die basis $\boldsymbol{B}$. Dít is 'n kragtige instrument om baie nuttige eienskappe van die LULU-transformasies te bewys, soos ons beoog om op die gekose L-transform aan te toon.
   (d) Vir digitale steekproewe en transmissie word afrondingsoperatore $\boldsymbol{R}$ en afkappingsoperatore T dikwels toegepas. Daar is vasgestel dat sulke operatore idempotent, buurorde bewarend is, en met LULU-operatore kommuteer. [2]

Die doel van hierdie artikel is om toepassings en voordele van die L-transformasie aan te bied.

2. Die belangrikheid van multiresolusie-ontleding

Dalk is die eerste betekenisvolle multiresolusie-ontleding (MRO) in ons geskiedenis die "versyfering" of digitalisering van 'n musikale komposisie. 'n Komponis teken sy ervaring van 'n stel lugdrukvariasies aan deur 'n stel instrumente te kies en die versyferde frekwensies en tydsduur op te teken. Dit sluit duidelik benaderings in op baie kenmerke, soos byvoorbeeld note wat op verskeie instrumente teen verskillende tempo's wegsterf en oortone wat weggelaat word, behalwe vir die kenmerkende samewerking van spesifieke instrumente.

Die idee is onderlligend aan 'n vereenvoudigde begrip van digitaal opgeneemde musiek. 'n Goedkoop, klein, vinnige, hoëresolusie skyf doen 'n vinnige Fourier-transform (FFT) op 'n sein van 'n druksensor. Na geskikte verraming [E: windowing], afkapping, afronding en selektiewe skeiding

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

van hoë- en lae-frekwensies, kan ’n benadering gerekonstrueer word vir die lugdrukvariasies op die menslike oor wat nodig is vir ’n herkenbare ervaring. Die veralgemening van hierdie begrip is nuttig in baie soortgelyke probleme van ontleding, wat lei tot die dikwels genoemde opinie dat die FFT die kragtigste wiskundige instrument van die twintigste eeu is.

Ten spyte van die wydverspreide toepaslikheid, waar selfs divergerende Fourier-rye betekenisvolle sin kan maak, beperk ’n fundamentele beperking die toepaslikheid: Die Heisenberg-onsekerheidsbeginsel is streng, en tyd- en frekwensievensters beperk mekaar. Kort ruis het ’n wye frekwensiewydte, en enkele note het oneindige tydvensters! Dit beheer en beperk selfs die gebruik van golfies in ontleding, veral in die berging en transmissie van visuele beelde. [1]

Multiresolusie-ontleding en -ontbinding met Golfies kan beskou word as ’n belowende, en nuttige veralgemening van Fourier-ontleding. Met diadiese latfunksiegolfies, konstrueer ons lokale latfunksies met geassosieerde frekwensie-inhoud, en beeld ’n gegewe latfunksie lineêr af op die koëffisiëntvektor t.o.v. ’n basis van sulke latfunksies. Die helfte van hierdie gekose basis is die fundamentele plaaslike golfies, en die res is diadiese gedilateerde weergawes van die fundamentele partisie. Hier lê ’n kardinale probleem: waar word dié laeresolusie golfies gekies om geleë te wees? Dit veroorsaak die faseprobleem.

In sy uitstekende reeks lesings in die seminaar by Stellenbosch Universiteit, het Charles Chui herhaaldelik gewaarsku teen buitensporige verwagtinge, deur te verwys na “die faseprobleem”. Ons sal hard herinner word wanneer ons die MRO vergelyk met die L-dekomposisie, met die Haar-golfiedekomposisie. Die golfie-dekomposisie is *nie lokaliteit bewarend nie*: ’n Enkele beduidende lokale kenmerk kan arbitrêr wyd gesmeer word wanneer sommige resolusievlakke weggelaat word. Veral die gewoonlik belangrike rande van strukture kan maklik afgeskaaf word wanneer daar bespaar word vir berging en transmissie. Gladstrykergolfies mag dus ook die “Gibbs-verskynsel” toon wanneer sommige resolusie-komponente weggelaat word. Ons doel is om betekenisvolle voordele van MRO met L-ontbindings uiteen te sit.

Hierdie waarnemings word betekenisvol in hierdie tydperk, waar die primêre sensors wat ’n steekproefry $\boldsymbol{x}$ genereer, ’n resolusie het wat baie meer is as wat nodig is vir die spesifieke betrokke taak. Toe LULU-teorie ontwikkel is, het ’n vastetoestandgiroskoop miljoene gekos, en deesdae is dit teen lae koste verkrygbaar in speelgoed. Dit is kenmerkend van baie sensors wat tans goedkoop beskikbaar is. Die resolusie en steekproeffrekwensie kan so oortollig wees dat “desimerende operatore” dikwels gebruik is. Hierdie verwerp eenvoudig alle steekproewe behalwe, byvoorbeeld, elke duisendste. Ons eenvoudige selfoonkameras is goedkoop en het opmerklik hoër resolusie as wat meesal nodig is.

Sodanige gebruik is van die aard waar LULU-ontbinding opmerklike nuttige toepassings mag hê.

3. ’n Eenvoudige profieldekomposisie

Ons oorweeg die profiel van ’n eenvoudige muur gemaak van *Lego*-blokke op ’n tafel, en streef daarna om dit te herkonstrueer met so min stene as moontlik, vanaf ’n foto van hoë resolusie wat daarvan geneem is. Die doel kan wees om dit te berg of versend met heeltalle, en so ekonomies as moontlik. Ons het “gekwantifiseer” deur hoogtes van heeltalwaardes van ’n steenhoogte te hê sodat metings veelvoude is van die steenhoogte, en nie meer as die eerste H heeltalle nodig is nie.

Ons kan die *Lego*-muur in Figuur 1(b) voorstel met hoogtes van die histogram. Ons benodig 18 heeltalle om dit te berg of te versend soos ooreengekom.

Met groot oorsteekproefneming van die profiel kan die laaste idee verreweg wen.

As die hoërresolusieblokke weggelaat word, sal dit ’n eenvoudiger histogram gee wat deur slegs agt heeltalle voorgestel kan word, aangesien enigeen die muur van *Lego*-blokkies daarmee kan

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

rekonstrueer.

Voorlopig ignoreer ons probleme van bygevoegde sensorruis, hetsy Gaussies, gelykmatig, impulsief, of weens afronding, kwantifisering, drempelwaardes, ens. Ons spreek eerstens die algoritme van die MRO aan om die konstruksie met minder stene te doen, vanaf 'n groot profielmonster van N metings. Optimisties stel ons die L-algoritme voor en ontwerp 'n bergings- en tranmissieplan daar rondom. Bewese LULU-teorie is beskikbaar maar hier kan ons vereenvoudig deur die L-dekomposisie te gebruik.

As $\boldsymbol{x}$ die opeenvolging van heeltalhoogtes van die histogram is, is dit eenvoudig om te verifieer:

- Die oppervlakte van die histogram $A = \sum_{i=1}^{18} x_i$.
- Die totale variansie $T(\boldsymbol{x})$ is die som van die totale variansies van die vyf resolusievlakke.
- Elke gladstryking is verskilreduserend en behou die buurorde ten volle.

Sommige vrae is relevant: Wanneer is die Lebesgue-vorm meer ekonomies as die Riemann-vorm? Hoe goed is die benaderings wat voortspruit uit die weglaat van hoë-resolusie vlakke? Hoe hanteer die MRO opgeplakte Gaussiese ruis.

4. Die ruislose geval

Eenvoudige berekening met die histogram van Figuur 1(a) en die dekomposisie wat ooreenstem met Figuur 1(c), lewer slegs vyf resolusievlakke met 'n totaal van 10 blokpulse. Dit is maklik om jouself te oortuig dat die getal 10 minimaal is. Waar die 18 heeltalle benodig is om die oorspronklike histogram te berg/versend, het ons nou slegs 10 heeltalle nodig om die hoogtes van die blokpulse aan te dui. Die nadeel is dat ons ook 10 heeltalle moet oordra om die ligging van die blokpulse van die eerste vyf resolusievlakke te spesifiseer. Die besparing verbeter egter beduidend namate N toeneem met groot oorsteekproefneming. Veral wanneer die hoë resolusievlakke weglaatbaar is.

Definisie 4.1. *'n Blokpuls $b = b_{ij}$ is 'n ry met konstante positiewe waardes by indekse $j, j+1, \ldots, j+i-1$, en nulle elders. Sy steungebied is die indeksinterval $[j, j+i-1]$, en sy wydte is i. Vir die doeleindes van hierdie artikel is hulle positief, en $x_i = 0$ vir $i \notin [1, N]$.*

Stelling 4.1. *Gegee 'n ry $\boldsymbol{x} = \{x_1, x_2, \ldots, x_N\}$ in die L-ontbinding van $\boldsymbol{x}$. Dan is $r^i = (I - L_i)L_{i-1}(\boldsymbol{x})$ 'n ry wat blokpulse van wydte i bevat, met ten minste een waarde nul tussen elke twee.*

Bewys. Laat $z = L_{i-1}(\boldsymbol{x})$ en z_j enige positiewe waarde van z. Dan is z_j deel van 'n blokpuls van wydte $k \geq i$ omdat enige opwaartse puls wat z_j bevat en wydte kleiner as i het, verwyder sou word deur L_{i-1}. As $k > i$ sou L_i die waarde behou en $(I - L_i)\boldsymbol{x}$ nul wees by indeks j. Gestel dus die blokpuls se steungebied is $[k, k+i-1]$ dan moet z_{k-1} en z_{k+1} beide kleiner wees as z_i se waarde omdat die blokpuls se hoogte gegee word deur $z_j - \text{maks}\{z_{k-1}, z_{k+1}\} > 0$. Punte van z wat kleiner is as 'n buurelement kan nie deur L_i verwyder word nie, sodat dit nie 'n element van 'n ander blokpuls van r^i kan wees nie. □

Opmerking 4.1. *Verskillende blokpulse van dieselfde resolusievlak r^i is dus ortogonaal op mekaar, of disjunk.*

Opmerking 4.2. *$L_i z$ bevat 'n konstante gebied van wydte ten minste $i+1$ aangesien $L_i z$ konstant is in die interval $[k, k+i-1]$, wat die steungebied van die verwyderde puls is, en die konstante waarde is ook gelyk aan z_{k-1} of z_{k+1}. As die konstante waarde van hierdie wydte nul is, noem ons die laaste verwyderde pulse 'n* basispuls*, en as dit positief is sal dit met verdere ontbinding deel vorm van 'n wyer blokpuls waarvan die steungebied $[k, k+i-1]$ bevat. So 'n blokpuls noem ons 'n* **ondersteunende blokpuls** *vir die verwyderde een op die interval $[k, k+i-1]$.*

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

Wanneer 'n ondersteunende blokpuls nog 'n ander blokpuls ondersteun noem ons dit 'n **gemeenskaplike basispuls**.

As ons 'n stel blokpulse het wat mekaar ondersteun tot op 'n basispunt, of 'n gemeenskaplike basisblok, dan noem ons so 'n stel 'n **stapel** blokpulse.

Dit is duidelik dat die L-ontleding blokpulse van bo na onder opeenvolgend afkap van ondersteunende blokpulse. Dit is verder duidelik dat as die steungebied die indeksinterval $[i, i+k]$ het, dan sou die kanoniese vorm $k+1$ enkelblokpulse nodig hê, terwyl die aantal blokpulse hoogstens $k+1$ is. As daar identiese hoogtes voorkom in 'n stapel sal minder as $k+1$ blokpulse benodig word. Waar gemeenskaplike basispulse betrokke is, is verdere besparing te sien. Ons laat dit as uitdaging aan die leser oor om oortuigende argumente te vind dat die Lebesgue-vorm minimaal is.

Stelling 4.2. *$\{b_{ij}\}$ is 'n basis vir 'n subruimte van $\boldsymbol{X}$.*

Bewys. Laat $O = \sum_{i,j} \beta_{ij} b_{ij}$, die nulry in $\boldsymbol{X}$. Beginnende van die laagste resolusievlak $n \in [1, N]$ waar daar 'n nienulwaarde β_{ij} is. Die blokpuls b_{nj} se steungebied bevat ten minste een maksimum m wat nie in die steungebied is van enige blokpuls van hoër resolusieblokpulse wat in 'n stapel deur b_{nj} ondersteun word. As die lineêre kombinasie $\sum_{i,j} \beta_{ij} b_{ij}$ nul gee by alle indekse moet $\beta_{ij} = 0$ wees. Dit is teenstrydig met die aanname dat β_{nj} nie nul is nie.

Dus is die blokpulse lineêr onafhanklik van mekaar, en is die L-ontbinding van enige ry $\boldsymbol{x} \in \boldsymbol{X}$ die unieke lineêre kombinasie van die basispulse wat $\boldsymbol{x}$ gee. □

Dit is verhelderend om na te dink oor die uitwerking van hierdie idees met moderne sensore. Ons kry dikwels massiewe oorsteekproefneming as gevolg van die gebruik van goedkoop beskikbare standaardsensore. By steekproefneming gebruik ons soms selfs "Desimeringsoperatore" wat eenvoudig alles behalwe elke n-de meting verwyder om slegs "essensiële" kenmerke te verwerk. 'n Doel van MRD is presies die wyser uitskakeling van oortollige data, waar ons ook die seleksie van 'n bepaalde relevante deel van die resolusievlakke kan motiveer, sê $s = \sum_{i=\ell}^{m} r^i$, vir $\ell, m \in [1, N]$.

Ons stelling waarborg dan dat die deelry reeds ontbind is in die oorblywende MRD-komponente. Ons kan ook dié gedeelte met $\alpha_i \geq 1$ "beklemtoon" om $s = \sum_{i=\ell}^{m} \alpha_i r^i$ te kry, met vormkonsekwentheid.

As 'n voorbeeld kan ons die identifikasie van 'n fort op 'n horison oorweeg uit sy kimprofiel. Daar is lukrake versteurings op die hoë resolusievlakke as gevolg van lukrake ruis van ligbuiging in die atmosfeerfluktuerings en kamoefleringsdetail. Die laer resolusievlakke kan hoofsaaklik afkomstig wees van die plaaslike topografie van die voorgrond. Ons kan dan ons identifikasiepatroon vereenvoudig deur die laer- en hoërresolusievlakke weg te laat. Hierdie voorbeeld wys dat ons ons identifikasieprobleem verder kan vereenvoudig deur slegs 'n subseksie van ons ry $\boldsymbol{x}$ te oorweeg, sê byvoorbeeld die element $x_i \in [\ell, m] \subset [1, N]$.

Dit motiveer ons om 'n "beklemtoningshipotese" te bewys, soos in die monografie oor Luluteorie [2], en wat later bewys is vir die MRD met LU en UL-operatore.

Ons verlang dus 'n uitgebreide analogie vir die besondere L-ontbinding wat ondersoek word, en streef ook daarna om 'n meer verhelderende argument te kry vir die "beklemtoningshipotese" in die besondere L-ontbinding onder bespreking.

Stelling 4.3. *Gegewe 'n MRD van 'n vektor $\boldsymbol{x} = \{x_1, x_2, \ldots, x_N\} \in \mathbb{R}^N$, in die resolusiekomponente $r^i = (I - L_i)L_{i-1}\boldsymbol{x}$. Die ry r^i bestaan uit individuele blokimpulsies b_{ij} wat positiewe veelvoude is van eenheidspulse van die vorm $b_m = \sum_{k=m}^{m+i-1} \delta_{mk}$, waar δ_{mk} die Kronecker-δ is, en sodanige impulse word deur minstens i nulle geskei. As enige enkele impuls met 'n nienegatiewe konstante α versterk word, dan word die gewysigde ry van somme konsekwent ontbind.*

Bewys. Laat $\boldsymbol{x} = \sum_{i,j} b_{ij}$, met b_{ij} die blokpuls met hoogte b op die interval $I = \{j, j+1, \ldots, j+$

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

$i-1\}$ wees. Gestel nou dat die puls b_{mn} vervang word met αb_{mn} en $\alpha \geq 0$. Sy hoogte is nou $\alpha b \geq 0$. Kies nou die ry $\boldsymbol{z}$ soos volg,

$$z_i = \begin{cases} x_i + (\alpha - 1)b, & \text{vir } i \in I = \{n, n+1, \ldots, n+m-1\}, \\ x_i, & \text{vir } i \notin I. \end{cases}$$

Die blokpuls het ontstaan uit $L_{m-1}x_j - \text{maks}\{L_{m-1}x_{n-1}, L_{m-1}x_{n+m}\}$, met $L_{m-1}x_j = L_{m-1}x_n$ vir $j \in I$.

Beskou nou die dekomposisie van z.

Omdat die operatore buurordebehoudend is en $L_i \geq L_{i-1}$ vir alle $i \in \{1, 2, \ldots, m\}$, volg dat $z_n, z_{n+1}, \ldots, z_{n+m-1} \geq \text{maks}\{x_{n-1}, x_{n+m}\}$, omdat $L_0 z = z \geq L_{m-1}z \geq L_m \boldsymbol{x}$.

Eerstens is $(L_1 z)_j = \text{maks}\{\min\{z_{j-1}, z_j\}, \min\{z_j, z_{j+1}\}\}$, en as $j \in I = \{n, n+1, \ldots, n+m-1\}$ is al die minima betrokke bepaal deur waardes met indekse binne I, tensy z_{j-1} en z_{j+1} beide buite I is.

Hierdie geval is net moontlik as $m = 1$, en wanneer dus
$(I - L_1)z_j = z_j - L_1 z_j = x_j + (\alpha - 1)b_j \text{maks}\{z_{j-1}, z_{j+1}\} = b + (\alpha - 1)b = \alpha b$.

In hierdie geval is $L_1 z = L_1 \boldsymbol{x}$ omdat $L_1 z_{j-1} = L_1 x_{j-1}$ en $L_{j+1} z = L_1 x_{j+1}$ omdat pulse nie langs mekaar kan wees nie, en alle ander waardes $L_1 z_j$ net uit waardes waar $z_i = x_i$ ontstaan, omdat i dan op indekse buite $\{j-1, j, j+1\}$ onstaan. Die res van die L-dekomposisie is dus soortgelyk aan die dekomposisie van $\boldsymbol{x}$, en die ry $\boldsymbol{z}$ word konsekwent dekomponeer.

Ons neem dus aan dat $m > 1$.

Met $j, j-1 \in I$ is

$$\begin{aligned} L_1 z_j &= \text{maks}\{\min\{z_{j-1}, z_j\}, \min\{z_j, z_{j+1}\}\} = \min\{z_{j-1}, z_j\}, \\ &= \min\{x_{j-1} + (\alpha - 1)b, x_j + (\alpha - 1)b\} = L_1 x_j + (\alpha - 1)b, \end{aligned}$$

As $j, j+1 \in I$ volg soortgelyk dat $L_1 z_j = L_1 x_j + (\alpha - 1)b$.

As $j \notin I$ is $L_1 z_j = L x_j$ vir $j = n + m$ of $j = n \pm m - 1$. Dit is omdat $\min\{z_{n+m}, z_{n+m-1}\} = z_{n+m} = x_{n+m}$ en $\min\{z_{n-1}, z_n\} = z_{n-1} = x_{n-1}$.

By ander waardes waar $j \notin I$ is alle waardes van z betrokke by $L_1 z_j$ se berekening gelyk aan die ooreenkomstige waardes van $\boldsymbol{x}$ sodat $L_1 z_j = L_1 x_j$.

Laat nou $1 < i < m$.

Dan is $L_i z_j = \text{maks}\{\min\{\ell_{j-i}, \ldots, \ell_j\}, \min\{\ell_{j-i+1}, \ldots, \ell_{j+1}\}, \ldots, \min\{\ell_j, \ell_{j+1}, \ldots, \ell_{j+i}\}\}$, waar $\ell_k = (L_{i-1}z)_k = (L_{i-1}\boldsymbol{x})_k + (\alpha - 1)b$.

As $j \in I$ is geen van die minima groter as diesulkes wat net waardes met indeks in I bevat, omdat al die ander waardes bevat met indekse buite I, en dus $z_{n-1} = x_{n-1} \leq x_j$ en $z_{n+m} = x_{n+m} \leq x_j$ ook.

Dan is $(L_i z)_j = (L_{i-1}\boldsymbol{x})_j + (\alpha - 1)b$ en $(I - L_i)z_j = (I - L_i)x_j$.

As $j \notin I$ word geen van die minima verander as waardes $z_i \neq x_i$ vervang word met x_i, want sulke intervalle bevat $z_{n-1} = x_{n-1} \leq x_j$ of $z_{n+m} = x_{n+m} \leq x_j$. Dus is $(L_i z)_j = (L_i \boldsymbol{x})_j + (\alpha - 1)b$ en $(I - L_i)z_j = (I - L_i)x_j$.

Met die gewone induksie-argument geld nou ook dat:
$(L_{m-1}z)_j = (L_{m-1}\boldsymbol{x})_j + (\alpha - 1)b$ as $j \in I$ en $(L_{m-1}z)_j = (L_{m-1}\boldsymbol{x})_j$ andersins.

Vir $i = m$ geld nou dat $(L_m z)_j = \text{maks}\{(L_{m-1}\boldsymbol{x})_{n-1}, (L_{m-1}\boldsymbol{x})_{n+m}\} = (L_m \boldsymbol{x})_j$, vir alle $j \in I$.

Met soortgelyke argumente vir die geval van $m-1$, is $(L_m z)_j = (L_m \boldsymbol{x})_j$ vir $j \notin I$, sodat algemeen volg dat $L_m z = L_m \boldsymbol{x}$, en verdere resolusievlakke van z identies is aan die van $\boldsymbol{x}$.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

Deur alle blokpulse van z wat identies is aan diesulkes van $\boldsymbol{x}$ af te trek, is dit duidelik dat die blokpuls by die interval $[n, n+m-1]$ die puls αb_{nm} is. Dit word ook direk bevestig deurdat $(L_m z)_j = (L_m \boldsymbol{x})_j$ vir $j \in I$, sodat $(I - L_m)L_{m-1} z_j = (L_{m-1} z)_j - (L_m \boldsymbol{x})_j = (L_{m-1} \boldsymbol{x})_j + (\alpha - 1)b - ((L_{m-1} \boldsymbol{x})_j - b) = \alpha b$. □

Deur op te merk dat die som van alle blokimpulse in die verskillende resolusievlakke nie meer as N is nie, kan ons elke een van hierdie een-vir-een wysig met ’n gekose α en die gevolglike ontbinding van die gewysigde ry handhaaf. Ons kan daarom die volgende gevolgtrekking maak, wat die “beklemtoningstelling” vir die besondere L-ontbinding is:

Gevolgstelling *Laat* $z = \sum_{i,k}^{N} \alpha_{ik} b_{ik}$, *met* $\alpha_{ik} \geq 0$, *waar* b_{ik} *die blokimpulse is wat betrokke is by die* L*-ontbinding van ’n ry* $\boldsymbol{x} \in \mathbb{R}^n$. *Dan is die ontbinding van* z *konsekwent.*

Dit is gerieflik vir die doel van die beklemtoning op ’n horisontale vlak om op te merk dat sommige impulse deur ander ondersteun word en sommige impulse ander ondersteun. Dit is omdat elke resolusievlak $r^n \in \text{bestek}(L_{n-1})$ is en ondersteun word deur ’n konstante gebied, wat ’n wyer puls van ’n laer vlak of die nulry kan wees. Geen twee impulse oorvleuel gedeeltelik nie.

As ons ’n gedeelte van ’n ry wil beklemtoon, byvoorbeeld $[\ell, m] \subset [1, N]$, kan ons eenvoudig die hoogste resolusiepuls vind wat nienul is op hierdie deel en al die impulse wat dit ondersteun versterk, of impulse verwyder wat onder of buite hierdie gebied lê.

Die L-MRD-ontbinding is weer konsekwent.



Figuur 3. Die histogram (a) as ’n stel vertikale blokke, (b) as stel horisontale blokke, (c) as ’n gereduseerde stapel, en (d) as ’n verhelderde stapel

Figuur 3 illustreer die beklemtoning van ’n beduidende gedeelte.

5. Gevolgtrekkings

Dit is insiggewend om die Riemann- en Lebesgue-voorstellings van ’n profiel vir die getal blokpulse te ondersoek, waar dit duidelik word dat die Lebesgue-weergawe meesal voordele het. Ons poog nie om algemeen te vergelyk nie. Die rede is dat die geval van ’n monotoon stygende ry toon dat daar ewe veel blokke betrokke kan wees. Wat moontlik deurslaggewend is, volg uit die ervaring van baie spesifieke tipe profiele, waar die geringe aantal blokpulse wat die L-dekomposisie gee baie nuttig is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2f1

As voorbeeld kan die ry van H gekwantifiseerde intensiteite van een ry van 'n beeldskerm met N elemente wees. Wanneer daar beduidende strukture teen 'n redelik uniforme lokale agtergrond is, sal die Lebesgue-vorm dikwels groot voordeel in lae aantal pulse oplewer, veral waar N heelwat groter as H is. By moderne TV-skermformate is daar byvoorbeeld 3840 rye stippels en 2169 kolomme, of dubbeld soveel. H stippelintensiteite word soms alternerend bygewerk om bandwydte te bespaar. Vol HD kan H tot $2^8 = 256$ gebruik in elk van drie kleure.

Vir elke lyn kan die Lebesque-vorm dus hoogstens H blokke bevat, of selfs baie minder omdat die aantal verskillende intensiteite aansienlik kleiner as H kan wees in tipiese beelde.

Wanneer die agtergrond van 'n beeld, byvoorbeeld die veld by 'n rugbywedstryd, nie heeltemal eenvormig is, kan dit vervang word met 'n gegenereerde tipiese "tekstuur" deur gemiddelde en standaardafwyking te skat. Dit lewer groot besparing, en die beduidende lokale strukture kan dan met beter resolusie weergegee word, en ook opgehelder word.

Dit is hier waar die toepaslike eienskappe van die L-dekomposisies se voordeel kreatief benut kan word, in verskeie toepassings waar bandwydte deur realiteite beperk word.

Vektorprosessering kan verdere ekonomiese berging/versending van 'n $N \times M$ matriks van waardes x_{ij} moontlik gelyktydig maak deur die L-dekomposisie van elke ry-vektor met dieselfde algoritme. Dit lewer 'n M-voudige tydbepaling met die gegewe algoritme. Moontlik is dit soortgelyk aan wat die retina van 'n oog doen met lae neurone.

Die algoritme wat direk op die definisie van die L-operator gebaseer is, kan verder ekonomies geïmplementeer word deur die $N - 1$ maksima

$$\left(\bigwedge \boldsymbol{x}\right)_i = \text{maks}\{x_{i-1}, x_i\} \text{ vir } i = 1 \text{ tot } N + 1 \text{ te bereken,}$$

en daaropeenvolgens $\left(\bigwedge^2 \boldsymbol{x}\right)_i, \left(\bigwedge^3 \boldsymbol{x}\right)_i, \ldots \left(\bigwedge^N \boldsymbol{x}\right)_i$ vir dieselfde indekse, deur

$$\begin{aligned}\left(\bigwedge^{k+1} \boldsymbol{x}\right)_i &= \min\{\bigwedge^k x_{i-k}, \bigwedge^k x_{i-k+1}, \ldots \bigwedge^k x_i\},\\ &= \min\{\bigwedge^k L_k x_{i-k}, \bigwedge^k L_k x_i\},\end{aligned}$$

weens die Galois-verband $\bigwedge^k \bigvee^k \bigwedge^k = \bigwedge^k$, en die feit dat L_{k2} nie 'n puls van wydte k kan hê nie. Met die keuse van $x_i = 0$ vir $i \in [1, \ldots N]$ benodig dit net die berekening van $N - 1$ minima vir elke k. Dit gee 'n totaal van $(N - 1)(N - 2)$ minima, omdat $\bigwedge^N \boldsymbol{x} = 0$. Dit laat die berekening van $\bigvee^k$ oor vir al die rye $\bigwedge^{k+1} \boldsymbol{x}$. Hier mag ook groter besparings beskikbaar wees soos vir die algemene LULU-dekomposisies, maar ons wil graag die vektorverwerking op alle rye behou in die geval van 'n $N \times M$ matriks se ryontbindings.

Die skrywers ondersoek tans die oënskynlike groei in kompleksiteit. Ons is oortuig dat hierdie artikel, met sy visuele analogie met 'n *Lego*-muur se konstruksie, genoegsame inspirasie kan verskaf vir kreatiewe aanwending in verskeie tegnologietoepassings.

Verwysings

[1] Charles K. Chui. *An introduction to wavelets*. Academic Press, Londen, 1992.

[2] Carl Rohwer. *Nonlinear smoothing and multiresolution analysis*. Birkhäuser Verlag, Berlyn, 2005.

[3] Carl Rohwer. The estimation of moments of an unknown distribution in the discrete pulse transform. *Num. Alg.*, 45:239–251, 2007.

[4] Halsey L. Royden. *Real analysis*. Collier MacMillan, 1988. Internasionale uitgawe.

Opvoedkunde

ISSN 1995-5928

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Die skep-jou-toekoms-werkswinkel as ’n aanlyn datagenereringstrategie in ’n aksienavorsingsbenadering

Suné Erasmus, Carolina Botha en Elma Marais

Suné Erasmus, Fakulteit Opvoedkunde,
COMBER Navorsingseenheid, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)
Carolina Botha, Fakulteit Opvoedkunde, Skool vir Professionele Studies in Onderwys,
COMBER Navorsingseenheid, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)
Elma Marais, Fakulteit Opvoedkunde, Skool vir Tale in Onderwys (Afrikaans),
Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die gebruik van ’n skep-jou-toekoms-werkswinkel (SJTW) (*Future Creating Workshop*) as ’n aanlyn datagenereringstrategie in ’n deelnemende aksienavorsingsbenadering in ’n postpandemiese wêreld. ’n SJTW kan beskryf word as ’n deelnemende datagenereringstrategie om algemene uitdagings wat individue in die gesig staar te identifiseer, om visies van hoe die toekoms moet lyk te genereer, en om die uitvoerbaarheid van hierdie idees te bespreek en te ontleed. Daar blyk ’n aansienlike leemte in die literatuur te wees oor pogings om aanlyn SJTW as primêre datagenereringstrategie vir nagraadse studies of projekte aan te wend. Hierdie artikel lewer dus vir die eerste keer verslag oor ’n volledige aanlyn aanbieding van ’n SJTW. Verder word die sleutel-oorwegings bespreek wat die keuse van ’n SJTW as ’n aanlyn datagenereringstrategie beïnvloed. Die aanbieding van ’n SJTW in ’n aanlyn modus word vergelyk met die meer tradisionele aanbieding in ’n kontakmodus. Navorsers word toenemend gemotiveer om te eksperimenteer en innoverend te wees in hul strategieë en navorsingspraktyke. Deur verskillende digitale platforms te gebruik, word die potensiaal ondersoek om meer aktiewe betrokkenheid met deelnemers in uiteenlopende geografiese gebiede te fasiliteer. Bevindinge dui daarop dat die wyse van aflewering nie noodwendig die uitkoms van die SJTW beïnvloed nie, alhoewel daar duidelike voor- en nadele aan elke aanbiedingsmodus is. Resultate bevestig dat die keuse van datagenereringstrategie nie ligtelik opgeneem moet word nie. Hierdie artikel dra by tot die groeiende kennisbank oor die aanpasbaarheid en volhoubaarheid van digitale datagenerering in deelnemende aksienavorsingsprojekte. Die artikel dien as ’n hulpbron vir navorsers wat nuwe datagenereringsmetodes wil verken.

Trefwoorde: aanlyn datagenereringstrategie; aksienavorsing; fotostemtegniek (“photovoice”); onderwysstudente; skep-jou-toekoms-werkswinkel

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Abstract

A future creating workshop as an online data generation strategy in an action research approach

Academic researchers tend to be creatures of habit, often relying on tried and tested methods to approach and conduct research studies. However, like many sectors globally, academia was not untouched by the COVID-19 pandemic. Researchers, who typically depended on face-to-face interactions and traditional data generation methods, were forced to adapt as national lockdowns and restrictions brought about unprecedented changes. The limitations imposed on research activities were extensive: international travel was suspended, academic conferences were cancelled, and requests for submission extensions of dissertations and theses surged. Many students faced delays in completing their research, and in some cases, studies were abandoned altogether. The closure of schools and higher education institutions created further disruption, as face-to-face interactions between researchers and participants – such as student teachers, practicing teachers, and learners – were entirely prohibited.

These challenges forced postgraduate students to reconsider their methods of data generation. Traditionally, online modes of data generation had been viewed with scepticism, often considered inferior to in-person methods in terms of reliability and richness. However, as the pandemic persisted, these online approaches became not only viable but a necessity for students and researchers. In retrospect, the academic community recognised that data generation methods would need to be more adaptable. This realisation was pivotal in reshaping academic research, particularly in participatory methodologies, where direct engagement and interaction with participants are key.

This article provides an overview of the use of the future creating workshop (FCW) as an online data generation method within a participatory action learning and action research (PALAR) framework. The FCW is a participatory strategy aimed at identifying the common challenges individuals face in a given context, then generating specific visions of what the future should look like, and collaboratively analysing these ideas.

At the time of conducting this study, there was a significant gap in the literature regarding the use of online FCWs for data generation. This article not only contributes to filling this gap but also compares the online and traditional face-to-face modes of delivering the FCW. The findings suggest that while the delivery method does not necessarily affect the outcomes of the workshop, there are clear advantages and disadvantages to both approaches, each of which warrants consideration depending on the research context.

The **methodology** involved adapting the FCW, which traditionally relies on face-to-face interactions, for an online environment. This transition was facilitated through various digital platforms that enabled real-time collaboration and engagement amongst participants. The process was divided into three phases, as is customary in FCWs: the critical phase, the utopian phase, and the reality phase. The critical phase focuses on identifying and discussing the participants' challenges, the utopian phase allows them to dream and propose ideal solutions without practical limitations, and the reality phase encourages participants to evaluate and develop concrete actions to address the challenges identified.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

In adapting the FCW to an online format, tools such as Google Meet for online discussions and Padlet for collaborative sharing and interaction were used. Photovoice, a participatory research technique in which participants take photographs representing their experiences, was incorporated to allow participants to express their perspectives. Participants uploaded their photographs to Padlet, where they were asked to comment on each other's photographs. Thereafter, the group discussed the results in online meetups. These visual narratives were then discussed in the virtual workshop environment. By integrating discussions and real-time chat within the applications, participants could engage in reflection, even in a virtual environment.

The **key finding** revealed that, contrary to initial concerns, participants in the online FCW demonstrated high levels of engagement and produced rich data comparable to that generated in face-to-face settings. One of the main advantages of the online mode was its flexibility. Participants from different geographical regions who had to remain in a specific location during the lockdown were able to interact and rase their concerns. The anonymity furthermore provided participants with a comfortable space where they shared their ideas, experiences and opinions. This was especially evident in the critical phase, where participants were initially hesitant but gradually became more open as they adapted to the digital environment.

However, the **disadvantages** of the online format were also clear. Building trust with the participants is an essential component of a PALAR approach, and the digital window created some distance between them. This proved challenging in the virtual environment, particularly because the participants did not know one another before the study. Additionally, technical issues such as unstable internet connections and the need for participants to be digitally literate presented logistical challenges that would not typically arise in a traditional, in-person FCW.

In comparing the **face-to-face** and **online delivery modes**, the study found that while both methods are viable, they each have distinct strengths. The face-to-face FCW provides a more immediate and immersive experience, fostering deeper connections and trust between the researcher and participants.

In contrast, the online FCW offers flexibility and inclusivity, allowing participants from various locations to engage in the process. It also provides participants with more time for reflection between sessions, as they can add comments at their convenience and join online sessions only when needed. The use of digital tools like Padlet enables ongoing collaboration, even outside formal workshop sessions, fostering continuous engagement.

As the academic community continues to embrace digital tools and online platforms, researchers must be prepared to innovate and adapt their data generation methods to meet the needs of their participants. The success of the online FCW in this study suggests that participatory action research can be effectively conducted in virtual environments, provided that facilitators are comfortable with digital tools and participants receive the necessary support to engage fully in the process.

This article serves as a resource for researchers who are exploring new ways to generate data in an increasingly digital world. It underscores the importance of flexibility and adaptability in research methodologies, particularly in times of crisis. As academia moves forward, the lessons learned from the pandemic will undoubtedly shape the future of participatory research, with online data generation methods becoming a key component of the research landscape.

Keywords: action research; future creating workshop; online data generation; photovoice; student teachers

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

1. Inleiding

Deelnemende aksienavorsing kan beskryf word as outentieke dialoog wat mensgesentreerde, plekgesentreerde transformatiewe praksis nastreef (McAllister e.a. 2023). In hierdie soort navorsing word ’n aktuele probleem deur ’n gemeenskap geïdentifiseer en die navorser deel die verantwoordelikheid om ’n oplossing te vind. Navorsers glo dat dié wat die direkste deur die probleem geraak word, die bekwaamste is om bewustheid te skep en oplossings te vind (Wood 2019). Direkte wisselwerking met deelnemers in ’n omgewing waar hulle tuis en gemaklik voel, is tradisioneel van kritieke belang vir die suksesvolle konseptualisering van hierdie soort navorsing.

Die wêreldwye COVID-19-pandemie het die tradisionele maniere om verhoudings te bou en data op ’n deelnemende manier te genereer, drasties beïnvloed. Lobe, Morgan en Hoffman (2020) en Moises (2020) skets die dringende uitdagings wat navorsers in die gesig gestaar het om bestaande, tradisionele metodes van datagenerering aan te pas by die nasionale inperkings en beperkings wat deur die pandemie veroorsaak is. Die resultate van die Internasionale Vereniging van Universiteite se wêreldwye opname wat tydens die pandemie voltooi is, bevestig dat beperkings op bestaande en voornemende navorsingsprojekte omvangryk was en dat hoëronderwysinstellings gedwing is om ongekende noodmaatreëls te implementeer om die veiligheid van alle belanghebbendes en betrokkenes te verseker (Marinoni, Van’t Land en Jensen 2020).

Akademiese navorsers is genoop om innoverend oor projekbestuur te dink, etiek en die integriteit van navorsing krities te oorweeg, en drastiese aanpassings aan hul vertroude metodologieë te maak (Mok, Xiong en Ke 2022). Tydens en ná hierdie ongekende krisistyd, moes deelnemende aksienavorsers ook innoverende aanpassings maak om te verseker dat navorsing kon voortgaan, aangesien dit ’n kwalitatiewe metodologie is wat direk met mense te doen het en staatmaak op direkte interaksie om vertrouensverhoudings te bou.

Alhoewel aanlyn datagenerering steeds ’n gewilde opsie ná die pandemie is, is daar steeds ’n aansienlike leemte in die literatuur oor pogings om aanlyn tegnieke as primêre datagenererings-strategie vir nagraadse studies of projekte wat deelnemende aksienavorsing implementeer, aan te wend. ’n Omvattende literatuurstudie is gedoen met behulp van ’n verskeidenheid geloof-waardige databasisse en algemene soektogte op verskeie soekenjins. Hierdie artikel lewer verslag oor ’n volledige aanlyn datagenereringstrategie, in die vorm van ’n SJTW, in ’n omgewing waar deelnemers nie ’n bestaande verhouding voor die studie gehad het nie. Die kern van deelnemende aksienavorsing wat die bou van ’n vertrouensverhouding tussen deel-nemers behels, moes anders in die aanlyn omgewing oorweeg en aangepas word. In hierdie artikel besin ons oor die kritiese oorwegings van aanlyn datagenerering en die gevolglike uitvoering daarvan. Die volgende navorsingsvrae is vir hierdie artikel oorweeg:

- Hoe suksesvol was die implementering van ’n SJTW in ’n aanlyn modus?
- Watter aanbevelings kan gemaak word vir aanlyn datagenerering in toekomstige navorsing?

Hierdie artikel het ten doel om vir die eerste keer verslag te lewer oor ’n volledige aanlyn aanbieding van ’n SJTW. Nadat die praktiese uitvoering van ’n SJTW as ’n vorm van aanlyn datagenerering uiteengesit is, bespreek die outeurs die voor- en nadele van datagenerering in verskillende modusse. Hierdie bevindinge stel die outeurs in staat om sleuteloorwegings en aanbevelings te bespreek wat die keuse van ’n SJTW as ’n aanlyn datagenereringstrategie sal beïnvloed.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Alhoewel daar ten tye van die uitvoering van hierdie studie geen literatuur beskikbaar was oor die oorweging van aanlyn opsies soos ’n SJTW vir datagenerering nie, het die akademiese wêreld by nabetragting besef dat veral data-insamelingsmetodes in die toekoms baie meer aanpasbaar sou moes wees. Hierdie besef het gelei tot baie studies oor aanlyn datagenerering in groot navorsingsprojekte. Dit was duidelik dat alternatiewe beskikbaar moet wees wat die etiese integriteit van die navorsing sou handhaaf terwyl die belange van deelnemers geprioritiseer word om die suksesvolle voltooiing van studies te verseker sonder om gehalte of doeltreffendheid in te boet. Ander navorsing het ook aangedui dat konsepte soos aanlyn aksienavorsing moontlik die norm geword het (Saeed 2022). McAllister e.a. (2023) doen verslag oor tien aksienavorsingsprojekte wat intensiewe aanpassings aan hul metodologieë en werkswyses vereis het. Hierdie outeurs, sowel as Lobe e.a. (2020) en Tiersma e.a. (2022), was verbaas om te vind dat baie navorsers aanlyn tegnieke suksesvol kon implementeer. Matos e.a. (2023) en Auerbach e.a. (2022) het ook die ervarings van spesifiek deelnemende aksienavorsers tydens die pandemie ondersoek, en hul bevindinge bevestig ’n balans tussen uitdagings en sukses in hierdie soort navorsing. Navorsers was dit eens dat die manier waarop data vir alle soorte navorsingsmetodologieë verkry word, krities ondersoek moes word.

2. Data-insameling teenoor datagenerering

Moises (2020) het die geskiktheid van verskillende aanlyn opsies vir onderskeidelik kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing ondersoek. Hy beklemtoon dat betroubaarheid, eerlikheid en akademiese integriteit ten alle tye ’n prioriteit moet wees (Moises 2020). Matos e.a. (2023) besin oor die aanpassings wat hulle tydens die pandemie aan twee projekte moes maak en lê klem op die verskil tussen tradisionele kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing en deelnemende aksienavorsing.

Data-insameling (ook genoem *dataversameling*) impliseer tradisioneel ’n soort eenmalige, dikwels onbetrokke, lineêre benadering. Dit behels die insameling van voorafbestaande data vir verdere ontleding. Hierdie proses word vir kwalitatiewe, kwantitatiewe en gemengde navorsing gebruik. In kwalitatiewe navorsing is metodes soos onderhoude, fokusgroepe, waarneming en dokumentontleding algemeen (Polkinghorne 2005). Die navorser is gewoonlik nie aktief betrokke by die deelnemers of navorsingsomgewing nie, en daar is gewoonlik geen uitgebreide of volgehoue betrokkenheid nadat die data ingesamel is nie. Die uitsluitlike doel van die insameling is om data te versamel, nie om ’n direkte impak op of verskil in die lewe van die deelnemers of die omgewing te maak nie.

Die epistemologiese en ontologiese benaderings is daarvolgens toegespits op die produk eerder as die proses. Hierdie deterministiese proses skep die illusie dat die data onafhanklik is van die persone van wie dit ingesamel word, en dat die navorser se uitsluitlike verantwoordelikheid teenoor die data is, nie noodwendig die betrokke persoon nie. In aanlyn omgewings het outeurs in verskeie vakgebiede, waaronder ekonomie (Campbell, Holz, Cosgrove, Harlick en O’Sullivan 2020), verpleegkunde (Vandenberg en Magnuson 2021), geneeskunde (Vindrola-Padros e.a. 2020) en sielkunde (Lobe en Morgan 2021), die gebruik van verskeie aanlyn toepassings vir data-insameling verken. Lobe en Morgan (2021) het spesifiek die geskiktheid van verskillende platforms vir onderhoudvoering en fokusgroepe ondersoek.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Kwalitatiewe navorsingsmetodologieë, soos aksienavorsing en, meer spesifiek, deelnemende aksienavorsing, verkies om eerder na *datagenerering* te verwys. Dit impliseer 'n proses-gedrewe benadering waarin data gesamentlik geskep word, eerder as om bloot versamel te word (Maund e.a. 2022). Die agentskap bly dus by die persoon wat die data skep, en die uitsluitlike doel van die navorsing is nie slegs om data te ontleed nie, maar ook om wesenlike groei en transformasie by deelnemers te bewerkstellig.

Die keuse tussen data-insameling en datagenerering het 'n direkte invloed op die konseptualisering en uitvoering van navorsing. Die klem verskuif van 'n eendimensionele, lineêre proses na 'n multi-dimensionele, dinamiese proses wat dikwels organies ontwikkel. 'n Gedeelde eienaarskap van die gegenereerde data versterk die integriteit van die navorsing en het 'n beduidende impak op die etiese verantwoordelikheid waarmee die navorsing onderneem en hanteer word. Sodoende word die beginsels van aksienavorsing – wat staatmaak op menslike wisselwerking en die krag om sistematies te werk – as 'n gedeelde doelwit wat groei en verandering meebring (Ebersöhn, Eloff en Ferreira 2007), ontgin. Volgehoue, noue kontak met die deelnemers word geprioritiseer en moet oorweeg word wanneer besluit word of die siklusse van datagenerering aanlyn of aangesig tot aangesig sal plaasvind (McAllister e.a. 2023; Auerbach e.a. 2023).

3. Uitdagings vir deelnemende aksienavorsing

In hierdie artikel deel ons ons ervarings met aanlyn datagenerering gedurende 'n deelnemende aksienavorsingsprojek. Die wêreldwye pandemie het ontstaan kort nadat ons deelnemers gewerf het en net voordat ons met datagenerering sou begin. Gevolglik moes ons drastiese aanpassings aan die metodologie maak om te verseker dat ons steeds hoëgehaltedata kon genereer en die doelwitte wat deelnemende aksienavorsing stel, kon bereik. Die deelnemers het mekaar nie vooraf ontmoet nie, en ons het die behoefte besef om holisties oor die gebruik van aanlyn metodes te dink, eerder as om net op die ooglopende faktore soos konnektiwiteit te fokus.

Ons het gou besef dat digitale tegnologie, as 'n voertuig vir datagenerering, voordele sowel as nadele sou inhou. Aanlyn videokonferensieprogramme het buigsaamheid ten opsigte van tyd en plek gebied, wat, indien dit korrek uitgevoer word, 'n goeie sosiale benadering kon wees. Soos Moises (2020), was ons egter bekommerd oor die moontlike gebrek aan aktiewe betrokkenheid, vertroulikheid, sekuriteit en logistiek wat rekenaars, fone of mikrofone behels. Terwyl vergaderingsplatforms soos Zoom, Google Meet en Microsoft Teams korttermyn-oplossings kon bied om met deelnemers te kommunikeer, kon dit moeilik wees om ware deelnemende verhoudings te ontwikkel wat deur aksienavorsingsmetodologieë vereis word. Dit was gou duidelik dat die navorsingsplan, tydlyne en metodologie aangepas sou moes word. Die eerste sake wat aandag geverg het, was die verandering in metodologie, die oorskakeling na digitale datagenerering en die toeganklikheid van digitale platforms vir deelnemers.

Deelnemende aksienavorsing is 'n sikliese, langtermynproses wat staatmaak op die ontwikkeling van verhoudings en vertroue tussen die navorser en deelnemers. Aanpassings aan die meto-dologie kan wissel van klein veranderinge tot meer betekenisvolle wysigings, waar die algehele benadering tot datagenerering aangepas moet word (McAllister e.a. 2023). Tradisioneel sou deelnemers gereeld ontmoet, data genereer en rustig saam besin. In die nuwe konteks was kommunikasie beperk, en dit was uitdagend om aktiewe deelnemerbetrokkenheid te verseker. Voordat aktiewe betrokkenheid verseker kon word, was dit van kardinale belang om die digitale platforms wat gebruik sou word krities te oorweeg (Campbell e.a. 2020; Saeed 2022).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Dit was belangrik om te verseker dat die gekose digitale platform aan die behoeftes van beide die spesifieke navorsingsprojek en die deelnemers sou voldoen. Die tegnologiese kennis van die navorser, asook die deelnemers se gemak met die gebruik van digitale hulpmiddels, moes in ag geneem word. Daarbenewens moes daar geen finansiële implikasie vir deelnemers wees nie; daarom moes gratis sagteware gekies word. Ander faktore wat oorweeg moes word, sluit ervaring, ouderdom, beskikbaarheid van rekenaars en tegnologiese geletterdheid in (Rivera, Okubo, Harden, Wang en Schlehofer 2022). Baie van die besluite wat navorsers tydens die COVID-19-pandemie geneem het, is deur noodsaaklikheid gedryf, en waardevolle lesse is geleer wat nou as ’n hulpbron vir hedendaagse navorsers dien. Die besluit om aanlyn data te genereer, is dalk nou ’n vrye keuse eerder as ’n enigste opsie. Voordat daar op die proses van ’n aanlyn SJTW as ’n nuwe opsie uitgebrei word, is ’n oorsig oor die ontstaan van hierdie datagenereringstrategie geregverdig.

4. Kritiese utopiese aksienavorsing

Nielsen en Nielsen (2006) – die argitekte van kritiese utopiese aksienavorsing – voer aan dat navorsing nie net op die verhouding tussen teorie en praktyk moet fokus nie, maar ook demokratiese vorme van kennis moet bevorder en outoritêre strukture en kultuur moet kritiseer. Hulle postuleer verder dat die impak van demokrasie op sosiale verandering die beste uitgedruk word deur aksienavorsing wat deur kritiese teorie ondersteun word. Kritiese teorie keer die betekenis van teorie in hierdie konteks onderstebo – die “wat is?” agter ’n konsep kan altyd herlei word na ’n utopiese andersheid wat noodsaaklik is om kritiese kennis te skep en demokratiese moontlikhede binne die bestaande werklikhede te verstaan (Adorno en Horkheimer 1997; Nielsen en Nielsen 2006). Dit skep ’n ruimte vir potensiële nuwe maniere van leef en werk (Tofteng en Bladt 2020). Die hoofdoel van kritiese utopiese aksienavorsing is dus om vrye ruimtes te skep waar mense gesamentlik kritiese ervarings en visioenêre idees wat in hul alledaagse lewenservarings gegrond is, kan ondersoek, ontwikkel en toepas (Egmose, Gleerup en Nielsen 2020).

Na aanleiding van die werk van Nielsen en Nielsen (2006), het twee groepe Oostenrykse toekomskundiges, Jungk en Müllert (1987) en Husted en Tofteng (2014), SJTW’s op kritiese utopiese aksienavorsing gebaseer. Schrag (2011) vang die kern van ’n SJTW vas deur dit te beskryf as ’n gesamentlike poging om gemeenskaplike uitdagings te identifiseer wat individue in die gesig staar, hul voorkeurtoekoms voor te stel en die haalbaarheid van hierdie idees te ontleed. Hierdie werkswinkels word daarvolgens geklassifiseer as kleingroepberaadslagings waar navorsers toekomstige oplossings vir huidige probleme kan konseptualiseer. Die werk het aanklank gevind by konsultante en navorsers in die opvoedkunde, en daarom gou inslag in dié vakgebied gevind. Veral deelnemende aksienavorsers beskou hierdie strategie as ’n suksesvolle opsie vir datagenerering.

5. Skep-jou-toekoms-werkswinkel

Lauttamäki (2014), Brydon-Miller e.a. (2017) en Raider-Roth, Gold, Brydon-Miller en Dorph (2021) stem saam dat aksienavorsers ’n SJTW uitvoer om geleenthede te skep vir ’n groep individue om saam ’n probleem te identifiseer en uitdagings te hanteer deur innoverende en kreatiewe idees te genereer. Gevolglik gebruik individue hierdie platform om sosiale en kulturele verandering te bevorder (Jungk en Müllert 1987; Vidal 2006). Hierdie metodologie

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

van die skep van “vrye ruimtes” (Bladt en Nielsen 2013) vir deelnemers om saam te werk strook met die algemene doelwitte en beginsels van aksienavorsing. Boonop erken hierdie vrye ruimtes ’n konteks waar magsverskille tussen navorser en deelnemers verminder word, aangesien die deelnemers as kundiges in die spesifieke milieu beskou word. Hierdie pogings word vergestalt in die drie fases – die kritieke fase, die utopiese fase en die werklikheidsfase – gebou om ’n goed gedefinieerde tema wat fokus regdeur die proses verseker (Husted en Tofteng 2014; Brydon-Miller e.a. 2022; Raider-Roth e.a. 2021).

’n SJTW word tradisioneel oor ’n paar dae in ’n direkte of aangesig-tot-aangesig-omgewing uitgevoer (Husted en Tofteng 2014). Brydon-Miller het gedemonstreer dat so ’n werkswinkel suksesvol saamgevat kan word in ’n korter geleentheid wat in ’n oggend of selfs ’n paar uur aangebied kan word (Brydon-Miller e.a. 2017). Hierdie benadering skep ’n legio geleenthede vir navorsers en konsultante wat byvoorbeeld professionele ontwikkelingsessies moet aanbied of ’n kreatiewe strategie wil gebruik om in ’n spesifieke behoefte onder ’n groep deelnemers te voorsien.

6. ’n Nuwe moontlikheid

Hierdie relatief nuwe hulpmiddel vir die generering van data is tot dusver meestal in ’n direkte omgewing gebruik (Brydon-Miller e.a. 2017). Raider-Roth e.a. (2021) doen verslag oor die gebruik van aanlyn SJTW om die professionele ontwikkeling van opvoedkundige leiers in ’n bestaande projek te bevorder. Sedertdien is Brydon-Miller (2023, persoonlike kommunikasie, 26 September) betrokke by die fasilitering van aanlyn SJTW-geleenthede as ’n komponent van ’n internasionale navorsingsprojek oor klimaatsverandering, asook die evaluering van ’n maatskaplike ondernemingsprojek in Engeland. In al hierdie gevalle is die SJTW slegs gedeeltelik aanlyn aangebied en was dit slegs een komponent van verskeie datagenereringstrategieë in die onderskeie projekte. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie SJTW plaasgevind het in omgewings waar al die deelnemers mekaar reeds goed geken het en daar reeds vertrouensverhoudings geskep is.

Die aanlyn SJTW wat vir hierdie studie uitgevoer is, dra aansienlik by tot die groeiende hoeveelheid kennis oor hierdie strategie. Nie net bevestig dit die bevindinge van Raider-Roth e.a. (2021) nie, maar dit bied ook ’n geleentheid om die gebruik van ’n aanlyn SJTW as ’n voorkeurmetode van datagenerering krities te evalueer in gevalle waar daar geen voorafkennis van die deelnemers is nie.

Vir die doel van hierdie bespreking oor die waarde van ’n aanlyn SJTW, word die uitvoering van die drie fases van die aanlyn werkswinkel bespreek. Ná toeligting van die praktiese proses wat ons gevolg het, volg ’n uitvoerige refleksie oor die vergelyking van die moontlike ervaring van ’n aanlyn SJTW met dié van ’n tradisionele persoonlike sessie. Aangesien die doel van hierdie artikel is om die suksesvolle implementering van ’n SJTW te evalueer, is dit belangrik om krities te besin oor die proses wat ons gevolg het eerder as om net op die produk en uitkoms te fokus.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

7. Voorbereiding

In hierdie studie is verskeie aanlyn platforms gebruik wat in die drie fases van ’n SJTW vervleg is. Soos aangedui, is daar verskeie toepassings wat geskik sou wees om die aanlyn sessies te fasiliteer, maar ons het op Google Meet besluit. Hierdie sagteware (wat gratis beskikbaar was ten tyde van hierdie studie) is gebruikersvriendelik en sou nie bykomende opleiding van die deelnemers vereis nie. Dit was egter gou duidelik dat een toepassing nie in al die behoeftes sou kon voorsien nie, en ander sou toepassings daarby geïnkorporeer moes word om byvoorbeeld inligting te deel of as ’n blaaibord te dien.

Met die aanvang van die projek het ek (die hoofouteur) deelnemers se voornemende betrokkenheid via WhatsApp bevestig. In hierdie digitale omgewing het ek ook die tema aan die deelnemers bekendgestel. Alhoewel dit ’n deelnemende projek was, kon die voorbereiding individueel plaasvind. Ek het die deelnemers gevra om voor die eerste fase van die SJTW ’n individuele, kunsgebaseerde datagenereringstrategie toe te pas. Hierdie benadering het kreatiwiteit en innovasie moontlik gemaak deur aan deelnemers die geleentheid te bied om reeds voor ons eerste aanlyn ontmoeting buite die beperkings van ’n rekenaarskerm met die tema om te gaan.

Die deelnemers is via nog ’n selfoonboodskap gevra om ’n foto te neem wat hul persoonlike ervaring en menings oor ’n spesifieke tema uitbeeld. Hier het ons die fotostemtegniek (“photovoice”) gebruik om ervarings en beskouings te identifiseer, voor te stel en te verken (vgl. Wang en Burris 1997). Hierdie kreatiewe benadering het deelnemers in staat gestel om hul geleefde ervarings en plaaslike kennis in foto’s vas te vang, wat dan vergesel is van ’n besinnende narratief wat die redes vir die keuse van bepaalde beelde verduidelik en die emosies of herinneringe wat deur die voorwerp in die foto opgeroep word, deel (vgl. Wang 1999). Al die deelnemers het selfone met hoëdefinisiekameras besit en kon hul eie fone gebruik om foto’s vir die studie te neem.

Dit was ook nodig om voor die aanvang van die studie ’n geskikte aanlyn platform te identifiseer waarop die foto’s en narratiewe gelaai kon word, om te verseker dat al die deelnemers toegang daartoe kon kry voor en gedurende die eerste fase van die SJTW. Nadat ek die bydraes ontvang het, het ek die foto’s en gepaardgaande vertellings op ’n Padlet-muur gelaai. Padlet is ’n digitale webtoepassing waar gebruikers multimedia-inhoud, soos teks en beelde, op ’n virtuele muur kan skep (Rashid, Yunus en Wah 2019; Dian, Dwita Laksmita en Moh 2020) en/of interaktief kommentaar kan lewer op hul eie en ander se plasings (Algraini 2014). Padlet laat gebruikers toe om anoniem plasings te maak of kommentaar te lewer. Hierdie funksionaliteite het Padlet ’n geskikte platform gemaak om samewerking tussen deelnemers te fasiliteer terwyl hulle identiteite beskerm word (vgl. Weller 2013). Daarbenewens het dit toegelaat dat data maklik beskikbaar gestel sou word vir toekomstige verwysing tydens die daaropvolgende fases van die werkswinkel. Die deelnemers kon ook ter enige tyd toegang tot die Padlet of interaktiewewitborddokumente kry as hulle sou wou.

7.1 Fase 1: Die kritiese fase

Die eerste aanlyn ontmoeting was, soos verwag, aanvanklik ongemaklik vir almal en die deelnemers het onseker gevoel. Hulle het aanvanklik nie hul kameras aangeskakel of met mekaar gesels nie. As fasiliteerder het ek die deelnemers op hul gemak probeer stel en gepoog om ’n gemaklike atmosfeer, waar hulle vry sou voel om hul ervarings en emosies te deel, te skep. Om ’n vertrouensverhouding te bou was ook moeiliker as in ’n tradisionele omgewing. Die deel-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

nemers het mekaar nie vooraf geken nie, daarom was dit belangrik om eers gemeenskaplike belangstellings en waardes uit te lig. Habermann e.a. (2022) lewer verslag dat vrese oor die realiteite van die COVID-19-pandemie en gedeelde vrese oor gesondheid 'n gemeenskaplike raakpunt onder hul deelnemers was, wat uiteindelik vertroue bevorder het. In ons geval was gedeelde hartseer oor gekanselleerde klasse en studente se verlies aan praktiese tyd in skole 'n belangrike aanknopingspunt. Omdat die deelnemers finalejaarstudente was, kon hulle hul drome en planne vir ná die COVID-19-pandemie met my deel, wat meer gemeenskaplike doelwitte uitgelig het. 'n Onderhandeling oor die reëls met betrekking tot etiese gedrag, betrokkenheid en anonimiteit was, soos in elke ander studie, van kritieke belang. Ons het ons voorkeurgedrag in 'n aanlyn omgewing bespreek en ons daartoe verbind om te werk om die visie te bereik wat ons gestel het.

Die doel van die kritieke fase van 'n SJTW is om deelnemers se geleefde ervarings as bron te gebruik om spesifieke uitdagings en probleme ten opsigte van die geïdentifiseerde konsep op 'n deelnemende wyse uit te lig (Brydon-Miller e.a. 2017). In 'n aangesig-tot-aangesig-omgewing sou hierdie uitdagings as deel van 'n dinkskrum op 'n blaaibord gelys word. Dit sou gevolglik waarskynlik ook moontlik wees om dieselfde dinkskrumproses in 'n aanlyn omgewing te implementeer. Nadat ons mekaar leer ken het, het ek die Padlet-muur via my skerm gedeel en 'n gesprek oor die opmerkings wat toe reeds daarop gemaak is, gefasiliteer. Die uitdagings wat deur die deelnemers daar gelys is, gebaseer op hul ervarings tydens praktiese tydperke in skole, het as wegspringplek gedien om hulle aan te moedig om bykomende uitdagings te noem. Omdat daar reeds 'n paar voorbeelde van uitdagings beskikbaar was, het dit die eerste aanlyn gesprek vergemaklik. 'n Groter hoeveelheid genoemde uitdagings wat deelnemers se ervarings tydens werksgeïntegreerde leer toegelig het, het die diepte en versadiging van die data verseker. Terwyl die deelnemers verdere uitdagings verwoord het, het ek dit op 'n interaktiewewitbordtoepassing getik wat ek op my skerm gedeel het. Ek het deelnemers ook uitgenooi om die kletsboksfunksie te gebruik om uitdagings te tik indien hulle dit nie hardop wou noem nie. Ek het hierdie opmerkings dan na die interaktiewewitbordlys oorgedra. Die deelnemers kon gevolglik ook daardie lys sien soos die uitdagings daarop neergeskryf is. Dit was belangrik om volgehoue aansporing en rigtinggewende vrae te gebruik om nog bydraes aan te moedig. Stilte in 'n aanlyn omgewing is baie anders as stilte in 'n persoonlike gesprek, daarom was dit belangrik om daardie stiltes korrek te interpreteer.

Sodra ek tevrede was dat ons waarskynlik 'n punt van dataversadiging bereik het, het ek die deelnemers 'n paar minute gegun om weer deur al die uitdagings te lees en 'n paar te kies waarmee hulle hulself die meeste op 'n persoonlike vlak kon vereenselwig. Dit was 'n belangrike stap, aangesien die uitdagings wat hulle gekies het waarskynlik gebiede sou aandui waar hulle 'n behoefte aan meer holistiese ondersteuning ervaar het. Nadat ons die gekose uitdagings op 'n nuwe interaktiewewitbordbladsy neergeskryf het, het vier duidelike temas na vore gekom.

Soos genoem, was daar aanvanklik kommer dat deelnemers dalk nie so gretig of gemaklik sou voel om hul persoonlike ervarings in 'n digitale omgewing te deel in vergelyking met 'n persoonlike ontmoeting in 'n vertrek nie. Dit blyk egter uit hierdie studie dat deelnemers veiliger agter hul rekenaarskerms voel en dus meer gemaklik is om waardevolle bydraes tot die dinkskrum te maak. Die gebruik van Google Meet se kletsboksfunksie het 'n handige alternatiewe opsie gebied vir deelnemers wat dalk nie selfversekerd genoeg gevoel het om hul menings hardop te lug nie. Hierdie opmerkings was 'n waardevolle bydrae tot die uitgebreide lys van uitdagings wat ons geskep het om die kritieke aspekte van die probleem toe te lig.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Drie dae ná die aanvanklike aanlyn sessie (wat ongeveer 90 minute geduur het), het die deelnemers die tweede sessie bygewoon waar ons die tweede fase van die SJTW betree het, naamlik hul drome en idees met betrekking tot 'n ideale omgewing. In die aanlyn omgewing moes ek die duur van elke sessie noukeurig oorweeg, aangesien lang aanlyn sessies nie prakties of bekostigbaar is in Suid-Afrika, waar internettoegang en data duur is nie. Daarbenewens moes ek die deelnemers se vermoë om te kon konsentreer en aktief betrokke te bly in 'n aanlyn omgewing, oorweeg. Met dit in ag geneem, het ek besluit om die drie fases van die SJTW oor twee sessies aan te bied.

7.2 Fase 2: Die utopiese fase

Sir Thomas More het in 1530 reeds na 'n utopie verwys as 'n perfekte verbeeldingswêreld waar alle politieke en sosiale stelsels belyn sou wees. Tydens die utopiese fase van 'n SJTW word deelnemers aangemoedig om hul eie utopie te konseptualiseer. Hulle word genooi om hul drome, ideale en visie vir die toekoms, wat verband hou met die probleem wat hulle in die gesig staar, te verwoord (Brydon-Miller e.a. 2017). In fase 2 word die beperkings van die werklikheid geïgnoreer, wat deelnemers toelaat om vrylik te droom en innoverend in hul voorstelle te wees (Troxler en Kuhnt 2007; Alminde en Warming 2020). Die ontleding van hierdie ideale wêreld belig dan die grootste behoeftes wat die deelnemers het.

Raider-Roth e.a. (2021) wys op drie afsonderlike prosesse tydens elke fase van 'n aanlyn SJTW, naamlik besinning, deel en stem. Eerstens beklemtoon die skrywers die belangrikheid van besinning oor die werk wat reeds voltooi is. Aangesien drie dae verloop het sedert die eerste aanlyn sessie, was dit van kardinale belang om onsself eers aan die konteks van die studie te herinner en die groot uitdagings wat ons tydens die kritieke fase geïdentifiseer het, te heroorweeg. As 'n aansporing vir die utopiese fase, en in ooreenstemming met die tweede proses wat deur Raider-Roth e.a. (2021) geïdentifiseer is, is die deelnemers gevra om die ideale wêreld beskryf waar in al hul behoeftes voorsien word en hul drome en ideale verwesenlik word. Ek het hulle genooi om doelbewus praktiese aspekte of enige beperkings waarvan hulle bewus is, te ignoreer en die geleentheid te gebruik om enige idee te deel, ongeag hoe belaglik of vergesog dit mag lyk.

Soos bevestig deur Gayá en Brydon-Miller (2017), was dit interessant om waar te neem dat mense fase 2 dikwels moeiliker vind as om uitdagings te lys, soos hulle gevra is om in fase 1 te doen. Fase 2 was ook moeiliker om in 'n aanlyn omgewing te fasiliteer aangesien deelnemers meer huiwerig was om hul idees te deel. Dit is waar dat dit dikwels moeiliker is vir mense om hul drome en behoeftes te verwoord omdat hulle dalk vasgevang is in die werklikheid waar hulle talle uitdagings moet hanteer. Soos met die kritieke fase, was die gebruik van 'n interaktiewe witbord deur die skermdeelopsie van Google Meet uiters doeltreffend om die lys van deelnemers se bydraes te dokumenteer. Hulle is ook weer aangemoedig om die kletsboksfunksie te gebruik om hul gedagtes te deel.

Dit is belangrik om op te let na die toon en inhoud van so 'n diskoers. Tydens die eerste sessie (die kritieke fase) het dit gelyk of die deelnemers meestal saamgestem het met die stellings wat in die fotonarratiewe vasgevang is en maklik daarop kon uitbrei. Alhoewel hulle aanvanklik in die eerste deel van die tweede sessie (die utopiese fase) gesukkel het om idees uit te druk, het die deelnemers dit uiteindelik makliker gevind om hul eie gedagtes te deel eerder as om bloot met bestaande voorstelle saam te stem. Hulle kon ook makliker uitdruk waarom hulle nie met sekere voorstelle saamgestem het nie. Ek het verwag dat dit vir die deelnemers moeiliker sou

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

wees om hul ideale en drome te deel, aangesien hulle nie foto's of vertellings as vertrekpunte gehad het nie. Die ideale en drome wat hulle in die utopiese fase genoem het, was egter uiteindelik meer persoonlik, innoverend en waardevol.

Vir die afsluiting van fase 2 en in ooreenstemming met Raider-Roth e.a. (2021) se derde proses, het die deelnemers weer 'n paar minute gebruik om die items op die lys te oorweeg en dié te identifiseer waarmee hulle die sterkste kon assosieer. Dit was belangrik dat die behoeftes en drome wat hulle gekies het, gevalle sou aandui waarin hulle die mees holistiese ondersteuning tydens en ná werksgeïntegreerde leersessies sou ervaar. Die derde en laaste fase – die werklikheidsfase – is as die tweede deel van die tweede aanlyn sessie uitgevoer. Fase 2 was bedoel om moontlike aksies te ontwikkel om die praktyk te verbeter en te transformeer om die uitdagings en behoeftes wat die deelnemers in die vorige fases van die SJTW geïdentifiseer het, te oorkom.

7.3 Fase 3: Die werklikheidsfase

In die finale fase word 'n gesamentlike poging aangewend om konkrete idees en strategieë te identifiseer om die uitdagings en behoeftes wat in die kritieke fase geïdentifiseer is, die hoof te bied. Dit is ook 'n poging om te bepaal watter idees wat in die utopiese fase gelys is, haalbaar is. Data uit die kritiese en utopiese fases word gevolglik as instrumente gebruik om moontlike oplossings vir die aanvanklike probleem te konseptualiseer en om daardeur die werklikheid daarvan tasbaar te verander. Die fasiliteerder nooi deelnemers uit om die idees wat die meeste met bestaande werklikhede verband hou, in ag te neem (Troxler en Kuhnt 2007; Isotalo 2020). Hulle gebruik dan hierdie idees om te onderhandel en aksiestappe te ontwikkel, soos Raider-Roth e.a. (2021) voorstel.

Op die nou bekende wyse van SJTW is die deelnemers gedurende die tweede deel van ons tweede aanlyn gesprek genooi om strategieë voor te stel wat geïmplementeer kan word om in die behoeftes wat hulle geïdentifiseer het, te voorsien. Ek het weer as skriba opgetree en al die voorgestelde aksieplanne op die interaktiewe witbord getik. Dit is belangrik om daarop te let dat baie meer besprekings in fase 3 plaasgevind het, eerder as bloot die dinkskrummetode wat in die eerste twee fases gevolg is. Ons het die voor- en nadele, sowel as die praktiese uitvoerbaarheid, van die aksieplanne deurdink en daaroor gedebatteer. Persoonlike omstandighede en unieke voorkeure het ook 'n beduidende invloed op die gekose aksieplanne gehad. Ná 'n geruime tyd vir besinning het die deelnemers 'n paar aksieplanne gekies wat volgens hulle die voordeligste sou wees om ook sukses vir toekomstige kohorte te verseker.

In ooreenstemming met die temas wat in die aanvanklike twee fases geïdentifiseer is, was die aksieplanne daarop toegespits om bykomende en voldoende ondersteuning van verskillende rolspelers te verseker. Teen hierdie stadium het die deelnemers gemaklik gelyk met die aanlyn omgewing en het moontlik die anonimiteit waardeer wat deur hierdie nie-direkte omgewing gebied word. Aan die einde van die sessie het ek die deelnemers genooi om skermskote van die aksieplanne te neem sodat hulle in hul eie tyd verder oor die voorstelle kon besin en moontlik self sommige daarvan kon implementeer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

8. Bespreking

By nabetragting beskou ek die uitvoering van die aanlyn SJTW beide as ’n leerkurwe en ’n sukses. Daar is egter beperkings tot die studie wat in ag geneem moet word voordat die proses op die keper beskou kan word. Eerstens het die steekproef nie die algemene Suid-Afrikaanse bevolking verteenwoordig nie, aangesien al die deelnemers gerieflike toegang tot die aanlyn omgewing gehad het, terwyl faktore soos beperkte konnektiwiteit, onvoldoende data en ’n gebrek aan toegang tot elektroniese toestelle uiters belangrike kontekstuele uitdagings in Suid-Afrika is. Ons het dus nie met hierdie kwessies in ons studie te kampe gehad nie, maar hierdie struikelblokke moet in ag geneem word wanneer aanlyn datagenerering in ’n Suid-Afrikaanse konteks beplan en uitgevoer word. Die tweede beperking is dat ons slegs die geleefde ervaring en plaaslike kennis van ’n klein groepie deelnemers in diepte verken het; ’n groter groep deelnemers sou waarskynlik ander logistieke uitdagings bied. Die doel van hierdie studie, met sy beperkte omvang, was egter nie om die bevindinge na ’n wyer populasie te veralgemeen nie. Daarom kan hierdie studie as ’n loodsstudie vir toekomstige navorsing met ’n groter steek-proefgroep beskou word.

Gegewe my ervaring as ’n deelnemer aan direkte SJTW voor hierdie navorsingstudie, kon ek krities besin oor die aanbieding van so ’n datagenereringsinstrument in verskillende formate. Verskeie faktore moet in ag geneem word wanneer die modus van aanbieding oorweeg word, insluitend die duur van die sessies, die keuse van digitale platform en die voorspraak vir aktiewe deelnemerbetrokkenheid. Om ’n werklik kritiese vergelyking tussen ’n kontak- en aanlyn aanbieding voor te lê, is dit belangrik om kortliks die voor- en nadele van beide modusse te oorweeg. In tabel 1 word die verskillende voor- en nadele bespreek, en dit is insiggewend om te merk dat daar wel wisselwerking tussen die modusse is, wat aandui aan dat een modus nie noodwendig beter as die ander is nie, maar dat dit met kritiese konsultasie van ’n navorser gebruik moet word.

Tabel 1. Voordele en nadele van kontak- en aanlyn aanbiedings

Voordele: Kontakaanbieding	
Kontakaanbieding	**Aanlyn aanbieding**
Tradisioneel deelnemend; alle ontdekkings word saam gemaak wanneer die eerste gesamentlike sessie begin.	Aangesien deelnemers reeds vooraf toegang tot die data het, maak hulle eers hul eie gevolg-trekkings voordat hulle dit met ander s’n vergelyk – dit kan gevolglik die deelnemende aard ondermyn.
Dit is makliker om verhoudings te bou en om mekaar te leer ken deur informele gesprekke.	Die fisieke afstand en beperkte tyd in ’n aanlyn omgewing maak verhoudingsbou en informele gesprekke meer uitdagend.
Nieverbale kommunikasie, soos lyftaal en oogkontak, is ’n kragtige bron van inligting.	Nieverbale kommunikasie is nie noodwendig beskikbaar vir fasiliteerders in ’n aanlyn modus as kameras nie vir die volle duur van die sessies aangeskakel is nie.
Stilte kan doeltreffend gebruik word om meer bydraes te ontlok.	Stiltes in ’n aanlyn omgewing kan ongemak onder deelnemers veroorsaak.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Voordele: Aanlyn aanbieding	
Kontakaanbieding	**Aanlyn aanbieding**
Deelnemers wat nie gemaklik in groepe deelneem nie, is dikwels skugter om hul idees te deel.	Die anonimiteit van deelnemers agter ’n rekenaarskerm skep alternatiewe geleenthede vir deelname.
Alle bydraes moet mondeling wees.	Die opsie om die kletsboks te gebruik, skep nog ’n alternatief vir deelname.
Vervoer en logistiek kan tyd neem en verg dikwels finansiële uitset.	Dit is dikwels makliker en goedkoper om aanlyn sessies te organiseer.
Deelnemers moet op hul voete en in ’n dinkskrumomgewing dink. Hulle kan dit as ’n risiko beskou om idees hardop te deel.	Aangesien sommige van die data reeds voor die tyd beskikbaar is, het deelnemers meer tyd om daaroor na te dink, wat die waargenome risiko van deel dikwels verminder.
Die nodige toerusting en klankgehalte van die opname kan ’n uitdaging wees.	Dit is maklik om aanlyn gesprekke op te neem.
Die data van sessies (soos blaaibordvelle) bly by die fasiliteerder en deelnemers kan nie ná die sessies weer daarna kyk nie.	Deelnemers het steeds toegang tot Padlet-bladsye en witbordskermskote tussen sessies en selfs nadat die werkswinkel afgehandel is.
Nadele: Kontakaanbieding	
Kontakaanbieding	**Aanlyn aanbieding**
Sommige deelnemers mag onder druk voel om deel te neem. Deelnemers het dalk nie die selfvertroue om hul menings hardop uit te spreek nie.	Die anonimiteit van ’n rekenaarskerm bied skugter deelnemers ’n geleentheid om deel te neem en by te dra.
Daar is nie geleentheid vir deelnemers om later nog bydraes te maak nie.	Toepassings soos Padlet stel deelnemers in staat om in hul eie tyd by te dra, buite die vasgestelde tye van die aanlyn werkswinkel.
Daar kan ’n gebrek aan diepte in data wees omdat dit slegs tydens ’n dinkskrumsessie ingesamel word.	Meer diepte kan moontlik verkry word deur bydraes wat in deelnemers se eie tyd gemaak word.
As die werkswinkel in ’n enkele dag afgehandel word, is daar nie tyd vir kritiese besinning en intense verkenning van persoonlike ervarings tussen sessies nie.	Aanlyn sessies wat oor die verloop van ’n paar dae aangebied word, laat meer tyd toe vir persoonlike besinning en die verkenning van persoonlike ervarings.
Die data bly in die fasiliteerder se besit.	Die data kan vir deelnemers toeganklik wees.
Nadele: Aanlyn aanbieding	
Kontakaanbieding	**Aanlyn aanbieding**
Aktiewe betrokkenheid is dikwels makliker wanneer deelnemers in een vertrek is.	Om aktiewe betrokkenheid deur die loop van die sessies te bewerkstellig, bly ’n uitdaging.
Fasiliteerders kan deur nieverbale leidrade gelei word.	Dit is moeilik om nieverbale kommunikasie en lyftaal te lees.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Informele gesprekke kan ’n warm, gemaklike atmosfeer te skep.	Dit is moeilik om ’n warm, verwelkomende atmosfeer te skep waar deelnemers veilig en gemaklik voel om hul geleefde ervarings te deel.
Aanvanklike idees kan optimaal benut word om nuwe idees te mobiliseer en denke te verbreed.	Wanneer data vooraf beskikbaar is, kan dit uitdagend wees om deelnemers te motiveer om verby die aanvanklike idees van die gedeelde data te beweeg en hul denke en bydraes te verbreed.

9. Aanbevelings

Die bevindinge in hierdie artikel dui daarop dat die wyse van aflewering nie noodwendig die uitkoms van ’n SJTW beïnvloed nie, maar daar blyk besliste voor- en nadele te wees wat verband hou met beide aanbiedingsmodusse. Dit lyk asof ’n SJTW ’n samewerkende en innoverende geleentheid bied om werklike probleme op te los. Die oorskakeling hierdie prosesse na ’n aanlyn afleweringsmodus bied egter verskeie uitdagings, hoewel dit ook waardevolle geleenthede vir navorsers bied. Noukeurige beplanning en voorbereiding is noodsaaklik vir so ’n aanlyn navorsingspoging. Die volgende aanbevelings word gemaak vir navorsers wat ’n aanlyn SJTW as ’n datagenereringsinstrument oorweeg:

- Die fasiliteerder moet ’n omvattende behoefte-ontleding doen. ’n Aanlyn SJTW moet nie bloot vir gerief gebruik word nie. Die fasiliteerder moet behoorlik evalueer waarom hy/sy sou kies om die SJTW aanlyn of in persoon uit te voer.
- Die fasiliteerder moet oor voldoende kennis van tegnologie en digitale hulpmiddels beskik om die SJTW suksesvol uit te voer.
- Die fasiliteerder moet navorsing doen oor verskeie platforms wat beskikbaar is vir gebruik, aangesien dit noodsaaklik is om ’n suksesvolle SJTW te verseker. Hy/sy moet ook verseker dat ’n interaktiewewitbordtoepassing beskikbaar is en moet gemaklik wees om dit te gebruik.
- Die fasiliteerder moet hom- of haarself vertroud maak met die gebruik van aanlyn hulpmiddels voordat die werkswinkel begin. ’n Proeflopie met familie of kollegas kan waardevol wees om te verseker dat die fasiliteerder gemaklik voel met die gekose sagteware.
- Die fasiliteerder moet verseker dat deelnemers die verwagtinge en proses van ’n aanlyn SJTW verstaan.
- Die fasiliteerder moet onderhandel oor die vereistes vir deelnemers om suksesvol aan die SJTW deel te neem, soos ’n stabiele internetverbinding, voldoende data en ander logistieke faktore wat hulle kan beïnvloed.
- Die fasiliteerder behoort die gedragsreëls, professionaliteit en etiese gedrag in ’n aanlyn omgewing te onderhandel voor die aanvang van die werkswinkel.
- Die fasiliteerder moet die tydlyn vooraf bespreek, om te verseker dat deelnemers gemaklik is met die tyd wat benodig word vir die werkswinkel, sowel as vir besinning en vooraf kommentaar, indien van toepassing.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

- Fasiliteerders moet die inhoud van die sessies noukeurig beplan en maniere oorweeg om betrokkenheid te bevorder. Hulle moet ook nadink oor die gebruik van stilte om meer reaksies te ontlok.
- Fasiliteerders moet onthou dat ander funksies, soos die kletsboks, doeltreffend gebruik kan word om idees en bydraes te deel.
- Fasiliteerders moet staat maak op terugvoer van deelnemers oor hul ervarings en daarvolgens aanpas.
- Fasiliteerders moet in ag neem dat reaksies deur die persoonlikhede van die deelnemers beïnvloed kan word.

10. Samevatting

Die beperkings wat die COVID-19-pandemie meegebring het, het ons gedwing om alternatiewe vir datageneringstegnieke te ondersoek. Aanvanklik was ons huiwerig om met aanlyn datagenerering te eksperimenteer weens die gebrek aan ondersteunende literatuur, vorige navorsing en leiding van meer ervare kollegas. Dit het egter gou duidelik geword dat ’n SJTW in ’n aanlyn modus ontwikkel het tot ’n dinamiese hulpmiddel wat verpersoonlik kan word om nie net by die behoeftes van die deelnemers te pas nie, maar ook by die aanbiedingsmodus, lengte van sessies en algehele doelwitte. Navorsers word dus gemotiveer om te eksperimenteer en innoverend te wees in hul gebruik van sulke strategieë. Tweedens moet die keuse van datagenereringsmetode nie ligtelik opgeneem moet word nie. Die onderwerp en konteks van die studie is bepalende faktore, asook die vaardighede van die navorser. Derdens plaas hierdie artikel die klem op die belangrikheid van noukeurige beplanning en kritiese oorweging voordat daar op enige vorm van datagenerering besluit word. Die aanbevelings in die artikel dien as ’n waardevolle hulpbron vir navorsers wat hul navorsingsplanne om enige rede wil aanpas of wat nuwe metodes van datagenerering wil verken.

Bibliografie

Adorno, T.W. en M. Horkheimer. 1997. *Dialectic of enlightenment*. Londen: Verso.

Algraini, F.N.A. 2014. The effect of using Padlet on enhancing EFL writing performance. MA-verhandeling, Al-Imam Muhammad Ibn Saud Islamic University.

Alminde, S. en H. Warming. 2020. Future workshops as a means to democratic, inclusive and empowering research with children, young people and others. *Qualitative Research*, 20(4):432–48.

Arai, K. en R. Bhatia. (reds.). 2020. *Advances in information and communication: Proceedings of the 2019 future of information and communication conference (FICC), Volume 1, 463–81*. Cham: Springer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Auerbach, J., S. Muñoz, U. Affiah, G. Barrera de la Torre, S. Börner, H. Cho, R. Cofield, C.M. DiEnno, G. Graddy-Loveloace, S. Klassen, V. Limeberry, A. Morse, L. Natarajan en E.A. Walsh. 2022. Displacement of the scholar? Participatory action research under COVID-19. *Frontiers in Sustainable Food Systems*, 6:1–15.

Bladt, M. en K.A. Nielsen. 2013. Free space in the processes of action research. *Action Research*, 11(4):369–85.

Brydon-Miller, M., P. Gayá, P. Noone, A. Willatt, C. Book, S. Cohen, A. Nichols, L. Tetreault en B.T. Williams. 2017. Pass the parcel: The ever expanding impact of critical utopian action research. In Hansen en Clausen (reds.) 2017.

Brydon-Miller, M., B. Williams, S. Aguja, M. Blumrich, L. de Sousa, C. Dzerefos, B. Kolb, L. Marimbe, I. Muller, G. Pillar, M. Prudente, S. Rabin, C. Rauch, F. Rauch en A. Way. 2022. Creating a virtual space for collaborative project planning using the future creating workshop process: Building the global climate change education initiative. *Educational Action Research*, 30(4):638–54.

Campbell, A.G., T. Holz, J. Cosgrove, M. Harlick, en T. O'Sullivan. 2020. Uses of virtual reality for communication in financial services: A case study on comparing different telepresence interfaces: Virtual reality compared to video conferencing. In Arai en Bhatia (reds.) 2020.

Coghlan, D. en M. Brydon-Miller (reds.). 2014. *The SAGE encyclopedia of action research*. Los Angeles: Sage Publications.

Creswell, J. 2013. *Qualitative inquiry and research design*. 3de uitgawe. Thousand Oaks: Sage Publications.

Dreyer, J. 2015. A positive and enriching teaching practice experience. In Taole (red.) 2015.

Ebersöhn, L., I. Eloff en R. Ferreira. 2007. First steps in action research. In Maree (red.) 2007.

Egmose, J., J. Gleerup en B.S. Nielsen. 2020. Critical utopian action research: Methodological inspiration for democratization? *International Review of Qualitative Research*, 13(2):233–46.

Fadhilawati, D., D. Laksmita en M. Mansur. 2020. Using Padlet to increase the students' procedure text writing achievement. *Exposure Jurnal Pendidikan Bahasa Inggris*, 9(2):158–72.

Gayá, P. en M. Brydon-Miller. 2017. Carpe the academy: Dismantling higher education and prefiguring critical utopias through action research. *Futures*, 94:34–44.

Habermann, B., T.A. Crane, L. Gichuki, T. Worku, R. Mugumya, N. Maiyo, E. Kiptoo, S. Goshme, F. Mohammednur, G. Tugume, K.A. Satia en J.R. Siamito. 2022. The art of letting go: Transforming participatory research on adaptation practices among local livestock-keepers in East Africa in times of Covid-19. *Frontiers in Sustainable Food Systems*, 5:768445

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Hansen, H.P. en L.T. Clausen (reds.). 2017. *Forandring og erkendelse: Videnskab for mennesker og med mennesker: Festskrift til Birger Steen Nielsen*. Institut for Mennesker og Teknologi, Denemarke: Roskilde University.

Husted, M. en D.M.B. Tofteng. 2014. Critical utopian action research. In Coghlan en Brydon-Miller (reds.) 2014.

Isotalo, O. 2020. In front of evidence: Future workshop as an interface of scientific evidence and platform for evidence-based policy and management approaches. Turun Yliopisto. https://www.utupub.fi/handle/10024/149961 (4 Junie 2020 geraadpleeg).

Jungk, R. en N. Müllert. 1987. *Future workshops: How to create desirable futures*. Londen: Institute for Social Inventions.

Lauttamäki, V. 2014. *Practical guide for facilitating a futures workshop*. Turku: Finland Futures Research Centre.

Lobe, B. en D.L. Morgan. 2021. Assessing the effectiveness of video-based interviewing: A systematic comparison of video-conferencing based dyadic interviews and focus groups. *International Journal of Social Research Methodology*, 24(3):301–12.

Lobe, B., D. Morgan en K.A. Hoffman. 2020. Qualitative data collection in an era of social distancing. *International Journal of Qualitative Methods*, 19:1–18.

Maree, K. (red.). 2007. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.

Marinoni, G., H. van't Land en T. Jensen. 2020. The impact of COVID-19 on higher education around the world. *IAU Global Survey Report*, 23:1–17.

Matos, F.A., F.M. Alves, P. Roebeling, R. Mendonça, R. Mendes, M. López-Maciel en A. Vizinho. 2023. Participatory action research challenges amidst the COVID-19 pandemic: A review and comparison across two European projects. *Sustainability*, 15(8):6489.

Maund, P.R., J.W. Bentley, G.E. Austen, K.N. Irvine, R. Fish, M. Dallimer en Z.G. Davies. 2022. The features and processes underpinning high-quality data generation in participatory research and engagement activities. *Methods in Ecology and Evolution*, 13(1):68–76.

McAllister, G., S. Bhatasara, P. Claeys, J. Howard, S. Lemke, K. McKinnon, en N.I. Moeller. 2023. Participatory action research in a time of COVID and beyond. *Frontiers in Sustainable Food Systems*, 7:1186104:1–3.

Moises, C. 2020. Online data collection as adaptation in conducting quantitative and qualitative research during the COVID-19 pandemic. *European Journal of Education Studies*, 7(11):78–86.

Mok, K.H., W. Xiong en G. Ke. 2022. Reimagining higher education in the post-COVID-19 era: Chinese students' desires for overseas learning and implications for university governance. *Higher Education Policy*, 35(3):591–609.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Moustakas, C. 1994. *Phenomenological research methods*. Thousand Oaks: Sage Publications.

Nielsen, K.A. en B.S. Nielsen. 2006. Methodologies in action research: Action research and critical theory. In Nielsen en Svensson (reds.) 2006.

Nielsen, K.A. en L. Svensson (reds.). 2006. *Action research and interactive research: Beyond practice and theory*. Maastricht: Shaker Publishing.

Patrick, C., D. Peach, C. Pocknee, F. Webb, M. Fletcher en G. Pretto. 2008. *The WIL (Work Integrated Learning) report: A national scoping study*. Brisbane City: Queensland University of Technology.

Polkinghorne, D.E. 2005. Language and meaning: Data collection in qualitative research. *Journal of Counseling Psychology*, 52(2):137.

Raider-Roth, M., M. Gold, M. Brydon-Miller en G.Z. Dorph. 2021. Moving toward a utopian future one step at a time: Taking our future creating workshop online. *Journal of Participatory Research Methods*, 2(1):1–12.

Rashid, A.A., M.M. Yunus en W. Wahi. 2019. Using Padlet for collaborative writing among ESL learners. *Creative Education*, 10(3):610–20.

Rivera, A., Y. Okubo, R. Harden, H. Wang en M. Schlehofer. 2022. Conducting virtual youth-led participatory action research (YPAR) during the COVID-19 pandemic. *Journal of Participatory Research Methods*, 3(3):1–18.

Saeed, S. 2022. Online action research in the Maldives amidst the Covid-19 pandemic: Unexpected challenges. *Waikato Journal of Education*, 27(2):65–71.

Schrag, J. 2011. Health, wealth and usability. *Designing the user experience at Autodesk: Insights on innovation, inspiration, and the practice of design blog*, 30 August.

Taole, M.J. (red.). 2015. *Teaching practice, perspectives and framework*. Pretoria: Van Schaik.

Tiersma, K., M. Reichman, P.J. Popok, Z. Nelson, M. Barry, A.R. Elwy, E.J. Flores, K.E. Irwin en A. Vranceanu. 2022. The strategies for quantitative and qualitative remote data collection: Lessons from the COVID-19 pandemic. *JMIR Formative Research*, 6(4):1–12.

Tofteng, D. en M. Bladt. 2020. "Upturned participation" and youth work: Using a critical utopian action research approach to foster engagement. *Educational Action Research*, 28(1):112–27.

Troxler, P. en B. Kuhnt. 2007. Future workshops. The unthinkable and how to make it happen. *Hands-on knowledge co-creation and sharing: Practical methods and techniques*, 483–95.

Vandenberg, S. en M. Magnuson. 2021. A comparison of student and faculty attitudes on the use of Zoom, a video conferencing platform: A mixed-methods study. *Nurse Education in Practice*, 54:103138:1–6.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d1

Vidal, R.V.V. 2006. The future workshop: Democratic problem solving. *Economic Analysis Working Papers*, 5(4):21.

Vindrola-Padros, C., G. Chisnall, S. Cooper, A. Dowrick, N. Djellouli, S.M. Symmons, S. Martin, G. Singleton, S. Vanderslott, N. Vera en G.A. Johnson. 2020. Carrying out rapid qualitative research during a pandemic: Emerging lessons from COVID-19. *Qualitative Health Research*, 30(14):2192–204.

Wang, C. en M.A. Burris. 1997. Photovoice: Concept, methodology, and use for participatory needs assessment. *Health Education & Behavior*, 24(3):369–87.

Wang, C.C. 1999. Photovoice: A participatory action research strategy applied to women's health. *Journal of Women's Health*, 8(2):185–92.

Weller, A. 2013. The use of Web 2.0 technology for pre-service teacher learning in science education. *Research in Teacher Education*, 3(2):40–6.

Wessels, E. en L. Wood. 2019. Fostering teachers' experiences of well-being: A participatory action learning and action research approach. *South African Journal of Education*, 39(1):1–10.

Wood, L. 2019. *Participatory action learning and action research: Theory, practice and process*. Oxon: Routledge.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Praktiese riglyne vir kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie: ’n beoordeling deur belanghebbendes

Mariëtte Botha, Berna Gerber, Anita van der Merwe en Juan Bornman

Mariëtte Botha, Berna Gerber, Anita van der Merwe en Juan Bornman,
Afdeling Spraak-, Taal- en Gehoorterapie, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe,
Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Spraak-taalterapeute moet kliënte uit verskillende taal- en kultuuragtergronde kan bedien. Nietemin toon navorsing dat die besonderse diverse taal- en kultuurkonteks van Suid-Afrika bepaalde uitdagings vir hierdie terapeute inhou. Hulle kort weldeurdagte strategieë en oplossings om in kruislinguistiese en -kulturele verband toeganklike, gesinsgesentreerde en gepaste vroeë kommunikasie-intervensie te kan bied. Vir dié doel het ons ’n dokument met riglyne vir kruislinguistiese en -kulturele (KLEK) vroeë kommunikasie-intervensie (VKI) opgestel ná uitgebreide navorsing en oorlegpleging met sowel spraak-taalterapeute as versorgers.

Hierdie artikel doen verslag oor die beoordeling van dié voorgestelde riglyndokument deur 41 belanghebbendes (spraak-taalterapeute), wie se kwantitatiewe en kwalitatiewe terugvoer deur middel van ’n aanlyn vraelys bekom is. Die agttienpuntvraelys is sorgvuldig opgestel om die gehalte van die voorgestelde riglyne wat betref die ontwikkeling, toepaslikheid en praktiese uitvoerbaarheid daarvan te beoordeel. Na aanleiding van die terapeute se terugvoer blyk die riglyne ’n nuttige en relevante bron van gehalte te wees wat spraak-taalterapeute saam met ander beskikbare plaaslike bronne in die lewering van KLEK VKI kan gebruik. Die meerderheid van die deelnemers sal ook die riglyndokument sonder enige verdere aanpassings by ander spraak-taalterapeute aanbeveel. Deelnemervoorstelle sluit in die gebruik van voorbeelde om sekere riglyne beter toe te lig en die uitbreiding van die teikengebruikergroep om ook ander aanvullende gesondheidsorgberoepe soos arbeids- en fisioterapeute en selfs opvoeders in te sluit.

Trefwoorde: beoordeling; kruislinguisties en -kultureel; praktiese riglyne; praktiese uitvoerbaarheid; relevansie; spraak-taalterapie; vroeë kommunikasie-intervensie

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Abstract

Practical guidelines for cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention: an appraisal by stakeholders

In a linguistically and culturally diverse country like South Africa, cross-linguistic and cross-cultural (CLACC) early communication intervention (ECI) is a complex issue considering the heterogeneity of speech-language therapy clients. In contrast, the workforce of speech-language therapists (SLTs) is less heterogeneous. Trained SLTs are still mostly English- or Afrikaans-speaking white women and therefore do not represent the country's general demographics. As a result, many clients are unlikely to receive intervention in their home language, even though research shows that ECI delivery in the child's home language is ideal. SLTs need to make specific adjustments during assessment, in therapy planning and delivery, during interaction with the child and caregiver, and in the design of home programmes. However, they lack relevant and practical strategies and solutions to make these adjustments and provide accessible, family-centred, applicable ECI in a cross-linguistic and -cultural context. To address this need, we, as a guideline development group, developed a document with guidelines for cross-linguistic and -cultural (CLACC) early communication intervention (ECI) after extensive research and consulting with SLTs and caregivers. The guideline developers were three SLTs with clinical and research expertise of CLACC ECI and one nursing practitioner and researcher with specific expertise in the selected research methodology. The guideline document was developed by integrating three data sets, namely the findings of an international scoping review and an investigation into the experiences of South African SLTs and caregivers during CLACC ECI, respectively. In line with the recommendations of the National Institute for Health and Care Excellence (NICE) and the World Health Organization, the guideline document was based on existing frameworks. NICE's principles of guideline development were applied and adapted to provide structure to the planning and documentation of the guidelines and recommendations, whilst the AGREE II instrument (a tool for assessing guidelines for research and evaluation) guided the methodological strategy. Some examples of the guidelines include prioritising dignity and respecting language preferences, different cultures, convictions, and value systems; making innovative and situation-appropriate adaptations in communication; facilitating caregiver participation; and monitoring caregiver understanding. Each of the 14 guidelines includes between one and seven practical recommendations which SLTs can utilise to bring each of the guidelines into existence.

The research formed part of a larger multi-phase project to investigate and interpret the experiences of South African SLTs (as the providers) and caregivers (as the recipients) of CLACC ECI. This article reports on the main objective of the final phase of the multi-phase project, namely the assessment of the proposed guideline document by 41 stakeholders (SLTs) whose quantitative and qualitative feedback was obtained through an 18-point online questionnaire. A cross-sectional questionnaire design was used, which included closed questions answered on a five-point Likert scale, and open-ended questions that prompted participants to comment on and suggest changes to the proposed guideline document. Some examples of closed-ended questions included: Rate whether the overall purpose of the guidelines is specifically described; Rate whether the method for formulating the guidelines is clearly described; Rate the overall quality and feasibility of the guidelines. Some examples of open-ended questions included: Would you recommend the guidelines for use? If yes, what modifications, if any, would you suggest; Please provide any comments or feedback regarding

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

the quality and feasibility of the guidelines – indicate the number of the guideline and/or recommendation you are commenting on.

The results were integrated by presenting the quantitative findings first, followed by the qualitative findings in the form of participant quotes and themes developed from the qualitative data set. The quotes confirmed and explained the quantitative findings as set out by a narrative description. A list of the participants' comments and suggestions for possible adjustments to the guideline document was compiled, and the guideline development group decided whether or not the adjustments should be made.

We believe the participants viewed the document earnestly and made valuable contributions. Over 90% of participants consistently responded positively to the guideline document. Most participants either agreed or strongly agreed that the guidelines' overall objectives, population, target users and formulation method were clearly and specifically described. In addition, participants agreed that the group that developed the guideline document included individuals from relevant healthcare professions, that the guidelines were specific and unambiguous, applied to the South African context, and that there were no conflicts of interest in developing the guidelines.

Due to the relatively small sample size (N = 41), conclusions could not be made with certainty based on the quantitative responses, but they can nevertheless be considered indicative. The results of a Likert-type questionnaire, such as the AGREE-II, are also viewed cautiously because the responses are subjective and merely indicative of the participants' feelings, opinions or assessments. Qualitative data was also collected to support the quantitative findings. Ultimately, the data indicated that the guideline document can provisionally be considered a relevant, feasible document of high quality, which practising SLTs can utilise when providing CLACC ECI services. The participants also made valuable suggestions that can further increase the quality and implementation of the guidelines, many of which have already been included in the final version of the guideline document. These suggestions included using examples to illustrate specific guidelines better, expanding the target user group to include other complementary healthcare professions, such as occupational and physiotherapists and educators; and editing language that may confuse readers.

We recommend that experts in the field of guideline development, ECI research, and clinical CLACC ECI be invited to further assess the methodology of the guideline document as part of future research studies. A group of CLACC ECI experts may also be appointed to formally evaluate the content of the guidelines after they have been implemented in practice for a while. For example, the new AGREE-REX instrument could be used in addition to AGREE II to refine the implementation of the guideline document and make a valuable contribution to the implementation sciences in speech-language therapy. Future research could investigate the validity and reliability of the adapted version of the AGREE II instrument, as used in this study. Lastly, educators working with young children and their caregivers, as well as members of other complementary healthcare professions (other than SLTs) may be asked to review the guideline document to determine which of the guidelines may apply to those professions working in an early development context.

Keywords: assessment; cross-linguistic and cross-cultural; early communication intervention; practicability; practical guidelines; relevance; speech-language therapy

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

1. Inleiding

Spraak-taalterapeute (STT's) word deur hulle tersaaklike beroepsliggame aangemoedig om hulle in hulle plaaslike konteks te ondersoek, te dokumenteer en na te vors ten einde konteksgepaste vroeë kommunikasie-intervensiepraktyke te beoefen en te ontwikkel (Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika 2019; Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging 2017). STT's moet daarna streef om kultuurveilige intervensies te lewer wat "die kliënt laat voel asof hul menswaardigheid, kulturele en sosiale waardes gerespekteer word" (Phillips 2007) – dít vereis kultuurbevoegdheid, -bewustheid en -sensitiwiteit. Voorts behoort "die bestuur, hulpbronne, werkswyses en waardes van die plek waar die kliënt 'n diens ontvang, die respekvolle hantering van die kliënt te demonstreer" (Phillips 2007).

In 'n taal- en kultuurdiverse land soos Suid-Afrika is kruislinguistiese en -kulturele (KLEK) vroeë kommunikasie-intervensie (VKI) 'n komplekse kwessie in die lig van die heterogeniteit van spraak-taalterapiekliënte. Daarteenoor is die STT-werksmag minder heterogeen: Opgeleide STT's is steeds meestal Engels- of Afrikaanssprekende wit vroue (Pillay, Tiwari, Kathard en Chikte 2020) en verteenwoordig dus nie die land se algemene demografie nie. As gevolg daarvan sal baie kliënte waarskynlik nié in hulle moedertaal intervensie ontvang nie, al is VKI-lewering in die versorger en kind se moedertaal die ideaal (Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging 2017). Om hierdie leemte te oorbrug, moet die STT bepaalde aanpassings maak gedurende evaluasie, in terapiebeplannig en -lewering, gedurende interaksie met die kind en versorger, en in die ontwerp van tuisprogramme.

Een van die beginsels van VKI is dat STT's hulle terapie op bewysgebaseerde praktyke moet skoei (McCurtin en Roddam 2012), wat die oorweging van die volgende drie aspekte insluit: (i) ewekniebeoordeelde navorsing in die spraak-taalterapiedissipline, (ii) terapeute se kliniese ervaring, en (iii) die kliënt se waardes, voorkeure en persepsies (Hidecker, Jones en Imigm 2009). Daar is wél verskeie internasionale bronne vir KLEK praktykvoering beskikbaar, waaronder Hyter en Salas-Provance (2023) se toonaangewende boek *Culturally Responsive Practices in Speech, Language and Hearing Sciences*, en die kontrolelyste en riglyne vir kultuurresponsiwiteit op die Amerikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging se webtuiste (2024). Daarbenewens doen 'n aantal internasionale navorsingstudies aanbevelings vir KLEK spraak-taalterapie uit die STT se oogpunt (Peltier 2011; Chiuri 2012; King, Desmarais, Lindsay, Piérart en Tétrault 2015; Maul 2015; Verdon, Mcleod en Wong 2015; Farrugia-Bernard 2016; Brassart, Prévost, Bétrisey, Lemieux en Desmarais 2017; Grandpierre, Nassrallah, Potter, Thomas en Sikora 2019). Nietemin is daar tot dusver slegs twee amptelike plaaslike riglyndokumente beskikbaar om Suid-Afrikaanse STT's in hulle kliniese besluitneming en ontwikkeling van kultuurresponsiewe praktyk by te staan – die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika (2019) se *Guidelines for practice in culturally and linguistically diverse South Africa*, en die Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging (2017) se *Practice Guidelines for Audiologists and Speech-Language Therapists in Early Communication Intervention*.

Die aanvulling van hierdie Suid-Afrikaanse bronne met 'n stel literatuurgegronde, geïntegreerde riglyne en praktiese aanbevelings vir KLEK VKI, wat deur Suid-Afrikaanse praktiserende STT's en hulle kliënte ontwikkel en deur STT's self beoordeel is, kan van kliniese waarde wees. Dit is ook nie net in Suid-Afrika wat daar 'n behoefte aan praktiese riglyne vir kultuurresponsiewe spraak-taalterapie bestaan nie: Dieselfde behoefte is al uitgewys in studies oor Indië, wat as een van die mees linguisties diverse lande ter wêreld beskou word (Niharika, Gukar Harshitha, Aishwarya en Suman 2023).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Die getal Suid-Afrikaanse studies oor versorgers en STT's se ervarings van KLEK VKI is betreklik beperk (Botha, Gerber en Van der Merwe 2024). 'n Moontlike rede hiervoor is dat hoewel STT's dalk bewus is van die belang van die kliënt se persepsie vir bewysgebaseerde praktyk, die kliënt se ervarings in die meeste gevalle nie gedurende VKI-beplanning en -uitvoering met kliniese besluitneming geïntegreer word nie (McCurtin en Carter 2014). Hierdie gebrek aan integrasie kan onder meer toegeskryf word aan die beperkte literatuur wat kliënte se ervarings van KLEK VKI ondersoek. Volgens STT's wat aan McCurtin en Carter (2014) se studie in Ierland deelgeneem het, neem hulle intervensiebesluite op grond van hulle kliniese ervaring van wat in die praktyk werk en wat nié, en nie noodwendig op grond van die bevindinge van empiriese navorsing nie. Dieselfde geld moontlik vir Suid-Afrikaanse STT's omdat navorsing oor STT's en hulle kliënte se ervarings van KLEK VKI grootliks ontbreek.

Benewens 'n skaarste aan navorsing, bestaan daar ook 'n leemte in die toepassing van bewysgebaseerde praktyke (Olswang en Prelock 2015). 'n Tekort aan onder andere tyd en vaardighede bemoeilik die implementering van bewysgebaseerde praktyke in spraak-, taal- en gehoorterapie (Metcalfe, Lewin, Wisher, Perry, Bannigan en Moffett 2001; O'Connor en Pettigrew 2009; Tohidast, Ghelichi, Kamali, Ebadi, Shafaroodi, Shavaki, Mansuri en Azimi 2021). Probleme met die implementering van navorsingsbewyse kan ook ontstaan wanneer terapeute nie met voorgestelde riglyne vir kliniese besluitneming saamstem nie, of wanneer sodanige riglyne verouderd is of nie gebruikersvriendelik of prakties uitvoerbaar is nie (Adams, Chamberlain, Thorup, Grønkjær en Conroy 2023).

Kliniese riglyne is stellings (met inbegrip van aanbevelings) wat op navorsing berus en wat bedoel is om terapeute en kliënte se besluite oor toepaslike gesondheidsorg in bepaalde kliniese omstandighede te ondersteun (Instituut van Geneeskunde (VS) se Komitee oor Standaarde vir die Ontwikkeling van Betroubare Kliniese Praktykriglyne 2011). Om die gaping tussen navorsing en praktyk te oorbrug, behoort belanghebbendes by die ontwikkeling van riglyne betrek te word om sodoende die bruikbaarheid daarvan te verseker (Adams e.a. 2023). Belanghebbendes is alle gebruikers van die voorgestelde riglyne, waaronder terapeute, kliënte, versorgers en beleidmakers, wat oor hulle tevredenheid met, en die aanvaarbaarheid van, 'n intervensie uitgevra kan word (Olszewski en Rae 2021). Die insluiting van die opvattings van diegene wat deur die riglyne geraak sal word, soos die STT en die versorger, word as noodsaaklik beskou (Nasionale Instituut vir Gesondheid- en Sorguitnemendheid 2014). Sodanige deelname en oorlegpleging verseker meer aanvaarbare, uitvoerbare en kultuurresponsiewe praktyke, wat weer gesondheidsorguitkomste kan verbeter (Gagliardi en Brouwers 2012; Petkovic, Riddle, Akl, Khabsa, Lytvyn, Atwere, Campbell, Chalkidou e.a. 2020). Dít was dan ook die doel in die samestelling van die praktiese riglyndokument vir KLEK VKI waaroor hierdie navorsing handel.

2. Metodologie

2.1 Navorsingsdoelstelling en -ontwerp

Hierdie navorsing het deel uitgemaak van 'n groter multifaseprojek om STT's en versorgers se ervarings van KLEK VKI te ondersoek en te interpreteer. Die hoofdoel met hierdie fase van die projek was om belanghebbendes (STT's) die geleentheid te bied om die toepaslikheid, praktiese uitvoerbaarheid en gehalte van 'n stel voorgestelde riglyne vir KLEK VKI te beoordeel.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Die riglyne is ontwikkel op grond van die bevindinge van drie gepubliseerde navorsingstudies wat tussen 2021 en 2024 uitgevoer is (Botha, Gerber en Van der Merwe 2021; Botha en Gerber 2023; Botha e.a. 2024), naamlik ’n omvangsbepaling en twee Suid-Afrikaanse hermeneutiese fenomenologiese studies. Vir hierdie studie is ’n deursnee- vraelysontwerp gebruik om die navorsingsvraag te beantwoord, naamlik of ’n nuwe voorgestelde riglyndokument vir KLEK VKI in Suid-Afrika toepaslik, prakties uitvoerbaar en van ’n hoë gehalte is vir praktiserende STT’s. Die geslote vrae, wat op ’n vyfpunt-Likert-skaal beantwoord is, is kwantitatief beoordeel, en die oop vraag oor kommentaar en voorstelle vir veranderinge is kwalitatief ontleed. Die bevindinge is vergelyk en geïntegreer om ’n omvattende beoordeling van die navorsingsvraag te bied.

2.2 Deelnemers

2.2.1 Deelnemerwerwing

Navorsingsgoedkeuring is van die Universiteit Stellenbosch se gesondheidsnavorsingsetiekkomitee verkry. ’n Veelvlakkige benadering is gebruik om deelnemers vir die studie te werf. Eerstens is die vraelys aan die Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging (SASLHA) se navorsings- en opleidingskomitee voorgelê vir toestemming om dit onder STT’s op die vereniging se databasis te versprei. Nadat die komitee ingestem het, het ál 1 023 lede van die vereniging ’n e-posuitnodiging ontvang om aan die studie deel te neem. Tweedens is daar van sosiale media gebruik gemaak. Alle lede van die geslote professionele Facebookgroep vir Suid-Afrikaanse oudioloë en spraakterapeute is genooi om deel te neem, en ’n LinkedIn-advertensie is ook aan STT-lede gestuur. Derdens is e-posuitnodigings gestuur aan alle STT’s in diens van die Wes-Kaapse gesondheidsdepartement en STT’s in ons beroepsnetwerk. Die e-posse het ’n vorm vir ingeligte toestemming, ’n vorm vir biografiese inligting, die riglyndokument en ’n aanlyn vraelys bevat (sien Bylaag C).

Moontlike deelnemers is versoek om aan te dui of hulle aan die kriteria vir deelname voldoen. Deelnemers moes naamlik by die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika as STT’s geregistreer wees, as terapeute, akademici of navorsers by privaat of staatsinstellings werk, en oor kliniese ervaring en/of ervaring van die uitvoering van navorsing op die gebied van KLEK VKI beskik. Slegs deelnemers wat aan die kriteria voldoen het, kon die vraelys beantwoord. Alle moontlike deelnemers is versoek om eers die vorms vir ingeligte toestemming en biografiese inligting te voltooi. Daarna is hulle gevra om die riglyndokument deur te lees en dit met behulp van die vraelys te beoordeel. Deelnemers het twee weke ontvang om die vraelys te voltooi en terug te stuur. As ’n vorm van sneeubalwerwing, is hulle ook gevra om die vraelys verder te versprei onder ander persone wat moontlik aan die keuringskriteria voldoen.

Die deelnemers het die vraelys anoniem voltooi, en ’n numeriese identifiseringskode is aan elke deelnemer toegeken. (Die kodes word in afdeling 3 vir die bespreking van deelnemers se kommentaar gebruik.)

2.2.2 Beskrywing van deelnemers

’n Beskrywing van die deelnemers volg deur afsonderlike uiteensettings van die deelnemerprofiel volgens ouderdom, kwalifikasies, provinsie en werkskonteks ($N = 41$).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Ouderdom

Net meer as die helfte van die deelnemers (53,66%) was jonger as 36, met ’n gelyke verdeling tussen diegene in die ouderdomskategorie 26–35 en diegene jonger as 25. Die spraak-taal-terapiekursus duur vier jaar, dus was die afleiding dat ongeveer die helfte van die deelnemers oor minder as 13 jaar ervaring in spraak-taalterapie beskik. Alle deelnemers het bevestig dat hulle ervaring het van KLEK VKI.



Figuur 1. Deelnemerprofiel volgens ouderdom

Kwalifikasies

Die oorgrote meerderheid van die deelnemers (63,41%) het oor ’n baccalaureusgraad beskik, en net meer as ’n derde het ’n nagraadse kwalifikasie gehad – 22,95% ’n meestersgraad en 14,63% ’n doktorsgraad. Die studiedeelnemers was dus genoegsaam gekwalifiseerd om relevante kommentaar te lewer.



Figuur 2. Deelnemerprofiel volgens kwalifikasies

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Provinsie

Gauteng het die meeste STT's en spraak-taalterapeute en oudioloë (STT-STO's) in die land, gevolg deur die Wes-Kaap (Pillay e.a. 2020). Die meerderheid van die deelnemers (60,98%) was dan ook van hierdie twee provinsies. Die provinsie met die sesde meeste STT's en STT-STO's in die land is die Oos-Kaap (Pillay e.a. 2020), van waar die derde meeste deelnemers (21,95%) gekom het. KwaZulu-Natal, waar die derde meeste STT's en STT-STO's in Suid-Afrika gebaseer is (Pillay e.a. 2020), het die vierde meeste studiedeelnemers opgelewer (14,63%). Terapeute van die Vrystaat het 2,44% van die deelnemers uitgemaak. Daar was geen deelnemers uit Limpopo, Mpumalanga, Noordwes en die Noord-Kaap nie.



Figuur 3. Deelnemerprofiel volgens provinsie

Werkskonteks

Die deelnemers is ook versoek om aan te dui in watter omgewing(s) hulle KLEK VKI-dienste lewer of voorheen gelewer het. Meer as twee derdes (68,3%) van die deelnemers werk in die privaat gesondheidsorgsektor, en 41,48% in die openbare gesondheidsorgsektor. Dít strook met die literatuur wat aandui dat Suid-Afrikaanse STT's meestal in die privaat sektor praktiseer (Pillay e.a. 2020). Bykans die helfte van die deelnemers (48,79%) werk boonop in meer as een omgewing, byvoorbeeld by 'n openbare hospitaal/kliniek én by 'n universiteit. 'n Klein groep deelnemers (9,76%) het aangedui dat hulle uitsluitlik by 'n universiteit werk, en 14,64% is in 'n mate by 'n universiteit betrokke, wat moontlik 'n verklaring bied vir die redelike getal deelnemers met nagraadse kwalifikasies.

2.3 Datainsamelingsinstrument

2.3.1 Die riglyndokument

As die onderwerp van beoordeling, was die voorgestelde riglyndokument die fokus van interpretasie en nadenke vir die deelnemers en kan dus as deel van die datainsamelingsinstrument gesien word. Die riglyndokument is ontwikkel deur drie datastelle te integreer, naamlik die bevindinge van 'n omvangsbepaling (Botha, Gerber en Van der Merwe 2021) en van 'n ondersoek na die ervarings van onderskeidelik STT's (Botha en Gerber 2023) en versorgers

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

(Botha, Gerber en Van der Merwe 2024) gedurende KLEK VKI. Soos wat die Nasionale Instituut vir Gesondheid- en Sorguitnemendheid (NICE) (2014) en die Wêreldgesondheids-organisasie (2014) voorskryf, is die riglyndokument op bestaande raamwerke geskoei. Die riglynontwikkelingsbeginsels van die NICE-raamwerk (2014) is in ’n aangepaste vorm gebruik om die beplanning en dokumentering van die riglyndokument te struktureer, terwyl die AGREE II-instrument (’n instrument vir die beoordeling van riglyne vir navorsing en evaluering) (Brouwers e.a. 2017) die metodologiese strategie gerig het. Bylaag A bevat die riglyndokument, en ’n Afrikaanse vertaling daarvan verskyn in Bylaag B.

2.3.2 Deelnemervraelys

Die vraelys aan die hand waarvan deelnemers die riglyndokument moes beoordeel, is ontwikkel deur die AGREE II-instrument (Brouwers e.a. 2017) aan te pas. As ’n generiese instrument, kan die AGREE II-vraelys aangepas word om riglyne van verskillende dissiplines, waaronder spraak-taalterapie, te beoordeel (Brouwers e.a. 2017).

AGREE II bestaan uit stellings wat deelnemers in staat stel om ’n stel riglyne op ses domeine te beoordeel, naamlik die omvang en doel van die riglyne, die betrokkenheid van belang-hebbendes, die betroubaarheid van die ontwikkelingsproses, duidelikheid van aanbieding, toe-paslikheid, en die onafhanklikheid van die samestellers. ’n Sewepunt-Likert-skaal word gebruik. Elke domein sluit een of meer geslote en een oop vraag in. Die oop vraag bied deel-nemers die geleentheid om kommentaar te lewer of voorstelle ter verbetering van die riglyne te maak. In die laaste afdeling van die vraelys word deelnemers versoek om die algehele gehalte van die riglyne te beoordeel aan die hand van ’n skaal waar 7 die hoogste en 1 die laagste moontlike gehalte is. Daarna word deelnemers genooi om aan te dui of hulle die riglyne vir gebruik sal aanbeveel. Die instrument het sekere beperkings soos onduidelikheid oor hoe die laaste twee stellings (algehele beoordeling van die riglyndokument) uitgevoer moet word, dat dié stellings subjektief is en dat al die stellings tot ’n gelyke mate bydra tot die beoordeling van die riglyne (Hoffmann-Eßer, Siering, Neugebauer, Brockhaus, Lampert en Eikermann 2017).

Dit kan individue wat riglyne deur middel van die AGREE-II beoordeel, gemiddeld 90 minute neem (Dans en Dans 2010). Om die kognitiewe en tydseise wat aan deelnemers gestel word te verminder, is die oorspronklike AGREE II-instrument aangepas. Alle items wat met mediese sorg verband hou, of wat nie op hierdie studie van toepassing is nie, of wat deelnemer-kundigheid op die terrein van navorsingsmetodologie vereis, is verwyder. Die oorspronklike sewepuntskaal is ook in ’n vyfpuntskaal omskep. Die aangepaste AGREE II-vraelys wat gebruik is, verskyn in Tabel 1 hier onder.

Tabel 1. Aangepaste AGREE II-vraelys

Nr.	Stelling/item	Beoordelingskaal
Domein 1 – Die omvang en doel van die riglyne		
1.	Die oorhoofse doelwitte van die riglyne word spesifiek beskryf.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam
2.	Die populasie op wie hierdie riglyne van toepassing is, word spesifiek beskryf.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Nr.	Stelling/item	Beoordelingskaal
	Het u enige kommentaar of terugvoer oor die doel of teikenpopulasie van die riglyne?	
Domein 2 – Betrokkenheid van belanghebbendes		
3.	Die teikengebruikers van die riglyne word duidelik in die dokument omskryf.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam
4.	Die groep wat die riglyndokument ontwikkel het, sluit individue van relevante mediese beroepe in.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam
	Het u enige kommentaar of terugvoer oor die teiken-gebruikers van die riglyne of die beroepe van die persone wat die dokument ontwikkel het?	
Domein 3 – Betroubaarheid van die ontwikkelingsproses		
5.	Die metode wat gevolg is om die riglyne te formuleer word duidelik beskryf.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam
	Het u enige kommentaar of terugvoer oor die metode wat in die ontwikkelingsproses gevolg is?	
Domein 4 – Duidelikheid van aanbieding		
6.	Die riglyne is spesifiek en ondubbelsinnig.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam
	Het u enige kommentaar of terugvoer oor die duidelik-heid van die aanbevelings? Dui asseblief die nommer aan van die aanbeveling waarop u kommentaar betrekking het.	
Domein 5 – Toepaslikheid		
7.	Die riglyne is relevant vir die Suid-Afrikaanse konteks.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam
	Het u enige kommentaar of terugvoer oor die toepas-likheid van die aanbevelings? Dui asseblief die nommer aan van die aanbeveling waarop u kommentaar betrekking het.	
Domein 6 – Outeursonafhanklikheid		
8.	Die outeurs het verklaar dat daar geen belangebotsings is nie.	Likert-skaal: 1 = Verskil ten sterkste 5 = Stem volkome saam
	Het u enige kommentaar of terugvoer oor die outeursonafhanklikheid?	

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Nr.	Stelling/item	Beoordelingskaal
Algehele riglynbeoordeling		
9.	Beoordeel die algehele gehalte en uitvoerbaarheid van die riglyne.	Likert-skaal: 1 = Hoogste moontlike gehalte 5 = Laagste moontlike gehalte
	Het u enige kommentaar of terugvoer oor die gehalte en uitvoerbaarheid van die riglyne? Dui asseblief die nommer aan van die riglyn en/of aanbeveling waarop u kommentaar betrekking het.	
10.	Ek sal die riglyne vir gebruik aanbeveel.	Ja Ja, met aanpassings Nee
	Indien u 'Nee' gekies het, verstrek asseblief die rede(s) daarvoor.	

2.4 Dataontleding

'n Statistikus het sowel beskrywende as inferensiële statistiese ontledings (Creswell en Clark 2018) gebruik. Die kwalitatiewe data is tematies ontleed (Braun en Clarke 2021).

Die resultate is geïntegreer deur eers die kwantitatiewe bevindinge aan te bied, gevolg deur die kwalitatiewe bevindinge in die vorm van aanhalings en diesulke temas uit die voltooide vraelyste. Deur middel van 'n narratiewe bespreking is daar aangetoon hoe die aanhalings die kwantitatiewe bevindinge bevestig en verduidelik. 'n Lys van die deelnemers se kommentaar en voorstelle oor moontlike aanpassings aan die riglyndokument is ook opgestel, en die riglyn-ontwikkelingsgroep het besluit of die aanpassings aangebring moet word of nie.

3. Resultate en bespreking

In hierdie afdeling word die resultate van elke vraelysdomein én stellings 9 en 10 eers in tabelvorm voorgestel (statistiese ontleding). Daarna volg 'n vergelykende narratiewe bespreking (tematiese ontleding) van die deelnemers se kommentaar, wat onder die volgende drie temas ingedeel is:

- Positiewe opmerkings oor die nut en gehalte van die dokument (hierna "Positiewe opmerkings" ter wille van bondigheid)
- Die deelnemers se besinning oor die riglyndokument en die beoordelingsproses (hierna "Deelnemerbesinning")
- Voorstelle oor aanpassings aan die riglyndokument en oor die moontlike toekomstige gebruik van die riglyne (hierna "Voorstelle")

Ons begin met die resultate van stelling 9 en 10, wat deelnemers se algehele gevoel oor die riglyndokument getoets het, en beweeg daarna oor na die resultate van domein 1 tot 6. Laastens word die deelnemers se kommentaar in antwoord op die oop vrae per domein aangebied, tesame met die riglynontwikkelingsgroep se besluit daaroor.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

3.1 Algehele riglynbeoordeling

3.1.1 Statistiese ontleding van stelling 9

Altesaam 95% van die deelnemers het die gehalte en praktiese uitvoerbaarheid van die riglyne positief beoordeel, en slegs 5% (twee deelnemers) was neutraal. Die *p*-waarde van minder as 0,01 dui op ’n waarskynlikheid van minder as 1% dat die verskil tussen die standaardafwyking en die neutrale opsie toevallig is. Die bevindinge is derhalwe statisties beduidend.

Een van die deelnemers met ’n neutrale respons het nie by enige domein kommentaar gelewer om hulle antwoord te verduidelik nie. Die ander diesulke deelnemer het kommentaar gelewer, tesame met vier van die deelnemers wat die riglyne as van ’n hoë gehalte beskou het.

3.1.2 Statistiese ontleding van stelling 10

Stelling 10 versoek die deelnemers om aan te dui of hulle die riglyne sal gebruik en aanbeveel. Sowat 88% (n = 36) van die deelnemers het aangedui dat hulle die riglyne sal aanbeveel, terwyl 12% (n = 5) sekere aanpassings versoek het. Vier van die deelnemers wat aanpassings voorgestel het, het spesifieke voorstelle oor moontlike aanpassings aan een of meer van die ses domeine gemaak. Hierdie bydraes word ingesluit in afdeling 3.3 tot 3.8 tesame met ander deelnemers se kommentaar op domein 1 tot 6 (stelling 1–8).

3.1.3 Tematiese ontleding van stelling 9

Die opmerkings van die vier deelnemers wat op stelling 9 (“Beoordeel die algehele gehalte en uitvoerbaarheid van die riglyne”) kommentaar gelewer het, is tematies ontleed. Die kommentaar het op die volgende twee tematiese gebiede geval.

<u>Positiewe opmerkings</u>

Die tema wat die sterkste na vore gekom het, was waardering oor die nut en gehalte van die riglyne. Een deelnemer (3194) het byvoorbeeld aangedui dat die riglyne van ’n hoë gehalte is en dat dit veral STT’s in die openbare sektor, soos STT’s wat gemeenskapsdiens verrig, sal baat. Die deelnemer het ook aangevoer dat die riglyne ’n nuttige bron vir veral universiteitstudente kan wees. Die waarde van die riglyne as hulpbron vir universiteitsopleiding kan ondersoek word deur in gesprek te tree met spraak-taalterapiedosente wat VKI onderrig.

Die volgende opmerking beklemtoon die moontlike waarde van die riglyne vir ander beroepslui wat vroeë intervensie lewer:

> If we could use these guidelines for teachers or other allied health, I feel it could truely [sic] come to its full potential. It is valuable just to a broader/different audience. (D 3044)

Die riglyne is opgestel aan die hand van literatuur oor, en in samewerking met, STT’s as verskaffers van vroeë intervensie. Om persone van ander gesondheidsorgberoepe en opvoeders by die teikengebruikergroep in te sluit, sal die riglyne dus in oorleg met lede van sodanige ander beroepe én aan die hand van literatuur oor hierdie persone as verskaffers van vroeë intervensie beoordeel en aangepas moet word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Deelnemerbesinning

Die deelnemer wat neutraal was oor die gehalte en uitvoerbaarheid van die riglyne, het op grond van hulle ervaring van KLEK VKI die volgende kommentaar gelewer:

> Although these guidelines can be seen as feasible, it just feels like it stands at the core of our profession (any ethical SLT/A should be well versed herewith), the relevance to this profession just feels a bit redundant. If we could use these guidelines for teachers or other allied health, I feel it could truely [sic] come to its full potential. It is valuable just to a broader/different audience. (D 3044)

Die deelnemer beskou dus die riglyne enersyds as prakties uitvoerbaar en nuttig, maar andersyds as oortollig vir die spraak-taalterapieberoep aangesien STT's wat tot etiese en kultuurresponsiewe praktykvoering verbind is reeds daarmee bekend moet wees. Die stelling "the relevance to this profession just feels a bit redundant" problematiseer dus die riglyne se relevansie vir die STT-beroep.

Die voorgestelde riglyne vir KLEK VKI strook met afdeling 5 (pligte teenoor pasiënte) van die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika se algemene etiekriglyne vir die gesondheidsorgberoepe (2021a:6–10)en is daarom relevant. Volgens die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika (2021b) het gesondheidsorgwerkers boonop 'n verantwoordelikheid om voortgesette beroepsontwikkeling te ondergaan – "to maintain and acquire new and updated levels of knowledge, skills and ethical attitudes that will be of measurable benefit in professional practice". Dít sou insluit dat STT's hulle kennis van KLEK VKI-praktykvoering moet opskerp en in stand hou deur nuwe riglyne en beleid te oorweeg. Ons reken dat die voorgestelde riglyndokument 'n sinvolle bydrae kan lewer tot die voortgesette beroepsontwikkeling en ondersteuning van STT's wat tot kultuurresponsiwiteit verbind is. Voorts redeneer ons dat dit veral van waarde is vir minder ervare STT's wat hoofsaaklik KLEK VKI moet lewer, soos STT's wat gemeenskapsdiens verrig, soos deelnemer 3194 ook hier bo aangedui het.

Volgens een deelnemer is die riglyne van 'n hoë gehalte en kan dit vir gebruik aanbeveel word, dog met sekere aanpassings. Op grond van hulle ervaring in die Wes-Kaapse openbare sektor het die deelnemer die volgende te sê gehad oor riglyn 7 ("Lei tolke op"):

> Interpreters are not always readily available at primary healthcare level. Rehab care workers assist with interpretation but do not always have time to assist as they have different roles. General assistants usually assist with translation but at times the translation is not clear. (D 7290)

Dié opmerking strook met ander studies wat bevind het dat daar in Suid-Afrika én elders 'n tekort aan opgeleide tolke bestaan (Elkington en Talbot 2016; Guiberson en Atkins 2012). Volgens die kommunikasiedirektoraat van die Wes-Kaapse gesondheidsdepartement kan gesondheidsorgwerkers soos STT's aansoek doen om die gebruik van 'n ervare tolk by sekere hospitale en klinieke in die Wes-Kaap. Die tolkdiens word voorsien deur Folio Intertel (https://www.folio-online.co.za/folio-intertel/). STT's moet 'n motivering indien vir die gebruik van die diens, wat uit óf telefoniese óf persoonlike tolking in ál twaalf amptelike landstale bestaan.

Die aanbevelings van riglyn 7 strook met aanbevelings oor die gebruik van tolke in die spraak-taalterapieliteratuur (Langdon en Saenz 2016:85–7, 115–6) en is van toepassing op die ontplooiing van ervare tolke soos dié van Folio Intertel óf minder ervare tolke soos algemene assistente. Nietemin is riglyne en aanbevelings op sigself nie genoeg nie; dit moet ondersteun word deur 'n gesondheidsorgstelsel wat oor die nodige hulpbronne, infrastruktuur en ondersteuningsnetwerke beskik.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

3.2 Oorsig van statistiese ontleding van domein 1 tot 6 (stelling 1 tot 8)

Tabel 2 bied 'n geheelbeeld van die deelnemers se numeriese beoordeling van domein 1 tot 6 (stelling 1 tot 8) aan die hand van die Likert-skaal. Tersaaklike syfers uit die tabel word in afdeling 3.3 tot 3.8 herhaal waar die kwantitatiewe resultate van die onderskeie domeine saam met die kwalitatiewe data bespreek word.

Tabel 2. Deelnemerreaksies op domein 1 tot 6 (stelling 1 tot 8)

Domein	Stelling		Verskil ten sterkste	Verskil	Neutraal	Stem saam	Stem volkome saam	Gemiddeld	Std.- afw.*	*p*-waarde
Domein 1	1. Die oorhoofse doelwitte van die riglyne word spesifiek beskryf.	Frekwensie	0	0	0	16	25	4,6	0,49	***<0,01*****
		%	0	0	0	39%	61%			
	2. Die populasie (kinders onder 3 jaar en hulle versorgers) op wie hierdie riglyne van toepassing is, word spesifiek beskryf.	Frekwensie	0	1	2	15	23	4,5	0,71	***<0,01*****
		%	0	2%	5%	37%	56%			
Domein 2	3. Die teikengebruikers van die riglyne word duidelik in die dokument omskryf.	Frekwensie	0	0	0	12	29	4,7	0,46	***<0,01*****
		%	0	0	0	29%	71%			
	4. Die groep wat die riglyndokument ontwikkel het, sluit individue van relevante mediese beroepe in.	Frekwensie	0	0	2	24	15	4,3	0,57	***<0,01*****
		%	0	0	5%	59%	36%			
Domein 3	5. Die metode wat gevolg is om die riglyne te formuleer word duidelik beskryf.	Frekwensie	0	1	2	15	23	4,5	0,71	***<0,01*****
		%	0	2%	5%	37%	56%			
Domein 4	6. Die riglyne is spesifiek en ondubbelsinnig.	Frekwensie	0	0	1	19	21	4,5	0,55	***<0,01*****
		%	0	0	2%	46%	51%			
Domein 5	7. Die riglyne is relevant vir die Suid-Afrikaanse konteks.	Frekwensie	0	0	1	18	22	4,5	0,55	***<0,01*****
		%	0	0	2%	44%	54%			
Domein 6	8. Die outeurs het verklaar dat daar geen belangebotsings is nie.	Frekwensie	0	1	3	15	22	4,4	0,74	***<0,01*****
		%	0	2%	7%	37%	54%			

* "Std.-afw." staan vir standaardafwyking.
** Statisties beduidend op die 1%-betekenispeil, 99%-vertrouensvlak ($p < 0,01$).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Volgens die nulhipotese is die gemiddelde responsgetal gelyk aan die neutrale opsie op die Likert-skaal (3); met ander woorde, daar is geen verskil tussen die gemiddelde en die neutrale opsie nie. Aangesien die *p*-waarde egter kleiner is as 0,01 word die nulhipotese in alle gevalle verwerp. Op ’n 1%-betekenispeil is die gemiddelde tellings vir ál die stellings beduidend hoër as 3, dus kan daar statisties afgelei word dat die deelnemers die riglyne in ál ses domeine positief beoordeel het. Die waarskynlikheid dat hulle positiewe reaksies toevallig is, is dus klein.

3.3 Domein 1: Die omvang en doel van die riglyne

3.3.1 Statistiese ontleding van stelling 1 en 2

Domein 1 het die oorhoofse doelwitte en die teikenpopulasie van die riglyne (persone wat by die riglyne sal baat vind, naamlik versorgers en gesinne van kinders onder driejarige ouderdom) ondersoek.

Soos Tabel 2 hier bo toon, het ál die deelnemers saamgestem dat die oorhoofse doelwitte van die riglyne spesifiek beskryf word (stelling 1), en 93% het gedink die teikenpopulasie word spesifiek beskryf (stelling 2). Een deelnemer het met stelling 2 verskil en twee was neutraal. Hierdie drie deelnemers het kommentaar gelewer om hulle antwoorde te verduidelik. Nege van die deelnemers wat met sowel stelling 1 as 2 saamgestem het, het ook voorstelle gemaak om die riglyndokument verder te verfyn. Die tematiese ontleding van hierdie kommentaar word hier onder beskryf.

3.3.2 Tematiese ontleding van stelling 1 en 2

Positiewe opmerkings

Twee deelnemers het in hulle kommentaar benadruk dat die doel en teikenpopulasie van die riglyne onderskeidelik duidelik en baie duidelik beskryf word.

Voorstelle

Een deelnemer wat met stelling 2 (“Die populasie op wie hierdie riglyne van toepassing is, word spesifiek beskryf”) verskil het, het die volgende aanbeveling gedoen:

> Under the “aim” section (i.e. the first paragraph) where it is said: “This document describes... (ECI)” I would add after ECI “i.e. intervention with children aged 0 – 3 years” to make it very explicit from the beginning of the handout. (D 2958)

’n Ander deelnemer was neutraal teenoor stelling 2 en het die volgende voorgestel:

> The target population could include “with communication developmental delay” or “communication difficulties” since ECI is not to all families with kids under three but rather kids with communication difficulties. (D 3376)

Die deelnemers se voorstelle hier lewer ’n waardevolle bydrae tot die riglyndokument, om twee redes. Eerstens is dit belangrik om die ouderdom van die kind wat gewoonlik by VKI betrokke is vroeg in die dokument reeds aan te dui om verwarring te voorkom. In Suid-Afrika én die res van die wêreld verwys VKI gewoonlik na die bewusmaking, voorkoming, assessering en behandeling

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

van spraak-taalprobleme by kinders tussen die ouderdom van 0 en 3 in samewerking met hulle versorgers (Amerikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging 2008; Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging 2017). Tweedens moet daar inderdaad aan die leser van die riglyne uitgewys word dat VKI spesifiek aangedui word vir kinders met ’n bevestigde of waarskynlike risiko vir kommunikasieagterstande of -afwykings (Rossetti 2001:3–6). Derhalwe is ’n duideliker definisie van VKI sowel as die teikenpopulasie op wie die riglyn van toepassing is nodig.

’n Deelnemer wat met albei stellings saamgestem het, het voorgestel dat ’n prent langs die teikenpopulasie-opskrif geplaas word wat die maksimum VKI-ouderdom van 3 jaar uitbeeld. Dít, meen die deelnemer, sal sorg dat lesers uit die staanspoor weet na watter ouderdomsgroep die riglyne verwys:

> Perhaps also include a visual next to target population heading that reads < Age 3 to reinforce what the passage says. Just to make it more clear and concise. (D 8176)

Die huidige illustrasie in die riglyndokument is van ’n dogtertjie wat waarskynlik ouer as 3 jaar is. Die vervanging van die illustrasie om eerder ’n kind wat duidelik jonger as 3 is en ’n versorger uit te beeld, kan moontlike verwarring oor die teikenpopulasie uitskakel. ’n Byskrif tot die prent wat die woorde “Drie jaar en jonger” bevat, sal aangebring word.

Deelnemerbesinning

Een deelnemer was neutraal teenoor stelling 2. Daar is enersyds saamgestem dat die teiken-populasie van die riglyne spesifiek beskryf word, maar andersyds is aangedui dat die riglyne lyk of dit op kinders van enige ouderdom van toepassing is en dus meer spesifiek op kinders jonger as 3 gerig moet word:

> Could be more related to the very young child – seems general. (D2656)

Hierdie opmerking sluit aan by ander deelnemers se kommentaar en onderstreep die behoefte om die teikenpopulasie duideliker te omskryf. Hoewel die riglyne spesifiek vir kinders jonger as 3 ontwikkel is, kan sekere beginsels daarvan wél vir ouer kinders ook geld. STT’s kan hulle eie kliniese oordeel gebruik om te bepaal watter riglyne en aanbevelings in sulke gevalle sal geld.

Een deelnemer was onseker of die riglyne ook van toepassing sal wees op kinders by wie kommunikasieprobleme later geïdentifiseer word, soos kinders met outisme.

> I wonder if this would include ECI for Autistic children/special needs children who are not always receiving ECI within that age range. Is this for more or less neurotypically delayed children? (D 3022)

Die Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging se VKI-riglyndokument (2017) stel die ideaal dat VKI voor driejarige ouderdom ’n aanvang neem, maar Suid-Afrikaanse gesinne moet steeds die voordele van VKI kan benut selfs al word kommunikasieprobleme eers op ’n later ouderdom by hulle kinders geïdentifiseer. Die STT is daarvoor verantwoordelik om self te besluit en te onderskei watter riglyne van toepassing is op die spesifieke behoeftes van ’n versorger en ’n kind, ook byvoorbeeld ’n kind met outisme, of ’n kind met ’n ander diagnose wat tot kommunikasie-ontwikkelingsprobleme lei, of ’n kind by wie ’n kommunikasieprobleem eers ná driejarige ouderdom geïdentifiseer word. Aangesien geen diagnoses uitgesluit was van die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

literatuur waarop die riglyne gegrond is nie, moet daar duidelik aangedui word dat die riglyne van toepassing is op alle afwykings wat by jong kinders tot kommunikasieprobleme lei, sowel as op versorgers met voorskoolse kinders by wie daar eers ná driejarige ouderdom 'n kommunikasieprobleem geïdentifiseer word.

Die gebruik van die term *kultuurbevoegdheid* is aangeroer deur 'n deelnemer deurdat hulle nadink oor kultuurbevoegdheid en kultuurnederigheid:

> I thought the term cultural competence had changed to cultural humility. (D 689)

Die twee terme is nou verwant en is bekend vir interessante sienings hieroor. In beginsel is kultuurbevoegdheid 'n verwysing na die gedrag en ingesteldheid van professionele persone wat hulle in staat stel om doeltreffend in kruiskulturele omstandighede te praktiseer (Amerikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging 2020). Kultuurnederigheid is verwys egter na 'n lewenslange proses van selfbesinning waartydens die individu nie net van ander kulture leer nie, maar ook hulle eie kulturele identiteit en oortuigings ondersoek (Tervalon en Murray-Garcia 1998; Yeager en Bauer-Wu 2013).

Daarenteen is die term *kultuurbevoegdheid* in omstredenheid gehul as gevolg van die kritiek dat dit die "andersheid" van die kliënt se kultuur beklemtoon en sodoende die aandag aflei van die rol wat die diensverskaffer se eie kultuur gedurende KLEK interaksies speel (Curtis, Jones, Tipene-Leach, Walker, Loring, Paine en Reid 2019). Lekas, Pahl en Fuller-Lewis (2020) stel voor dat opleiding eerder op kultuurnederigheid as kultuurbevoegdheid behoort te konsentreer. Volgens hulle moet diensverskaffers daarteen waak om "bevoeg" te raak in die gebruike, waardes en oortuigings van kliënte van verskillende kulture; daarteenoor moet diensverskaffers eerder 'n posisie van nederigheid inneem en mag met die diensontvanger deel. Die vierde beginsel van die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika (2019) se riglyndokument vir praktykvoering in ons taal- en kultuurdiverse land sluit die gebruik van sowel kultuurbevoegdheid as -nederigheid in. Hoewel *kultuurbevoegdheid* 'n term is wat algemeen in spraak-taalterapieliteratuur gebruik word (Gerber en Visser 2022), is dit belangrik om oor die kritiek teen die term na te dink. Die insluiting van die term *kultuurnederigheid* by die riglyndokument tesame met 'n definisie daarvan is weliswaar nodig en kan STT's se bewustheid van die denkverskuiwing in dié verband bevorder en hulle kennis van kultuurnederigheid uitbrei.

'n Deelnemer het die belang van taalvaardigheid in komplekse werkomgewings onderstreep waar hulle oor riglyn 14 besin het:

> I think that all speech therapists working in bilingual and multicultural settings should make effort to learn the language of the community being served, learn about traditional ceremony and customs and try to be fluent at the level of a child under three. (D7963)

Wat die aanleer van 'n nuwe taal dikwels ingewikkeld maak, is die dialekverskille tussen stedelinge en plattelanders en sprekers van verskillende provinsies, en sprekers se ouderdom word ook uitgelig:

> Understanding the syntax of isiXhosa or isiZulu can assist in assessments that are based on prescriptive language instead of descriptive language. In this way the vernacular and linguist differences based on location of the client is also kept in mind. For example the difference in isiXhosa vocabulary in townships versus rural areas. Also for first

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

> language isiXhosa speakers relocating from Western Cape to Eastern Cape there will be linguistic differences between the provinces. To also keep in mind age of primary caregiver as they will most likely speak more formal version of the child's he language if they are over 40 years of age. Newer generations have more code switching and pigeon [sic] versions of African languages e.g luhlaza versus igreen. (D7963)

Om veral kwessies met dialek- en streeksverskille te oorbrug, kan die gebruik van 'n tolk en die volg van riglyn 7 ("Lei tolke op") steun bied aan STT's wat nie hulle kliënt se taal vlot kan praat nie. 'n Deelnemer wat in die privaat sektor werksaam is en ook betrokke is by 'n skool, het op grond van diésulke ervaring aangevoer dat KLEK VKI veral moeilik is in privaat praktyk. Daar is verskeie uitdagings wat STT's in beide die openbare en publieke sektor in die gesig staar, onder andere gebrekkige toegang tot opgeleide tolke (Botha en Gerber 2023), tekorte aan STT's (Pillay e.a. 2020) en tekorte aan konteksrelevante hulpbronne (Pascoe en Norman 2011).

3.4 Domein 2: Betrokkenheid van belanghebbendes

3.4.1 Statistiese ontleding van stelling 3 en 4

Hierdie domein het gekonsentreer op die omskrywing van die teikengebruikers van die riglyne (STT's) en die vraag of die riglynontwikkelingsgroep (STT's en 'n verpleegkundige) verteenwoordigend genoeg is om hulle met die teikengebruikers (STT's) te kan vereenselwig (Brouwers e.a. 2017).

Ál die deelnemers het met stelling 3 saamgestem ("Die teikengebruikers van die riglyne – STT's wat KLEK VKI lewer – word duidelik omskryf"), en 95% het saamgestem dat die groep wat die riglyndokument ontwikkel het individue van relevante mediese beroepe insluit (stelling 4), naamlik een verpleegkundige met kundigheid in die spesifieke navorsingsmetodologie en drie STT's. Twee deelnemers was neutraal teenoor stelling 4, maar het nie enige kommentaar gelewer wat verdere lig op hulle antwoord kon werp nie. Drie deelnemers wat met albei stellings saamgestem het, het kommentaar gelewer, wat tematies ontleed is.

3.4.2 Tematiese ontleding van stelling 3 en 4

<u>Deelnemerbesinning</u>

Een deelnemer was onseker of die teikengebruikers slegs STT's is wat KLEK VKI lewer, of ander beroepslui ook. Die deelnemer het uitgewys dat indien ander beroepslui ook die riglyndokument kan gebruik, dít nie duidelik uit die dokument blyk nie. 'n Ander deelnemer het die teikengebruikerkwessie soos volg verwoord:

> I believe that the guidelines would be relevant to all health care professionals who provide services to individuals from different cultural backgrounds to their own, not only SLTs. (D 4143)

Hierdie opmerking ondersteun die kommentaar onder die algehele riglynbeoordeling (3.1 hier bo), naamlik dat die teikengebruikers van die dokument uitgebrei kan word om ook ander beroepslui wat kruislinguisties en -kultureel praktiseer in te sluit. Oor die riglynontwikkelingsgroep het 'n deelnemer ook gesê dat 'n maatskaplike werker by die groep betrek kon geword het:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

> Perhaps a Social Worker could have been consulted in the development of the document, as this area falls within their scope of practice. (D 4143)

Dit is belangrik dat die ontwikkelingsgroep uit beroepslui bestaan wie se insigte oor KLEK VKI strook met die insigte van STT's wat KLEK VKI-dienste lewer (die teikengebruikergroep) (Brouwers e.a. 2017). Indien die gebruikers van die riglyndokument maatskaplike werkers ingesluit het, sou dit voordelig gewees het om hulle by die riglynontwikkelingsproses te betrek.

Voorstelle

Een deelnemer het voorgestel dat bewaarskoolopvoeders van dieselfde kultuur as die jong kinders by hulle skole ingesluit word as belanghebbendes wat tot die riglyne kan bydra:

> Perhaps input from professionals familiar with working with this multilingual population, such as culturally-similar crèche teachers could provide insight into the culture-specific concerns, such as about communication with those who are younger vs caregivers, etc. (D 3081)

Hierdie kommentaar vergroot die net van moontlike gebruikers en opper die moontlikheid om die riglyne in die toekoms deur persone uit 'n verskeidenheid taal- en kultuurgroepe, soos bewaarskoolopvoeders en ander aanvullende gesondheidsorgberoepslui, te laat beoordeel. In daardie geval moet die ontwikkelingsgroep, soos Brouwers en kollegas (2017) aanbeveel, ook lede van die betrokke beroepe insluit. Soos ons hier bo genoem het, is die riglyne egter gegrond op literatuur oor STT's, wat verklaar waarom dit nie deur belanghebbendes soos bewaarskoolopvoeders of lede van ander aanvullende gesondheidsorgberoepe beoordeel is nie. Die voorstel kan oorweeg word wanneer literatuur oor KLEK vroeë intervensie op ander gesondheidsorgterreine geraadpleeg en beoordeel word. Tot dan het die ontwikkelingsgroep besluit om die teikengebruikers van die KLEK VKI-riglyndokument onveranderd te laat.

3.5 Domein 3: Betroubaarheid van die ontwikkelingsproses

3.5.1 Statistiese ontleding van stelling 5

Domein 3 het net uit een stelling bestaan, naamlik "Die metode wat gevolg is om die riglyne te formuleer word duidelik beskryf" (stelling 5). Die metode verwys naamlik na die proses wat die ontwikkelingsgroep gevolg het om navorsingsbewyse te versamel en die riglyne te formuleer (Brouwers e.a. 2017).

Altesaam 93% van die deelnemers het saamgestem dat die metode wat gevolg is duidelik beskryf word, terwyl een deelnemer verskil het en twee 'n neutrale reaksie aangedui het. Hierdie deelnemers het egter nie enige aanmerkings in die kommentaargedeelte gelaat nie. Een deelnemer wat met die stelling saamgestem het, het egter kommentaar gelewer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

3.5.2 Tematiese ontleding van stelling 5

Deelnemerbesinning

'n Riglyndokument moet besonderhede insluit van die strategie wat gevolg is om onderliggende navorsingsbewyse vir die riglyne te versamel, waaronder die soekwoorde, databasisse, bronne en taal- en datumbeperkings wat vir die soektog gebruik is (Brouwers e.a. 2017).

Hierdie besonderhede maak wél deel uit van die eerste datastel wat in die KLEK VKI-riglyndokument aangehaal word, naamlik die artikel deur Botha, Gerber en Van der Merwe (2021). Een deelnemer het egter vrae gevra soos:

> Was there any criteria for recommendations to be included? Or was everything compiled into 1 document? Were any recommendations excluded from the guideline? (D 3001)

Hierdie vrae illustreer dalk dat bykomende inligting oor die ontwikkelingsproses van die riglyndokument waardevol kan wees. Bykomende inligting oor die ontwikkelingsproses verskyn tans in die eerste outeur se ongepubliseerde PhD-proefskrif. Die riglynontwikkelingsgroep het dus besluit dat hierdie bykomende inligting in die vorm van 'n bylaag by die riglyndokument voorsien sal word aan STT's wat dit versoek. Die hiperskakels na die drie artikels waarop die riglyndokument berus, sal ook ingesluit word om te sorg dat aanlyn gebruikers maklike, direkte toegang tot hierdie drie bronne het.

3.6 Domein 4: Duidelikheid van aanbieding

3.6.1 Statistiese ontleding van stelling 6

Die enkele stelling van hierdie domein, "Die riglyne is spesifiek en ondubbelsinnig", het die taal, struktuur en formaat van die riglyne ondersoek.

Volgens Brouwers en kollegas (2017) behoort riglyne in 'n riglyndokument maklik identifiseerbaar te wees. Die Instituut van Geneeskunde (VS) se Komitee oor Standaarde vir die Ontwikkeling van Betroubare Kliniese Praktykriglyne (2011) wys voorts daarop dat riglyne ondubbelsinnig moet wees.

Die oorgrote meerderheid van die deelnemers (97%) het met die stelling saamgestem en vyf van hulle het kommentaar gelewer. Een deelnemer het neutraal gereageer, maar nie enige kommentaar gelewer of voorstelle gemaak nie.

3.6.2 Tematiese ontleding van stelling 6

Positiewe opmerkings

Twee deelnemers het die duidelikheid van die aanbieding gekomplimenteer deur die dokument as maklik leesbaar, oorsigtelik, kompak, goed beskryf, en esteties aangenaam te bestempel (D 8090 en 3022).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Voorstelle

Een deelnemer het ’n voorstel oor die bladoriëntasie van die riglyne gemaak en aangedui dat die dokument dalk te teks-dig is en dat:

> maybe a longer more spaced doc with portrait orientation would help. (D 689)

Diesulke voorstelle kan in heroorweging neem word wanneer ’n druk/publikasie-vriendelike weergawe ontwerp word.

Wat die taal van die dokument betref, het ’n deelnemer voorgestel dat die gebruik van idiomatiese uitdrukkings vermy word:

> In the interests of clarity, try to avoid English idiomatic expressions that may be difficult to understand by those who don’t have English as their first language, instead of “by the book” [aanbeveling 9.2] say “in the same way”. There may be other uses of idiomatic language – that one just jumped out at me. (D 931)

Engels-tweedetaalsprekers kan met idiomatiese uitdrukkings in Engels sukkel as gevolg van die arbitrêre en nie-letterlike aard daarvan (Al-Khawaldeh, Jaradat, Al-Momani en Bani-Khair 2016; Aljabri 2024). Aanbeveling 9.2 waarna die deelnemer verwys, is in daardie presiese woorde uitgedruk deur ’n Oos-Kaapse STT in die tweede navorsingsartikel waarop die riglynontwikkeling geskoei is (Botha en Gerber 2023) en is gevolglik net so as ’n aanhaling by die riglyndokument ingesluit. Die gebruik van direkte aanhalings is ’n manier om die betroubaarheid van data te verhoog (Howe, Verdon, Easton en Geiger 2019:114). Nogtans is dit ter wille van diegene wat nié Engels-eerstetaal sprekers is nie, waarskynlik nodig om hierdie voorstel te implementeer en dus aanbeveling 9.2 in eenvoudiger taal te skryf.

’n Ander deelnemer het spesifieke kommentaar gelewer op aanbevelings 1.6, 8.1 en 10.3:

Aanbeveling 1.6 (“Verhoed dat die versorger aanstoot neem wanneer daar oor kulturele gebruike gepraat word deur beleefd, taktvol en versigtig te kommunikeer”)

> I would elaborate more upon the point 1.6 by giving an example “such as being aware and following cultural norms around eye contact”. This will highlight to individuals that they need to be aware of what is respectful within the caretaker’s culture and not just their own. (D 2958)

Wat hierdie aanbeveling betref, het die riglynontwikkelingsgroep konsensus bereik dat hoewel verskillende persone weliswaar verskillende gebruike en voorkeure ten opsigte van oogkontak het (Isaac 2002), ’n omsigtigheid eerder enige moontlike stereotipering wat die deelnemer se voorgestelde voorbeeld kan veroorsaak, te vermy. Daar is wel besluit om die aanbeveling toe te lig met ’n verwysing na verbale en nie-verbale kommunikasie. Dit is aanvaar dat vaardighede in verbale en nie-verbale kommunikasie noodsaaklik is om doeltreffend met persone van verskillende kultuur- en etniese agtergronde te kommunikeer (Ting-Toomey en Dorjee 2019:230).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Aanbeveling 8.1 (“Gebruik dinamiese assessering”)

> I would also elaborate in section 8. Use dynamic assessment methods and criterion referenced assessment tools. I would mention the use of caretakers (if possible) taking videos of the child in their home environment as an information gathering tool specifically. (D 2958)

Die deelnemer was die enigste persoon wat “criterion referenced assessment tools” as nog ’n vorm van assessering voorgestel het. Omdat hierdie voorstel nêrens genoem is in die literatuur waarop die riglyne gegrond is óf deur enige ander deelnemers geopper is nie, het die riglyn-ontwikkelingsgroep besluit om tans nié hierdie aanbeveling te inkorporeer nie. Dit is egter moontlik dat diesulke voorstel in toekomstige riglynontwikkelingsprotokolle oorweeg kan word.

Die voorstel oor video’s sal egter as ’n voorbeeld van ’n dinamiese assesseringsmetode ingesluit word aangesien daar bewyse bestaan dat dit ’n nuttige instrument kan wees om inligting oor kinders se kommunikasievaardighede in hulle natuurlike omgewing in te win (Beta, Polzin, Vuliva, Wu en Lüdtke 2023; Farrugia 2022). Selfone plaas deesdae video-opneemtegnologie binne die meeste mense se bereik. Die voorstel sal dus betreklik maklik en haalbaar wees om te implementeer.

Aanbeveling 10.3 (“Doen voorspraak vir aanpassings in kurrikulums vir vroeë kommunikasie-intervensie, veral ten opsigte van samewerking met versorgers om te sorg dat terapiedoelwitte suksesvol na die kind se tuisomgewing oorgedra word”)

> I would add home “and school” environment, as some of these children may be at creches or playgroups. (D 2958)

Aanbeveling 10.3 is bespreek in die tweede navorsingsartikel wat die riglynontwikkelingsproses onderlê (Botha en Gerber 2023). ’n STT wat aan Botha en Gerber se studie deelgeneem het, het voorgestel dat die universiteitskurrikulum STT’s se vaardighede ontwikkel om versorgers by terapie te betrek. Dít was na aanleiding van die terapeut se waarneming dat sommige versorgers geneig is om buite die terapiesessie te wag terwyl die STT met die kind werk. Versorger-betrokkenheid versterk die moontlikheid dat terapiedoelwitte na die kind se natuurlike omgewing, wat sowel die tuisomgewing as die skool insluit (Kaiser en Roberts 2011), oorgedra sal word. Dus het die riglynontwikkelingsgroep besluit om die woorde “en skool” by aanbeveling 10.3 in te sluit.

3.7 Domein 5: Toepaslikheid

3.7.1 Statistiese ontleding van stelling 7

Domein 5 het slegs een stelling bevat, naamlik die “riglyne is relevant vir die Suid-Afrikaanse konteks”, en 98% van die deelnemers het hiermee saamgestem. Een deelnemer was neutraal, maar het nie terugvoer gebied om dié keuse te motiveer nie. Vier van die deelnemers wat met die stelling saamgestem het, het wel kommentaar gelewer.

3.7.2 Tematiese ontleding van stelling 7

<u>Positiewe opmerkings</u>

Twee deelnemers het positiewe terugvoer gemaak oor die toepaslikheid van die riglyne. Een het genoem dat die riglyne maklik is om jou mee te vereenselwig en om te volg, terwyl die ander een die volgende te sê gehad het:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

> I wish a guideline like this was present when I was a student. It is much needed. (D 3001)

Dít strook met vorige deelnemerkommentaar, naamlik dat die riglyne veral waardevol kan wees vir jonger, minder ervare STT's.

Deelnemerbesinning

Een deelnemer het die volgende kommentaar gelewer:

> I think in EI we can typically make the effort as practitioners to conduct therapy interactions in the child's first language, although coaching the caregiver may still take place in English or a common language. The child populations we see are often minimally verbal – we can treat in their first language. (D 689)

Die deelnemer se opmerking is 'n goeie voorbeeld van hoe STT's riglyn 14 ("Doen moeite om jou eie kennis van kulturele gebruike en tale uit te brei – wees kultuurbevoeg") kan verwesenlik. Nietemin moet hierdie praktyk nie as die ideaal beskou word nie: Die ideaal is steeds dat 'n kind VKI-sessies in hulle moedertaal ontvang (Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging 2017). Tolke is egter nie altyd beskikbaar nie (Hagan, Hunt, Kilian, Chiliza en Swartz 2020) en daarom kan 'n STT in bepaalde omstandighede met die kind in hulle moedertaal probeer kommunikeer, veral by kinders met beperkte ekspressiewe taal wat dikwels deur die gebruik van prentsimbole of gebare aangevul word (Andzik en LaMarca 2024).

Een deelnemer (3194) het aangevoer dat hoewel STT's baie van die aanbevelings in die riglyndokument instinktief in KLEK VKI volg (op grond van hulle kliniese ervaring), ander aspekte nie altyd so voor die hand liggend is nie en besinning verg. Dít sluit in om die versorger se toestemming te vra om 'n tolk te gebruik (riglyn 7) en oorlegpleging met ander belanghebbendes (riglyn 12). Hierdie kommentaar verklaar dalk ook waarom deelnemers gevoel het dat jonger terapeute en studente, wat nog nie op kliniese ervaring kan staatmaak nie, veral by die riglyne sal baat vind. Voorts dui dit daarop dat die dokument riglyne insluit waarvan STT's nie noodwendig altyd bewus is nie en wat hulle nie altyd spontaan gebruik of selfs onthou nie. Dit weerspreek deelnemer 3044 se gevoel dat die riglyne oortollig is (sien 3.1 hier bo).

Wat die toepaslikheid van aanbeveling 9.1 ("Bied verskeie geleenthede vir assessering in verskillende omgewings, soos by die huis, praktyk, kliniek of skool, waar dit moontlik is") in die besonder betref, het een deelnemer die volgende gesê:

> Seeing your patient in their "natural" environment (home and school) is not always easy in the public sector as you are under time constraint and dealing with a LARGE caseload. This will be ideal to see your patient in entirety and it will provide large chunks of information when reflecting on the ICF but unfortunately it is most of the time an unrealistic expectation. (D 3194)

Aanbeveling 9.1 kom uit die eerste navorsingsartikel wat die riglynontwikkelingsproses onderlê (Botha, Gerber en Van der Merwe 2021). Hierdie artikel het ál die verskillende bestaande strategieë vir KLEK pediatriese spraak-taalterapie op grond van die literatuur beskryf. In teenstelling met die voorstelle in die tweede navorsingsartikel (Botha en Gerber 2023), is aanbeveling 9.1 dus nie spesifiek deur Suid-Afrikaanse STT's in die openbare gesondheidsorgstelsel voorgestel nie. Suid-Afrikaanse STT's het inderdaad swaar werkslading (Warden, Mayers en Kathard 2008), wat moontlik geleenthede vir tuis- en skoolbesoeke beperk. Lang afstande en hoë

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

reiskoste kan verdere uitdagings vir tuis- of skoolgebaseerde dienslewering wees. Waar STT's egter wél tyd en toegang tot hulle kliënte se huise of skole het (in hetsy die privaat of openbare diensleweringskonteks), kan aanbeveling 9.2 steeds van waarde wees. Een van die beginsels van VKI is dat die STT alle geleenthede moet benut om 'n stimulerende natuurlike omgewing vir die kind te help skep (Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging 2017). Soos wat aanbeveling 9.1 ook aandui, is tuis- en skoolbesoeke nie in alle omstandighede moontlik nie, maar waar dit is, kan sulke besoeke gebruik word om so 'n stimulerende omgewing te bewerkstellig (Henwood, Channon, Penny, Robling en Waters 2020) sowel as die STT en versorger se vennootskap te bevorder (Verdon, Wong en Mcleod 2016). Daarom het die ontwikkelingsgroep besluit om aanbeveling 9.1 onveranderd te laat. Trouens, deelnemer 2958 se voorstel by riglyn 8.1 (sien 3.6 hier bo), naamlik om versorgers te nooi om selfoonvideo's van die kind se kommunikasie in hulle natuurlike omgewing op te neem, kan STT's se uitdagings met beperkte toegang tot die kind se natuurlike omgewing help oorkom.

3.8 Domein 6: Outeursonafhanklikheid

3.8.1 Statistiese ontleding van stelling 8

Ten slotte het domein 6 deelnemers se mening oor die stelling "Die outeurs het verklaar dat daar geen belangebotsings is nie" ondersoek. Ofskoon 91% van die deelnemers saamgestem het dat die outeurs verklaar het dat daar geen belangebotsings met die finansiers van die navorsing bestaan nie, het een deelnemer verskil en was drie neutraal. Laasgenoemde vier het egter nie verduidelikende kommentaar gelewer nie.

Instansies soos beroepsverenigings of welwillendheidsorganisasies verleen gereeld finansiële bystand vir die ontwikkeling van riglyne en enige moontlike invloed van hierdie instansies op sodanige riglyne moet verklaar word (Brouwers e.a. 2017). Die verklaring van belangebotsings is belangrik: Sodoende kan moontlike finansiersvooroordele ondersoek word, wat deursigtigheid bevorder (Napierala, Schuster, Gehrke-Beck en Heintze 2023). Die KLEK VKI-riglyndokument verklaar dat die studie deur twee instansies gefinansier word, naamlik die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en die Universiteit Stellenbosch se nagraadse beurskantoor. Die finansiering is toegeken aan die groter doktorale navorsingsprojek waarvan hierdie studie een fase uitmaak. Die verklaring stel dit duidelik dat die finansiers se sienings geen invloed op die inhoud van die riglyne gehad het nie. Slegs een deelnemer wat met die stelling saamgestem het, het kommentaar gelewer.

3.8.2 Tematiese ontleding van stelling 8

Deelnemerbesinning

Een deelnemer was die enigste met kommentaar op die domein van outeursonafhanklikheid:

> I think perhaps a greater focus on the communities and settings families function in would be beneficial. (D 689)

Nietemin verwys dié kommentaar oor die moontlike voordele van 'n sterker klem op die gemeenskappe en omgewings waarin gesinne funksioneer, eerder na die riglyndokument in die algemeen en nie na outeursonafhanklikheid in die besonder nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Buiten aanbeveling 14.2, wat STT's aanmoedig om "aan kulturele geleenthede of byeenkomste" in verskillende gemeenskappe deel te neem om sodoende hulle kennis van verskillende kulture uit te brei, het die bestudeerde literatuur geen ander aanbevelings oor die gemeenskap- en gesinskonteks bevat nie. Albei hierdie kontekste is van belang om jong kinders aan geleenthede vir leer en ontwikkeling bloot te stel (Dunst, Hamby, Trivette, Raab en Bruder 2000; Balton, Uys en Alant 2019). Die riglynontwikkelingsgroep stem saam dat, indien dit beskikbaar was, méér aanbevelings hieroor baie waarde sou toegevoeg het tot die KLEK VKI-riglyne.

Wat die verklaring van outeursafhanklikheid betref, is geen veranderinge egter nodig nie.

3.9 Samevatting van die bevindinge

Die bevindinge kan soos volg saamgevat word:

- *Algehele gehalte van die riglyne*: Die meeste deelnemers het die gehalte en praktiese uitvoerbaarheid van die riglyne in 'n positiewe lig beskou – 68% het gesê dit is van 'n hoë gehalte en 27% van die hoogste moontlike gehalte.
- *Aanbeveling van die riglyne*: Ál die deelnemers sal die riglyne by ander belanghebbendes aanbeveel – 88% sonder enige aanpassings, en 12% nadat sekere aanpassings gemaak is.
- *Domein 1*: Al die deelnemers het saamgestem dat die oorhoofse doelwitte van die riglyne spesifiek beskryf word (stelling 1), en 93% het genoem dat die teikenpopulasie spesifiek beskryf word (stelling 2). Voorstelle het hoofsaaklik gehandel oor die verheldering van die term *vroeë kommunikasie-intervensie*, en een deelnemer het kommentaar gelewer op die gebruik van die term *kultuurbevoegdheid* eerder as *kultuurnederigheid*.
- *Domein 2*: Ál die deelnemers het met stelling 3 saamgestem ("Die teikengebruikers van die riglyne – STT's wat KLEK VKI lewer – word duidelik omskryf"), en 95% het saamgestem dat die groep wat die riglyndokument ontwikkel het individue van relevante mediese beroepe insluit (stelling 4). Kommentaar het op die moontlike uitbreiding van die teikengebruikers na ander aanvullende gesondheidsorgberoepe gekonsentreer. Voorstelle vir die toekoms is ook gemaak, soos om ook ander persone wat by jong kinders se lewens betrokke is, vir hulle kommentaar te nader, waaronder bewaarskoolopvoeders.
- *Domein 3*: Die meerderheid van die deelnemers (93%) het saamgestem dat die metode wat gevolg is om die riglyne te formuleer duidelik beskryf word. Slegs een deelnemer het in die kommentaargedeelte vrae gevra oor die metode vir die in- en uitsluiting van aanbevelings.
- *Domein 4*: Die meeste deelnemers (97%) het saamgestem dat die riglyndokument duidelik aangebied word wat taal, struktuur en formaat betref. Voorstelle het gehandel oor 'n moontlike aanpassing aan die uitleg en spasiëring van die dokument, die vermyding van idiomatiese taalgebruik en die gebruik van voorbeelde om twee van die aanbevelings beter te verduidelik.
- *Domein 5*: Amper alle deelnemers (98%) het saamgestem dat die riglyne relevant is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Wat die aanbeveling oor assessering in die tuisomgewing betref, het een deelnemer uitgewys dat hoewel dit ideaal sou wees om kinders in hulle tuisomgewing te sien, dít nie altyd moontlik is vir STT's in die Suid-Afrikaanse openbare sektor nie weens hulle swaar werklas en gebrek aan tyd.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

- *Domein 6*: Die meeste van die deelnemers (91%) het saamgestem dat die outeurs verklaar het dat daar geen belangebotsings met die finansiers van die navorsing is nie. Daar was geen kommentaar of voorstelle wat op hierdie domein betrekking gehad het nie.

Tabel 3 hier onder bied ’n samevatting van die deelnemers se kommentaar en die riglyn-ontwikkelingsgroep se besluite daaroor.

Tabel 3. Deelnemervoorstelle en -kommentaar en besluite daaroor

Domein	Deelnemerkommentaar	Ontwikkelingsgroep se besluit
1	• Dui vroeg in die dokument aan op watter ouderdomsgroep VKI betrekking het, en bied ’n duideliker definisie van VKI. • Stel dit duidelik dat VKI gerig is op kinders met ’n bevestigde of waarskynlike risiko vir kommunikasieprobleme. • Stel dit duidelik dat die riglyne van toepassing is op alle afwykings wat by jong kinders tot kommunikasieprobleme lei én op die versorgers van voorskoolse kinders by wie kommunikasieprobleme eers ná driejarige ouderdom geïdentifiseer word.	Sal aangebring word. Die definisie van VKI sal uitgebrei word deur die terme *bewusmaking*, *voorkoming* en *assessering* en *behandeling* in te sluit.
	• Verander die illustrasie wat tans langs die teikengebruiker-opskrif in die riglyndokument verskyn na ’n kind wat duidelik jonger is as 3. Die huidige illustrasie is van ’n kind wat waarskynlik ouer is.	Sal aangebring word. Die woorde “3 jaar en jonger” sal ook langs die illustrasie aangebring word.
	• Brei die bewoording van riglyn 14 uit om te lui: “Streef daarna om kultuurbevoegdheid te verwerf, en wees kultuurnederig.”	Sal aangebring word. ’n Definisie van kultuurnederigheid sal ingesluit word.
2	• Laat die riglyndokument verder beoordeel word deur persone met insig in die taal en kultuur van jong kinders en hulle versorgers, soos bewaarskoolopvoeders van dieselfde kultuur as die kinders en versorgers.	Geen veranderinge sal in dié stadium aan die teikengebruikers aangebring word nie.
	• Brei teikengebruikers van die dokument uit om ook ander aanvullende gesondheidsorgberoepe in te sluit.	
3	• Voorsien bykomende inligting oor die ontwikkelingsproses wat gevolg is.	Sal aangebring word. ’n Bylaag by die riglyndokument sal voorsien word aan STT’s wat dit versoek. Hiperskakels sal ingesluit word vir vinnige toegang tot die drie artikels waarop die riglyne geskoei is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Domein	Deelnemerkommentaar	Ontwikkelingsgroep se besluit
4	• Oorweeg verandering in bladoriëntasie en spasiëring in die riglyndokument.	Kan in heroorweging neem word wanneer ’n druk/publikasie-vriendelike weergawe ontwerp word.
	• Vermy idiomatiese uitdrukkings en gebruik eenvoudiger taal (in die besonder by aanbeveling 9.2).	Sal aangebring word.
	• Sluit ’n voorbeeld in om aanbeveling 1.6 te verduidelik, byvoorbeeld inagneming van voorkeure en gebruike ten opsigte van oogkontak.	Die spesifieke voorbeeld van oogkontak sal nie in hierdie stadium aangebring word nie. Die aanbeveling sal wel verduidelik word met ’n verwysing na “kennis en bewustheid van verbale en nie-verbale kommunikasie-praktyke”.
	• Sluit by aanbeveling 8.1 die moontlikheid in dat versorgers tuis video’s kan opneem om die STT te help om inligting oor die kind se kommunikasie in die tuisomgewing te bekom.	Sal aangebring word.
	• Sluit die woorde “en skool” (omgewing) by aanbeveling 10.3 in.	Sal aangebring word.
5	• Laat by aanbeveling 9.1 die verwysing na tuisbesoeke weg omdat die swaar werklas van terapeute in die openbare sektor dit dikwels onmoontlik maak om kliënte in die tuisomgewing te behandel.	Sal nie in hierdie stadium aangebring word nie.
6	Geen voorstelle of kommentaar nie.	
Algehele riglyn-beoordeling (stelling 9)	• Brei die teikengebruikers uit om spraak-taalterapiestudente in te sluit. • Gebruik riglyne as ’n opleidings-hulpbron vir universiteitstudente.	Hierdie aanbevelings val buite die riglyn-ontwikkelaars se beheer. Universiteite kan self besluit of hulle die riglyne by hulle kurrikulums wil insluit.

Die finale KLEK VKI-riglyndokument nadat die aanpassings ooreenkomstig met Tabel 3 aangebring is, verskyn in Bylaag D.

4. Gevolgtrekking

In hierdie studie is belanghebbendes gevra om die toepaslikheid, praktiese uitvoerbaarheid en gehalte van ’n voorgestelde riglyndokument vir KLEK VKI te beoordeel en moontlike verbeteringe voor te stel sodat dit ’n bruikbare hulpbron vir STT’s sal wees.

Alle deelnemers het ervaring van KLEK VKI gehad: Die helfte van hulle het reeds langer as 13 jaar as STT’s gepraktiseer. Byna ’n derde het ’n meesters- of doktorsgraad verwerf en deelnemers se geografiese en ouderdomsverspreiding was redelik verteenwoordigend van STT’s in Suid-Afrika oor die algemeen (Pillay e.a. 2020). Op grond van hulle kliniese ervaring, akademiese

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

kundigheid en/of praktiese kennis van die Suid-Afrikaanse konteks kon deelnemers die vrae gesaghebbend beantwoord en die duidelikheid van die riglyne en aanbevelings beoordeel.

Die outeurs het die indruk gekry dat deelnemers met erns na die dokument gekyk het en waardevolle bydraes gemaak het. Meer as 90% van die deelnemers het deurgaans 'n positiewe ingesteldheid teenoor die riglyndokument getoon. Die meeste deelnemers het óf saamgestem óf volkome daarmee saamgestem dat die oorhoofse doelwitte, populasie, teikengebruikers en formuleringsmetode van die riglyne duidelik en spesifiek beskryf word. Daarbenewens het die deelnemers saamgestem dat die groep wat die riglyndokument ontwikkel het individue van relevante gesondheidsorgberoepe ingesluit het, dat die riglyne spesifiek en ondubbelsinnig is, relevant is vir die Suid-Afrikaanse konteks, en dat daar geen belangebotsings in die ontwikkeling van die riglyne bestaan het nie.

Weens die betreklik klein steekproef (N = 41) kon afleidings nie met sekerheid op grond van die kwantitatiewe antwoorde gemaak word nie, maar tog as aanduidend. Die resultate van 'n Likert-tipe vraelys soos die Agree II is ook bekend daarvoor dat die resultate met omsigtigheid beskou word omdat die response subjektief en bloot aanduidend van die deelnemers se gevoel, opinie of assessering is. Om die kwantitatiewe bevindinge te ondersteun, is kwalitatiewe data dus ook ingesamel. Uiteindelik dui die data in die geheel daarop dat die riglyndokument voorlopig beskou kan word as 'n relevante, prakties uitvoerbare dokument van 'n hoë gehalte wat praktiserende STT's gedurende KLEK VKI kan gebruik. Die deelnemers het ook waardevolle voorstelle gemaak wat die gehalte en uitvoerbaarheid van die riglyne verder kan verhoog en baie daarvan sal by die dokument ingesluit word.

5. Aanbevelings vir toekomstige navorsing

- Kundiges op die terrein van riglynontwikkeling, VKI-navorsing en kliniese KLEK VKI kan in die toekoms genooi word om die metodologie van die riglyndokument verder te beoordeel.
- 'n Groep KLEK VKI-kenners kan aangestel word om die inhoud van die riglyne formeel te beoordeel nadat dit vir 'n ruk in die praktyk geïmplementeer is. Die nuwe AGREE-REX-instrument (Brouwers e.a. 2020) kan byvoorbeeld aanvullend tot AGREE II (Brouwers e.a. 2017) gebruik word om die implementering van die riglyndokument te verfyn en sodoende 'n waardevolle bydrae tot die implementeringswetenskappe in spraak-taalterapie te lewer.
- Opvoeders wat met jong kinders en hulle versorgers werk sowel as lede van ander aanvullende gesondheidsorgberoepe (buiten STT's) kan gevra word om die riglyndokument te beoordeel om te bepaal watter van die riglyne op daardie beroepe van toepassing sal wees én om insigte van ander belanghebbendes te bekom.

6. Finansiering

Ons bedank graag die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Universiteit Stellenbosch vir die nagraadse studiebeurs wat hierdie navorsing moontlik gemaak het.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Bibliografie

Adams, A.M.N., D. Chamberlain, C.B. Thorup, M. Grønkjær en T. Conroy. 2023. Ethical and feasible stakeholder engagement in guideline development. *Collegian*, 30(1):101–9. DOI: 10.1016/j.colegn.2022.08.003.

Al-Khawaldeh, N., A. Jaradat, H. Al-Momani en B. Bani-Khair. 2016. Figurative idiomatic language: Strategies and difficulties of understanding English idioms. *International Journal of Applied Linguistics and English Literature*, 5(6):119–33. DOI: 10.7575/aiac.ijalel.v.5n.6p.119.

Aljabri, S.S. 2024. Understanding EFL students' processing of idiomatic expressions out of context: Insights gained from think-alouds. *Theory and Practice in Language Studies*, 14(6):1907–15. DOI: 10.17507/tpls.1406.32.

Amerikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging. 2008. *Roles and responsibilities of speech-language pathologists in early intervention: Guidelines*. DOI: 10.1044/policy.GL2008-00293.

—. 2020. *Issues in ethics: Cultural and linguistic competence*. https://www.asha.org/practice/ethics/cultural-and-linguistic-competence (5 Oktober 2020 geraadpleeg).

—. 2024. *Cultural competence check-ins*. https://www.asha.org/practice/multicultural/self (21 Februarie 2024 geraadpleeg).

Andzik, N.R. en H.N. LaMarca. 2024. Multilingualism and augmentative and alternative communication: A review of the literature. *Perspectives of the ASHA Special Interest Groups*, 9(3):642–51. DOI: 10.1044/2024_persp-23-00111.

Balton, S., K. Uys en E. Alant. 2019. Family-based activity settings of children in a low-income African context. *African Journal of Disability*, 8:1–14. DOI: 10.4102/ajod.v8i0.364.

Beta, K., C. Polzin, A. Vuliva, J. Wu en U.M. Lüdtke. 2023. The participatory potential of photovoice as a relational in vivo research and training method: The case of a community-based prevention program on early communication and language disability in underserved rural sub-Saharan Africa. In Lüdtke, U.M., E. Kija en M.K. Karia (reds.) 2023. 265–79. DOI: https://doi.org/10.1007/978-3-031-04504-2_13.

Botha, M. en B. Gerber. 2023. Kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie: die geleefde ervaringe van spraak-taalterapeute. *LitNet Akademies*, 20(2):449–97. DOI: 10.56273/1995-5928/2023/j20n2d4.

Botha, M., B. Gerber en A. van der Merwe. 2021. Struikelblokke in kruislinguistiese en -kulturele pediatriese spraak-taalterapie en strategieë vir die bevordering van kultuurveilige praktyke: 'n omvangsbepaling. *LitNet Akademies*, 18(3):673–701.

—. 2024. Kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie: die ervarings van versorgers. *LitNet Akademies*, 21(2):403–435. DOI: https://doi.org/10.56273/1995-5928/2024/j21n2d2.

Brassart, E., C. Prévost, C. Bétrisey, M. Lemieux en C. Desmarais. 2017. Strategies developed by service providers to enhance treatment engagement by immigrant parents raising a child with a disability. *Journal of Child and Family Studies*, 26(4):1230–44. DOI: 10.1007/s10826-016-0646-8.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Braun, V. en V. Clarke. 2021. One size fits all? What counts as quality practice in (reflexive) thematic analysis? *Qualitative Research in Psychology*, 18(3):328–52. DOI: 10.1080/14780887.2020.1769238.

Brouwers, M.C., M.E. Kho, G.P. Browman, J.S. Burgers, F. Cluzeau, G. Feder, B. Fervers, I.D. Graham, e.a. 2017. *Appraisal of guidelines for research and evaluation (AGREE) II instrument*. DOI: 10.1016/j.ypmed.2010.08.005.

Brouwers, M.C., K. Spithoff, K. Kerkvliet, P. Alonso-Coello, J. Burgers, F. Cluzeau, B. Férvers, I. Graham, e.a. 2020. Development and validation of a tool to assess the quality of clinical practice guideline recommendations. *JAMA Network Open*, 3(5):1–13. DOI: 10.1001/jamanetworkopen.2020.5535.

Chiuri, G.M. 2012. Speech language pathologists' perceptions of services to children from culturally and linguistically diverse backgrounds. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Verenigde State: Baylor-universiteit.

Creswell, J.W. en V.P. Clark. 2018. *Designing and conducting mixed method research*. 3de uitgawe. California: SAGE Publications, Inc.

Curtis, E., R. Jones, D. Tipene-Leach, C. Walker, B. Loring, S.J. Paine en P. Reid. 2019. Why cultural safety rather than cultural competency is required to achieve health equity: A literature review and recommended definition. *International Journal for Equity in Health*, 18(1):1–17. DOI: 10.1186/s12939-019-1082-3.

Dans, A.L. en L.F. Dans. 2010. Appraising a tool for guideline appraisal (the AGREE II instrument). *Journal of Clinical Epidemiology*, 63(12):1281–82. DOI: 10.1016/j.jclinepi.2010.06.005.

Dunst, C.J., D. Hamby, C.M. Trivette, M. Raab en M.B. Bruder. 2000. Everyday family and community life and children's naturally occurring learning opportunities. *Journal of Early Intervention*, 23(3):151–64.

Elkington, E.J. en K.M. Talbot. 2016. The role of interpreters in mental health care. *South African Journal of Psychology*, 46(3):364–75. DOI: 10.1177/0081246315619833.

Ernstzen, D.V., F. Bardien, en L.J. Jacobs-Nzuzi Khuabi (reds.). 2022. *Transformation of learning and teaching in rehabilitation sciences*. V. 2. Kaapstad: AOSIS.

Farrugia-Bernard, A.M. 2016. "You are coming with me": A phenomenological exploration of urban speech-language pathologists. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Verenigde State: Oostelike Universiteit van Michigan.

Farrugia, A.M. 2022. A picture with a caption: Using photovoice as cultural self-reflection in communication sciences and disorders. *Journal of Communication Disorders*, 100 (Augustus 2022):1–11. DOI: 10.1016/j.jcomdis.2022.106277.

Gagliardi, A.R. en M.C. Brouwers. 2012. Integrating guideline development and implementation: Analysis of guideline development manual instructions for generating implementation advice. *Implementation Science*, 7(1):1–9. DOI: 10.1186/1748-5908-7-67.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Gerber, B. en M. Visser. 2022. A scoping review of the current literature and terminology used in the education of speech-language pathologists regarding service delivery across cultures. In Ernstzen, D.V., F. Bardien, en L.J. Jacobs-Nzuzi Khuabi (reds.) 2022. 193–214. DOI: https://doi.org/10.4102/aosis.2022.BK357.09.

Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika. 2019. *Guidelines for practice in a culturally and linguistically diverse South Africa*. https://www.hpcsa.co.za/board/speech-language-hearing/guidelines (28 Oktober 2019 geraadpleeg).

—. 2021a. *General ethical guidelines for the healthcare professions*. https://www.hpcsa.co.za/ethics (14 April 2024 geraadpleeg).

—. 2021b. *Continuing professional development*. DOI: 10.1080/20786204.2005.10873194.

Graham, R., M. Mancher en W.D. Miller (reds.). 2011. *Clinical practice guidelines we can trust*. Washington, DC: National Academies Press (US).

Grandpierre, V., F. Nassrallah, B.K. Potter, E. Fitzpatrick, R. Thomas, J. Taylor en L. Sikora. 2019. Examining cultural competence in pediatric hearing loss services: A survey. *Deafness and Education International*, 21(4):174–94. DOI: 10.1080/14643154.2019.1589075.

Guiberson, M.M. en J. Atkins. 2012. Speech-language pathologists' preparation, practices and perspectives on serving culturally and linguistically diverse children. *Communication Disorders Quarterly*, 33(3):169–80. DOI: 10.1177/1525740110384132.

Hagan, S., X. Hunt, S. Kilian, B. Chiliza en L. Swartz. 2020. Ad hoc interpreters in South African psychiatric services: service provider perspectives. *Global Health Action*, 13(1):1–13. DOI: 10.1080/16549716.2019.1684072.

Henwood, T., S. Channon, P. Penny, M. Robling en C.S. Waters. 2020. Do home visiting programmes improve children's language development? A systematic review. *International Journal of Nursing Studies*, 109:1–54. DOI: https://doi.org/10.1016/j.ijnurstu.2020.103610.

Hidecker, M.J.C., R.S. Jones en D.R. Imigm. 2009. Using family paradigms to improve evidence-based practice. *American Journal of Speech-Language Pathology*, 18:212–21.

Hoffmann-Eßer, W., U. Siering, E.A.M. Neugebauer, A.C. Brockhaus, U. Lampert en M. Eikermann. 2017. Guideline appraisal with AGREE II: Systematic review of the current evidence on how users handle the 2 overall assessments. *PLoS ONE*, 12(3):1–15. DOI: 10.1371/journal.pone.0174831.

Howe, T., S. Verdon, C. Easton en M. Geiger. 2019. Ethnography and its use in communication disorders research. In Lyons, R. en L. McAllister (reds.). 2019. 91–118.

Hyter, Y.D. en M.B. Salas-Provance. 2023. *Culturally responsive practices in speech, language and hearing sciences*. 2de uitgawe. San Diego, CA: Plural Publishing Inc.

Institute of Medicine (US) Committee on Standards for Developing Trustworthy Clinical Practice Guidelines. 2011. Trustworthy clinical practice guidelines: Challenges and potential (Elektroniese weergawe). In Graham, R., M. Mancher en W.D. Miller (reds.) 2011. https://www.ncbi.nlm.nih.gov/books/NBK209532.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Isaac, K. 2002. *Speech pathology in cultural and linguistic diversity*. Londen: Whurr Publishers Ltd. DOI: 10.1001/archneurpsyc.1932.02230160224019.

Kaiser, A.P. en M.Y. Roberts. 2011. Advances in early communication and language intervention. *Journal of Early Intervention*, 33(4):298–309. DOI: 10.1177/1053815111429968.

King, G., C. Desmarais, S. Lindsay, G. Piérart en S. Tétrault. 2015. The roles of effective communication and client engagement in delivering culturally sensitive care to immigrant parents of children with disabilities. *Disability and Rehabilitation*, 37(15):1372–81. DOI: 10.3109/09638288.2014.972580.

Langdon, H.W. en T.I. Saenz. 2016. *Working with interpreters and translators: A guide for speech-language pathologists and audiologists*. San Diego, CA 92123: Plural Publishing Inc.

Lekas, H.M., K. Pahl en C. Fuller Lewis. 2020. Rethinking cultural competence: Shifting to cultural humility. *Health Services Insights*, 13:4–7. DOI: 10.1177/1178632920970580.

Lüdtke, U.M., E. Kija, M.K. Karia (reds.). 2023. *Handbook of speech-language therapy in sub-Saharan Africa*. Switserland: Springer Nature Switserland.

Lyons, R. en L. McAllister (reds.). 2019. *Qualitative research in communication disorders*. Guildford: JenR Press Ltd.

Maul, C.A. 2015. Working with culturally and linguistically diverse students and their families: Perceptions and practices of school speech-language therapists in the United States. *International Journal of Language and Communication Disorders*, 50(6):750–62. DOI: 10.1111/1460-6984.12176.

McCurtin, A. en B. Carter. 2014. "We don't have recipes; we just have loads of ingredients": Explanations of evidence and clinical decision making by speech and language therapists. *Journal of Evaluation in Clinical Practice*, 21(6):1142–50. DOI: 10.1111/jep.12285.

McCurtin, A. en H. Roddam. 2012. Evidence-based practice: SLTs under siege or opportunity for growth? The use and nature of research evidence in the profession. *International Journal of Language and Communication Disorders*, 47(1):11–26. DOI: 10.1111/j.1460-6984.2011.00074.x.

Metcalfe, C., R. Lewin, S. Wisher, S. Perry, K. Bannigan en J.K. Moffett. 2001. Barriers to implementing the evidence base in four NHS therapies. *Physiotherapy*, 87(8):433–41. DOI: 10.1016/S0031-9406(05)65462-4.

Napierala, H., A. Schuster, S. Gehrke-Beck en C. Heintze. 2023. Transparency of clinical practice guideline funding: A cross-sectional analysis of the German AWMF registry. *BMC Medical Ethics*, 24(1):1–8. DOI: 10.1186/s12910-023-00913-0.

Nasionale Instituut vir Gesondheid- en Sorguitnemendheid. 2014. Developing NICE guidelines: The manual. *Process and Methods Guides* (Oktober):1–269. http://www.nice.org.uk/article/pmg20.

Niharika, M.K., H.N. Gurkar Harshitha, S.Y. Aishwarya en S. Suman. 2023. Speech-language pathologists' perspectives on bilingual service delivery in India: A preliminary survey. *Speech, Language and Hearing*, 1–8. DOI: 10.1080/2050571x.2023.2259145.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

O'Connor, S. en C.M. Pettigrew. 2009. The barriers perceived to prevent the successful implementation of evidence-based practice by speech and language therapists. *International Journal of Language and Communication Disorders*, 44(6):1018–35. DOI: 10.1080/13682820802585967.

Olswang, L.B. en P.P. Prelock. 2015. Bridging the gap between research and practice: Implementation science. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research*, 58(1818–26). DOI: 10.1044/2015.

Olszewski, A. en K. Rae. 2021. Measuring stakeholder perceptions: A review of social validity reporting in ASHA journals. *American Journal of Speech-Language Pathology*, 30(3):1247–60. DOI: 10.1044/2021_AJSLP-20-00169.

Pascoe, M. en V. Norman. 2011. Contextually relevant resources in speech-language therapy and audiology in South Africa – are there any? *South African Journal of Communication Disorders*, 58(1):2–5.

Peltier, S. 2011. Providing culturally sensitive and linguistically appropriate services: An insider construct. *Canadian Journal of Speech-Language Pathology and Audiology*, 35(2):126–34.

Petkovic, J., A. Riddle, E.A. Akl, J. Khabsa, L. Lytvyn, P. Atwere, P. Campbell, K. Chalkidou, e.a. 2020. Protocol for the development of guidance for stakeholder engagement in health and healthcare guideline development and implementation. *Systematic Reviews*, 9(1):1–11. DOI: 10.1186/s13643-020-1272-5.

Phillips, G. 2007. Healing, cultural safety and the criminal justice system. Referaat gelewer by die 3de Nasionale Inheemse Geregtigheidsforum vir Uitvoerende Hoofde, Brisbane, Australië. DOI: 10.1177/000276427902200605.

Pillay, M., R. Tiwari, H. Kathard en U. Chikte. 2020. Sustainable workforce: South African audiologists and speech therapists. *Human Resources for Health*, 18(1):1–14. DOI: 10.1186/s12960-020-00488-6.

Rossetti, L. 2001. *Communication intervention: Birth to three*. 2de uitgawe. New York, Delmar, Cengage Learning.

Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging. 2017. Practice guidelines for audiologists and speech-language therapists in early communication intervention. Etiek-en Standaarde-komitee, Suid-Afrikaanse Spraak-Taal-Gehoorvereniging. https://saslha.co.za/page/member-resources (beskikbaar slegs aan SASLHA lede) (23 September 2024 geraadpleeg).

Tervalon, M. en J. Murray-Garcia. 1998. Cultural humility versus cultural competence: A critical distinction in defining physician training outcomes in multicultural education. *Journal of Health Care for the Poor and Underserved*, 9(2):117–25.

Ting-Toomey, S. en T. Dorjee. 2019. *Communicating across cultures (e-boek)*. 2de uitgawe. New York: The Guilford Press. https://books.google.me/books?id=yMRUDwAAQBAJ&printsec=frontcover#v=onepage&q&f=false (30 September 2024 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Tohidast, S.A., L. Ghelichi, M. Kamali, A. Ebadi, N. Shafaroodi, Y.A. Shavaki, B. Mansuri en H. Azimi. 2021. Barriers of implementing evidence-based practice perceived by Iranian speech and language pathologists: A qualitative study. *Middle East Journal of Rehabilitation and Health Studies*, 8(4):1–8. DOI: 10.5812/MEJRH.117262.

Verdon, S., S. Mcleod en S. Wong. 2015. Reconceptualizing practice with multilingual children with speech sound disorders: People, practicalities and policy. *International Journal of Communication Disorders*, 50(1):48–62. DOI: 10.1111/1460-6984.12112.

Verdon, S., S. Wong en S. Mcleod. 2016. Shared knowledge and mutual respect: Enhancing culturally competent practice through collaboration with families and communities. *Child Language Teaching and Therapy*, 32(2):205–21. DOI: 10.1177/0265659015620254.

Warden, J.A., P. Mayers en H. Kathard. 2008. The lived experience of being a speech-language therapist in the Western Cape. *The South African Journal of Communication Disorders*, 55:49–62.

Wêreldgesondheidsorganisasie. 2014. *WHO handbook for guideline development*. 2de uitgawe. Genève, Switserland: WHO Press. DOI: 10.1007/174_2017_164.

Yeager, K.A. en S. Bauer-Wu. 2013. Cultural humility: Essential foundation for clinical researchers. *Applied Nursing Research*, 26(4):1–15. DOI: 10.1038/jid.2014.371.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Bylaag A

Beoordeelde weergawe van “Praktiese riglyne vir KLEK VKI”-dokument

PRACTICAL GUIDELINES FOR CROSS-LINGUISTIC AND CROSS-CULTURAL(CLCC)[1] EARLY COMMUNICATION INTERVENTION (ECI)

AIM

This document describes potential adaptations to the practices of speech-language therapists (SLTs) who undertake cross-linguistic and cross-cultural (CLCC) early communication intervention (ECI). The guidelines, which comprise proposals or recommendations taken from the literature, are intended for implementation based on SLTs' own discretion and experience of what works in specific scenarios with caregivers and children. The document is meant to complement existing guidelines for cross-linguistic and cross-cultural ECI.

The purpose of the guidelines is to support culturally responsive speech-language therapy practices that are underpinned by research. Culturally responsive practices form part of the four key principles of ECI and plays a role in providing accessible and appropriate services.

The guidelines are based on the NICE Guidelines Manual and the AGREE II Framework for Advancing Guideline Development. Two guideline documents of the Health Professions Council of South Africa (HPCSA) were also consulted, namely the Guidelines for Practice in a Culturally and Linguistically Diverse South Africa and the Guidelines for Good Practice in the Healthcare Professions: General Ethical Guidelines for the Healthcare Professions.

- The guidelines rely on available research evidence.
- They were developed by an independent and unbiased guideline development group.
- The guideline development group are committed to the promotion of equality, equity, and diversity.
- The guidelines comprise an integrated list of recommendations made by SLTs and caregivers, as obtained from a scoping review and two qualitative research studies.

DEVELOPMENT OF THE GUIDELINES

The guidelines are based on the findings of the following three articles:

1. Botha, M., Gerber, B. & Van der Merwe, A. 2021. Barriers in cross-linguistic and cross-cultural paediatric speech-language therapy and strategies for promoting culturally safe practices: a scoping review. LitNet Akademiese Joernaal. 18(3):673–701.
2. Botha, M. & Gerber, B. 2023. Cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention: the lived experiences of speech-language therapists. LitNet Akademiese Joernaal. 20(2):449–97.
3. Botha, M, Gerber, B & van der Merwe A. 2024. Cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention: the lived experiences of caregivers. (accepted for publication)

Method of development: The strategies and recommendations put forward by SLTs from England, the United States, Canada, Brazil, Hong Kong and the Eastern Cape province of South Africa as well as the suggestions of caregivers in the Eastern Cape were integrated into a single, general list of recommendations. These were analysed, from which 14 guiding principles were identified.

Guideline development group: The guideline developers were three SLTs with clinical and research experience of cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention as well as a nursing practitioner and researcher with specific expertise in the selected research methodology.

How to use the guidelines

Each of the 14 guiding principles are accompanied by one to seven recommendations that SLTs may follow to achieve the specific guideline. Direct guidelines are divided by target group, namely caregivers, interpreters, families, children, and SLTs. Indirect guidelines apply to SLTs only.

Declaration of dependence: This study was made possible by financial assistance from the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* as well as Stellenbosch University's Postgraduate Bursary Office. The funders' views have not had any impact on the content of the guidelines.

Target users and target population

The **target users** of this guideline document are SLTs who deliver cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention to a **target population** consisting of caregivers and families of children below the age of three as well as other role players such as interpreters.

DIRECT GUIDELINES

Direct guideline principles refer to those guidelines and recommendations which the SLT can apply during the early communication session with the caregiver.

GUIDELINES RELATING TO CAREGIVERS

1 Prioritise dignity and respect language preferences, different cultures, convictions, and value systems.

1.1 Respect the caregiver's perception of the reason why the child presents with a communication delay/disability (e.g. a punishment or curse, failure to perform traditional rituals, witchcraft, bad luck, etc.) as well as how it could be treated (e.g. supernatural healing, traditional medicine, etc.).

1.2 Take note and be cognisant of traditional healing practices.

1.3 Offer privacy to caretakers who have religious clothing items to remove and put back on.

1.4 Ask the caregiver about the child's home language development to account for the impact of linguistic diversity on assessment and intervention.

1.5 Take note of caretakers' attitudes towards Western therapies, which have likely been influenced by colonisation or other historical factors, as well as their ideas relating to indigenous knowledge and African philosophy.

1.6 Avoid offending the caregiver in conversations about cultural customs by communicating with the utmost respect, sensitivity, and care.

2 Make innovative and situation-appropriate adaptations in communication.

2.1 Speak slower, simplify grammatical structure of spoken language, and use gestures where necessary.

2.2 Frequently repeat key concepts and use comparisons and demonstrations to explain them.

2.3 Use concrete methods such as written words, pictures, diagrams, and videos to support abstract ideas and explanations.

2.4 Where needed, change how the caregiver addresses you to neutralise power imbalances, e.g. use your first name rather than 'doctor'.

3 Facilitate caregiver participation and monitor caregiver understanding

3.1 Ask the caregiver to reformulate the child's speech and language diagnosis in their own words. The same could be done with home programmes, asking the caregiver to explain in their own words how the home programme can be carried out at home.

3.2 Welcome and encourage the caregiver's questions and observe the caregiver's reaction when important information is shared.

3.3 Allow sufficient opportunity for the caregiver to practise and master certain techniques, during the therapy session, thereby monitoring understanding.

4 Secure caregiver buy-in, participation, and feedback.

4.1 Prepare and inform the caregiver as to what could be expected during assessment and therapy, jointly plan objectives, and forge a partnership.

4.2 Embrace and encourage the caregiver's suggestions as to how therapy activities may be modified at home to be more appropriate.

4.3 Encourage the caregiver to actively take part in the therapy session rather than waiting outside the room.

4.4 Ask the caregiver about their observations at home while the home program activities are carried out in the child's natural environment.

4.5 Ask the caregiver to keep a record of which home-based activities work well and which do not, and discuss this during the therapy session.

4.6 Supply goal-oriented activities, along with checklists that the caregiver can use at home to indicate whether the tasks were carried out successfully or not.

4.7 Where possible, invite the caregiver to phone the practice/hospital/clinic with any questions that may arise at home or after the therapy session.

[1] When the caregiver and child's first language or cultural background differs from the SLT's.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2
LitNet Akademies
litnet

PRACTICAL GUIDELINES FOR CROSS-LINGUISTIC AND CROSS-CULTURAL(CLCC)[1] EARLY COMMUNICATION INTERVENTION (ECI)

DIRECT GUIDELINES

Direct guideline principles refer to those guidelines and recommendations which the SLT can apply in the session with the caregiver.

GUIDELINES RELATING TO THE FAMILY

5 Understand and engage the family, embracing their uniqueness.

5.1 Get to know and understand dynamics and unique circumstances of the family.

5.2 Invite family members to attend the therapy sessions and afford them a chance to share tips and strategies that they are using at home.

5.3 Invite the caregiver to bring along an older child from the household to the therapy sessions to facilitate carry-over of therapy goals at home.

GUIDELINES RELATING TO THE CHILD

6 Engage the child in modelling techniques and create opportunities for individual and group interactions.

6.1 Model intervention techniques with the child rather than merely explaining them.

6.2 Consider group therapy in order to offer children the opportunity to interact with one another and with caregivers.

GUIDELINES RELATING TO INTERPRETERS

7 Train interpreters.

7.1 Use the same interpreter, where possible.

7.2 Inform the interpreter of the purpose of the therapy session beforehand.

7.3 Request the interpreter to translate the complete message, including any caregiver comments.

7.4 Ensure that the caregiver consents to the use of an interpreter.

7.5 When addressing the caregiver, make eye contact with the caregiver rather than with the interpreter.

GUIDELINES RELATING TO THE SLT

8 Optimise your own understanding of the child's functioning.

8.1 Use dynamic assessment.

8.2 Obtain input from the child's educator where possible.

9 Be sensitive to the unique needs and challenges of the child and caregiver – flexibility in terms of how therapy is applied, resources, and good use of time.

9.1 Offer multiple opportunities for assessment in various contexts such as the home, practice, clinic or school, where possible.

9.2 Be flexible, not every client can be treated 'by the book'.

9.3 Use items that are similar to those available in the child's natural environment, e.g. everyday items or homemade toys rather than store-bought toys. Alternatively, the caregiver may be asked to bring along items from the home so that their application in communication intervention could be illustrated.

9.4 Respect the caregiver's time and utilise the full 30 to 60 minutes of the session, especially where caregivers face challenges with time, transport, and transport costs. Where possible, try to implement systems that ensure caregivers and children are seen for therapy on a regular basis.

9.5 Be 'hands-on' and focus all your attention on the caregiver and child. Guard against over-explaining and question-and-answer sessions taking up too much time.

INDIRECT GUIDELINES

Indirect guideline principles refer to guidelines and recommendations SLTs can implement to commit themselves daily to culturally responsive CLCC ECI.

GUIDELINES RELATING TO THE SLT

10 Promote the profession and develop strategies to enhance curricula and accelerate diversification of the workforce.

10.1 Participate in and plan awareness campaigns to promote the profession among Grade 10-12 learners.

10.2 Plan and conduct campaigns among different communities and caregivers to raise awareness of speech-language delays/disorders and the SLT's role in treating these.

10.3 Motivate for amendments to early communication intervention curricula, particularly with regard to working with caregivers to ensure that therapy objectives are successfully transferred to the child's home environment.

10.4 Motivate for the appointment of more SLTs and more SLTs that represent the language and culture of the clients from specific clinics and hospitals.

11 Ensure that assessment and therapy material suit the caregiver's circumstances and make the necessary adjustments.

11.1 When international, English, standardised test material is adapted informally, engage the caregiver or an interpreter in the translation of instructions to ensure that the child will understand.

11.2 First test the suitability of stimulus pictures, instructions, and directions on neurotypical children from the same linguistic and cultural background before applying them to children with communication delays/disorders.

12 Consult other stakeholders in the field of cross-linguistic and cross-cultural speech-language therapy to enhance your own expertise.

12.1 Persons who may be consulted in this regard include colleagues who work across linguistic and cultural boundaries, multicultural friends or family members, as well as persons who serve as cultural interpreters or cultural brokers.

13 Deepen your empathy by connecting with the 'inner person' and understanding clients' potential discomfort in context.

13.1 Develop empathy for clients by imagining having to consult a doctor or other healthcare professional whose first language or culture is different from yours while you speak only broken English.

14 Make an effort to expand your own knowledge of cultural customs and languages – be culturally competent[2].

14.1 Learn at least a few words or phrases in the home language of the caregiver and child. Learn how to greet in their home language. Ask the caregiver to assist with the acquisition of new words in the child's home language and produce flashcards so that basic words are always visible in the therapy room.

14.2 Conduct home visits where possible and take part in cultural events or gatherings.

14.3 Explore online or mobile apps that support communication with the caregiver/child in their home language, e.g. Google Translate.

14.4 Identify the head of the household. Engage this person in decision-making and share important information regarding the child's diagnosis and progress with them.

[2]Cultural competence is a dynamic and complex process requiring ongoing self-assessment, continuous cultural education, openness to others' values and beliefs, and a willingness to share one's own values and beliefs. This is a process that evolves over time. It begins with understanding one's own culture, continues through reciprocal interactions with individuals from various cultures, and extends through one's own lifelong learning.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Bylaag B

Afrikaanse vertaling van die riglyne

PRAKTIESE RIGLYNE VIR KRUISLINGUISTIESE EN -KULTURELE (KLEK)[1] VROEË KOMMUNIKASIE-INTERVENSIE (VKI)

Doel	
Hierdie dokument beskryf moontlike aanpassings in die praktyke van spraak-taalterapeute (STT's) wat kruislinguistiese en -kulturele (KLEK) vroeë kommunikasie-intervensie (VKI) onderneem. Die riglyne, wat bestaan uit voorstelle of idees uit die literatuur, is bedoel vir implementering op grond van STT's se eie oordeel oor, en ervaring van, wat in bepaalde omstandighede met versorgers en kinders werk. Die dokument is veronderstel om bestaande riglyne vir kruislinguistiese en -kulturele VKI aan te vul. Die doel van die riglyne is om die lewering van navorsingsgegronde kultuurresponsiewe spraak-taalterapiepraktyke te ondersteun. Kultuurresponsiewe praktyke maak deel uit van die vier kernbeginsels van VKI en speel 'n rol in die lewering van toeganklike en toepaslike dienste.	Die riglyne is gegrond op die Britse National Institute for Health and Care Excellence (NICE) se handleiding van riglyne en die AGREE II-instrument vir die bevordering van riglynontwikkeling. Daarbenewens is twee riglyndokumente van die Beroepsraad vir professionele gesondheidsorglui van Suid-Afrika (HPCSA) geraadpleeg, naamlik die *Riglyne vir praktykvoering in 'n kultureel en linguisties diverse Suid-Afrika*, en die *Riglyne vir goeie praktyk in die gesondheidsorgberoepe: Algemene etiekriglyne vir die gesondheidsorgberoepe*. • Die riglyne berus op beskikbare navorsingsbewyse. • Dit is deur 'n onafhanklike en onpartydige riglynontwikkelingsgroep opgestel. • Die riglynontwikkelingsgroep is verbind tot die bevordering van gelykheid, billikheid en diversiteit. • Die riglyne bestaan uit 'n geïntegreerde lys aanbevelings van STT's en versorgers wat uit 'n omvangsbepaling en twee kwalitatiewe navorsingstudies verkry is.

[1] Wanneer die versorger en kind se huistaal of kultuur van die STT s'n verskil.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Ontwikkeling van die riglyne	
Die riglyne is gegrond op die bevindinge van die volgende drie artikels: 1. Botha, M., Gerber, B. en Van der Merwe, A. 2021. **Struikelblokke in kruislinguistiese en -kulturele pediatriese spraak-taalterapie en strategieë vir die bevordering van kultuurveilige praktyke: 'n omvangsbepaling**. *LitNet Akademies*, 18(3):673–701. 2. Botha, M. en Gerber, B. 2023. **Kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie: die geleefde ervarings van spraak-taalterapeute**. *LitNet Akademies*, 20(2):449–97. 3. Botha, M., Gerber, B. en Van der Merwe, A. 2024. **Kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie: die geleefde ervarings van versorgers** (aanvaar vir publikasie).	**Ontwikkelingsmetode:** Die strategieë en aanbevelings van STT's in Engeland, die Verenigde State, Kanada, Brasilië, Hongkong en die Oos-Kaapprovinsie van Suid-Afrika sowel as die voorstelle van Oos-Kaapse versorgers is in 'n enkele, algemene lys aanbevelings geïntegreer. Uit die daaropvolgende ontleding van die lys is 14 riglynbeginsels geïdentifiseer. **Riglynontwikkelingsgroep:** Die riglynontwikkelaars was drie STT's met kliniese en navorsingservaring in kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie, sowel as 'n verpleegkundige en 'n navorser met spesifieke kundigheid in die gekose navorsingsmetodologie.
Teikengebruikers en -populasie	
Die **teikengebruikers** van hierdie riglyndokument is STT's wat kruislinguistiese en -kulturele vroeë kommunikasie-intervensie lewer aan 'n **teikenpopulasie** wat bestaan uit versorgers en gesinne van kinders onder driejarige ouderdom én ander rolspelers soos tolke.	
Hoe om die riglyne te gebruik	
Elk van die 14 riglyne word vergesel van een tot sewe aanbevelings wat STT's kan volg om die bepaalde riglyn te verwesenlik. Direkte riglyne is ingedeel volgens teikengroep, naamlik versorgers, tolke, gesinne, kinders en STT's. Indirekte riglyne is slegs op STT's van toepassing.	**Afhanklikheidsverklaring**: Hierdie studie is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns sowel as die Universiteit Stellenbosch se Nagraadse Beursafdeling. Die finansiers se menings het geensins die inhoud van die riglyne beïnvloed nie.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

PRAKTIESE RIGLYNE VIR KRUISLINGUISTIESE EN -KULTURELE (KLEK) VROEË KOMMUNIKASIE-INTERVENSIE (VKI)

Direkte riglyne[2]	Riglyne	Aanbevelings		
Riglyne met betrekking tot versorgers	1. Stel menswaardigheid voorop en respekteer taalvoorkeure, verskillende kulture, oortuigings en waardestelsels.	1.1 Respekteer die versorger se opvatting van die rede vir die kind se kommunikasieagterstand/afwyking (byvoorbeeld 'n straf of vloek, versuim om tradisionele rituele uit te voer, heksery, ongeluk, ensovoorts) én van hoe dit behandel kan word (byvoorbeeld bonatuurlike genesing, tradisionele geneeskunde, ensovoorts). 1.2 Neem kennis en wees bewus van tradisionele genesingsgebruike.	1.3 Bied privaatheid vir versorgers wat geloofsverwante kledingstukke moet uit- en aantrek. 1.4 Vra die versorger uit oor die kind se huistaalontwikkeling om die impak van taaldiversiteit op assessering en intervensie in berekening te bring. 1.5 Neem kennis van versorgers se ingesteldheid teenoor Westerse terapie, wat moontlik deur kolonisasie of ander geskiedkundige faktore beïnvloed is, sowel as hulle idees oor inheemse kennis en Afrika-filosofie.	1.6 Verhoed dat die versorger aanstoot neem wanneer daar oor kulturele gebruike gepraat word deur beleefd, taktvol en versigtig te kommunikeer.
	2. Maak innoverende en omstandigheidsgepaste kommunikasie-aanpassings.	2.1 Praat stadiger, gebruik eenvoudiger grammatika in gesproke taal, en gebruik gebare waar dit nodig is. 2.2 Herhaal sleutelbegrippe gereeld en gebruik vergelykings en demonstrasies om dit te verduidelik.	2.3 Gebruik konkrete metodes soos geskrewe woorde, prente, diagramme en video's om abstrakte idees en verduidelikings aan te vul. 2.4 Maak die nodige aanpassings in hoe die versorger jou aanspreek om magswanbalanse te neutraliseer, soos om jou voornaam eerder as 'dokter' te gebruik.	

[2] Direkte riglyne is riglyne en aanbevelings wat die STT in die sessie met die versorger kan toepas.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

	3. Fasiliteer die versorger se deelname, en moniteer begrip.	3.1 Vra die versorger om die kind se spraak-taaldiagnose in hulle eie woorde te herformuleer. Dieselfde kan met tuisprogramme gedoen word deur die versorger te vra om in hulle eie woorde te verduidelik hoe die tuisprogram by die huis uitgevoer kan word.	3.2 Verwelkom en moedig die versorger se vrae aan en neem waar hoe die versorger reageer wanneer belangrike inligting oorgedra word. 3.3 Gee die versorger genoeg geleentheid om sekere tegnieke gedurende die terapiesessie te oefen en te bemeester, en moniteer sodoende begrip.	
	4. Verseker die versorger se aanvaarding (buy-in), betrokkenheid en terugvoer.	4.1 Berei die versorger voor vir wat gedurende assessering en terapie verwag kan word, stel saam doelwitte, en vorm ’n vennootskap. 4.2 Verwelkom en moedig die versorger se voorstelle aan oor hoe terapie-aktiwiteite tuis aangepas kan word om meer toepaslik te wees.	4.3 Moedig die versorger aan om aktief aan die terapiesessie deel te neem eerder as om buite die vertrek te wag. 4.4 Vra die versorger uit oor wat hulle by die huis waargeneem het toe die tuisprogram in die kind se natuurlike omgewing uitgevoer is. 4.5 Laat die versorger rekord hou van watter aktiwiteite tuis werk en watter nie, en bespreek dit gedurende die terapiesessie. 4.6 Skryf doelgerigte aktiwiteite voor, en gee die versorger ’n kontrolelys wat tuis afgemerk kan word om te wys of die take suksesvol uitgevoer is of nie.	4.7 Waar dit moontlik is, nooi die versorger om die praktyk/ hospitaal/kliniek te bel met enige vrae wat tuis of ná die terapiesessie ontstaan.
Riglyne met betrekking tot die gesin	5. Begryp en betrek die gesin, en aanvaar hulle uniekheid.	5.1 Leer ken en verstaan die dinamiek en unieke omstandighede van die gesin.	5.2 Nooi gesinslede om die terapie-sessies by te woon en bied hulle ’n geleentheid om te gesels oor die wenke en strategieë wat hulle tuis gebruik.	5.3 Nooi die versorger om ’n ouer kind uit die huishouding na die terapiesessies saam te bring om terapiedoelwitte tuis te help oordra.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Riglyne met betrekking tot die kind	6. Betrek die kind by modellerings-tegnieke, en skep geleenthede vir individuele en groepsinteraksies.	6.1 Modelleer intervensietegnieke met die kind eerder as om dit net te verduidelik.	6.2 Oorweeg groepterapie sodat kinders met mekaar en met versorgers interaksie kan hê.	
Riglyne met betrekking tot tolke	7. Lei tolke op.	7.1 Gebruik so ver moontlik dieselfde tolk. 7.2 Lig die tolk vooraf oor die doel van die terapiesessie in. 7.3 Versoek die tolk om alles te tolk, ook enige kommentaar van die versorger.	7.4 Maak seker dat die versorger tot die gebruik van ’n tolk toestem. 7.5 Wanneer die versorger aangespreek word, maak oogkontak met die versorger, en nie met die tolk nie.	
Riglyne met betrekking tot die STT	8. Optimaliseer jou eie begrip van die kind se funksionering.	8.1 Gebruik dinamiese assessering.	8.2 Win kommentaar in van die kind se opvoeder, waar dit moontlik is.	
	9. Wees sensitief vir die versorger en kind se unieke behoeftes en uitdagings – wees buigsaam ten opsigte van hoe terapie toegepas, hulp-middele aangewend en tyd bestee word.	9.1 Bied verskeie geleenthede vir assessering in verskillende omgewings, soos by die huis, praktyk, kliniek of skool, waar dit moontlik is. 9.2 Wees buigsaam, want nie elke kliënt kan ‘volgens die reël’ behandel word nie. 9.3 Gebruik items wat soortgelyk is aan dié in die kind se natuur-like omgewing, soos alledaag-se items, of tuisgemaakte eer-der as gekoopte speelgoed. As alternatief, kan die versorger gevra word om items van die huis af saam te bring sodat die gebruik daarvan in kommunikasie-intervensie geïllustreer kan word.	9.4 Respekteer die versorger se tyd en benut die volle 30 tot 60 minute van die sessie, veral waar versorgers uitdagings met tyd, vervoer en vervoerkoste ervaar. Probeer so ver moontlik stelsels in werking stel om te sorg dat versorgers en kinders gereeld terapie bywoon.	9.5 Wees prakties en betrokke, en spits ál jou aandag op die versorger en die kind toe. Wees versigtig dat oormatige verduidelikings en vraag-en-antwoordsessies nie te veel tyd in beslag neem nie.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Indirekte riglyne[3]	Riglyne	Aanbevelings	
Riglyne met betrekking tot die STT	10. Bevorder die beroep, en ontwikkel strategieë om kurrikulums te versterk en diversifisering van die werksmag te bespoedig.	10.1 Neem deel aan en beplan bewusmakingsveldtogte om die beroep onder leerders in graad 10 tot 12 te bevorder. 10.2 Beplan en onderneem veldtogte onder verskillende gemeenskappe en versorgers om hulle van kommunikasie-agterstande/-afwykings en die STT se rol in die behandeling daarvan bewus te maak.	10.3 Doen voorspraak vir aanpassings in kurrikulums vir vroeë kommunikasie-intervensie, veral ten opsigte van samewerking met versorgers om te sorg dat terapiedoelwitte suksesvol na die kind se tuisomgewing oorgedra word. 10.4 Doen voorspraak vir die aanstelling van meer STT's, en veral ook meer STT's wat die taal en kultuur van die kliënte van spesifieke klinieke en hospitale verteenwoordig.
	11. Sorg dat assesserings- en terapiemateriaal gepas is vir die versorger se omstandighede, en maak die nodige aanpassings.	11.1 Wanneer internasionale, Engelse, gestandaardiseerde toetsmateriaal informeel aangepas word om 'n kind te assesseer, betrek die versorger of 'n tolk by die vertaling van instruksies om seker te maak dat die kind sal verstaan.	11.2 Toets eers die geskiktheid van stimulusprente, instruksies en opdragte onder neurotipiese kinders met dieselfde taal- en kultuur-agtergrond voordat dit vir kinders met kommunikasie-agterstande/-afwykings gebruik word.
	12. Raadpleeg ander belanghebbendes op die gebied van kruislinguistiese en -kulturele spraak-taalterapie om jou eie kundigheid uit te brei.	12.1 Persone wat in hierdie verband geraadpleeg kan word, sluit in kollegas wat oor taal- en kultuurgrense heen praktiseer, multikulturele vriende of familielede, en persone wat as kultuurtolke ("cultural interpreters") of kultuurbemiddelaars ("cultural brokers") optree.	

[3] Indirekte riglyne is riglyne en aanbevelings wat STT's kan gebruik om hulleself daagliks tot kultuurresponsiewe KLEK VKI te verbind.

Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

	13. Verdiep jou empatie deur ’n band met ‘die mens agter die mens’ te vorm en kliënte se moontlike ongemak in die konteks te verstaan.	13.1 Ontwikkel empatie vir kliënte deur jou in te dink hoe dit moet wees om ’n konsultasie te hê met ’n dokter of ander professionele gesondheidsorgverskaffer wie se huistaal of kultuur van joune verskil, en jy kan net gebroke Engels praat.		
	14. Doen moeite om jou eie kennis van kulturele gebruike en tale uit te brei – wees kultuurbevoeg.[4]	14.1 Leer ten minste ’n paar woorde of frases in die versorger en kind se huistaal. Leer groet in hulle huistaal. Vra die versorger om bystand te bied met die aanleer van nuwe woorde in die kind se huistaal, en maak flitskaarte sodat basiese woorde altyd in die terapiekamer sigbaar is.	14.2 Lê tuisbesoek af indien dit moontlik is, en neem deel aan kulturele geleenthede of byeenkomste. 14.3 Ondersoek aanlyn of mobiele toepassings wat jou kan help om in die versorger/kind se huistaal met hulle te kommunikeer, soos Google Translate.	14.4 Identifiseer en betrek die hoof van die huishouding by besluitneming. Voorsien dié persoon van belangrike inligting oor die kind se diagnose en vordering.

[4] Die dinamiese en komplekse proses van kulturele bevoegdheid vereis voortdurende self-assessering, voortgesette kulturele opvoeding, ’n ontvanklikheid vir ander se waardes en oortuigings, en ’n gewilligheid om ander van jou eie waardes en oortuigings te vertel. Dit begin met ’n begrip van jou eie kultuur, word uitgebrei deur wederkerige interaksies met individue van verskillende kulture, en duur voort deur jou eie lewenslange leer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Bylaag C

Investigating cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention: the lived experiences of speech-language therapists and caregivers

Aim of this study:

1. To develop a guideline document for speech therapists working in early communication intervention with caregivers and children from various linguistic and cultural backgrounds.
2. To conduct a stakeholder review of the guideline document and make changes based on the recommendations and feedback provided by stakeholders.

Why do we invite you to participate? You are invited to participate because you fit the selection criteria for this study. You have indicated that you are a registered speech-language therapist with experience in cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention in South Africa.

What will your responsibilities be? You will be asked to read a guideline document and thereafter, complete a questionnaire in the format of an online survey. Reading the guideline document should take you 5–10 minutes and the completion of the questionnaire should take you approximately 15–20 minutes.

Will you benefit from taking part in this research? There is no financial benefit to you for participating in this study. However, the benefit may lie in your contribution to the outcome of the study, thus an opportunity to make your voice and your opinion heard. You may also find the experience beneficial and appreciate that the most important benefit would be in contributing to the value and quality of speech-language therapy services. The insights provided may assist in the process of making speech therapy more accessible and culturally relevant in South Africa.

Are there any risks involved in your taking part in this research? There are no risks involved. Please note that your personal information will remain anonymous when the data from your survey is used. Please note that such online surveys are not being run from a

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

"secure" https server of the kind typically used to handle credit card transactions, creating a small possibility that responses could be viewed by unauthorised third parties (e.g. computer hackers). *Do not reveal your identity by "replying to all" on group email correspondence.*

Permission to have all anonymous data shared with journals: When this study has been completed, the researcher would like to publish results of the study in research journals. In the publication, the data will be aggregated and not traceable. However, many journals now require the sharing of anonymous data with them before publishing the results as part of an effort to validate that the study did take place. Therefore, by completing the survey, you give permission to have your anonymous data shared with journals.

If you do not agree to take part, what alternatives do you have? If you do not agree to take part, you may feel free to indicate so. You are welcome to contact me on 082 434 9000 should you change your mind or if you want to discuss the research aims and your responsibilities. There will be no alternative opportunity to participate in the research at a later stage.

Who will have access to your information? Everything you say in the questionnaire will be kept private and confidential. Only the principal investigator will know your email address and what information you have provided. When your answers from the questionnaire are disseminated, a pseudonym will be used (e.g. Participant 32) and you will remain completely anonymous at all times. The electronic data will be stored in a password protected file and kept until the completion of the PhD project (October 2024).

Will you be paid to take part in this study and are there any costs involved? You will not be paid to take part in the study and there will be no additional costs. The results of this study will be made available to you should you wish to receive it. Please make your request known by email to marietteb@sun.ac.za.

Is there anything else that you should know or do? You can phone the Health Research Ethics Committee at 021 938 9677/9819 if you have a question or complaint.

Should you wish to keep a copy of this information for your records, we kindly advise you to take a screenshot or save a copy of the consent information provided in this link. Please click here.

By clicking NEXT you are confirming that you:

- have read and understood the above explanation about the study;
- agree to participate and
- understand that your participation in this study is strictly voluntary.

Tick the option you choose for anonymous data sharing with journals:

- I agree to have my anonymous data shared with journals during publication of results of this study

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

- I do not agree to have my anonymous data shared with journals during publication of results of this study

Tick the option you choose for storage and reuse of data for studies in the future:

◯ I agree that my information (data) may be stored for future research in a field related to guidelines for cross-linguistic and -cultural early communication intervention.

◯ I do not want information (data) to be stored for reuse for future studies.

Please select only the statements that apply to you:

You will have access to the biographical detail form and survey once you select all the following criteria:

☐ I am a registered speech-language therapist.

☐ I am working/worked as a therapist or researcher or lecturer in early communication intervention.

☐ I am working/worked with the caregivers of children under 3 years whose first language or cultural background differs from mine.

Please indicate your age bracket:

◯ 25 and younger

◯ 26–35

◯ 36–45

◯ 46–55

◯ 56–65

◯ 66–75

◯ 76 and older

Highest qualification:

◯ Baccalaureus ◯ Master's ◯ Doctorate

Indicate the context where you work in cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention:

- Private practice/hospital
- Public hospital/clinic
- ☐ School
- University

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

How many years of experience do you have working in cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention?

◯ Less than 3 years
◯ 3–6 years
◯ 6–10 years
◯ More than 10 years

Please select the province in which you work:

◯ Eastern Cape ◯ Free State ◯ Gauteng
◯ KwaZulu-Natal ◯ Limpopo
◯ Mpumalanga ◯ Northern Cape ◯ North-West
◯ Western Cape

Please read the guideline document by clicking HERE. Please save the document and open it in a separate tab.

You may need to refer back to the guideline document while you are completing this survey, so please keep the tab with the guideline document open. Please remember to SAVE AND EXIT if you need to take a break and complete the survey at a later stage.

Next: Please indicate your answers to the following statements concerning the guideline document:

Domain 1: The scope and purpose of the guidelines

1. The overall purpose of the guidelines is specifically described.

Strongly Disagree 1
Disagree 2
Neutral 3
Agree 4
Strongly Agree 5

2. The population (caregivers and families of children below the age of three) to whom the guidelines are meant to apply is specifically described.

Strongly Disagree 1
Disagree 2
Neutral 3
Agree 4
Strongly Agree 5

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Any comment or feedback you would like to provide regarding the purpose or the target population of the guidelines?

Domain 2: Stakeholder involvement

3. The target users of the guidelines are clearly defined in the document.

Strongly Disagree 1

Disagree 2

Neutral 3

Agree 4

Strongly Agree 5

4. The guideline development group includes individuals from relevant health care professional groups.

Strongly Disagree 1

Disagree 2

Neutral 3

Agree 4

Strongly Agree 5

Any comment or feedback you would like to give regarding the target users of the guidelines or the professions of the persons who developed the document?

Domain 3: Trustworthiness of the development process

5. The method for formulating the guidelines is clearly described.

Strongly Disagree 1

Disagree 2

Neutral 3

Agree 4

Strongly Agree 5

Any comment or feedback you would like to give regarding the method of the development process?

Domain 4: Clarity of presentation

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

6. The guidelines are specific and unambiguous.

Strongly Disagree 1

Disagree 2

Neutral 3

Agree 4

Strongly Agree 5

Any comment or feedback you would like to give regarding the clarity of the recommendations? Please indicate the number of the recommendation which you are commenting on.

Domain 5: Applicability

7. The guidelines are relevant to the South African context.

Strongly Disagree 1

Disagree 2

Neutral 3

Agree 4

Strongly Agree 5

Any comment or feedback you would like to give regarding the applicability of the recommendations? Please indicate the number of the recommendation which you are commenting on.

Domain 6: Editorial independence

8. The authors have declared that there is no conflict of interest.

Strongly Disagree 1

Disagree 2

Neutral 3

Agree 4

Strongly Agree 5

Any comment or feedback you would like to give regarding the editorial independence?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Overall guideline assessment

1. Rate the overall quality and feasibility of the guidelines.

Lowest Possible Quality 1

Low Quality 2

Neutral 3

High Quality 4

Highest Possible Quality 5

Any comment or feedback you would like to give regarding the quality and feasibility of the guidelines? Please indicate the number of the guideline and/or recommendation which you are commenting on.

2. I would recommend the guidelines for use.

Yes

Yes, with modifications

No

If you answered 'No', please state your reason(s).

Thank you for taking the survey. Please forward the survey link to any speech therapist/s that might be interested in participating.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

Bylaag D

Finale weergawe van “Praktiese riglyne vir KLEK VKI”-dokument
(’n Groter weergawe is hier beskikbaar: https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2025/06/KLEK-VKI-Bylaag-D.pdf)

PRACTICAL GUIDELINES FOR CROSS-LINGUISTIC AND CROSS-CULTURAL(CLCC)[1]EARLY COMMUNICATION INTERVENTION (ECI)[2]

AIM

This document describes potential adaptations to the practices of speech-language therapists (SLTs) who undertake cross-linguistic and cross-cultural (CLCC) early communication intervention (ECI) i.e. intervention with children below 3 years with communication difficulties. The guidelines, which comprise proposals or recommendations taken from the literature, are intended for implementation based on SLTs' own discretion and experience of what works in specific scenarios with caregivers and children. The guidelines apply to all communication disorders that lead to communication difficulties in young children and to the caregivers of pre-school children whose communication difficulties are identified late. The document is meant to complement existing guidelines for cross-linguistic and cross-cultural ECI.

The purpose of the guidelines is to support culturally responsive speech-language therapy practices that are underpinned by research. Culturally responsive practices form part of the four key principles of ECI and plays a role in providing accessible and appropriate services.

The guidelines are based on the NICE Guidelines Manual and the AGREE II Framework for Advancing Guideline Development. Two guideline documents of the Health Professions Council of South Africa (HPCSA) were also consulted, namely the Guidelines for Practice in a Culturally and Linguistically Diverse South Africa and the Guidelines for Good Practice in the Healthcare Professions: General Ethical Guidelines for the Healthcare Professions.

- The guidelines rely on available research evidence.
- They were developed by an independent and unbiased guideline development group.
- The guideline development group are committed to the promotion of equality, equity, and diversity.
- The guidelines comprise an integrated list of recommendations made by SLTs and caregivers, as obtained from a scoping review and two qualitative research studies.

DEVELOPMENT OF THE GUIDELINES

The guidelines are based on the findings of the following three articles:

1. Botha, M., Gerber, B. & Van der Merwe, A. 2021. Barriers in cross-linguistic and cross-cultural paediatric speech-language therapy and strategies for promoting culturally safe practices: a scoping review. LitNet Akademies. 18(3):673–701.
2. Botha, M. & Gerber, B. 2023. Cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention: the lived experiences of speech-language therapists. LitNet Akademies. 20(2):449–97.
3. Botha, M, Gerber, B & van der Merwe A. 2024. Cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention: the experiences of caregivers (and not lived experiences). LitNet Akademies. 21(2)

Method of development: The strategies and recommendations put forward by SLTs from England, the United States, Canada, Brazil, Hong Kong and the Eastern Cape province of South Africa as well as the suggestions of caregivers in the Eastern Cape were integrated into a single, general list of recommendations. These were analysed, from which 14 guiding principles were identified.

Guideline development group: The guideline developers were three SLTs with clinical and research experience of cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention as well as a nursing practitioner and researcher with specific expertise in the selected research methodology.

How to use the guidelines

Each of the 14 guiding principles are accompanied by one to seven recommendations that SLTs may follow to achieve the specific guideline. Direct guidelines are divided by target group, namely caregivers, interpreters, families, children, and SLTs. Indirect guidelines apply to SLTs only.

Declaration of dependence: This study was made possible by financial assistance from the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* as well as Stellenbosch University's Postgraduate Bursary Office. The funders' views have not had any impact on the content of the guidelines.

Target users and target population

The **target users** of this guideline document are SLTs who deliver cross-linguistic and cross-cultural early communication intervention to a **target population** consisting of caregivers and families of children below the age of three as well as other role players such as interpreters.

[1]When the caregiver and child's first language or cultural background differs from the SLT's.

DIRECT GUIDELINES

Direct guideline principles refer to those guidelines and recommendations which the SLT can apply during the early communication session with the caregiver.

GUIDELINES RELATING TO CAREGIVERS

1 Prioritise dignity and respect language preferences, different cultures, convictions, and value systems.

1.1 Respect the caregiver's perception of the reason why the child presents with a communication delay/disability (e.g. a punishment or curse, failure to perform traditional rituals, witchcraft, bad luck, etc.) as well as how it could be treated (e.g. supernatural healing, traditional medicine, etc.).

1.2 Take note and be cognisant of traditional healing practices.

1.3 Offer privacy to caretakers who have religious clothing items to remove and put back on.

1.4 Ask the caregiver about the child's home language development to account for the impact of linguistic diversity on assessment and intervention.

1.5 Take note of caretakers' attitudes towards Western therapies, which have likely been influenced by colonisation or other historical factors, as well as their ideas relating to indigenous knowledge and African philosophy.

1.6 Avoid offending the caregiver in conversations about cultural customs by communicating with the utmost respect, sensitivity and care. Be cognisant of different verbal and non-verbal communication preferences.

2 Make innovative and situation-appropriate adaptations in communication.

2.1 Speak slower, simplify grammatical structure of spoken language, and use gestures where necessary.

2.2 Frequently repeat key concepts and use comparisons and demonstrations to explain them.

2.3 Use concrete methods such as written words, pictures, diagrams, and videos to support abstract ideas and explanations.

2.4 Where needed, change how the caregiver addresses you to neutralise power imbalances, e.g. use your first name rather than 'doctor'.

3 Facilitate caregiver participation and monitor caregiver understanding.

3.1 Ask the caregiver to reformulate the child's speech and language diagnosis in their own words. The same could be done with home programmes, asking the caregiver to explain in their own words how the home programme can be carried out at home.

3.2 Welcome and encourage the caregiver's questions and observe the caregiver's reaction when important information is shared.

3.3 Allow sufficient opportunity for the caregiver to practise and master certain techniques, during the therapy session, thereby monitoring understanding.

4 Secure caregiver buy-in, participation, and feedback.

4.1 Prepare and inform the caregiver as to what could be expected during assessment and therapy, jointly plan objectives, and forge a partnership.

4.2 Embrace and encourage the caregiver's suggestions as to how therapy activities may be modified at home to be more appropriate.

4.3 Encourage the caregiver to actively take part in the therapy session rather than waiting outside the room.

4.4 Ask the caregiver about their observations at home while the home program activities are carried out in the child's natural environment.

4.5 Ask the caregiver to keep a record of which home-based activities work well and which do not, and discuss this during the therapy session.

4.6 Supply goal-oriented activities, along with checklists that the caregiver can use at home to indicate whether the tasks were carried out successfully or not.

4.7 Where possible, invite the caregiver to phone the practice/hospital/clinic with any questions that may arise at home or after the therapy session.

[2]ECI refers to the raising awareness, prevention, assessment and treatment of speech-language difficulties in children under 3 years of age in collaboration with their caregivers (American Speech-Language-Hearing Association 2008; South African Speech-Language-Hearing Association 2017).

LitNet Akademies
Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d2

PRACTICAL GUIDELINES FOR CROSS-LINGUISTIC AND CROSS-CULTURAL(CLCC)[1] EARLY COMMUNICATION INTERVENTION (ECI)[2]

DIRECT GUIDELINES

Direct guideline principles refer to those guidelines and recommendations which the SLT can apply in the session with the caregiver.

GUIDELINES RELATING TO THE FAMILY

5 Understand and engage the family, embracing their uniqueness.

5.1 Get to know and understand dynamics and unique circumstances of the family.

5.2 Invite family members to attend the therapy sessions and afford them a chance to share tips and strategies that they are using at home.

5.3 Invite the caregiver to bring along an older child from the household to the therapy sessions to facilitate carry-over of therapy goals at home.

GUIDELINES RELATING TO THE CHILD

6 Engage the child in modelling techniques and create opportunities for individual and group interactions.

6.1 Model intervention techniques with the child rather than merely explaining them.

6.2 Consider group therapy in order to offer children the opportunity to interact with one another and with caregivers.

GUIDELINES RELATING TO INTERPRETERS

7 Train interpreters.

7.1 Use the same interpreter, where possible.

7.2 Inform the interpreter of the purpose of the therapy session beforehand.

7.3 Request the interpreter to translate the complete message, including any caregiver comments.

7.4 Ensure that the caregiver consents to the use of an interpreter.

7.5 When addressing the caregiver, make eye contact with the caregiver rather than with the interpreter.

GUIDELINES RELATING TO THE SLT

8 Optimise your own understanding of the child's functioning.

8.1 Use dynamic assessment. Consider the use of home videos. Discuss with caregivers the option of taking a home video of the child in their home environment as an information gathering tool.

8.2 Obtain input from the child's educator where possible.

9 Be sensitive to the unique needs and challenges of the child and caregiver – flexibility in terms of how therapy is applied, resources, and good use of time.

9.1 Offer multiple opportunities for assessment in various contexts such as the home, practice, clinic or school, where possible.

9.2 Be flexible, not every client can be treated the same.

9.3 Use items that are similar to those available in the child's natural environment, e.g. everyday items or homemade toys rather than store-bought toys. Alternatively, the caregiver may be asked to bring along items from the home so that their application in communication intervention could be illustrated.

9.4 Respect the caregiver's time and utilise the full 30 to 60 minutes of the session, especially where caregivers face challenges with time, transport, and transport costs. Where possible, try to implement systems that ensure caregivers and children are seen for therapy on a regular basis.

9.5 Be 'hands-on' and focus all your attention on the caregiver and child. Guard against over-explaining and question-and-answer sessions taking up too much time.

INDIRECT GUIDELINES

Indirect guideline principles refer to guidelines and recommendations SLTs can implement to commit themselves daily to culturally responsive CLCC ECI.

GUIDELINES RELATING TO THE SLT

10 Promote the profession and develop strategies to enhance curricula and accelerate diversification of the workforce.

10.1 Participate in and plan awareness campaigns to promote the profession among Grade 10-12 learners.

10.2 Plan and conduct campaigns among different communities and caregivers to raise awareness of speech-language delays/disorders and the SLT's role in treating these.

10.3 Motivate for amendments to early communication intervention curricula, particularly with regard to working with caregivers to ensure that therapy objectives are successfully transferred to the child's home and school environment.

10.4 Motivate for the appointment of more SLTs and more SLTs that represent the language and culture of the clients from specific clinics and hospitals.

11 Ensure that assessment and therapy material suit the caregiver's circumstances and make the necessary adjustments.

11.1 When international, English, standardised test material is adapted informally, engage the caregiver or an interpreter in the translation of instructions to ensure that the child will understand.

11.2 First test the suitability of stimulus pictures, instructions, and directions on neurotypical children from the same linguistic and cultural background before applying them to children with communication delays/disorders.

12 Consult other stakeholders in the field of cross-linguistic and cross-cultural speech-language therapy to enhance your own expertise.

12.1 Persons who may be consulted in this regard include colleagues who work across linguistic and cultural boundaries, multicultural friends or family members, as well as persons who serve as cultural interpreters or cultural brokers.

13 Deepen your empathy by connecting with the 'inner person' and understanding clients' potential discomfort in context.

13.1 Develop empathy for clients by imagining having to consult a doctor or other healthcare professional whose first language or culture is different from yours while you speak only broken English.

14 Make an effort to expand your own knowledge of cultural customs and languages – be culturally competent[3] and develop cultural humility[4].

14.1 Learn at least a few words or phrases in the home language of the caregiver and child. Learn how to greet in their home language. Ask the caregiver to assist with the acquisition of new words in the child's home language and produce flashcards so that basic words are always visible in the therapy room.

14.2 Conduct home visits where possible and take part in cultural events or gatherings.

14.3 Explore online or mobile apps that support communication with the caregiver/child in their home language, e.g. Google Translate.

14.4 Identify the head of the household. Engage this person in decision-making and share important information regarding the child's diagnosis and progress with them.

[3] "Cultural competence is a dynamic and complex process requiring ongoing self-assessment, continuous cultural education, openness to others' values and beliefs, and a willingness to share one's own values and beliefs. This is a process that evolves over time. It begins with understanding one's own culture, continues through reciprocal interactions with individuals from various cultures, and extends through one's own lifelong learning.

[4] "Cultural humility is a lifelong process of self-reflection and self-critique whereby the individual not only learns about another's culture, but one starts with an examination of her/his own beliefs and cultural identities" (Tervalon & Murray-Garcia, 1998)

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Die ontwikkeling van ’n akademiese-veerkragtigheidskaal (AVS): nommerpas vir die Suid-Afrikaanse konteks

Marien Alet Graham, Karen Roux en Jenette du Plooy

Marien Alet Graham, Departement van Vroeë Kinderonderwys,
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria
Karen Roux, Departement Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys,
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria
Jenette du Plooy, Departement Wetenskap-, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys,
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Veerkragtigheid word verstaan as ’n veelsydige proses wat staatmaak op verskeie hulpbronne wat met verloop van tyd saamwerk. Hierdie artikel rapporteer oor die kwantitatiewe aspek van ’n groter gemengdemetodestudie, met die fokus op die antwoorde van studente met Afrikaans as huistaal. Die doel van die breër gemengdemetodestudie was om ’n betroubare en geldige akademieseveerkragtigheidskaal (AVS) vir die Suid-Afrikaanse konteks te ontwikkel. Die meeste akademieseveerkragtigheidskale is tot dusver ontwikkel vir gebruik in die Globale Noorde, en geen skale is nog spesifiek vir Suid-Afrika (en die Globale Suide) geskep nie; daarom is daar ’n dringende behoefte om ’n toepaslike skaal vir hierdie konteks te ontwikkel. In hierdie artikel val die fokus egter nie op die vasstelling van die betroubaarheid en geldigheid van die nuutgeskepte AVS nie; dit word in ’n ander artikel bespreek.

Die fokus van hierdie artikel is om die vraelysantwoorde van respondente, wat aangedui het dat hul huistaal Afrikaans is, te rapporteer. Die studie is gebaseer op die sosio-ekologiese-veerkragtigheidsteorie (SEVT), geïntegreer in die konteks-inset-proses-uitset (KIPU)-model, om ’n holistiese oorsig van studente se ervaringe te gee. Die studie het nie-waarskynlikheid-, doelgerigte- en sneeubal-steekproefnemingstegnieke gebruik en alle voorgraadse Opvoedkunde-studente wat tussen 2020 en 2023 ingeskryf was by drie deelnemende Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings, uitgenooi om deel te neem. Van die 343 studente wat die AVS voltooi het, het 64 aangedui dat hul huistaal Afrikaans is. Die AVS het ses faktore, naamlik:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

F1: student-dosentverhouding

F2: akademiese en administratiewe stres

F3: universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie

F4: volharding

F5: sosiale ondersteuningstruktuur, en

F6: tegnologieprobleme.

Die twee faktore wat die sterkste na vore gekom het in terme van *veerkragtigheid*, was die sosiale ondersteuningstruktuur, gevolg deur volharding. Die faktor wat die kleinste rol gespeel het, was tegnologieprobleme. Die studie beveel aan dat hoëronderwysinstellings studente aanmoedig om aan sosiale groepe deel te neem vir emosionele en akademiese ondersteuning, aangesien sosiale ondersteuningstrukture die mees betekenisvolle faktor was. Aangesien volharding as die tweede sterkste faktor geïdentifiseer is, behoort instellings programme te implementeer wat daarop gemik is om volharding by studente te bevorder en te versterk.

Trefwoorde: akademiese veerkragtigheid; akademieseveerkragtigheidskaal (AVS); hoëronderwysinstellings; konteks-inset-proses-uitset (KIPU)-model; sosio-ekologieseveerkragtigheidsteorie (SEVT); veerkragtigheid; voorgraadse studente

Abstract

The development of an academic resilience scale (ARS): a perfect fit for the South African context

Resilience is understood as a multifaceted process, drawing on various contextual and personal resources that interact in complex ways over time. During challenging learning contexts such as COVID-19, load-shedding, and protest movements, students encounter multiple challenges, including social isolation, depression, low self-esteem, academic stress, and technological issues. This article reports on the quantitative aspect of a larger mixed-methods study, focusing on the responses of Afrikaans home language students. The aim of the broader mixed-methods study was to develop a reliable and valid academic resilience scale (ARS) to assess how education students in South African public higher education institutions (HEIs) experience academic *resilience* during challenging learning contexts.

Most academic resilience scales have so far been developed for use in the Global North, and no scales have yet been specifically created for South Africa (and the Global South); therefore, there is an urgent need to develop an appropriate scale for this context. The importance of having resilient education students cannot be overstated, as South Africa is currently facing a significant shortage of teachers – a situation that is worsening according to recent statistics. It has been reported that the demand for qualified educators is increasing due to population growth and the retirement of existing teachers. The inability to retain education students throughout their studies further exacerbates this crisis. If students are not equipped with sufficient resilience, they may struggle to complete their studies, leading to a decrease in the number of trained professionals entering the workforce.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Academic resilience is, therefore, not only crucial for individual student success but also plays a vital role in ensuring the sustainability and effectiveness of the broader education system in South Africa. By ensuring that education students develop resilience, we not only help them to complete their degrees but also ensure that they are better equipped to handle the challenges of the teaching profession. This, in turn, helps to address the critical need for qualified teachers and supports the overall improvement of the South African education system.

In this article, the focus is not on establishing the reliability and validity of the newly created ARS, as this is reported in another paper. The focus of this study is to analyse and report on the questionnaire responses of the respondents who indicated that their home language is Afrikaans. The study was framed by the socio-ecological resilience theory (SERT), embedded within the context-input-process-output (CIPO) model, to provide a holistic overview of students' experiences (Anderies, Folke, Walker and Ostrom 2013; Scheerens 1990). The integration of these theoretical models allows for a comprehensive understanding of resilience as a process influenced by multiple factors. SERT examines resilience as an interaction between individuals and their environment, highlighting how students draw upon various forms of support, both internal and external, to overcome challenges. The CIPO model, on the other hand, provides a structured approach to analysing how different inputs (e.g., student background, institutional support), processes (e.g., coping mechanisms, engagement strategies), and outputs (e.g., academic performance, psychological well-being) contribute to resilience.

The study used non-probability purposive and snowball sampling techniques and invited all undergraduate education students enrolled between 2020 and 2023 at three participating South African HEIs to participate. Of the 343 students that completed the ARS, 64 indicated that their home language was Afrikaans; thus, the results of 64 respondents were considered in this study. The ARS, consisting of 67 questions, has six factors, namely:

F1: student-lecturer relationship

F2: academic and administrative stress

F3: university support, engagement and communication

F4: persistence

F5: social support structure, and

F6: technology issues.

The two factors that came out the strongest in terms of resilience were social support structure followed by persistence. Social support plays a crucial role in enhancing students' resilience, as it provides both emotional and practical assistance. The presence of strong peer networks, mentorship programmes, and supportive academic environments enables students to navigate academic stress more effectively. Persistence, the second strongest factor, is essential for overcoming obstacles, as it reflects students' ability to remain committed to their academic goals despite difficulties. These findings align with global research on academic resilience, which emphasises the importance of social connections and perseverance in educational success. The factor that played the smallest role was technology issues.

The study recommends that, since social support structures emerged as the most significant factor contributing to resilience, higher education institutions should prioritise enhancing both formal and informal support systems for students. This could include expanding access to

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

counselling services and peer mentorship programmes, and creating opportunities for students to engage in supportive communities, both on-campus and online. Institutions should also encourage student involvement in social groups and networks that provide emotional and academic support. Since persistence was identified as the second strongest factor, institutions should implement programmes aimed at fostering and strengthening perseverance in students. This could include offering resilience-building workshops that specifically focus on strategies to enhance persistence and sustain motivation in the face of challenges.

In light of the findings, future research should explore how resilience varies among students from different linguistic and cultural backgrounds in South Africa. Expanding the sample size to include students from various socio-economic backgrounds and institutions could provide deeper insights into the diverse factors influencing resilience. Additionally, longitudinal studies tracking students' resilience levels over time could help identify the long-term impact of resilience-building interventions in higher education.

In conclusion, this study highlights the crucial role of social support and persistence in fostering academic resilience among Afrikaans-speaking undergraduate education students. By addressing the challenges identified in this research, higher education institutions can create a more supportive and resilient student body. The findings contribute valuable knowledge to the field of academic resilience, particularly within the unique South African context, where students face a range of socio-economic and institutional challenges. The development of the ARS provides a valuable tool for assessing and strengthening resilience, ensuring that education students are well-equipped to succeed in both their academic and professional careers.

Keywords: academic resilience; academic resilience scale (ARS); context-input-process-output (CIPO) model; higher education institutions; resilience; socio-ecological resilience theory (SERT) model; undergraduate students

1. Inleiding

Veerkragtigheid, as 'n sielkundige verskynsel, word in sekere individue waargeneem as die vermoë om te oorwin ten spyte van uitdagings (Cassidy 2016). Hierdie studie fokus spesifiek op die ontwikkeling van 'n akademieseveerkragtigheidskaal (AVS), aangepas vir die unieke konteks van Suid-Afrika. *Veerkragtigheid* verteenwoordig die vermoë om te herstel en te floreer teen alle verwagtinge, en word beskou as 'n merkwaardige eienskap van die menslike karakter (Cassidy 2016). Navorsers beskryf *veerkragtigheid* as 'n veelvlakkige proses wat op verskeie kontekstuele en persoonlike hulpbronne steun, wat met verloop van tyd in komplekse wisselwerking is (Coetzee, Ebersöhn, Ferreira en Moen 2017; Ebersöhn 2017; Mansfield, Ebersöhn, Beltman en Loots 2018; Versveld, Graham en Ebersöhn 2022). Verder vereis veer-kragtigheid aanpasbare reaksies onder moeilike omstandighede (Beltman en Mansfield 2018; Ebersöhn 2017; Mansfield e.a. 2018). Die aanpasbaarheid van individue is dinamies en ontwikkel voortdurend onder die invloed van verskeie faktore oor uiteenlopende domeine (Ebersöhn 2017; Masten 2015). Carsone, Bell en Smith (2024) beklemtoon dat akademiese veerkragtigheid die volharding van studente behels om akademiese struikelblokke te oorkom.

Die verdieping in die konsep van veerkragtigheid beklemtoon die ingewikkelde wisselwerking tussen persoonlike eienskappe, omgewingsfaktore en situasionele kontekste. Deur die dinamiese aard van veerkragtigheid te ondersoek, kan navorsers waardevolle insigte verkry oor strategieë om veerkragtigheid onder studente te bevorder en hul opvoedkundige leerervaringe te verbeter.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Die studie poog om die primêre navorsingsvraag aan te pak: Hoe ervaar Afrikaanssprekende Opvoedkundestudente aan Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings akademiese veerkragtigheid tydens tye van uitdagende leerkontekste? Die sekondêre navorsingsvraag wat die primêre navorsingsvraag ondersteun is: Watter faktore dra die meeste by tot hul veerkragtigheid? Die belangrikheid van veerkragtige opvoedkundestudente kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien Suid-Afrika tans ’n beduidende tekort aan onderwysers in die gesig staar – ’n situasie wat volgens onlangse statistiek versleg (Hlengani 2023). Suid-Afrika word gekonfronteer met ’n toenemende tekort aan onderwysers, ’n uitdaging wat deur verskeie faktore vererger word. Teen 2030 word verwag dat die skoolgaande bevolking met 5,6% sal toeneem, wat ’n 6,2%-styging in die aantal onderwysers vereis (Hlengani 2023).

Hierdie toename is benewens die vervanging van onderwysers wat weens aftrede en ander vorme van personeelverlies verdwyn. Verder dra die feit dat baie onderwysers die land verlaat vir posisies in die buiteland, aangetrek deur beter werksomstandighede en salarisse, by tot hierdie probleem (Hlengani 2023). Deur te verseker dat opvoedkundestudente veerkragtigheid ontwikkel, help ons nie net dat hulle hul grade voltooi nie, maar ook dat hulle beter toegerus is om die uitdagings van die onderwysberoep die hoof te bied. Dit help op sy beurt om die kritieke behoefte aan gekwalifiseerde onderwysers aan te pak en ondersteun die algehele verbetering van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

2. Betekenis van die studie

Die Suid-Afrikaanse hoëronderwysstelsel huisves 26 openbare instellings met byna een miljoen studente (Fongwa en Mtawa 2022). Hierdie instellings is die afgelope dekade blootgestel aan verskeie uitdagende leerkontekste, insluitend ekonomiese wanbestuur, studenteprotesbewegings, beurtkrag, arbeidsgeskille en wêreldpandemies (International Crisis Group 2022). In die konteks van hierdie uitdagende omstandighede het dit tot gevolg gehad dat studente verskeie hindernisse te bowe moes kom, soos sosiale isolasie, depressie, lae selfbeeld, akademiese stres en tegnologiese probleme (Widnall, Winstone, Mars, Haworth en Kidger 2020). Hierdie studie het ten doel om ’n beter begrip te ontwikkel van hoe studente aan Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings akademiese veerkragtigheid ervaar tydens tye van uitdagende leerkontekste, en om die faktore te identifiseer wat die meeste bydra tot hul veerkragtigheid. Die resultate van die studie kan help om relevante intervensies te ontwikkel wat studente se volharding bevorder en ondersteuningstelsels versterk. Studente wat veerkragtigheid aan die dag lê en hul studies suksesvol voltooi, dra beduidend by tot die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap. Hul sukses dien as ’n inspirasie vir ander en dra by tot ’n kultuur van volharding en prestasie.

3. Literatuurstudie

Die AVS, wat betroubaar en geldig bewys is (Du Plooy 2025), bevat ses faktore. Hierdie faktore is: Faktor 1 (F1: student-dosentverhouding), Faktor 2 (F2: akademiese en administratiewe stres), Faktor 3 (F3: universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie), Faktor 4 (F4: volharding), Faktor 5 (F5: sosialeondersteuningstruktuur), en Faktor 6 (F6: tegnologieprobleme) wat deur kwalitatiewe inhoudsanalise van onderhoude geïdentifiseer is (sien Afdeling 5.2). Nietemin, in die literatuurstudie bespreek ons agt faktore (Faktor 7 [F7: sosio-ekonomiese status] en Faktor 8 [F8: innovasie in hoëronderwysinstellings]) aangesien daar agt sterk faktore na vore

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

gekom het gedurende die literatuurondersoek. Die literatuurstudie gee ’n oorsig van Suid-Afrikaanse navorsing rakende hierdie agt faktore, alhoewel die laaste twee faktore nie deel vorm van die AVS nie. Neem ook kennis dat alhoewel hierdie studie nie spesifiek op COVID-19 fokus nie, maar eerder op uitdagende leerkontekste in die algemeen, val die klem van die literatuurstudie op COVID-19 weens die onlangse navorsing wat beskikbaar is. Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat die huidige studie enige uitdagende leerkontekssituasie aanroer en nie uitsluitlik oor COVID-19 handel nie.

3.1 Faktor 1: Student-dosentverhouding

F1 (student-dosentverhouding): Die verhouding tussen studente en dosente is ’n kritieke komponent van die akademiese ervaring en beïnvloed studente se veerkragtigheid, betrokkenheid en algehele sukses (Bovill, Cook-Sather, Felten, Millard en Moore-Cherry 2016). Hierdie verhouding, gedefinieer as die sosiale band tussen student en dosent, kan wissel van informele, daaglikse interaksies tot meer diepgaande en blywende verbindings. In die konteks van hoër onderwys, veral tydens uitdagende leerkontekste soos die COVID-19-pandemie, neem die aard en kwaliteit van hierdie verhoudings toe in belangrikheid (Al-Samarraie, Teng, Alzahrani en Alalwan 2018; Fokkens-Bruinsma, Tigelaar, Van Rijswijk en Jansen 2023). Kuo, Walker, Schroder en Belland (2014) beklemtoon die verskil tussen tradisionele aangesig-tot-aangesig-lesings en die skeiding wat kan voorkom in aanlyn- of hibriedeleeromgewings. Die fisiese afstand en afhanklikheid van digitale kommunikasie-instrumente kan hindernisse skep om sterk student-dosentverhoudings te bou en te onderhou.

Hierdie skeiding onderstreep die behoefte dat dosente effektiewe kommunikasiestrategieë moet ontwikkel en robuuste ondersteuning moet bied om te verseker dat studente betrokke bly en ondersteun voel (Kuo e.a. 2014). ’n Kwalitatiewe ondersoek wat in Suid-Afrika uitgevoer is, en sekondêre data-analise gebruik het, wys op ’n toenemende noodsaaklikheid om die impak van die verhouding tussen studente en dosente in hoëronderwysinstellings beter te verstaan (Sundani en Mamokhere 2021). Die belang van student-dosentverhoudinge lê in hul fasilitering van die besluitnemingsproses, die bevordering van gehalte-onderrig en -opleiding, en die verbetering van bestaande leerprogramme (Du Plessis 2016). Verder is die verhouding tussen dosente en studente van kardinale belang vir studente se akademiese, sosiale en emosionele ontwikkeling. Die versterking van die band tussen dosente en studente kan studente se bevoegdheid verhoog. Die studie het daarop gewys dat algemene uitdagings wat die verhouding tussen studente en dosente beïnvloed studentonbetrokkenheid, ongeorganiseerde dosente en lae studentemotivering insluit.

3.2 Faktor 2: Akademiese en administratiewe stres

F2 (akademiese en administratiewe stres): Akademiese en administratiewe stres is betekenisvolle faktore wat die veerkragtigheid en prestasie van studente in hoër onderwys beïnvloed (Altbach, Reisberg en Rumbley 2019). Hierdie vorme van stres is algemeen onder studente en kan voortspruit uit verskeie bronne binne die akademiese omgewing, wat beide hul geestelike en fisiese welstand beïnvloed. Akademiese stres verwys na die druk wat studente ervaar in verband met hul studies. Hierdie stres sluit in die eise van kursuswerk, eksamens, opdragte en die algehele werkslading. Volgens Parkman (2016) kan stres in ’n akademiese konteks manifesteer as ’n fisiese, geestelike of emosionele reaksie wat óf prestasie kan motiveer en stimuleer óf dit kan benadeel en verswak. Die COVID-19-pandemie vereis aansienlike aanpassings in die onderrig- en leerprosesse van hoëronderwysinstellings. In die Suid-Afrikaanse studie deur De la Fuente, Pachón-Basallo, Santos, Peralta-Sánchez, González-Torres, Artuch-Garde en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Gaetha (2021) is die verskille in stresfaktore tussen die akademiese jaar van 2020 en die twee voorafgaande jare bestudeer. Hierdie studie het 642 hoëronderwysstudente tussen die ouderdom van 18 en 25 ingesluit en gebruik gemaak van ’n ex post facto-ontwerp, asook eenvoudige en meervoudige variansie-analises. Die studie vind dat stresfaktore wat verband hou met onderrig, uitkomste soos leerprosesse, emosies en akademiese uitbranding voorspel. Die studie kom tot die gevolgtrekking dat die pandemiejaar nie merkbaar die stresvlakke wat met die onderrigproses verband hou, beïnvloed het nie.

3.3 Faktor 3: Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie

F3 (universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie): In ’n kwalitatiewe studie wat twee Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings insluit en beide studente en dosente betrek, vind Landa, Zhou en Marongwe (2021) dat beide studente en dosente sielkundige nood ervaar as gevolg van ’n fisiese werksomgewing wat onvoldoende is tydens uitdagende leerkontekste. In hul studie beweer hulle dat frustrasie, angs en sielkundige nood onvermydelik is, veral onder die groot groep studente wat in informele nedersettings en dorpe woon met beperkte toegang tot die nodige infrastruktuur vir leer. In twee onlangse Suid-Afrikaanse studies word die beperkte toegang tot noodsaaklike hulpbronne vir studente uit gemarginaliseerde omgewings beklemtoon; hierdie bevindinge onderstreep die dringende noodsaaklikheid van universiteitsondersteuning en -betrokkenheid om hierdie uitdagings te oorbrug (Groenewald 2021; Joorst 2021).

Landa e.a. (2021) benadruk ook dat dit noodsaaklik is dat universiteite ondersteuning bied en aktief betrokke raak in sulke situasies om studente en dosente te help om die sielkundige impak van hierdie uitdagings te hanteer. Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie in hoër onderwys is onderling verwante faktore wat saam studente se akademiese veerkragtigheid verbeter. Wanneer hoëronderwysinstellings omvattende ondersteuningsdienste bied, studente aktief betrek in hul akademiese en buitemuurse aktiwiteite, en duidelike kommunikasiekanale handhaaf, is studente beter toegerus om stres en teenspoed te hanteer (National Academies of Sciences, Engineering, and Medicine 2021). Hierdie holistiese benadering help studente om die vaardighede en denke te ontwikkel wat nodig is om struikelblokke te oorkom, akademiese prestasie te handhaaf en langtermyn-sukses te bereik (National Academies of Sciences, Engineering, and Medicine 2021). Doeltreffende ondersteuningsisteme in hoër onderwys hanteer nie net onmiddellike akademiese behoeftes nie, maar dra ook by tot die algehele welstand van studente. Betrokkenheid kweek ’n gevoel van gemeenskap en geborgenheid, terwyl duidelike kommunikasie verseker dat studente goed ingelig is en hul akademiese reis met selfvertroue kan navigeer. Deur hierdie faktore te prioritiseer, kan hoëronderwysinstellings ’n koesterende omgewing skep wat veerkragtigheid bevorder en studente help om in beide hul akademiese en persoonlike lewens te floreer (AMOSSHE 2018).

3.4 Faktor 4: Volharding

F4 (volharding): Volharding is ’n sielkundige eienskap wat ’n belangrike rol speel in studente se akademiese veerkragtigheid en hulle in staat stel om deur uitdagings en terugslae vol te hou om hul opvoedkundige doelwitte te bereik (Banks en Dohy 2019). Dit behels die vermoë om inspanning en fokus te handhaaf ten spyte van moeilike omstandighede, terugslae of die gebrek aan onmiddellike sukses. In die konteks van akademiese veerkragtigheid verwys volharding na die vasberadenheid en deursettingsvermoë wat studente toon in die nastreef van hul akademiese doelwitte (Strayhorn 2017). Dit sluit in die verbintenis tot leer, die voltooiing van take en die oorwinning van struikelblokke soos akademiese uitdagings, persoonlike probleme of eksterne

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

druk. Volgens Cassidy (2016) en Fu, Hu en Li (2022) is volharding 'n sleutelvoorspeller van akademiese sukses en hou dit verband met hoër vlakke van motivering en prestasie. Intrinsieke motivering, soos persoonlike belangstelling in die vakinhoud of langtermyndoelwitte, kan studente se volharding volhou, selfs wanneer hulle akademiese uitdagings in die gesig staar. Tydens die pandemie was volharding veral belangrik. Sommige instellings, soos die Universiteit van Pretoria, het 24-uur- aanlyn sentrums en oproepsentrums gevestig, en leeranalise het gehelp om persoonlike leer te voorsien terwyl die menslike element behou is. Sommige dosente het byvoorbeeld WhatsApp-profiele opgestel om met studente te kommunikeer tydens eksamens indien daar enige vrae was (Rashid en Yadav 2020). Hierdie soort volharding, van beide universiteite en leerders, was noodsaaklik om die uitdagings van die pandemie te oorkom en akademiese sukses te verseker.

3.5 Faktor 5: Sosiale-ondersteuningstruktuur

F5 (sosiale-ondersteuningstruktuur): Sosiale-ondersteuningstruktuur verwys na die netwerk van verhoudings en hulpbronne waarop individue staatmaak gedurende tye van stres of teëspoed (Adhawiyah, Rahayu en Suhesty 2021). In die konteks van akademiese veerkragtigheid onder studente speel sosiale ondersteuning 'n kritieke rol deur emosionele aanmoediging, praktiese bystand en konstruktiewe terugvoer te bied wat studente se vermoë verbeter om uitdagings die hoof te bied en sukses in hul akademiese strewe te bereik.

Navorsing deur Paul, Sriram, Subalukshmi en Mala (2015) beklemtoon die belangrikheid van sosiale ondersteuning in die bevordering van akademiese veerkragtigheid. 'n Sterk sosiale-ondersteuningstruktuur dien as 'n buffer teen die negatiewe gevolge van stres, isolasie en akademiese uitdagings. Dit verbeter studente se sielkundige welstand, motivering en hul vermoë om met hul studies vol te hou (Saleem, Zia en Mahmood 2023). Positiewe, ondersteunende verhoudings met maats, gesinslede en mentors dra by tot 'n sterk sosiale-ondersteuningsnetwerk (Kwan 2022).

Die beskikbaarheid en toeganklikheid van ondersteuningshulpbronne binne die hoëronderwysomgewing, soos beradingsdienste, portuurmentorprogramme en akademiese-ondersteuningsentrums, dra ook by tot sterk sosiale ondersteuning. Kultuurnorme en gemeenskapswaardes beïnvloed die aard en omvang van sosiale ondersteuning wat aan studente beskikbaar is. Hegte gemeenskappe bied dikwels sterker gesins- en gemeenskapsondersteuningstrukture (Zelviene, Jovarauskaite en Truskauskaite-Kuneviciene 2021). Vir hoëronderwysinstellings behels die bevordering van 'n ondersteunende omgewing die ontwikkeling van inisiatiewe wat sosiale verbindings tussen studente en tussen studente en personeel versterk.

Portuurondersteuningsprogramme, mentorprogramme en gemeenskapsbou-aktiwiteite kan sosiale-ondersteuningstrukture verbeter en bydra tot studente se akademiese sukses en welstand (Permatasari, Ashari en Ismail 2021). Volgens die World Health Organization (2022) is daar sedert die COVID-19-pandemie 'n algehele toename van 27,6% in gevalle van ernstige depressiewe versteurings en 'n 25,6% toename in gevalle van angsversteurings. Hierdie toename, tesame met die ontwrigting van leerroetines en die stabiliteit van 'n veilige leeromgewing, is 'n groot bekommernis in Suid-Afrika (Lee 2020). Uittreekoerse het 'n groter bedreiging geword teen die agtergrond van die COVID-19-pandemie, veral in Suid-Afrika, waar hierdie koerse reeds besonder hoog is, en die sosiale ingebedheid van studente 'n direkte impak op hul akademiese prestasie het (Mthalane, Agbenyegah en Dlamini 2021). In die konteks van die Suid-Afrikaanse onderwys bly uittreekoerse weens COVID-19 'n pertinente en ontwikkelende bekommernis. Die pandemie het

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

wydverspreide ontwrigtings in die onderwysstelsel veroorsaak, wat bestaande uitdagings soos onderwysongelykheid, hulpbronverskille en infrastruktuurbeperkings vererger het. Hierdie ontwrigtings het studente uit gemarginaliseerde gemeenskappe buitensporig geraak, sosio-ekonomiese ongelykhede vererger en die digitale kloof vergroot (Lembani, Gunter, Breines en Dalu 2020). Hierdie elemente kan rampspoedige gevolge hê vir die algehele welstand (fisies en sielkundig) van studente.

3.6 Faktor 6: Tegnologieprobleme

F6 (tegnologieprobleme): In ’n ontwikkelende land soos Suid-Afrika rapporteer baie studente probleme wat verband hou met beperkings op hulpbronne soos verwerkingskrag, geheue, bandwydte of elektrisiteit, wat die prestasie en skaalbaarheid van tegnologiese oplossings kan beïnvloed. Verder, met Suid-Afrika wat gereeld kragonderbrekings (beurtkrag) ervaar, ontstaan daar probleme omdat tegnologie swaar steun op eksterne infrastruktuur, en ontwrigtings in daardie infrastruktuur lei tot diensonderbrekings of beperkings (Dube 2020; Evans 2018).

Tegnologiese uitdagings verwys na probleme, struikelblokke of onderbrekings wat ondervind word in die gebruik van tegnologie binne die akademiese omgewing (Gunter en Raghuram 2018). In die konteks van akademiese veerkragtigheid onder studente, sluit hierdie uitdagings ’n wye verskeidenheid probleme in wat verband hou met hardeware, sagteware, netwerke en digitale platforms wat leer, kommunikasie en toegang tot opvoedkundige hulpbronne beïnvloed (García-Morales, Garrido-Moreno en Martín-Rojas 2021). Tegnologiese uitdagings stel betekenisvolle hindernisse vir studente se akademiese veerkragtigheid, aangesien onderbrekings in aanlyn klasse of assesserings weens tegnologiese mislukkings studente se studieroetines en akademiese vordering kan ontwrig. Dit lei dikwels tot frustrasie en ’n afname in motivering (Akçayır en Akçayır 2017).

Daarby beperk onvoldoende toegang tot digitale hulpbronne en leerplatforms studente se vermoë om ten volle met kursusinhoud te skakel, aan besprekings deel te neem en opdragte betyds te voltooi (Evans 2018). Aanhoudende tegnologiese uitdagings kan ook bydra tot verhoogde stres- en angsvlakke onder studente, veral wanneer hierdie probleme hul vermoë raak om akademiese sperdatums na te kom of doeltreffend deel te neem aan virtuele leeromgewings (Nuere en De Miguel 2021).

3.7 Faktor 7: Sosio-ekonomiese status

F7 (sosio-ekonomiese status): Sosio-ekonomiese status (SES) speel ’n sentrale rol in die vorming van studente se ervarings en uitkomste in hoër onderwys, aangesien dit hul akademiese veerkragtigheid te midde van uitdagings beïnvloed (García-Crespo, Fernández-Alonso en Muñiz 2021). SES verwys na ’n individu of gesin se sosiale en ekonomiese posisie binne die samelewing en word tipies gemeet aan faktore soos inkomste, opvoedingsvlak, beroep en toegang tot hulpbronne. In die konteks van akademiese veerkragtigheid onder studente beïnvloed SES verskeie aspekte van hul opvoedkundige reis, van toegang tot leergeleenthede tot hul vermoë om akademiese stres en terugslag te hanteer (Otieno, Bizimana en Ndayambaje 2015). Studente uit laer SES-agtergronde ondervind dikwels hindernisse in toegang tot kwaliteitonderwys weens finansiële beperkings. Beperkte finansiële hulpbronne kan hul vermoë beperk om klasgeld, handboeke, tegnologie en ander noodsaaklike leermateriaal te bekostig (Rudd, Meissel en Meyer 2021). Hierdie ongelykheid in toegang kan hul akademiese prestasie en algehele veer-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

kragtigheid belemmer, aangesien hulle moontlik nie oor die nodige hulpbronne en ondersteuningsisteme beskik om uitdagings doeltreffend te navigeer nie (Dube 2020).

3.8 Faktor 8: Innovasie in hoëronderwysinstellings

F8 (innovasie in hoëronderwysinstellings): Innovasie is van kardinale belang vir hoëronderwysinstellings om aan te pas, te ontwikkel en te floreer in 'n vinnig veranderende onderwyslandskap. Dit behels die bekendstelling van nuwe idees, metodes, tegnologieë en praktyke wat daarop gemik is om onderrig, leer, navorsing en institusionele werking te verbeter (Seyfried, Ansmann en Pohlenz 2019). Innovasie in hoëronderwysinstellings verbeter nie net opvoedkundige uitkomste nie, maar hanteer ook opkomende studentebehoeftes, maatskaplike eise en globale uitdagings. Innoverende praktyke in hoëronderwysinstellings transformeer tradisionele onderrigmetodes deur tegnologie en digitale hulpmiddels in klaskamers te integreer (Pohlenz 2022). Hierdie benadering verryk die leerervaring, betrek studente meer doeltreffend en akkommodeer diverse leerstyle (Hauptman Komotar 2020).

Virtuele laboratoriums, aanlyn simulasies en interaktiewe leerplatforms bied immersiewe en interaktiewe leergeleenthede wat die grense van fisiese klaskamers oorskry (Du Plessis, Jansen van Vuuren, Simons, Frantz, Roman en Andipatin 2022). Sulke innovasies neem die voorkeure van voorheen benadeelde studente met 'n digitale agterstand in ag en verbeter hul betrokkenheid en die behoud van kursusmateriaal. Hoëronderwysinstellings speel 'n deurslaggewende rol in die generering van nuwe kennis deur navorsing en innovasie. Innovasies in navorsingsmetodologieë, data-analise en interdissiplinêre samewerking stel hoëronderwysinstellings in staat om komplekse maatskaplike uitdagings te takel en by te dra tot globale kennisbevordering (Du Plessis e.a. 2022). Gevorderde navorsingsfasiliteite, vennootskappe met die industrie en befondsing vir innoverende projekte fasiliteer baanbrekende ontdekkings en innovasies wat die breër samelewing bevoordeel.

4. Teoretiese raamwerk

Ons konseptuele raamwerk toon die verband tussen studenteveerkragtigheid en die rol wat verskillende veranderlikes speel deur gebruik te maak van die sosio-ekologieseveerkragtigheidsteorie (SEVT)-model deur die konteks-inset-proses-uitset (KIPU)-model in te sluit om studente se prestasie en veerkragtigheid in hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika tydens uitdagende leerkontekste te evalueer. Beide die SEVT-model en die KIPU-model is konseptuele raamwerke wat gebruik word om komplekse stelsels en hul funksionering te verstaan (Anderies, Folke, Walker en Ostrom 2013; Scheerens 1990). Soos deur Redman, Grove en Kuby (2004) aangedui, oorweeg die SEVT-model verskeie vlakke van analise, insluitend individuele, gemeenskaps-, institusionele en ekosisteemvlakke.

Soos aangedui deur Redman e.a. (2004), fokus die SEVT-model op die interaksie tussen individue, gemeenskappe, instellings en ekosisteme, wat die komplekse faktore weerspieël wat bydra tot die ontwikkeling van veerkragtigheid. Hierdie model beklemtoon die belangrikheid van sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore wat die vermoë van studente beïnvloed om uitdagings in die hoëronderwysomgewing te oorkom. Deur verskeie vlakke van invloede te oorweeg, bevorder die SEVT-model 'n dieper begrip van hoe eksterne en interne faktore die akademiese veerkragtigheid

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

van studente kan versterk, veral in die konteks van Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings wat blootgestel word aan sosiale en ekonomiese uitdagings.

Die huidige studie se aanpassingsiklus volg die KIPU-model van konteks, insette, prosesse en uitsette (Scheerens 1990). Die model volg 'n sistematiese benadering deur vier hoofkomponente te ondersoek:

- **konteks**, wat die eksterne omstandighede en uitdagings insluit;
- **insette**, wat die hulpbronne en ondersteuning weerspieël;
- **prosesse**, wat die aktiwiteite en strategieë behels; en
- **uitsette**, wat die resultate of uitkomste verteenwoordig.

Hierdie model bied 'n gestruktureerde manier om die interaksies tussen veranderlikes binne die onderwysstelsel te analiseer en word toegepas om stelselprestasie te verbeter, sowel as om meer volhoubare en veerkragtige akademiese uitkomste vir studente te skep (Scheerens 1990). Studies in ontwikkelende lande beklemtoon dikwels die invloed van sistemiese ongelykhede, soos beperkte toegang tot gehalte-onderwys en finansiële onstabiliteit, op akademiese veerkragtigheid (Masten 2015). Navorsing deur Scheerens (2015) toon byvoorbeeld aan dat gemeenskaps- en gesinsondersteuningsisteme 'n kritieke rol speel in die bevordering van veerkragtigheid onder Suid-Afrikaanse studente.

Eweneens beklemtoon Ungar (2021) die belangrikheid van kulturele en kontekstuele aanpassings van veerkragtigheidsraamwerke om rekening te hou met die unieke uitdagings wat studente in hulpbronbeperkte omgewings ervaar. Altesaam is die SEVT-model binne die KIPU-model 'n nuttige raamwerk om komplekse stelsels te verstaan en dit word toegepas om stelselprestasie in onderwys, onderrig en leer te verbeter en meer volhoubare en veerkragtige uitkomste vir voorgraadse studente in Suid-Afrika tydens uitdagende leerkontekste te skep.

Dudovskiy (2022) stel dat 'n navorsingsfilosofie beide konseptueel en teoreties is; daarom is ons konseptuele raamwerk van denke gebaseer op die uitgangspunt dat studente met meer deur-settingsvermoë en ondersteuning van hul hoëronderwysinstellings, ouers en vriende meer akademiese veerkragtigheid toon tydens hul studies. Gevolglik toon ons konseptuele raamwerk die verband tussen studenteweerbaarheid deur gebruik te maak van die SEVT-model, sowel as die rol wat verskillende veranderlikes speel, deur die KIPU-model te inkorporeer (sien Figuur 1) om studente se prestasie en veerkragtigheid in hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika tydens uitdagende leerkontekste te assesseer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3



Figuur 1. Aangepaste SEVT-model binne die KIPU-model

Nota: Hierdie figuur integreer die SEVT van Ostrom (1990) binne die KIPU-model van Scheerens (1990). Aangesien nóg Ostrom (1990) nóg Scheerens (1990) oorspronklik onder ’n Creative Commons-lisensie gepubliseer het, is die aanpassing gebaseer op die weergawe wat deur Redman e.a. (2004) in *Ecosystems* gepubliseer is, wat beskikbaar is onder ’n Creative Commons-lisensie (CC BY 4.0) wat van toepassing is op hul Open Access-artikels.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

5. Navorsingsmetodologie

5.1 Navorsingsbenadering

Hierdie artikel rapporteer oor die kwantitatiewe aspek van ’n groter gemengdemetodestudie, met die fokus op die antwoorde van studente met Afrikaans as huistaal. Die doel van die breër gemengdemetodestudie was om ’n betroubare en geldige AVS te ontwikkel om te bepaal hoe studente in Suid-Afrikaanse openbare hoëronderwysinstellings akademiese veerkragtigheid ervaar tydens uitdagende leerkontekste. In hierdie artikel val die fokus egter nie op die vasstelling van die betroubaarheid en geldigheid van die nuutgeskepte AVS nie, aangesien dit in ’n ander artikel bespreek word (dié artikel is tans onder hersiening by ’n joernaal; die verhandeling is tans onder embargo en sal aan die begin van die jaar 2028 vrygestel word [Du Plooy 2025]). Die fokus van hierdie studie is om die kwantitatiewe vraelysantwoorde van respondente, wat aangedui het dat hul huistaal Afrikaans is, te analiseer en te rapporteer. Die gebruik van ’n kwantitatiewe benadering lei tot objektiewe resultate (Wagemaker 2020). Hierdie benadering is gewortel in die filosofiese paradigma van positivisme, wat die wêreld as meetbaar en objektief waarneembaar beskou. Positivisme fokus op die insameling en analise van empiriese data om universele waarhede te identifiseer en voorspellings te maak. Deur patrone, tendense en verhoudings binne groot hoeveelhede data te identifiseer, verseker dit dat die resultate nie subjektiewe interpretasies weerspieël nie, maar eerder gebaseer is op meetbare en toetsbare feite. Figuur 2 bied ’n visuele oorsig van die breër gemengdemetodestudie, met spesifieke fokus op die kwantitatiewe strategie. Om hierdie strategie duideliker te beklemtoon, is die rame van die betrokke blokke dikker gemaak.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3



Figuur 2. Visuele voorstelling van die groter gemengdemetodestudie

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

5.2 Instrument en gehalteversekering

Die AVS bestaan uit 67 Likert-tipe vrae, georganiseer in ses faktore, naamlik F1: student-dosent-verhouding, F2: akademiese en administratiewe stres, F3: universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie, F4: volharding, F5: sosiale-ondersteuningstruktuur en F6: tegnologie-probleme. Hierdie ses faktore is verkry deur onderhoude met Opvoedkundestudente aan Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings te voer (sien Du Plooy 2025 vir besonderhede van die kwalitatiewe gedeelte van die breër gemengdemetodestudie). In die literatuurstudie was daar twee addisionele faktore wat na vore gekom het (na ’n deeglike literatuurstudie), maar uit die kwalitatiewe inhoudsanalise van die onderhoude het die laaste twee faktore (F7 [sosio-ekonomiese status] en F8 [innovasie in hoëronderwysinstellings]) nie deel uitgemaak van die AVS nie, aangesien dit nie binne die spesifieke konteks van hierdie studie tydens die onderhoude na vore gekom het nie.

Die AVS het ook ’n biografiese afdeling waar geslag, huistaal en ander biografiese besonderhede gevra is. In hierdie studie het ons gefokus op die biografiese vraag van huistaal en het slegs die antwoorde van die 64 respondente ontleed wat aangedui het dat hul huistaal Afrikaans is. Die AVS is deur Suid-Afrikaanse navorsers ontwikkel en die komplekse vyf-faseproses wat die ontwikkeling van die skaal behels het, en hoe betroubaarheid en geldigheid van die nuutgeskepte AVS bepaal is, word in ’n ander artikel gerapporteer (dié artikel is tans onder hersiening by ’n joernaal; die verhandeling is tans onder embargo en sal aan die begin van die jaar 2028 vrygestel word [Du Plooy 2025]).

5.3 Populasie, steekproef en steekproefstrategie

Die populasie van die studie is alle voorgraadse Opvoedkundestudente wat tussen 2020 en 2023 ingeskryf was by drie deelnemende Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings. Rakende die grootte van die populasie: Die *VitalStats* (2021)-verslag van die Raad op Hoër Onderwys (Council of Higher Education) toon aan dat 192 714 studente in 2021 ingeskryf was vir Onderwysgrade by openbare hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika. As hierdie inskrywingsgetalle relatief konstant oor die jare gebly het, kan die geskatte kumulatiewe totaal onderwysstudente vir die periode van 2020 tot 2023 ongeveer tussen 770 000 en 800 000 studente wees.

Daarbenewens moet ons noem dat slegs drie hoëronderwysinstellings ingestem het om deel te neem aan die studie, en om die presiese aantal onderwysstudentinskrywings per jaar per hoëronderwysinstelling deur te gee, kan moontlik die anonimiteit van die hoëronderwysinstellings tot niet maak indien lesers met die getalle vertroud is. Die hele populasie was uitgenooi om deel te wees van die studie. Die insluitingskriteria was slegs dat die deelnemers voorgraadse Opvoedkundestudente moes wees wat tussen 2020 en 2023 ingeskryf was by deelnemende Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings; daar was geen beperkinge in terme van, byvoorbeeld, ’n spesifieke opvoedkundefase nie. Uitsluitingskriteria: (i) nie-voorgraadse studente, m.a.w. enige persoon wat nie as ’n voorgraadse Opvoedkundestudent tussen 2020 en 2023 ingeskryf was nie, is uitgesluit, (ii) nie-inskrywing by deelnemende instellings, (iii) ander huistale (respondente wat aangedui het dat Afrikaans nie hul huistaal is nie), en (iv) enige student wat nie die vereiste ingeligtetoestemmingsvorm onderteken het nie.

Van die toeganklike steekproef (343 studente wat die AVS voltooi het), het 64 aangedui dat hul huistaal Afrikaans is; hierdie 64 studente vorm dus die steekproef van die studie en hul resultate is in hierdie artikel oorweeg. Hierdie artikel rapporteer oor die kwantitatiewe aspek

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

van ’n breër gemengdemetodestudie waar nie-waarskynlikheids-, doelgerigte steekproefneming gebruik is aangesien voorgraadse Opvoedkundestudente in hoëronderwysinstellings geteiken is omdat die huidige studie daarop fokus om kennis van Suid-Afrikaanse voorgraadse onderwysstudente se akademiese veerkragtigheid te verkry. Sneeubal-steekproefneming is verder ingesluit waar studente gevra is om die uitnodiging uit te brei na enige ander studente wat aan die kriteria voldoen en wat moontlik nie die aanvanklike uitnodiging ontvang het nie (Palinkas, Horwitz, Green, Wisdom, Duan en Hoagwood 2015).

5.4 Veranderlikes en data-analise

Die kwantitatiewe data is deur ’n Qualtrics-opname ingesamel en verwerk deur gebruik te maak van Statistical Package for Social Science (SPSS) weergawe 29. Beskrywende statistiek, soos maatstawwe van lokaliteit (gemiddelde en mediaan) en maatstawwe van spreiding (standaardafwyking en interkwartielafstand), is gebruik. Die Friedman-toets word gebruik om te toets of daar verskille is tussen drie of meer verwante groepe se mediane. Dit is ’n nie-parametriese alternatief vir die herhaalde metings Analise van Variansie (Analysis of Variance / ANOVA) en word dikwels gebruik wanneer die data nie normaal versprei is nie. Die Kolmogorov-Smirnov-toets het gewys dat die faktore se spreiding betekenisvol van normaal verskil ($p > 0,05$), dus is ’n nie-parametriese toets gebruik en die mediaan en die interkwartielafstand word saam met die gemiddelde en die standaardafwyking gerapporteer, aangesien die Friedman-toets toets of mediane betekenisvol van mekaar verskil.

6. Resultate

Tabel 1 toon die beskrywende statistiek van die faktore vir die studente met Afrikaans as huistaal. Die faktore is georganiseer vanaf die hoogste gemiddelde en mediaan na die laagste.

Tabel 1. Beskrywende statistiek van die faktore vir die studente met Afrikaans as huistaal

Faktor	Gemiddelde (Mediaan)	Standaardafwyking (Interkwartielafstand)
F5: Sosiale-ondersteuningstruktuur	3,69 (3,73)	0,67 (0,95)
F4: Volharding	3,55 (3,54)	0,72 (0,75)
F3: Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie	3,30 (3,25)	0,66 (0,70)
F1: Student-dosentverhouding	3,28 (3,21)	0,73 (1,06)
F2: Akademiese en administratiewe stres	3,08 (3,10)	0,61 (0,72)
F6: Tegnologieprobleme	2,59 (2,50)	0,99 (1,13)

Aangesien die Likert-skaal van 1 tot 5 strek met ’n middelpunt van 3, dui ’n gemiddelde en mediaan groter as 3 daarop dat die respondente oor die algemeen sterk saamgestem het met die stellings wat die betrokke faktor uitmaak. Aan die ander kant, indien die gemiddelde en mediaan kleiner as 3 is, het die respondente geneig om nie met die stellings saam te stem nie. Vir al die faktore, behalwe F6 (tegnologieprobleme), is die gemiddelde en mediaan groter as 3, wat aandui dat die Afrikaanssprekende groep oor die algemeen saamgestem het dat sosiale-ondersteuningstrukture en volharding ’n belangrike rol in hul veerkragtigheid gespeel het tydens tye van krisis.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Dit word gevolg deur universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie, en laastens die student-dosentverhouding. Hoewel die gemiddelde en mediaan van F2 (akademiese en administratiewe stres) effens groter as 3 is, moet daarop gelet word dat beide waardes baie naby aan die middelpunt (3 = neutraal) van die Likert-skaal is, wat aandui dat die Afrikaanssprekende respondente redelik neutraal was oor die rol van akademiese en administratiewe stres in hul veerkragtigheid. Die gemiddelde en mediaan van F6 (tegnologieprobleme) was onder die middelpunt van 3, wat daarop dui dat die Afrikaanssprekende studente oor die algemeen nie gevoel het dat tegnologieprobleme vir hulle 'n groot uitdaging was nie. Die Friedman-toets is gebruik om te toets of die manier waarop die studente geantwoord het, per skaal, betekenisvol van mekaar verskil. Die Friedman-toetsstatistiek (59,356) het 'n *p*-waarde van $p < 0{,}001$, wat aandui dat daar wel betekenisvolle verskille tussen die groepe is. Paarsgewyse vergelykings is gebruik om te sien waar hierdie betekenisvolle verskille is; sien Tabel 2.

Tabel 2. Friedman-toets se paarsgewyse vergelykings

Faktore wat paarsgewys vergelyk word	Toets-statistiek	Standaard-fout	Gestandaardi-seerde toets-statistiek	*p*-waarde
F6: Tegnologieprobleme – F2: Akademiese en administratiewe stres	1,016	0,331	3,071	0,002*
F6: Tegnologieprobleme – F1: Student-dosentverhouding	1,242	0,331	3,756	<0,001*
F6: Tegnologieprobleme – F3: Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie	1,344	0,331	4,063	<0,001*
F6: Tegnologieprobleme – F4: Volharding	1,867	0,331	5,646	<0,001*
F6: Tegnologieprobleme – F5: Sosiale-ondersteuningstruktuur	2,359	0,331	7,134	<0,001*
F2: Akademiese en administratiewe stres – F1: Student-dosentverhouding	0,227	0,331	0,685	0,493
F2: Akademiese en administratiewe stres – F3: Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie	-0,328	0,331	-0,992	0,321
F2: Akademiese en administratiewe stres – F4: Volharding	-0,852	0,331	-2,575	0,010*
F2: Akademiese en administratiewe stres – F5: Sosiale-ondersteuningstruktuur	-1,344	0,331	-4,063	<0,001*
F1: Student-dosentverhouding – F3: Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie	-0,102	0,331	-0,307	0,759
F1: Student-dosentverhouding – F4: Volharding	-0,625	0,331	-1,890	0,059

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Faktore wat paarsgewys vergelyk word	Toets-statistiek	Standaard-fout	Gestandaardi-seerde toets-statistiek	*p*-waarde
F1: Student-dosentverhouding – F5: Sosiale ondersteuningstruktuur	-1,117	0,331	-3,378	0,001*
F3: Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie – F4: Volharding	-0,523	0,331	-1,583	0,113
F3: Universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie – F5: Sosiale-ondersteuningstruktuur	-1,016	0,331	-3,071	0,002*
F4: Volharding – F5: Sosiale-ondersteuningstruktuur	-0,492	0,331	-1,488	0,137

*$p < 0,05$



Figuur 3. F1 se paarsgewyse vergelykings – betekenisvolle verskille met swart aangedui

Uit Figuur 3 kan gesien word dat F1 (student-dosentverhouding) se mediaan nie betekenisvol verskil van die mediane daarrondom nie, maar wel betekenisvol verskil van die grootste mediaan (F5: sosiale-ondersteuningstruktuur) en die kleinste mediaan (F6: tegnologieprobleme).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3



Figuur 4. F2 se paarsgewyse vergelykings – betekenisvolle verskille met swart aangedui

Uit Figuur 4 kan gesien word dat F2 (akademiese en administratiewe stres) se mediaan nie betekenisvol verskil van F1 (Student-dosentverhouding) en F3 (universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie) se mediane nie, maar wel met dié van die res van die faktore.



Figuur 5. F3 se paarsgewyse vergelykings – betekenisvolle verskille met swart aangedui

Uit Figuur 5 kan gesien word dat F3 (universiteitsondersteuning, -betrokkenheid en -kommunikasie) se mediaan nie betekenisvol verskil van die mediane daarrondom nie, maar wel betekenisvol verskil van die grootste mediaan (F5: sosiale ondersteuningstruktuur) en die kleinste mediaan (F6: tegnologieprobleme).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3



Figuur 6. F4 se paarsgewyse vergelykings – betekenisvolle verskille met swart aangedui

Uit Figuur 6 kan gesien word dat F4 (volharding) se mediaan betekenisvol verskil van die twee laagste mediane, naamlik F2 (akademiese en administratiewe stres) en F6 (tegnologieprobleme).



Figuur 7. F5 se paarsgewyse vergelykings – betekenisvolle verskille met swart aangedui

Uit Figuur 7 kan gesien word dat die mediaan van F5 (sosiale-ondersteuningstruktuur) betekenisvol verskil van al die ander mediane, behalwe dié van F4 (volharding).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3



Figuur 8. F6 se paarsgewyse vergelykings – betekenisvolle verskille met swart aangedui

Uit Figuur 8 kan gesien word dat die laagste mediaan van F6 (tegnologieprobleme) betekenisvol verskil van al die ander mediane.

7. Bespreking

Die twee faktore wat die sterkste na vore gekom het in terme van veerkragtigheid, was die sosiale-ondersteuningstruktuur, gevolg deur volharding. Die resultate het gewys dat die mediaan van F5 (sosiale-ondersteuningstruktuur) betekenisvol verskil van al die ander mediane, behalwe dié van F4 (volharding), wat aandui watter sterk rol ’n sosiale-ondersteuningstruktuur speel in Afrikaanssprekende studente se veerkragtigheid. Die faktor wat die kleinste rol gespeel het, was tegnologieprobleme, en die resultate het getoon dat die mediaan van hierdie faktor so laag was, dat dit betekenisvol verskil het van al die ander mediane, wat toon dat Afrikaanssprekende studente nie voel dat tegnologieprobleme ’n rol speel in hul veerkragtigheid nie.

8. Beperkings en idees vir toekomstige navorsing

Die steekproef bestaan slegs uit Afrikaanssprekende studente, wat die bevindinge moontlik minder toepaslik maak vir breër studentepopulasies in Suid-Afrika of ander kontekste. Die gebruik van sneeubal-steekproefneming kan moontlik seleksievooroordeel veroorsaak, aangesien die respondente waarskynlik ander deelnemers van soortgelyke agtergronde of belangstellings gewerf het. Aangesien dit ’n deursnitstudie was en nie longitudinaal nie, kan oorsaaklike

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

verhoudings nie vasgestel word nie, en toekomstige navorsing kan oorweeg om dieselfde groep studente met verloop van tyd te volg om oorsaaklike faktore van veerkragtigheid vas te stel.

9. Aanbevelings

Oor die algemeen vorm die bevindinge van hierdie studie die grondslae vir die ontwikkeling van ’n AVS wat spesifiek aangepas is vir die unieke uitdagings en kontekste van die Suid-Afrikaanse hoëronderwysomgewing. Aangesien die twee faktore wat die sterkste na vore gekom het in terme van veerkragtigheid die sosiale-ondersteuningstruktuur en volharding was, word die volgende aanbevelings gemaak: Die studie beveel aan dat, aangesien sosiale-ondersteuningstrukture na vore gekom het as die mees betekenisvolle faktor wat tot veerkragtigheid bydra, hoëronderwysinstellings prioriteit moet gee aan die versterking van beide formele en informele ondersteuningsisteme vir studente. Uitbreiding van formele ondersteuning: (i) beradingsdienste (verhoogde beskikbaarheid van professionele berading vir studente wat akademiese en emosionele uitdagings ervaar); (ii) portuurmentorskap (skep mentorskapprogramme waar senior studente ondersteuning bied aan jonger of nuweling-studente); en (iii) skep van ondersteuningsentrums (fokus op sentrums wat spesifiek ontwerp is om studente te ondersteun met akademiese en nie-akademiese kwessies, beide in-persoon op kampus en aanlyn). Versterking van informele ondersteuningsnetwerke: (i) sosiale netwerkaktiwiteite (organiseer gereelde kampusaktiwiteite om interaksies tussen studente te fasiliteer); en (ii) gemeenskapsbou (bevorder ’n gevoel van geborgenheid deur studentegroepe en klubs te versterk). Aangesien volharding as die tweede sterkste faktor geïdentifiseer is, behoort instellings programme te implementeer wat daarop gemik is om volharding by studente te bevorder en te versterk. Dit kan insluit die aanbied van werkswinkels vir die bou van veerkragtigheid wat spesifiek fokus op strategieë om volharding te verbeter en motivering te handhaaf ten spyte van uitdagings.

10. Etiese oorwegings

Etiese klaring is verkry van die Etiekkomitee van die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Opvoedkunde voordat data-insameling begin het (EDU008/23). Toestemming is ook verleen deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, en toestemming is verkry van die dekane van die deelnemende hoëronderwysinstellings deur ondertekende toestemmingsvorms, wat ons toegelaat het om voort te gaan. Ingeligte toestemming van voorgraadse studente is ook verkry, wat verseker het dat deelname vrywillig was, met die versekering van anonimiteit en vertroulikheid. Anonimiteit en vertroulikheid is streng gehandhaaf gedurende die data-insameling deur alle persoonlike identifiseerbare inligting te verwyder en data te koppel aan unieke kodegetalle eerder as name. Gedurende data-insameling is respondente ingelig dat hulle te eniger tyd kon onttrek sonder enige gevolge. Alle data is veilig geberg op ’n wagwoord-beskermde skootrekenaar (Universiteit van Pretoria 2021). Hierdie stappe het nie net die beskerming van deelnemers verseker nie, maar ook bygedra tot die betroubaarheid en geloofwaardigheid van die resultate deur riglyne vir etiese data-insameling en -hantering daar te stel.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Bibliografie

Adhawiyah, R., D. Rahayu en A. Suhesty. 2021. The effect of academic resilience and social support towards student involvement in online lecture. *Gadjah Mada Journal of Psychology*, 7(2):212–24. https://doi.org/10.22146/gamajop.68594.

Akçayır, M. en G. Akçayır. 2017. Advantages and challenges associated with augmented reality for education: A systematic review of the literature. *Educational Research Review*, 20:1–11. https://doi.org/10.1016/j.edurev.2016.11.002.

Al-Samarraie, H., B.K. Teng, A.I. Alzahrani en N. Alalwan. 2018. E-learning continuance satisfaction in higher education: A unified perspective from instructors and students. *Studies in Higher Education*, 43(11):2003–19. https://doi.org/10.1080/03075079.2017.1298088.

Altbach, P.G., L. Reisberg en L.E. Rumbley. 2019. Quality assurance, accountability, and qualification frameworks. In Altbach, Reisberg en Rumbley (reds.) 2019:51–64.

Altbach, P.G., L. Reisberg en L.E. Rumbley (reds.). 2019. *Trends in global higher education: Tracking an academic revolution*. Rotterdam: Brill.

Anderies, J.M., C. Folke, B. Walker en E. Ostrom. 2013. Aligning key concepts for global change policy: Robustness, resilience, and sustainability. *Ecology and Society*, 18(2):1–16. http://dx.doi.org/10.5751/ES-05178-180208.

Banks, T. en J. Dohy. 2019. Mitigating barriers to persistence: A review of efforts to improve retention and graduation rates for students of color in higher education. *Higher Education Studies*, 9(1):118–31. https://doi.org/10.5539/hes.v9n1p118.

Beltman, S. en C.F. Mansfield. 2018. Resilience in education: An introduction. In Wosnitza, Peixoto, Beltman en Mansfield (reds.) 2018:3–9. https://doi.org/10.1007/978-3-319-76690-4_20.

Bovill, C., A. Cook-Sather, P. Felten, L. Millard en N. Moore-Cherry. 2016. Addressing potential challenges in co-creating learning and teaching: Overcoming resistance, navigating institutional norms and ensuring inclusivity in student-staff partnerships. *Higher Education*, 71:195–208. https://doi.org/10.1007/s10734-015-9896-4.

Carsone, B., J. Bell en B. Smith. 2024. Fostering academic resilience in higher education. *Journal of Perspectives in Applied Academic Practice*, 12(1):68–75.

Cassidy, S. 2016. The Academic Resilience Scale (ARS-30): A new multidimensional construct measure. *Frontiers in Psychology*, 7:1787. https://doi.org/10.3389/fpsyg.2016.01787.

Coetzee, S., L. Ebersöhn, R. Ferreira en M. Moen. 2017. Disquiet voices foretelling hope: Rural teachers' resilience experiences of past and present chronic adversity. *Journal of Asian and African Studies*, 52(2):201–16. https://doi.org/10.1177/0021909615570955.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Council of Higher Education. 2021. *VitalStats public and private higher education data 2021*. https://www.che.ac.za/sites/default/files/publications/PUB_VitalStats%202021_Public%20and%20Private%20Higher%20Education%20Data_2023%5B66%5D.pdf?utm_source=chatgpt.com (25 Januarie 2025 geraadpleeg).

De la Fuente, J., M. Pachón-Basallo, F.H. Santos, F.J. Peralta-Sánchez, M.C. González-Torres, R. Artuch-Garde en M.L. Gaetha. 2021. How has the COVID-19 crisis affected the academic stress of university students? The role of teachers and students. *Frontiers in Psychology*, 12:626340. https://doi.org/10.3389/fpsyg.2021.626340.

Dube, B. 2020. Rural online learning in the context of COVID 19 in South Africa: Evoking an inclusive education approach. *REMIE: Multidisciplinary Journal of Educational Research*, 10(2):135–57. https://dialnet.unirioja.es/servlet/articulo?codigo=7606310.

Dudovskiy, J. 2022. *The ultimate guide to writing a dissertation in business studies: A step-by-step assistance*. 7de uitgawe. British Research Methodology.

Du Plessis, L. 2016. Depolarisering van onderrig en navorsing: Besinning deur aksie-navorsing by ’n tradisionele universiteit. *LitNet Akademies*, 13(1):371–95.

Du Plessis, M., C.D. Jansen van Vuuren, A. Simons, J. Frantz, N. Roman en M. Andipatin. 2022. South African higher education institutions at the beginning of the Covid-19 pandemic: Sense-making and lessons learnt. *Frontiers in Education*, 6:740016. https://doi.org/10.3389/feduc.2021.740016.

Du Plooy, J. 2025. A resilience perspective of teaching and learning in South African higher education institutions during crises. PhD-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Ebersöhn, L. 2017. A resilience, health and well-being lens for education and poverty. *South African Journal of Education*, 37(1):a1392. https://doi.org/10.15700/saje.v37n1a1392.

Evans, O. 2018. Connecting the poor: the internet, mobile phones and financial inclusion in Africa. *Digital Policy, Regulation and Governance*, 20(6):568–81. https://doi.org/10.1108/DPRG-04-2018-0018.

Fokkens-Bruinsma, M., E.H. Tigelaar, M.M. van Rijswijk en E.P.W.A. Jansen. 2023. Preservice teachers’ resilience during times of COVID-19. *Teachers and Teaching*, 30(7–8):1083–096. https://doi.org/10.1080/13540602.2023.2172391.

Fongwa, S.N., T.M. Luescher, N.N. Mtawa en J. Mataga (reds.). 2022. *Universities, society and development: African perspectives of university community engagement in secondary cities*. African Sun Media. http://hdl.handle.net/20.500.11910/19541.

Fongwa, S.N. en N.N. Mtawa. 2022. University community engagement: From narrow conceptions towards a multidimensional framing. In Fongwa, Luescher, Mtawa en Mataga (reds.) 2022:21–44. http://hdl.handle.net/20.500.11910/19541.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Fu, Y., D. Hu en X. Liu. 2022. International doctoral students negotiating support from interpersonal relationships and institutional resources during COVID-19. *Current Issues in Comparative Education*, 24(1):26–40. https://eric.ed.gov/?id=EJ1336649.

García-Crespo, F.J., R. Fernández-Alonso en J. Muñiz. 2021. Academic resilience in European countries: The role of teachers, families, and student profiles. *Plos One*, 16(7):e0253409. https://doi.org/10.1371/journal.pone.0253409.

García-Morales, V.J., A. Garrido-Moreno en R. Martín-Rojas. 2021. The transformation of higher education after the COVID disruption: Emerging challenges in an online learning scenario. *Frontiers in Psychology*, 12:616059. https://doi.org/10.3389/fpsyg.2021.616059.

Groenewald, E. 2021. Die teenwerking van leerderuitdagings in ’n plattelandse skool: Aspirasionele kapitaal as navigasiemiddel. *LitNet Akademies*, 18(2):489–508.

Gunter, A. en P. Raghuram. 2018. International study in the global south: Linking institutional, staff, student and knowledge mobilities. *Globalisation, Societies and Education*, 16(2):192–207. https://doi.org/10.1080/14767724.2017.1401453.

Hauptman Komotar, M. 2020. Discourses on quality and quality assurance in higher education from the perspective of global university rankings. *Quality Assurance in Education*, 28(1):78–88.

Hlengani, T. 2023. Teacher shortage looms as SA fails to meet growing demand for schooling. *Mail & Guardian*. https://mg.co.za/education/2023-03-23-teacher-shortage-looms-as-sa-fails-to-meet-growing-demand-for-schooling (23 Junie 2024 geraadpleeg).

International Crisis Group. 2022. South Africa. Crisisgroup.org. https://www.crisisgroup.org/africa/southern-africa/south-africa (18 Oktober 2022 geraadpleeg).

Joorst, J. 2021. Die rol van nie-akademiese mentorskap om studente uit gemarginaliseerde groepe by ’n universiteit te laat inskakel – ’n gevallestudie. *LitNet Akademies*, 18(1):423–49.

Kuo, Y.-C., A.E. Walker, K.E.E. Schroder en B.R. Belland. 2014. Interaction, internet self-efficacy, and self-regulated learning as predictors of student satisfaction in online education courses. *Internet and Higher Education*, 20:3550. http://dx.doi.org/10.1016/j.iheduc.2013.10.001.

Kwan, J. 2022. Academic burnout, resilience level, and campus connectedness among undergraduate students during the COVID-19 pandemic: Evidence from Singapore. *Journal of Applied Learning and Teaching*, 5(Sp. uitgawe 1):52–63. https://doi.org/10.37074/jalt.2022.5.s1.7.

Landa, N., S. Zhou en N. Marongwe. 2021. Education in emergencies: Lessons from COVID-19 in South Africa. *International Review of Education*, 67(1):167–83. https://doi.org/10.1007/s11159-021-09903-z.

Lee, J. 2020. Mental health effects of school closures during COVID-19. *The Lancet Child & Adolescent Health*, 4(6):421. https://doi.org/10.1016/S2352-4642(20)30109-7.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Lembani, R., A. Gunter, M. Breines en M.T.B. Dalu. 2020. The same course, different access: The digital divide between urban and rural distance education students in South Africa. *Journal of Geography in Higher Education*, 44(1):70–84. https://doi.org/10.1080/03098265.2019.1694876.

Mansfield, C.F., L. Ebersöhn, S. Beltman en T. Loots. 2018. Great southern lands: Making space for teacher resilience in South Africa and Australia. In Wosnitza, Peixoto, Beltman en Mansfield (reds.) 2018:53–71. https://doi.org/10.1007/978-3-319-76690-4_4.

Masten, A.S. 2015. Pathways to integrated resilience science. *Psychological Inquiry*, 26(2):187–96. https://doi.org/10.1080/1047840X.2015.1012041.

Mthalane, P., A. Agbenyegah en B. Dlamini. 2021. Reflection on student drop-out against the backdrop of COVID-19 in the South African educational context amongst marginalised groups of students. *African Sociological Review*, 25(1):194–217. https://www.jstor.org/stable/10.2307/48630986 (20 Maart 2022 geraadpleeg).

National Academies of Sciences, Engineering, and Medicine. 2021. *Mental health, substance use, and wellbeing in higher education: Supporting the whole student*. Washington, DC: The National Academies Press. https://doi.org/10.17226/26015.

Nuere, S. en L. De Miguel. 2021. The digital/technological connection with COVID-19: An unprecedented challenge in university teaching. *Technology, Knowledge and Learning*, 26(4):931–43. https://doi.org/10.1007/s10758-020-09454-6.

Otieno, M.A., B. Bizimana en I. Ndayambaje. 2015. Considering gender and socio-economic factors as determinants of students' enrolment in regular and parallel undergraduate study platforms: A case of public universities in Kenya. *International Journal of Education and Research*, 3(3):741–52.

Palinkas, L.A., S.M. Horwitz, C.A. Green, J.P. Wisdom, N. Duan en K. Hoagwood. 2015. Purposeful sampling for qualitative data collection and analysis in mixed method implementation research. *Administration and Policy in Mental Health and Mental Health Services Research*, 42:533–44. https://doi.org/10.1007/s10488-013-0528-y.

Parkman, A. 2016. The imposter phenomenon in higher education: Incidence and impact. *Journal of Higher Education Theory & Practice*, 16(1):51–60.

Paul, H., S. Sriram, S. Subalukshmi en V. Mala. 2015. Resilience, academic motivation and social support among college students. *Indian Journal of Positive Psychology*, 6(1):106–10.

Permatasari, N., F.R. Ashari en N. Ismail. 2021. Contribution of perceived social support (peer, family, and teacher) to academic resilience during COVID-19. *Golden Ratio of Social Science and Education*, 1(1):1–12. https://doi.org/10.52970/grsse.v1i1.94.

Pohlenz, P. 2022. Innovation, professionalisation and evaluation: Implications for quality management in higher education. *Quality in Higher Education*, 28(1):50–64. https://doi.org/10.1080/13538322.2021.1951452.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Rashid, S. en S.S. Yadav. 2020. Impact of COVID-19 pandemic on higher education and research. *Indian Journal of Human Development*, 14(2):340–3. https://doi.org/10.1177/0973703020946700.

Redman, C.L., J.M. Grove en L.H. Kuby. 2004. Integrating social science into the long-term ecological research (LTER) network: Social dimensions of ecological change and ecological dimensions of social change. *Ecosystems*, 7:161–71. https://doi.org/10.1007/s10021-003-0215-z.

Rudd, G., K. Meissel en F. Meyer. 2021. Measuring academic resilience in quantitative research: A systematic review of the literature. *Educational Research Review*, 34:1–64. https://doi.org/10.1016/j.edurev.2021.100402.

Saleem, T., A. Zia en N. Mahmood. 2023. Profiling the factors affecting the social support and academic resilience of undergraduate university students. *Journal of Education and Humanities Research*, 16(2):62–80. http://journal.uob.edu.pk/journal/index.php/jehr/article/view/425.

Scheerens, J. 1990. School effectiveness research and the development of process indicators of school functioning. *School Effectiveness and School Improvement*, 1(1):61–80. https://doi.org/10.1080/0924345900010106.

—. 2015. School effectiveness research. In Smelser en Baltes (reds.) 2015. https://doi.org/10.1016/B978-0-08-097086-8.92080-4.

Seyfried, M., M. Ansmann en P. Pohlenz. 2019. Institutional isomorphism, entrepreneurship and effectiveness: The adoption and implementation of quality management in teaching and learning in Germany. *Tertiary Education and Management*, 25:115–29.

Smelser, N.J. en P.B. Baltes (reds.). 2015. *International encyclopedia of the social & behavioral sciences*. 2de uitgawe. Nederland: Elsevier.

Strayhorn, T.L. 2017. Factors that influence the persistence and success of black men in urban public universities. *Urban Education*, 52(9):1106–28. https://doi.org/10.1177/0042085915623347.

Sundani, N.D. en J. Mamokhere. 2021. The impact of student-lecturer relationship on good decision-making and quality promotion in the institutions of higher education and training. *African Perspectives of Research in Teaching and Learning*, 5(2):136–47. https://w2.unisa.ac.za/CW/APORTAL/APPLICAT/DOWNLOAD/ARTICLE_.PDF.

Ungar, M. 2021. Modeling multisystemic resilience: Connecting biological, psychological, social, and ecological adaptation in contexts of adversity. In Ungar (red.) 2021:6–31. https://doi.org/10.1093/oso/9780190095888.003.0002.

Ungar, M. (red.). 2021. *Multisystemic resilience: Adaptation and transformation in contexts of change*. Oxford University Press.

Universiteit van Pretoria. 2021. Code of ethics for research (Document number: Rt 429/99). Universiteit van Pretoria. https://www.up.ac.za/media/shared/6/files/rt-429-99-university-of-pretoria-code-of-ethics-for-research.zp158366.pdf (22 Mei 2023 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d3

Versfeld, J., M.A. Graham en L. Ebersöhn. 2022. Time to flock: Time together strengthens relationships and enhances trust to teach despite challenges. *Teachers and Teaching*, 29(1):70–104. https://doi.org/10.1080/13540602.2022.2145279.

Wagemaker, H. 2020. Introduction of reliability and validity of international large-scale assessment. In Wagemaker (red.) 2020:1–5.

Wagemaker, H. (red.). 2020. *Reliability and validity of international large-scale assessment: Understanding IEA's comparative studies of student achievement* (Vol. 10). IEA en Springer. https://doi.org/10.1007/978-3-030-53081-5.

Widnall, E., L. Winstone, B. Mars, C.M. Haworth en Kidger. 2020. *Young people's mental health during the COVID-19 pandemic*. University of Bristol.

World Health Organization. 2022. Mental health and COVID-19: Early evidence of the pandemic's impact. https://iris.who.int/bitstream/handle/10665/352189/WHO-2019-nCoV-Sci-Brief-Mental-health-2022.1-eng.pdf (22 September 2023 geraadpleeg).

Wosnitza, M., F. Peixoto, S. Beltman en C.F. Mansfield (reds.). 2018. *Resilience in education*. Springer. https://doi.org/10.1007/978-3-319-76690-4.

Zelviene, P., L. Jovarauskaite en I. Truskauskaite-Kuneviciene. 2021. The psychometric properties of the resilience scale (RS-14) in Lithuanian adolescents. *Frontiers in Psychology*, 12:667285. https://doi.org/10.3389/fpsyg.2021.667285.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die gebruik van taakgebaseerde aktiwiteite in Afrikaans Huistaal graad 4: ’n vergelykende ontleding

Antoinette van der Hoven en Michele van der Merwe

Antoinette van der Hoven en Michele van der Merwe, Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die doel van hierdie artikel is om ’n vergelykende ontleding van die toepassing van die voorgestelde struktuur vir die onderrig van taalkunde, soos in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) (2011) bepaal, in twee van die mees gebruikte handboekreekse vir Afrikaans Huistaal graad 4 te doen. Die voorkoms van aktiwiteite wat van leerders verwag om aktief met taal om te gaan sal die gebruik, of die afwesigheid, van die taakgebaseerde benadering tydens die onderrig van taalkunde aandui. Hiermee kan die artikel die volgende vraag beantwoord: Hoe voldoen handboeke wat deur Afrikaans Huistaal graad 4-leerders gebruik word aan ’n konseptuele raamwerk vir taakgebaseerde taalkunde-onderrig?

Ten einde te bepaal tot watter mate die DBO se *Rainbow*-werkboekreeks en die *Platinum*-leerderboek vir Afrikaans Huistaal graad 4 daarin slaag om die taakgebaseerde benadering, as komponent van die kommunikatiewe benadering, te implementeer, kan die volgende subvrae gevra word om die ontleding te rig:

1. Bied die leerderboeke aan leerders geleenthede om Afrikaans te gebruik om vir sosiale en praktiese doeleindes te oefen?
2. Geskied die taalkunde-onderrig op ’n geïntegreerde wyse waar die onderwyser goeie praktyke modelleer en die leerders die gepaste vaardighede in groepe inoefen voordat hulle hierdie vaardighede op hul eie toepas?
3. Bied die leerderboeke aan leerders die geleentheid om pedagogiese take te voltooi, met ander woorde, werklikewêreldtake wat as deel van onderrig en leer gebruik word?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die vergelykende ontleding van die twee handboekreekse toon dat daar ’n werklike behoefte aan ’n konseptuele raamwerk bestaan wat taalkunde-onderrig, volgens die taakgebaseerde benadering, kan rig. Die skrywers huldig die mening dat die voorgestelde konseptuele raamwerk slegs van nut kan wees indien dit steeds die aanbevelings van die KABV (2011) volg, naamlik dat die onderrig van taalkunde kommunikatief, teksgebaseerd, geïntegreerd en volgens ’n proses moet geskied.

Trefwoorde: Afrikaans Huistaal; graad 4; taakgebaseerde benadering; taalkunde-onderrig; vergelykende ontleding

Abstract

The use of task-based activities in Afrikaans Home Language Grade 4: a comparative analysis

This article is the second in a series of three articles that focuses on task-based grammar teaching in Afrikaans Home Language Grade 4.

In the first article the nature, classification, and the way tasks are graded and grouped were discussed to develop a conceptual framework for task-based grammar teaching in Afrikaans Home Language Grade 4. The framework could then be used to teach grammar communicatively using tasks – namely task-based grammar teaching. The motivation for this framework is to understand how task-based grammar teaching can be implemented in the Afrikaans Home Language classroom to contribute to the development of a new approach to learning and teaching in Afrikaans Home Language in the Intermediate Phase.

It is the aim of this article to do a comparative analysis of the application of the suggested structure for the teaching of grammar, as determined in the Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) (2011), in two of the most widely used textbook series for Afrikaans Home Language Grade 4. Activities that require learners to be actively involved with language will show the use, or the absence, of the task-based approach during the teaching of grammar. As a result, the article will be able to answer the following question: How do textbooks that are used by Afrikaans Home Language Grade 4 learners comply with a conceptual framework for task-based grammar teaching?

To determine to which extent the DBE’s *Rainbow* workbook series and the *Platinum* learner’s book for Afrikaans Home Language Grade 4 are successful in implementing the task-based approach, the following sub questions can be asked to guide the analysis:

1. Do the textbooks afford learners the opportunities to use Afrikaans to practise for social and practical purposes?
2. Is the teaching of grammar an integrated practice where the teacher models good language practices and the learners practise the relevant skills in groups before they apply the skills individually?
3. Do the textbooks afford learners the opportunity to complete pedagogical tasks, in other words, real-world tasks that are used as part of teaching and learning?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

The analysis of the *Rainbow* workbook series and the *Platinum* learner's book shows that the three language components, namely *working with words*, *working with sentences* and *spelling and spelling patterns*, as determined by CAPS, are given ample attention in both textbook series.

The writers could also determine that there are 34 activities in the *Rainbow* workbook series that can be grouped under grammar, in comparison to the 22 activities in the *Platinum* learner's book. The *Rainbow* workbook series therefore gives learners 1,5 times more opportunities to receive grammar teaching in comparison to the *Platinum* learner's book. The writers can thus assume that the *Rainbow* workbook series better adheres to the requirements of CAPS – namely that the workbook is to a greater extent communicative, text based, process oriented and integrative in the teaching of grammar.

It has also been found that the 34 activities in the *Rainbow* workbook series can be divided into 30 individual activities and four group activities. This means, unfortunately, that 88% of the activities are completed individually, with only 12% of the activities lending themselves to opportunities for communication amongst learners. There is therefore scarcely any opportunity for learners to make decisions, solve problems or construct new knowledge together.

The 22 activities in the *Platinum* learner's book are indicated as 20 individual activities, with only two (9%) described as group activities. This means that learners complete 2,5 activities per week individually and only 0,25 activities as part of a group. Thus, the opportunity for communication among learners and the construction of new knowledge by working in a group are basically non-existent.

The writers have also been able to identify 12 of the 13 different types of tasks (87 tasks in total) discussed in the first article in this series of articles. The 34 activities in the *Rainbow* workbook series can be divided into 55 tasks, whereas the *Platinum* learner's book only contains 32 tasks. This indicates that Grade 4 Afrikaans Home Language learners that use the *Rainbow* workbook series, complete an average of 6,9 tasks per week. This leads to increased development of their creative thinking skills. In classes where the *Platinum* learner's book is used only four tasks are completed per week.

The comparative analysis of the two textbook series shows that there is a real need for a conceptual framework to guide the use of a task-based approach to grammar education. The writers believe that such an approach can only be successful if the guidelines of CAPS (2011) are followed: Grammar teaching must be communicative, text based, follow a specific process and be integrated with other skills.

The writers will provide specific principles regarding the task-based approach to grammar teaching, recommendations, and a practical example of the conceptual framework in the third article of this series.

Keywords: Afrikaans Home Language; comparative analysis; grade 4; grammar teaching; task-based approach

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

1. Inleiding

Hierdie artikel is die tweede van ’n reeks van drie artikels wat op taakgebaseerde taalkunde-onderrig in Afrikaans Huistaal graad 4 fokus.

In die eerste artikel is die aard, klassifikasie en wyse waarop take gegradeer en georden word, bespreek om sodoende ’n konseptuele raamwerk vir taakgebaseerde taalkunde-onderrig in Afrikaans Huistaal graad 4 te ontwerp. Die raamwerk sou dan gebruik kon word om taalkunde kommunikatief te onderrig deur op take staat te maak – naamlik taakgebaseerde taalkunde-onderrig. Die motivering vir hierdie raamwerk is die strewe om te verstaan hoe taakgebaseerde taalkunde-onderrig in die Afrikaans Huistaal-klaskamer kan plaasvind en tot die ontwikkeling van ’n nuwe benadering tot die onderrig van Afrikaans Huistaal in die Intermediêre Fase sal kan bydra.

Dit is dié artikel se doel om ’n vergelykende ontleding van die toepassing van die voorgestelde struktuur vir die onderrig van taalkunde, soos in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleids-verklaring (KABV) (2011) bepaal, in twee van die mees gebruikte handboekreekse vir Afrikaans Huistaal graad 4 te doen. Die voorkoms van aktiwiteite wat van leerders verwag om aktief met taal om te gaan, sal die gebruik, of afwesigheid, van die taakgebaseerde benadering tydens die onderrig van taalkunde aandui. Hiermee kan die artikel die volgende vraag beantwoord: Hoe voldoen handboeke wat deur Afrikaans Huistaal graad 4-leerders gebruik word aan ’n konseptuele raamwerk vir taakgebaseerde taalkunde-onderrig?

Die skrywers erken dat die KABV nie uitdruklik na die taakgebaseerde benadering verwys nie, maar teoretiseer dat dit wel ’n logiese skakel met die aanbevelings is wat wel in die KABV voorkom. Die taakgebaseerde benadering is altyd teksgebaseerd, prosesgeoriënteerd, kommunikatief en integreer verskillende komponente van taalonderrig.

Die volgende definisies en/of omskrywings sal as vertrekpunt vir die ontleding dien:

- die kommunikatiewe benadering, volgens Bygate (2016), veronderstel dat outentieke kommunikasie tussen die onderwyser en leerder, leerder en leerder, leerder en die werklike wêreld en leerder en die teks plaasvind.
- die taakgebaseerde benadering behels dat die kurrikulum rondom take beplan word wat in die onderrigsituasie in ’n spesifieke volgorde aangetref word, en die onderrig- en leerproses spruit direk uit die aard van die take voort (Bygate 2016).
- ’n taak is ’n aktiwiteit wat van leerders vereis om taal te gebruik ten einde ’n doelwit te bereik – dit spreek leerders se werklike kommunikasiebehoeftes aan en bereik werklike uitkomste (Klapper 2003).
- ’n taak word as suksesvol beskou as leerders aktief by die begrip, manipulering en gebruik van die taal betrokke is, en interaktief met die taal omgaan (Adendorff 2012a).
- daar moet tussen inset- en uitsettake onderskei word omdat dit verskillende funksies binne die leerproses het (Ellis 2017).
- pedagogiese take is meervoudige intelligensie-aktiwiteite wat in vyf kategorieë verdeel kan word (Viviers 1997; Willis 1996).
- pedagogiese take kan volgens hul doel in verskillende tipes gekategoriseer word (Gleason en Slater 2016; Adendorff en Beukes 2019).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die skrywers sal deurlopend drie subvrae gebruik om hul fokus tydens die ontleding van die handboekreekse te rig. Die eerste subvraag ondersoek die daarstelling van geleenthede vir die leerders om Afrikaans as taal te gebruik om vir sosiale en praktiese doeleindes te oefen. Dié subvraag skakel met die KABV-aanbeveling dat die benadering tot taal(kunde)-onderrig in Afrikaans Huistaal kommunikatief in aard moet wees. Die aanwesigheid van hierdie geleenthede dui daarom op potensiële geleenthede vir die gebruik van die taakgebaseerde benadering.

Tweedens wil die skrywers deur middel van die ontleding vasstel of taalkunde-onderrig op ’n geïntegreerde wyse geskied waar die onderwyser goeie praktyke modelleer en die leerders die gepaste vaardighede in groepe inoefen vóórdat die leerders die vaardighede op hul eie toepas. Hiermee kan daar dus vasgestel word of ’n geïntegreerde benadering (soos in die KABV aanbeveel) gevolg word. Dit verskaf weer eens belangrike inligting oor die gebruik van take in die Afrikaans Huistaal-klaskamer, aangesien take hulself uitstekend daartoe verleen om integrasie tussen die verskillende komponente van taalonderrig te bewerkstellig.

Die derde subvraag word gebruik om die aandag op die gebruik van pedagogiese take te vestig, aangesien pedagogiese take in wese werklikewêreldtake is wat as deel van onderrig en leer aangebied word. Hiermee word die leerders vir die wêreld buite die klaskamer voorberei.

2. Konteks en motivering vir die keuse van handboeke

Daar is vir die doel van die navorsing op die DBO se *Rainbow*-werkboekreeks (2021) en die *Platinum*-handboekreeks besluit omdat dit die twee handboeke is wat die meeste in die onmiddellike skoolomgewing, waar die twee skrywers werk, gebruik word.

Die *Rainbow*-werkboekreeks (2021) is in opdrag van die voormalige Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die eertydse Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty, ontwikkel. Dié werkboeke vorm deel van ’n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Die projek is as ’n prioriteit van die voormalige regering se Plan van Aksie beskou en is moontlik gemaak deur befondsing wat van die Nasionale Tesourie ontvang is. Die onderwysdepartement is daarom in staat gestel om die werkboeke in al die amptelike tale gratis aan skole te voorsien. Die werkboeke is so opgestel dat dit in die daaglikse onderrig voorsien en as hulpmiddel vir onderwysers dien om te verseker dat die leerders die volledige kurrikulum baasraak.

Die *Platinum Afrikaans Huistaal*-reeks (Biesenbach, Engelbrecht, Henning, Le Roux, Louw, Mihai, Van Lill, Van Oort en Van Rooy) is in 2016 ontwikkel om aan al die vereistes van die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (NKABV) te voldoen. Die reeks bestaan in elke graad uit ’n leerderboek met hersieningsaktiwiteite, ’n leesboek met leestekste vir groeplees en ’n onderwysersgids wat teikenwerkvelle en ’n oudio-CD met luistertekste insluit. Die *Platinum*-reeks word deur skole aangekoop en is geredelik by alle boekwinkels beskikbaar.

Vir die doel van die hierdie artikel sal die eerste twee weke van elke kwartaal in die *Rainbow*-werkboekreeks telkens eers met die KABV (2011) en dan met die *Platinum*-handboek vergelyk en ontleed word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

3. Ontleding en vergelyking van die struktuur van die KABV (2011) en die twee handboekreekse

Beide die konvensionele benadering en die direkte, gerigte benadering word gebruik om die handboekreekse te ontleed. Die keuse is gemaak na aanleiding van die basiese doel van die navorsing. Die direkte, gerigte benadering word gebruik om die twee handboekreekse te vergelyk en die konvensionele benadering om die struktuur van die handboeke te vergelyk. ’n Kwalitatiewe analise is gebruik om die handboekreekse se geskiktheid, gemeet aan die riglyne van die KABV, te bepaal, terwyl ’n kwantitatiewe analise gebruik is in die vergelyking van die twee handboekreekse met mekaar.

Die KABV (2011:22–4) vir Afrikaans Huistaal graad 4 bepaal dat inligtingstekste, soos stories en persoonlike vertellinge in die eerste twee weke van kwartaal 1 gebruik word. Inligtingstekste met visuele komponente, soos diagramme, tabelle, prente, grafieke en aanwysings word vir kwartaal 2 se eerste twee weke aanbeveel. In die eerste twee weke van kwartaal 3 bepaal die KABV dat leerders aan verhalende tekste, byvoorbeeld joernaalinskrywings en koerantberigte, blootgestel moet word. Kwartaal 4 se fokus vir die eerste twee weke is inligtingstekste, soos diagramme, plakkate, kennisgewings, boodskappe en onderhoude.

Die inhoud van die taalkunde-komponent word in die KABV vir Afrikaans Huistaal graad 4 voorts in drie kategorieë verdeel: *werk met woorde*, *werk met sinne* en *spelling*. Hierdie drie kategorieë word verder in die voorgestelde tweeweeklikse siklus verfyn (2011:19–21).

3.1 Rainbow-*werkboekreeks vir Afrikaans Huistaal graad 4*

3.1.1 Inleiding

Die *Rainbow*-werkboekreeks vir Afrikaans Huistaal graad 4 is so opgestel dat daar vir een uur per tweeweeklikse siklus vir die onderrig van taalstrukture en -konvensies voorsiening gemaak word. Die werkboeke voldoen dus hiermee aan die minimum vereistes wat in die KABV voorgestel word. Dit gebruik voorts die lys taalstrukture en -konvensies soos wat dit in die KABV vir elke graad voorsien word. Die werkboek sluit verder spesifieke oefeninge vir die tweeweeklikse siklusse in en verskaf notas waarin die taalkonvensies verduidelik word (2021a:1).

3.1.2 Kwartaal 1

Die *Rainbow*-werkboekreeks gebruik in die eerste twee weke van kwartaal 1 ’n kortverhaal as inligtingsteks (2021a:1) en voldoen so aan die voorstel in die KABV (2011:22).

Daar word verder op die alfabetiese volgorde van woorde gefokus, terwyl antonieme en versamelname terselfdertyd aandag geniet – hierdie gedeelte van die taalkunde ressorteer onder *werk met woorde* (2021a:1), soos in die KABV voorgestel (2011:32). In die eerste twee weke is daar vier aktiwiteite wat as *werk met woorde* aangedui word, terwyl daar ook een *werk met sinne*-aktiwiteit is.

Verdere analise van die werkboek toon dat daar kort verduidelikings in die kantlyn langs die kortverhaal geplaas is. Hierdie verduidelikings handel oor die *spelling* van woorde, met spesifieke fokus op die d-/t-klank aan die einde van ’n woord, die v-klank en die gebruik van die kappie (^) (2021a:2–3). Ons vind dat daar soortgelyk ’n kort definisie vir sinonieme gegee

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

word voordat die leerders ’n meng-en-pas-aktiwiteit (wat as ’n probleem-oplossingstaak gedefinieer kan word) moet voltooi waar hulle sinonieme vir woorde in die bronteks moet vind (2021a:4). Die korrekte gebruik van die verlede tyd word op bladsy 5 in die skryf van ’n dagboekinskrywing toegepas. Die aktiwiteit is in sy mees basiese vorm ’n handelingstaak, aangesien die leerders spesifieke instruksies ontvang en dan daardie instruksies noukeurig moet volg ten einde die vorm (’n voorbeeld van ’n dagboek) te voltooi. ’n Dagboekinskrywing is volgens Ellis (2003) ’n voorbeeld van ’n teikentaak en is ekspressief in aard; Ellis (2017) voer ook aan dat hierdie tipe aktiwiteit as ’n uitsettaak beskryf kan word: Betekenisonderhandeling vind plaas, daar word op vorm gefokus en dit het ’n spesifieke onderwerp (in dié geval die verlede tyd). Beide Willis (1996) en Viviers (1997) huldig die mening dat ekspressiewe take die inter- en intrapersoonlike intelligensies van leerders ontwikkel.

’n Kort definisie word vir werkwoorde op bladsy 7 gegee. Hierna moet leerders weer ’n inligtingverwerkingstaak, wat uit verskillende fases bestaan, voltooi: Hulle moet eers hul eie werkwoorde neerskryf, daarna werkwoorde in die bronteks soek en uiteindelik hulle eie sinne met die werkwoorde maak. Hierdie reeks aktiwiteite kan verder ook as ’n aktiveringstaak beskryf word, aangesien die leerders hier van reproduksie na kreatiewe take kan beweeg. Die leerders se fokus is op die spesifieke struktuur van werkwoorde (en tye) geplaas en hulle kan nou die nuwe kennis gebruik om suksesvol te kommunikeer, byvoorbeeld wanneer hulle ’n onderhoud moet voer. Dit is hier duidelik dat die *Rainbow*-werkboekreeks die riglyne, soos in die KABV voorgestel, volg – die patroon is elke keer *werk met woorde* en dan *werk met sinne*.

Dit word in die KABV (2011:32) voorgestel dat die komponent *werk met sinne* op werkwoorde moet fokus, sowel as die verskillende tye en sinsoorte. Hierdie taalkomponent geniet aandag vanaf bladsy 10 in die *Rainbow*-werkboekreeks waar die leerders se aandag op die verskillende sinstipes gevestig word. Die vier sinstipes word verskaf, gevolg deur ’n handelingstaak waar die leerders die verskillende sinstipes in ’n aktiwiteit moet identifiseer en die gegewe tabel (of lys) moet voltooi. Die identifisering en klassifisering van sinstipes, sowel as die verlede en toekomende tyd, word onderrig en kan hier as insettake geklassifiseer word – die onderwyser onderrig volgens spesifieke stappe, die hele klas is aanvanklik betrokke en dit help met die leerproses. Ons vind in die werkboek dat leerders werkwoorde in die inligtingsteks moet identifiseer en onderstreep, en daarna hul eie sinne met die werkwoorde moet maak. Navorsing deur Van der Hoven (2023) toon dat die eerste aktiwiteit as ’n inligtingverwerkingstaak gedefinieer kan word en die visueel-ruimtelike, logies-wiskundige en linguistiese intelligensies van die leerders ontwikkel en integreer. Die tweede aktiwiteit, waar leerders hul eie sinne moet skryf, is ’n uitsettaak – daar word op meer gevorderde vlakke van taalvaardigheid gefokus en die leerders moet hul spesifieke kennis van werkwoorde toepas.

Die leerders moet in ’n tweede aktiwiteit werkwoorde omkring en daarna hulle eie sinne skryf wat as voorbeelde van die vier sinstipes kan dien (2021a:11). Hierdie aktiwiteit kan in die eerste plek volgens Ellis (2017) as ’n voorbeeld van ’n uitsettaak beskou word, terwyl dit volgens Willis (1996) en Viviers (1997) ook as ’n inligtingverwerkingstaak geklassifiseer kan word.

Die skrywers verskaf kort definisies, sowel as die reëls, vir die gebruik van die toekomende en verlede tyd. Die leerders werk dan in pare om ’n aktiwiteit te voltooi waar daar tien sinne verskaf word. Hulle moet eers die werkwoorde identifiseer en onderstreep; daarna maak hulle beurte om die sinne hardop te lees terwyl die ander lid van die paar die tyd waarin die sin geskryf is, moet identifiseer. Die korrekte tyd word dan in die toepaslike kolom gemerk (2021a:11). Bogenoemde aktiwiteit, wat uit verskillende fases bestaan, is beslis ’n inligting-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

verwerkingstaak, maar kan volgens Gleason en Slater (2016) en Adendorff en Beukes (2019) insgelyks as ’n probleemoplossingstaak beskryf word. Die leerders werk in pare, het toegang tot dieselfde inligting en moet saamwerk om die aktiwiteit, en gepaste uitkoms, te voltooi. Bogenoemde taak het ook besluitneming as doel – die leerders het almal dieselfde inligting, hulle moet hul menings deel en dan op die uitkoms besluit.

Die graad 4-leerders se aandag word op bladsy 15 weer op *werk met woorde* gevestig, en wel wanneer daar van hulle verwag word om woorde deur middel van ’n inligtingverwerkingstaak in alfabetiese volgorde te plaas. Hierdie tipe aktiwiteit kom deurlopend in die werkboek voor – volgens Bygate (2016) sou dit dus as ’n repetisietaak gedefinieer kon word. Die belangrikheid van herhaaldelike blootstelling aan dieselfde taalstrukture kan nie genoeg beklemtoon word nie en is tot die voordeel van taalleer omdat dit leerders se vlotheid, akkurate gebruik van die teikentaal en die kompleksiteit van die teikentaal integreer.

Antonieme en versamelname word volgende behandel en leerders word aan ’n wye verskeidenheid van uitsettake blootgestel. Daar word van hulle verwag om sekere woorde in alfabetiese volgorde te herskryf, daar is ’n soek-en-pas-aktiwiteit en hulle moet woorde wat bymekaar pas, verbind (2021a:15). Hierdie aktiwiteite op bladsy 15 sou dus onderskeidelik as ’n repetisietaak, ’n inligtingverwerkingstaak en ’n probleemoplossingstaak beskryf kon word. Die verskillende taalkomponente wat in die tersaaklike twee weke aan bod gekom het word op bladsy 17 in een ekspressiewe taak saamgevoeg wanneer die leerders ’n storie oor hulleself moet skryf. Die leerproses word verder verfyn wanneer die leerders mekaar se werk kan lees en mekaar se foute kan regmaak. So word die uitsettaak ’n taak wat probleemoplossing as doel het omdat die leerders oor dieselfde inligting beskik (die storie) en kan saamwerk om die probleem (moontlike spel- en taalfoute) op te los.

3.1.3 Kwartaal 2

Die KABV stel verder voor dat daar in Afrikaans Huistaal graad 4 kwartaal 2 (2011:37) in die eerste twee weke in *werk met woorde* op homonieme en homofone en die stam en basisvorm gefokus moet word. *Werk met sinne* fokus dan op voegwoorde, voorsetsels, telwoorde, die uitbreiding van enkelvoudige sinne en saamgestelde sinne. Die derde kategorie, naamlik *spelling*, fokus op die gebruik van die afkappingsteken. Die *Rainbow*-werkboekreeks bevat in die eerste twee weke twee *werk met woorde*-aktiwiteite, een *werk met sinne*-aktiwiteit, een *werk met woorde en sinne*-aktiwiteit, een aktiwiteit wat op *spelling en spelpatrone* fokus en een *taalwerk is pret*-aktiwiteit wat as vasleggingsaktiwiteit gebruik word en uit ’n kombinasie van *werk met woorde*, *werk met sinne* en *spelling en spelpatrone* bestaan.

Die *Rainbow*-werkboekreeks gebruik in die eerste twee weke ’n inligtingsteks met visuele leidrade, soos in die KABV (2011:23) aanbeveel, in hierdie geval ’n weerkaart en ’n staafdiagram. In die taalkomponent word daar onder die *werk met woorde*-komponent aandag aan homonieme en homofone geskenk, terwyl die korrekte gebruik van voegwoorde en voorsetsels, die identifisering van hooftelwoorde en rangtelwoorde en die herskryf van sinne vanaf die verlede tyd in die toekomende tyd as deel van *werk met sinne* onderrig word. *Spelling en spelpatrone* fokus op die afkappingsteken, meervoude en verkleinwoorde, sowel as enkelvoudige en saamgestelde sinne (2021a:69). Dit is hiermee duidelik dat die werkboek binne die riglyne, soos deur die KABV op bladsy 37 (2011) voorgestel, opgestel is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die eerste taalkunde-aktiwiteit kom op bladsy 71 voor waar die leerders twee tipes sinne in die koerantartikel moet vind. Hierdie inligtingverwerkingstaak ontwikkel en integreer verskeie meervoudige intelligensies. Die tweede aktiwiteit vereis dat die leerders sinonieme vir woorde, wat in ’n tabel verskaf word, in die koerantartikel moet vind en dan die tabel moet voltooi – die aktiwiteit kan as ’n inligtingverwerkingstaak (klassifisering) sowel as ’n handelingstaak (die uitvoer van instruksies) beskryf word.

Die *Rainbow*-werkboekreeks se taalfokus op bladsy 74 is eerstens homonieme en homofone. Kort definisies en voorbeelde van homonieme en homofone word aan die leerders verskaf. Die gepaardgaande aktiwiteit behels dat die leerders in pare werk om ’n homofoonaktiwiteit te voltooi: Elke leerder kry ’n beurt om met een woord van ’n woordpaar ’n sin wat die betekenis van die woord duidelik aandui te maak. Die aktiwiteit kan in die eerste plek as ’n uitsettaak gedefinieer word, aangesien dit op ’n spesifieke onderwerp fokus. In die tweede plek is dit ’n taak wat as doel meninguitruiling het en derdens kan dit as ’n aktiveringstaak beskryf word, aangesien daar van die leerders verwag word om kreatief te wees en hul eie sinne te vorm. Hierdie woordpare is egter nie uit die bronteks geneem nie, wat beteken dat die aktiwiteit nie teks-gebaseerd is nie, maar tog is dit homofone wat algemeen gebruik word en waarmee die leerders bekend behoort te wees. Ter voltooiing van die tweede aktiwiteit moet die leerders die homonieme, wat in die kantlyn gegee word, gebruik om sinne te voltooi (2021a:74). Die aktiwiteit is so ontwerp dat dit soortgelyk aan ’n vorm is met sinne waar daar sekere woorde (inligting) ontbreek. Die sinne sluit ook by die tema van hierdie twee weke aan. Die invul van vorms word volgens Willis (1996) en Viviers (1997) as handelingstake beskryf wat die ontwikkeling en integrasie van leerders se kinestetiese en naturalistiese intelligensies as doel het.

Die fokus verskuif op bladsy 75 na voegwoorde – die leerders voltooi ’n aktiwiteit waar hulle twee sinne elke keer met ’n spesifieke voegwoord moet verbind. Hierdie aktiwiteit is, volgens Ellis (2017), ’n gefokusde taak waar die onderwyser en leerders eers deur die wenke en voorbeeldsinne werk voordat daar van die leerders verwag word om die gegewe sinne met die voegwoorde te verbind. Die doel van ’n gefokusde taak is om te verseker dat leerders die spesifieke kennis van bepaalde kenmerke verwerf – in hierdie geval hoe voegwoorde woord-orde kan bepaal. Die sinne sluit almal by die tema aan en is van so ’n aard dat die leerders ook aan die woordorde van die saamgestelde sinne aandag moet gee.

Die *werk met sinne*-komponent word voortgesit wanneer die leerders aktiwiteite voltooi waar hulle die voorsetsels in sinne moet onderstreep en hul eie sinne met telwoorde moet maak. Daar word telkens eers kort wenke oor die verskillende onderwerpe verskaf wat die onderwyser moet onderrig voordat die leerders die aktiwiteite kan aanpak (2021a:76). Dit beteken dus dat daar eers ’n spesifieke insettaak is – die onderwyser help met die leerproses en die hele klas is betrokke. Die korrekte gebruik van die verskillende tydsvorme word op bladsy 77 aan die hand van ’n e-pos hersien. Hierdie e-pos, wat in die toekomende tyd geskryf is, dien as bronteks vir die onderrig van die verskillende tye en die voltooiing van die aktiwiteite. Die leerders moet eerstens die werkwoorde in die teks omkring en daarna die inskrywing in die verlede tyd herskryf (2021a). Die gebruik van die e-pos is ’n uitstekende voorbeeld van ’n werklikewêreld-taak wat as pedagogiese taak aangewend word. Die teikentaak word van buite die klaskamer geneem en die leerders moet die taak bemeester ten einde suksesvol te kan kommunikeer. Die leerders kan sien hoe ’n e-pos lyk, dit vir ’n taaloefening gebruik en daarna hulle eie e-posse skryf. Met die voorafgaande aktiwiteit slaag die skrywers verder daarin om ’n handelingstaak, inligtingverwerkingstaak en aktiveringstaak te kombineer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die taalfokus verskuif in werkkaart 40 op bladsy 84 na *spelling en spelpatrone* met spesifieke fokus op die afkappingsteken, terwyl meervoude en verkleinwoorde ook hersien word. Die algemene reëls en voorbeelde vir die gebruik van die afkappingsteken word voorsien, waarna die leerders 'n gefokusde taak moet voltooi deur die afkappingsteken op die korrekte plek in te vul. Die woorde wat in die voorbeeld gegee word, sowel as die woorde in die aktiwiteit, is egter nie uit enige van die vorige tekste geneem nie en is dus problematies in die opsig dat dit nie teksgebaseerd is nie.

Daar word van die leerders verwag om op bladsy 85 'n tabel te voltooi deur die korrekte meervoude en verkleinwoorde in te vul – hier word dus weer van 'n handelingstaak gebruik gemaak. Ten slotte kom *werk met sinne* weer aan die beurt wanneer enkelvoudige en saamgestelde sinne bespreek word. Die leerders voltooi 'n aktiwiteit in die vorm van 'n tabel waar hulle eers die werkwoorde omkring, daarna die tipe sin aandui en uiteindelik hulle eie twee saamgestelde sinne skryf. Hierdie aktiwiteit is 'n goeie voorbeeld van steierwerk of 'n aktiveringstaak – die leerders moet eers die werkwoorde identifiseer, daarna die tipe sin aandui en dan die nuwe kennis toepas met die skryf van hul eie sinne. Pica, Kanagy en Falodun (1993) voer aan dat dié tipe taak as die effektiefste taak beskryf kan word omdat dit die leerders kans gee om na begrip, deur middel van terugvoering en intertalige modifikasie, te werk.

3.1.4 Kwartaal 3

Vervolgens word daar in die KABV aangedui dat graad 4-leerders in die eerste twee weke van die derde kwartaal in *werk met woorde* op die basisvorm, samestellings en afleidings, sinonieme, antonieme en homonieme kan fokus. Tydens *werk met sinne* moet voornaamwoorde, bywoorde, voorsetsels, ontkenning, idiome en die letterlike en figuurlike betekenis die kern van onderrig vorm. *Spelling* fokus op die dubbelpunt en spelpatrone (2011:41).

"Marietjie kies haar hondjie", 'n verhalende teks wat aan die KABV (2011:24) se voorstel voldoen, word vir die eerste twee weke van kwartaal 3 in die *Rainbow*-werkboekreeks as inligtingsteks vir die graad 4-Huistaalleerders gebruik. Leerders kry in hierdie twee weke die geleentheid om woorde as samestellings of afleidings te klassifiseer (*werk met woorde*). Daar word in die *werk met sinne*-taalkomponent van die leerders verwag om voorsetsels en voornaamwoorde te identifiseer, die aksies te identifiseer wat deur die bywoord beskryf word en om hulle eie sinne met bywoorde te skryf, en werkwoorde in enkelvoudige sinne te identifiseer. Daar word voorts tyd bestee aan hoe enkelvoudige sinne verbind kan word om saamgestelde sinne te vorm en hoe saamgestelde sinne verdeel kan word om enkelvoudige sinne te vorm. Ten slotte word daar aandag geskenk aan meervoude, verkleinwoorde, idiome en die korrekte spelwyse van woorde (2021b:1). Die opsomming van die aktiwiteite in die eerste twee weke van kwartaal 3 is duidelike bewys dat die samestellers van die werkboek nougeset die aanbevelings, soos in die KABV (2011:41) vervat, volg. Hierdie kwartaal bied in die eerste twee weke drie *werk met woorde*-aktiwiteite, een *werk met sinne*-aktiwiteit en een *spelling en spelpatrone*-aktiwiteit.

Verdere ondersoek toon dat die slot van die storie as bronteks vir 'n aktiwiteit oor voorsetsels en voornaamwoorde gebruik word. Daar word in die kantlyn kort definisies van die woordsoorte gegee waarna die leerders 'n inligtingverwerkingstaak aanpak – hulle moet die voorsetsels in rooi en die voornaamwoorde in blou omkring. Hierdie aktiwiteit het dus nie net taalstrukture en -konvensies as onderwerp nie, maar dien ook as 'n geïntegreerde aktiwiteit omdat dit die geleentheid gebruik om die leerders se soekleesvaardighede te verbeter (2021b:6).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die volgende gedeelte fokus steeds op *werk met sinne* met die aandag wat na bywoorde verskuif. ’n Kort verduideliking van bywoorde word op bladsy 7 in die kantlyn verskaf en leerders word versoek om na die eerste gedeelte van die storie terug te blaai. Sekere bywoorde is in die gedeelte van die kortverhaal in rooi gemerk. Leerders moet nou self die tipe bywoorde klassifiseer deur te bepaal wat die funksie van daardie bywoorde is – hetsy dit bywoorde van tyd, plek of wyse is. ’n Opvolgaktiwiteit laat leerders toe om self bywoorde in die slotgedeelte van die storie te identifiseer, die werkwoorde te onderstreep en dan hul eie sinne te maak. Die verskillende aktiwiteite volg ’n natuurlike proses van maklik(er) na moeilik(er). In die eerste aktiwiteit is die bywoorde reeds gemerk en moet leerders bloot die tipe bywoord bepaal; hierna moet hulle nie net self bywoorde identifiseer nie, maar ook die werkwoorde, wat by die onderskeie bywoorde pas, identifiseer. Laastens pas die leerders hul nuwe kennis toe deur hul eie sinne te skryf. Ons vind dat hier met ’n insettaak begin word: Die onderwyser gee ’n kort verduideliking en help die hele klas met die leerproses. Dit is ook duidelik dat die aktiwiteite verder almal deel van ’n gefokusde taak vorm waar leerders se vlakke van taalvaardigheid ontwikkel word. Uiteindelik voltooi die leerders ’n aktiveringstaak wanneer hulle hul eie sinne skryf. Navorsing toon dat hierdie aktiwiteite as geheel as ’n suksesvolle pedagogiese taak (soos deur Bygate in 2016 beskryf) gedefinieer kan word: Die leerders se fokus is op die struktuur van die taal geplaas, en daar is gedemonstreer hoe die spesifieke taalvorm tot betekenis bydra ten einde hulle toe te rus om suksesvol te kan kommunikeer.

Die komponent *werk met woorde* word op bladsy 11 bekendgestel wanneer die leerders met basisvorme, voorvoegsels en agtervoegsels kennis maak. Die aktiwiteit is veelvoudig: Die leerders moet die voor- en agtervoegsels in verskillende kleure onderstreep en dan aandui of die woorde afleidings of samestellings is. Daar word dus van ’n handelingstaak na ’n inligting-verwerkingstaak beweeg. Die woorde wat vir die aktiwiteit gekies is, kom almal in die bronteks voor en verseker dus dat die taak teksgebaseerd is. Die laaste aktiwiteit in die gedeelte fokus op sinonieme en antonieme, sowel as homonieme en homofone. Die leerders word weer na die eerste gedeelte van die bronteks verwys waarna hulle tabelle met sinonieme en antonieme moet voltooi (’n handelingstaak). Daar word ook van hulle verwag om weer ’n inligtingverwerkings-taak te voltooi wanneer hulle sinne met homonieme en homofone moet maak sodat die woorde se betekenis duidelik is (2021b:11).

Werk met sinne word weer in werkkaart 70 behandel waar die fokus na saamgestelde en enkelvoudige sinne verskuif. Kort verduidelikings en voorbeelde word as insettaak in die kantlyn verskaf voordat die leerders die aktiwiteite moet voltooi – hulle moet saamgestelde sinne vorm en in ’n tweede aktiwiteit ’n saamgestelde sin in twee enkelvoudige sinne verdeel (2021b:12). Hierdie twee aktiwiteite sou beide as uitsettake gedefinieer kon word, want daar word van die leerders verwag om meer gevorderde taalvaardighede te gebruik. Die eerste twee weke van die kwartaal word afgesluit met *spelling en spelpatrone* waar leerders ’n aktiwiteit oor meervoude en verkleinwoorde moet voltooi nadat hulle deur die bondige verduideliking en voorbeelde gewerk het. Daar word van die leerders verwag om ’n vorm te voltooi, wat beteken dat hierdie aktiwiteit as ’n handelingstaak beskou kan word. Ten slotte word daar in die gedeelte aandag geskenk aan idiomatiese uitdrukkings en letterlike en figuurlike taalgebruik. Dieselfde bronteks word weer gebruik wanneer die leerders ’n soek-en-pas-aktiwiteit moet voltooi; die soek-en-pas-aktiwiteit is ’n voorbeeld van ’n probleemoplossingstaak, want die leerders gebruik hul logies-wiskundige en linguistiese intelligensies ten einde ’n “raaisel” op te los.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die eerste twee weke van kwartaal 3 word met ’n ekspressiewe taak in die vorm van ’n dagboek-inskrywing (2021b:16) afgesluit. Die leerders moet eerstens die datum en dag invul (’n handelingstaak), in die eerste persoon skryf en die verlede tyd korrek gebruik. Met hierdie ekspressiewe taak beweeg die leerders van oefening na kreatiwiteit. Die taalvaardighede is aanvanklik verdeel en die fokus was op verskillende taalkunde-komponente, maar nou word die nuutverworwe kennis deur die leerders gebruik om sinvol te kan kommunikeer. ’n Werklikewêreldtaak is dus in ’n pedagogiese taak omskep wat nou as aktiveringstaak vergestalt word.

3.1.5 Kwartaal 4

Die KABV bepaal ten slotte dat kwartaal 4 (2011:46) hoofsaaklik vir hersiening van die taalkunde, wat deur die res van die jaar onderrig is, in graad 4 gebruik moet word. Daar moet veral aan die verskillende vokaalgroepe, diftonge, alfabetiese volgorde van woorde, klank- en lettergrepe, sowel as die afbreek van woorde en woordvorming aandag geskenk word. Voorts word daar weer na sinonieme, antonieme, homofone en homonieme gekyk, terwyl woord- en sinsoorte ook hersien word. Ontkenning, direkte en indirekte rede en lydende en bedrywende vorm word verder hersien, terwyl woordorde, afkortings, spelpatrone en enkelvoudige en saamgestelde sinne nie agterweë gelaat kan word nie. Vier *werk met woorde*-aktiwiteite, een *ons leer meer van taal*-aktiwiteit en twee *werk met sinne*-aktiwiteite kom in die eerste twee weke van kwartaal 4 aan bod. Die *ons leer meer van taal*-aktiwiteit bestaan uit ’n kombinasie van *werk met woorde* en *werk met sinne*.

’n Nuusberig, met spesifieke fokus op die prent, opskrif en onderskrif, word as die inligtingsteks in die eerste twee weke van kwartaal 4 in die *Rainbow*-werkboekreeks gebruik. Dit mag met die eerste oogopslag lyk asof hierdie teks nie die voorstelle van die KABV (2011:24) volg nie, aangesien dit (onder andere) onderhoude as inligtingsteks voorstel. Ons vind egter met nadere ondersoek dat daar wel ’n onderhoud as deel van die koerantartikel aangebied word (2021b:70). Die teks word gebruik om sinonieme te identifiseer en die leerders kry die geleentheid om voegwoorde te gebruik om sinne te verbind. Daar word van die leerders verwag om sinne in direkte rede te skryf en woorde soos *eers*, *daarna*, *later* en *uiteindelik* korrek in sinne te gebruik. Die fokus val verder op die identifisering van hulpwerkwoorde, die verdeling van woorde in lettergrepe en die verbinding van antonieme met mekaar.

Woordeboekgebruik, met spesifieke verwysing na kopwoorde, trefwoorde, verskillende definisies en woordsoorte word hersien, terwyl daar ook van die leerders verwag word om sinne in die lydende en ontkennende vorm te skryf. Hulle moet ook voegwoorde gebruik om enkelvoudige sinne te verbind ten einde saamgestelde sinne te vorm (2021b:69). Die nuusberig word as bronteks ingespan wanneer daar van die leerders verwag word om ’n inligtingverwerkingstaak te voltooi wanneer hulle ’n uitroepsin en stelsin in die berig moet identifiseer en onderskeidelik in blou en rooi moet onderstreep.

’n Volgende handelingstaak vereis dat die leerders sinonieme vir ’n lys woorde in die koerantberig moet soek (2021b:71), terwyl die volgende aktiwiteit op bladsy 72 van die leerders verwag om saamgestelde sinne te vorm deur sekere voegwoorde te gebruik. *Werk met sinne*, spesifiek die gebruik van hulpwerkwoorde, word in besonderhede op bladsy 76 bespreek. Die leerders moet verskillende aktiwiteite voltooi – hulle moet die hulpwerkwoorde identifiseer, stelsinne na vraagsinne verander, woorde in lettergrepe verdeel en dan in alfabetiese volgorde plaas (hierdie laaste twee aktiwiteite vorm deel van *werk met woorde*). Die aktiwiteite kan almal eerstens as uitsettake geklassifiseer word, aangesien betekenisonderhandeling plaasvind, daar op vorm gefokus word en spesifieke onderwerpe aandag geniet (in hierdie geval as deel van hersiening).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die uitsettake kan verder in twee groepe verdeel word: Die eerste aktiwiteite is inligting-verwerkingstake terwyl die laaste aktiwiteit 'n repetisietaak is, aangesien daar telkemale van leerders verwag word om hierdie tipe aktiwiteit te voltooi.

Op bladsy 78 in die *Rainbow*-werkboekreeks word 'n nuwe inligtingsteks, weer 'n koerant-artikel, gebruik. Die daaropvolgende aktiwiteite is almal inligtingverwerkingstake en is op die teks gebaseer. Daar word van die leerders verwag om sinne wat in die direkte rede geskryf is te identifiseer en te onderstreep. Leerders moet ook woorde met kortklanke, dubbelklanke, langklanke en diftonge in verskillende kleure onderstreep.

In *werk met woorde* op bladsy 79 moet leerders antonieme met mekaar verbind voordat daar vanaf bladsy 82 op woordeboekgebruik gefokus word. 'n Bladsy uit 'n verklarende woordeboek dien as bronteks en verskeie aantekeninge in die kantlyn verskaf meer inligting oor die belangrikste terminologie en hoe 'n bladsy saamgestel word.

Die laaste gedeelte van die taalkomponent word aan hersiening gewy en heet gepas "*onthou jy?*". Die verskillende tye, sowel as die ontkennende vorm en die gebruik van voegwoorde om saamgestelde sinne te vorm, word kortliks as 'n insettaak weer in die kantaantekeninge verduidelik voordat die leerders die onderskeie aktiwiteite, wat almal as uitset- of aktiveringstake, in die vorm van inligtingverwerkingstake, beskryf kan word, voltooi (2021b:84–5). Die werkboek slaag so daarin om al die verskillende komponente van taalkunde, soos in die KABV (2011) op bladsy 46 gelys te hersien.

3.1.6 Opsomming



Figuur 1. Opsomming: Taalkundekomponente in die *Rainbow*-werkboekreeks (2021a; 2021b)

Dit is duidelik uit bostaande opsomming dat daar in die *Rainbow*-werkboekreeks 'n oorgrote meerderheid van aktiwiteite is wat op *werk met woorde* fokus (13 aktiwiteite) teenoor aktiwiteite wat op *werk met sinne* (vyf aktiwiteite) en *spelling en spelpatrone* (twee aktiwiteite) fokus. Dit

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

blyk ’n tekortkoming van die handboekreeks te wees omdat daar ’n leemte in die vaslegging van die vaardighede ontstaan – ’n meer gebalanseerde verspreiding van die taalkomponente sal tot die voordeel van leerders wees en sal met die aanbevelings en voorstelle aangespreek word.

3.2 Platinum-*leerderboek Afrikaans Huistaal graad 4*

3.2.1 Inleiding

Die skrywers van die *Platinum*-handboekreeks vir Afrikaans Huistaal graad 4 betoog dat een van die belangrikste beginsels van die KABV (2011) die beginsel van inklusiwiteit is. Dit lei daartoe dat ’n meer leerdergesentreerde benadering tot onderrig en leer gevolg moet word wat verskille in klaskamers erken en respekteer. Terselfdertyd moet onderwysers bereid wees om hul onderrigstyle en -metodologieë aan te pas ten einde in al die leerders se leer- en onderrig-behoeftes te voorsien (Biesenbach, e.a. 2016b:xv). Dit is daarom die skrywers se hoop dat die handboekreeks ’n verskeidenheid aktiwiteite sal verskaf wat vir verskillende leerstyle voor-siening maak deur leergeleenthede vir leerders te skep om op hul eie, saam met hulle maats en in groepe te werk.

Die teikenwerkvelle wat by die gids ingesluit is, word deur die skrywers van die handboekreeks as “’n unieke instrument [...] wat bykomende oefeninge vir verskillende vaardigheidsvlakke bied” beskou (2016b:xvii). Die werkvelle het as doel om ekstra inoefening van klaswerk te bied of dit kan as opvolgaktiwiteite van formele assesseringstake gebruik word. Voorts word daar in die gids aangedui wanneer die velle ten beste gebruik kan word en die antwoorde word aan die einde van die gids verskaf. Die teikenwerkvelle word in twee groepe verdeel: Groep A kan as remediëringsaktiwiteite benut word, terwyl groep B as verrykende aktiwiteite beskryf word (2016b:xvii). Die voorgestelde gebruik van teikenwerkvelle is volgens Van der Hoven (2023) se navorsing tekenend van ’n benadering tot taalkunde-onderrig wat take as verwysing gebruik. Dit is ’n metode om die vaardighede wat leerders moet bemeester aan te dui en gee nie aandag aan hoe leer moet plaasvind nie, maar lei daartoe dat onderwysers bloot take gebruik om te verseker dat hul leerders oor die nodige vaardighede sal beskik wanneer assessering van leer plaasvind.

Die *Platinum*-handboekreeks is so opgestel dat daar een uur per tweeweeklikse siklus vir die inoefening van taalstrukture en -konvensies gebruik kan word. Die prosesbenadering word met hierdie handboekreeks gevolg waar die leerders tydens die verskillende stadiums van die proses deur middel van duidelike riglyne, verklarings, strategieë en vrae gelei word om nuwe kennis te verwerf en progressie te verseker (2016b:xxii). Die struktuur van die handboekreeks bied voorts aan beide onderwysers en leerders die geleentheid om inhoud, sowel as taalkennis en woordeskat te verwerf en taalstrukture aan te leer (2016b:xxiii).

3.2.2 Kwartaal 1

In die eerste twee weke van kwartaal 1 word ’n prent en storie as inligtingstekste gebruik ten einde so aan die bepalings wat in die KABV (2011:22) voorgestel word te voldoen. Die ontleding van die twee weke toon dat daar twee aktiwiteite is wat onder *werk met woorde* ressorteer, twee aktiwiteite wat as *werk met sinne* aangedui word, een *oefen taal*-aktiwiteit (’n kombinasie van *werk met woorde* en *werk met sinne*) en een deurlopende assesseringsaktiwiteit wat aan die einde van elke tweeweeklikse siklus as ’n vasleggingsaktiwiteit benut word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Daar word op etlike taalstrukture en -konvensies gefokus, onder andere die alfabetiese rangskikking van woorde (*werk met woorde*), soos wat in die KABV (2011:32) aanbeveel word. Die fokus val ook op *werk met sinne* wanneer die verskillende sinsoorte (stelsinne, vraagsinne, bevelsinne en uitroepsinne) en tydsvorme, sowel as werkwoorde en sinonieme en antonieme (*werk met woorde*) behandel word. Hiermee word daar aan die voorstelle vervat in die KABV (2011:32) voldoen. Die korrekte gebruik van leestekens, soos hoofletters, die punt, kommas en die kappie (^) word terselfdertyd onderrig en vorm deel van *spelling* saam met die onderrig van die korrekte spelwyse van woorde (d/t en v/f) (2016a:1). Dit sluit so aan by die KABV se aanbeveling dat *spelling* in die eerste kwartaal die onderrig van spelpatrone, die gebruik van hoofletters, punte en kommas moet behels (2011:32).

Met nadere ondersoek blyk dit dat daar aanvanklik nie van ’n bronteks gebruik gemaak word wanneer die reëls vir die gebruik van hoofletters en leestekens in die *Platinum*-leerderboek, duidelik onder *werk met sinne* aangedui, hersien word nie – leerders moet bloot die korrekte hoofletters en leestekens in twee sinne voeg (2016a:1–2). Dit wil volgens die leerderboek voorkom dat die aktiwiteit as ’n insettaak dien, aangesien verstaanbare insette verskaf word om die leerders met hul leerproses te help en die onderwyser die werk volgens spesifieke stappe kan onderrig. Die onderwysersgids gee meer inligting wanneer daar verduidelik word dat die aktiwiteit as informele assessering gebruik word en dat leerders toegelaat moet word om hulle antwoorde met hul maats te bespreek en vergelyk (2016b:6) – die leerders se kritiese denkvaardighede word sodoende getoets omdat hulle redes vir hulle keuses van leestekens en hoofletters moet verskaf. Die aktiwiteit het daarom ook besluitneming as doel: Leerders kan hul antwoorde (of menings) met mekaar deel en saam op die korrekte antwoorde besluit. Dit is egter problematies dat daar volgens die onderwysersgids (2016b:6) van leerders verwag word om eers op hulle eie te werk voordat die onderwyser hulp verleen, met ander woorde die heel eerste aktiwiteit wat die leerders in graad 4 doen, is ’n gefokusde of uitsettaak. Gefokusde take (soos in die eerste artikel bespreek) word gebruik om leerders se aandag op ’n spesifieke onderwerp te fokus en word gebruik om meer gevorderde taalvaardigheidsvlakke te ontwikkel.

In die leerderboek word daar hierna na *tref met taal* beweeg: Prente met die gepaardgaande idiome en hulle definisies word gegee en daar word van leerders verwag om daaroor te gesels en hul menings uit te ruil. Hierdie gedeelte word volgens die onderwysersgids telkens gebruik om leerders se idiomekennis en woordeskat uit te brei (2016b:7) en dien dan ook as inleiding vir die tema van die kwartaal, naamlik “Kattemaai”.

Op bladsy 3 (2016a) kom *werk met woorde* aan die beurt wanneer daar van leerders verwag word om vier woorde in ’n woordeboek na te slaan en dan die woorde in sinne te gebruik; die leerders moet met ’n volgende stap die woorde in alfabetiese volgorde, soos in ’n woordeboek, plaas. Daar word met hierdie taak van leerders verwag om woorde te klassifiseer en inligting te verwerk (inligtingverwerkingstaak).

’n Kortverhaal word op bladsy 4 (2016a) as inligtingsteks verskaf. Die verhaal word verder in die kantlyn toegelig met kort wenke oor die gebruik van hoofletters en leestekens na aanleiding van die gebruik daarvan in die verhaal. Die wenke wat deur die onderwyser met die leerders behandel word, kan dus ook as ’n insettaak beskou word – die onderwyser help met die leerproses, die hele klas is betrokke en daar word van spesifieke stappe gebruik gemaak. Op bladsy 5 in die leerderboek volg daar weer ’n afdeling wat as *werk met sinne* aangedui word. Daar word vervolgens van leerders verwag om werkwoorde in sinne in ’n aktiwiteit te identifiseer – hierdie sinne sluit wel by die tema aan, maar is nie uit die bronteks geneem nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Leerders moet by die voltooiing van die aktiwiteit redes vir hulle antwoorde gee en daarom kan die aktiwiteit tot ’n mate as ’n besluitnemingstaak gedefinieer word. ’n Tweede aktiwiteit verwag van leerders om hoofletters en leestekens in sinne te voeg, met behulp van die sinne en wenke wat in die bronteks gegee is. Die laaste aktiwiteit vereis dat die leerders die kappie (^) op die woorde sal plaas wat wel met ’n kappie geskryf word. Hierdie lys van nege woorde kom almal in die bronteks voor (2016a:5). Die onderwysersgids (2016b:11) bevat die riglyne wat vir die aktiwiteite gevolg moet word: Die leerders moet hul eie werk merk terwyl die onderwyser die korrekte antwoorde lees. Die motivering vir hierdie besluit is dat leerder-deelname aan informele assessering leerders in staat stel om uit die assessering te leer en so oor hul eie prestasie te besin. Alhoewel dit ’n goeie motivering mag wees, is dit problematies dat die aktiwiteite slegs uit geïsoleerde sinne bestaan en nie werklik teksgebaseerd, en daarom nie kommunikatief, is nie. Dit is verder kommerwekkend dat daar geen opvolgtake blyk te wees nie, wat dit moeilik maak om te bepaal of leerders dus wel hierdie kennis funksioneel sal kan toepas. Die skrywers wyk dus met die aktiwiteit ook van hul eie verklaring van die benadering wat gevolg word, af – daar is geen sprake van ’n proses met die aktiwiteit nie.

Oefen taal is die opskrif van bladsy 7 (2016a) met die taalfokus wat heel eerste op die definisie en voorbeeldsinne van werkwoorde val. So word definisies en voorbeeldsinne van die gebruik van die verskillende tydsvorme op dieselfde bladsy gegee. Hierna moet die leerders hul eie werkwoorde in sinne gebruik en daarna gegewe sinne in ’n spesifieke tyd herskryf. Die feit dat die definisies en voorbeeldsinne vir die leerders gegee word, lei daartoe dat die leerders bloot handelingstake voltooi. Daar word geensins van die leerders verwag om self krities te dink en nuwe kennis te verwerf nie. Die laaste aktiwiteit bestaan uit ses sinne en drie prente, waarvan drie sinne van toepassing op die prente is. Die *Platinum*-onderwysersgids (2016b:14–5) verskaf ’n omvattende verduideliking vir die wyse waarop hierdie aspek van taalkunde onderrig moet word. Daar word eerstens gepoog om ’n vaardigheids- en begripsbenadering te kombineer deur die tersaaklike taalteorie en voorbeelde so toeganklik moontlik vir die leerders aan te bied. Terselfdertyd word die betrokke taalaspekte gestruktureerd en progressief aangebied deur in elke tema op spesifieke aspekte te fokus. Dit word verder bevestig dat sekere voorgeskrewe taalstrukture en -konvensies, soos in die KABV vervat, slegs informeel hersien word indien dit reeds in vorige grade behandel is en eers later in die jaar as “taalfokusse” aandag sal/kan geniet. Daar word voorts genoem dat die deurlopende assessering aan die einde van elke twee-weeklikse siklus hoofsaaklik op taalvrae fokus. Ons vind daarom hier ’n tweede duidelike aanduiding dat alhoewel die handboekreeks van ’n prosesbenadering gebruik maak en daar wel op kommunikasie gefokus word, daar nie werklik sprake van ’n taakgebaseerde benadering is nie. Dit word weer hier bevestig dat daar bloot van take as verwysings gebruik gemaak word. Die vaardighede waaroor leerders moet beskik, is reeds vooraf gedefinieer en daar word weer nie aandag gegee aan die wyse waarop leer moet plaasvind nie. Die onderwysers weet dus wat die teikentake, in die vorm van assessering, gaan wees en gebruik die soortgelyke take om die leerders voor te berei.

Die *taalfokus* op bladsy 8 in die leerderboek (2016a) sluit verder by hierdie benadering aan wanneer daar op sinsoorte asook sinonieme en antonieme, wat onder *werk met woorde* val, gefokus word. Definisies van die verskillende sinsoorte, sowel as voorbeeldsinne, word gegee voordat daar van die leerders verwag word om twee tipes sinne in die aanvanklike bronteks te soek. Leerders moet verder sinonieme en antonieme vir ’n lys woorde verskaf; die woorde kan almal op bladsy 6 (2016a) in twee gedigte gevind word wat dan as brontekste vir al die aktiwiteite dien (2016a:7–8). Die wyse waarop die aktiwiteite opgestel is, is tekenend van handelingstake, aangesien daar bloot van die leerders verwag word om instruksies te volg om

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

die korrekte antwoorde te vind. Daar is dus geen sprake van inligtingsgapings of probleemoplossing nie. Dit is wel so dat hierdie aktiwiteite ook as repetisietake beskryf kan word – die leerders word herhaaldelik aan dieselfde taalstrukture tydens soortgelyke gebeure met dieselfde doelwitte blootgestel; die fokus op vorm en betekenis word so verenig. Dit lei egter nie tot aktiveringstake nie, met ander woorde die leerders beweeg nie oor na kreatiewe vaardighede en kritiese denke nie en sal dus nie noodwendig kan demonstreer hoe die taalvorm tot suksesvolle kommunikasie kan lei nie.

Die eerste twee weke van kwartaal 1 word op bladsy 9 (2016a) met die skryf van ’n kortverhaal afgesluit. Die aktiwiteit kan as ’n uitsettaak beskryf word omdat meer komplekse taalvaardighede van die leerders vereis word. Die wyse waarop die taalkomponente geïntegreer word is egter teleurstellend. Die instruksies dui aan dat leerders moet verseker dat hul sinne met hoofletters begin en met punte eindig; dat hulle van die tydsvorme moet seker maak en nie te veel tussen die verskillende tye moet rondspring nie, en dat hulle hul eie werk moet korrigeer. Hierdie taak kon baie meer sinvol gewees het indien leerders mekaar se werk kon lees en aanbevelings oor taal- en spelfoute maak. So sou leerders menings kon uitruil, besluite neem en probleme oplos.

3.2.3 Kwartaal 2

Navorsing het reeds getoon dat die KABV voorstel dat graad 4-leerders in die eerste twee weke van kwartaal 2 aan inligtingstekste met visuele komponente, soos diagramme, tabelle, prente, grafieke en aanwysings bekendgestel moet word (2011:23). Daar word verder aanbeveel dat daar in die eerste twee weke in *werk met woorde* op homonieme en homofone en die stam en basisvorm gefokus moet word. *Werk met sinne* fokus dan op voegwoorde, voorsetsels, telwoorde, die uitbreiding van enkelvoudige sinne en saamgestelde sinne. Die derde kategorie, naamlik *spelling*, fokus op die gebruik van die afkappingsteken (2011:37). Die handboek maak voorsiening vir een *tref met taal*-aktiwiteit, twee *woordeskat*-aktiwiteite wat onder *werk met woorde* ressorteer, een aktiwiteit wat as *taal in konteks* aangedui word, ’n *oefen taal*-aktiwiteit en een aktiwiteit wat as deurlopende assessering gemerk is. Beide die *tref met taal*- en *taal in konteks*-, sowel as die *oefen taal*-aktiwiteit is aktiwiteite wat ’n kombinasie van *werk met woorde* en *werk met sinne* insluit.

Die eerste twee weke van kwartaal 2, met die tema “Sambrele”, begin in die *Platinum*-leerderboek met *tref met taal* waar ses prente in die kantlyn verskaf word en daar dan van die leerders met ’n inligtingverwerkingstaak verwag word om die gegewe idiome en definisies by die prente te pas (2016a:52). Die *Platinum*-onderwysersgids dui aan dat leerders in pare kan werk om die prente by die idiome te pas (2016b:70) en daarom kan die taak ook as ’n probleemoplossingstaak beskou word, aangesien die leerders toegang tot dieselfde inligting het en saam moet werk om die aktiwiteit (wat net een uitkoms het) te voltooi. Hierdie idiome het almal die weer as onderwerp en sluit so by die tema aan.

Werk met woorde, op bladsy 53 in die leerderboek as *woordeskat* aangedui, kom aan bod wanneer daar van die leerders tydens ’n inligtingverwerkingstaak verwag word om ’n lys woorde se betekenisse na te slaan en daarna die woorde in alfabetiese volgorde te plaas – hierdie woorde sluit weer eens almal by die tema aan. ’n Weerkaart word vanaf bladsy 54 as inligtingsteks gebruik. Daar word eerstens op afkappingstekens as komponent van *spelling en spelpatrone* gefokus: Reëls en voorbeelde vir die gebruik van afkappingstekens word gegee, maar hierdie voorbeelde toon geen verband met die bronteks op dieselfde bladsy nie. ’n Tweede inligingsteks

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

met algemene inligting oor die weer en ’n gepaardgaande grafiek word op bladsy 55 aangetref. *Taal in konteks* wat op bladsy 56 volg, is ’n opsomming van die verskillende soorte sinne. Hierdie voorbeelde is egter nie uit die inligtingsteks gehaal nie, maar sluit wel by die tema aan, net soos wat die geval is met die voorbeeldsinne wat as enkelvoudige sinne na saamgestelde sinne uitgebrei moet word. Hierdie aktiwiteit kan as ’n uitsettaak beskou word, aangesien ’n meer gevorderde vlak van taalvaardigheid ontwikkel word.

In *oefen taal* (2016a:57–8) kom homonieme en homofone aan die beurt. Definisies word deur middel van voorbeeldsinne in die leerderboek verder toegelig. Daar word in die daaropvolgende aktiwiteit van die leerders verwag om die regte woorde te kies en dan hul eie sinne te maak. Leestekens, spesifiek die vraagteken, word voorts bespreek en voorbeeldsinne word as bykomende verduideliking gegee. Daar word van die leerders vereis om hul eie vraagsinne te vorm deur die gegewe stelsinne te gebruik. In die vierde plek word daar op voorsetsels, voegwoorde en telwoorde gefokus, met gepaste voorbeelde en definisies wat gegee word. ’n Gedig in die kantlyn dien as die bronteks en sluit by die “weer”-tema aan. Leerders moet verskillende opdragte uitvoer en voorsetsels, voegwoorde en telwoorde identifiseer. Hierdie aktiwiteite kan almal volgens Ellis (2017:510) as gefokusde take omskryf word, aangesien daar telkens op ’n spesifieke onderwerp gefokus word en spesifieke kennis oor bepaalde kenmerke so vasgelê word. ’n Tweede bronteks is ’n SMS wat ook in die kantlyn verskaf word: Daar word weer van leerders verwag om die woordsoorte te identifiseer. ’n Kort gedeelte oor die basisvorm (stam), voorvoegsels en agtervoegsels sluit die eerste twee weke se taalfokus af. Voorbeelde uit die SMS word gebruik met ’n bespreking en verduideliking wat blyk later in die leerderboek te volg (2016a:58). Die keuse van die SMS behoort bevraagteken te word, aangesien dit geen verband met die tema of enige van die voorafgaande tekste het nie – ’n SMS oor die weer sou baie meer van pas gewees het.

Die skryf van ’n weerberig dien as afsluiting van die eerste twee weke van kwartaal 2 (2016a:59) en is ’n uitstekende voorbeeld van hoe ’n werklikewêreldtaak as pedagogiese taak ingespan word. Leerders kan enige weerkaart uit ’n koerant kies en dan die weerberig daarvolgens skryf. Hierdie aktiveringstaak se sukses lê verder in die feit dat leerders versoek word om mekaar se werk te kontroleer en so hul besluitnemings- en meninguitruilingvaardighede te verfyn.

3.2.4 Kwartaal 3

Die KABV bepaal dat graad 4-leerders aan verhalende tekste, soos joernaalinskrywings en koerantberigte, in die eerste twee weke van die derde kwartaal blootgestel moet word (2011:24); terwyl daar in taalkunde-onderrig in *werk met woorde* op die basisvorm, samestellings en afleidings, sinonieme, antonieme en homonieme gefokus moet word. Tydens *werk met sinne* moet voornaamwoorde, bywoorde, voorsetsels, ontkenning, idiome en die letterlike en figuurlike betekenis die kern van onderrig vorm. *Spelling* fokus op die dubbelpunt en spelpatrone (2011:41). In die eerste twee weke van hierdie kwartaal toon die ontleding dat daar een *woordeskat*-aktiwiteit (wat onder *werk met woorde* val) is, een *werk met woorde*-aktiwiteit, een aktiwiteit wat as *taal in konteks* aangedui word, een *oefen taal*-aktiwiteit en een formele deurlopende assesseringsaktiwiteit.

In die derde kwartaal is “*Droom*” die tema vir die eerste twee weke in die *Platinum*-leerderboek. Die graad 4-leerders word op bladsy 91 en 92 van ’n foto en ’n uittreksel uit ’n jeugverhaal voorsien wat as inligtingstekste gebruik word – hiermee volg die leerderboek die riglyne van die KABV (2011:24). Die leerders kry die geleentheid om in groepe te gesels met duidelike riglyne

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

wat oor die aard van die groepbespreking gegee word (2012a:92). Hierdie aktiwiteit is aldus Gleason en Slater (2016) en Adendorff en Beukes (2019) 'n taak met die doel om menings uit te ruil – die leerders het dieselfde inligting, maar deel hulle verskillende sienings van die gegewe onderwerp. Daar kan daarom meer as een uitkoms wees, aangesien die leerders verskillende response sal hê.

Basisvorme, samestellings en afleidings, sowel as sinonieme, antonieme en homonieme is van die taalstrukture en -konvensies wat onderrig word. Daar word ook aandag geskenk aan voornaamwoorde, bywoorde en voorsetsels, sinne met ontkenning en idiome. Die letterlike en figuurlike betekenis van woorde verdien aandag, terwyl daar geleentheid is vir spelling en die korrekte gebruik van die dubbelpunt (2012a:91). Op bladsy 92 word daar onder *tref met taal* drie idiome met definisies saam met drie prente gegee, maar daar word egter geen aktiwiteite of bespreking aan gekoppel nie. Dit is eers wanneer die onderwysersgids bestudeer word dat die nodige instruksies gevind word: Leerders moet in pare werk en die idiome by die regte prente pas ten einde hul idiomekennis en woordeskat uit te brei (2016a:130). Leerders moet met die aktiwiteit dus besluite neem wat op dieselfde inligting gegrond is. Hulle deel hul verskillende menings en dan word daar op een van die uitkomste (in hierdie geval om die idioom by die korrekte prentjie te pas) besluit.

'n Uittreksel uit 'n jeugverhaal word vanaf bladsy 94 as inligtingsteks gebruik. Die teks bevat, onder andere, twee Engelse woorde, naamlik *popcorn* en *tjips*. Daar word op die volgende bladsy in *werk met woorde* van leerders verwag om Afrikaanse woorde vir vier Engelse woorde te verskaf, maar die twee woorde in die teks word egter glad nie gebruik nie. Die gedig (2012a:96) dien as bronteks vir *oefen taal* op die volgende bladsy waar leerders samestellings moet vorm, basisvorme en voor-/agtervoegsels moet identifiseer, sinonieme en antonieme moet verskaf, die gebruik van die koppelteken moet verduidelik en meervoude moet verskaf (uitsettake). Die onderwysersgids (2016:134–5) verskaf meer inligting oor hoe hierdie aktiwiteit voltooi moet word: Al die oefeninge word individueel en skriftelik voltooi; die onderwyser monitor en help waar hulp nodig blyk te wees. Verder word daar aanbeveel dat die leerders se werk individueel, soos hulle die aktiwiteit voltooi, by die onderwyser se tafel gemerk word. Hier is dus nie enige sprake van 'n insettaak waar die hele klas eers betrokke is en die onderwyser die spesifieke stappe verduidelik wat nodig is om die aktiwiteit suksesvol te voltooi nie. Dit sou tot die leerders se voordeel wees indien die onderwyser voorbeelde kon verskaf of vir voorbeelde vra terwyl daar vlugtig deur die verskillende oefeninge gelees word. Groepwerk, waar leerders hul menings kan deel en saam vir oplossings soek, sou hier die leergeleentheid bevorder het.

Vervolgens word 'n kort storie op bladsy 97 as bronteks vir die taaloefening op bladsy 98 gebruik. Die leerders moet homonieme identifiseer en daarna in sinne gebruik; verdere aktiwiteite verwag van die leerders om die korrekte voornaamwoorde in te vul, die korrekte voorsetsels te kies, die bywoorde te onderstreep, sinne in die ontkennende vorm te skryf en idiome te vind. Dit blyk dat die aktiwiteit soortgelyk aan die vorige aktiwiteit is – leerders werk individueel om die uitsettake te voltooi.

Leerders voltooi die eerste twee weke van kwartaal 3 deur hul eie dagboekinskrywing te skryf. Hierdie ekspressiewe taak kombineer die leerders se inter- en intrapersoonlike intelligensies en aktiveer meer komplekse taalvaardighede omdat die leerders self taal so konstrueer ten einde suksesvol in die werklike wêreld te kan kommunikeer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

3.2.5 Kwartaal 4

Die KABV stel voor, soos reeds genoem, dat kwartaal 4 (2011:46) hoofsaaklik vir die hersiening van taalkunde, soos wat dit deur die res van die jaar onderrig is, in graad 4 gebruik moet word. Daar moet weer tyd aan die verskillende vokaalgroepe, diftonge, alfabetiese volgorde van woorde, klank- en lettergrepe, sowel as die afbreek van woorde en woordvorming, bestee word. Voorts moet sinonieme, antonieme, homofone en homonieme hersien word, terwyl woord- en sinsoorte ook aandag moet geniet. Ontkenning, direkte en indirekte rede en lydende en bedrywende vorm word hersien, terwyl woordorde, afkortings, spelpatrone en enkelvoudige en saamgestelde sinne nie agterweë gelaat kan word nie. Die handboek gee aan die leerders die geleentheid om een *tref met taal*-aktiwiteit, een *woordeskat*-aktiwiteit, een *werk met woorde*-aktiwiteit, een aktiwiteit wat as *oefen taal* aangedui word en een deurlopende assesseringsaktiwiteit te voltooi.

Die *Platinum*-leerderboek het in kwartaal 4, week 1 en 2, vir Afrikaans Huistaal graad 4 ’n koerantberig en gepaardgaande foto as inligtingsteks wat by die tema, “Raar maar waar”, aansluit. Volgens die onderwysersgids (2016b:183) moet die leerders aangemoedig word om oor die foto te gesels en hul menings met mekaar te deel; leerders moet ook hul menings kan motiveer.

Die taalstrukture en -konvensies wat onderrig word, sluit onder meer vokaalgroepe 1, 2 en 3, diftonge en die alfabetiese volgorde van woorde in. Leerders leer meer oor klankgrepe en lettergrepe, sowel as die afbreek van woorde. Ontkenning, woordorde, woordvorming, sinonieme, antonieme, homofone en homonieme word onderrig, terwyl woordsoorte en sinsoorte verdere aandag geniet. Die fokus val verder op enkelvoudige en saamgestelde sinne, die direkte en indirekte rede en lydende en bedrywende vorm. Ten slotte word daar na die korrekte gebruik van idiome en idiomatiese uitdrukkings gekyk, terwyl spelling en afkortings nie agterweë gelaat word nie (2016a:141).

Nadere ondersoek wys dat daar weer, soos in die vorige kwartaal, met *tref met taal* begin word waar leerders ’n inligtingverwerkingstaak moet voltooi. Daar word vyf idiome aan die leerders verskaf. Hulle moet met mekaar oor die idiome gesels en dan in pare die betekenis van elke idioom in woordeboeke opsoek. Hierdie taak is ’n probleemoplossingstaak, aangesien die leerders oor dieselfde inligting beskik en moet saamwerk om die korrekte uitkoms te bereik.

Die leerderboek gebruik ’n koerantberig op bladsy 145 om as bronteks vir *werk met woorde* op bladsy 146 te dien. Daar word van die leerders verwag om een woord vir elke omskrywing in die bronteks te vind (’n probleemoplossingstaak), spesifieke woorde in die korrekte volgorde te plaas om sinne te maak (’n inligtingverwerkingstaak) en sinne in die ontkennende vorm en indirekte rede te verander (’n probleemoplossingstaak). Die sinne wat verander moet word, is egter nie uit die bronteks geneem nie. Hierdie take kan almal as uitsettake geklassifiseer word, aangesien dit geleentheid vir betekenisonderhandeling bied en meer gevorderde taalvaardighede ontwikkel. Die onderwysersgids (2016b:187) definieer die aktiwiteite as “selfstandige skriftelike werk” met die korrekte antwoorde wat bloot in die onderwysersgids verskaf word. Dit is daarom onduidelik of die take enigsins binne die aanbevole kommunikatiewe benadering (soos in hoofstuk 2 bespreek) sou kon ressorteer, aangesien daar geen aanduidings van outentieke kommunikasie is nie – kommunikasie tussen die onderwyser en leerders, die leerders, of tussen die leerders en die werklike wêreld. Die enigste kommunikasie is tussen die individuele leerder en die teks. Daar word verder geen leiding gegee oor hoe hierdie aktiwiteit deur die onderwyser hanteer moet word nie, terwyl daar op bladsy 188 van die gids aangedui word dat die onderwyser die aktiwiteit moet nasien.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die *werk met sinne*-komponent word verder uitgebrei na die lydende en bedrywende vorm met die noodsaaklike reëls en gepaste voorbeelde wat verskaf word voordat daar van die leerders verwag word om sinne in die lydende of bedrywende vorm oor te skryf (’n probleem-oplossingstaak). Die sinne wat vir die aktiwiteit verskaf word, is almal uit die brontekste afgelei (2016a:147). Hierna verskuif die fokus na afkortings, met die toepaslike reëls wat saam met voorbeelde uit die brontekste verskaf word. Die aktiwiteit wat hierop volg vereis van die leerders om ’n lys afkortings volledig uit te skryf en kan as ’n handelingstaak beskryf word.

Die *taal in konteks*-komponent, wat op bladsy 148 in die leerderboek begin, gebruik beide vorige tekste as bronne. Leerders moet ’n wye verskeidenheid opdragte uitvoer: Woorde vind wat diftonge bevat (’n inligtingsgapingtaak), sekere woorde in lettergrepe verdeel (’n inligtings-gapingtaak), sinne maak met homonieme en homofone sodat die betekenis van die woorde duidelik blyk (’n probleemoplossingstaak), die meervoude van woorde gee (’n probleem-oplossingstaak), woorde in alfabetiese volgorde plaas (’n inligtingverwerkingstaak) en anto-nieme en samestellings vind (’n probleemoplossingstaak) (2016a:148).

Die eerste twee weke van kwartaal 4 word met die skryf van ’n koerantberig afgesluit. Hierdie kreatiewe taak ontwikkel en integreer die leerders se linguistiese, visueel-ruimtelike en inter- en intrapersoonlike intelligensies en skep so die geleentheid vir besluitneming en mening-uitruiling. Leerders word versoek om hul koerantberigte vir mekaar te lees en spesifieke aandag aan leestekens, spel- en taalfoute te gee.

3.2.6 Opsomming



Figuur 2. Opsomming: Taalkundekomponente in die *Platinum*-leerderboek (2016a)

Dit is duidelik uit die bostaande grafiek dat *werk met woorde*, net soos in die geval van die *Rainbow*-werkboekreeks, die taalkundekomponent is wat die meeste aandag geniet. In die *Platinum*-hand-boek toon navorsing dat hierdie komponent sewe keer (ingeslote die *woordeskat*-aktiwiteite) aan

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

bod kom, met die *werk met sinne*-komponent wat in twee aktiwiteite die aandag van die leerders geniet. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die ander aktiwiteite – *oefen taal*, *tref met taal* en *taal in konteks* (sewe aktiwiteite in totaal) – ook op *werk met sinne* fokus, alhoewel dit nie direk aangedui word nie. Die huidige studie toon dus dat twee van die taalkomponente uitgebreide aandag in hierdie handboekreeks geniet, maar dat daar nie op *spelling en spelpatrone* gefokus word nie. Die afwesigheid van hierdie derde taalkomponent is betreurenswaardig omdat dit daartoe lei dat die leerders nie hierdie vaardigheid ten volle kan bemeester nie.

4. Gebruik van die taakgebaseerde benadering as uitvloeisel van die kommunikatiewe benadering tot taalonderrig

Navorsing het reeds bevind dat die taakgebaseerde benadering as ’n direkte uitvloeisel van die kommunikatiewe benadering, wat die primêre funksie van taal as interaksie en kommunikasie definieer, beskou word.

Ten einde te bepaal tot watter mate die *Rainbow*-werkboekreeks en die *Platinum*-leerderboek vir Afrikaans Huistaal graad 4 daarin slaag om die taakgebaseerde benadering, as komponent van die kommunikatiewe benadering, te implementeer, kan die volgende subvrae gevra word om die ontleding te rig:

1. Bied die leerderboeke aan leerders geleenthede om Afrikaans as taal te gebruik om vir sosiale en praktiese doeleindes te oefen?
2. Geskied die taalkunde-onderrig op ’n geïntegreerde wyse waar die onderwyser goeie praktyke modelleer en die leerders die gepaste vaardighede in groepe inoefen voordat hulle hierdie vaardighede op hul eie toepas?
3. Bied die leerderboeke aan leerders die geleentheid om pedagogiese take te voltooi, met ander woorde, werklikewêreldtake wat as deel van onderrig en leer gebruik word?

Die eerste vraag kan met groot sekerheid bevestigend beantwoord word. Die ontleding van die twee leerderboeke toon dat beide boeke voorsiening maak vir geleenthede waar die leerders Afrikaans as taal vir sosiale en praktiese doeleindes kan oefen. Dit is egter duidelik dat die *Rainbow*-werkboekreeks ’n groter verskeidenheid aktiwiteite in hierdie verband bied, aangesien die leerders tydens verskillende fases in pare en groepe kan werk; in die *Platinum*-leerderboek word daar hoofsaaklik in die inleidingsfase geleentheid hiervoor geskep.

Die tweede vraag blyk egter meer problematies te wees. Beide handboeke verskaf elke keer die nodige voorbeelde en definisies, maar nie een van die handboeke voorsien enige aktiwiteite waar die leerders self met die teks moet werk en nuwe kennis moet verwerf nie. Daar word deurlopend wenke en verduidelikings (in beide gevalle in die kantlyne van die boeke) gebruik om die leerders aan nuwe kennis bekend te stel. In hierdie opsig skiet beide handboeke dus tekort wanneer dit aan die riglyne van ’n taakgebaseerde benadering ten opsigte van die onderrig van taalkunde gemeet word.

Adendorff (2012b:24) stel dit duidelik dat die taakgebaseerde benadering ’n manier is hoe taal aangeleer kan word deur te ervaar hoe dit in kommunikasie gebruik word. Taakondersteunende taalonderrig gebruik take om op ’n meer tradisionele manier kommunikatiewe taaloefeninge daar

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

te stel, terwyl die benadering waar take as verwysing gebruik word slegs 'n manier is om die vaardighede wat die leerders aan die einde van 'n siklus moet bemeester te definieer (Bygate 2016:387). Beide handboeke wyk op verskillende maniere van die beginsel van "Leer deur te doen" af: Die *Rainbow*-werkboekreeks neig meer na 'n taakondersteunende benadering, terwyl die *Platinum*-reeks weer meer na 'n taakgerigte benadering, met take as verwysing, neig.

Dit is verder ook duidelik dat die *Rainbow*-werkboekreeks meer geleentheid vir groepwerk bied met die onderwyser wat die goeie praktyke modelleer waarna die leerders die gepaste vaardighede in groepe inoefen voordat hulle hierdie vaardighede op hul eie toepas.

Ten slotte is dit verblydend om uit die navorsing waar te neem dat sowel die *Rainbow*-werkboekreeks as die *Platinum*-handboekreeks wel pedagogiese take gebruik. Die ontleding dui egter weer eens daarop dat die *Rainbow*-werkboekreeks 'n groter en meer doelgerigte verskeidenheid take aan die leerders bied en hulle daarom so beter vir kommunikasie in die werklike wêreld voorberei.

5. Vergelykende opsomming

'n Vergelykende ontleding toon dat die drie taalkomponente, naamlik *werk met woorde*, *werk met sinne* en *spelling en spelpatrone*, soos deur die KABV voorgestel, in beide handboekreekse aandag geniet. Nie net word taalkunde-onderrig slegs onder die drie komponente aangetref nie, maar in albei handboekreekse word die onderrig ook in verdere komponente verdeel.

Die vergelykende opsomming toon verder dat daar in die *Rainbow*-werkboekreeks 34 aktiwiteite, versprei oor die agt weke wat vir hierdie artikel tersaaklik is, is wat onder taalkunde-onderrig ressorteer. Dit beteken dat daar gemiddeld 4,3 aktiwiteite per week is waar leerders met een of meer taalkunde-komponente werk. Hierteenoor is daar 22 aktiwiteite vir dieselfde tydperk in die *Platinum*-leerderboek, slegs 'n gemiddeld van 2,8 aktiwiteite per week wat op taalkunde-onderrig fokus.

Ons kan dus die afleiding maak dat die *Rainbow*-werkboekreeks 1,5 keer meer geleenthede aan leerders bied om taalkunde-onderrig te ontvang as wat die geval met die *Platinum*-leerderboek is. Dit is ook uit die ontleding bewys dat die *Rainbow*-werkboekreeks beter aan die aanbevelings van die KABV voldoen – naamlik dat die werkboek in 'n groter mate kommunikatief, teksgebaseerd, prosesgeoriënteerd en geïntegreerd met die onderrig van taalkunde omgaan.

Die 34 tersaaklike aktiwiteite in die *Rainbow*-werkboekreeks word in 30 individuele take en vier groepstake verdeel. Dit beteken dat 88% van die aktiwiteite individueel voltooi word en kommunikasie slegs tussen die leerder en die teks plaasvind, met slegs 12% van die aktiwiteite wat vir geleentheid vir kommunikasie tussen leerders voorsiening maak. Daar is dus bitter min geleentheid vir leerders om saam besluite te neem, probleme op te los en nuwe kennis te konstrueer.

In die *Platinum*-leerderboek word 20 take (91%) as individuele take aangedui, met slegs twee take (9%) wat pertinent as groepstake aangedui is. Leerders voltooi dus 2,5 take per week individueel en slegs 0,25 take per week in groepe – geleentheid vir kommunikasie tussen leerders en die konstruksie van nuwe kennis deur in 'n groep saam te werk, is daarom uiters beperk.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Die volgende grafiek bied 'n meer spesifieke blik op die gebruik van take in die onderskeie handboekreekse, met verdere onderskeid tussen die verskillende tipes take wat in elke handboek aangetref word.



Figuur 3. Tipes take in die *Rainbow*-werkboekreeks (2021a; 2021b) vs. die *Platinum*-leerderboek (2016a)

Bostaande grafiek toon dat 12 van die 13 verskillende tipes take (87 take in totaal) wat deur Van der Hoven (2023) geïdentifiseer is, in die twee handboekreekse aangetref word.

Die *Rainbow*-werkboekreeks bevat 55 take (30 hooftake) wat oor tien verskillende tipes take versprei is, met inligtingverwerkingstake (15) wat die meeste voorkom; dit word deur handelingstake (nege) en uitsettake (sewe) gevolg. Hierteenoor bevat die *Platinum*-leerderboek 32 take (22 hooftake) wat oor 12 verskillende take aangetref word. Probleemoplossingstake (sewe), gevolg deur uitsettake (ses) en inligtingverwerkingstake (vyf) word die meeste in die leerderboek aangetref.

Die 34 aktiwiteite wat in die *Rainbow*-werkboekreeks aangetref word, word dus in 55 take of onderafdelings verdeel – dit beteken dat die leerders gemiddeld 6,9 take per week voltooi. Indien die drie tipes take wat die meeste gebruik word verder ontleed word, beteken dit dat die leerders 1,9 inligtingverwerkingstake, 1,3 handelingstake en een uitsettaak per week voltooi.

Die 17 aktiwiteite wat in die *Platinum*-leerderboek aangetref word, word in 32 take (22 hooftake) verdeel. Hieruit kan afgelei word dat die leerders vier take per week voltooi; 0,9 probleemoplossingstake, 0,75 uitsettake en 0,63 inligtingverwerkingstake.

Bogenoemde statistiek toon dat die *Rainbow*-werkboekreeks 1,7 meer take as die *Platinum*-leerderboek bevat, maar dat die *Platinum*-leerderboek 'n groter verskeidenheid take het. In Afrikaans Huistaal graad 4-klasse waar die *Rainbow*-werkboekreeks gebruik word, voltooi die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

leerders gemiddeld 6,9 take per week – dit beteken dat leerders se kreatiewe denkvaardighede baie beter ontwikkel word as wat die geval is in klasse waar die *Platinum*-leerderboek gebruik word (hier word slegs vier take per week gedoen).

6. Samevatting

Die ontleding van die *Rainbow*-werkboekreeks en *Platinum*-leerderboek toon dat die drie taalkomponente, naamlik *werk met woorde*, *werk met sinne* en *spelling en spelpatrone*, soos deur die KABV aanbeveel, in beide handboekreekse uitgebreide aandag geniet.

Ons kon verder bepaal dat daar in die *Rainbow*-werkboekreeks 34 aktiwiteite is wat onder taalkunde-onderrig ressorteer, teenoor die 22 aktiwiteite vir dieselfde tydperk in die *Platinum*-leerderboek.

Hieruit kan ons aflei dat die *Rainbow*-werkboekreeks 1,5 keer meer geleenthede aan leerders bied om taalkunde-onderrig te ontvang as wat die geval met die *Platinum*-leerderboek is. Dit lei tot die aanname dat die *Rainbow*-werkboekreeks beter aan die aanbevelings van die KABV voldoen, naamlik dat die werkboek in ’n groter mate kommunikatief, teksgebaseerd, prosesgeoriënteerd en geïntegreerd met die onderrig van taalkunde omgaan.

Daar is verder bevind dat die 34 aktiwiteite in die *Rainbow*-werkboekreeks in 30 individuele take en vier groepstake verdeel kan word, wat ongelukkig beteken dat 88% van die aktiwiteite individueel voltooi word, met slegs 12% van die aktiwiteite wat geleentheid vir kommunikasie tussen die leerders voorsiening maak. Gevolglik is daar bitter min geleentheid vir leerders om saam besluite te neem, probleme op te los en nuwe kennis te konstrueer.

Die 22 aktiwiteite in die *Platinum*-leerderboek word as 20 individuele take in die leerderboek aangedui, met slegs twee take (9%) wat pertinent as groepstake aangedui is. Leerders voltooi dus 2,5 take per week individueel en slegs 0,25 take in groepsverband – die geleentheid vir kommunikasie tussen die leerders en die konstruksie van nuwe kennis deur in ’n groep saam te werk, is daarom uiters beperk.

Die ontleding het ook bevind dat 12 van die 13 verskillende tipes take (87 take in totaal) wat in die huidige ondersoek geïdentifiseer is, in die twee handboekreekse aangetref word.

Die 34 aktiwiteite wat in die *Rainbow*-werkboekreeks aangetref word, kan in 55 take of onderafdelings verdeel word, terwyl die *Platinum*-leerderboek 32 take bevat.

Bogenoemde statistiek stel dit duidelik dat in Afrikaans Huistaal graad 4-klasse waar die *Rainbow*-werkboekreeks gebruik word, die leerders gemiddeld 6,9 take per week voltooi. Dit beteken dat die leerders se kreatiewe denkvaardighede baie beter ontwikkel word as wat die geval in klasse is waar die *Platinum*-leerderboek gebruik word (hier word slegs vier take per week gedoen).

Die vergelykende ontleding van die twee handboekreekse toon dat daar ’n werklike behoefte aan ’n konseptuele raamwerk bestaan wat taalkunde-onderrig, volgens die taakgebaseerde benadering, kan rig. Die skrywers huldig die mening dat die voorgestelde konseptuele raam-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

werk slegs van nut kan wees indien dit steeds die aanbevelings van die KABV (2011) volg, naamlik dat die onderrig van taalkunde kommunikatief, teksgebaseerd, geïntegreerd en volgens ’n proses moet geskied.

Die skrywers sal in die derde artikel van hierdie reeks etlike beginsels ten opsigte van die taakgebaseerde benadering tot taalkunde-onderrig bespreek, aanbevelings maak en ook ’n praktiese voorbeeld van die konseptuele raamwerk verskaf.

Bibliografie

Adendorff, E. 2012a. Die omskakeling van werklikewêreld-take na pedagogiese take ten einde ’n taakgebaseerde sillabus te ontwerp. *LitNet Akademies*, 9(3):834–69.

—. 2012b. Kompleksiteit in taakgebaseerde onderrig en leer van Afrikaans as tweede taal binne universiteitskonteks. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Adendorff, E. en V. Beukes. 2019. Die gradering en ordening van drie teikentake binne ’n taakgebaseerde leer-en-onderrig-program vir nie-Afrikaanssprekende internasionale studente. *LitNet Akademies*, 16(2):554–83.

Biesenbach, J., A. Engelbrecht, C. Henning, A. le Roux, W. Louw, M. Mihai, J. van Lill, R. van Oort en R. van Rooy. 2016a. *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 4 Leerderboek*. Kaapstad: Pearson.

—. 2016b. *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 4 Onderwysersgids*. Kaapstad: Pearson.

Bygate, M. 2016. Sources, developments and directions of task-based language teaching. *The Language Learning Journal*, 44(4):381–400.

Crookes, G. en S.M. Gass (reds.) 1993. *Tasks and language learning: Integrating theory and practice*. Clevedon: Multilingual Matters.

Departement van Basiese Onderwys. 2011. *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring Graad 4–6. Afrikaans Huistaal*.

—. 2021a. *Rainbow Workbooks. Afrikaans Huistaal Graad 4 kwartaal 1 en 2*.

—. 2021b. *Rainbow Workbooks. Afrikaans Huistaal Graad 4 kwartaal 3 en 4*.

Ellis, R. 2003. *Task-based language teaching*. Oxford: Oxford University Press.

—. 2017. Position paper: Moving task-based language teaching forward. *Lang. Teach.*, 50(4):507–26.

Gleason, J. en T. Slater. 2016. Patterns of tasks, patterns of talk: L2 literacy building in university Spanish classes. *Language, Culture and Curriculum*, 30(2):129–56.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d4

Klapper, J. 2003. Taking communication to task? A critical review of recent trends in language teaching. *Language Learning Journal*, 27:33–42.

Pica, T., R. Kanagy en J. Falodun. 1993. Choosing and using communication tasks for second language instruction. In Crookes en Gass (reds.) 1993.

Van der Hoven, A. 2023. Taakgebaseerde taalkunde-onderrig in Afrikaans Huistaal graad 4: ’n Teoretiese raamwerk. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Viviers, D. 1997. Taakgerigte taalonderwys. *Karring*, 13:7–13.

Willis, J. 1996. *A framework for task-based learning*. Harlow: Longman.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Die doeltreffendheid van die gebruik van vertaalde gesprekstorieboeke vir die ontwikkeling van wiskundewoordeskat en wiskundevaardigheid in klasgroepe

Hanrie Bezuidenhout en Parvin Nemati

Hanrie Bezuidenhout en Parvin Nemati, Vroeë kinderontwikkeling,
Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Johannesburg

Opsomming

Die doel van hierdie tweefasestudie was om geskikte gesprekstorieboeke ("dialogue reading books") vir wiskundewoordeskatontwikkeling vir jong kinders na Afrikaans te vertaal (fase 1) en om die doeltreffendheid vir klaskamergebruik deur 'n loodsstudie te ondersoek (fase 2). As vertrekpunt word wiskundewoordeskat gedefinieer en gesprekslees as onderrigbenadering omskryf. Ons maak die gevolgtrekking dat *Die klein olifantjies se groot avonture* 'n geskikte reeks gesprekstorieboeke vir die ontwikkeling van jong kinders se wiskundewoordeskat is en dat die Afrikaanse vertaling van hierdie boeke 'n funksionele ekwivalent van die oorspronklike Engelse teks is.

In fase 2 is 70 graad RR-leerders deur gerieflikheidsteekproeftrekking geïdentifiseer, waarvan 61 se data ontleed is. Onderwysers het aan 'n werksessie oor gesprekslees en eksplisiete onderrig van wiskundewoordeskat deelgeneem. Die deelnemende kinders is ewekansig in 'n intervensiegroep (n = 35) en 'n vergelykende groep (n = 26) verdeel waarna onderwysers drie gesprekstorieboeke oor 'n tydperk van vier weke minstens vier maal vir die intervensiegroep leerders gelees het om wiskundegesprekke in die klas te ontlok.

Alhoewel hierdie intervensie nie 'n groter impak op wiskundewoordeskatontwikkeling of -vaardighede in die intervensiegroep as in die vergelykende groep tot gevolg gehad het nie, het beide groepe se wiskundewoordeskat en -vaardigheid oor die tydperk van vier weke verbeter. Dit dui daarop dat alhoewel gesprekstorieboeke in tuisomgewings effektief gebruik word om wiskundewoordeskat te ontwikkel, dit nie noodwendig in groter groepe soos klaskameromgewings

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

effektief gebruik kan word nie. Die data toon ook aan dat wiskundewoordeskat gelyktydig en voorspellend met wiskundevaardigheid geassosieer is – wat die eksplisiete onderrig van wiskundewoordeskat beklemtoon. Alternatiewe benaderings tot wiskundewoordeskatonderrig in groter groepe moet dus ondersoek word.

Trefwoorde: gesprekstorieboeke; wiskundevaardigheid; wiskundewoordeskat; voorskools

Abstract

The effectiveness of using translated dialogue reading books for the development of mathematics vocabulary and mathematics skills in classroom groups

Children with a well-established and elaborate mathematics vocabulary perform better in assessments and engage more easily in mathematics discussions and have more cognitive resources available for higher-order mathematics tasks (Lin, Peng and Zeng 2021). The terms mathematics-specific language / mathematics language and mathematics-specific vocabulary / mathematics vocabulary are often used interchangeably (e.g. Lin et al. 2021; Turan and De Smedt 2022). We therefore define mathematics vocabulary as terms, phrases, abbreviations, and symbols essential for reasoning and problem-solving and suggest that early exposure to mathematics vocabulary predicts later academic success. Mathematics vocabulary thus contributes to mathematics learning (Purpura, Schmitt, Napoli, Dobbs-Oates, King, Hornburg, Westerberg, Borriello, Bryant, Anaya, Kung, Litkowski, Lin and Rolan 2021) and is also a reliable predictor for future performance on mathematics assessments (Bezuidenhout 2018). Previous research highlights the effectiveness of using dialogue reading books in home settings to develop mathematics vocabulary and skills (Purpura et al. 2021). However, little research has been conducted on implementing this method in classrooms. This study aimed to translate an existing series of three English dialogue reading books for mathematics vocabulary into Afrikaans and assess their impact on Grade RR learners' mathematics vocabulary and mathematics performance over a period of four weeks. Unlike prior studies, this intervention is classroom-based, offering insights into its effectiveness in larger group settings.

This study considers the effectiveness of Afrikaans-translated dialogue reading books for mathematics vocabulary and skills through a theoretical lens of two integrated frameworks. Firstly, to maintain functional equivalence in a translated mathematics vocabulary text, comparability is considered the key factor. This study used decentralisation (Sechrest, Fay and Zaidi 1972) and a double-focus approach (Erkut, Alarcón, Coll, Tropp and García 1999), involving an interdisciplinary team of experts, including linguists, teachers, parents, and researchers, to ensure both linguistic and functional accuracy. Secondly, dialogic reading, a structured approach where the reader actively engages children in the story, enhances mathematics vocabulary and concepts. Techniques like CROWD and PEER (Lonigan and Whitehurst 1998) encourage children to become co-storytellers rather than passive listeners. Research has shown that dialogue reading improves mathematics vocabulary development, number concepts, counting, and cardinality (Gibson, Gunderson and Levine 2020). To assess the effectiveness of this approach, Bezuidenhout (2021) suggested five key components for storybooks: age-appropriate topics, relatable characters, specific vocabulary, clear constructs, and suitable illustrations. In this study, we used these principles to show that the Afrikaans translation of *The little elephants' big adventures* is a suitable dialogue reading series for the development of young children's mathematics vocabulary.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

The series consists of three books. In *Too many pillows*, three friends go camping, and Benjamin packs too many pillows, flashlights, and peanuts, making his backpack very heavy. Lucy helps him unpack so that only the necessary items remain, lightening his load. Each illustration facilitates discussions about comparing quantities. In *Just enough eggs*, Lucy and Benjamin bake a cake for Bear's birthday. They discuss the recipe and solve mathematics problems in the kitchen. Each storyline provides examples for families and educators on how to spark maths conversations in everyday situations. Each page of the stories contains three questions, each with a different purpose. In *Picnic with some peanuts*, the characters divide the apples, lemonade, and peanuts fairly among themselves. Ants carry Bear away while the elephants read and the concerned elephants go looking for Bear just to find him and some missing peanuts with the ants, Bear's new friends. Illustrations clearly depict mathematics concepts like division by making all quantities of items visible.

In the first phase of the study, we discuss how the Bezuidenhout (2021) model was used to evaluate the effectiveness of the three Afrikaans books and how the translation process was handled. By describing the process, teachers and researchers can use a dual-focus approach (Erkut et al. 1999) and an interdisciplinary team of translators to translate teaching materials in the future.

The second phase was a conceptual replica of Purpura et al. (2021), but in a classroom setting with large groups of children. Four Grade RR classes (mean age at pretest was 6,34 years) at an Afrikaans public school in Gauteng participated in the study. Thirty-five children participated in the intervention while 26 children were in a business-as-usual group. After a training session with all participating teachers, all children's i) mathematics, ii) mathematics vocabulary, iii) working memory, and iv) similarity recognition skills were tested during a pretest. After a four-week dialogue reading intervention, all participating children's mathematics vocabulary and mathematics skills were assessed. No delayed post-test was conducted due to time constraints at the school. During the intervention, each teacher in the intervention group read the books to their children over a period of four weeks. The first book was read at least three times during the first week, the second book at least three times in the second week, and the third book at least three times in the third week. All three books were read at least once again during the final intervention week. The suggested questions at the bottom of each page were used for discussions. Some of the teachers expanded on the questions and discussed more than what was covered by the specific question.

The normality of distribution for continuous variables were determined and the means of all variables were compared. To determine the effect of the intervention, independent t-test and Mann-Whitney U test as a non-parametric alternative to t-test, were conducted to compare the two groups (intervention vs comparison group) at two time points (pretest vs post-test). Differences within each group (intervention and comparison group) between the pretest and post-test were also examined, as well as associations between variables. All analyses were performed using computer software called Jamovi (Version 2.5, 2024).

There were no differences between the intervention and comparison groups in terms of background variables (age, gender, siblings, and recognition agreement) or measurement instruments, including mathematics skill and mathematics vocabulary at both the pretest and post-test (all p values > 0,05). The results indicated that the intervention did not lead to a statistically significant improvement in the mathematics skills of the intervention group compared to the comparison group. Although the average for mathematics vocabulary was higher in the inter-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

vention group (mean difference = 1,03) compared to the comparison group (mean difference in the intervention group = 0,88), the difference was not significant, with a small effect size. Mathematics vocabulary in the intervention group (Mdn = 21,50) significantly differed between the pretest and post-test (Mdn = 23), $W = 75$, $p = 0{,}010$, $r = -0{,}57$, indicating a large effect. However, the mathematics vocabulary in the comparison group (Mdn = 22) at the pretest did not significantly differ from the post-test (Mdn = 22), $W = 78$, $p = 0{,}114$, $r = -0{,}38$, indicating a medium effect. The significant improvement in mathematics skills, as well as mathematics vocabulary, after the teacher workshops and intervention programs, calls for further investigation into the impact of teacher training programmes on teachers' intuitive inclusion of mathematics vocabulary during their mathematics instruction.

Spearman correlation showed a significant positive relationship between mathematics skills ($W = 96$, $p = 0{,}061$) and mathematics vocabulary ($W = 0{,}89$, $p < ,001$) at the pretest, $r = 0{,}34$, $p < ,01$. Positive association between mathematics skills and mathematics vocabulary during both the pretest ($r = 0{,}34$, $p = ,008$) and post-test ($r = 0{,}27$, $p = ,035$) were also determined. Further, there were significant predictive relationships between mathematics skills at the pretest and mathematics vocabulary at the post-test ($r = 0{,}30$, $p = ,018$) and between mathematics vocabulary at the pretest and mathematics skills at the post-test ($r = 0{,}42$, $p < ,001$). These correlations highlight the importance of explicit teaching of mathematics vocabulary (Riccomini, Smith, Hughes and Fries 2015).

Although the books did not have a positive effect on the mathematics vocabulary or skills of the class groups, we consider this an important contribution to science and education, allowing future studies to be more focused in design. Future studies could also focus on evaluating the impact of the same Afrikaans series in home environments, in small groups, and one-on-one teaching situations. The implementation of dialogue reading books in other languages will also be explored in small groups and home environments.

We conclude that although the intervention did not lead to significant differences between the intervention and comparison groups for both mathematics skills and mathematics vocabulary, significant changes over time were observed for both measures, regardless of the group. Furthermore, several correlations between study variables were identified, which may justify further investigation in future research.

Keywords: dialogue reading; mathematics competencies; mathematics vocabulary; preschool

1. Inleiding

Jong kinders met 'n omvattende wiskundewoordeskat (bv. *meer*, *minder*, *tussen*, *groter*, *ewe veel*) vorm meer geredelik wiskundekonsepte, vaar beter in wiskundeassesseringstoetse en neem makliker aan wiskundegesprekke deel as kinders met 'n beperkte wiskundewoordeskat (Hornburg, Schmitt en Purpura 2018; Purpura, Napoli, Wehrspann en Gold 2017; Toll en Van Luit 2014). Wiskundewoordeskat word gedefinieer as terme (bv. *deel*, *klein*, *minste*, *tussen*), frases (bv. *kleinste gemene veelvoud* of *groter as*), afkortings (bv. *kg*, *min.* vir minute) en simbole (bv. + of √) wat algemeen in wiskundeberedenering, in wiskundeboeke, instruksies, onderrig en assesserings voorkom (Lin, Peng en Zeng 2021). Voorskoolse wiskundewoordeskat (d.i. voor formele onderrig in graad 1 begin) is 'n goeie aanduider van die ontwikkeling van kinders se

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

voorskoolse wiskundekennis (Bezuidenhout 2018). Voorskoolse wiskunde is weer ’n goeie voorspeller van hul wiskundeprestasie gedurende hulle skoolloopbaan (Desoete 2015; Fyfe, Rittle-Johnson en Farran 2019; Sarama en Clements 2009) wat deure vir tersiêre studie en/of werksgeleenthede ontsluit.

Peng, Lin, Ünal, Lee, Namkung, Chow en Sales (2020) het verder beklemtoon dat wiskundewoordeskat tydens die onthou van konseptuele inhoud wat in die langtermyngeheue gestoor word gebruik word. Hierdie skrywers voer verder aan dat wiskundewoordeskat ’n kritiese rol in redeneringsprosesse tydens die oplos van woordprobleme speel. Wanneer kinders basiese wiskundewoordeskat bemeester het, kan hulle meer kognitiewe hulpbronne aan probleemoplossing bestee. Daarteenoor bestee kinders met beperkte wiskundewoordeskat meer kognitiewe hulpbronne aan die ontsyfering van die betekenis van wiskundetaal wat die uitvoer van wiskundeprosedures bemoeilik (Lin e.a. 2021). Byvoorbeeld, ’n kind sal *vermeerder* met *vermenigvuldig* verwar en sodoende meer kognitiewe hulpbronne benodig vir die opdrag “vermenigvuldig 24 met 23 en vermeerder jou antwoord met 10” as ’n kind wat onmiddellik hierdie twee terme van mekaar kan onderskei. Daarom voer ons, soos ander (Riccomini, Smith, Hughes en Fries 2015) aan dat eksplisiete onderrig en assessering van wiskundewoordeskat voordelig vir jong kinders se wiskundeontwikkeling is.

Gesprekstorieboeke is ’n gerigte onderrigmodaliteit wat effektief gebruik word om voorskoolse kinders se wiskundewoordeskat eksplisiet te onderrig (Hendrix, Hojnoski en Missall 2019; Hojnoski, Columba en Polignano 2014; Purpura, Schmitt, Napoli, Dobbs-Oates, King, Hornburg, Westerberg, Borriello, Bryant, Anaya, Kung, Litkowski, Lin en Rolan 2021). Tot dusver is dié benadering egter meestal in huisomgewings geïmplementeer (Hendrix e.a. 2019; Hojnoski e.a. 2014; Purpura e.a. 2021). In een van hierdie studies het Purpura e.a. (2021) (n = 84) bevind dat ’n gesprekslesintervensie nie net wiskundewoordeskat bevorder het nie, maar ook wiskundevaardigheid. Hierdie positiewe invloed op wiskundewoordeskat en -vaardigheid was ná agt weke steeds waarneembaar. Hendrix e.a. (2019) het aangedui dat boeke wat spesifiek ontwerp is om jong kinders se wiskundewoordeskat te ontwikkel deur ouderdomsgepaste woordeskat en begrippe in te sluit, meer effektief as algemene kinderstorieboeke is. Daarom het onder andere Purpura e.a. (2021) en Hendrix e.a. (2019) boeke in hul intervensiestudies gebruik wat spesifiek op die ontwikkeling van wiskundewoordeskat gerig is. In hierdie studies is individuele aandag aan kinders in hul huisomgewing gegee en ouers het tyd ingeruim om dié tegniek te gebruik om die kinders se wiskundewoordeskat tydens storietyd uit te brei. Die doeltreffendheid van hierdie soort gesprekstorieboeke is egter nog nie in groter groepe soos voorskoolse klaskamers ondersoek nie.

Daar is wel twee wiskundewoordeskatstudies waarin gesprekslees in klasse geïmplementeer is, maar beide het tekortkominge. Jennings, Jennings, Richeyen en Dixon-Krauss (1992) het alledaagse kinderstories soos *Jan en die boontjierank* gebruik om aan te toon dat gesprekslees tot die verbetering in vyfjarige kinders se wiskundeprestasie en verhoogde belangstelling in wiskunde kan lei. Dié outeurs het verder aangetoon dat hierdie kinders wiskundewoordeskat toenemend in hul vryspel ingesluit het na afloop van vyf maande se blootstelling aan gesprekstorieboeke se tipiese lees- en geselsmetodes. Alhoewel Jennings e.a. (1992) bepaal het dat kinders wiskundewoordeskat in hul vryspel ingesluit het, het hulle egter nie getoets of die kinders se begríp van wiskundewoordeskat en hul wiskundevaardigheid na afloop van die intervensie verbeter het nie. Daar is dus nie vasgestel of daar ’n verwantskap was tussen die verhoogde gebruik van wiskundewoordeskat en die verbetering van wiskundevaardigheid nie. Van Den Heuvel-Panhuizen, Van Den Boogaard en Doig (2009) het later gesprekslees gebruik om aan te toon dat algemene kinderboeke gebruik kan word om konsepte oor meting, data-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

hantering en meetkunde aan sesjarige kinders bekend te stel. In hierdie studie is kinders se wiskundeprestasie of wiskundewoordeskat egter nie gemeet nie. Daarom is dit ook onduidelik of hierdie boeke 'n uitwerking op die verbetering van wiskundewoordeskat of -vaardigheid gehad het.

Ons het die huidige studie aangepak met die doel om eerstens aan te toon hoe funksionele vergelykbaarheid tussen 'n oorspronklike (Engelse) teks (Purpura e.a. 2021) en die Afrikaanse vertaling van dié reeks wiskundegesprekstorieboeke behou kan word (fase 1); en tweedens, om met 'n loodsstudie te bepaal of graad RR-leerders se wiskundewoordeskat en -vaardigheid na afloop van 'n vier week lange gesprekslesintervensie verbeter het (fase 2). Die eerste fase is by hierdie studie ingesluit omdat daar geen gesprekstorieboeke wat spesifiek op wiskunde-woordeskat gerig is in Afrikaans beskikbaar was nie. Fase 2 is 'n konseptuele replisering van Purpura (2021) se ontwerp, maar pas die intervensie in klasgroepe in plaas van huisomgewings toe. Die studie het in 'n gegoede Afrikaanse staatskool in voorstedelike Gauteng plaasgevind waar kinders se huistaal én onderrigtaal Afrikaans was.

1.1 Wiskundewoordeskat

Die terme *wiskundetaal* en *wiskundewoordeskat* word dikwels afwisselend gebruik (bv. Bleses, Moos, Purpura en Dale 2023; Lin e.a. 2021; Turan en De Smedt 2022). Ons tref onderskeid tussen hierdie terme. Ons voer aan dat *wiskundetaal* verskeie komponente van taal beskryf wat met wiskunde verband hou, insluitend simbole, woorde en sinstrukture wat tot wiskunde-ontwikkeling bydra. *Wiskundetaal* sluit dus *wiskundewoordeskat* in, maar is nie beperk tot vakwetenskaplike wiskundewoordeskat nie. Weens die afwisselende gebruik van bogenoemde terme, definieer ons wiskundewoordeskat en dui aan hoe dié term deel vorm van natuurlike alledaagse taal, asook van formele wiskundetaal soos in natuurlike taal gebruik (figuur 1).

Dowker en Nuerk (2016) het verskeie invloede van alledaagse natuurlike taal geïdentifiseer wat die leer van wiskunde fasiliteer, naamlik fonetiese, semantiese, konseptuele, grammatikale, visueel-ruimtelike en leksikale invloede. Alledaagse natuurlike taal wat uit klanke, woorde en sinne met spesifieke grammatika bestaan, sluit hierdie taalkomponente in. Natuurlike taal wat spesifiek gebruik word tydens wiskundeverwante gesprekke, onderrig en assessering, omskryf ons as wiskundetaal. Dit sluit die taal wat kinders hoor en gebruik wanneer hulle aan gesprekke oor wiskunde deelneem, in. Een van die komponente van wiskundetaal is wiskundewoordeskat.

Voorskoolse wiskundewoordeskat word tradisioneel in twee groepe verdeel, naamlik kwanti-tatiewe woordeskat (bv. *baie*, *min*, *geen* of *getalname*) en ruimtelike woordeskat (bv. *voor*, *ná*, *tussen* of *lank*) (King 2022; Turan en De Smedt 2022). As ervare voorskoolse onderwysers reken ons dat jong kinders dit dikwels moeilik vind om vergelykende woordeskat (bv. *minder*, *korter* of *meer*) te ontwikkel. Daarom beskou ons vergelykende woordeskat as 'n aparte kategorie. Figuur 2 is 'n voorstelling van hoe ons wiskundewoordeskat definieer. Hierdie woordeskat kom in alledaagse gesprekstaal en in kinderboeke voor.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5



Figuur 1. Definiëring van wiskundewoordeskat

1.2 Teoretiese raamwerk

Ons beskou die doeltreffendheid van gesprekstorieboeke vir wiskundewoordeskat en -vaardigheid wat in Afrikaans vertaal is deur ’n teoretiese lens van twee geïntegreerde raamwerke: i) die behoud van funksionele vergelykbaarheid in ’n vertaalde wiskundewoordeskatteks; en ii) gesprekslees as intervensie vir die verbetering van wiskundewoordeskat en -vaardigheid (figuur 2).



Figuur 2. Geïntegreerde teoretiese raamwerk vir die doeltreffendheid van vertaalde wiskundegesprekstorieboeke

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

1.2.1 Funksionele vergelykbaarheid in vertaalde tekste

Om die inherente betekenis in ’n vertaalde teks te behou, word vergelykbaarheid as die belangrikste oorweging beskou (Bernacka 2012). Die doel van vertaling is nie bloot om een woord, frase of sin met ’n ander te vervang om sodoende linguistiese vergelykbaarheid te verseker nie, maar om ’n funksionele vergelykbaarheid tussen die twee tekste te behou. Alhoewel linguistiese vergelykbaarheid belangrik is, mag twee verskillende taalgroepe ’n teks verskillend interpreteer en verskillend op tekste reageer indien funksionele en kulturele vergelykbaarheid nie ook geprioritiseer word nie (Peña 2007). ’n Hipotese wat as die Whorf-hipotese (Whorf 2012) bekend staan, stel dat alle tale verskillende semantiese strukture het wat die wyse waarop ’n mens die werklikheid waarneem en verstaan, beïnvloed. Die rol van die vertaler is dus om betekenis in die vertaalde teks so na as moontlik aan die betekenis van die oorspronklike teks te hou, al beteken dit dat taalstrukture soms verander en tekste sodoende nie heeltemal linguisties vergelykbaar is nie.

Die doel van vergelykbaarheid behoort dus te wees om die kernbetekenis van die teks taalkundig en semanties korrek oor te dra (Grisay 2003). Hiervoor kan een van twee tegnieke, of ’n kombinasie van die twee, gebruik word: i) terugvertaling, waar ’n tweetalige persoon byvoorbeeld die vertaalde Afrikaanse teks terug na Engels vertaal en die terugvertaalde weergawe met die oorspronklike Engelse teks vergelyk word om verskille te identifiseer; of ii) akkuraatheid kan deur ’n interdissiplinêre span van kundiges, insluitend een of meer tweetalige taalkundiges, onderwysers, ouers en navorsers vasgestel word deur die vertaalde teks te hersien en te kontroleer. Die laasgenoemde benadering is in hierdie studie gevolg.

Omdat linguistiese vergelykbaarheid beperkend is en daar veral op funksionele vergelykbaarheid klem gelê behoort te word (Peña 2007), word desentralisering (Sechrest e.a. 1972) as tegniek tydens vertaling gebruik. In hierdie benadering beweeg die vertalers weg van woord-vir-woord-vertaling en verskuif hul aandag na die kernbetekenis van die teks. Byvoorbeeld, as Benjamin in *Piekniek met grondboontjies* aankondig “I love picnics” kan die woord “love” nie as “lief” of “liefde” vertaal word nie, alhoewel dit linguisties die korrekte vertaling van die woord sou wees. Deur ’n desentraliseringsbenadering word dié sin eerder as “ek hou daarvan om piekniek te hou” vertaal en sodoende bly die twee tekste funksioneel ekwivalent. ’n Tweede tegniek vir die funksionele behoud van die betekenis van ’n teks, is om ’n dubbelefokusbenadering (Erkut, Alarcón, Coll, Tropp en García 1999) toe te pas. Hiermee word rolspelers van verskillende kennisvelde by die vertalingsproses betrek. Die interdissiplinêre span van onderwysers, ouers, taalkundiges en navorsers hersien die vertaalde teks met die oog op die vraag: Sal kinders die storie verstaan? Taalkundiges verseker dat die korrekte woordeskat en taalstrukture gebruik word, terwyl navorsers die inhoud van die teks beoordeel. Deur ’n geïntegreerde span van resensente te gebruik, kan komplekse woordkeuses en sinskonstruksie vermy word terwyl taalkundig korrekte skryfwyses steeds behoue bly.

Om te verseker dat verskillende taal- en kultuurgroepe ’n teks op dieselfde manier interpreteer en verstaan, moet kulturele gelykvormigheid ook in ag geneem word. Indien Lucy en Benjamin (die karakters in die reeks *Die klein olifantjies se groot avonture*) byvoorbeeld meeteenhede in die Verenigde State van Amerika (VSA) sou bespreek, sou hulle ander woordeskat gebruik as wanneer hulle in Suid-Afrika sou wees. In die VSA sal daar na die imperiale meetstelsel verwys word, terwyl Suid-Afrikaners na die metrieke stelsel sal verwys. Die gebruik van twee meetstelsels lei dus tot linguistiese verskille, maar die funksionele vergelykbaarheid bly behoue.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Nog ’n voorbeeld van die behoud van funksionele vergelykbaarheid, is die gebruik van die verlede tyd in Engelse stories teenoor die hede wat meer algemeen in Afrikaanse stories gebruik word. Om dus die verlede tyd te behou wanneer ’n Engelse boek na Afrikaans vertaal word, mag vir Afrikaanse kinders vreemd klink. Linguisties mag die teks dus nie vergelykbaar wees nie, maar funksioneel en kultureel is dit meer korrek. In hierdie studie het die vertalingsproses dus nie slegs op die eindproduk gefokus nie, maar eerder soos Saldanha en O’Brien (2014) voorstel, op die persoon (die kind), op die proses en die konteks waarbinne die vertaling plaasgevind het.

1.2.2 Gesprekslees as intervensie vir wiskundewoordeskat en -vaardigheid

Gesprekslees is ’n gestruktureerde benadering tot storielees waar ’n leser die kinders doelbewus by die storie betrek (Towson, Fettig, Fleury en Abarca 2017). Die leser ontlok ’n gesprek met die oog op die ontwikkeling van kinders se woordeskat en uiteindelik ook hul wiskundekonsepte. Twee algemene tegnieke, naamlik CROWD (“complete, recall, open-ended questions, wh-questions and discuss”) en PEER (“prompt, evaluate, expand and repeat”) word geïmplementeer om kinders medestorievertellers te maak, eerder as passiewe luisteraars (Lonigan e.a. 1998; Whitehurst, Falco, Lonigan, Fischel, DeBaryshe, Valdez-Menchaca en Caulfield 1988). Deur hierdie tegnieke te gebruik, kan informele assessering reeds plaasvind. Whitehurst en sy kollegas het die tegnieke voorgestel om algemene woordeskatontwikkeling by jong kinders te bevorder. Meer onlangs het verskeie navorsers (Hendrix e.a. 2019; Hojnoski e.a. 2014; Purpura e.a. 2017; Purpura e.a. 2021; Van Den Heuvel-Panhuizen e.a. 2009) dieselfde tegnieke tydens intervensiestudies gebruik met die spesifieke fokus op wiskundewoordeskatontwikkeling.

Gesprekslees hou verskeie voordele in. Gestruktureerde, genotvolle interaksies stel kinders aan boeke en leesaktiwiteite bloot terwyl dit terselfdertyd hul belangstelling in lees verhoog (Xie, Chan, Ji en Chan 2018). Interaktiewe storieboeke wat kinders as medevertellers by die leesproses betrek en wat dialoog tussen leser en kind aanmoedig, bied geleentheid vir kinders om woorde in verskillende situasies te hoor en in gesprekke te gebruik. Dit bied ook ’n veilige omgewing vir kinders onder leiding van die voorlesers om verskillende sosiale vaardighede in te oefen. In terme van taalontwikkeling het Mol en Bus (2011) bevind dat vroeë blootstelling aan boeke kinders se taalvaardighede ontwikkel. Gesprekke tydens storieleesgeleenthede stel kinders ook aan nuwe woorde en konsepte bekend en bied vir hulle geleenthede om binne ’n veilige omgewing nuut geleerde woorde te gebruik (Mol, Bus, De Jong en Smeets 2008).

Gesprekslees hou veral ook voordele vir die ontwikkeling van wiskundewoordeskat en -vaardigheid in. Verskeie studies (Gibson e.a. 2020; O’Rear en McNeil 2019) het getoon dat gesprekslees suksesvol gebruik kan word om jong kinders se getalbegrip te ontwikkel. Mix, Sandhofer, Moore en Russell (2012) het getoon hoe boeke gebruik kan word om vir kinders die verwantskap tussen tel (een, twee, drie) en getalkardinaliteit (drie eende) te demonstreer. O’Rear e.a. (2019) het weer gevind dat storieboeke kinders se subiteringsvaardighede kan verbeter – wat weer kardinaliteitsbegrip bevorder.

Om die doeltreffendheid van ’n gesprekslees reeks te beoordeel, het Bezuidenhout (2021) voorgestel dat gesprekstorieboeke vyf komponente moet insluit: i) ouderdomsgepaste storieonderwerpe; ii) karakters waarmee kinders hul kan vereenselwig; iii) gepaste woordeskat vir ’n spesifieke onderwerp (soos wiskunde); iv) die verduideliking van ouderdomsgepaste en toepaslike konstrukte; en v) illustrasies. In die huidige studie gebruik ons hierdie model om die doeltreffendheid van *Die klein olifantjies se groot avonture* te evalueer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

2. Die huidige studie

Om die doeltreffendheid van vertaalde gesprekstorieboeke vir wiskundewoordeskatontwikkling en -vaardigheid in klasgroepe te ondersoek, is die studie in twee fases verdeel. Nadat die reeks *Die klein olifantjies se groot avonture* van Purpura e.a. (2021) gekies is, is 'n herhalende deelnemende benadering gebruik om drie gesprekstorieboeke van Engels na Afrikaans te vertaal en om tydens fase 1 die funksionele vergelykbaarheid van die vertaalde teks te evalueer. Tydens fase 2 is 'n intervensieloodsstudie uitgevoer om die doeltreffendheid van die gebruik van vertaalde gesprekstorieboeke in graad RR-klasgroepe te ondersoek. Die studie is gerig deur twee navorsingsvrae: i) Is *Die klein olifantjies se groot avonture* gepas vir die ontwikkeling van wiskundewoordeskat, en is die Afrikaanse vertaling funksioneel vergelykbaar met die oorspronklike Engelse teks? en ii) Hoe kan *Die klein olifantjies se groot avonture* in graad RR-klasgroepe gebruik word om wiskundewoordeskat en -vaardigheid doelmatig te verbeter?

2.1 Fase 1: Herhaalde deelnemende benadering vir die Afrikaanse vertaling van wiskunde gesprekstorieboeke

2.1.1 Materiaal

'n Reeks (*Die klein olifantjies se groot avonture*) van drie bestaande Engelse wiskundegesprekstorieboeke is deur die "Purdue early achievement research labs" (PEARL) ontwerp. *Te veel kussings*, *Net genoeg eiers* en *Piekniek met grondboontjies* is deur A. Isaacs geskryf en deur M. Dye geïllustreer (King 2022; Purpura e.a. 2021). Toestemming van die outeurs en uitgewers is verkry om die boeke na verskillende Suid-Afrikaanse tale te vertaal, waarvan Afrikaans een is. Die Zulu-vertalings is reeds voltooi, terwyl Sesotho-, Tshivenda-, Sepedi- en Tsongavertalings tans voltooi word. Die gebruik van hierdie vertalings in verskeie omgewings sal in toekomstige studies in klasgroepe en tuisomgewings ondersoek word, terwyl die fokus van hierdie studie die implementering van die Afrikaanse vertaling in voorskoolse klasgroepe is. In hierdie stories beleef twee olifantjies, Benjamin en Lucy, en hul teddiebeer verskeie avonture.

In *Te veel kussings* gaan die drie maats kamp. Benjamin pak te veel kussings, flitse en grondboontjies in en daarom is sy rugsak baie swaar. Lucy help hom om van die items uit te pak sodat daar net die nodige items in sy sak is en sodat sy sak ligter kan wees. Die boek is ontwerp sodat kinders oor woorde soos baie, meer, die meeste, net genoeg, min, minder en 'n paar binne 'n ouderdomsgepaste storielyn kan gesels. Figuur 3 is 'n voorbeeld van 'n illustrasie en teksuittreksel in *Te veel kussings*. Hierdie figuur dui aan hoe die illustrasie die teksgesprekke oor vergelykings van hoeveelhede kan fasiliteer.

"Ek het ***baie*** kussings ingepak," sê Benjamin. "Ek wil nie hê die grond moet te hard wees nie."
"Ek en Beer het ook kussings ingepak!" sê Lucy.
Beer het 'n ***kussing***. Lucy het ***meer*** kussings. Benjamin het die ***meeste*** kussings.

Figuur 3. Illustrasies wat die teks ondersteun en gesprekke oor wiskundekonsepte ontlok (Purpura e.a. 2021)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

In *Net genoeg eiers* bak Lucy en Benjamin 'n koek vir Beer se verjaarsdag. Hulle bespreek die resep en sien byvoorbeeld dat hulle eers te veel eiers het, maar net genoeg suiker. In die storie haal Benjamin te min melk uit en van die eiers breek. Woorde soos verskillend, dieselfde, net genoeg, baie, min, meer, minder, 'n bietjie, heelwat en 'n paar kom in die storie voor. Die storielyne bied dus vir familie en onderwysers voorbeelde van hoe om wiskundegesprekke in alledaagse situasies te ontlok. Wanneer familielede of onderwysers byvoorbeeld saam met kinders in die kombuis of klas is, kan hulle die struktuur van die bekende storie gebruik om weer hierdie konsepte met die kinders te bespreek. Figuur 4 dui aan hoe die karaktertjies planne moet maak om die hoeveelhede dieselfde as die resep te kry.

Elke bladsy bevat voorbeelde van drie vrae. Op elke bladsy is die eerste vraag in rooi gedruk en is bedoel vir die eerste voorlesing van die boekie. Die tweede vraag is in blou gedruk en is bedoel vir die tweede voorlesing en die derde vraag in pers vir die derde voorlesing. Hierdie vrae hou met die konsepte wat op daardie bladsy bespreek word verband. Dit bied voorbeelde vir ouers of onderwysers oor onderwerpe wat bespreek kan word. Die vraag self sluit 'n spesifieke wiskundewoord in, of die vraag is so ontwerp dat die kinders se antwoorde waarskynlik 'n wiskundewoord gaan insluit. So kry kinders die geleentheid om dié woorde nie net tydens die storie te hoor nie, maar 'n tweede keer tydens die vrae, terwyl hulle ook die kans kry om die woorde binne gepaste kontekste te gebruik.

Hulle kyk na die koek se resep.
"Eers kort ons ***'n paar*** eiers," sê Benjamin.
"Geen probleem!" Lucy het ***baie*** eiers.
Benjamin wys na die resep. "Hmm. Dis nie ***soveel*** eiers as wat die resep wys nie."

1. Hoe weet Benjamin dat dit nie soveel eiers is as wat die resep wys nie?
2. Lucy het 'n paar eiers. Is dit net soveel as wat die resep wys?

Figuur 4. Voorbeelde van vrae oor die teks (Purpura e.a. 2021)

In *Piekniek met grondboontjies* neem die karakters boeke, appels, limonade en grondboontjies saam wanneer hulle gaan piekniek hou. Hulle moet die appels, limonade en grondboontjies regverdig tussen mekaar verdeel. Beer kry minder omdat hy nie regtig kan eet nie. Die miere dra vir Beer weg terwyl die olifante boek lees. Die twee bekommerde olifantjies gaan soek hul maatjie en wanneer hulle vir Beer kry, sien hulle dat die miere ook van die grondboontjies gegaps het. Woorde soos min, minder, minste, 'n paar, bietjie, baie, meer, baie, meeste en dieselfde word in die boekie bespreek. Figuur 5 is 'n voorbeeld van 'n illustrasie in *Piekniek met grondboontjies*. Die illustrasies is ontwerp sodat die prente die wiskundekonsepte duidelik illustreer. Die hoeveelhede van die items moet byvoorbeeld duidelik sigbaar wees sodat dit gesprekke oor prosedures soos deling kan ondersteun.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

"Ek hou ook van 'n piekniek en van boeke," sê Benjamin,
"maar ek hou die meeste van grondboontjies."
Benjamin vat al die grondboontjies.

1. Wie het minder grondboontjies as Benjamin?
2. Het Benjamin min of baie grondboontjies?
3. Hoe kan hulle Benjamin se grondboontjies op 'n regverdige manier deel?

Figuur 5. Illustrasies wat gesprekke oor wiskundekonsepte ondersteun (Purpura e.a. 2021)

Hierdie drie ouderdomsgepaste onderwerpe waarmee kinders kan vereenselwig (Purpura e.a. 2021), bied heelwat geleenthede vir besprekings oor wiskundewoordeskat en gepaardgaande konsepte. Die lengte en styl van die boeke is deur industriestandaarde bepaal (sien Purpura e.a. 2021). Hierdie standaarde sluit onder andere in dat elke boek ongeveer 14 dubbelbladsye met prentjies bevat en teks moet op verskillende bladsye verskyn; 350 woorde per storie; en 'n inleidende bladsy met instruksies vir die leser. Die instruksies verwys na die drie voorgestelde vrae wat aan die onderkant van elke bladsy verskyn. Vanaf die vierde voorlesing kan enige van die drie vrae, of 'n alternatiewe vraag gebruik word. Vir hierdie projek is die boeke slegs in Afrikaans gedruk, maar die boeke is egter ook in tweetalige weergawes beskikbaar sodat Afrikaanse en Engelse woordeskat gelyktydig ontwikkel kan word.

2.1.2 Vertaling

Tydens die vertalingsproses is die beginsels van vergelykbaarheid (Peña 2007) en die komponente van gesprekstorieboeke (Bezuidenhout 2021) in ag geneem. 'n Dubbelefokusbenadering (Erkut e.a. 1999) is gevolg deur 'n interdissiplinêre span van resensente te betrek. Die span het onderwysers, ouers, navorsers en taalkundiges ingesluit.

2.1.3 Evaluering van doeltreffendheid en funksionele vergelykbaarheid van die Afrikaanse vertaling van Die klein olifantjies se groot avonture *(navorsingsvraag 1)*

Die Afrikaanse vertaling van *Die klein olifantjies se groot avonture* is gemeet aan die hand van Bezuidenhout (2021) se model. Ons gevolgtrekking is dat dié reeks wel aan die kriteria van al vyf komponente voldoen en is daarom as 'n geskikte reeks vir wiskundewoordeskat en -vaardigheid beskou. Verder het ons aan die hand van die model van funksionele vergelykbaarheid Peña (2007) bepaal dat die Afrikaanse vertaling wel funksioneel met die oorspronklike Engelse teks ooreenstem.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

In terme van ouderdomsgepaste storie onderwerpe kan kinders volgens Purpura e.a. (2021) by onderwerpe soos koekbak, piekniek hou en kampeer aanklank vind. Alhoewel nie alle kinders die geleentheid kry om hierdie aktiwiteite te ervaar nie, is al drie kontekste bekend vir die deelnemende kinders in hierdie studie se steekproef. Ouderdomsgepaste onderwerpe waarmee kinders kan identifiseer, bied nie net geleenthede om woordeskat en begrippe tydens storieleesaktiwiteite te bespreek nie, maar skep ook geleenthede vir kinders om die besprekings te herhaal wanneer hulle weer in ’n soortgelyke konteks is.

Daar is drie karakters wat in elke boek van die reeks *Die klein olifantjies se groot avonture* voorkom: ’n dogtertjieolifant genaamd Lucy; ’n seuntjieolifant genaamd Benjamin en ’n geslagsneutrale karakter met die naam Beer. Die twee olifantjies en Beer is vereenselwigbare karakters. Deur dierekarakters te gebruik, het die skrywers dit vir kinders van verskeie etniese en kultuurgroepe moontlik gemaak om met die name en karaktereienskappe van hierdie karakters te identifiseer (Purpura e.a. 2021).

Die karakters en die take wat hulle verrig, word uitstekend deur die ervare illustreerder uitgebeeld. M. Dye verlewendig die boekies deur emosies duidelik op die karakters se gesiggies uit te beeld. Gedetailleerde uitbeeldings van die items wat vir die piekniek, koekbak en kamp benodig word, maak dit vir kinders maklik om die storie te volg en om die konsepte te bespreek. Die illustrasies ondersteun die teks en bied leidrade wat kinders kan gebruik om die vrae te beantwoord. Illustrasies speel dus ’n groot rol in die ontwerp en skep van ’n gesprekstorieboek.

In terme van woordeskatgebruik en die insluiting van spesifieke woorde, het die outeurs kernwoorde en niekernwoorde vir elke boek geïdentifiseer. Kernwoorde is teikenwoorde vir ’n spesifieke boek, terwyl niekernwoorde as teikenwoorde in die ander twee boeke voorkom. Alhoewel Bezuidenhout (2021) voorstel dat ’n gesprekstorieboek ’n saamsê-frase kan insluit om kinders se deelname aan stories te bevorder, sluit hierdie drie boekies dit ongelukkig nie in nie. Desnieteenstaande, bied die teks en besprekingsvrae heelwat geleenthede vir kinders om wiskundewoordeskat binne gepaste kontekste te hoor en te gebruik. Tabel 1 dui die kern- en niekernwoorde van elke boek aan. Weens vertalingsuitdagings wat in die volgende afdeling bespreek word, is dit nie noodwendig presies dieselfde as die oorspronklike Engelse teks nie.

Tabel 1. Kernwoorde en niekernwoorde van drie gesprekstorieboeke

Boek	Wiskundewoordeskat
Te veel kussings	Kernwoorde: baie, meer, meeste Niekernwoorde: net genoeg, min, minder, bietjie
Net genoeg eiers	Kernwoorde: anders, dieselfde, net genoeg Niekernwoorde: baie, meer, meeste, bietjie, minder, minste, ’n paar
Piekniek met grondboontjies	Kernwoorde: bietjie, min, minder, minste, ’n paar Niekernwoorde: baie, meer, meeste, dieselfde

In terme van funksionele vergelykbaarheid, is sommige van die kernwoorde direk uit Engels na Afrikaans vertaal, maar ander nie. Die konteks van die sin het die vertaler se woordkeuse bepaal. Byvoorbeeld, “many” en “plenty” kan beide as *te veel* vertaal word, maar “too many” kan ook as *te veel* vertaal word terwyl “many” ook as *’n klomp* vertaal kan word. In Engels word daar byvoorbeeld onderskeid tussen “many” en “much” getref, maar beide woorde word in Afrikaans as *baie* vertaal. Eerder as om “Lucy threw out the extra flashlights” direk te vertaal, word dit

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

liewer as “Lucy gooi van die flitse uit”(“ekstra” word dus weggelaat) vertaal. Die woordkeuse in vertaling word dus bepaal deur na funksionele vergelykbaarheid eerder as om uitsluitlik na linguistiese vergelykbaarheid te streef.

2.2 Fase 2: Die doeltreffendheid van vertaalde gesprekstorieboeke in Afrikaanse graad RR-klasgroepe: ’n loodsstudie

Die tweede fase van die studie het die doeltreffendheid van die vertaalde wiskundegesprek-sleesintervensie in graad RR-klasgroepe ondersoek. Die ontwerp is ’n konseptuele replisering van Purpura e.a. (2021), maar die intervensie is in ’n graad RR-klasomgewing geïmplementeer en nie soos Purpura e.a. (2021) se ondersoek in tuisomgewings nie. In ’n voortoets-natoets loodsstudie -ontwerp het ons na aanleiding van Purpura e.a. (2021) se bevindinge verwag dat kinders in ’n intervensiegroep (n = 35) na ’n vier-week intervensie (gebruik van gesprekslees in klasgroepe) beter op die natoetse (wiskundewoordeskat en wiskundevaardigheid) sou vaar as hul eweknieë in ’n vergelykende groep (n = 26). In hierdie groep het wiskundeonderrig voortgegaan volgens die voorskrifte van die Suid-Afrikaanse kurrikulum sonder die gebruik van storieboekies.

2.2.1 Deelnemers en navorsingsomgewing

’n Afrikaanse staatskool in voorstedelike Gauteng is deur gerieflikheidsteekproeftrekking geïdentifiseer. Vier graad RR-klasse het aan die studie deelgeneem. Klasse is ewekansig in intervensie- en vergelykende groepe verdeel. Vyf-en-dertig kinders was in die intervensiegroep en 26 in die vergelykende groep. Die gemiddelde ouderdom van deelnemers tydens die voortoets was 6,34 jaar. Toestemming is by die Universiteit van Johannesburg se navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Opvoedkunde verkry (Sem 2-2021-028), asook by die Gautengse departement van onderwys en die skool se bestuurspan. Toestemmingsbriewe is na alle graad RR-kinders se ouers gestuur. Alle ouers het ingestem dat kinders na die stories mag luister, aan gesprekke mag deelneem en geassesseer mag word.

2.2.2 Onderwysers implementeer die intervensie

Na afloop van voortoetse het klasonderwysers van die intervensiegroep *Die klein olifantjies se groot avonture* vir hul kinders oor ’n tydperk van vier weke gelees. Met die aanvang van die studie is onderwysers tydens ’n werksessie oor gesprekslees-tegnieke opgelei. Die sessie het ook die ontwikkeling van wiskundevaardighede en die belangrikheid van die eksplisiete onderrig van wiskundewoordeskat uitgelig. Die eerste outeur het die opleiding behartig en opvolgbesoeke aan die klasse tydens die lees van die boeke het verseker dat onderwysers die nuut aangeleerde tegnieke implementeer. Onderwysers in die vergelykende groep het die boeke na afloop van natoetse vir hul kinders gelees. Kinders in die vergelykende groep het tydens die intervensieperiode van vier weke voortgegaan met gewone alledaagse wiskundeonderrig.

2.2.3 Meetinstrumente

Wiskundewoordeskat, wiskundevaardigheid, werkende geheue en ooreenkomsherkenning is tydens voortoetse geassesseer en wiskundewoordeskat en wiskundevaardigheid is tydens natoetse geassesseer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Wiskundewoordeskat. Die 26 items van die MMLT (Meerkat Maths Language Test) (Bezuidenhout 2018; Bezuidenhout, Vanhala, Fonseca, Henning, Korhonen en Aunio 2025) meet jong kinders se vroeë wiskundewoordeskat met betrekking tot hoeveelheid, insluitend woorde soos *meer*, *baie*, *netsoveel*, *minder* en *min*; vergelykende woordeskat soos *ewe groot*, *groter*, *langste*, *grootste*, *groot*, *lank*, *kortste*, *kort*, *klein* en *kleiner*; en woorde oor ruimte soos *tussen*, *eerste*, *laaste*, *bo*, *agter*, *onder*, *ná* en *voor*). Die toets word mondelings in 'n individuele onderhoudstyl afgelê. Vir elke item moet die kind na 'n prentjie wys wat 'n spesifieke konsep beskryf. 'n Regte respons word as 1 op 'n antwoordblad aangedui terwyl 'n verkeerde antwoord as 0 aangedui word. Die totale punt word dan uit 26 bereken. Geen items vereis kennis van telwoorde nie, maar slegs beskrywings van wiskundekonsepte soos in taal vervat. Die toets neem ongeveer vyf minute om af te lê. Interne konsekwentheid van die Afrikaanse MMLT in Bezuidenhout e.a. (2025) was α = ,60.

Wiskundevaardigheid. Die Preschool Early Numeracy Skills Test (PENS) (Purpura, Reid, Eiland en Baroody 2015) is gebruik om kinders se vroeë wiskundekonsepontwikkeling te assesseer. Die PENS bestaan uit 25 items wat in kompleksiteit toeneem. Die eerste vraag tel uit vyf, terwyl die res as 1 vir reg en 0 vir verkeerd op 'n antwoordblad aangeteken word. Wanneer 'n deelnemer meer as drie opeenvolgende foute begaan, word die assessering gestaak. Vergelyking van hoeveelhede en getalle, een-tot-een-afparing, ordinaliteit en getalkombinasies word geassesseer. Die toets word ook mondelings geadministreer. In sommige items word daar van kinders verwag om mondelings te antwoord (bv. "As jy tel, watter getal kom ná 9?"), terwyl ander items vereis dat kinders die korrekte antwoord uitwys (bv. "Wys na die agtste eend in die ry"). Die toets neem ongeveer vyf minute om te administreer. Interne konsekwentheid in Smidt e.a. (2019) was > ,90.

Werkende geheue. Die *Digit Span Forward*-instrument is gebruik om verbale, werkende geheue te assesseer. Kinders is gevra om mondelings reekse van syfers (een syfer per sekonde) te herhaal. Die toets begin met reekse van twee syfers, wat progressief moeiliker word: As die kind twee uit drie reekse van twee syfers korrek herhaal, moet die kind volgende 'n reeks van drie syfers herhaal, dan vier, ens. Om na die volgende reeks te beweeg, moet die kind twee uit drie syferstelle reg herhaal.

Ooreenkomsherkenning. In hierdie 15-item-toets moet kinders ooreenkomste herken. Vir elke item word 'n prentjie aan die linkerkant van die bladsy getoon, met vyf soortgelyke prentjies aan die regterkant van die bladsy. Kinders moet die prentjie wat presies dieselfde as die prentjie aan die linkerkant is, uitwys. Die toets is aangepas van subtoets 3 van die kultuurvryetoets (Culture Fair Test), CFT, (Cattell en Cattell 1959) wat vir kinders tussen vyf en 11 jaar ontwerp is. Die gemiddelde ouderdom van die studie se steekproef is onder vyf jaar. 'n Totaal uit 15 word vir elke deelnemer bepaal.

2.2.4 Prosedure

Oorsig. Die tweede fase van hierdie studie het bestaan uit 'n onderwyserwerksessie, 'n voortoets, 'n intervensie wat vier weke geduur het en 'n natoets. Opgeleide onderwysstudente het graad RR-kinders een vir een by hul klasse gaan haal en individueel geassesseer. Studente is deur die departementshoof van die grondslagfase en eerste outeur gemonitor.

Werksessie. Alle deelnemende kinders se onderwysers het met die aanvang van die studie aan 'n werksessie vir opleiding in die program deelgeneem. Die eerste outeur het die werksessie behartig. Die werksessie het die belangrikheid van eksplisiete onderrig van wiskundewoordeskat beklemtoon, gespreksleestegnieke bekendgestel en die hiërargiese ontwikkeling van wiskunde-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

vaardighede uitgelig. Hierdie kriteria is vasgestel deur te bepaal wat onderwysers sou benodig om die intervensieprogram te implementeer. Onderwysers is ook tydens die vierweekintervensie deur die eerste outeur met klasbesoeke gemonitor om te verseker dat nuut aangeleerde tegnieke geïmplementeer is.

Voortoets. Tydens die voortoets is kinders in die intervensie- en vergelykende groepe se demografiese inligting soos deur die skool voorsien, ingesamel (name, vanne, ID-nommers, geboortedatums, geslag, huistaal, onderrigtaal, skool, graad, juffrou, klasgrootte en aantal boeties en sussies). Die datum en tyd van die toetse is ook aangedui, tesame met toetserinligting. Die PENS- (wiskundevaardigheid), MMLT- (wiskundewoordeskat), syfergeheue- (werkende geheue) en ooreenkomsherkenningtoetse is in 'n enkele sessie geadministreer. Binêre data is tydens assesserings opgeteken en data is na afloop van datainsameling vasgevang en deur die eerste outeur gemodereer.

Intervensie. Elke onderwyser in die intervensiegroep het die boekies oor 'n tydperk van vier weke vir hul kinders gelees. Die eerste boek is minstens drie keer tydens die eerste week gelees, die tweede boek minstens drie keer in die tweede week en die derde boek is minstens drie keer in die derde week gelees. Al drie boeke is weer minstens een keer gedurende die laaste intervensieweek gelees. Die voorgestelde vrae aan die onderkant van elke bladsy is gebruik. Sommige van die onderwysers het op die vrae uitgebrei en meer as daardie vraag se inhoud bespreek.

Natoets. Die PENS- (wiskundevaardigheid) en MMLT- (wiskundewoordeskat) toetse is tydens die natoetse geadministreer. Slegs die kinders se name, vanne en ID-nommers is aangeteken, tesame met die tyd, datum en toetserinligting. Omdat daar 'n beperking op die beskikbare tye vir navorsing in skole tydens die laaste kwartaal is, is daar ongelukkig geen vertraagde natoetse afgelê om langtermynuitwerkings van die intervensie te bepaal nie.

2.2.5 Uitleg van boeke in groter groepe

Vir klaskamergebruik stel ons voor dat die boeke in die formaat van 'n A3-staankalender gedruk word soos in figuur 6 gedemonstreer.

Benjamin neem die ekstra eiers weg.

"Nou het ons net genoeg eiers," sê Lucy.

1. Wie het meer eiers: Benjamin of Lucy?
2. Hoekom het Benjamin die ekstra eiers weggevat?
3. Benjamin het van die eiers weggevat. Wie het nou netsoveel eiers as wat die resep wys?

Figuur 6. Voorgestelde formaat vir gesprekstorieboeke in die klaskamer

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

In hierdie ontwerp sien die kinders slegs die illustrasies. Die onderwyser sien die teks soos aangedui op die regterkantste bladsy, insluitend die storie en vrae, asook die illustrasie wat sy met die kinders bespreek. Die onderwyser kan sodoende sien watter prentjie vir die kinders wys, terwyl sy ook na die teks en vrae op die ander bladsy kyk.

In 'n alternatiewe uitleg (figuur 7) wat deur O'Rear, Zippert, Ehrman, Ellis en Purpura (2022) voorgestel word, is beide die illustrasies en teks vir die kinders sigbaar. In beide gevalle is dit egter moeilik om hierdie boeke vir 'n groter groep kinders te lees. Daar mag kritiek teen die ontwerp wees wat ons aanbeveel (figuur 6) deur te sê dat kinders ook aan teks blootgestel behoort te word. Dit is egter belangrik om te onthou dat hierdie nie die enigste boeke is waaraan kinders blootgestel moet word nie. In ander boeke waar die blootstelling aan teks belangrik is, is dit waardevol as die teks en illustrasies vir die kinders sigbaar is, maar in hierdie boeke moedig ons kinders aan om slegs op die illustrasies te fokus en sodoende nie hul werkende geheue te oorlaai nie.

PFFFF! "Agge nee!" roep Lucy uit. "Die koek is 'n flop." "Dis oukei," sê Benjamin. "Ons kan saam 'n nuwe koek bak."

1. Hoekom is die koek 'n flop?
2. Wat sal gebeur as Lucy en Benjamin nog 'n koek bak?
3. Wat het Lucy vergeet om in die koek te sit?

Benjamin neem die ekstra eiers weg.

"Nou het ons net genoeg eiers," sê Lucy.

1. Wie het meer eiers: Benjamin of Lucy?
2. Hoekom het Benjamin die ekstra eiers weggevat?
3. Benjamin het van die eiers weggevat. Wie het nou netsoveel eiers as wat die resep wys?

Figuur 7. 'n Alternatiewe uitleg van boeke in groot groepe

2.2.6 Ontleding

In totaal het 70 kinders aan fase 2 van die studie deelgeneem waarvan 61 kinders (35 in die intervensiegroep en 26 in die vergelykende groep) by die ontleding ingesluit is. Die Shapiro-Wilk-toets is gebruik om die normaliteit van verspreiding vir kontinue veranderlikes te bepaal (sien tabel 2). Daarom is 'n onafhanklike steekproef *t*-toets gebruik om die gemiddeldes van normaal verspreide veranderlikes te vergelyk. Mann-Whitney U-toetse is gebruik om gemiddeldes van veranderlikes wat nie normaal versprei is nie te vergelyk (sien tabel 3). Verder is 'n x^2-toets gebruik om die kategoriese veranderlike (d.i. geslag) tussen die groepe te vergelyk.

Om die uitwerking van die intervensie te bepaal, is 'n onafhanklike *t*-toets afsonderlik vir elke kern afhanklike veranderlike (wiskundevaardigheid en wiskundewoordeskat) op verskillende tydspunte (voortoets vs. natoets) uitgevoer om die twee groepe (intervensie vs. vergelykende groep) te vergelyk. Hierdie ontleding het ten doel gehad om te bepaal of daar beduidende verskille tussen die twee groepe op spesifieke tydspunte was (voortoets vs. natoets). Die Mann-Whitney U-toets, as 'n nieparametriese alternatief vir die *t*-toets, is gebruik vir die veranderlikes wat nie normaal verspreid is nie (sien tabel 2). Die Mann-Whitney U-toets is afsonderlik vir elke kern afhanklike veranderlike

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

(wiskundevaardigheid en wiskundewoordeskat) uitgevoer op die verskil in waardes (natoets-voortoets) tussen die twee groepe (intervensie- vs. vergelykende groep) om die verbeterings tussen die groepe te vergelyk. Verder is gepaarde steekproef *t*-toets en sy nieparametriese alternatief, die Wilcoxon-betekenderangtoets, uitgevoer om die verskille tussen die voortoets en natoets binne elke groep (intervensie- en vergelykende groep) te vergelyk. Maatstawwe vir effekgrootte, rang-biseriale korrelasies sowel as Cohen se d-waardes is gerapporteer om die grootte van verskille en interaksies te kwantifiseer. Rang-biseriale korrelasies (*r*) is gerapporteer vir die Mann-Whitney U-toets en vir die Wilcoxon-betekenderangtoets as 'n nieparametriese maatstaf vir effekgrootte geskik vir rang-toetse. Dienooreenkomstig word 0,1, 0,3 en 0,5 dikwels as klein, medium en groot effekte vir nie-parametriese effekgroottes (*r*) beskou. Verder is Cohen se d-waardes vir die *t*-toetse gerapporteer en kan geïnterpreteer word as $d = 0,2$ vir klein, $d = 0,5$ vir medium en $d = 0,8$ vir groot effekte (Cohen 1988). Alle ontledings is deur die rekenaarsagteware Jamovi (weergawe 2.5, 2024) uitgevoer.

2.2.7 Resultate

Weglating van deelnemers se data. Nege deelnemers [vyf uit die intervensiegroep (7,1%) en vier uit die vergelykingsgroep (5,7%)] is tydens ontleding uitgelaat as gevolg van vermiste antwoorde in die voortoets of omdat hulle nie aan die natoets deelgeneem het nie, wat 'n algehele uitvalsyfer van 12,8% tot gevolg gehad het. Weggelate deelnemers se demografiese data het nie van dié wat die studie voltooi het se demografiese data verskil nie.

Beskrywende en toetsstatistiek. Beskrywende en toetsstatistieke vir die agtergrondveranderlikes en meetinstrumente vir beide die intervensie en vergelykende groepe word in tabel 3 aangedui. Die Shapiro-Wilk-toets (tabel 2) het afwykings in normaliteit aangedui vir sibbe in albei groepe, wiskundewoordeskat in die intervensiegroep by die voortoets, en vir wiskundevaardighede in die intervensiegroep en wiskundewoordeskat in die vergelykende groep by die natoets.

Die resultate het daarop gedui dat die intervensie- en vergelykende groepe nie in terme van agter-grondveranderlikes (ouderdom, geslag, sibbe en ooreenkomsherkenning) of meetinstrumente, in-sluitend wiskundevaardigheid en wiskundewoordeskat by beide voortoets en natoets, verskil het nie (alle *p*-waardes > 0,05; sien tabel 3 en figuur 8).

Tabel 2. Resultate van die Shapiro-Wilk-toets van normaliteit

	Intervensiegroep			**Vergelykende groep**		
Meting	*n*	*W*	*P*	*n*	*W*	*P*
Voortoets	35			26		
Ouderdom (jare)	34	0,94	0,089	25	0,95	0,235
Geslag (vroulik)	13			12		
Sibbe	35	0,69	**< ,001**	25	0,79	**< ,001**
Ooreenkomsherkenning	33	0,94	0,051	26	0,95	0,260
Wiskundevaardigheid	35	0,95	0,110	26	0,94	0,109
Wiskundewoordeskat	35	0,82	**< ,001**	26	0,93	0,069
Natoets	35			26		
Wiskundevaardigheid	35	0,90	**0,004**	26	0,93	0,089
Wiskundewoordeskat	35	0,96	0,238	26	0,90	**0,013**

Vetgedrukte *p*-waardes dui $p < ,05$ aan.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Tabel 3. Beskrywende statistiek vir die studie se veranderlikes

	Intervensiegroep	**Vergelykende groep**	**Groepverskil**		**Alles**
Meting	*Mdn* (*SD*, omvang)	*Mdn* (*SD*, omvang)	*P*	*N*	*Mdn (SD)*
Voortoets				61	
Ouderdom (jare)	6,33(0,27, 5,98–6,90)	6,43(0,30, 5,95–7,02)	0,166[a]	59	6,37 (0,28)
Geslag (vroulik)			0,479[b]	61	
Sibbe	1 (1,10, 0–6)	1 (1,12, 0–5)	0,941[c]	60	1 (1,10)
Ooreenkoms-herkenning	12 (1,73, 9–15)	12 (2,04, 8–15)	0,966[a]	59	12 (1,86)
Wiskunde-vaardigheid	19 (4,22, 12–27)	19,50 (5,86, 7–27)	0,993[a]	61	19 (4,94)
Wiskunde-woordeskat	21,50 (2,62, 11–25)	22 (3,04, 14–26)	0,580[c]	61	22 (2,79)
Natoets				61	
Wiskunde-vaardigheid	22 (4,74, 11–27)	21,50 (5,25, 12–29)	0,474[c]	61	22 (4,95)
Wiskunde--woordeskat	23 (1,92, 18–26)	22 (2,24, 15–25)	0,455[c]	61	22 (2,06)

[a]*t*-toets, [b]x^2-toets, [c]Mann-Whitney U-toets

Wiskundevaardighede. Die resultate van die Mann-Whitney U-toets wat die verskil in waardes (natoets-voortoets) tussen die intervensie- en vergelykende groepe vergelyk het, het geen statisties beduidende verskil getoon nie, *U*= 0,393, *p* = 0,363, *r* = 0,14, wat op ’n klein effek dui. Die resultate dui daarop dat die intervensie nie tot ’n statisties beduidende verbetering in wiskundevaardighede van die intervensiegroep in vergelyking met die vergelykende groep gelei het nie (sien figuur 8).

Verder het wiskundevaardighede in die intervensiegroep (*Mdn* = 19) by voortoets nie beduidend van die natoets (*Mdn* = 22) verskil nie, *W* = 112, *p* = 0,066, *r* = -0,407, wat op ’n medium effek dui. Wiskundevaardighede in die vergelykende groep (*M* = 18,70) by voortoets het egter beduidend van die natoets (*M* = 21,20) verskil, *t*(25) = -3,52, *p* = 0,002, Cohen se d-waarde = -0,69, wat op ’n medium effek dui.

Wiskundewoordeskat. Die resultate van die Mann-Whitney U-toets wat die verskil in waardes (natoets-voortoets) tussen die intervensie- en vergelykende groepe vergelyk het, het geen statisties beduidende verskil getoon nie, *U*= 0,422, *p* = 0,631, *r* = 0,07, wat op ’n klein effek dui. Alhoewel die gemiddeld hoër in die intervensiegroep (gemiddelde verskil = 1,03) in vergelyking met die vergelykende groep (gemiddelde verskil in die intervensiegroep = 0,88) was, was die verskil nie beduidend nie en die effekgrootte klein.

Dit was verblydend dat die wiskundewoordeskat in die intervensiegroep (*Mdn* = 21,50) by die voortoets beduidend van die natoets (*Mdn* = 23) verskil, *W* = 75, *p* = 0,010, *r* = −0,57, wat op ’n groot effek dui. Wiskundewoordeskat in die vergelykende groep (*Mdn* = 22) by voortoets het egter nie beduidend van die natoets (*Mdn* = 22) verskil nie, *W* = 78, *p* = 0,114, *r* = −0,38, wat op ’n medium effek dui.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Korrelasie-ontleding. 'n Korrelasie-ontleding is uitgevoer om die gelyktydige en voorspellende verhoudings tussen wiskundevaardighede en wiskundewoordeskat by voortoets en natoets te ondersoek. Die Spearman-rangkorrelasie het 'n beduidende positiewe verhouding tussen wiskundevaardighede ($W = 96$, $p = 0{,}061$) en wiskundewoordeskat ($W = 0{,}89$, $p < {,}001$) by voortoets getoon, $r = 0{,}34$, $p < {,}01$ (tabel 4). Spearman-korrelasie het op 'n positiewe assosiasie tussen wiskundevaardigheid en wiskundewoordeskat tydens voortoets ($r = 0{,}34$, $p = {,}008$) en natoets ($r = 0{,}27$, $p = {,}035$) gedui. Daar was ook beduidende voorspellende verhoudings tussen wiskundevaardigheid by die voortoets en wiskundewoordeskat by die natoets ($r = 0{,}30$, $p = {,}018$) en tussen wiskundewoordeskat by die voortoets en wiskundevaardigheid by die natoets ($r = 0{,}42$, $p < {,}001$).



Figuur 8. Groep (intervensie- en vergelykende groep) en tyd (voortoets en natoets) interaksie-effek vir wiskundevaardighede en wiskundewoordeskat. Foutstawe weerspieël vertrouensintervalle.

Tabel 4. Korrelasies tussen studieveranderlikes

	1	2
Voortoets		
1. Wiskundevaardighede	—	
2. Wiskundewoordeskat	0,34**	—

Nota. * $p < {,}05$; ** $p < {,}01$; *** $p < {,}001$

2.2.8 Gevolgtrekking

Die intervensie het nie tot betekenisvolle verskille tussen die intervensie- en vergelykende groepe vir beide wiskundevaardighede of wiskundewoordeskat gelei nie. Tog is daar betekenisvolle veranderinge oor tyd vir beide metings waargeneem, ongeag die groep. Verder is verskeie korrelasies tussen studieveranderlikes geïdentifiseer, wat moontlik verdere ondersoek in toekomstige navorsing regverdig.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

3. Bespreking

Die doel van die studie was om die doeltreffendheid van ’n reeks gespreksleesboeke vir wiskunde-vaardigheid en -woordeskat te ondersoek en aan te toon hoe funksionele vergelykbaarheid tussen ’n oorspronklike (Engelse) teks (Purpura e.a. 2021) en ’n Afrikaanse vertaling van ’n reeks wiskundegesprekstorieboeke behou kan word (fase 1); en om met ’n loodsstudie te bepaal of hierdie Afrikaanse reeks gesprekstorieboeke tydens ’n klasintervensieprogram van vier weke graad RR-leerders se wiskundewoordeskat en wiskundebegrip verbeter het (fase 2). Deur *Die klein olifantjies se groot avonture* deur die lens van Bezuidenhout (2021) te beskou, maak ons die gevolgtrekkings dat dit ’n geskikte gespreksleesreeks vir voorskoolse kinders se wiskunde-woordeskatontwikkeling is. Die onderwerpe van die boeke is ouderdomsgepas, kinders kan na ons mening met die karakters vereenselwig, illustrasies ondersteun die teks en woordeskat en konsepte is spesifiek gekies om voorskoolse kinders se wiskundewoordeskat te ontwikkel.

Deur die Peña (2007) model van funksionele vergelykbaarheid as lens te gebruik, maak ons die gevolgtrekking dat kulturele en linguistiese oorwegings bygedra het tot die behoud van funk-sionele vergelykbaarheid tussen die oorspronklike Engelse teks en die Afrikaanse vertaalde teks. Dit beteken dat onderwysers en navorsers in die toekoms ’n dubbelefokusbenadering (Erkut e.a. 1999) en ’n interdissiplinêre span van vertalers kan gebruik om onderrigmateriaal te vertaal. In terme van uitleg vir boeke, stel ons vir gesprekstorieboeke voor dat die illustrasie sigbaar is op die bladsy wat die leerders sien, terwyl die teks, vrae en ’n klein illustrasie sigbaar is op die bladsy wat die leser sien (sien figuur 6 en 7).

Om die tweede navorsingsvraag te beantwoord, het die data van fase 2 daarop gedui dat die intervensie nie ’n beduidende impak op wiskundewoordeskatontwikkeling in groter groepe soos klaskameromgewings gehad het nie. Alhoewel die boeke nie ’n positiewe uitwerking op klas-groepe se wiskundewoordeskat of -vaardighede gehad het nie, beskou ons dit as ’n belangrike bydrae tot die wetenskap sodat die ontwerp van toekomstige studies in groepe meer gefokus kan wees. Toekomstige studies kan eerder daarop fokus om die impak van dieselfde Afrikaanse reeks in tuisomgewings in klein groepe en een-tot-een-onderrigsituasies te evalueer. Die implementering van ander tale se gesprekstorieboeke sal dus ook in klein groepe en tuisomgewings ondersoek word.

Tog toon die studiebevindinge dat wiskundewoordeskat in hierdie klein steekproef gelyktydig en voorspellend met wiskundevaardigheid geassosieer word en daarom stem ons saam met Riccomini e.a. (2015) dat wiskundewoordeskat eksplisiet onderrig behoort te word. Alternatiewe benaderings tot die onderrig van wiskundewoordeskat in groter groepe kan dus ondersoek word, asook ander kontekste waar kinders minder blootstelling aan wiskundewoordeskat in die tuisomgewing mag hê. Ook vir verdere navorsing sal die Zulu-, Sesotho-, Tshivenda-, Sepedi- en Tsonga-vertalings in verskeie kontekste ondersoek word.

Dit is verblydend om te sien dat daar in die binnegroepe wel statistiese beduidende verbetering in beide meetinstrumente was. Die beduidende verbetering in wiskundevaardigheid, asook wiskundewoordeskat na afloop van die onderwyserwerksessies en intervensieprogramme, noodsaak ook verdere ondersoek oor die impak van onderwyseropleidingsprogramme op onderwysers se intuïtiewe insluiting van wiskundewoordeskat tydens hul wiskundeonderrig. ’n Leemte van die huidige studie is dat die leerders moontlik vanuit die voortoets kon leer en dat dit die verbetering in natoetse teweeg gebring het. Die steekproef was ook baie klein en is daarom nie verteenwoordigend van die populasie nie. ’n Vertraagde natoets (na afloop van agt weke) behoort ook in toekomstige studies by die ontwerp ingesluit te word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Alhoewel daar genoegsame bewyse is dat gesprekstorieboeke voordelig vir die ontwikkeling van jong kinders se wiskundewoordeskat en wiskundekonsepte is, is daar steeds beperkte toegang tot wiskundestorieboeke van ’n hoë standaard (O’Rear e.a. 2022). Selfs in die VSA waar gesprekslees goed nagevors is (O’Rear e.a. 2022; Purpura e.a. 2021), dui voorskoolse onderwysers aan dat daar aansienlik minder wiskundestorieboeke as enige ander onderwerp in hul klasse is (Stites, Sonnenschein, Dowling en Gay 2021). Verder het Ward, Mazzocco, Bocken en Prokes (2017) bevind dat beskikbare storieboeke min tot geen eksplisiete verwysings na kardinaliteit, vergelyking of bewerkings insluit. Daar is dus ’n behoefte aan boeke wat spesifiek vir wiskundewoordeskatontwikkeling ontwerp is. Daarom beskou ons gesprekslees-boeke vir dié ontwikkeling steeds van groot waarde vir die grondslagfase, alhoewel die konteks en groepgroottes in toekomstige studies aangepas sal word.

Bibliografie

Bernacka, A. 2012. The importance of translation studies for development education. *Policy and Practice – A Development Education Review*, 14:113–8.

Betts, A.L. en K. Thai (reds.). 2022. *Handbook of research on innovative approaches to early childhood development and social readiness*. Hershey, New York en Beijing: IGI Global.

Bezuidenhout, H.S. 2018. Input for young children’s number concept development. Doktorale proefskrif, Universiteit van Johannesburg.

—. 2021. An early grade science, technology, engineering and mathematics dialogue reading programme: The development of a conceptual framework. *South African Journal of Childhood Education*, 11(1):a1038. https://doi.org/10.4102/sajce.v11i1.1038.

Bezuidenhout, H.S., A. Vanhala, K. Fonseca, E. Henning, J. Korhonen en P. Aunio. 2025 (in druk). Measuring mathematics vocabulary in a multilingual context: Identifying children with limited mathematics vocabulary in South Africa. *Developmental Psychology*.

Bleses, D., M. Moos, D.J. Purpura en P.S. Dale. 2023. General and math vocabulary contributions to early numeracy skills in a large population-representative sample. *Frontiers in Developmental Psychology*, 1:1279–691.

Cattell, R. B. en A. K. S. Cattell. 1959. *Culture Fair Test*. Champaign, IL: Institute for Personality and Ability Testing.

Chinn, S. (red.) 2015. *The Routledge international handbook of dyscalculia and mathematical learning difficulties*. New York: Routledge.

Cohen, J. 1988. *Statistical power analysis for the behavioral sciences (2. Auflage)*. Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Desoete, A. 2015. Predictive indicators for mathematical learning disabilities / dyscalculia in kindergarten children. In Chinn (red.) 2015.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Dowker, A.D. en H. Nuerk. 2016. Linguistic influences on mathematics. *Frontiers in Psychology*, 7:1–4.

Erkut, S., O. Alarcón, C.G. Coll, L.R. Tropp en H.A.V. García. 1999. The dual-focus approach to creating bilingual measures. *Journal of Cross-Cultural Psychology*, 30(2):206–18.

Fyfe, E.R., B. Rittle-Johnson en D.C. Farran. 2019. Predicting success on high-stakes math tests from preschool math measures among children from low-income homes. *Journal of Educational Psychology*, 111(3):402.

Gibson, D.J., E.A. Gunderson en S.C. Levine. 2020. Causal effects of parent number talk on preschoolers' number knowledge. *Child Development*, 91(6):e1162–77. https://doi.org/10.1111/cdev.13423.

Grisay, A. 2003. Translation procedures in OECD/PISA 2000 international assessment. *Language Testing*, 20:225–40.

Hendrix, N.M., R.L. Hojnoski en K.N. Missall. 2019. Shared book reading to promote math talk in parent-child dyads in low-income families. *Topics in Early Childhood Special Education*, 39(1):45–55.

Hojnoski, R.L., H.L. Columba en J. Polignano. 2014. Embedding mathematical dialogue in parent-child shared book reading: A preliminary investigation. *Early Education and Development*, 25(4):469–92.

Hornburg, C.B., S.A. Schmitt en D.J. Purpura. 2018. Relations between preschoolers' mathematical language understanding and specific numeracy skills. *Journal of Experimental Child Psychology*, 176:84–100.

Jamovi (weergawe 2.5, 2024). https://www.jamovi.org (9 Julie 2025 geraadpleeg).

Jennings, C.M., J.E. Jennings, J. Richeyen en L. Dixon-Krauss. 1992. Increasing interest and achievement in mathematics through children's literature. *Early Childhood Research Quarterly*, 7(2):263–76.

King, Y. 2022. The factor structure of parents' math-related talk and its relation to children's early academic skills. Doktorale proefskrif, Purdue-universiteit.

Lin, X., P. Peng en J. Zeng. 2021. Understanding the relation between mathematics vocabulary and mathematics performance: A meta-analysis. *The Elementary School Journal*, 121(3):504–40.

Lonigan, C.J. en G.J. Whitehurst. 1998. Relative efficacy of parent and teacher involvement in a shared-reading intervention for preschool children from low-income backgrounds. *Early Childhood Research Quarterly*, 13(2):263–90.

Mix, K.S., C.M. Sandhofer, J.A. Moore en C. Russell. 2012. Acquisition of the cardinal word principle: The role of input. *Early Childhood Research Quarterly*, 27(2):274–83.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Mol, S.E. en A.G. Bus. 2011. To read or not to read: A meta-analysis of print exposure from infancy to early adulthood. *Psychological Bulletin*, 137(2):267.

Mol, S.E., A.G. Bus, M.T. De Jong en D.J. Smeets. 2008. Added value of dialogic parent-child book readings: A meta-analysis. *Early Education and Development*, 19(1):7–26.

O'Rear, C.D. en N.M. McNeil. 2019. Improved set-size labelling mediates the effect of a counting intervention on children's understanding of cardinality. *Developmental Science*, 22(6):e12819. https://doi.org/10.1111/desc.12819.

O'Rear, C.D., E.L. Zippert, P. Ehrman, A. Ellis en D.J. Purpura. 2022. Research-based design and use of picture books to promote children's early mathematical learning: A conceptual model. In Betts en Thai (reds.) 2022.

Peña, E.D. 2007. Lost in translation: Methodological considerations in cross-cultural research. *Child Development*, 78(4):1255–64.

Peng, P., X. Lin, Z.E. Ünal, K. Lee, J. Namkung, J. Chow en A. Sales. 2020. Examining the mutual relations between language and mathematics: A meta-analysis. *Psychological Bulletin*, 146(7):595.

Purpura, D.J., A.R. Napoli, E.A. Wehrspann en Z.S. Gold. 2017. Causal connections between mathematical language and mathematical knowledge: A dialogic reading intervention. *Journal of Research on Educational Effectiveness*, 10(1):116–37.

Purpura, D.J., E.E. Reid, M.D. Eiland en A.J. Baroody. 2015. Using a brief preschool early numeracy skills screener to identify young children with mathematics difficulties. *School Psychology Review*, 44:41–59.

Purpura, D.J., S.A. Schmitt, A.R. Napoli, J. Dobbs-Oates, Y.A. King, C.B. Hornburg, L. Westerberg, G.A. Borriello, L.M. Bryant, L.Y. Anaya, M. Kung, E. Litkowski, J. Lin en E. Rolan. 2021. Engaging caregivers and children in picture books: A family-implemented mathematical language intervention. *Journal of Educational Psychology*, 113(7):1338.

Riccomini, P.J., G.W. Smith, E.M. Hughes en K.M. Fries. 2015. The language of mathematics: The importance of teaching and learning mathematical vocabulary. *Reading and Writing Quarterly*, 31(3):235–52.

Saldanha, G. en S. O'Brien. 2014. *Research methodologies in translation studies*. New York: Routledge.

Sarama, J. en D.H. Clements. 2009. *Early childhood mathematics education research: Learning trajectories for young children*. New York: Routledge.

Schmitt, S. A., D. J. Purpura en J.G. Elicker. 2019. Predictive links among vocabulary, mathematical language, and executive functioning in preschoolers. *Journal of Experimental Child Psychology*, 180:55–68.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d5

Sechrest, L., T.L. Fay en S.H. Zaidi. 1972. Problems of translation in cross-cultural research. *Journal of Cross-Cultural Psychology*, 3(1):41–56.

Stites, M.L., S. Sonnenschein, R. Dowling en B. Gay. 2021. Mathematics learning opportunities in preschool: Where does the classroom library fit in? *Early Education and Development*, 32(1):66–81.

Toll, S.W. en J.E. van Luit. 2014. The developmental relationship between language and low early numeracy skills throughout kindergarten. *Exceptional Children*, 81(1):64–78.

Towson, J.A., A. Fettig, V.P. Fleury en D.L. Abarca. 2017. Dialogic reading in early childhood settings: A summary of the evidence base. *Topics in Early Childhood Special Education*, 37(3):132–46.

Turan, E. en B. de Smedt. 2022. Mathematical language and mathematical abilities in preschool: A systematic literature review. *Educational Research Review*, 36:100 457.

Van Den Heuvel-Panhuizen, M., S. van den Boogaard en B. Doig. 2009. Picture books stimulate the learning of mathematics. *Australasian Journal of Early Childhood*, 34(3):30–9.

Ward, J.M., M.M. Mazzocco, A.M. Bocken en N.A. Prokes. 2017. Are content and structural features of counting books aligned with research on numeracy development? *Early Childhood Research Quarterly*, 39:47–63.

Whitehurst, G.J., F.L. Falco, C.J. Lonigan, J.E. Fischel, B.D. DeBaryshe, M.C. Valdez-Menchaca en M. Caulfield. 1988. Accelerating language development through picture book reading. *Developmental Psychology*, 24(4):552.

Whorf, B.L. 2012. *Language, thought, and reality. Selected writings of Benjamin Lee Whorf*. 2de uitgawe. Geredigeer deur J.B. Carroll, S.C. Levinson en P. Lee. Cambridge, MA: MIT Press.

Xie, Q.W., C.H. Chan, Q. Ji en C.L. Chan. 2018. Psychosocial effects of parent-child book reading interventions: A meta-analysis. *Pediatrics*, 141(4):e20172675.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Die stemme van kundige en ervare beoefenaars van assessering by die herformulering van standaarde van assessorbevoegdheid in onderwyseropleiding

Hennart van Schalkwyk en Geesje van den Berg

Hennart van Schalkwyk en Geesje van den Berg,
Departement van Kurrikulum- en Onderrigstudies, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Hoe verstaan goed ingeligte, kundige en ervare beoefenaars van die assessering van onderwysstudente die standaarde van assessorbevoegdheid in Aanvanklike Onderwyseropleiding (AOO)? Hoe behoort sulke standaarde beskryf te word om aan die eise van duidelikheid te voldoen? Hierdie artikel beantwoord hierdie vrae.

Pogings in hierdie verband het tot dusver onvolledige resultate, oppervlakkige maatstawwe en gebrekkige vereistes ingesluit (Council for the Accreditation of Educator Preparation (CAEP) 2013, Michigan Assessment Consortium (MAC) 2015). Terwyl literatuurstudies en dokumentontleding navorsing aangaande standaarde kan inlig en ’n oorsig kan gee van hoe standaarde tans in literatuur beskryf word, moet die stemme van ervare en kundige beoefenaars van die assessering van onderwysstudente ook ingesluit word om die herformulering van standaarde te lei.

Die doel van die studie was juis om daardie stemme te hoor. Hermeneuties-fenomenologiese onderhoudvoering (HFO) is gebruik om die perspektiewe van vyftien (15) inligtingryke individue, almal beoefenaars van assessering van onderwysstudente, vas te lê. Die bevindings uit literatuur, dokumentontleding en HFO is gebruik om standaarde vir die assessering van onderwysstudente as assessors te herformuleer.

Die navorsers bevind dat daar ’n fraktuur bestaan tussen die ideaal en die werklikheid van toereikende assessorbevoegdheid op onderwysstudentevlak. Verskeie bydraende faktore is geïdentifiseer, en verskeie benaderings word voorgestel om die uitdagings wat met die assessering van onderwysstudente gepaard gaan, aan te spreek.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Die bevindings het agt (8) temas opgelewer wat die herformulering van standaarde vir die assessering van assessorbevoegdheid begrond. Die navorsers gebruik hierdie temas en herformuleer standaarde van assessorbevoegdheid. Die stel standaarde staan bekend as die JMD-standaarde vir assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak.

Trefwoorde: assessering in die onderwys; assessering van assessorbevoegdheid; hermeneuties-fenomenologiese onderhoudvoering (HFO); kwalitatiewe onderwysgerigte navorsing; praktiese onderwys; standaarde van assessorbevoegdheid

Abstract

The voices of knowledgeable and experienced practitioners in reformulating clear standards for the assessment of assessor competence in teacher education

Introduction

How do knowledgeable and experienced practitioners in Initial Teacher Education (ITE) understand the standards for assessing assessor competence? How should these standards be described to meet requirements of clarity? This article answers these two questions. When standards are derived from literature only, the results are inadequate and insufficient in terms of clarity (CAEP 2013; Ingvarson, Reid, Buckley, Kleinhenz, Masters and Rowley 2014; Van Schalkwyk and Van den Berg 2025). Voices of scholars and ITE practitioners confirm the need for empirical research in this regard:

The authors of the InTASC standards argue that:

> In the use of teacher education standards in a learning community, the voices of pre-service teachers, teacher educators, clinical teachers and school administrators, are valued ... (Council of Chief State School Officers (CCSSO) 2013)

An experienced ITE programme manager in South Africa describes the need for clear standards as follows:

> When we have clear standards and criteria, ... then we know at least what to focus on ... The standards that are available currently, ... even the IQMS and SACE standards, are not really clear enough ... I think we should start at the school ... and consider what a good teacher, a good assessor does ... and base standards and criteria on that. We have to move away from our theoretical understanding and approach ...

The purpose of this study was to hear the voices of information-rich and experienced practitioners in ITE, and to reformulate standards of assessor competence with clarity. hermeneutical-phenomenological interviewing (HPI), grounded in and informed by literature study, including the analysis of relevant documents, was used to this end, within an interpretivist paradigm. The research focused on hearing voices regarding the context in which student teachers, as assessors, are educated and assessed at a distance education university in South Africa. The researchers used the findings from the literature, document analysis and HPI to derive and reformulate as set of clear standards, namely the JMD standards for assessor competence at experienced teacher level.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Background

In research in this field, insufficient efforts have been made to unpack existing, assessment-related standards to provide meaningful guidance for the development of pre-service programme curricula, instructional materials, and practical student teaching experiences to enable candidates to build a solid foundation in assessment competence upon graduation and certification (CAEP 2013; Reddy and Le Grange 2017). Attempts were made to define assessment-related competencies, yet the resulting objectives are incomplete, the measures superficial and generally lacking performance-based requirements, which are needed to gauge mastery. Standards for assessing the competence of student teachers, particularly in a distance education context, should describe such assessor competence standards in observable and assessable terms.

The notion of a teacher education continuum approach to teacher education and career development is also highly relevant to standards of assessor competence. The approach integrates Initial Teacher Education, induction and continuous professional development through teacher competence frameworks, evaluation or assessment, and quality assurance mechanisms (MacPhail et al. 2022; Caena 2014). When standards of assessor competence are described at student teacher-, beginner teacher- and experienced teacher levels, as envisaged in this study, the continuum is strengthened. Such standards indicate clear developmental targets for each stage in the continuum, enhancing seamless and continued growth in competence. Incorporating the voices of both scholars and practitioners in revisiting and reformulating such standards would also contribute to improving ITE and enabling more effective growth-oriented assessment of assessor competence toward continued competence development during beginner teacher years and beyond.

Theoretical grounding

This study is grounded in a thorough understanding of the *context* in which assessor competence is educated and assessed at the research site, namely Unisa College of Education as well as three related key constructs, namely *standards and criteria*; *assessor competence* and *assessment in education*. The researchers relied on summary descriptions of these constructs derived from in-depth literature studies undertaken for this purpose (Van Schalkwyk 2021), as well as document analysis emanating from the literature studied. During the literature study several documents describing both context and/or standards were identified. During the empirical phase, participants also referred the researchers to various such documents. These documents were analysed to bolster findings from the literature.

Research methodology

The focus was on conducting hermeneutical-phenomenological interviews with suitable participants. Reputation case sampling as well as snowball sampling were used to identify information-rich individuals. Fifteen (15) participants were identified across four categories, namely, programme managers in areas related to ITE; lecturers who taught ITE modules; receiving teachers and teaching practice coordinators at schools as mentors; and student teachers who recently completed their qualifications. A combination of informal conversations and interview guide-type interviews was used (McMillan and Schumacher 2014).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Data analysis

In analysing the data from HPI, the researchers used a process focused on bracketing of researcher perspectives and drafting significant statements; doing a first read to identify incidental themes; second reads to draft data sheets containing mostly verbatim statements; additional reads to identify or confirm themes; and finally the formulation of summary descriptions of themes and preliminary findings (Creswell and Poth 2018).

Findings

Incorporating insights from the literature and document analysis, and confirmed through the HPI, the researchers found that: Firstly, a fracture exists between the ideal of delivering sufficiently competent student teachers as assessors after ITE, and the reality, namely that such levels of competence are not adequately achieved in the current teacher education model employed at the research site. Secondly, several challenges contributing to this fracture were identified. Thirdly, the researchers identified several approaches proposed to address these contributing factors.

Regarding the actual standards for assessing assessor competence in ITE, the researchers identified through literature and relevant document analysis, eight broad themes describing the essential abilities and qualities of competent assessors in education, namely, experienced teachers. They argued that these themes provide a useful frame of reference for benchmarking standards at experienced teacher level. These benchmarks were then used to formulate the JMD standards for assessor competence at experienced teacher level.

NB. The standards presented here are named in honour of the late Prof. J.M. Dreyer, who dedicated an immeasurable amount of work and thought to assessment in education.

Recommendations

It is recommended that the findings in this study, including the JMD standards, be used to formulate standards at the beginner teacher and student teacher levels as well. There is a pertinent and urgent need to also identify criteria for assessing each standard, particularly at the student teacher level. The themes identified in this study as well as the JMD standards already describe more realistic expectations given the contextual constraints identified through the voices of HPI participants. This recommendation is grounded in the understanding that, in an ITE context, standards are only truly meaningful when the criteria by which they are assessed are also clearly described (Sadler 2005; Van Schalkwyk 2021).

Keywords: assessment in education; competence as assessor; hermeneutical-phenomenological interviewing; qualitative research methodology; teacher standards and criteria; teaching practice

1. Inleiding

Hoe verstaan goed ingeligte, kundige en ervare beoefenaars van die assessering van onderwysstudente die standaarde van assessorbevoegdheid in Aanvanklike Onderwyseropleiding (AOO)? Hoe behoort sulke standaarde beskryf te word om aan die eise van duidelikheid te voldoen? Hierdie artikel beantwoord hierdie vrae.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Die stemme van die outeurs van die InTASC-standaarde beklemtoon die nut van duidelike standaarde, naamlik dat onderwyseropleidingstandaarde gebruik word om die stemme van voordiens-onderwysers, onderwyseropleiers, ervare onderwysers, en skooladministrateurs in ’n lerende gemeenskap te waardeer (Council of Chief State School Officers (CCSSO) 2013).

’n Ervare AOO-programbestuurder in onderwyseropleiding in Suid-Afrika toon aan:

> ... dat as ons duidelike standaarde en kriteria het, dan weet ons ten minste waarop ons moet fokus. Die standaarde wat wel beskikbaar is, ... selfs IQMS- en SACE-standaarde is nie spesifiek genoeg nie. Ek dink ons moet by die skool begin ... en kyk na wat ’n goeie onderwyser, ’n goeie assessor doen, en dit ... [standaarde en kriteria] ... daarop skoei. Ons moet wegbeweeg vanaf ’n teoretiese begrip en benadering ...

Wanneer die doel is om bestaande standaarde te hersien en te herbeskryf, is dit ontoereikend om standaarde bloot uit literatuur saam te stel (CAEP 2013; Ingvarson, Reid, Buckley, Kleinhenz, Masters en Rowley 2014). Literatuurstudies kan beslis navorsing op hierdie gebied begrond, en ontleding van tersaaklike dokumente kan ’n oorsig van bestaande beskrywings van sulke standaarde bied. Die stemme van veral goed ingeligte, kundige en ervare beoefenaars wat betrokke is by die assessering van onderwysstudente, word egter dikwels nie duidelik genoeg daarin gehoor nie. Die doel van hierdie studie was juis om na hierdie stemme te luister, in ’n soeke na, en daadwerklike hersiening en herbeskrywing, van sogenaamde duidelike standaarde.

Die agtergrond, literatuurstudie (insluitend die ontleding van tersaaklike dokumente), navorsingsdoelwitte en metodologie word kortliks aangestip, gevolg deur ’n teoretiese begronding van die empiriese werk. Die navorsers fokus veral op wat uit HFO geleer is, en sluit hergeformuleerde standaarde vir die assessering van assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak, in. Enkele opmerkings aangaande beperkings van die studie en twee aanbevelings sluit die artikel af.

2. Die agtergrond waarteen die herformulering van standaarde van assessorbevoegdheid beskou word

Tot op hede is onvoldoende pogings aangewend om bestaande assesseringsverwante standaarde te ontrafel. Doeltreffende ontrafeling sal betekenisvolle riglyne en insig bied vir die ontwikkeling van voordiens-opleidingskurrikula en studiemateriaal. Sodoende word praktiese en gefundeerde onderwysbelewenisse en ervaring aan onderwysstudente voorsien teen die tyd dat hulle gradueer (Van Schalkwyk 2021). Pogings in hierdie verband het tot dusver onvolledige resultate, oppervlakkige maatstawwe en gebrekkige vereistes geskoei op prestasie-gebaseerde kriteria, ingesluit (CAEP 2013). Empiriese navorsing op hierdie gebied, soos in hierdie studie aangebied, dra by tot beter begrip van – en die hantering van bestaande leemtes in – die ontwikkeling en die assessering van assesseringsbevoegdheid tydens AOO, en inderdaad selfs verder wanneer dit in voortgesette professionele onderwyserontwikkeling aangewend word.

Hierdie navorsing word teoreties begrond in ’n deeglike begrip van die *konteks* waarbinne onderwysstudente se bevoegdheid as assessors geassesseer word, asook in ’n deeglike begrip van drie sleutelbegrippe, naamlik *standaarde en kriteria*, *assessorbevoegdheid* en *assessering in die onderwys*. Daarbenewens bied tersaaklike dokumente wat tydens die literatuurstudie en empiriese werk uitgewys en ontleed is, ’n oorsig van eietydse beskrywings van standaarde van assessorbevoegdheid.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

3. Literatuurstudie – Kontekstuele en begripmatige begronding

Hierdie studie is gewortel in ’n diepgaande literatuurstudie, in terme van konteks en begripmatige begronding. Vyf hoofkomponente van die literatuurstudie tersaaklik tot hierdie studie (Van Schalkwyk en Van den Berg 2025) word hier opgesom.

3.1 Die konteks waarbinne onderwysstudente as assessors geassesseer word

Die assessering van onderwysstudente as assessors bestaan in ’n histories-kulturele konteks wat deur invloede soos ’n toenemende aandrang op Afrikanisering, en die nalatenskappe van koloniale sending- en Apartheidsonderwys, gekenmerk word. Daarbenewens word hedendaagse onderwys gekenmerk deur diepgaande uitdagings, moedige pogings en bittere teleurstellings in die strewe om ’n doeltreffende, verenigde en nie-diskriminerende onderwysstelsel sedert 1994 te vestig (Van Schalkwyk en Van den Berg 2025).

Die mees onmiddellike en relevante konteks, naamlik ’n assesseringskonteks, bestaan tans in die gebruik van praktiese onderwys as meganisme vir die ontwikkeling en assessering van onderwyserbevoegdheid, insluitend bevoegdheid as assessors. Die meganisme is inherent afhanklik van goed-funksionerende skole en toegewyde mentorskap deur ervare onderwysers (Du Plessis en Dreyer 2024).

Binne triadiese verband geld diepgewortelde invloede wat die assessering van die bevoegdheid van onderwysstudente as assessors aansienlik bemoeilik (Aspden 2017). Hierdie konteks is soortgelyk by beide kontak- en afstandsonderriguniversiteite, aangesien praktiese onderwys uiteraard in onderwyseropleidingsbeleid as sleutelkomponent van AOO-programme vereis word (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding 2014).

3.2 Standaarde as begripmatige raamwerk

Vanuit ’n onderwyseropleidingsperspektief beskryf standaarde ’n verskeidenheid vermoëns of bevoegdhede wat van onderwysstudente as assessors verwag word om in werklike onderwyskontekste toe te pas. Die kriteria vir elke standaard verwys na die besondere en waarneembare aspekte wat hulle moet ten toon stel om as bevoegde onderwysers, insluitend assessors, gereken kan word (Sadler 2005). Sogenaamde duidelike standaarde verwys na standaarde wat duidelik tussen drie vlakke onderskei, naamlik, onderwysstudent, beginneronderwyser en ervare onderwyser (Van Schalkwyk en Van den Berg 2025).

3.3 ’n Begripmatige raamwerk vir assessering in die onderwys

Assessering in die onderwys – ook beskou as toetsing, formaat, doel en proses – is ingewikkeld en onlosmaaklik verbind met onderrig en leer. Dit is vergestalt in informele kontekste (alledaags, natuurlik, ongestruktureerd, spontaan en terloops) en formele kontekste (gestruktureerd, beplan en sistematies) (Ingvarson e.a. 2014). Assessering word deurlopend beoefen as assessering *as* leer, assessering *vir* leer, en assessering *van* leer (Reddy en Le Grange 2017).

Assessors gebruik twee noodsaaklike prosesse: die insameling van bewyse en die assessering daardie bewyse om bevoegdheid te bepaal. Hierdie prosesse word vir verskeie doeleindes aangewend, insluitend die toekenning van kwalifikasies (Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk 67 van 2008) asook ander besluite aangaande leerders, onderrig en leer. Oordele en besluite wat uit assessering vloei, is suksesvol wanneer dit gesamentlik deur beide onderwysers en leerders gemaak word (Dreyer en Mawela 2019, Boud 2020). Sodanige oordele en besluite aangaande leerders se werk, gedrag en prestasies, asook toekomstige assessering, onderrig en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

leer, word as geloofwaardig gereken wanneer dit op waargenome bewyse begrond is. Assesseringsoordele en besluite word as terugvoer aan leerders gekommunikeer en as uitkomste aan ander belanghebbers (Van Schalkwyk 2021).

3.4 'n Begripmatige raamwerk vir assessorbevoegdheid

Bevoegde assessors beskik oor die vermoë om prosedures te kies, aktiwiteite toe te pas, prestasies na te gaan, leerdervermoëns te assesseer, foute te ontleed, en assesseringstake te gebruik wat leerders geleenthede gee om te wys wat hulle geleer het (CCSSO 2013) en wat hulle met daardie kennis kan doen (Dreyer en Mawela 2019). Assessors lei en rig hul eie en leerders se besluitneming deur assesseringsdata te gebruik, na leerders te luister en terugvoer aan hulle te verskaf, en leerders se tekortkominge te identifiseer. Hierdie vermoëns word onderlê deur grondige vakkennis en 'n diepgaande begrip van assesseringsteorie en -praktyke (Dreyer en Mawela 2019). Dit integreer 'n verskeidenheid assesseringsmetodes met onderrig en leer.

Bevoegde en toepaslik gekwalifiseerde onderwysers (assessors) beoefen professionele en etiese gedrag, vel geloofwaardige oordele en besin krities oor die verbetering van onderrig, leer en assessering (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding 2015 Zwart, Korthagen en Attema-Noordewier 2015). Assessorbevoegdheid ontwikkel binne die kontinuum van onderwyseropleiding en sluit bevoegdheid op onderwysstudent-, beginneronderwyser- en ervare onderwyservlakke, in (Van Schalkwyk 2021; MacPhail, Seleznyov, O'Donnell en Czerniawski 2022).

3.5 Ontleding van tersaaklike dokumente

Die literatuurstudie hier bo opsommend aangetoon, sowel as die ontleding van dokumente wat daarin uitgewys is, begrond en rig hierdie studie. Gedurende die literatuurstudie waaruit bogemelde opsommende beskrywings (3.1–3.4) spruit, is verskeie dokumente uitgewys wat beskrywings van die assesseringskonteks en assessorbevoegdheid ingesluit het. Daarbenewens het deelnemers aan die empiriese deel van die studie (sien par. 5 hier onder) die navorsers na verskeie soortgelyke tersaaklike dokumente verwys.

Die navorsers onderskei uit hierdie dokumente agt (8) wesenlike elemente van toegepaste assessorbevoegdheid op die ervare onderwyservlak as temas tersaaklik tot assessorbevoegdheid (sien Tabel 1). Wanneer hierdie temas as 'n stel standaarde verstaan word, beskryf dit 'n nuttige maatstaf vir die beskrywing van assessorbevoegdheid op die vlak van onderwysstudent en beginneronderwyser. Die navorsers het die temas in Tabel 1, as ontluikende beskrywings van standaarde van assessorbevoegdheid verstaan.

Tabel 1. Temas tersaaklik tot toegepaste assessorbevoegdheid

Tema: Die bevoegde onderwyser as assessor ...
Tema 1: Verstaan hoe om vak- en kurrikulumgebiede te assesseer.
Tema 2: Gebruik 'n verskeidenheid van assesseringsmetodes en -benaderings
Tema 3: Berei leerders voor vir assessering
Tema 4: Maak betroubare, gegronde en vergelykbare oordele
Tema 5: Identifiseer en remedieer leerders se tekortkominge en uitdagings
Tema 6: Gebruik assesseringsdata om onderrig- en assesseringspraktyk aan te pas
Tema 7: Hou betekenisvolle rekords en doen verslag oor leerderprestasie
Tema 8: Gee terugvoer oor assesserings

Bron: Vertaal uit Van Schalkwyk (2021)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

4. Navorsingsdoelwitte en metodologie

Die navorsers het ten doel gehad om die stemme van inligtingryke en ervare beoefenaars van die assessering van onderwysstudente te hoor. Die fokus was op hul belewenisse en beskouings van die konteks waarbinne onderwysstudente geassesseer word, sowel as van standaarde van assessorbevoegdheid. Die studie is derhalwe vanuit ’n interpretatiewe paradigmatiese lens as ’n kwalitatiewe fenomenologiese studie aangepak (Kivunja en Kuyini 2017; Creswell en Poth 2018). Hermeneuties-fenomenologiese onderhoudvoering (HFO) is as navorsingsmetodologie vir hierdie doel aangewend.

5. Uitvoering van HFO

5.1 Kies van deelnemers aan HFO

Reputasiegevalsteekproefneming en sneeubalsteekproefneming is gebruik om inligtingryke deelnemers te kies (McMillan en Schumacher 2014; Flick 2019). Die volgende deelnemers is gekies, en institusionele toestemming is verkry om aan die navorsing deel te neem: AOO-programbestuurders (5); dosente van AOO-modules (2); bestuurders by skole (2); toesighouers (assessors deur die universiteit aangestel) (2); mentoronderwysers (4); onderwysstudente (3).

’n Kombinasie van informele gespreksonderhoude en begeleidende onderhoude is aangewend. Die onderhoude was sleutelinformant, hoogs kundig, en hermeneuties-fenomenologies van aard (McMillan en Schumacher 2014). Onderhoude was op die volgende kernvrae geskoei:

“Wat is jou ervaring aangaande onderwysstudente se toegepaste bevoegdheid as assessors?” Opvolg- en ondersoekende vrae is gebruik om te verseker dat belewenisse aangaande al vier domeine van bevoegdheid beskryf word.

“Wat is jou belewenis van sogenaamde ‘assesseerbare’ en ‘onassesseerbare’ aspekte van onderwysstudente se bevoegdheid as assessors gedurende kursuswerk en praktiese onderwys, asook aangaande redes vir suksesse en moontlike oplossings vir uitdagings wat gedemonstreer is?”

Opvolg- en ondersoekende vrae is gebruik om die doeltreffendheid van afstandsonderrig in die ontwikkeling van onderwysstudente se bevoegdheid as assessors te peil, asook opvolgvrae om ervarings en belewenisse in kontakonderrigkontekste te verken.

“Wat is jou ervaring aangaande die doeltreffendheid van onderwysstudente se bevoegdheidsontwikkeling in terme van vordering na verdere ontwikkeling as beginneronderwysers?” Opvolg- en ondersoekende vrae is gebruik om belewenisse aangaande die rol van mentorskap en ander aspekte van voortgesette ontwikkeling te ondersoek.

Tweede rondte onderhoude is met sommige deelnemers gevoer, waartydens hul begrip van en belewenisse in die gebruik van standaarde van assessorbevoegdheid, soos aangedui in die agt temas gelys in Tabel 1, ondersoek is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

5.2 Ontleding van data

Die navorsers het die onderhoude met klankopnemers vasgelê en dit laat transkribeer. Die transkripsies is beskou as beskrywings van *hoe* gebeure – spesifiek die assessering van onderwysstudente met behulp van standaarde – ontvou het, eerder as bloot bronne van inligting (Flick 2019). Vanuit hierdie vertrekpunt is die transkripsies ontleed met behulp van standaard kwalitatiewe ontleding (Creswell en Poth 2018). Hierdie proses het die volgende hoofmomente ingesluit: Eers is transkripsies van onderhoude versamel en die navorsers se persoonlike belewenisse en sienings van die verskynsel is sover moontlik opsy geskuif by wyse van deurlopende, deurtastende bewustheid en nadenke; 'n lys van betekenisvolle beskrywende stellings aangaande konteks, standaarde en kriteria – gefundeer op kontekstuele en konseptuele raamwerke – is daarna uitgewys en ontwikkel (*eerste lees*); beskrywende stellings is in breë eenhede van inligting of temas gegroepeer (*tweede lees*); 'n beskrywing van "watter standaarde en kriteria" in transkripsies beskryf word, is saamgestel (*tweede lees – skep van datastelle*); 'n konsepbeskrywing van hoe standaarde en kriteria in konteks gebruik word, is ontwerp (*tweede en derde lese*); en laastens is 'n saamgestelde beskrywing van die verskynsel (*konteks en standaarde*) geformuleer soos beskryf in dokumente uitgewys in die studie en vertolk in getranskribeerde onderhoude.

6. Bevindings

Die fokus van HFO was op die beskrywing van die konteks en standaarde soos beleef en begryp deur deelnemers, om hul stemme aangaande die assessering van assessorbevoegdheid van onderwysstudente te hoor. Dit is pertinent om later in ag te neem by herformulering van standaarde.

Drie bevindings is aangaande die konteks en standaarde gemaak.

6.1 'n Beduidende fraktuur bestaan tussen die ideaal en die realiteit van toereikende bevoegdheid van onderwysstudente as assessors

Die ideaal, soos verwoord in literatuur en gepaardgaande ontleding van tersaaklike dokumente, is dat onderwysstudente as toereikend bevoegde assessors beskou word indien hulle leerders doeltreffend kan assesseer – ten minste op die vlak van beginneronderwysers. Beginneronderwysers beskou hulself egter merendeels as onbevoeg en onvoorbereid om leerderprestasie doeltreffend te assesseer, ten spyte van opleiding om reeds tydens AOO aan hierdie eise te voldoen (DeLuca en Bellara 2013; Gareis en Grant 2015; Elturki 2020; Du Plessis en Dreyer 2024). Die bevindings uit HFO bevestig hierdie realiteit, naamlik dat onderwysstudente nie sodanige vlakke van bevoegdheid tydens AOO bereik nie.

Wanneer beskouings en belewenisse uit HFO in hierdie studie gegroepeer word in terme van SAKO (2012) se beskouing van toegepaste bevoegdheid – bestaande uit vier vervlegte domeine – word die volgende bevoegdhede ideaal gesproke van onderwysstudente verwag:

<u>Fundamentele bevoegdheid:</u>

Demonstreer 'n kritiese begrip van die teoretiese onderbou van onderrig, leer en assessering, insluitend kurrikulum, wat assessering in onderrig en leer terugbring.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Praktiese bevoegdheid:

Formuleer betekenisvolle take op verskillende moeilikheidsvlakke.

Skryf uitkomstes en gepaardgaande assesseringstandaarde en -kriteria vir assesseringstake.

Ontwerp items vir toetse en eksamens, insluitend memoranda en/of modelantwoorde, sowel as gepaste assesseringskriteria.

Refleksiewe bevoegdheid:

Interpreteer die kognitiewe vereistes van leerders.

Gee betekenisvolle terugvoer en leiding.

Toegepaste bevoegdheid:

Ontleed leerderresponse op assesseringstake.

Doen itemontleding ná assessering en gebruik die resultate om assesserings- en onderrig-benaderings te hersien.

'n Deelnemer (programbestuurder) wys die ideaal as volg aan: "… die doel is dat studente voorbereid is om as beginneronderwysers toe te tree … maar daar kan nie van hulle verwag word om [volledig] bevoeg as assessors te wees nie. Hulle sal in die tuig leer …" Dit word beaam deur 'n pas gekwalifiseerde beginneronderwyser: "… Ek het besef, weet jy wat, jy het tyd nodig voor die klas, jy het tyd agter jou lessenaar nodig, om voor te berei vir assessering, … en om gementor te word …"

Die oënskynlik onafwendbare realiteit dat pas gekwalifiseerde onderwysers eers werklik leer hoe om te onderrig en te assesseer nadat hulle die beroep as beginneronderwysers betree het, word deur verskeie deelnemers beaam. Soos een deelnemer dit stel:

> … Jy begin skoolhou en jy leer deur te onderrig, en jy leer deur te assesseer, omdat tot op daardie stadium, ek geen duidelike idee gehad het hoe om dit te doen nie. Ek bedoel, ek het ongelukkig nie op universiteit geleer hoe om te onderrig en te assesseer nie, en vir die eerste twee jaar was ek 'n onbedrewe onderwyser … totdat ek 'n manier gekry het om reg te kom, … ek kan nie onthou of assessering spesifiek 'n uitdaging was nie. Ek dink alles was 'n uitdaging op daardie stadium …

Die dringendheid om assesseringsbevoegdheid voor toetrede tot die beroep te bereik, word as volg deur 'n ander programbestuurder beklemtoon:

> … dit [assessering] is die hart van die saak, alles kom met assessering soort van reg bymekaar, of val heeltemal uitmekaar as ons nie assessering regkry nie. Daar moet gefokus word op summatiewe assessering in die besonder …, so, assessering is regtig, waarlik krities.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Daar is ingewikkelde, vervlegte en oorvleuelende redes waarom daar ’n fraktuur of breuk tussen ideaal en werklikheid bestaan. Verskeie bydraende uitdagings is deur deelnemers uitgewys.

6.2 Uitdagings in die assessering van die bevoegdheid van onderwysstudente as assessors in ’n afstandsonderrigkonteks

6.2.1 Die assessering van groot getalle studente landwyd in moeilike omstandighede

Deelnemerbelewenisse vanuit praktiese onderwysbestuurskontekste bied waardevolle perspektief:

> … ons maak gebruik van sowat 400 eksterne toesighouers van regoor die land, … ook dosente, as interne toesighouers … en vele meer mentoronderwysers wat studente begelei en assesseer. [In] werklikheid is dit baie moeilik vir ’n toesighouer om elke student te besoek, al is dit net een of hoogstens twee keer gedurende AOO …

Die verhouding van studente tot toesighouers (intern en ekstern) is 100:1. In 2021 was sowat 72 566 onderwysstudente in AOO-programme aan die Unisa Onderwyskollege geregistreer. Die geografiese verspreiding van skole waar studente vir praktiese onderwys geplaas word, sowel as verskillende vlakke van funksionaliteit van skole bemoeilik sake verder (Unisa Onderwyskollege 2012).

’n Diepgaande bydraende faktor tot die fraktuur tussen die ideaal en die realiteit lê in die afhanklikheid van die praktiese onderwysmodel van die funksionaliteit van skole:

> … Ons het baie skole wat nie regtig funksioneel is nie, en geleenthede … [tot doeltreffende begeleiding, leer en geloofwaardige assessering] … is uiteraard minder toereikend in sulke skole. By goed funksionerende skole kry ons positiewe terugvoer aangaande die doeltreffendheid van praktiese onderwys, insluitend assessering … maar dit bly beperk tot ’n paar skole. Selfs by kontakuniversiteite geld soortgelyke tekortkominge.

’n Deelnemer vertel van die belewenisse van ’n student tydens plasings by twee ontoereikende mentoronderwysers:

> Al wat sy by dié twee onderwysers geleer het, was hoe om nié te onderrig nie, en hoe om nié te assesseer nie! … Selfs al word studente by sulke skole toegelaat om leerders te assesseer, sien hulle nie noodwendig goeie praktyk nie, en mag hulle selfs die indruk kry dat dit in orde is so, omdat dit so in praktyk gedoen word …

Ander leemtes wat verband hou met die afstandsonderrigkonteks word uitgewys, naamlik die onvermoë om alle domeine van bevoegdheid doeltreffend te assesseer; gebrek aan outentisiteit van bewyse; beperkte of selfs onvermoë om studente se refleksiwiteit aangaande hul eie assessering te assesseer; en ongenoegsame bewyse en onsekerheid betreffende die outentisiteit van verskeie aspekte in praktiese onderwys- en vakmetodiekportefeuljes.

In reaksie op die vraag of afstandsonderrig tot hierdie fraktuur bydra – en of die probleem uniek aan Suid-Afrika is – redeneer ’n deelnemer:

> Ek dink nie so nie. Mense met wie ek saamwerk in Australië [in beide afstands- en kontakonderrigkontekste] sê presies dieselfde. Onderwysbestuurders by skole daar wys daarop dat beginneronderwysers nie gereed of voldoende voorbereid is om doeltreffend te assesseer nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Toe gevra is of hierdie beperking net vir assesseringsvermoë geld, bevestig ’n ander deelnemer: “Hulle kan ook nie effektief onderrig nie!” Hierdie siening word deur ’n ander deelnemer uit Australië beaam: “… ons berei nie ons graduandi voor om enige kapasiteit te hê om, in die besonder, summatiewe take te assesseer nie …”

6.2.2 ’n Gebrek aan samewerking en koördinering tussen assesseringsteorie, vakdidaktiek en praktiese onderwysmodules

Teenstrydig met verwagtings, is daar ’n gebrek aan samewerking en koördinering tussen die dosente wat die assesseringsteorie aanbied en diegene wat modules in praktiese onderwys en vakdidaktiek assesseer: “… Dit is baie rigied, dit is nie deursigtig genoeg nie, daar is baie ruimte vir verbetering in hierdie verband.”

Die moontlikheid om hierdie uitdaging aan te spreek, word deur die omvang van die taak belemmer, naamlik om elke student ’n geleentheid tot praktiese onderwys te bied, insluitend doeltreffende assessering deur mentors en toesighouers, soos aangetoon in uitdaging 2.2.1. Daarbenewens is daar egter steeds sprake van ’n silobenadering onder dosente van verskillende modules. Die redes hiervoor is nie in HFO ondersoek nie.

6.2.3 Geloofwaardige en betroubare assessering van onderwysstudente se bevoegdheid in summatiewe assessering is feitlik onmoontlik

Deelnemers wys op die wese van die dilemma, naamlik dat formele (summatiewe) assessering moeilik waarneembaar is. Die toesighouer (universiteitsassessor) kan slegs ’n formele assesseringstaak waarneem wanneer ingesluit is in die waargenome les:

> … Onderwysstudente se lesplanne mag moontlik formele assessering vir die les insluit, maar die daadwerklike “merkwerk” en die terugvoer aan leerders, en die student se refleksie aangaande die assessering kan … nie tydens dieselfde les afgehandel of gegee word nie … Wanneer dit wel later gebeur, is die toesighouer nie meer daar nie.

Ten spyte hiervan, dui ’n ontleding van die assesseringsinstrumente wat deur die universiteit gebruik word daarop dat daar steeds van toesighouers verwag word om assesseringsoordele aangaande beide formatiewe en summatiewe assesseringsvermoëns van onderwysstudente te maak. Een strategie wat daarop gemik is om hierdie knelpunt te verlig – die delegering van oordeel van summatiewe assessering aan mentoronderwysers – is egter ook deurspek met uitdagings. Mentoronderwysers se oordele kan nie deurgaans as geloofwaardig en betroubaar beskou word nie. Slegs in goed funksionerende skole, waar mentors toegewyd en professioneel optree, is hierdie benadering meer lewensvatbaar; selfs in sulke gevalle is mentors egter geneig om toegeeflik te wees. Hierdie geneigdheid is uiteraard deel van die inherente uitdagings in triadiese verhoudings (Aspden 2017).

Gevolglik trek slegs studente wat by hierdie skole en toegewyde mentoronderwysers praktiese onderwys doen voordeel, terwyl dit nie vir alle onderwysstudente beskore is nie. Daarbenewens is mentoronderwysers om verstaanbare redes huiwerig om onderwysstudente toe te laat om formele en summatiewe assesseringstake van leerders te assesseer. ’n Deelnemer bevestig dit as volg:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

> … Summatiewe assesseringstake verg deurgaans … hoë-impak-assessering, en die werklading en spertye in skole laat nie ruimte vir meer tydrowende assessering deur onderwysstudente nie … Bowendien, sou dit eers deur die mentor gemodereer moes word …

Deelnemers stem saam dat huidige gebruike ’n diepgaande hersiening vereis en dat verwagtings meer realisties begrond moet word op wat werklik moontlik is om te lewer as minimumvereistes op onderwysstudentevlak. Die behoefte aan hersiening en herformulering van standaarde word hiermee beklemtoon.

Daarbenewens bied die relatief kort plasingstydperke van drie tot vyf weke by ’n skool nie genoeg tyd om summatiewe assesseringsprosesse volledig te assesseer nie. ’n Benadering wat hierdie tekortkoming prakties oorbrug, en wat tans by ’n universiteit in Australië ondersoek word, bied ’n moontlike praktiese oplossing in hierdie verband: “… Ons is besig met proefneming van 'n praktiese, werkbare benadering wat mentors in staat stel om geloofwaardige en gegronde beslissings van student se summatiewe vermoëns te maak …”

6.2.4 Kurrikulumkwessies aangaande teoretiese fundering van die kurrikulum en taal van onderrig en leer (TOL)

Deelnemerbelewenisse belig twee kurrikulumkwessies wat die bevoegdheid van onderwysstudente as assessors diepgaande invloed. Die eerste kwessie het betrekking op die veranderinge in die teoretiese fundering en onderbou van die onderwyskurrikulum sedert 1994, ná die demokratisering van onderwys. Hierdie veranderinge het in baie opsigte die ontwikkeling van onderwysstudente se bevoegdheid, veral hul bevoegdheid as assessors, belemmer:

> Die onderwysstelsel was [na 1994] nie gereed vir ’n volskaalse sosio-konstruktivistiese benadering nie, want … meeste onderwysers was nie gereed daarvoor nie, en daar was nie voldoende ondersteuning om so ’n diepgaande teoretiese verandering teweeg te bring en te vestig nie. So, wanneer ons kodering van die onderwysstelsel oorweeg, … dan is die KABV ’n baie geslote, en in ’n baie soliede, rigiede staat van onderwys, … ons is terug by wat soortgelyk is aan die gebruike in die apartheidsera …

Omdat verandering tot Kurrikulum 2005 onvoldoende was – en die meeste onderwysers nie met die diepgaande teoretiese onderbou daarvan kon tred hou nie – is die kurrikulum hersien tot die huidige KABV. Alhoewel die KABV steeds as uitkomsgebaseerd bestempel word, is dit: “… in wese nie meer sosio-konstruktivisties nie, maar eerder ’n inhoudgedrewe instruksie-transmissie-kurrikulum.”

Die tweede kurrikulumkwessie hou verband met taalbeleid – spesifiek die uitdagings rondom moedertaalonderrig en die gebruik van Engels as taal van onderrig en leer (TOL) in Suid-Afrika se veeltalige konteks. Een Deelnemer verwys na die KABV-voorsiening dat:

> … moedertaalonderrig slegs in die grondslagfase tot en met graad 3 aangebied word, terwyl Engels as ’n vak in dié fase aangebied word. So … Engels is ’n kommunikasie-instrument, maar word ongelukkig as ’n vak hanteer en nie gebruik om basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede (BIKV) te ontwikkel nie. Dit sou leerders goed voorberei vir meer gesofistikeerde gebruik van taal, naamlik om daarby baat te vind as TOL. … Op sy beurt vereis taalontwikkeling in ’n tweede taal dat die taalgebruik eers vanuit BIKV tot kognitiewe akademiese taalbedrewenheid (KATB)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

> moet vorder voordat die taal doeltreffend as TOL aangewend kan word. Navorsing toon aan dat BIKV eers baie goed gevestig moet wees voordat 'n leerder doeltreffend na KATB kan vorder.

Navorsing toon ook aan dat Engels as: "… BIKV tot graad 6 onderrig behoort te word, om aan hierdie vereiste te voldoen, en nie net tot graad 3, soos tans die geval is nie. Eers dan kan jy geleidelik aanbeweeg na Engels as KATB en TOL …"

Die gevolg van hierdie gebreke in die kurrikulum vergestalt in die verskynsel wat onder kundiges en praktisyns bekend staan "… as die 'graad 4 insinking'". Die werklikheid van ontoereikende oorgang na Engels as TOL

> … tref leerders soos 'n vuishou in die gesig … wanneer hulle skielik in graad 4 vir die eerste keer met Engels as TOL gekonfronteer word. Hulle kan doodeenvoudig nie tred hou nie! Dit is dus 'n sameloop van verskeie kwessies wat nie in plek is nie … met jammerlike gevolge …

Die verband tussen die ontwikkeling van BIKV en KATB (Cummins 1999) en die gevolge van die ontoereikende oorgang daarvan vir tweedetaalgebruikers van Engels, dra by tot die bedroewende standaard van onderwys in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel (Wentzel 2021).

Gepols aangaande die gevolg van hierdie kwessies ten aansien van assessering in die besonder, toon 'n deelnemer aan: "Wanneer ons Afdeling 4 van die KABV oorweeg … is dit opmerklik dat die assesseringsmodel in al die grade merendeels toetsgedrewe is." Dit bevestig die inhoudgedrewe instruksie-transmissie aard van die KABV:

> … Daar is minder fokus op skoolgebaseerde assessering (SBA) en meer fokus op summatiewe eksaminering … en so word die oorgang van BIKV na KATB 'n onderrig-, leer- en assesseringsprobleem. Dit is ook 'n kurrikulumprobleem … Wat assessering betref, gebruik die meeste onderwysers die voor die hand liggende opsie – inhoudgedrewe instruksie-transmissie-onderrig en -assessering.

Die mees skadelike gevolg word egter beklemtoon wanneer die deelnemer vra: "As jy … [as gevolg van ontoereikende BIKV en oorgang tot KATB] nie kognitiewe taalbedrewenheid begrondend tot leer in die senior fase het nie, hoe berei jy leerders voor vir die laaste drie jaar van skoolonderrig en leer?" Assessorbevoegde onderwysstudente behoort in hierdie verband "… 'n kritiese begrip van die kurrikulum te hê [voordat hulle die beroep betree], insluitend 'n diepgaande begrip van die teoretiese onderbou van die kurrikulum waarby assessering teruggebring word in en by onderrig en leer."

Onderwysers en onderwysstudente behoort die gevolge van hierdie twee kwessies in hul klaskamers raak te sien, te evalueer en die konstruktief daarop te reageer. Standaarde vir die assessering van die bevoegdheid van onderwysstudente behoort hierdie konteks te verreken en meedoen aan die voorbereiding van onderwysers hiertoe. Selfs al sou hierdie strukturele tekortkominge onmiddellik by wyse van die beleidsveranderinge reggestel kon word, sal daar steeds van onderwysers verwag word om die gevolge in die klaskamer te hanteer en die beste van die saak te maak, veral met betrekking tot hoe leerders geassesseer word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

6.3 Benaderings om uitdagings aangaande die ontwikkeling en assessering van assessor bevoegdheid tegemoet te gaan en te hanteer

Tydens HFO is deelnemers gevra om benaderings voor te stel wat gebruik kon word om die uitdagings wat hulle beleef en verwoord het, tegemoet te gaan en te hanteer.

6.3.1 Voortgesette toepassing van doeltreffende assesseringspraktyk

Hierdie benadering omvat verskeie idees wat deur deelnemers in HFO voorgestel is, insluitend: die identifisering van aspekte wat wel doeltreffend geassesseer kan word en steeds so doeltreffend moontlik te assesseer; deeglike assessering van fundamentele bevoegdheid (kennis en begrip van teorie en beleid, insluitend die kwessies waarna hier bo verwys word); die heroorweging van die manier waarop assesseringsteorie tans geassesseer word; die fokus op assessering van praktiese aspekte soos die beplanning en ontwerp van assesseringstake en -instrumente; die versterking van die vermoë van mentors om onderwysstudente te lei en te assesseer; en om klem te lê op die assessering van die vermoë om teorie, beleid en KABV-vereistes toe te pas.

Deelnemers se voorstelle wys op die doeltreffendheid van werkopdragte en eksaminering om fundamentele bevoegdheid (kennis en begrip van teorie en beleid) deeglik te assesseer. Deelnemers wys egter ook daarop dat die belemmerende kurrikulum- en TOL-kwessies hierby ingesluit behoort te word. Deeglike en diepgaande fokus op akademiese gedagtewisseling in hierdie gebied, veral binne die assesseringkonteks behoort besondere klem en voorkeur te geniet.

Die assessering van onderwysstudente se vermoë om assesseringstake deeglik en nadenkend tydens lesvoorbereiding te beplan, en om doeltreffende assesseringsinstrumente te ontwerp, word reeds doeltreffend uitgevoer:

> … Ons gebruik ’n reeks vrae wat die student noop om elke besluit aangaande assessering as deel van die onderrig- en leerproses te regverdig en te verdedig. Dit toets hul begrip van assesserings-, onderrig- en leerteorie sowel as hul vermoë om hierdie kennis in ’n bepaalde vak en les toe te pas …

Verskeie deelnemers aan HFO het aangedui dat, ten spyte van die uitdagings aangaande outentisiteit, die gebruik van praktiese onderwysportefeuljes in die assessering van onderwysstudente doeltreffend blyk te wees.

6.3.2 Versterking van die gehalte van mentorskap met ’n fokus op assessering

Die versterking van die gehalte van mentorskap met ’n fokus op assessering is van kardinale belang:

> In die huidige model is dit net die mentoronderwyser wat die onderwysstudent waarneem in ’n situasie waar die hele assesseringsproses – van beplanning tot en met terugvoer aan leerders – geassesseer kan word. As ek, as die universiteit se toesighouer, hierdie proses wil waarneem, moet ek vir ’n week of langer teenwoordig wees … Daarom is duidelike standaarde en kriteria wat uiteensit wat van die student verwag word, uiters belangrik. Die mentor moet die student dan help om presies aan hierdie standaarde te voldoen.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Die gevolg van doeltreffende leiding en assessering deur bekwame en toegewyde mentors is duidelik in die belewenisse van twee deelnemers, beide pas gekwalifiseerde onderwysstudente "… [die mentor] was baie uitgesproke aangaande my foute en tekortkominge, en dit was uiters waardevol. Sy het nie doekies omgedraai nie, en dit het my regtig baie gehelp!" Hierdie deelnemer het opgemerk dat dieselfde mentor hom later die geleentheid gegee het om 'n assesseringstaak in 'n les aan te bied, dit self te assesseer en terugvoer aan die leerders te gee – nadat sy dit gemodereer het:

> [Dit was die] … een enkele belewenis waarin ek vir die eerste keer die waarde van assessering in onderrig en leer in die werklikheid van die oomblik besef en beleef het … alles het ewe skielik sin gemaak! Ek kon leerders wat met vrae in die taak gesukkel het, regtig help … en kon sien watter aanpassings ek in die volgende les moes maak … Die mentor se aanmoediging en leiding was my redding!

'n Ander deelnemer het 'n soortgelyke belewenis beskryf:

> … dit het gevoel asof 'n vriendin langs my staan … ons het saamgewerk asof in 'n span … Ek het soveel opbouende terugvoer gekry en baie geleer uit hoe sy en ander ervare onderwysers verskillende situasies in die klaskamer hanteer … Sy het ook besef dat dit maar net die begin van leer by 'n mentor was: … Ek sit steeds met baie teorie … ek moet nog baie deur 'n HOD gehelp en gementor word en sal eers oor 'n jaar of twee regtig selfstandig kan aangaan …

Dit is duidelik dat doeltreffende onderwyseropleiding indringend afhanklik is van toereikende mentorskap – tydens praktiese onderwys en dwarsdeur 'n beginneronderwyser se eerste twee tot drie jaar in die tuig. Verskeie universiteite bied opleidingsprogramme vir mentors aan, waardeur beide onervare en ervare onderwysers hul vermoë om onderwysstudente te lei en te assesseer, verskerp.

6.3.3 Vestiging van 'n kultuur van nadenkende praktyk gerig op voortgesette selfontwikkeling

Die vermoë om nadenkend te werk te gaan, is 'n deurslaggewende vereiste om 'n doeltreffende onderwyser en assessor te wees (Schneider en Bodensohn 2017; Dreyer en Mawela 2019). Deelnemers beklemtoon selfbegrip en selfrefleksie as deurslaggewend in bevoegdheids-ontwikkeling. 'n Merkbare gaping bestaan in onderwysstudente se vermoë om oor hul eie assessorbevoegdheid te reflekteer: "… Hulle doen dit net sonder enige werklike nadenke … maar hulle doen dit intuïtief …, hulle besef nie hulle is besig met beplanning of met toepassing nie …" Soortgelyke leemtes bestaan in beide afstands- en kontakonderrigkontekste in Australië. Verskeie assesseringstake in portefeuljes is gemik op die vestiging van nadenkende praktyk. Die uitdaging lê egter daarin dat refleksiwiteit grootliks 'n sogenaamde "onmeetbare" konstruk is (Aspden 2017). Terwyl dit, alhoewel in 'n ontoereikende mate, by wyse van geskrewe antwoorde in assesseringstake geassesseer kan word, blyk nadenkende gesprekke tussen onderwysstudente en mentors of toesighouers die mees doeltreffende benadering te wees. Weereens is die behoefte aan duidelike standaarde en kriteria om sulke gesprekke te lei en te struktureer duidelik.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

6.3.4 Voortgesette professionele ontwikkeling binne 'n kontinuumbenadering

Die geneigdheid tot 'n "eens-opgelei-altyd-opgelei"-benadering is, volgens alle deelnemers in HFO, heeltemal ontoereikend en word sterk ontmoedig. Nietemin bestaan hierdie denkwyse steeds in sekere geledere – al is dit dikwels ongesproke – veral in ontoereikende of wan-funksionele skole:

> … Selfs eerstejaarstudente, wat veronderstel is om slegs tydens praktiese onderwys waar te neem, word deur die ontvangende onderwyser aan leerders voorgestel sodra hulle by die skool aanmeld, 'n handboek in die hand gestop, en aangesê om hul bes te doen … Die onderwyser sit dalk by een of twee lesse in, maar laat die arme student aan die genade oor … Die onderwysstudent val dan terug op die manier hoe hul self destyds op skool onderrig is, en … so word die kringloop van die ontoereikende handboek-metode voortgesit …

In goed funksionerende skole, waar praktiese onderwys met professionele waardigheid bestuur en aangewend word, is daar 'n duidelike erkenning dat praktiese onderwys 'n kritieke deel vorm van die oorgang tot beginneronderwyser. Die belangrikheid van voortgesette professionele ontwikkeling – en leergierige deelname daaraan deur beginner-, sowel as ervare onderwysers – word deur verskeie deelnemers aan HFO beaam:

> … As beginners nie [assesseringtegnieke] voortdurend en meer en meer inoefen as wat hulle tans [gedurende praktiese onderwys] … doen nie, sal hulle nooit behoorlik bevoeg en bedrewe raak nie. Soortegelyke uitdagings is in Australië aangemeld … ons het 'n uitvoerige verslag aangaande die stand van AOO aan universiteite van die owerheid ontvang. Dit het verskeie priemende vrae gevra rondom die gehalte en professionele gereedheid van voordiens-onderwysers [onderwysstudente] geopper. Hulle is nie klas-kamergereed nie …

Dit is duidelik dat doeltreffende onderwyseropleiding noue skakeling tussen universiteite, skole, owerhede en ander rolspelers in 'n kontinuumbenadering tot onderwyseropleiding vereis (Du Plessis en Dreyer 2024). Die rol van duidelike standaarde vir die assessering van onder-wysstudente as assessors is sentraal tot hierdie poging. Hierdie standaarde moet realistiese verwagtings weerspieël van wat onderwysstudente, as beginners, moet kan doen – wat hulle in staat stel om ten volle voordeel uit mentorinsette te trek, en nut uit voortgesette professionele ontwikkeling te put (Van Schalkwyk 2021).

6.3.5 Verlenging van praktiese onderwysplasingstydperke aan skole om beter geleenthede te bied

Modelle wat verlengde plasings aan skole bied, bied aansienlik beter geleenthede vir die in-oefening van toegepaste bevoegdheid as assessors. Die assessering van onderwysstudente geskied ook meer doeltreffend. 'n Deelnemer met ervaring in so 'n benadering meen:

> Tydens 'n ses maande lange plasing, amper soos 'n internskap … neem 'n student in der waarheid die onderrig en assessering van 'n klas vir 'n paar weke geheel en al by die ontvangende klasonderwyser (mentor) oor … uiteraard steeds onder toesig en met advies deur die mentor … Wanneer ek die skool besoek het as die universiteit se toesighouer en assessor kon ek, benewens klasbesoeke en lesassessering, uitvoerige onderhoude met beide die student, mentor, en skoolbestuur voer – gesamentlik en individueel – en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

> sodoende 'n baie duidelike beeld van die student se sterkpunte en leemtes kry … Uit die aard van die saak was my besoeke van langer duur as met ander benaderings … selfs twee tot drie uur per student … nadat 'n les of twee waargeneem is … In sulke gevalle het studente self die lesse beplan, self die toets of taak ter assessering van die kurrikulum opgestel, nagesien en vir moderering by die mentor ingehandig. Die proses is gedokumenteer en kwalitatiewe terugvoer is aan leerders gegee. Ek kon al die bewyse aangaande hierdie prosesse nagaan. Elke student het ook tydens die plasing aan die IQMS deelgeneem en kon hul persoonlike ontwikkelingsplan, met ondersteunende bewyse, as deel van die praktiese onderwysportefeulje aan die einde van die plasing inhandig.

Aangaande die tersaaklikheid van duidelike standaarde vir die assessering van onderwysstudente as assessors in so 'n benadering, bevestig die deelnemer: "… Duidelikheid van verwagtings en groeiteikens, soos aangetoon in standaarde en gepaardgaande kriteria, is 'n voorvereiste vir die sukses van enige praktiese onderwysmodel …"

Met so 'n benadering is dit dus moontlik om 'n soomlose progressie in assessorbevoegdheid van onderwysstudent na beginneronderwyser te ondersteun. Die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie benadering in 'n afstandsonderrigkonteks verg egter verdere omvattende navorsing.

6.3.6 Toepassing van duidelike standaarde en kriteria vir die assessering van onderwysstudente as assessors

Op die vraag of daar werklik 'n behoefte is aan duidelike standaarde en kriteria, antwoord 'n ervare programbestuurder:

> … Ek dink dat as ons duidelike standaarde en kriteria het, … dan weet ons ten minste waarop om te fokus. Die standaarde wat wel beskikbaar is … selfs IQMS- en SACE-standaarde is nie spesifiek genoeg nie – daar is nie duidelike assesseringskriteria nie. Ek dink ons moet by die skool begin … en kyk wat 'n goeie onderwyser, 'n goeie assessor doen … [en standaarde en kriteria] … daarop skoei. Ons moet wegbeweeg van 'n teoretiese begrip en benadering …

Die navorsers het die agt (8) temas (Tabel 1) wat uitgewys en deur deelnemers aan HFO bevestig is, noukeurig oorweeg en bedink, om die standaarde van assessorbevoegdheid van ervare onderwysers duidelik te onderskei en te beskryf. Dit is gedoen met inagneming van wat in literatuurstudie en die ontleding van dokumente bevind is. Die standaarde word hier na verwys as JMD-standaarde vir assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak, en word in Tabel 2 beskryf.

7. JMD-standaarde vir assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak

Die standaarde word hier na verwys as JMD-standaarde vir assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak, ter erkenning van die toegewyde werk in die veld van assessering in die onderwys deur wyle prof. J.M. Dreyer.[1]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Tabel 2. JMD-standaarde vir assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak

'n Ervare en bevoegde onderwyser:
Standaard 1: Begryp die kontinuum van deurlopende assessering, die beginsels, doeleindes, eienskappe van assessering en die gebruik van verskillende soorte assessering om leer doeltreffend te assesseer, en pas sodanige begrip toe werklike klaskamerkontekste.
Standaard 2: Berei leerders voor vir die eise van spesifieke assesseringsformate en maak gepaste aanpassings aan assessering, veral vir leerders met gestremdhede en besondere leer- en taalbehoeftes.
Standaard 3: Pas gepaste gehalteversekeringsmaatreëls en gepaste verwysingsraamwerke toe om geloofwaardige oordele oor leerders se prestasies te maak.
Standaard 4: Assesseer die tersaaklike vak- en kurrikulumgebiede doeltreffend in terme van statutêre en kurrikulumvereistes.
Standaard 5: Hou betekenisvolle rekords van assesseringsresultate en doen verslag aan belanghebbers aangaande leerderprestasie.
Standaard 6: Gebruik assesseringsdata om tydige, beskrywende en opbouende terugvoer aan leerders en hul gesinne te lewer en gepaste en behoefte-gerigte terugvoer aan ander belanghebbers te voorsien.
Standaard 7: Gebruik assesseringsdata om ingrype uit te wys om leerdertekortkominge aan te spreek in terme van vakinhoud, vaardighede en gesindhede soos in die kurrikulum vereis, insluitend die ontwikkeling van gedifferensieerde leerervarings.
Standaard 8: Ontleed assesseringsdata om patrone en gapings in leer uit te wys, te verstaan en om onderrig- en assesseringspraktyke dienooreenkomstig aan te pas.

Bron: Aangepas, herbenoem en vertaal uit Van Schalkwyk (2021)

Hierdie studie toon aan hoe HFO, gerugsteun deur 'n diepgaande literatuurstudie en ontleding van dokumente, aangewend is om die stemme van ervare kundiges en beoefenaars te hoor en om die herformulering van standaarde vir die assessering van assessorbevoegdheid in onderwyseropleiding beslag te gee.

8. Beperkings

Twee aspekte het hierdie studie beperk. Eerstens is slegs een navorsingsterrein in die kontekstuele ontleding ondersoek. Die afstandsonderrig konteks is beklemtoon, ten spyte daarvan dat onderwyseropleiding ook by kontakonderriguniversiteite aangebied word. Die ontleding van dokumente in die studie het slegs op dokumente gefokus wat tersaaklik is vir daardie spesifieke konteks. Wat dokumente betref wat standaarde beskryf, is 'n verskeidenheid dokumente uit verskeie lande in beide afstands- en kontakonderrigkontekste ontleed. Die HFO-data dui duidelik

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

daarop dat soortgelyke tendense wat by die navorsingsterrein waargeneem is, ook in kontak-onderrigkontekste aanwesig is.

'n Tweede beperking lê in die omvang van die standaarde wat beskryf word: die studie het slegs op assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak gefokus en het nie standaarde vir beginner-onderwysers en onderwysstudente ingesluit nie. Boonop is die beskrywing van standaarde in terme van gedetailleerde beskrywings van assesseringskriteria nie ingesluit nie. Beide hierdie areas verg verdere oorweging en sorgvuldige formulering. Nietemin behoort die kernbevindings van hierdie studie – die onderskeiding en beskrywing van die JMD-standaarde op ervare onder-wyservlak – as 'n vertrekpunt te dien vir verdere verfyning wanneer assessorbevoegdheid vir die ander twee vlakke in terme van kriteria geformuleer word. Dit is noodsaaklik dat kontekstuele kwessies sorgvuldig in ag geneem word wanneer onderwysstudente geassesseer word.

9. Aanbevelings

Die navorsers beveel aan dat die bevindings uit die studie gebruik word om die JMD-standaarde vir assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak as maatstawwe te gebruik en standaarde op beginneronderwyser- en onderwysstudentevlakke af te lei en te formuleer. Verder behoort kriteria waarvolgens onderwysstudente geassesseer kan word in terme van die agt standaarde van assessorbevoegdheid bedink en volledig geformuleer te word om die besondere beskrywings wat in hierdie studie ondersoek is, te vertolk en op die gepaste vlak van bevoegdheid te beskryf. Dit sal die bruikbaarheid van die standaarde vir die assessering van die bevoegdheid van onderwys-studente as assessors in hul voorbereiding vir die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks verhoog.

10. Slot

Hierdie studie het lig gewerp op hoe kundige en ervare beoefenaars van assessering tydens Aanvanklike Onderwyseropleiding (AOO) die assesseringskonteks sowel as standaarde van assessorbevoegdheid verstaan en beleef. Dit het ook aangetoon hoe hierdie standaarde her-formuleer behoort te word om aan eise vir duidelikheid te voldoen. Die stemme van 'n uitgelese aantal beoefenaars is gehoor met die toepassing van HFO as empiriese navorsingsmetodologie. Dit is gepas dat hul bydraes tot 'n dieper begrip van konteks en standaarde neerslag vind in onderwyseropleidingspraktyk.

Die studie het 'n beduidende breuk of fraktuur gevind tussen die ideaal en werklikheid ten aansien van die lewering van werklik bevoegde onderwysstudente as assessors, soos gemeet op beginneronderwyservlak. Redes vir sodanige fraktuur is blootgelê, en enkele benaderings tot die verbetering van die doeltreffende assessering van onderwysstudente as assessors is voorgestel. Dit het die herformulering van standaarde ingesluit, soos hier beskryf in die JMD-standaarde vir assessorbevoegdheid op ervare onderwyservlak.

Die studie dra by tot die verbetering van AOO en lê die grondslag vir die verfyning en formulering van standaarde op die vlak van onderwysstudent en beginneronderwyser. Hierdie studie ondersteun ook voortgesette navorsing wat daarop gerig is om assesseringskriteria van standaarde op hierdie twee vlakke te ontwikkel.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Bibliografie

Aspden, K.M. 2017. The complexity of practicum assessment in teacher education: An examination of four New Zealand case studies. *Australian Journal of Teacher Education (Online)*, 42(12):128–43. https://ro.ecu.edu.au/ajte/vol42/iss12/8 (21 Mei 2021 geraadpleeg).

Boud, D. 2020. Challenges in reforming higher education assessment: A perspective from afar. *RELIEVE*, 26(1):aM3. http://doi.org/10.7203/relieve.26.1.17088.

Bourke, T., D. Henderson, R. Spooner-Lane en Simone White (reds.). 2022. *Reconstructing the work of teacher educators: Finding spaces in policy through agentic approaches – Insights from a research collective*. Singapoer: Springer.

Caena, F. 2014. Teacher competence frameworks in Europe: Policy-as-discourse and policy-as-practice. *European Journal of Education*, 49(3):311–31. http://dx.doi.org/10.1111/ejed.12088.

Council for the Accreditation of Educator Preparation (CAEP). 2013. Assessment literacy standards and performance measures for teacher candidates and practicing teachers. Dover, NH: Measured Progress. https://caepnet.org/~/media/Files/caep/standards/assessment-literacy-in-teacher-preparati.pdf.

Council of Chief State School Officers (CCSSO). 2013. Interstate Teacher Assessment and Support Consortium (InTASC): Model core teaching standards and learning progressions for teachers 1.0. Washington, DC: Author. https://753a0706.flowpaper.com/INTASCLearningProgressionsforTeachers/#page=1 (10 Julie 2025 geraadpleeg).

Creswell, J.W. en C.N. Poth. 2018. *Qualitative inquiry and research design: Choosing among five approaches*. 4de uitgawe. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications, Inc.

Cummins, J. 1999. BICS and CALP: Clarifying the distinction. U.S. Department of Education Office of Educational Research and Improvement Educational Resources Information Center (ERIC). https://files.eric.ed.gov/fulltext/ED438551.pdf.

DeLuca, C. en A. Bellara. 2013. The current state of assessment in education: Aligning policy, standards, and teacher education curriculum. *Journal of Teacher Education*, 64(4):356–72. https://doi.org/10.1177/0022487113488144.

Dreyer, J.M. en A.S. Mawela (reds.). 2019. *The educator as assessor in the Senior Phase and FET*. Unisa-uitgawe(e-boek). Pretoria: Van Schaik.

Du Plessis, A.E. en J. Dreyer. 2024. Reflections on initial teacher education and theoretical framing of applied pedagogical knowledge with a context-consciousness: An international study. *Education Sciences*, 14(5):448. https://doi.org/10.3390/educsci14050448.

Elturki, E. 2020. A systematic process for assessing assessment. *English Teaching Forum*, 58(4):12–21. https://files.eric.ed.gov/fulltext/EJ1284943.pdf.

Flick, U. 2019. The concepts of qualitative data: Challenges in neoliberal times for qualitative inquiry. *Qualitative Inquiry*, 25(8). https://doi.org/10.1177/1077800418809132.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Gareis, C.R. en L.W. Grant. 2015. Assessment literacy for teacher candidates: A focused approach. *Teacher Educators' Journal*, 2015:4–21. https://files.eric.ed.gov/fulltext/EJ1085699.pdf.

Ingvarson, L., K. Reid, S. Buckley, E. Kleinhenz, G. Masters en G. Rowley. 2014. Best practice teacher education programs and Australia's own programs. Canberra: Department of Education. https://research.acer.edu.au/cgi/viewcontent.cgi?article=1014&context=teacher_education (30 September 2021 geraadpleeg).

Kivunja, C. en A. Kuyini. 2017. Understanding and applying research paradigms in educational contexts. *International Journal of Higher Education*, 6(5):26–41. https://doi.org/10.5430/ijhe.v6n5p26.

MacPhail, A., S. Seleznyov, C. O'Donnell en G. Czerniawski. 2022. Supporting the continuum of teacher education through policy and practice: The inter-relationships between initial, induction, and continuing professional development. In Bourke, Henderson, Spooner-Lane en White (reds.) 2022.

McMillan J.H. en S. Schumacher. 2014. *Research in education: Evidence-based inquiry*. 7de uitgawe. Essex: Pearson Education Limited.

Michigan Assessment Consortium (MAC). 2015. Assessment literacy standards: A national imperative. http://michiganassessmentconsortium.org/sites/default/files/mac_AssessLitStds_mobile.pdf.

Ramrathan, L., L. le Grange en P. Higgs (reds.). 2017. *Education studies for initial teacher development*. Kaapstad: Juta.

Reddy, C. en L. le Grange. 2017. Assessment and curriculum. In Ramrathan, Le Grange en Higgs (reds.) 2017.

Republiek van Suid-Afrika. Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO). 2014. National Qualifications Act (67/2008): Higher Education Qualifications Sub-Framework. Staatskoerant 38116, kennisgewing 819. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2015. National Qualifications Framework Act (67/2008): Revised policy on the minimum requirements for Teacher Education Qualifications. Staatskoerant 38487, kennisgewing 111. Pretoria: Staatsdrukker.

Sadler, D.R. 2005. Interpretations of criteria-based assessment and grading in higher education. *Assessment and Evaluation in Higher Education*, 30(2):175–94. https://doi.org/10.1080/0260293042000264262.

Schneider, C. en R. Bodensohn. 2017. Student teachers' appraisal of the importance of assessment in teacher education and self-reports on the development of assessment competence. *Assessment in Education: Principles, Policy and Practice*, 24(2):127–46. https://doi.org/10.1080/0969594X.2017.1293002.

Unisa Onderwyskollege. 2012. *Supporting teaching practice: A manual for supervisors and mentors*. https://www.oerafrica.org/system/files/2024-01/supporting-teaching-v4_0.pdf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

—. 2018. Bachelor in education programme (B.Ed.) (Senior Phase and FET). General tutorial letter 301. BEDALE/301/4/2018. Unisa Onderwyskollege.

—. 2021. About the college. https://www.unisa.ac.za/sites/corporate/default/Colleges/Education/About-the-college (16 Mei 2021 geraadpleeg).

Unisa Departement Kurrikulum- en Onderrigstudies. 2018a. Tutorial letter 101/2018. The educator as assessor. Semestermodule. Pretoria: Unisa.

—. 2018b. Tutorial letter 101/0/2018. Teaching practice for teaching Senior Phase. PTEAC1Y. Jaarmodule. Pretoria: Unisa.

—. 2018c. Tutorial letter 103/0/2018. Teaching practice for teaching Senior Phase. PTEAC1Y. Jaarmodule. Portfolio template. Pretoria: Unisa.

—. 2018d. Tutorial letter 101/0/2018. Teaching practice for FET. PTEAC1X. Jaarmodule. Pretoria: Unisa.

—. 2018e. Tutorial letter 103/0/2018. Teaching practice for FET. PTEAC1X. Jaarmodule. Portfolio template. Pretoria: Unisa.

—. 2018f. Tutorial letter 101/0/2018. Subject didactics Geography. SDGOGM. Jaarmodule.

—. 2018g. Tutorial letter 103/0/2018. Teaching practice teaching Senior Phase (Grades 7–9). PTEAC2Y. Assignment 50 Year module. Portfolio template. Pretoria: Unisa.

—. 2019. Tutorial letter 103/0/2019. Teaching Practice for FET (Grades 10–12). PTEAC1X. Assignment 50 Year module. Portfolio template. Pretoria: Unisa.

—. 2021a. Tutorial letter 101/0/2018. Methodology teaching Geography. TMS3713. Jaarmodule. Pretoria: Unisa.

—. 2021b. Tutorial letter 101/0/2018. Methodology teaching English Home Language. TMS3716. Jaarmodule. Pretoria: Unisa.

—. s.j.a. Module planning grid: Assessment in Education. AED3701. Werkdokument.

—. s.j.b. Unisa student teacher standards. Werkdokument.

Van Schalkwyk, H. 2021. Standards and criteria for assessing the competence of student teachers as assessors in a distance education context. Doktorale proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika. https://uir.unisa.ac.za/bitstream/handle/10500/28944/thesis_van_schalkwyk_h.pdf;jsessionid=FCCA9E7CA80F072EA96C0FF2FB41FC5F?sequence=1 (20 April 2024 geraadpleeg).

Van Schalkwyk, H. en G. van den Berg. 2025. Op weg na helder standaarde en kriteria vir die assessering van die bevoegdheid van onderwysstudente as assessors. *LitNet Akademies*, 22(1):233–63. https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n1d1.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d6

Wentzel, J.D. 2021. Investigating the academic reading and writing skills required by the Grade 4 curriculum during the transition to English as language of learning and teaching. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit. https://repository.nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/37551/Wentzel_JD.pdf?sequence=1 (11 Oktober 2024 geraadpleeg).

Zwart, R.C., F.A.J. Korthagen en S. Attema-Noordewier. 2015. A strength-based approach to teacher professional development. *Professional Development in Education*, 41(3):579–96. http://dx.doi.org/10.1080/19415257.2014.919341.

Eindnota

[1] Johann Machiel Dreyer (31/12/1956 – 15/12/2020), alombekend as Mooi Johann, was ’n passievolle onderwyser, dosent, leerkrag en programbestuurder, sowel as ’n deurtastende opvoedkundige denker. Hy het by uitstek uitnemendheid getoon in, onder meer, onderrig in Geografie- en Omgewingsleer, onderwyseropleiding, praktiese onderwys en assessering in die onderwys. Sedert hy in 1992 as onderwyseropleier by Unisa begin het, het hy meer as 35 artikels gepubliseer, waarvan verskeie fokus op die assesseringsbevoegdheid van onderwysstudente en verwante temas. Hy was, onder meer, redakteur en medewerker aan die teks (*Die onderwyser as assessor*, 2019), waarin hy daarin slaag om assesseringsteorie praktiese beslag te gee. Hy het deurgaans in sy loopbaan as onderwyseropleier ’n sterk aandrang gemaak op navorsing aangaande en toepassing van standaarde van assessorbevoegdheid as sleutel tot effektiewe onderrig.

As kollega, studieleier en vriend het hy by my die kiem geplant wat uiteindelik tot die voltooiing my PhD-studie en beskrywing van standaarde van assessorbevoegdheid sou lei. Dit is met deernis en innige waardering dat hierdie standaarde na hom vernoem word. Die JMD-standaarde vergestalt die behoefte aan meetbare standaarde van assessorbevoegdheid op onderwysstudent-, beginneronderwyser- en ervare onderwyservlakke.

Met dank,
Hennart van Schalkwyk
Januarie 2025

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Pedagogiese faktore wat kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase beïnvloed

Corlene Jacobs en Mariëtte Koen

Corlene Jacobs en Mariëtte Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Kurrikulumdifferensiasie is reeds vir ’n geruime tyd die toonaangewende kenmerk van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Die doel van die studie was om ondersoek in te stel na Grondslagfase-onderwysers in die Motheo-distrik in die Vrystaat se persepsies rakende kurrikulumdifferensiasie.

Kurrikulumdifferensiasie het ten doel om leerders met ’n verskeidenheid van uiteenlopende lede van hul portuurgroep en ten opsigte van verskillende take te laat saamwerk – nie alleen om alle leerders se vermoëns te ontgin nie, maar ook om ondersteuning te bied aan daardie leerders met uiteenlopende opvoedkundige behoeftes (Tomlinson 2017). Alhoewel die belangrikheid van kurrikulumdifferensiasie gereeld aan alle belanghebbendes in die onderwysstelsel gekommunikeer word, wil dit voorkom of meer navorsing benodig word oor hoe om onderwysers in die Grondslagfase ten opsigte van kurrikulumdifferensiasie te ondersteun. ’n Interpretatiewe kwalitatiewe benadering aan die hand van ’n meervoudige gevallestudie-navorsingsontwerp is gevolg om die persepsies van Grondslagfase-onderwysers te bepaal ten opsigte van die pedagogiese faktore wat kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfaseklaskamer beïnvloed.

Die volgende metodes is toegepas om die data te bekom: niedeelnemende klaskamerwaarnemings, veldnotas, semigestruktureerde individuele onderhoude en reflektiewe dagboekinskrywings. As teoretiese raamwerk vir die studie is Howard Gardner (1983) se meervoudige intelligensieteorie (MI) as gepas beskou omdat MI die klem plaas op leerders se aangebore, veelvuldige intelligensievoorkeure om gegewe take te voltooi, en sodoende word leerders se individuele leerbehoeftes aangespreek.

Die bevindinge toon dat daar verskeie faktore is wat die toepassing van kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase beïnvloed. Hierdie artikel fokus op twee spesifieke pedagogiese faktore, naamlik taal van onderrig en leer en skoolgereedheid. Deelnemers het aangevoer dat Grondslagfase-onderwysers uitdagings kan aanspreek deur die verskillende leer-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

style van leerders te integreer. Indien onderwysers MI gebruik om uitdagings met taal en skoolgereedheid die hoof te bied, kan dit 'n holistiese en inklusiewe benadering tot leer bevorder.

Trefwoorde: differensiasie; Grondslagfase; kurrikulum; meervoudige intelligensie; onderwysers; pedagogiese faktore; skoolgereedheid

Abstract

Pedagogical factors that influence curriculum differentiation in the Foundation Phase

Curriculum differentiation has been in the forefront of the education system in South Africa for a long time. The goal of this study was to explore the perceptions of Foundation Phase teachers regarding curriculum differentiation in the Motheo district in the Free State. Although the importance of curriculum differentiation is communicated regularly to all stakeholders in the education system, it seems that more research is needed to assist teachers with curriculum differentiation in the Foundation Phase. This article draws from a research study of curriculum differentiation in the Foundation Phase and focuses on the pedagogical factors influencing Foundation Phase learners with regards to curriculum differentiation in the mainstream classroom.

An interpretative qualitative approach was taken, following a multiple case study research design to investigate the perceptions Foundation Phase teachers had regarding the pedagogical factors influencing curriculum differentiation in the Foundation Phase classroom. The data collection methods were non-participant classroom observations, field notes, semi-structured individual interviews and reflective diary entries. Curriculum differentiation can be viewed as the attempt to have learners work with a variety of different peers and on different tasks, that not only draws out the strengths of all the learners but also support learners with different educational needs (Tomlinson 2017:4). Howard Gardner's Multiple Intelligence (MI) theory was viewed as suitable to serve as the theoretical framework for the study, as MI focuses on inborn multiple intelligence preferences of learners to complete given tasks, thus addressing the individual needs of learners. The different learning styles of Foundation Phase learners highlighted in this study, served to complement and support MI as one cannot be viewed as separate from the other.

The findings highlight that participants acknowledge the needs of Foundation Phase learners and that these needs are influenced by certain pedagogical factors. It is argued that if Foundation Phase teachers understood the inborn intelligence preferences of Foundation Phase learners in their classrooms, apply MI in their classrooms in accordance with their different learning styles, Foundation Phase teachers may be able to differentiate lessons more effectively in mainstream classrooms.

Keywords: curriculum; differentiation; Foundation Phase; multiple intelligences; pedagogical factors; school readiness; teachers

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

1. Inleiding

In 1994 het die *United Nations Standard Rules on the Equalisation of Opportunities for Persons with Disabilities* as deel van die *Salamanca Statement and Framework for Action on Special Needs Education* (UNESCO 1994) erkenning gegee aan die feit dat differensiasie toegepas moet word om aan die behoeftes van alle leerders te voldoen. Volgens hierdie reëls was dit duidelik dat alle lande oor ’n duidelike beleid ten opsigte van inklusiewe onderwys moes beskik. Hierdie beleid moes voorsiening maak vir buigsaamheid in die kurrikulum sodat aanpassings aan en toevoegings tot die kurrikulum gemaak kan word (UNESCO 1994). Hierdie reëls het nie alleen gestipuleer dat lande voortdurende opleiding en praktiese ondersteuning aan onderwysers moet bied nie, maar ook geleenthede daarstel vir leerders vanuit verskillende agtergronde om dieselfde skole te kan bywoon (Swart en Pettipher 2016; UNESCO 1994). Dit het die weg gebaan vir ’n paradigmaskuif in die samelewing om persone wat deur struikelblokke aan bande gelê word, in hul midde te aanvaar en in te sluit (Hay en Joubert 2021).

Kurrikulumdifferensiasie is reeds vir baie jare prominent in die Suid-Afrikaanse onderwyslandskap soos uiteengesit in die Witskrif 6 (DvO 2001) asook ander departementele dokumente (DvO 2005a; DvO 2005b; DBO 2011a). Differensiasie in onderrig en assessering dui op die poging om aandag te gee aan ’n verskeidenheid van leeropsies vir leerders in hoofstroomklaskamers (Melesse 2015). Om te differensieer, beteken om leerders by die leerproses te betrek (Tomlinson 2017). Nie net is kurrikulumdifferensiasie besig om ’n noodsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te word nie (DvO 2005b), dit vorm ook ’n integrale deel van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel soos gestipuleer in die riglyne van die Departement van Basiese Onderwys (DvO 2005a; DBO 2011a) en Onderwys Witskrif 6 (DvO 2001). Na aanleiding van die bogenoemde definisies, het die navorsingsvraag duideliker na vore gekom: Wat is die persepsies van Grondslagfase-onderwysers ten opsigte van kurrikulumdifferensiasie?

Aangesien hierdie studie op Suid-Afrikaanse Grondslagfase-onderwysers en -leerders gerig is, moet daar op die toepassing van kurrikulumdifferensiasie en -inklusiwiteit vanuit die Afrika-konteks gelet word (Tlale, Ntshangase en Chireshe 2016). Tlale e.a. (2016) gaan voort deur die verskil van die Afrika-benaderings ten opsigte van kurrikulumdifferensiasie teenoor die Eurosentriese benadering te onderstreep. In sommige Afrika-benaderings, word leerders met spesiale behoeftes soms as ’n wedergebore heiligdom beskou wat aanbid moet word. Daar is ook die teenoorgestelde wat gebeur, waar hierdie leerders as byna “dierlik” beskou word en dan vir die dood langs riviere of die see agtergelaat word om sodanig terug te keer na hulle eie soort. Kisanji (1993) lig vier waardes van Afrika-inheemse onderrig uit, naamlik universaliteit, tersaaklikheid, funksionering en gemeenskapsbetrokkenheid.

Hierdie vier waardes is op ’n natuurlike wyse deel van Afrika-inheemse onderrig en weerspieël inklusiewe praktyke waarna skole streef. Phasha (2016) waarsku dat die gebruik van ’n Eurosentriese benadering tot kurrikulumdifferensiasie in Afrika die potensiaal het om leerders van hul kulturele erfenis te vervreem. Daar word derhalwe aanbeveel dat inklusiewe onderrig in die Suid-Afrikaanse skoolkonteks ’n kombinasie van inheemse opvoedkunde en holistiese strategieë moet behels (Phasha, Mahlo en Dei 2017).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

2. Literatuuroorsig

In die huidige Suid-Afrikaanse opvoedkundige kultuur word drie konsepte benadruk, naamlik: inklusiwiteit, differensiasie en die integrasie van verskillende leermetodes as ’n noodsaaklike onderrigwyse in alle skole beskou (DBO 2011a; DvO 2001; 2005a; 2005b). Die betoog is dat inklusiewe onderwys die moontlikheid bevorder vir alle leerders om te leer en deel te hê aan die opvoedkundige proses – egter net op verskillende vlakke van prestasie (DvO 2001). Inklusiwiteit behels die aanname van ’n filosofie van aanvaarding van alle leerders, waarvolgens die gelykwaardige behandeling van alle leerders gevestig word en elkeen as van waarde beskou word (Strogilos, Tragoulia, Avramidis, Voulagka en Papanikolaou 2017). Volgens Hodgson (2018) word talle Suid-Afrikaanse leerders steeds van die land se inklusiewe onderwysomgewing uitgesluit, aangesien die Afrika-inheemse onderrigkonteks van inklusiwiteit nie deel maak van die alledaagse klaskamer nie. Om sodoende inklusiwiteit in klaskamers te bevorder, moet kurrikulumdifferensiasie vanuit die Afrika-inheemse onderrig toegepas word.

Kurrikulumdifferensiasie word gedefinieer as leerderbewuste onderrig. Onderwysers ontwikkel dus lesplanne om leerders se onderskeie leerbehoeftes te akkommodeer (Gaitas en Martins 2017). Kurrikulumdifferensiasie wat tot inklusiwiteit lei, behels die erkenning dat alle leerders in staat is om te leer en dat alle leerders ondersteuning benodig (DvO 2001). Gardner (2011) se MI-teorie benadruk dat leerders se individuele verskille erken en oorweeg moet word wanneer hulle onderrig en geassesseer word. Hy (Gardner 1994) beskryf intelligensie as ’n persoon se vermoë tot probleemoplossing en die skep van produkte wat waardevol in ’n bepaalde kulturele omgewing is. Die relevansie van Afrika-inheemse onderrigbeginsels binne die teoretiese beginsels van hierdie studie blyk volgens die volgende voorstanders soos beskryf deur Mukwambo en Phasha (2016), wat ook ander voorstanders uitlig naamlik Sefa Dei se Afrika-onderriggesentreerde paradigma, Asante se teorie van sosiale verandering, Mazama se Afrosentriese paradigma en Hoppers se bemagtigingskonsep. Die implementering van die Afrika-gesentreerde paradigma in Gardner (1983) se MI-teorie sal nie net daartoe bydra dat onderrig leerdergesentreerd is nie, maar sal ook die leerder se eie kulturele ervarings omvat.

Leer behels ’n proses waardeur kennis geskep of deur middel van ervaring verkry word. Aandag kan egter aan leerders se meervoudige leervoorkeure gegee word deur die implementering van ’n verskeidenheid betekenisvolle en gepaste onderrig- en assesseringsmetodes (Kolb 1984). Kornhaber en Gardner (1996) beskou intelligensie nie as ’n bloot “iets” nie, maar eerder as die potensiaal om toegang te verkry tot uiteenlopende denkvorme wat in ’n spesifieke konteks ter sake is. Soos reeds genoem, is MI en leerders se leervoorkeure onlosmaaklik verweef. In die lig hiervan is dit duidelik dat differensiasie moet plaasvind sodat alle leerders kan leer en floreer.

Die literatuurstudie het sekere uitdagings wat kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase beïnvloed, uitgelig. Hierdie uitdagings sluit in, maar is nie beperk nie tot, klaskamerdiversiteit, oorvolklasse, taal van onderrig, skoolgereedheid, ouerbetrokkenheid, sosio-ekonomiese omstandighede en onderwysopleiding. Faktore kan in sistemiese en pedagogiese faktore gegroepeer word. Weens beperkte spasie, gaan hierdie artikel slegs na twee pedagogiese faktore verwys, naamlik Taal van Onderrig en leer (TvOL) en skoolgereedheid. Weens die verskil in Taal van Onderrig en Leer (TvOL) en leerders se moedertaal, mag daar leergeremdhede by leerders ontwikkel (Swart en Pettipher 2016). Die TvOL kan vir sommige leerders tot ’n derde taal wees (Engelbrecht e.a. 2015; Nel, Nel en Hugo 2016; DvO 2001). Menigte leerders in Suid-Afrikaanse skole word onderrig in ’n taal wat nie leerders se moedertaal is nie (Rahl 2017).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Leerders se skoolgereedheid speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van leerders se vermoë om skolasties en emosioneel te floreer. Skoolgereedheid word omskryf as die vlak van ontwikkeling in leerders om emosioneel, fisies, kognitief en leesgereed te wees (Erasmus, Jansen van Rensburg, Pienaar en Ellis 2016). Leerders wat graad 1 betree sonder om skoolgereed te wees, blyk te sukkel selfs tot in graad 7 (Bruwer 2016). Vanuit die literatuur was dit duidelik dat skoolgereedheid as prioriteit beskou moet word, maar dat die DBO steeds meer gefokus is op die ouderdom van leerders as hulle gereedheid vir leer (RSA 1996b). Volgens Labantwana (2024) het leerders wat aan hoëgehalte-vroeëleerprogramme deelgeneem het, die nodige kognitiewe, sosiale en emosionele vaardighede ontwikkel om die oorgang na formele skoolonderrig suksesvol te hanteer. Jongste navorsing dui egter daarop dat skoolgereedheid die volgende konsepte insluit: gedrags-, intellektuele, taal-, geletterdheids-, syfervaardigheids-, fisiese, sosio-emosionele en klaskamergereedheid (De Wit, Swartz-Filies, Van der Walt, Clarke, Worship, Smit, Van Greunen, Plastow 2023). Vervolgens word die gebruik van MI in die Grondslagfase bespreek, aangesien dit ’n waardevolle hulpmiddel kan wees om ’n holistiese en inklusiewe benadering tot leer te bevorder.

3. Teoretiese raamwerk

Die teoretiese raamwerk vir die studie waaruit hierdie artikel gevloei het, is op Howard Gardner (1983) se meervoudige intelligensieteorie (MI) gebaseer. Volgens Gardner (1994; 2006) is daar ten minste agt verskillende soorte intelligensie waarmee ’n persoon gebore kan word, maar nie noodwendig almal sal ontwikkel nie. Die ontwikkeling van hierdie intelligensie word ook bepaal deur sy of haar omgewing, geleenthede en kulturele agtergrond. Die agt verskillende soorte intelligensietipes is linguisties, logies-wiskundig, visueel-ruimtelik, liggaamlik-bewegend, musikaal, interpersoonlik, intrapersoonlik en eksistensieel. Gardner (1983) argumenteer dat die intelligensietipes gekombineer kan word om ’n samehangende benadering tot onderrig en leer te bewerkstellig en dat daar nie van onderwysers verwag word om elke intelligensietipe individueel in die klaskamer toe te pas nie. Dit kan onderwysers ook van hulp wees met die onderrig van verskeie dissiplines om algemene kennis, verbeelding en spontaniteit in die klaskamer te verbeter (Gardner 2006).

Ter ondersteuning van Grondslagfaseleerders se uiteenlopende onderrigbehoeftes, kan die onderwysers in hierdie fase poog om kurrikulumdifferensiasie aan te wend ten einde inklusiwiteit te bewerkstellig. Differensiasie by wyse van koöperatiewe leer, portuurmentorskap, steiering (“scaffolding”) en samewerking vorm natuurlik deel van Afrika-inheemse onderrig (Tlale e.a. 2016). Dus kan hierdie vier faktore meewerk om die sistemiese uitdagings en pedagogiese faktore wat Grondslagfase-onderwysers in hul klaskamers ervaar, aan te spreek.

Nel en Nel (2016a) beskryf hoe leerders met individuele leervoorkeure deur middel van Gardner (1983) se MI-teorie in daaglikse onderrigmetodes geakkommodeer kan word. Volgens hierdie outeurs kan linguistiese leerders by mondelinge aktiwiteite soos debatte en woordspeletjies baat. Hierteenoor geniet logies-wiskundige leerders probleemoplossing, eksperimente en strategiese speletjies. Hierdie speletjies sluit aan by ’n samewerkende leerbenadering of koöperatiewe leer wat natuurlik deel van Afrika-inheemse onderrig is. (Tlale e.a. 2016). Interpersoonlike leerders kan sensitief teenoor ander wees en geniet interaksie met ander leerders (Nel en Nel 2016a). Hierdie interpersoonlike tipe leerders, asook diegene wat gementor word, kan by portuurmentorskap as onderrigmetode wat ook as ’n natuurlike deel van Afrika-inheemse onderrig beskou word, baat vind.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Uit die bogenoemde kort bespreking blyk dit dat MI die goue draad kan wees om kurrikulum-differensiasie in hoofstroomklaskamers teweeg te bring. Die rede hiervoor is dat MI nie net in al die inklusiewe riglyne soos deur die Departement van Onderwys gestipuleer, figureer nie (DBO 2011a, 2014; DvO 2005a), maar ook deel van ’n Afrika-inheemse onderrigsbenaderings-perspektief vorm (Hay en Joubert 2021). Hierdie gevolgtrekking het tot die primêre navorsings-vraag gelei, naamlik die persepsies van Grondslagfase-onderwysers ten opsigte van kurrikulum-differensiasie asook watter faktore tot die implementering al dan nie van kurrikulum-differensiasie kan bydra deur die gebruik van die inklusiewe riglyne wat voorsien word.

4. Metodologie

Ten einde onderwysers se ervarings ten opsigte van kurrikulumdifferensiasie in die Grondslag-fase aan die lig te bring, is ons[1] deur ’n interpretivistiese paradigma gelei. Hierdie paradigma is die patroon of model van hoe iets gestruktureer is, hoe ’n mens dit kan waarneem en hoe alles daarbinne funksioneer (Pham 2018), en dat, ten einde ons wêreld te begryp, ons dit moet interpreteer (Neale, Miller en West 2014). Die interpretivistiese paradigma as lens het ons in staat gestel om deelnemers se ervaring van kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase-klaskamer te ondersoek en om die faktore wat kurrikulumdifferensiasie aldaar beïnvloed, toe te lig.

Volgens Thanh en Thanh (2015) is die interpretivistiese paradigma met kwalitatiewe navorsingsbenaderings verweef deurdat hierdie benadering en paradigma navorsers in staat stel om die wêreld deur middel van die beskouings en ervarings van die deelnemers aan ’n studie te beskou. Ons kwalitatiewe benadering het uit ’n meervoudige, kollektiewe gevallestudie-ontwerp bestaan. Hierdie ontwerp het ons in staat gestel om al die versamelde data van twee of meer navorsingsterreine te ontleed. Ons het twee skole gebruik vir die uitvoering van ons navorsing ten einde ’n teoretiese versadigingspunt te bereik.

Die data-insamelingsproses het by Skool A ’n aanvang geneem. Ons het reeds die klaskamer-waarnemings voltooi en was besig met die semigestruktureerde individuele onderhoude toe die COVID-19-pandemie alle onderrig- en leeraktiwiteite tot ’n stilstand gebring het. Omdat die onderwysers tydens die pandemie spanning in die werksplek ervaar het, het die skoolhoof versoek dat ons die navorsing staak. Die deelnemers van Skool A het egter via e-pos met ons gekommunikeer en onderhoude gevoer. Deelnemers by Skool A het toestemmingsvorms onderteken wat ons toegelaat het om die data wat ons reeds ingesamel het te ontleed. In Junie 2020 moes ons noodgedwonge ’n ander skool identifiseer en weereens toestemming verkry om die navorsing uit te voer. In Augustus 2020 het die Vrystaatse Departement van Onderwys toestemming verleen om ons navorsing by Skool B uit te voer, waarna ons die studie by Skool B van voor af moes begin. Die data van albei skole is in ons studie gebruik.

Doelgerigte steekproefneming is aangewend om 14 Grondslagfase-onderwysers (D1–D7 en O1–O7) by twee verskillende skole (Skool A en Skool B) in die Motheo-distrik te identifiseer. Volgens Creswell (2020) stel doelgerigte steekproefneming die navorser in staat om insig en begrip te verkry in die onderwerp wat bestudeer word. Gronsbell-Luntz (2019) beskryf doelgerigte steekproefneming as deel van niewaarskynlikheid-steekproefneming omdat die deelnemers volgens spesifieke kriteria gewerf word. Die volgende keuringskriteria is gebruik:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

- Alle deelnemers moes gekwalifiseerde Grondslagfase-onderwysers wees.
- Alle deelnemers moes onderwysers in hoofstroomklaskamers wees.
- Alle deelnemers moes oor meer as drie jaar onderwyservaring beskik.

Alhoewel al die deelnemers meertalig was, was geeneen Engels-moedertaalsprekers nie. Slegs onderwysers is by die studie ingesluit. Die onderhoude is in Afrikaans gevoer, maar die verbatim stellings is deur taalpraktisyns na Engels vertaal, aangesien die verhandeling in Engels geskryf is. Die vertalings is ook met die deelnemers nagegaan om die betroubaarheid van die data te verseker.

Tabel 1.1 toon die deelnemerprofiele van ons studie.

Tabel 1.1. Deelnemerprofiele

Deelnemer	Skuilnaam	Onderwysfase	Jare ervaring	Geslag
Skool A – onttrek uit die studie weens COVID-19				
Onderwyser 1	D1	Grondslagfase	3	Vroulik
Onderwyser 2	D2	Grondslagfase	3	Vroulik
Onderwyser 3	D3	Grondslagfase-departementshoof	8	Vroulik
Onderwyser 4	D4	Grondslagfase	8	Vroulik
Onderwyser 5	D5	Grondslagfase	8	Vroulik
Onderwyser 6	D6	Grondslagfase	5	Vroulik
Onderwyser 7	D7	Grondslagfase	5	Vroulik
Skool B – toestemming van die Vrystaatse Departement van Onderwys om navorsing by Skool B uit te voer				
Onderwyser 1	O1	Grondslagfase-departementshoof	10	Vroulik
Onderwyser 2	O2	Grondslagfase	4	Vroulik
Onderwyser 3	O3	Grondslagfase	14	Vroulik
Onderwyser 4	O4	Grondslagfase	4	Vroulik
Onderwyser 5	O5	Grondslagfase	6	Vroulik
Onderwyser 6	O6	Grondslagfase	17	Vroulik
Onderwyser 7	O7	Grondslagfase	10	Vroulik

Die eensydigheid waargeneem in die tabel weerspieël die *status quo* van Grondslagfase-onderwysers wat meestal vroulik is. Die primêre data-insamelingsmetode was onderhoude wat gevoer is by die skool waar die deelnemers in diens was. Elke individuele onderhoud het 30 minute geduur. Die gebruik van individuele onderhoude het die navorser in staat gestel om die ervarings van Grondslagfase-onderwysers in die algemeen te ondersoek. Triangulasie ter stawing van die data is bewerkstellig deur velerlei datagenererende metodes van uiteenlopende deelnemers by verskillende skole te gebruik. Die navorser het drie lesse in die verskillende Grondslagfaseklaskamers van graad 1 tot 3 waargeneem. Die lesse was onder meer ’n multi-graadtaalles vir Afrikaanse leerders, ’n wiskundeles in Engels in die graad 2-klaskamer asook ’n Engelse taalles in die graad 3-klaskamer. Dokumente soos reflektiewe dagboekinskrywings en veldnotas is noukeurig gelees.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Tematiese inhoudsontleding is aangewend om temas uit te lig (Cohen, Manion en Morrison 2018) en om die gemeenskaplike kenmerke van die datagenereringmetodes wat gebruik is te beskryf (Miles, Huberman en Saldaña 2019). Betroubaarheid is verseker deur Lincoln en Guba (1985) se model te gebruik ooreenstemmend met betroubaarheid deur vier kriteria te formuleer, naamlik geloofwaardigheid, betroubaarheid, bekragtiging en oordraagbaarheid. Die Universiteit van die Vrystaat het etiese klaring voorsien. Deelname was vrywillig en oorwoë toestemming is van elke deelnemer bekom. Hul anonimiteit en privaatheid is gewaarborg deur vir elke deelnemer ’n kode toe te ken, asook hul reg om te eniger tyd van die studie te onttrek.

5. Bevindinge

Drie hooftemas is uit die data geïdentifiseer, naamlik die behoeftes en uitdagings wat Grondslagfaseleerders ondervind, beleidsdokumente en klaskamerpraktyke. Volgens Swart en Pettipher (2016) word kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfaseklaskamer deur ’n kombinasie van ingewikkelde persoonlike, sistemiese en omgewingsfaktore beïnvloed. Alhoewel deelnemers sistemiese uitdagings in die Grondslagfaseklaskamer geïdentifiseer het, word daar in hierdie artikel slegs op twee pedagogiese faktore naamlik taal van onderrig en leer en skoolgereedheid gefokus.

Tabel 1.2. Grondslagfaseleerders se behoeftes en uitdagings

Navorsingsvraag	Tema	Subtemas	Trefwoorde	Bykomende beskrywende woorde
Watter faktore speel ’n rol in kurrikulum-differensiasie in die Grondslagfase-klaskamer?	Behoeftes en uitdagings van Grondslagfase-leerders	Sistemiese uitdagings	Konteks	Sosio-ekonomiese uitdagings Ouerondersteuning
		Pedagogiese faktore	Leer	Taal Taal van leer en onderrig Skoolgereedheid (emosionele en kognitiewe behoeftes)

Tabel 1.2 illustreer die belangrike rol van sistemiese uitdagings en pedagogiese faktore in kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase. Nel, Nel en Hugo (2016) dui aan dat leerders óf ekstrinsieke óf intrinsieke uitdagings kan ervaar wanneer hulle ’n klaskamer wat van hul tuismilieu verskil, betree. Malindi en Koen (2021) benadruk die belangrikheid daarvan om ’n ondersteunende leeromgewing te skep om sodoende die uitdagings in hierdie verband te verminder. Die rede hiervoor – volgens die deelnemers – is dat pedagogiese faktore die sistemiese uitdagings in die Grondslagfaseklaskamer vererger. In hierdie studie sluit die sistemiese uitdagings wat kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase beïnvloed sowel sosio-ekonomiese omstandighede as ouerbetrokkenheid in. Die sosio-ekonomiese omstandighede van sommige van die leerders in ons studie was daarvoor verantwoordelik dat hulle geen ekstra hulp kon ontvang nie omdat hierdie huishoudings skaars oor genoeg fondse beskik het om kos te koop.

Volgens Devereux, Hochfeld, Karriem, Mensah, Morahanye, Msimango, Mukubonda, Naicker, Nkomo, Sanders en Sanousi (2018) is honger kinders nie in staat om te leer nie en onderwysers kan nie honger leerders onderrig nie. Om honger te ly, dra by tot swak voeding wat op sy beurt

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

weer tot swak gesondheid bydra (Abebe, Geleto, Sena en Hailu 2017). Dit stem ooreen met Reimers (2022) se stelling dat leerders afkomstig uit swak sosio-ekonomiese omstandighede die meeste ly omdat hul ouers nóg bykomende ondersteuning kan bekostig nóg skoolfooie kan betaal – hulle veg bloot om oorlewing. Ouerbetrokkenheid, of die gebrek daaraan, het bygedra tot die pedagogiese faktore wat hierdie leerders beïnvloed.

Hierdie sistemiese uitdagings word nie in besonderhede bespreek nie, maar bloot die noem van hierdie uitdagings sal die invloed van die pedagogiese faktore op kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfaseklaskamer toelig. Soos genoem in die literatuuroorsig fokus hierdie artikel veral op twee pedagogiese faktore wat kurrikulumdifferensiasie beïnvloed, naamlik TvOL en skoolgereedheid.

5.1 Die taal van onderrig en leer

Alhoewel die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (2021) die gebruik van meertaligheid in die Suid-Afrikaanse klaskamer aanmoedig, verkies talle ouers om hul kinders in Engels in stede van hul moedertaal te laat onderrig. Die leerders by beide Skool A en Skool B was Sotho- of Tswana-sprekend. Hierdie leerders het onderrig in Engels ontvang. Een deelnemer het soos volg verduidelik dat talle leerders wat formele onderwys betree nie die taal van leer en onderrig (TvOL) verstaan nie:

> In my klas ervaar talle leerders ’n taalstruikelblok omdat hul huistaal Sotho is, maar by die skool is Engels die voertaal en moet alles wat hulle leer en doen in Engels geskied. En die ouers moedig hulle nie aan om tuis in Engels te kommunikeer nie. Hoe kan jou leer floreer as jy nie die onderrigtaal verstaan nie? (O1)

Nog ’n deelnemer het hierdie siening versterk deur die volgende by te voeg:

> Ek moes stadiger met hulle werk en hulle meer oefeninge van die inhoud, wat hulle skynbaar nie kon begryp nie, laat doen. Dit was asof ek van voor af moes begin, met ander woorde, ek moes sommige van hulle leer om Engels te praat en te gebruik sodat hulle kon verstaan wat ek hulle leer – asof hulle nooit in graad 1 was nie. (O2)

Die TvOL is deel van taal in sy geheel en kan derhalwe tot leerstruikelblokke in die Grondslag-faseklaskamer bydra. Soos reeds gestel, verskil die huistaal en die TvOL vir talle leerders in Suid-Afrikaanse skole omdat die meerderheid ouers Engels as die TvOL vir hul kinders verkies (Nel en Nel 2016b). Volgens Robertson en Graven (2020) is leerders wat in ’n ander taal as hul huistaal leer, geneig om akademies swakker te presteer. Madima en Makananise (2020) meen ook dat die gebruik van Engels as die TvOL tot uitsluiting, verwarring en ’n hoër uitsak-koers kan lei. Wanneer leerders in ’n ander taal moet leer, skep dit leerprobleme en die leerders se akademiese vordering is nie na wense nie (Nel en Nel 2016b). Die gevolg is dat leerders nie hul volle potensiaal kan bereik nie. Een van die deelnemers het die negatiewe invloed van die TvOL op die leerders in haar klaskamer soos volg beskryf:

> Nog ’n hindernis is dié van taal, van leerders wat nie in hul moedertaal onderrig word nie. Sulke leerders verstaan nie altyd wat van hulle gevra of verwag word nie. Hulle verstaan nie altyd wat onderrig word nie. Enkele woorde of werk moet soms vertaal word sodat almal die werk volkome kan begryp. (D2)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Alhoewel taal in die algemeen deel van diversiteit in die klaskamer vorm, is dit egter ook ’n entiteit afsonderlik van diversiteit omdat leerders taal selfs in ’n niediverse klaskamer as ’n probleem kan ervaar (DvO 2001). Ten einde die TvOL in die klaskamer te verwerf, moet leerders eers kognitiewe akademiese taalvaardigheid in hul moedertaal bemeester (Mophosho, Khosa-Shangase en Sebole 2019). By die aanvang van graad 1 moet leerders, volgens De Jager (2014), reeds bedrewe wees in die TvOL. Dit is dikwels nie die geval nie omdat leerders van agtergestelde agtergronde voorskools in hul moedertaal onderrig word en nie in die TvOL van die skool waarheen hulle sal gaan nie. Die deelnemers aan ons studie het TvOL as een van die redes beskou waarom hul leerders dit moeilik vind om te leer en was radeloos wanneer hulle hierdie leerders moes ondersteun. Omdat sulke leerders nie die TvOL in die Grondslag-faseklaskamer verstaan nie, is hulle nie gereed om die formele klaskamer te betree en in staat om by te hou nie. Hierdie onvoorbereidheid bring ons by die volgende belangrike pedagogiese faktor wat kurrikulumdifferensiasie beïnvloed, naamlik skoolgereedheid.

5.2 Skoolgereedheid

Die toelatingsbeleid van die Departement van Basiese Onderwys (DBO 2020/21), asook Afdeling 5 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA 1996b) bepaal dat ’n leerder wat ses word voor Junie van ’n spesifieke jaar tot graad 1 toegelaat moet word. Dit blyk dat talle leerders wat tot graad 1 toetree nie voldoende graad R-onderrig ontvang het nie en dat skole leerders tot graad 1 toelaat wat eers ná Junie van die gekose jaar ses word (Van Rensburg 2015). De Wit e.a. (2023) definieer ’n kind in Suid-Afrika as skoolgereed wanneer die kind gereed is om te leer en in die klaskamer kan ontwikkel. Hierdie ontwikkeling sluit in, maar is nie beperk nie, tot die gedrag wat ’n kind in die klaskamer ten toon stel, die kind se intellek, taalvaardighede, lees-en-skryf-kennis, gesyferdheidskennis asook fisieke en sosio-emosionele welstand van die kind. Volgens De Wit e.a. (2023) moet ’n leerder emosioneel, kognitief, fisiek en linguisties gereed wees om sy of haar skoolloopbaan op ’n deeglike wyse te begin.

Alhoewel skoolgereedheid talle fasette behels, het die data getoon dat die deelnemers veral bekommerd was oor die uitwerking van emosionele gereedheid op graad 1-leerders se prestasie. Hulle was besorgd dat die leerders nie die volgende graad van die Grondslagfase sou kon baas-raak nie vanweë ’n gebrek aan emosionele gereedheid. Een verduideliking het as volg gelui:

> Ek sê altyd ’n kind se akademiese vordering is maar soos ’n huisie. As ons die fondasie nie reg bou nie, in die graad 1-klas nie – en ek voel dit is die werk van ’n graad 1-onderwyser om die fondasie reg te kan lê en dan bou almal maar net later daaraan en slaat die dak en bou die mure op – en op die ou einde, as daai fondasie nie reg gelê word nie, gaan die mure begin kraak en die dak gaan begin inmekaarsak. So, ja, dis vir my, vir my as onderwyser was dit bitter hartseer, nie net oor die kinders (akademies) nie. Daar sit kinders nou in graad 2 hierdie jaar wat ek voor my heilige siel geweet het hulle dit nie in graad 2 kan maak nie. Nie net as gevolg van akademie nie, maar ook van hulle, emosionele, ja, hulle was nog nie emosioneel gereed gewees vir graad 2 nie. (D4)

Hierdie aanhaling bevestig die belangrikheid van ’n stewige grondslag in graad 1 ten einde akademiese en emosionele vordering in die daaropvolgende grade te verseker. Bruwer, Hartell en Steyn (2014) beklemtoon dat as ’n vyfjarige nie emosioneel gereed is vir formele onderwys in graad 1 nie, sy of hy nie oor die nodige selfvertroue sal beskik en ook onafhanklik sal kan werk nie. Die deelnemers was dit eens dat skoolgereedheid ’n hindernis kan wees wat verhoed

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

dat leer plaasvind. Een deelnemer was byvoorbeeld besorgd dat ’n gebrek aan ’n behoorlike grondslag emosionele gereedheid kan skaad:

> As ’n graad 1-onderwyser beskou ek [’n gebrek aan] skoolgereedheid as een van die leerstruikelblokke. Leerders wat met formele onderrig in graad 1 moet begin, maar in werklikheid nie gereed is nie – hetsy emosioneel of akademies – ondervind probleme om in die klas te konsentreer omdat hulle emosioneel nie gereed is nie of hulle verstaan nie die werk nie. (D5)

Emosionele gereedheid behels die vermoë om ’n mens se emosies behoorlik te beheer en om op ’n gepaste wyse op ander se gevoelens te reageer. Volgens Bruwer e.a. (2014) is leerders met ’n gebrek aan emosionele gereedheid nie skoolgereed nie en kan hulle ontwrigtende gedrag openbaar en probleme ondervind om aandag te gee of take te voltooi. Uit die deelnemers se reaksies het dit geblyk dat skoolgereedheid verband kan hou met leerders se emosionele gereedheid, wat op sy beurt weer ’n rol speel in gereedheid om te leer. Die deelnemers het ook saamgestem dat leerders wat nie skoolgereed is nie ook emosioneel nie gereed kan wees vir formele onderrig nie, wat weer meer druk op die leerders kan plaas om akademies te presteer. Die volgende response dien ter illustrasie:

> Leerders word in graad 1 gesit alhoewel hulle nie gereed is – emosioneel of akademies – vir formele leer en onderrig nie. Die werk moet aangepas word vir hierdie leerders. (O3)

> Dit maak mens moedeloos en hartseer. Dit is dieselfde met die graad R’e wat nou hierdie jaar na my toe gestuur is wat nie skoolgereed is nie. Hulle kry regtig swaar. Mens sien hoe hulle moedeloos raak en soms opgee. Hulle is emosioneel. Mens weet hierdie kind gaan baie swaar kry in die volgende graad en dit is die kind wat daaronder ly, niemand anders nie. Ja, oukei, die onderwyser ly ook daaronder, want ons word onder druk geplaas; ons moet planne maak om die kind deur te kry aan die einde van die jaar. Ons plaas ook nog ekstra druk op die arme kind wat reeds swaar kry. (D5)

Kurrikulumdifferensiasie is selde deur enige deelnemer geopper. Die pedagogiese faktore wat in hierdie studie uitgelig is, dui op die belangrikheid van kurrikulumdifferensiasie. Stavrou en Koutselini (2019) beklemtoon die belangrikheid van klein aanpassings in die klaskamer om differensiasie te bevorder. Die deelnemers se bewustheid van kurrikulumdifferensiasie was oppervlakkig van aard en die volgende response dien ter illustrasie:

> Wanneer daar na kurrikulumdifferensiasie gekyk word, is dit verskillende style en metodes wat deur die onderwyser in die klas gebruik kan word om leerders se behoeftes te ondersteun. (D3)

> Dit [kurrikulumdifferensiasie] is om verskillende metodes te gebruik om te onderrig sodat al die leerders in die klas sal verstaan. Die gebruik maak van verskillende strategieë om die kind op sy vlak te ontmoet. (D4)

Die onkunde oor kurrikulumdifferensiasie met die toepassing van MI is verder versterk deur die respons van Deelnemer 6:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

> Kurrikulumdifferensiasie word op verskillende maniere toegepas deur elke leerder te onderrig volgens sy of haar opvoedingstyl. In my klaskamer poog ek om ’n leerder holisties te ontwikkel en leerders se sintuie te betrek met onderrig. (D6)

6. Bespreking

Hierdie studie het bevind dat leerders wat in ’n ander taal as hul moedertaal onderrig word probleme in die klaskamer kan ondervind. Die deelnemers het verklaar dat die leerders in die Grondslagfaseklaskamer onderpresteer het omdat hulle nie die TvOL verstaan het en hul ouers die gebruik van Engels tuis aangemoedig het nie.

’n Kwelpunt vir die deelnemers was die feit dat hulle woorde of werk vir die leerders moes vertaal sodat hulle die les kon verstaan. Hulle was ook besorgd oor die leerstruikelblokke wat kon ontstaan weens die swak begrip van die werk as gevolg van die TvOL. Dit strook met navorsing (vergelyk Nel, N en Nel, M 2016) wat ook bevind het dat leerprobleme ontstaan wanneer leerders in ’n ander taal as hul moedertaal onderrig word. Die bogenoemde bevindinge stem ooreen met die literatuur, byvoorbeeld Pandey (2014) se stelling dat ’n gebrek aan begrip van die TvOL aanleiding kan gee tot die ontwikkeling van leerstruikelblokke.

Die deelnemers in ons studie was klaarblyklik onbewus van Gardner (2006) se MI-teorie. Kurrikulumdifferensiasie is bloot gesien as lesaanpassings om verbale, ouditiewe en kinestetiese leer te inkorporeer. Alhoewel dit deel maak van verskillende leerstyle, is MI veel meer as die genoemde drie. Die deelnemers het geen melding gemaak van die agt intelligensietipes soos in die literatuuroorsig omskryf nie. Die deelnemers het meer gefokus op leerstyle en onderrigmetodes as die implementering van MI in die Grondslagfaseklaskamer.

Volgens Gardner (2006) kan die implementering van MI in die Grondslagfaseklaskamer leerders behulpsaam wees met hul verwerwing van die TvOL. Tchatchoueng (2016) verduidelik dat leerders in inklusiewe klaskamers groter bereidwilligheid toon om ander leerders behulpsaam te wees en in ruil meer geredelik hulp van hul portuurgroep aanvaar. Deur die implementering van interpersoonlike intelligensie-aktiwiteite soos deur Gardner (2006) beskryf, is leerders beter in staat om kennis met die hulp van hul portuurgroep te bekom (Lunenberg en Lunenberg 2014; Tchatchoueng 2016). Dit wil voorkom of die deelnemers oor gebrekkige kennis van die wyses waarop hierdie intelligensievoorkeure geakkommodeer kan word, beskik het. Alhoewel die deelnemers hul kommer oor taal en die TvOL uitgespreek het, het hulle ook die rol van skoolgereedheid in die Grondslagfaseklaskamer aangedui.

Die deelnemers se kommer oor die skoolgereedheid van Grondslagfaseleerders het duidelik na vore getree. Leerders wat emosioneel nog nie gereed was vir graad 1 nie, het gesukkel in die klaskamer en werk moes aangepas word om hierdie leerders op ’n laer vlak van onderrig te ondersteun. Weens die DBO se klem op ouderdom vir skoolgereedheid, in plaas van emosionele en kognitiewe ontwikkeling, het sommige deelnemers gevoel leerders kan nie konsentreer en werk wat van hulle verwag word, voltooi nie. Hierdie bevindinge stem ooreen met Bruwer e.a. (2014) wat beweer dat leerders wat nie emosioneel gereed is vir formele onderrig nie, se selfvertroue geknou word en hulle ook nie in staat sal wees om onafhanklik te kan leer nie.

Die bevindings het ook gedui op die kommer van deelnemers oor skoolgereedheid in die Grondslagfase omdat dit die grondslag vir die akademiese prestasie van leerders later in die hoër grade vorm. Hierdie bevinding strook met dié van Van Rensburg (2015), naamlik dat ’n

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Grondslagfaseleerder emosioneel gereed moet wees om skoolgereed te wees en om goed te presteer in sy of haar skoolloopbaan. Wanneer daar oor die deelnemers se response en die literatuur besin word, word dit duidelik dat emosionele gereedheid deurslaggewend vir formele onderwys is. 'n Gebrek daaraan kan kognitiewe take soos lees, skryf en wiskunde negatief beïnvloed omdat leerders nie instruksies kan volg of onafhanklik werk nie (Munnik en Smith 2019). Bruwer e.a. (2014) is van mening dat die onderwysers onder druk verkeer om die kurrikulum te voltooi. Beleidsdokumente soos die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) (DBO 2011b) laat weinig, indien enige, ruimte vir aanpassing en kreatiwiteit, ten spyte daarvan dat sommige leerders nie in staat is om hul take te voltooi vanweë hul gebrek aan emosionele gereedheid nie. Soos reeds genoem, het die deelnemers aan ons studie ook gedwonge gevoel om die kurrikulum te voltooi eerder as om 'n stewige grondslag vir toekomstige leer daar te stel, weens volgehoue druk vanaf die departement om die kurrikulum te voltooi en geen gapings te laat nie. Die administratiewe druk wat op hierdie onderwysers geplaas is, was enorm en is deur die COVID-19-pandemie vererger. Dus is differensiasie baie keer geïgnoreer sodat kurrikulumdekkingsdokumente voltooi kon word.

7. Gevolgtrekking en aanbevelings

Uit die bevindinge is dit duidelik dat pedagogiese faktore soos TvOL en skoolgereedheid kurrikulumdifferensiasie vir Grondslagfase-onderwysers bemoeilik.

Die eerste gevolgtrekking van die studie is dat dit voorkom of die DBO die belangrikheid van taalontwikkeling by Grondslagfaseleerders vir skoolgereedheid oor die hoof sien. Taalontwikkeling moet deurgaans voorop gestel word wanneer dit by beleidsontwikkeling, kurrikulumontwikkeling, lesbeplanning en klaskameronderrig kom. Die behoeftes van leerders vanuit verskillende agtergronde moet oorweeg word wanneer beleidsontwikkeling in verband met skoolgereedheid opgestel en aangebied word, maar klaarblyklik is dit nie die geval nie.

Tweedens het dit geblyk dat sommige Grondslagfase-onderwysers totaal onbewus van Gardner (2006) se MI-teorie was. Gardner is van oortuiging dat die implementering van MI leerders kan ondersteun ten opsigte van die aanleer van die TvOL. Hierdie studie het lig gewerp op sommige Grondslagfase-onderwysers se gebrek aan kennis van die wyses waarop leerders se intelligensievoorkeure geakkommodeer behoort te word.

Na aanleiding van die bevindinge kan aanbeveel word dat sommige Grondslagfase-onderwysers hul kennis van die uiteenlopende uitdagings en behoeftes van leerders in hierdie fase moontlik kan uitbrei. Deur die erkenning en begrip van die sistemiese uitdagings en pedagogiese behoeftes wat in dié klaskamer voorkom, kan hierdie onderwysers moontlik in staat gestel word om alle leerders te akkommodeer.

Die belangrikheid van taalverwerwing en skoolgereedheid moet 'n inherente deel van beleidsontwikkeling deur die DBO wees. Beleidshervorming betreffende skoolgereedheid kan instrumenteel wees om Grondslagfaseleerders in staat te stel om op die regte tyd skoolgereed te wees.

Verder word aanbeveel dat Grondslagfase-onderwysers behoorlike opleiding oor kurrikulumdifferensiasie en die implementering van MI in die Grondslagfaseklaskamer ontvang. Deur MI

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

met leerstyle aan te vul, behoort hierdie onderwysers bevoeg te wees om lesplanne saam te stel waardeur meer leerders in staat sal wees om in die klaskamer te leer.

8. Beperkings

'n Aantal beperkings is tydens die studie ondervind. In die eerste plek was die studie net beperk tot Grondslagfase-onderwysers in die Motheo-distrik. Al die deelnemers was vroulik wat as 'n moontlike vooroordeel beskou kan word. Daar was egter geen manlike Grondslagfase-onderwysers by die twee gekose skole ten tye van die navorsing nie.

'n Tweede beperking het betrekking op die feit dat, ongeag die beskikbaarheid van talle beleidsdokumente gerig op kurrikulumdifferensiasie in die klaskamer, geeneen van die Grondslagfase-onderwysers wat aan die studie deelgeneem het, sodanige beleidsdokumente genoem het nie. Die beleid oor keuring, identifisering, assessering en ondersteuning – algemeen bekend as die SIAS-beleid (DBO 2014), speel 'n belangrike rol in die identifisering en assessering van leerders met moontlike leerhindernisse. Hierdie beleidsdokument maak dit vir onderwysers moontlik om daardie sosio-ekonomiese omstandighede te identifiseer wat vir leerders as struikelblokke dien wanneer dit by leer kom. Desnieteenstaande was die deelnemers onbewus van die inhoud van die KIAO-dokument (DBO 2014). Dit is moontlik toe te skryf aan die feit dat hulle keuring, identifisering, assessering en ondersteuning as deel van die funksies van die skoolgebaseerde ondersteuningspan eerder as van hoofstroomonderwys beskou het.

'n Laaste potensiële beperking en dus swakheid is dat die fokusgroepbesprekings van die navorsing gerig was deur my (Corlene Jacobs se) eie belangstelling in kurrikulumdifferensiasie in die Grondslagfase. Ten einde enige subjektiewe interpretasies teë te werk, is die volgende stappe geneem:

- Daar is meervoudige data-insamelingsmetodes gebruik.
- Ná die onderhoude is ander vrae aan die deelnemers gestel om die akkurate interpretasie van hul antwoorde te verseker.
- Ná die ontleding voltooi is, is die bevindinge van die studie aan my studieleier (Mariëtte Koen) voorgelê om die akkuraatheid van my interpretasie te evalueer.

9. Bydrae van ons studie

Dwarsdeur ons studie was dit duidelik dat die deelnemende Grondslagfase-onderwysers dit moeilik gevind het om te begryp dat kurrikulumdifferensiasie deel van alle klaskamer-aktiwiteite vorm. Hulle het volgehou dat kurrikulumdifferensiasie nie deel was van hul daaglikse aktiwiteite nie en dat dit te veel van hul tyd in beslag sou neem as dit naas die kurrikulum-vereistes – soos gestipuleer deur die DBO – geïmplementeer moes word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Hierdie studie kan ’n bydrae tot die volgende aspekte maak:

- ’n Beter begrip van kurrikulumdifferensiasie kan bewerkstellig word deur Grondslagfase-onderwysers vertroud te maak met die inhoud van die belangrike riglyne vir inklusiewe onderwys in die hoofstroomklaskamer (DBO 2011a, 2011b, 2014; DvO 2005a, 2005b) deur werkwinkels wat dwarsdeur enige gegewe kalenderjaar deur die DBO aangebied word, by te woon.
- Hierdie studie bied die moontlikheid om Grondslagfase-onderwysers aan te moedig om meer kennis oor MI in te win om sodoende MI deur middel van verskillende leerstyle in die klaskamer te implementeer.
- Die studie kan Grondslagfase-onderwysers aanmoedig om lewenslange leerders te word deur meer oor kurrikulumdifferensiasie te lees, met Grondslagfasekollegas te gesels en met die skoolgebaseerde ondersteuningspan saam te werk om met praktiese oplossings vir kurrikulumdifferensiasie in hul klaskamers vorendag te kom.

Die studie beklemtoon dat pedagogiese faktore die leer en onderrig van Grondslagfaseleerders beïnvloed. Dit bly egter kommerwekkend dat Grondslagfase-onderwysers steeds oningelig is oor MI, asook die praktiese toepassing van MI in die Grondslagfaseklaskamer. Grondslagfase-onderwysers moet poog om op ’n gereelde basis oor die klaskamerpraktyke wat hulle in hul daaglikse lesaanbiedinge toepas te reflekteer en sodoende effektiewe en inklusiewe leer en onderrig in die Grondslagfaseklaskamer bewerkstellig.

Bibliografie

Abebe, F., A. Geleto, L. Sena en C. Hailu. 2017. Predictors of academic performance with due focus on undernutrition among students attending primary schools of Hawa Gelan district, Southwest Ethiopia: A school-based cross-sectional study. *BMC Nutrition*, 3(30):2–8.

Bruwer, M. 2016. School readiness. In Nel, Nel en Hugo (reds.).

Bruwer, M., C. Hartell en M. Steyn. 2014. Inclusive education and insufficient school readiness in Grade 1: policy versus practice. *South African Journal of Childhood Education*, 4(2):18–35.

Cohen, L., L. Manion en K. Morrison. 2018. *Research methods in education*. 8ste uitgawe. Londen: Routledge.

Creswell, J.W. 2020. *Educational research – planning, conducting and evaluating quantitative and qualitative research*. 6de uitgawe. Boston: Pearson.

DBO (Departement van Basiese Onderwys). 2011a. *Guidelines for responding to learner diversity in the classroom*. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2011b. *Curriculum and Assessment Policy Statement*. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2014. *Policy on Screening, Identification, Assessment and Support*. Pretoria: Staatsdrukker.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

—. 2020/2021. *Annual teaching plans: revised curriculum and assessment plan*. https://www.education.gov.za/2021ATPs.aspx (3 Julie 2025 geraadpleeg).

DBOV (Departement van Basiese Onderwys en Vaardighede). 2018. DOV Omsendbrief 0016/2018. https://www.into.ie/app/uploads/2019/07/cl0016_2018.pdf.

De Jager, M. 2014. School readiness. Mind Moves Institute. https://elearning.mindmoves.co.za/school-readiness (29 Januarie 2022 geraadpleeg).

Devereux, S., T. Hochfeld, A. Karriem, C. Mensah, M. Morahanye, T. Msimango, A. Mukubonda, S. Naicker, G. Nkomo, D. Sanders en M. Sanousi. 2018. School feeding in South Africa: what we know, what we don't know, what we need to know. DST-NRF Centre of Excellence in Food Security. [Food Security Working Paper #004]. https://foodsecurity.ac.za/publications/school-feeding-in-south-africa-what-we-know-what-we-dont-know-what-we-need-to-know-what-we-need-to-do (3 Julie 2025 geraadpleeg).

De Wit, M., S. Swartz-Filies, J. van der Walt, C. Clarke, L. Worship, C. Smit, D. van Greunen en N. Plastow. 2023. School readiness in South Africa: concept analysis and plain language summary. *South African Journal of Childhood Education*, 13(1):1–11.

DvO (Departement van Onderwys). 2001. *Education White Paper 6: Special Needs Education – Building an Inclusive Education and Training System*. Pretoria: Staatsdrukker. https://www.vvob.org/files/publicaties/rsa_education_white_paper_6.pdf.

—. 2002. *Revised National Curriculum Statement Grades R–9*. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2005a. *Guidelines for inclusive learning programmes*. Pretoria: Direktoraat van Inklusiewe Onderwys.

—. 2005b. *Guidelines for inclusive education: full-service schools*. Pretoria: Staatsdrukker

Engelbrecht, P., M. Nel, N. Nel en D. Tlale. 2015. Enacting understanding of inclusion in complex contexts: Classroom practices of South African teachers. *South African Journal of Education*, 35(3):1–10.

Erasmus, M., O. Jansen van Rensburg, A. Pienaar en S. Ellis. 2016. The effect of a perceptual-motor intervention programme on learning readiness of Grade R learners from South African deprived environments. *Early Child Development and Care*, 186(4):596–611.

Gaitas, S. en M.A. Martins. 2017. Teacher-perceived difficulty in implementing differentiated instructional strategies in primary school. *International Journal of Inclusive Education*, 21(5):544–56.

Gardner, H.E. 1983. *Frames of mind*. New York: NY Basics.

—. 1994. Intelligences in theory and practice: a response to Elliot W. Eisner, Robert J. Sternberg, and Henry M. Levin. *Teachers College Record*, 95(4):576–83.

—. 2006. *Multiple intelligences: new horizons*. 2de uitgawe. New York: Basic Books.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

—. 2011. *The unschooled mind*. 3de uitgawe. New York: Basic Books.

Gronsbell-Luntz, K. 2019. Orphans and caregivers' perceptions of psycho-educational support provided at an orphanage. MA-verhandeling, Universiteit van Johannesburg.

Hay, J. en C. Joubert. 2021. Theoretical perspectives underpinning psychosocial educational support services. In Hay, Malindi en Makhalemele (reds.) 2021.

Hay, J., M.J. Malindi en T. Makhalemele (reds.) 2021. *Reconceptualising education support services in South Africa*. Durbanville: AOSIS.

Hodgson, T.F. 2018. The right to inclusive education in South Africa: recreating disability apartheid through failed inclusion policies. *South African Law Journal*, 135(3):461–501.

Kisanji, J. 1993. Special needs education: Special needs education. In Mittler, Brouillette en Harris (reds.) 1993.

Kolb, D.A. 1984. *Experiential learning: experience as the source of learning and development*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Kornhaber, M. en H. Gardner. 1996. *Intelligences – multiple perspectives*. Fort Worth: Harcourt Brace.

Labantwana, I. 2024. *South African Early Childhood Review 2024*. https://ilifalabantwana.co.za/wp-content/uploads/2024/07/SA-early-childhood-review-2024-FINAL.pdf.

Landsberg, E., D. Kruger en E. Swart (reds.). 2016. *Addressing barriers to learning: a South African perspective*. Pretoria: Van Schaik.

Lincoln, Y.S. en E.G. Guba. 1985. Naturalistic inquiry. Thousand Oaks: Sage.

Lunenberg, F.C. en M.R. Lunenberg. 2014. Applying multiple intelligences in the classroom: a fresh look at teaching writing. *International Journal of Scholarly Academic Intellectual Diversity*, 16(1):1–4.

Madima, S.E. en F.O. Makananise. 2020. The accessibility to English as a language of teaching and learning by learners of different gender in public primary schools of the Vhembe district, South Africa. *Gender & Behaviour*, 18(2):15274–81.

Malindi, M.J. en M.P. Koen. 2021. Support for at-risk learners in South African schools. In Hay, Malindi en Makhalemele (reds.) 2021.

Melesse, T. 2015. Differentiated instruction: perceptions, practices and challenges of primary school teachers. *Science, Technology and Arts Research Journal*, 4(3):253–64.

Miles, M.B., A.M. Huberman en J. Saldaña. 2019. *Qualitative data analysis*. 4de uitgawe. Thousand Oaks: Sage.

Mittler, P., B. Brouillette en D. Harris (reds.). 1993. *Special needs in Africa*. Londen: Routledge.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Mophosho, M., K. Khoza-Shangase en L. Sebole. 2019. The reading comprehension of Grade 5 Setswana-speaking learners in rural schools in South Africa: Does home language matter? *Per Linguam*, 35(3):59–73.

Mukwambo, M. en N. Phasha. 2016. An inclusive curriculum from an African perspective. In Phasha en Condy (reds.) 2016.

Munnik, E. en M. Smith. 2019. Contextualising school readiness in South Africa: Stakeholders' perspectives. *South African Journal of Childhood Education*, 9(1):1–3.

Neale, J., P. Miller en R. West. 2014. Reporting quantitative information in qualitative research: guidance for authors and reviewers. *Addiction*, 109(2):175–6.

Nel, M., N. Nel en A. Hugo (reds.). 2016a. *Learner support in a diverse classroom*. Pretoria: Van Schaik.

Nel, N. en M. Nel. 2016b. Learning in an inclusive education environment. In Nel, Nel en Hugo (reds.).

—. 2016. Second-language difficulties in a South African context. In Landsberg, Kruger en Swart (reds.).

Pandey, A. 2014. Using mother tongues as building blocks in childhood education. *Childhood Education*, 90(1):61–7.

Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad. 2021. *2020–2021 Annual Report*. https://www.pansalb.org/wp-content/uploads/Annual-Report-2020-2021compressed.pdf (3 Julie 2025 geraadpleeg).

Pham, L.T.M. 2018. *Qualitative approach to research – a review of advantages and dis-advantages of three paradigms: positivism, interpretivism and critical inquiry*. University of Adelaide.

Phasha, N. 2016. Understanding inclusive education from an Afrocentric perspective. In Phasha en Condy (reds.) 2016.

Phasha, N. en J. Condy (reds.). 2016. *Inclusive education: an African perspective*. Kaapstad: Oxford University Press.

Phasha, N., D. Mahlo en G. Dei. 2017. *Inclusive education in African contexts*. Rotterdam: Sense.

Rahl, R.A. 2017. Exploring effective teaching strategies for foundation phase teachers in mainstream primary schools to effect inclusive education. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Reimers, F.M. 2022. *Primary and secondary education during Covid-19: disruptions to educational opportunity during a pandemic*. Cham: Springer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d7

Robertson, S.A. en M. Graven. 2020. Language as an including or excluding factor in mathematics teaching and learning. *Mathematics Education Research Journal*, 32:77–101.

RSA (Republiek van Suid-Afrika). 1996a. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet No. 108 van 1996). Kaapstad: Staatsdrukker.

—. 1996b. Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996). Kaapstad: Staatsdrukker.

Stavrou, T.E. en M. Koutselini. 2016. Differentiation of teaching and learning: The teacher's perspective. *Universal Journal of Educational Research*, 4(11):2581–8.

Strogilos, V., E. Tragoulia, E. Avramidis, A. Voulagka en V. Papanikolaou. 2017. Understanding the development of differentiated instruction for students with and without disabilities in co-taught classrooms. *Disability & Society*, 32(8):1216–38.

Swart, E. en R. Pettipher. 2016. A framework for understanding inclusion. In Landsberg, Kruger en Swart (reds.) 2016.

Tchatchoueng, J. 2016. Managing inclusive education classrooms. In Phasha en Condy (reds.) 2016.

Thanh, N.C. en T.T.L. Thanh. 2015. The interconnection between interpretivist paradigm and qualitative methods in education. *American Journal of Educational Science*, 1(2):24–7.

Tlale, D., S. Ntshangase en R. Chireshe. 2016. Inclusivity: different epistemologies and world views. In Phasha en Condy (reds.) 2016.

Tomlinson, C.A. 2017. *How to differentiate instruction in academically diverse classrooms*. 3de uitgawe. Alexandria, VSA: ASCD.

UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization). 1994. *The Salamanca Statement and Framework for Action on Special Needs Education*. Salamanca, Spanje: UNESCO.

Van der Merwe, J. 2022. ECD What will happen on April 1, 2022?... and afterwards? [PowerPoint-skyfies]. Aangebied tydens 'n FEDSAS-webinaar.

Van Rensburg, O.J. 2015. The school readiness performance of a group learners in primary schools in the Gauteng Province of South Africa. *South African Journal of Childhood Education*, 5(1)1–23.

Eindnota

[1] Die voornaamwoord *ons* word in hierdie artikel gebruik aangesien die inhoud voortvloei uit 'n MEd-verhandeling en die term *ons* verwys na die kollektiewe betrokkenheid van die meestersgraadstudent (Corlene Jacobs) en die studieleier (Mariëtte Koen) by die ontwikkeling en uitvoer van die navorsing.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

’n Onderrigraamwerk vir selfgerigte lees van letterkunde in Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Henrita van Wyk, Elize Vos en Carmen du Plessis

Henrita van Wyk, Elize Vos en Carmen du Plessis, Fakulteit Opvoedkunde, Navorsingseenheid vir Selfgerigte Leer, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Leesbegrip is die vermoë van leerders om enige geskrewe teks selfgerig met begrip te lees. Sonder leesbegrip word Afrikaans Eerste Addisionele Taal (EAT)-leerders se toegang tot literêre tekste ingeperk en hulle akademiese prestasie en houding jeens die vak negatief beïnvloed. Dit skep ’n bose kringloop, want die leerders se negatiewe houding dra weer by tot die Afrikaans EAT-onderwyser se toenemende vermindering in geesdrif om letterkunde te onderrig. Dit het tot gevolg dat onderwysers se kreatiwiteit ten opsigte van die gebruik van ’n verskeidenheid onderrig-benaderings kwyn.

Met bogenoemde in ag genome, is die probleem dat daar nog nie ’n leerdergesentreerde onderrig-raamwerk vir Afrikaans EAT-onderwysers bestaan waarin lees- en kykstrategieë ten eerste progressief ontwikkel kan word nie. Ten tweede word gepaste konstruktivistiese leerder-gesentreerde onderrigbenaderings, wat daartoe kan lei dat leerders literêre tekste geniet, nog nie gevolg nie. Ten laaste is klasaktiwiteite vir Afrikaans EAT-leerders in graad 8 tot 12 nog nie so beklemtoon om Afrikaans EAT-leerders positief by Afrikaanse letterkunde betrokke te kry en in selfgerigte lesers te ontwikkel nie.

Hierdie is ’n empiriese navorsingsartikel wat ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering volg en die interpretivistiese navorsingsparadigma gebruik om leesbegripprobleme en die belangrikheid van gepaste leesbegripstrategieë in letterkunde-onderrig by Afrikaans EAT-leerders in graad 8 tot 12 aan te dui.

Die data-insamelingsmetodes is ’n literatuurstudie, dokumentontledings, ’n WhatsApp-fokus-groep, asook pre- en besinnende postjoernaalinskrywings. Hierdie verskillende data-insamelings-metodes is gebruik om die data te trianguleer ter wille van die betroubaarheid daarvan.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Met betrekking tot dataontleding is inhouds- en tematiese ontleding gebruik. Die bevindinge uit die dataontleding dui op ’n direkte verband tussen Afrikaans EAT-leerders se swak leesbegrip en hul onvermoë om literêre tekste selfgerig te vertolk. Afrikaans EAT-leerders se swak leesbegrip word toegeskryf aan ’n gebrekkige woordeskat, onkunde rakende leesstrategieë, gebrekkige belangstelling, vreemdetaalonderrig en swak taalvaardighede.

Hierdie navorsingsverslag lewer ’n noodsaaklike bydrae om aan Afrikaans EAT-onderwysers ’n leerdergesentreerde onderrigraamwerk te verskaf, waarin gepaste lees- en kykstrategieë geïntegreer word om leerders in die Senior en VOO-fases tot leesbegrip van voorgeskrewe letterkunde te begelei en moontlik selfgerigte lees te bevorder.

Trefwoorde: Afrikaans EAT-onderrig; Eerste Addisionele Taal; konstruktivisme; leerdergesentreerdheid; lees- en kykstrategieë; leesbegrip; letterkunde; onderrigbenaderings; onderrigstrategieë; selfgerigte lees

Abstract

A teaching framework for self-directed reading of literature in Afrikaans First Additional Language

Reading comprehension is the ability of learners to read any written text independently and with understanding. Without reading comprehension, learners of Afrikaans First Additional Language (FAL) have limited access to literary texts, which negatively impacts their academic performance and attitude towards the subject. This creates a vicious cycle, as learners’ negative attitudes further contribute to a decline in Afrikaans FAL teachers’ enthusiasm to teach literature. As a result, teachers’ creativity in using a variety of teaching approaches diminishes.

Taking the above into account, the core issue is that there currently does not exist a learner-centred teaching framework for Afrikaans FAL teachers in which reading and viewing strategies can, firstly, be progressively developed. Secondly, appropriate constructivist teaching approaches that could foster enjoyment of literary texts among learners are not yet being applied. Lastly, classroom activities for Afrikaans FAL learners in Grade 8 to 12 have not yet been sufficiently emphasised to actively engage learners with Afrikaans literature and support their development into self-directed readers.

This is an empirical research article employing a qualitative research approach within the interpretivist research paradigm to highlight problems related to reading comprehension and the importance of appropriate comprehension strategies in the teaching of literature to Afrikaans FAL learners in Grade 8 to 12.

The data collection methods included a literature review, document analysis, a WhatsApp focus group, as well as pre- and reflective post-journal entries. These varied data collection methods were used to triangulate the data and ensure its reliability.

The theoretical basis of the exploratory literature review is the constructivist, learner-centred approach. This approach promotes active learner engagement and should be implemented in Afrikaans FAL classrooms, as it equips learners with problem-solving skills, cognitive strategies,

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

and the ability to take responsibility for their own learning. It also contributes to language proficiency, as interaction between learners and teachers, and among learners themselves, promotes communication.

The literature review specifically shed light on mother tongue education in South Africa, literature instruction in Afrikaans FAL classrooms, challenges in FAL teaching, and the development of reading comprehension in the Afrikaans FAL context. Document analyses of the National Curriculum and Assessment Policy Statements (CAPS) for Afrikaans FAL in the Senior Phase (Grade 7 to 9) and the Further Education and Training (FET) Phase (Grade 10 to 12) were conducted, focusing on the teaching of literary texts (DBE 2011a, 2011b).

Using a WhatsApp focus group, the researchers attempted to facilitate a discussion among Afrikaans FAL teachers in the Senior and FET phases about the teaching of literature in Afrikaans FAL. Before sending out each question, predictions and expectations regarding the responses were recorded in a pre-journal entry. Once feedback was received from the participants, reflective post-journal entries were compiled. These journal entries were managed by the researcher (first author of this article).

For data analysis, both content and thematic analysis were applied. First, a literature review was conducted to thoroughly explore the topic, key concepts, and themes related to the questions identified for this study. Second, content and thematic analysis of the CAPS documents (DBE 2011a, 2011b) for Afrikaans FAL in the Senior and FET phases was conducted to determine what is expected of learners and teachers regarding the teaching of literary texts. Third, questions were posed via WhatsApp to a focus group to initiate a discourse around a specific issue – namely, the facilitation of Afrikaans FAL literature – to narratively describe the group's opinions and experiences. The researcher recorded her predictions and expectations about the responses in a pre-journal entry before each question. After receiving participant feedback, reflective post-journal entries were created to capture observations, findings, themes, deductions, and conclusions. Themes that emerged during the data analysis and interpretation of the WhatsApp focus group discussions and journal entries were examined and categorised according to relevance to support the study's primary objective. Overlapping themes were categorised, interpreted, summarised, and incorporated into the teaching framework.

Findings from the data analysis indicate a direct link between Afrikaans FAL learners' poor reading comprehension and their inability to interpret literary texts independently. Learners' poor comprehension is attributed to limited vocabulary, a lack of awareness of reading strategies, low interest levels, second language instruction, and weak language skills.

The proper ethical approval process was followed for this study. Permission was obtained from the education departments of Gauteng, Limpopo, and North West. The authors also received informed, written consent from the school principals, and participants, as well as assent from the respective school governing bodies. In this way, willing Afrikaans FAL teachers in the various districts were recruited to participate in the study. The non-probability, convenience, and purposive sample consisted of 17 Afrikaans FAL teachers in the Senior and FET phases. In this study, an independent person sent weekly questions (over five weeks) via WhatsApp to the participants to facilitate weekly WhatsApp discussions on the given questions. Participants responded using voice notes and written answers – a time-efficient method – to engage in discourse on 11 main and sub-questions. Participants' anonymity was ensured through coding.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

This research report makes an essential contribution by offering Afrikaans FAL teachers a learner-centred teaching framework that integrates appropriate reading and viewing strategies to guide learners in the Senior and FET phases toward comprehension of prescribed literature and potentially promote self-directed reading. This can be achieved by following these steps: Emphasise the importance of Afrikaans FAL; create a relaxed learning environment; be a lifelong learner; create learner profiles; use a variety of teaching strategies; develop learners' vocabulary; accommodate learners at different levels; effectively use the pre-, during-, and post-reading phases; teach reading strategies; and integrate language skills.

Keywords: Afrikaans First Additional Language instruction; constructivism; First Additional Language (FAL); learner-centredness; literature; reading and viewing strategies; reading comprehension; self-directed reading; teaching approaches; teaching strategies

1. Inleiding en rasionaal

Suid-Afrikaanse leerders se lees- en geletterdheidsvaardighede word op 'n gereelde grondslag geëvalueer met behulp van die Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS), die Southern and Eastern Africa Consortium for Monitoring Educational Quality-projek (SAECMEQ) en die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Hierdie assesseringsliggame se verslae is dit eens dat Suid-Afrikaanse leerders se leesvaardighede dringend aandag verg (DBE 2017; Mullis, Von Davier, Foy, Fishbein, Reynolds en Wry 2023). Bester en Noke (2016) en Organisation for Economic Cooperation and Development (OECD) (2019) skryf die huidige geletterdheidskrisis toe aan niemoedertaalsprekers wat hulself in huistaalklasse bevind. Hierdie toedrag van sake impliseer dat leerders inderwaarheid nóg 'n taal (in hierdie geval die taal van onderrig en leer) moet aanleer buiten die addisionele taal. Kleyn, Snyman en Geldenhuys (2013) en Le Cordeur (2020) verduidelik dat sommige van hierdie leerders nie in hul moedertaal geleer lees het nie en daarom nie morfologiese en sintaktiese strukture as taalvaardighede aangeleer het nie.

Le Cordeur (2023:25) en Marloth (2024) is van mening dat geletterdheids-, lees- en kykvaardighede asook leesbegrip reeds in laerskole in gebreke bly en nie volgens die vereistes bemeester word nie. Hierdie navorsers noem dat die vaslegging van basiese taalbeginsels en individuele aandag byvoorbeeld nie in oorvol klaskamers moontlik is nie.

'n Mens kan die afleiding maak dat hierdie leesprobleme soveel te meer in die Afrikaans EAT-klaskamer teenwoordig sal wees. Cloete en Engelbrecht (2014) asook Engelbrecht en Conradie (2023:385) merk in hierdie verband op dat ondersteuning aan Suid-Afrikaanse leerders, en in die besonder Afrikaans EAT-leerders, verleen behoort te word. Le Cordeur (2023:25) stem saam dat die Departement van Basiese Onderwys die nodige infrastruktuur in skole moet skep en hulpbronne moet verskaf om lees te verbeter.

In die PIRLS 2021-hoofverslag (Mullis e.a. 2023:117) word aanbeveel dat aandag geskenk moet word aan die professionele ontwikkeling van taalonderwysers om veral hulle pedagogiese vakkennis ten opsigte van leesontwikkeling te verbeter. Taalonderwysers moet fokus op fonemiese bewustheid, klanke, vlotheid, woordeskatontwikkeling en leesbegrip. Voorts moet taalonderwysers hulle onderrigstrategieë ten opsigte van leesbegrip (om de betekenis van woorde en sinne te verstaan) uitbrei. Leerders wat oor leesbegrip beskik, sal makliker gevolgtrekkings kan maak nadat 'n teks gelees is. Anker (2020:792) is dit eens dat leesbegrip, leesbegripstrategieë asook akademiese geletterdheid 'n direkte verband met taal, denke en begrip toon.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Voorts dui Anker (2020:793) aan dat leesbegripontwikkeling slegs kan plaasvind indien die onderrigtaal asook vakinhoud verstaan word, daar met begrip gelees word, begrip met behulp van taal geformuleer word, kommunikasie bevorder word en probleemoplossingsvaardighede en kritiese denke aangeleer word. Conti (2025) wys tereg daarop dat leerders 98% van ’n teks se woorde moet begryp om die teksgeheel te verstaan. Jiban (2024) dui aan dat leesbegrip afhanklik is van dekodering (die vermoë om gedrukte woorde in die regte woordklanke te verander) en taalbegrip (die vermoë om gesproke woorde in sinne te verstaan).

Indien leerders die bogenoemde vaardighede bemeester, sal hulle in selfgerigte lesers ontwikkel. Huda en Sulistyaningrum (2022:102–5) dui aan dat selfgerigte lees plaasvind wanneer die leerder self, sonder die onderwyser se hulp, leesmateriaal volgens hul gekose leesvaardigheidsvlak kies. Tydens die lees van die gekose teks vind kritiese denke oor die teks plaas en reageer die leerders dan self op die teks. Sodoende neem die leerders self verantwoordelikheid vir die leesproses.

Wanneer Afrikaans-letterkunde aan EAT-hoërskoolleerders bekendgestel word, is daar nog ’n mate van belangstelling by leerders, maar hulle verloor belangstelling sodra hulle besef dat hulle dit nie met begrip kan lees nie (Rothmann 2016). Nel (2018) het ’n direkte verband tussen die swak leesbegrip van EAT-leerders en hul onvermoë om literêre tekste oor die algemeen te vertolk, gevind. Voorts beïnvloed swak leesbegrip leerders se vermoë om inhouds- en begripvrae oor literêre tekste te beantwoord. Hierdie onvermoë van EAT-leerders beïnvloed die algehele onderrigproses van literêre tekste in die Afrikaans EAT-klas, wat per implikasie dan ook die onderwyser se onderrigbenaderings direk beïnvloed. Uit die eerste skrywer se persoonlike ervaring verwag Afrikaans EAT-leerders van die onderwyser om die literêre teks eers te vertaal en dan aan hulle te verduidelik. Verder verwag hulle van die onderwyser om vir eksamendoeleindes antwoorde op die voorgeskrewe vrae oor die literêre tekste aan hulle te dikteer. Die probleem ontstaan wanneer leerders slegs die gedikteerde antwoorde afskryf en nie self krities daaroor dink en besin nie. Leerders memoriseer bloot die vrae en antwoorde op ’n behavioristiese wyse totdat vaslegging plaasvind. Dit gee daartoe aanleiding dat Afrikaans EAT-leerders nooit werklik literêre tekste self vertolk en internaliseer nie. Hierdie leermetode wat EAT-leerders gebruik, dra onder meer daartoe by dat hulle Afrikaanse letterkunde negatief ervaar. ’n Bose kringloop word geskep, want die leerders se negatiewe houding dra weer by tot die Afrikaans EAT-onderwyser se toenemende vermindering in geesdrif om letterkunde te onderrig. Dit het tot gevolg dat onderwysers se kreatiwiteit ten opsigte van die gebruik van ’n verskeidenheid onderrigbenaderings kwyn.

Verder ervaar die eerste skrywer in die praktyk dat die hulpbronne vir Afrikaans EAT-letterkunde nie altyd gebruikersvriendelik vir onderwysers en leerders is nie. Rothmann (2016:6) merk op dat handboeke se taalgebruik nie binne die woordeskatspektrum van EAT-leerders val nie. Die meeste handboeke, handleidings en onderwysersgidse wat verduidelikings rakende EAT-letterkunde verskaf, word meestal in paragrawe aangebied (Kock 2015; Nel 2018). Die paragraafvorm ontmoedig EAT-leerders dikwels om dit te lees, aangesien hulle nie kans sien om lang gedeeltes te lees waarvan hulle heelwat woorde nie begryp nie.

Le Cordeur (2016) reken Afrikaans EAT-leerders se gebrekkige Afrikaanse woordeskat is eerstens die rede waarom hulle nie aan die KABV’s (DBO 2011a, 2011b) se vereiste om doeltreffend in die eerste addisionele taal te kommunikeer, kan voldoen nie. Redes vir hierdie probleem is volgens De Vries (2023) en Le Cordeur (2024) onder meer die gebrekkige opleiding van EAT-onderwysers. Voorts is hierdie kenners van mening dat die onderrig van ’n

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

addisionele taal en ’n huistaal verskil. Tydens die onderrig van Afrikaans EAT word dit soms as vanselfsprekend en verkeerdelik aanvaar dat die leerders oor ’n basiese woordeskat beskik, terwyl hierdie leerders se woordeskat en leesbegrip grootliks ontbreek.

2. Probleemstelling en doel van die studie

Met bogenoemde in ag genome, is die probleem dat daar nog nie ’n leerdergesentreerde onderrigraamwerk vir Afrikaans EAT-onderwysers bestaan waarin lees- en kykstrategieë ten eerste progressief ontwikkel kan word nie. Ten tweede word gepaste konstruktivistiese onderrigbenaderings, wat daartoe kan lei dat leerders literêre tekste geniet, nog nie gevolg nie. Konstruktivisme fokus op die rol van interaksie en prosesse in die skepping van leerders se kennis (Schultz en Le Cordeur 2019:549). Ten laaste is klasaktiwiteite vir Afrikaans EAT-leerders in graad 8 tot 12 nog nie so beklemtoon om Afrikaans EAT-leerders positief by Afrikaanse letterkunde te betrek en in selfgerigte lesers te ontwikkel nie.

Gevolglik is hierdie navorsingsartikel se primêre doelwit om ’n konstruktivistiese, leerdergesentreerde onderrigraamwerk vir Afrikaans EAT-onderwysers saam te stel waarin gepaste lees- en kykstrategieë geïntegreer word om leerders in die Senior (GET) en VOO (FET)-fases tot selfgerigte lesers van Afrikaanse letterkunde te ontwikkel.

3. Metodologiese verantwoording

In hierdie artikel is die interpretivistiese navorsingsparadigma gebruik en ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg om leesbegripprobleme en die belangrikheid van gepaste leesbegripstrategieë in die onderrig van letterkunde by Afrikaans EAT-leerders in graad 8 tot 12 aan te toon. Volgens Potgieter (2008) is ’n interpretivistiese navorsingsparadigma op die volgende gebaseer: menslike ondervinding wat slegs van binne verstaan kan word; ’n sosiale lewe is ’n menslike uitkoms; die menslike brein is ’n bron vir die ontstaan van betekenis; en menslike gedrag ontwikkel as gevolg van kennis van sosiale werklikhede. Die interpretivistiese paradigma het daarom ten doel om die aard van die werklikheid van ’n bepaalde situasie te ondersoek, te ontleed en te interpreteer. Sodoende word insig oor hoe betekenis rakende die situasie gevorm kan word, bekom (Lombard 2020:10). ’n Kwalitatiewe navorsingsbenadering ondersoek samehangende idees wat betekenis vorm en daarom konstruksies openbaar (Engelbrecht 2020:110).

Die studiepopulasie was Afrikaans EAT-hoërskoolonderwysers in Gauteng, Limpopo en Noordwes wat tot ’n steekproef van 17 deelnemers verklein is deur die niewaarskynlikheid-, gerieflikheid- en doelgerigte steekproefnemingsmetodes te gebruik. Op hierdie wyse kon data in ’n korter tyd ingesamel word, dit was prakties uitvoerbaar en kostedoeltreffend en die inligtingrykste deelnemers kon vir die doel van die studie betrek word.

Die data-insamelingsmetodes het eerstens ’n verkennende literatuurstudie behels om moedertaalonderrig in Suid-Afrika, letterkundeonderrig in die Afrikaans EAT-klaskamer, probleme met EAT-onderrig en leesbegripontwikkeling in die Afrikaans EAT-klaskamer te ondersoek. Tweedens is dokumentontledings van die KABV’s (CAPS) (DBO 2011a, 2011b) vir Afrikaans EAT in die Senior en VOO-fases onderneem om te bepaal wat van leerders en onderwysers

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

verwag word ten opsigte van die onderrig van literêre tekste. Derdens is vrae deur middel van ’n WhatsApp-fokusgroep aan die deelnemers gestel om ’n diskoers oor die onderrig van Afrikaans EAT-letterkunde van stapel te stuur om die groep se menings en ervarings narratief te beskryf. Op ’n weeklikse basis het ’n onafhanklike persoon ongeveer vyf vrae (uit die vraelys wat uit 11 vryantwoordvrae bestaan met onderafdelings) aan die WhatsApp-fokusgroep gestel. Hierdie metode is gevolg om eerstens nie die deelnemers met vrae te oorlaai nie en tweedens om die res van die week ’n diskoers oor die gestelde vraag tussen die WhatsApp-lede aan te moedig.

Die eerste skrywer het voor die uitstuur van elke vraag haar voorspellings en verwagtinge van antwoorde in ’n prejoernaalinskrywing aangeteken. Nadat die deelnemers se terugvoer ontvang is, is besinnende postjoernaalinskrywings van waarnemings, bevindinge, temas, afleidings en gevolgtrekkings gemaak. In hierdie studie is triangulasie aangewend om data ter wille van betroubaarheid en geloofwaardigheid te verryk.

Voordat die navorsing ’n aanvang geneem het, is die korrekte etiekgoedkeuringsproses vir die evaluering en toestemming van die aansoek gevolg. Vervolgens is toestemming vir die navorsing by die onderwysdepartement van Gauteng, Limpopo en Noordwes verkry. Ingeligte skriftelike toestemming is by die onderwysdepartemente, skoolhoofde en deelnemers verkry, asook welwillendheidstoestemming by die skole se onderskeie skoolbeheerliggame. Die deelnemers se anonimiteit, asook die skole waaraan hulle verbonde is, is verseker deur kodifisering soos A1 te gebruik.

4. Teoretiese begronding

Die teoretiese begronding van die literatuurstudie is die konstruktivistiese leerdergesentreerde benadering. Verskeie kenners van konstruktivisme beklemtoon die belangrikheid van gunstige skool- en klaskameromgewings (Bester en Noke 2016; Bothman, in Meiring 2023). Faktore wat hierdie omgewing beïnvloed, is skoolgrootte, skoolbestuur, beskikbare toerusting en hulpbronne, sosioëkonomiese en kulturele agtergronde, onderrigtyd en leerder-onderwyser-verhoudings. Die konstruktivistiese onderrigbenadering lei leerders tot aktiewe betrokkenheid en behoort in Afrikaans EAT-klasse in werking gestel te word, aangesien dit aan die leerders die vaardighede verskaf om probleme op te los, denkvaardighede te hanteer en verantwoordelikheid vir hul eie leerprosesse te neem. Dit kan ’n bydrae lewer tot taalvaardighede, aangesien interaksie tussen leerders en onderwysers asook leerders onderling tot kommunikasie lei.

5. Literatuurondersoek

5.1 Moedertaalonderrig in Suid-Afrika

In Suid-Afrika, as ’n veeltalige land, is goeie taal-, kommunikasie- en leesvaardighede belangrik om in verskeie kontekste, op sosiale en professionele vlak, in die samelewing te funksioneer (Cloete en Engelbrecht 2014; Strauss, Vos en Van Oort 2021).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Daar is bewys dat moedertaalonderrig voordelig is in leerders se vormingsjare en dat dit as bousteen van akademiese prestasie dien. Verder vergemaklik moedertaalonderrig die aanleer van ander tale en die bemeestering van kognitiewe akademiese vaardighede (Le Cordeur 2020; Nel, Le Cordeur en Kese 2019). Derhalwe is moedertaalonderrig ook belangrik vir die onderrig van lees en die ontwikkeling van leesvaardighede. Moedertaalgebaseerde onderwys is die ideaal, aangesien dit verseker dat leerders se veeltaligheid ontwikkel (Afrikaans.com 2022; Le Cordeur 2020; Nel e.a. 2019). Tydens moedertaalgebaseerde onderwys ontvang leerders onderrig in hul huistaal en leer hulle 'n sogenaamde addisionele taal as tweede taal aan. Die doel van hierdie benadering is om te poog dat Suid-Afrikaanse leerders nie ná graad 3 in 'n vreemde taal onderrig ontvang nie, aangesien dit vir die meeste leerders nie moontlik is om ná graad 3 onderrig in hul moedertaal te ontvang nie. Marloth (2024) is van mening dat blootstelling aan 'n taal voor die ouderdom van 9 jaar behoort plaas te vind, aangesien breinontwikkeling ná 9 jaar verswak en die aanleer van nuwe tale 'n uitdaging vir leerders is. Verder dui Marloth (2024) aan dat leerders in die grondslagfase reeds in ander tale as slegs hul moedertaal onderrig behoort te ontvang om veeltaligheid te bevorder.

Ondanks leerders se reg om in hul moedertaal onderrig te ontvang, kragtens artikel 29 van die Grondwet van Suid-Afrika het Santhakumar en Wolhuter (2020) en Van Staden en Roux (2022) bevind dat die meeste Afrikataalsprekers nie in die bevoorregte posisie is om in hul moedertaal onderrig te ontvang nie weens 'n tekort aan hulpbronne, skole en onderwysers. Hierdie tekortkoming gee aanleiding daartoe dat leerders in 'n vreemde taal, byvoorbeeld Afrikaans, onderrig ontvang. Intussen het baie van hierdie leerders voor hierdie tydstip min of geen blootstelling aan die addisionele taal, soos Afrikaans, ontvang nie (Cloete en Engelbrecht 2014; Moeller en Catalano 2015; Nel 2018; Le Cordeur 2020). Hierdie werklikheid lei daartoe dat vele graad 9-leerders nie oor die taalvaardighede beskik om in hul addisionele taal te kommunikeer nie. Volgens Huerta en Jackson (2010) lewer 'n tekort aan gesprekvoering en die versuim om die kommunikatiewe onderrigbenadering in die EAT-klaskamer te volg 'n bydrae tot die swak taalvaardighede van EAT-leerders.

5.2 Letterkundeonderrig in die Afrikaans Eerste Addisionele Taal-klaskamer

Letterkunde bied aan EAT-leerders geïntegreerde geleenthede om praat-, luister-, lees- en skryfvaardighede te oefen, aangesien dit vir leerders 'n taalmodel vir woordeskat en sinstrukture soos dit in konteks gebruik word, bied (Cloete en Engelbrecht 2014; Schultz en Le Cordeur 2019; Van Oort 2022). Gevolglik bied letterkunde aan EAT-leerders die geleentheid om hulleself kreatief in hul addisionele taal uit te druk en dien dit as 'n opvoedingsproses om hulle tot verstandige volwassenes te lei (Cloete en Engelbrecht 2014; Burger 2018; Van Oort 2022). Die voorafgaande voordele wat aan die onderrig van literêre tekste verbonde is, kan slegs verkry word indien leerders literêre tekste begryp. Om 'n literêre teks te verstaan behoort leerders oor woordherkenningsvaardighede, leesbegrip, kritiese evaluering en voorkennis as verbinding met die teks te beskik. Cloete en Engelbrecht (2014) en Strauss e.a. (2021) beskou lees, in hierdie geval die lees van letterkunde, as 'n belangrike bousteen vir leerders se toekoms.

Ongelukkig is die waarde wat letterkunde inhou vir baie EAT-leerders nie moontlik om te ontgin nie, aangesien die lees van 'n teks vir hulle soos die uitspraak van lukrake klanke klink (Klapwijk 2021a; Kleyn e.a. 2013). Daarom kan sommige EAT-leerders nie 'n teks met begrip lees nie en is die interpretasie van literêre tekste moeilik of selfs onmoontlik (Van Oort 2022). Hierdie toedrag van sake gee aanleiding tot leesverwante gedragsprobleme en 'n gebrek aan leesbegrip.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

5.3 Probleme met Eerste Addisionele Taal-onderrig

Seifert (2016) en Jordaan, Van Zyl en O'Brien (2021) reken dat Afrikaans EAT-leerders wat swak vaar, dikwels leesprobleme soos gebrekkige woordeskat en swak leesbegrip ervaar, wat dan ook tot skryfprobleme lei as gevolg van onder meer ontoereikende spelvermoëns. Hierdie probleme, asook leerders se negatiewe gesindheid teenoor en gebrekkige belangstelling in Afrikaans EAT-letterkunde beïnvloed hul betrokkenheid by sowel as prestasie in die vak (Kleyn e.a. 2013; Erasmus 2022). Voorts kan dit tot gedragsprobleme, leesangs en frustrasie lei, aangesien die leerders die werk nie kan bemeester nie of dit glad nie verstaan nie. Kleyn e.a. (2013) skryf hierdie negatiewe gesindheid en gebrekkige belangstelling toe aan oninteressante en nietersaaklike literêre tekste.

Voorts is bevind dat EAT-leerders op verskillende vaardigheidsvlakke van die kontinuum is. Die EAT-onderwyser moet daarom 'n kurrikulum aan EAT-leerders verskaf wat hulle in staat sal stel om aan die vereistes van die Nasionale Senior Sertifikaateksamen te voldoen. Dit dui daarop dat EAT-onderwysers voorsiening moet maak vir leerders wat nie oor die nodige vaardighede beskik nie, sowél as vaardige leerders wat in die EAT-klaskamer mag wees. Die uitvoerbaarheid en beplanning van die gespesialiseerde kurrikulum is vir sommige onderwysers 'n struikelblok, aangesien die beskikbare hulpbronne vir en ondersteuning aan EAT-onderwysers onvoldoende is (Meiring 2023). Voorts bestaan daar 'n noue verband tussen onderwysers wat oor gebrekkige vakkennis beskik en leerders se (lae) prestasievlakke (Van Staden en Bosker 2014; OECD 2019). Kenners soos Hooijer en Fourie (2009) en Basson en Le Cordeur (2017) meen dat EAT-onderwysers indiensopleiding behoort te ontvang om hulle behoorlik en voortdurend vir dié spesifieke taak toe te rus. 'n Ander aspek wat volgens Klopper (2017) en Le Cordeur (2020) sterk na vore tree, is oorvol klaskamers, wat daartoe aanleiding gee dat sowel opgeleide as onvoldoende opgeleide onderwysers (onderwysers wat nie die nodige opleiding by 'n onderwysinstelling ontvang het nie) nie die nodige taalvaardighede doeltreffend kan onderrig nie.

Met dié dat Afrikaans EAT-leerders vreemdetaalonderrig ontvang, in samehang met onderwysers se vrees om die resepsie-estetikabenadering ("reception aesthetics approach"), wat aan elke leser die geleentheid bied om die teks deur middel van projeksie, introspeksie en identifikasie van selfkennis te interpreteer, as onderrigbenadering te volg, word eksamenafrigting deur sommige onderwysers as 'n uitweg gesien om presterende leerders te hê (Kleyn e.a. 2013; Rothmann 2022). Volgens Kleyn e.a. (2013) gebruik onderwysers steeds die behavioristiese benadering, byvoorbeeld die inoefening van patrone en reëls totdat dit vasgelê is, wat die onderrig van literêre tekselemente oorskadu. Hierdie toedrag van sake het tot gevolg dat die narratiewe en poëtiese elemente van literêre tekste afgeskeep word. Hierteenoor word daar steeds van die EAT-onderwyser verwag om leerders voor te berei om aan die vereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat te voldoen.

Afgesien van die skool- en klaskameromgewing is dit ook van kardinale belang dat onderwysers faktore wat elke individuele leerder kan beïnvloed, in ag neem en uit die weg ruim (Van Schalkwyk en Viviers 1992). Dit behels fisieke geraas (wat verhoudings met maats insluit); fisiologiese geraas (wat moontlike gestremdhede van leerders soos gehoor- en gesiggestremdheid behels); sielkundige of interne geraas (onder meer spanning, negatiwiteit of depressie onder leerders); perseptuele geraas (wat kulturele tot persoonlikheidsverskille behels); en semantiese geraas (soos onverstaanbare taaluitinge). Voorts dui hierdie kenners aan dat onderwysers ook leerders se breinvoorkeure in ag behoort te neem. Leerders met linkerbrein-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

voorkeure verkies intellektuele redenasies en gebruik analitiese en abstrakte denkpatrone. Daarenteen is regterbreindenkers ingestel op emosies en is subjektief en verbeeldingryk. ’n Volgende punt van belang is leerders se leerstylvoorkeure. Tydens die onderrig van Afrikaans EAT word die verbaal-ouditiewe, die visuele en die sensories-kinestetiese leerstyle hoofsaaklik onderskei. ’n Profiel van die leerders, wat ook hul breinvoorkeure en leerstyle aandui, kan saamgestel word. Hierdie leerderprofiele kan tydens lesbeplanning aangewend word om te verseker dat die EAT-onderwyser lesse beplan en saamstel wat die leerders se unieke en spesifieke leerbehoeftes in ag neem.

5.4 Leesbegripontwikkeling in die Afrikaans Eerste Addisionele Taal-klaskamer

Vir die EAT-leerder om in Afrikaans EAT-letterkunde te kan presteer, is onderwyser-ondersteuning van primêre belang, aangesien die EAT-onderwyser leerders behoort toe te rus met strategieë en vaardighede om literêre tekste met begrip te kan lees. Leesbegrip behels semantiese en sintaktiese leidrade, asook woordherkennings-vaardighede, om die betekenis van die teks af te lei (Basson en Le Cordeur 2017). Leesbegrip is van uiterste belang vir EAT-leerders om literêre tekste te verstaan. Dit vereis die monitering van leesbegrip en dat die EAT-leerder aktief betrokke moet wees by die literêre teks.

Derhalwe is die eksplisiete onderrig en modellering tot begeleide onafhanklike toepassing van leesstrategieë noodsaaklik vir EAT-leerders om in staat te wees om hul leesbegrip te moniteer (Anker 2023; Nel 2024). Eksplisiete onderrig behels die direkte onderrig van ’n spesifieke strategie waar die strategie aan leerders bekendgestel word en die doel en redes om die strategie te gebruik met behulp van ’n geskikte teks direk aan leerders uitgewys word. Voorts word die strategie deur die onderwyser met presiese verduidelikings aan leerders gemodelleer met demonstrasies waarna leerders self die strategie onder toesig inoefen met die onderwyser se begeleiding (Anker 2023; Nel 2024). Nel (2024) dui aan dat terugvoer aan leerders van kardinale belang is sodat leerders dié strategie onafhanklik kan toepas.

Leesstrategiekenners soos Adendorff (2019), Anker (2020) en Klapwijk (2021b) beklemtoon die belangrikheid van modellering deur die EAT-onderwyser tydens die onderrig van lees-strategieë. Leesstrategieë kan in drie leesfases, naamlik die pre-, tydens- en postleesfases, gemodelleer word.

In die preleesfase word leerders aan die teks bekendgestel. In hierdie fase word soeklees en vluglees gebruik om opskrifte, lettertipes, voorblaaie, die titel en sleutelwoorde te bestudeer en te verken (Hattingh 2021). Onbekende woorde, uitdrukkings en sinskonstruksies word nageslaan om die begrip van die teks in hierdie leesfase te vergemaklik (Cloete en Engelbrecht 2014:137; Hattingh 2021). Leerders kan voorspellings maak nadat hul voorafkennis geaktiveer is en dan kan hulle vrae oor die teks vra deur die kommunikatiewe onderrigbenadering te gebruik (DBO 2011a:11–2; Klapwijk 2021a).

In die tydensleesfase word daar op die begrip van die teks toegespits (Hattingh 2021). Klapwijk (2021b) vermeld dat die onderwyser en deelnemers aktief by die leesproses betrokke behoort te wees. Die onderwyser moet die leerders se leesbegrip van die teks moniteer en hul leesspoed kontroleer (Cloete en Engelbrecht 2014:137). Leerders moet vrae vra en beantwoord om hul begrip van die teks te verbeter (DBO 2011a:28). Voorts behoort leerders deurlopend aan-tekeninge van hoofgedagtes te maak.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

In die postleesfase word die teks as ’n geheel beskou en daarop gereageer deur vrae te beantwoord, vergelykings en kontraste uit te lig en die teks te evalueer (DBO 2011a:28). Laastens behoort die leerders in staat te wees om die teks in hul eie skryfstukke te reproduseer (Hattingh 2021). Klapwijk (2021a) wys tereg daarop dat die leesproses ’n eindelose siklus van lees-voorspel-kontroleer is.

In hierdie leesfases behoort vluglees en soeklees, aktivering van voorkennis, voorspelling, visualisering, gedetailleerde lees, begripslees, vraagstelling, aktiewe lees, monitering, die maak van assosiasies, aandagtige lees, afleidings, identifikasie van hoofgedagtes en selfstandige lees betrek te word.

Die *aktivering van voorkennis* vereis van leerders om verbindings met die teks te maak om hul eie ervarings met die teks te koppel (Hattingh 2021). Voorts lei die aktivering van voorkennis leerders deur hul eie ervarings, oortuigings en lewenswerklikhede tot betekenisvolle lees. Die EAT-onderwyser kan leerders vra of hulle al in soortgelyke situasies was soos in die literêre teks beskryf word. Indien leerders hul ervarings aan die teks kan koppel, kan dit tot beter begrip en behoud van wat gelees is, lei.

By *voorspelling* betrek leerders hul agtergrondkennis en ervarings om te voorspel wat die literêre teks moontlik inhou (Van Oort 2022:402). Die toepassing van voorspelling gee aanleiding tot hipotesevorming en bespiegeling deur die leerders. Leerders kan hul voorspellings hersien soos hulle deur die teks lees. Gevolglik kan leerders hul aanvanklike voorspellings en wat werklik in die teks gebeur het, vergelyk. Leerders kan vrae vra soos: “Wat dink ek gaan gebeur?” en “Was my voorspelling akkuraat?”.

Tydens *visualisering* skep leerders ’n visuele beeld van die literêre teks wat hulle lees (Van Oort 2022:403). Visualisering bied aan leerders die vermoë om die literêre teks te verlewendig deur hul verbeelding en sintuie te betrek. Leerders kan visualisering gebruik om ruimtes en karakters op plakkate uit te beeld.

Vluglees is wanneer die inleiding van ’n teks vir ’n oorsigtelike bepaling gelees word. Die eerste en laaste paragraaf word gelees terwyl die leser die res van die inhoud vlugtig beskou. Volgens die KABV’s (DBO 2011a:139; 2011b:111) se definisie is vluglees wanneer ’n teks vinnig gelees word om ’n oorsig van die teks te kry. Vluglees word meestal in die preleesfase van literêre tekste gebruik.

Tydens *soeklees* word na spesifieke inligting, soos name en nommers, gesoek en die leser se oë gaan vinnig oor die inhoud op soek na die spesifieke inligting (DBO 2011a:137; 2011b:109; Hattingh 2021).

Gedetailleerde lees is wanneer die inhoud bestudeer word (Cloete en Engelbrecht 2014:138). Die leser sal ’n woordeboek byderhand hou om onbekende woorde na te slaan en opsommings maak van belangrike inligting wat gelees word. Gedurende die lees van alle letterkundegenres behoort aan leerders tyd gegun te word om in besonderhede te lees, aangesien EAT-leerders onseker kan wees oor verskillende woorde. Hulle moet hierdie woorde in hul woordelyste neerskryf en die betekenis in die woordeboek naslaan en dit ook neerskryf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Vraagstelling vereis van leerders om te stop en vrae oor die literêre teks te beantwoord om sodoende inligting in te win en te ontdek, probleme op te los en op die betekenis van die literêre teks te fokus (Teele 2004:30; Van Oort 2022:404). Vrae kan mondelings of skriftelik beantwoord word. Vrae soos: "Wat bedoel die skrywer van die teks met ... ?" en "Toe ek die teks gelees het, waaraan het dit my laat dink?" kan gestel word.

Aktiewe lees vereis dat die leser belangrike dele van die teks, soos sleutelwoorde en feite, onderstreep (Cloete en Engelbrecht 2014:138; DBO 2018;). Aktiewe lees word die meeste tydens die leerproses gebruik en is belangrik gedurende die lees van literêre tekste. Leerders behoort belangrike inligting en feite te onderstreep soos dit in die klas gelees word, asook aantekeninge te maak van verduidelikings deur die onderwyser. Nog 'n punt is dat leerders Engelse woorde of verklarings kan inskryf by woorde wat hulle nie verstaan nie. Leerders kan verduidelikings by poësie invoeg, aangesien die taalgebruik gewoonlik abstrak of figuurlik is, wat die begrip van poësie moeiliker vir EAT-leerders maak.

Tydens die maak van *assosiasies* maak leerders persoonlike assosiasies vanuit die literêre teks met 'n ander teks, iets in hul eie lewens of iets wat met hulle gebeur het. Hierdie assosiasies kan met karakters, name of gebeure gemaak word (Van Oort 2022:405). Leerders kan voor en gedurende die lees van 'n literêre teks twee kolomme met die opskrifte "Ek" en "Literêre teks" maak. Onder elke opskrif skryf die leerders dan assosiasies tussen die literêre teks en hul lewens neer.

Aandagtige lees vereis van EAT-leerders om hul eie ervarings in verband te bring met die teks, die genre en kenmerke van die literêre teks te identifiseer, asook die doel van die teks en die skrywer se houding. Vervolgens word die teks bestudeer en die leerder kom tot 'n gevolgtrekking waaruit sy of haar eie opinie ontstaan (DBO 2011a:30, 2011b:32).

Daar word ook van leerders verwag om *afleidings* te maak oor iets wat nie eksplisiet in die teks genoem word nie deur hul voorafkennis en leidrade in die teks te gebruik. Deur afleidings te maak, kan leerders voorspel en gevolgtrekkings maak, temas identifiseer en inligting gebruik om betekenis te skep (Van Oort 2022:407).

Om die leesbegripprobleme in die EAT-klaskamer aan te spreek, wys Bester en Noke (2016) en Little en Box (2011) daarop dat EAT-onderwysers meer tyd aan onder meer die aktivering van voorkennis en gesprekvoering moet bestee om die teks as eerste stap beter te begryp. Dan is woordeskatontwikkeling met behulp van woordmure en semantiese kaarte 'n verdere stap tot die oopbreek van die teks se betekenis.

Die bogenoemde strategieë skep die verwagting dat EAT-onderwysers EAT-leerders tot selfstandige lees begelei en uiteindelik tot selfgerigte lesers ontwikkel, aangesien hulle doelbewus gebruik sal maak van spesifieke leesstrategieë om enige (literêre) teks onafhanklik te lees (Vos en Van Oort 2018). Selfgerigte lesers sal leesbehoeftes kan identifiseer, leesdoelwitte daarvolgens stel en gepaste leesstrategieë kan gebruik om gestelde leesdoelwitte te bereik. Daarna sal hierdie lesers hul uitkomste kan evalueer en daaroor kan besin.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

6. Inhouds- en tematiese ontleding van die Nasionale Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring

Uit die inhoudsontleding van die KABV's vir Afrikaans EAT in die Senior en VOO-fases word dit duidelik dat goeie kommunikasievaardighede benodig word om in die 21ste-eeuse samelewing as 'n volwaardige landsburger op te tree (DBO 2011a, 2011b). Dit is opmerklik dat taal as instrument vir denke en kommunikasie dien. In die KABV's word voorts aangetoon dat taal leerders in staat stel om kennis te verwerf, hul identiteit uit te druk en kulturele diversiteit en sosiale verhoudings in ag te neem (DBO 2011a, 2011b). In hierdie lig gesien, word daar in die KABV's aanbeveel dat leerders se bekwaamheid in hul sogenaamde huistaalvak ontwikkel word, en dat 'n eerste addisionele taal vanaf graad 1 aangeleer behoort te word (DBO 2011a, 2011b). In die KABV's word onderskeid getref tussen 'n *moedertaal* en *huistaal*. Gevolglik is 'n leerder se *huistaal* sy of haar taal van onderrig en leer en kan dit van die leerder se *moedertaal* verskil (DBO 2011a, 2011b). Uit hierdie toedrag van sake kan ons aanneem dat leerders geen vorige blootstelling aan die addisionele taal ontvang het nie.

Voorts is dit vanuit die KABV's duidelik dat vordering tussen grade van belang is en dat daar vanaf die eenvoudige na die ingewikkelde, basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede, *luister-*, *praat-*, *lees-* en *skryfvaardighede* en blootstelling aan literêre tekste vir kognitiewe akademiese vaardighede beweeg word (DBO 2011a, 2011b). Die DBO verwag van graad 9-leerders om vlot in hul eerste addisionele taal te kan kommunikeer. Ondanks hierdie vereiste is daar steeds leerders in graad 9 wat nie oor die taalvaardighede beskik om in hul eerste addisionele taal te kommunikeer nie. Deur die onderrig van letterkunde in die EAT-klaskamer, poog die DBO om die verlangde taalvaardighede te ontwikkel en om kreatief met kulturele en estetiese kenmerke van tekste om te gaan (DBO 2011a, 2011b). Gevolglik behoort EAT-leerders aan 'n verskeidenheid literêre tekste blootgestel te word om hul kognitiewe akademiese vaardighede te ontwikkel (DBO 2011a, 2011b).

Om die bogenoemde vaardighede te ontwikkel, behoort EAT-leerders die literêre tekste wat onderrig word, te begryp. Gevolglik moet leerders oor goeie leesvaardighede beskik om 'n literêre teks met begrip te kan lees. Ongelukkig is swak leesbegrip 'n groot probleem in Afrikaans EAT. Swak leesbegrip kan moontlik toegeskryf word aan swak taalvaardighede weens die feit dat sommige leerders nie in Afrikaans kan kommunikeer nie (DBO 2011a, 2011b).

Tydens die onderrig van EAT-letterkunde behoort die leerder se begrip van die elementêre betekenis van die teks, asook die selfstandige lees daarvan, deur die onderwyser in ag geneem te word (DBO 2011a, 2011b). Die leesproses behoort gevolg te word om literêre tekste sodanig sinvol te onderrig dat leerders dit met begrip kan lees, ontleed, interpreteer en evalueer (DBO 2011a, 2011b). Verder word die begrip van literêre tekste aangemoedig deur gepaste leesstrategieë tydens die leesproses te gebruik (DBO 2011a, 2011b). Leerders behoort aangemoedig te word om die aangeleerde leesstrategieë, soos aandagtige lees, toe te pas vir uitgebreide selfstandige lees en, mettertyd, selfgerigte lees (DBO 2011a, 2011b). Wanneer leerders aangeleerde leesstrategieë tydens aandagtige lees (tydens klasaktiwiteite) kan toepas, lei dit tot selfstandige lees (leerders lees op hul eie) en tot uiteindelike leesgenot (DBO 2011a:32, 2011b:32). Selfstandige lees en selfgerigte lees bevat verskeie ooreenstemmende kenmerke. Selfgerigte lees is die doelbewuste gebruik van spesifieke leesstrategieë om enige literêre teks onafhanklik te lees (Vos en Van Oort 2018:934). Selfgerigte lesers kan hul leesbehoeftes identifiseer, leesdoelwitte daarvolgens stel en gepaste leesstrategieë gebruik om die gestelde leesdoelwitte te bereik. Daarna sal hierdie lesers hul uitkomste kan evalueer en daaroor kan besin.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Voorts word verskeie literêre onderrigbenaderings in die KABV's as noodsaaklik beskou tydens die onderrig van Afrikaans EAT-letterkunde. Dit behels die teksgebaseerde, kommunikatiewe, proses-, geïntegreerde, tematiese, chronologiese, resepsie-estetika-, genre- en outeursbenaderings (DBO 2011a, 2011b).

7. Inhouds- en tematiese ontleding van die WhatsApp-fokusgroepresponse

Vanuit die WhatsApp-fokusgroepresponse met Afrikaans EAT-hoërskoolonderwysers is bevind dat in die veeltalige Suid-Afrikaanse onderrigkonteks Afrikaans sommige leerders se vierde of vyfde taal is en nie hul eerste addisionele taal soos hulle op skool neem nie. As gevolg hiervan het leerders min tot geen blootstelling aan Afrikaans buite die EAT-klaskamer nie en gebruik onderwysers kodewisseling – die gebruik van twee tale in die klaskamer ("codeswitching") – om beter met leerders te kommunikeer.

Die WhatsApp-fokusgroepresponse het voorts aangedui dat leerders oor swak taal-vaardighede beskik. Taalvaardighede kan deur middel van woordeskatontwikkeling verbeter.

Vanuit die WhatsApp-fokusgroepresponse kon die navorsers bepaal dat literêre tekste in die Afrikaans EAT-klaskamer volgens 'n behavioristiese benadering onderrig word. Dit lei dikwels tot eksamenafrigting, aangesien leerders moet presteer volgens belanghebbendes in die onderwys. Sommige fokusgroepdeelnemers het erken dat hulle bewus is van die konstruktivistiese en resepsie-estetikabenadering, maar weens uitdagings dikwels op eksamenafrigting terugval. Die behavioristiese benadering het steeds 'n plek in die Afrikaans EAT-klaskamer en kan suksesvol gebruik word om woordeskat te ontwikkel. Spelgebaseerde onderrigstrategieë, visuele hulpmiddels, assosiasie en rolspel is suksesvolle benaderings wat in Afrikaans EAT-klaskamers gebruik kan word.

Swak woordeskat en leesbegrip is van die grootste lees- en leeruitdagings wat Afrikaans EAT-leerders ondervind. Gevolglik kan leerders nie selfstandig lees nie, weens leesstrategieë wat nie 'n prioriteit in alle Afrikaans EAT-klaskamers is nie. Derhalwe kan leerders nie die leesstrategieë toepas nie, wat aanleiding gee tot onderwysers wat ondersteuning aan leerders bied.

Binne die Afrikaans EAT-letterkundeklaskamer sluit die onderriguitdagings literêre tekste, wat nie tot die ervaringswêrelde of verwysingsraamwerke van dié leerders spreek nie, in. Voorts het die WhatsApp-fokusgroepresponse aangedui dat politiese kwessies binne literêre tekste verdere onderriguitdagings skep. Leerders se swak woordeskat veroorsaak dat hul begrip van literêre tekste beperk is.

Die Afrikaans EAT-onderwysers ondervind verdere uitdagings soos 'n tekort aan hulpbronne, beperkte onderrigtyd en 'n oorvol kurrikulum wat die onderrig van literêre tekste verder kelder. Vanuit die WhatsApp-fokusgroepresponse is bevind dat sommige EAT-onderwysers se kennis rakende die leesproses en leesstrategieë onvoldoende is. 'n Moontlike oorsaak is swak opgeleide EAT-onderwysers, aangesien die meeste instansies onderwysers vir huistaalonderrig oplei. Voorts bemoeilik Afrikaans EAT-leerders, wat op verskillende vlakke van die kontinuum is, die onderrig van letterkunde.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Algemene probleme volgens die WhatsApp-fokusgroepresponse is dat vraagstelling in eksamens en toetse te moeilik vir leerders is, wat lei tot ’n negatiewe gesindheid en gebrek aan belangstelling in Afrikaans. Gevolglik is daar klasse vol ongemotiveerde leerders, aangesien hulle voel hulle kan nie die werk bemeester nie. Onderwysers begin hierdie leerders te veel ondersteun en later is dit vir hierdie leerders inspanning om die werk sonder die onderwyser se ondersteuning te voltooi. Leerders se onvermoë om leesstrategieë toe te pas, kan lei tot leesverwante gedragsprobleme, asook moedelose en onbetrokke leerders.

Vanuit die WhatsApp-fokusgroepresponse is bevind dat 61,5% van die WhatsApp-fokusgroepdeelnemers drama en poësie as genres tydens die onderrig van EAT-letterkunde verkies. Kortverhale word volgens deelnemer P1 vermy weens te veel storielyne en karakters. In teenstelling hiermee, is deelnemer Q4 van mening dat die kortverhale verfrissend is, aangesien dit nie slegs een storielyn bevat nie. Vanuit deelnemer U1 se respons kan beslis word dat poësie op ’n behavioristiese wyse deur die deelnemer onderrig word.

Byna al die deelnemers (93%) meen dat die meeste voorgeskrewe literêre tekste nie binne die leerders se verwysingsraamwerk val nie, met enkele uitsonderings soos *Die kruppel engel* deur Zenobia Kock. Sommige voorgeskrewe literêre tekste word as morbied, polities-gedrewe en oudmodies beskryf. Voorts is deelnemers duidelik van mening dat die voorgeskrewe literêre tekste se taalgebruik dikwels bo die leerders se kognitiewe vlakke is, wat die begrip van tekste negatief beïnvloed. Daar is sonder twyfel vanuit die deelnemers se response ’n behoefte aan nuwerwetse literêre tekste wat leerders kan geniet en waarmee hulle kan identifiseer.

Die meeste deelnemers (85,7%) gebruik kodewisseling tussen Afrikaans en Engels in die EAT-klaskamer. Deelnemers U1 en G1 gebruik ook kodewisseling, maar in teenstelling met die ander deelnemers gebruik hulle Setswana- en Sepedi-transtaling, naamlik wanneer leerders aan mekaar die konsepte in hul moedertaal verduidelik (“translanguaging”). Hierteenoor het deelnemers S1 en P1 aangedui dat slegs Afrikaans in hul EAT-klaskamers gebruik word, aangesien dit die enigste blootstelling is wat die leerders ontvang (Cloete en Engelbrecht 2014:8; Moeller en Catalano 2015:327; Nel 2018:3; Le Cordeur 2020). Voorts meen deelnemers BB1, H2 en Q2 dat hulle minder kodewisseling gebruik namate die jaar verloop en die leerders se woordeskat verbeter.

Ongeveer 50% van die deelnemers meen dat die onderwyser die literêre tekste moet voorlees, aangesien verduidelikings dan makliker plaasvind en leerders daarop kan fokus om aantekeninge te maak soos die onderwyser lees. In teenstelling hiermee, voel deelnemers CC1 en U1 dat indien leerders die tekste lees, dit hul leesvaardighede verbeter. Volgens 92,9% van die deelnemers is beperkte onderrigtyd, weens ’n oorvol kurrikulum, ’n groot faktor wat die onderrig van literêre tekste beïnvloed (Le Cordeur 2024). Die deelnemers is dit eens dat die volgende faktore bepaal of die onderwyser óf die leerders op ’n sekere dag die literêre teks in die klas lees: beskikbare tyd; leerders se taalvlak en begrip; leerders se gemoedstoestand; en die atmosfeer in die klaskamer.

Voorts het sake soos ’n oorvol kurrikulum volgens deelnemer N1 tot gevolg dat die onderrig van taal dikwels afgeskeep word. Die meeste deelnemers meen dat swak taalvaardighede dikwels in die laerskool ontstaan, aangesien EAT-leerders nie oor die basiese taalvaardighede beskik wanneer hulle hoërskool bereik nie (DBO 2011a:8, 2011b:9). Voorts is daar eenstemmigheid oor EAT-leerders se gebrekkige belangstelling en entoesiasme in en teenoor Afrikaans en spesifiek literêre tekste.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

EAT-leerders se gebrekkige belangstelling het tot gevolg dat die meeste deelnemers die vrae saam met die leerders in die klas beantwoord, aangesien sommige leerders nie ’n poging aanwend om aktiwiteite tuis te voltooi nie (Erasmus 2022). Die deelnemers is dit eens dat EAT-leerders dikwels nie die vrae verstaan nie, wat daartoe lei dat hulle nie die vrae beantwoord nie. Voorts merk die deelnemers op dat die meeste leerders wel oor die kennis beskik om die vrae te beantwoord, aangesien vrae in die klas beantwoord word indien dit verduidelik óf vertaal word. Deelnemer H1 meen dat hierdie probleem opgelos kan word indien daar gestandaardiseerde aantekeninge en vrae aan alle skole verskaf word.

Altesaam 78,6% van die WhatsApp-fokusgroepdeelnemers het aangedui dat leerders se beperkte woordeskat en swak leesbegrip een van die grootste struikelblokke in die EAT-klaskamer is. Verder het 21,4% van die deelnemers bevestig dat hulle leerders onderrig vir wie Afrikaans EAT ’n vierde of vyfde taal is, met die gevolg dat die leerders buite die EAT-klaskamer min of geen blootstelling aan die taal ontvang nie. Dit gee aanleiding daartoe dat die leerders nie vrae oor die literêre tekste kan beantwoord nie. Voorts is die manier waarop vrae in toetse en eksamens gevra word volgens 43% van die deelnemers té moeilik. Deelnemers AA1, BB1 en H1 is dit eens dat EAT-leerders negatief teenoor Afrikaans is, wat aanleiding gee tot gebrekkige betrokkenheid tydens klastyd. Voorts is EAT-leerders se algemene kennis en verwysingsraamwerk beperk en vind hulle Afrikaans EAT-literêre tekste oninteressant volgens deelnemers C1, G1, H2, N1, Q2 en Q5. Ten laaste het 21,5% van die deelnemers aangedui dat ’n tekort aan hulpbronne vir letterkunde én ’n oorvol kurrikulum EAT-onderwysers se taak bemoeilik.

Van die deelnemers is 91% dit eens dat hulle sover moontlik probeer om EAT-leerders toe te laat om eers self oor die literêre teks te besin (resepsie-estetikabenadering) en hulle na gepaste antwoorde te begelei (konstruktivistiese onderrigbenadering). Die deelnemers meen hierdie metode bied aan hulle die vaardigheid om te bepaal waarmee leerders sukkel, en watter dele van die literêre teks hulle glad nie verstaan nie. Voorts laat dit die EAT-leerders toe om volgens deelnemer CC1 krities oor die literêre teks te dink. Ná afloop van ’n klasbespreking, soos tyd dit toelaat, word modelantwoorde aan leerders verskaf aangesien die deelnemers meen dat die nasienriglyne vir die Nasionale Senior Sertifikaateksamen nie ruimte bied vir leerders se eie interpretasies van tekste nie. Gevolglik vind eksamenafrigting plaas om te verseker dat die leerders presteer of bloot net slaag, soos deur deelnemer N1 bevestig word.

Die deelnemers is van mening dat onderwysers- en leerdergidse EAT-leerders aan ’n verskeidenheid onderrigmateriaal en vrae en antwoorde blootstel, hoewel hulle verder meen dat hierdie gidse alleen nie voldoende is nie. Die meerderheid van die deelnemers stel hul eie hulpbronne saam deur ’n verskeidenheid gidse, ou vraestelle en internetbronne te gebruik. Fokusgroepdeelnemer C1 het opgemerk dat indien die onderwyser self werkkaarte en aantekeninge saamstel, hy of sy meer vertroud met die literêre teks is. Deelnemer U1 is van mening dat onderwysersgidse die onderwyser in staat stel om vrae op verskillende kognitiewe vlakke aan leerders te stel.

Al die WhatsApp-fokusgroepdeelnemers is eenstemmig dat die meeste EAT-leerders nie oor die nodige vaardighede, selfdissipline, woordeskat en leesbegrip beskik om literêre tekste selfstandig te lees nie. Die deelnemers het aangedui dat EAT-leerders baie op die onderwyser steun om die literêre tekste te begryp. Deelnemer U1 het opgemerk dat die onvermoë om ’n literêre teks selfgerig te lees tot leesverwante gedragsprobleme, soos frustrasie, onder EAT-leerders lei.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Slegs 9% van die deelnemers het genoem dat hulle die leesproses tydens die onderrig van literêre tekste gebruik. Wat sterk na vore kom, is dat die meerderheid van die deelnemers nie bewus is van die leesproses soos dit in die KABV's voorgeskryf word nie en dit onbewustelik toepas terwyl ander dit glad nie toepas óf kennis dra van die leesproses nie. Hierdie response, wat 'n moontlike onkunde van EAT-onderwysers aantoon, is kommerwekkend aangesien die leesproses duidelik in die KABV's uiteengesit word. Deelnemer CC1 gebruik verskillende onderrigstrategieë in die preleesfase om leerders se belangstelling te prikkel. Verder word die literêre teks aandagtig gelees in die tydensleesfase en die literêre teks word tesame met die vrae in die postleesfase bespreek.

Al die deelnemers meen dat EAT-leerders wel kan lees, maar dat hulle min begrip toon van wat gelees word. EAT-leerders is egter ongemotiveerd om te lees, wat daartoe aanleiding gee dat daar slegs in die EAT-klaskamer gelees word, waarná die onderwyser die voorgelese gedeelte verduidelik. Sowat 20% van die deelnemers meen dat hulle al in die verlede EAT-leerders gehad het wat selfgerig kon lees, maar dat dit in die meeste gevalle nie moontlik is nie. Voorts het die deelnemers opgemerk dat 'n gebrek aan selfdissipline leerders verhoed om literêre tekste te lees.

Volgens al die deelnemers het EAT-onderwysers leerders in een klas wat op verskillende vlakke van die kontinuum is, wat 'n groot uitdaging in die EAT-klaskamer is. Vanuit die WhatsApp-fokusgroepresponse kom dit na vore dat onderwysers nie werklik 'n oplossing het om hierdie verskillende leerders te akkommodeer nie, aangesien slegs 27% van die deelnemers met moontlike oplossings vir die probleem vorendag gekom het. Moontlike oplossings sluit visuele hulpmiddels en diagramme in, terwyl deelnemers C1 en X1 vrae op die gemiddelde kognitiewe vlak gebruik om al die leerders te betrek.

Vanuit die deelnemers se oogpunt stem 80% saam dat die COVID-19-pandemie 'n definitiewe invloed op leerders se akademiese prestasie in Afrikaans EAT gehad het en steeds het, aangesien EAT-leerders min of geen blootstelling aan Afrikaans ontvang het nie. Gevolglik het hul woordeskat agteruitgegaan. Volgens deelnemers CC1, S1 en X1 het die COVID-19-pandemie leerders se werksvermoë negatief beïnvloed, aangesien leerders tydens hierdie tyd "lui" geword het. Voorts het deelnemers U1 en X1 genoem dat EAT-leerders verwag dat antwoorde aan hulle verskaf word en formele assesserings makliker gemaak moet word weens toegewings wat deur die DBO gemaak is. In teenstelling met die ander deelnemers, is H2 van mening dat die COVID-19-pandemie slegs uitgewys het dat kleinklasonderrig makliker vir onderwysers is.

Al die deelnemers het gemeld dat hulle kennis dra van leesstrategieë en dit hoofsaaklik gedefinieer as die tegnieke of maniere waarvolgens 'n mens lees. Leesstrategieë wat na vore kom, is soeklees, vluglees, begripslees en aandagtige lees. Die deelnemers het slegs 'n paar leesstrategieë opgenoem alhoewel daar talle leesstrategieë bestaan. Dit blyk dat die deelnemers nie oor genoegsame kennis rakende leesstrategieë beskik nie.

Volgens 82% van die deelnemers maak EAT-leerders hoofsaaklik van soeklees, vluglees, hardop-lees en aandagtige lees gebruik aangesien hul leesbegrip swak is, wat lei tot die onvermoë om vrae te verstaan. Gevolglik soek leerders sleutelwoorde in die vraag en soeklees deur die teks vir sleutelwoorde. Volgens die deelnemers is dit nie vir EAT-leerders moontlik om leesstrategieë te gebruik nie weens swak leesbegrip en die onvermoë om 'n teks selfstandig te lees. Die deelnemers is voorts van mening dat die belangrikste leesstrategieë soeklees en vluglees is, aangesien dit leerders help om vrae te beantwoord. Fokusgroepdeelnemers Q5 en S1 noem dat EAT-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

leerders nie lees nie weens beperkte woordeskat en daarom nie leesstrategieë gebruik nie. Al die deelnemers is dit eens dat EAT-leerders se woordeskat baie beperk is. Indien leerders oor swak woordeskatvaardighede beskik, sal hulle nie in staat wees om ’n literêre teks aandagtig te lees nie as gevolg van ’n gebrek aan leesbegrip. Uit die response blyk dit dat van die deelnemers, byvoorbeeld C1, nie vertroud is met die verskillende leesstrategieë nie.

Ongeveer die helfte van die deelnemers (54,5%) is dit eens dat daar nie geleenthede is vir die onderrig van leesstrategieë nie weens beperkte tyd, ’n oorvol kurrikulum en onbetrokke leerders. Die deelnemers meen dat die verduideliking van literêre tekste voorkeur geniet. Ondanks hierdie deelnemers se menings, is 45,5% van die deelnemers van mening dat daar wel geleentheid vir die onderrig van leesstrategieë is aangesien ’n taalonderwyser opgelei is om leesstrategieë te onderrig. Die onderrig hiervan vind dikwels nie eksplisiet plaas nie en hoe meer daar gelees word, hoe meer sal EAT-leerders leesstrategievaardighede opbou.

Beperkte tyd verhoed die onderrig van leesstrategieë volgens 63,6% van die deelnemers. Deelnemer Q5 meen dat indien EAT-leerders aan die vereistes van elke graad voldoen en werk van vorige grade nie deurlopend herhaal moet word nie, tyd ingeruim kan word om leesstrategieë te onderrig. Fokusgroepdeelnemer Q4 het tereg opgemerk dat doeltreffende lees (om met begrip te lees) nie kan plaasvind sonder om leesstrategieë te gebruik nie. In teenstelling met deelnemer Q4, meen N1 dat klastyd eerder aan die voltooiing van die kurrikulum spandeer moet word as aan die onderrig van leesstrategieë. Hieruit kan afgelei word dat nie al die fokusgroepdeelnemers kennis dra van die belangrikheid van leesstrategieë nie. Altesaam 82% van die deelnemers voel dat hulle oor genoegsame kennis rakende leesstrategieë beskik, maar dat die onderrig daarvan nie kan plaasvind nie weens beperkte tyd en leerders se swak leesbegrip. Deelnemer N1 erken dat die onderrig van leesstrategieë nie voorrang geniet nie. Sowat 9% van die deelnemers het aangedui dat hulle nie vertroud genoeg voel met leesstrategieë nie en dat hul kennis opgeskerp kan word.

Volgens 45,5% van die deelnemers beskik EAT-leerders nie oor die vermoë om leesstrategieë toe te pas nie as gevolg van swak woordeskat, leesbegrip en leesvaardighede. Verder het deelnemer G1 aangedui dat Afrikaans EAT nie genoeg aandag in die laer skoolfases geniet nie. Deelnemers H2 en X1 is van mening dat leerders se gesindheid en die gehalte van onderrig wat hulle in vorige jare ontvang het bepalende faktore is. Deelnemer H2 het tereg daarop gewys dat indien EAT-onderwysers oor die nodige opleiding oor leesstrategieë beskik, hulle leesstrategieë beter kan onderrig.

Altesaam 90% van die deelnemers het gemeld dat hulle tydens die onderrig van literêre tekste kodewisseling gebruik. Moeilike woorde word vertaal en vorm deel van die aantekeninge wat aan leerders uitgedeel word om te leer. Leerders moet ook self aantekeninge maak om by die leesproses betrokke te bly. Volgens deelnemer C1 word woordeskatlyste op ’n behavioristiese wyse ingeoefen om te verseker dat al die leerders die woordeskat verstaan. Deelnemer N1 se EAT-leerders maak elkeen vir hulle ’n persoonlike woordeboeklys met moeilike woorde, terwyl deelnemer G1 ’n woordmuur in die EAT-klaskamer gebruik.

Volgens 33% van die deelnemers word die literêre teks vooraf vertaal, waarná die teks ontleed word en die vrae bespreek en vertaal word. Al die deelnemers het aangedui dat hulle woordeskat vooraf aan leerders gee om te gaan leer óf die teks vertaal en sodoende die woordeskat vir die leerders leer. Deelnemers G1, N1 en X1 hou ’n klasbespreking oor leerders se begrip van die literêre teks; sodoende word die resepsie-estetikabenadering gebruik. Deelnemer H1 het

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

opgemerk dat literêre tekste deur middel van vertaling, visualisering, rolspel en verduideliking onderrig word. Al die deelnemers is dit eens dat die vrae ná afloop van die bespreking van die literêre teks mondelings vertaal en verduidelik word.

Volgens 45,5% van die deelnemers is visuele hulpmiddels noodsaaklik om agtergrondkennis by literêre tekste aan EAT-leerders met verskillende verwysingsraamwerke te verskaf. Deelnemers H2 en Q5 is van mening dat EAT-leerders die literêre teks sal begryp indien hulle assosiasies met iets in hul verwysingsraamwerk maak. Die afleiding kan gemaak word dat EAT-onderwysers die leerders in die EAT-klaskamer moet ken.

Vanuit die WhatsApp-fokusgroepresponse het 77,8% van die deelnemers aangedui dat kreatiwiteit en klasbesprekings tydens die onderrig van EAT literêre tekste nie moontlik is nie as gevolg van beperkte klastyd. Deelnemers Q4 en Q5 is van mening dat klasgesprekke aangemoedig moet word, maar weens EAT-leerders se gebrek aan belangstelling, is dit ’n uitdaging. Voorts het deelnemer Q5 daarop gewys dat sommige EAT-leerders klasbesprekings gebruik om oor “irrelevante onderwerpe te begin klets”. In teenstelling hiermee, het deelnemer N1 opgemerk dat ’n spelgebaseerde onderrigstrategie dikwels klasbesprekings uitlok en leerders se kreatiwiteit tydens die onderrig van literêre tekste prikkel.

Literêre konsepte word volgens 62% van die deelnemers in lyste aan EAT-leerders verskaf, waarna elke konsep bespreek en verduidelik word deur die koppeling aan die leerders se verwysingsraamwerk. Deelnemer C1 het opgemerk dat die Afrikaanse konsep gekoppel word aan die Engelse konsep wat hulle reeds in Engels geleer het. Hierdie literêre konsepte word volgens deelnemer N1 op ’n behavioristiese wyse aangeleer deurdat leerders weeklikse klastoetse daaroor skryf.

Al die WhatsApp-fokusgroepdeelnemers is dit eens dat alle taalvaardighede tydens die onderrig van literêre tekste ontwikkel word. EAT-leerders kry die geleentheid om na die literêre teks te luister en dit te lees, waarna ’n klasbespreking oor die literêre teks plaasvind. Altesaam 44% van die deelnemers is van mening dat EAT-leerders se skryfvaardighede danksy woordeskatuitbreiding met behulp van literêre tekste ontwikkel word. Deelnemer CC1 merk op dat alle taalaktiwiteite in die EAT-klaskamer op die literêre tekste gebaseer behoort te word.

8. Joernaalinskrywings

8.1 Joernaalinskrywing oor die werwingsproses

As deel van die navorsingsproses het die eerste skrywer van hierdie artikel voor die uitstuur van elke vraag via WhatsApp, voorspellings en verwagtinge van antwoorde en die diskoers in ’n prejoernaalinskrywing aangeteken. Nadat die deelnemers se terugvoer ontvang is, is besinnende postjoernaalinskrywings van waarnemings, bevindinge, temas, afleidings en gevolgtrekkings gemaak. Vanuit die joernaalinskrywing oor die werwingsproses kon ons tot die gevolgtrekking kom dat EAT-onderwysers in die gekose provinsies nie gretig is om aan navorsingstudies deel te neem nie. EAT-onderwysers se flou belangstelling kan moontlik toegeskryf word aan ’n hoë werkslading; onderwysers wat uitgeput en moedeloos voel; en die geweldige druk waaronder onderwysers werk weens ’n tekort aan onderwysers, hulpbronne en oorvol klaskamers. Onderwysers kan moontlik ook voel dat die DBO nie juis ag slaan op belangrike navorsing wat

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

gedoen word nie; gevolglik voel hulle dat die tyd wat aan deelname aan studies bestee word, beter benut kan word.

8.2 Prejoernaalinskrywings

Week 1 se prejoernaalinskrywing dui daarop dat ons verwag het dat drama en poësie die meeste van die deelnemers se voorkeurgenres vir graad 10 tot 12 sou wees en dat hulle kortverhale in die EAT-klaskamer vermy. EAT-onderwysers wat graad 8 en 9 onderrig, behoort die leerders, soos in die KABV voorgeskryf word, aan ’n verskeidenheid genres bloot te stel.

Voorts het ons verwag dat die deelnemers sou aandui dat voorgeskrewe literêre tekste nie binne die leerders se verwysingsraamwerk is nie, wat daartoe aanleiding gee dat leerders dikwels nie belangstelling in literêre tekste toon nie. Poësie bevat dikwels temas met ’n politieke agtergrond wat leerders se gesindheid teenoor Afrikaans negatief beïnvloed. Lang gedigte is geneig om leerders moedeloos te maak en te verveel.

Kodewisseling (Afrikaans en Engels) word in EAT-klaskamers gebruik weens Afrikaans EAT-leerders se swak woordeskat. Dit sal die onderwyser en die leerders baat indien die onderwyser *transtaling* gebruik wanneer die leerders nog nie die onderwyser se kodewisseling (byvoorbeeld om Afrikaanse konsepte in Engels te vertaal) verstaan nie.

Weens ’n gebrek aan belangstelling in literêre tekste, asook swak leesbegrip, soos dit uit die literatuurstudie na vore kom, het ons verwag dat EAT-onderwysers tekste hardop vir leerders voorlees. Dit verseker dat die leerders die teks verstaan, aangesien die onderwysers kan verduidelik soos hulle die teks in die klas lees.

Ons is van mening dat indien leerders aandagtig luister wanneer die onderwyser die teks in die klas verduidelik en aantekeninge maak, behoort hulle die meeste van die aktiwiteite met redelike sukses te kan voltooi. Leerders se swak woordeskat het ’n invloed op hul begrip van vrae, met die gevolg dat leerders nie die vrae op hul eie kan beantwoord nie, al ken hulle die antwoorde.

Vanuit die eerste skrywer van die artikel se onderwyservaring is ’n algemene probleem wat dikwels in die EAT-klaskamer ervaar word, die swak woordeskat van leerders, wat om die beurt aanleiding gee tot swak leesbegrip. Nog ’n probleem is dat EAT-leerders op verskillende vlakke van die taalkontinuum is, en EAT-onderwysers moet almal in een klas akkommodeer en terselfdertyd ook die diversiteit van die leerders in een klas in ag neem. Voorts sien sommige EAT-leerders Afrikaans as ’n vak of taal wat op hulle afgedwing word en in die toekoms geen waarde vir hulle sal inhou nie.

Volgens week 2 se prejoernaalinskrywing het ons verwag dat sommige EAT-onderwysers aan leerders die geleentheid bied om hul eie menings rakende literêre tekste te vorm en gebruik sodoende die konstruktivistiese en resepsie-estetika-onderrigbenaderings. In teenstelling hiermee het ons ook verwag dat daar EAT-onderwysers is wat op modelantwoorde (sogenaamde *eksamenafrigting*) steun weens EAT-leerders se swak prestasie en leesbegrip rakende literêre tekste, soos vanuit die literatuurstudie na vore kom.

Uit die eerste skrywer van die artikel se eie onderrigervaring gebruik EAT-onderwysers ’n verskeidenheid onderwysers- en leerdergidse om modelantwoorde aan leerders te verskaf en

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

ontleding van literêre tekste te doen. EAT-onderwysers sal daarby baat om hul eie aantekeninge en werkkaarte saam te stel wat meer omvattend is, aangesien nie alle hulpbronne op standaard is nie en sekere hulpbronne nie betroubaar is nie.

Vanuit die eerste skrywer se onderrigervaring steun EAT-leerders op onderwyserondersteuning in die vorm van onderwysers wat literêre tekste voorlees en verduidelik aangesien EAT-leerders oor swak woordeskat en leesbegripvaardighede beskik, en hulle nie in staat is om literêre tekste selfstandig te lees en begryp nie. Vanuit die literatuurstudie het dit na vore gekom dat sodanige onderwyserondersteuning deur die gebruik van leesprosesse wel onderneem kan word.

Volgens ons behoort die deelnemers die drie fases van die leesproses te gebruik, naamlik die pre-, tydens- en postleesfases, soos dit in die KABV uiteengesit is. Die leesproses kan leerders op ’n interessante wyse aan literêre tekste bekendstel en voorts verseker dat die literêre teks georganiseerd aangebied word, wat dit vir EAT-leerders makliker kan maak om te volg. Die leesproses bied aan die EAT-onderwyser sowel as aan die -leerders ’n roetine waaraan hulle gewoond kan raak aangesien die leerders weet wat van hulle verwag word. Alhoewel die leesproses ’n roetine bewerkstellig, kan die preleesfase steeds ’n verrassingselement vir leerders bevat en kan EAT-onderwysers die literêre teks op verskeie boeiende wyses aan leerders bekendstel.

As EAT-onderwyser ervaar die eerste skrywer die ontwikkeling van EAT-leerders tot onafhanklike lesers as ’n uitdaging. Gevolglik moet EAT-onderwysers baie aandag aan woordeskatontwikkeling en die onderrig van leesstrategieë skenk om leerders tot onafhanklike lesers te ontwikkel. Dit sal vermoedelik, volgens ons, weens ’n tekort aan blootstelling aan en belangstelling in Afrikaans vir die meeste EAT-leerders nie moontlik wees om onafhanklike lesers te word nie. Weens die feit dat EAT-leerders op verskillende vlakke van die kontinuum in Afrikaans is, is dit volgens ons ’n uitdaging om al die leerders in ’n klas se aandag te behou en hulle te motiveer sonder dat sommige leerders verveeld of agter raak.

Ons is van mening dat die COVID-19-pandemie spesifiek Afrikaans as eerste addisionele taal ernstig beïnvloed het weens minder blootstelling aan Afrikaans as gevolg van die skole wat gesluit het. Gevolglik het dit tot ’n swakker woordeskat en groter leesprobleme gelei, wat die onderrig van literêre tekste verder bemoeilik het. Voorts het die COVID-19-pandemie, volgens ons, die ongelykheid tussen skole uitgelig aangesien sekere skole met die nodige geriewe minder ontwrig was terwyl ander skole maande lank sonder enige onderrigtyd was.

Volgens ons is die onderrig van leesstrategieë van uiterste belang om leesbegrip te ontwikkel wat die onderrig en begrip van literêre tekste vergemaklik. Die onderrig van leesstrategieë kan ’n struikelblok wees indien EAT-leerders nie kennis van die verskillende leesstrategieë dra nie. Volgens ons kan leesstrategieë deur modellering onderrig word.

Uit die prejoernaalinskrywing vir week 3 was die verwagting dat EAT-leerders onbewustelik leesstrategieë tydens die lees van literêre tekste gebruik. Die eerste skrywer weet uit ervaring dat leerders die algemeenste leesstrategieë, soos soeklees en vluglees, natuurlik gebruik.

Voorts is voorspel dat min aandag aan leesstrategieë geskenk word as gevolg van beperkte tyd en ’n oorvol kurrikulum, soos uit die literatuurstudie na vore gekom het. Ons het voorspel dat die memorisering van literêre tekste voorkeur geniet bó die onderrig van leesstrategieë. Ons is van mening dat leesstrategieë tydens die onderrig van literêre tekste gekombineer kan word om tyd te bespaar.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Ons voorspelling was dat die deelnemers ’n goeie begrip van leesstrategieë sal toon aangesien onderwysopleidingsinstansies daar is om onderwysers op te lei om leerders te leer lees. Ons neem egter waar dat die meeste EAT-leerders nie leesstrategieë toepas nie; presterende leerders pas dikwels hierdie leesstrategieë onwetend toe.

Voorts het ons voorspel dat die deelnemers EAT-leerders, wat oor swak woordeskatvaardighede beskik, ondersteun deur visuele hulpmiddels en kodewisseling te gebruik om te verseker dat hierdie leerders nie tydens die onderrig van literêre tekste agtergelaat word nie. Ons het ook verwag dat woordeskat op ’n behavioristiese wyse onderrig word.

Woordeskat behoort onderrig te word alvorens teksontleding en -bespreking plaasvind. Wanneer EAT-onderwysers seker is dat die leerders die literêre teks verstaan, kan daar gekyk word na die literêre elemente en moontlike redes waarom die skrywer of digter hierdie elemente gebruik het.

As EAT-onderwyser, weet die eerste skrywer dat literêre tekste dikwels nie binne EAT-leerders se verwysingsraamwerk is nie en dat EAT-onderwysers agtergrondinligting aan leerders moet verskaf om hul begrip van die teks te ontsluit. Visuele hulpmiddels word dikwels ingespan om EAT-leerders se agtergrondkennis te verbeter. Ons het verwag dat die deelnemers respek vir verskillende kulture en godsdienste as belangrik sou ag aangesien onderwysers met veeltaligheid en multikulturaliteit (“multilingualism and multiculturalism”) in een klaskamer te kampe het.

Ons het voorspel dat die deelnemers sou noem dat literêre konsepte weens beperkte tyd en ’n oorvol onderrigplan nie behoorlik bespreek en onderrig word nie. Hierdie konsepte word moontlik deur sekere deelnemers op ’n behavioristiese wyse aan leerders onderrig. Die eerste skrywer het uit eie onderrigervaring beleef dat die oorvol kurrikulum veroorsaak dat sekere konsepte dikwels afgeskeep word om al die werk afgehandel te kry. Gevolglik raak swakker leerders net verder agter omdat hulle nie by die vinnige tempo kan byhou nie.

Literêre tekste bied, volgens ons, talle geleenthede om al die taalvaardighede te ontwikkel. Ons is van mening dat literêre tekste in die belang van die EAT-onderwyser en EAT-leerder gebruik kan word, indien alle aspekte van *lees en kyk*, *luister en praat*, *skryf en aanbied* en *taalstrukture en -konvensies* op die literêre teks gebaseer word.

8.3 Opsommende joernaalinskrywing

Die data-insamelingsproses het goed verloop. Die WhatsApp-kletstoepassing het doeltreffend gewerk vir die data-insameling en die deelnemers kon in hul eie ruimte en op ’n geskikte tyd die vrae beantwoord. Voorts het die funksionaliteit van die WhatsApp-kletstoepassing ons in staat gestel om die data in ’n kort tyd in te samel vanaf deelnemers wat wyd verspreid oor drie provinsies werk. Die kletstoepassing was kostedoeltreffend en gebruikersvriendelik aangesien dit ’n toepassing is wat deel van die deelnemers se daaglikse lewe is. Wat dit verder vir deelnemers vergemaklik het, was dat response deur middel van stemopnames ingestuur kon word aangesien dit moontlik ook tydbesparend is.

Die oorspronklike diskoers tussen die deelnemers, soos dit die verwagting was, het egter nie plaasgevind nie. Moontlike redes vir die diskoers wat nie plaasgevind het nie, is omdat daar in week 1 en 2 moontlik te veel vrae op een slag was óf die onderwysers was bloot net te besig om te gesels óf hulle het nie kans gesien om die vrae te beantwoord nie. Die deelnemers het slegs die week se vrae beantwoord en geen verdere response of diskoerse ingestuur nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Die deelnemers het in die eerste week van die studie getrou deelgeneem en al die vrae beantwoord. Sommige deelnemers het egter deur die loop van die data-insamelingsproses geen vrae beantwoord nie. Van die oorspronklike 17 deelnemers wat ingestem het om aan die studie deel te neem, het slegs 12 getrou oor die tydperk van vyf weke deelgeneem. Die eerste week het heelwat vrae gehad, wat die deelnemers waarskynlik negatief gestem het óf die vyf weke was moontlik te lank vir die deelnemers. Nog ’n moontlikheid kan wees dat die deelnemers met werk oorlaai was.

Die meerderheid van die deelnemers het by week 2, by ’n bepaalde vraag, ’n basiese definisie van leesstrategieë gegee en slegs die algemeenste leesstrategieë genoem, maar ná afloop van week 3, waar leesstrategieë in ’n vraag verskaf is, meer leesstrategieë opgenoem. Deur die deelnemers se response by hierdie twee vrae te vergelyk, wil dit voorkom of die deelnemers se kennis rakende leesstrategieë uiters beperk is en dat hulle die onderrig daarvan as onbelangrik ag. Hulle is van mening dat hulle eerder tyd aan belangriker onderwerpe ter voltooiing van die kurrikulum en hersiening sal spandeer.

Deelnemers G1 en N1 het oor die vyf weke deurlopend goeie en insiggewende terugvoer op die vrae verskaf en konstruktivistiese onderrigstrategieë in die vorm van spelgebaseerde lesse voorgestel. Ander deelnemers, soos H1 en CC1, het egter in week 1 kort antwoorde sonder motiverings verskaf. Voorts is vrae wat verduidelikings verg, nie voldoende beantwoord nie, soos ’n vraag waar daar van die deelnemers verwag is om te verduidelik hoe hulle literêre tekste onderrig. Al die deelnemers het genoem dat gebrekkige woordeskat en leesbegrip ’n ernstige probleem onder EAT-leerders is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

9. Gevolgtrekkings uit dataontleding

In figuur 1 word die oorvleuelende temas, wat ’n kernrol in EAT-letterkundeonderrig speel, aangedui.



Figuur 1. Die oorvleuelende temas

Uit die dataontleding kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die selfgerigtheid en passie by onderwysers verlore raak as hulle bloot standaardaantekeninge gebruik om letterkunde te onderrig. Dit lei tot ’n behavioristiese onderrigbenadering, wat deur navorsing as ondoeltreffend bewys is. Dit kan ook dui op onsekerheid onder die onderwysers. Die modelantwoorde en geslote nasienriglyne is waarskynlik die oorsaak van die probleem dat leerders nie die vrymoedigheid het om hul eie menings oor ’n teks te lug nie. Indien onderwysers self die ontleding doen, kan dit die onderrig van literêre tekste vergemaklik aangesien onderwysers nie die literêre tekste kan onderrig indien hulle nie self die tekste verstaan nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

'n Kommerwekkende saak, volgens ons, is die WhatsApp-fokusgroepdeelnemers se swak spelling en taalgebruik tydens die beantwoording van die vrae, soos blyk uit byvoorbeeld WhatsApp-fokusgroepvraag en -response 10.1 vir Week 5:

10.1 In die KABV (2011:32) word daar aangedui dat leerders op die estetiese kenmerke van literêre tekste behoort te reageer. Dit sluit in die figuurlike en retoriese taalgebruik soos beeldspraak en stylfigure (inversie, klanknabootsing, kontras, woordspeling) asook die kenmerke van die verskillende soorte letterkundetekste (gedigte, drama, roman, kortverhale).

Bestaan daar volgens u genoegsame moontlikhede en tyd vir Afrikaans EAT-leerders tydens die onderrig van letterkunde om kreatief te dink en te doen; en met mekaar, die onderwyser en tydens klasgesprekke te kommunikeer?

Indien wel, watter moontlikhede bestaan daar? Indien nie, wat belemmer dit?

C1

Nee, ek het beslis nie genoeg tyd om aandag te gee aan die estetiese kenmerke van **literere** tekste nie, veral nie in graad 12 nie want hulle hou **Junie maand** op en **vandaar af** is dit**,** net hersiening en ou vraestelle. En dan, om die waarheid te sê, **'n klasgesprekke** bestaan nie. Die helfte van die kinders weet nie eers waarvan jy praat nie. Die ander **helvte** probeer hier en daar is dan die een sterk kind wat die hele gesprek oorneem. So, dit sal beslis beter wees vir my – ek doen dit – om enkel kinders na skool in te roep of miskien **n** klein groepie en so by almal uit te kom. Op die manier beheer ek die wie praat en kan ek die help wat nie weet waarna verwys word nie en verduidelik en omskryf en hulle lei tot hulle by **n** antwoord kom en dat hulle dit ook verstaan.

U1

Daar is **now** genoeg tyd nie. **Sir** is baie moeilik om kreatief te wees, want hulle sukkel met die taal. Hulle kommunikeer **well** in die **Klas** in Afrikaans, maar dit is nie **effektief** nie, want hulle het **die** die woordeskat nie.

Taalonderwysers moet oor basiese taalvaardighede beskik en behoort boonop die formele aard van 'n fokusgroeponderhoud, waartydens hulle met ander taalkollegas kommunikeer, in ag te neem. Die deelnemers se begrip rakende konsepte soos *leesproses*, *leesstrategieë* en *selfgerigte lees* blyk onvoldoende te wees, wat daarop dui dat hierdie deelnemers se Afrikaans EAT-letterkundelesse moontlik nie hierdie strategieë en onderrigbenaderings insluit nie, wat om die beurt op ontoereikende onderwysersopleiding kan dui.

Ongelukkig wil dit voorkom asof sekere deelnemers moontlik beïnvloed is deur ander deelnemers se response op die WhatsApp-fokusgroep en dat hulle dan soortgelyke antwoorde probeer verskaf het. Sommige deelnemers het hulself weerspreek tydens die beantwoording van sekere vrae, byvoorbeeld fokusgroepdeelnemer H1 het tydens week 3 aangedui dat beperkte onderrigtyd nie

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

'n probleem is nie, maar tydens week 5 dui hierdie deelnemer aan dat beperkte onderrigtyd kreatiwiteit en kommunikasie in die Afrikaans EAT-klaskamer belemmer.

Ons meen dat die deelnemers die studie sinvol gevind het en dat sommige onderwysers geprikkel is om oor hul onderrigstrategieë te gaan herbesin en moontlik aan te pas. Een van die deelnemers het genoem dat sy ná aanleiding van die bespreking definitief meer aandag aan leesstrategieë gaan skenk. Gevolglik glo ons dat die studie 'n positiewe invloed op die deelnemers gehad het wat voordelig vir die EAT-leerders in hul klasse kan wees.

Onderwysers lug hul menings en meld problematiese kwessies soos leesbegrip, maar die DBO bied nie veel bystand om onderwysers met hierdie knelpunte in die praktyk te ondersteun nie. Al waarop die DBO fokus, is dat onderwysers hul leerders deur die kurrikulum moet lei, terwyl die gehalte van onderrig op die agtergrond geplaas word.

10. Leerdergesentreerde konstruktivistiese onderrigraamwerk

Die primêre doelwit van hierdie navorsing was om 'n leerdergesentreerde konstruktivistiese onderrigraamwerk vir Afrikaans EAT-onderwysers saam te stel om EAT-leerders in die Senior en VOO-fases tot leesbegrip van voorgeskrewe letterkunde te begelei en selfgerigte lees te bevorder. Dié onderrigraamwerk, wat grafies in figuur 2 uitgebeeld word soos deur die eerste skrywer ontwerp, bevat geïntegreerde en gepaste lees- en kykstrategieë.

Figuur 2. Stappe vir Afrikaans EAT-onderwysers om leerders tot selfgerigte lees te begelei

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Die Afrikaans EAT-onderwyser kan die volgende strategieë, wat uit oorvleuelende temas, data-insameling en die eerste skrywer se onderrig- en leerervaring in die Afrikaans EAT-klaskamer saamgestel is, volg:

Bring die belang van Afrikaans EAT onder leerders se aandag juis om hierdie leerders se gesindheid jeens die taal positief te verander onder meer oor hoe veeltaligheid tot werksekerheid kan bydra en oor beroepe waar Afrikaans vereis word. Wys byvoorbeeld bekende persone, soos Mari Molefe van Heerden (’n Afrikaanse nuusleser by RSG) asook Eloise Cupido (’n aktrise, televisieaanbieder en sanger) wat beroepe in Afrikaans volg, uit. Stel niemoedertaal-Afrikaanssprekendes, wat as rolmodelle optree, aan leerders bekend deur musiekvideo’s van onder meer Refentse, wat in Afrikaans sing, of grepe van sepies, onder meer *Binnelanders*, waarin Clint Brink en Ayanda Sihlahla speel, te vertoon.

Skep ’n gunstige en aangename leeromgewing met behulp van onder andere musiek, plakkate, prente, uitdrukkings, koerantberigte, ’n woordeskatmuur en ’n motiveringsmuur wat inligting bevat. Die motiveringsmuur moet voortdurend verander word om aktueel te bly. Gebruik visuele voorstellings om leerders se gebrekkige woordeskat te ondersteun. Vertoon tydens die leesfase van die literêre teks prente van moeilike begrippe en woorde op die witbord sodat leerders hierdie woorde makliker verstaan en ’n prentjie van die literêre teks in hul verbeelding kan skep. ’n Woordeskatmuur in die EAT-klaskamer is noodsaaklik. Vervang hierdie woorde op ’n gereelde basis met nuwe woorde ter wille van woordeskatuitbreiding. Ruim alle soorte geraas uit die weg, byvoorbeeld fisieke geraas (maak seker alle leerders kan duidelik hoor); fisiologiese geraas (maak seker alle leerders word geakkommodeer); sielkundige of interne geraas (gee die boodskap duidelik aan leerders dat die onderwyser sal help waar moontlik); perseptuele geraas (verwelkom diverse kulturele tot persoonlikheidsverskille); en semantiese geraas (maak seker dat leerders alle taaluitinge begryp). Fokus op die positiewe gedrag van leerders soos om leerders te bedank indien hul boek netjies is en sing telkens die frase “Hop-hop Spinnekop, die bal het in die gat gehop” wanneer ’n leerder iets reg beantwoord.

Leerders moet op verskillende vlakke van die kontinuum in die klaskamer geakkommodeer word. Kies daarom leestekste wat op die kognitiewe vlak van leerders is. Verdeel leerders van dieselfde kognitiewe vlakke in groepe vir ekstra klas en fokus in hierdie kleiner groepe op die basiese konsepte waarmee hulle sukkel. Skep werkkaarte volgens leerders se kognitiewe vlakke. Wanneer aktiwiteite uitgewerk word, kan sukkelende leerders meervoudigekeusevrae kry om hulle te lei en nie moedeloos te maak nie terwyl presterende leerders slegs die oopvraag kan ontvang.

Gebruik voorts letterkunde om lewenslesse oor te dra. *Die kruppel engel* deur Zenobia Kock kan leiding verskaf aan verstote leerders om hul emosies te verwerk terwyl “Sonvanger” deur Valiant Swart aandui hoe hartverskeurend die selfdood van ’n geliefde is. Wys die rykheid en skoonheid van taal in literêre tekste vir leerders uit. Prys leerders vir elke poging en moedig hulle aan deur middel van positiewe terugvoer (“mooi”, “jy vorder goed”, “volgende keer”), begeleidende vraagstelling, kommentaar en assessering.

Skenk as onderwyser aandag aan jou eie deurlopende professionele ontwikkeling deur gereeld werkswinkels en seminare by te woon om nuwe onderrigidees te kry. Lees gereeld artikels wat moontlike idees kan verskaf tot ’n nuwe onderrigbenadering en hou tred met toonaangewende navorsing oor (EAT-) onderrig soos die jongste navorsing deur Adendorff (2019), Anker (2020, 2023), Klapwijk (2021b) en Le Cordeur (2020).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Prikkel leerders se verbeelding deur visuele voorstellings van karakters en die ruimte deur foto's of prente te wys, byvoorbeeld van die Komoeties en die Van Rooyens deur die film-weergawe van *Fiela se kind* (deur Dalene Matthee) te gebruik. Die ruimte van die drama, prosa of kortverhaal is ook belangrik om konteks te skep en per implikasie begrip te versterk. Begin byvoorbeeld by die algemene ruimte deur 'n kaart van die Knysna-gebied, en in die besonder die Lange Kloof en Kom-se-bos, te wys (gebruik kaartleesstrategieë). Verskaf soveel moontlik inligting rakende die ruimte deur leerders die film, foto's en prente te wys.

Neem leerders se verskillende leerstyle en breinvoorkeure in ag. Ruim alle moontlike aandag-afleiers uit die weg. Verdeel leerders in pare – 'n linkerbrein- en 'n regterbreinvoorkeurleerder. Toets leerders se begrip van die dramaruimte. Die linkerbreinvoorkeurleerder moet byvoor-beeld die verskille tussen die bosruimte en die Lange Kloof in 'n netjiese tabel lys, terwyl die regterbreinvoorkeurleerder hierdie tabel as hulpmiddel gebruik om die ruimtes visueel op 'n plakkaat uit te beeld. Sodoende word die leerders visueel deur uitbeeldings aangewakker, ouditief deur kommunikasie binne die groep en sensories-kinesteties deur fisiek met die tabel en plakkaat besig te wees.

Gebruik verskillende onderrigstrategieë en -benaderings om te verseker dat Afrikaans EAT-leerders nie verveeld raak nie. Maak daarom gebruik van 'n verrassingsinleidingsmoment deur musiek, speletjies of blokkiesraaisels te integreer. Toets letterkundekonsepte met 'n speletjie soos 30 Seconds™ wat self gemaak is. Op 'n kaartjie verskyn 'n letterkundekonsep en een leerder (speler) moet vir 'n ander leerder (speler) verduidelik wat op die kaartjie staan sonder om die woord in die verduideliking te gebruik, byvoorbeeld 'n "eufemisme"-kaartjie waar die eerste speler slegs sê "wanneer ek oordryf en sê ek het my toon morsaf gestamp". 'n Tweede speler moet dan die konsep noem.

Bied letterkunde konstruktivisties aan deur onder meer aantekeninge oor die ontleding van poësie aan leerders te verskaf. Maak in hierdie aantekeninge opsetlike foute en noem aan die leerders dat daar foute in die uitdeelstuk is, sodat hulle die foute moet soek, byvoorbeeld: "Haar skoene klik hard op die houtvloer" is assimilasie. Soos die Afrikaans EAT-leerders se leesbegrip en woordeskat verbeter, kan hulle begin om self die gedigte te ontleed en die ontledings in groepe of in die klas te bespreek. Sodoende sit en luister die leerders nie net na die onderwyser se verduidelikings nie, maar let ook op na notas soos die onderwyser verduidelik.

Volg die kommunikatiewe en resepsie-estetikabenadering deur vrae aan leerders rakende die literêre teks te stel sodat dit tot 'n bespreking kan lei. Dit bied aan leerders die geleentheid om krities te dink en hul eie menings en gevolgtrekkings rakende die teks te vorm. Verdeel leerders in rolspelgroepe en verskaf aan elke groep 'n gedeelte van 'n drama om te dramatiseer. Verdeel in gonsgroepe van twee tot ses en gee aan leerders 'n bepaalde vraag om te beantwoord. Al die groepe ontvang dieselfde vraag en ná ongeveer vyf minute rapporteer 'n gekose leerder terug aan die klas. Die sneeubalgroepmetode ("snowball group method") is doeltreffend vir die ontleding van letterkunde. Daar word eers in klein gonsgroepies van twee leerders verdeel; die literêre teks word nou bespreek. Daarna word twee gonsgroepe saam gegroepeer en dieselfde literêre teks word weer bespreek. Ná bespreking word vier gonsgroepe saam gegroepeer en dieselfde literêre teks word weer bespreek. Dit is nou 'n sneeubalgroep en hierdie groep moet een verteenwoordiger kies wat terugrapporteer. Dit bied aan leerders die geleentheid om hulle eie interpretasies, soos die resepsie-estetikabenadering veronderstel, van die literêre teks aan te bied en te verduidelik.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Swak taal-, lees- en kommunikasievaardighede van Afrikaans EAT-leerders belemmer uiteindelik selfgerigte lees. Volg daarom die kommunikatiewe en geïntegreerde benadering. Lees belangrike dele van die letterkundige teks aan leerders voor terwyl leerders minder belangrike dele hardop lees om selfgerigte lees te bevorder. Gebruik die omgekeerde klaskamer deur leerders in groepe, bestaande uit leerders met verskillende kognitiewe vermoëns, te verdeel en laat leerders 'n literêre teks verduidelik.

'n Goed ontwikkelde woordeskat is die sleutel tot begrip. Oorkom swak taal- en kommunikasievaardighede van Afrikaans EAT-leerders met behulp van kodewisseling en/of transtaling. Moedig kommunikasie in Afrikaans aan deur interessante klasbesprekings aan te bied en geïntegreerde benaderings te gebruik. Laat leerders toe om tydens die voltooiing van aktiwiteite in Afrikaans te gesels. Wanneer vrae oor letterkundige tekste vir leerders moeilik is, moet ondersteuning aan leerders gebied word. Bied leiding en ondersteuning asook 'n woordelys met vraagwoorde aan leerders tydens die beantwoording van vrae. Skryf weeklikse speltoetse om leerders se woordeskat te verbeter. Speel speletjies soos onder meer Boggle™ of Scrabble™ waar leerders konsepte vorm wat in literêre tekste voorkom soos onder meer "alliterasie", "enjambement" en "karakterontwikkeling".

Hou aan die einde van die jaar, as hersiening, 'n literêre-teks-dag waar die Afrikaans EAT-onderwyser en -leerders soos karakters uit byvoorbeeld die drama *Fiela se kind* (deur Dalene Matthee) aantrek, onder andere Benjamin, Fiela en Nina. Die klas moet raai watter literêre teks die leerders voorstel.

Verdeel die leerders tydens die preleesfase van poësie, ná die eerste voorlees van die gedig in groepe. Elke groep vertolk die gedig afsonderlik. Ná vyf tot sewe minute beweeg sommige van die leerders in elke groep na die volgende groep en bespreek die verskillende vertolkings van die gedig. Die onderwyser skommel die groepe 'n paar keer, waarna 'n klasbespreking gehou word om die verskillende vertolkings saam te vat.

Tydens letterkunde-onderrig moet die Afrikaans EAT-onderwyser die leesproses gebruik om struktuur aan letterkundelesse te verleen en sodoende te verseker dat lesse aan die nodige vereistes voldoen. Laat leerders die leesprosesfases in die lees van letterkunde oefen en toepas deur leergeleenthede en -aktiwiteite op so 'n wyse te beplan dat leerders gepaste leesstrategieë toepas. Onderrig en modelleer verskillende gepaste leesstrategieë om uiteindelik leerders tot selfgerigte lees te begelei. Modelleer gepaste leesstrategieë progressief en verminder modellering soos leerders leesstrategieë ontwikkel. Verwoord daarom denke tydens die lees van 'n literêre teks hardop aan leerders.

Die onderwyser stel die drama *Fiela se kind* deur Dalene Matthee in die preleesfase bekend deur die voorblad en titel vir leerders te wys. Met behulp van die soek- en voorspelling-leesstrategie rig die onderwyser die volgende vrae aan die leerders: Wat sien jy op die voorblad van die boek? Wat is die titel van die boek? Wie is die skrywer? Waaroor dink jy handel die boek? Wat kan jy uit die twee figure op die voorblad aflei? Die onderwyser maak gebruik van aandagtige lees saam met die leerders, lees die agterblad van die boek en bepaal of die voorspelling reg was. Die onderwyser stel die karakters en ruimte aan die leerders met behulp van 'n skyfiereeks bekend.

Tydens lees: Die onderwyser begin die drama lees deur die aandagtige leesstrategie te gebruik. Soos die onderwyser lees, verduidelik hy of sy die dele aan die leerders en vertoon die skyfies

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

vir beter leesbegrip, en gebruik assosiasie sodat leerders die woordeskat kan onthou. Die onderwyser moet poog om leerders met behulp van modellering in die toneel te laat inleef. Dink aan ’n woud (*forest*): met ander woorde, daar is bome reg rondom jou en wanneer jy opkyk, is dit donker en sien jy net blare. Omdat daar so baie bome is, kan die son nie deurskyn nie. Het julle al gery wanneer dit mistig (*misty*) is? ’n Mens kan nie eers die voertuig voor jou sien nie. Dink net as jy in die woud is en dit is mistig. Jy gaan nie goed kan sien waarheen om te gaan nie en alles lyk waarskynlik dieselfde, want daar is orals net bome. Jy sal maklik kan verdwaal (*get lost*, *astray*). Sien julle die gedeelte is kursief (*cursive*)? Die kursiewe gedeelte gee vir ons meer inligting oor hoe dit lyk waar die toneel (*scene*) afspeel. Ons noem die gedeeltes *toneelaanwysings*. Soos die onderwyser soortgelyke vrae aan leerders stel, maak hulle gevolgtrekkings en afleidings.

Postlees: Die onderwyser kan saam met die leerders ná elke toneel ’n opsomming of samevatting van die gebeure maak. Die onderwyser kan in die postleesfase vir leerders interessante leerdergesentreerde konstruktivistiese aktiwiteite, soos slangetjies-en-leertjies, waar elke blok ’n vraag rakende die inhoud van die spesifieke toneel bevat, gee om leesbegrip te evalueer.

Integreer taalvaardighede (*luister en praat*, *lees en kyk*, *skryf en aanbied* en *taalstrukture en -konvensies*) met die literêre tekste, byvoorbeeld om skryf-en-aanbied-lesse, soos dagboekinskrywings, by literêre tekste te betrek. Gebruik die literêre teks as beginpunt vir ’n klasbespreking, maar ook as teks waaruit taalaktiwiteite kan vloei. Vanweë ’n oorvol kurrikulum en ’n tekort aan onderrigtyd moet onderwysers alle taalvaardighede in die letterkundelesse integreer.

11. Samevattende gevolgtrekkings

Die waarde van lees, veeltaligheid en letterkunde is onder die loep geneem. Die bevinding is dat Afrikaans EAT-leerders oor swak lees- en taalvaardighede beskik. Oorsake hiervoor is die veeltaligheid en multikulturaliteit in Suid-Afrikaanse klaskamers, gebrekkige woordeskat, ’n negatiewe gesindheid teenoor en gebrekkige belangstelling in Afrikaans, leerders wat op verskillende vlakke van die kontinuum is, ontoereikende onderwysersopleiding, ongelykheid in skole, vreemdetaalonderrig en eksamenafrigting.

Voorts is die rol wat die Afrikaans EAT-onderwyser in die ontwikkeling van leesbegripvaardighede, asook die nodige onderwyserondersteuning aan Afrikaans EAT-leerders speel, beklemtoon. Ten slotte is die onderrig van literêre tekste volgens die KABV-riglyne met behulp van voorgestelde lees- en onderrigstrategieë uitgehef. Genoemde inligting, tesame met die verkrygde data is gebruik om die primêre navorsingsdoelwit te bereik, naamlik om ’n onderrigraamwerk saam te stel om selfgerigte lees van letterkunde in die Afrikaans EAT-klaskamer te bevorder.

Erkenning

Die 2024-studie waarop hierdie artikel gebaseer is, is gedeeltelik deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ondersteun.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Bibliografie

Adendorff, E. 2019. Die gebruik van gedigte in die onderrig van Afrikaans as addisionele taal. *LitNet Akademies*, 16(1):473–503. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/06/LitNet_Akademies_16-1_Adendorff_473-503.pdf.

Afrikaans.com. 2022. *Moedertaalonderrig*. https://afrikaans.com/leerhulp/moedertaalonderrig/ (23 Junie 2022 geraadpleeg).

Anker, J. 2020. Vakgerigte geletterdheid en leesbegripstrategie-ontwikkeling. *LitNet Akademies*, 17(3):787–814. https://www.litnet.co.za/vakgerigte-geletterdheid-en-leesbegripstrategie-ontwikkeling/ (5 April 2023 geraadpleeg).

—. 2023. Onderwyshulp en leesbegripstrategieë 5: Eksplisiete strategie-onderrig. *SA Skole-seminaar*, 20 Januarie 2023. https://www.litnet.co.za/onderwyshulp-en-leesbegripstrategiee-5-eksplisiete-strategie-onderrig/ (18 Augustus 2023 geraadpleeg).

Basson, M. en M. le Cordeur. 2017. Professionele ontwikkeling vir Afrikaans huistaal-onderwysers ter bevordering van leesbegrip van niemoedertaalsprekers. *Tydskrif vir Geestes-wetenskappe*, 57(4):1 037–56. http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2017/v57n4a11.

Bester, G. en D. Noke. 2016. Veranderlikes wat verband hou met swart hoërskoolleerders se prestasie in Afrikaans as ’n tweede taal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2):641–59. https://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2016/v56n2-2a8.

Burger, W. 2018. *Die wêreld van die storie*. Pretoria: Van Schaik.

Cloete, D. en A. Engelbrecht (reds.). 2014. *Afrikaansmetodiek deur ’n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford University Press.

Conti, G. 2025. Why the input we give our learners must be 95-98% comprehensible in order to enhance language acquisition – the theory and the research evidence. https://gianfrancoconti.com/2025/02/27/why-the-input-we-give-our-learners-must-be-95-98-comprehensible-in-order-to-enhance-language-acquisition-the-theory-and-the-research-evidence/ (14 Augustus 2025 geraadpleeg).

Departement van Basiese Onderwys (Suid-Afrika). 2011a. *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring graad 7–9 Afrikaans Eerste Addisionele Taal*. Pretoria: DBO.

—. 2011b. *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring graad 10–12 Afrikaans Eerste Addisionele Taal*. Pretoria: DBO.

—. 2018. *Sessie 3.2 lees en kyk*. Pretoria: DBO. https://taalarsenaal2.yolasite.com/resources/Lees%20%26%20Kyk.pptx.

Department of Basic Education (South Africa). 2017. The SACMEQ IV Project in South Africa: a study of the conditions of schooling and the quality of education. Pretoria: DBE.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

De Vries, A. 2023. Akademia *et al*. bied aan: Onderrig van Afrikaans as addisionele taal. https://etal.akademia.ac.za/onderrig-van-afrikaans-as-addisionele-taal-kursus/ (29 Mei 2023 geraadpleeg).

Engelbrecht, A. 2020. Kwalitatiewe navorsing: data-insameling en -analise. In Joubert, Hartell en Lombard (reds.) 2020.

Engelbrecht, A. en A. Conradie. 2023. Die toepassing van ’n multigeletterdheidsbenadering in ’n Afrikaans Eerste Addisionele Taal-klaskamer. *LitNet Akademies*, 20(1):382–466. https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n1d6.

Erasmus, M. 2022. 25 April. Goeiedag onderwysers. Wat doen julle om Afrikaans EAT-leerders in die hoërskool (graad 11) gemotiveer te kry om hul negatiewe houding teenoor Afrikaans te verander? Hoe beloon jul presteerders as onderwyser? [Facebook-plasing]. https://www.facebook.com/groups/AfrikaansHTenEAT/permalink/3078597895725507.

Hattingh, E. 2021. Lees en kyk – leesproses. https://www.wcedeportal.co.za/eresource/208476 (20 Januarie 2025 geraadpleeg).

Hooijer, E. en J. Fourie. 2009. Teacher’s perspectives of multilingual classrooms in a South African school. *Education as Change*, 13(1):131–48. http://dx.doi.org/10.1080/16823200902943304.

Huda, H.N. en S.D. Sulistyaningrum. 2022. The impact of self-directed learning on students’ English reading comprehension ability. *Proceedings of English Linguistics and Literature*, 3:102–13.

Huerta, M. en J. Jackson. 2010. Connecting literacy and science to increase achievement for English language learners. *Early Childhood Education Journal*, 38(3):205–11. http://dx.doi.org/10.1007/s10643-010-0402-4.

Jiban, C. 2024. The science of reading explained. https://www.nwea.org/blog/2024/the-science-of-reading-explained/# (8 September 2024 geraadpleeg).

Jordaan, H.L., A. van Zyl en T. O’Brien. 2021. Conceptual vocabulary in Grade 2 isiZulu-English and Grade 1 Afrikaans-English bilinguals. *South African Journal of Childhood Education*, 11(1):866. https://doi.org/10.4102/sajce.v11i1.866.

Joubert, I., C. Hartell en K. Lombard (reds.). 2020. Navorsing: ’n gids vir die beginner-navorser. 3de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Klapwijk, N.M. 2021a. *Vir ons onderwysers: leesbegrip: Artikel 1 – Die onderrig van leesbegrip*. https://afrikaans.com/2021/09/08/vir-ons-onderwysers-die-onderrig-van-leesbegrip/ (24 Maart 2022 geraadpleeg).

—. 2021b. *Vir ons onderwysers: leesbegrip: Artikel 2 – Die voor-leesfase*. https://afrikaans.com/2021/09/30/leesbegrip-artikel-2-betekenisskepping/ (27 Maart 2022 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Kleyn, L., M. Snyman en J.J. Geldenhuys. 2013. “Ek is lief vir lees maar vind nie ’n passie daarin nie” – Leesgewoontes van ’n proefgroep Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. *Mousaion*, 31(3):74–96. http://hdl.handle.net/2263/40780.

Klopper, C. 2017. *Die vermoë om met begrip te kan lees is die sleutel tot akademiese sukses*. SAOU-mediaverklaring, 8 Desember 2017. https://irp-cdn.multiscreensite.com/c0cc1c10/files/uploaded/Mediaverklaring-8-Des-2017-afr-en-eng.pdf.

Kock, Z. 2015. *Die kruppel engel*. Northlands: Macmillan.

Le Cordeur, L. 2016. Language at university: finding a constructive balance. *Stellenbosch University Faculty of Education Research Bulletin* February:34–6. https://www.sun.ac.za/english/Downloadable%20Documents/Opvoedkunde/Navorsingsbulletin_edit3.pdf#page=35.

—. 2020. Prof. Michael le Cordeur – ’n passie vir Afrikaans en die onderwys. *Afrikaans.com*. https://afrikaans.com/2020/10/09/prof-michael-le-cordeur-n-passie-vir-afrikaans-en-die-onderwys/ (11 Junie 2022 geraadpleeg).

—. 2023. Laat ons kinders lees. *Beeld*, 27 Julie, bl. 25.

—. 2024. Ons en die onderwys: Uitdagings in die onderwys. 4 Augustus 2024. https://omny.fm/shows/ons-en-die-onderwys/ons-en-die-onderwys-4-augustus-2024 (9 September 2024 geraadpleeg).

Little, D.C. en J.A. Box. 2011. The use of a specific schema theory strategy – semantic mapping – to facilitate vocabulary development and comprehension for at-risk readers. *Reading Improvement*, 48(1):23–31. https://go.gale.com/ps/i.do?p=AONE&u=anon~afc648a2&id=GALE|A258438663&v=2.1&it=r&sid=googleScholar&asid=1ebff1ab.

Lombard, K. 2020. ’n Inleiding tot navorsing. In Joubert, Hartell en Lombard. (reds.) 2020.

Marloth, E. 2024. Groeipyne: Leerondersteuning. 29 Augustus 2024. https://omny.fm/shows/groeipyne/groeipyne-5-september-2024 (8 September 2024 geraadpleeg).

Meiring, K. 2023. Leesvaardighede – In *Prontuit*, 6 Junie 2023. kykNET [Video]. https://www.youtube.com/watch?v=EQaryZeTmhA&ab_channel=kykNETArgief.

Moeller, A.K. en T. Catalano. 2015. Foreign language teaching and learning. *International Encyclopedia for Social and Behavioral Sciences*, 9(2):327–32. http://dx.doi.org/10.1016/B978-0-08-097086-8.92082-8.

Mullis, I.V.S., M. von Davier, P. Foy, B. Fishbein, K.A. Reynolds en E. Wry. 2023. *PIRLS 2021 International Results in Reading*. Newton, MA: TIMSS & PIRLS International Study Center, Boston College. https://doi.org/10.6017/lse.tpisc.tr2103.kb5342.

Nel, C. 2024. Preparing pre-service teachers to teach reading strategies within a mixed reality simulation environment. *Language Teaching Research Quarterly*, 41:21–36. https://doi.org/10.32038/ltrq.2024.41.03.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Nel, J. 2018. ’n Ondersoek na graad 4-leerders, met IsiXhosa as huistaal, se leerpraktyke van Afrikaans Eerste Addisionele Taal in ’n meertalige konteks: ’n gevallestudie. MEd-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Nel, J., M. le Cordeur en P. Kese. 2019. Taal en praktyk: ’n gevallestudie oor Afrikaans Eerste Addisionele Taal by graad 4-leerders in ’n meertalige skool. *LitNet Akademies*, 16(3):591–620. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/12/LitNet_Akademies_16-3_Nel_leCordeur_Kese_591-620.pdf.

OECD (Organisation for Economic Cooperation and Development). 2019. *TALIS 2018 South Africa country report: teachers and school principals as lifelong learners*. https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Reports/Talis%20Teachers%20and%20Principals%20as%20Lifelong%20Learners%20Final.pdf?ver=2019-07-02-090156-000.

Potgieter, F.J. 2008. Research training: M.Ed and PhD in Education: an introduction to educational theories, concepts and ideas. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Rothmann, A. 2016. Die gebruik van letterkunde vir die onderrig en leer van Afrikaans as addisionele taal op skool binne ’n taakgebaseerde benadering. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

—. 2022. *Roadshow oor eksamenriglyne vir Afrikaans EAT*. NSS Vraestel 2 Hoofnasiener Gauteng. [Teams-vergadering]. 26 Julie, Pretoria.

Santhakumar, V. en C.C. Wolhuter. 2020. Language of learning and teaching in South Africa and India: A comparative study. In Wolhuter (red.) 2020.

Schultz, A. en M. le Cordeur. 2019. Die onderrig van letterkunde in die verdere onderwys- en opleidingfase binne die raamwerk van die kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4):545–61. https://hdl.handle.net/10520/EJC-19f1074d6f.

Strauss, C., E. Vos en R. van Oort. 2021. Riglyne om selfgerigte lees van intermediêre-faseleerders te ontwikkel met die koerant as multimodale hulpmiddel. *LitNet Akademies*, 18(3):538–66. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/12/LitNet_Akademies_18-3_19_Strauss-Vos-VanOort.pdf.

Teele, S. 2004. *Overcoming barricades to reading: a multiple intelligences approach*. Thousand Oaks, CA: Corwin Press.

Van Oort, R. 2022. Samestelling van multimodale reflektiewe leerdersportefeuljes in Intermediêre en Senior Fases ter bevordering van selfgerigte leesprosesse. *LitNet Akademies*, 19(1):378–435. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2022/04/LitNet_Akademies_19-1_14_vanOort_378-435.pdf.

Van Schalkwyk, H. en D.A. Viviers. 1992. *Sukses met Afrikaans en kommunikasievaardighede*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d8

Van Staden, S. en R. Bosker. 2014. Factors that can affect South African reading literacy achievement: evidence from prePIRLS 2011. *South African Journal of Education*, 34(3):1–9. https://hdl.handle.net/10520/EJC156539.

Van Staden, S. en K. Roux. 2022. South Africa PIRLS 2021 Introduction. In Reynolds, Wry, Mullis en Von Davier (reds.) 2022.

Vos, E. en R. van Oort. 2018. 'n Selfgerigte-leesproses: traumabelewing en -verwerking in die jeugroman *Blou is nie 'n kleur nie* deur Carin Krahtz. *LitNet Akademies*, 15(3):826–962. https://www.litnet.co.za/n-selfgerigte-leesproses-traumabelewing-en-verwerking-in-die-jeugroman-blou-is-nie-n-kleur-nie-deur-carin-krahtz/.

Wolhuter, C.C. (red.). 2020. *Critical issues in South African Education: Illumination from international comparative perspectives from the BRICS countries*. Kaapstad: AOSIS.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Die assessering van akademiese opstelle: ’n vergelykende studie tussen ChatGPT-4o as KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel en tradisionele dosentgebaseerde assessering

D.J. Cloete en Chris-Mari Le Hanie

D.J. Cloete en Chris-Mari Le Hanie,
Fakulteit Geesteswetenskappe en Fakulteit Opvoedkunde, Akademia

Opsomming

Hierdie artikel het die gebruik van ChatGPT-4o as kunsmatige intelligensie-gebaseerde assesseringshulpmiddel ondersoek en dit vergelyk met tradisionele dosentgebaseerde assessering van akademiese opstelle in ’n Afrikaans 2-module vir tweedejaar-onderwysstudente. Ons het ’n gemengde metode-benadering gebruik om verskille in puntetoekenning (meting) en terugvoer tussen die twee benaderings te ontleed. Bevindinge het getoon dat ChatGPT-4o deurlopend hoër punte toegeken het, veral in kategorieë soos taal en struktuur, maar nie nuanses en kontekssspesifieke faktore kon identifiseer wat menslike assessering uniek maak nie.

Daar was ook ’n statisties beduidende verskil tussen die gemiddelde punte wat deur die dosent en ChatGPT-4o toegeken is. Ons het bevind dat hoewel ChatGPT-4o vinnige en objektiewe terugvoer gebied het, dit nie volledig aan die beginsels van gehalteassesseringspraktyke voldoen het nie. Dié multimodale taalmodel se beperkinge het ’n gebrek aan kontekstuele bewussyn en onvoldoende belyning met spesifieke leerdoelwitte ingesluit. Ons het ook bevind dat menslike moderering nodig bly om KI-gebaseerde assesseringsuitsette te ondersoek. Die artikel het die potensiaal van KI (veral groottaalmodelle) om dosente te ondersteun, beklemtoon, maar ook teen ’n uitsluitlike afhanklikheid van hierdie tegnologie gewaarsku. Ons het verdere navorsing aanbeveel oor die verfyning van KI-gebaseerde assesseringsmetodes en die integrasie daarvan in opvoedkundige praktyke.

Trefwoorde: Afrikaans 2; akademiese opstelle; assessering; ChatGPT-4o; gehalteassesseringspraktyke; KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel; kunsmatige intelligensie (KI); tradisionele dosentgebaseerde assessering

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Abstract

Assessment of academic essays: a comparative study between ChatGPT-4o as an AI-based assessment tool and traditional lecturer-based assessment

The assessment of student assignments is a fundamental component of the educational process, serving both formative and summative functions. Traditional assessment of assignments relies on lecturer expertise to evaluate student performance and provide targeted feedback. However, recent advancements in artificial intelligence (AI) have raised questions about the feasibility of AI-based assessment tools as a complement or alternative to human evaluation. This study explores the extent to which ChatGPT-4o, a multimodal language model, can perform the assessment (grading and evaluation/feedback) of essays when measured against the principles of quality assessment.

The rationale for this research stems from the growing need to understand the capabilities and limitations of AI in educational assessment. Given the increasing workload on lecturers, AI tools could offer a means to streamline assessment processes by providing quick, consistent, and potentially objective evaluations. However, concerns remain regarding AI's ability to assess complex academic writing, particularly in capturing critical analysis, argumentation, and contextual relevance. Ethical considerations, including AI bias, transparency, and the impact on student learning, also play a crucial role in evaluating AI's potential in educational settings.

The primary research question asks whether ChatGPT-4o adheres to the principles of quality assessment when evaluating and grading academic essays. Secondary questions explore key debates surrounding AI-based assessment in higher education, compare AI-generated and lecturer-based assessment results, and examine ethical implications and potential biases in AI evaluation.

The research aims to:

- Determine whether ChatGPT-4o meets quality assessment standards, specifically when assessing academic essays.
- Explore key debates about the use of large language models as an AI-based assessment tool in the higher education context.
- Compare the assessment results of ChatGPT-4o and a human lecturer.
- Identify ethical concerns and biases associated with AI-based assessment tools.

This study employs a mixed-methods research design, integrating quantitative and qualitative analyses. The sample consists of 18 academic essays from second-year education students at a private higher education institution in Gauteng, South Africa. The assessment process utilises an analytical rubric covering five key criteria: (1) identification and discussion of appropriate texts, (2) use of relevant examples and evidence, (3) critical analysis, (4) language and structure, and (5) technical refinement. The lecturer and ChatGPT-4o independently assessed the essays using this rubric. While the lecturer provided context-specific feedback, ChatGPT-4o was given a zero-shot prompt including the assignment instructions, the rubric and the essays without additional training or contextual input. Mainly to determine what type of output ChatGPT-4o will yield with the minimum amount of input.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Results reveal a significant discrepancy between the grade assigned by the lecturer and those by ChatGPT-4o. The AI model consistently awards higher grades, with a mean difference of 14,93% in total grades. The lecturer's grading demonstrates greater variability, indicating differentiation between strong and weak essays, whereas ChatGPT-4o's grading remains relatively uniform. A t-test confirms that the result differences are statistically significant ($p < 0,05$). A Pearson correlation analysis indicates only a weak positive correlation between the two assessors, further demonstrating a lack of alignment in evaluation standards.

In terms of feedback, both ChatGPT-4o and the lecturer provide comments on key aspects of the essays. However, the lecturer offers more precise, context-driven critiques, identifying structural weaknesses, gaps in argumentation, and issues with language proficiency. In contrast, ChatGPT-4o's feedback is more generic and lenient, often failing to penalise essays with inadequate argumentation or incorrect referencing. Additionally, the AI model does not fully recognise the contextual appropriateness of selected texts, which is a crucial aspect of the assignment.

These findings highlight several challenges in AI-based assessment. First, ChatGPT-4o lacks contextual awareness and struggles to apply academic standards effectively. While it recognises basic linguistic and structural elements, it fails to assess argument complexity and the depth of critical analysis. Second, its feedback, though detailed, is largely generic and does not provide the personalised guidance necessary for academic development. Third, the AI's lenient grading suggests a risk of grade inflation if used without human oversight. Moreover, ethical concerns arise regarding the transparency and reliability of AI assessment tools, particularly in ensuring fairness and addressing potential biases.

Despite these limitations, ChatGPT-4o offers potential advantages. Its ability to provide instant feedback can support students' learning processes by offering preliminary insights into their writing. However, it should be seen as a supplementary tool rather than a replacement for human assessment. The study underscores the importance of maintaining human oversight to ensure fairness, accuracy, and adherence to academic standards.

Several limitations must be acknowledged. The sample size of 18 essays is relatively small, limiting the generalisability of the findings. Additionally, the study focuses exclusively on essay assessments, whereas AI's performance in evaluating other forms of assessment, such as multiple-choice or short answer questions, remains unexplored. Furthermore, ChatGPT-4o was not provided with institution-specific referencing guidelines, which could have influenced its assessment ability. Future research should investigate how AI can be trained with specific criteria to improve its alignment with human grading standards. Moreover, comparative studies involving multiple AI models could offer deeper insights into AI's evolving role in assessment.

The study concludes that while ChatGPT-4o has potential as an assessment aid, it does not yet meet the standards required for independent grading of academic essays. AI lacks the ability to fully capture cultural, contextual, and finer nuances of academic writing. The discrepancies in grading and feedback suggest that AI should be used cautiously in academic assessment, with human moderation remaining essential to maintain fairness and accuracy. Ethical considerations, including transparency, bias, and reliability, must also be addressed before AI can be widely adopted in educational assessment practices. Future research should focus on refining AI assessment methodologies to enhance their reliability and effectiveness within the academic landscape.

Keywords: Afrikaans 2; academic essays; AI-based assessment tool; artificial intelligence (AI); assessment; ChatGPT-4o; quality assessment practices; traditional lecturer-based assessment

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

1. Inleiding

1.1 Agtergrond

Die assessering van studente se opdragte is ’n onlosmaaklike deel van die opvoedkundige proses wat in wese twee rolle vervul: eerstens om terugvoer aan studente te verskaf en tweedens om hul vordering en begrip van die onderwerp te assesseer. Tradisioneel word assessering uitgevoer deur dosente wat hul kundigheid en kennis tydens die proses gebruik. Met die vooruitgang in kunsmatige intelligensie (KI) is daar egter toenemende belangstelling in die ondersoek na die potensiële gebruik van KI binne die onderwyskonteks en spesifiek KI-gebaseerde assesseringshulpmiddels as ’n alternatiewe of aanvullende benadering tot assessering wat deur ’n mens geskied (Li en Jiang 2024).

Die rasionaal vir hierdie studie spruit uit die behoefte om die effektiwiteit en beperkings van KI-gebaseerde assesseringshulpmiddels te verstaan, spesifiek in die konteks van die assessering van opstelle in ’n Afrikaans 2-module vir tweedejaaronderwysstudente by ’n privaat hoëronderwysinstelling in Gauteng. Deur die assessering van ChatGPT-4o,[1] ’n multimodale taalmodel, met dié van ’n gekwalifiseerde dosent te vergelyk, wou ons insig verkry in die haalbaarheid en betroubaarheid van die gebruik van KI as assesseringshulpmiddel in die onderrigsituasie.

Een van die belangrikste motiverings vir die ondersoek van KI-gebaseerde assessering is die potensiaal vir verhoogde doeltreffendheid en effektiwiteit. KI kan ’n groot hoeveelheid opstelle in ’n relatiewe kort tyd assesseer, wat moontlik die werkslading op dosente kan verlig en tydige terugvoer aan studente moontlik maak. Boonop kan KI ’n vorm van objektiwiteit tydens die assesseringsproses bied wat moontlike vooroordele wat uit menslike assessors kan voortspruit, beperk. Dit is egter noodsaaklik om te ondersoek of KI die komplekse nuanses van studente se skryfwerk voldoende kan assesseer.

’n Verdere rasionaal vir hierdie studie lê in die behoefte om die etiese implikasies en oorwegings wat verband hou met die gebruik van KI in die onderwys te verstaan. Etiese kwessies soos vooroordeel in KI-stelsels, deursigtigheid in assesseringshulpmiddels en die potensiële invloed op studente se akademiese en professionele geleenthede moet noukeurig ondersoek word. Deur hierdie etiese oorwegings te ondersoek, poog die studie om tot die deurlopende bespreking oor verantwoordelike en etiese integrasie van KI in opvoedkundige praktyke by te dra (Alier, García-Peñalvo en Camba 2024; Li en Jiang 2024; Salinas-Navarro, Vilalta-Perdomo, Michel-Villarreal en Montesinos 2024).

Die bevindinge van hierdie studie het praktiese gevolge vir dosente, beleidmakers en kurrikulumontwikkelaars bestudeer. As groottaalmodelle, of in hierdie geval multimodale taalmodelle soos ChatGPT-4o, akkuraat en betroubaar in die assessering van studente se opstelle is, kan dit gebruik word om menslike assessering aan te vul of te verbeter, wat meer doeltreffende assesseringsprosesse bied. Aan die ander kant, as beperkings en uitdagings geïdentifiseer word, sal dié studie dosente inlig oor die belangrikheid van die handhawing van menslike kundigheid en oordeel in die assesseringsproses, terwyl KI as ’n ondersteunende hulpmiddel gebruik word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

1.2 Navorsingsvraag

1.2.1 Primêre navorsingsvraag

In watter mate voldoen ChatGPT-4o as ’n KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel aan die beginsels van hoëgehalteassesseringspraktyke ten opsigte van akademiese opstelle?

1.2.2 Sekondêre navorsingsvrae

- Wat is die sleuteldebatte oor die gebruik van groottaalmodelle as KI-gebaseerde assesseringshulpmiddels in die hoëronderwyskonteks?
- Hoe vergelyk die assesseringsresultate van akademiese opstelle tussen ChatGPT-4o met ’n dosent s’n?
- Wat is die etiese oorwegings en moontlike vooroordele wat met die gebruik van ’n KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel vir die assessering van akademiese opstelle verband hou?

1.3 Navorsingsdoelwitte

1.3.1 Primêre navorsingsdoelwit

Om te ondersoek of ChatGPT-4o as ’n KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel aan die beginsels van gehalteassesseringspraktyke ten opsigte van akademiese opstelle voldoen.

1.3.2 Sekondêre navorsingsdoelwitte

- Om sleuteldebatte oor die gebruik van groottaalmodelle as KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel in die hoëronderwyskonteks te ondersoek.
- Om die assesseringsresultate van akademiese opstelle tussen ChatGPT-4o en die gekwalifiseerde dosent te vergelyk.
- Om die etiese oorwegings en moontlike vooroordele wat verband hou met die gebruik van ’n KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel vir die assessering van akademiese opstelle te ondersoek.

2. Teoretiese begronding

2.1 Verduideliking van die begrip assessering

Verskeie opvoedkundige rolspelers verduidelik die begrip *assessering* op uiteenlopende wyses. Hierdie verskillende perspektiewe spruit voort uit die spesifieke kontekste en leerkulture waarin die rolspelers werk, wat die gebruik en implementering van assessering beïnvloed (Lombard en Van Tonder 2023). Dit lei daartoe dat die implementering van assessering dikwels óf ’n produkgerigte, óf ’n prosesgerigte benadering aanneem, of ’n kombinasie van albei.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Die produkgerigte benadering fokus op die eindresultate van die leerproses, met klem op die mate waarin studente spesifieke leerdoelwitte behaal (Bester en Le Hanie 2024). Hierdie benadering is waardevol, aangesien dit konkrete doelwitte en standaarde stel wat maklik gemeet en geëvalueer kan word, wat die gehalte van onderrig en die leerverwagtinge van studente verhoog. In teenstelling hiermee, fokus die prosesgeoriënteerde benadering op die leerproses self. Dit beklemtoon dat assessering nie net ’n finale evaluering is nie, maar ook ’n deurlopende proses van konstruktiewe terugvoer en remediërende ondersteuning om leer te verbeter (Bester en Le Hanie 2024). Die ideale benadering is dus ’n vermenging van die produk- en prosesgerigte benaderings, wat die voordele van albei perspektiewe benut.

’n Geïntegreerde benadering tot assessering neem die produk- en prosesgerigte perspektiewe in ag en behels die sistematiese versameling van inligting oor studente se leer (Lambert en Lines 2000:4; Walvoord 2004). Dit maak gebruik van beskikbare tyd, kennis, kundigheid en hulpbronne om ingeligte besluite te neem oor hoe leer verbeter kan word (Lambert en Lines 2000:4; Walvoord 2004).

In aansluiting hierby beklemtoon Booyse (2024) die belangrikheid van konstruktiewe terugvoer in die assesseringsproses deur na assessering as ’n *gesprek* te verwys, wat die interaktiewe aard daarvan belig. Lombard en Van Tonder (2023) stel voor dat hierdie gesprekvoering tussen sleutelrolspelers, soos die onderwyser/dosent, student, ouers en skoolbestuurspanne, aan die einde van ’n akademiese tydperk (byvoorbeeld semester, kwartaal of jaar) moet plaasvind. Booyse (2024) verskil egter van hierdie standpunt en voer aan dat die assesseringsgesprek deurlopend tydens die onderrig- en leerproses moet plaasvind om aktiewe leer te bevorder. Die term *assessering* is afgelei van die Latynse werkwoord *assidere*, wat beteken om saam met of langs die student te sit tydens die onderrig- en leerproses (Lombard en Van Tonder 2023; Booyse 2024). Dit impliseer die interaktiewe en deurlopende aard van assessering en beklemtoon die belangrikheid van samewerking tussen sleutelrolspelers. Volgens Lombard en Van Tonder (2023) behoort ’n geskikte en omvattende beskrywing van assessering voorsiening te maak vir a) ’n balans tussen ’n produk- én prosesgerigte benadering, b) die betrokkenheid van die onderwyser/dosent én die student, aangesien assessering albei partye moet bevoordeel, en c) dat die uitkomste van assessering altyd op leer gerig moet wees. Hierdie artikel poog om assessering binne hierdie omvattende kriteria te benader.

2.2 Assesseringsmetodologie

Die integrasie van onderrig, leer en assessering is noodsaaklik om leerdoelwitte suksesvol te bereik. Om hierdie geïntegreerde benadering te verseker, is dit belangrik dat konstruktiewe belyning toegepas word in die keuse van onderrig-, leer- en assesseringstrategieë. Konstruktiewe belyning behels ’n doelgerigte integrasie van leerinhoud, onderrigmetodes en assessering om leerdoelwitte doeltreffend te bereik (Biggs 2003). Verder word konstruktiewe belyning dikwels as die norm waarop gehalteassesseringspraktyke gegrond word beskou (Biggs 2003; Salinas-Navarro e.a. 2024). Daarom behoort die beginsels van gehalteassesseringspraktyke nie slegs betrekking te hê op die assessering van toetsitems nie, maar moet dit ook toegepas word in die onderrig- en leerproses as geheel (sien tabel 1 hier onder vir meer inligting hieroor).

Ten einde hierdie konstruktiewe belyning te verwesenlik en onderrig-, leer- en assesseringspraktyke van gehalte te verseker, stel Lombard en Van Tonder (2023) bepaalde vrae voor wat dosente hulleself kan afvra:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

- Wat moet studente aan die einde van ’n leerervaring kan demonstreer?
- Watter onderrig- en leeraktiwiteite is die geskikste om leerder-/studentebetrokkenheid te bevorder sodat die leerdoelwitte en assesseringskriteria suksesvol bereik kan word?
- Hoe sal die suksesvolle bereiking van hierdie leerdoelwitte en assesseringskriteria geëvalueer word?

Die antwoorde op hierdie vrae sal bepaal word deur die spesifieke onderrig- en leerkonteks, die aard van die module wat aangebied word, sowel as studente se sosioëkonomiese agtergrond en veelvuldige leerbehoeftes. Dit is belangrik om kennis te dra van verskillende onderrig-strategieë, -metodes en -tegnieke wat in ’n leerervaring gevolg kan word om effektiewe leer te verseker.

Volgens Killen en Hattingh (2022) kan onderrigstrategieë soos direkte onderrig, besprekings, kleingroepwerk, samewerkende leer, probleemoplossing, ondersoek en rolspel toegepas word. Onderrigmetodes sluit hierdie strategieë in, maar kan ook metodes soos vertel-, demonstrasie-, projek-, vrae- en die legkaartmetode omvat (Killen en Hattingh 2022). Onderrigtegnieke, daarenteen, behels tegnieke soos die vraag-, motiverings-, dril-, demonstrasie-, illustrasie-, storievertel- en ondersteuningstegniek.

Aangesien hierdie artikel meer op assessering as onderrig- en leerpraktyke fokus, sal daar vervolgens in meer besonderhede gekyk word na die verskillende assesseringsmetodologieë wat dosente in hul leerervarings kan implementeer om konstruktiewe belyning te verseker, wat bydra tot die verwesenliking van gehalteonderrig en effektiewe leer. Assesseringsmetodologie word as ’n oorkoepelende term beskou en beskryf hoe assessering uitgevoer gaan word (Lombard en Van Tonder 2023). Assesseringsmetodologie veronderstel assesserings-benaderings, -metodes, -instrumente en -hulpmiddels.

Assesseringsbenaderings kan op twee maniere geskied, naamlik formeel of informeel. Formele assessering behels dat punte vir prestasie- en bevorderingsdoeleindes aangeteken word, terwyl informele assessering dikwels nie punte behels nie (Lombard en Van Tonder 2023). Indien informele assessering wel punte behels, word hierdie punte nie vir formele doeleindes soos prestasie en bevordering aangeteken nie (Bester en Le Hanie 2024). Informele assessering word dikwels gebruik om voorkennis te toets en om leerders/studente se deurlopende vordering te monitor met die doel om steierwerk[2] (“scaffolding”) te bied (Bester en Le Hanie 2024).

Die assesseringsmetode verwys na die formaat waarin die assessering sal plaasvind, byvoor-beeld waarneming, skriftelike of mondelinge vraagstelling, verslagdoening en produk-evaluering (Lombard en Van Tonder 2023). Verder is die assesseringstaak of -instrument die spesifieke vorm wat die assesseringsmetode aanneem, soos rolspel, skriftelike opdragte, demonstrasies, gevallestudies, projekte en opstelle (Lombard en Van Tonder 2023). Boonop sluit assesseringshulpmiddels onder andere merkskemas, memorandums, nasienrubrieke, kontrolelyste en graderingskale in, wat gebruik word om ’n taak te assesseer (Lombard en Van Tonder 2023).

2.3 Beginsels vir gehalteassesseringspraktyke

Gehalteassesseringspraktyke staan sentraal in die assesseringsproses. Om die betroubaarheid van assesseringsgeleenthede en -resultate te verseker, is dit nodig dat daar aan bepaalde beginsels of gehaltekriteria voldoen moet word. Lombard en Van Tonder (2023) bied ’n oorsig van gekose

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Suid-Afrikaanse bronne wat ’n groot verskeidenheid beginsels vir gehalteassesseringspraktyke uitbeeld. Hierdie beginsels veronderstel onder andere: betroubaarheid (ook bekend as konsekwentheid), geldigheid, integriteit, regverdigheid (ook bekend as geregtigheid), deursigtigheid, onderskeidingsvermoë, balans, sensitiwiteit vir taal, geloofwaardigheid in die vorm van ondersteunende administratiewe prosedures, sinvolheid, outentisiteit, kognitiewe kompleksiteit, balans, lewensvatbaarheid, veralgemeenbaarheid en oordraagbaarheid (Lombard en Van Tonder 2023). Alhoewel daar verskeie beginsels vir gehalteassesseringspraktyke bestaan, word *betroubaarheid*, *geldigheid* en *regverdigheid* as die drie hoofbeginsels vir gehalteassesseringspraktyke gekenmerk (Lombard en Van Tonder 2023).

Betroubaarheid vereis dat daar duidelike bewyse van konsekwentheid in die interpretasie van assesseringsresultate is. ’n Assesseringsopdrag kan slegs as betroubaar beskou word wanneer verskillende assessors, op verskillende tye, tot dieselfde resultaat kom (Lundie 2010; Lombard en Van Tonder 2023). In teenstelling hiermee, is geldigheid gefokus op die toepaslikheid, bruikbaarheid en betekenisvolheid van die afleidings wat uit die assesseringsresultate gemaak word. Hierdie afleidings is slegs geldig indien die assesseringstaak werklik gemeet het wat dit bedoel was om te meet (Lombard en Van Tonder 2023; Le Grange en Beets 2005; Lundie 2010). Le Grange en Beets (2005) beklemtoon dat geldigheid een van die belangrikste beginsels is om assesseringspraktyke as *goed* te klassifiseer. Regverdigheid, aan die ander kant, verwys na die noodsaak dat assessering redelik, onbevooroordeeld moet wees. ’n Regverdige assessering bied gelyke geleenthede vir alle studente om die leerdoelwitte te demonstreer (Lundie 2010; Lombard en Van Tonder 2023).

Die onderstaande tabel illustreer bepaalde beoordelingskriteria waaraan die beginsels van betroubaarheid, geldigheid en regverdigheid gemeet kan word.

Tabel 1. Assesseringsfases en beginsels van gehalteassesseringspraktyke

Assesseringsfase	Betroubaarheid	Geldigheid	Regverdigheid
Pre-assesserings-fase	Aantal toetsitems: Die aantal items in ’n toets kan die betroubaarheid daarvan beïnvloed. Toetse met min items kan minder betroubaar wees.	Toepaslikheid van toetsitems: Die inhoud van die toetsitem moet toepaslik, duidelik en meetbaar wees in terme van die leerdoelwitte en assesseringskriteria wat bereik moet word.	Oop en deursigtige assessering: Die assesseringsproses moet duidelik en deursigtig wees, met goed gedefinieerde kriteria wat objektief toegepas word.
	Uitskakeling van raaiwerk: Raaiwerk moet vermy word. Waar-of-onwaar-vrae sonder verduidelikings is onbetroubaar. Geslote toetsitems voorsien nie die assessor van die nodige inligting om te bepaal of aktiewe leer[3] plaasgevind het nie.	Verteenwoordiging van leerinhoud: Die inhoud van die toets-item moet voldoende verteenwoordigend wees van die inhoud wat studente geleer het. Byvoorbeeld: Geen manipulering van die kurrikulum word gedoen sodat assessering makliker	Uitskakeling van diskriminasie: Diskriminasie, gebaseer op faktore soos geslag, moet tydens die samestelling van die toetsitem vermy word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Assesseringsfase	Betroubaarheid	Geldigheid	Regverdigheid
		kan geskied nie, geen persoonlike vertolkings oor die aard van ’n vak en geen verskuilde agendas word bevorder nie.	
	Duidelike instruksies: Instruksies vir toetsitems moet duidelik en verstaanbaar vir die beoogde teikengroep wees.	Kundigheid van die assessor: Assessors moet kundig in die betrokke vakgebied wees om geldigheid in die saamstel en assessering van die toetsitems te verseker.	Alternatiewe en diverse assesseringsgeleenthede: ’n Reeks alternatiewe assesseringsgeleenthede (projekte, rolspel) of verskillende vraagtipes in ’n toetsitem word gebruik om voorsiening vir studente met diverse leerbehoeftes te maak.
	Duidelike nasienriglyne: Duidelike riglyne moet verskaf word wat die interpretasie van studente se antwoorde in ag neem. Byvoorbeeld: Opsteltoetsitems kan meer subjektief van aard wees, en daarom is duidelike en volledige nasienriglyne nodig om konsekwentheid in die assessering daarvan te verseker.	Geskikte moeilikheidsgraad: Die moeilikheidsgraad van die toetsitems moet op die geskikte NKR-vlak vir die bepaalde jaargroep wees.	Pre-moderering: Toetsitems moet pre-moderering ondergaan om onregverdigheid of vooroordeel te voorkom.
Assesseringsfase	Leeromgewing vir die aflê van assesseringsgeleenthede: Die leeromgewing waarin die toets afgelê word, moet gunstig en bevorderlik wees vir assessering om effektief en sonder steurnisse plaas te vind.	Nakoming van assesseringsreëls: Toesighouers of programmatuur moet die studente monitor tydens die aflê van die toetsitems om enige onreëlmatighede te voorkom.	Leerondersteuning tydens die aflê van die toetsitem: Daar moet voorsiening gemaak word vir die diverse leerbehoeftes van studente tydens die aflê van ’n toetsitem. Byvoorbeeld: ’n Leerder wat weens ’n leerhindernis sukkel om binne die bepaalde tydsraamwerk te skryf, kan 15 minute ekstra tyd per uur ontvang om sy of haar assessering te voltooi.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Assesseringsfase	Betroubaarheid	Geldigheid	Regverdigheid
Post-assesseringsfase	Konsekwente merkproses: Om konsekwentheid in die merkproses te bevorder, kan die assessor toetsitems per vraag of afdeling nasien. Byvoorbeeld: Alle antwoorde van vraag 1 moet eers gemerk word voordat na vraag 2 oorgegaan word.	Toepaslike assesseringshulpmiddels: Die gebruik van toepaslike hulpmiddels soos rubrieke, memoranda of merkskemas is noodsaaklik om geldige assesseringsresultate te verseker.	Blindelingse nasien: Assessors moet, waar moontlik, 'n blindelingse assesseringsproses toepas om vooroordeel te verminder.
	Dubbele of meervoudige nasien kan 'n waardevolle metode wees vir die ontwikkeling van betroubare assesseringshulpmiddels.		Post-moderering: Toetsitems moet post-moderering ondergaan om onregverdigheid te voorkom en by te dra tot betroubaarheid en geldigheid.
			Evaluering van toetsitems se resultate: Die evaluering moet gebaseer wees op kwantitatiewe (punte, persentasies) en kwalitatiewe (vlakbeskrywers, kriteria) maatstawwe, insluitend kontekstuele faktore.

(Saamgestel uit Le Grange en Beets 2005; Lundie 2010; Killen 2018; Lombard en Van Tonder 2023)

Dit is duidelik uit die bostaande tabel dat die beginsels van betroubaarheid, geldigheid en regverdigheid mekaar komplementeer en verweef is om 'n toetsitem en die resultate daarvan as 'n gehalteassesseringsgeleentheid te klassifiseer.

2.4 Geoutomatiseerde assessering

Kunsmatige intelligensie (KI) het nie net die gesondheidsorg-, tegnologie- en besigheidsbedrywe beïnvloed nie, maar ook die onderwyssektor (Li en Jiang 2024). Dit het die manier waarop ons onderrig, leer en assesseer drasties verander (Li en Jiang 2024). Li en Jiang (2024) sowel as Salinas-Navarro e.a. (2024) verskaf verskeie voorbeelde van hoe KI die onderwyssektor verander het.

Een van die belangrikste veranderinge is die ontwikkeling van aanpasbare leerstelsels, wat persoonlike leerpaaie en inhoud kan verskaf op grond van studente se vordering en kenmerke (Salinas-Navarro e.a. 2024). Hierdie stelsels stel studente in staat om op 'n meer effektiewe

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

manier te leer. Hierdie aanpasbare leerstelsels kan ook onmiddellike terugvoer en leiding bied, wat die leerdoeltreffendheid en uitkomste van studente verbeter (Salinas-Navarro e.a. 2024). Boonop kan onderwysdataontledingsinstrumente onderwysadministrateurs help om die gehalte van onderrig en studenteontwikkeling akkuraat te evalueer (Salinas-Navarro e.a. 2024). Dit kan tot meer ingeligte onderrigbesluite lei (Salinas-Navarro e.a. 2024).

Daarbenewens kan KI gebruik word om vinnige en professionele PowerPoint-aanbiedings te skep, wat 'n nuttige hulpmiddel vir dosente tydens lesings bied. Verder kan KI dosente ondersteun in die samestelling van assesseringshulpmiddels, soos rubrieke, mits die nodige riglyne of aanwysings vir die KI-kletsbot ingevoer word.

Verskeie riglyndokumente is vrylik op die web beskikbaar om hierdie prosesse te vergemaklik. Een so 'n dokument is A Teacher's Guide to ChatGPT and Remote Assessments wat 'n oorsig bied van groottaalmodelle soos ChatGPT-4o en hul potensiaal om effektiewe assesseringspraktyke te ondersteun (Universitäres Institut 2023). Dit bevat algemene oorwegings vir die ontwerp van assesseringstake en idees oor hoe om ChatGPT-4o in hierdie take effektief te integreer. Nog 'n voorbeeld sluit die AI Readiness Playbook in wat deur Oregon State-universiteit saamgestel is. Hierdie boek stel onder andere 'n weergawe van die hersiene Bloom se taksonomie voor wat KI-bevoegdhede insluit.

Ten slotte bied Turnitin verskeie hulpbronne aan dosente, onder andere 'n Guide for approaching AI-generated text in your classroom (Turnitin LLC 2023). Hierdie gids bied aan dosente 11 strategieë om te oorweeg wanneer KI in die klaskamer gebruik word. Verder bied Turnitin aan dosente 'n kontrolelys wat as 'n reflektiewe maatstaf vir die opstel van assesseringstake gebruik kan word (Turnitin LLC 2023). Hierdie kontrolelys sluit betekenisvolle elemente in wat die gehalte en toepaslikheid van assesserings verseker, naamlik:

- Stem die assesseringstaak se instruksies ooreen met jou instelling se akademiese integriteitsbeleid, veral met betrekking tot die gebruik van KI-tekshulpmiddels?
- Kommunikeer die assesseringstaak se instruksies vir die aanvaarbare en onaanvaarbare gebruike van generatiewe KI-instrumente vir die studente se antwoorde?
- Bevorder die opdrag kritiese denke of redenasievermoëns? Moedig die assesseringstake studente aan om hul eie argumente te staaf?
- Vereis die assesseringstaak 'n lys van verifieerbare bronne en/of verwysings?
- Vereis die assesseringstaak dat studente 'n refleksie of verduideliking oor hul benadering tot die opdrag insluit?
- Het jy tyd vir portuurbeoordelings, konferensies en/of besprekings van die assesseringstaak ingeruim?

Die bogenoemde afdeling skets slegs 'n oorsigtelike blik op die verband tussen KI en assessering. Verskeie gepubliseerde studies fokus op die gebruik van KI om assesseringstake op te stel, die integrering van KI in assesseringstake en hoe om assesseringstake teen die gebruik van KI deur studente te beskerm. Daar is egter tans min studies, spesifiek binne die onderwyskonteks, oor hoe KI gebruik kan word om assesseringstake te assesseer en of dit aan die beginsels van gehalteassesseringspraktyke sal voldoen.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

3. Literatuurstudie

3.1 Die assessering van opstelle

Die akademiese opstel as ’n assesseringsinstrument word dikwels gebruik om ’n student se kennis en vaardighede te assesseer. Die assessering van ’n akademiese opstel geskied dikwels deur middel van ’n rubriek wat óf holisties óf analities van aard is. Volgens Seßler, Fürstenberg, Bühler en Kasneci (2024) lê die onderskeid in die aard van die beoordelingsproses. ’n Holistiese benadering steun op implisiete kriteria, wat beteken dat die assessering gebaseer is op ’n algemene indruk van die opstel se gehalte, sonder dat spesifieke aspekte soos struktuur, argumentasie of taalgebruik afsonderlik geëvalueer word. Hierdie kriteria is dikwels moeilik om eksplisiet te formuleer en berus grotendeels op die beoordelaar se intuïsie en professionele oordeel. In teenstelling hiermee word ’n analitiese benadering deur eksplisiete kriteria gerig, wat duidelik geformuleerde en gestruktureerde riglyne insluit. Hierdie kriteria word gewoonlik in ’n rubriek uiteengesit en laat toe dat verskillende komponente van die opstel, soos inhoud, struktuur en taalgebruik, afsonderlik geëvalueer en bepunt word.

Volgens navorsing is daar geen noemenswaardige verskille in die uiteindelike beoordelingsuitkomste van hierdie twee benaderings nie, maar die analitiese benadering lei dikwels tot minder beoordelingsfoute as gevolg van die duidelikheid en konsekwentheid van eksplisiete kriteria (Seßler e.a. 2024). Vir die doel van die opstelle wat deel van hierdie navorsing vorm, is ’n analitiese rubriek gebruik om studente se akademiese opstelle te assesseer.

3.2 Tradisionele dosentgebaseerde assessering

Die evaluering van studente se opstelle is ’n tydsame proses dog is dit van kernbelang veral in vakke of modules waar dit deel van studente se formele assessering vorm om uiteindelik te kan bepaal of hulle die uitkomste van die module bereik het. Seßler e.a. (2024) gebruik die voorbeeld waarin opstelle in die vak Duits geassesseer moet word en toon aan dat ’n groot hoeveelheid tyd afgestaan moet word aan die merk van studente se skryfwerk. Dit sluit in voorbereiding, opvolglesse en proeflees (insluitende terugvoer wat verskaf moet word) en die uiteindelike merk van die tekste. Dit is nie anders in die Suid-Afrikaanse konteks waar die tersaaklike module Afrikaans 2 onderrig word nie.

Verskeie aspekte kan inspeel op die suksesvolle assessering van opstelle wanneer dosentgebaseerde assessering oorweeg word. Brown (2009) toon aan dat assessors se houdings, oortuigings, ingesteldhede, energievlakke, kundigheid en mag tot die puntetoekenning (meting) van ’n opstel kan bydra. Om ’n rubriek te gebruik waarin die kriteria eksplisiet uiteengesit word, is oor die algemeen meer konsekwent vir die merk van ’n opstel en kan die impak van die faktore wat nie nou verband hou met die konstruk wat gemeet word nie, verminder (Brown 2009). Verder beveel Brown (2009) ook aan dat twee merkers per opstel die betroubaarheid van die meting verhoog. In ’n kapasiteitsbeperkte konteks berus die bepaling van studente se nakoming van assesseringsvereistes op die dosent se begrip van die onderrigkonteks en gehalteassesseringsbeginsels. Brown (2009) toon aan dat, wanneer die nodige kapasiteit ontbreek, ander vorme van assessering oorweeg moet word of geoutomatiseerde opstelgradering gebruik moet word. Die laasgenoemde vorm van gradering hou egter ook uitdagings in.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

3.3 Die gebruik van groottaalmodelle vir assessering

Geoutomatiseerde opstelgradering word reeds vanaf 1966 ontwikkel, maar volgens Seßler e.a. (2024) blyk dit of die meeste van hierdie geoutomatiseerde modelle grotendeels op taal eerder as inhoud fokus en plaas dit nie genoeg klem op hoe die teks as ’n eenheid bymekaar gevoeg is nie. Voorts steun ’n groot deel van hierdie graderingshulpmiddels op statistiese eienskappe om eindelik een holistiese finale punt toe te ken. Die data hiervoor is ook meestal op Engels gebaseer.

Die koms van groottaalmodelle het ander moontlikhede vir geoutomatiseerde opstelgradering beskikbaar gestel. Verskeie studies toon reeds belowende resultate tydens die assessering van opstelle deur van GPT-modelle gebruik te maak, maar daar is steeds beperkings. Byvoorbeeld: Die resultate van die uitset van die GPT-modelle blyk te verbeter wanneer riglyngedrewe-aansporingsboodskappe soos “few-shot learning”- en “chain-of-thought”- (CoT) aansporings-boodskappe gebruik word. Die resultate is ook minder akkuraat met geen uitgebreide konteks-spesifieke aansporingsboodskappe nie (beter bekend as “zero shot”-aansporingsboodskappe). Voorts is die meeste studies wat beskikbaar is slegs op Engelse opsteldata gebaseer. Dit verskaf meestal holistiese finale punte of gebruik ’n beperkte hoeveelheid kunsmatige kriteria as deel van die studie (Seßler e.a. 2024).

Seßler e.a. (2024) het in hul studie bevind dat verskeie groottaalmodelle nog nie gereed is om opstelle outomaties te assesseer nie. Dié studie toon aan dat groottaalmodelle soos GPT-4 en o1, ten spyte van ’n hoë mate van belyning met menslike graderings betreffende taalverwante kriteria, geneig is om hoër algehele punte toe te ken. Hul studie beklemtoon dus dat daar met omsigtigheid met groottaalmodelle omgegaan moet word en bepaalde aansporingsboodskappe-strategieë geïmplementeer moet word om die akkuraatheid van die opstelassessering te verhoog. Oopbronmodelle soos LLaMA 3 en Mixtral toon swak resultate en dui daarop dat dit nog nie gereed is vir die gebruik binne ’n opvoedkundige konteks nie mits daar beduidende verbeteringe in die konsekwentheid en belyning met menslike standaarde aangebring word (Seßler e.a. 2024).

Vir die doel van hierdie navorsing is geen uitgebreide kontekssspesifieke aansporings-boodskappe (“zero shot”-aansporingsboodskappe) gebruik, juis om te bepaal hoe ChatGPT-4o vaar tydens die assessering van opstelle sonder dat dit vooraf “opgelei” is om ’n bepaalde taak te verrig. Later in hierdie artikel sal daar wel verwys word na opvolgende riglyngedrewe-aansporingsboodskappe wat deel vorm van denkrigtingaansporingsboodskappe (beter bekend as *CoT*-aansporingsboodskappe) aangesien daar steeds nie enige voorbeelde of opleidingsdata aan ChatGPT-4o verskaf is nie.

4. Navorsingsmetodologie

4.1 Navorsingsbenadering en -ontwerp

Ons het ’n gemengdemetode-navorsingsontwerp gebruik en sowel die meting (puntetoekenning) as die evaluering (terugvoer) van die tersaaklike opstelle vorm deel van die vergelykende benadering. Beide die gekwalifiseerde dosent en ChatGPT-4o het die opstelle geassesseer om die vergelykende studie uit te kan voer. Meer inligting oor die data-insameling kan in die toepaslike

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

afdeling gevind word. Die gekwalifiseerde dosent het nege jaar ervaring in die hoëronderwyskonteks en beskik oor ’n MA in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap en ’n NGOS-kwalifikasie. Hierdie dosent het voorheen aan internasionale projekte deelgeneem, insluitend projekinisiatiewe wat daarop gemik is om hulpmiddels te ontwikkel wat studente in hul akademiese loopbaan ondersteun en meertaligheid binne die hoëronderwyskonteks bevorder.

4.2 Navorsingspopulasie

Die studiepopulasie was tweedejaar-onderwysstudente wat die Afrikaans 2-module ten tyde van hierdie studie voltooi het.

4.3 Steekproefneming

Ons het ’n niewaarskynlikheid-steekproefneming, spesifiek ’n gerieflikheidsteekproefneming gebruik. Hierdie steekproefnemingsmetode was die geskikste vir hierdie studie, aangesien ons toegang tot die Afrikaans 2-module van tweedejaar-onderwysstudente by ’n privaat hoëronderwysinstelling in Gauteng gehad het.

4.4 Etiese klaring

Etiese oorwegings behoort in die hele navorsingsproses van ’n navorsingstudie oorweeg te word, naamlik die omvang van die navorsing wat uitgevoer word, die konteks waarbinne die navorsing plaasvind, asook die toepaslikheid en betroubaarheid van navorsingsmetodes vir die insameling, ontleding en rapportering van bevindinge.

Hierdie navorsingstudie is eerstens aan die betrokke hoëronderwysinstelling se navorsingskomitee vir etiese goedkeuring en uitvoering van die studie voorgelê. Met goedkeuring van bogenoemde etiese klaring is ingeligte toestemming, in die geval van tweedejaar-onderwysstudente in die Afrikaans 2-module, verkry. Alle data is vertroulik hanteer, en die anonimiteit van die deelnemers is verseker deur die verwydering van persoonlike identifikasie-inligting op die data-dokumente en die toewysing van kodenommers vir die analise en dokumentering van bevindinge.

4.5 Data-insameling

’n Voorafbepaalde analitiese rubriek, ontwerp deur die dosent van die betrokke Afrikaans 2-module, is as basis vir die assessering van die opstelle gebruik. Hierdie analitiese rubriek het dimensies soos *identifisering en bespreking van gepaste tekste*, *gebruik van toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks*, *kritiese analise van die teks*, *taal en struktuur* en *tegniese afronding* met duidelike kriteria en puntetoekenning ingesluit. Sien addendum A vir die opdraginstruksies en rubriek. Let wel dat hierdie rubriek nie gevalideer is nie.

Die data-insamelingsproses het uit drie fases bestaan:

Fase 1

Hierdie fase het die insameling van akademiese opstelle van tweedejaar-onderwysstudente in die Afrikaans 2-module sowel as die ingeligte toestemming van die navorsingspopulasie behels. Diegene wat nie ingestem het om hul opstelle vir hierdie navorsing beskikbaar te stel nie, is verwyder.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Fase 2

Tradisionele dosentgebaseerde assessering: ’n Gekwalifiseerde dosent wat in Afrikaans-onderwys spesialiseer, het die opstelle aan die hand van die voorafbepaalde rubriek geassesseer. Die dosent se toegekende punt en terugvoer is vir ontleding ingesamel.

Fase 3

ChatGPT-4o-gebaseerde assessering: Die gekose opstelle is in ChatGPT-4o ingevoer, en die model het assesseringsterugvoer gegenereer op grond van die voorafbepaalde rubriek wat deel van die aansporingsboodskap gevorm het. Die gegenereerde toegekende punt (meting) en terugvoer (evaluering) van ChatGPT-4o is aangeteken vir ontleding. Die hoofdoel hier was om te bepaal hoe hierdie multimodale taalmodel se assessering as uitset vanuit die staanspoor lyk. Die volgende aansporingsboodskap is aan ChatGPT-4o voorsien:

> Ek wil graag hê dat jy as ’n assessor moet optree vir ’n spesifieke opdrag vir ’n tweede-jaarsmodule vir ’n hoëronderwysinstelling. Die module se naam is Afrikaans 2. Ek gaan vir jou die opdrag se instruksies en rubriek gee aan die hand waarvan die opdragte gemerk moet word. Daarna sal ek die opdragte een vir een oplaai. Verskaf asb. vir elke opdrag ’n punt aan die hand van hierdie rubriek. Maak asb. seker dat daar ’n punt verskaf word vir elke kriteria.

Saam met die bostaande aansporingsboodskap is die opdraginstruksies en rubriek verskaf.

Vir verdere verfyning van die meting van die opstelle deur ChatGPT-4o is ’n tweede en ’n derde riglyngedrewe-aansporingsboodskap verskaf om te bepaal of daar ander metings verskaf word (sien “CoT”-aansporingsboodskap). Die uitsette van hierdie tweede en derde rondte het nie deel van die data-ontleding gevorm nie, aangesien daar geen noemenswaardige verskil was van die eerste uitset wat deur ChatGPT-4o verskaf is nie en dit nie tot ’n produktiewe ontleding sou bydra nie.

4.6 Data-ontleding

Hierdie navorsingstudie het ’n gemengdemetode-benadering gebruik. ’n Statistiese ontleding is voltooi vir die kwantitatiewe data-ontleding, en ’n inhoudsontleding vir die kwalitatiewe data. Dit het ’n stelselmatige proses behels waartydens die akademiese opstelle van tweedejaar-onderwysstudente in ’n Afrikaans 2-module se assessering deur ChatGPT-4o en die dosente vergelyk is ten einde die navorsingsvrae te beantwoord en aan die navorsingsdoelwitte te voldoen. Dit het behels dat beide die meting sowel as die evaluering deur die “assessors” met mekaar vergelyk is. Die evaluering (ook terugvoer) is deur middel van ’n inhoudsontleding gedoen en volgens die kriteria waaraan die opstelle moes voldoen, gekategoriseer. Volgens Engelbrecht (2016) kan die gebruik van inhoudsontleding sleutels ondersoek wat in rou data opgesluit is. Hierdie sleutels is gebaseer op ooreenkomste en verskille in tekste wat bepaalde teorieë bevestig of uitlig al dan nie. Hierdie data-ontledingsproses was induktief van aard, aangesien tekstuele data ontleed is om bevindinge en gevolgtrekkings te maak.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

5. Bevindinge

Die 18 opstelle is deur middel van ’n analitiese rubriek wat uit vyf kriteria bestaan het, bepunt. Vir die doel van die kwantitatiewe ontleding tussen die resultate word die volgende beskrywende statistiese data verskaf. Die assessering van die dosent en ChatGPT-4o is in aanmerking geneem. Let wel dat slegs die eerste uitset van ChatGPT-4o vir die doel van hierdie studie gebruik is. Alhoewel “CoT”-aansporingsboodskappe vir verdere uitsette aan ChatGPT-4o verskaf is, het die uiteindelike meting van die opstelle nie genoegsaam van die eerste uitset verskil om ’n produktiewe vergelyking te tref nie. Die navorsers het daarom besluit om slegs die eerste meting en evaluering van ChatGPT-4o te gebruik.

Tabel 2. Opsomming van beskrywende statistiek van metings deur die dosent en ChatGPT-4o
Klik op die tabel vir ’n groter weergawe.

			Gemiddeld		Maksimum		Minimum		Variasiewydte		Standaardafwyking	
			Dosent	ChatGPT-4o	Dosent	ChatGPT-4o	Dosent	ChatGPT-4o	Dosent	ChatGPT-4o	Dosent	ChatGPT-4o
Kriterium 1	Identifisering en bespreking van gepaste tekste	20 punte	15,28	17,56	19	18	8	15	11	3	3,23	0,86
Kriterium 2	Gebruik van relevante voorbeelde en bewyse uit die teks	20 punte	13,94	16,50	19	17	8	15	11	2	3,42	0,62
Kriterium 3	Kritiese analise van die teks	20 punte	13,06	15,44	20	16	8	14	12	2	3,30	0,70
Kriterium 4	Taal en struktuur	10 punte	5,78	7,83	8	8	2	6	6	2	2,21	0,51
Kriterium 5	Tegniese afronding	10 punte	5,83	8,67	9	9	2	7	7	2	2,41	0,59
Totale punt	**Totale punt**	**80 punte**	53,89	65,83	75	68	33	58	42	10	12,09	2,90

Uit tabel 2 kan daar reeds ’n verskil tussen die punte wat die dosent toegeken het in vergelyking met ChatGPT-4o waargeneem word. Die gemiddelde *totale punt* tussen die dosent en ChatGPT-4o s’n verskil met 11,94 punte, d.w.s. 14,93%. Verder is die hoogste punt (*maksimum*) wat die dosent toegeken het per kriterium telkens effens meer of dieselfde as ChatGPT-4o s’n. Die laagste punt (*minimum*) wat ChatGPT-4o per kriterium toegeken het, is egter aansienlik hoër as die dosent s’n. Dit blyk dus dat ChatGPT-4o nie sommer lae punte sal toeken nie. Daar is ’n veel groter variasiewydte in die puntetoekenning van die dosent teenoor ChatGPT-4o wat ’n aanduiding kan wees dat die dosent ’n onderskeid tref tussen ’n opstel wat aan al die kriteria voldoen en een wat nie daaraan voldoen nie. Vanuit die variasiewydte en standaardafwyking per kriteria blyk dit of ChatGPT-4o deur die bank min of meer dieselfde punte vir die opstelle toegeken het.

Vervolgens is daar ’n t-toets uitgevoer om te bepaal of daar ’n statistiese beduidende verskil tussen die gemiddelde punt van die dosent en ChatGPT-4o s’n is. Die p-waarde per kriterium en die totale punt word hier onder in tabel 3 verskaf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Tabel 3. Resultate van die t-toets

	p-waarde
Kriterium 1	0,00266
Kriterium 2	0,00224
Kriterium 3	0,00230
Kriterium 4	0,00023
Kriterium 5	0,00004
Totale punt	0,00014

Uit die tabel is dit duidelik dat die p-waardes baie klein is (kleiner as ,05) en dus kan daar met 95% sekerheid aangetoon word dat die gemiddelde waardes tussen die twee stelle resultate (die dosent en ChatGPT-4o s'n) nie dieselfde is nie. Indien die gemiddelde waardes statisties gelyk sou wees, wat in hierdie geval nie is nie, sou ChatGPT-4o die merkwerk op dieselfde standaard as die dosent kon voltooi. Daar is egter 'n statistiese beduidende verskil tussen die punte-toekenning van die dosent teenoor ChatGPT-4o. Daarom kan ChatGPT-4o nog nie met gemak gebruik word om opstelle te merk nie en sal dit definitief eers opgelei moet word.

'n Pearson-korrelasie-ontleding is uitgevoer om die sterkte van die liniêre verband tussen die dosent se punte en ChatGPT-4o se punte te bepaal. Die korrelasiekoëffisiënte (r-waardes) vir elk van die kriteria en totale punt word hier onder in tabel 4 verskaf.

Tabel 4. Resultate van die Pearson-korrelasie-ontleding

	r-waarde
Kriterium 1	0,37
Kriterium 2	0,26
Kriterium 3	0,37
Kriterium 4	0,48
Kriterium 5	0,29
Totale punt	0,45

Uit die resultate in tabel 4 hierbo en die spreidingsgrafiek (grafiek 1) hier onder (waar die gemiddelde waarde telkens herlei is na persentasie vir maklike ondersoek van die resultate per kriterium sowel as die totale punt) is daar 'n swak positiewe korrelasie (kleiner as ,6) tussen die punte wat deur die dosent in vergelyking met ChatGPT-4o toegeken is. Indien daar 'n sterker korrelasie tussen die puntetoekenning was, sou 'n duidelike opwaartse lineêre lyn waargeneem kon word. Al merk die dosent byvoorbeeld strenger as ChatGPT-4o, sou ons 'n sterker korrelasie kon verwag indien ChatGPT-4o onderskeid getref het tussen opstelle wat aan die kriteria voldoen en die wat nie doen nie. Let byvoorbeeld op na die korrelasie by *Kriterium 4: Taal en struktuur* waar die dosent 30% en ChatGPT-4o 60% toegeken het. In die geval waar selfs nog 'n swakker punt (20%) deur die dosent toegeken is, het ChatGPT-4o 70% toegeken.

'n Verdere voorbeeld is *Kriterium 5: Tegniese afronding*, waar ChatGPT-4o die meeste van die tyd 90% toegeken het en die dosent vir dieselfde opstelle onderskeidelik 20%, 30%, 40%, 60%, 70%, 80% en 90% gegee het.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9



Grafiek 1. Verband tussen dosent en ChatGPT-4o se meting per kriterium

Ten opsigte van die terugvoer vir die 18 opstelle word die volgende vergelykende tabel verskaf. Die terugvoer word volgens kriterium tematies gesorteer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Tabel 5. Vergelyking van dosent en ChatGPT-4o se terugvoer per kriterium

Kriteria	Dosent se terugvoer	ChatGPT-4o se terugvoer	Ooreenkomste	Verskille
Identifisering en bespreking van gepaste tekste	Gepaste tekste word nie altyd gekies nie; onvoldoende bespreking om die verband duidelik aan te toon.	Tekste is oor die algemeen gepas; verdere analise en kontekstualisering word aan-gemoedig.	Beide evalueer die tekste se gepastheid en verwys na die verband tussen die tekste wat verder bespreek moet word.	Alhoewel ChatGPT-4o aanbevelings in meer besonderhede gee, word teenoorstaande perspektiewe gebied. ChatGPT-4o neem nie in ag of die tekste tot ’n produktiewe bespreking kan lei nie.
Gebruik van toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks	Voorbeelde is dikwels nie gepas nie of onvol-doende vir die argument.	Spesifieke aan-halings en voor-beelde word goed gebruik, maar meer direkte aan-halings sou verdere diepte bied.	Beide wys op die belang-rikheid van toepaslike voorbeelde en aanhalings.	ChatGPT-4o sien die gebruik van voor-beelde as oorwegend voldoende, terwyl die dosent dit as onvol-doende identifiseer.
Kritiese analise van die tekste	Gebrekkige analise, geen duidelike argument of bespreking nie.	Analise is oor die algemeen goed, maar verdere verdieping van temas en mediumspesifieke eienskappe word aanbeveel.	Beide fokus op die behoefte aan verdieping in analise.	ChatGPT-4o sien die analise as oorwegend voldoende, terwyl die dosent dit as ’n groot leemte beskou.
Taal en struktuur	Duidelike struk-tuur ontbreek in die meeste gevalle; swak taalgebruik en sinsbou kan waargeneem word.	Taalgebruik en struktuur is oor die algemeen voldoende, maar daar is ruimte vir verbeterings.	Beide gee aandag aan die kwaliteit van taalgebruik en struktuur.	Die dosent beklem-toon die gebrek aan struktuur en swak taalgebruik, terwyl ChatGPT-4o dit oorwegend as vol-doende beskou.
Tegniese afronding	Verwysings en formatering is nie voldoende nie.	Tegniese afron-ding is oor die algemeen goed, met enkele klein verbeterings nodig.	Beide verwys na tegniese aspekte soos verwysings en formatering.	Die dosent sien die tegniese afronding as onvoldoende, terwyl ChatGPT-4o dit as goed beskou.

Tabel 5 toon die ooreenkomste en verskille tussen die dosent se terugvoer en die terugvoer wat deur ChatGPT-4o gegenereer is. Ten opsigte van ooreenkomste, fokus beide op kernareas van die spesifieke opstel, insluitend die keuse van tekste, gebruik van toepaslike voorbeelde, kritiese analise, taal en struktuur, en tegniese afronding. Albei “assessors” wys op die belang van ’n bespreking om die verband tussen die tekste aan te toon, maar die dosent sal in sommige gevalle die gepastheid van die tekste bevraagteken, terwyl ChatGPT-4o slegs ’n meer uit-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

gebreide bespreking sal voorstel. Byvoorbeeld, indien ’n student nie tekste gekies het wat tot ’n sinvolle en produktiewe bespreking kan lei nie, het die dosent minder punte vir hierdie kriterium toegeken. Die verskil in puntetoekenning van die dosent en ChatGPT-4o weerspieël ook dié uitgangspunt (vergelyk byvoorbeeld die variasiewydte in tabel 2 hierbo). Alhoewel beide “assessors” aantoon dat die gebruik van voorbeelde uit die teks belangrik is, verskaf ChatGPT-4o telkens ’n hoër puntetoekenning en maak slegs ’n aanbeveling dat meer voorbeelde gebruik moet word. Die student word nie gepenaliseer wanneer daar nie genoegsame of gepaste voorbeelde gebruik is nie.

Verdere verskille ten opsigte van die terugvoer kan waargeneem word waar die dosent tekorte duideliker beklemtoon, soos die gebrek aan struktuur en swak taalgebruik. ChatGPT-4o bied nou weer ’n meer positiewe evaluering oor die algemeen met aanbevelings vir verbetering en dit word ook so in die puntetoekenning weerspieël. Verder beskou die dosent die tegniese afronding as problematies, terwyl ChatGPT-4o dit as voldoende evalueer met slegs klein verbeterings wat benodig word. Hierdie verskil kan moontlik toegeskryf word aan die verwagtinge wat aan studente in hierdie verband gestel is, byvoorbeeld die gebruik van ’n bepaalde verwysingsgids, die gebruik van akademiese bronne om die bespreking te ondersteun en formateringsvereistes wat aan die studente verskaf is. ChatGPT-4o is nie voorsien met die verwysingsgids nie en is moontlik ook nie vertroud met die groot hoeveelheid akademiese bronne wat moontlik met so ’n tipe opstel kan verband hou nie.

Hierdie vergelyking dui aan dat die dosent se terugvoer waarskynlik afgestem is op die spesifieke student se opstel, terwyl ChatGPT-4o meer geneig is om terugvoer op ’n breër, meer generiese manier te bied. Dit beklemtoon die waarde van menslike interaksie in onderrig, aangesien dosente meer vertroud is met die konteks van die studente en die kurrikulum, terwyl KI-toepassings soos ChatGPT-4o nuttig kan wees vir addisionele ondersteuning.

6. Bespreking

Vanuit die resultate blyk dit dat ChatGPT-4o dikwels hoër punte as die dosent toeken, spesifiek met betrekking tot kategorieë *taal en struktuur* en *tegniese afrondings*. By die kriteria *identifisering van gepaste tekste*, *gebruik van toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks* en *kritiese analise van die teks* was daar nie ’n wesenlike verskil in die dosent en KI se assesseringsresultate nie. Wanneer die gemiddelde waarde per kriterium van die dosent in ag geneem word, is dit egter minder as ChatGPT-4o s’n. Daar is na die verskil in die totale gemiddelde waarde van al die opstelle tussen die dosent en ChatGPT-4o gekyk om die holistiese beeld van die assesseringsresultate te verkry om vas te stel of gehalteassessering plaasgevind het. Die hoër punte in die kategorieë *taal en struktuur* en *tegniese afronding* kan moontlik toegeskryf word aan ’n gebrek aan duidelike voorskrifte aan ChatGPT-4o wat goeie taalgebruik en verwagte tegniese afrondings vir hierdie opdrag sou definieer. Die dosent kon regverdigheid van assessering verseker deur aan studente duidelike verwagtinge te stel teenoor ChatGPT-4o wat nie hiervan kennis gedra het nie. ChatGPT-4o neem nie kontekstuele faktore in ag nie en gevolglik kan die regverdigheid van ChatGPT-4o se assessering nie verseker word nie. ’n Positiewe punt, aan die ander kant, is dat ChatGPT-4o blindelingse assessering toepas wat die menslike element van vooroordeel en emosie by die assessering van bepaalde studente se opdragte kan uitskakel en regverdigheid verhoog.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Verder kon ChatGPT-4o deur middel van kwalitatiewe terugvoer leemtes aantoon, maar dit blyk of die puntetoekenning nie duidelik daarmee belyn is nie. Dit dui daarop dat konstruktiewe belyning tussen die gepoogde leerdoelwitte, pedagogiese strategieë, konteks van leeromgewing, kurrikuluminhoud en die assessering daarvan nie deur ChatGPT-4o verseker kon word nie.

Daar was egter klein verskille in die meting van ChatGPT-4o se pogings wat wel daarop dui dat ChatGPT-4o konsekwente assessering kan toepas. Die vraagstuk is egter of hierdie teken van konsekwente assessering bloot toegeskryf kan word aan algoritmiese reëls wat ChatGPT-4o volg. Die mate waartoe hierdie konsekwentheid as ’n teken van gehalteassessering gesien kan word, behoort dus verder ondersoek te word. Die nadeel hiervan is egter dat ChatGPT-4o nie onderskeid tref tussen ’n opstel wat aan die kriteria voldoen en een wat nie daaraan voldoen nie. Gevolglik kon ChatGPT-4o se assessering nie ten volle aan die beginsels van gehalteassesseringspraktyke voldoen nie.

7. Beperkinge van die studie

Die studie het verskeie beperkinge ingehou wat die resultate en interpretasie daarvan beïnvloed het. Eerstens kon die opdraginstruksies en analitiese rubriek moontlik in meer besonderhede wees om selfs nog duideliker onderskeid tussen goeie en swak opstelle te tref, hetsy beoordeel deur ’n menslike assessor of deur ChatGPT-4o. Tweedens was die steekproef relatief klein, bestaande uit slegs 18 opstelle, wat die veralgemeenbaarheid van die bevindinge beperk het. Derdens was die aard van die opdrag tot ’n opstel beperk, terwyl ander toetsitems soos oop vrae, geslote vrae of paragraafvrae moontlik tot ander resultate kon lei. Verder kon die gebrek aan riglyngedrewe-aansporingsboodskappe wat vir ChatGPT-4o gebruik is, ’n invloed op die model se uitset gehad het. ’n Voorbeeld hiervan is die betrokke instelling se verwysingsgids en die verwagte tegniese voorskrifte van die opstel wat nie aan ChatGPT-4o verskaf is nie. Dit het moontlik tot die model se vermoë om die tegniese afronding akkuraat te evalueer, beïnvloed. Laastens kon die spesifieke konteks van die module en die tipe assessering ook ’n rol speel, aangesien ander vakke of akademiese dissiplines moontlik verskillende resultate sou kon toon.

8. Toekomstige navorsingsvooruitsigte

In hierdie studie is die assesseringspoging van ChatGPT-4o met die dosent vergelyk. Die dosent kon die gemerkte antwoordstelle in ChatGPT-4o ingevoer het en ChatGPT-4o versoek het om dieselfde merkstyl te volg en die opstelle dienooreenkomstig te assesseer. Dit sou as ’n verdere assesseringspoging kon dien om te bepaal of ChatGPT-4o se uitsette en metings beduidend van die ander pogings verskil. Ook in watter mate die resultate van ChatGPT-4o van die dosent s’n afwyk, met die doel om die betroubaarheid van die assessering vas te stel. Betroubaarheid word bereik wanneer verskillende assessors dieselfde opdrag met dieselfde nasienriglyn op verskillende tye assesseer en dieselfde resultate verkry. Om die geldigheid van die assessering verder te bepaal, kan die opstelle, gemerk deur die dosent sowel as deur KI, in die toekoms deur ’n moderator gemodereer word. Dié resultate kan by die vergelyking ingesluit word om te bepaal of gehalteassessering plaasgevind het deur beide die dosent en KI. Hierdie studie het doelbewus geen uitgebreide kontekspesifieke aansporingsboodskappe (“zero shot”-

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

aansporingsboodskappe) -benadering gevolg om die model se onafhanklike assesseringsvermoë te ondersoek. Die insluiting van spesifieke merkstyle of riglyne sou ’n ander dimensie tot die studie gevoeg het, wat in toekomstige navorsing verder ondersoek kan word.

9. Gevolgtrekking

ChatGPT-4o kan nuttig wees as ’n aanvanklike hulpmiddel vir evaluering, maar voldoen nie volledig aan die beginsels van gehalteassessering nie. Die resultate van KI moet steeds deur ’n menslike assessor gekontroleer of gemodereer word om akkuraatheid en volledigheid te verseker. KI is nie in staat om die samehang van die teks, die nodige konteks, kompleksiteit of spesifieke akademiese standaarde ten volle te verstaan nie. Dit impliseer dat KI nie ’n betroubare assesseringshulpmiddel is nie, maar eerder ’n aanvulling tot menslike beoordeling. Met die volgende antwoord erken ChatGPT-4o self dat dit nie ’n betroubare assessor is nie:

Alhoewel ChatGPT-4o nuttig kan wees as ’n hulpmiddel vir aanvanklike evaluering, is dit steeds belangrik dat ’n menslike assessor die opstelle finaal evalueer en volledig assesseer.

Vanuit hierdie antwoord blyk dit duidelik dat ChatGPT-4o ook nie die nodige terminologiese kennis het van die begrippe *assessering*, *meting* en *evaluering* nie. Dit beteken verder dat riglyngedrewe-aansporingsboodskappe wat die terme *assesseer*, *meet* en *evalueer* bevat, moontlik vir ChatGPT-4o ’n ander betekenis inhou en gevolglik tot ’n verskil in resultate lei. Verder het die assesseringsresultate van ChatGPT-4o en die gekwalifiseerde dosent verskil, aangesien KI nie die nodige metakognisie en pedagogiese insig het nie, wat noodsaaklik is om akademiese opstelle volledig en betroubaar binne ’n bepaalde konteks te assesseer.

Etiese oorwegings en potensiële vooroordele in die gebruik van KI-gebaseerde assesseringshulpmiddels vir akademiese opstelle sluit verskeie belangrike aspekte in. Eerstens is daar die risiko dat KI-gebaseerde assesseringshulpmiddels inherente vooroordele in die data waarop die modelle opgelei is, kan weerspieël. Dit kan lei tot onregverdige assesserings of die marginalisering van sekere perspektiewe, veral wanneer die data nie divers of inklusief is nie. Verder kan KI nie altyd die kulturele, kontekstuele en fynere nuanses van akademiese werk verstaan nie, wat ’n beperkte beoordeling tot gevolg kan hê. As gevolg hiervan moet toetsitems steeds deur dosente gemodereer word om seker te maak dat die assesseringsproses aan etiese standaarde voldoen.

Bibliografie

Alier, M., F.C. García-Peñalvo en J.D. Camba. 2024. Generative artificial intelligence in education: from deceptive to disruptive. *International Journal of Interactive Multimedia and Artificial Intelligence*, 8(5):5–14. DOI:10.9781/ijimai.2024.02.011.

Bester, S. en C. le Hanie. 2024. Assessering in kurrikulumstudies: teoretiese grondslae en praktiese toepassings. In Le Hanie en Bester (reds.) 2024.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Biggs, J. 2003. *Teaching for quality learning at university. What the student does*. 2de uitgawe. Buckingham: Society for Research into Higher Education & Open University Press.

Booyse, C. 2024. Assessering as gesprek. Die mediërende reis van assessering vir en as leer. Aanbieding gelewer by die Skoleondersteuningsentrum se WIRTEK-minikongres, 31 Augustus, Centurion.

Brown, G.T.L. 2009. The reliability of essay scores: The necessity of rubrics and moderation. In Meyer, Davidson, Anderson, Fletcher, Johnston en Rees (reds.) 2009.

Du Toit, E.R., L.P. Louw en L. Jacobs (reds.). 2023. *Help! Ek is 'n studenteonderwyser. Vaardigheidsontwikkeling vir onderwyspraktyk*. Pretoria: Van Schaik.

Engelbrecht, A. 2016. Kwalitatiewe navorsing: data-insameling en -analise. In Joubert, Hartell en Lombard (reds.) 2016.

Joubert, I., C. Hartell en K. Lombard (reds.). 2016. *Navorsing: 'n Gids vir die beginner-navorser*. Pretoria: Van Schaik.

Killen, R. 2018. *Teaching strategies for quality teaching and learning*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Killen, R. en A. Hattingh. 2022. *Teaching strategies for quality teaching and learning*. 3de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Lambert, D. en D. Lines. 2000. *Understanding assessment: Purpose, perceptions, practice*. New York: RoutledgeFalmer.

Le Grange, L. en P. Beets. 2005. (Re)conceptualizing validity in (outcomes-based) assessment. *South African Journal of Education*, 25(2):115–9. https://hdl.handle.net/10520/EJC32029.

Le Hanie, C. en S. Bester (reds.). 2024. *'n Inleidende perspektief op kurrikulumstudies*. Pretoria: Van Schaik.

Le Hanie, C. en J. Pottas. 2025. 'n Kritiese ondersoek na Nearpod se rol in die bevordering van aktiewe leer binne 'n kontakmodel in die hoëronderwyskonteks. *LitNet Akademies*, 22(1):426–52.

Li, X. en Y. Jiang. 2024. Artificial intelligence in education: opportunities, current status and prospects. *Geographical Reseach Bulletin*, 3:146–74. https://doi.org/10.50908/grb.3.0_146.

Lombard, K. en F. van Tonder. 2023. Klaskamerassessering. In Du Toit, Louw en Jacobs (reds.) 2023.

Lundie, S. 2010. Ondersoek na uitkomsgebaseerde assessering in Suid-Afrikaanse skole. MEd-verhandeling, Noordwes-Universiteit.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Meyer, L.H., S. Davidson, H. Anderson, R. Fletcher, P.M. Johnston en M. Rees. (reds.). 2009. *Tertiary assessment and higher education student outcomes: Policy, practice and research*. Wellington: Ako Aotearoa.

Salinas-Navarro, D.E., E. Vilalta-Perdomo, R. Michel-Villarreal en L. Montesinos. 2024. Using generative artificial intelligence tools to explain and enhance experiential learning for authentic assessment. *Education Sciences*, 14(1):83. https://doi.org/10.3390/educsci14010083.

Seßler, K., M. Fürstenberg, B. Bühler en E. Kasneci. 2024. Can AI grade your essays? A comparative analysis of large language models and teacher ratings in multidimensional essay scoring. *Proceedings of 15th International Conference on Learning Analytics and Knowledge (LAK '25)*. ACM, New York, NY, VSA, 11 bladsye. https://arxiv.org/pdf/2411.16337.

Turnitin LLC. 2023. *Guide for approaching AI-generated text in your classroom*. Turnitin.

Universitäres Institut. 2023. *A teacher's guide to ChatGPT and remote assessments*. UniDistance Suisse.

Walvoord, B.E. 2004. *Assessment clear and simple: A practical guide for institutions, departments, and general education*. San Francisco: Jossey-Bass.

Eindnotas

[1] ChatGPT-4o is vir die doel van hierdie studie gekies, aangesien dit volgens OpenAI hul sterkste model ten tyde van die studie was. Dit is ook een van die groottaalmodelle wat Afrikaans as deel van sy aanbod bied.

[2] Steierwerk ("scaffolding") is 'n onderrigtegniek waar gestruktureerde ondersteuning die ontwikkeling van die leerder/student bevorder deur komplekse konsepte in hanteerbare dele op te breek.

[3] Aktiewe leer, gewortel in verskeie leerteorieë, vereis dat studente deur intellektuele ondersoek en metakognisie aktief deelneem aan betekenisvolle leerprosesse waarin hoërordedenke, probleemoplossing en die induktiewe ontdekking van konsepte sentraal staan (Le Hanie en Pottas, 2025).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

Addendum A

Opdraginstruksies

Teksseleksie

a) Kies twee tot drie tekste wat binne die breë definisie van "tekste" val. Dit kan insluit, maar is nie beperk nie tot:

- Geskrewe tekste: artikels, opstelle, gedigte, kortverhale, romans, ens.
- Oudiotekste: podsendings, radio-uitsendings, toesprake, onderhoude, ens.
- Visuele tekste: skilderye, foto's, advertensies, films, video's, ens.

b) Die gekose tekste moet tematies verwant wees of op 'n betekenisvolle wyse met mekaar verband hou. Dit kan bv. 'n soortgelyke onderwerp deel, kontrasterende perspektiewe aanpak of verskillende voorstellings van 'n gemeenskaplike tema uitbeeld.

Inleiding

Gee 'n duidelike en bondige inleiding wat die geselekteerde tekste bekendstel en kortliks die betekenis en toepaslikheid daarvan vir u opstel uiteensit.

Vergelykende analise

a) Ontleed die geselekteerde tekste in hierdie afdeling krities. Oorweeg die volgende aspekte, soos van toepassing:

- Taalgebruik: Bespreek hoe die taal in elke teks gebruik word. Ontleed die styl, toon, diksie en retoriese middels wat deur die skeppers gebruik word.
- Inhoud en temas: Ondersoek die sentrale temas en onderwerp in elke teks. Vergelyk en kontrasteer die idees wat aangebied word.
- Mediumspesifieke elemente (geskrewe, visuele en/of oudio): Ondersoek hoe die medium die algehele boodskap en interpretasie beïnvloed.
- Gehoor en doel: Ondersoek die beoogde gehoor en doel van elke teks. Ontleed hoe dit die inhoud en aanbieding beïnvloed.

b) Gebruik spesifieke voorbeelde en bewyse uit die tekste om jou ontleding te ondersteun. Om toepaslike gedeeltes, reëls of tonele aan te haal, sal jou argument versterk.

Sintese

a) Identifiseer die ooreenkomste en verskille wat uit u analise na vore gekom het.

b) Besin oor die breër gevolge van hierdie bevindings. Kyk hoe die uiteenlopende taalgebruik en medium die kommunikasie van idees en betekenisse beïnvloed.

Gevolgtrekking

a) Som u hoofpunte en insigte uit die vergelykende analise op.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9

b) Sluit u teks af met ’n bondige samevatting wat die waarde van hierdie analise uiteensit.

Weergawes

U moet twee weergawes van u opstel indien. Die eerste weergawe is u rofwerkweergawe waarin u aanvanklike gedagtes en idees oor die onderwerp neerpen. Die tweede weergawe moet ’n hersiene en geredigeerde weergawe van u opstel wees waarin u die terugvoer van u dosent en/of medestudente bygewerk het.

Formaat

- Voorblad
- Inhoudsopgawe
- Inleiding
- Liggaam/teks (Gebruik asb. gepaste opskrifte en subopskrifte.)
- Samevatting
- Bronnelys

Rubriek
Klik op die tabel vir ’n groter weergawe.

BEVOEGDHEIDSVLAK						
	Onvoldoende 1–4	**Beperk 5–8**	**Bevoeg 9–12**	**Voldoende 13–16**	**Volledig 17–20**	**Punt**
Identifisering en bespreking van gepaste tekste	Gepaste tekste is nie geïdentifiseer nie en die verband tussen die tekste word nie aangedui nie.	Tekste is gedeeltelik gepas en die verband tussen die tekste word op ’n beperkte wyse aangedui.	Tekste is gepas en die verband tussen die tekste word aangedui.	Tekste is gepas en die verband tussen die tekste word voldoende aangedui.	Tekste is volledig gepas en die verband tussen die tekste word uitstekend aangedui.	
Gebruik van toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks	Toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks word nie aangebied nie.	Toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks word op ’n beperkte wyse aangebied.	Toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks word aangebied.	Toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks word voldoende aangebied en ondersteun die inhoud van die opdrag.	Toepaslike voorbeelde en bewyse uit die teks word op ’n besondere wyse aangebied en ondersteun die inhoud van die opdrag.	
Kritiese analise van die teks	Daar is geen bewyse van ’n teksanalise nie.	Daar is beperkte bewyse van ’n teksanalise.	Daar is bewyse van ’n teksanalise.	Daar is voldoende bewyse van ’n teksanalise.	Daar is volledige bewyse van ’n teksanalise.	
	Onvoldoende 1–2	**Beperk 3–4**	**Bevoeg 5–6**	**Voldoende 7–8**	**Volledig 9–10**	
Taal en struktuur	Student toon geen insig van Afrikaanse skryfvaardighede nie.	Basiese taalgebruik en grammatikale strukture. Paragrawe is onsamehangend. Swak sinskonstruksie en leestekengebruik.	Voldoende gebruik van grammatikale strukture. Heelwat sinstruktuurfoute sowel as leesteken- en spelfoute. Paragrawe maak steeds sin.	Voldoende korrekte gebruik van grammatikale strukture. Min sinstruktuurfoute sowel as leesteken- en spelfoute. Paragrawe is samehangend.	Volledig korrekte gebruik van grammatikale strukture. Min sinstruktuurfoute sowel as leesteken- en spelfoute. Paragrawe is besonders samehangend.	
Tegniese afronding	Daar is geen bewyse dat die korrekte styl- en verwysingsgids geraadpleeg is nie.	Die korrekte styl- en verwysingsgids is geraadpleeg, maar tegniese afronding is nie voldoende nie.	Die korrekte styl- en verwysingsgids is geraadpleeg, maar foute ten opsigte van tegniese afronding kom steeds voor.	Die korrekte styl- en verwysingsgids is geraadpleeg, en tegniese afronding is voldoende.	Die korrekte styl- en verwysingsgids is geraadpleeg, en tegniese afronding is volledig en korrek.	
						/80

Regte

ISSN 1995-5928

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Die regsgeldigheid van strafbepalings in die COVID-19-regulasies: ’n akademiese ondersoek

Daniël Eloff en Albert Lamey

Daniël Eloff, Fakulteit Regsgeleerdheid, Akademia en
Albert Lamey, Pretoria-balie

Opsomming

Hierdie artikel het ten doel om die regsgeldigheid van die strafbepalings in die COVID-19-regulasies, uitgevaardig deur die minister van samewerkende regering en tradisionele sake ingevolge die Wet op Rampbestuur, te ontleed. Die sentrale navorsingsvraag is of die minister binne haar magte opgetree het om sodanige strafbepalings te skep, en of hierdie bepalings aan die vereistes van redelikheid, rasionaliteit, en proporsionaliteit voldoen soos vereis deur die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (PAJA) en die Suid-Afrikaanse Grondwet.

Die ontleding toon dat die strafbepalings in die COVID-19-regulasies, wat statutêre misdrywe insluit, nie aan die vereistes van redelikheid en proporsionaliteit voldoen het nie. Daar word ook bevind dat die minister se instelling van strafbepalings haar magte en bevoegdhede oorskry het. Verder het die implementering van hierdie regulasies nie die fundamentele regte van burgers voldoende in ag geneem nie, wat tot onregverdige en buitensporige strawwe gelei het. Voorts beklemtoon die artikel die noodsaaklikheid van duidelike en regverdige regulasies tydens toekomstige nasionale ramptoestande, om te verseker dat regeringsoptrede binne die grense van die wet en sy bevoegdhede bly en individue se regte beskerm.

Trefwoorde: administratiefreg; COVID-19-regulasies; oppergesag van die reg; PAJA; proporsionaliteit; rasionaliteit; regmatigheid; regsgeldigheid; strafbepalings; Wet op Rampbestuur

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Abstract

The legality of criminal provisions in the COVID-19 regulations: An academic investigation

The COVID-19 pandemic presented governments worldwide with unprecedented challenges, requiring swift legal and administrative measures to contain the spread of the virus. In South Africa, the Disaster Management Act (DMA) served as the primary legislative framework to introduce and enforce regulations aimed at mitigating the pandemic's impact. Among these regulations were criminal provisions enacted by the Minister of Cooperative Governance and Traditional Affairs (hereafter "the minister"), raising significant legal questions about their validity, reasonableness, and proportionality.

This article investigates the legal validity of the criminal provisions contained in the COVID-19 regulations, assessing whether the minister acted within her powers in enacting such provisions and whether these measures complied with administrative justice principles under the Promotion of Administrative Justice Act (PAJA) and the South African Constitution. Although the COVID-19 pandemic is over and steps have been taken to pardon individuals convicted under these regulations, the inquiry remains crucial for future governance in disaster management scenarios.

The DMA was enacted to provide a comprehensive framework for disaster preparedness, response, and recovery. Section 27 of the DMA empowers the minister to declare a national state of disaster and to issue regulations necessary to address the disaster's effects. However, the power to create criminal offences and impose penalties within delegated legislation remains contentious, particularly when measured against statutory limitations and constitutional principles.

A crucial interpretative distinction exists between section 27(4) and section 59(3) of the DMA. While section 59(3) explicitly authorises the prescription of penalties, including imprisonment, for contraventions of regulations, section 27(4) does not expressly provide for imprisonment, merely stating that penalties may be prescribed. This distinction raises the question of whether the minister had the authority to create statutory offences and impose custodial sentences under regulations enacted pursuant to section 27(2).

Under established legal principles, where legislation is silent on the ability to create criminal offences, courts have generally held that such power cannot be inferred. The doctrine of prohibiting *ultra vires* government action, which prohibits government officials from acting beyond their statutory mandate, is particularly relevant in this analysis. The jurisprudence in *Rex v Magano and Madumo* 1924 TPD 129 and *Rex v De Beer* 1930 TPD 329 underscores the principle that a delegated authority cannot create criminal offences without clear legislative authorisation.

In the wake of the COVID-19 pandemic, South African courts were called upon to assess the constitutionality of various lockdown regulations. In *Esau v Minister of Cooperative Governance* 2021 3 SA 593 (SCA), the court affirmed that regulations issued under the DMA constitute administrative action subject to judicial review under PAJA. This ruling reinforced that such regulations must comply with principles of legality, reasonableness, and proportionality. The principle of legality, a cornerstone of constitutional governance, mandates that state action must be rationally connected to a legitimate governmental purpose and must not exceed the legal limits imposed by enabling legislation. In *Fedsure Life Assurance Ltd v Greater Johannesburg*

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Metropolitan Council 1999 1 SA 374 (CC), the Constitutional Court emphasised that all government actions, including those taken under delegated legislative authority, must be confined to the powers granted by law. The imposition of criminal penalties under the COVID-19 regulations, without explicit statutory authority, raises concerns about compliance with this principle.

Additionally, the COVID-19 regulations introduced criminal offences for conduct such as failure to wear masks, violating curfews, and purchasing alcohol during restricted periods. The broad scope of these offences and the severe penalties attached to them prompted criticism regarding their proportionality. The application of criminal records for these offences exacerbated socio-economic hardships, as individuals faced employment and travel restrictions due to convictions stemming from regulatory infractions rather than inherently criminal conduct.

South Africa is not unique in grappling with the legality of COVID-19-related penalties. In Australia, similar issues arose in cases where the courts scrutinised the validity of fines issued under COVID-19 public health orders. The Australian courts found that penalty notices failed to specify statutory provisions underpinning the alleged offences, rendering them procedurally defective.

Unlike South Africa, where courts focused on the substantive legality of criminal provisions within delegated regulations, Australian jurisprudence primarily examined procedural deficiencies in the issuance of fines. This distinction highlights a fundamental divergence in legal approaches: South African courts have assessed the minister's authority to create offences, whereas Australian courts have concentrated on ensuring that enforcement mechanisms comply with due process requirements.

A critical aspect of the inquiry into the validity of the COVID-19 criminal provisions is their proportionality. PAJA requires that administrative actions be reasonable, rational, and proportional to the objectives they seek to achieve. In *Affordable Medicines Trust v Minister of Health* 2006 3 SA 247 (CC), the Constitutional Court emphasised that laws and regulations must be clear, accessible, and minimally restrictive of fundamental rights.

In *Khosa v Minister of Defence*, [2020] ZAGPPHC 147, the court highlighted the disproportionate impact of COVID-19 enforcement measures, noting that over 400 000 people had been arrested for regulatory infractions, often leading to unjustified criminal records. The judgment reinforced the necessity of adopting the least restrictive means in enforcing public health measures. The disproportionate impact of criminal penalties under the COVID-19 regulations is particularly concerning, given the socio-economic context of South Africa. Many individuals affected by these regulations belonged to marginalised communities with limited access to legal recourse. The imposition of criminal records for relatively minor infractions further entrenched socio-economic inequalities, contradicting the constitutional commitment to fairness and justice.

The analysis conducted in this article demonstrates that the criminal provisions in the COVID-19 regulations were enacted beyond the minister's legal authority and failed to meet the constitutional and administrative law requirements of reasonableness, rationality, and proportionality.

Firstly, the minister acted *ultra vires* by creating statutory offences and prescribing custodial penalties without explicit authorisation in the DMA. South African jurisprudence confirms that delegated legislation cannot create new criminal offences unless expressly permitted by enabling statutes. The lack of clear legislative authority renders these criminal provisions legally questionable.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Secondly, the enforcement of these regulations disproportionately impacted vulnerable communities, imposing unnecessary hardship through the application of criminal records. The principle of proportionality, a key component of administrative justice, necessitates that regulatory measures be appropriately tailored to achieve their intended objectives without unduly infringing on fundamental rights.

Lastly, while the COVID-19 regulations are no longer in force, their legacy highlights the importance of ensuring that future disaster management frameworks adhere strictly to constitutional principles. Governments must balance emergency powers with the rule of law, ensuring that regulatory measures remain within legal limits and do not impose undue burdens on individuals.

The lessons learned from the COVID-19 regulatory response underscore the necessity of clear legislative drafting, robust judicial oversight, and adherence to administrative law principles to prevent overreach in times of crisis.

Keywords: administrative law; COVID-19 regulations; criminal provisions; Disaster Management Act; legal validity; legality; PAJA; proportionality; rationality; rule of law

1. Inleiding en agtergrond

Die COVID-19-pandemie[1] het wêreldwyd ongekende uitdagings en kwessies in alle sfere van die samelewing opgelewer, insluitend die regsomgewing.[2] In Suid-Afrika is die Wet op Rampbestuur 57 van 2002 (Disaster Management Act 57 of 2002, hierna "DMA") gebruik om regulasies te skep en te implementeer wat ontwerp is om die verspreiding van die virus te beperk en die publiek te beskerm. Hierdie regulasies het egter nie net maatskaplike en ekonomiese gevolge gehad nie, maar ook aansienlike regsvrae geskep, veral oor die regsgeldigheid, rasionaliteit en regverdigheid daarvan, asook die gepaardgaande strafbepalings.[3]

Die doel van hierdie artikel is om 'n ontleding te bied van die regsgeldigheid van die strafbepalings in die COVID-19-regulasies wat deur die minister van samewerkende regering en tradisionele sake (hierna "die minister") ingevolge die DMA uitgevaardig is. Alhoewel die COVID-19-pandemie verby is en daar reeds stappe gedoen is om individue wat skuldig bevind is aan die oortreding van COVID-19-regulasies, kwyt te skeld, bly die vraag oor die regsgeldigheid van hierdie regulasies van kardinale belang vir die toekoms.[4] Die toekomstige belang is noodsaaklik om die grondslag en implikasies van sodanige strafbepalings deeglik te verstaan, aangesien toekomstige nasionale ramptoestande en pandemies soortgelyke maatreëls kan oplewer. Deur nou 'n regsontleding te doen, kan ons verseker dat toekomstige regulasies nie net doeltreffend is nie, maar ook binne die grense van regmatigheid en redelikheid val, sodat individue nie onregverdig met vorige veroordelings opgesaal word ná krisistye nie.

Die bespreking is veral belangrik in die lig van die verskeie hofuitsprake wat die geldigheid en grondwetlikheid van die DMA bevestig het, wat dit duidelik maak dat die DMA in sy huidige vorm hier is om te bly.[5]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

1.1 Agtergrond

Die eerste COVID-19-gevalle is laat in 2019 en vroeg 2020 in Wuhan, China, gediagnoseer. Die virus het vinnig oor die wêreld versprei en die eerste geval in Suid-Afrika is op 5 Maart 2020 bevestig. Ongeveer ’n week later, weens die wêreldwye verspreiding van COVID-19-infeksies, het die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) ’n pandemie verklaar.[6]

Teen 15 Maart 2020 het die aantal gevalle in Suid-Afrika tot ongeveer 40 gestyg. Op daardie dag het die hoof van die nasionale rampbestuursentrum, ná ’n beoordeling van die potensiële omvang en erns van die COVID-19 pandemie in die land, ’n kennisgewing ingevolge artikel 23(1)(b) van die DMA uitgereik wat die pandemie as ’n nasionale ramp geklassifiseer het.[7] Die effek van hierdie klassifikasie was, ingevolge artikel 23(8), om die primêre verantwoordelikheid vir die koördinering en bestuur van die ramp op die nasionale uitvoerende gesag te plaas.

Op dieselfde dag, ná die klassifikasie van die pandemie as ’n nasionale ramp, het die minister, nadat sy deur die president as die verantwoordelike minister ingevolge artikel 3 van die DMA aangewys is, ’n nasionale ramptoestand ingevolge artikel 27(1) van die DMA verklaar.[8] Die nasionale ramptoestand is van tyd tot tyd verleng.

Op 18 Maart 2020 het die minister die eerste regulasies ingevolge die DMA (die aanvanklike regulasies) uitgevaardig.[9] Die doel daarvan was om ’n verergering van die ramp te voorkom of om die gevolge daarvan te verlig, te bekamp en te minimaliseer. Met hierdie doel het die regulasies onder meer byeenkomste verbied, skole en versorgingsfasiliteite gesluit en die verkoop, voorsiening of vervoer van drank beperk.[10] Regulasie 10 het ministers bemagtig om voorskrifte uit te reik terwyl regulasie 11 misdrywe geskep het, soos die misdryf om ’n byeenkoms te reël.[11]

Die betrokke regulasies het nie net gedragsvoorskrifte ingesluit nie, maar ook strafbepalings vir die nienakoming van hierdie voorskrifte. Byvoorbeeld, persone wat versuim het om die inperkingsmaatreëls na te kom, soos om buite hul huise te wees gedurende die aandklokreëls wat deur die regulasies ingestel is, het hulself aan strafregtelike vervolging blootgestel, wat boetes of selfs gevangenisstraf kon insluit.

Die implementering van hierdie regulasies het tot die arrestasie en vervolging van ’n groot aantal mense gelei.[12] Baie van hierdie persone het strafregtelike rekords vir oortredings ontvang, wat ’n wye verskeidenheid nadelige gevolge gehad het, insluitend beperkings op werksgeleenthede, reisbeperkings en sosiale stigma. Hierdie situasie het kommer oor die redelikheid en proporsionaliteit van die strafbepalings laat ontstaan, veral in die lig van die buitengewone omstandighede van die pandemie en die nasionale ramptoestand.

Sedert die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl in die *Esau*-saak[13], is die maak van regulasies ’n administratiewe handeling ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (PAJA) en moet dit onder meer aan die vereistes van magtiging, rasionaliteit, redelikheid en proporsionaliteit voldoen.

Die vraag of die minister die magtiging of bevoegdheid ingevolge PAJA gehad het om statutêre misdrywe te skep en strafbepalings vir die oortreding van die regulasies op te lê, is betekenisvol. Dit vereis dat alle uitoefening van die handeling of bevoegdheid deur die minister ’n duidelike grondslag in die wet as die magtigende bepaling moet hê. Verder, selfs al sou daar ’n statutêre grondslag wees, moet die vraag ook gevra word of die spesifieke strafbepalings redelik en proporsioneel is in die lig van die vereistes ingevolge PAJA.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Hierdie artikel beoog om ’n regsontleding van die volgende sleutelvraagstukke te bied:

1. Het die minister binne haar magte opgetree deur strafbepalings in die COVID-19-regulasies in te sluit? Hierdie vraag sal binne die konteks van relevante regspraak en die bepalings van die DMA, tesame met die regulasies wat ingevolge die DMA uitgevaardig is, ondersoek word.
2. Is die strafbepalings redelik en proporsioneel binne die raamwerk van PAJA en die Suid-Afrikaanse Grondwet? Hierdie vraag vereis ’n evaluering van die impak van hierdie bepalings op individue en die samelewing as geheel.

2. Uitleg van artikels 27 en 59 van die DMA

Die DMA is ontwerp om die regering te bemagtig om doeltreffend en vinnig op te tree in gevalle van nasionale rampe, insluitend pandemies soos COVID-19.[14] Die Wet verleen wye magte aan die minister om regulasies uit te vaardig wat noodsaaklik geag word om die krisis te bestuur.[15] Artikels 27 en 59 van die DMA is kernbepalings wat die omvang van hierdie magte en bevoegdhede omskryf.

Artikel 59 verleen aan die minister die bevoegdheid om regulasies te maak wat nie onbestaanbaar met die Wet is nie. Die betrokke minister is die minister in die kabinet wat ingevolge artikel 3 van die DMA aangewys is om die Wet te administreer.[16] In hierdie geval, ten tyde van die COVID-19-pandemie, was dit die minister van samewerkende regering en tradisionele sake (Cogta).

Artikel 59 verskaf die algemene magte van die minister om regulasies te maak en verskaf ’n meer gedetailleerde raamwerk vir die skepping van strafbepalings. Artikel 59(1) lui soos volg:

> 59 Regulasies.—(1) Die Minister kan regulasies wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, uitvaardig—
> (a) rakende enige aangeleentheid wat—
> (i) ingevolge ’n bepaling van hierdie Wet voorgeskryf kan of moet word; of
> (ii) nodig is om voorgeskryf te word vir die doeltreffende uitvoering van die oogmerke van hierdie Wet;
> (b) …
> (c) …
> (d) rakende die klassifisering, omvang en felheid van rampe.[17]

Artikel 59(3) omskryf verder die mag van die minister om strafbepalings in te stel:

> (3) Die Minister kan, ingevolge subartikel (1) ’n straf van gevangenskap van hoogstens ses maande of ’n boete voorskryf vir ’n oortreding of nienakoming van ’n regulasie. (4) ’n Regulasie uitgevaardig deur die Minister ingevolge subartikel (1) moet na die Nasionale Raad van Provinsies verwys word.[18]

Dit is duidelik dat die bewoording van artikel 59(3) die minister magtig om ’n statutêre misdryf vir oortreding van die regulasies te skep, wat selfs met gevangenisstraf strafbaar is. Die hele stel regulasies, insluitend enige regulasie wat voorsiening maak vir ’n strafregtelike sanksie vir oortreding, is onderhewig aan goedkeuring deur die Nasionale Raad van Provinsies ingevolge artikel 146(6) van die Grondwet.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Kragtens artikel 59 van die DMA het die minister slegs een stel regulasies in 2010 uitgereik. Dit staan bekend as die Disaster Management Volunteer Regulations (*Staatskoerant* No. 33882). Die regulasies reguleer die aanstelling van vrywilligers by ramptoestande. Die aanhef daarvan lui soos volg:

> DEPARTMENT OF COOPERATIVE GOVERNANCE The Minister for Cooperative Governance and Traditional Affairs designated under section 3 of the Disaster Management Act, 2002 (Act No. 57 of 2002), has under section 59, read with section 58, of that Act made the regulations in the Schedule as approved by the National Council of Provinces in terms of section 146(6) of the Constitution of the Republic of South Africa of 1996.

Die regulasies ingevolge artikel 59 is klaarblyklik ander regulasies as wat beoog word ingevolge artikel 27(2) van die DMA, wat die minister mag maak ná die verklaring van ’n nasionale ramptoestand. Al die regulasies of voorskrifte wat tydens die COVID-19 nasionale ramptoestand uitgereik is, is ingevolge artikel 27(2) van die Wet gedoen en het spesifiek daarmee gehandel. Die artikel 59-regulasies blyk egter meer algemeen en oorkoepelend te wees as die spesifieke regulasies kragtens ’n nasionale ramptoestand.

Die strafbepaling en sanksie ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 59(3) van die DMA lui soos volg:

> 19. Offences.—(1) A person commits an offence if that person—
> (a) fails to return to the issuing authority the disaster management volunteer identity card issued to him or her in terms of regulation 6(3).
> (b) or any suitable clothing or equipment issued to him or her in terms of regulation 12 or 13, when required to do so; or (b) wilfully obstructs, hinders or threatens a volunteer while performing a duty or service in terms of these regulations.
> (2) A person convicted of an offence under subsection (1) is liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both a fine and such imprisonment.

Regulasie 19 is duidelik belyn met die magtigende bepaling in artikel 59(3).[19] Dit is duidelik uit artikel 59(3) dat die Wet gevangenisstraf en/of ’n boete by wyse van regulasie magtig vir oortreding van die Wet en dus die minister magtig om by wyse van regulasie ’n statutêre misdryf met ’n strafsanksie van selfs gevangenisstraf te skep.

So ook skep artikel 60 van die DMA duidelik ’n statutêre misdryf met ’n strafsanksie vir sekere oortredings van sekere bepalings van die Wet. Die bewoording is soos volg:

> 60. Misdrywe.—(1) ’n Persoon is skuldig aan ’n misdryf indien daardie persoon versuim om te voldoen aan ’n versoek wat deur die Nasionale Sentrum ingevolge artikel 18(1) of deur ’n provinsiale of plaaslike rampbestuursentrum ingevolge artikel 32(2)(a) of 46(2)(a) gerig word.
> (2) ’n Persoon wat skuldig bevind word aan ’n misdryf vermeld in subartikel (1) is by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of gevangenisstraf van hoogstens ses maande of met beide ’n boete en sodanige gevangenisstraf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Die verklaring van ’n nasionale ramptoestand deur die minister ingevolge artikel 27(1) van die DMA op 15 Maart 2020 in die Staatskoerant het geskied op die basis dat spesiale omstandighede bestaan het weens die omvang en erns van die wêreldwye COVID-19 pandemie, soos deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie verklaar.[20] Die ramptoestand is dus ingevolge artikel 27(1)(b) van die DMA verklaar, en nie ingevolge artikel 59 nie. Die verklaring van die ramptoestand het die weg gebaan vir die minister om verdere regulasies ingevolge artikel 27(2) van die DMA te maak.

Artikel 27(4) bepaal soos volg: “(4) Regulasies ingevolge subartikel (2) uitgevaardig, kan regulasies insluit wat strawwe voorskryf vir ’n oortreding van die regulasie.” Dit is opmerklik dat artikel 27(4) as ’n magtigende bepaling vir sanksies (“strawwe”) verskil van artikel 59(3). In eersgenoemde bepaling is daar geen uitdruklike magtiging vir die oplegging van ’n sanksie van gevangenisstraf nie. Die vraag is dus of die DMA ’n ander bedoeling gehad met artikel 27(4) as met artikel 59(3), en wat met *straf* bedoel word.

In *Annandale Dairy Farms* het die hof die volgende gesê oor die woord *straf* (“penalty”): “The Shorter Oxford Dictionary definition of a ‘penalty’ is ‘a punishment imposed for breach of law, rule or contract; a loss, disability or disadvantage of some kind or other fixed by law or some offence or agreed upon in case of violation of a contract.”[21] Hierdie definisie is ook deur die Hooggeregshof in *Thomas v Thomas* beaam en bevestig.[22]

In al die strafbepalings van die rampbestuurregulasies wat deur die minister ingevolge artikel 27(2) uitgevaardig is vir die nienakoming van sekere regulasies – soos die nienakoming van die sogenaamde aandklokreël of inperkingsbepalings, of selfs later vir die versuim om ’n masker te dra, die verkoop van tabakprodukte, die gebruik van alkoholiese drank in die openbaar, of die oortreding van sekere regulasies – lui die regulasies telkens soos volg:

> For the duration of the national disaster” of “For the purposes of this Chapter, any person who fails to comply with or contravenes a provision of regulations … of these Regulations commits an offence and is, on conviction, liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.[23]

Die regulasies verwys herhaaldelik na gevangenisstraf van ’n maksimum van ses maande, ’n boete, of beide.

Inaggenome die beginsels van wetsuitleg, verskil die bewoording in artikel 27(4) in soverre dit die mag verleen om ook “strawwe” vir oortreding van die regulasies tydens ’n nasionale ramptoestand voor te skryf, van die bewoording in artikel 59(3). In artikel 27(4) word die minister nie soos in artikel 59(3) gemagtig om “’n straf van gevangenskap van hoogstens ses maande of ’n boete voorskryf vir ’n oortreding …”

Gegewe die verskil in die bewoording van die twee magtigende bepalings, is dit aanduidend dat die wetgewer iets anders bedoel het met die magtiging om ’n sanksie in artikel 27(4) voor te skryf vergeleke met artikel 59(3). Daar kan egter aanvaar word dat sanksies ingevolge artikel 27(4) vir nienakoming voorgeskryf kon word om die regulering en bestuur van die ramptoestand doeltreffend te maak.

Die verskil in taal tussen artikel 27(4) en artikel 59(3) dui op ’n verskil in die omvang en aard van die magte wat aan die minister verleen word, sowel as ’n verskil in bedoeling.[24] Artikel 27(4) noem bloot dat die minister strafbepalings (“penalties”) kan voorskryf, terwyl artikel 59(3) spesifiek meld dat die minister gevangenisstraf van tot ses maande of ’n boete kan voorskryf.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Hierdie verskil kan geïnterpreteer word as ’n aanduiding dat artikel 27(4) bedoel is om voorsiening te maak vir minder streng strawwe, moontlik in die vorm van administratiewe boetes, terwyl artikel 59(3) duidelik die magtiging vir ’n statutêre misdryf, insluitend gevangenisstraf, insluit. Hierdie interpretasie word ondersteun deur die feit dat artikel 59(3) spesifiseer dat die strafbepalings wat ingevolge hierdie artikel gemaak word, onderhewig is aan die goedkeuring van die Nasionale Raad van Provinsies ingevolge artikel 146(6) van die Grondwet. Hierdie bykomende vlak van statutêre kontrole is nie in artikel 27(4) teenwoordig nie, wat verder dui op ’n verskil in die beoogde strengheid en effek van die strafbepalings en ’n verskil in bedoeling in die Wet. Ook moet in gedagte gehou word dat ’n ramptoestand normaalweg as ’n tydelike gebeurtenis in die vooruitsig gestel word en die wetgewer juis kon bedoel het dat daar nie permanente strafregtelike gevolge vir oortreders moet wees nie.[25]

Daarbenewens is regulasies ingevolge artikel 27(2) nie, soos in die geval van regulasies ingevolge artikel 59(3), onderhewig aan goedkeuring deur die Nasionale Raad van Provinsies ingevolge artikel 146(6) van die Grondwet nie.

Die DMA het dus iets anders bedoel met “strawwe” of sanksies in artikel 27(4) vergeleke met artikel 59(3). Aangesien “strawwe” ook beperkend geïnterpreteer moet word, sou dit slegs geringe misdrywe of selfs administratiewe boetes skep waarvoor slegs ’n boete voorgeskryf kon word, soos in die geval van sekere verkeersoortredings. Die voorgeskrewe boetes kon *in quantum* verskil na gelang van relatiewe erns van die oortreding. Indien slegs ’n boete bepaal is, kon ’n vredesbeampte dan, soos in die geval van Bylae 3-misdrywe (geringe misdrywe) ingevolge die Strafproseswet, ’n afkoopboete by wyse van kennisgewing ingevolge artikel 341 van die Strafproseswet (SPW) uitreik.[26] Dit sou beteken dat persone nie gearresteer sou kon word en hul vingerafdrukke geneem hoef te word nie, en dat die persoon verdere vervolging kon vermy deur die boete te betaal.

Daar moet bygevoeg word dat die kriminele rekord-sentrum op vingerafdrukke funksioneer, hetsy fisies of digitaal, en ’n persoon kan nie ’n vorige veroordeling in die SAPD-register hê nie, tensy hul vingerafdrukke geneem is.[27] Wanneer ’n persoon in ’n hof aan ’n oortreding skuldig bevind word, word vingerafdrukke geneem selfs al lê die hof ’n boete op. Dit is juis een van die voordele van ’n afkoopboete ingevolge artikel 341 van die SPW of selfs ’n skriftelike kennisgewing ingevolge artikel 56 van die SPW, wat ’n vredesbeampte die bevoegdheid gee om ’n skulderkenningsboete vas te stel.

Daar kan dus aangevoer dat die wyse waarop sanksies in die regulasies ingevolge artikel 27(2) van die DMA neergelê is, daarop dui dat die minister haar magte oorskry het. Die minister sou ook nie kon aanvoer dat omdat sy die bevoegdheid ingevolge artikel 59(3) het, sy die strafbepalings ingevolge laasgenoemde artikel kon uitvaardig nie. Die minister het die regulasies ingevolge artikel 27(2) uitdruklik uitgevaardig. Die huidige stand van sake rakende of ’n administratiewe besluitnemer verkeerdelik op ’n bemagtigende bepaling steun in plaas van op ’n ander korrekte bemagtigende bepaling, is dat die geldigheid van so ’n besluit afhang van of die besluitnemer doelbewus of per ongeluk op die verkeerde bemagtigende bepaling gesteun het.[28] As dit per ongeluk was, is die optrede nie ongeldig nie. Indien die besluitnemer doelbewus op die verkeerde bepaling staatgemaak het, is die optrede om hierdie rede alleen ongeldig.[29]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

3. Relevante regspraak en gesag

3.1 Oppergesag van die reg

Die oppergesag van die reg verwys na fundamentele beginsels wat die bevoegdhede van openbare ampsdraers beperk sodat hulle binne die perke van wettige gesag optree.[30] Die begrip *oppergesag van die reg* beskryf ook die kern van sy eie betekenis: dit is die reg wat regeer.[31] In Engels verwys dit na die beginsel van die "rule of law". In 'n eng sin vereis die oppergesag van die reg dat wette algemeen toepaslik, voorspelbaar en duidelik moet wees.[32] Die regering moet wetgewing openbaar maak sodat burgers en inwoners weet wat toelaatbaar is en wat nie. Klassieke opvattings van die oppergesag van die reg, soos Dicey dit verwoord, fokus op die prosedurele toelaatbaarheid van regeringsoptrede wanneer wetgewing uitgevaardig word, maar dit ignoreer die inhoud van die wette.[33] Oor die algemeen vereis die oppergesag van die reg dat geen regering in stryd met die Grondwet en die reg mag optree nie.

Die klassieke konsep van die oppergesag van die reg is egter deur regspraak al in Suid-Afrika uitgebrei.[34] Die funksionarisse van die regering, soos ministers en staatsamptenare, is aanspreeklik vir hul besluitneming buite die reg. Die oppergesag van die reg behels dat die staat se kernmandaat is om die inherente vryheid van die publiek te beskerm. Die tweede been is dat die staat nie arbitrêr mag optree nie, maar rasioneel en redelik, en slegs ingevolge die reg.[35]

Artikel 1(c) van die Grondwet verskans die oppergesag van die Grondwet en die heerskappy van die reg. Dus is die oppergesag van die reg nou verbind aan die konsep van grondwetlikheid. *Grondwetlikheid* is die meer algemene begrip, wat beide die oppergesag van die reg en die geskrewe Grondwet insluit. Die oppergesag van die reg bestaan slegs in die openbare of staatsreg-paradigma, en slegs in omstandighede waar die reg "gemaak" word – deur wetgewing, regulasies, of geregtelike uitsprake. Trouens, die kontinentale ekwivalent van die oppergesag van die reg, naamlik die "Rechtsstaat" of "grondwetlike staat", impliseer dit in die begrip self.[36]

Die konsep van die oppergesag van die reg en grondwetlikheid is nou verweef met gemagtigde optrede, veral binne die raamwerk van die administratiefreg soos begrond in artikel 33(1) van die Grondwet en verder ingevolge PAJA, aangesien beide beginsels daarop gemik is om die uitoefening van mag binne wettige perke te hou en arbitrêre optrede te verhoed.

Ongemagtigde administratiewe handelinge verwys na handelinge wat buite die wetlike bevoegdhede van 'n staatsorgaan val. Dit beteken dat wanneer 'n staatsorgaan sonder die nodige wettige magtiging optree, daardie optrede onwettig, ongeldig en ongrondwetlik is. Die verbod op ongemagtigde optrede dien as 'n beskerming teen magsmisbruik deur te verseker dat alle openbare magte slegs binne die grense van hul wettige bevoegdhede uitgeoefen word. Die regmatigheidsbeginsel is nie beperk tot administratiefreg en administratiewe handelinge nie, maar ook van toepassing op wetgewende en uitvoerende handelinge, waar daarna verwys word as die "legaliteitsbeginsel". Wanneer 'n ongemagtigde administratiewe handeling plaasvind, moet dit aangespreek word op grond van die bepalings van PAJA, nie direk op die regmatigheidsbeginsel nie.[37]

Die oppergesag van die reg vereis dat alle handelinge van staatsorgane binne die raamwerk van die reg moet val. Dit behels dat wetgewers, uitvoerende owerhede en administratiewe liggame hul magte slegs mag uitoefen soos deur die reg toegelaat. Die beginsel van die oppergesag van die reg verseker dus 'n duidelike en voorspelbare regstelsel waarin regsekerheid en die beskerming van regte gewaarborg word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Wanneer 'n owerheid buite sy magte optree, oortree dit die beginsels van die oppergesag van die reg, omdat dit die reg oorskry. Die howe as waghond oor die legaliteitsbeginsel speel 'n kritieke rol om te verseker dat sulke ongemagtigde optrede geïdentifiseer en gestop word, om die integriteit van die regstelsel en die beskerming van regte te handhaaf. In kort, die oppergesag van die reg en die verbod op ongemagtigde optrede werk saam om te verseker dat alle staatsoptrede binne die grense van die reg geskied.

In krisistye geld die oppergesag van die reg net soos in normale tye.[38] Tydens krisisse, soos die COVID-19-pandemie, is die beginsel van die oppergesag van die reg van kardinale belang om te verseker dat alle regeringsoptrede binne die perke van die reg bly en dat grondwetlike regte nie arbitrêr geskend word nie.[39] Die oppergesag van die reg beteken dat niemand, met inbegrip van die regering, bo die reg verhewe is nie. Dit verseker dat krisisbestuursmaatreëls, hoe dringend ook al, steeds aan grondwetlike vereistes voldoen.[40] Hierdie beginsel is noodsaaklik om te voorkom dat die staat sy mag in tye van nood of paniek misbruik en nadeel aan die regstaat berokken.

Suid-Afrikaanse regspraak tydens die COVID-19-pandemie illustreer die belangrikheid van hierdie beginsel. Hofuitsprake in sake soos *Skole-Ondersteuningsentrum*, *Esau* en *De Beer* bevestig dat, selfs in noodtoestande, die regering se COVID-19-besluite rasioneel moet wees en nie van die regs- en grondwetlike voorskrifte mag afwyk nie.[41] Hierdie uitsprake beklemtoon ook dat enige beperkings op regte en vryhede, hoe nodig ook al, steeds regverdig en proporsioneel moet wees.[42] Dit beklemtoon die belangrikheid van regsekerheid en die beskerming van individuele regte, selfs in krisistye.

In die konteks van hierdie artikel is dit belangrik om te beklemtoon dat die COVID-19-regulasies en die gepaardgaande strafbepalings getoets moet word aan die beginsels van die oppergesag van die reg en regsgeldige administratiewe handeling, soos spesifiek in PAJA beliggaam. Dit beteken dat enige regulasies wat deur die minister uitgevaardig word, binne die perke van die reg moet val en nie die magte wat daardeur verleen word, mag oorskry nie.

3.2 Regspraak oor ultra vires-regulasies

Vóór die Grondwet en PAJA het die *ultra vires*-leerstuk in die gemenereg gegeld. In *Rex v Magano and Madumo*1924 TPD 129 het 'n volbank van die Transvaalse Provinsiale Afdeling te make gehad met sekere "orders" of regulasies wat ingevolge 'n wet *ultra vires* was, gepubliseer is. Die "orders" het self die sanksie van 'n boete geskep in die geval van nie-nakoming daarvan, maar die wet self het nie sodanige sanksie geskep nie.[43]

Regter Curlewis 134–5 verklaar soos volg:

> Now the conferring of the power to make orders and regulations for the better working and maintenance of the law contemplates orders and regulations which may be regarded as providing the machinery for carrying into effect the provisions of the law, but not orders and regulations which amount in effect to a substantive law.[44]

Wat hier geïmpliseer word, is dat statutêre oortredings deel van die substantiewe reg is en dus substantief deur die wetgewer geskep moet word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

In ’n samestemmende maar aanvullende uitspraak sê regter Krause 141–2 die volgende:

> Furthermore, a power to frame rules and regulations for certain purposes does not, unless special provision is made, include the right of the framer to punish by means of fine or imprisonment a non-observance of such rules. It is only where the Legislature itself has, in the public interest, prohibited an act in such a manner which renders it clear that the intention was to constitute an offence, without specially providing a penalty for its contravention, that the Court will have discretionary power to inflict one.[45]

In *Rex v De Beer* 1930 TPD 329[46] het regter Krause[47] sy standpunt in meer besonderhede bevestig in ’n geval waar ’n regulasie wat ingevolge ’n wet uitgereik is, ’n strafbepaling geskep het, maar die wet dit nie bepaal het of so verleen het nie.

In Kellaway[48] ontken die skrywers dat ’n reg om ’n straf op te lê, afgelei kan word:

> Where a person or body subordinate to the legislature is given the right to make rules and regulations for the better carrying out of any Act of parliament, unless the enabling Act specifically and in express words also grants the power to impose a penalty, no such power should be inferred.

In *Annandale Dairy Farms (Pty) Ltd v Dairy Board*[49] som regter Tebutt die wesenlike geskilpunt in die saak soos volg op:

> Distributors of fresh milk to the public pay the purchase price of such milk supplied to them by the producers of it, not directly to the producers, but to the Dairy Board. The latter, after deducting certain amounts which I shall set out later, pays the producers. The Dairy Board also pays to the producers a quality premium. It withholds such premium, however, if a producer’s milk does not comply with the required quality standards which the Board lays down. The issue for decision in this case is whether the withholding of that premium constitutes a penalty which the Dairy Board imposes and whether, if it does, it is *ultra vires* the Board’s power to do so.[50]

Die Melkraad was ’n statutêre liggaam wat deur die Bemarkingswet van 1968 geskep is. Dié skema het reëlings bepaal ten opsigte van geregistreerde produsente wat melk aan verspreiders lewer wat op hulle beurt melk aan die publiek verskaf. Die verspreiders betaal aan die Raad die koopprys betaalbaar aan die produsent in ’n fonds, waaruit ’n premie dan aan produsente betaal word gebaseer op die hoeveelheid melk verskaf deur die produsent. Die hof het beslis dat die weerhouding van premies aan melkprodusente weens swakker gehalte melk, ’n “penalty” of sanksie is. Wat uit die hof se gesag blyk, is dat die bevoegdheid om strafsanksies op te lê deur die oorspronklike wet gemagtig moet word, hetsy uitdruklik of by implikasie. Dit strook met die legaliteitsbeginsel.

’n Ander saak wat oorweging verg, is *Rex v Persotam*, ’n beslissing van die volbank van die Natalse Provinsiale Afdeling.[51] Die saak verwys na *Magano and Madumo* en *De Beer*, maar daar is ’n gedeelte van die *dicta* in hierdie twee sake wat nie nagevolg is nie. Ons meen egter dat kritiese opmerkings deur een van die twee regters in Persotam *obiter* is, omdat regter Selke R gesê het:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

> The cases of Rex v. Magano and Madumo (1924, T.P.D. 129) and Rex v. de Beer (1930, T.P.D. 329), which were referred to by counsel, also seem to me to be concerned with subject matters differing in material respects from that in the present case.[52]

Die stellings in *Magano and Madumo* en *De Beer* waarmee regter Selke nie saamgestem het nie, word soos volg aangehaal:

> KRAUSE, J., in the same case at p. 141 said: "It is also a well-established principle that where an authority has power to make rules or regulations and the enabling statute does not also empower such authority to impose penalties for non-observance of such rules, then no criminal offence is committed by anyone who contravenes such regulations, whatever administrative or other disabilities may result from their non-observance. It is consequently invariably found, that when power is conferred to make rules which purport to prohibit certain acts in the public interest, the statute specifically and in express words grants power to provide certain definite punishments." For the reasons which I have already given I am disposed to doubt the correctness of this statement, if it is intended to embody an inflexible principle of law. The learned Judge's statement that it is "consequently invariably found that when power is conferred to make rules, etc., the statute specifically and in express words grants power to provide certain definite punishments" obviously cannot be taken literally.[53]

In *Persotam* is die appellant skuldig bevind aan die oortreding van sekere valutabeheer-regulasies deur handel te dryf in ru-goud. Die magtigende wet vir die maak van die regulasies het soos volg bepaal:

> Subsection (1) of section 9 gives the Governor-General power to
>
> "make regulations in regard to any matter directly or indirectly relating to or affecting or having any bearing upon currency, banking or exchange".
>
> It is conceded by both parties that the selling or dealing in raw gold is a matter which has a bearing on currency. That being so, the Governor-General may make regulations in relation to such sales. Subsection (2) provides that "such regulations may provide that the Governor-General may apply any sanctions therein set forth which he thinks fit to impose, whether civil or criminal."
>
> The wording of subsection (2) suggests that under subsection (1) the Governor-General was entitled to impose sanctions.

Die hof het dus in *Persotam* op grond van die interpretasie van die tersaaklike bepalings in die wet bevind dat die wet die oplegging van strafsanksies vir die oortreding van die regulasies gemagtig het.

Die feite in *Persotam*, met verwysing na die betrokke statutêre bepalings, verskil van *Magano and Madumo* en *De Beer*. In laasgenoemde twee sake was daar geen bepalings in die wet (ook nie by implikasie nie) wat statutêre oortredings by wyse van regulasie gemagtig het nie. Dus is *Persotam* nie 'n afwykende uitspraak nie. Die twee volbankbeslissings in *Magano and Madumo* en *De Beer* bly dus gesaghebbend.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Een van twee bepalings kan dan in ’n wet geskep word. Een is dat die wet bepaal dat ’n oortreding van regulasies wat deur die bevoegde orgaan (soos ’n minister) gepromulgeer is, ’n statutêre oortreding is en ook ’n strafsanksie vir die oortreding van die regulasies in die wet neerlê. Die tweede voorbeeld is waar die wet nie self die oortreding skep nie, maar bepaal dat die gedelegeerde orgaan, wat die regulasies mag maak, ook oortredings vir nienakoming en strafsanksies vir oortredings mag verorden.

Omdat bogenoemde sake voor die Grondwet van 1996 beslis is, moet die regmatigheids-beginsel sedertdien ingevolge die Grondwet in ag geneem word. In *Fedsure Life Assurance Ltd v Greater Johannesburg Transitional Metropolitan Council* verklaar hoofregter Langa in die Konstitusionele Hof soos volg:[54]

> It seems central to the conception of our constitutional order that the legislature and executive in every sphere are constrained by the principle that they may exercise no power and perform no function beyond that conferred upon them by law. At least in this sense, then, the principle of legality is implied within the terms of the interim Constitution. Whether the principle of the rule of law has greater content than the principle of legality is not necessary for us to decide here. We need merely hold that fundamental to the interim Constitution is a principle of legality.
>
> There is of course no doubt that the common law principles of *ultra vires* remain under the new constitutional order. However, they are underpinned (and supplemented where necessary) by a constitutional principle of legality. In relation “to administrative action” the principle of legality is enshrined in section 24(a). In relation to legislation and to executive acts that do not constitute “administrative action”, the principle of legality is necessarily implicit in the Constitution. Therefore, the question whether the various local governments acted *intra vires* in this case remains a constitutional question.[55]

Aanvullend tot hierdie *dicta* van die hof is ook die vereiste van *duidelikheid* in wetgewing. In *Affordable Medicines Trusts v Minister of Health*[56] par. 108, sê regter Ngcobo:

> The doctrine of vagueness is one of the principles of common law that was developed by courts to regulate the exercise of public power. As pointed out previously, the exercise of public power is now regulated by the Constitution which is the supreme law. The doctrine of vagueness is founded on the rule of law, which, as pointed out earlier, is a foundational value of our constitutional democracy. It requires that laws must be written in a clear and accessible manner. What is required is reasonable certainty and not perfect lucidity. The doctrine of vagueness does not require absolute certainty of laws. The law must indicate with reasonable certainty to those who are bound by it what is required of them so that they may regulate their conduct accordingly.[57]

As die bogenoemde gesag oorweeg word, blyk dit dat waar die wetgewer ’n statutêre oor-treding skep vir nienakoming van die wet of gedelegeerde wetgewing in die vorm van regulasies, dit duidelik moet wees. Verder moet die statutêre oortreding vir nienakoming van die wet of regulasies (gedelegeerde wetgewing) óf in die oorspronklike wetgewing geskep word óf die bevoegdheid om ’n statutêre oortreding te skep moet duidelik aan die gedelegeerde orgaan wat gemagtig is om regulasies te maak, verleen word. Daar moet regsekerheid hieroor wees sodat die onderdaan vooraf weet.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

By die uitleg van wetgewing moet die doel en oogmerke van die wet, die konteks daarvan, en veral die konteks van die wet waarvolgens die regulasies gemaak is, in ag geneem word.[58] Dit is dus ’n oefening in wetsuitleg om te bepaal of die DMA die skepping van statutêre oortredings en sanksies by wyse van regulasies magtig.

Voorts, waar ’n wet gedelegeerde magte aan ’n staatsorgaan verleen om gedelegeerde wette te maak, word dit streng uitgelê.[59] Gedelegeerde wetgewing (soos regulasies) moet ook so uitgelê word dat die woorde en bepalings daarin vervat dieselfde betekenis dra as die woorde en bepalings van die wet waarvolgens die regulasies gemaak is.[60] Strafbepalings word ook streng uitgelê.[61] Verder word gesê: “The penal scope of a statutory enactment creating a criminal offence should not be lightly extended beyond the plain meaning of the language.”[62]

Daar is ook ’n vermoede by uitleg ten opsigte van konsekwentheid, wat beteken dat, tensy die teendeel duidelik is, dieselfde woorde en uitdrukkings in dieselfde wet veronderstel word om ’n gelyke betekenis dra. Net so impliseer verskillende woorde en uitdrukkings ’n verskil in betekenis.

3.3 Kritiek op die COVID-19-regulasies

Die COVID-19-regulasies het wye kritiek ontlok, veral oor die strengheid van die straf-bepalings.[63] Baie mense is gearresteer en vervolg vir oortredings van regulasies wat nie altyd duidelik of konsekwent toegepas is nie. Hierdie vervolgings het daartoe gelei dat ’n groot aantal mense kriminele rekords ontvang het, met langdurige nadelige gevolge, insluitend beperkings op werksgeleenthede en sosiale stigma.

Die dood van Collins Khosa aan die hand van die veiligheidsdienste het die publiek se aandag gevestig op kwessies van marteling, onmenslike en vernederende strawwe wat verband hou met die afdwinging van inperkingsmaatreëls. Khosa se dood het in *Khosa v Minister of Defence and Military Veterans*[64] ter sprake gekom, waar onder meer ’n verklarende bevel gegee is dat lede van die publiek steeds geregtig is op die handhawing en beskerming van hul fundamentele regte deur veiligheidsmagte tydens die inperking en die verklaarde ramptoestand.

> Notwithstanding the Declaration of the State of Disaster and the Lockdown under the Disaster Management Act 57 of 2002, all persons present within the territory of the Republic are entitled to (among others), […] the right to human dignity, the right to life, the right not to be tortured in any way, the right not to be treated or punished in a cruel, inhuman, or degrading way.

Hierdie uitspraak het die regte van persone tydens ’n ramptoestand bevestig. Met betrekking tot toelaatbare beperkings van regte, het die hof ook beslis dat “the least restrictive measures must be sought, applied and communicated to the public”.[65]

Die *Khosa*-saak het die misbruik van arrestasiebevoegdhede en die gebruik van geweld deur die polisie en die weermag om die inperking af te dwing, blootgelê en dit het die oplegging van noodsaaklike verantwoordingsmeganismes gelas, wat die waarborge van die Handves van Regte herbevestig het. Vrese vir magsmisbruik deur owerhede tydens die inperking was wydverspreid.[66] Die polisie het ook waterkanonne en rubberkoeëls gebruik op mense wat betrap is dat hulle die inperkingsregulasies oortree het.[67] Hierdie drastiese gevolge beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om te verseker dat strafbepalings in die eerste plek geldig is.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Regter Fabricius lewer in *Khosa* ook kommentaar oor die redelikheid en proporsionaliteit van die strafbepalings in die COVID-19-regulasies.[68] Hy beklemtoon dat die regulasies, hoewel bedoel om ’n ernstige gesondheidskrisis aan te spreek, nie onredelik streng moet wees en onnodige kriminele rekords vir individue moet veroorsaak nie. Hy verwys spesifiek na die langdurige negatiewe gevolge wat ’n kriminele rekord kan hê, soos die belemmering van toekomstige werksgeleenthede en die negatiewe impak op die individu se sosiale status.[69]

Die regter het voorgestel dat administratiewe boetes ’n meer geskikte en proporsionele reaksie op die oortreding van die regulasies sou wees.[70] Hy wys daarop dat administratiewe boetes die doel van afskrikking en ordehandhawing kan dien sonder die ernstige en permanente gevolge wat ’n kriminele rekord meebring. Hierdie benadering sou ook meer in lyn wees met die beginsels van regverdigheid en redelikheid soos vervat in die Wet op Administratiewe Geregtigheid (PAJA).

Die gebrek aan duidelikheid en konsekwentheid in die toepassing van die regulasies het ook tot die kritiek bygedra. Baie van die regulasies is vinnig en soms chaoties geïmplementeer, wat tot verwarring en onsekerheid onder die publiek gelei het.[71] Die veranderende aard van die regulasies het dit vir mense moeilik gemaak om tred te hou met wat vereis word, wat tot onbedoelde oortredings en gevolglike strawwe gelei het. Die implementering van strafbepalings wat tot gevangenisstraf kan lei, is ook gekritiseer omdat dit ’n bykomende las vir die regstelsel en gevangenisse geskep het.[72]

4. Oorwegings van redelikheid ingevolge PAJA

In die onlangse saak van *Esau v Minister of Co-operative Governance*[73] het die hof beslis, in die konteks van die COVID-19-rampbestuurregulasies, dat ondergeskikte wetgewing wat deur ’n minister by wyse van regulasies gemaak is, ’n administratiewe handeling (“administrative action”) ingevolge PAJA is en dus onderhewig is aan hersiening ingevolge PAJA. Die hof[74] het beklemtoon dat regulasies aan die vereistes van redelikheid, rasionaliteit en proporsionaliteit moet voldoen. Gevolglik is regulasies hersienbaar indien een of meer gronde vir hersiening ingevolge PAJA aanwesig is. Daar moet aan die vereiste van rasionaliteit en redelikheid voldoen word. Redelikheid is ook ’n vereiste vir ’n administratiewe handeling ingevolge artikel 33 van die Grondwet.

Die strafbepalings wat in die regulasies vervat is, kan dus getoets word aan die hand van die redelikheidsvereiste in PAJA, selfs al sou bevind word dat die minister volgens ’n interpretasie van artikel 27(4) van die DMA wel binne haar statutêre bevoegdheid opgetree het toe die strafbepalings verorden is.[75]

Die vereiste van redelikheid in PAJA gaan gepaard met twee ander elemente, naamlik rasionaliteit en proporsionaliteit.[76] Redelikheid is egter nie daartoe beperk nie, omdat daar ook gevalle van onredelike administratiewe besluite is wat nie noodwendig beskryf kan word as irrasioneel of disproporsioneel nie. Dit kan dus ook gevalle dek waar die besluit een is wat ’n redelike besluitnemer nie sou neem nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Die konsep van rasionaliteit in PAJA is ook breër as in die geval van die legaliteitsbeginsel.[77] Laasgenoemde vereis bloot dat daar 'n objektiewe rasionele verband tussen die besluit en die doel waarvoor die mag verleen is, moet bestaan. In die administratiefreg vereis dit egter ook dat die besluit deur die inligting en getuienis voor administrateur en die redes daarvoor, ondersteun moet word.[78]

Artikel 6(2)(f)(ii) van PAJA maak voorsiening vir hersiening op grond van irrasionele besluite en die vereistes waaraan rasionele administratiewe handelinge moet voldoen.[79] Ingevolge artikel 6(2)(f)(ii) van PAJA is 'n administratiewe handeling hersienbaar indien dit nie rasioneel verbind is tot die doel waarvoor dit gedoen is, die doel van die magtigende bepaling, die inligting voor die administrateur of die redes vir die handeling wat deur die administrateur verskaf is nie. Artikel 6(2)(h) van PAJA vereis verder dat administratiewe handelinge redelik moet wees.[80]

Onder die begrip van redelikheid is proporsionaliteit 'n vereiste wat veral *in casu* met die strafsanksies in die regulasies oorweeg moet word. Hoexter en Penfold beskryf proporsionaliteit soos volg:

> Proportionality may be defined as the notion that one ought not to use a sledgehammer to crack a nut. Its purpose is to "avoid an imbalance between the adverse and beneficial effects … of an action and to encourage the administrator to consider both the need for the action and the possible use of less drastic or oppressive means to accomplish the desired end." Two of its essential elements, then, are balance and necessity, while a third is suitability – usually referring to the use of lawful and appropriate means to accomplish the administrator's objective.[81]

Dit sluit aan by die bepalings van artikel 27(3) van die DMA, wat die uitoefening van magte beperk tot wat noodsaaklik is. Artikel 27(3) bepaal dat:

> (3) The powers referred to in subsection (2) may be exercised only to the extent that this is necessary for the purpose of—
> (a) assisting and protecting the public;
> (b) providing relief to the public;
> (c) protecting property;
> (d) preventing or combating disruption; or
> (e) dealing with the destructive and other effects of the disaster.[82]

Artikel 27(3) stel dus die doel waarvoor die minister gemagtig word om regulasies ingevolge artikel 27(2) te mag maak. Afgesien van die doel wat omskryf word, word 'n bykomende vereiste van noodsaaklikheid gespesifiseer.

Om aan die toetse van rasionaliteit, proporsionaliteit en redelikheid te voldoen, moet die strafbepalings vir oortredings teen die vereiste van noodsaaklikheid en die doelstellings in artikel 27(3) gemeet word. 'n Hersiening van die strafbepalings in die opvolgende regulasies sedert Maart 2020 tot einde 2021 vir sekere oortredings dui daarop dat almal, sonder uitsondering (soos reeds genoem), bepalings volgens die volgende ingesluit het:

> [A]ny person who fails to comply with or who contravenes a provision of regulations … of these Regulations commits an offence and is on conviction, liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and imprisonment.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Die feit dat ’n sanksie van gevangenisstraf opgelê kon word, het die ruimte geskep dat mense gearresteer en voor ’n hof gebring kon word en by skuldigbevinding ’n kriminele rekord kon kry, welke rekord eers ná 10 jaar ingevolge die bepalings van die Strafproseswet uitgewis kon word.

Daar is reeds verwys na die buitengewone omstandighede wat onder ’n nasionale ramptoestand heers, insluitend die skending van verskeie fundamentele regte as gevolg van verreikende regulasies tydens die COVID-19-pandemie. Daarbenewens het regulasies kort-kort verander, wat dit selfs vir regsgeleerdes moeilik gemaak het om mee tred te hou en te bepaal welke bepalings strafregtelike misdrywe skep en welke nie.[83] Boonop is mense en besighede aan buitengewone omstandighede onderwerp wat deurlopend aanpassings geverg het. Baie het vandag nog nie herstel nie weens ’n verlies aan besigheid en werk.[84] Die staat se vermoë om die ekonomiese gevolge van die ramptoestand te verlig, was uiters beperk, juis vanweë die swak ekonomiese toestande wat vóór die COVID-19-pandemie geheers het.[85] Was dit in hierdie konteks redelik en proporsioneel om die uitwerking van die strafsanksies te oorweeg wat tot gevolg kan hê dat mense permanent met ’n kriminele rekord belas word vir ’n eenmalige buitengewone gebeurtenis, en die gepaardgaande nadelige gevolge? Na die skrywers se mening was dit nie.

In *Khosa* par. 25 maak regter Fabricius die volgende *obiter* opmerkings:

> The abovementioned rights have been curtailed substantially and have negatively affected just about every business, every private household and every person, whilst it is trite law that when the rights are restricted or derogated from it should happen within the confines of section 36(1)(e), which provides for a less restrictive means of enquiry to achieve the stated purpose. The Disaster Management Act also creates offences and penalties, and it is apparent from newspaper reports that almost 20 000 persons on day 42 of the “lockdown” have been made criminals. The consequences thereof have perhaps not been sensibly considered, in as much as a criminal conviction impedes or even prohibits further employment opportunities. Perhaps an administrative fine that could be paid to the Solidarity Fund would have been a better option. However, these remarks are *obiter* and did not form part of the applicants’ cause of action and therefore I will say nothing further. I do think, however, that a court’s comments especially during extraordinary times can and should reflect the general views of the public. I similarly again emphasise that the applicants seek no declaration that any particular statute or regulation should be struck down as being invalid on grounds of irrationality.

Ex post facto dra die opmerkings van regter Fabricius gewig deurdat ’n mindere sanksie, soos ’n administratiewe boete as ’n “penalty” eerder rasioneel, proporsioneel en redelik sou wees vergeleke met ’n strafregtelike sanksie wat ’n statutêre misdryf vergesel.

5. Oorsese regspraak

Suid-Afrika is nie alleen gekonfronteer met die vraag oor die geldigheid van boetes wat vir oortredings van COVID-19-maatreëls uitgereik is nie. In die sake van *Beame; Els v Commissioner of Police* en *Kosciolek v Commissioner of Police*, het die howe in Nieu-Suid-Wallis, Australië gefokus op die wettigheid van boetekaartjies wat vir oortredings van COVID-19 openbare gesondheidsbevele, uitgereik is.[86] [87] Hierdie sake is belangrik omdat hulle die streng vereistes vir die korrektheid van sodanige boetekaartjies onder die Fines Act 1996 (NSW) uiteensit en dit vergelyk en onderskei kan word van die teoretiese vraag wat hier onder bespreek word.[88]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

5.1 Beame; Els v Commissioner of Police & Ors [2023] NSWSC 347

In hierdie saak is bevind dat die boetekaartjies wat aan die klaers, Beame en Els, uitgereik is, ongeldig was weens 'n gebrek aan genoegsame besonderhede in die beskrywing van die beweerde oortredings in die boetekennisgewings. Die Australiese Hooggeregshof van Nieu-Suid-Wallis het beslis dat die boetekaartjies nie aan die vereistes van artikel 20 van die Fines Act 1996 (NSW) voldoen het nie, aangesien hulle nie die spesifieke statutêre bepalings wat die oortredings omskryf, geïdentifiseer het nie. Artikel 20 lui soos volg:

> A penalty notice is a notice issued under a statutory provision to the effect that—
> (a) the person to whom the notice is issued has committed the penalty notice offence specified in the notice, and
> (b) if the person does not wish to the have the matter determined by a court, the person may pay, within the time and to the person specified in the notice, the amount for the offence specified in the notice.

Regter Yehia bevind dat die beskrywings in die boetekennisgewings te vaag was en daarom nie aan die vereistes van die wet voldoen het om die oortredings duidelik te spesifiseer nie. Gevolglik is die uitreiking van die boetes hersien en tersyde gestel.

5.2 Kosciolek v Commissioner of Police [2024] NSWSC 15

In hierdie saak het Angelika Kosciolek 'n boetekennisgewing ontvang vir die beweerde oortreding van 'n COVID-19 openbare gesondheidsbevel wat reis buite Sydney sonder 'n permit verbied het. Die hof het bevind dat die boetekennisgewing ongeldig was omdat die plek van die beweerde oortreding foutief beskryf is, en nie met die vereistes van die Fines Act 1996 (NSW) ooreengestem het nie. Die boetekaartjie is teruggetrek en die betaalde boete is terugbetaal. Kosciolek het egter daarop aangedring dat die hof 'n verklarende bevel maak dat die boetes ongeldig is omdat die boetekaartjie nie die statutêre bepaling genoem het wat die oortreding geskep het nie, soortgelyk aan die hof se bevel in die *Beame; Els*-uitspraak. Die hof het egter die versoek verwerp.

5.3 Onderskeid van die Suid-Afrikaanse regulasies

Die Australiese hofuitsprake in *Beame; Els* en *Kosciolek* kan van die kwessie van strafbepalings in die Suid-Afrikaanse COVID-19-inperkingsmaatreëls in verskeie kernaspekte, onderskei word.

Eerstens, in beide Australiese sake het die howe op artikel 20 van die Fines Act 1996 (NSW) gefokus, wat vereis dat boetekennisgewings die oortreding en plek moet spesifiseer. Die hof het bevind dat die boetekennisgewings ongeldig was omdat hulle nie voldoende inligting oor die spesifieke statutêre bepalings wat oortree is bevat het nie. Hierdie vereiste vir spesifisiteit is 'n sleutelbeginsel in die Australiese wetgewing, wat regsekerheid verseker.

Tweedens, die Australiese sake het nie die bevoegdheid van die betrokke besluitnemer wat die openbare gesondheidsbevele uitgereik het, uitgedaag nie. Die vraag was eerder of die boetekennisgewings, soos uitgereik, voldoen het aan die prosedurele vereistes van die relevante wetgewing. In teenstelling hiermee het die debat in Suid-Afrika dikwels die bevoegdheid van die minister ingesluit om strafbepalings ingevolge die DMA in te stel.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

In Suid-Afrika het hofuitsprake oor dié soort sake dikwels gehandel oor of die COVID-19-regulasies redelik en proporsioneel binne die raamwerk van die Wet op Administratiewe Geregtigheid (PAJA) en die Suid-Afrikaanse Grondwet was. Die howe moes oorweeg of die minister se optrede aan die beginsels van regmatigheid, redelikheid en proporsionaliteit voldoen het. Hierdie vraagstukke was nie sentraal in die Australiese sake nie, waar die fokus eerder op prosedurele korrektheid was.

Laastens, die Australiese sake het nie gehandel oor of die skep van die strafbepalings geldig was of nie. Dus, alhoewel die Australiese hofuitsprake insig bied in die streng prosedurele vereistes vir die uitreiking van boetes, fokus hulle nie op die breër kwessie van die wettigheid en redelikheid van die strafbepalings self nie – 'n kwessie wat sentraal staan in die debat in hierdie artikel. In Suid-Afrika bly die kwessie van die geldigheid van die strafbepalings in die COVID-19-regulasies 'n kritieke aspek van die regsgeldigheid van hierdie regulasies, veral in die lig van die beginsels van die oppergesag van die reg en *ultra vires*-optrede.

5.4 Ander sake

COVID-19-maatreëls en inperkings die aandag van howe regoor die wêreld geniet. Die Hooggeregshof van Wisconsin, in die Verenigde State van Amerika, het 'n belangrike *obiter* opmerking oor die handhawing van grondwetlike regte tydens noodtoestande gemaak in 'n saak wat verband hou met COVID-19-maatreëls. Die hof het verklaar:

> [T]here is no pandemic exception […] to the fundamental liberties the Constitution safeguards. Indeed, individual rights secured by the Constitution do not disappear during a public health crisis. These individual rights, including the protections in the Bill of Rights … are always in force and restrain government action.[89]

In ander jurisdiksies is daar ook beslis dat die oppergesag van die reg die optrede van die uitvoerende gesag dissiplineer, selfs tydens 'n rampstoestand.[90] In die Nieu-Seelandse saak *Borrowdale v Director General of Health*, wat gehandel het oor die beperking van regte teenoor die beskerming teen die COVID-19-pandemie, het die hof beslis dat selfs in tye van nood, en selfs wanneer die meriete van die regering se reaksie nie wyd betwis word nie, die oppergesag van die reg saak maak.[91] Eweneens, in die Britse saak *(FC) v Secretary of State for the Home Department* per Lord Hoffman het die hof beslis dat die regering natuurlik die plig het om die lewens en eiendom van sy burgers te beskerm. Dit is egter 'n plig wat die regering te alle tye het en verplig is om na te kom sonder om grondwetlike vryhede te vernietig.[92]

6. Gevolgtrekking

Die COVID-19-pandemie het wêreldwyd 'n toets vir die oppergesag van die reg geword, veral in die konteks van die implementering van inperkingsmaatreëls en die gevolglike strafbepalings. In Suid-Afrika het hierdie maatreëls, uitgevaardig onder die DMA, vrae laat ontstaan oor die wettigheid en regverdigheid van die opgelegde strawwe. Die kritieke kwessie wat oorweeg is, is of die minister binne haar magte opgetree het om sodanige strafbepalings te skep, en of hierdie bepalings aan die vereistes van redelikheid, rasionaliteit en proporsionaliteit voldoen het.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Dit is duidelik uit die ontleding en bespreking in hierdie artikel dat die uitvaardiging en skep van misdrywe in die COVID-19-regulasies nie geldig was nie.

Eerstens het die minister duidelik buite haar magte opgetree deur strafbepalings in die regulasies in te sluit sonder die nodige wettige magtiging wat deur die DMA vereis word. Dit blyk uit die teks van die DMA self, wat nie spesifiek voorsiening maak vir die skep van strafbepalings deur die minister sonder die vereiste goedkeuring en magtiging nie. Verder is dit deur die regspraak bevestig, wat beklemtoon dat enige gedelegeerde wetgewing streng binne die perke van die oorspronklike wet moet bly en dat enige strafbepalings duidelik en ondubbelsinnig deur die wet self gemagtig moet word.

Tweedens het die minister se optrede nie aan die vereistes van redelikheid en proporsionaliteit soos vereis deur die grondwetlike en administratiefregtelike regsbeginsels, voldoen nie. Dit is van kardinale belang dat enige strafbepalings nie net regmatig moet wees nie, maar ook regverdig en gepas in die konteks van die gespesifiseerde doelwitte van die wet.

Alhoewel die COVID-19-regulasies nie meer van krag is nie, bly dit van kardinale belang vir enige toekomstige ramptoestandregulasies, veral waar strafmaatreëls ingestel word om nakoming af te dwing. Dit is noodsaaklik dat enige regulasies wat tydens 'n nasionale noodtoestand uitgevaardig word nie net doeltreffend is nie, maar ook binne die wettige en grondwetlike perke bly om te verseker dat individuele regte beskerm word en dat regsekerheid heers. Hierdie beginsels sal verseker dat toekomstige maatreëls, ongeag die aard van die noodtoestand, aan die oppergesag van die reg voldoen, grondwetlike regte beskerm en binne die raamwerk van regmatige administratiewe handelinge geskied.

Bibliografie

Asmal, Z. en C. Rooney. 2021. The impact of COVID-19 on industries without smokestacks in South Africa. *Africa Growth Initiative at Brookings – AGI Working Paper No. 32*.

BusinessTech. 2021. Over 400,000 people have been arrested for breaking South Africa's Covid-19 rules. 8 April. https://businesstech.co.za/news/lifestyle/481707/over-400000-people-have-been-arrested-for-breaking-south-africas-covid-19-rules (4 Junie 2024 geraadpleeg).

Courtis, C. 2011. Rationality, reasonableness, proportionality: testing the use of standards of scrutiny in the Constitutional review of legislation. *Constitutional Court Review*, 4(1):31–50.

Dicey, A.V. 1959. *Introduction to the study of the law of the constitution*. Londen: Macmillan Press Ltd.

Dube, F. 2023. The rule of law in a state of disaster: evaluating standards for the promulgation, administration and enforcement of emergency regulations in South Africa. *Hague Journal on the Rule of Law*, 15(1):143–59.

Eloff, D. 2021. The rationality test in lockdown litigation in South Africa. *African Human Rights Law Journal*, 21(2):1167−71.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Faull, A. 2020. State abuses could match the threat of COVID-19 itself. *ISS Today*. Institute for Security Studies. 2 April. https://issafrica.org/iss-today/state-abuses-could-match-the-threat-of-covid-19-itself (14 Desember 2024 geraadpleeg).

Hoexter, C. en G. Penfold. 2021. *Administrative law in South Africa*. 3de uitgawe. Kaapstad: Juta en Kie.

—. 2024. The remaking of South African administrative law. *Journal of African Law*, 68(2):215–30.

Kellaway, E.A. 1995. *Principles of legal interpretation: statutes, contracts and wills*. Durban: Lexis Nexis.

Krüger, R. 2010. The South African Constitutional Court and the rule of law: the Masethla judgment, a cause for concern? *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad*, 13(3):468–92.

Malan, K. 2012. The rule of law versus decisionism in the South African constitutional discourse. *De Jure Law Journal*, 45(2):272−305.

Muntingh, L., J. Mangwanda, K. Petersen en J. Redpath. 2021. Criminal justice, human rights and COVID-19 – a comparative study of measures taken in five African countries. *Africa Criminal Justice Reform*. https://dullahomarinstitute.org.za/acjr/acjr-publications/combined-covid-19-report-13-10-2021-final.pdf.

Singh, A. en S. Tembo. 2022. Constitutionalism and public health emergencies: COVID-19 regulations in South Africa and the constitutional and human rights slippery slope. *Obiter*, 43(1):152−4.

Steyn L.C. 1981. *Die uitleg van wette*. 5de uitgawe. Kaapstad: Juta en Kie.

Van Staden, M. 2020. Constitutional rights and their limitations: a critical appraisal of the COVID-19 Lockdown in South Africa. *African Human Rights Law Journal*, 20(2):484–511.

—. 2024. Rule of law: the universal unwritten constitution. FMF Special Paper. 20 February. Free Market Foundation.

Zarifi, S en K. Powers. 2020. Human rights in the time of COVID-19: Front and centre. International Commission of Jurists. 6 April. https://www.icj.org/human-rights-in-the-time-of-covid-19-front-and-centre (4 Junie 2024 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] Die amptelike naam van die virus, soos gegee deur die Internasionale Komitee oor Taksonomie van Virusse, is SARS-CoV-2.

[2] Zarifi en Powers (2020).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

[3] Singh en Tembo (2022).

[4] Die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 15 van 2023 het die kriminele rekords van Suid-Afrikaners wat skuldig bevind is aan oortredings van COVID-19 inperkingsregulasies, kwytgeskeld.

[5] *Democratic Alliance v Minister of Co-Operative Governance and Traditional Affairs* (700/2022) [2024] ZASCA 65.

[6] *Esau v Minister of Co-Operative Governance and Traditional Affairs* (611/2020) [2021] ZASCA 9; [2021] 2 All SA 357 (SCA); 2021 3 SA 593 (HHA) par. 18.

[7] Goewermentskennisgewing (GK) 312, in *Staatskoerant* 43096 van 15 Maart 2020.

[8] Goewermentskennisgewing (GK) 313, in *Staatskoerant* 43096 van 15 Maart 2020.

[9] Goewermentskennisgewing (GK) 318, in *Staatskoerant* 43107 van 18 Maart 2020.

[10] Regulasies 3, 6 en 8 van die nasionale ramptoestandregulasies.

[11] Regs. 10 en 11 van die nasionale ramptoestandregulasies.

[12] BusinessTech (2021). Over 400,000 people have been arrested for breaking South Africa's Covid-19 rules.

[13] Sien *Esau*.

[14] Aanhef tot die DMA.

[15] Dube (2023:143–59).

[16] Art. 3 van die DMA.

[17] Art. 59(1) van die DMA.

[18] Art. 59(3) van die DMA.

[19] Reg. 19 van die nasionale ramptoestandregulasies.

[20] Goewermentskennisgewing (GK) 313, in *Staatskoerant* 43096 van 15 Maart 2020.

[21] *Annandale Dairy Farms (Pty) Ltd v Dairy Board* [1987] 4 All SA 244 (K) 253.

[22] *Thomas v Thomas* (15322/2010) [2012] ZAKZDHC 73.

[23] Reg. 19 van die nasionale ramptoestandregulasies.

[24] Een van die vermoedens by wetsuitleg is dat die wetgewer 'n verskil in betekenis veronderstel wanneer verskillende woorde en uitdrukkings gebruik word. Sien Steyn (1981:154–5.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

[25] Art. 27(5)(a) van die DMA.

[26] Art. 341 van die Strafproseswet 51 van 1977.

[27] *Luvhengo v Minister of Police* (14445/2019) [2021] ZAGPPHC 762 par. 5.

[28] *Minister of Education v Harris* [2001] ZACC 25, 2001 4 SA 1297 KH).

[29] *Sigcau v President of the Republic of South Africa* [2013] ZACC 18, 2013 (9) BCLR 1091 (KH) par. 27.

[30] Dicey (959).

[31] Van Staden (2024).

[32] Krüger (2010:476).

[33] Dube (2023:143−59).

[34] *Masetlha v President of the Republic of South Africa* (CCT 01/07) [2007] ZACC 20 par. 176.

[35] Malan (2012:272−305).

[36] Van Staden (2024).

[37] Hoexter en Penfold (2021:152).

[38] Eloff (2021:1179).

[39] Singh en Tembo (2022 160–6).

[40] Eloff (2021:1167–71).

[41] *Skole-Ondersteuningsentrum NPC v Minister of Social Development* [2020] 4 All SA 285 (GP); *Esau* 9; *De Beer* 184.

[42] Van Staden (2020:484–511.

[43] *Rex v Magano and Madumo* 1924 TPD 129.

[44] *Magano and Madumo* 134−5.

[45] *Magano and Madumo* 141−2.

[46] Die regter (332) verklaar soos volg: “The question, and the main question, which we have to decide is whether or not the penal sanction which was added to these regulations is or is not *ultra vires*. Now by referring to sec. 15 of the Act, it is clear that there is no penal sanction added for contravention of any of these regulations, and therefore the question is whether, if power is granted to the Governor General to make regulations, and no power is granted specifically by the

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

Act in express words to provide for a penalty and the penalty here threatened is not only a monetary fine but also imprisonment, the Governor General is entitled to add a penal clause for a breach of the regulations. This question was considered by the Court very fully in the case of *Rex v Magano and Madumo* 1924 TPD 129. There, the Court also had to deal with a law, namely, Law 4 of 1885, which empowered the Government to make regulations. Regulations were made and penal sanctions were added. There is nothing, as stated, in the Act under consideration which gives power to the Governor General to add a penalty for breach of any of these regulations; and in the case I have mentioned the Court came to the conclusion, that in view of the scope of the Act and the absence of any express power to impose penalties the Government had no right to add penalties, and consequently declared the regulations in that respect to be *ultra vires*. Mr. Justice CURLEWIS in that case, on page 137, says: 'The reasons which I have given in the first appeal may be taken to apply *mutatis mutandis* to this appeal, in that Order 7, in so far as it purports to make it an offence for a location resident to fail to attend a meeting convened by a chief, is not authorised by and does not fall within the scope of the enabling statute'. In the same case on pages 141 and 142, I made the following remarks, to which after further consideration I unreservedly adhere: 'The power to create new offences, in conflict with the common law, must be expressed in clear terms or must be a necessary and irresistible inference from the words of the enabling statute. Furthermore, a power to frame rules and regulations for certain purposes does not, unless special provision is made, include the right of the framer o punish by means of fine or imprisonment a non-observance of such rules.'"

[47] Hy verklaar voorts (334–5): "I think it is a sound principle of law, that where a subordinate person or body is given the right to make rules and regulations for the better carrying out of any Act of Parliament, that unless the Act specifically and in express words also grants the power to impose a penalty, that no such power should be inferred. I can conceive the possibility, if there are no express words in the Act of Parliament, that by implication one might be able to infer (and that is merely a question of interpretation) a power a penalty from the general scope and purpose of the enabling Act and the nature of the regulations to be framed. I have, however, not been able to find any decided case where such an implied authority has been recognised. We have, therefore, come to the conclusion for these reasons that the regulation whereby a penalty is imposed for a breach of these regulations is *ultra vires* the Governor General. That being so there is no offence with which the appellant could have been charged or convicted."

[48] Kellaway (1995:382). Hulle laat nietemin hierop volg: "Where an authority has power to make rules or regulations and the enabling statute does not also empower such authority to impose penalties for non-observance of its enactment, such rules or regulations should not be construed as constituting an offence, whatever administrative or other disabilities result from non-observance. However, where the legislature itself has prohibited an act in a manner which makes it clear that the intention was to create an offence, without specifically providing a penalty for its contravention, a court will have a discretionary power to inflict one."

[49] *Annandale Dairy Farms (Pty) Ltd v Dairy Board* 1987 2 SA 727 (K) 244.

[50] Die hof stel dit so (*ibid*) : "The Board is a creature of statute. Any power which a body such as the Board exercises must be found expressly or by implication in the enabling legislation creating it. It must therefore be found either in the Act or in the scheme. … Nowhere in the Act or the scheme can a power be found expressly enabling the Board to penalise a producer whose milk does not conform to standards prescribed by it by withholding premium payments or declaring the forfeit. … Whether powers not expressly conferred by statute may be implied

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

depends upon a proper construction of the enabling legislation. Powers will only be implied if they constitute a logical or necessary consequence of the powers expressly conferred or if they are reasonably necessary in order to exercise the powers expressly conferred or if they are ancillary or incidental thereto (see Steyn (op cit at 208 et seq); *Makoka v Germiston City Council* 1961(3) SA 573 (A) at 581 H – F; *Cape Divisional Council v Cape Western Timbers (Pty) Ltd and Another* 1976 (3) SA 714 (C) at 717B C)."

[51] *Rex v Persotam* [1949] 4 All SA 206 (N).

[52] *Ibid*.

[53] *Ibid.*

[54] *Fedsure Life Assurance Ltd (CCT7/98)* [1998] ZACC 17 1999 1 SA 374 (KH) parr. 58–9.

[55] *Ibid.*

[56] *Affordable Medicines Trust v Minister of Health* 2006 3 SA 247 (KH) par. 108.

[57] *Ibid*.

[58] *Natal Joint Municipal Pension Fund v Endumeni Municipality* 2012 4 SA 593 (HHA) par. 18.

[59] Kellaway (1995:373).

[60] Kellaway (1995:374).

[61] Kellaway (1995:237).

[62] *Ibid*.

[63] [2020] ZAGPPHC 147 par. 47.

[64] *Khosa* par. 46.

[65] *Khosa* par. 7.

[66] Faull (2 April 2020).

[67] Muntingh, Mangwanda, Petersen, en Redpath (2021).

[68] *Khosa* par. 25.

[69] *Ibid*.

[70] *Ibid*.

[71] Van Staden (2020: 484–511).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e1

[72] *Ibid*.

[73] 2021 3 SA 593 (HHA) par. 18.

[74] *Ibid*.

[75] *Minister of Education v Harris* 2001 4 SA 1297 (KH) parr. 17 en 18.

[76] Courtis (2011:31−50.

[77] Hoexter en Penfold (2024:226−7).

[78] *Ibid*.

[79] Hoexter en Penfold (2021:465).

[80] Hoexter en Penfold (2021:472).

[81] Hoexter en Penfold (2021:471).

[82] Art. 27(3) van die DMA.

[83] Dube (2023:143–59).

[84] Asmal en Rooney 2021:parr. 3−6.

[85] Asmal en Rooney 2021:1−2.

[86] *Beame; Els v Commissioner of Police* [2023] NSWSC 347, beskikbaar by https://www.caselaw.nsw.gov.au/decision/18753a27c84b877d8ab9d901 (4 Junie 2024 geraadpleeg).

[87] *Kosciolek v Commissioner of Police* [2024] NSWSC 15, beskikbaar by https://www.caselaw.nsw.gov.au/decision/18d528774d074aa6f08aae72 (4 Junie 2024 geraadpleeg).

[88] Fines Act 1996 (NSW) (Australië), beskikbaar by https://legislation.nsw.gov.au/view/html/inforce/current/act-1996-099 (4 Junie 2024 geraadpleeg).

[89] Wisconsin Legislature v Secretary-Designee Palm 2020AP65 – OA, beskikbaar by https://law.justia.com/cases/wisconsin/supreme-court/2020/2020ap000765-oa.html (4 Junie 2024 geraadpleeg).

[90] Eloff (2021:1179).

[91] *Borrowdale v Director General of Health* [2020] NZHC 2090, beskikbaar by https://www.courtsofnz.govt.nz/assets/cases/Borrowdale-v-D-G-of-Health-V_1.pdf.

[92] *(FC) v Secretary of State for the Home Department* [2004] UKHL 56 [95], beskikbaar by https://publications.parliament.uk/pa/ld200607/ldjudgmt/jd071031/home-1.htm (6 Junie 2024 geraadpleeg).

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Die lewende testament – is daar regsekerheid in die Suid-Afrikaanse reg?

Marc Welgemoed

Marc Welgemoed, Departement Straf- en Prosesreg, Nelson Mandela Universiteit

Opsomming

Die begrip *lewende testament* verwys gewoonlik na ’n bepaling in ’n testament dat, indien die testateur in ’n permanente vegetatiewe toestand verkeer en afhanklik is van mediese masjiene om aan die lewe te bly, sodanige masjiene afgeskakel moet word. Teoreties gesproke, word lewende testamente nie in die Suid-Afrikaanse reg erken nie. Prakties gesproke is dit egter ’n ander saak: dit blyk dat beide die regs- en mediese praktyke groot waarde aan lewende testamente heg. Dit is belangrik dat regsekerheid aangaande die geldigheid van lewende testamente verkry word, aangesien ’n situasie kan ontstaan waar ’n persoon wat aan ’n terminale siekte ly, verwag dat behandeling gestaak of ’n ventilator afgeskakel moet word – en dat so ’n wens in ’n lewende testament vervat is. Die mediese praktisyn wat die ventilator afskakel of die persoon wat toestemming verleen dat die ventilator afgeskakel word, kan tegnies gesproke aan moord skuldig wees indien bevind word dat die persoon, vir doeleindes van die reg, lewend was ten tyde van die afskakeling.

Hierdie artikel ondersoek die teorie agter lewende testamente, die sienings van beide die regs- en mediese praktyke, asook die benadering wat deur buitelandse jurisdiksies gevolg word. Daar word aangevoer dat die Grondwet ’n belangrike rol speel wat betref ’n persoon se menseregte wat gerespekteer moet word wanneer daar beslis word of ’n lewende testament geldig is al dan nie. Hierdie regte sluit die reg op lewe, gelykheid, menswaardigheid en liggaamlike en verstandelike integriteit in.

Daar sal aangevoer word dat die Suid-Afrikaanse reg ontwikkel moet word – deur middel van regspraak of veral toepaslike wetgewing – om lewende testamente geldig te verklaar. Dit sal regsekerheid bied en onnodige hofsake en gepaardgaande regskoste uitskakel. Verder sal aangevoer word dat so ’n ontwikkeling die transformasiedoelwitte van die Grondwet sal verwesenlik. ’n Persoon het die reg om mediese behandeling te weier en moet dus toegelaat word om dit in ’n lewende testament te vervat, asook dat mediese behandeling onttrek word sonder enige regsimplikasies vir die mediese praktisyn wat so ’n besluit implementeer.

Trefwoorde: genadedood; Grondwet; lewende testament; mediese behandeling; mediese praktyk; menseregte; permanente vegetatiewe toestand; regsekerheid; regspraktyk; Suid-Afrikaanse Regskommissie; terminale siekte; ventilator

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Abstract

The living will – Is there legal certainty in South African law?

The concept *living will* generally refers to a clause in a will stating that, if the testator is in a permanent vegetative state and dependent on a ventilator to remain alive, the ventilator should be switched off. In theory, the concept of a living will is not recognised in South African law. In practice, however, the situation appears to differ. Both the legal and medical professions appear to support living wills and recognise their value for individuals. There is currently no legislation in South Africa that regulates the legality of living wills. It is of the utmost importance that legal certainty relating to the legality and enforceability of living wills is reached. A person suffering from a terminal illness may have a living will stating that medical treatment must be ceased or that a ventilator must be switched off. Technically, the medical practitioner who switches off the ventilator as well as the person who authorises this action, can both be charged with murder if it is found that the deceased was, legally speaking, still alive when the ventilator was switched off.

This article examines the theory behind living wills and considers the perspectives of both the legal and medical professions regarding their legality. Some legal practitioners support the legality of living wills and even provide guidelines on the necessary requirements for such documents to have legal force. As for the medical profession, the South African Medical Association (SAMA) advises medical practitioners to approach living wills with caution and to consult with SAMA in cases of uncertainty. SAMA has issued guidelines intended to help protect medical practitioners against the possibility of medical malpractice and possible legal consequences if a person dies as a result of compliance with a living will. In this regard, the customs and practices of the medical profession can be useful guidelines in determining whether living wills should be regarded as valid and enforceable.

Legal academics such as Strauss and McQuoid-Mason argue that, should a person die as a result of the cessation of medical treatment, the withdrawal of artificial feeding or the switching off of a ventilator – all in accordance with the wishes expressed in a living will – the person has, in fact, died of natural causes. They maintain that in such cases, neither the medical practitioner nor any other involved party should be held legally liable, as the death was caused by the underlying terminal illness, not by an unlawful act. This argument reflects academic support for the legality and enforceability of living wills. The determination of the time of death however remains a crucial factor, and this issue is briefly discussed in this article.

Furthermore, the article also examines the legal position in selected foreign jurisdictions. The legal positions of the Netherlands, Canada and New Zealand, all of which allow for the existence of living wills through legislation, may offer valuable insights for South Africa.

In this article, it is submitted that a person's fundamental human rights play a significant role in the determination of the validity of a living will. These rights enshrined in the Constitution – the supreme law of the country – must be respected. Any law inconsistent with the Constitution is invalid to the extent of the inconsistency. The fundamental rights, relevant to the arguments in this article, include the rights to life, equality, human dignity, and freedom and security of the person. Some of these rights are intertwined and should be respected collectively, such that a person's wishes, as contained in a living will, are honoured and given effect to. For example, the right to equality may be undermined if one patient is permitted to refuse medical treatment

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

in person, while another is not allowed to do so through a living will. Furthermore, while the right to life is fundamental and respected by the law, a person's right to dignity must also be considered. Thus, their wishes – even if contained in a living will – should be respected.

It is evident that both the legal and medical professions respect these fundamental rights and, for that reason, tend to regard living wills as legally enforceable. It is expected that the legal convictions of the community, or *boni mores*, will be influenced by these rights to the point that living wills are regarded as valid and enforceable.

It will be argued that South African law must be developed, either through a landmark court decision or, preferably, through dedicated legislation. Legislation would create legal certainty and reduce unnecessary litigation and concomitant legal costs. Such development of the law will bring about transformation, replacing the uncertain legal position of the past with greater clarity. If a person has the right to refuse medical treatment, such a person must surely be allowed to stipulate such a desire in a living will. This would provide assurance to both the medical practitioner carrying out the person's wishes and any family member granting such proxy consent, that they will not attract any legal liability upon the person's death.

It is unclear why the law has not yet developed in this regard. The South African Law Commission has already drafted concept legislation in 1997 to regulate euthanasia, palliative care and living wills. More recently, the National Health Amendment Bill of 2018 proposed clear guidelines for the validity of living wills. However, none of these has been enacted into law. As far as case law is concerned, legislation is preferable, as there is no guarantee that the courts will adopt a similar perspective on issues relating to euthanasia, palliative care and living wills.

A living will featured prominently in *Clarke v Hurst* 1992 2 SACR 676 (D), although the court never pronounced on its validity. Since then, no other court decision has dealt with the issue of living wills. However, the inconsistency of the courts' perspectives in this area of the law is evident from decisions in *Stransham-Ford v Minister of Justice and Correctional Services* and its appeal, *Minister of Justice and Correctional Services v Estate Late Stransham-Ford*. The question remains: Why has legal certainty not evolved since the decision of the court in *Clarke*? It is submitted that little has changed. However, it must be noted that the Interim Constitution came into effect in 1994, followed by the final Constitution in 1996, ushering in a democratic dispensation with the Constitution as supreme law of the country.

On the face of it, this shift should make it easier for living wills to be recognised as legal and enforceable, given the constitutional rights discussed above. However, the task may also be more complex, especially where the death of person can ensue, as the right to life remains deeply significant and the most important of all fundamental rights.

Whatever the case may be, the formal recognition and enforceability of living wills is desirable. It would provide legal certainty and peace of mind to terminally ill individuals, as well as to their families and loved ones. These individuals are already facing the trauma of illness – they should not also be burdened by uncertainty over whether their living will shall be respected.

Keywords: Constitution; fundamental rights; legal certainty; legal profession; living will; medical profession; South African Law Commission; terminal illness; ventilator

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

1. Inleiding

Die konsep van die lewende testament maak hedendaags gereeld 'n verskyning in 'n testateur of testatrise (hierna genoem "die pasiënt") se testament.[1] In kort bestaan 'n lewende testament gewoonlik uit 'n enkele klousule wat bepaal dat, indien die pasiënt enigsins in 'n permanente vegetatiewe toestand (hierna genoem "PVT") verkeer en deur middel van mediese masjiene (hierna genoem "'n ventilator") aan die lewe gehou moet word, sodanige ventilator afgeskakel moet word.[2] Die gevolg van so 'n afskakeling is natuurlik dat die pasiënt op 'n natuurlike wyse kan sterf.[3] In die moderne samelewing is die afskakeling van mediese masjiene geensins 'n nuwe verskynsel nie; inteendeel, dit word al vir dekades gedoen. 'n Lewende testament kan ook bepaal dat, aanvullend tot die bogemelde geval, die pasiënt ook nie deur middel van kunsmatige voeding aan die lewe gehou moet word nie. Sekere vrae ontstaan egter in hierdie verband, insluitend die volgende:

- In watter omstandighede mag 'n ventilator afgeskakel word?
- Watter aanspreeklikheid kan mediese praktisyns, asook familielede van die pasiënt, opdoen indien die ventilator afgeskakel word in omstandighede waar dit in werking moes bly?
- Sal 'n pasiënt se lewende testament, soos vroeër verduidelik, geldig wees om mediese praktisyns die nodige toestemming te verleen om sodanige ventilator af te skakel of kunsmatige voeding te weerhou?

'n Onlangse gesprek met 'n regspraktisyn het aangedui dat dit algemeen aanvaar word dat 'n lewende testament heeltemal geldig in die Suid-Afrikaanse reg is. Dit is klaarblyklik waarom dit al meer in testamente ingesluit word. Die werklikheid is egter dat 'n lewende testament in beginsel nie geldig in die Suid-Afrikaanse reg is nie.[4] Gevolglik kan en moet dit nie sonder meer in testamente ingesluit word nie. Waarom word dit dan ingesluit? Verder, indien dit in 'n testament voorkom, is daar enige manier of omstandighede waarin dit afgedwing kan word?

Daar sal gepoog word om al die bogemelde vrae in hierdie artikel te beantwoord. Die oogmerk van hierdie artikel is verder om te beklemtoon dat die konsep van 'n lewende testament as geldig in die Suid-Afrikaanse reg aanvaar moet word. Daar sal aangedui word dat dit slegs as geldig aanvaar kan word indien daar regsekerheid aangaande die regsposisie met betrekking tot veral genadedood en palliatiewe sorg verkry word. Sodanige regsekerheid kan deur toepaslike wetgewing of regspleging deur die howe verkry word.

2. Die lewende testament in die Suid-Afrikaanse reg

2.1 Die aard en werking van 'n lewende testament – 'n teoretiese oorsig

'n Lewende testament kan gedefinieer word as 'n instruksie of 'n bepaling wat deur 'n pasiënt gegee of gemaak word aangaande toekomstige mediese behandeling, sou hulle in 'n latere stadium onbevoeg raak om tot sodanige behandeling toe te stem of te weier.[5] 'n Pasiënt kan, byvoorbeeld, in 'n koma of 'n PVT verval en instruksies in 'n lewende testament gee rakende toepaslike behandeling of die onttrekking van enige behandeling. Die woord *testament* skep die indruk dat die lewende testament dieselfde as 'n testament is wat ná 'n persoon se dood in werking tree. Dit is egter nie die geval nie. 'n Testament, in die ware sin van die woord, bevat 'n persoon se wense met betrekking tot hul boedel ná hul afsterwe.[6]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Lewende testamente is veral relevant waar 'n pasiënt aan 'n terminale siekte ly, welke siekte nie suksesvol behandel kan word nie.[7] 'n Lewende testament moet nie met 'n volmag verwar word nie. 'n Volmag is slegs van krag terwyl die pasiënt nog *compos mentis* is.[8] Dit beteken dat die volmag verval indien die pasiënt in 'n koma, PVT of enige ander toestand verkeer waar hulle nie in staat is om instruksies aangaande behandeling te gee nie.[9] 'n Lewende testament, daarenteen, bly van krag selfs nadat die pasiënt nie meer *compos mentis* is nie. Dit is immers die hoofrede waarom 'n lewende testament deur 'n pasiënt geskep word.

'n Lewende testament het tans egter geen regswerking in die Suid-Afrikaanse reg nie, aangesien daar geen wetgewing is wat die werking daarvan reguleer nie.[10] Verder het geen hof nog oor die regsgeldigheid en werking van 'n lewende testament beslis nie.[11] Die Suid-Afrikaanse Regskommissie (hierna genoem "die Regskommissie") het reeds in 1997 konsepwetgewing voorgestel wat daarop gemik is om beide lewende testamente en 'n volmag, vir die doeleindes van behandeling of die weiering daarvan, te wettig.[12] Hierdie konsepwetgewing het egter nooit in werking getree nie.[13] Die konsepwetgewing het, onder meer, kortliks die volgende bepaal:

- Enige persoon ouer as 18 jaar en wat by hul volle positiewe is, mag 'n skriftelike bepaling verly ingevolge waarvan mediese behandeling of palliatiewe sorg onttrek word indien hulle aan 'n terminale siekte ly en daarom nie in staat is om besluite aangaande mediese behandeling, of die onttrekking daarvan, te maak nie.[14]
- Die persoon se mediese toestand moet deur ten minste een ander mediese praktisyn, wat nie enige behandeling aan die persoon verskaf het nie, bevestig word in die lig van die praktisyn se kennis en praktiese ondervinding en hul ondersoek van die pasiënt se mediese toestand.[15]
- Die betrokke mediese praktisyn moet hulself vergewis van die geldigheid van die bepaling asook van die geskiktheid van die persoon wat die bepaling uitgevaardig het.[16]

Die Regskommissie het gevolglik aanbevelings gemaak aangaande onder meer:

- die erkenning van lewende testamente en skriftelike bepalings ingevolge waarvan 'n pasiënt, wat aan 'n terminale siekte ly, 'n besluit aangaande toekomstige mediese behandeling of die onttrekking daarvan kan neem;[17]
- die erkenning van 'n volmag ingevolge waarvan 'n verteenwoordiger gemagtig word om namens 'n prinsipaal besluite aangaande mediese behandeling, of die onttrekking daarvan, te neem in gevalle waar die prinsipaal nie in staat is om sulke besluite te neem nie weens 'n terminale siekte;[18]
- dat die bogemelde volmag van krag sal bly al is die prinsipaal nie langer *compos mentis* nie;[19]
- die omstandighede waarin die hoof mediese praktisyn van 'n hospitaal toestemming mag verleen om mediese behandeling aan 'n pasiënt, wat aan 'n terminale siekte ly, te onttrek in die afwesigheid van 'n volmag deur óf die pasiënt óf hul verteenwoordiger;[20] en
- die omstandighede waarin 'n hof toestemming mag verleen om behandeling aan 'n pasiënt te onttrek, of dat 'n mediese prosedure op 'n pasiënt uitgevoer word, welke aksies die dood van die pasiënt kan meebring.[21]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Daar moet vermeld word dat die konsep van 'n lewende testament wel na vore gekom het in die 1992-gewysde, *Clarke v Hurst*.[22] Die pasiënt was 'n lid van die South African Voluntary Euthanasia Society (SAVES) en het 'n lewende testament aan sy familie, sy dokter en die hospitaal spesifiek gerig.[23] Dit het soos volg bepaal:

> If there is no reasonable expectation of my recovery from extreme physical or mental disability … I direct that I be allowed to die and not be kept alive by artificial means and heroic measures. I ask that medication be mercifully administered to me for terminal suffering even though this may shorten my remaining life. I hope that you who are for me will feel morally bound to act in accordance with this urgent request.[24]

Hierdie bepaling is 'n praktiese voorbeeld van die teoretiese beskrywing van 'n lewende testament wat vroeër bespreek is. Die hof het nie uitsluitsel daaroor gegee of 'n lewende testament geldig is al dan nie.[25] Dit blyk egter dat die hof die feit dat die pasiënt 'n lewende testament gemaak het, gebruik het as een van die faktore om te beslis dat die mediese toestelle, wat die pasiënt aan die lewe gehou het, afgeskakel mag word, dienooreenkomstig die applikant se aansoek.[26] In hierdie verband het regter Thirion beslis dat die lewende testament, tesame met 'n publieke toespraak deur die pasiënt rakende die lewende testament, neerkom op 'n ingestelde, ingeligte en rotsvaste oortuiging dat hy nie deur kunsmatige metodes aan die lewe gehou moet word nie.[27] *In casu* was die applikant die pasiënt se eggenote.[28] Sy het aansoek gedoen om as die kuratrise oor die pasiënt se belange aangestel te word, wat ingesluit het dat kunsmatige voeding aan die pasiënt onttrek word, ondanks die feit dat sodanige onttrekking die pasiënt se dood kon bespoedig.[29] Regter Thirion het hierdie aansoek toegestaan.[30] Die applikant se opdrag aan 'n mediese praktisyn om kunsmatige voeding te onttrek – en sodoende die pasiënt se dood te veroorsaak – sou dus nie op 'n onregmatige of onwettige optrede neerkom wat haar aan siviele en/of strafregtelike gevolge sou kon blootstel nie.[31]

Dit is opvallend dat daar ná *Clarke v Hurst* geen appèl teen die beslissing aangeteken is nie. Hierdie stand van sake kan maklik die indruk skep dat die samelewing, en daarmee saam die reg, geen ooglopende besware teen 'n lewende testament het nie. Wat ook al die geval mag wees, word die lewende testament tot vandag toe nog nie formeel in die Suid-Afrikaanse reg erken nie. Die vraag moet dus gevra word: wat het verander ná die beslissing in *Clarke v Hurst*? Die antwoord op hierdie vraag verg verdere bespreking. Dit moet in hierdie stadium duidelik gemaak word dat die hof in *Clarke* nie aangaande die geldigheid al dan nie van lewende testamente beslis het nie.[32]

Daar kan aangevoer word dat, op die oog af, niks wesenlik verander het nie. Ná *Clarke* was daar geen ander saak waarin 'n lewende testament 'n rol gespeel het nie. Daar moet egter onthou word dat 'n demokratiese tussentydse Grondwet[33] in 1994 in werking getree het, welke Grondwet in 1996 in 'n finale Grondwet[34] omskep is.[35] Aangesien die Grondwet 'n Handves van Menseregte bevat, word dit verder aangevoer dat sodanige menseregte een van die hoofredes was waarom die Regskommissie in 1997 konsepwetgewing ten opsigte van genadedood, palliatiewe sorg en lewende testamente opgestel het: regsekerheid moes bekom word. 'n Bespreking in hierdie verband volg elders in hierdie artikel.

Dit kan egter kortliks in hierdie verband vermeld word dat die Handves van Menseregte die reg op lewe insluit.[36] Dit maak die antwoord op bogemelde vraag duideliker: dit is nie meer 'n eenvoudige keuse om oor 'n ander mens se lewe te besluit of te beslis nie. Daar word ook aangevoer dat die reg op lewe dit moeiliker maak om in 'n lewende testament aangaande die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

afskakeling van ’n ventilator, te besluit. Wat ook al die geval blyk te wees, die pasiënt het ook die reg op selfbeskikking oor hul liggaamlike integriteit[37] en om ingeligte besluite daaroor te maak. Dit sluit die reg in om te kies of mediese behandeling gestaak of daarmee voortgegaan moet word. Laasgenoemde kan as ’n argument ter ondersteuning van die geldigheid van ’n lewende testament aangevoer word. Soos reeds gestel, volg ’n meer volledige bespreking elders in hierdie artikel.[38]

Wat wel in die *Clarke*-gewysde uitstaan, is dat die hof genader is om ’n beslissing rakende die onttrekking van kunsmatige voeding te maak.[39] Dit is een manier om regsekerheid te bekom.[40] Die ander manier is natuurlik om toepaslike wetgewing tot stand te bring wat genadedood, palliatiewe sorg en lewende testamente kan reguleer.[41]

’n Direkte antwoord op bogemelde vraag is dus dat dit blyk dat die Grondwet wesenlike veranderinge ten opsigte van beskouings aangaande genadedood en, gevolglik, lewende testamente, meegebring het. Daar word dus aangevoer dat, teoreties gesproke, die reg spesifiek uitsluitsel sal moet gee aangaande die regsgeldigheid van ’n lewende testament, asook enige vereistes waaraan dit moet voldoen alvorens dit in testamente ingesluit mag word en ná die afsterwe van ’n pasiënt uitvoerbaar is.

2.2 Lewende testamente in die huidige praktyk

2.2.1 Inleiding

Dit gebeur dikwels dat praktiese realiteite van teoretiese verklarings verskil. Die praktyk met betrekking tot lewende testamente, asook die geldigheid wat beide regs- en mediese praktisyns daaraan toeken, blyk ’n sprekende voorbeeld van hierdie stelling te wees. Die bespreking wat volg brei uit op hierdie stelling. Ter samevatting sal daar ook na die sienswyses van akademici verwys word.

2.2.2 Die posisie volgens die regspraktyk

Dit blyk dat die regspraktyk nie enige etiese en/of morele besware daarmee het om lewende testamente in testamente in te sluit en/of om hul kliënte te adviseer om lewende testamente te verly nie. Op grond waarvan word hierdie stelling gemaak? Die antwoord lyk voor die hand liggend en kan met nog ’n vraag beantwoord word: waarom anders sou regspraktisyns lewende testamente in testamente insluit? Lewende testamente kom algemeen in testamente voor en dit blyk nie of enigiemand in die regspraktyk dit bevraagteken nie. Inteendeel, daar is aanlyn regs-advies beskikbaar aangaande die aard en die voordele van ’n lewende testament, asook instruksies oor hoe om so ’n testament op te stel.[42] Michael Visser, ’n regsadviseur, is van mening dat ’n lewende testament nie in die Suid-Afrikaanse reg as afdwingbaar erken word nie, maar dat dit tog eties aanvaarbaar is.[43] Hy blyk sy argument op die volgende stellings te baseer:

- Volgens die Wet op Gesondheidsberoepe[44] het pasiënte, wat lewende testamente op-gestel het ’n grondwetlike reg dat hul wense, soos vervat in sodanige lewende testa-ment, gerespekteer en uitgevoer word.[45]
- ’n Lewende testament kan nie met ’n selfmoord by wyse van hulpverlening vergelyk word nie. In ’n lewende testament versoek ’n pasiënt nie dat ’n mediese praktisyn hul moet dood nie, maar slegs dat mediese behandeling gestaak of geensins toegedien word nie.[46]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Daar word verder aangevoer dat Visser die kwessie van die pasiënt se grondwetlike reg baie wyd interpreteer. Die betrokke klousule in die wet bepaal bloot dat gesondheidsdienste op so 'n manier aan pasiënte verskaf moet word dat hul grondwetlike regte tot menswaardigheid, liggaamlike en verstandelike integriteit, asook gelykheid, gerespekteer word.[47] Daar word geen melding van 'n lewende testament gemaak nie. Daar word verder aangevoer dat Visser se stelling in konteks verstaan moet word. Hy bedoel sekerlik dat, indien die pasiënt vooraf 'n bepaling, byvoorbeeld 'n lewende testament, gemaak het waarin hulle dit duidelik stel dat mediese behandeling onttrek moet word of geensins toegedien moet word nie, sodanige bepaling betrekking het op die grondwetlike regte van liggaamlike en verstandelike integriteit. In hierdie lig beskou, moet sodanige regte gerespekteer word. Of weerhouding van mediese behandeling, of die onttrekking daarvan op genadedood neerkom, word elders vlugtig in hierdie artikel bespreek.[48]

Matthews, 'n kandidaatprokureur, is van mening dat 'n lewende testament heeltemal geldig is indien sekere vereistes nagekom word.[49] Sy steun op die Living Will Society of South Africa en die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging[50] en voer aan dat die volgende vereistes teenwoordig moet wees alvorens 'n lewende testament verly kan word:[51]

- Die pasiënt moet 18 jaar of ouer wees.
- Die pasiënt moet die nodige verstandelike vermoë besit ten tyde van verlyding van die lewende testament.[52]
- Die pasiënt, wat die lewende testament verly, kan slegs mediese behandeling weier indien hulle daadwerklik aangaande hul siektetoestand ingelig is, asook aangaande die behandeling wat daarvoor voorgeskryf word.
- Die mediese praktisyn, wat die pasiënt behandel, moet seker wees dat die pasiënt nie hul besluit aangaande die weiering van behandeling verander het nie.

Alhoewel daar geen formele vereistes vir die verlyding van 'n lewende testament blyk te wees nie, stel Matthews voor dat die volgende inligting in 'n lewende testament vervat moet word:[53]

- die pasiënt se volle name en van, soos dit op die pasiënt se identiteitsdokument verskyn;
- die pasiënt se huidige woonadres;
- 'n lys van bepalings, welke bepalings presies aandui tot watter mediese behandeling die pasiënt nie toestem nie;
- die tyd wanneer asook die plek waar die lewende testament onderteken is;
- die pasiënt se handtekening; en
- die volle name, vanne en handtekeninge van twee getuies wat teenwoordig was toe die pasiënt die lewende testament onderteken het.[54]

Smit, 'n regsverteenwoordiger, is van mening dat al is die regsgeldigheid van lewende testamente steeds 'n debatteerbare kwessie in die Suid-Afrikaanse reg, die belang daarvan nie oorbeklemtoon kan word nie.[55] Hy stel voor dat persone lewende testamente moet oorweeg. Die redes hiervoor is dat sulke dokumente hul mediese voorkeure duidelik stel asook sekerheid aan hul geliefdes en mediese praktisyns bied in gevalle waar moeilike besluite rakende die beëindiging van die pasiënt se lewe geneem moet word.[56] In hierdie verband verwys Smit na die fundamentele regte op menswaardigheid en liggaamlike en verstandelike integriteit, asook 'n pasiënt se selfbeskikkingsreg.[57] Hierdie regte word elders in meer besonderhede bespreek.[58]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Die voorafgaande bespreking verwys slegs na drie regspraktisyns, maar daar word aangevoer dat dit duidelik is dat die regspraktyk waarde heg aan 'n lewende testament en dit as redelik geldig en afdwingbaar beskou. Daar word aangevoer dat die steun hiervoor grotendeels op die Grondwet[59] berus, meer spesifiek na die pasiënt se reg op liggaamlike en verstandelike integriteit. Hierdie stelling word deur die eenvoudige redenasie ondersteun dat 'n pasiënt mag bepaal waartoe hulle toestem al dan nie, welke toestemming mediese behandeling teenoor die pasiënt se liggaam betref.[60] Hierdie sienswyse word ook in hierdie artikel ondersteun.

2.2.3 Die posisie volgens die mediese praktyk

Dit blyk dat 'n pasiënt die reg het om mediese behandeling te weier, selfs al kan sodanige weiering ernstige besering of dood tot gevolg hê.[61] Die vereistes vir sodanige weiering is die volgende:[62]

- Die pasiënt moet oor die nodige verstandelike vermoë beskik om so 'n besluit te maak.
- Die besluit moet 'n ingeligte een wees.

Hierdie benadering word op artikel 12(2) van die Grondwet gebaseer, welke artikel bepaal dat elke persoon die reg op liggaamlike en verstandelike integriteit het.[63] Dit blyk dat die Nasionale Gesondheidswet[64] ook hierdie benadering versterk. Artikel 8(1) bepaal dat 'n persoon die reg het om by enige besluit wat hul persoonlike gesondheid en behandeling betref, betrokke te wees.[65]

McQuoid-Mason voer aan dat hierdie benadering ook toegepas moet word waar die pasiënt se wense in 'n lewende testament vervat is.[66] Dit beteken dat, indien die pasiënt die regsbevoegheid gehad het om die lewende testament op 'n gegewe tydstip te maak, sodanige lewende testament van regskrag moet bly selfs al word die pasiënt *non compos mentis* na verlyding daarvan.[67] Op grond hiervan voer McQuoid-Mason verder aan dat, indien 'n pasiënt sou sterf as gevolg van 'n mediese praktisyn wat die pasiënt se wens om behandeling te weier, eerbiedig, sodanige mediese praktisyn nie van moord aangekla kan word nie.[68] Die redes hiervoor blyk die volgende te wees:[69]

- Eerstens het die mediese praktisyn nie regtens die dood van die pasiënt veroorsaak nie. Dit is deur die onderliggende siekte veroorsaak.
- Tweedens het die pasiënt se weiering van behandeling die wederregtelikheid van die mediese praktisyn se handeling uitgeskakel.

Die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (hierna genoem "SAMV") voer aan dat mediese praktisyns lewende testamente met omsigtigheid moet benader en advies vanaf SAMV moet inwin indien nodig.[70] Die rede hiervoor is alreeds elders in hierdie artikel vermeld, naamlik dat daar tans geen regulering van lewende testamente in Suid-Afrika bestaan nie.[71] Die SAMV stel 'n reeks riglyne daar waaraan mediese praktisyns aandag moet skenk. Hierdie riglyne sluit die volgende in:[72]

- 'n Mediese praktisyn moet te alle tye behandeling toepas en poog om enige lyding te verminder. Die mediese praktisyn moet te alle tye in die beste belang van die pasiënt optree ooreenkomstig die etiese beginsel van welwillendheid. Daar moet geen uitsonderings in hierdie verband wees nie, selfs nie in gevalle van ongeneeslike siektes of misvorming nie.
- Alle pasiënte het die reg om mediese behandeling te weier. Sodanige weiering moet gerespekteer word. Dit beteken egter nie dat mediese praktisyns pasiënte moet toelaat om sonder ingryping te sterf nie. Mediese praktisyns mag steeds behandeling ooreenkomstig aanvaarbare mediese beleid aanbied.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

- Totdat die teendeel bewys word, sal ’n lewende testament as die pasiënt se uitdruklike wens beskou word.[73]
- Pasiënte verkeer soms onder die indruk dat ’n lewende testament in alle gevalle waar hulle lewensonderhoudende behandeling weier, toegepas moet word. Mediese praktyk maak so ’n beskouing egter onmoontlik. Indien ’n lewende testament na ’n spesifieke geval verwys en sodanige geval kom nooit tot stand nie, hoef mediese praktisyns nie aan die lewende testament gehoor te gee nie. Die SAMV se riglyne verwys nie na ’n spesifieke voorbeeld in hierdie geval nie, maar daar word aangevoer dat die volgende ’n voorbeeld kan wees: ’n pasiënt bepaal in ’n lewende testament dat behandeling geweier moet word wanneer hulle in ’n PVT verkeer. Indien die pasiënt egter in ’n koma eerder as ’n PVT verval, is die mediese praktisyn nie verplig om aan die lewende testament gehoor te gee nie en mag hulle gevolglik behandeling aan die pasiënt verskaf. Verder, indien die lewende testament te vaag is, hoef ’n mediese praktisyn ook nie daaraan gehoor te gee nie. Wat ook al die geval mag wees, moet mediese praktisyns in hierdie gevalle hul professionele oordeel gebruik om ’n slotsom te bereik.
- Die pasiënt moet verseker dat die lewende testament vir familie beskikbaar is, asook vir diegene wat verantwoordelik is vir die uitvoering van die bepalings daarvan. Die pasiënt se mediese praktisyn moet deeglik vertroud wees met die inhoud van die lewende testament. In noodgevalle moet mediese behandeling egter nie weerhou word op grond daarvan dat daar beweer word dat ’n lewende testament bestaan, maar nie geredelik beskikbaar is nie.
- Pasiënte moet aangeraai word om hul lewende testamente gereeld te hersien.
- ’n Mediese praktisyn wat ’n morele beswaar het teen die nakoming van die bepalings van ’n lewende testament, is nie verplig om die lewende testament te gehoorsaam nie. Die mediese praktisyn moet egter sodanige beswaar met die pasiënt bespreek en inwillig om behandeling en sorg aan ’n ander mediese praktisyn te oorhandig.
- Indien ’n lewende testament ontdek word nadat lewensonderhoudende behandeling reeds begin het, moet sodanige lewende testament se bepalings egter steeds gevolg word.

Daar word aangevoer dat Strauss korrek is deur te sê dat, om pasiënte deur kunsmatige metodes aan die lewe te hou terwyl daar geen hoop op herstel is nie, dit op onnodige lyding vir die pasiënte neerkom.[74] Die mediese praktyk moenie ’n spreekwoordelike slaaf van kunsmatige tegnieke, soos ventilators, word nie en terselfdertyd moet dit ook nie toelaat dat pasiënte slawe daarvan word nie.[75] Dit blyk dus dat daar geen plig op ’n mediese praktisyn is om mediese behandeling toe te pas in gevalle waar daar geen hoop vir die pasiënt is om te herstel nie.[76] Die teendeel sou beteken dat sulke pasiënte nie werklik aan die lewe gehou word nie, maar dat die intree van die dood slegs uitgestel word.[77]

Dit is dus duidelik dat die mediese praktyk ten gunste van lewende testamente is en bereid is om gehoor daaraan te gee.

2.2.4 Samevatting

Dit blyk dus uit die bogemelde bespreking dat daar ’n daadwerklike verskil is in die beskouing van ’n lewende testament vanuit ’n teoretiese oogpunt, asook hoe regs- en mediese praktisyns dit beskou. In hierdie verband moet ook vermeld word dat sekere akademici die geldigheid van lewende testamente ondersteun. Currie en De Waal is van mening dat lewende testamente wat

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

die onttrekking van behandeling behels, verly mag word en dat die gevolglike afsterwe van die pasiënt nie as passiewe genadedood bestempel moet word nie.[78] Dit is omdat die pasiënt aan natuurlike oorsake sal sterf indien sodanige behandeling onttrek word.[79] Welgemoed voer aan dat dit onduidelik is waarom daar nog geen veranderinge aan die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot genadedood gemaak is nie.[80] Hierdie veranderinge sluit natuurlik die reg met betrekking tot lewende testamente in.[81] Grové verwys na Strauss en dui aan dat, waar ’n pasiënt ’n lewende testament verly het ingevolge waarvan mediese behandeling geweier word, mediese praktisyns sodanige wens moet eerbiedig.[82] Indien hulle teen so ’n wens sou optree en mediese behandeling toepas, maak hulle hulself skuldig aan aanranding ingevolge die siviele en strafreg.[83]

Daar kan dus met sekerheid aangevoer word dat dit nie heeltemal duidelik is of die teoretiese of praktiese benadering, wat albei hierbo bespreek is, gevolg moet word nie. Voorts word daar gekyk na probleemgevalle wat die skeiding tussen hierdie benaderings nog meer uitmekaar kan dryf.

3. Probleemgevalle met betrekking tot lewende testamente in beide die regs- en mediese praktyke

’n Ongemaklike en onseker situasie kan ontstaan wanneer een of ander wederregtelike handeling deur ’n mediese praktisyn die dood van ’n pasiënt kan bespoedig.[84] Die volgende voorbeeld kan hier genoem word: ’n pasiënt het ’n lewende testament wat uiters vaag is. Die pasiënt verval in ’n PVT en word aan ’n ventilator gekoppel om te verseker dat hulle aan die lewe bly. Die mediese praktisyn is van mening dat dit wenslik is om die ventilator af te skakel en die pasiënt toe te laat om te sterf, aangesien daar min tot geen hoop op herstel is nie. Dit word so gedoen en die pasiënt sterf gevolglik. Keur die mediese praktyk sodanige handeling goed? Hoe beskou die regspraktyk die mediese praktisyn se besluit? Daar word aangevoer dat sodanige handeling, op die oog af, op moord neerkom, aangesien daar geen duidelike wens deur die pasiënt was wat die mediese praktisyn se besluit ondersteun het nie. Die vraag moet gevra word of die mediese praktisyn daadwerklik die dood van die pasiënt veroorsaak het. Dus, kon die pasiënt, wat in ’n PVT verkeer het, as lewend beskou word?

Die presiese tyd van dood speel ’n belangrike rol in hierdie opsig, aangesien dit kan bepaal of die mediese praktisyn die pasiënt se dood veroorsaak het en dus skuldig aan óf moord óf strafbare manslag is.[85] Strauss dui aan dat, in ’n soortgelyke geval as die bogemelde voorbeeld, die mediese praktisyn se handeling die dood van die pasiënt kon veroorsaak het indien ’n eng benadering tot kousaliteit gevolg word.[86] In hierdie verband verwys Strauss na *S v Williams*.[87] Ingevolge hierdie beslissing moet die volgende vraag gevra word: sou die oorlede gesterf het toe hy het, as dit nie vir die appellant se handeling was nie? Indien die antwoord “nee” is, is die appellant in hierdie geval die mediese praktisyn wat die ventilator afgeskakel het, die oorsaak van die oorledene se dood.[88] Die redenasie is dat die mediese praktisyn die pasiënt se dood bespoedig het.[89] Vanuit hierdie perspektief kan die handeling ook op genadedood neerkom, welke handeling die mediese praktisyn natuurlik aan moord skuldig sal maak. Selfs al het die mediese praktisyn met ’n simpatieke motief gehandel, sou sodanige motief irrelevant wees.[90] Dit is omdat die mediese praktisyn die bedoeling gehad het om die pasiënt se dood te veroorsaak.[91] ’n Verdere bespreking van genadedood val egter buite die bestek van hierdie artikel.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Is daar dan ’n eenvoudige antwoord op die vraag wanneer ’n mediese praktisyn, in gevalle soos in die voorbeeld hierbo genoem, ’n ventilator mag afskakel? Hierdie vraag moet in die negatief beantwoord word.[92] Nietemin kan gepoog word om ’n betoog vanuit ’n regsoogpunt te bou wat tot ’n antwoord kan lei.[93]

’n Beginpunt in hierdie verband is om die volgende vraag te vra: wat is die gewoontes en gebruike van mediese praktisyns wanneer dit kom by die afskakeling van ventilators in gevalle waar pasiënte geen hoop op herstel nie?[94] Hierdie vraag bring weer eens die regs- en mediese praktyke in kontak, aangesien antwoorde op regsvrae nie altyd uitsluitlik binne die reg self gevind word nie. Hulle kan ook elders gevind word, byvoorbeeld in die oortuigings van die gemeenskap asook hoe gewoontes en gebruike in ’n spesifieke veld, soos die mediese praktyk, ontwikkel het.[95] ’n Antwoord moet dus gesoek word in dit wat medies gesproke as aanvaarbare gebruike en praktyke beskou word.[96]

Daar word aangevoer dat ’n mediese praktisyn sekerlik ’n ventilator mag afskakel wanneer ’n pasiënt medies gesproke dood is. Daar word verder aangevoer dat die pasiënt, vir regsdoeleindes, ook as dood beskou moet word. Terwyl die bepaling van die presiese stadium van dood na ’n maklike betoog kan lyk, is die nie altyd so eenvoudig nie. Om die vraag hierbo anders te bewoord: kan ’n persoon in ’n PVT, as dood beskou word?

Ingevolge die *Williams*-gewysde tree dood in wanneer ’n pasiënt se breinstam opgehou funksioneer het[97] – dit word breindood genoem. Of ’n pasiënt regsmedies dood is, word dus ’n feitevraag, onderskraag deur deskundige mediese getuienis.[98] Sodanige getuienis steun op breindood as gepaste benadering.[99] Daar word aangevoer dat sodanige benadering heeltemal korrek is, aangesien ’n pasiënt wat breindood is, fisies bewusteloos is en nie hul bewussyn kan herwin nie.[100] Ingevolge die Engelse reg is so ’n pasiënt fisies dood.[101] Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat Suid-Afrikaanse reg ook hierdie benadering ondersteun. Die Nasionale Gesondheidswet beskryf dood dan ook as breindood.[102]

Die breinstam se belangrikste funksies sluit in die regulering van asemhaling, hartklop, bloeddruk en sluk – funksies wat noodsaaklik vir lewe is.[103] Verder dra die breinstam inligting tussen die brein en die res van die liggaam oor, insluitend beweging, bewustheid en gewaarwording.[104] Gevolglik word aangevoer dat ’n mediese praktisyn wat ’n ventilator in hierdie omstandighede afskakel, beslis nie aan moord skuldig kan wees nie aangesien die daad nie die pasiënt se dood veroorsaak het nie – die pasiënt is reeds dood.[105] Daar is dus geen wederregtelikheid van die mediese praktisyn se kant nie, asook geen kousale verband tussen die afskakeling van die ventilator en die pasiënt se dood nie.[106] Hierdie siening strook met dié van Currie en De Waal, wat vroeër bespreek is.[107]

Kan hierdie benadering ook gevolg word ten opsigte van pasiënte in ’n PVT? Dit moet eerstens duidelik gestel word dat pasiënte in ’n PVT nie breindood is nie.[108] In sulke gevalle word daar van mediese praktisyns verwag om vir ’n tydperk van ses maande tot ’n jaar te wag alvorens behandeling van die pasiënt onttrek word.[109] Daar word aangevoer dat hierdie beskouing geld waar geen lewende testament bestaan nie. Indien daar ’n duidelike lewende testament bestaan, word die besluit om behandeling te onttrek in oorleg met die pasiënt se familie geneem.[110] Die familie het egter geen vetoreg teen die mediese praktisyn se besluit om behandeling te onttrek waar die prognose hopeloos is nie.[111] Volgens McQuoid-Mason is die rede hiervoor dat dit oneties vir mediese praktisyns is om mediese behandeling in hopelose gevalle toe te pas, inaggenome die onnodige aanwending van staatshulpbronne.[112] Of ’n lewende testament

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

bestaan of nie, voer McQuoid-Mason aan dat onttrekking van behandeling in sulke gevalle nie wederregtelik is nie en dus nie op moord neerkom nie. Die eerste rede hiervoor is dat die oortuigings van die gemeenskap, of die *boni mores*, nie die lewe van 'n PVT-pasiënt as 'n gehalte menslike lewe sal beskou nie.[113] Die tweede rede is dat die *boni mores* nie van mediese praktisyns sal verwag om mediese behandeling in hopelose gevalle toe te pas nie.[114]

Wat van pasiënte wat in 'n koma verkeer? Sulke pasiënte is bloot bewusteloos en nie in 'n PVT nie.[115] PVT-pasiënte kan nie uit so 'n toestand terugkeer nie, terwyl komapasiënte hul bewussyn kan herwin.[116] Indien 'n mediese praktisyn mediese behandeling aan 'n komapasiënt wil staak, hang die besluit af van of daar 'n lewende testament bestaan al dan nie.[117] Indien 'n lewende testament bestaan, word aangevoer dat mediese behandeling gestaak mag word ingevolge die beskouings van die mediese praktyk, soos hierbo bespreek.[118] Indien geen lewende testament verly is nie, voer McQuoid-Mason aan dat die mediese praktisyn eers met die pasiënt se familie oorleg moet pleeg om hul toestemming te verkry.[119] McQuoid-Mason voer verder aan dat, indien die pasiënt sou sterf, die mediese praktisyn nie wederregtelik opgetree het nie en gevolglik nie vir die pasiënt se dood verantwoordelik gehou kan word nie.[120] Daar is twee redes hiervoor. Eerstens, daar is geen regsplig op 'n mediese praktisyn om mediese behandeling in hopelose gevalle toe te pas nie.[121] Tweedens, dit is nie mediese praktisyn wat die pasiënt se dood veroorsaak het nie, maar inderdaad die pasiënt se onderliggende siektetoestand, aangesien die prognose in elk geval hopeloos was.[122]

Dit moet egter bevraagteken word of die howe hierdie sienings sal deel. Daar sal in die volgende afdeling aangetoon word dat daar geensins 'n maklike of reguit antwoord op hierdie vraag is nie.

4. Waarna moet die reg streef?

4.1 Inleiding

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar geen maklike of reguit antwoord op die vraag is oor hoe die howe sal beslis met betrekking tot lewende testamente nie. So 'n regsonsekerheid is nie wenslik nie, aangesien dit tot onnodige regskoste kan lei. Wanneer 'n pasiënt 'n lewende testament verly, moet hulle nie aan verdere onsekerheid en trauma onderwerp word nie – die terminale siekte waaraan die pasiënt ly en waaraan die familie blootgestel word, is reeds 'n swaar las. Regsekerheid is dus noodsaaklik. Wat in hierdie afdeling volg, is 'n betoog dat regsekerheid dringend in die Suid-Afrikaanse reg benodig word in soverre dit lewende testamente betref.

4.2 Die Grondwet

Die Grondwet,[123] as oppergesag in Suid-Afrika,[124] is die vertrekpunt van hierdie betoog. In hierdie verband word aangevoer dat die beslissing in *Clarke v Hurst*, soos elders bespreek,[125] die pas aangee. Die rede hiervoor is dat regter Thirion as't ware die lewe – en gevolglik die menseregte – van die oorledene in ag geneem het ten einde 'n beslissing te maak. Die volgende *dictum* ondersteun hierdie aanvoering:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

> In my view, therefore, the decision whether the discontinuance of the artificial nutritioning of the patient and his resultant death would be wrongful, depends on whether, judged by the legal convictions of our society, its *boni mores*, it would be reasonable to discontinue the artificial nutritioning of the patient. The decision of that issue depends on *the quality of life which remains to the patient, i.e. the physical and mental status of that life*. The evaluation has to be made in relation to the medical procedures which would have to be instituted or maintained to sustain the patient's life.[126]

Die *Clarke*-beslissing is egter gelewer alvorens die Grondwet in werking getree het.[127] Selfs in daardie stadium het die hof reeds waarde aan die kwessie geheg van die gehalte van 'n pasiënt se lewe en erken dat dit in ag geneem moet word. Hierdie kwessie verdien kortliks aandag. Sommige van die regte in die Grondwet is belangrik vir die hervorming van die *boni mores* in soverre dit die geldigheid en regserkenning van lewende testamente betref.[128] Hierdie regte sluit die reg op lewe,[129] menswaardigheid,[130] gelykheid[131] en liggaamlike integriteit[132] in.

Dit blyk dat daar 'n inherente konflik tussen die reg op lewe en die reg op liggaamlike integriteit bestaan in soverre dit genadedood betref.[133] Vir doeleindes van hierdie artikel word aangevoer dat hierdie konflik ook in gevalle van lewende testamente bestaan. Die betoog hier is dat die reg op lewe nie 'n verpligting om te lewe behels nie.[134] Indien 'n persoon nie 'n gehalte-lewe kan lei as gevolg van 'n ongeneeslike siekte en gepaardgaande pyn nie,[135] behoort so 'n persoon die reg te hê om – regtens 'n lewende testament – te bepaal dat hulle toegelaat moet word om te sterf. Dit beteken dat die pasiënt die reg het om besluite aangaande hul liggaam te neem en dat hul selfbeskikking as sodanig gerespekteer moet word sodat hulle self kan besluit hoe hulle moet sterf.[136] Die lewensgehalte is 'n deurslaggewende faktor in hierdie verband. In *S v Makwanyane*[137] beslis die Grondwetlike Hof dat:

> the right to life was included in the Constitution not simply to enshrine the right to existence. It is not life as mere organic matter that the Constitution cherishes, but the right to human life: the right to share in the experience of humanity. This concept of human life is at the centre of our constitutional values.[138]

'n Pasiënt wat aan 'n ongeneeslike siekte ly, in 'n PVT of koma verkeer en vir wie daar geen vooruitsig op herstel is nie, moet dus toegelaat word om 'n lewende testament te verly. Op hierdie wyse kan die pasiënt besluit oor wanneer behandeling onttrek mag word. Ooreenkomstig die bogemelde bespreking lei so 'n pasiënt nie 'n gehalte-lewe nie. Daarom bevestig die respek vir so 'n pasiënt se lewende testament ook hul menswaardigheid.[139] Dit is omdat die reg op menswaardigheid 'n noue verbintenis met die reg op lewe het.[140] Sonder lewe kan 'n pasiënt nie menswaardigheid besit nie en sonder menswaardigheid word die waarde van 'n pasiënt se lewe aansienlik verminder.[141] Hierdie verband bring ook die reg op gelykheid in fokus. Aangesien almal die reg op gelykheid het om te kan leef, moet almal ook die reg op menswaardigheid hê om te kan besluit wanneer behandeling onttrek moet word. Dit sal gelykheid skep tussen pasiënte wat behandeling persoonlik kan weier en dié wat dit nie kan doen nie, maar wat so 'n besluit in 'n lewende testament kan uitdruk. Indien hierdie nie die geval sou wees nie, sou dit beteken dat daar onregverdige diskriminasie teenoor laasgenoemde pasiënte plaasvind, wat hul menswaardigheid ondermyn.[142] Jordaan voer aan dat sodanige diskriminasie op die gebrek van die pasiënt, wat nie persoonlik tot die onttrekking van behandeling kan toestem nie, gebaseer moet word.[143] Sy voer verder aan dat, indien een pasiënt persoonlik behandeling mag weier, daar geen rede is waarom 'n ander pasiënt nie toegelaat mag word om sodanige weiering deur middel van 'n lewende testament te doen nie?[144]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Dit is opvallend dat ’n menseregte-benadering ook in die *Stransham-Ford*-gewysde[145] gevolg is. In hierdie beslissing het regter Fabricius na die *Clarke*-gewysde verwys en opgemerk dat die pasiënt se lewende testament geensins onduidelik was nie.[146] Die regter het die standpunt in die *Clarke*-gewysde ondersteun – dat ’n pasiënt se wens, uitgespreek terwyl hulle goeie gesondheid geniet het, gerespekteer moet word.[147] Daar word aangevoer dat die regter korrek was deur te verklaar dat dieselfde beginsel, soos in die *Clarke*-gewysde, in die *Stransham-Ford*-gewysde ook toegepas moes word.[148] Soos die regter aangevoer het, waar die gemenereg nie ’n oplossing bied nie, moet die menseregte soos hierbo vermeld, in ag geneem word.[149]

’n Meer breedvoerige bespreking van bogemelde menseregte val egter buite die bestek van hierdie artikel.

4.3 Aanbevelings van die Regskommissie

Soos reeds hierbo vermeld,[150] het die Regskommissie reeds in 1997 ’n wetsontwerp oor genadedood voorgestel. Dit is nie duidelik waarom hierdie konsepwetgewing nooit in wetgewing omskep is nie. Dit sou sekerlik heelwat onsekerheid rondom genadedood, palliatiewe sorg en die regsgeldigheid van lewende testamente uit die weg geruim het. Die Regskommissie se aanbevelings betreffende lewende testamente, soos hierbo vermeld, is selfs vandag nog van toepassing en behoort daarom in wetgewing vervat te word.

4.4 Die praktyk en akademici

Die sienswyses van beide die regs- en mediese praktyke, soos hierbo bespreek,[151] asook dié van akademici, ook hierbo bespreek,[152] is van onskatbare waarde wanneer die ontwikkeling van die reg op lewende testamente oorweeg word. In hierdie verband is dit belangrik om te onthou dat sekere gewoontes en gebruike in die praktyk ontstaan het. Sulke gewoontes en gebruike is betekenisvol vir doeleindes van regsekerheid. Gevolglik kan sodanige gewoontes en gebruike nie geïgnoreer word nie, aangesien dit deur deskundiges toegepas word wat praktiese redes vir die gebruik daarvan kan aanvoer. Medici beskou lewende testamente as regsgeldig aangesien hulle die pasiënte se wense wil respekteer. Regslui beskou op hul beurt lewende testamente as regsgeldig aangesien die mediese praktisyns dit as sodanig beskou. Soos hierbo gesien, is hierdie praktiese uitgangspunte en redes meestal op die Grondwet gevestig.[153] Aangesien die Grondwet die oppergesag in Suid-Afrika is,[154] moet dit gehandhaaf word en vorm dit die kern van alle regs- en verwante besluite.

4.5 Buitelandse jurisdiksies

Die regsposisies in buitelandse jurisdiksies, betreffende die geldigheid van lewende testamente, verdien ook ’n kort bespreking.

In Nederland bepaal die Medical Treatment Contracts Act[155] dat, indien ’n pasiënt van 16 jaar of ouer wat nie na hul eie belange kan omsien wat behandeling betref nie, ’n verteenwoordiger uiting moet gee aan die pasiënt se skriftelike wense terwyl hul ten volle bevoeg was.[156] Vir doeleindes van hierdie artikel lê die trefkrag van hierdie bepaling in die afleiding dat sodanige skriftelike wense ’n versoek vir die onttrekking van mediese behandeling kan insluit, welke onttrekking tot die pasiënt se dood kan lei.[157] Daar word gevolglik aangevoer dat hierdie skriftelike bepalings as ’n lewende testament vir doeleindes van die betoë in hierdie artikel beskou kan word.[158]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Lewende testamente is ook geldig in Kanada, waar die meeste provinsies wetgewing uitgevaardig het wat dit reguleer.[159] Die Representation Agreement Act[160] en die Health Care (Consent) and Care Facility (Admission) Act[161] het veral betrekking in hierdie verband. Ingevolge hierdie wetgewing is ’n lewende testament geldig in soverre dit ’n pasiënt se wense uitdruk rakende die toediening of onttrekking van mediese behandeling.[162]

Nog ’n jurisdiksie van belang vir die betoë in hierdie artikel, is Nieu-Seeland. Die End of Life Choice Act[163] verdien kortliks aandag. Artikel 32 van dié wet bepaal dat ’n pasiënt die reg het om voeding, hidrasie en lewensonderhoudende behandeling te weier.[164] Hierdie artikel bepaal ook dat niks in die wet ’n mediese praktisyn verbied om medikasie, ooreenkomstig gewone en aanvaarbare mediese praktyke, toe te dien om die lyding van ’n pasiënt te verminder nie.[165] Daar word gevolglik aangevoer dat artikel 32 as’t ware lewende testamente in Nieu-Seeland geldig maak in soverre dit die weiering van voeding, hidrasie en lewensonderhoudende behandeling betref.

4.6 National Health Amendment Bill

Die Nasionale Wysigingswet op Gesondheid[166] is reeds in 2018 opgestel en bevat ’n afdeling getiteld “Lewende Testament”. Artikel 7B bepaal dat enige persoon wat 18 jaar of ouer en *compos mentis* is, ’n lewende testament mag verly ooreenkomstig die vormvereistes soos in Skedule 3 van die wetsontwerp vervat. In so ’n lewende testament mag die pasiënt enige behandeling of prosedure weier wat hulle aan die lewe sal hou indien hulle nie meer in staat is om persoonlik sodanige weiering te behartig nie.[167] Gemelde behandeling sluit die volgende in:[168]

- kunsmatige voeding;
- kunsmatige hidrasie;
- dialise;
- enige medikasie; en
- enige wyse van behandeling en/of prosedure wat die pasiënt aan die lewe hou.

Voordat ’n mediese praktisyn aan die pasiënt se lewende testament gehoor gee, moet sodanige praktisyn tevrede wees dat:[169]

- die pasiënt aan ’n terminale siekte ly en kan nie meer besluite aangaande behandeling kan kommunikeer nie;
- die pasiënt in ’n PVT verkeer;
- die pasiënt heeltemal bewusteloos is, met geen vooruitsig om ’n bewussyn te herwin nie.

Die mediese praktisyn moet ook oortuig wees dat die lewende testament eg is en moet ook, waar nodig, die pasiënt se gade of lewensmaat – of, in die afwesigheid van so ’n persoon, die pasiënt se familielede – van die lewende testament en die inhoud daarvan verwittig.[170]

Die lewende testament moet skriftelik verly word en deur twee getuies in die teenwoordigheid van die pasiënt onderteken word.[171] Die lewende testament sal vir alle regsdoeleindes geldig wees, selfs al sou dit bepaal dat die pasiënt behandeling weier, welke weiering hul natuurlike dood sal bespoedig.[172] ’n Mediese praktisyn wat aan sodanige weiering gehoor gee, sal nie siviel- en/of strafregtelik aanspreeklik wees op grond daarvan dat hul weiering van behandeling die pasiënt se dood meegebring of bespoedig het nie.[173]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Hierdie wetsontwerp blyk ooreenkomstig die Regskommissie se aanbevelings opgestel te wees.[174] Dit is duidelik en sal gevolglik regsekerheid, soos in hierdie artikel betoog, kan meebring. Desnieteenstaande is dit nog nie as wetgewing aanvaar nie, al is dit reeds in 2018 opgestel.[175]

4.7 Samevatting

Uit die bespreking in hierdie afdeling blyk dit duidelik dat daar heelwat gronde is waarom die geldigheid van lewende testamente in Suid-Afrika oorweeg en regsekerheid verkry moet word. Die Suid-Afrikaanse reg moet daarna streef om die gewoontes en gebruike van die regs- en mediese praktyke te aanvaar. Dit is duidelik dat beide regspraak en wetgewing belangrike rolle in die geldigheid en erkenning van lewende testamente speel. Hierdie aspek word verder in die volgende afdeling bespreek.

5. Slot

Die bespreking in hierdie artikel dui daarop dat daar geen regsekerheid in die Suid-Afrikaanse reg aangaande die geldigheid, al dan nie, van ’n lewende testament is nie. Teoreties gesproke is daar geen steun vir ’n lewende testament nie.[176] Die praktiese benadering verskil egter van die teoretiese benadering, aangesien daar steun vir lewende testamente in beide die regs- en mediese praktyke bestaan.[177] Daar word aangevoer dat die Grondwet, teoreties gesproke, die erkenning van lewende testamente ondersteun.[178] Dit blyk ook dat die regs- en mediese praktyke bereid is om menseregte aan te voer ter ondersteuning van sodanige erkenning. Beide hierdie praktyke heg waarde en voorkeur aan die pasiënt se wense en dat daaraan uiting gegee moet word.[179] Dit is egter duidelik dat die howe nie hierdie siening konsekwent sal ondersteun nie. Die *Clarke*-[180] en *Stransham-Ford*[181]-gewysdes is sprekende voorbeelde in hierdie verband. Al is die *Clarke*-beslissing voor die inwerkingtreding van die Grondwet beslis, en die *Stransham-Ford*-beslissing daarna, het die twee gewysdes een ding in gemeen: respek vir die pasiënt se wense.[182]

Die *Stransham-Ford*-beslissing is egter in appèl verander. In *Minister of Justice and Correctional Services v Stransham-Ford*[183] het appèlregter Wallis bevind dat ’n meer deeglike ondersoek na die huidige stand van die Suid-Afrikaanse reg nodig was, veral in hierdie komplekse regsgebied.[184] Die hof het bevind dat daar nie voldoende ondersoek na nasionale en internasionale regspraak, grondwetlike aspekte en ontwikkeling van die gemenereg gedoen is nie.[185]

Dit is nodig om daarop te wys dat ’n lewende testament nie ’n kwessie in die *Stransham-Ford*-gewysde was nie. Wat egter belangrik is, is die benadering wat die hof gevolg het ten opsigte van die wense van die pasiënt: in die appèl was die hof nie bereid om aan die pasiënt se wens om genadedood te ontvang, uiting te gee nie.[186] Dit verskil aansienlik van die benadering in die *Clarke*-gewysde. Daar moet verder uitgewys word dat ’n pasiënt nie genadedood in die Suid-Afrikaanse reg mag versoek nie, aangesien dit op moord sou neerkom. So ’n versoek sal gevolglik nie in ’n lewende testament toegelaat word nie. Die doeltreffendheid van die verskille in benadering dui daarop dat die howe nie dieselfde benaderings tot kwessies aangaande genadedood en lewende testamente het nie. Regsekerheid is dus nodig om te verseker dat, indien ’n pasiënt, of ’n ander belanghebbende persoon, die howe met ’n lewende testament-kwessie nader, die hof se bevinding met redelike sekerheid veronderstel kan word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Dit is duidelik dat ’n waterskeidingsaak of gepaste wetgewing nodig is om regsekerheid in die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot die regsgeldigheid van lewende testamente, te verseker. Daarsonder is die reg oorgelewer aan die menings van akademici, gewoontes en gebruike van die regs- en mediese praktyke, asook aan regskostes indien ’n hof genader moet word om oor die inhoud en geldigheid van ’n lewende testament te beslis. Soos reeds aangevoer, is daar geen waarborg dat die howe konsekwente beslissings sal maak nie. Die howe sal in bogemelde gevalle die *boni mores* in berekening moet bring.[187] Daar word aangevoer dat regters nie dieselfde siening aangaande die *boni mores* sal hê nie. In die *Clarke*-gewysde maak regter Thirion volgende stelling:

> I think the distinction is to be found in society’s sense of propriety – its belief that things should happen according to their natural disposition or order. The person who pre-empts the function of the executioner and kills the condemned man while he is to take the last few steps to the gallows, acts wrongfully irrespective of his motive for killing the condemned man. He acts wrongfully because he has no right to meddle in the matter.[188]

Ten spyte van hierdie uiteensetting van die *boni mores* jeens genadedood, het regter Thirion die applikant se aansoek toegestaan. Die pasiënt se lewende testament het ’n belangrike rol in die hof se beslissing gespeel. Die uiteenlopende sienings in die *Stransham-Ford*-gewysde en die appèl daarteen is verdere voorbeelde van hoe regters se sienings kan verskil. Die beskouings van die *boni mores* kan ook verskil van dié van die regs- en mediese praktyke – watter siening moet dan gevolg word?[189] Regsekerheid is dus nodig.

Die Regskommissie se voorstelle met betrekking tot lewende testamente, soos elders bespreek,[190] is voldoende en die regering moet dit in wetgewing omskep ten einde regsekerheid te verseker. Dit sal ’n groot stap in die rigting van transformasie wees, aangesien dit ’n onsekere regsposisie van die verlede in ’n duidelike posisie vir die toekoms sal omskep. In hierdie verband moet die Nasionale Wysigingswet op Gesondheid ook in ag geneem word.[191] Dit bevat duidelike en toepaslike bepalings ten opsigte van lewende testamente wat sonder twyfel regsekerheid sal meebring.

Vir doeleindes van transformasie vergelyk Mureinik die ontwikkeling van die reg ingevolge die Grondwet met ’n brug: dit is noodsaaklik om te verstaan waar die brug ontstaan asook waarheen dit lei.[192] Mureinik dui tereg aan dat die Grondwet, meer spesifiek die Handves van Menseregte, ’n kultuur van regverdiging meebring.[193] Alle beslissings, gegrond op menseregte, moet dus geregverdig kan word. Dit is juis ingevolge hierdie punt dat aangevoer word dat toepaslike wetgewing meer regsekerheid as regspraak sal meebring, aangesien die benadering van die howe kan verskil rakende die aanvaarbare regverdigingsgronde vir beslissings. Weer eens word hierdie stelling met respek teenoor ons howe en voorsittende beamptes gemaak.

Die wetgewingvoorstel word ook uit ander oorde ondersteun, al is dit by wyse van analogie. Welgemoed en Lerm voer aan dat, in gevalle van palliatiewe sorg, doeltreffende wetgewing die mees gepaste wyse is om sekerheid te verkry met betrekking tot die beskikbaarheid van behoorlike palliatiewe sorg.[194] Hierdie benadering is logies en aanvaarbaar, aangesien duidelike wetgewing onnodige besoeke aan die hof en gepaardgaande regskoste sal uitskakel.

Ten slotte moet die vrae wat in die Inleiding gestel, beantwoord word.[195] Dit blyk dat ’n ventilator met sekerheid afgeskakel mag word wanneer ’n pasiënt breindood is. Indien dit andersins afgeskakel sou word, sou dit op moord neerkom, aangesien die pasiënt nie fisies dood sou wees

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

nie. Aangesien 'n lewende testament tegnies gesproke nie geldig in die Suid-Afrikaanse reg is nie, mag dit dus nie verly word om mediese praktisyns die nodige toestemming te verleen om ventilators af te skakel of kunsmatige voeding te weerhou nie.[196] In die afwesigheid van toepaslike en duidelike wetgewing, is die enigste wyse waarop uitsluitsel in hierdie gevalle verkry kan word 'n aansoek tot die hof. Die volgende *dictum* uit die *Clarke*-gewysde kan as steun vir hierdie stelling dien:

> In my view this is a proper case for the exercise of the Court's discretion. The applicant is facing an agonising decision. She has a right in the circumstances to know whether in doing what she contemplates doing she would be transgressing the law … It is but right that the decision should be taken by the Court, which can view the evidence dispassionately and objectively. In those circumstances the applicant is entitled to have the legal position determined by the Court.[197]

Die benaderings van die regs- en mediese praktyke word ondersteun wat die geldigheid van lewende testamente betref. Dit word egter sterk aanbeveel dat beide regsverteenwoordigers en mediese praktisyns uiters versigtig moet wees om lewende testamente aan te beveel, gegewe die regsonsekerheid soos in hierdie artikel aangedui. Dit word verder aanbeveel dat die wetgewer vinnig optree om die Regskommissie se aanbevelings asook die bepalings ten opsigte van lewende testamente in die Nasionale Wysigingswet op Gesondheid, te heroorweeg en in wetgewing te omskep, ten einde regsekerheid met betrekking tot lewende testamente in die Suid-Afrikaanse reg te skep. Soos reeds elders bespreek, het so 'n stap regsekerheid in jurisdiksies soos Nederland, Kanada en Nieu-Seeland meegebring.[198] Verder sal so 'n stap die Grondwet, as oppergesag in die land, bevorder, aangesien die menseregte wat kortliks in hierdie artikel bespreek word, daarin vervat is. Dit is nie wenslik dat die samelewing deur regsreëls en regsposisies wat onseker is gereguleer word nie, veral nie waar individue se lewens, gesondheid en algehele welsyn ter sprake is nie.

Bibliografie

Currie, I. en J. de Waal. 2016. *The Bill of Rights handbook*. Kaapstad: Juta en Kie Bpk.

Grové, L. 2007. Framework for the implementation of euthanasia in South Africa. LLM-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Jordaan, L. 2011. The legal validity of an advance refusal of medical treatment in South African law (Part 1). *De Jure*, 44(2):32−49.

Labuschagne, J.M.T. 1988. Dekriminalisasie van eutanasie. *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 51:167−93.

Luke, C. 2005. The right to choose: Living wills in British Columbia. *The Scrivener*, 14(3):60−2.

Matthews, V. 2024. Understanding Living Wills. https://www.mblh.co.za/OurInsights/ArticleDetail.aspx?Title=Understanding-Living-Wills (30 Januarie 2025 geraadpleeg).

McQuoid-Mason, D. 2005a. Pacemakers and end-of-life decisions: issues in medicine. *South African Medical Journal*, 95(8):566−68.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

—. 2005b. Pacemakers and "living wills": does turning down a pacemaker to allow death with dignity constitute murder? *South African Journal of Criminal Justice*, 18(1):24−40.

—. 2006. Advance directives and the National Health Act. *South African Medical Journal*, 96(12):1236−38.

—. 2013. Emergency medical treatment and "do not resuscitate" orders: when can they be used? *South African Medical Journal*, 103(4):223−25.

Medical Protection Society. 2014. Living Wills/Advance Directives. https://www.medicalprotection.org/docs/medicalprotectioninternationallibraries/pdfs/factsheet-pdfs/south-africa-factsheet-pdfs/living-wills-advance-directives.pdf?sfvrsn=6 (18 Februarie 2025 geraadpleeg).

Mureinik, E. 1994. A bridge to where? Introducing the Interim Bill of Rights. *South African Journal on Human Rights*, 10(1):31−48.

Nadasen, S. 1993. Euthanasia: an examination of the Clarke judgment in the light of Dutch experience. *Obiter*, 14:50−66.

Ncayiyana, D. 2012. Euthanasia – no dignity in death in the absence of an ethos of respect for human life. *South African Medical Journal*, 102(6):334

NHS. 2022. Overview: Brain death. https://www.nhs.uk/conditions/brain-death (4 Februarie 2025 geraadpleeg).

Politzer, W.M. 2009. Is the medical profession always justified in saving lives? *South African Family Practice*, 51(1):36−8.

Rheeder, A. 2012. Eutanasie as vrywillige keuse deur persone met demensie, met verwysing na die praktyk in Nederland – 'n voorlopige teologies-etiese beoordeling. *In die Skriflig*, 46(1):1–12.

Slabbert, M. en C. van der Westhuizen. 2007. Death with dignity in lieu of euthanasia. *South African Public Law Journal*, 22(2):366−84.

Smit, A. 2025. Enforceability of living wills in South Africa. https://www.derebus.org.za/enforceability-of-living-wills-in-south-africa (17 Februarie 2025 geraadpleeg).

Sneiderman, B. en D. McQuoid-Mason. 2000. Decision-making at the end of life: the termination of life-prolonging treatment, euthanasia (mercy-killing), and assisted suicide in Canada and South Africa. *Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, 33(2):193−204.

South African Medical Association. 2012. Living Wills and Advance Directive. https://samedical.org/images/attachments/guidelines-with-regard-to-living-wills-2012.pdf (13 Januarie 2025 geraadpleeg – die blad blyk nie langer aktief te wees nie, maar die PDF-dokument, waarin hierdie inligting vervat is, is in die outeur se besit en kan op aanvraag beskikbaar gestel word).

Strauss, S. 1991. *Doctor, Patient and the Law: a selection of practical issues*. Pretoria: JL van Schaik Uitgewers.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

Visser, M. 2022. Putting together a living will. https://www.golegal.co.za/living-will-requirements (29 Januarie 2025 geraadpleeg).

Welgemoed, M. 2013. Euthanasia: a modern legal perspective. LLM-verhandeling, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit.

Welgemoed, M. en H. Lerm. 2020. Palliative care as a form of relief for the dying: a South African perspective. *Obiter*, 41(2):348−70.

Eindnotas

[1] Sien Grové (2007:78). Alreeds in 2007 het Grové aangedui dat die Living Will Society of South Africa lewende testamente tussen hul lede vir verlyding versprei het en dat die getalle tussen 1974 en 1991 aansienlik in so 'n mate gegroei het dat dit tóé al 20 000 verbygesteek het. Sien ook Smit (2025).

[2] Sien ook Smit (2025).

[3] McQuoid-Mason (2005a:566).

[4] *Ibid*.; Smit (2025). Sien par. 2 vir 'n meer volledige bespreking hiervan.

[5] McQuoid-Mason (2006:1236); McQuoid-Mason (2005b:25); McQuoid-Mason (2013:224); Medical Protection Society (2014).

[6] Matthews (2024).

[7] McQuoid-Mason (2005a:566).

[8] McQuoid-Mason (2006:1236).

[9] Sien ook Grové (2007:152).

[10] McQuoid-Mason (2006:1236); Sneiderman en McQuoid-Mason (2000:196); McQuoid-Mason (2005a:566); McQuoid-Mason (2013:224); Jordaan (2011:36); Welgemoed (2013:40); Grové (2007:152).

[11] McQuoid-Mason (2005b:25).

[12] McQuoid-Mason (2006:1237).

[13] *Ibid*.

[14] Suid-Afrikaanse Regskommissie (1997:6(1)); Welgemoed (2013:41).

[15] Suid-Afrikaanse Regskommissie (1997:7(1)(a) en (b)); Welgemoed (2013:41).

[16] Suid-Afrikaanse Regskommissie (1997:7(2)); Welgemoed (2013:41).

[17] Suid-Afrikaanse Regskommissie (1997:v); Welgemoed (2013:42).

[18] *Ibid*.

[19] Suid-Afrikaanse Regskommissie (1997:v); Welgemoed (2013:43).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

[20] *Ibid*.

[21] *Ibid*.

[22] 1992 2 SACR 676 (D); Jordaan (2011:36.)

[23] *Clarke v Hurst* 1992 2 SACR 630 (D) 680A.

[24] *Ibid*.

[25] McQuoid-Mason (2005b:25).

[26] McQuoid-Mason (2005b:25). Sien ook Labuschagne (1988:191). Hy is van mening dat ’n lewende testament van hulp kan wees om te bepaal of toestemming dat mediese behandeling gestaak moet word, bestaan al dan nie.

[27] *Clarke v Hurst* 680C.

[28] *Clarke v Hurst* 679D.

[29] *Ibid*.

[30] *Clarke v Hurst* 704A.

[31] *Ibid*.

[32] Smit (2025)

[33] 200 van 1993.

[34] 108 van 1996.

[35] Sien ook *Stransham-Ford v Minister of Justice and Correctional Services* (2015:[12]), waar regter Fabricius J dit duidelik stel dat, in ’n postkonstitusionele era, die reg ontwikkel moet word ten einde uitvoering aan die applikant se menseregte te gee.

[36] Art. 11.

[37] Art. 12, meer spesifiek art. 12(2).

[38] Sien par. 2.2.2, asook par. 4 hier onder.

[39] Benewens die onttrekking van kunsmatige voeding, is die afskakeling van ’n ventilator ook van belang vir doeleindes van hierdie artikel.

[40] Sien ook Labuschagne (1988:191). Labuschagne verwys nou wel na gevalle van genadedood waar die hooggeregshof genader moet word, maar by wyse van analogie is hierdie siening ook op lewende testamente van toepassing.

[41] Sien ook *Stransham-Ford v Minister of Justice and Correctional Services* (2015:[17]), waar die hof dit duidelik stel dat, waar die hof genader word en/of waar daadwerklike wetgewing bestaan wat voldoende veiligheidsmaatstawwe in plek het, om ’n besluit te maak of ’n pasiënt aan die lewe moet bly al dan nie, daar geen newe-effekte tot so ’n besluit kan wees nie.

[42] Visser (2022); Matthews (2024).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

[43] Visser (2022).

[44] 56 van 1974.

[45] Visser (2022).

[46] *Ibid*.

[47] Art. 3(o).

[48] Sien par. 3 hier onder.

[49] Matthews (2024).

[50] ’n Verdere bespreking rakende hierdie organisasies word in die volgende afdeling bespreek – sien par. 2.2.3.

[51] Matthews (2024).

[52] Sien ook McQuoid-Mason (2005b:29).

[53] Matthews (2024).

[54] In hierdie verband word aangevoer dat die getuies aan dieselfde vereistes moet voldoen wat vir getuies ingevolge die Wet op Testamente 7 van 1953 geld. ’n Meer volledige bespreking hiervan val egter buite die bestek van hierdie artikel.

[55] Smit (2025).

[56] *Ibid*.

[57] *Ibid*.

[58] Sien par. 4.2.

[59] 108 van 1996.

[60] Sien par. 2.1 hierbo, asook parr. 3 en 4 hier onder.

[61] McQuoid-Mason (2005b:26, 29–30); Jordaan (2011:35); Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (2012) Die blad blyk nie langer aktief te wees nie, maar die PDF-dokument, waarin hierdie inligting vervat is, is in die outeur se besit en kan op aanvraag beskikbaar gestel word.

[62] McQuoid-Mason (2005b:26).

[63] *Ibid*.

[64] 61 van 2003.

[65] Sien Politzer (2009:36). Mediese praktisyns is, volgens die mediese praktyk, gebonde aan die wense van hul pasiënte. Sien ook Health Professions Council of South Africa (2007:4) in hierdie verband.

[66] McQuoid-Mason (2005b:28).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

[67] *Ibid*.; McQuoid-Mason (2013:224); Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (2012): vgl. eindnota 65 hierbo.

[68] McQuoid-Mason (2005b:28).

[69] McQuoid-Mason (2005b:28–9, asook 30).

[70] Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (2012): vgl. eindnota 65 hierbo.

[71] Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (2012): vgl. eindnota 65 hierbo. Sien ook parr. 1 en 2.1 hierbo.

[72] Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (2012): vgl. eindnota 65 hierbo.

[73] Sien ook McQuoid-Mason (2005b:29). Mediese praktisyns moet te alle tye verseker dat die wense van die pasiënt duidelik is en gerespekteer word.

[74] Strauss (1991:337).

[75] *Ibid*.

[76] Labuschagne (1988:176).

[77] *Ibid*.

[78] Currie en De Waal (2016:267).

[79] *Ibid*.

[80] Welgemoed (2013:48).

[81] Sien Welgemoed (2013:62–63).

[82] Sien Grové (2007:78). Strauss, in hierdie verband verwys na Strauss (1991:344).

[83] Grové (2007:78).

[84] McQuoid-Mason (2005b:30).

[85] Strauss (1991:322).

[86] *Ibid*.

[87] 1986 4 SA 1188 A.

[88] Strauss (1991:323).

[89] *Ibid*.

[90] Welgemoed (2013:32 en 33).

[91] Welgemoed (2013:33).

[92] Strauss (1991:323).

[93] *Ibid*.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

[94] *Ibid*.

[95] *Ibid*.

[96] *Ibid*.

[97] Strauss (1991:325); McQuoid-Mason (2005b:32); Labuschagne (1988:183 en 184).

[98] McQuoid-Mason (2005b:32).

[99] *Ibid*.

[100] NHS (2022).

[101] *Ibid*.

[102] Art. 1.

[103] *Ibid*.

[104] *Ibid*.

[105] Sien ook McQuoid-Mason (2005b:33).

[106] *Ibid*.

[107] Sien par. 2.2.4.

[108] McQuoid-Mason (2005b:34).

[109] *Ibid*.

[110] *Ibid*.

[111] *Ibid*.

[112] *Ibid*.

[113] McQuoid-Mason (2005b:35).

[114] *Ibid*.

[115] *Ibid*.

[116] *Ibid*.

[117] McQuoid-Mason (2005b:36).

[118] Sien par. 2.2.3. Sien ook McQuoid-Mason (2005b:36). Dit moet vermeld word dat McQuoid-Mason na pasaangeërs verwys, maar dat sy betoog analogies op ventilators van toepassing gemaak kan word.

[119] McQuoid-Mason (2005b:35). Weer eens moet dit vermeld word dat McQuoid-Mason se betoog in hierdie verband analogies op ventilators van toepassing gemaak kan word.

[120] McQuoid-Mason (2005b:36).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

[121] *Ibid*.

[122] McQuoid-Mason (2005b:36).

[123] 108 van 1996.

[124] Art. 2.

[125] Sien par. 2.1 hierbo.

[126] *Clarke v Hurst* 1992 2 SACR 630 (D) 697B (eie beklemtoning).

[127] Dis is ’n 1992-beslissing.

[128] Sien Welgemoed (2013:50) in hierdie verband. Alhoewel Welgemoed na genadedood en palliatiewe sorg verwys, behoort dieselfde benadering analogies op lewende testamente van toepassing te wees.

[129] Art. 11 bepaal dat “[e]veryone has the right to life.”

[130] Art. 10 bepaal dat “[e]veryone has inherent dignity and the right to have their dignity respected and protected.”

[131] Art. 9(1) bepaal dat “[e]veryone is equal before the law and has the right to equal protection and benefit of the law.”

[132] Welgemoed (2013:50). M.b.t. liggaamlike integriteit, bepaal art. 12(2)(b) dat “[e]veryone has the right to freedom and security of the person, which includes the right … to security in and control over their body; …”

[133] Welgemoed (2013:53); Ncayiyana (2012:334).

[134] Ncayiyana (2012:334).

[135] *Ibid*.

[136] Welgemoed (2013:58). Sien ook Slabbert en Van der Westhuizen (2007:373)

[137] 1995 6 BCLR KH, 1995 3 SA 391 (KH).

[138] [327]. Sien ook Welgemoed (2013:54).

[139] Sien Welgemoed (2013:54), asook Currie en De Waal (2016:267). Currie en De Waal is van mening dat ’n lewende testament heeltemal geldig is, welke mening op die *Clarke*-gewysde gebaseer word.

[140] Welgemoed (2013:54). Sien ook Currie en De Waal (2016:267–8).

[141] Welgemoed (2013:54). Sien ook Currie en De Waal (2016:267–8). In hierdie verband verwys Currie en De Waal na die beslissing in *Makwanyane*.

[142] Sien Welgemoed (2013:57), asook *Prinsloo v Van der Linde* 1997 3 SA 1012 (KH), 1997 6 BCLR 759 (KH) [31] in hierdie verband.

[143] Jordaan (2011:43).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

[144] *Ibid*.

[145] 2015 4 ZAGPPHC 230.

[146] [17].

[147] *Ibid*.

[148] *Ibid*.

[149] *Ibid*.

[150] Sien par. 2.1.

[151] Sien parr. 2.2.2 en 2.2.3.

[152] Sien par. 2.2.4.

[153] Sien par. 2.2.3.

[154] Sien par 4.2.

[155] *Wet op de Geneeskundige Behandelingsovereenkomst* (WGBO) 1995.

[156] Art. 450.

[157] Sien ook Welgemoed (2013:13).

[158] Sien ook Rheeder (2012:3) m.b.t. lewende testamente in Nederland.

[159] *Carter v Canada (Attorney-General)* (2012) BCSC 886 [222].

[160] RSBC 1996 Chapter 405.

[161] RSBC 1996 Chapter 181.

[162] Welgemoed (2013:29). Sien ook Luke (2005:61).

[163] 2019.

[164] Art. 32(1).

[165] Art. 32(2).

[166] B8-2019.

[167] Art. 7B(1).

[168] Art. 7B(2).

[169] Art. 7B(3)(a).

[170] Art. 7B(3)(b)-(c).

[171] Art. 7B(4).

[172] Art. 7B(5).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e2

[173] Art. 7B(6).

[174] Sien par. 2.1.

[175] Smit (2025).

[176] Sien par. 2.1.

[177] Sien par. 2.2.

[178] Sien par. 4.2.

[179] Sien parr. 2.2.2 en 2.2.3.

[180] 1992 2 SACR 676 (D).

[181] 2015 4 ZAGPPHC 230.

[182] Sien par. 4.2.

[183] 531/2015 [2016] ZASCA 197; [2017] 1 All SA 354 (HHA); 2017 3 BCLR 364 (HHA); 2017 3 SA 152) (HHA (6 Desember 2016).

[184] [5].

[185] *Ibid*.

[186] Sien in hierdie verband parr. [13] en [14]. Die hof verwys na die pasiënt se menseregte, maar was nie bereid om dit as basis te gebruik om sy aansoek toe te staan nie.

[187] Nadasen (1993:52).

[188] *Clarke v Hurst* 700H.

[189] Nadasen (1993:65).

[190] Sien par. 2.1.

[191] Sien par. 4.6.

[192] Mureinik (1994:31).

[193] Mureinik (1994:48).

[194] Welgemoed en Lerm (2020:370).

[195] Sien par. 1 hierbo vir ’n uiteensetting van die vrae.

[196] Sien ook Jordaan (2011:38).

[197] *Clarke v Hurst* 683C.

[198] Sien par. 4.5 hierbo.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Vonnisbespreking: Konteks en bedoeling – besinning oor die Hoogste Hof van Appèl se haatspraakuitspraak *AfriForum v Economic Freedom Fighters* (1105/2022) [2024] ZASCA 82 [28 Mei 2024]

Casper Lötter

Casper Lötter, Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit

Abstract

Context and intention – reflecting on the Supreme Court of Appeal's hate speech decision

This case has an interesting, if unusual, history. In 2012, the appellant (AfriForum) brought the respondent (the Economic Freedom Fighters (EFF) and Julius Malema, the leader of the EFF) before the Equality Court (Gauteng Division) on a charge of hate speech. This issue arose from Julius Malema's singing of the song "Dubula ibhunu" ("Kill the Boer, kill the farmer") during public meetings. The appellant's claim was upheld in the court below (Lamont J) and subsequently settled after an appeal was noted.

In the second case before the Equality Court (albeit before a different judge, Molahlehi J), the appellant's case was dismissed. The appellant (AfriForum) appealed. With two conflicting decisions by the same division of the High Court, the matter was ripe for the Supreme Court of Appeal (SCA) to weigh in.

On appeal to a full bench, the appeal was dismissed on the basis that the reasonably informed person would understand the words of the song in the original context not to be hate speech, but an expression of the EFF's political orientation (namely their pursuing the struggle objective of expropriation without compensation).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

In this contribution, the court's test for hate speech is subjected to a critical assessment by using Luhmann's systems theory and poststructuralist tools (developed by Derrida and Lacan) on the displacement of the signifier to unknown contexts and Gadamer's hermeneutics. The conclusion is that the test is not only not supportable (new, unknown contexts cannot be controlled or even predicted) but that the idea of the reasonably informed person, in an age of mass disinformation circulating on social media and the internet, is a fiction. Furthermore, as Gadamer shows, the reasonable person is bound to interpret the speech in the prevailing circumstances of the received – not the original – context. The conclusion is therefore that the new test enunciated by the SCA is seriously flawed and should be corrected by legislation.

Keywords: authority figure; hate speech; intention of the speaker; many contexts; original context; reasonable informed person; second-class citizens; signifier; test for

Trefwoorde: aanduier; bedoeling van die spreker; gesagsfigure; haatspraak; oorspronklike konteks; redelik ingeligte persoon; toets vir; tweedeklasburgers; veelvuldige kontekste

I. Inleiding

Die onlangse eenparige uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl oor haatspraak is, soos uit die bespreking hier onder blyk, opspraakwekkend, kommerwekkend en belanghebbend. Nadat die feite onder die loep geneem is, word die regsposisie voor die uitspraak vlugtig oorweeg. Daarna word die uitspraak self krities ontleed. Vervolgens word die betekenis van die uitspraak ondersoek voordat dit in 'n breë, meer algemene konteks bespreek word. Dan volg 'n samevatting van die uitspraak en, ter afsluiting, 'n slotsom en aanbevelings.

2. Die feite

Daar bestaan reeds twee uitsprake van die Gelykheidshof oor Julius Malema, die leier van die Economic Freedom Fighters (EFF), se beweerde haatspraak. Die eerste is dié van 2011 deur regter Lamont, *AfriForum v Malema* 2011 6 SA 240 (EqC) (hierna *AfriForum v Malema I*), wat op 1 November 2012 deur die partye geskik is.[1] Die huidige betoog draai dan ook om die siening dat die uitspraak van regter Lamont in die eerste uitspraak verkieslik is bo dié van regter Molahlehi in *AfriForum v Economic Freedom Fighters* [2022] ZAGPJHC 599; 2022 6 SA 357 [GJ] (hierna *AfriForum v Malema* II) wat in die Gauteng Afdeling van die Gelykheidshof, Johannesburg beslis is, en die volbankbeslissing van die Hoogste Hof van Appèl in Bloemfontein. Laasgenoemde word in hierdie bydrae onder die loep geneem.

Die feite van regter Lamont se uitspraak is kortliks die volgende: Die appellant (AfriForum) beweer dat die drie respondente (die EFF, Malema en Dr Mbuyiseni Ndlozi, 'n EFF-parlementslid) ingevolge artikel 10(1) van die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie 4 van 2000 (die Gelykheidswet)[2] teen minderhede diskrimineer deur haatspraak teen hulle te besig.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Die appellant se klagte berus op die sing van die bevrydingslied "Dubula ibhunu" en in besonder die woorde "awudubula ibhunu, dubula amabhunu baya raypah", wat in Engels vertaal word as "kill the Boer, kill the farmer". Hierdie lied of variasies daarop is volgens AfriForum by minstens ses geleenthede tussen 2016 en 2020 deur die tweede en/of die derde respondente gesing.

In *AfriForum v Malema II* (par. xx) merk die hof in besonder op dat

> [AfriForum's] contention was, and is, that the singing of *Dubula ibhunu* by Mr Malema is an incitement to hatred or harm on the grounds of race or ethnicity against white, Afrikaans South Africans, and particularly farmers.

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom of hierdie woorde ontstellend en bedoel is om aanstoot aan minderhede soos wit mense (veral Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners) te gee. Maar, soos hier onder aangedui word, is dit redelik om te aanvaar dat alle lede van alle bevolkingsgroepe (ondanks of dit minderheids- of meerderheidsgroepe is), wat nasiebou deur vrede en respek ondersteun en aan vreedsame samesyn glo, aanstoot sal neem aan die openbare sing van dié lied. Dit sluit oor die algemeen alle wit mense in (behalwe natuurlik vir appèlregter Keightley), ongeag hul moedertaal.

3. Die regsposisie voor die uitspraak

Die regsposisie voor die Hoogste Hof van Appèl se uitspraak (waarin die uitspraak in *AfriForum v Malema II* bevestig is), is soos volg: Twee teenstrydige uitsprake van die Gelykheidshof, beide afkomstig uit die Gauteng Afdeling, oor die wese van politieke haatspraak in Suid-Afrika, het 'n beslissing van die Hoogste Hof van Appèl genoodsaak.

Die probleem word vervolgens oorweeg.

4. Die hof se uitspraak: Die toets

Die toets vir haatspraak wat die Hoogste Hof van Appèl uiteindelik geformuleer het, word soos volg uiteengesit (parr. 102 en 103):

> [102] *In its full context, this is not what the reasonably well-informed person would understand to be Mr Malema's intent in singing the song*. They would understand it to be serving the purpose of garnering support for the party and for its political objectives. They would know Mr Malema to be a populist leader who expresses controversial views. They would appreciate that this is part of his political persona. (Eie kursivering)
>
> [103] *The reasonably well-informed person would appreciate that when Mr Malema sang* Dubula ibhunu *on the first six impugned occasions, he was not actually calling for farmers, or white South Africans of Afrikaans descent to be shot, nor was he romanticising the violence exacted against them in farm attacks.* They would understand that he was using an historic struggle song, with the performance gestures that go with it, as a provocative means of advancing his party's political agenda. (Eie kursivering)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Die hof beklemtoon dus drie elemente in die formulering van die toets vir haatspraak, naamlik hoe die redelik ingeligte persoon of waarnemer die bepaalde woorde en bedoeling van die spreker in die oorspronklike konteks waarin dit geuiter is, sou verstaan. Die woorde "oorspronklike konteks" word beklemtoon aangesien die oorspronklike konteks irrelevant is as die toets vir aanhitsing van haatspraak, soos hier bo verduidelik word.

'n Bondige bespreking van die *aanduier*, die *aangeduide* en die *teken* behoort die gedagte duideliker te maak. Die aanduier is die klankweergawe (bv. van die woord *lemoen*) van die *aangeduide* wat na die begrip of geestesbeeld van 'n ronde, oranje vrug verwys. Die samevoeging van die *aanduier* en die *aangeduide* vestig die *teken* of vorm.

Op dieselfde wyse gaan die bedoeling van die spreker verlore soos die *aanduier* van een konteks na die volgende, onvoorsienbare konteks verplaas word. Slegs die boodskap (die *aanduier*), losgemaak van die *aangeduide*, bly staande afgesien van die veelvuldige wyses waarop die *aanduier* in nuwe kontekste verstaan (kan) word. Die gesaghebbende werk van die Franse poststrukturaliste Jacques Lacan (1977:55) en Jacques Derrida (1982a:19; 1982b:310–12 en 316) het hierdie loopgang van die *aanduier* onomwonde gedemonstreer.

Onder die volgende hofie volg 'n bespreking van die betekenisvolheid van die uitspraak: dat nie een van hierdie drie elemente van die toets vir haatspraak sinvol inpas nie en al drie gekritiseer kan word as onvoldoende aangesien die toets, as 'n geheel, nie water hou nie. Daarna word die betekenis van die uitspraak oorweeg.

5. Die betekenis van die uitspraak

Die Hoogste Hof van Appèl (par. 6) verduidelik die EFF se posisionering soos volg:

> Mr Malema describes his political party, the EFF, as a leftist organisation *that subscribes to the struggle for economic emancipation. One of its cardinal pillars, which Mr Malema states is non-negotiable, is the expropriation of land without compensation*. The foundation for this objective, according to Mr Malema, is that the colonial settlers took land from indigenous African people by force. For the EFF, the land issue is central to the economic struggle it pursues. (Eie kursivering)

Die hof wys daarop dat die sentrale ideologie van die EFF (die eerste respondent) daarop gemik is om onteiening sonder vergoeding vir "gesteelde grond" teweeg te bring. Hoewel hierdie siening van die respondent se politieke oriëntasie uiteraard korrek is, volg dit nie logies daarop dat die sing van die lied "Dubula ibhunu" by openbare geleenthede nodig is om daardie doelwit te bereik nie.

Indien hulle hul doelwitte deur geweld wil bereik, maak dit nie sin dat die EFF aan verkiesings deelneem en hul aan parlementêre strukture verbind nie. Deur aan sodanige strukture deel te neem, beteken dit uiteraard dat die EFF geweld afsweer en hul doelwitte (soos onteiening sonder vergoeding) deur vreedsame, regmatige optrede wil bereik. Met die verstedeliking van die mense (swart en wit) weg van hul landelike herkoms, is die idee van grondhervorming tot 'n mate geyk. Die kwessie van vergoeding vir sogenaamde "gesteelde grond" is sekerlik nog op die tafel. In hierdie konteks maak die voortdurende sing van die lied dus nie sin nie, of kan dit as 'n teenstrydigheid in die EFF se samestelling en sienswyse (*contradictum in terminus*) vertolk word.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Richard Forno (2022), 'n kritiese denker oor die verband tussen tegnologie, openbare veiligheid en die gemeenskap, stel dit só:

> How does speech turn into violent action? Security specialists and scholars use the term "stochastic terrorism" to capture how a single, hard-to-locate person might be inspired or influenced toward violence by broader extremist rhetoric, as appears to have been the case with the man who allegedly tried to kill Paul Pelosi with a hammer.

Op dieselfde wyse as wat polarisasie in die Verenigde State van Amerika haatspraak in geweld-dadige optrede kan laat oorgaan, word betoog dat ekstreme vorme van politieke boodskappe in Suid-Afrika, soos die lied "Dubula ibhunu" ("Kill the Boer, kill the farmer"), die wesenlike potensiaal het om tot ontvanklike individue in ongekende kontekste te spreek. Om hierdie rede plaas artikel 16(2) van die Grondwet 'n beperking op die reg op vrye spraak: die reg op vryheid van uitdrukking omvat nie "(c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie".

Daar bestaan geen twyfel dat die EFF se haatspraak teen wit mense die moontlikheid inhou om skade te berokken, of reeds berokken het nie. 'n Persoonlike nota: Daar is heelwat vriende wat nie wit is nie wat ontsteld en geskok is dat Malema die groen lig gekry het om hierdie aanstootlike lied te bly sing. Die feit dat AfriForum, wat uiteraard terugvoering van hul ondersteuningsbasis (minderhede soos wit mense) ontvang, die aangeleentheid as só belangrik beskou dat hulle die aansienlike moeite gedoen en kostes aangegaan het om die saak tot by die Hoogste Hof van Appèl te neem, spreek boekdele.

Vervolgens word die beslissing in 'n wyer kontekstuele bespreking onder die loep geneem.

6. Bespreking

Die regters van appèl (par. 53) moet gelyk gegee word dat die wisselwerking tussen artikels 16(2) en 19(1)[3] van die Grondwet die sleutel is waarom die beslissing (behoort te) draai. Artikel 19 handel oor politieke regte. Daar word betoog dat die eerste respondent (die EFF) nog steeds in staat is om sy politieke boodskap van onteiening sonder vergoeding as sy ideologiese begronding oor te dra sonder die nodigheid van haatspraak in die vorm hierdie lied. Tog bevind die hof (par. 105) soos volg:

> *But we know that the subjective view of the target group is not the test.* Seen in its full and proper context, Mr Malema's singing of the song could not reasonably be understood in the manner advanced by AfriForum [naamlik dat dit haatspraak is nie] (eie kursivering).

As die subjektiewe ervaring van die teikengroep (breed gestel wit mense in Suid-Afrika) nie relevant is by die oorweging of die lied haatspraak is al dan nie, dan het die Hoogste Hof van Appèl voeling met die werklikheid verloor.

Hierbenewens is dit ook nie moontlik om te bepaal wat *full and proper context* beteken nie. In watter horde kontekste sal die lied gehoor en vertolk word?

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Hierdie argument berus op twee boustene: eerstens, die onvoorspelbaarheid van die ontvangs van die *aanduier* in veelvuldige ongekende kontekste en tweedens, kompleksiteit.

Die spreker kan nie die looptog van die *aanduier* van een onvoorspelbare konteks na die volgende bepaal of rig nie. Die werk van die poststrukturaliste Derrida (1982) en Lacan (1977) oor die verplasing van die *aanduier* wys duidelik die onvoorspelbaarheid van die *aanduier* se looptog uit soos dit van een konteks na die ander voortsleep, reis of gekommunikeer word. So verklaar JM Coetzee (2017:229), die befaamde romanskrywer, akademikus en Nobelprys-wenner, dat dit eenvoudig onmoontlik is vir die skepper van ’n publikasie (soos Malema se lied) om te kan voorsien tot watter mate daardie publikasie se ontvangs (in watter konteks ook al) geslaagd sal wees. So beredeneer die hof (par. 66) byvoorbeeld:

> As to *Shisa lamabhunu*, AfriForum alleged in its written complaint that the singing of this song was an incitement to cause arson and damage to property. AfriForum averred that after Dr Ndlozi had sung the song during protest action in Senekal in October 2020, several farms in the Free State were set alight. This latter averment was subsequently demonstrated to be incorrect. Facts brought to light in Mr Malema’s answering affidavit, and confirmed in the evidence led at the trial, revealed that while there were fires on agricultural land, the land in question was not in or near the Senekal district. There was no link between these fires and what had occurred at the Senekal protests.

Dit is duidelik uit hierdie uittreksel dat die hof geen begrip het van die poststrukturalistiese insigte oor die loopgang van die *aanduier* nie. Die feit dat die brandstigting ver weg van Senekal (waar die lied gesing is) plaasgevind het, beklemtoon die gevaar van losbandige haatspraak. Dit dui ook daarop dat die oorspronklike konteks en bedoeling van die spreker niksseggend is en dat beide subjektiewe en objektiewe toetse gepas is.

Die volgende vier opmerkings kan oor die toets van die “redelik ingeligte persoon” gemaak word. Eerstens, dit is moontlik dat nie net lede van die teikengroep aanstoot teen die publikasie van die lied sal neem nie, maar ook lede van ander minderheidsgroepe en selfs swart mense woonagtig in hedendaagse Suid-Afrika. Dit is dus nie net die gevoelens van die sogenaamde “teikengroep” wat ter sprake is nie. Enigiemand wat aan nasiebou en vreedsame samesyn glo, sal gerespekteerde en vredebouende optrede eerder as die sêgoed wat Malema/die EFF kwyt-raak, voorstaan en aanmoedig.

Tweedens, vir haatspraak om in menseslagting oor te gaan, is die “redelik ingeligte persoon”-toets die verkeerde toets om toe te pas. Volgens Forno (2022), soos hier bo aangehaal, is dit nie die redelik ingeligte persoon of waarnemer waaroor ons bekommerd moet wees nie, maar eerder die “single, hard-to-locate person [who] might be inspired or influenced toward violence by broader extremist rhetoric” wat hy met die begrip *stochastic terrorism* vasvang. In hierdie konteks kan verwys word na die feit dat Mahatma Gandhi (wat self ’n volgeling van die Hindoe-geloof was) deur ’n ekstremistiese Hindoe vermoor. Net so was die onlangse sluip-moordaanval op Donald Trump deur ’n lid van sy eie (Republikeinse) party uitgevoer.

Derdens, siende dat soveel inligting wat tans op sosiale media en die internet hersirkuleer word as waninligting bestempel kan word, is dit kwalik moontlik om die fiktiewe redelik ingeligte persoon te vind. Volgens ’n onlangse internasionale opname was minstens 85% van die respondente bekommerd oor die aanwesigheid van aanlynwaninligting en ’n verdere 89% het gevoel dat hul onderskeie regerings meer moet doen om waninligtingsveldtogte hok te slaan (Henley 2023).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Sonder kritiese denke as ’n noodsaaklike vaardigheid wat as verpligte vak op ons skole of universiteite se kurrikulum verskyn, kan ’n mens maar van die fiksie van ’n “redelik ingeligte persoon of waarnemer” vergeet. Die toets vir haatspraak as die fiksie van die redelik ingeligte persoon van die bepaalde woorde in hul oorspronklike konteks is sinneloos, want dit is uit pas met die alledaagse werklikheid.

Vierdens maak die gedagte van hoe die woorde en die bedoeling in hul oorspronklike konteks verstaan sal word, ook nie sin nie. Die bekende Duitse filosoof Hans-Georg Gadamer het reeds in 1960 met die publikasie van sy nou befaamde werk *Wahrheid und Methode* (1975a, wat as *Truth and method* in Engels vertaal is) aangetoon dat ’n teks *nooit in sy oorspronklike konteks* (eie kursivering) verstaan word nie, *maar altyd* in ’n nuwe, ongekende konteks waarin die waarnemer hom of haar bevind, en dat dit in die lig van daardie nuutgevonde omstandighede vertolk word. Gadamer (1975b:264) betoog naamlik dat “[w]e understand differently [from the original context and intention], if we understand at all”. Daar bestaan dus geen “korrekte” vertolking van die oorspronklike teks in die sin van een wat ooreenstem met die skrywer of spreker se *oorspronklike* bedoeling nie (McCarthy 1978:173–176; Warnke 1987:81–82). Die Hoogste Hof van Appèl se gedagte dat die redelik ingeligte persoon (wat in elk geval nie bestaan nie) die woorde en die spreker se bedoeling in die oorspronklike konteks sal (kan) verstaan, is dus nie moontlik nie.

Hierdie gedagte word verder bespreek in die lig van die mislukte aansoek om die onttrekking van appèlregter Keightley tydens die verhoor. Die aansoek om regter Keightley se onttrekking was gebaseer op die regter se beweerde vooroordeel teenoor die appellant. Die hof het egter bevind (par. 24) dat dit teenstrydig is met “what she believes is the South African constitutional project of multicultural inclusivity and equality for all groups and individuals”. Die regter het AfriForum beskou “as promoting the archaic ideology of a small minority of primarily Afrikaans-speaking whites” (par. 24).

Dieselfde kan egter van die eerste respondent (die EFF) en die ander twee respondente (Malema en Ndlozi) gesê word. Tydens die onlangse nasionale verkiesing (29 Mei 2024, interessant genoeg ’n dag na die hofuitspraak), het die EFF bloot 9.7% van die algehele stemme op nasionale vlak behaal (Thorne 2024). Hul siening van onteiening sonder vergoeding, wat sentraal in hul ideologie staan, soos die hof dan ook tereg uitwys, is eweneens ’n argaïese ideologie wat deur ’n klein minderheid van die bevolking aangehang word.

Daar moet beklemtoon word dat hierdie aspek van die saak daarop wys dat ’n aansienlike deel van die Suid-Afrikaanse bevolking reeds skade berokken is met die openbare sing van die lied. Dit is wat AfriForum genoop het om die aangeleentheid onder die Hoogste Hof van Appèl se aandag te bring.

Om hierdie rede word aan die hand gedoen dat AfriForum se argument dat die woord “could” eerder as “would” (par 105) (ingevolge artikel 10 van die Gelykheidswet) ingespan moet word, korrek is:

> ... Seen in its full and proper context, Mr Malema’s singing of the song *could* not reasonably be understood in the manner advanced by AfriForum [naamlik dat dit haatspraak is nie]. (Eie kursivering)

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

In die lig van Gadamer (1975b) se argument dat die ontvangers van ’n teks selde die oorspronklike konteks snap, is die woord “could” ver meer haalbaar en sinvol as “would”.

Verder wys Buitendag en Van Marlé (2014) se bydrae oor die voorganger van hierdie uitspraak (naamlik die Gelykheidshof se uitspraak in *AfriForum v Malema I*, par. 108) tereg daarop dat hierdie vorm van haatspraak uit pas is met die tyd en dat die konteks waarin dit geuiter is, irrelevant is. So redeneer die Gelykheidshof in *AfriForum v Malema I* (par. 105) naamlik dat sodanige haatspraak “demonstrate an intention to be hurtful, to incite harm and promote hatred against the white Afrikaans speaking community”.

Dit is naamlik so dat haatspraak teenoor een minderheidsgroep (die wit, Afrikaans-sprekende bevolkingsgroep) nie die enigste is wat in gedrang kom nie. Oorweeg byvoorbeeld ook die historiese geweld en bloedvergieting tussen Suid-Afrikaners van Indiese herkoms in KwaZulu-Natal en Durban beide in 1949 en gedurende Januarie 1985. *The New York Times* (Boyd 1985) berig naamlik ten tyde van die geweld dat die bloedvergieting “has appeared to lose any ideological direction in a morass of racial hatred between blacks and Indians, recalling the massacre of 142 Indians by Zulus in 1949”.

Die betoog is dat die hof verkeerd is in sy siening dat die haatspraak slegs op een minderheidsgroep slaan. Dit het inderdaad die potensiaal om ook na ander minderheidsgroepe op Suid-Afrikaanse bodem uit te kring, soos geweld tussen Suid-Afrikaners van Indiese herkoms en Zulus.

Verder betoog Buitendag en Van Marlé (2014) ook, aan die hand van Luhmann (2008:22) se gedagte van autopoiëtiese regstelsels, dat regstrukture soos die Hoogste Hof van Appèl uit voeling met die werklike wêreld kan raak. Ons word daaraan herinner dat sulke gesagstrukture hulself dikwels in ruimtes bevind wat uit pas is met die tyd, soos hierdie uitspraak inderdaad toon (par. 89):

> The amicus curiae refers [sic] to Mr Malema’s leadership position as a politician. *It submits that the equality court ought to have directed a high level of scrutiny at his speech, rather than exempting Mr Malema because of his political status.* In this regard, the amicus cites *Economic Freedom Fighters and Another v Minister of Justice and Correctional Services and Another* in which the Constitutional Court stated that in securing the enjoyment of rights, “*a greater sense of responsibility is demanded particularly of those who are thought-leaders whose utterances could be acted upon without much reflection, by reason of the esteem in which they are held and the influence they command*”. The amicus curiae agrees [sic] with AfriForum that the equality court erred in dismissing the hate speech complaint. (Eie kursivering)

Teen hierdie agtergrond is dit gepas om na Joan Donovan (2024) se woorde te verwys, naamlik dat “disinformation mobilizes and incites political violence under specific conditions, such as a popular public figure calling for help”.

Die Hoogste Hof van Appèl se haatspraakuitspraak wys so ’n ivoortoringruimte uit. Buitendag en Van Marlé (2014) betoog naamlik soos volg:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

> It is submitted that one way in which the relationship between law and justice could be reopened is if law's temporality could be revisited and accordingly other aspects neglected by law such as identity, agency and ultimately justice reconsidered.

Die skrywers raak hier 'n aspek van die uitspraak aan wat nie net baie belangrik is nie, maar ook maklik oor die hoof gesien kan word. Hier word verwys na die gedagte oor ivoortorings en die Hoogste Hof van Appèl se geïsoleerde posisie vis-à-vis die situasie in die werklike wêreld. So wys Buitendag en Van Marlé (2014:2900) op die volgende:

> *Law could only translate the problem into a binary opposition where the song was either legal or illegal*, where one party lost and the other won. In a case such as this, where the issue at stake is the peaceful and respectful co-existence of two race-groups (at least that is how it is portrayed by their self-appointed representatives) and the recognition of one of the groups' heritage of liberation (again as portrayed by the respondents), a simple legal prohibition seems like a fundamentally inadequate measure to appease the matter (eie kursivering).

Die hof se redenasie en bevinding ten opsigte van die aansoek om onttrekking van appèlregter Keightley is eweneens van toepassing op die regbank in die geheel. So betoog die hof (par. 29) met verwysing na die Konstitusionele Hof se uitspraak in *Masuku*:

> The Court went on to emphasise that judges do not exist in a vacuum. They bring their personal and professional experiences to bear in their adjudicative function. Not only is this appropriate, but in our multilingual and multiracial society, it cannot reasonably be expected that judges should share all the views or prejudices of the parties before them. Consequently, proving that a judicial officer holds a particular view does not, without more, establish a reasonable apprehension of bias …

Dit kan so wees, maar die teorie wys wel daarop dat regters vanuit 'n ivoortoring hul beslissings lewer. So byvoorbeeld het 'n onlangse opname getoon dat eiendomsonteiening as gevolg van historiese ongeregtigheid eintlik maar baie laag op Suid-Afrikaners se prioriteitslys voorkom. Grondhervorming tel nie eers onder die eerste vyf prioriteite van die regering van nasionale eenheid nie (Polity 2024), soos op 5 Junie 2024 gepubliseer. Doelwitte soos werkskepping, misdaadbekamping, gemeenskapsamehorigheid en algemene ekonomiese groei (soos voorheen deur beurtkrag lamgelê) tel veel meer vir gewone Suid-Afrikaners as die EFF se uitgedateerde nadruk op radikale grondhervorming.

Hiermee word egter nie gesê dat daar geen gronde vir 'n oproep op grondhervorming is nie. Die bekende Stellenbosse ekonomiese historikus Sampie Terreblanche (2002) het reeds in 2002 daarop gewys dat die regerende party (d.w.s. die ANC) nie sy verkiesingsbeloftes van rykdomherverdeling gestand gedoen het nie, maar eerder 'n neoliberalistiese agenda gevolg het. Dit was tot nadeel van die meeste armes in Suid-Afrika. In die nadraai hiervan, kan die vraag gevra word hoekom Malema nie "Kill the ANC" sing nie?

Tog is die regters (par. 1) ook korrek in hul siening dat die EFF en AfriForum die twee uiterste pole van die hedendaagse, postapartheid-Suid-Afrikaanse gemeenskap vorm. Die manier om hierdie polarisasie aan te spreek is egter nie om 'n ekstreme vorm van geweld deur die een ten koste van die ander aan te hits nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

7. Samevatting

Die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl kan soos volg saamgevat word:

Die toets vir haatspraak wat die hof neerlê, is nie alleen aanvegbaar tot die punt van irrelevansie nie, maar die beslissing openbaar 'n grondwetlike kwessie wat die punt moontlik ryp maak vir 'n verdere appèl na die Konstitusionele Hof. Die vyf appèlregters bevind naamlik dat die toets vir haatspraak bepaal moet word aan die hand van die vraag of 'n "redelik ingeligte persoon" die woorde in hul "oorspronklike konteks en bedoeling" as haatspraak sou verstaan.

Ten einde die toets vir haatspraak effektief te kan kritiseer, word onder andere gebruik gemaak van 'n poststrukturalistiese lens wat daarop toegespits is om die linguistiese impak van die verplasing van die *aanduier* van die oorspronklike konteks na ander, ongekende kontekste na te speur. Hier word verwys na die Duitse filosowe Gadamer (1975b) en Luhmann (2008) se insigte by die hermeneutiek en sisteemteorie, onderskeidelik.

Daar word bevind dat beide die oorspronklike konteks en die bedoeling van die spreker/skrywer wat die hof as die twee deurslaggewende faktore beskou, irrelevant is wanneer die *aanduier* na ander, ongekende kontekste verplaas of verskuif word. Die toets vir haatspraak is dan duidelik verkeerd.

Die kritiek op die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl wentel om die volgende vier punte:

1. Die hof tree op asof hy gesetel is in 'n ivoortoring en voeling met die werklike wêreld verloor het.
2. Die konteks waarin die woorde van die lied geuiter is, is irrelevant aangesien die veelvuldige, onbekende latere kontekste waarin die woorde vertolk kan word veel meer deurslaggewend is.
3. Ten einde te waak teen die probleem van die skepping van tweedeklasburgers, beteken gemeenskapsamehorigheid dat die sogenaamde teikengehoor (en ander potensiële gehore) se vertolking van die woorde absoluut relevant is.
4. Julius Malema se gesagsrol moet in ag geneem word indien ons teen moontlike menseslagting en/of bloedvergieting wil agiteer.

8. Gevolgtrekking en aanbevelings

Die eenparige uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl in die *AfriForum v Malema II*-saak is opspraakwekkend, maar ook kommerwekkend. Die gevolgtrekking is dat die laer hof se uitspraak in *AfriForum v Malema I* veel eerder navolgingswaardig is as die latere uitsprake van beide die Gelykheidshof (*AfriForum v Malema II*) en die Hoogste Hof van Appèl.

So wys die laer hof se uitspraak in *AfriForum v Malema I* (parr. 110, 120) daarop dat die nuwe moraliteit wat in postapartheid-Suid-Afrika heers, daarop dui dat nuwe reëls geld en dat die sing van "Dubula ibhunu" in die openbaar haatspraak daarstel aangesien dit nie bydra tot gemeenskapsamehorigheid, vrede en respek nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Enersyds wys dit op die belang van inligting of getuienis wat moontlik buite die kader van regsopleiding val (naamlik teoretiese raamwerke soos die poststrukturalisme, wat in hierdie artikel toegepas word). Andersyds dui dit op die gevaar wanneer regters hulle slegs deur hul regsgevoel laat lei sonder die hulp van bykomende empiriese en teoretiese rugsteuning.

Die slotsom is naamlik dat die faktore wat die hof as rigsnoere vir hul nuutgevormde regstoets vir haatspraak identifiseer, irrelevant is wanneer dit kom by die vraag of sodanige uitinge haatspraak is wat moontlik tot menseslagting kan lei.

Hierdie uitspraak bevestig die waarde van ’n humanistiese of sosiaal wetenskaplike verdieping aanvullend tot regsopleiding. Hierdie uitgangspunt word deur die Duitse filosoof Hans-Georg Gadamer (1975b) begrond. Die hof se toets vir haatspraak moet dringend deur wetgewing gewysig word tot een wat klem lê op ongekende kontekste waarin die uitspraak moontlik vertolk kan word. Vir hierdie doel is die bedoeling van die spreker en/of die oorspronklike konteks waarin die uiting plaasgevind het, irrelevant. Terselfdertyd, soos hier bo betoog word, is die fiktiewe karakter van die redelik ingeligte persoon ’n onhoudbare niksseggendheid aangesien die omvang van waninligtingsveldtogte op die internet en sosiale media die gedagte aan ’n “redelik ingeligte persoon” waarlik ’n uitsondering op die reël maak.

Ten slotte is die eenparigheid van hierdie uitspraak ook kommerwekkend in die lig van die hof se afmaak van die gekweste gevoelens van ’n betekenisvolle bevolkingsgroep (naamlik wit mense en ander minderhede wat ook deur Malema se uitspraak geaffronteer is), want dit skep die gedagte dat hierdie groep of groepe tweedeklasburgers is. Daarom word aan die hand gedoen dat hierdie kwessie moontlik ook ryp is vir ’n appèl na die Konstitusionele Hof.

Die vraag wat dus gevra moet word, is of die Hoogste Hof van Appèl met hierdie uitspraak nie verdere polarisasie in Suid-Afrika aangewakker het nie. Dit sal die geval wees indien Malema se gewraakte haatspraak wel op politieke geweld uitloop en al die aanduidings is daar dat dit nie ’n vergesogde moontlikheid is nie.

Sonder die boustene van beleefdheid, deernis en medelye kan daar geen sprake wees van vrede-bou in die konteks van die gedagte aan vreedsame medebestaan nie. Aanstootlike vorms van haatspraak soos die lied “Dubula ibhunu” kan eenvoudig nie toegelaat word in ’n post-apartheid-Suid-Afrika waar maatskaplike samehorigheid en vergewensgesindheid die botoon moet voer ten einde spanning en konflik te vermy nie. Dit beteken nie dat die kwessie van historiese ongelykheid en ongeregtigheid onder die mat ingevee moet word nie. Haatspraak en historiese ongeregtigheid is twee afsonderlike aspekte wat onafhanklik van mekaar opgelos kan en moet word.

Bibliografie

Boyd, G.M. 1985. Violence spreads in Durban area of South Africa. *The New York Times*, 10 September. https://www.nytimes.com/1985/08/10/world/violence-spreads-in-durban-area-of-south-africa.html (12 Mei 2024 geraadpleeg).

Buitendag, N. en K. van Marlé. 2014. AfriForum v Malema: The limits of law and complexity. *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad*, 17(6):2893–914. https://doi.org/10.4314/pelj.v17i6.20.

Coetzee, J.M. 2017. The late Patrick White. In Coetzee (red.) 2017, ble. 218–33.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Coetzee, J.M. (red.). 2017. *Late essays 2006–2017*. Londen: Harvill Secker.

Derrida, J. 1982a. Différance. In Derrida (red.) 1982, ble. 1–27.

—. 1982b. Signature event context. In Derrida (red.) 1982, ble. 307–30.

Derrida, J. (red.). 1982. *Margins of philosophy*. Vertaal deur A. Bass. Chicago, IL: University of Chicago Press.

Donovan, J. 2024. Fake Biden robocall to New Hampshire voters highlights how easy it is to make deepfakes − and how hard it is to defend against AI-generated disinformation. *The Conversation US*, 23 Januarie. https://theconversation.com/fake-biden-robocall-to-new-hampshire-voters-highlights-how-easy-it-is-to-make-deepfakes-and-how-hard-it-is-to-defend-against-ai-generated-disinformation-221744 (23 Julie 2024 geraadpleeg).

Forno, F. 2022. Political violence in America isn't going away anytime soon. *The Conversation US*, 3 November. https://theconversation.com/political-violence-in-america-isnt-going-away-anytime-soon-193597 (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

Gadamer, H.G. 1975a. *Wahrheit und Methode*. 4de uitgawe. Tübingen: J.C.B. Mohr.

—. 1975b. *Truth and method*. Vertaal deur W. Glen-Doepe. New York: Seabury Press.

Henley, J. 2023. 85% of people worry about online disinformation, global survey finds. *The Guardian*, 7 November. https://www.theguardian.com/technology/2023/nov/07/85-of-people-worry-about-online-disinformation-global-survey-finds?utm_source (2 Januarie 2024 geraadpleeg).

Lacan, J. 1977. The agency of the letter in the unconscious or reason since Freud. In Lacan (red.) 1977, ble. 146–78. https://doi.org/10.4324/9781003209140-5.

Lacan, J. (red.). 1977. *Écrits: A selection*. Vertaal deur A. Sheridan. New York: Norton.

Luhmann, N. 2008. *Law as a social system*. Oxford: Oxford University Press.

McCarthy, T. 1978. *The critical theory of Jürgen Habermas*. Londen: Hutchinson.

Polity. 2024. Agenda 2024: Priorities for South Africa's new government. https://www.polity.org.za/article/agenda-2024-priorities-for-south-africas-new-government-2024-06-05 (5 August 2024 geraadpleeg).

Terreblanche, S.J. 2002. *A history of inequality in South Africa, 1652–2000*. Pietermaritzburg: University of [KwaZulu-] Natal Press.

Thorne, S. 2024. 2024 National Election polls vs the actual results – and the one that nailed it. *BusinessTech*, 26 Junie. https://businesstech.co.za/news/government/778988/2024-national-election-polls-vs-the-actual-results-and-the-one-that-nailed-it (1 Julie 2024 geraadpleeg).

Warnke, G. 1987. *Gadamer: Hermeneutics, tradition and reason*. Stanford, CA: Stanford University Press.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e3

Eindnotas

[1] *Mediation Agreement Made and Entered into by and between the ANC and Mr Malema and Afriforum and TAU-SA* (1 November 2012). https://www.politicsweb.co.za/documents/shoot-the-boer-text-of-the-mediation-agreement (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

[2] Die Engelse titel van die wet is Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act (the Equality Act) 4 of 2000. Artikel 10(1) bepaal:

> Behoudens die voorbehoud in artikel 12, mag geen persoon, teen enige persoon, woorde gebaseer op een of meer van die verbode gronde publiseer, propageer, verkondig of oordra nie, wat redelikerwys vertolk kan word as sou dit 'n duidelike bedoeling hê—
>
> (a) om kwetsend te wees;
> (b) om skadelik te wees of om skade aan te stig;
> (c) om haat te bevorder of te propageer.

[3] Artikel 19(1) van die Grondwet bepaal:

> (1) Dit staan elke burger vry om politieke keuses te doen, waarby inbegrepe is die reg om—
>
> (a) 'n politieke party te stig;
> (b) deel te neem aan die bedrywighede van, of lede te werf vir, 'n politieke party; en
> (c) hulle vir 'n politieke party of saak te beywer.

LitNet Akademies Jaargang 22, Nommer 2, 2025, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Die wortels, die takke en die vrugte: morele herstel in Suid-Afrika in die konteks van regsetiekonderrig in die LLB-graadprogram[1]

C.F. (Neels) Swanepoel

C.F. (Neels) Swanepoel, Departement Publiekreg, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Morele afstomping en verval in Suid-Afrika is ongelukkig ’n onomstootlike feit. Die land se meer as 20 miljoen jongmense word feitlik daagliks gekonfronteer met ’n vloedgolf van misdaad, geweld, bedrog, swak dienslewering, weinig indien enige verantwoordbaarheid, en plofbare, afbrekende en rasgegronde openbare uitsprake deur prominente figure in die samelewing. Hierdie artikel argumenteer onder meer vanuit die volgende vertrekpunte: (a) dat die swak moraliteitsmilieu in Suid-Afrika die Suid-Afrikaanse regsbestel, sowel as die regs- en verwante professies negatief beïnvloed; en (b) dat veral regstudente wat aan ’n swak moraliteitsmilieu blootgestel word, des te meer regsetiekonderrig moet ondergaan. Regsetiek moet só aangebied word dat regstudente, as toekomstige regspraktisyns en lede van verwante professies en beroepe, oorreed word om eties op tree en hulself daartoe verbind. In die soeke na moontlike oorsake vir die morele verval in die land, (en welke ondersoek sinvol in ’n regsetiek-module inpas), poog die artikel nie net om regsetiekleer by studente te vestig nie, maar ook om verantwoordelike burgerskap by regstudente te kweek. Vir dié doel let die artikel onder meer op die inhoud van tradisionele Westerse, Afrika- en Oosterse moraliteitsteorieë, asook die Grondwet van Suid-Afrika. Die doel van sodanige ondersoek is om vas te stel of daar genoegsame en oortuigende riglyne vir moraliteit en ’n doeltreffende waardestel in Suid-Afrika bestaan. Die gevolgtrekking is dat nóg die Grondwet nóg die wortels van ons onderskeie tradisionele moraliteitskulture enige ruimte laat vir ondeurdagte aanslae op die oppergesag van die reg en die algemene morele verval in die land. In die bespreking van die spreekwoordelike “vrugte” van verval in ons samelewing, word ’n stel kerngedagtes voorgestel vir praktiese toepassing in die regsetieklesinglokaal. Dít sluit in die belangrikheid daarvan om netelige morele kwessies wat aan die orde van die dag is, met LLB-studente te bespreek.

Trefwoorde: konstitusionalisme; konstitusionele moraliteit; korrupsie; kulturele diversiteit; LLB; morele raamwerk van die Grondwet; morele verval; rasse- en partylojaliteit; regsetiekonderrig; tradisionele Westerse, Afrika- en Oosterse moraliteit; verantwoordbaarheid

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Abstract

The roots, the branches and the fruit: moral regeneration in South Africa in the context of legal ethics teaching as part of the LLB degree programme

This article uses dr. Henry Wright's model of spiritual healing as an analogy to highlight South Africa's moral decay and the possibility of its restoration. Wright's model advocates for the restoration of three essential human relationships to effect both physical and spiritual healing. These relationships may be analogically applied to any distressed society. These are the relationship with one's Creator, with oneself, and with fellow human beings. Wright further likens the identification, spreading, diagnosis, and healing of spiritual disease to a tree: If the roots are restored to health, the branches will likely be healthy, and the tree will bear healthy fruit. Thirty years after the dawn of the South African democracy, the bitter fruits of our "democratic tree" include alarmingly high levels of corruption, violence, a lack of basic service delivery, impunity for crime, and many more societal ills.

This reality has not only reinforced the importance of a legal ethics module in the LLB degree programme, but also evoked thoughts on how, and particularly what, should be presented in such a module. Young people, including law students in particular, are constantly exposed to news and social media reports of the high incidence of these societal scourges. Moreover, many of our students live in environments where they experience extreme poverty, violence, crime, corruption, poor service delivery, and inequality first-hand. Many students may justifiably feel hopeless and even angry that, despite the lofty foundational constitutional values offered to them in modules such as Constitutional Law, these values have little to no real impact on their and their families' lives. They are furthermore exposed to public statements by high-ranking public figures that often include racial attacks, racial slurs, the denigration of the Constitution of South Africa, and witness the ever-increasing culture of impunity in the communities they come from and in the country at large. Individual accountability for crimes and immoral conduct is often absent or perceived to be absent. It is therefore likely that, for students, a module on professional conduct and legal ethics may be seen as just another attempt to impart colonial and Western concepts and knowledge that seem far removed from their lived reality. However, the diversity of our law student body may contribute to a highly effective, valuable, and reflective experience in a legal ethics module if it is planned and presented with respect for diversity and human dignity. No one in South Africa is unaffected by the moral decay in the country, and the legal ethics module may well serve to persuade our next generation of legal professionals to commit to mutually shared values and norms that will ultimately benefit the South African society as a whole.

A legal ethics module (which should form part of all LLB degree programmes in South Africa) must be presented honestly and robustly, discussing the bad fruits (negative consequences) of moral decay in society and the reasons behind its occurrence. Students want to contextualise what they are taught and will feel part of a process aimed at restoring values and norms to which they can relate. The article will follow the following structure: first, it explores the moral frameworks of the various cultures that make up the diverse South African society. By doing so, students may experience pride in their cultural roots and recognise that the cultural diversity in South Africa can achieve educational objectives far greater than any pursuit of individual gain.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Next, the article addresses South Africa's constitutional imperatives for morality, to demonstrate to students that South Africans have no excuse not to recommit to a sound moral framework that benefits society. We therefore possess the necessary resources to redirect, rediscover, and rejuvenate our moral compass. A frank discussion of the symptoms of moral decay – such as a sluggish economy, social vulnerability, corruption, an excessive focus on racial/party solidarity, and a lack of accountability – follows, set against the backdrop of concepts such as constitutionalism and constitutional morality.

William Gumede, a South African academic known for his candid discussions on moral decay in South Africa, is a key source in exploring the current moral context in the country. A discussion of moral decay and the need for its rejuvenation offers law students a deeper understanding of the consequences of immorality, perhaps reinforced by their own lived experiences, and contributes towards an understanding of the urgent need to reverse this decay. The legal profession is primarily one of service to the public. Legal practice, in whatever form, is part of the administration of justice. Respect for the rule of law and its foundational role in any healthy and prosperous society is indisputable. However, students must be persuaded to "own" the reasons for the imperative value of the rule of law. It can only happen if they are convinced that the moral underpinnings of the law in South Africa are just and fair, resonate with their own cultural heritage, and can be enriched by the country's cultural diversity. Furthermore, the legal profession is characterised by being subject to disciplinary codes, which serve the primary purpose of providing moral and ethical guidance and ensuring accountability of its members. Accountability should not be presented merely as punitive or vengeful, but rather as a corrective measure consistent with the African notion of restoring societal relationships that were disturbed by errant individual conduct.

The article concludes that, in teaching legal ethics, lecturers should be honest when discussing South Africa's moral challenges, but should also do so in the spirit of the Constitution and Ubuntu – that is, with respect, humility, and dignity. This implies moving away from assuming the moral high ground or using a "moral barometer" by referencing either the pre-1994 injustices or the moral decay over the past 30 years as explanations for the current level of immorality in South African society. Continuing to do so in our public discourse only keeps us going in circles, never breaking free from the negativity that ultimately contributes towards the host of societal ills.

The legal profession, furthermore, in its broadest sense, is foundational in ensuring that the South African Constitution, along with its norms and values, is protected, and that we develop a uniquely South African framework of morality. This framework should underpin the objectives and outcomes of presenting a legal ethics and professional conduct module as part of the LLB programme. This module is, therefore, a key platform for initiating a conversation on ways to rejuvenate morality, principles, and values in society.

Keywords: accountability; constitutional morality; constitutionalism; corruption; cultural diversity; legal ethics teaching; LLB; moral framework of the Constitution; racial and party loyalty; symptoms of moral decay; traditional Western, African and Eastern social welfare

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

1. Inleiding

Daar kan min twyfel daaroor bestaan dat, soos Gumede dit stel, algemene morele waardes en waardestelsels in Suid-Afrika gekorrupteer is.[2] Volgens hom is die hoë voorkoms van korrupsie in die land in dikwels te wyte aan die gebrokenheid en korruptheid van die primêre bronne van moraliteit in die samelewing, waaronder die ouerlike opvoedingsrol tuis, kulturele bande, en tradisionele godsdienstige strukture.[3] Die morele verval in Suid-Afrika het onteenseglik 'n invloed op regsbeoefening en dus op regstudente en die aanbieding van regsetiek op universiteitsvlak. As dit nie die geval was nie, sou 'n groep besorgde afgetrede regters van Suid-Afrika byvoorbeeld nie onlangs 'n verklaring uitgereik het oor die onbeskofte gedrag van sekere regspraktisyns tydens hofverrigtinge nie. Die belangrikheid daarvan om waardes te verander en te herstel, insluitend in die regsberoep, word soos volg deur Krish Govender namens die Nasionale Vereniging van Demokratiese Prokureurs verwoord:

> It is difficult to identify good role models for younger legal practitioners in these troubled times when some of the populist, well paid and seemingly prominent legal practitioners appear to play to the gallery of the poorly informed public and ill-advised clients.[4]

Bogenoemde beklemtoon die belangrikheid van regsetiekonderrig op universiteitsvlak, waar dosente in hierdie en vele ander regsmodules 'n noodsaaklike rol speel om regstudente te oorreed en te lei in etiese regsgedrag. Daar word dus aangevoer dat die oorredingskomponent in etiekonderrig sterk beklemtoon moet word. Om hierdie argument duidelik te stel:

(a) regstudente, as toekomstige regspraktisyns in regsverwante beroepe, dien as die bewakers van die oppergesag van die reg;

(b) met "oorredingskomponent" word bedoel 'n moraliteitsraamwerk wat regstudente ten diepste oortuig dat dit in die beste belang is van die behoud van Suid-Afrika, sowel as die professie wat hulle gaan betree;

(c) om hierdie uitkomstes te bereik, word die regsdosent uiteraard uitgedaag, weens studentediversiteit, om moeilike vrae te vra, soos die vraag wat Mnyongani stel, naamlik wie se moraliteit bespreek word.[5]

Mnyongani merk op dat "[i]t is trite to say that for a long time, the legal practice in South Africa has been the domain and preserve of white males, to the exclusion of the rest of the community". Dit is duidelik dat Mnyongani 'n aspek van die "oorredingskomponent" waarna vroeër verwys is, aanspreek. Om hierdie rede het 'n deel van hierdie ondersoek ten doel om vas te stel of genoegsame bronne of riglyne in Suid-Afrika bestaan vir die herstel van moraliteit, insluitend binne die regsberoep en verwante velde. Verder, indien lede van die regsprofessie kommer uitspreek oor die standaard van studente wat deur regsfakulteite gelewer word, moet daardie regsfakulteite daarvan kennis neem en, waar nodig, regsonderrig daarvolgens ontwerp en aanbied.[6]

Dié morele afstomping is waarskynlik gekoppel aan die huidige sterk tendens in die Suid-Afrikaanse samelewing om individuele belange bo dié van die groep te stel,[7] ondanks die beduidende waarde wat die moraliteitsraamwerk van ons diverse samelewing aan die gesamentlike welstand van die groep heg. Dit noop Gumede[8] om onder meer op te merk:[9]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

> This bling lifestyle appears to have become the new standard of achievement – a sign that one has made it. Individual worth is now increasingly measured … on whether one can afford the bling lifestyle – not on one's contribution to public service or doing the public good.

Boonop word die Suid-Afrikaanse publiek, waaronder meer as 20 miljoen jongmense,[10] feitlik daagliks gekonfronteer met 'n vloedgolf van misdaad, geweld, bedrog, swak dienslewering, weinig indien enige verantwoordbaarheid, en plofbare, dikwels afbrekende en rasgegronde openbare uitsprake deur prominente figure in die samelewing.

Morele verval in enige samelewing is kommerwekkend. Die doel van morele waardes is immers om ons daaglikse omgang met mekaar te rig en ons te help om te onderskei tussen goed en sleg, en tussen reg en verkeerd. Om hierdie rede is moraliteit ook ten nouste gekoppel aan die reg en die regsbestel.[11] Die toestand van moraliteit in Suid-Afrika plaas dus 'n verantwoordelikheid op elkeen van ons om leierskap op ons onderskeie lewensterreine te toon en daarna te streef om rolmodelle te wees. Soos hierdie artikel sal toon, strek hierdie verantwoordelikheid ook na regsdosente.

Die hoofdoel van hierdie artikel is om 'n eg Suid-Afrikaanse perspektief en kontekstuele agtergrond vir regsetiekonderrig as deel van die LLB-program te bied. Derhalwe sluit die teikenlesers regsfakulteite, -dosente en -studente in. Dit begin met 'n inleidende oorsig van moraliteit, moraliteitsbeoefening[12] en verwante vertakkings van moraliteit, en let op onder meer die wortels van die tradisionele Westerse, Afrika- en Oosterse moraliteitsteorieë. Gevolglik, omdat enige regsetiekmodule uit die staanspoor die belangrikheid van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, as die gekose waardestelsel in ons samelewing moet beklemtoon,[13] verwys hierdie artikel ook na en beoordeel die doeltreffendheid van die Grondwet as rigtingwyser vir moraliteit en 'n doeltreffende waardestelsel. Dít word gevolg deur 'n bespreking van die simptome van morele verval en verskeie slotgedagtes oor die praktiese toepassing hiervan in die regsetieklesinglokaal.

2. Oor wortels, takke, vrugte, en "turksvye"

Die artikel is gegrond op 'n breë interdissiplinêre literatuurstudie, hoewel twee kernbronne uitgelig moet word.

Wright[14] se werk was deurslaggewend in die vorming van die grondliggende idee van hierdie artikel. Wright toon op beide mediese en geestelike vlak hoe die mens van siekte kan genees deur drie kernverhoudings te herstel: die verhouding met jou Skepper, met jouself, en met jou medemens. Kortom toon Wright dat die Westerse benadering tot genesing slegs die simptome van siekte (die vrugte van die "siekteboom") behandel, terwyl die Oosterse kultuur uitsluitlik op die geleibuise van siekte (die takke) konsentreer. Die oorsprong of oorsaak van die siekte (die wortels) kry dikwels min aandag. Daar is 'n nuttige analogie tussen hierdie siening en die kwessie van moraliteitsverval en (hopelik) -herstel in Suid-Afrika.

Tans is die "vrugte" van ons demokratiese bestel vir almal duidelik: korrupsie, geweld, werkloosheid, buitensporige lewenskoste, en 'n steeds groeiende gaping van ongelykheid. Ewe duidelik is die "takke" van die bestel waardeur ons hoop ons maatskaplik welstand te bereik, waaronder die ANC-regering se beleid van ongedefinieerde en ondeurdagte "transformasie", waarmee hulle al 30 jaar lank probeer het om die Suid-Afrikaanse samelewing te hervorm.[15] Die boom is inderdaad "siek", al is dit veronderstel om gewortel te wees in 'n Grondwet wat

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

deur vele as een van die mees progressiewe dokumente van sy soort ter wêreld beskou word.[16] Nietemin is die Grondwet die afgelope paar jaar toenemend gekritiseer omdat dit nié die beloofde vrugte van demokrasie vir die samelewing lewer nie.[17]

Benewens Wright, word daar ook op die werk van William Gumede[18] gesteun, aangesien hy bekend is vir sy uitgesproke menings oor waarom moraliteit in Suid-Afrika agteruitgaan. Gumede se standpunte is meestal baie reguit en kan lesers, veral studente, ongemaklik stem. Nogtans is dit noodsaaklik om daarvan kennis te neem. Ongemaklike vrae moet juis in regsetiekonderrig gevra word en die turksvye van ons Suid-Afrikaanse werklikheid moet in die klas getakel word. Opvoedkundiges het immers telkens die belangrikheid daarvan beklemtoon om oor module-inhoud te besin en te kontekstualiseer.[19] Dit maak net sin om dit wat aan studente oorgedra word te kontekstualiseer aan die hand van byvoorbeeld nuusgebeure.

In die soeke na die wortels van die Suid-Afrikaanse moraliteitsraamwerk kan daar onder meer gelet word op die tradisionele Afrika-, Westerse (Eurosentriese) en Oosterse moraliteitsleer, tesame met die ontluikende vakgebied van "konstitusionele moraliteit" wat uit die Grondwet voortvloei.[20] Dié twee aspekte word vervolgens in onderskeidelik paragrawe 3 en 4 aangespreek.

3. Moraliteit uit die oogpunt van Afrika, die Weste en die Ooste

Die tradisionele Westerse, Afrika- en Oosterse grondslag van moraliteit word om twee redes in die volgende paragrawe aangespreek. Die eerste is om die wortels van Suid-Afrikaanse moraliteit te bepaal deur vas te stel wat die diverse kultuurgroepe in ons land elk in dié verband bydra. Die tweede is om te ondersoek of Suid-Afrikaanse diversiteit enige onversoenbare morele beginsels bevat wat die herstel van morele verbintenis in Suid-Afrika kan verhinder.

Moraliteit is 'n komplekse konsep wat wissel na gelang van kultuur en gebied. Afrika-, Westerse en Oosterse samelewings het elk hulle eie unieke opvatting van moraliteit. Hierdie moraliteits-raamwerke word beïnvloed en gevorm deur verskillende verledes, waardes en godsdienstige oor-tuigings. Nogtans kan die verskille tussen moraliteitsraamwerke lig werp op waarom individue en samelewings verskillend op etiese dilemmas reageer. Die onderliggende vraag is of die uiters diverse Suid-Afrikaanse samelewing genoeg in gemeen het om algemene eenstemmigheid te bereik oor 'n (hernude) moraliteitsraamwerk wat morele oorredingskrag vir die hele samelewing sal hê. Indien nie, sal dit moeilik wees om moraliteit in Suid-Afrika te herstel. 'n Regsetiek-module wat juis hierdie vraag ondersoek, kan van besondere waarde wees.

In die tradisionele Afrika-moraliteitsleer speel die gemeenskap en die onderlinge verbon-denheid van die lede 'n sentrale rol. Gevolglik beklemtoon baie Afrika-gemeenskappe die gesamentlike welstand van die hele gemeenskap bo dié van die individu.[21] Die individu is nie onbelangrik nie; inteendeel, 'n individu se goeie karakter is sentraal in Afrika-etiek.[22] Gemeenskaplike welstand oorheers egter dikwels die outonomie van die individu in 'n kern-begrip soos ubuntu, wat op onderlinge verbondenheid en kollektiewe besluitneming fokus.[23] Daar word van individue verwag om altyd die groep se welstand bo hul eie te stel. Indien individuele optrede tot 'n wedersydse vertrouensbreuk tussen die oortreder en die gemeenskap lei, is albei partye verplig om die verhouding en, by uitbreiding, die harmonie in die gemeen-skap te herstel.[24] Die herstelproses behels dikwels die deelname van alle lede van die samelewing, met meer senior lede wat tipies 'n leidende rol vervul, en neem die vorm van bemiddeling en versoening aan.[25]

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Daarteenoor konsentreer die klassieke Westerse moraliteitsleer dikwels op individuele regte en die outonomie van die individu.[26] Dít hou waarskynlik verband met die filosofiese benaderings van liberalisme en utilitarisme,[27] wat aspekte soos persoonlike vryheid, geregtigheid en die najaag van individuele geluk vooropstel. Die sterker klem op individualiteit in Westerse moraliteitsleer kan lei tot 'n groter fokus op persoonlike verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid vir 'n individu se optrede. Morele dilemmas word dikwels benader vanuit die perspektief van individuele regte en etiese beginsels, met rasionaliteit en logika in besluitneming wat van kardinale belang is. Baie van die vernaamste eienskappe van Westerse moraliteitsleer word uitgedruk in die filosofiese werke van Aristoteles en Kant, sowel as Bentham se leer van utilitarisme.[28]

Oosterse moraliteitsleer[29] beklemtoon konsepte wat in Konfusianisme en Boeddhisme[30] gewortel is, en val die klem op harmonie en balans in die gemeenskap as kernwaardes. Die grondslag van moraliteit sluit hier beginsels in soos kinderlike vroomheid, respek vir gesag en die onderlinge verbondenheid van alle lewende wesens. Gevolglik word verantwoordelikheid, pligsbesef en die aanleer van eienskappe soos deernis en nederigheid sterk beklemtoon. Die impak van die individu se optrede op die welstand van die groter gemeenskap word dikwels ook in etiese besluitneming oorweeg.

Die kort uiteensetting hier bo toon nie net die ryke diversiteit en morele diepte van verskillende groepe en kulture nie, maar bied ook 'n basiese aanduiding van hoe verskillende kulture tradisioneel morele en etiese kwessies benader. Wat egter hieruit blyk, is dat daar geen redelike en rasionele gronde bestaan vir enige morele beswaar teen die kernkomponente van die Westerse, Afrika- óf Oosterse teorieë nie. Die afleiding is veel eerder dat daar ontsaglike waarde in diversiteit is, en dat Suid-Afrika op moraliteitsvlak uit hierdie diversiteit behoort te put. Elke Suid-Afrikaner het die reg om openhartig, eerlik en met respek by te dra tot die gesprek rondom die herstel van moraliteit en hernuwing. Dit sluit elke student in die regsetieklesinglokaal in, ongeag ras, groep of kultuur, en ongeag of hul groep histories die slagoffers of die onderdrukkers was. Op hierdie manier word wedersydse respek, begrip en samehorigheid bevorder.[31]

4. Die moraliteitseienskappe van die Grondwet: die oppergesag van die reg, verantwoordbaarheid, konstitusionalisme, en konstitusionele moraliteit

Uit die bespreking hier bo ontstaan die vraag: Is ons progressiewe Grondwet nie veronderstel om ons in ons diversiteit te verenig in die strewe na 'n moreel gesonde, gelyke, nierassige en wetgehoorsame samelewing nie?

Die aanhef en eerste twee hoofstukke van die Grondwet kan as die "moreel-etiese waarderaamwerk" van Suid-Afrika se grondwetlike demokratiese bestel beskou word, met die res van die Grondwet wat die staatsbestel uiteensit, insluitend die omvang van magsuitoefening deur die staat en sy vertakkings.[32] Die Grondwet, saam met die howe se gevolglike interpretasie daarvan, het die begrip *konstitusionalisme* (of *grondwetlikheid*) deel van ons grondwetlike staatsbestel en regspraak gemaak. Dit beskryf nie net die staat se funksie nie, maar ook wat dit behóórt te wees.[33] Currie en De Waal voer aan dat die Grondwet 'n spesifieke soort konstitusionalisme bekend gestel het, naamlik dat, hoewel dit aan die staat die mag verleen om te regeer, daardie mag beperk moet word. Dit verseker dat die uitoefening van staatsmag nie die oppergesag van die reg óf individue se regte skend nie.[34] Die staat moet dus sy mag só uitoefen dat dit met die waardes en regte vervat in die Grondwet strook.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

4.1 Ware politieke toewyding aan grondwetlike waardes

Wat magsuitoefening deur die staat betref, wat moet voldoen aan die waardes en regte soos in die Grondwet uiteengesit, wys ’Nyane[35] op die onafwendbare spanning tussen die Grondwet (sowel die teks en die gees daarvan) en die leiers wat politieke mag in die samelewing uitoefen. Volgens ’Nyane doen sulke leiers dikwels alles moontlik om die grense wat die Grondwet op hul mag plaas, te ontduik. Hulle bereik dit:

> … by either exploiting the imprecision of the textual draughtmanship (of the Constitution) or circumventing outright the text of the Constitution. This attitude may be called “constitutional immorality” – an attitude among the subjects of the Constitution not to be bound by the Constitution or take every little opportunity not to be bound by the Constitution. It is the antithesis of constitutional morality.

Te oordeel aan sommige regeringslui se uitlatings, is dit te betwyfel of alle lede van die Suid-Afrikaanse regering, veral die politieke elite, konstitusionalisme ondersteun en die oppergesag van die reg ten volle verstaan.[36] Hieroor sê Calland:[37]

> There was a moment during the state capture years of South African president Jacob Zuma’s term in office (2009–2018) when the veil finally slipped. There had been quiet ramblings against the country’s constitution for many years. But a senior figure in the ruling African National Congress – its chief whip in the National Assembly, Mathole Motsheka – gave public expression to the notion that when judges overturned decisions of the government they were undermining democracy by thwarting the will of the majority.

Hieruit blyk daar ’n onwilligheid om die oppergesag van die reg, en weliswaar die Grondwet self, te aanvaar. Boonop dui dit op ’n onwilligheid om verantwoordbaar op te tree. Soos die aanhalings hier bo demonstreer, is die verweer vir sodanige onwilligheid gewoonlik gegrond op ’n verwronge idee van demokrasie – ’n selfsugtige beskouing van demokrasie wat slegs sekere individue insluit, en die breër bevolking nie. Oor verantwoordbaarheid vir Suid-Afrika se mislukkings sê Gumede:[38]

> While many of the country’s problems are indeed the legacy of apartheid, many others have been caused, or worsened, by post-apartheid corruption, incompetence and ideologically misguided policies. In fact, much of South Africa’s crucial infrastructure – such as public transport, power and water – has been destroyed by the post-apartheid government through corruption, the deployment of incompetent individuals to the public service and state-owned enterprises (SOEs), and the stubborn implementation of ideas that have failed dismally elsewhere.

Gumede gaan selfs verder deur te stel dat regeringslui se breëborsuitlatings oor die regstelling van die staat se onvermoë of versuim om dienste te lewer – eerder as om diegene wat verantwoordelik is vir vorige mislukkings verantwoordbaar te hou – bloot ’n kultuur van onverantwoordbaarheid versterk. ’n Voorbeeld hiervan is die onlangse afname in beurtkrag, waaroor daar uit sekere oorde wyd en syd gespog word.

Nog ’n voorbeeld van onbesonne opmerkings word gevind in ’n onlangse verklaring deur dr. John Hlophe, die voormalige regterpresident van die Wes-Kaapse hooggeregshof en dees-dae ’n parlementslid.[39] In die verklaring beweer Hlophe onder meer dat hy gedurende sy

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

regsloopbaan lank deur rassistiese organisasies aangeval is en dat sy standpunte oor transformasie en dekolonisasie van die regspraak "skerp kritiek ontlok van rassiste en ander elemente in die samelewing wat teen transformasie gekant is".[40] Alhoewel dit buite die bestek van hierdie artikel is om kommentaar te lewer op Hlophe se uitlatings, kan 'n regsetieklesing van sy opmerkings met groot vrug teen die agtergrond van artikels 165 en veral 174(8) van die Grondwet beoordeel word.[41]

Dit blyk dus dat ware toewyding aan ons grondliggende grondwetlike waardes grootliks ontbreek waar dit juis broodnodig is: onder politieke en ander samelewingsleiers.[42] Die afleiding is onvermydelik dat wanneer 'n regter afgedank word omdat hy lynreg teen die bepalings van die Grondwet opgetree het, gevaarligte begin flikker. Let daarop dat hier nie aangevoer word dat die hele regsberoep in moraliteitsverval verkeer nie, maar wel dat daar verseker moet word dat toekomstige regspraktisyns hulself onderwerp aan morele optrede ter ondersteuning van die oppergesag van die reg.

4.2 Openbare oortuiging

'n Tweede belangrike aspek in die kritiese beoordeling van die Grondwet word geopper deur Albertyn,[43] wat bevraagteken of die Grondwet die regering bemagtig of belemmer in sy pogings om die sistemiese maatskaplike en ekonomiese ongelykhede in Suid-Afrika die hoof te bied. Sy kom tot die gevolgtrekking dat hoewel die Grondwet die belofte van transformerende verandering inhou, die oplossing vir ongelykheid nie in die teks van die Grondwet lê nie, maar op die terrein van politieke en openbare oortuiging – iets wat George Bizos meer as 'n dekade gelede opgemerk het.[44]

Albertyn se ontleding toon duidelik dat die welvaartgaping sedert die aanvang van die Suid-Afrikaanse demokrasie vergroot het, en dat menige lid van die samelewing die Grondwet of die grondwetlike bestel daarvoor blameer. Nietemin berus die verantwoordelikheid om die regte en waardes in die Grondwet uit te voer tog nie by die Grondwet self nie. Hierdie verantwoordelikheid begin by die regering, die parlement, die howe, die vervolgingsgesag en al sy vertakkings, sowel as alle regeringsliggame, skole, universiteite, en elke lid van die samelewing. Almal moet die bepalings van die Grondwet op verantwoordbare wyse en in belang van die hele Suid-Afrika uit te voer en op te eis.[45] As bewakers van die oppergesag van die reg, dra diegene wat die reg in enige hoedanigheid toepas en dien waarskynlik 'n selfs groter verantwoordelikheid. Dít sluit die land se toekomstige regspraktisyns, ons LLB-studente, in.

4.3 Weinig aandag aan konstitusionele moraliteit

'Nyane[46] verwys na 'n toenemende siening dat die Grondwet, ondanks die lof wat dit toegeswaai word as 'n progressiewe dokument, misluk in sy transformerende doel. Hy merk op:[47]

> The massive looting of state resources by state functionaries in complicity with powerful and politically linked corporates and individuals, which the Judicial Commission of Inquiry into Allegations of State Capture has unearthed, has raised fresh questions about the effectiveness of the Constitution in realising the ideals of transformation.

Volgens hom is die ontbrekende skakel dalk dat, hoewel ons howe konstitusionalisme as kernbeginsel in ons regspraak gevestig het, daar weinig aanduiding is dat "konstitusionele moraliteit" dieselfde prominensie geniet. Dít laat vrae ontstaan oor die morele oorredingskrag van die Grondwet. 'Nyane voer aan dat die verheffing van konstitusionele moraliteit tot dieselfde vlak

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

as konstitusionalisme as beginsel in ons regspraak kan help om die konstitusionele projek weer op koers help kry.[48]

Nietemin is die inhoud van ons Grondwet, soos ons diverse moraliteitsafkoms as diverse Suid-Afrikaanse samelewing,[49] nie te blameer vir die agteruitgang in ons moraliteitstandaarde en etiese beginsels nie. Nog minder staan dit in ons pad om moraliteit te herstel.

5. Die simptome van morele verval

5.1 'n Ongelyke en trae ekonomie, maatskaplike kwesbaarheid, en korrupsie

Elke rasionele persoon sal saamstem dat die maatskaplike welstand en opheffing van Suid-Afrikaners, wat daarop gemik is om die welvaartgaping te verklein, afhang van

(a) 'n beduidende verbetering in die land se power ekonomiese groei,
(b) die staking van die plundering van die staatskas deur korrupsie, bedrog en diefstal, en
(c) die uitskakeling van onbekwame, onverantwoordbare leierskap op alle vlakke.[50]

Gierigheid en eiebelang, synde die oorsaak van hierdie euwels, is direk in stryd met die moraliteitseienskappe van die Grondwet én van enige kultuur wat deel vorm van die Suid-Afrikaanse samelewing.[51]

Nes in enige ander land, is Suid-Afrika se beleidsrigtings[52] in nasionale wetgewing, regulasies en voorskrifte vervat. Dié beleidsrigtings dui die koers aan vir hoe daar ooreenkomstig die waardes en moraliteitsbeginsels wat in die Grondwet verskans is, regeer moet word.[53] Die ideale ekonomiese beleid vir Suid-Afrika moet oor die algemeen daarna streef om die land se grootste uitdagings op omvattende wyse die hoof te bied. Dié uitdagings sluit inklusiewe ekonomiese groei en beter bestuur op alle vlakke in. In hierdie verband kom twee ekonomiese beleidsrigtings erg onder skoot, naamlik die regering se beleid oor breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB), en die beleid oor kaderontplooiing.[54]

As gevolg van die betreklik "ongedefinieerde" en plooibare aard van die begrip *transformasie*, was die aanvanklike doelstellings van albei hierdie beleide waarskynlik regverdigbaar. Die oogmerke was om die onreg van die verlede reg te stel en meer swart Suid-Afrikaners toe laat om aan die ekonomie deel te neem. Nogtans het die praktiese uitvoering van albei beleide mettertyd uiters negatiewe gevolge gehad – ironies genoeg, veral vir die ekonomies kwesbaarste deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Volgens kritici is die BBSEB-beleid uitermate burokraties en plaas dit te veel mag in die hande van die regering.[55] Daarbenewens skep dit ongelukkig geleenthede vir grootskaalse nepotisme, tender- en ander bedrog, en korrupsie.[56] Die Zondo-kommissie (oftewel die Geregtelike Kommissie van Ondersoek na Bewerings van Staatskaping, Korrupsie en Bedrog in die Openbare Sektor, met inbegrip van Staatsorgane) het hierdie euwels in[57] besonderhede blootgelê. Gevolglik het die BBSEB-beleid slegs 'n klein elite groep swart Suid-Afrikaners bevoordeel. Hierdie voortgesette uitsluiting van die meerderheid landsburgers van behoorlike ekonomiese deelname word vererger deur die meestal swak, en dikwels die algehele[58] gebrek aan, dienslewering op nasionale, provinsiale én munisipale vlak. Hieroor berig die pers byna daagliks. Kritiek op die kaderontplooiings-beleid is ewe fel. Die hoofbesware teen die beleid is dat dit belangrike staatsinstellings

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

verpolitiseer, meritokrasie ondermyn, en – nes BBSEB – ruimte laat vir korrupsie. Aanstelling op grond van meriete is vervang deur die aanstelling van partylojaliste,[59] wat die grense tussen staat en regering laat vervaag.

Oor die rol van korrupsie in mislukte beleidsimplementering skryf Seopetsa:[60]

> Corruption has contributed greatly to the failure of policy implementation in developing countries. According to Ntoyanto (2019), "corruption in South Africa is a cancer which has persistently eroded at, and undermined socio-economic development efforts, poverty alleviation and good governance in the country". This statement is supported by Naidoo (2013) who pointed out that, "South Africa's political transition to a non-racial democracy has been blemished by frequent incidents and allegations of government corruption, involving elected officials and public servants".

Almal is dit eens dat die bedeling in die land vóór 1994 immoreel was en dat die onreg van die verlede reggestel moet word, soos ons Grondwet ons aanspoor om te doen. Hoewel geïmplementeerde regeringsbeleid die afgelope dertig jaar wél in sekere opsigte met transformasie geslaag het,[61] lyk die algehele droewig. Eens trotse staatsbeheerde ondernemings wat tot die staatskas bygedra het, is nou afgerem of bankrot. Indien daar gepaste beleidsrigtings was wat verantwoordbaarheid en onafhanklike, kundige bestuur beklemtoon het, kon hierdie ondernemings 'n beduidende stukrag vir ekonomiese vooruitgang in die land verskaf het.[62]

5.2 'n Beheptheid met rasse, groepe en partye

In die lig van Suid-Afrika se veelrassigheid aard help dit nie juis dat die argitekte van imperialisme, kolonisasie en apartheid wit (Europees) was, en die slagoffers van dié stelsels swart (Afrikane) nie. Hierdie skerp verdeling langs raslyne maak transformasie in die land soveel meer kompleks. Daarom is die verbintenis tot rassegelykheid prominent in die aanhef van die Grondwet. Die aanhef verbind Suid-Afrikaners daartoe om "die verdeeldheid van die verlede te heel" en "die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking". Die werklikheid ná dertig jaar van demokrasie lyk ongelukkig aansienlik anders, met sowel wit as swart burgers wat krampagtig aan groepsidentiteite vasklou. Onder swart gemeenskappe manifesteer dít dikwels in 'n oordrewe klem op swart burgers se "slagofferskap" en betrokkenheid by die stryd ("struggle"). By die wit groepering steek die misplaaste klem op ras herhaaldelik kop uit, wanneer die (swart) regering gekritiseer word, en veral in die wyse waarop kritiek uitgespreek word – wat soms oneerbiedig en soms arrogant voorkom. Waar ras-, groep- en/of partybeheptheid bestaan, is dit oënskynlik neusie verby met die reg op menswaardigheid en gelykheid wat in die Grondwet verskans word.

Gumede[63] is ook van mening dat die klem op ras morele waardes ondermyn, wat uiteindelik die kwesbaarste lede van die samelewing laat ly. Hy skryf:

> It is crucial that we have the courage to point out when an unskilled or inexperienced black person is put in a position where they are not performing – rather than keep silent because at least they are black or white, are from the same ethnic background or have "struggle" credentials. The poor ultimately pays the price for incompetence, corruption, and crime, whether it is white or black incompetence or corruption or crime.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Dit gaan dus om moraliteitsbeoefening, maak nie saak wat nie. Met *moraliteitsbeoefening* word bedoel individuele of groepsgedrag wat op (oënskynlik) rasionele besluitneming berus, en bedoel is om te verander, te bevorder en te verbeter; kortom, om die slegte met die goeie te vervang. Die gedagte is dat die verbetering – die transformasie – nie net die individu sal bevoordeel nie, maar ook die ganse gemeenskap. Daar is reeds hier bo aangetoon dat gevestigde moraliteitsteorieë oor verskillende kulture heen groepsbelang bo eiebelang stel. Nietemin het die woord *transformasie*[64] in sekere opsigte 'n negatiewe bybetekenis begin kry, meestal omdat die plooibaarheid daarvan dikwels tot "selektiewe bevoordeling en benadeling" lei.[65] Sodanige bevoordeling en benadeling is in stryd met die gees, waardes en beginsels van die Grondwet.[66] Nepotisme[67] en patronaatskap,[68] wat aandring op groter lojaliteit aan die groep of party as aan die staat, lei tot korrupsie, bedrog en morele verval. In Suid-Afrika lei dit dikwels tot korrupsie in tenderprosesse, oftewel "tenderpreneurskap".[69]

Gegewe dat hier bo aangetoon is dat konstitusionele moraliteit 'n meer prominente rol behoort te speel in handelinge, besluite, en beslis in die regspraak van Suid-Afrika; en dat die begrip *transformasie* in baie gevalle plooibaar en ongedefinieerd is, ontstaan die vraag: Kan die Suid-Afrikaanse samelewing sy morele kompas terugkry as ons so behep bly met ons lidmaatskap van 'n bepaalde ras, groep of party? Dít is nóg 'n vraag wat openhartig in regsetiekonderrig gestel moet word – hoe ongemaklik dit ook al vir sowel studente as dosente mag wees. Indien ons nalaat om beleefd dog reguit hieroor in die lesinglokaal te praat, spreek ons nooit die bron of oorsprong van immorele gedrag aan nie.

Daar is beslis ander maniere om die grondwetlike strewe om die onreg van die verlede reg te stel te bereik as om voortdurend op ras- en groeplidmaatskap te hamer. Rasbeheptheid, wat verder aangevuur word deur die beleid van kaderontplooiing, is heeltemal teenproduktief in pogings om 'n samehangende samelewing te skep en uiteindelik morele eenstemmigheid oor die rigting waarin die samelewing moet beweeg.[70] Die klem op rasbeheptheid neig om groepsvoordeel te bevorder gebaseer op partylojaliteit eerder as op morele konstitusionaliteit, soos reeds aangetoon. Inteendeel, rasbeheptheid veroorsaak ooremosionele en dikwels irrasionele uitsprake. Dit blaas rassespanning aan eerder as om samehang te bevorder – dit blyk duidelik uit beriggewing in die Suid-Afrikaanse pers, en veral sosiale media. Suid-Afrikaners se sensitiwiteit vir ras is te verstane in die lig van ons geskiedenis. Nietemin kom die oordrewe klem op ras en die misplaaste aandrang op lojaliteit teenoor 'n bepaalde ras, party of groep ongelukkig meestal op makrovlak voor. 'n Voorbeeld hiervan is die Suid-Afrikaanse regering se aandrang, tot baie onlangs, dat 'n lisensie slegs aan Starlink, 'n filiaal van Elon Musk se SpaceX wat bekostigbare satelliet-internet verskaf, slegs in Suid-Afrika toegestaan sal word indien 'n binnelandse sakevennoot uit die voorheen benadeelde (d.w.s. swart) gemeenskap aangestel word.[71] Starlink bied 'n moontlike oplossing vir die hoë koste van breëband-internettoegang, veral in die arm gemeenskappe, en kan dus gewone Suid-Afrikaners se lewens heelwat verbeter. Ongelukkig blyk dit dat ons beheptheid met ras hierdie beduidende vooruitgang kan belemmer of vertraag.

Gumede wys ook op die ironie dat hierdie soort denke die nalatenskap van apartheid in stand hou, die erge ongelykheid in die samelewing handhaaf, en ekonomiese vooruitgang benadeel. Ons bly dus vasgevang in die bose kringloop van dikwels populistiese retoriek oor "die euwels van apartheid" (onder swart Suid-Afrikaners) en "die swak prestasie van die regering sedert 1994" (onder wit Suid-Afrikaners). Met verwysing na die Zuma-bewind skryf Gumede tereg:

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

> Like so many African leaders who have mismanaged their countries, Zuma is also dogmatically supported by the very people who are suffering the most from colossal destruction he unleashed on South Africa, whether through causing the failure of part of the state, bringing the economy to near-collapse, and pushing the country into lawlessness. The corruption, mismanagement, and incompetence under the leadership of Zuma have increased the poverty, inequality, and unemployment legacies of apartheid.[72]

5.3 Gebrek aan verantwoordbaarheid

LLB-studente moet verstaan dat sowel verantwoordelikheid as verantwoordbaarheid kern-vereistes is, nie net in 'n demokratiese grondwetlike bestel nie, maar ook in die regsberoep. Die student sal immers eendag as regspraktisyn aan 'n dissiplinêre gedragskode onderworpe wees. Dít is een van die kenmerke wat die regsberoep van sommige ander beroepe onderskei. Daarom is dit belangrik om by regstudente in te skerp dat die verlening en uitoefening van regte altyd gepaardgaan met 'n plig om daardie regte verantwoordelik en verantwoordbaar uit te oefen.[73] Verantwoordelikheid en pligsbesef moet reeds van jongs af ingeboesem word – in die huis, in skole en kerke, en veral in universiteitsopleiding. In dié verband haal De Klerk-Luttig[74] die ekonoom Christo Luüs aan in die volgende opmerking oor wat 'n land welvarend maak:

> Sukses hang nie af van die hoeveelheid natuurlike hulpbronne waaroor 'n land beskik nie, ook nie van die ouderdom van 'n land nie, en dit is ook nie afhanklik van ras of velkleur nie. Die werklike verskil tussen lande lê gewoon by die ingesteldheid van die mense wat oor jare deur onderwys en kultuur gevorm word. … [M]ense in arm lande [bly] arm omdat hulle nie die regte ingesteldheid of beginsels het nie. Dit kan verander word deur 'n goeie onderwysstelsel …

Die aandrang op verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid is niks vreemd in die moraliteits-raamwerke van Westerse, Oosterse óf Afrika-kulture nie. Voorts is dit een van die hoekstene van ons demokratiese grondwetlike bestel. Die rede hiervoor is eenvoudig: Verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid dien as rigtingwysers om samelewingsorde en harmonie te verseker. In die uitoefening van enige reg moet die gemeenskap se belange altyd in ag geneem word, dikwels bo dié van die individu.

Daar is reeds hier bo gestel dat regspraktisyns en alle lede van die regs- en verwante beroepe bewakers van die oppergesag van die reg is. Dit spruit voort uit die rol wat die reg en die toepassing daarvan van hierdie professies en/of beroepe vereis.[75] Indien enige optrede teen die oppergesag van die reg indruis, is dit oneties weens die immoraliteit daarvan. In die regsberoep, met al sy vertakkings, is die verantwoordbaarheidsplig selfs groter as wat van die individu in die samelewing vereis word.[76] Die kliënt se verhouding met sy regsverteenwoordiger berus op vertroue. Die kliënt moet verseker wees dat die regsverteenwoordiger in die kliënt se belange sal optree.

Nogtans moet die kliënt se belange altyd onderworpe wees aan die belange van die land en regspleging.[77] Dit is gewoon immoreel vir 'n regsverteenwoordiger om 'n hof of enige derde party te mislei met valshede, of selfs met feite en argumente wat nie uitsluitlik daarop gerig is om geregtigheid in 'n saak te laat geskied nie, maar eerder daarop gemik is om die saak te vertraag. Wanneer 'n lid van die publiek 'n strafklagte aanhangig maak, is dit eweneens die polisiebeampte se verantwoordelikheid om daardie klagte af te neem en te ondersoek, en, indien dit meriete het, om die saak aan die vervolgingsgesag voor te lê. Wanneer die saak voor

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

'n hof dien, is dit weer die staatsaanklaer se verantwoordelikheid om die aangeleentheid na behore aan die hof voor te lê en sodoende die regsorde te help handhaaf deur geregtigheid te bewerkstellig. Die staatsaanklaer doen dit nie vir persoonlike glorie nie, maar sodat die publiek vertroue kan hê in die beskerming wat hulle van die staat en owerhede behoort te ontvang. Wanneer 'n saak voor 'n landdros of regter dien, het nie net die klaer nie, maar weliswaar die publiek die reg om aan te dring dat die voorsittende beampte die saak objektief en onpartydig aanhoor en beslis. Wanneer slegs 'n derde van moordsake in die land egter opgelos[78] word en meer as vyf miljoen moordsake oor 'n tydperk van ses jaar gesluit word weens 'n gebrek aan bewyse,[79] tree almal wat by die regspleging in die land betrokke is nie verantwoordelik en verantwoordbaar op nie. Dan bevorder 'n kultuur van immuniteit teen verantwoordbaarheid, wat weldra tot wetteloosheid en dikwels ook "selfhelp-regspleging" aanleiding gee.[80]

Staatsgesag moet ook met dieselfde oorwegings van verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid uitgeoefen word. Regeringsamptenare en -leiers moet in belang van die land optree en rekenskap gee van hul besluite. *Belang* verwys hier na die belange van die hele land, en nie net dié van 'n bepaalde party, ras of ander groep nie. Nes met verantwoordbare regspleging, bevorder verantwoordbare regering openbare vertroue in die staat en staatstrukture. Met verwysing na verantwoordbaarheid vanuit 'n moraliteitsoogpunt, skryf Gumede:[81]

> There is, therefore an accountability dimension to moral values. A breakdown in accountability structures within communities, businesses, and government also erodes moral values (Gumede 2012). There appears to be a normalisation or "socialisation" of corruption of moral frameworks and values in South Africa because moral corruption has become embedded in the governing ANC, the public service, traditions, religions, businesses, and communities … Individuals "self-rationalise" wrong behaviour that would "otherwise violate their internal moral framework" (Taylor 2016:4). In such "self-rationalisation" … there is a "denial of responsibility, denial of injury, denial of the victims" of corruption (Taylor 2016:3; Heffernan 2011). Those that do wrong do not see themselves as doing anything wrong because wrongdoing is normalised.

Om billik te wees, het die Suid-Afrikaanse regering die afgelope 30 jaar inderdaad stappe gedoen om korrupsie op verskeie terreine teen te werk. Dink maar aan die instelling van die Zondo-kommissie, die verskillende provinsiale taakspanne om die toename in afpersing en geweld op boupersele aan te spreek, die Finansiële Intelligensiesentrum wat verkrygings-onreëlmatighede gedurende die Covid-pandemie ondersoek, 'n nasionale teenkorrupsie-strategie, en die inwerkingtreding van die Wet op die Finansiering van Politieke Partye. Ondanks hierdie stappe was daar egter nog geen noemenswaardige suksesvolle vervolgings nie. Boonop sê Mokgonyana tereg:[82]

> [T]he impact of corruption goes beyond the institutional weaknesses, it heavily hinges on corrupt individuals. South Africa does not have effective systems in place to deal with individuals who are corrupt, hence, they continue to be in positions of power, are not prosecuted for their corrupt actions and it becomes difficult to track and recover funds that have been stolen.

Dít is onteenseglik waar – in so 'n mate dat Suid-Afrikaners byna afgestomp geraak het vir berigte hieroor. Dit bly egter die waarheid, en om daarvan weg te skram baat niemand nie. Individuele en groepsbesinning oor die stand van moraliteit in Suid-Afrika is onafwendbaar as ons die vele uitdagings holisties die hoof wil bied, en die regsetieklesinglokaal is een van die

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

plekke waar ons daarmee kan begin.[83] Die herstel van algemene moraliteit in Suid-Afrika sal logieserwys daarby baat as regstudente, as toekomstige regspraktisyns en professionele persone in verwante beroepe, toegerus word met ’n etiese en waardestelsel wat respek by die publiek afdwing. Sodoende sal ons regstudente beter toegerus word as etiese lede van die regsberoep ter handhawing van die oppergesag van die reg.

6. Slotopmerkings met die oog op praktiese toepassing in die lesinglokaal

As dosente in regsetiekleer is ons net soveel deel van die regsplegingsproses as enige polisiebeampte, staatsaanklaer, regter, regspraktisyn, die meester van die hooggeregshof, of die kantoor van die Registrateur van Aktes. Trouens, regsetiekdosente het waarskynlik ’n selfs groter verantwoordelikheid om moraliteitsleer aan regstudente oor te dra en om saam met ouers, skole, kerke en gemeenskappe die grondslag van moraliteit by die LLB-student te lê. Die oproep tot besinning hier bo is dus ook vir ons bedoel.

- Wat regsetiekonderrig betref, moet die groot diversiteit van studente in ons klasse nie as ’n uitdaging beskou word nie. Soos hierdie artikel aandui, kan daar geen rasionele besware teen enige van die kernkomponente van tradisionele Westerse, Afrika- óf Oosterse moraliteitsteorieë wees nie. Ons kan met vrymoedigheid op moraliteitsvlak uit hierdie diversiteit put.
- Ons moet waak teen morele meerderwaardigheid wanneer ons moraliteitsverval met ons studente bespreek. Dít sit bloot die toksiese kringloop van selfregverdiging voort en hou ons vasgevang in die verlede in plaas daarvan om op die hede en die toekoms te konsentreer.
- Kom ons beweeg weg van ’n “moraliteitsbarometer” waarvolgens ’n persoon se reg om hul standpunt oor moraliteit objektief en eerlik te stel, afhang van hul ras, groep, politieke party of ander affiliasie. Om iemand as “rassisties” te bestempel bloot omdat daardie persoon met jou verskil vanuit ’n gesonde lewensoordeel, dra nie by tot die landsbelang nie.
- Die voorkoms en gevolge van immoraliteit moet reguit en sonder politieke korrektheid bespreek word, dog altyd in die gees van menswaardigheid en ubuntu.
- Ons moet morele “turksvye” saam met studente takel, waaronder sommige regeringslui se uitlatings teen konstitusionalisme en die oppergesag van die reg, ons samelewing se beheptheid met ras, groepe en partye, en die verwoestende impak van ’n gebrek aan verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid.

Nóg die Grondwet nóg die wortels van ons tradisionele moraliteitskultuur laat enige ruimte vir ondeurdagte aanslae op die oppergesag van die reg, vir gierigheid en eiebelang, vir selektiewe bevoordeling en benadeling in die naam van transformasie, en vir die geringskatting van verantwoordbaarheid. Openbare uitsprake moet daarop gerig wees om maatskaplike samehang te bewerkstellig eerder as om verdeeldheid en haat te saai. Transformasie as grondwetlike doelwit mag nie misbruik word vir die implementering van beleidsrigtings wat nié werk nie of, nog erger, net sommige bevoordeel nie.

Om terug te keer na Wright se analogie aan die begin van hierdie artikel: Kom ons kry die “wortels” van die boom gesond, en herstel ons morele verhouding met die Hoër Hand waarin

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

ons onderskeidelik glo, met onsself, en met mekaar. Kom ons maak dit deel van elke lewensterrein, insluitend die opleiding van ons LLB-studente.

Bibliografie

Ajayi, A.T. en L.O. Buhari. 2014. Methods of conflict resolution in African traditional society. *African Research Review*, 8(2):138–57.

Albertyn, C. 2019. (In)equality and the South African Constitution. *Development South Africa*, 36(6):751–66.

Amoah, O.R. en A.K. Peprah. 2022. The foundations and nature of traditional African morality: A review of selected literature. *E-journal of Humanities, Arts and Social Sciences*, 3(7):279–85.

Anon. 2013. BEE is flawed and should be scrapped. *Mail & Guardian*, 18 Januarie. https://mg.co.za/article/2013-01-18-bee-is-flawed-and-should-be-scrapped (18 Augustus 2024 geraadpleeg).

Anon. 2024a. Practice: Retired judges condemn "discourteous conduct". 28 Oktober. *Legal Brief*. https://legalbrief.co.za/search/?q=Discourteous+conduct+retired+judges (10 Desember 2024 geraadpleeg).

Anon. 2024b. SA users of Starlink will be cut off at the end of the month. *Africanews*, 16 April. https://www.africanews.com/2024/04/16/sa-users-of-starlink-will-be-cut-off-at-the-end-of-the-month (2 Augustus 2024 geraadpleeg).

Barney, H. 2004. Accountability in the legal profession. In Stecher en Kirby (reds.) 2004.

Bernstein, A. 2023. Bad policy choices, poor governance, weak leadership are wrecking SA's economy. https://cde.org.za/bad-policy-choices-poor-governance-weak-leadership-are-wrecking-sas-economy (9 Augustus 2024 geraadpleeg).

Bizos, G. 2012. Blame neither the constitution, nor the courts. https://www.chr.up.ac.za/news-archive/2012/1734-presentation-of-honorary-doctorate-to-george-bizos-sc (2 Augustus 2024 geraadpleeg).

Black, L.W. 2005. Dialogue in the lecture hall: Teacher/student communication and students' perceptions of their learning. *Qualitative Research Reports in Communication*, 6(1):31–40. https://doi.org/10.1080/17459430500262125.

Boonzaaier, D. 2024. Skotvry: Net 'n derde van moorde opgelos. *Rapport*, 11 Augustus, bl. 4.

Calland, R. 2024. SA's Constitution has been challenged over last 30 years, but has held firm. https://www.corruptionwatch.org.za/sas-constitution-has-been-challenged-over-last-30-years-but-has-held-firm (8 Augustus 2024 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Corruption Watch. 2015. Understanding corruption in tenders. https://www.corruptionwatch.org.za/wp-content/uploads/2015/06/Corruption-Watch-Understanding-tender-corruption.pdf.

Credo Online Reference Service. 2024. Philosophy in Credo: Eastern philosophy. https://credoreference.libguides.com/c.php?g=139729&p=915384 (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

Currie, I. en J. de Waal. 2019. *The Bill of Rights Handbook*. Kaapstad: Juta.

De Klerk-Luttig, J. 2017. Die jeug se waardes. *Maroela Media*, 4 Mei. https://maroelamedia.co.za/leefstyl/ouerskap/die-jeug-se-waardes (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

Gumede, W. 2022. Working Paper 15: Strengthening democratic morality to undo moral breakdown. https://www.democracyworks.org.za/strengthening-democratic-morality-to-undo-moral-breakdown (29 Julie 2024 geraadpleeg).

—. 2023. Why is South Africa so corrupt? We must rebuild our democratic moral values. *Daily Maverick*, 6 Julie. https://www.dailymaverick.co.za/article/2023-07-06-why-is-south-africa-so-corrupt-we-must-rebuild-our-democratic-moral-values (29 Julie 2024 geraadpleeg).

—. 2024. Political leaders must be held accountable for their many self-inflicted failures. *Sunday Times*, 4 Augustus. https://www.timeslive.co.za/sunday-times/opinion-and-analysis/opinion/2024-08-04-political-leaders-must-be-held-accountable-for-their-many-self-inflicted-failures (16 Augustus 2024 geraadpleeg).

Jacobs, S. 2024. South African municipalities collapsing. *Daily Investor*, 15 Augustus. https://dailyinvestor.com/south-africa/60630/south-african-municipalities-collapsing (16 Augustus 2024 geraadpleeg).

Kim, D. 2023. On the concept of care in J.S. Mill's liberal utilitarianism. *The European Legacy*, 29(2):166–83. https://doi.org/10.1080/10848770.2023.2291943.

Kok, M. 2024. AfriForum vra hoogste hof: "Skop Hlophe uit!". *Rapport*, 21 Julie. https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/afriforum-vra-hoogste-hof-skop-hlophe-uit-20240720 (5 Augustus 2024 geraadpleeg).

Kwame, G. 2011. African ethics. In Zalta (red.) 2011.

Leistner, E. 1994. Symbiosis of African and Western cultures. *Africa Insight*, 24(4):222–4.

Lekubu, B.K. en O.S. Sibanda. 2021. Moral values and ethics as antidotes for corruption in the South African public service and administration. *Koers (Online)*, 86(1). https://doi.org/10.19108/koers.86.1.2482 (18 Augustus 2024 geraadpleeg).

Lewis, E.A.L. 1982. *Legal ethics: A guide to professional conduct for South African attorneys*. Kaapstad en Johannesburg: Juta.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Ludidi, V. 2024. Rogues' gallery – Brian Molefe, Lucky Montana and MK party family members headed for Parliament. *Daily Maverick*, 9 Augustus. https://www.dailymaverick.co.za/article/2024-08-09-brian-molefe-lucky-montana-and-mk-party-relatives-headed-for-parliament (18 Augustus 2024 geraadpleeg).

Mentz, T. 2017. Toward an African moral theory. In Ukpokolo (red.) 2017.

Mhaka, T. 2021. South Africa's unrest and the ANC's many failings. *Aljazeera*, 18 Julie. https://www.aljazeera.com/opinions/2021/7/18/south-africas-unrest-and-the-ancs-many-failings (10 Desember 2024 geraadpleeg).

Mnyongani, F. 2009. Whose morality? Towards a legal profession with an ethical content that is African. *SA Public Law*, 24(1):121–34.

Mokgonyana, K. 2023. Why are South African leaders corrupt? *Mail & Guardian*, 25 Maart. https://mg.co.za/thought-leader/opinion/2023-03-25-why-are-south-african-leaders-corrupt (5 Augustus 2024 geraadpleeg).

Mondi, L. 2024. Illusion of empowerment: How ANC's B-BBEE policies failed black majority. *News24*, 10 Oktober. https://www.news24.com/opinions/fridaybriefing/lumkile-mondi-illusion-of-empowerment-how-ancs-bbb-ee-policies-failed-black-majority-20241010 (10 Desember 2024 geraadpleeg).

Naudé, P. 2024. Moral regeneration has failed miserably in South Africa. https://www.stellenboschbusiness.ac.za/news/2024-07-17-moral-regeneration-has-failed-miserably-south-africa (11 Desember 2024 geraadpleeg).

Neethling, B. 2024. South Africa's worrying shortage which helps criminals. *Daily Investor*, 18 Augustus. https://dailyinvestor.com/south-africa/61103/south-africas-worrying-shortage-which-helps-criminals (10 Desember 2024 geraadpleeg).

'Nyane, H. 2023 Constitutional morality in South Africa: Is it the missing link? *South African Journal on Human Rights*, 39(2–3):154–70.

Nyathi, M. 2023. Eskom's unbundling delayed as energy regulator stalls on licence for transmission company. *Mail & Guardian*, 27 Julie. https://mg.co.za/business/2023-07-27-eskoms-unbundling-delayed-as-energy-regulator-stalls-on-licence-for-transmission-company (2 Augustus 2024 geraadpleeg).

Seopetsa, T. 2020. Challenges facing the implementation of public policies in South Africa since the dawn of democracy. *Educor Multidisciplinary Journal*, 4(1):141–75.

Sibani, C.M. 2018. Impact of Western culture on traditional African society: Problems and prospects. *International Journal of Religion and Human Relations*, 10(1):56–72.

Sithomola, T. 2019. Leadership conundrum in South Africa's state-owned enterprises. *Administratio Publica*, 27(2):62–80.

Smiley, M. 2023. Collective responsibility. In Zalta en Nodelman (reds.) 2023.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Smit, J. en E. Krige. 2024. Boere platsak, gebroke na “likwidasie-mafia” toeslaan. *Maroela Media*, 7 Desember 2024. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/boere-platsak-gebroke-na-likwidasie-mafia-toeslaan (11 Desember 2024 geraadpleeg).

Statistiek Suid-Afrika (StatsSA). 2024. *Youth in South Africa, 2024*. Pretoria: StatsSA.

Stecher, B. en S.N. Kirby (reds.). 2004. *Organizational improvement and accountability*. Santa Monica, CA: Rand Education.

Sugundan N., S. Raja en J.G. Sankar. 2018. Nepotism and family owned business. *International Journal of Engineering and Technology*, 7(4.39):764–5.

Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. 2023. 4 times the ANC admitted that BEE is failing South Africa. https://irr.org.za/fan/media/4-times-the-anc-admitted-that-bee-is-failing-south-africa (18 Augustus 2024 geraadpleeg).

Swanepoel, C.F. 2021a. Judicial probity and ethical standards: The Judicial Conduct Tribunal’s decision on Judge President John Hlophe. *Journal for Juridical Science*, 46(2):97–114.

—. 2021b. The slippery slope of state capture: Cadre deployment as an enabler of corruption and a contributor to blurred party-state lines. *Law, Democracy and Development*, 25:440–62.

—. 2023. Die misbruik van hofprosesse en die erkenning van ’n spesiale pleit wat onbehoorlike litigasiemotiewe ontmoedig. *LitNet Akademies*, 20(1):566–84. https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n1e5.

Ukpokolo, E. (red.). 2017. *Themes, issues and problems in African philosophy*. Palgrave Macmillan. https://link.springer.com/book/10.1007/978-3-319-40796-8 (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

Van Niekerk, C. 2013. The four-year undergraduate LLB: Where to from here? *Obiter*, 34(3):533–44.

Vandrau, J. 2023. Why is black economic empowerment failing to reconcile social inequality in South Africa? https://www.standrewslawreview.com/post/why-is-black-economic-empowerment-failing-to-reconcile-social-inequality-in-south-africa (18 Augustus 2024 geraadpleeg).

Veine, S. e.a. 2019. Reflection as a core student learning activity in higher education – Insights from nearly two decades of academic development. *International Journal for Academic Development*, 25(2):147–61.

Venter, F. 2016. Transformasie en die universiteitswese. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4–1):946–60.

—. 2018. Die ANC: sukses of mislukking? *Maroela Media*, 28 Augustus. https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/die-anc-sukses-of-mislukking (10 Augustus 2024 geraadpleeg).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

Waliggo, J.M. 2005. Law and public morality in Africa: Legal, philosophical and cultural issues. https://www.justice.gov.za/alraesa/conferences/2005uganda/ent_s3_waliggo.pdf.

Wilburn, H. 2020. An introduction to Western ethical thought: Aristotle, Kant, utilitarianism. https://open.library.okstate.edu/introphilosophy/chapter/an-introduction-to-western-ethical-thought-aristotle-kant-utilitarianism (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

Wright, H.W. 2019. *Exposing the spiritual roots of disease*. New Kensington, PA: Whitaker House.

Zalta, E.N. (red.). 2011. *Stanford encyclopedia of philosophy – Fall 2011*. https://plato.stanford.edu/archives/fall2011 (12 Augustus 2024 geraadpleeg).

Zalta, E.N. en U. Nodelman (reds.). 2023. *Stanford encyclopedia of philosophy – Fall 2023*. https://plato.stanford.edu/archives/fall2023 (26 Julie 2024 geraadpleeg).

Eindnotas

[1] Die skrywer se opregte dank aan Jeanette en Johann du Plessis vir die waardevolle gedagte-wisseling gedurende die skryf van hierdie artikel.

[2] Gumede (2023:1 e.v.).

[3] Gumede (2023). Gumede skryf o.m.: “The ANC is a liberation movement that has its own constitution, values and culture that many leaders, members and supporters see as being above the country’s Constitution.” Om hierdie rede, is volgens hom “corrupt, criminal and incompetent ANC leaders … untouchable if they break the law, as long as they adhere to the party line”. Sien ook Ludidi (2024).

[4] Legal Brief (Maandag 28 Oktober 2024).

[5] Mnyongani (2009:121 e.v.).

[6] Van Niekerk (2013:533 e.v.).

[7] Leistner (1994:222 e.v.); Sibani (2018:56 e.v.).

[8] Gumede (2022).

[9] ’Nyane (2023:156).

[10] StatsSA (2024:6).

[11] Waliggo (2005:1).

[12] Met *moraliteitsbeoefening* word bedoel enige individuele of groepsgedrag wat op rasionele besluitneming berus, en beoog om te verander, te bevorder of te verbeter, d.w.s. om die slegte met die goeie te vervang. Walligo (2005) gebruik die term “publieke moraliteit” om te verwys na moraliteitsbeoefening deur lede van ’n groep, as die teenoorgestelde van “individuele moraliteit”. Ander filosowe verwys na “gesamentlike of kollektiewe verantwoordelikheid”, wat noodwendig uit individuele moraliteitsbeoefening voortvloei. Sien Smiley (2023).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

[13] ’Nyane (2023:154 e.v.).

[14] Wright (2019:19).

[15] Mhaka (2021), Mondi (2024); Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (2023).

[16] ’Nyane (2023:154–5).

[17] Bizos (2012).

[18] Verskeie van Gumede se artikels en referate word aangehaal.

[19] Veine (2019).

[20] ’Nyane (2023:156).

[21] Amoah en Peprah (2022:279 e.v.).

[22] Kwame (2011:4).

[23] Mentz (2017:99).

[24] Mentz (2017:118).

[25] Ajayi en Buhari (2014:138 e.v.).

[26] Wilburn (2020).

[27] Kim (2023: 166 e.v.). Liberalisme is ’n politieke en ekonomiese filosofie wat individuele vryheid en gelykheid najaag, met die klem op die beskerming van die regte en vryhede van die individu. Utilitarisme is ’n etiese teorie wat benadruk dat die morele juistheid van handelinge bepaal word deur die mate waarin die handeling die grootste mate van geluk en welsyn aan die grootste aantal individue besorg.

[28] Wilburn (2020). Aristoteles is bekend vir sy “deugde-etiek” wat menslike deugde soos dapperheid, matigheid, vrygewigheid, nederigheid en geduld vooropstel. Kenmerke van die utilitarisme sluit in onbevooroordeeldheid, regverdigheid en aanpasbaarheid.

[29] Credo Online Reference Service (2024).

[30] Konfusianisme is ’n filosofiese denkrigting wat op die leerstellinge van die Sjinese filosoof Confucius geskoei is. Dit beklemtoon deugsaamheid, moraliteit, respek vir ouer mense, familiebande en sosiale harmonie. Boeddhisme is ’n geloof en filosofie wat op die leerstellinge van Siddharta Gautama geskoei is. Boeddhisme streef na die verligting en oorwinning van lyding deur meditasie, etiese gedrag en empatie met lyding. Beide rigtings streef na geestelike groei van die mens.

[31] Black (2005:31 e.v.).

[32] Hoofstuk 1 van die Suid-Afrikaanse Grondwet bevat die grondslae van demokrasie. Dit benadruk die soewereiniteit van die Suid-Afrikaanse staat, die waardes wat die nasie omarm, die oppergesag en omarming van die Grondwet as ’n regstaat en ’n erkenning van die diversiteit van die land se bevolking. Hoofstuk 2 bevat die Handves van Regte waarin die fundamentele

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

regte en vryhede van alle inwoners van Suid-Afrika gewaarborg word. Hierdie regte en vryhede omvat onder meer die reg op gelykheid, vryheid, vryheid van spraak, godsdiensvryheid, die reg op lewe, privaatheid, eiendom, en gelyke toegang tot die reg. Dié hoofstuk benadruk die staat se verpligting om die genoemde regte en vryhede te waarborg en te beskerm.

[33] Currie en De Waal (2016:8).

[34] *Ibid*.

[35] (2023:159).

[36] Calland (2024:1 e.v.).

[37] Calland (2024).

[38] Gumede (2024:1 e.v.).

[39] Kok (2024).

[40] Direkte aanhaling.

[41] Art. 165 van die Grondwet bepaal onder meer dat die regsprekende gesag by die howe berus. Die howe is onafhanklik en slegs onderworpe aan die Grondwet en die reg. Die Grondwet en die reg moet onpartydig en sonder vooroordeel deur die howe toegepas word. Die howe moet deur staatsorgane bygestaan word om hul funksie te vervul. Geen persoon of staatsorgaan mag met die funksionering van die howe inmeng nie. Oudregter Hlophe is skuldig bevind aan inmenging met die uitoefening van die howe se funksie en is uiteindelik deur die Suid-Afrikaanse parlement uit sy amp verwyder. Art. 174 (8) bepaal dat regterlike beamptes begin om hul funksies uit te oefen ná aflegging van ’n eed van getrouheid aan die Grondwet.

[42] Sien ook Swanepoel (2021a:97 e.v.).

[43] Albertyn (2019:751 e.v.).

[44] (2012).

[45] Lekubu en Sibanda (2021:1 e.v.). Die skrywers beklemtoon die belang van etiese leierskap in Suid-Afrika.

[46] ’Nyane (2023:154–5).

[47] (2023:154).

[48] “Konstitusionele moraliteit”, soos deur ’Nyane hier bo bespreek, beteken dat alle handelinge en besluite deur individue en owerheidsinstellings die Grondwet as hoeksteen moet eerbiedig. Dit verwys na die etiese en morele waardes en norme vervat in die Grondwet, wat onderliggend tot alle handelinge en besluite moet wees. Dit vereis kortom na respek vir die regstaat.

[49] Sien par. 3 hier bo.

[50] Jacobs (2024). Jacobs haal dr. Turton, ’n toonaangewende waterwetenskaplike in Suid-Afrika, aan wat bevestig dat die toenemende gebrek aan die lewering van water deur plaaslike owerhede te wyte is aan die wanbestuur van infrastruktuur en dat dit ’n nasionale institusionele

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

probleem is. Twee direkte gevolge van hierdie wanbestuur is weereens dat die kwesbaarste lede van die samelewing die swaarste daaronder ly, en dat dit ook die Suid-Afrikaanse ekonomie geweldige skade berokken.

[51] Sien parr. 3 en 4 hier bo.

[52] Bernstein (2023).

[53] Seopetsa (2020:141 e.v.).

[54] Swanepoel (2021b:440 e.v.).

[55] Venter (2018:1 e.v.).

[56] Anon (2013); Vandrau (2023); Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (2023).

[57] *Ibid*.

[58] Vandrau (2023).

[59] Sien ook par. 5.2 hier onder oor partybeheptheid.

[60] (2020:150).

[61] Seopetsa (2020).

[62] Sithomola (2019).

[63] Gumede (2022).

[64] Venter (2016:946).

[65] Venter (2016:947 noem dat die woord *transformasie* nie net in die Grondwet ontbreek nie, maar dat die konsep oor die algemeen swak en vaag geformuleer is.

[66] Venter (2016:958).

[67] Sugundan, Raja en Sankar (2018:764) omskryf *nepotisme* soos volg: "In the working environment, when somebody or maybe a gathering of individuals – seems, by all accounts, to be dealt with superior to others, and not really for reasons identified with predominant work execution it is alluded as Nepotism."

[68] Corruption Watch (2015:11). *Patronaatskap* word soos volg omskryf: "Patronage system – takes place when local public office holders grant favours, jobs and contracts in return for political support."

[69] Corruption Watch (2015).

[70] Wright (2019:19). In sy siening van liggaamlike genesing van menslike siektes, onderskei Wright tussen die behandeling van die simptome van ongesteldheid ("vrugte"), die geleibuise van ongesteldheid ("takke"), en laastens die identifisering van die oorsaak en snellers van die ongesteldheid ("wortels"). Die huidige beheptheid met ras bly vasgevang in die "vrugte" en "takke", en slaag glad nie daarin om deur te dring tot die "wortel" van die probleem van 'n ongelyke samelewing nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2e4

[71] Anon (2024b). Baie ander Afrika-lande trek reeds voordeel uit hierdie vinniger internet. Die Suid-Afrikaanse regering se beleid van regstellende aksie in die toekenning van ’n Starlink-lisensie benadeel nie net alle inwoners van Suid-Afrika nie, maar skrik ook buitelandse beleggers af. Daar is talle ander voorbeelde van sulke swak, teenprodukiewe regeringsbesluite. Suid-Afrika se kragvoorsiener, Eskom, moes byvoorbeeld letterlik eers in duie stort met sy kragvoorsieningsmandaat voordat die regering lisensies vir die opwekking van alternatiewe krag begin goedkeur het. Sien Nyathi (2023).

[72] Eie beklemtoning.

[73] Lewis (1982:2).

[74] (2017).

[75] Dit is waarom skrywers soos ’Nyane (eindnota 46 hier bo) sterk betoog dat grondwetlike moraliteit as maatstaf in konstitusionele praktyk, dieselfde prioriteit in regspraak moet geniet as die klem op die handhawing van die oppergesag van die reg.

[76] Barney (2004:65 e.v.).

[77] Swanepoel (2023).

[78] Neethling (2024).

[79] Boonzaaier (2024).

[80] ’n Voorbeeld hiervan is die “halssnoermoorde” tydens apartheid. Hierdie grusame vorm van gemeenskapsregspleging het behels dat ’n motorband vol brandstof om die nek geplaas is van gemeenskapslede wat verdink is van samewerking met die apartheidsowerhede, en aan die brand gesteek is.

[81] Gumede (2022).

[82] Mokgonyana (2023).

[83] Naudé (2024).

22(2)
2025

Inligting oor LitNet Akademies

LitNet Akademies, as onderafdeling van LitNet, is ’n geakkrediteerde akademiese aanlyn vaktydskrif wat Afrikaanse portuurbeoordeelde navorsingsartikels publiseer.

Hierdie geakkrediteerde gedeelte van LitNet is volkome geïntegreer met die LitNet-hiperteksomgewing, wat Voertaal (voertaal.nu) insluit. Die akademiese artikels word aangevul met boekbesprekings, hoëvlakmeningsmateriaal oor aktuele sake, skeppende skryfwerk en skole-inhoud (vraestelle en ander skoolsake). Hierdie aanvullingsmateriaal lei lesers via skakels tot by die akademiese artikels.

LitNet Akademies Internasionaal, ’n spesiale projek op Voertaal, behels ’n reeks onderhoude met Europese akademici en Suid-Afrikaanse akademici in Europa oor hul navorsing wat aansluit by geakkrediteerde navorsingsartikels wat in *LitNet Akademies* gepubliseer is. Voertaal publiseer ook gesprekke en nuus oor universiteite en kultuursake in veral die Lae Lande en dra dus só die inhoud van Afrikaanstalige akademiese navorsing oor grense heen en bevorder kulturele en akademiese uitwisseling op internasionale vlak.

LitNet Akademies betaal R12 000 navorsingsgeld vir portuurbeoordeelde gepubliseerde artikels en R6 000 vir vonnisbesprekings in die Regte-afdeling. Hierdie gelde word direk aan die navorser betaal.

Geen bladgelde word van navorsers gevra nie, en hulle behou volkome kopiereg. *LitNet Akademies* koop sedert Mei 2022 DOI-nommers, by Crossref geregistreer, vir artikels aan. Alle gepubliseerde artikels is ooptoegang ingevolge CC BY-NC-ND.

Klik hier vir nog inligting, asook styl- en voorleggingsriglyne.

Web: https://doi.org/10.56273/1995-5928/LA

E-pos: akademies@litnet.co.za

Kontaknommer: 083 461 8348

ISSN: 1995-5928

Ondersteun deur:

TRUST VIR AFRIKAANSE ONDERWYS

LitNet Akademies
(ISSN 1995-5928)
is geakkrediteer deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHET) en vorm deel van die Suid-Afrikaanse lys van goedgekeurde vaktydskrifte. Hierdie artikels is portuurbeoordeel en kan kwalifiseer vir subsidie deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.